AD DESTINATUM

AD DESTINATUM

1960-1982

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

AD DESTINATUM II

1960–1982

'n Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria

In opdrag van die Universiteitsraad saamgestel deur

F J du T Spies en D H Heydenrych



Universiteit van Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1044856

Gepubliseer deur die Universiteit van Pretoria, 0002
Pretoria SUID-AFRIKA

Alle regte voorbehou

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die kopiereghouer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Eerste uitgawe 1987

ISBN 0 620 11873 3

Ontwerp, geset, gedruk en gebind deur CTP Book Printers, Kaapstad, Suid-Afrika

Voorbladontwerp deur die Departement Beeldende Kunste, Universiteit van Pretoria

Gedruk deur CTP Boekdrukkers, Kaap

BD7089

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Voorwoord

In 1960, vyftig jaar na die inwerkingtreding van Wet No. 1 van 1910, het UP se eerste formele geskiedskrif verskyn: onder die titel AD DESTINATUM. Die geskiedenis van die Universiteit van Pretoria is selfs verder teruggevoer as die totstandkoming op 11 Februarie 1908 van die Pretoriatak van ons voorganger, die Transvaalse Universiteitskollege. Want onder meer is in herinnering geroep die verskeie pogings in die tyd van presidente T.F. Burgers en S.J.P. Kruger om tersiêre onderwys in die toentertydse Zuid-Afrikaansche Republiek gevestig te kry. Ook is die aanloop tot die voormelde wetgewing breedvoerig behandel, wat gelei het tot 'n omvattende en tegelyk gesaghebbende werk wat steeds hoë aansien geniet het en vir menige persoon binne universiteitsgeledere 'n onmisbare bron van inligting is.

Tydens 'n vergadering van die destydse Finansies- en Eiendomskomitee, gehou op 24 Augustus 1972, is daar gevra "of die tyd nie aangebreek het dat aandag gegee word aan die geskiedskrywing van die Universiteit vir die tydperk ná 1960 nie"; die gevolglike aanbeveling is deur die Raad op 15 September 1972 goedgekeur, met 1975 as afsnydatum. Dit het meegebring dat 'n pos van navorsingsbeampte vanaf 1 Januarie 1976 geskep is, met mnr. Gerrit Pool, tevore lektor in Geskiedenis aan Unisa, as die bekleër.

Uit 'n verslag van die hoof van die Departement Geskiedenis, gedateer 29 November 1979, blyk 'n verwagting dat die publikasie in 1980 gereed sou wees—om saam te val met die beplande halfeeufeesviering van die Universiteit van Pretoria. Mnr. Pool beëindig egter sy diens voordat die werk afgehandel is en daar word dus voorgestel dat die projek ook die vyftigjaarherdenking van Afrikaanswording in 1982 sou insluit. Met hierdie nuwe mikpunt voor oë is die taak aan prof. A.N. Pelzer opgedra, met 'n aanstelling vanaf 1 Januarie 1981, nadat hy pas tevore die tuig as Vise-rektor neergelê het.

Prof. Pelzer het die taak met kenmerkende geesdrif en ywer aangepak in terme van 'n opdrag om die werk 'binne 'n redelike tydsverloop te voltooi'. Hoewel sy benadering enigsins verskil het van dié van mnr. Pool, het vordering spoedig duidelik geblyk uit sy periodieke verslagdoening aan die Rektor. Onverwags is professor Pelzer op 16 Oktober 1981 oorlede en kom die projek andermaal tot stilstand.

Om verdere vertragings of toevallighede te voorkom, is daar vervolgens twee aanstellings gemaak: eers prof. F.J. du T. Spies, voormalige hoogleraar in Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, op 1 Januarie 1982, en vier maande later, op 1 April 1982, dr. D.H. Heydenrych, van die Departement Geskiedenis wat as senior navorsingsbeampte aangestel is met die voltooiing van AD DESTINATUM II as primêre opdrag. Aan dié twee here is ons dan ook die finale afhandeling van die taak, wat sedertdien een van enorme omvang geword het, te danke. Trouens, gedagtig aan die uitgestrekte en selfs traumatiese verloop van gebeure vandat die saadjie in 1972 geplant is, is baie besondere waardering aan hulle verskuldig: vir volgehoue entoesiasme en buitengewone toewyding!

Met dankbaarheid, voorts, word gedink aan wyle prof. E.M. Hamman tydens wie se rektorskap die projek van stapel gestuur is, en aan prof. C.H. Rautenbach, Emeritus-rektor, met wie insiggewende gesprekke gevoer is. En dan besondere dank aan die volgende persone en instansies wat deurlopend behulpsaam was:

Mej. M.H.A. Pretorius, hoof van die liasseerafdeling van die Universiteit en haar personeel, vir deurlopende opspoor van bronne.

Al die tiksters wat oor 'n aantal jare gehelp het met die tik van die manuskrip, veral mev. J.C. du Randt, wat grootliks verantwoordelik was vir die finale tikwerk.

Die Buro vir Openbare Betrekkinge vir die uitsoek van illustrasiemateriaal, meer in besonder mnr. J.J.H. Victor en sy personeel.

Die personeel van Inligtingsdienste vir die opspoor van statistiek en die teken van grafieke, by name mnr. J.D.R. Brits, hoof van die afdeling, en mev. E.M. van Wyk.

Die sentrale administrasie van die Universiteit wat die skrywers dikwels van advies bedien het oor die opspoor van inligting, veral mnre. J.W.J. Koekemoer, J.C. Coetzer en H.L. Potgieter.

Die onderskeie registrateurs vir aanmoediging en telkens ook praktiese hulp.

Prof. L.C. Eksteen wat die taalversorging van die manuskrip op kenmerkend deeglike en tegelyk entoesiastiese wyse behartig het.

Die verskyning van AD DESTINATUM II, danksy die entoesiasme enersyds en ywer andersyds van baie welwillende mense, is nie net die bereiking van 'n nuwe mylpaal nie: inderdaad lui dit 'n nuwe era binne—wat sal lei, hopelik, tot 'n derde nommer in ons reeks van huishoudelike geskiedskrifte. Wat hier te boek gestel is, gaan gewis minstens dieselfde rol, indien nie 'n veel groter een nie, vervul in ons strewe om die verlede in herinnering te roep onderwyl ons op pad is na 'n selfs roemryker toekoms!

Prof. D.M. Joubert
REKTOR

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Inleiding

Na die Tweede Wêreldoorlog het die universiteitswese wêreldwyd 'n fenomenale ontwikkeling deurgemaak. Dit is 'n verskynsel wat aan die naoorlogse bevolkingsontploffing, die kennisontploffing, veral op tegniese gebied, en nog verskeie ander faktore toegeskryf word. Sommige universiteite het buite verhouding groter geword, wat verandering in die organisasie en beheer daarvan noodsaaklik gemaak het. Ander is verdeel in twee of meer selfstandige inrigtings. In alle lande het ook gloednuwe universiteite ontstaan. Waar die studentegemeenskap voorheen 'n meer geselekteerde groep was, het studente nou feitlik uit alle lae van die bevolking gekom, moontlik gemaak deur beurse en staatsubsidies.

Ook in Suid-Afrika is die verskynsel merkbaar. Die bestaande universiteite het snel gegroei. Sedert 1960 is daar 'n aantal nuwes gestig. Nuwe studierigtings en institute het ontstaan om aan te pas by die eise van die tyd.

Van dit alles is kennis geneem by die skrywe van hierdie boek. Daar is gepoog om die Universiteit van Pretoria met sy veelvuldige werksaamhede binne die gemeenskap te plaas waar dit ingebed lê. 'n Universiteitsgeskiedenis vorm feitlik 'n onderdeel van die sosiale en kulturele geskiedenis van 'n land, ten spyte van die onvermydelik plaaslike karakter daarvan.

Hoewel hierdie werk by *Ad Destinatum I* aansluit; was dit nie moontlik om al die toue weer vas te knoop waar dit in 1960 losgelaat is nie. Die weefpatroon het wyer geword. Talle nuwe aspekte het na 1960 tot ontwikkeling gekom en dit was nodig om die voorgeskiedenis van sommige daarvan van voor 1960 op te spoor.

Dit geld ook vir die einddatum, 1982. Al skrywend oor die jare wat die werk geduur het, het die oogpunt van waaruit na die gegewe gekyk is, verskuif. In sommige gevalle is dit nodig gevind om die verhaal van wat na 1982 gebeur het, kortliks af te rond met latere gegewens. Dat aan beide kante, begin en einde, inkonsekwensies voorkom, is nie opsetlik nie, eerder onvermydelik.

Aanvanklik is daar 'n komitee aangestel om toesig oor die projek te hou. Ten slotte is dit onder die beheer van die rektoraat gestel. Veral die rektor, prof. D.M. Joubert, en in die finale stadium die vise-rektor, prof. P. Smit, het 'n belangrike aandeel hierin gehad. Ons betuig ons hartlike dank aan hulle.

Die belangrikste bronne vir die opstel van die boek was die argiefrekords van die Universiteit wat in die liasseerafdeling geberg word, en universiteitspublikasies wat gereeld verskyn. Heelwat waardevolle gegewens is ook verkry uit die Tukkianaversameling, wat 'n onderdeel van die Africana-afdeling van die Merenskybiblioteek vorm. Ook is inligting van akademiese en ander departementshoofde ingewin en daarna is wat geskryf is, aan hulle voorgelê vir kontrole en kritiek. Ook aan hulle ons hartlike dank. Wat geskryf is bly egter die uitsluitlike verantwoordelikheid van die twee samestellers.

Weens die omvang van die boek is die illustrasies tot 'n minimum beperk. Veral wat die foto's van persone betref, was dit nie moontlik om konsekwent te wees nie. Van persone wat op groepfoto's voorkom is meestal geen enkelfoto's geplaas nie. Foto's van departementshoofde wat in 1982 nog in funksie was, is nie opgeneem nie, in die veronderstelling dat hulle by 'n latere *Ad Destinatum* aan die beurt kan kom. Hoofde van departemente wat na 1960 ontstaan het, is egter wel opgeneem. Met die oog op 'n gelykmatige verspreiding was bostaande indeling tog nie altyd uitvoerbaar nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

INHOUD

Voorwoord iii

Inleiding iv

Volledige Inhoudsopgawe vi

I Organisasie en Struktuur 1

II Fakulteite 32

III Terreine, Geboue en Tegniese Dienste 220

IV Diensinstellings 259

V Simbole, Kuns- en Kultuurhistoriese Versamelings 293

VI Studentelewe 308

VII Sport 348

VIII Buitemuurse en Na-uurse Onderrig 389

IX Die Universiteit van Pretoria en anderkleuriges 399

X Die blik na buite 407

Illustrasies 418

Register 427

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

VOLLEDIGE INHOUDSOPGAWE

Voorwoord i
Inleiding ii
I **Organisasie en struktuur** 1
Ontstaan 1
Die Kanselier 1
C T te Water 2
H Muller 3
Die Konvokasie 4
Die Universiteitsraad 5
Vise-kanselier en Rektor 8
C H Rautenbach, 1948 — 1970 10
E M Hamman, 1970 — 1981 12
D M Joubert, sedert 1982 15
Vise-rektor 17
Tweede Vise-rektor 19
Registrateur en Administrasie 21
Senaat 26
Fakulteit 29
Dekaan 30

II **Fakulteite**
1. **Fakulteit Lettere en Wysbegeerte** 32
Departement Afrikaans 33
Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis 36
Departement Argeologie 38
Departement Bantoetale 38
Departement Beeldende Kunste 40
Departement Biblioteek- en Inligtingkunde 41
Departement Drama 42
Departement Duits 45
Departement Engels 46
Departement Frans 47
Departement Geskiedenis 48
Departement Grieks 49
Departement Kriminologie 50
Departement Kunsgeskiedenis 51
Departement Latyn 53
Departement Liggaamlike Opvoedkunde 53
Departement Maatskaplike Werk 55
Departement Musiek 56
Departement Semitiese Tale 57
Departement Sielkunde 58
Departement Sosiologie 60
Departement Spraakwetenskap, Spraakheelkunde en Oudiologie 60
Departement Volkekunde 61
Departement Wysbegeerte 63
Institute .....
Instituut vir Bedryfs- en Ontwikkelingsosiologie 64
Nederlands Cultuurhistorisch Instituut 65
Instituut vir Sportnavorsing en -opleiding 66
2. **Fakulteit Wis- en Natuurkunde** 66
Departement Argitektuur 67
Departement Boubestuur 69
Departement Bourekenkunde 70
Departement Chemie 71
Departement Dierkunde 73
Departement Entomologie 75
Departement Fisika 76
Departement Genetika 78
Departement Geografie 79
Departement Geologie 81
Departement Huishoudkunde en Dieetkunde 82
Departement Plantkunde 84

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Departement Rekenaarwetenskap 85
Departement Toegepaste Wiskunde 86
Departement Wiskunde 87
Institute .....
Instituut vir Chromatografie 87
Instituut vir Geologiese Navorsing op die Bosveldkompleks 89
Margaretha Mes-Instituut vir Saadnavorsing 90
Soogdiernavorsinginstituut 90
3. **Fakulteit Landbouwetenskappe** 92
Departement Agrariese Voorligting 93
Departement Biochemie 94
Departement Grondkunde en Plantvoeding 95
Departement Landbou-ekonomie 96
Departement Mikrobiologie en Plantpatologie 97
Departement Plantproduksie 98
Departement Tuinboukunde 99
Departement Veekunde 100
Departement Voedselwetenskap 101
Suid-Afrikaanse Instituut vir Landbouvoorligting 102
4. **Fakulteit Regsgeleerdheid** 103
Departement Handels- en Arbeidsreg 105
Departement Inheemse Reg 105
Departement Prosesreg en Bewysleer 106
Departement Publiekreg 107
Departement Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie 108
Departement Romeins-Hollandse Reg en Internasionale Privaatreg 108
Departement Strafreg 109
5. **Fakulteit Teologie** 110
Afdeling A: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 110
Departement Dogmatiek en Christelike Etiek 112
Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap 112
Departement Kerkgeskiedenis 113
Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap 114
Departement Ou-Testamentiese Wetenskap 115
Departement Praktiese Teologie 116
Afdeling B : Nederduitse Gereformeerde Kerk 117
Departement Dogmatiek en Christelike Etiek 119
Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap 120
Departement Kerkgeskiedenis 121
Departement Nuwe-Testamentiese Eksegese en Teologie 122
Departement Ou-Testamentiese Eksegese en Teologie 123
Departement Praktiese Teologie 124
Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN) 125
6. **Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe** 125
Departement Bedryfsekonomie 127
Departement Bestuurswese en Nagraadse Bestuurskool 129
Departement Ekonomie 131
Departement Rekening- en Ouditkunde 132
Departement Staatsleer en Internasionale Politiek 134
Departement Staats- en Munisipale Administrasie 135
Departement Statistiek 137
Buro's en Institute .....
Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise (BEPA) 138
Buro vir Finansiële Analise 139
Instituut vir Ekonometrie 140
Instituut vir Strategiese Studies 140
7. **Fakulteit Veeartsenykunde** 141
Departement Anatomie 142
Departement Chirurgie 143
Departement Fisiologie, Farmakologie en Toksikologie 144
Departement Geneeskunde 146
Departement Geslagskunde 146
Departement Infeksiesiektes 147
Departement Parasitologie 148

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Departement Patologie ... 148
Departement Soötegnologie ... 149
8. **Fakulteit Opvoedkunde** ... 151
Departement Didaktiese Pedagogiek en Vakdidaktieke ... 154
Departement Fundamentele Pedagogiek ... 155
Departement Historiese en Vergelykende Pedagogiek ... 156
Departement Ortopedagogiek ... 158
Departement Psigo- en Sosiopedagogiek ... 159
Departement Skoolvoorligting ... 160
Kinderleidinginstituut ... 161
9. **Fakulteit Geneeskunde** ... 162
Departement Aansteeklike Siektes ... 164
Departement Anatomie ... 165
Departement Anatomiese Patologie ... 166
Departement Anestesiologie ... 167
Departement Chemiese Patologie ... 168
Departement Chirurgie ... 169
Departement Farmakologie ... 171
Departement Fisiologie ... 173
Departement Gemeenskapsgesondheid (Voorkomende en Bevorderende Geneeskunde) ... 174
Departement Geneeskundige Mikrobiologie ... 176
Departement Geregtelike Geneeskunde ... 177
Departement Hematologie ... 178
Departement Huisartskunde ... 179
Departement Interne Geneeskunde ... 181
Departement Kankerchemoterapie ... 182
Departement Kindergeneeskunde ... 183
Departement Obstetrie en Ginekologie ... 184
Departement Oogheelkunde ... 185
Departement Oor-, Neus- en Keelheelkunde ... 186
Departement Ortopedie ... 187
Departement Psigiatrie ... 188
Departement Radiodiagnostiek ... 189
Departement Radioterapie ... 190
Departement Verpleegkunde ... 191
Aptekerskollege ... 192
Daspoortpolikliniek ... 193
Institute
Instituut vir Sellulêre Fisiologie ... 194
Hans Snyckers-Instituut ... 194
Kernkorinstituut vir Lewenswetenskappe ... 195
10. **Fakulteit Tandheelkunde** ... 196
Departement Endodonsie en Okklusale Rehabilitasie ... 197
Departement Gemeenskapstandheelkunde ... 198
Departement Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie ... 199
Departement Konserverende Tandheelkunde en Pedodonsie ... 200
Departement Mondpatologie ... 200
Departement Ortodonsie ... 201
Departement Periodonsie en Mondgeneeskunde ... 202
Departement Prostetika en Tandtegnika ... 203
Instituut vir Stomatologie en Beenbiologie ... 204
11. **Fakulteit Ingenieurswese** ... 205
Departement Bedryfsingenieurswese ... 206
Departement Chemiese Ingenieurswese ... 207
Departement Elektriese Ingenieurswese ... 208
Departement Elektroniese Ingenieurswese ... 210
Departement Landbou-Ingenieurswese ... 212
Departement Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese ... 213
Departement Meganiese Ingenieurswese ... 214
Departement Mynbou-Ingenieurswese ... 215
Departement Opmeetkunde en Stads- en Streeksbeplanning ... 216
Departement Siviele Ingenieurswese ... 217
Carl en Emily Fuchs Instituut vir Mikro-elektronika ... 218

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

III **Terreine, Geboue en Tegniese Dienste** 220
Ooswaartse groei van die hoofkampus 220
Geboue op die hoofkampus: aanpassing en uitbreiding van bestaande geboue en die oprigting van nuwes 222
Die Roperstraatkwessie 229
Die pad- en parkeerpatroon op die hoofkampus 237
Koshuisparkering 239
Geboue vir die Fakulteit Geneeskunde 240
Buitemuurse Gebou 242
Veeartsenykunde-geboue 242
Die proefplaasterrein 244
Die Hoëveldproefplaas 249
Akademiese Hospitaal 249
Die Afdeling Tegniese Dienste 253
IV **Diensinstellings** 259
Biblioteekdiens 259
Studentediensburo 264
Buro vir Kultuuraangeleenthede 269
Skakeldienste en die Buro vir Openbare Betrekkinge 278
Bond van Oudstudente 284
V **Simbole, Kuns- en Kultuurhistoriese Versamelings** 293
Universiteitswapen en -vlag 293
Versamelings 297
VI **Studentelewe** 308
Studenterade 308
Studenteverenigings 319
Studentepublikasies 324
Jool 329
Intervarsity 331
Kleure en Kleurbaadjies 333
Radio Tuks 334
Tukkiestudente en Studenteorganisasies buite die Universiteit 334
Inskakeling van nuwe eerstejaarstudente 335
Koshuise en Huise 339
VII **Sport** 348
Die plek van sport aan die Universiteit van Pretoria 348
Die administrasie, organisasie en bevordering van sport 351
Die beskikbaarstelling van sportfasiliteite 355
Tukkiesportklubs 360
VIII **Buitemuurse en Na-uurse Onderrig** 389
IX **Die Universiteit van Pretoria en Anderkleuriges** 399
X **Die Blik na Buite. Aanraking met ander inrigtings** 407
Illustrasies
Lys van Foto's 418
Lys van Histogramme en Grafiek 421
Totale uitgawes en salarisse as gedeelte daarvan, 1960-1982 421
Totale inkomste en staatsubsidie as gedeelte daarvan, 1960-1982 422
Groei van getalle: Binne- en Buitemuurs en Na-uurs, 1960-1982 423
Groei van totale studentebevolking, 1960-1982 424
Persentasiegroei van aantal studente per fakulteit 425
Voorgraadse en nagraadse getalle, 1960-1982 426
Kaarte
Hoofkampusgeboue, 1960 230-231
Hoofkampusgeboue, 1970 232-233
Hoofkampusgeboue, 1982 234-235
Snelweë oor die Proefplaasterrein 247
Register 427-435

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Die binneplein met die Ou Letteregebou en die Geesteswetenskappegebou op die agtergrond.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

I Organisasie en Struktuur

Ontstaan

'n Universiteit kom kragtens wetgewing tot stand, die Universiteit van Pretoria kragtens die *Privaatwet op die Universiteit van Pretoria No. 13 van 1930.* Tog lê die eintlike oorsprong verder terug. 'n Universiteit ontstaan gewoonlik as gevolg van 'n gevoelde behoefte onder sekere belangegroepe in die samelewing. So het die eerste Middeleeuse universiteite ontstaan uit 'n behoefte aan opgeleide kerklike administrateurs en aan regsgeleerdes en medici. Dit gebeur in die 12de en 13de eeu toe daar in Europa 'n periode van rus ingetree het en die bloei van die handel en nywerheid die ontwikkeling van stede bevorder het. Universiteite kom ook voort uit 'n ontwakende drang na kennis, wat verband hou met die sogenaamde twaalfdeeeuse renaissance. In Bologna, Parys, Oxford en Cambridge ontstaan die eerste Europese universiteite. Tot vandag toe is daar spore van hierdie Middeleeuse oorsprong in die struktuur en organisasie van die hedendaagse universiteit op te merk.

Die woord *universiteit* is afgelei van die Latynse woord *universitas*, wat aanvanklik gebruik is om 'n gesamentlikheid of kollektiwiteit van welke aard ook al aan te dui, en wat eers in die veertiende eeu die spesiale betekenis gekry het van 'n inrigting waar 'n groep studente en dosente 'n eenheid vorm ter beskerming van hulleself. Dit het enigsins die karakter van 'n gilde gehad, soos destyds in die handel en nywerheid die gebruik was.

Die rol wat die universiteit in die ontwikkeling van die beskawing gespeel het en nog speel, kan moeilik bereken of oorskat word. Huizinga noem die universiteit van die Middeleeue "een zelfstandig cultuurorganisatie van volstrekt eenigen aard. Zij is een corporatie . . . met bestuursrechten, met eigendommen, met vrijheden, met jurisdictie die haar als een staatslichaam in den staat doen leven . . . een geestelijk orgaan van onvergelijkelijk prestige." Hy noem die universiteit elders "het geschenk der middeleeuwen aan de wereld" en "iets onvergankelijks die de geschiedenis heeft beheerscht en blijf beheerschen." (*Verzamelde Werken* p. 28.) V.H.H. Green skryf: "The universities have unquestionably been from the Middle Ages to the twentieth century, major contributions to world culture and civilization." (*The Universities* p. 9.) "Middeleeuse universiteite was korporasies," skryf prof. C.H. Rautenbach, "met regspersoonlikheid, eie regspraak, eie reglementering, wat herinner aan 'n ouderwetse vorstedom."

Tog, hoe 'n selfstandige begrip die universiteit ook al geword het, moet ons onthou dat dit verband hou met die hele stelsel van onderwys en opvoeding in 'n samelewing. Dit ressorteer onder "hoër onderwys". So praat ons van laer, middelbare en hoër onderwys. Die gebruik van die benaming *hoërskool* vir so baie van ons middelbare skole is eintlik 'n verkeerde benaming. Daar word ook gepraat van primêre, sekondêre en tersiêre onderwys. Onder die laasgenoemde ressorteer alle onderwys wat voortbou op die eindeksamen van die middelbare skool. Die universiteit is maar een, hoewel die belangrikste, van hierdie inrigtings.

Met verloop van tyd het die universiteit 'n besondere struktuur en organisasie aangeneem, wat wel verskillend in verskillende lande is, maar tog in sekere opsigte aan die Middeleeuse grondvorm getrou gebly het. "Momenteel", skryf prof. C.H. Rautenbach, "kan mens by aanskouing van 'n akademiese plegtigheid soos 'n gradedag, die indruk kry dat hier 'n reliek uit die verlede is. Die stoet van hoogleraars en ampsbekleërs beweeg met plegtige indien soms waggelende tred, getooi in kleurryke akademiese drag uit vergange se eeue, togas miskien al verbleik, fluweel al geskif, na die podium van die Aula. So 'n akademiese prosessie kan die indruk maak van iets wat aan die tyd onthef is, afsydig van die lewe rondom." Die Suid-Afrikaanse stelsel is 'n navolging van die Britse wat, soos bekend, nader aan die Middeleeuse prototipe staan as byvoorbeeld die universiteite van die Europese vasteland.

Volgens sy privaatwet, hierbo genoem, bestaan die Universiteit van Pretoria uit: "(a) 'n Kanselier; (b) 'n amptenaar genoem die Rektor van die Uniwersiteit (sic) wat ook die Onderkanselier van die Uniwersiteit is; (c) 'n Vise-rektor van die Uniwersiteit; (d) 'n Raad; (e) 'n Senaat; (f) 'n Konwokasie (sic); (g) die professore, lektore; ander dosente en studente van fakulteite en departemente van die Uniwersiteit (sic)."

Die Kanselier

Volgens die Statuut van die Universiteit van Pretoria is die kanselier die "titulêre hoof" van die Universiteit. Beide die amp en die benaming da-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

teer uit die Middeleeue, wat ook hoofsaaklik via die Britse gebruik by ons van toepassing geword het. Die woord is afkomstig van Latyn *cancellarius*, wat oorspronklik 'n deurwagter beteken, later ook sekretaris. Benewens verskeie ander betekenisse en gebruike wat die woord *kanselier* mettertyd gekry het, het dit in universitêre verband die hoof van die universiteit geword. Dit stam uit die dae toe die universiteit nog baie na aan die Katolieke Kerk gestaan het. Toe is die sorg en toesig oor die universiteit opgedra aan die kanselier van die domkapittel (dit is die hoof van die geestelikes van 'n domkerk), wat gewoonlik 'n biskop was. Maar naas sy veelvuldige kerklike pligte het hierdie persoon weinig tyd oorgehad om aan die universiteit aandag te gee. Hy het gevolglik hierdie pligte aan 'n plaasvervanger, 'n vise-kanselier, opgedra. So ontstaan die gebruik dat die kanselier in naam hoof is van die universiteit terwyl die vise- of onderkanselier (rektor) die werklike hoof is.

Die Statuut van die Universiteit van Pretoria bepaal: "Die Kanselier is die titulêre hoof van die Uniwersiteit en verleen alle grade in naam van die Uniwersiteit." Dit is skynbaar die vernaamste taak van die kanselier. Vir die gewone student tree hy gewoonlik net met gradeplegtighede op die voorgrond, wanneer hy die byeenkoms open met die bekende formule: "Kragtens die bevoegdhede aan my toevertrou, stel ek hierdie vergadering saam tot 'n wettige kongregasie (nog 'n woord van Latynse herkoms) van die Universiteit van Pretoria." Indien die kanselier self nie teenwoordig kan wees nie, word sy pligte ook hier aan die onderkanselier oorgedra. Aan die Universiteit van Pretoria het dit die gebruik geword dat die kanselier net by hoofgradeplegtighede optree.

Die toekenning van grade is nie die enigste plig van die kanselier nie. Vanweë sy posisie in die samelewing, verleen hy aansien aan die universiteit en kan hy die inrigting op baie ander terreine verteenwoordig en van diens wees. Die kanselier word deur die konvokasie van die universiteit verkies en beklee hierdie pos lewenslank of tot hy uit eie beweging bedank.

Advokaat C.T. te Water

In 1960 was adv. C.T. (Charles) te Water die kanselier van die Universiteit van Pretoria, in 1949 as sodanig gekies. Gebore in 1887, was hy in 1960 reeds 73 jaar oud en sy openbare loopbaan (sien *Ad Destinatum I* p. 95.) grotendeels verby, maar tog nog iemand van aansien. Uit sy korrespondensie met die personeel van die Universiteit (hy het in Kaapstad gewoon), kom hy voor as 'n gemoedelike persoon met 'n goeie sin vir humor. Met sy optrede tydens gradeplegtighede het die sterk Engelse aksent waarmee hy Afrikaans gepraat het,



Adv. E.H. Louw (Minister van Buitelandse Sake) ontvang 'n eredoktorsgraad in die Regte van die Kanselier, Adv. C.T. te Water, tydens die promosieplegtigheid van 24 Maart 1962.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

opgeval. By die oningewyde het die vraag ontstaan hoe so 'n persoon die kanselier van 'n Afrikaanse universiteit kan wees. Maar sy agtergrond, sy politieke loopbaan binne die Nasionale Party, sy wydvertakte diens as diplomaat en sy liefde vir Suid-Afrika en veral sy persoonlikheid het by nader kennismaking hierdie bedenkinge laat verdwyn.

Soos die gebruik is, lewer die kanselier na die opening van die gradeplegtigheid 'n kort boodskap aan die graduandi. Omdat kanselier Te Water gewoonlik vooraf sy boodskap aan die personeel van die Universiteit gestuur het, sodat dit in Afrikaans vertaal kon word, het dit bewaar gebly. Wat hierin opval, is die vaderlike toon en 'n denkpatroon wat enigsins herinner aan dié van 'n geslag wat verbygegaan het.

In 1960 lui dit: "In die lewe van die ewewigtige man of vrou, soos in die lewe van 'n volk, behoort stoflike welvaart en geestelike groei saam te gaan. Dit is slegs wanneer ons daarin slaag om hierdie balans van krag en wysheid te bereik, dat ons Volk en ons Nasie gewapend sal wees om die uitdaging van ons vasteland te beantwoord en sy gevare te oorleef." In 1961 bring hy die landsomstandighede by: "Hierdie gradedag staan in die teken van 1961, 'n jaar wat vir altyd onuitwisbaar sal voortleef in ons herinnering, in ons harte en in ons land se geskiedenis as die jaar van verwesenliking en vervulling. Met vereende gemoed begroet ons Alma Mater die geboortejaar van ons land se Nuwe Republiek." En dan slaan hy oor in Engels:

> "Ask not what your country can do for you.
> Ask what you can do for your Country . . .
> Honour your People, love your Country, believe in yourself, fear only God."

In 1962 is sy boodskap: "Wat 'n universiteit . . . van sy jeug maak, is van deurslaggewende belang vir die toekomstige grootheid van 'n land." Aan oud-minister Eric Louw, wat in daardie jaar 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Pretoria ontvang het, dra hy sy groete oor: ". . . from an ancient friend who battled in close comradeship and association in the past in the congenial and friendly atmosphere of the old League of Nations, as well as in later years, at that other less agreeable and more ill-disposed place and climate."

In 1963 skemer die vaderlike toon weer deur: "Bou op wat u van u Alma Mater ontvang het en nou met u lewe meeneem, want op die opvoedingspeil en die sterk karakter van sy burgers berus die lot en bestemming van ons land."

Op 8 April 1964 neem hy sy laaste gradeplegtigheid waar. Sy boodskap aan die graduandi is: "Krag en onvermoeide arbeid sal van u geëis word en baie opoffering sal u deel wees want die mens is kort van dae en sat van onrus." Daarop 'n aanhaling uit die Bybel: "Verbly jou in jou jeug; wees sterk en vol moed; wees nie bevrees en verskrik nie; dan sal julle voorspoedig wees." En asof hy 'n voorgevoel van sy naderende einde gehad het: "Want dis ewe seker dat die aarde aan die jonger generasie behoort, as wat dit op die bestemde tyd die laaste huis van die ouer geslag sal word." Hy sterf skielik op 6 Junie 1964 aan sy huis in St.James, Kaapstad.

Dr. H. Muller

Adv. Te Water is op 13 November 1964 deur dr. Hilgard Muller as kanselier opgevolg, onbestrede deur die Konvokasie verkies. In hom het die Universiteit 'n kanselier gekry wat baie nader aan die inrigting gestaan het as sy voorganger. Hy was 'n oud-student en het in Pretoria sy huis gehad.

Hilgard Muller is op 4 Mei 1914 op Potchefstroom gebore. Sy skoolopleiding geniet hy aan die Hoër Volkskool aldaar, waar hy in 1932 die matrikulasie-eksamen in die eerste klas aflê. Daarop volg 'n vrugbare studentetyd aan die Universiteit van Pretoria, waar hy in die klassieke studeer en sy BA- en MA-graad agtereenvolgens in 1935 en 1937 behaal. Vanaf 1937 tot vroeg in 1940 studeer hy verder aan die Universiteit van Oxford as Rhodesbeurshouer en behaal daar die BLitt-graad. Terug in Suid-Afrika sit hy sy studie aan die Universiteit van Pretoria voort en hy promoveer met lof (DLitt) in 1942 op die proefskrif *The religious policies of the Roman emperors from AD 306 to AD 410 and their effects on the relations between Christians and Pagans*. In dieselfde jaar word hy aangestel as lektor in Latyn aan die Universiteit van Pretoria en in 1947 word hy tot senior lektor bevorder.



Dr. Hilgard Muller, Kanselier, 1964–1984.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

As student het dr. Muller 'n ruim aandeel aan die studentelewe gehad. Hy was voorsitter van die Verteenwoordigende Studenteraad en van die Afrikaans-Nasionale Studentebond. Sy deelname aan sport besorg hom 'n plek in Tukkies se eerste rugbyspan, terwyl hy in Oxford ook volkleure in dié spel behaal het.

Naas die klassieke, het hy ook belangstelling in die Regte gehad en hy behaal 'n LLB-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika. Dit lei daartoe dat hy in 1947 die Universiteit verlaat en in vennootskap tree by die prokureursfirma Dyason, Douglas, Muller en Meyer. Hy bly nog lektor in deeltydse hoedanigheid tot 1951. Hierop volg 'n loopbaan in die openbare lewe. Hy word lid van die Stadsraad van Pretoria en is van 1953 tot 1955 burgemeester. In 1958 word hy gekies as Volksraadslid vir Pretoria-Oos. In die parlement toon hy belangstelling vir buitelandse aangeleenthede, wat in 1961 moontlik aanleiding gee tot sy aanstelling as Hoë Kommissaris vir Suid-Afrika in Londen. Na Suid-Afrika se uittrede uit die Britse Statebond bly hy aan as ambassadeur.

In 1964 is dr. Muller teruggeroep en in die kabinet opgeneem as minister van Buitelandse Sake, die opvolger van adv. Eric Louw. Hy word weer Volksraadslid, hierdie keer vir Beaufort-Wes. Hy beklee die pos van minister van Buitelandse Sake ononderbroke tot 1977, 'n periode van dertien jaar. In hierdie tyd het hy verskeie diplomatieke sendings na die buiteland gelei en ook voor die Verenigde Volkere Suid-Afrika se standpunt gestel. Met sy rustige, beheerste optrede het hy agting afgedwing.

Dr. Muller het steeds 'n belangrike rol in die Oudstudentebond gespeel, waarvan hy in 1951 voorsitter geword het. In 1959 het hy mnr. F. le Roux opgevolg as president van die Konvokasie, 'n funksie wat hy beklee het tot sy verkiesing as kanselier.

Tydens sy inhuldiging as kanselier op 'n promosieplegtigheid op 27 Maart 1965 in die Aula, het dr. Muller die gebruiklike toespraak gehou. Hy het daarin 'n ewewigtige ontleding gegee van Suid-Afrika se posisie in die buiteland, soos van 'n minister van Buitelandse Sake verwag kon word. In 1967 het die Universiteit van Stellenbosch 'n eredoktorsgraad aan hom toegeken. By dié geleentheid is gewag gemaak van sy "ferme uitwaartse beweging" as minister van Buitelandse Sake wat "respek en vriendskap vir ons land" afgedwing het. Verder: "In Hilgard Muller begroet ons die fyne, indringende, akademiese gees, die versigtige, billike, toegewyde staatsman; en bowendien die vriendelike, opregte, nederige mens."

Benewens sy verkiesing tot volle lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het 'n verdere eerbewys hom te beurt geval toe hy Fellow of the Royal Society of Arts geword het. Die jaar voor sy uittrede uit die politiek, word die Dekorasie vir Voortreflike Diens op 11 Mei 1976 aan hom toegeken.

Op Lentedag 1976 was sy woorde aan die studente, "wat nog die lente van hulle lewe" geniet het, die volgende: "Vir my persoonlik is daar eintlik nie meer 'n lente oor nie, behalwe miskien die lente van my aftrede."

In 1977 het die Universiteit van Pretoria ook 'n eredoktorsgraad (in Publieke Administrasie) aan hom toegeken. By die geleentheid het die Onderkanselier van hom gesê: "Hy het sy taak op politieke vlak met groot welslae en hoë onderskeiding volvoer."

Na beëindiging van sy openbare loopbaan, het die Universiteit in dr. Muller 'n kanselier gehad wat byna voltyds by die bedrywighede daarvan ingeskakel is. By talle geleenthede staan hy steeds gereed om 'n openingstoespraak of 'n dergelike bydrae te lewer. Vanweë sy wye kennis en ervaring is hy in staat om op die mees uiteenlopende terreine sinvol te praat: landbou, geneeskunde, strategiese studies, kuns, elektronika, atletiekafrigting, ens.

Veral in die Oudstudentebond blyk sy gehegtheid aan die Universiteit. "Hoe ouer ek word", sê hy by een byeenkoms van die Bond, "hoe meer kom ek tot die besef dat die Universiteit van Pretoria vir my 'n Alma Mater in die volste sin van die woord was . . . Toe ek in die depressiejare as rou plaasseun hierheen gekom het, het die Universiteit van Pretoria my letterlik gevoed en aan die lewe gehou in die vorm van studiebeurse."

Hy het met hart en siel meegedoen aan die feesvierings tydens die vyftigste bestaansjaar van die Universiteit: 1980. Hy was vir 46 van die 50 jaar aan die universiteit verbonde: as student, dosent, voorsitter van die Oudstudentebond, president van die Konvokasie, raadslid, en vir die laaste 15 jaar kanselier. Met sy rustige, terugskouende benadering kyk hy telkens terug op hierdie jare, vertel van sy medestudente en die studente wat onder hom studeer het, en wat hulle presteer het.

In sy boodskappe tydens gradeplegtighede kom sy besorgdheid oor die toekoms van Suid-Afrika en die taak wat op die jeug lê, telkens na vore. "Suid-Afrika moet onder toenemende druk nie net sy militêre paraatheid van dag tot dag vergroot nie, maar ook voortdurend besig (wees) om sy mense, veral ons jong mense, wetenskaplik en geestelik te bewapen." En by 'n ander geleentheid: "Opgeleide mensekrag is deel van ons wapenrusting, is deel van ons pantser." Sy boodskap in *Trek* 80 aan "die Tukkies" is dat "die lewenspad wat vir hulle voorlê, baie moeiliker sal wees as ons s'n en dat die tyd waarin hulle die leisels sal moet oorneem, baie gevaarliker sal wees as wat dit tot dusver was."

In 1980 het dr. Muller 'n aantal persoonlike artikels aan die Universiteit geskenk en daarmee is 'n Dr. Hilgard Muller-kamer in die Ou Letteregebou ingerig.

Die Konvokasie

Die konvokasie is nog 'n liggaam wat uit die Middeleeuse universiteitswese via die Engelse gebruik na Suid-Afrika gekom het. Letterlik beteken die woord 'n saamgeroepte vergadering. Dit is 'n liggaam waarin dosente en gegradueerdes sitting het en as sodanig in teenstelling met die universiteitsraad beperk is tot persone uit die kring

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die universiteit en sy oud-studente. Kragtens die Wet op die Universiteit van Pretoria bestaan die konvokasie uit "alle persone wie se name voorkom op die konwokasielys (sic) wat die Registrateur moet opstel en byhou." Hierdie persone sluit in hoofsaak in die doserende personeel (ex officio), met inbegrip van die rektor en vise-rektor, en oud-studente wat 'n graad aan die Universiteit van Pretoria of die Transvaalse Universiteitskollege behaal het.

Hierdie liggaam het slegs 'n adviserende funksie. Die wet bepaal: "Die konwokasie (sic) mag enige saak, wat die Uniwersiteit raak, en ook aangeleenthede wat die Raad na hom verwys het, bespreek en sy mening daaroor aan die Raad meedeel." Een van hierdie take is die verkiesing van 'n kanselier wat, soos reeds gesê, geen werklike mag in universiteitsake het nie. Origens kan die konvokasie vier lede op die universiteitsraad aanwys, waarvan geeneen 'n dosent van die universiteit mag wees nie.

Die konvokasie kies uit eie geledere 'n president vir 'n periode van vyf jaar. In 1960 was dr. Hilgard Muller President van die Konvokasie, as sodanig in 1959 gekies na die afsterwe van sy voorganger, mnr F. le Roux, oud-hoof van die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria. Toe dr. Muller in 1961 benoem is as Hoë Kommissaris in Londen, het hy aangebied om te bedank, maar die rektor het hom, in oorleg met ander lede van die konvokasie, oorgehaal om aan te bly. Na verstryking van die vasgestelde vyf jaar is dr. Muller op 11 September 1964 as president herkies, maar na sy verkiesing tot kanselier lê hy hierdie pos neer. Hy word op 12 Maart 1965 deur dr. A.W. Lategan, direkteur van die Buro vir Standaarde, as president opgevolg. Dr. Lategan is nog in dieselfde jaar oorlede, op 23 Oktober, en op 26 Maart 1966 word regter F.L.H. Rumpff as president gekies.

Frans Lourens Herman Rumpff is in 1912 op Standerton gebore. Nadat hy aan die Hogere Oost-Eind School gematrikuleer het, behaal hy sy BA-graad in 1933 en sy LLB in 1935, albei aan die Universiteit van Pretoria. Hierna doseer hy Privaatreg aan die Universiteit, maar hy begin in 1938 as advokaat praktiseer. Hierop volg 'n voortreflike regsloopbaan: 1952, regter van die Transvaalse Afdeling; 1959, regterpresident van Transvaal; 1961, appèlregter en 1974, hoofregter. Hy is in 1974 ook as lid van die Universiteitsraad verkies. Regter Rumpff is telkens as president van die Konvokasie herkies tot hy hom in 1981 nie weer verkiesbaar gestel het nie.

Hy word op 19 Junie 1981 opgevolg deur Sy Edele A.L. Schlebusch, Vise-staatspresident en voorsitter van die Presidentsraad. Adv. Schlebusch het sy BA-graad in 1937 aan die Universiteit van Stellenbosch en sy LLB in 1939 aan die Universiteit van Pretoria behaal.

Die Universiteitsraad

As selfstandige inrigting besit elke universiteit 'n liggaam wat toesig en beheer uitoefen. Hierdie liggaam kan oor die hele wêreld se universiteite baie verskillend wees wat betref samestelling en funksie. Die samestelling hang gewoonlik saam met die verskillende belangegroepe waaronder 'n universiteit tot stand gekom het. So kan 'n universiteit van kerklike oorsprong wees of juis van 'n bewus vrysinnige opset, of dit kan verband hou met die eise van die handel en nywerheid. Dit hang ook daarvan af of ons met 'n private of 'n regeringsinrigting te doen het. Hoewel hierdie liggame verskillende benamings dra, staan dit meestal bekend as die raad van toesig en beheer, of die raad van kuratore, of kortweg die universiteitsraad, soos die geval is by die Universiteit van Pretoria.

Die Wet op die Universiteit van Pretoria bepaal dat die Universiteitsraad (gewoonlik die Raad genoem) uit die volgende persone bestaan: die rektor (met die vise-rektor as plaasvervanger), agt persone wat deur die Staatspresident (dit wil sê die regering) benoem word; vier gekies deur die konvokasie; vier benoem deur die senaat van die universiteit; die burgemeester van Pretoria (of iemand deur hom benoem), en nog twee stadsraadslede; twee lede gekies deur die donateurs (elke persoon of liggaam wat R50 of meer aan die Universiteit geskenk het, is 'n donateur); en dan nog hoogstens drie persone wat kragtens die statuut van die Universiteit in die raad benoem mag word. So het die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk elk 'n verteenwoordiger op die Raad.

As die samestelling van die Raad ontleed word, blyk dit dat net die rektor en die vier senaatslede van binne die universiteit kom. Origens bestaan die Raad uit persone van buite die universiteit, hoewel daar aanvaar kan word dat die meerderheid van hulle vertroud met die universitêre onderwys in die algemeen en met dié van die Universiteit van Pretoria in die besonder sal wees.

Hierdie samestelling kan as konserwatief en tradisioneel beskou word. In die buiteland is dit die neiging om die universiteit self meer seggenskap in sy eie sake te gee, veral na die woelige stryd om "demokratisering van die universiteit" in die jare 1968–1970. So word 'n Nederlandse universiteitsraad saamgestel uit 'n maksimum van 40 lede, van wie soveel as vyf sesdes uit die universiteit kan kom, en hoogstens een sesde van buite. Dié vanuit die universiteit kan hoogstens een derde uit die wetenskaplike personeel (dosente, navorsers, ens.) kom, een derde uit die nie-wetenskaplike personeel (bv. administratiewe amptenare) en hoogstens een derde uit die studente. Die Ryksuniversiteit van Gent het byvoorbeeld op sy "Raad van Beheer" onder andere veertien verteenwoordigers van die "onderwijzend personeel" (wat oor die verskillende fakulteite versprei is), en vier studente. Dieselfde verskynsel is ook by Franse, Duitse, Britse, Amerikaanse en ander universiteite op te merk.

Oor die algemeen bestaan daar die neiging om aan studente verteenwoordiging in die hoogste bestuursliggame van die universiteit te gee. Dat dit hier in Suid-Afrika nie gebeur nie, beteken nie dat studente geheel en al nie geken word nie. Hier beklee die Verenigde Studenteraad, wat direk met

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die rektor in verbinding is, 'n belangrike funksie. Opvallend is dit ook dat die wet bepaal: "'n Professor, lektor of ander dosent aan die Universiteit is nie verkiesbaar as lid van die raad nie"—behalwe die vier verteenwoordigers van die senaat. 'n Beswaar wat soms gelug word, is dat die bestuur van 'n Suid-Afrikaanse universiteit, d.i. die Raad, "'n lekeliggaam is en nie 'n liggaam saamgestel uit professionele akademici nie." Teen hierdie beswaar het prof. Rautenbach by geleentheid stelling ingeneem: "Ondervinding hier te lande leer dat daar genoeg bekwame mense is met 'n akademiese vorming wat sitting neem in universiteitsrade om met goeie oordeel 'n akademiese saak wat juis toegelig word te hanteer. Die bestuur van die universiteit, veral die finansiële bestuur, baat juis deur die deelname van persone wat nie professionele akademici is nie en deur gerypte ervaring saaklikheid van oordeel bevorder." (*Versamelde Geskrifte* p. 362.). Hoe ook al, daar kan seker aangeneem word dat die rektor (saam met die voorsitter) die belangrikste rol in die beslissings van die Raad speel.

Volgens die statuut kies die Universiteitsraad uit eie geledere 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter, elk vir 'n periode van twee jaar. Hierdie voorsitter beklee een van die belangrikste funksies in die universiteit. Saam met die kanseliers en rektore word die voorsitters van die Raad ook in die galery van skilderye en beelde van die Universiteit opgeneem. Gedurende die periode 1960–1982 het die Raad van die Universiteit van Pretoria slegs twee voorsitters gehad, naamlik dr. F. Meyer, van 1958 tot by sy afsterwe in 1972, en dr. S.M. Naudé van 1973 tot 1982, wat toe deur prof. P. Hoek opgevolg is. Ondervoorsitters in hierdie periode was dr. S.M. Naudé (tot die afsterwe van dr. Meyer), dr. W.C. du Plessis en prof. P. Hoek (tot sy verkiesing as voorsitter begin 1983). In albei die voorsitters het die Universiteit persone van besondere bekwaamheid gehad.

Dr. Frederik (Frikkie) Meyer is in 1898 op Griekwastad gebore. Hy matrikuleer aan die De Villiers Graaff-hoërskool op Villiersdorp en gaan in 1914 na die Universiteit van Stellenbosch, waar hy agtereenvolgens die BA-graad in Chemie, Fisika en Wiskunde en die MA-graad in Chemie behaal. Hierop volg 'n aanstelling as professor in Fisiese en Anorganiese Chemie aan die Rhodes-Universiteitskollege op Grahamstad, maar in 1921 vertrek hy na Duitsland en behaal sy doktorsgraad in Chemiese en Metallurgiese Ingenieurswese aan die Universiteit van Charlottenburg. Terug in Suid-Afrika, werk hy op 'n driejarige kontrak vir die Raad vir Handel en Nywerheid en lewer 'n ondersoekverslag oor die steenkoolnywerheid—wat later sou lei tot die stigting van SASOL en die Brandstofnavorsingsinstituut. Op 'n ander terrein is proefnemings wat in Duitsland met Suid-Afrikaanse grondstowwe gemaak is, deur hom ontleed en die memorandum wat hy daaroor saamstel, het die handleiding vir die stigters van Yskor geword.

Hierna volg 'n loopbaan in diens van Yskor. Hy was van 1934 tot 1942 werksbestuurder in Pretoria, van 1942 tot 1946 algemene werksbestuurder, van 1946 tot 1948 hoof van beplanning van die Vanderbijlparkfabriek, en van 1949 tot sy uittrede in 1966 voorsitter van Yskor.

Dr. F. Meyer, Voorsitter van die Universiteitsraad, 1958–1972.

Hy het reeds vanaf 1939 op die universiteitsraad gedien, en was vir enkele kort periodes en vanaf 1957 tot sy dood voorsitter.

Behalwe vir sy werk aan Yskor, was dr. Meyer ook voorsitter van verskeie ander nywerheidsondernemings, soos Vecor, Ruberoween, Auto Components, Steel Wheel and Axle SA (Pty). Hy dien ook op die direksie van Trustbank en Massey Ferguson. Hy het eredoktorsgrade van al die belangrike universiteite van Suid-Afrika ontvang. Hy was ondervoorsitter van die Krygsproduksieraad, lid van die Suid-Afrikastigting, die Afrika-instituut, die FAK en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Deur laasgenoemde is die Frans du Toit-medalje vir Nywerheidsbevordering aan hom toegeken.

By sy afsterwe is hy genoem "een van die groot seuns van ons volk, natuurwetenskaplike van faam, geleerde van formaat, toegewyde opvoedkundige, nyweraar en sakeman van die hoogste orde." En ook: "met sy besondere gawes, sy verdraagsaamheid en takt en sy voorbeeld, het hy onskatbare dienste aan hierdie Universiteit gelewer."

In die opvolger van dr. Meyer, dr. S. Meiring Naudé, het die Universiteit weer 'n groot natuurwetenskaplike as raadsvoorsitter verkry. Stefan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dr. S.M. Naudé, Voorsitter van die Universiteitsraad, 1973–1982.

Meiring Naudé is op 31 Desember 1904 op De Doorns gebore. Sy opleiding geniet hy aan die Universiteit van Stellenbosch, waar hy sy BSc-graad in 1924 en sy MSc in 1925, albei met lof, behaal en daarna aan die Universiteit van Berlyn, waar hy die PhD-graad, ook met lof, in 1928 behaal. Onder sy leermeesters was die Nobelprys-wenners Planck, Einstein, Nernst en Von Laue. Na hy afgestudeer het, werk hy van 1929 tot 1931 in spektroskopie, eers aan die Physikalisch-Technischen Reichsanstalt in Charlottenburg en daarna aan die Universiteit van Chicago onder Mullikan en Compton. Hier ontdek hy 'n nuwe stikstofatoom, die 15N-isotoop.

Terug in Suid-Afrika, word hy in 1931 senior lektor aan die Universiteit van Kaapstad en sedert 1934 vir twaalf jaar professor aan die Universiteit van Stellenbosch, waar hy 'n navorsingslaboratorium in optiese spektroskopie van wêreldstandaard opgebou het. In 1946 word hy die eerste direkteur van die Nasionale Fisiese Navorsingslaboratorium van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR), waar hy weer 'n besondere laboratorium vir fisici opbou. In 1950 word hy bevorder tot vise-president van die WNNR en van 1952 tot 1970 dien hy as president. Onder sy leiding het die WNNR uitgebrei tot veertien institute met 'n personeel van 4 000. Vir 'n geruime tyd was dr. Naudé wetenskaplike raadgewer van die eerste minister. By talryke geleenthede verteenwoordig hy Suid-Afrika op wetenskaplike konferensies oorsee.

Dr. Naudé het verskeie erkennings vir sy dienste ontvang, waaronder eredoktorsgrade van agt Suid-Afrikaanse universiteite, die Havengamedalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die eerste De Beers goue medalje van die Instituut vir Fisika. Hy tree op 25 Augustus 1982 onder blyke van groot waardering af as voorsitter van die Universiteitsraad. Hy word opgevolg deur prof. P.W. Hoek wat tot in daardie stadium die ondervoorsitter was. Dr. J. Howell is toe in die laasgenoemde se plek as ondervoorsitter aangewys.

Oor die 22 jaar het daar uiteraard 'n taamlike verwisseling van raadslede voorgekom. Daar is slegs twee raadslede van 1960 wat in 1982 nog op die Raad gedien het: dr. S.M. Naudé en dr. C.L. de Bruyn. Christiaan Leonard de Bruyn is in 1905 in Pretoria gebore. Hy ontvang sy skoolopleiding aan die Oost-Eindskool. Op 17-jarige leeftyd betree hy die sakewêreld en hy en sy broers bou 'n familiesaak op met belange wat oor die hele land versprei is. In 1927 behaal hy die BCom-graad aan die buitemuurse afdeling van die Universiteit van Pretoria. Hy tree telkens op as president van die Kamer van Koophandel; hy dien op verskeie komitees van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, op die komitee vir stadsontwikkeling, en op die Beplanningskomitee van die Hoofstad; hy dien op verskeie direksies (onder andere van die S.A. Reserwebank). Hy is reeds sedert 1947 op die Universiteitsraad. Vir 20 jaar was hy voorsitter van die Finansies- en Eiendomskomitee van die Raad, asook van die Boukomitee. Weens sy belangstelling in die kunste, word hy voorsitter van die reëlingskomitee van die Aula en hy dien later as voorsitter van die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste. As erkenning vir sy dienste het die Universiteit in 1969 'n eregraad, DCom, aan hom toegeken.

Dit is nie moontlik om al die lede van die Raad oor die tydperk van 22 jaar by name te noem nie. Almal was of is nog bekende en vooraanstaande persone. Hier volg slegs enkeles, willekeurig gekies, van wie die raadsnotule die benoeming, aftrede of oorlye vermeld.

Lede en oud-lede van die Raad wat vroeg in die jare sestig oorlede is, was: mnr. Danie Malan op 20 Mei 1961, van 1946 tot 1954 raadslid; prof. D.J. Keet op 20 April 1961, van 1925 tot 1938 raadslid; dr. Frans Geldenhuys op 28 Julie 1961, raadslid van 1953 tot 1957; prof. B. de Loor op 9 Februarie 1962, raadslid van 1954 tot 1962; mnr. J.M. Rabie op 7 Februarie 1963, sedert 1953 ononderbroke raadslid. Dr. Hilgard Muller is in 1960 opgevolg deur mnr. A.J. Raubenheimer, later minister en lid van die Presidentsraad. Hy bedank as raadslid in 1982.

In 1963 het prof. A.J. Malan, bekende wetenskaplike en Volksraadslid, bedank. In sy plek is dr. J.C. Otto L.V. benoem; hy het voorheen as burgemeester en verteenwoordiger van die Stadsraad van Pretoria op die Raad gedien. Op 27 Oktober 1965 is dr. A.W. Lategan oorlede. Hy was 'n lang

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tyd voorsitter van die Oudstudentebond en sedert 1960 verteenwoordiger van die Konvokasie op die Raad. Tot sy dood was hy direkteur van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde. Sy plek op die Raad word deur prof. P.W. Hoek ingeneem. In April 1966 tree prof. S.P. du T Viljoen, bekende ekonoom, na nege jaar diens uit. In sy plek is administrateur S.J.G. van Niekerk benoem.

Op 23 Maart 1967 is dr. W. Nicol, bekende kerkman en oud-administrateur van Transvaal, oorlede. Hy het, met uitsondering van een jaar, vanaf 1930 tot sy afsterwe onafgebroke op die Raad gedien, van Augustus 1946 tot Oktober 1947 as voorsitter. In die Raad is daarvan gewag gemaak dat hy die "ontwikkelingsjare" van die Universiteit meegemaak het en dat hy in 1939 as voorsitter van die Nicol-kommissie "'n patroon vir die algemene werksaamhede van 'n universiteit neergelê het", ook dat hy met sy "helder insig 'n wesenlike bydrae tot besluite van die Raad gemaak het."

Nog twee persone wat in 1967 wegval, is mnr. H.A.J. de Bruyn, wat van 1948 tot 1960 lid van die Raad was, en prof. J.H.J.A. Greyvenstein wat van 1952 tot 1959 op die Raad gedien het. Dr. J.G. van der Wath, sedert 1959 raadslid, is op 20 April 1968 in die vliegtuigongeluk naby Windhoek ernstig beseer en op 15 Mei 1968 oorlede.

Op 9 Oktober 1970 het nog 'n bekende figuur uit die geledere van die Raad verdwyn. Nadat hy 24 jaar lank, nege daarvan as voorsitter, op die Raad gedien het, het prof. H.O. Mönnig hom nie weer verkiesbaar gestel nie. Hy is op 26 September 1978 oorlede. Op 28 Maart 1971 is dr. Roger Dyason op die ouderdom van 85 jaar oorlede. Hy het van Februarie 1949 af, dit wil sê in 'n periode van 21 jaar, op die Raad gedien.

Dr. W.C. du Plessis het in 1972 in die plek van dr. S.M. Naudé die ondervoorsitter van die Raad geword. Hy bedank as ondervoorsitter in 1978 en word in dié hoedanigheid deur prof. P.W. Hoek opgevolg en deur dr. P.S. Rautenbach as lid.

In 1973 het prof. S.F. Oosthuizen hom, weens veelvuldige pligte as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, nie vir herverkiesing beskikbaar gestel nie. Hy het van 1947 tot 1968 en weer van 1970 tot 1973 op die Raad gedien.

Op 9 Oktober 1974 het hoofregter F.L.H. Rumpff ook sy uittrede uit die Raad aangekondig. In sy plek is prof. D.M. Joubert, die huidige rektor, deur die Konvokasie gekies.

Nog 'n raadslid wat hom in 1978 nie weer verkiesbaar gestel het nie, is dr. J.E. Holloway, wat sedert 1958 onafgebroke gedien het. By sy afsterwe, op 27 Oktober 1979, het die voorsitter van die Raad daarvan gewag gemaak dat dr. Holloway onthou sal word as die voorsitter van die Holloway-kommissie, 1952, wat die finansieringspatroon vir die universiteitswese vasgelê het, wat later deur die Van Wyk de Vries-kommissie aangepas is. Soos bekend, was dr. Holloway gedurende sy lewe direkteur van Sensus en Statistiek, adviseur van die Tesourie en ambassadeur. In sy plek is mnr. C.H.H. Scheepers op die Raad benoem.

Dr. G. Rissik, direkteur van die Reserwebank en van 1967 tot 1971 lid van die Universiteitsraad, is op 4 Oktober 1979 oorlede. Hy is in 1971 opgevolg deur regter J.J. Trengove. By die afsterwe van dr. Frikkie Meyer is mnr. G.J. van Zyl deur die Staatspresident op die Raad benoem. In 1980 is dr. F.J. de Villiers oorlede. Hy het van 1947 tot 1957 op die Raad gedien en het indertyd 'n besondere bydrae tot die stigting van die Fakulteit Ingenieurswese gelewer. Op 21 Mei 1981 is dit die beurt van prof. E.M. Hamman om afskeid te neem van die Raad.

Wat oorbly, is die reeks burgemeesters en verteenwoordigers van die Stadsraad van Pretoria wat steeds die plek van die Universiteit binne die stad beklemtoon het; ook die verteenwoordigers van die twee kerke op die raad wat kragtens die Teologiese Fakulteit, Afdelings A en B, maar ook in die algemeen, belang by die gang van sake aan die Universiteit het. Vir die Nederduitse Hervormde Kerk het dr. A.J. Oosthuizen na jare diens in 1966 afgetree en hy is toe opgevolg deur dr. A.J. Nolte, 1967 tot 1973; en daarna mnr. J.C. Oelofse. Vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk is dr. F.E. O'B Geldenhuys na 29 jaar diens in 1974 deur ds. J.E. Potgieter opgevolg. Verteenwoordigers van die senaat op die Raad kom wel elders ter sprake en hoef hier geen besondere vermelding te kry nie, hoe groot hulle bydrae om begryplike redes ook al was.

As groep gesien, vertoon die Universiteitsraad 'n kleurvolle, afwisselende patroon wat oor 22 jaar voortreflike diens gelewer het om die Universiteit op die goeie baan te hou.

Die Raad voer sy werksaamhede uit deur middel van 'n aantal vaste komitees van die Raad. Hierdie komitees het oor die jare vermeerder en verander. In 1960 was daar slegs die volgende vyf: Finansies- en Eiendomskomitee, Navorsings- en Publikasiekomitee, Komitee vir Dissipline (Personeel), Boukomitee en Beurs- en Leningskomitee.

In 1982 was daar die volgende: Finansies en Eiendomskomitee, Komitee vir Dissipline (Personeel), Boukomitee, Beurs- en Leningskomitee, Biblioteekkomitee, Sportkomitee, Komitee vir Openbare Betrekkinge, Komitee vir Kultuuraangeleenthede, Advieskomitee: Studentediensburo, Begrotingskomitee (Personeel en Navorsing), Senior Aanstellingskomitee en Komitee vir Spoedeisende Sake.

Miskien is so 'n veelheid van komitees as te omslagtig aangevoel, want met die algemene reorganisasie van die administrasie van die Universiteit in die jare hierna is hulle getal afgebring tot drie.

Vise-kanselier en Rektor

Soos deur die Statuut van die Universiteit van Pretoria bepaal, is die rektor "die hoof-uitvoerende en hoof-administratiewe beampte van die Universiteit . . ., lid van alle komitees van die Raad en die Senaat" en hou hy "algemene toesig oor die Universiteit." Hy word vir 'n termyn van hoogstens tien jaar deur die Raad "na raadpleging met die Senaat" benoem, en is herbenoembaar.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Aan die Universiteit van Pretoria is die rektor ook die onderkanselier. Die Wet op die Universiteit van Pretoria bepaal dat die onderkanselier onder andere die "werksaamhede en pligte" van die kanselier uitoefen as die laasgenoemde afwesig is of nie in staat is om sy taak te verrig nie. In hoofsaak tree die rektor by gradeplegtighede as onderkanselier op.

Die woord *rektor* is afgelei van die Latyn *regere*, om te reël of te regeer, ook 'n oorblyfsel uit die Middeleeue. Die naam kom nie uitsluitend in universiteitsverband voor nie, maar word ook gebruik vir die hoof van skole en ander onderwysinrigtings, asook in die kerklike hiërargie. Aan die ander kant kom die benaming ook nie in alle universitêre stelsels voor nie. Die hoof van die Amerikaanse universiteite word *president* genoem, dié van die Engelse *vice chancellor*, dié van die Skotse *principal*—die laasgenoemde blykbaar deur ons Engelstalige universiteite oorgeneem. Aan die Skotse universiteite is *rector* die eretitel vir die hoof van die studentegemeenskap. Die benaming *rektor* vir die hoof van 'n universiteit vind ons in die meeste lande van die Europese vasteland. In Nederland heet hy *rector magnificus*, 'n posisie wat vir kort periodes van enkele jare onder die professore roteer en lank nie soveel verpligtinge as elders inhou nie. "Hij vervult een representatieve rol in het contact met andere universiteiten en hogescholen", word van die huidige posisie geskryf.

In ander Europese lande is die rektor die werklike hoof van die universiteit en dan ook herkiesbaar sodat een persoon lank in funksie kan bly. Dit is byvoorbeeld die geval in België waar ons in die lang geskiedenis van die Universiteit van Leuven vind dat monseigneur Ladeuze 30 jaar lank rektor was (1909–1939) en monseigneur Van Waeyenbergh 22 jaar (1940–1962).

Na die studente-opstande van die jare 1968–1970 het daar in verskeie lande radikale veranderings gekom wat die organisasie van die universiteit betref. Sommige titels is miskien wel behou, maar hulle funksies het verander. So het die Franse universiteite tans 'n *président* aan die hoof, bygestaan deur *vice-présidents*, terwyl *recteur* die benaming van 'n funksionaris is wat oor 'n groep universiteite van 'n bepaalde streek gestel word.

In Suid-Afrika het ons by die Universiteit van Suid-Afrika, die moeder van die meeste van ons universiteite, die benoemings *prinsipaal* en *visekanselier* aangetref en die benamings is deur die Engelstalige blanke universiteite behou. In die dae toe dit nog 'n universiteitskollege was, het Rhodes-Universiteit 'n *master* as hoof gehad, in navolging van die Engelse gebruik onder andere aan kolleges van die Universiteit van Cambridge. Die meer Afrikaans georiënteerde universiteitkolleges wat later

Drie Rektore, v.r.n.l.: Proff. C.H. Rautenbach (1948–1970), E.M. Hamman (1970–1981) en D.M. Joubert (sedert 1982).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Afrikaanstalige universiteite geword het, het van die begin af die benoeming *rektor* verkies en dit is ook die geval met die universitêre inrigtings wat later ontstaan het.

"'n Universiteitsrektor moet op die waters van die onderwys kan wandel en nog ander waters daarby." So het 'n vorige rektor, prof. C.H. Rautenbach, dit by geleentheid gestel. Met die groei en uitbreiding van 'n universiteit, die vermeerdering van fakulteite en departemente, van navorsingsfasiliteite en navorsingsprojekte in hulle bonte verskeidenheid, met die toenemende diens wat aan die gemeenskap gelewer moet word, met die toename van getalle, het die taak van die rektor steeds meer en meer omvattend geword. Al word sy taak ook verlig deur die aanstelling van vise-rektore, bly hy tog die persoon aan die hoof wat kragtens sy optrede die beeld van die Universiteit op talle terreine moet uitdra.

Hy moet met ministers onderhandel, maar ook bereid wees om studente te woord te staan en hulle funksies en sportaktiwiteite by te woon. "By wyle is dit maar 'n eensame amp om rektor in akademieland te wees", om prof. Rautenbach nog eens aan te haal, "maar selde vervelend. Daartoe is daar immers ook studente aan 'n universiteit."

Educator or caretaker? Dit is die vraag wat in Amerika gestel word ten opsigte van die *academic president* van hulle universiteite. In die besef dat die hoof van 'n universiteit nie alles kan behartig nie, is daar na oplossings gesoek—nie alleen in Amerika nie, maar ook elders. So is die bestuur van 'n universiteit in sommige gevalle aan 'n raad of liggaam toevertrou wat uit enkele persone bestaan. Aan die Nederlandse universiteite vervul die *college van bestuur* dit, bestaande uit van drie tot vyf lede, waarvan die rector magnificus oudergewoonte slegs vir enkele jare as sodanig optree en dan teruggaan na sy doseerwerk. Aan die Vlaamse universiteite word die *rector* bygestaan deur die *academische raad*; by die Franse universiteite die *président* deur drie *vice-présidents* en 'n sekretariaat. Aan die Universiteit van Pretoria het dit ontwikkel tot 'n topbestuur (rektoraat), bestaande uit die rektor, die vise-rektore en die registrateurs.

Tog is dit duidelik dat die bewind daarmee nie ten volle gedesentraliseer is nie. Die rektor bly die hoof van wie se aanvoeling en optrede die wel en wee van die universiteit afhang. Sedert 1960 het die Universiteit van Pretoria slegs drie rektore gehad, naamlik proff. C.H. Rautenbach (1948–1970), E.M. Hamman (1971–1981), en D.M. Joubert vanaf 1982. Elkeen het kragtens sy eie aanleg en persoonlikheid 'n eie stempel op die Universiteit gelaat. Om aan elkeen reg te laat geskied en elkeen se bydrae so noukeurig moontlik op te som, is die onbenydenswaardige taak van die historikus.

C.H. Rautenbach, Rektor 1948–1970

Gebore op 6 Maart 1902 op Zeerust, het Casper Hendrik Rautenbach sy voor- en nagraadse opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang. "Daar was tog 'n ingehoue trots", skryf hy later van homself, "om die eerste persoon in ons land te wees wat met 'n uitsluitlike Suid-Afrikaanse en dan nog Transvaalse onderwysloopbaan vanaf eerste tot doktorsgraad, tot die hoë akademiese amp geroepe te wees." (*Versamelde Geskrifte*, p.5.) Hoewel opgelei as teoloog, was die Wysbegeerte sy eintlike vakgebied. Hy was professor in en hoof van die Departement Etiek en Geskiedenis van die Wysbegeerte. Daarnaas het hy doseerpligte gehad in Teologie, Sielkunde en Opvoedkunde. So het hy 'n breë akademiese grondslag gehad wat hom as rektor ongetwyfeld ten goede gekom het.

In 1948 aangestel as rektor, was hy teen 1960 reeds 12 jaar in hierdie amp. Oor sy loopbaan voor 1960 word hier nie uitgewei nie. Dit is reeds in *Ad Destinatum I* beskryf. Dit is die tien jaar daarna, toe sy rektorskap tot volle ontplooiing gekom het, wat hier aandag moet geniet.

By geleentheid het prof. Rautenbach beweer dat dit hom verbaas "dat daardie werksfeer (die van rektor) so dikwels en vir so lank aan iemand toebedeeld was wat van aard en voorkeur eerder 'n beskouer en peinser as 'n deelnemer en speler is." Tog was daar by hom geen gebrek aan "daadwerklikheid (en) betrokkenheid (by) ampte, dienste, pligplegings ens." nie, soos hy self die werk van 'n rektor gekenskets het. (*Versamelde Geskrifte*, p. 5.)

Aan die ander kant kry mens uit sy geskrifte die indruk van iemand wat wyd gelees en diep nagedink het oor die universiteitswese en die onderwys. Baie van wat hy gesê en geskryf het, het die aard van aforismes: gevat, sprankelend, humoristies. Baie van wat hy uit ander skrywers aanhaal, het dieselfde karakter. Die verleiding is groot om eindeloos daaruit aan te haal. Vir baie mense tipeer dit die mens Rautenbach.

Die Amerikaanse skrywer Allen Drury kenskets hom as volg in sy boek *A very strange society*: "small, precise, a plain but pleasant face, a kindly smile, the great personal warmth and charm of the Afrikaner at his best—Professor Rautenbach." (Aangehaal in *Versamelde Geskrifte*, p.1192.) Vir baie ander is hy "klein van persoon, maar groot van persoonlikheid."

In sy geskrifte kry ons dikwels uitsprake oor die aard van die universiteit. Baie hiervan het hy geput uit sy belesenheid oor die universiteitswese. Sy kennismaking met Kanadese en Amerikaanse universiteite gedurende 'n oorsese reis in 1958 het ook sy blik verbreed. Hy het telkens getrag om sy eie universiteit en die universiteite van Suid-Afrika in perspektief teenoor dié van oorsee te sien.

Vir hom is die universiteit "'n werkgemeenskap van dosente en studente, (en) ander funksionarisse, wat belas is met die bestuur en administrasie . . ." En wat sy eie inrigting betref: "Die Universiteit van Pretoria getuig dat dit sy roeping is om Suid-Afrika te dien in die bevordering van kennis en wetenskap, in die voorbereiding van jong mense vir hulle besondere beroepe, en in die vorming van sy studente as karakter- en gewetensvolle persoonlikhede." (*Versamelde Geskrifte*, pp. 113-114.) Wat hier reeds in 1950 in 'n inligtingsbrosjure in eenvoudige taal beskryf is, daarby het hy gehou. Steeds het hy terug gekom op die diens

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wat die universiteit aan die samelewing moet lewer.

Hy het oor talle aspekte van die universiteit en die onderwys geskryf, te veel om almal hier te behandel. In 'n artikel "Waarheen ons Universiteite" wys hy op die naoorlogse neiging om die universiteite te beskou as "beleggings wat rendement moet lewer, want universiteite is die kweekplekke van natuurwetenskaplikes." Dit lê ook ingebed in die groter finansiële bydraes van die staat en die eis om volgehoue navorsing. "Vir die een is die kontemporêre universiteit wesenlik 'n versameling navorsingsinstitute wat daarby ook onderwys gee; vir 'n ander . . . 'n onderwysinrigting . . . omring van navorsingsondernemings." (*Versamelde Geskrifte*, p. 180.)

Vir hom was navorsing belangrik. Vandaar dat hy reeds in 1948 die Universiteitsraad oorreed het om 'n stuk van die Universiteitsproefplaas tot beskikking te stel vir die oprigting van die WNNR. In 1962 is ter herinnering hieraan 'n gedenkplaat ter plaatse onthul. "Vir my universiteit is dit opperbelangrik dat die WNNR in Pretoria sal setel", het hy gesê. "Met navorsing kom ons op die terrein van die skeppende vernuf," lui 'n ander uitspraak van hom. Maar "'n mens se skepping is natuurlik slegs 'n skepping na die SKEPPING, wesenlik 'n omskepping."

Hy het steeds gewaarsku om nie navorsing en onderwys die een ten koste van die ander te aksentueer nie. Vir hom was die Onderstepoortopset "nog steeds 'n voorbeeld van die regte sintese tussen onderrig en ondersoek." (*Versamelde Geskrifte*, p. 181.) Daarby het die opvoedingstaak van die universiteit by hom swaar geweeg, soos dit in 'n bekende uitspraak van hom beliggaam word: "Die universiteit het 'n drievoudige ineengestrengelde taak—onderwys om kennis, kundigheid en bedrewenheid oor te dra; ondersoek of navorsing om kennis en bedrewenhede met nuwe toevoegings te vermeerder; opvoeding om die student as geestelik-sedelike persoonlikheid te help vorm deur skepping van gunstige voorwaardes daartoe." (*Versamelde Geskrifte*, p. 179.)

Prof. Rautenbach het hom ook besin oor die verhouding tussen universiteit en maatskappy. Daar bestaan 'n voortdurende wisselwerking tussen die twee. "The university is a reflection of life itself and thus of infinite variety", haal hy die Nederlandse opvoedkundige prof. Woltjers aan. Uit die Britse Robbins-verslag haal hy weer die volgende aan: "Universities and colleges have an important role to play in the general cultural life of the community in which they are situated." (*Versamelde Geskrifte* p. 310.)

By geleentheid het hy universiteite beskryf as "intellektuele en geestelike kragstasies van die gemeenskap, wat lig en warmte, kennis, tegniek en kultuur versprei."

By 'n ander geleentheid het dit gegaan oor die verhouding tussen universiteit en staat en hy lewer 'n vurige verweer teen die bewering dat die regering in Suid-Afrika die akademiese vryheid aan bande lê. Dit het volgens hom "genoegsaam geblyk dat Suid-Afrikaanse universiteite relatief outonome korporasies is wat binne heelwat perke, beide ten opsigte van finansiële omhulsel sowel as akademiese kernsake van bestuur, studie, onderrig en eksamens, hulle eie wetgewers en reglementeerders is." "Universiteite bestaan en werk nie in 'n lugleegte nie", het hy verder daarop uitgebrei, "maar in 'n bepaalde land, maatskappy, milieu, geestelike klimaat, politieke en ander omstandighede. Hulle mag nie lewensvreemd word nie en kan nie die vryhede wat vergun word laat misbruik om alle betekenisvolle vryhede te verwoes en akademiese selfmoord te pleeg deur die grondslae van hulle maatskappy te vernietig nie." (*Versamelde Geskrifte*, p. 324.)

Teenoor die eise van oop deure en internasionale ingesteldheid skryf hy: "Geen universiteit kan die pligte teenoor die wêreld en die mensheid nakom as hy nie eers die pligte teenoor eie land, maatskappy en kultuur behartig nie. Doen hy die tweede volg vanself die eerste." (*Versamelde Geskrifte*, p. 310.)

Hy het nog oor baie ander aangeleenthede geskryf wat die universiteit aangaan, byvoorbeeld: *Nuwe onderwysgeluide in die nuwe Afrika*, *Belegging in Universiteite* ("Belegging in die universiteit is 'n belegging vir die toekoms"), *Die toekoms* ("Ek dink nie ek is ligsinnig as ek sê dat die toekoms in Suid-Afrika 'n saak van geloof is nie, maar ek wil daarby voeg dat solank daar 'n geloof is, daar 'n toekoms is" en: "Die toekoms behoort aan die jong generasie, nie deur erfreg of deur voorreg nie, maar deur verdienste, deur ondernemingsgees, deur verwerwing").

In sy bydrae tot die "Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese" (1970), soos saamgevat in 'n memorandum, lewer hy kommentaar oor talryke onderdele, onder andere: *Die wese en funksie van die Universiteit*, *Sy outonomie*, *Sy beheer en beheerstruktuur* ("Hierdie tipe (beheerstruktuur) is afkomstig van die Britse wêreld en die tyd het sy bruikbaarheid bevestig"), *Die betrekking tussen Universiteit en Staat*, *Die betrekking met ander hoër onderwysinrigtings*, *Die betrekking tussen universiteite onderling*, *Die funksie en status van die Komitee van Universiteitshoofde*, *Die funksie van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad*. Verder gaan dit oor al die meer interne aspekte wat die probleemwêreld van 'n universiteit uitmaak, soos: oordra van kennis, studiegewoontes, hulpmiddels, keuring en plasing van studente, bekwaamhede van dosente, aansluiting tussen skool en universiteit, studentevoorligting, die hoë druipsyfer, ens.

By sy aftrede in 1970 het 'n spesiale uitgawe van *Skakelblad* onder redaksie van prof. A.N. Pelzer in samewerking met die hoofskakelbeampte, mnr. C.H. Cilliers, die lig gesien. Daarin het 'n hele aantal persone aan hom hulde gebring. Miskien is dit verkeerd om hulde-uitsprake te gebruik om 'n persoon te karakteriseer, want dié bevat onvermydelik 'n element van oordrywing. Tog gee dit 'n idee van hoe sy tydgenote prof. Rautenbach beoordeel het.

Prof. E.M. Hamman, sy opvolger, sien in hom ". . . leierskap, gepaard met en gekenmerk deur geloof in die Almagtige, geloof in die medemens, idealisme en entoesiasme, gekenmerk deur durf en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

daad, gesonde oordeel, mensekennis en vakkundige bedrewenheid—onontbeerlik vir groei en vooruitgang, onontbeerlik vir die samesnoering van beskikbare kragte en middele, vir die opwek van geesdrif . . ."

"Die mens Rautenbach is nie 'n wondermens nie, maar 'n mens wat met die wonder van ons menswees gemoeid is", skryf prof. C.K. Oberholzer. Prof. P.S. Dreyer betreur dit dat sy filosofie "'n onvoltooide filosofie" gebly het vanweë die feit dat prof. Rautenbach van die Wysbegeerte weggehaal is om rektor te word.

Vir prof. G. Cronjé was daar harmonie tussen die ampte van predikant, professor en rektor wat prof. Rautenbach agtereenvolgens beklee het "omdat hy deur woord en daad gelowige en akademikus gebly het." Dr. Frikkie Meyer, voorsitter van die Universiteitsraad, vertel van die goeie verhouding wat daar steeds tussen die rektor en die Raad geheers het. In verband met toekomsbeplanning, byvoorbeeld, "het sy voorleggings getuig van sy wye belesenheid en deeglike kennis, nie alleen van wat in dié verband by die ander Suid-Afrikaanse universiteite gedoen word nie, maar ook by universiteite in die Europese lande en in Amerika. Sy groot intellek kan tegelyk skerp ontledend en sterk opbouend werk met 'n probleem, en daarby kan sy droë humorsin meermale saam met die vermaak wat dit verskaf ook skielik die probleem oopflits."

So ook sy optrede in die Universiteitsenaat, waar hy volgens prof. E.P. Groenewald, 'n doeltreffende "stelsel van delegering van bevoegdhede deurgevoer (het) . . . met kennis van sake kon hy op 'n onderhoudende manier die breë belange van die universiteit . . . uiteensit en deur dit te doen die senaatslede onder die besef bring van die verantwoordelikheid wat op hulle rus en die ideale wat nagestreef moet word."

Gedurende die ampsperiode van prof. Rautenbach het die Universiteit van Pretoria merkwaardig gegroei, van ongeveer 3 500 in 1948 tot byna 8 000 studente in 1960 en oor die 12 000 in 1970, van 117 voltydse personeel in 1948 en 353 in 1960 tot 613 in 1970. Groei op ander terreine word elders behandel. Hierin was die Universiteit van Pretoria geen uitsondering nie. Dit is ook moeilik om te bepaal wat die aandeel van die rektor hierin is. Hy het hom in elk geval steeds besin oor die faktore wat die groei van 'n Universiteit bepaal. Hy het hom verset teen 'n idee wat in die jare sestig ontstaan het dat 'n universiteit nie meer as 6 000 studente moet hê nie.

'n Afdeling van die Universiteit wat baie dank aan prof. Rautenbach verskuldig is, is seker die Fakulteit Geneeskunde. Toe hy in 1948 rektor geword het, was hierdie fakulteit slegs vier jaar oud. Naas die fakulteit was daar die hospitaal. Hy is reeds in 1950 tot lid van die Hospitaalraad benoem, en word in 1958 voorsitter daarvan, 'n amp wat hy tot na sy uittrede as rektor nog beklee het. Dit was dan ook gepas dat 'n ere-MD-graad in 1970 aan hom toegeken is.

Wat die studente betref, het hy steeds hulle belange in ag geneem en na hulle geluister. "Studenteleiding", skryf hy, "moet ruim geleentheid hê om gehoor te word langs die regte weë met die veronderstelling dat studente by geleentheid reg kan wees en gelyk kan hê". (*Versamelde Geskrifte*, p. 362.)

Sy optrede buite die Universiteit het van verskeie persone woorde van waardering ontlok. Dr. Evert Potgieter, eerste rektor van die Universiteit van die Noorde, het hom geloof vir sy bydrae as voorsitter van die Raad van hierdie inrigting. Prof. G.J. Jordaan, ondervoorsitter van die Nasionale Onderwysadviesraad, het hom geloof vir die werk wat hy as voorsitter van hierdie Raad gelewer het. "Sy vaste geloof en sy heerlike en verfrissende sin vir humor het hom onder die moeilikste omstandighede bygebly. Hy het nooit sinies geword nie—maar altyd bereid gebly om weer te probeer . . . hy sal myns insiens onthou word as die hoofargitek van 'n baie groot stuk van die onderwys in die Republiek."

In 1965 het hy in die Wêreldhof in Den Haag getuienis afgelê in die Suidwes-saak. Volgens minister Pik Botha, wat toe ook lid van Suid-Afrika se regspan was, het hy hom besonder goed van sy taak gekwyt: "Hy het dit met al die intellektuele vermoë, daadkrag en skerpsinnigheid tot sy beskikking gedoen—en almal wat hom ken weet wat dit behels."

As afskeidswoorde by geleentheid van die toekenning van 'n ere-graad het die Kanselier, dr. H. Muller, sy bydrae as volg opgesom:

"Prof. Rautenbach was langer as 'n halfeeu verbonde aan die Universiteit van Pretoria, as student, dosent, hoogleraar en rektor, waarvan meer as 22 jaar as rektor en onderkanselier—die langste wat 'n rektor nog aan die Universiteit gedien het. Hy het diep spore gelaat op die Universiteit van Pretoria se groei en bloei, die uitbouing daarvan tot die grootste residensiële universiteit in die Republiek, met die meeste fakulteite."

Waar prof. Rautenbach hom dikwels teruggetrek het na sy plaas Vyeboomsfontein in die Waterberg, om daar te ontspan en hom te verlustig in sy beesboerdery, was die veronderstelling dat hy daar sou gaan aftree. "Tuis na 'n lang reis—terug in sy eie geweste", het prof. Louis Eksteen in 'n geleentheidsgedig van hom geskryf. Dit was egter geen "Terugkeer van die boer" nie. Hy het ten slotte in Pretoria bly woon, op Lukasrand by sy seun. Daar het sy eggenote hom ontval en daar gaan hy nog voort met lees en dink en skryf.

E.M. Hamman, Rektor 1970–1981

Eduard Muntingh Hamman is op 1 Desember 1912 op Lichtenburg gebore as seun van Johannes Nicolaas Hamman en Martha Catharina Elizabeth Steyn van der Merwe. Sy moeder ontval hom gedurende die griepepidemie in 1918 toe hy slegs vyf jaar oud was, maar sy vader se tweede eggenote, 'n suster van sy moeder, het allesins haar plek ingeneem. Sy skoolopleiding geniet hy eers tuis, onder 'n goewernante, daarna op die laerskool van Lichtenburg en ten slotte aan die Hoër Volkskool, Potchefstroom, waar hy aan die einde van 1929 sy matrikulasie-eksamen aflê. Daarna, in 1930, gaan hy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

voort met studie aan die TUK, wat in dieselfde jaar as die Universiteit van Pretoria selfstandig geword het. Aan die einde van 1932 behaal hy die BA-graad met Romeins-Hollandse Reg, Romeinse Reg en Latyn as hoofvakke en in 1934 die LLB-graad, met lof.

In die laasgenoemde jaar het die Universiteit besluit om 'n derde departement, naamlik dié van Handelsreg, tot die Fakulteit Regsgeleerdheid toe te voeg. Die hoofskap daarvan word aan die pas afgestudeerde Eduard (Eddie) Hamman aangebied, maar op voorwaarde dat hy eers aan die Universiteit van Leiden in die Regte moet gaan promoveer. Met behulp van 'n NZAV-studiebeurs volg hierop drie en 'n half jaar studie in Nederland, wat op 6 Mei 1938 beëindig is met die suksesvolle verdediging van 'n proefskrif: *Die risiko by die koopkontrak in die Suid-Afrikaanse Reg*. Reeds sedert 1 Februarie 1938 aangestel as senior lektor in die Fakulteit Regsgeleerdheid van die Universiteit van Pretoria, keer dr. Hamman onmiddellik na sy promosie na Suid-Afrika terug om hom op 8 Junie 1938 vir diens aan te meld. Hiermee begin 'n byna 44-jaarlange loopbaan aan die Universiteit van Pretoria.

Soos sy geaardheid is, het hy hom nougeset aan sy werk gewy. In 1945 is hy tot professor bevorder, nouliks 33 jaar oud. In 1951 volg hy prof. E.F. Gey van Pittius op as dekaan van die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie, tans bekend as die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe. Op die Uitvoerende Komitee van die Senaat het sy administratiewe bekwaamhede spoedig aan die lig gekom. Die volgende jaar tree hy in die huwelik met mej. Rita de Villiers, wat hom sedertdien trou bygestaan het in 'n loopbaan wat steeds meer verantwoordelikhede meegebring het.

In 1954 word hy lid van die Komitee vir Dissipline (studente) van die Senaat. Ook verteenwoordig hy die Universiteit vir baie jare op die Gemeenskaplike Komitee vir Professionele Eksamens, wat sedert 1960 bekend staan as die Raad vir die Erkenning van Regseksamens. Vanaf 10 Oktober 1957 dien hy ook op die Universiteitsraad as een van die vier verteenwoordigers van die Senaat en hy word op die Finansies- en Eiendomskomitee van die Raad benoem.

Na die aftrede van prof. Pont het prof. Hamman in 1960 ook dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid geword. In die geskiedenis van die Universiteit was daar slegs twee ander persone wat tegelyk dekaan van twee fakulteite was.

Toe die amp van registrateur in 1964 in twee afdelings verdeel is, naamlik die van Akademiese Administrasie en die van Finansiële en Bedryfsadministrasie, is prof. Hamman in beheer van die eersgenoemde aangestel. Volgens prof. A.N. Pelzer, wat na hom in dieselfde pos aangestel is, was die jare 1964 tot 1970, toe prof. Hamman die akademiese registrateur was, "'n ietwat dowwe kol in sy origens briljante loopbaan". Hy wys op die gesleur van kantoorwerk en die prysgawe van akademiese voorregte soos vryheid van beweging, van "persoonlike en selektiewe belangstelling" en "vryheid van besluitneming."

Dit is miskien nie juis dat prof. Pelzer hierdie periode so negatief benader nie. Dit is moontlik dat prof. Hamman sy werk as akademiese registrateur nie so aangevoel het nie. Hy was nooit iemand om om te kyk nie en miskien het hy die akademiese lewe nie in so 'n mate gemis as wat kennelik die geval met sy opvolger was nie. Hy het oënskynlik goed ingepas in die administrasie, goed saamgewerk met sy administratiewe kollegas en ongetwyfeld die werk van sy rektor ligter gemaak. Dan moet ook in ag geneem word dat prof. Hamman seker van meet af daarmee rekening gehou het dat hy prof. Rautenbach as rektor sou opvolg, wat nie die vooruitsig van prof. Pelzer was nie. Die werk as registrateur was ongetwyfeld vir hom 'n leerskool vir die toekomstige taak as rektor. Dit het sy werk in hierdie periode meer perspektief gegee. Nietemin het hy die pos vir slegs vyf jaar aanvaar met die keuse om daarna terug te keer na sy Departement. Maar dit het nie gebeur nie. Eenmaal vasgevang in die administratiewe spinneweb, was daar blykbaar geen loskom nie.

Toe prof. Rautenbach op 1 Julie 1970 uit diens getree het, is prof. Hamman as vanselfsprekende keuse in sy plek as rektor gekies; vir sewe jaar, nie vir tien jaar soos die statuut toelaat nie. Die rede vir die sewe jaar was die feit dat hy daarna die normale aftreeleeftyd sou bereik. Hy is na afloop daarvan vir nog drie jaar herkies en daarna vir nog een jaar. Sy rektoraat duur dus van 1 Julie 1970 tot 31 Desember 1981, 'n periode van elf en 'n half jaar.

Kenmerkend van prof. Hamman se pligsgetrouheid is die feit dat hy 'n aanbod van die Universiteitsraad om voor die aanvaarding van sy rektorale pligte eers saam met sy eggenote oorsee kon gaan om 'n aantal universiteite te besoek, van die hand gewys het. Hy het "dit nie in belang van die Universiteit en die bereddering van die begroting vir 1970—71" geag om te gaan nie. Liewer sou hy later van die aanbod gebruik gemaak het. "'n Besoek (oorsee) na ampsaanvaarding mag meer deure oopmaak." Hierdie kans het dan ook in 1976 gekom toe hy 'n besoek aan Amerika en Europa gebring het.

Waar 'n universiteit soms die voorkoms het van 'n inrigting wat outomaties groei en ontwikkel, is dit moeilik om die aandeel van een persoon in die proses uit te lig. Waar die rektor die "hoof-uitvoerende en hoof-administratiewe beampte" en "lid van alle komitees van die Raad en van die Senaat" is, daar is die neiging sterk om alle ontwikkeling aan hom toe te skryf. Dit is natuur lik nie die geval nie. Beheer en bestuur is onderworpe aan spanwerk, van die Raad tot by die senaat en fakulteite, tot by die dosente en studente en die administratiewe amptenare. Tog kan die rektor nooit uit hierdie proses weggedink word nie. Hy het kragtens sy posisie meestal die leidende aandeel.

Om vergelykings te tref is gevaarlik. Dit was seker nie maklik om in prof. Rautenbach se voetspore te volg nie. Tog was prof. Hamman al vir soveel jaar vertroud met die werking van die Universiteit dat hy met 'n groot mate van vaardigheid die leisels oorgeneem het. Dit sou gou duidelik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

word dat daar 'n ander man aan bewind was, 'n man wat, om 'n geykte uitdrukking te gebruik, sy eie stempel op die periode sou afdruk. Sy stempel was van 'n ander kwaliteit rubber gemaak, maar die afdruk daarvan ewe duidelik.

Van postuur onder die gemiddelde, was hy nie so kort as sy voorganger nie, maar meer geset, miskien die gevolg van jarelange kantoorwerk, daarby was hy 'n kettingroker soos min. Soos sy voorganger was hy ook nie juis vir sport aangelê nie, hoewel hy in sy jonger jare tennis gespeel het. Op latere leeftyd het gholf sy ontspanning geword, maar slegs op Saterdag; in die week was daar nie tyd daarvoor nie. Die frustrasies eie aan die gholfspel frustreer hom blykbaar nie in 'n groot mate nie. Hy aanvaar dit as onvermydelik, soos hy sy taak ook oënskynlik as onvermydelik aanvaar het. Minder geneig tot wysgerige bespieëlings as sy voorganger, het hy miskien 'n meer praktiese benadering gehad. Baie het in sy optrede dié van die regsgeleerde gesien, maar dit wil nie sê dat hy nie oor die universiteitswese nagedink en nagelees het nie. Uit sy toesprake kom dit duidelik na vore, maar die benadering was tog anders.

Prof. Hamman aanvaar die rektoraat op 'n tydstip toe studente-onluste aan talle oorsese universiteite hoogty gevier het. Van meet af aan het hy hierteenoor stelling ingeneem. "Studente-onluste, campusrelletjies, -rewolusie, -anargie (het) die amp van rektor vir menigeen onhoudbaar gemaak", so lui dit in sy inhuldigingstoespraak. Hy voeg daaraan toe dat "ons nog gelukkig en geseënd is" maar "ons moet ons oë nie sluit nie." Dat studente regmatige griewe kan hê, gee hy toe, maar alle universiteite het "konstitusionele prosedures waarlangs dit aanhangig gemaak kan word." Uittarting van gesag kan nie geduld word nie. "Geen inrigting van hoër onderwys is 'n staat binne 'n staat nie," sê hy as't ware prof. Rautenbach na. Akademiese vryheid kan ook 'n "holle kreet" wees.

Hy glo dat in die veranderde en veranderende tyd daar regmatige griewe kan wees. Daarom is dit nodig dat universiteite "voortdurend die hand in eie boesem steek." Hy pleit vir besielde en besielende dosente en weer eens, net soos sy voorganger, wys hy op die drieledige taak van die universiteit: onderwys, navorsing en opvoeding. Hy neem kennis van die kennisontploffing van die jongste tyd en pleit dat akademiese standaarde nie verlaag word met die oog op 'n groter aanvraag om afgestudeerdes nie. "Ons mensemateriaal in hierdie land is so kosbaar en die behoefte aan opgeleide materiaal so groot."

"Vir my", lui sy credo, "is 'n universiteit nie groot gemeet aan die getal studente nie. Vir my word die grootte bepaal deur die gehalte van die onderwys en onderrig wat hy verskaf, deur die kwaliteit en toegewydheid van sy dosente en studente en personeel, deur die kwaliteit mens wat die campus verlaat, deur die gehalte en omvang van publikasies wat daarop volg en die wyse waarop sy studente hulle gedra."

Nog iets waarop hy reeds vroeg in sy rektorale loopbaan klem gelê het, is sy oortuiging dat die Universiteit van Pretoria nie vreemd mag staan teenoor die tradisies van die gemeenskap wat hy dien nie. "Ons is 'n Afrikaanse inrigting", het hy by geleentheid gesê, "wat probeer in ere hou daardie dinge wat vir die Afrikaner altyd betekenis gehad het en sinvol was: sy Christelike godsdiens, sy taal, sy sedes, gewoontes en tradisie—sy geskiedenis. Ons wil nie 'n kleurlose en identiteitslose inrigting wees nie." In sy begin-van-die-jaar-toesprake aan ouers en eerstejaarstudente kom hierdie begrip telkens na vore. "Ons wil die Universiteit graag sien as 'n verlengstuk van ons studente se ouerhuis, skool en kerk", het hy een jaar gesê. En by 'n ander geleentheid: "Wees kerkgebonde, volksgebonde en taalgebonde. Handhaaf die fundamentele geestelike, sedelike en karakterwaardes in ons volkslewe. Aanvaar die uitdagings van hierdie eeu en wees progressief met behoud van julle beginsels."

Origens het sy boodskap oor studeerpligte van studente geen ruimte vir twyfel gelaat nie: "Hier is slegs studente welkom wat dit ernstig met hulle studies bedoel. Ons het geen plek vir rondloperstudente nie." Die hoë druipsyfer en die slytasie onder eerstejaars het hom die vraag laat stel of die Universiteit nie meer selektief moet wees ten opsigte van wie toegelaat moet word nie. "Moet ons studente dra en verdra wat nie met hulle studie vorder nie?" "Dra en verdra", telkens kom hierdie woorde in sy vraagsinne voor. In opvolging hiervan is voorwaardelike toelating afgeskaf, die tydperk toegelaat vir kursuswysiging van 30 na 21 dae verkort, en so meer. Ook is studentevoorligting aansienlik uitgebrei.

Daarteenoor het ook die verbetering van doseerwerk, aanstellingsprosedures, bevordering, navorsing, kongresverlof, beter fasiliteite, meer en beter geboue, biblioteekdienste, studentehuisvesting, sportgeriewe ens. meer aandag ontvang. Waar al hierdie dinge elders meer in besonderhede bespreek word, sal die opmerksame leser hopelik daar 'n idee kry van die rol en bydrae van die onderskeie rektore, elkeen binne sy eie tydperk. Volgens prof. Pelzer, en hy behoort te weet, het prof. Hamman 'n leidende aandeel gehad in al die uitbreidings en vernuwings wat in sy tyd plaasgevind het.

Met die uitbreiding van die Universiteit het uitbreiding van die administratiewe sektor noodsaaklik geword. Op 1 Januarie 1974 word die pos van vise-rektor ingestel; die Departement van die registrateur (Finansies) word in twee verdeel en daarmee ontstaan die Departement Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie. Van 1 Januarie 1979 af is 'n tweede vise-rektorspos ingestel, waarmee die topbestuur (rektoraat) 'n nuwe aansien gekry het en nog meer as voorheen as 'n span saamgewerk (en -getrek) het.

Met die naderkom van die aftrede-oomblik het huldigings en blyke van erkenning nie ontbreek nie. Die studenterade het aan hom jaar na jaar dank betuig "vir sy voortdurende en simpatieke aandag", "sy oopdeurbeleid en genaakbaarheid", en "sy opregte begrip en insig waarmee hy die studente se belange vooropgestel het." Dit is bekroon

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

met 'n erepenning wat die Verenigde Studenteraad hom aangebied het, en 'n borsbeeld wat die Binnemuurse Studenteraad van hom laat maak en op 9 Oktober 1980 as deel van die halfeeu-herdenking van die Universiteit aan hom oorhandig het. Laasgenoemde pryk tans in die ingang van die Gebou vir Opvoedkunde en Regsgeleerdheid op die Ooskampus.

Nog 'n erepenning het hy op 18 Junie 1981 van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang "vir die bevordering van die universiteitswese van Suid-Afrika." As lid van die Akademie het hy vir twee termyne op die raad van dié liggaam gedien. Op 19 September 1980 het die Universiteit van Suid-Afrika 'n eregraad, Doctor Legum, aan hom toegeken, onder andere vir "sy aandag en skynbaar moeitelose organisasie en administrasie, sy minusieuse aandag aan detail en daarmee saam sy vermoë, tipies van hom as regsgeleerde, om tot die kern van 'n probleem deur te dring en dit met 'n paar skerp, diep sneë aan ander bloot te lê." Sy eie universiteit het dit meer nugter gestel toe hierdie inrigting aan hom op 11 September 1981 ook 'n eregraad, ook Doktor Legum, toegeken het "vir sy bydrae tot die regsonderrig, die regswetenskap en sy invloed in die Fakulteit by die uitbouing van die sistematiese regstudie, asook in die algemeen vir sy velerlei uitmuntende bydraes tot die Universiteit van Pretoria insonderheid as Rektor vir 'n tydperk van elf jaar."

Vermeldenswaardig is dat prof Hamman ook lid was van die Adviserende Universiteitskomitee (1972–1975), van die Adviserende Raad op Universiteite (1976–1981) en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (vanaf 1979).

Miskien gee die uitspraak van sy jarelange kollega en medewerker, prof. Pelzer, die beste karakterisering. "Self was hy te beskeie om daarvan te praat en daarom kan alleen persone wat lank saam met hom gewerk en naby hom geleef het, getuig van sy haas ongelooflike werkywer, sy deeglikheid en korrektheid, sy vermoë om te konsentreer en sonder inspanning dinge te onthou; sy medemenslikheid en sy bereidwilligheid om homself steeds swaarder te belas as om take aan ondergeskiktes oor te dra ... sy vasberadenheid en deursettingsvermoë sonder om onbuigsaam te wees. In sy lewe is 'n vastigheid en bestendigheid aangetref wat sonder weerga is ... Hy openbaar homself (in sy meer as 500 toesprake) as 'n openhartige, eerlike mens wat daarvan hou om sonder om aanstoot te gee, reguit te praat ... deurgaans onberispelik 'n heer en 'n man met groot integriteit—progressief en aanpasbaar maar tog behoudend en veranker aan die fundamentele wat nog altyd inhoud en betekenis aan sy volk se lewe te gee het. Ewige waardes was vir hom 'n leidende lig in sy lewe, het inhoud en betekenis daaraan gegee en hom in staat gestel om ook inhoud en betekenis aan die lewe van duisende ander te gee. Dit is soos hy is, die mens Eduard Muntingh Hamman." (*Skakelblad*, 1981).

D.M. Joubert, Rektor sedert 1982

Met ingang 1 Januarie 1982 is prof. D.M. Joubert aangestel as die agste vise-kanselier en rektor van die Universiteit van Pretoria.

Gebore in Pretoria op 4 November 1928, het Daniel Malan Joubert sy skoolopleiding aan die laerskool Pretoria-Oos en die Pretoria Boys' High School ontvang. Sy vader was onderwyser in Afrikaans aan die laasgenoemde inrigting. Van 1946 tot 1949 studeer hy aan die Universiteit van Pretoria en behaal die graad BSc(Agric) met onderskeiding in die vak Veeteelt. Hierna word hy navorser in die Landbounavorsingsinstituut van die Departement Landbou. Onderwyl sit hy sy studies voort en behaal in 1952 die graad MSc (Agric) met lof op 'n verhandeling : *The influence of winter nutritional depressions on the growth, reproduction and production of cattle.*

In 1953 tree hy in die huwelik met Annatjie Wessels, 'n huwelik waaruit twee dogters gebore is.

Met 'n beurs van die Vleisraad vertrek hy in dieselfde jaar na die Universiteit van Cambridge, waar hy as navorsingstudent aanvaar word deur die wêreldbekende dierefisioloog sir John Hammond. Hier verkry hy in 1955 die graad PhD op 'n proefskrif: *Studies on pre- en postnatal growth in animals.* "He is a very industrious and conscientious worker and a pleasant man to get on with," skryf die bogenoemde professor later in 'n getuigskrif van hom.

Terug in Suid-Afrika word dr Joubert in 1956 aan die Universiteit van Pretoria as senior lektor in Veeteelt aangestel en in 1960 word hy bevorder tot professor in Skaap- en Wolkunde. In 1962 word hy assistent-direkteur van die Transvaalstreek van die Departement Landbou-tegniese Dienste. In hierdie stadium van sy lewe publiseer hy omvangryk, ten slotte ruim 340 wetenskaplike publikasies, asook sowat 45 verslae van ondersoeke waarby hy betrokke was, onder andere die omvattende ondersoek na die opleiding van boere wat veranderinge meegebring het aan die opleiding aan landboukolleges en die vestiging van permanente opleidingsfasiliteite vir die Fakulteit Veeartsenykunde aan die Universiteit van Pretoria.

Met ingang 1 Desember 1961 bedank hy as professor om, teen 'n kleiner salaris, hoof van die Transvaalstreek te word. Tog bly hy vir 'n tyd nog aan as medeprofessor in Skaap- en Wolkunde en is die band met die Universiteit voorlopig nie finaal verbreek nie.

In die jare wat hierop volg, is prof. Joubert toenemend werksaam op die gebied van vakbevordering. Hy help met die stigting van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Diereproduksie (voorsitter 1966–1968, erepresident 1980–1981).

Hy is betrokke by die World Association for Animal Production (raadslid 1968), die Nasionale Vereniging van Natuurwetenskaplikes (raadslid 1968–1970), die Skakelkomitee vir Vakverenigings met Landboukundige Verband (voorsitter 1970–1977), die Suid-Afrikaanse Raad vir Professionele Veekundiges (voorsitter 1973–1977), die Suid-Afrikaanse Biologiese Vereniging (president 1970), die Gesamentlike Raad van Natuurwetenskaplike Verenigings (president 1976), die Suid-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (raadslid sedert 1977), die Suid-Afrikaanse Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap (president 1980–1981).

Origens is hy betrokke by redaksiewerk. Van 1961 tot 1964 tree hy op as die eerste redakteur van die *Handelinge van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Diereproduksie*: hy is van 1966 tot 1976 redaksievoorsitter van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Landbouwetenkap* en van 'n aantal tydskrifte wat daaruit gebore is. Daarbenewens is hy medewerker van nog 'n aantal binne- en buitelandse publikasies en is hy verantwoordelik vir die Buro vir Wetenskaplike Publikasies, waar hy as eerste voorsitter van 1976 tot 1979 optree.

In 1970 is prof. Joubert bevorder tot 'n direkteur van die Departement Landbou-tegniese Dienste en in dié hoedanigheid besoek hy op 27 reise byna alle lande in Suider-Afrika. Daarna keer hy terug as direkteur van die Transvaalstreek. In 1976 verkry hy 'n DSc-graad aan die Universiteit van Stellenbosch op 'n proefskrif: *Contributions to the science of animal production with reference to growth and reproduction performance.*

Die jaar daarop, 1977, word prof. Joubert visepresident van die WNNR. Hier beywer hy hom vir die saak van beroepserkenning vir natuurwetenskaplikes en berei die konsepwet voor wat op 15 Maart 1982 deur die Volksraad aanvaar is. Sy verbintenis met die Universiteit van Pretoria is nooit heeltemal verbreek nie. Vir 17 jaar dien hy op die Raad van die Bond van Oudstudente, nege jaar as voorsitter, en word lid van die Universiteitsraad.

Prof. Joubert het 'n groot aantal toekennings in sy loopbaan ontvang; onder andere die Havengaprys, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1966, een van die vier Besondere Jongmanne van die Jaar, Junior Kamer, Suid-Afrika, 1967, die Goue Medalje, Suid-Afrikaanse Vereniging vir Diereproduksie, 1972, die Senior Kaptein Scott-medalje, Suid-Afrikaanse Biologiese Vereniging, 1972, die Lourierkranstoekenning, Bond van Oudstudente, Universiteit van Pretoria, 1978, Fellow of the Institute of Biology of London, 1978, Fellow of the Royal Society of South Africa, 1979, en die Merietesertifikaat, Suid-Afrikaanse Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap, 1980.

Sedertdien het hy ook die oudste wetenskaplike eerbewys in Suid-Afrika (gestig 1904) van die Suid-Afrikaanse Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap ontvang.

Met ingang 1 Januarie 1979 is prof. Joubert eenparig deur die Universiteitsraad aangestel as een van die twee vise-rektore (naas prof. A.N. Pelzer) van die Universiteit van Pretoria. As vise-rektor het hy die nodige ondervinding en insae gekry in die taak wat as rektor op hom sou wag.

Toe prof. Joubert aan die begin van 1982 visekanselier en rektor geword het, het hy ook die veelvuldige take geërf wat aan hierdie amp verbonde is. Ook in hierdie geval is 'n mens op die talryke groter en kleiner toesprake aangewys om 'n idee te kry van hoe hy sy werk opneem. "'n Universiteit is 'n instansie, 'n liggaam, met talle groot vryhede inherent aan sy sisteem," het hy die nuwelinge van 1982 meegedeel, "maar vryheid is nooit los te maak van verantwoordelikhede nie":—teenoor ouers, Universiteit en die belastingbetaler wat ook 'n aandeelhouer aan hierdie inrigting is.

Verder het hy hulle vertel wat die Universiteit van hulle keuse alles behels: 16 500 studente, 17 kampusse of dienspunte, elf fakulteite, 129 departemente, 'n aantal institute en navorsingspunte, 50 studenteverenigings, 29 sportklubs, ens. Ook het hy gewys op die euwel van studiestakings en druipings en die noodsaak vir gemotiveerde studies.

Met sy inhuldiging as rektor het hy die volledigste rekenskap gegee van sy opvattings oor die universiteitswese in die algemeen en die Universiteit van Pretoria in die besonder. Dit gebeur op die aand van 29 April 1982, soos gewoonlik 'n kleurvolle geleentheid, waartoe die veelkleurige togas van die eregaste van feitlik al die universiteite van die land en ook ander persone nie die minste bygedra het nie.

Hy begin sy rektorale intreerede op 'n interessante persoonlike noot : generaal Piet Joubert, wat in die vorige eeu saam met president Paul Kruger al 'n universiteit in Transvaal probeer stig het, was alleen sover as Gideon, die seun van die stamvader Pierre Joubert, verwant aan hom. Aan moederskant was sy grootvader François Stephanus Malan, eienaar van die plaas Welbedacht, waar die taalstryder C. P. Hoogenhout, vader van die tweede rektor van die Universiteit van Pretoria, die Groenbergse plaasskool bedien het. Hyself het in die skadu van die Ou Letteregebou grootgeword. Twee persone uit die eerste groep studente aan die TUK het 'n aandeel aan sy opvoeding gehad: mej. Tillie Faure, prinsipale van Pretoria-Oosskool, en mnr. G. Radloff, onderwyser aan die Pretoria Boys' High School.

Daarop karakteriseer hy sy sewe voorgangers in die rektorsposisie: Alfred Croom Paterson, "'n vadersfiguur;" N. M. Hoogenhout, "wat die belange van die student bo alles gestel het;" A.E. du Toit, wat die inrigting tot selfstandigheid en tot Afrikaanswording gelei het; C. F. Schmidt, gewese Kontroleur en Ouditeur-generaal ("Ek onthou Rektor Schmidt se motor, selfs die kleur daarvan en waar hy parkeer het"); M. C. Botha, wie se rektorskap "een van toenemende wrywing en onmin was"—"'n betekenisvolle termyn in die universiteitsgeskiedenis"; C. H. Rautenbach, wat die amp "met besondere insig en waardigheid vir meer as 22 jaar" beklee het; E. M. Hamman, wat die inrigting tot 'n "groot universiteit" gelei het, en met wie hy self vir drie jaar van sy elfjarige termyn "ten nouste" saamgewerk het.

"Dit dan", sê hy, "is die agtergrond waarteen ons . . . die rektorskap moet sien vir sover dit die volgende dekade betref." Hy maak hom "geen illusies hoegenaamd . . . oor die aard van (sy) verantwoordelikhede nie." Vir hom is die Universiteit van Pretoria "allereers 'n enorme besigheidsinstelling met 'n lopende begroting wat dit plaas in die kategorie van groot kommersiële ondernemings."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Waar dit vir 75% finansieel afhanklik van die staat is, waarsku hy teen staatsbeheer wat nòg vir die een nòg vir die ander bevorderlik sal wees.

Die universiteit moet volgens hom die "allerhoogste akademiese norme stel en standaarde nastreef." Dit is die eerste taak van "'n dosentekorps bestaande vandag uit 222 professore en 674 lektore ... ondersteun deur 473 nie-doserende fakulteitspersoneel."

Hy ag hulle verantwoordelikheid "teenswoordig oneindig groter as wat dit was toe universiteite bloot inrigtings vir tersiêre onderwys was," want sedertdien het weer belangrike verpligtings bygekom, naamlik navorsing en dienslewering.

Navorsing het sy voorgangers alreeds beklemtoon. Dat dienslewering aan die publiek vir hom so belangrik is, is miskien te verklaar uit sy eie akademiese agtergrond in die landbouwetenskappe.

Hy wys op die "twintigtal gespesialiseerde navorsingsinstitute, -buro's en -eenhede binne die Universiteit van Pretoria." Dienslewering het begin met die Kinderleidinginsituut en later uitgebrei op talle gebiede. "Teenswoordig kring die konsep van dienslewering wyer uit. Dit bring die universiteit in kontak met die buitewêreld op 'n wyse wat ons nie kan bekostig om nie aan te gryp nie." Maar daarteenoor waarsku hy dat die "akademiese perke" nooit oorskry mag word nie. 'n Universiteit is geen "ivoortoring" meer nie, maar "'n huis met wawydoop vensters." Dit rus op vier pilare: studente, dosente, administratiewe amptenare en navorser-dienslewerars.

Van die studente is nege persent, dit wil sê meer as 'n duisend, Engelssprekend. "In welcoming such students in our midst, all we ask is: please come with an open mind and join in the exercise, but not with a total disregard of the ruler." Van die totaal van nagenoeg 16 500 studente is 68 persent uit Transvaal afkomstig en ongeveer die helfte uit die Pretoriagebied. Weer wys hy op "ons grootste enkele knelpunt," die slytasie van eerstejaars, en die pogings om dit te verhelp.

Vir die toekoms sien hy "afplatting van studentegetalle" en "skraler finansiële toekomsverwagting." Wat die fakulteite betref, neem die getalle van Lettere en Wysbegeerte reeds sedert 1977 af, ook Wis- en Natuurkunde na 'n styging in die laat jare sewentig, Landbouwetenskappe toon sedert 1976 'n toename, Regsgeleerdheid "'n duidelike groeipatroon" weens meer dames wat die kursus volg, Teologie Afdeling A "'n volgehoue matige styging", Afdeling B 'n daling sedert 1977, toe te skryf aan die instelling van 'n dergelike fakulteit aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Ekonomiese en Staatswetenskappe "'n konstante groeipatroon" en Ingenieurswese "getalswisseling toe te skryf aan fluktuasies in die landsekonomie." Die Fakulteite Veeartsenykunde, Geneeskunde en Tandheelkunde word buite rekening gelaat, aangesien die getalle daar beperk word.

Nagraadse inskrywings het gestyg van 19 persent in 1961 tot 26 persent in 1982, wat die nuwe rektor nog teleurstellend vind. Die akademiese peil van 'n universiteit word eintlik op nagraadse vlak bepaal.

As "hoogste prioriteite" op fisiese gebied voorsien hy 'n nuwe akademiese hospitaal, toevoegings tot die Fakulteit Veeartsenykunde en die Departemente Chemie en Plantkunde, 'n doelmatige studentesentrum en woongeriewe vir getroude studente.

Ten slotte pleit hy vir 'n voortdurende kontak met buitesektore, met ander universiteite, binne- en buitelands, en ander inrigtings vir tersiêre onderwys. Dan is daar die belangrike verhoudings met die breë publiek, die ouergemeenskap, die Bond van Oudstudente, die Stadsraad van Pretoria en die twee susterkerke.

Die eerste jaar van sy rektorskap was vir prof. Joubert "om verskeie redes, waarskynlik die bedrywigste in ons geskiedenis," soos hy aan die einde daarvan aan die Bond van Oudstudente verslag gedoen het. Dit was veral die jaar van feesvierings na aanleiding van die vyftigste herdenking van die Afrikaanswording van die Universiteit van Pretoria.

Vise-rektor

Dit is begryplik dat daar 'n stadium in die ontwikkeling van 'n universiteit moet kom wanneer die rektor, ten spyte van al die administratiewe hulp tot sy beskikking, nie meer in staat is om al die verpligtinge aan die pos verbonde alleen te behartig nie, en dat daar iemand aangestel moet word om sommige van die pligte oor te neem. Hierdie stadium het die Universiteit van Pretoria in 1973 bereik.

Op voorstel van die voorsitter en ondervoorsitter van die Universiteitsraad dat daar "voorsiening van hulp vir die Rektor" gemaak moet word, het hierdie liggaam op 17 September 1973 besluit "dat die pos van Vise-rektor met ingang 1 Januarie 1974 ingestel word" en verder "dat prof. A.N. Pelzer deur die Raad vir aanstelling as Vise-rektor genomineer word." Hierdie aanbeveling is, ooreenkomstig die prosedure by die benoeming van 'n rektor, na die Senaat deurgestuur "vir sy oordeel ... en vir byvoeging van 'n verdere naam of name." Die Senaat het op 31 Oktober 1973 die aanbeveling eenparig goedgekeur sonder om enige ander naam by te voeg.

Die aanstelling van 'n dergelike persoon of persone as hulp vir die universiteitshoof kom ook by ander universiteite voor. Dit laat mens dink aan die benoeming van die vise-kanselier aan Middeleeuse universiteite om die kanselier by te staan, maar met hierdie belangrike verskil dat die viserektor in geen geval die werklike taak van die rektor oorneem nie.

Die "Pligte en bevoegdhede van die Adjunk/Vise-rektor", soos in 'n reglement vasgelê, is uitvoerig. Dit behels onder andere: optrede in die plek van en namens die rektor as hy afwesig is of by ander geleenthede, goedkeuring van aansoeke om verlof of buitewerksaamhede van akademiese personeel vir sover normaal, bywoning van senaats-, fakulteits- en talle komiteevergaderings,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verteenwoordiging van die rektor op bestuursrade van navorsingsinstitute, beheer oor die studentediensburo, skakeling namens die rektor met navorsingsinstansies buite die Universiteit, die waarneem van onderwysersopleiding in die Universiteit, die tewoordstaan van ouers en studente, hantering van korrespondensie namens die rektor, oorname van sommige van die rektor se "laste" insake bywoning van funksies en onthale, ens.

In 1975 is daar 'n stap verder gegaan toe die Raad besluit het dat die Vise-rektor "by afwesigheid van die Rektor te enige tyd . . . die bevoegdhede van die Rektor mag uitoefen asook dat hy die verpligtinge van die Rektor moet nakom" Dit was dan in werklikheid ook die geval toe prof. Hamman daardie jaar vir enkele maande oorsee was.

Die instelling van die pos van vise-rektor en later van vise-rektore is hierna in die wet en in die statuut van die Universiteit van Pretoria vasgelê. So, byvoorbeeld, lees wet no. 59 van 1975 (Wysigingswet op die Universiteit van Pretoria): "Die Raad kan een of meer vise-rektore van die Universiteit aanstel met die diensvoorwaardes, bevoegdhede en pligte wat die Raad by besluit bepaal."

Soos hierbo aangedui, was prof. A.N. Pelzer die enigste kandidaat vir die pos en hy beklee dit van 1 Januarie 1974 af. Tot op daardie tydstip was hy Hoof van die Akademiese Administrasie en Registrateur.

Adriaan Nicolaas Petrus Pelzer is op 25 Desember 1915 op Ermelo, Transvaal, gebore, waar hy ook sy skoolopleiding ontvang en in Desember 1932 matrikuleer het. Hierna word hy student aan die Universiteit van Pretoria: BA 1935—Geskiedenis (met lof) en Afrikaans; HOD 1936 (met lof); MA 1937—Geskiedenis (met lof). Sy MA-verhandeling, *Die arm-blankeverskynsel in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1882—1899*, vertolk alreeds sy voorliefde vir sosiale verskynsels in die geskiedenis.

In 1938 vertrek hy na Nederland om aan die Vrye Universiteit van Amsterdam onder prof. J. Waterink in die Opvoedkunde te studeer. Daar lê hy in Junie 1939 die doktorale eksamen met lof af; hoofvak: Geskiedenis van die Onderwys en Algemene Pedagogie; byvakke: Pedologie en Sosiologie. Sy proefskrif was pas klaar en die promosiedatum, 24 Mei 1940, reeds bepaal toe die Duitse inval in Nederland op 10 Mei 1940 plaasvind. Hy slaag daarin om op die laaste nippertjie Nederland te verlaat en via Engeland terug te keer na Suid-Afrika. Sy doktorsgraad in die Opvoedkunde, DPhil, verkry hy in April 1941 aan die Universiteit van Pretoria op die proefskrif wat hy in Nederland voorberei het, naamlik *Die reëlings vir en die organisasie van die Laer, Middelbare en Voorbereidend—Hoër Onderwys in Nederland met 'n vergelykende toepassing op ooreenkomstige verhoudinge in die Unie van Suid-Afrika.*

Enkele maande later, op 28 Junie 1941, tree dr Pelzer in die huwelik met Reinette Denyssen van Pretoria. In hierdie stadium was hy onderwyser aan die Hoërskool Vereeniging, van Augustus 1940 tot Desember 1941. Uit die huwelik is twee dogters en 'n seun gebore.

Met ingang 1 Januarie 1942 word hy aangestel as lektor in die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, en hy word in Augustus 1946 bevorder tot senior lektor. Na die oorlye van prof. I.D. Bosman in Maart 1947 is dr. Pelzer vanaf 1 Junie 1947 as hoof van en professor in die Departement Geskiedenis aangestel.

Hoewel hy in die Opvoedkunde gepromoveer het, het prof Pelzer intussen heeltemal in die vak Geskiedenis opgegaan. Hy het uitgebreide navorsing in die ou Transvaalse geskiedenis onderneem vir 'n groots opgesette werk, waarvan die manuskrip van die eerste deel gereed was toe sy aanstelling as professor oorweeg is. Oor die aard van hierdie werk het hy soos volg verslag gedoen: "Ek beskou dit . . . as my taak om aan die Geskiedenis 'n nuwe interpretasie te verleen en in die verband die ontwikkelingsgang van die Transvaalse Geskiedenis oor die hele tydperk aan te dui." Prof. S.P. Engelbrecht het 'n insae in die manuskrip gekry en baie gunstig daaroor getuig in 'n brief aan die destydse dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, prof. C.H. Rautenbach. Hy noem dit "die eerste poging van sy soort en kan vergelyk word met Busken Huet se 'Land van Rembrandt' of Jan Romein se 'De Lage Landen bij de Zee'."

Hierdie voortreflike werk, *Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel I, Wordingsjare*, het in 1950 verskyn. Ongelukkig het dit hierby gebly. Weens steeds toenemende administratiewe werksaamhede, onder andere as dekaan, en ondanks ver gevorderde navorsing mettertyd voltooi is, het die voortsetting van hierdie publikasie in die slag gebly. Hy het in 1963 nog in die argiewe van Lissabon, Londen en Den Haag navorsing gedoen. Deel II en 'n moontlike Deel III het nooit verskyn nie.

As dosent en departementshoof het prof. Pelzer met besondere toewyding en sukses gewerk. Met slegs een jaar onderbreking dien hy van Oktober 1954 tot Maart 1970 as dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Van 1961 tot Junie 1970 dien hy as senaatsverteenwoordiger op die Universiteitsraad, ook op die Finansies- en Eiendomskomitee, die Roosterkomitee en die Navorsingskomitee. Vir nege jaar verteenwoordig hy die Universiteit op die Gemeenskaplike Matrikulasieraad en daarna vir drie jaar op die Komitee van Universiteitshoofde. Buite die Universiteit van Pretoria dien hy ook vir korter of langer tyd op die universiteitsrade van die Randse Afrikaanse Universiteit vanaf 1956, die Universiteit van Suid-Afrika vanaf 1967, die Universiteit van Wes-Kaapland vanaf 1976 en die Mediese Universiteit van Suider-Afrika.

Op vakkundige gebied was prof Pelzer van 1949 tot sy oorlye in 1981 lid van die Argiefkommissie, vir die laaste twaalf jaar voorsitter, en sedert 1950 lid van die redaksiekomitee van die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*. In 1956 is hy medestigter van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika en hy dien tot 1970 op die hoofbestuur daarvan, terwyl hy ook hoofredakteur van die blad *Historia* vir dieselfde tydperk was. In 1948 is hy medestigter van die Genootskap Oud-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Pretoria en hy dien daarna vir 'n geruime tyd op die bestuur daarvan. Tot 1970 was hy vir nege jaar lank lid van die Historiese Monumentekommissie (tans Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede). Hy was ook lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, voorsitter van die Geskiedeniskomitee van die FAK en lid van die Komitee vir die Restourasie van Slagvelde.

Hy was lid van die Uitvoerende Komitee van die FAK en, vanaf die instelling daarvan in 1949, lid van die Beheerraad van die Voortrekkermonument. Hy was vir jare lank bestuurslid van die Krugergenootskap en ook van die Stigting Simon van der Stel. In 1964 word hy lid van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing en ook van die Raad van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum.

Belangstelling in sport, meer in die besonder rugby, het gelei tot 'n belangrike aandeel in die administrasie daarvan. Van aanvanklike afrigter van 'n koshuisspan het hy president van Tukkies se rugbyklub geword—veertien jaar lank. Van 1950 tot 1977 was hy ook vise-president en lid van die Uitvoerende Komitee van die Noord-Transvaalse Rugby-unie en van die begin van 1979 lewenslange vise-president daarvan. In opdrag skryf hy *Tukkiesport 1930–1980*, 'n publikasie wat na sy dood in 1982 verskyn het.

Naas die bogenoemde vakkundige publikasies kan nog genoem word twee kleiner werkies wat albei in 1944 verskyn het, naamlik *Jan van Riebeeck, 1618–1677* en *Die Portugese Baanbrekers*; en dan ook *Verwoerd aan die woord, Toesprake 1948–1966*, en *Die Afrikaner-Broederbond, eerste 50 jaar*, wat onderskeidelik in 1966 en 1979 die lig gesien het.

Blyke van erkenning het nie uitgebly nie; onder andere: 'n goue gedenkpenning van die burgemeester van Pretoria in 1954 vir sy aandeel aan die verskuiwing van die Krugerstandbeeld, 'n silwer penning vir sy aandeel aan die eeufeesviering van Pretoria in 1955, nog 'n goue gedenkpenning van die direksie van Slagvelde van Suid-Afrika vir sy aandeel aan hierdie werk, en nog een van die Beheerraad van die Voortrekkermonument. In 1977 ontvang hy 'n besondere toekenning van die Bond van Oudstudente en in 1979 nog een van die FAK met die vyftigjare bestaan van hierdie organisasie "vir volgehoue bevordering van Afrikaner-geskiedeniskennis". Van die Sportkomitee van die Universiteit van Pretoria ontvang hy 'n toekenning "vir uitstaande diens aan Tukkiesport". Ook ontvang hy die erelidmaatskap van die Afrikaanse Kultuurraad van Pretoria en van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede. Met die 50-jarige herdenking van die Universiteit van Pretoria, 10 Oktober 1980, is ook aan hom 'n eregraad, DLitt, toegeken.

Toe hy met ingang 1 Julie 1970 die pos van Hoof van die Akademiese Administrasie en Registrateur aanvaar het, het hy blykbaar finaal afskeid geneem van verdere navorsing op sy vakgebied. Op dieselfde datum het sy voorganger in die pos, prof. Hamman, rektor geword. Reeds in Februarie 1970 het prof. Hamman hom per brief bedank dat hy die betrekking aanvaar het en daaraan toegevoeg: "Daar lê baie interessante tye en toestande voor . . . Dat u die liefde behou vir die studie, al sal dit grootliks na 'n ander terrein verskuif, sal ons alma mater ten goede strek." Tog het dit prof. Pelzer moeilik geval om die doseerwerk en omgang met studente vaarwel te sê en was daar, altans in die beginjare, 'n mate van frustrasie by hom merkbaar. Maar soos hy homself nooit eerste gestel het nie, het hy hierdie taak en ook later die van vise-rektor met volle toewyding vervul.

Om te voorkom dat hy en prof. Hamman aan die einde van 1980 tegelyk aftree en dat twee onervare persone dan die leiding van die Universiteit sal moet oorneem, het prof Pelzer besluit om vroegtydig, aan die einde van 1977, af te tree en sy bedanking daardie jaar ingedien. Sy bedanking is aanvaar, maar aangesien daar toe besluit is om 'n tweede vise-rektor te benoem, is hy vir 1978 in tydelik-voltydse hoedanigheid in die pos herbenoem en daarna weer vir 1979 en 1980. So het hy dan met bereiking van die aftreeleeftyd aan die einde van 1980 uit die diens van die Universiteit getree.

Prof. Pelzer sal onthou word vir sy innemende persoonlikheid, sy vermoë om met mense om te gaan, sy hardwerkendheid, sy buitengewone administratiewe bekwaamhede, sy vermoë om 'n saak te begryp en helder te beredeneer— iets wat telkens opval by die deurlees van die stukke van die Universiteit. Daarby was hy 'n geleentheidspreker soos min.

Aan die einde van 1980 is van hom afskeid geneem as die eerste vise-rektor van die Universiteit van Pretoria. Hy is daarop van 1 Januarie 1981 af aangestel as senior navorser met as opdrag om die geskiedenis van die Universiteit van 1960 tot 1982 te skryf— dit wil sê die tweede deel van *Ad Destinatum*, waarvan hy van die eerste deel ook medeskrywer was. Hierdie werk het hy met sy kenmerkende ywer aangepak, maar skaars tien maande later, op 15 Oktober 1981, is hy in sy slaap oorlede.

Tweede vise-rektor

Die instelling van 'n tweede vise-rektoraat kan beskou word as 'n uitvloeisel van prof. Pelzer se bedankingsbrief van 11 Junie 1977. Hy bied aan om plek te maak vir 'n ander persoon wat dan reeds vir 'n paar jaar as vise-rektor die werking van die Universiteit kon leer ken het voor daar 'n nuwe rektor aangestel word. Daar was toe blykbaar al sprake van die aanstelling van 'n tweede vise-rektor en prof. Pelzer maak in sy brief ook melding daarvan, maar hy spreek die mening uit dat 'n dergelike nuwe amp onder die destydse ekonomiese omstandighede nie wenslik sou wees nie.

In September 1977 dien 'n memorandum van die rektor voor die topbestuur insake die "toekomstige samestelling van die Topbestuur." Wanneer die term topbestuur in gebruik gekom het, is nie uit te maak nie. Dit is later vervang met rektoraat. In hierdie stadium het die topbestuur bestaan uit die Rektor, die Vise-rektor, die twee Registrateurs (Akademies en Finansies) en die Direkteur

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie). In die memorandum word die aandag daarop gevestig dat al die lede van die toenmalige topbestuur binne 'n periode van 18 maande, van 30 Julie 1980 tot 31 Desember 1981, moes aftree. Vir die laasgenoemde drie departementshoofde was daar wel geroetineerde amptenare wat hulle plekke kon inneem, maar vir die rektor en vise-rektor nie. Dit is noodsaaklik geag dat ten minste een persoon by aanstelling van 'n nuwe rektor oor 'n paar jaar ervaring as vise-rektor moet beskik. Op grond hiervan word die aanstelling van 'n tweede vise-rektor aanbeveel.

Hierdie aangeleentheid is na 'n Raadskomitee verwys wat op sy beurt 'n uitvoerige memorandum oor die "toekomstige samestelling van Topbestuur" aan die Raad voorgelê het. Benewens die bogenoemde uiteensetting oor die aftrede van die rektor en vise-rektor, word ook gestel "dat die huidige Rektor besonder swaar belaai is," soos ook sy opvolger onder die bestaande organisatoriese opset sou wees. Daar word gewys op die toename van die studentebevolking, wat sedert die instelling van 'n vise-rektor in 1974 van 14 000 tot tussen 16 000 en 17 000 beloop het, en verder op die veelvuldige verpligtinge van die rektor: by die 40 toesprake per jaar, sowat 300 afsprake, onderhoude en so meer, oor die 70 sosiale funksies, meestal in die aand of oor die naweek. Daar bly weinig tyd oor vir die nodige studie en kennisname van nuwe lektuur oor die universiteitswese. Na oorweging van hierdie en nog ander argumente beveel die Raadskomitee aan dat daar 'n tweede vise-rektor benoem word. Soos reeds gemeld, is daar ten slotte besluit om prof. Pelzer as vise-rektor in tydelik-voltydse hoedanigheid vir 1978 her aan te stel en die pos van tweede vise-rektor met ingang 1 Januarie 1978 in te stel vir vulling daarvan van 1 Julie 1978 af.

In hierdie stadium is 'n nuwe reglement oor "pligte en bevoegdhede van vise-rektore" aanvaar, wat daarop neerkom dat daar geen streng vertikale verdeling tussen die twee se pligte kan wees nie, maar 'n mate van soepelheid sodat die rektor hulle kan gebruik met inagneming van elkeen se agtergrond en bevoegdhede.

Vir die oorweging van 'n kandidaat vir 'n vise-rektor is deur prof. Pelzer 'n lys van vereistes opgestel waaraan so 'n persoon moet beantwoord en dit is blykbaar deur die Raad aanvaar. Hierdie lys van 17 vereistes dui op 'n baie streng keuring: naas administratiewe bekwaamhede ook 'n akademiese agtergrond en 'n deeglike kennis van die Universiteit, gedissiplineerde leefwyse, vermoë om baie hard te werk en nie net gedurende kantoorure nie, onvoorwaardelike onderskrywing van die beleid van die Universiteit, prysgawe van affiliasies met buite-instansies, vermoë om met kollegas saam te werk, konsekwensie in optrede, spontane belangstelling in studente en die vermoë om met hulle om te gaan, aanpasbaarheid, veelsydige belangstelling, rype lewenservaring, en so meer.

Waar besluit is dat die Raad, net soos by die benoeming van 'n rektor, 'n naam aan die senaat moet voorlê, is daar deur die Raad 'n komitee van preadvies aangestel om aan die Raad 'n voorstel te doen.

Op aanbeveling van hierdie komitee het die Raad op 10 April 1978 besluit om prof. J.E. Pieterse vir die pos van vise-rektor te nomineer en sy naam na die senaat deur te stuur. Op sy vergadering van 7 Junie 1978 is in die senaat per geslote nominasiebrief tien persone genomineer. Twee daarvan het verval, aangesien hulle elk deur net een persoon genomineer is. Vervolgens het vier persone, proff. B.J. Engelbrecht, H.W. Snyman, J.A. Heyns en D.J. Schoeman, hulle self onttrek. Daar het die volgende vyf oorgebly: proff. C.F. Nieuwoudt, F. van der Stoep, P. Oosthuizen, H.P. van der Schijff en P.S. Dreyer. Met toevoeging van die genomineerde van die Raad, prof. J.E. Pieterse, is daar toe oor die ses persone gestem. By elke stemming het die naam van 'n persoon wat nie 50 persent + 1 stemme behaal het nie, verval. By die vierde stemming is prof. H.P. van der Schijff gekies. 'n Verslag van die hele verloop van die verkiesing is toe na die Raad deurgestuur.

Daar was dus 'n botsing van nominasies tussen die Raad en die senaat en die Raad het besluit om met die senaat te onderhandel by wyse van nog 'n komitee van preadvies, met toevoeging van die senaatsverteenwoordigers op die Raad, behalwe prof. Van der Schijff, wat deur prof. C.W.H. Boshoff vervang is. Die komitee het op 7 Augustus 1978 besluit om die name en curricula vitae van die drie kandidate oor wie by die derde stemming van die senaat gestem is, naamlik die van proff. P. Oosthuizen, H.P. van der Schijff en J.E. Pieterse, vir oorweging voor te lê en om geleentheid te bied vir verdere nominasies. Van die geleentheid het agt lede van die komitee gebruik gemaak en dieselfde persoon, dr. D.M. Joubert, genomineer. Ook sy curriculum vitae is ter tafel gelê.

Na al die kandidate "indringend" bespreek is, was die uitslag van 'n stemming per briefie dat dr. D.M. Joubert sonder teenstem by die Raad aanbeveel word. Alleen die vise-rektor, prof. Pelzer, het buite stemming gebly omdat hy as amptenaar van die Universiteit verkies het om nie aan die verkiesing deel te neem nie. Hierdie aanbeveling van die vergrote komitee van preadvies het op 15 Augustus 1978 voor die Raad gedien en in die skriftelike stemming daarna is dr. D.M. Joubert eenparig deur die Raad genomineer. Hierdie nominasie is toe weer aan die senaat voorgelê, wat op sy vergadering van 6 September 1978 besluit het om die nominasie van dr. Joubert te aanvaar en geen verdere naam toe te voeg nie.

So is die pos van vise-rektor met ingang 1 Januarie 1979 aan prof. Joubert aangebied en hy het dit aanvaar. Daar is toe 'n werkindeling tussen die twee vise-rektore vir 1979 en 1980 bekend gemaak, wat in hoofsaak daarop neerkom dat prof. Pelzer betrek sou word by die sake wat die Geesteswetenskappe aangaan, en prof. Joubert by die van die Natuurwetenskappe.

Met die oog op die finale aftrede van prof. Pelzer aan die einde van 1980, is, volgens 'n nuut opgestelde reglement, die benoeming van 'n nuwe vise-rektor, op 24 September 1979, eers na 'n gesament-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

like preadvieskomitee van die Raad en senaat verwys. Hierdie komitee het prof. P. Oosthuizen, dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid, as die opvolger van prof. Pelzer aanbeveel.

Na die voorstel ook by die senaat steun ontvang het, het die Raad op sy gewone vergadering van 26 November 1979 besluit om prof. Oosthuizen vanaf 1 Januarie 1981 as vise-rektor aan te stel.

Pieter Oosthuizen is op 8 Februarie 1936 op die plaas Eensgevonden, distrik Hoopstad, gebore. Sy skoolopleiding ontvang hy aan 'n plaasskool, distrik Bloemhof, en daarna aan die Hoërskool Wonderboom, Pretoria, waar hy in 1953 in die eerste klas matrikuleer. Hierna werk hy in die staatsdiens en hy is tot die einde van 1958 werksaam by die Koringraad. Intussen studeer hy as buitemuurse student aan die Universiteit van Pretoria en behaal die BA(Regte) in 1956 en die LLB in 1958. Hierop volg 'n loopbaan in die Departement van Justisie: Maart 1959, regsassistent; Mei 1959, staatsadvokaat; en van Oktober 1966 af senior staatsadvokaat. Op 25 Mei 1959 is hy toegelaat tot die balie. In 1966 tree hy in die huwelik met mej. Helena Greyling en uit die huwelik is drie kinders gebore.

Sy verbintenis met die Universiteit van Pretoria begin in 1970 toe hy as tydelik-deeltydse dosent in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangestel en met ingang 1 Januarie 1971 in dieselfde departement tot professor bevorder is. Na die uittrede van prof. D.F. Mostert word prof. Oosthuizen in sy plek dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid en wel van 1 April 1974 af.

Terwyl hy nog dosent was, het prof. Oosthuizen met toestemming van die Universiteit in verskeie hofsake opgetree, meestal as assessor vir 'n regter. Hy is die skrywer van etlike vakwetenskaplike artikels. In 1981 behaal hy die LLD-graad met die proefskrif *Die Bewys- en Weerleggingslas in die Suid-Afrikaanse Reg*. Prof. Oosthuizen is lid van verskeie liggame, onder andere: die Kommissie van Ondersoek na Veiligheidswetgewing, die Raad vir die Erkenning van Regseksamens, die Buro vir Wetenskaplike Publikasies, die Vereniging van Universiteitsdosente in die Regte, die FAK (lewenslid) en Rapportryerskorps aan die Universiteit van Pretoria.

Om prof. Oosthuizen enigsins in te lei in die taak van vise-rektor is hy gedurende die tweede semester van 1980 in staat gestel om "vir sover prakties uitvoerbaar" as waarnemer by vergaderings en samesprekings teenwoordig te wees. Op 1 Januarie 1982 het hy die pos van vise-rektor van prof. Pelzer oorgeneem.

Met die benoeming van prof. D.M. Joubert tot rektor, van 1 Januarie 1982 af, het sy pos as vise-rektor vakant geraak. Na die gebruiklike aanstellingsprosedure gevolg is, het die Raad op 22 Junie 1981 besluit om prof. H.P. van der Schijff in die pos te benoem. Net soos in die geval van prof. Oosthuizen, is ook aan hom, gedurende die tweede semester van 1981, die geleentheid gegee om as waarnemer met die werk van 'n vise-rektor vertroud te raak.

Hermanus Philippus van der Schijff is op 18 Augustus 1921 op die plaas Sterkstroom in die distrik Ventersdorp gebore. Sy skoolopleiding ontvang hy eers aan 'n plaasskool en daarna aan die Ventersdorpse Hoërskool, waar hy aan die einde van 1941 die matrikulasie-eksamen aflê. Hierna studeer hy aan die Potchefstroomse Onderwyskollege, waar hy die Transvaalse Onderwysdiploma in 1945 behaal. Van 1946 tot 1950 hou hy met tussenposes skool terwyl hy verder studeer, en behaal in 1949 ook sy MSc-graad in Plantkunde aan die Universiteit van Potchefstroom.

Van Junie 1951 tot Maart 1955 is hy as plantekoloog in die Krugerwildtuin werksaam. Hy maak 'n ekologiese opname van die plantegroei daar en stig die herbarium van die Wildtuin. Intussen en later gaan hy voort met verdere studie en hy behaal in 1958 die DSc-graad (cum laude), ook aan die Potchefstroomse Universiteit, op grond van die proefskrif *'n Ekologiese studie van die Flora van die Nasionale Krugerwildtuin*.

In 1955 begin sy loopbaan aan die Universiteit van Pretoria, eers as vakkundige beampte in Weidingsleer aan die Landboufakulteit, en van 1956 af as lektor en later senior lektor in die Departement Plantkunde. In 1964 word hy bevorder tot hoof van en professor in die Departement Algemene Plantkunde (Louis Botha-leerstoel). In 1972 word prof. Van der Schijff dekaan van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde en hy dien van 1973 af op die Universiteitsraad.

Intussen het prof. Van der Schijff ook buitelandse ondervinding opgedoen. In 1955 doen hy navorsing as *Mercer Research Fellow* aan die Arnold Arboretum van die Universiteit van Harvard, VSA, en hy besoek met die heen- en terugreis ook verskeie plantkundige institute in Europa. In 1969 volg nog 'n oorsese besoek om ondersoek in te stel na die onderrig van Biologie aan Amerikaanse skole en om 'n botaniese kongres in Seattle by te woon, waar hy ook 'n voordrag gelewer het. Dit word in 1972 gevolg met nog 'n besoek aan Amerika (en ook weer Europa), om op uitnodiging die eeufeesvierings van die bogenoemde Arnold Arboretum by te woon.

Prof. Van der Schijff was of is nog lid van talle liggame; onder andere: die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (raadslid 1977–1979), verskeie nasionale en internasionale vakkundige verenigings, die raad van die Transvaalse Museum en van die Transvaalse Museumdienste, die Adviesraad insake Natuurbewaring in Transvaal, en die redaksie van die *Tydskrif vir Natuurwetenskappe* van die Suid-Afrikaanse Akademie; ook raadslid van die WNNR, president van die Gesamentlike Raad vir Natuurwetenskaplike Verenigings en van die Suid-Afrikaanse Genootskap van Plantkundiges. Hy dien ook op die Gemeenskaplike Matrikulasieraad en in verskeie liggame in verband met die opleiding en eksaminering van Biologie op skool.

Prof. Van der Schijff is getroud met mej. Joy van Niekerk en uit die huwelik is drie dogters en drie seuns gebore.

Registrateur en Administrasie

Soos bekend, kom die begrip *registrateur* nie net

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

in universitêre verband voor nie, maar ook by verskillende ander organisasies. Dit is waarskynlik afgelei van die Middeleeus-Latynse woord *registrarius*, 'n amptenaar wat registreer, dit wil sê 'n register hou. In die geval van die universiteit sou sy taak gewees het om die studente te registreer, hulle name in 'n register op te teken. Maar dit was nie sy enigste taak nie. Hy moes die akademiese registers byhou, informasie verskaf, korrespondensie met studente voer, hulle toelating keur, toesig oor die geboue en inwoning waarneem, ens. Hy het na die rektor die hoof administratiewe amptenaar geword, en in dié sin hoof van die administrasie.

Die naam *registrateur* is ook nie algemeen in gebruik by alle ander universiteite nie en word daar vervang deur *sekretaris, algemene sekretaris, sekretariaat* en ander benaminge. Dit is ook soms moeilik om die funksie van registrateur by sommige universiteite op te spoor aangesien met die uitbreiding van die inrigtings die werk onder verskeie amptenare versprei word.

In 1943 het die Universiteitsraad na aanleiding van die Nicol-verslag besluit, "om die Registrateur aan te stel as die Hoof van die Administrasie van die Universiteit", en verder bepaal: "as sulks sal hy die werk, verlof en dissipline van die administratiewe staf reël en kontroleer en die handhawing van wet en orde op die Universiteitsgronde, toesig oor hostels en algemene aktiwiteite onder opdrag van die Rektor waarneem."

Dit beteken nie dat daar in 1943 vir die eerste keer 'n registrateur aangestel is nie, ook nie dat die pligte van so 'n amptenaar vir die eerste keer omlyn is nie. Reeds in 1929 is die taak van die registrateur, wat toe ook sekretaris van die Raad was, in 'n Raadsbesluit vasgelê. In 1943 was adv. J.C.V. Breytenbach die registrateur, as sodanig in 1937 aangestel, en na sy oorlye in 1951 is hy deur mnr. M. Smuts opgevolg, wat reeds sedert 1943 as rekenmeester in diens van die Universiteit was. Mnr Smuts het daarby ook finansiële adviseur geword.

Marthinus Smuts is op 12 November 1916 op Lichtenburg gebore, waar hy aan die hoërskool die matrikulasie-eksamen in 1934 in die eerste klas afgelê het. Hierna is hy in Pretoria werksaam, terwyl hy aan die buitemuurse afdeling van die Universiteit van Pretoria verder studeer. Hy behaal die BCom-graad in 1938, die CIS (geoktrooieerde sekretaris Afdeling A) in 1942 en die MCom (B en A) in 1950. Intussen was hy werksaam by die volgende instansies: Southern Life Versekeringsmaatskappy (1935), die Departement van Onderwys en Provinsiale Ouditeurskantoor (1936–1939) en die Raad van Beheer oor die Koringnywerheid (1939–1943). In diens van die Universiteit van Pretoria was hy eers waarnemende rekenmeester en later rekenmeester en, soos reeds gesê, van 1951 af Registrateur en Finansiële Adviseur.

Mnr. Smuts het sy werk met groot toewyding uitgevoer en al hoe meer die regterhand van die rektor geword. In 1961 onderneem hy met behulp van 'n Carnegiebeurs 'n reis na Amerika en Europa om 'n studie te maak van universiteitsbeplanning. Na sy terugkeer is daar, volgens 'n verklaring van die rektor, besluit om "na grondige studie van die reëling in verskeie lande" die pos van registrateur in twee te verdeel. Daar word op gewys dat die werksaamhede aan die pos verbonde in twee natuurlike afdelings uiteenval, die akademiese en die finansiële. So gebeur dit dan dat mnr. Martin Smuts van 1 Augustus 1961 af hoof van die Departement Finansies en Bedryfsadministrasie en Registrateur word en prof. Hamman van die Departement Akademiese Administrasie en Registrateur.

In 1974 is die departement van mnr. Smuts weer verdeel in die twee departemente: Finansiële Administrasie en Registrateur en Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie en Registrateur. In die laasgenoemde departement is mnr. Smuts as direkteur aangestel, waarin hy werksaam bly tot sy aftrede op 31 Desember 1981.

Soos met feitlik alle amptenare die geval is, is die rol wat mnr. Smuts aan die Universiteit van Pretoria gespeel het, moeilik om te bepaal. In 1974 is die werk van die hoofde van al drie registrateursdepartemente wat toe tot stand gekom het, noukeurig uitgestippel, maar natuurlik het hy verskeie van die funksies reeds voor die tyd waargeneem. Hy het in amptelike hoedanigheid die vergaderings van die Raad bygewoon en lid geword van die Finansies- en Eiendomskomitee en van die Beheerkomitee van die Hartebeesspruit-Arboretum van die Universiteit van Pretoria en van die Komitee vir Verkeersaangeleenthede. Ten slotte was hy ook lid van die Beheerkomitee insake Rekenaarfasiliteite. Buite die Universiteit het hy gedien op die komitee aangestel deur die Administrateur van Transvaal oor die toekoms van die Kunssentrum en Kleinteater (1950–1951); die Kommissie van Ondersoek insake Hospitaalaangeleenthede; die minderheidsverslag insake Kostelose Hospitalisasie (1954–1956); die Stadsraad van Pretoria, benoem deur die Administrateur van Transvaal, oor die inlywing van gebiede na die ooste binne Groter Pretoria (1964–1969); die Komitee oor die tuiste van die Fakulteite Landbou en Veeartsenykunde (1968–1970); die Statutêre Organisasies se Mediese Skema, stigterslid en later lid en ook vise-voorsitter van die Beheerkomitee en Uitvoerende Komitee (1964–1981). Verder het hy ook in raadgewende hoedanigheid gedien op die Kommissie van Ondersoek insake Universiteitsfinansies (1951–1953), die Kommissie van Ondersoek na Studentegetalle as grondslag vir staatsubsidies, en daarna (1952–1953) as finansiële konsultant van hierdie kommissie, en konsultant vir 'n gewysigde staatsubsidie vir universiteite by verskeie geleenthede tussen 1953 en 1958. Van 1951 tot 1958 is hy betrokke by wedersydse oorlegpleging met 'n spesiale opdrag van die UOVS oor finansiële beplanning en herorganisasie.

Benewens die bogenoemde oorsese reis met 'n Carnegiebeurs onderneem hy verskeie binnelandse en buitelandse reise in verband met universiteitsbeplanning, onder andere in 1968 'n besoek aan die Universiteit van Rhodesië in Salisbury en in 1970 'n besoek aan die universiteite van Wes-Duitsland en Brittanje. In Düsseldorf het hy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n internasionale seminaar oor hospitaalbeplanning bygewoon.

Tydens 'n afskeidsgeselligheid op 3 Desember 1981 het die aangewese rektor, prof. D.M. Joubert, as volg van hom getuig: "In die annale van hierdie universiteit sal u naam opgeteken bly as een van die grondleggers van alles wat in die jare wat voorlê gaan materialiseer; nie net in terme van fisiese strukture nie, maar ook in die wese en karakter van die Universiteit van Pretoria."

Na 38 jaar diens het hy op 31 Desember 1981 uit die diens van die Universiteit getree.

Toe dit in 1980 onder die aandag van die Universiteit gekom het dat die drie diensdoende registrateurs binne die afsienbare toekoms vervang sou moes word, is daar 'n uitvoerige werkverdeling saamgestel wat as leidraad moes dien vir nuwe aanstellings in die onderskeie poste. Hier kry mens 'n indruk van hoe wydvertak elkeen se pligte is—soveel anders as in die dae toe slegs bepaal is dat die registrateur die hoof van die administrasie moes wees.

In die plek van mnr. Martin Smuts is mnr. W.J. Coetzee van 1 Januarie 1982 af as hoof van die Departement Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie aangestel. Gebore in 1930, het Willem Johannes Coetzee die BCom-graad in 1954 en daarna die MBA-graad in 1961 aan die Universiteit van Pretoria behaal. Nadat hy agt jaar (1949–1956) in diens van die Departement Bantoe-onderwys was, tree hy op 1 Januarie 1957 in diens van die Universiteit van Pretoria as klerk, later as administratiewe beampte. In 1967 verlaat hy die Universiteit van Pretoria om koshuisbestuuder van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys te word, maar hy keer na vier jaar in 1971 terug as assistent-rekenmeester van die Departement Finansiële en Bedryfsadministrasie; later word hy hoof van die Beplanningsafdeling. Hy is in 1974 bevorder tot rekenmeester en op 1 Julie dieselfde jaar tot adjunk-registrateur (Departement Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie).

Met die verdeling van die departement van mnr. Martin Smuts in 1974, het mnr. J.P. Nel in sy plek hoof van die departement Finansiële Administrasie en Registrateur geword. Gebore in 1915 op Calitzdorp, het Johannes Petrus Nel in 1933 aan die hoërskool aldaar gematrikuleer en daarna aan die buitemuurse afdeling van die Universiteit van Pretoria gestudeer, waar hy die BCom in 1945 en die MCom(B en A) in 1954 behaal het. Voor hy op 1 Januarie 1945 aan die Universiteit van Pretoria 'n betrekking as klerk in die rekenmeestersafdeling aanvaar het, was hy vir 8 jaar in die administratiewe kantore van die Suid-Afrikaanse Spoorweë werksaam.

Aan die Universiteit van Pretoria is hy in 1949 bevorder tot Senior klerk, in 1952 tot assistent-rekenmeester, in 1954 tot rekenmeester, in 1966 tot hoofrekenmeester en in 1972 tot adjunk-registrateur en hoofrekenmeester. In sy hoedanigheid as Registrateur (Finansies) was hy lid van die beheerkomitees van verskeie navorsingsinstitute en -buro's, gesamentlik sowat 22 amptelike komitees. Hy was verantwoordelik vir die finansiële administrasie van die hele Universiteit. In 1980 is 'n ere-DAdmin-graad aan hom toegeken.

Nog 'n persoon wat in hierdie departement genoem kan word vanweë sy lang diens aan die Universiteit, is mnr. B.Q. Wessels, wat in Junie 1978 na 27 jaar as adjunk-registrateur (Finansies) afgetree het. Hy het in 1938 die BCom aan die Universiteit van Stellenbosch behaal en in 1955 die MCom(B en A) aan die Universiteit van Pretoria. Hy is op 1 Februarie 1952 as eerste klerk in die rekeninge-afdeling aan die Universiteit aangestel en word daarna: kosteberekenaar en interne ouditeur, assistent-rekenmeester, rekenmeester en adjunk-registrateur en hoofrekenmeester van 1 Julie 1974 af.

Mnr. Nel is op 1 Julie 1980 opgevolg deur mnr. W.L. Kok as hoof van die departement Finansiële Administrasie en Registrateur. Mnr. Kok het in 1971 in diens van die Universiteit getree, eers as administratiewe beheerbeampte, in 1974 bevorder tot senior administratiewe beheerbeampte, in 1975 tot assistent-rekenmeester en in 1977 tot rekenmeester. Gebore in 1929, het sy opleiding ingesluit: LIAH (Lid van die Instituut van Administrasie en Handel) in 1952, ACIS (Geoktrooieerde Instituut vir Sekretarisse) in 1957, en BCom in 1962. Voor hy in diens van die Universiteit getree het, was hy by verskeie instansies werksaam as boekhouer en rekenmeester, onder andere by die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste (TRUK), waar hy kontroleur van finansies was.

Met die bevordering van prof. Pelzer tot viserektor in 1974 het mnr. C.H. Stuart in sy plek hoof van die Akademiese Administrasie en Registrateur geword. Charles Henry Stuart is op 14 Januarie 1916 op Koster gebore. Na matrikulasie in 1934, is hy op Nigel werksaam by 'n drukkery en daarna by die Nigel Gold Mining Company. Van 1942 tot 1943 is hy Organiserende Sekretaris van die Reddingsdaadbond en die Reddingsdaadfonds (FAK), om daarna Sekretaris (later genoem Registrateur) van die Pretoriase Onderwyskollege te word. Sy diens aan die Universiteit van Pretoria begin op 1 Januarie 1952 toe hy assistent-registrateur geword het. Intussen het hy verder gestudeer en die graad BAdmin in 1947 en die MAdmin in 1960 behaal, albei aan die Universiteit van Pretoria.

Op 1 Januarie 1972 is mnr. Stuart bevorder tot adjunk-registrateur (Akademies) en, soos reeds gesê, op 1 Januarie 1974 tot Registrateur (Akademies). In 1972 het hy met finansiële steun van die Universiteit op 'n uitgebreide reis deur die VSA 'n studie gemaak van universiteitsadministrasie, en veral van die hantering van groot massas studente. Na aanleiding van 'n verslag wat hy oor sy bevindings ingedien het, is daar aan die Universiteit van Pretoria enkele veranderings aangebring, onder andere wat betref die verspreiding van inskrywings aan die begin van die akademiese jaar.

Na sy aftrede op 30 Junie 1981, is mnr. Stuart benoem tot registrateur emeritus. Hy word met ingang 1 Julie 1981 opgevolg deur mnr. A.C. Bothma, wat sedert 1958 in diens van die Universiteit is en van senior klerk (rekeninge-afdeling) gevorder het tot assistent-registrateur in 1972 en adjunk-registrateur (Akademies) in 1975.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Gebore in 1930 op Prins Albert, het mnr. Bothma die BA LLB aan die Universiteit van Pretoria behaal. Voor sy toetrede tot die administrasie van die Universiteit, was hy vir vyf jaar werksaam in die Departement Volkswelsyn en Pensioene. Ook aan die Universiteit het hy meegewerk aan die pensioenvoordele en die groepslewensversekeringskema vir die personeel.

Dit is ondoenlik om verder die bydrae van die verskillende amptenare te omlyn. Die bygaande skematiese opgawe van die "Administratiewe top 1960–1982" gee egter 'n aanduiding van die wisseling aan die betrokke administratiewe amptenare, van wie sommige nie hierbo genoem is nie.

ADMINISTRATIEWE TOP 1960–1982

1960

Registrateur en Finansiële Adviseur	— Mnr. M. Smuts
Rekenmeester	— Mnr. J.P.Nel
Assistent-rekenmeester	— Mnr. B.Q. Wessels
Assistent-registrateur	— Mnr. C.H. Stuart

1964 (Verdeel in twee gelyke Departemente op 1 Augustus 1964)

Hoof van Akademiese Administrasie en Registrateur	— Prof. E.M. Hamman
Hoof van Finansiële en Bedryfsadministrasie en Registrateur	— Mnr. M. Smuts
Hoofrekenmeester	— Mnr. J.P. Nel
Rekenmeester	— Mnr. B.Q. Wessels
Assistent-registrateur	— Mnr. C.H. Stuart

1970 (1 Julie 1970)

DEPARTEMENT AKADEMIESE ADMINISTRASIE

Hoof van Akademiese Administrasie en Registrateur	— Prof. A.N. Pelzer
Assistent-registrateur	— Mnr. C H. Stuart

DEPARTEMENT FINANSIËLE EN BEDRYFSADMINISTRASIE

Hoof van Finansiële en Bedryfsadministrasie en Registrateur	— Mnr. M. Smuts
Hoofrekenmeester	— Mnr. J.P. Nel
Rekenmeester	— Mnr. B.Q. Wessels

1972

DEPARTEMENT AKADEMIESE ADMINISTRASIE

Hoof van die Departement Akademiese Administrasie en Registrateur	— Prof. A.N. Pelzer (Afgetree 31.12.1977)
Adjunk-registrateur	— Mnr. C.H. Stuart
Assistent-registrateur (Personeel doserend)	— Mnr. D.C. Lamprecht
Assistent-registrateur (Registrasie en algemene studentesake)	— Mnr. B.J. Espach

DEPARTEMENT FINANSIËLE EN BEDRYFSADMINISTRASIE

Hoof van die Departement Finansiële en Bedryfsadministrasie en Registrateur	— Mnr. M. Smuts
Adjunk-registrateur en Hoofrekenmeester	— Mnr. J.P. Nel
Rekenmeester	— Mnr. C.A. Pretorius
	— Mnr. A. Engelbrecht
Assistent-registrateur (Personeel nie-doserend)	— Mnr. A.C. Bothma

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1974 (Verdeel in drie gelyke departemente op 1 Julie 1974)

DEPARTEMENT AKADEMIESE ADMINISTRASIE

Hoof van die Departement Akademiese Administrasie en Registrateur	—	Mnr. C.H. Stuart (Afgetree 30.6.1981)
Adjunk-registrateur	—	Mnr. D.C. Lamprecht (Afgetree 31.1.1975)
Assistent-registrateur	—	Mnr. B.J. Espach
Assistent-registrateur	—	Mnr. J.W.J. Koekemoer
	—	Mnr. H.S. Hurter

DEPARTEMENT FINANSIËLE ADMINISTRASIE

Hoof van die Departement Finansiële Administrasie en Registrateur	—	Mnr. J.P. Nel
	—	(Afgetree 30.6.1980)
Adjunk-registrateur en Hoofrekenmeester	—	Mnr. B.Q. Wessels
Adjunk-registrateur	—	Mnr. C.A. Pretorius
Rekenmeester	—	Mnr. A. Engelbrecht
	—	(Bedank 30.9.1977)
Assistent-registrateur (Personeel nie-doserend)	—	Mnr. A.C. Bothma

DEPARTEMENT FISIESE BEPLANNING EN BEDRYFSADMINISTRASIE

Direkteur	—	Mnr. M. Smuts (Afgetree 31.12.1981)
Adjunk-registrateur	—	Mnr. W.J. Coetzee
Assistent-registrateur (Bedryfseenhede)	—	Mnr. L.N. Boshoff
Assistent-registrateur (Rekenaardienste)	—	Mnr. J.L.M. Wiechers (Bedank 31.8.1980)
Tegniese Adviseur	—	Mnr. F.W. Meerkotter (Afgetree 31.12.1976)

1975:

DEPARTEMENT AKADEMIESE ADMINISTRASIE

Adjunk-registrateur	—	Mnr. A.C. Bothma

DEPARTEMENT FINANSIËLE ADMINISTRASIE

Hoof: Tegniese Afdeling	—	Dr. D.E. Basson

1977:

DEPARTEMENT FINANSIËLE ADMINISTRASIE

Rekenmeester	—	Mnr. W.L. Kok

1978:

DEPARTEMENT FISIESE BEPLANNING EN BEDRYFSADMINISTRASIE

Tegniese Adviseur	—	Mnr. J.D. Potgieter

1979:

DEPARTEMENT FINANSIËLE ADMINISTRASIE

Adjunk-registrateur	—	Mnr. W.L. Kok

1980:

DEPARTEMENT FINANSIËLE ADMINISTRASIE

Registrateur	—	Mnr. W.L. Kok
Assistent-registrateur (Personeel nie-doserend)	—	Mnr. T.C. Coetzer

1981:

DEPARTEMENT AKADEMIESE ADMINISTRASIE

Registrateur	—	Mnr. A.C. Bothma
Adjunk-registrateur	—	Mnr. H.S. Hurter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

DEPARTEMENT FISIESE BEPLANNING EN BEDRYFSADMINISTRASIE

Assistent-registrateur (Beplanning en Terreinaankope)	—	Mnr. J.C. Coetzer
Assistent-registrateur (Terreine en Geboue)	—	Mnr. P.H.S. van Zyl
Assistent-registrateur (Rekenaardienste)	—	Mnr. A. Hilhorst

1982

DEPARTEMENT AKADEMIESE ADMINISTRASIE

Hoof van die Departement Akademiese Administrasie en Registrateur	—	Mnr. A.C. Bothma
Senior adjunk-registrateur	—	Mnr. H.S. Hurter
Senior assistent-registrateur (Studentesake)	—	Mnr. B.J. Espach
Senior assistent-registrateur (Studentesake)	—	Mnr. J.W.J. Koekemoer
Assistent-registrateur (Personeel-doserend)	—	Mnr. E.J. Smith
Assistent-registrateur (Personeel-doserend)	—	Mnr. J.J.E. Greyling

DEPARTEMENT FINANSIËLE ADMINISTRASIE

Hoof van die Departement Finansiële Administrasie en Registrateur	—	Mnr. W.L. Kok
Adjunk-registrateur	—	Mnr. C.A. Pretorius
Senior rekenmeester	—	Mnr. J.W. Smalberger
Assistent-registrateur (SANSO)	—	Mnr. J.D.R. Brits
Assistent-registrateur (Personeel nie-doserend)	—	Mnr. T.C. Coetzer
Direkteur Tegniese Dienste	—	Dr. D.E. Basson

DEPARTEMENT FISIESE BEPLANNING EN BEDRYFSADMINISTRASIE

Hoof van die Departement Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie en Registrateur	—	Mnr. W.J. Coetzee
Adjunk-registrateur	—	Mnr. L.N. Boshoff
Senior assistent-registrateur (Rekenaardienste)	—	Mnr. A. Hilhorst
Assistent-registrateur (Beplanning en Terreinaankope)	—	Mnr. J.C. Coetzer
Assistent-Registrateur (Bedryfseenhede)	—	Mnr. W.C. Robbertse
Assistent-registrateur (Terreine en Geboue)	—	Mnr. P.H.S. van Zyl
Tegniese Adviseur	—	Mnr. J.D. Potgieter

Senaat

Die senaat van 'n universiteit is die liggaam wat die akademiese aangeleenthede behartig. Volgens die Wet op die Universiteit van Pretoria word die senaat van hierdie inrigting uit die volgende persone saamgestel: rektor (wat as voorsitter optree), vise-rektor (tans vise-rektore), nog twee lede van die Raad, dekane, dosente wat akademiese hoofde van departemente is, en een lid van die personeel van "'n onderwyskollege, kollege of inrigting" wat kragtens artikel 9 van die genoemde wet daarop benoem kan word (tans die rektor van die Pretoriase Onderwyskollege en die direkteur van die Pretoriase Technikon).

Die term *senaat* is afkomstig van die Latyn *senatus*, wat verband hou met die woord *senex* wat oud beteken. Bekend is die Romeinse senaat wat 'n gesaghebbende regeringsliggaam van ouer persone was. In talle regeringstelsels, tot in die huidige, vind ons 'n *senaat*—tot onlangs ook in Suid-Afrika. In die universiteitswese vind ons 'n senaat hoofsaaklik in universiteite van Britse herkoms, ook in Suid-Afrika. Aan Amerikaanse universiteite kom die benaming *senatus academicus* nog voor, meestal *academic senate*, soos in Suid-Afrika, waarskynlik om dit sowel hier as daar te onderskei van die regeringsliggaam met die naam.

Natuurlik het die senaat in die verskillende universitêre stelsels nie oral dieselfde funksie en samestelling nie. Omgekeerd: terwyl daar by ander universiteite, byvoorbeeld op die Europese vasteland, geen *senaat* voorkom nie, bestaan daar tog liggame onder ander name wat dergelike funksies uitoefen. Elders, onder andere in sommige Engelse universiteite, het studente tans ook verteenwoordiging op die senaat. Aan die Universiteit van Pretoria is dit nie die geval nie; ook wat dit betref, het ons konserwatief gebly, waarskynlik omdat daar geen behoefte aan so-iets bestaan nie.

Tog het die samestelling van die senaat van die Universiteit van Pretoria met verloop van tyd veranderings ondergaan. Volgens Wet no. 13 van 1930 het alle professore sitting op die senaat gehad, waaronder ook mede-professore en oud-professore. In 1960 het die senaat, benewens die rektor en twee verteenwoordigers van die Raad, bestaan uit 93 professore, vier medeprofessore, agt emeriti-professore, 15 senior lektore wat hoofde van departemente was, en nog vier senior lektore wat kragtens artikel 9 van Wet no. 61 van 1955

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Uitvoerende komitee van die Senaat, Okt. 1966

Voor, v.l.n.r.: *Proff. E.M. Hamman (Akademiese Registrateur), A.N. Pelzer (Lettere en Wysbegeerte), C.H. Rautenbach (Rektor), H.L. de Waal (Wis- en Natuurkunde), mnr. M. Smuts (Finansiële Registrateur).*

Middel, v.l.n.r.: *Proff. C.K. Oberholzer (Opvoedkunde—waarnemend), P. van Warmelo (Regsgeleerdheid), H.J.J. Reynders (Handel en Publieke Administrasie), C.A. du Toit (Ingenieurswese), B.C. Jansen (Veeartsenykunde), P.C.J. Oberholzer (Landbou).*

Agter, v.l.n.r.: *Proff. E.S. Mulder (Teologie, Afd. A), H.W. Snyman (Geneeskunde), B.J. Marais (Teologie, Afd. B —waarnemend), P.J. Schoeman (Tandheelkunde).*

verteenwoordiging gehad het. Die getal emeritiprofessore het in 1964 gestyg tot 14 maar hierna is hulle lidmaatskap beëindig. Of hulle enigsins 'n betekenisvolle bydrae gelewer het, is nie vas te stel nie. Met die instelling van addisionele professore het ook hulle lede van die senaat geword, 'n getal van tien in 1964 en daarby nog 14 medeprofessore. Teen 1961 is addisionele professore afgeskaf en het hulle ook medeprofessore geword. In daardie jaar was die getal medeprofessore dan ook 31; dit het in 1973 tot 41 gestyg. In die laasgenoemde jaar en in 1974 was die senaat op sy grootste, naamlik 192 lede. In 1974 het die vise-rektor bygekom, maar die een senior lektor wat die vorige jaar nog kragtens die bewuste artikel 9 lid was, het verdwyn. In 1969 het die senaat vir die eerste keer in 'n eie senaatsaal, in die nuwe administrasiegebou, vergader—die eerste keer sedert 1946 toe daar wel in die ou administrasiegebou 'n saal (wat ook die raadsaal was),daarvoor beskikbaar was. Intussen het die senaat geswerf en in 'n verskeidenheid lesinglokale vergader. Die senaatsaal kon 174 persone huisves. Daar was die gevaar dat dit te klein kan word vir 'n steeds uitbreidende senaat. Om dié rede, maar ook omdat daar gevoel is dat die liggaam te groot en te lomp geword het, is besluit om die snoeiskêr in te lê. In wysigingswet no 50. van 1975 is daar bepaal dat, met enkele uitsonderings, slegs hoofde van doserende departemente op die senaat sitting mag hê. Op 3 September 1975 verwelkom die rektor, as voorsitter, vir die eerste keer die verkleinde senaat, 'n getal van 133. Dit het daarop neergekom dat 32 professore en 40 mede-professore weggeval het. In 1981 en 1982 is die ses voltydse dekane, wat intussen benoem is, as 'n aparte groep in die senaat aangegee. In 1982 het die senaat 139 lede getel. Daarby was die Direkteur van die Biblioteek en die Direkteur van die Studentediensburo wat ook sitting op die senaat het, inbegrepe.

Die uitvoering van die senaat se besluite word opgedra aan tydelike en permanente komitees. In 1960 het die senaat vier vaste komitees gehad, waarvan die belangrikste die Uitvoerende Komitee

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Uitvoerende Komitee van die Senaat en Sekretariaat, Februarie 1973.

Agter, v.l.n.r.: *Mnr. B.J. Espach (Asst.-registrateur, Akademies), proff. D.F. Mostert (Dekaan, Regsgeleerdheid), B.J. Engelbrecht (Dekaan, Teologie, Afd. A), C.F.B. Hofmeyr (Dekaan, Veeartsenykunde), P.C. Snijman (Dekaan, Tandheelkunde), B.J. Marais (Dekaan, Teologie, Afd. B), H.P. van der Schijff (Dekaan, Wis- en Natuurkunde), F. van der Stoep (Dekaan, Opvoedkunde), Mnr. C.H. Stuart (Adj.-Registrateur, Akademies).*

Voor, v.l.n.r.: *Mnr. Martin Smuts (Hoof, Finansiële en Bedryfsadministrasie en Registrateur), proff. H.J.J. Reynders (Dekaan, Ekonomiese en Staatswetenskappe), P.C.J. Oberholzer (Dekaan, Landbouwetenskappe), E.M. Hamman (Rektor en Onderkanselier), H.W. Snyman (Dekaan, Geneeskunde), C.A. du Toit (Dekaan, Ingenieurswese) en A.N. Pelzer (Registrateur, Akademies).*

Inlas: *Prof. A.P. Grové (Dekaan, Lettere en Wysbegeerte).*

van die Senaat is. Hierdie komitee bestaan, behalwe vir die rektor (as voorsitter), uit die vise-rektore en die dekane van die onderskeie fakulteite. Daarbenewens was daar in 1960 die Biblioteekkomitee, die Roosterkomitee en die Komitee vir Dissipline (studente). In 1971 het daar 'n vyfde vaste komitee bygekom, nl. die Komitee vir Akademiese Onderwysmetodes en -hulpmiddels, en in 1973 'n sesde, die Buitemuurse en Na-uurse Advieskomitee. In 1976 is die aantal vaste komitees weer teruggebring tot vier. Die Biblioteekkomitee het 'n vaste komitee van die Raad geword en die Komitee vir Akademiese Onderwysmetodes en -hulpmiddels het verval. In 1980 was daar slegs drie komitees oor na die Buitemuurse en Na-uurse Advieskomitee ook verval het, maar in 1982 was die getal terug op vier toe 'n Aanstellingskeurkomitee bygekom het.

Volgens die Wet op die Universiteit van Pretoria is die taak van die senaat: "Die toesig oor en reëling van die onderwys verstrek in die departemente, voorlesings en klasse van die Universiteit berus by die Senaat van die Universiteit en word deur hom uitgeoefen ooreenkomstig die regulasies wat die Senaat daarvoor opgestel en die Raad goedgekeur het." Verder word bepaal dat die senaat "verslae omtrent sy werksaamhede" aan die Raad moet voorlê, en aanbevelings maak wat wenslik geag word, of oor sake wat die Raad na die senaat verwys. Ook word bepaal dat die Raad op aanbeveling van die senaat komitees van die senaat aanstel, of selfs gesamentlike komitees van Raad en senaat.

Die statuut bepaal dat die senaat beheer uitoefen oor eksamens en eksaminatore en regulasies opstel insake skenkingsaktes, studiebeurse, navorsing en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

navorsingsbeamptes, dissipline, studenteliggame.

In 1961 kon emeriti-professore of lektore op aanbeveling van die senaat tot assessorlid van die senaat benoem word.

Fakulteit

Fakulteit is nog 'n woord van Latynse oorsprong wat mettertyd verskillende betekenisse gekry het, en wat op verskillende terreine gebruik word. In universitêre verband beteken dit 'n afdeling van studie of onderwys, in die sin dat verskillende verwante dissiplines of studievakke onder een fakulteit tuisgebring word.

"Het woord *facultas*," skryf Huizinga, "oorspronkelijk soveel als geschiktheid, bekwaamheid, had reeds in de late Oudheid, in sommige gevallen de beteekenis van onderricht in een bepaalde kundigheid, verkreeg vervolgens gaandeweg die van leervak, of liever groep van studiën en ten slotte van het lichaam van doceerenden en studerenden dat aan een universiteit zulk een groep verteenwoordigt." (*Verzamelde Werken* VIII, p. 6.)

Sedert die 13de eeu het daar die volgende vier fakulteite aan universiteite voorgekom *Artes* (Engels *Arts* en Duits *Philosophische Fakultät*), wat humaniora en natuurwetenskappe ingesluit het, en verder Teologie, Regte en Medisyne. Die splitsing van die eersgenoemde in die Fakulteite Lettere en Wysbegeerte en Wis- en Natuurkunde het, wat Nederland betref, na die Franse voorbeeld eers in 1815 ontstaan. Die *Artes*-fakulteit was in die Middeleeue die basiese studie wat eers voltooi moes word, in sowat vier jaar, voor daar in een van die ander fakulteite verder studeer kon word.

Met verloop van tyd het daar wat fakulteite betref, 'n verskeidenheid van ontwikkelings in die onderskeie universitêre stelsels plaasgevind; met ander woorde, namate die leerstof uitgebrei het, het daar 'n verdere onderverdeling in meer fakulteite plaasgevind.

Uit die ontstaansgeskiedenis van die Universiteit van Pretoria (Transvaalse Universiteitskollege) blyk dit dat daar in die begin "nog geen sprake van fakulteite" was nie. Eers is die onderskeie vakke gedoseer en later het daar indelings as komitees van die senaat ontstaan. Verder lees ons: "Dit is moeilik om vas te stel watter fakulteite eerste ontstaan het." In 1916 is aanbeveel dat die Raad die senaat toelaat om "separate Faculties of Senate" te stig. "Waarskynlik het toe (in 1916) ook naas die Landboufakulteit die opsplitsing van die oorspronklike aantal vakke in 'n Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte en 'n Fakulteit van Wis- en Natuurkunde plaasgevind." (*Ad Destinatum I*, p. 28.) In 1917 is daar in die senaat besluit om van die Raad toestemming te vra om "sub-committees for Arts, Science, Agriculture, Education, Divinity and Law" te ondersoek. Dit kan geld as die voorlopers van fakulteitsrade, wat in die begin van die jare twintig vorm aangeneem het.

Hoewel 'n universiteit daarna strewe om soveel moontlik van die bekende fakulteite te huisves, bestaan daar, veral in die buiteland, talle inrigtings vir hoër onderwys wat in 'n sekere rigting spesialiseer, en wat slegs 'n beperkte aantal verwante fakulteite (of slegs een) binne sy stelsel van onderwys insluit. Al is die opleiding wat daar geskied van universitêre standaard, word hierdie inrigtings gewoonlik nie universiteite genoem nie. In Nederland word byvoorbeeld 'n onderskeid gemaak tussen universiteite en *hogescholen* op grond van die aantal fakulteite (of "afdelingen") wat so 'n inrigting huisves. 'n Universiteit moet ten minste drie van die aldaar erkende agt fakulteite huisves, waaronder in elk geval "de faculteiten der geneeskunde en die der Wiskunde en natuurwetensshappen." In Nederland bestaan daar dan agt universiteite en vyf "hogescholen." Onder die laasgenoemde is daar byvoorbeeld tegniese, landbou- en teologiese "hogescholen." (De Clercq 13–14.)

Dergelike indelings vind ons ook in ander lande. Jonger universiteite het gewoonlik minder fakulteite as ouer inrigtings. Die groepering van vakke binne fakulteite of subfakulteite of skole, of afdelings, of wat hulle ook al genoem word, is feitlik onbeperk. In Nederland word byvoorbeeld die volgende agt fakulteite erken: "godgeleerdheid, rechtsgeleerdheid, geneeskunde, wiskunde en natuurwetenschappen, letteren, economische wetenschappen, sociale wetenschappen, diergeneeskunde." Maar die onderskeie universiteite maak dan weer verdere onderverdelings. So vind ons aan die Vrye Universiteit van Amsterdam 'n hele aantal "subfaculteiten" en "interfaculteiten." So is daar in die Fakulteit Wiskunde en Natuurwetenschappen ses subfakulteite, waaronder die van "Wiskunde en Informatica" en "Natuurkunde en Sterrenkunde." Onder die "interfaculteiten" word byvoorbeeld gevind "Aardrijkskunde en Prehistorie" en "Lichamelijke Opvoedkunde."

Aan die Universiteit van Gent vind ons die volgende fakulteite: "Letteren en Wijsbegeerten, Wetenschappen, Geneeskunde, Toegepaste Wetenschappen, Diergeneeskunde, Landbouwwetenschappen, Farmaceutische Wetenschappen" en daarbenewens ook skole, institute en sentrums. Aan die Universiteit van Leuven lees die lys fakulteite weer soos volg: "Godgeleerdheid, Kerkelijke Recht en Rechtsgeleerdheid, Economische en Toegepaste Economische Wetenschappen, Geneeskunde, Letteren en Wijsbegeerten, Psychologie en Pedagogische Wetenschappen en Landbouwwetenschappen."

So kan mens voortgaan. Deur eenvoudig die jaarboeke van die verskillende universiteie dwarsoor die wêreld na te gaan, kan 'n indruk verkry word van die groot verskeidenheid, alles waarskynlik om die toename van kennis en die verskeidenheid van studierigtings te akkommodeer. En tog, by al die verskeidenheid word die basiese indelings maar altyd weer teruggevind.

Die Universiteit van Pretoria word soms die "volledigste" universiteit in Suid-Afrika genoem omdat hy van almal die meeste fakulteite huisves. Met die Fakulteit Veeartsenykunde as die enigste in Suid-Afrika kan hierdie aanspraak maklik gemaak word. In 1960 was die fakulteite reeds "voltallig," elf in geheel, by name: Lettere en Wysbegeerte, Wis- en Natuurkunde, Landbou

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

(tans Landbouwetenskappe), Regsgeleerdheid, Godgeleerdheid (tans Teologie), Handel en Publieke Administrasie (tans Ekonomiese en Staatswetenskappe), Veeartsenykunde, Geneeskunde, Tandheelkunde, Ingenieurswese en Opvoedkunde.

Volgens Art. 10 van die Wet op die Universiteit van Pretoria word die bogenoemde fakulteite deur die wet bepaal en ook "die ander fakulteite of departemente (hetsy onderafdelings van fakulteite al dan nie) wat die Raad, na oorleg met die Senaat, met goedkeuring van die Minister en behoudens die bepalings van die statuut van tyd tot tyd bepaal."

"'n Fakulteitsraad is 'n komitee van die Senaat." So lees ons in die statuut van die Universiteit. Verder: "'n Fakulteitsraad bestaan uit die Rektor (ampshalwe), die dekaan van die fakulteit, die hoofde van en die professore in die departemente in die betrokke fakulteit en ander persone wat op aanbeveling van die senaat deur die Raad aangestel word." Die dekaan is ampshalwe die voorsitter van die betrokke fakulteitsraad. In die loop van die jare sestig is fakulteite van amptelike sekretarisse voorsien; voorheen is 'n deeltydse sekretaris uit eie geledere benoem.

In 1947 het die Raad besluit dat alle senior lektore ipso facto assessorlede van 'n fakulteitsraad word en dat ander lektore op aanbeveling van die betrokke departementshoof ook benoem kan word tot assessorlede van die fakulteitsraad. By die Fakulteit Wis- en Natuurkunde het 'n reël gegeld dat lektore vanaf die datum van hulle vaste aanstelling (na die proeftyd van twee jaar) tot assessorlede benoem kan word, en van 1952 af is hierdie reëling na ander fakulteite uitgebrei.

Van 1961 af kan senior lektore, na hulle vir vyf jaar lank senior lektore was, volle lede van die fakulteitsraad word, maar dan slegs een per departement. Die aantal senior lektore mag nooit meer as vyftig persent van die aantal departemente per fakulteit wees nie, en hulle word vir 'n termyn van drie jaar aangestel. Wanneer die aanstelling van professore ter sprake kom, mag senior lektore wat nie hoofde van departemente is nie, nie aan die stemming deelneem nie, ook nie aan dekaansverkiesings nie.

Dekaan

Die dekaan is die hoof van die fakulteit en word deur die Raad as sodanig aangestel. Die woord *dekaan* is ook van Latynse oorsprong, nl. *decanus*; dit hou verband met die woord *decem* wat *tien* beteken. Oorspronklik het dit die leier van tien persone in die een of ander verband aangedui. Later het die woord verskillende gebruike binne die Rooms-Katolieke Kerk verkry, as die hoof van 'n aantal kerkdienaars of priesters. In universiteitsverband ken dit ook verskillende gebruike in verskillende lande. Aan Engelse universiteite was 'n dekaan aanvanklik iemand wat dissipline oor 'n bepaalde aantal studente moes uitoefen, later die hoof van een van die afdelings, kolleges, skole of fakulteite van die universiteit.

Die aanstelling, diensvoorwaardes, pligte en bevoegdhede van dekane aan die Universiteit van Pretoria is in 'n reglement vasgelê. Die dekaan is ampshalwe die voorsitter van sy betrokke fakulteitsraad en lid van die Uitvoerende Komitee van die senaat, maar hy dien gewoonlik ook op talle ander komitees. Die pligte van 'n dekaan is velerlei, maar dit kom in hoofsaak daarop neer dat hy moet sorg dra vir die goeie gang van onderrig en navorsing binne sy fakulteit.

Met verloop van jare het die dekaan 'n steeds belangriker rol aan die universiteit gespeel. In 1962 wys die rektor, prof. Rautenbach, in 'n memorandum tot die Raad daarop dat "enige jare gelede" die suiwer akademiese werksaamhede van die Senaat en sy komitees sodanig uitgebrei het dat dergelike sake nie meer doeltreffend en met spoed behartig kan word nie. Daar is toe besin oor 'n struktuurverandering van die akademiese organisasie en dit het 'n hersiening van die dekanereglement meegebring. Die pligte en bevoegdhede van die dekane is uitgebrei. Hulle is "intiemer" by die administrasie van akademiese aangeleenthede betrek. Hulle het meer as voorheen die akademiese leiers van hulle fakulteite geword. Die rektor het groter bystand van hulle gekry. Sommige bevoegdhede van fakulteitsrade is aan dekane gedelegeer en so het die administrasie van die Universiteit meer vaartbelyn geword.

Met dit alles het die werk van die dekaan al hoe meer geword. So is daar reeds in 1966 'n assistent-dekaan in die Fakulteit Geneeskunde benoem.

In 1968 het die Raad die wens uitgespreek dat dekane voortaan deur die Raad "na oorlegpleging met die akademiese instansies" aangestel word. Die senaat het skoorvoetend ingestem en aanbeveel dat die statuut so verander word.

In 1969 is die reglement soos volg verander: "Onderworpe aan die bepalings van die Statuut stel die Raad al om die derde jaar in September 'n dekaan vir alle fakulteite en 'n adjunk-dekaan vir die Fakulteit Teologie aan na oorleg met die Senaat wat op sy beurt die Fakulteitsraad raadpleeg." Verder is bepaal dat slegs 'n professor wat volle lid van die senaat en hoof van 'n departement is, as dekaan aangestel kon word.

Die dekanereglement het verdere verandering ondergaan met die aanstelling van voltydse dekane. Dit begin by die Fakulteit Geneeskunde. In 1970 het prof. H.W. Snyman, wat sedert jare dekaan van dié Fakulteit was, dit oorweeg om sy pos as professor in en hoof van die Departement Interne Geneeskunde te verruil vir die van addisionele professor in dieselfde departement met behoud van sy dekaanskap. Die probleem was egter dat hy dan nie meer hoof van 'n departement sou wees nie, soos die reglement vereis. Die rektor, prof. Rautenbach, het nietemin onderneem om "'n weg te bedink" om hom as dekaan te handhaaf en prof. Snyman het begin 1971 die addisionele professoraat aanvaar. Voor sy aftrede, einde 1970, het prof. Rautenbach nog geen "weg bedink" nie en prof. Hamman het met die ongerymdheid bly sit. Aangesien daar dringende sake op die dekaan van die Fakulteit Geneeskunde gewag het, moes daar gou 'n oplossing gevind word. Prof. Hamman het toe as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tydelike oplossing prof. Snyman tot waarnemende dekaan benoem van 1 Januarie 1971 af "vir solank as die omstandighede dit noodsaak."

Die Raad het daarna hierdie aangeleentheid na 'n komitee verwys en ingevolge 'n verslag van die sameroeper daarvan, prof. S.F. Oosthuizen, het die komitee aanbeveel dat 'n voltydse dekaan vir die Fakulteit Geneeskunde aangestel word, soos toe reeds by ander Suid-Afrikaanse universiteite die geval was.

Die Raad het hierdie aanbeveling aanvaar en op sy vergadering van 16 September 1971 besluit "dat 'n voltydse dekaan (vir die Fakulteit Geneeskunde) vanaf 1 Januarie 1972 aangestel word." Die benoemingsprosedure bly ongeveer dieselfde as voorheen, maar met weglating van die vereiste dat so 'n persoon 'n departementshoof moes wees. Op die volgende raadsvergadering, 18 November 1972, is prof. H.W. Snyman vanaf 1 Januarie 1972 as voltydse dekaan van die Fakulteit Geneeskunde aangestel. Net die volgende jaar het ook die Fakulteit Tandheelkunde in die persoon van prof. P.C. Snijman 'n voltydse dekaan gekry.

Daar is al hoe meer gevoel dat dit 'n goeie oplossing is vir groter fakulteite, waar 'n deeltydse dekaan nouliks al die werk kan behartig. In Mei 1974 het die Begrotingskomitee van die senaat hom ten gunste van voltydse dekaansposte uitgespreek en die Raad het daarop besluit om aan 'n komitee, bestaande uit die Rektor en die Vise-rektor, op te dra om norme vas te stel vir die instelling van 'n vaste dekaanspos binne 'n bepaalde fakulteit. Wat waarskynlik tot hierdie stap bygedra het, is 'n skrywe van die dekaan van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde, prof. H.P. van der Schijff, waarin hy die veeleisendheid van die dekaanstaak in daardie fakulteit beklemtoon, asook die onmoontlikheid om die taak van hoof van 'n aktiewe departement ook nog met 'n dekaanskap te verbind. Die Fakulteitsraad het daarop die instelling van 'n voltydse dekaanskap eenparig aanbeveel en die senaat het die Raad versoek om 'n prosedure te bepaal waarvolgens die aangeleentheid aanhangig gemaak kan word en om 'n norm te bepaal waaraan voldoen moet word.

In sy verslag het die aangewese komitee (Rektor en Vise-rektor) bevind dat dit nie moontlik is om 'n vaste norm vas te lê nie en dat net 'n aantal riglyne aangedui kan word wat die Raad in gedagte moet hou by die instelling van 'n voltydse dekaanskap. Hierdie riglyne sluit in studentegetalle, verskeidenheid van opleiding, grootte van personeel en navorsing.

In 1975 is daar nog eens 'n komitee, met prof. S.F. Oosthuizen as sameroeper, aangestel om 'n reglement voor te berei waarin die aanstellingsprosedure, bevoegdhede en pligte van deeltydse en voltydse dekane omskrywe word. Vir die eersgenoemde bepaal die reglement dat die Raad al om die derde jaar 'n dekaan vir die betrokke fakulteit, en 'n adjunk-dekaan vir die Fakulteit Teologie, aanstel "na oorleg met die Senaat, wat op sy beurt die betrokke fakulteitsraad vooraf raadpleeg." Aangesien 'n voltydse dekaanskap alleen uit 'n deeltydse dekaanskap voortkom, bepaal die reglement dat die Raad, "met inagneming van die omstandighede", die inisiatief neem nadat die rektor 'n voorlegging in dié verband aan die Raad gemaak het. Die rektor moet vooraf die betrokke fakulteitsraad en sy diensdoende dekaan raadpleeg, terwyl die fakulteitsraad ook op eie inisiatief 'n aanbeveling aan die rektor kan doen. Waar die deeltydse dekaan steeds vir 'n periode van drie jaar benoem word, geskied dit by die voltydse dekaan "vir 'n termyn wat deur die Raad bepaal word."

Ten opsigte van status en leeropdrag bepaal die reglement dat 'n voltydse dekaan die status van professor in sy betrokke dissipline en fakulteit behou en dat hy nog 'n leeropdrag in die fakulteit kan hê in oorleg met die rektor en die betrokke departementshoof, of hy kan homself beskikbaar stel vir akademiese hulp.

Al hoe meer voltydse dekane is aangestel: in 1976 in die Fakulteite Veeartsenykunde (prof. C.F.B. Hofmeyr) en Wis- en Natuurkunde (prof. H.P. van der Schijff), en in 1980 Opvoedkunde (prof. F. van der Stoep) en Ingenieurswese (prof. D.J. Schoeman). Hierdie tendens is voortgesit toe in 1983 aan die fakulteite Lettere en Wysbegeerte en Ekonomiese en Staatswetenskappe ook voltydse dekaanskappe toegesê is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

II Fakulteite

1 Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

Die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte is die omvattendste en grootste in die Universiteit. Ondanks nuwe en soms populêre studierigtings in ander fakulteite het die Fakulteit oor die jare hierdie onderskeiding bly behou. Van 2 256 in 1960 het die studentetal in 1982 tot 3 763 gestyg. Hoewel in 'n mindere mate, het dit soos die Universiteit self in hierdie jare gegroei. In 1977 het die getal tot 'n hoogtepunt van 4 677 gestyg, met daarna 'n geleidelike afname, buitemuurs na verhouding meer as binnemuurs. Opvallend was die toename in damesstudente, wat in 1967 die mans verbygesteek het.

In 1982 was die aantal departemente in die Fakulteit slegs twee meer as in 1960, maar intussen het daar heelwat veranderings plaasgevind. Behalwe nuwe kursusse het daar nuwe departemente bygekom, soos Musiek en Drama onderskeidelik in 1960 en 1964. Enkele nuwe departemente het afgetak, soos Argeologie van Volkekunde in 1970, Maatskaplike Werk van Sosiologie in 1974, en Beeldende Kunste van Kunsgeskiedenis in 1977. Twee of drie departemente het deur 'n proses van konsolidasie saamgesmelt, soos Etiek en Geskiedenis van die Wysbegeerte en Logika en Metafisika tot Wysbegeerte in 1961, en Afrikaanse Letterkunde, Afrikaanse, Nederlandse en Germaanse Taalkunde en Nederlandse Letterkunde tot die Departement Afrikaans in 1974. Ook het dit gebeur dat 'n departement na 'n ander fakulteit verhuis het, soos Verpleegkunde wat in 1966 deur die Fakulteit Geneeskunde opgeneem is. Naamsveranderinge het ook plaasgevind soos die Departement Frans wat in 1978 Romaanse Tale geword het met die oog op die latere invoering van Italiaans, Spaans en Portugees. Dit het ten slotte ondoenlik geblyk te wees en daar is teruggekeer na die oorspronklike benaming. In 1968 is 'n poging aangewend om 'n Departement Kommunikasiekunde in te voer, maar die kommissie wat die saak ondersoek het, het daarteen geadviseer. Ook het daar naamsverandering in die geval van kursusse, grade en diplomas plaasgevind. So is daar probeer om tred te hou met die eise van die tyd.

In 1961 is daar op inisiatief van prof. G. Cronjé 'n begin gemaak met die fakulteitslesings, wat later 'n instelling geword het. Elke jaar word daar deur 'n aangewese groep dosente, soms ook deur persone buite die Universiteit, lesings oor 'n bepaalde tema gegee. In gepubliseerde vorm het dit oor die jare belangrike reekse geword.

Daar is deurlopend aandag gegee aan beter metodes van onderwys, onder andere om die druipsyfer, veral onder eerstejaars, te bekamp. So is kernaantekeninge taamlik algemeen ingevoer en is daar voortdurend gesoek na beter handboeke. Die invoer van die semesterstelsel, nie net in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte nie, is ook 'n poging in dié rigting, hoewel dit nie deur alle departemente aanvaar is nie.

Vir die grootste gedeelte van die 22 jaar was die Fakulteit oor die hele kampus versprei. Baie lesinglokale is met ander fakulteite gedeel en daar was voortdurend klagtes oor 'n tekort aan dosentekantore en lesingsale. Nuwe geboue, soos Letteregebou II, tans die Gebou vir Teologie, die blok dosentekantore langs die Biblioteek en die Kanseliersgebou, het verligting gebring. Sedert 1974 is hoopvol opgekyk na die toringblok vir Geesteswetenskappe wat verrys het. In 1975 is dit al gedeeltelik en in 1977 heeltemal benut. Eindelik was daar voldoende gerieflike ruimte vir die meeste departemente in die Fakulteit.

Daar is 'n aantal departemente in hierdie Fakulteit wat in die eerste plek by ander fakulteite tuishoort; by die Fakulteit Regsgeleerdheid: Inheemse Reg, Romeins-Hollandse en Internasionale Privaatreg en Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie; by die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe: Staatsleer en Internasionale Politiek en Statistiek; by die Fakulteit Wis- en Natuurkunde: Geografie en Wiskunde. Die rede vir hierdie verskynsel lê meestal in die herkoms van die onderskeie departemente opgesluit. In sommige gevalle hou dit verband met die letterlike betekenis wat aanvanklik aan die begrip Wysbegeerte/Filosofie geheg is as kennis op alle gebiede.

In 1960 was prof. A.N. Pelzer van die Departement Geskiedenis dekaan van die Fakulteit, as sodanig in 1954 benoem. Hy bly dit tot 1970 met slegs een jaar onderbreking (1963/1964), toe prof. H.L. Gonin van die Departement Latyn die pos gevul het. Na prof. Pelzer in 1970 tot registrateur bevorder is, is prof. A.P. Grové van die Departement

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die Administrasiegebou op die hoofkampus, onder studente algemeen bekend as "Die Skip".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Afrikaans tot dekaan benoem. Hy bly dit tot sy uitdienstreding in 1983; in hierdie jaar het hy voltydse dekaan geword. Hy is opgevolg deur prof. W.C. van Wyk, voorheen professor in Semitiese Tale.

Ten slotte moet genoem word dat daar in dié tyd twee institute in die Fakulteit tot stand gekom het: die Instituut vir die Studie van Plurale Samelewings, wat in 1982 vervang is deur die Instituut vir Bedryfs- en Ontwikkelingsosiologie; en die Instituut vir Sportnavorsing en -opleiding. Dan was daar die Nederlands Cultuurhistorisch Instituut wat reeds in 1932 deur privaatinisiatief ontstaan het, en in 1982 deur die Universiteit oorgeneem is.

Dekane van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte 1960–1982

1960 Prof. A.N. Pelzer
1963 Prof. H.L. Gonin
1964 Prof. A.N. Pelzer
1970 Prof. A. P. Gové

Departement Afrikaans

Soos waarskynlik by alle Suid-Afrikaanse universiteite die geval is, is die Departement Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria 'n veelsydige, of ten minste 'n driesydige departement. Daar is die twee sye Afrikaans en Nederlands en daarby die ander twee: Letterkunde en Taalkunde. So het dit dan gebeur dat daar in 1936 die twee departemente Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde en Afrikaanse, Nederlandse en Germaanse Filologie (later Taalkunde) ontstaan het. In 1952 is die eersgenoemde weer in die twee departemente, Afrikaanse Letterkunde en Nederlandse Letterkunde, verdeel. Dit was dan nog die geval in 1960. Daar was toe die drie aan mekaar verwante departemente, in so 'n mate verwant dat verskeie dosente in meer as een van die departemente betrek is. Die drie afdelings het ook saam een vak gevorm: Afrikaans/Nederlands.

Ingevolge 'n Raadsbesluit van 18 September 1969 dat "waar een vakgebied tans deur verskillende departemente behartig word, hierdie departemente in die toekoms tot één departement gekonsolideer word sodra die geleentheid daartoe homself voordoen", het die konsolidasie tot een Departement Afrikaans met die uittrede van prof S A Louw op 1 Januarie 1974 plaasgevind.

Wat vakinhoud betref, het daar oor die jare vernuwing en aansluiting by moderne strominge plaasgevind. Prof L C Eksteen som dit soos volg op: "Sedert 1968 oefen veral die Transformasioneel-generatiewe Grammatika 'n invloed op die beoefening en dosering van Afrikaanse Taalkunde uit, met daarby ook in die jongste jare 'n bykomende invloed deur die Sosiolinguistiek, terwyl die vernuwing op die gebied van die Historiese Taalwetenskap ook sy spore laat op die historiese beskrywing van Afrikaans. Hierby word daar ook sterk gekonsentreer op die versameling en beskrywing van Afrikaanse taalmateriaal. In die Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde word daar veral gekonsentreer op noukeurige teksanalise, terwyl

Twee hoofde van die Departement Afrikaanse Letterkunde, sedert 1974 bekend as die Departement Afrikaans: proff. M.S.B. Kritzinger (1936–1961) regs, en A.P. Grové (1962–1982), links.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

onder meer die resepsie-estetika 'n rol van betekenis in die jongste jare speel."

Om die geskiedenis van die Departement van 1960 af na te gaan sal dit nodig wees om die lotgevalle van elkeen van die drie departemente waaruit dit toe bestaan het, afsonderlik te behandel.

Departement Afrikaanse, Nederlandse en Germaanse Taalkunde

In 1960 was prof. S.A. Louw hoof van hierdie Departement. Gebore op Krugersdorp op 8 Augustus 1908, het Stephanus Andreas Louw na matrikulasie aan die Monumenthoërskool deeltyds, terwyl hy geboer het, aan die Universiteit van Suid-Afrika verder studeer en sy BA-graad in 1933 behaal. Aan die Universiteit van Pretoria behaal hy hierna in 1934 die HOD en in 1935 die MA-graad in Taalkunde. Hierop volg voortgesette studie aan die Universiteit van Utrecht, Nederland, waar hy die doktorale eksamen in 1938 aflê en daarna werksaam is aan die dialeksentrales van die universiteite van Amsterdam, Marburg en Leiden.

Sy loopbaan aan die Universiteit van Pretoria begin in 1940, eers as tydelike, later as junior, in 1942 as gewone en in 1946 as senior lektor. Hy volg prof. T.H. le Roux in 1948 op as professor in en hoof van die Departement Afrikaanse, Nederlandse en Germaanse Taalkunde (Stadsraad van Pretoria-leerstoel). Intussen het hy in 1945 sy doktorsgraad met lof op 'n proefskrif oor die Dialekgeografie in Afrikaans behaal.

Prof. Louw het ontwikkel tot een van die "heel grootste taalkenners in Suid-Afrika", soos dit in 'n verslag gestel word. Hy was een van die stille werkers wat hom met toewyding in sy besondere vak verdiep het. 'n Groot aantal artikels van hom het in Suid-Afrikaanse en buitelandse tydskrifte verskyn en daarbenewens het hy 'n paar gesaghebbende werke oor die taalgeografie gepubliseer. In 1953 en weer in 1967 het hy sy studieverlof gebruik om buitelandse universiteite in verband met sy vak te besoek; in die laasgenoemde jaar die van Amsterdam, Marburg, Kopenhagen, Reykjavik, Bonn en Leuven.

Prof Louw se naam is in die eerste plek verbonde aan die *Afrikaanse Taalatlas*. Die taalatlas het sy oorsprong by 'n voorstel wat prof. T.H. le Roux in 1954 op 'n vergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gedoen het. Daar is met die Universiteit van Pretoria ooreengekom dat die taak aan prof. S.A. Louw opgedra word, terwyl die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing (later die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing) die geld daarvoor voorsien het.

"Die Taalatlas is nie net 'n reeks publikasies van taalkaarte en kommentaar daarop nie: dit is veel meer. In werklikheid is dit niks anders as 'n instituut nie, met 'n uitgebreide organisasie wat stof op groot skaal insamel, orden en algaande verwerk, maar veral opgaar in 'n arsenaal wat alles moet bevat wat op Afrikaans betrekking het," aldus 'n verduideliking wat aan die senaat voorgelê is.

In 1959 het die eerste tien aflewerings, bestaande uit vyf kaarte elk, verskyn, alles in een band saamgebind. Daarna het die tweede reeks in 'n ander vorm begin verskyn wat ten slotte vyf aflewerings beloop het. Nog voor prof. Louw in 1973 die aftree-ouderdom bereik het, het die Raad in 1972 besluit om sy dienste te behou en is hy met ingang 1 Januarie 1974 vir 'n tydperk van drie jaar as taalgeograaf en navorser met betrekking tot die Afrikaanse Taalatlas heraangestel en daarna jaar vir jaar tot sy afsterwe, 16 Augustus 1979.

Soos reeds gemeld het hierdie Departement begin 1974, met die konsolidasie, opgehou om te bestaan, hoewel dit natuurlik nie die einde van die studie van die Taalkunde was nie. Prof. Louw is deur prof. L.C. Eksteen opgevolg as besetter van die Stadsraad van Pretoria-leerstoel. Gebore in 1930 in Suidwes-Afrika het Louis Cornelius Eksteen sy naskoolse opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BA 1955, MA (met lof) 1961 en DLitt (met lof) 1964, benewens die Hoër Vertalersdiploma. Hy was van 1956 tot 1957 werksaam by die Taaldiensburo, van 1958 tot 1960 verbonde aan Radio Nederland, van 1962 tot 1964 op die personeel van die Afrikaanse Woordeboek op Stellenbosch, van begin 1965 tot Maart 1966 lektor aan die Universiteit van Port Elizabeth en van 1 April 1966 af senior lektor aan die Universiteit van Pretoria. Hy is met ingang 1 Januarie 1974 tot professor bevorder.

Prof. Eksteen het heelwat gepubliseer op die gebied van die taal- en letterkunde, met ook drie digbundels op sy naam. Hy is bekend as resensent en kommentator oor die radio. In 1962 het hy die Tafelberg Uitgewersprys vir Afrikaanse Taal- en Letterkunde ontvang. Hy is onder andere lid van die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en van die Suid-Afrikaanse Linguistiese Vereniging.

Na die oorlye van prof. Louw het die projek van die Taalatlas tot stilstand gekom. Prof. Eksteen en sy personeel gaan egter voort met ordening van die massa gegewens wat oor die jare versamel is en wat tot die beskikking van navorsers is.

Nog 'n persoon wat gelyktydig met prof. Louw uit diens van die Universiteit getree het, was prof. J.P. Bingle. Na hy sy universitêre studie tot die bereiking van die MA-graad (1935) en die HOD aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys voltooi het, het Johannes Petrus Bingle tot 1947 aan laer- en middelbare skole onderwys gegee, daarna dosent aan die Onderwyskollege van Pretoria geword en in 1949 as senior lektor in Taalkunde in diens van die Universiteit van Pretoria getree. Hy behaal sy doktorsgraad in 1964 en word op 1 Januarie 1967 tot medeprofessor bevorder.

'n Ander dosent in hierdie departement was prof. H. van der Merwe Scholtz. Gebore in 1924, het hy sy BA-graad in 1943 aan die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat, sy MA-graad in 1945 (met lof) aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO en sy doktorsgraad in 1950 aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam behaal. Hy is op 1 Junie 1950 as lektor in die Departement Afrikaanse, Nederlandse en Germaanse Taalkunde aan die Universiteit van Pretoria aange-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

stel en in 1956 bevorder tot senior lektor. In 1959 neem hy vir twee jaar onbetaalde verlof om die Afrikaanse leerstoel aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam te gaan beklee, daarna met nog een jaar verleng. Prof. Scholtz het hierdie pos in Amsterdam met onderskeiding waargeneem en naam gemaak as letterkundige.

Terug in Pretoria, is hy met ingang 1963 tot medeprofessor bevorder. Hy bedank op 31 Desember 1965 om professor aan die Universiteit van Kaapstad te word.

Departement Nederlandse Letterkunde

Ook hierdie departement het met die konsolidasie in 1974 verdwyn, of liewer opgegaan in die Departement Afrikaans. In 1960 was prof. T. Buning hoof daarvan.

Tjaarda Buning is op 23 Augustus 1901 gebore. Sy naskoolse opleiding geniet hy as student van die Universiteit van Suid-Afrika: BA, BSc, BCom II, MA, MEd en ten slotte DLitt aan die Universiteit van Pretoria. Na hy etlike jare op Rustenburg onderwys gegee het en vir 'n jaar of wat in Nederland studeer het, aanvaar hy op 1 Januarie 1935 die pos van lektor aan die Universiteit van Pretoria en word in 1937 tot senior lektor bevorder. 'n Paar jaar later neem hy studieverlof om 'n studie te maak van die moderne Nederlandse letterkunde, maar die oorlog ry sy planne in die wiele.

In 1952 word hy hoof van en professor in die Departement Nederlandse Letterkunde wat in daardie jaar 'n selfstandige departement geword het. Vanaf hierdie jaar bestaan daar dus die bogenoemde drie verwante departemente. Op 31 Desember 1966 was sy dienstyd verstreke en verlaat hy die Universiteit na meer as dertig jaar.

Hy is met ingang 1 Januarie 1968 deur prof. S. Strydom opgevolg, na die pos vir 1967 as vakant aangedui is. Stephanus Strydom is in 1924 in Johannesburg gebore. Sy opleiding het hy aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BA, MA, DLitt, asook TOD. Na hy vir agt jaar onderwys aan enkele hoërskole gegee het, is hy vir vyf jaar aan die Onderwyskollege van Pretoria verbonde en terselfdertyd vier jaar lank deeltyds aan die Universiteit van Pretoria.

Met die vertrek van prof. H. v d M. Scholtz na Nederland neem hy eers tydelik-voltyds in sy plek waar en word in 1962 permanent-voltyds tot senior lektor in die Departement Nederlandse Letterkunde bevorder.

Met die konsolidasie tot die een Department Afrikaans het ook Nederlandse Letterkunde as 'n selfstandige departement verdwyn, maar prof. Strydom het sy status behou met as leeropdrag Nederlandse Letterkunde.

Departement Afrikaanse Letterkunde

Hierdie departement, wat in 1974 ook opgegaan het in die gekonsolideerde Departement Afrikaans, het in 1960 onder die leiding van prof. M.S.B. Kritzinger gestaan. Matthijs Stefanus Benjamin Kritzinger is op 16 Oktober 1896 gebore. Hy geniet sy opleiding aan die Universiteit van Kaapstad, waar hy die BA-graad behaal, daarna aan die Universiteit van Suid-Afrika, waar hy die MA- en die DLitt-graad behaal. Na hy enkele jare onderwys gegee het, word hy op 1 Oktober 1920 aangestel as lektor aan die destydse Transvaalse Universiteitskollege; in 1926 word hy bevorder tot senior lektor en in 1936 tot professor. Met sy simpatieke persoonlikheid en sy besondere sin vir humor het prof. Kritzinger 'n spesiale plek aan die Universiteit ingeneem, by kollegas sowel as studente. Sy vakkundige werk het veral neerslag gevind in die *Groot Woordeboek* waaraan hy, naas sy medewerkers, 'n belangrike aandeel gehad het, en wat van 1926 tot 1972 elf vermeerderde uitgawes beleef het.

Prof. Kritzinger het op 31 Desember 1961 na bereiking van die aftreeleeftyd uit die diens van die Universiteit getree, maar hy was daarna steeds werksaam binne sy vakgebied. Hy is op 12 Januarie 1977 oorlede. "Hy was so lank aan die Universiteit verbonde en het sulke waardevolle en getroue dienste gelewer, dat hy nie maklik vergeet sal word nie," het die rektor, prof. Hamman, by sy afsterwe van hom getuig.

Hy word met ingang 1 Januarie 1962 opgevolg deur prof. A.P. Grové. Alewyn Petrus Grové is op 10 Junie 1918 op Potchefstroom gebore. Sy opleiding ontvang hy aan die Hoër Volkskool Potchefstroom, matrikulasie eerste klas in 1935, en daarna aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys: BA in 1938, MA in 1939, UOD in 1940 en DLitt in 1950 onder prof. G. Dekker, met die proefskrif: *Boutens as Negentiger*. Van 1941 tot 1946 gee hy onderwys aan die Hoër Gimnasium, Potchefstroom. In 1947 word hy aan die Universiteit van Natal as lektor aangestel, in 1950 aldaar tot senior lektor en in 1959 tot medeprofessor bevorder.

Nog voor die laasgenoemde bevordering, is hy vanaf 1 Januarie 1959 benoem as lektor aan die Universiteit van Pretoria, waar hy egter eers op 1 Julie 1959 die pos aanvaar. Hier is hy op 1 Januarie 1960 tot senior lektor bevorder.

Prof. Grové was reeds bekend vir sy indringende ontleding van die letterkunde, soos dit in verskeie publikasies neerslag gevind het, toe hy aan die Universiteit van Pretoria aangestel is. Hy ontwikkel tot een van die vooraanstaande letterkundiges in die land, en is jare lank redaksielid van die toonaangewende tydskrif *Standpunte*; van 1960 tot 1970 was hy eindredakteur. Hy is die skrywer van verskeie letterkundige studies en handboeke. Hy speel ook 'n aktiewe rol in die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en verskeie ander verenigings, en is onder andere lid van die Maatschappij der Nederlandse Letterkunde sedert 1953. In 1963 ontvang hy die Stalsprys vir Literatuurwetenskap.

Prof. Grové is in 1972 tot dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte benoem, 'n pos wat hy tot die einde van 1982 beklee.

Na konsolidasie in 1974, het prof. Grové professor in en hoof van die verenigde Departement Afrikaans geword. 'n Groot departement soos hierdie een het uiteraard 'n groot aantal dosente. Behalwe

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die bogenoemde professore was daar in 1974 nog vyf senior lektore en ses lektore, en in 1982 drie medeprofessore, en een junior lektrise. Die medeprofessore was proff. Elize Botha, V.N. Webb en C.E. (Réna) Pretorius.

Prof. Elize Botha was vir meer as twintig jaar as dosent aan die Universiteit van Pretoria verbonde. Sy het haar opleiding (alle eksamens met lof) aan die Universiteit van Stellenbosch en aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam ontvang. Aan die laasgenoemde inrigting behaal sy in 1955 die DLitt et Phil-graad. Na sy van Januarie 1956 tot Julie 1960 aan die Universiteit van Suid-Afrika verbonde was, tree sy in die laasgenoemde jaar in diens van die Universiteit van Pretoria, eers op 'n deeltydse en later op 'n tydelik/voltydse basis, waar sy as getroude vrou telkens vir 'n periode van drie jaar heraangestel moes word. Eers in 1976 is sy as senior lektrise op 'n permanente basis aangestel en met ingang 1981 tot medeprofessor bevorder.

Sy was op 'n wye terrein, ook binne die Universiteit, aktief in haar vakgebied by wyse van publikasies en lidmaatskap van liggame. As redaktrise van die *Tydskrif vir Letterkunde* van die Afrikaanse Skrywerskring lewer sy 'n groot bydrae tot bevordering van die Afrikaanse letterkunde en het sy veral 'n aandeel aan die Taalfees in 1975. In 1982 het sy die Gustav Preller-prys van die Akademie ontvang. Sy tree in 1982 uit diens om volle professor aan die Universiteit van Suid-Afrika te word.

Prof. V.N. Webb, Nataller van geboorte, het sy opleiding aan die Universiteit van Natal, aan die Universiteit van Suid-Afrika, waar hy promoveer het, en aan die Linguistic Institute van Massachusetts ontvang. Hy is op 1 Junie 1981 as medeprofessor aangestel, nadat hy reeds volle professor aan die Universiteit van Port Elizabeth was.

Mej. C.E. Pretorius is 'n oudstudent van die Universiteit van Pretoria waar sy in 1971 die graad DLitt behaal het. Sy was van 1961 tot 1964 verbonde aan die Pretoriase Onderwyskollege, van Augustus 1964 tot Desember 1965 vise-hoof van die Afrikaanse Hoër Meisieskool, Pretoria, en van Januarie 1966 af voltyds aan die Universiteit van Pretoria verbonde waar sy die vorige jaar reeds deeltyds klas gegee het. Sy is op 1 Januarie 1973 tot senior lektor bevorder en op 1 Januarie 1982 tot medeprofessor. Na die aftrede van prof. Grové in 1983, het sy hoof van die Departement Afrikaans geword.

Prof. Réna Pretorius is 'n vooraanstaande letterkundige, ook aktief as Akademielid, redaksielid van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* en lid van die Appèlraad oor Publikasies.

Afrikaans is een van die dissiplines wat uit die aard van die vakgebied na aan die algemene publiek staan. Dit het te doen met die taal wat gepraat en die boeke wat gelees word. Dosente van die departement het aktief aan die literêre lewe deelgeneem, was in die betrokke 22 jaar telkens gemoeid met polemieke en meningsverskille, veral insake die toekenning van die Hertzogprys.

So kan 'n mens aanneem dat die Departement invloed uitgeoefen het op die rigting van of strominge in die Afrikaanse taal- en letterkunde.

Belangrik is die feit dat verskeie oud-studente professore aan ander universiteite geword het, onder meer: proff. M.C.J. van Rensburg (UOVS), W.S.H. du Randt (UPE), W.J. de Klerk (UNISA), H.J. van Eetveldt (Universiteit van Zoeloeland), N.F. de Bruto (Universiteit van die Noorde), J.G.H. Combrink (Stellenbosch), L. Strydom (UOVS), N.J. Snyman (UNISA) en L.B. Odendaal (Dept Drama UP). Ander is bekende skrywers en digters, onder meer: Barto Smit, John Miles, Jan Spies, Chris Barnard, P.G. du Plessis, George H. Weideman. Dan is daar ook bekende akteurs soos Katinka Heyns, Lerina Erasmus en Amanda Strydom, bekende sangeresse soos Carike Keuzenkamp en Anneli van Rooyen, en regisseurs soos Stephan Bouwer (ook 'n digter).

Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis

Hierdie departement het in die jare dertig ontstaan toe dit gekoppel was aan Kunsgeskiedenis. As selfstandige departement kom dit in 1954 tot stand toe die twee departemente Afrikaanse Kultuurgeskiedenis en Nederlandse Kultuurgeskiedenis in die een departement saamgevoeg is. Die band met Kunsgeskiedenis is egter nie dadelik verbreek nie. Sommige dosente het in albei departemente leeropdragte gehad, onder andere prof. G. van Alphen, die eerste hoof van die Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis.

Gregorius (Goof) van Alphen is in 1908 in Nijmegen, Nederland, gebore. Sy opleiding het hy aan die Universiteit van Leiden ontvang, met hoofvak Geskiedenis en byvak Kunsgeskiedenis, en hy het in 1938 onder die promotorskap van prof. J. Huizinga die doktorsgraad behaal. Hy het ook in 1936 en 1937 in Londen en Oxford gestudeer ter voorbereiding van sy proefskrif. Na sy universitêre studie, was hy eers werksaam aan die Universiteitsbiblioteek van Amsterdam, daarna aan die Universiteitsbiblioteek van Groningen, waar hy in 1942 konservator geword het, en daarna aan die Koninklike Biblioteek in Den Haag, waar hy in 1946 tot onderbibliotekaris bevorder is. Sy belangstelling in Kunsgeskiedenis het daartoe gelei dat hy verskeie studiereise deur Europa onderneem het.

Nadat prof. M. Bokhorst bedank het, is prof. Van Alphen in sy plek met ingang 1 Februarie 1953 aangestel as hoof van die Departement Nederlandse Kultuurgeskiedenis, wat toe nog 'n aparte departement was. Toe dit aan die begin van 1954 met die Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis geamalgameer is, het hy hoof van die nuwe departement geword. Hy het ook prof. Bokhorst opgevolg as direkteur van die Nederlands Cultuurhistorisch Instituut.

In 1960 was die dosente in hierdie departement ook dosente van die Departement Kunsgeskiedenis en omgekeerd. Hulle was naas prof. Van Alphen, prof. H.M. van der Westhuysen en dr. F.G.E. Nilant. Hierdie omstandighede bly voortbestaan tot 1971, toe dr. P.G. Nel as senior lektor bygekom het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. G. van Alphen, Hoof, Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis, 1953–1972.

en die band met die Kunsgeskiedenis verbreek is. Eind 1972 het prof. Van Alphen met bereiking van die aftreeleeftyd uit die diens van die Universiteit getree en terug verhuis na Nederland. Met sy deeglike wetenskaplike onderlegdheid het hy veral op die gebied van die Nederlandse Kultuurgeskiedenis sy bydrae gelewer. Hy het Nederland dikwels besoek en so op hoogte van kulturele strominge aldaar gebly. Hy was lid van Het Historisch Genootschap te Utrecht en ook van die van Den Haag, en lid van die Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden. In 1966 is die toekenning van "Officier in de Orde van Oranje-Nassau" aan hom toegeken vir sy bevordering van die Nederlandse kultuur.

Prof. Van Alphen is opgevolg deur prof. P.G. Nel wat in 1971 as senior lektor in die Departement aangestel is, en 1 Januarie 1973 bevorder is tot professor in en hoof van die Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis. Aangesien dit tradisie was dat hierdie pos en veral die direkteurskap van die Nederlands Cultuurhistorisch Instituut deur 'n Nederlander waargeneem word, is die vakature veral in Nederland geadverteer. Daar was egter geen belangstelling van dié kant nie. Prof. Nel het hom goed op Nederland georiënteer en taamlik gereeld besoek aldaar gaan aflê.

Petrus Gerhardus Nel is in 1927 in Waterberg gebore. Sy opleiding ontvang hy aan die Universiteit van Pretoria, waar hy agtereenvolgens sy BA, MA (met lof) en sy DPhil-graad (laasgenoemde in 1969) asook die THOD-opleiding ontvang het. Hy was vier jaar (1950-1953) onderwyser in Kenia en ses jaar (1954-1959) aan die Hoër Seunskool Helpmekaar, Johannesburg. Daarna was hy vir drie en 'n half jaar dosent aan die Pretoriase en nog drie aan die Goudstadse Onderwyskollege. Sedert 1969 was hy Direkteur van Openbare Betrekkinge en deeltydse dosent aan die Universiteit van Port Elizabeth, vanwaar hy na die Universiteit van Pretoria verhuis het. Die Departement het intussen gegroei, sodat daar in 1982 nog twee senior lektorate en een gewone lektoraat bygekom het.

Die vakgebied word soos volg deur prof. Nel beskryf: "In 'n poging om die begrip 'Kultuurgeskiedenis' te omskryf, is dit belangrik om te onthou dat kultuur uit die menslike gees ontstaan en dat Kultuurgeskiedenis dus die gees van die verlede moet projekteer deur die bepaling van lewens-, skeppings- en denkvorme. Kultuurgeskiedenis is eerder op die diepere en algemene as op die besondere gerig."

Die dissipline begin eintlik in die 18de eeu by Voltaire se interpretasie van die geskiedenis en is in die 19de en 20ste eeu nagevolg en uitgebou deur skrywers soos Jacob Burckhardt, Oswald Spengler, Johan Huizinga, Jan Romein en Arnold Toynbee. Na die Tweede Wêreldoorlog het Kultuurgeskiedenis opgang gemaak en algemeen erkenning gekry as 'n vakdissipline. Ook in Suid-Afrika is dit beoefen deur skrywers soos C.M. van den Heever, P. de V. Pienaar en P.W. Grobbelaar.

Die Departement het uiteraard heelwat raakpunte met kultuurbewegings in die algemeen waar die dosente dikwels 'n belangrike rol speel. Prof. Nel dien byvoorbeeld op die hoofbestuur van die FAK en die Taalkomitee daarvan; ook op die Raad van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum en hy is voorsitter van die Kultuurraad van Pretoria.

Sedert die begin van die jare sestig was daar 'n toenemende vraag na opgeleide museumkundiges, sodat daar in 1976 'n nagraadse diploma in Museumkunde aan die Universiteit van Pretoria ingestel is. Dit word deur die Departement aangebied. In 1981 het prof. Nel tydens 'n studiereis die opleiding van kultuurhistorici en museumkundiges in Europa en Amerika bestudeer en daarna heelwat aanpassings in die leergange aangebring. Daar is 'n kernmuseum aan die Universiteit van Pretoria wat veral aangewend word in die nagraadse diplomakursus in museumkunde.

As 'n vorm van dienslewering bestaan daar kontak met 'n groot aantal buite-instansies, soos onder andere die staatsdepartemente (Nasionale Opvoeding, Binne- en Buitelandse Sake en Inligting), kultuurorganisasies, bewaringsinstansies (RGN, Simon van der Stel-stigting), vakverenigings, navorsingsinstitute, museumverenigings en Nederlandse verenigings soos die NZAV.

Heelwat oud-studente beklee belangrike poste, veral as direkteure van kuns- en kultuurhistoriese

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

museums. Verskeie navorsingsprojekte is afgehandel of nog aan die gang, onder andere "Volksgeneeskunde en geneeskundige behandeling aan die Kaap" en "Africana-prente as hulpmiddel by die studie van die Afrikaanse Kultuurgeskiedenis."

Departement Argeologie

Die woord *argeologie* is afgelei van die Griekse woorde *archaios* en *logos*. Die benaming *oudheidkunde*, wat soms gebruik word, gee iets weer van die inhoud van die vakgebied, maar verklaar tog nie waaroor dit gaan nie. Volgens prof. J.F. Eloff behels dit die studie van "die geskiedenis en lewenswyse van mensegroepe met betrekking tot fisiese, kulturele en ander verbandhoudende oorblyfsels." Dit gaan meestal oor voorhistoriese kulture, maar daar bestaan geen tydsafgrensing nie.

Hoewel opgrawings en die ondersoek na oorblyfsels van vergane beskawings ongetwyfeld reeds baie vroeg moes voorgekom het, het argeologie as dissipline eers in die negentiende eeu aan Europese universiteite ontstaan. In Suid-Afrika is dit vir die eerste keer in die jare dertig van die huidige eeu aan die Universiteit van Kaapstad ingestel. Aan die Universiteit van Pretoria het die ontstaan van die vakgebied 'n interessante voorgeskiedenis gehad.

In 1933 het 'n student, mnr. J.C.O. van Graan, aan sy geskiedenisprofessor aan die Universiteit van Pretoria, prof. Leo Fouché, 'n aantal goue krale en goue plate getoon wat op 'n kop, bekend as Mapungubwe, op die plaas Greefswald in Noord-Transvaal gevind is. Onder die leiding van prof. Fouché het die Universiteit van Pretoria daar met opgrawings begin en 'n aantal werkwaardige goue voorwerpe gevind. Dit het gelei tot 'n pragtige publikasie, *Mapungubwe I*, later opgevolg deur deel II, waarin die vondste en die moontlike herkoms van die volk wat daar gewoon het, op 'n wetenskaplike wyse ontleed en uiteengesit is. In die jare vyftig is die plaas Greefswald van staatsweë aan die Universiteit van Pretoria vir opgrawings toegesê. In 1953 en 1954 is daar weer opgrawings gedoen, maar eers in 1968 is dit op 'n sistematiese en gereelde basis voortgesit.

Die ontstaan van die Departement Argeologie is ten nouste verbonde aan die persoon van prof. J.F. Eloff. Johannes Frederik Eloff is in 1918 in die distrik Pietersburg gebore. Na sy skoolopleiding op Pietersburg het hy aan die Pretoriase Normaalkollege die Transvaalse Onderwysdiploma behaal en daarna vir enkele jare onderwys gegee in Johannesburg en Pretoria. Intussen het hy aan die buitemuurse afdeling van die Universiteit van Pretoria verder gestudeer en sy BA-graad met Volkekunde as een van sy hoofvakke behaal. In 1945 het hy in diens getree van die Munisipaliteit van Pretoria, Nie-Blanke Afdeling, en hy word in 1947 senior lektor, later bevorder tot medeprofessor, in Volkekunde aan die Universiteit van Pretoria.

Prof. Eloff se belangstelling in die argeologie het in 1934 begin toe hy saam met sy vader Mapungubwe besoek het. 'n Gedeelte van sy MA-kursus het oor argeologie gegaan, daarin onderrig deur prof C. van Riet Lowe en dr. C.H. Heese. Hierna het hy hom al hoe meer op argeologiese studies toegelê. Hy het weer met die opgrawings in Noord-Transvaal begin en ook deelgeneem aan ander opgrawings in Afrika, onder andere by Isamu Pati in Zambië. In 1957 is hy afgevaardig na 'n kongres van die CCTA (Kommissie vir Tegniese Samewerking in Afrika suid van die Sahara) in Londen, en daarna het hy verskillende universiteite en opgrawingsterreine, onder andere in Rome, besoek.

Die Departement Volkekunde het die noodsaaklikheid dat Argeologie as 'n aparte dissipline aan die Universiteit ingevoer moes word, al hoe meer bepleit en in 1959 is daar aangevoer dat Suid-Afrika besonder ryk aan argeologiese materiaal is. In daardie stadium het nog slegs een Suid-Afrikaanse universiteit, dié van Kaapstad, volledige onderrig in Argeologie aangebied; die Universiteit van Suid-Afrika ook wel, maar hier kan weens die korrespondensie-opleiding die praktyk nie tot sy reg kom nie. Daarop is gewys dat buitelandse navorsing 'n leeue-aandeel in die argeologiese bedrywighede van ons land het. Hierbenewens is daar baie leke-argeoloë wat met groot geesdrif werk, maar weens ongeskooldheid onherstelbare skade veroorsaak. Die Universiteit van Pretoria kon nie langer agterbly nie, veral met Greefswald aan hom toegewys.

Na aanleiding van hierdie vertoë is Argeologie as 'n eenjarige kursus binne die Departement Volkekunde vanaf 1961 ingestel. Aan mnr. Eloff is die opleiding toegesê en die opgrawing op Greefswald toegewys. Hy het ywerig aan die werk gespring en jaar na jaar, gedurende die wintervakansie, met sy studente die geheime van Mapungubwe probeer blootlê. In 1967 is Argeologie as 'n tweejarige hoofvak ingestel met die vooruitsigte vir verdere opleiding tot BA(Hons), MA en DPhil, en in 1970 word dit 'n selfstandige departement met prof. Eloff as hoof. Hy was in hierdie stadium addisionele professor, maar hy is vanaf 1971 tot volle professor bevorder.

Die werksaamhede van die Departement het mettertyd uitgebrei. Behalwe op Greefswald is daar ook in die Eggogrotte in Oos-Transvaal en by Masorini in die noorde van die Krugerwildtuin met opgrawings begin. Daar het enkele publikasies uit hierdie werk voortgevloei.

Sy vakgebied het meegebring dat prof. Eloff lid geword het van 'n aantal liggame, onder andere: die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, die Komitee vir Afrikanistiek van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, die Provinsiale Raad insake Museumdiens (voorsitter), die Advieskommissie insake Koördinasie van Museumvoorligting en Onderwys, die Raad van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum en die Etnologiese Afdeling van die Kommandement Noord-Transvaal.

Departement Bantoetale

Hierdie Departement konsentreer veral op die tale en letterkundes van die Noord-Sotho en die Zoe-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

loe. Die studie van inboorlingtale dateer uit die tyd van die kolonialisme, toe die koloniale moondhede dit nodig gevind het om op hoogte te kom van die tale wat in die kolonies gepraat word. Origens is die wetenskap veral, en miskien in die eerste plek, deur sendelinge ontgin en bevorder, die sendelinge wat die taal moes gebruik om die evangelie te verkondig en die Bybel daarin te vertaal. Dit was ook die geval in Suid-Afrika. Uit hierdie geledere het die eerste geskrifte in hierdie tale en die vroegste Bantoetalestudies voortgekom. Die Departement Bantoetale aan die Universiteit van Pretoria bestudeer "die moderne neigings, tendense, strominge op die terrein van die taal- en letterkundestudie soos dit aan die orde kom", verduidelik prof. P.S. Groenewald.

In 1960 was prof. J.A. Engelbrecht professor in en hoof van die Departement Bantoetale. Gebore in 1896 op Elliot, het Jan Antonie Engelbrecht sy skoolopleiding aan die Hoër Jongenskool Paarl ontvang en sy universitêre opleiding aan die Universiteit van Stellenbosch (tot die MA-graad), en daarna agtereenvolgens aan die Universiteite van Hamburg en Berlyn, waar hy aan die laasgenoemde inrigting die DPhil-graad in Volkekunde in 1925 behaal. In 1927 word hy lektor in die Departement Volkekunde en Bantoetale aan die Universiteit van Stellenbosch om in 1930 bevorder te word tot hoof van die nuut ontstane Departement Bantoetale. Hier sou hy in 1937 professor geword het, maar hy verkies om die aanbod van die Universiteit van Pretoria te aanvaar en word op 1 Julie 1936 professor in en hoof van die Departement Bantoetale aan hierdie Universiteit.

Prof. Engelbrecht was 'n erkende geleerde op die gebied van die Bantoetale, en veral bekend vir sy baanbrekende werk oor die Korana. Onder hom het die Departement 'n bestendige (hoewel beskeie) groei getoon. Na 'n verbintenis van 24 jaar tree hy in 1961 uit die diens van die Universiteit. Hy sterf op 20 Junie 1976.

Aan die Universiteit van Pretoria is hy opgevolg deur 'n oud-student van hom, prof. E.B. van Wyk. Egidius Benedictus van Wyk is in 1929 gebore. Hy studeer aan die Universiteit van Pretoria en behaal sy BA-graad (met lof) in Sotho, Zoeloe en Volkekunde, sy MA (ook met lof) in 1953 en sy DLitt-graad in 1958.

Aangestel as junior lektor aan die Universiteit van Pretoria in 1950 verhuis hy in 1953 na die Universiteit van Suid-Afrika as senior lektor, maar hy keer in 1954 (ook as senior lektor) terug na die Universiteit van Pretoria in die vakante pos van dr. D. Ziervogel, wat bedank het. In 1961 volg hy prof. Engelbrecht op as professor in en hoof van die Departement Bantoetale. Sy jaar van studieverlof, 1964, bestee hy aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam om onder prof. Reichling in die Algemene Taalwetenskap te studeer. Na enkele jare van vrugbare werk tree hy op 31 Desember 1966 uit die diens van die Universiteit om professor in Algemene Taalwetenskap aan die Universiteit van Port Elizabeth te word.

Sy opvolger aan die Universiteit van Pretoria is prof. P.S. Groenewald. Pieter Schalk Groenewald

Prof. E.B. van Wyk, Hoof, Departement Bantoetale, 1961–1966.

is in 1935 gebore en ontvang sy opleiding aan die Hoërskool Louis Trichardt (matrikulasie 1952), en daarna aan die Universiteit van Pretoria: BA 1955 (met lof) in Sotho en Volkekunde, MA 1960 en DLitt Bantoetale in 1966. Hy was sedert 1957 aan die Departement verbonde en is in 1963 tot senior lektor bevorder.

In 1960 was die Departement gevestig in enkele rondawels wat agter die huidige gebou vir Teologie gestaan het. Aan die begin van 1969 verhuis dit saam met Volkekunde na die Broederhuis van die voormalige CBC-skool oorkant Roperstraat om daarna, teen 1975, sy intrek in die gebou vir Geesteswetenskappe te neem.

Die voorgraadse opleiding konsentreer veral op taalkunde en lees met gebruikmaking van die Taallaboratorium (sedert 1976), wat egter nie uitsluitlik deur Bantoetale benut word nie.

In die nagraadse opleiding kom letterkunde aan die beurt. Prof. Groenewald spesialiseer in die Noord-Sotho-letterkunde en is besig om 'n handboek daaroor saam te stel. In 1978 is dr. A. Wilkes tot medeprofessor bevorder; hy is ook 'n oud-student en sedert 1962 as lektor in Nguni-tale aan die Departement verbonde. Hy het in 1971 die DLitt et Phil-graad aan die Randse Afrikaanse Universiteit behaal en is vanaf die begin van 1982 bevorder tot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

professor. Prof. Wilkes dien op sowel die Ndebeleas die Zoeloe-Taalrade.

Van vroeg af is gebruik gemaak van swart taalassistente, waarvan die naam van mnr. Jan Phetla genoem kan word weens sy veertigjaarlange verbintenis aan die departement, 1936–1976.

'n Afdeling van die werksaamhede van die Departement wat genoem moet word, is die vakdidaktiek vir onderwysersopleiding wat in hierdie geval, soos in enkele ander ook, nie deur die Fakulteit Opvoedkunde waargeneem word nie. Hierdie werk word waargeneem deur mnr. B. du P. Goslin. In 1982 is 'n studiegroep gestig vir Bantoetaalonderwysers.

Die Departement het voorheen 'n eie tydskrif gehad, maar dit het in 1982 opgegaan in die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Afrikatale*. Waar die opleiding vroeër 'n baie sterk teoreties akademiese kleur gehad het, het die praktyk mettertyd praktiese vaardigheid van afgestudeerdes begin eis. Gevolglik het die departement die afgelope tien jaar 'n sterk praktiese komponent in sy kursusse ingewerk. Die departement lewer ook uiteraard diens aan die gemeenskap. So word hulp verleen in verband met 'n taalkursus in die Weermag. Prof. Groenewald is onder andere lid van die volgende liggame: die Advieskomitee vir Navorsingsfinansiering in Afrikanistiek, die Noord-Sotho-Taalraad van die Departement van Nasionale Opvoeding en die Radio- en TV-adviesraad (Sothotale).

Departement Beeldende Kunste

Beeldende kuns is daardie kunsvorm wat visueel waarneembaar is, soos skilderye, beeldhou- en grafiese werke in teenstelling tot uitvoerende kuns soos musiek, dans, drama en toneel, wat ouditief of ouditief-visueel waarneembaar is.

Die beoefening van en die opleiding in beeldende kunste is seker so oud soos die beskawing self en gaan wat Europa betref, terug op die ou Griekse beskawing. Met verloop van tyd ontstaan kunsakademies vir die opleiding van kunstenaars. In sommige gevalle ontwikkel daar 'n verbintenis tussen 'n dergelike kunsakademie en 'n universiteit ter wille van die toekenning van grade, byvoorbeeld die tussen die Slade School of Arts en die Universiteit van London. In die Verenigde State van Amerika kom kunsdepartemente aan universiteite algemeen voor. In Engels heet die dissipline Fine Arts, in Nederlands Schone Kunsten, in Duits Bildende Kunst en in Frans Beaux Arts.

Aan die Universiteit van Pretoria was Beeldende Kunste oorspronklik 'n onderdeel van die Departement Kunsgeskiedenis. Kort nadat Kunsgeskiedenis in 1954 'n selfstandige departement geword het, het die hoof daarvan, prof. H.M. van der Westhuysen, hom daarvoor begin beywer om praktiese kunsopleiding daaraan toe te voeg. Dit gebeur in 1956, maar daar was in daardie stadium geen ruimte daarvoor by die Universiteit nie en ook geen dosente om die opleiding waar te neem nie.

Opleiding geskied gevolglik eers by die Pretoriase Kunssentrum en van 1960 af by die Pretoriase Tegniese Kollege. Hierdie reëling duur 'n hele aantal jare, maar reeds teen 1964 het dit duidelik geword dat dit nie aan die verwagtings voldoen nie. Gebrek aan ruimte by die kollege, (die aantal studente is aanvanklik beperk tot 20 eerstejaars), vervoer- en roosterprobleme het die opleiding bemoeilik. Daar is tot die besef gekom dat beeldende kunste alleen tot sy reg sou kom as dit in sy geheel na die Universiteitsgronde oorgeplaas kan word en dit het eindelik in 1972 gebeur. Aanvanklik is hierdie afdeling van die Departement Kunsgeskiedenis in tydelike lokale ondergebring, maar in 1975 het dit die Ou Biblioteekgebou betrek en sou dit voortaan oor voldoende ruimte en dosente beskik. Die naam van die betrokke departement is toe ook verander na Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste.

Na 1972 het dit al hoe meer duidelik geword dat Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste twee verskillende dissiplines is, elkeen met sy eie afgebakende studieveld en doelstellings. Op grond van interne reëlings word Beeldende Kunste gaandeweg in alle opsigte 'n selfstandige afdeling met sy eie personeelvergaderings, fondse en begroting. Die logiese gevolgtrekking was dat dit 'n selfstandige departement moes word, soos toe al reeds aan die Universiteit van die Witwatersrand en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys bestaan het. Na verskeie vertoë is die knoop eindelik deurgehak en op 1 Januarie 1978 ontstaan dan die selfstandige Departement Beeldende Kunste met dr. N.O. Roos (senior lektor) as die hoof daarvan.

Nicolaas Oswald Roos is in 1940 gebore en hy matrikuleer in 1958 aan die Hoërskool Windhoek. Sy universiteitsopleiding ontvang hy aan die Universiteit van Pretoria, BA(BK) met skilderkuns en kunsgeskiedenis as hoofvakke, in 1963, MA (Kunsgeskiedenis) met lof in 1970 en DPhil in 1974 met as proefskrif *Die skilderkuns van Suidwes-Afrika*. Van 1964 af was hy kunsonderwyser in Windhoek, van 1967 af waarnemende lektor aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en van 1969 af lektor aan die Universiteit van Pretoria, waar hy in 1974 tot senior lektor en in 1979 tot professor bevorder is.

Prof. Roos is self 'n skilder van naam, wat 'n aantal uitstallings op sy kerfstok het en wie se kunswerke in talle kunsgalerye hang. Aan die Universiteit self het hy ook verskeie dienste gelewer. In 1976 het hy ontwerpe vir die Universiteitsvlag gemaak en nuwe akademiese togas ontwerp, asook die oud-studentedas en in 1978 die nuwe Universiteitswapen. Die Departement beskik oor 'n aparte afdeling vir grafiese ontwerp, wat uitsluitend ontwerpwerk vir die Universiteit onderneem.

Die graadkursusse BA(BK), BA(Ed)(Kuns) en MA(BK) word aangebied. Daar is vir drie spesialiseringsrigtings voorsiening gemaak: skilderkuns, beeldhoukuns en inligtingsontwerp. Vir die MA(BK)-kursus het grafiese kuns bygekom.

Die Departement het navorsing gedoen oor die gebruik van Namakwalandse marmer as plaasvervanger van ingevoerde litografiese steen en het hiermee 'n drukproses ontwikkel wat nou alge-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. N.O. Roos, Hoof, Departement Beeldende Kunste sedert 1978.

meen in kunsskole gebruik word. Verder het die Departement intensiewe navorsing gedoen oor die keramiekgietproses in brons en doen hy gietwerk vir die Universiteit en ander kliënte.

Die Departement Beeldende Kunste tree uiteraard ook na buite op. Die meeste dosente is verbonde aan kunsverenigings en dergelike liggame. Daar word gereeld uitstallings van studentewerk gehou. In Mei 1979 was daar 'n openbare uitstalling van die personeel van die departement, by name Julia Beeton, John Clarke, Ernst de Jong, François de Necker, Keith Dietrich, Mike Edwards, Greta Grunow-Gruzek, Jeanne Kotze, Nico Roos en Sanette Schoeman. Onder beskerming van die Departement word daar dikwels uitstallings van erkende kunstenaars aan die Universiteit gehou, soos in 1980 'n uitstalling van Suid-Afrikaanse beeldhouwerke in en voor die Merenskygebou.

Studente van die Departement het al by verskeie geleenthede presteer, byvoorbeeld tydens die Republiekfeestentoonstelling in 1981 in Durban, waar vyf studente se werke aanvaar is, en een daarvan, mej. Annette Pretorius, die eerste prys as die mees belowende jong kunstenaar ontvang het vir haar skildery "Op die strand."

Departement Biblioteek- en Inligtingkunde

"Die biblioteek- en inligtingkunde is 'n onontbeerlike onderdeel van die infrastruktuur van enige ontwikkelde land", lui dit in 'n inligtingsbrosjure van hierdie Departement. Die woord *biblioteek* is van Griekse oorsprong: *biblion* = 'n datadraende voorwerp of boek en *theke* = 'n suffiks wat op die houer of bêreplek van die boek betrekking het. Die belangrikheid van inligting in ons moderne maatskappy het meegebring dat die Inligtingkunde deel van die opleiding geword het.

Die Engelse benaming daarvan is *Library and Information Science*, die Nederlandse *Bibliotheekkunde en Documentatiekunde*, die Duitse *Bibliothek- und Informationswissenschaft* en die Franse *Sciences du Bibliethècaire et du Documentaliste*.

"Die sentrale probleemgebied", skryf prof. Boon, die departementshoof, "van die Biblioteek- en Inligtingkunde sentreer om die effektiewe vloei, beskikbaarstelling en gebruik van inligting, inligtingsbronne en literatuur wat benodig word vir effektiewe menslike navorsing, beplanning, opvoeding, innovasie, produktiwiteit, bestuur, gemeenskapsontwikkeling, ontspanning en enkulturasie." Daar is dan ook 'n hele aantal dissiplines aan verbonde, soos: leserkunde, ontsluitingsleer, biblioteekbedryfskunde, herwinningsleer, wetenskapsleer en historiese biblioteek- en inligtingkunde.

Aan die Universiteit van Pretoria het dié vak ontstaan danksy die behoefte van die Universiteitsbiblioteek aan opgeleide personeel. Na 'n ondersoek het die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte in 1937 aanbeveel dat vanaf 1938 'n driejarige kursus in Biblioteekkunde ingestel word, wat gelyktydig met 'n BA-graad geneem word, of as 'n vaardigheidsvak in die HOD-opleiding ingesluit word. Ook is 'n diplomakursus ingestel, slegs toeganklik vir personeellede van die biblioteek. Begryplikerwyse was die getal studente gering.

Die persoon wat die leiding geneem het, was dr. P.C. Coetzee, wat die krag agter alles was en in 1948 die instelling van 'n selfstandige departement bewerkstellig het, met hom as senior lektor en hoof. Daar was nog geen voltydse personeel nie en die bibliotekaris, dr. Coetzee, is bygestaan deur die senior personeellede van die biblioteek. Dit duur tot 1959 voor dr. Coetzee as eerste voltydse departementshoof aangestel is.

Gebore in 1905, het Petrus Carolus Coetzee reeds in 1922 in die diens van die Universiteit getree, sedert 1926 as biblioteekassistent. Daarna is hy 'n aantal jare in die Staatsargief werksaam, maar hy is in 1932 terug as agerende bibliotekaris van die Universiteit van Pretoria. In 1933 word hy bevorder tot eerste assistent, in 1935 tot waarnemende bibliotekaris en in 1937 tot bibliotekaris van die Universiteitsbiblioteek. Hy het in 1963 voltydse professor van die Departement Biblioteekkunde geword.

Prof. Coetzee het baanbrekerswerk op hierdie gebied vir die hele Suid-Afrika verrig. Hy het algaande eksamens afgelê en hom bekwaam vir sy werk, onder andere in 1932 die eksamen van die Library Association. Onder hom het die Universiteit van Pretoria die voortou geneem in die akademiese opleiding van bibliotekarisse. Prof. Coetzee het in 1971 met bereiking van die ouderdomsgrens

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

na 48 jaar aan die Universiteit afgetree, en hy is opgevolg deur prof. E.D. Gerryts.

Egbert Daniël Gerryts is in 1939 gebore en het sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BA(Biblioteekkunde) met lof in 1959, MA(Biblioteekkunde) ook met lof in 1965 en sy doktorsgraad in 1971, ook in Biblioteekkunde. Hy het intussen al hoe meer verantwoordelike werk gedoen: in 1960 tydelik-deeltydse dosent aan die Universiteit van Pretoria, in 1961 bibliotekaris van Buitelandse Sake, in 1965 lektor by UNISA, in 1966 bevorder tot senior lektor en in 1969 tot professor, in welke hoedanigheid hy in 1971 aan die Universiteit van Pretoria aangestel is.

Onder sy leiding is daar in 1972 belangrike veranderings aangebring: 'n vierjarige BBibl-graad kom in die plek van die driejarige BA(Biblioteekkunde), en Inligtingkunde is as 'n verpligte driejarige hoofvak ingestel. Die diploma staan nou bekend as die Hoër Diploma in Biblioteekkunde, en dit word afsonderlik van die graadstudie aangebied. Dan bestaan daar ook nog 'n Laer Diploma in Biblioteekkunde vir biblioteektegnici. Prof. Gerryts tree in 1975 uit om Direkteur van die Biblioteekdiens van die Universiteit te word en hy is deur prof. M.C. Boshoff opgevolg.

Marthinus Christoffel Boshoff is in 1934 gebore en het aanvanklik sy opleiding aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO ontvang: BA in 1960, UDB (Universiteitsdiploma Biblioteekwese) in 1962 en in dieselfde jaar HOD aan die Potchefstroomse Onderwyskollege. Hy sit sy studie aan UNISA voort en behaal daar in 1966 die MA (Biblioteekkunde) en in 1972 die doktorsgraad in Biblioteekkunde. Hy was van 1961 tot 1962 verbonde aan die Ferdinand Postma-biblioteek op Potchefstroom, daarna (1963) hoofbibliotekaris in Springs se Openbare Biblioteek en van 1967 af senior bibliotekaris en later adjunk-hoofbibliotekaris van die H.F. Verwoerd-biblioteek, RAU, en in 1975 is hy aangestel as die hoof van die Departement Biblioteekkunde aan die Universiteit van Pretoria.

Prof. Boshoff is in 1980 na die WNNR gesekondeer om 'n uitvoerbaarheidstudie oor die instelling van 'n bibliografiese en inligtingsnetwerk (SABINET) vir die hele land te ondersoek. Hy het daarna direkteur van 'n privaatmaatskappy geword en is deur prof. J.A. Boon opgevolg.

Gebore in 1945, het Johannes Anton Boon in 1967 die BA-opleiding aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO voltooi, daarna aan die Universiteit van Pretoria in 1968 'n Hoër Diploma in Biblioteekkunde behaal, gevolg deur MBibl met lof en D Litt et Phil, albei die laasgenoemde aan die Randse Afrikaanse Universiteit. Intussen was hy ook vir 'n periode in Engeland en het klas geloop aan die universiteite van Wallis en Sheffield. Hy het sy loopbaan in die Staatsbiblioteek begin, word daarna inligtingsbeampte by die Suid-Afrikaanse Weermag en is daarop werksaam aan die Randse Afrikaanse Universiteit, waar hy as junior lektor begin en in 1978 tot professor in Biblioteekkunde bevorder is. Hy kom in 1981 as adjunkdirekteur (Inligting- en Navorsingsdienste) oor



Prof. P.C. Coetzee, Hoof, Departement Biblioteekkunde, 1959–1971.

na die Universiteit van Pretoria, waar hy in 1982 bevorder is tot professor in en hoof van die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde.

Naas teoretiese onderrig, word daar veral op die praktiese opleiding van studente gekonsentreer, waarvoor die moderne elektroniese geriewe en klein klasse ideale omstandighede skep. Daar word gereeld besoek aan verskeie biblioteek- en inligtingdienste in Pretoria en die Witwatersrand gebring. Daar is ook voortdurend interuniversitêre skakeling en gesamentlike navorsingsprojekte. As die eerste en oudste departement van sy soort in die land het dit al verskeie bekende persone op dié gebied opgelewer.

Departement Drama

Hierdie departement het op 1 Januarie 1965 as die Departement Dramatologie tot stand gekom, 'n naam wat in 1974 tot Departement Drama verander is. Die totstandkoming van die Departement het nogal 'n voorgeskiedenis.

In die jare 1949—1950 het 'n Provinsiale Komitee van Ondersoek insake die Pretoriase Kunssentrum aanbeveel dat die Kunssentrum uitgebrei word "om voorsiening te maak vir opleiding in toneel, musiek en beeldende kunste op akademiese vlak en wel as onderdeel van die Universi-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

teit van Pretoria." Aangesien die Provinsie nie die bevoegdheid gehad het om eiendom aan die Universiteit oor te dra nie, kon hierdie aanbeveling nie uitgevoer word nie.

In 1954 kom daar 'n voorstel van die Nasionale Toneelorganisasie (NTO) dat die Universiteit die akademiese opleiding vir drama en toneel moet behartig, terwyl die NTO vir die professionele deel daarvan sou sorg. Die aangeleentheid is daarop verwys na 'n komitee bestaande uit proff. H.M. van der Westhuysen, G. van Alphen, B.F. Nel, H.L. Gonin (sameroeper) en dr. H. van der Merwe Scholtz, met as opdrag om saam met mnre. P.P. Breytenbach en André Huguenet van die NTO oorleg te pleeg. Na hierdie oorlegpleging het die komitee die stigting van 'n "Departement Dramaleer" onder die hoofskap van dr. H. v d M. Scholtz aanbeveel. Dr. Scholtz was in daardie stadium senior lektor in die Departement Afrikaanse, Nederlandse en Germaanse Taalkunde. Hy is vanweë sy opleiding en belangstelling as die aangewese persoon beskou. In 1959 aanvaar dr. Scholtz egter die Afrikaanse leerstoel in Amsterdam en toe hy vier jaar later terugkeer, word hy nie vir die hoofskap van hierdie departement in aanmerking geneem nie.

In 1960 het die rektor na aanleiding van nog 'n brief van die NTO die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte weer eens versoek om met voorstelle voor die dag te kom. Die betrokke fakulteitskomitee, na wie die saak verwys is, het daarop die stigting van 'n "Toneelakademie" aanbeveel, met die medewerking van die NTO, die SAUK en die Transvaalse Onderwysdepartement. Hierdie plan, wat in 1962 'n werklikheid sou word, is ook nie verwesenlik nie vanweë finansiële implikasies en die feit dat die NTO in 1962 oorgegaan het in die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste (TRUK).

TRUK het op sy beurt net die volgende jaar die Universiteit versoek om opleiding vir sy rekening te neem, aangesien die minister bepaal het dat opleiding nie die funksie van TRUK is nie. Die rektor het daarop onverwyld 'n komitee saamgestel om op die hele aangeleentheid in te gaan, bestaande uit verteenwoordigers van TRUK, SAUK, die Pretoriase Tegniese Kollege, die Pretoriase Onderwyskollege en die Universiteit. Hierdie komitee het in April 1964 'n positiewe verslag aan die rektor voorgelê, maar aangesien die opleiding aanvanklik nie op 'n staatsubsidie kon reken nie, kon daar nie in hierdie stadium daarmee begin word nie. TRUK het egter vir die eerste vyf jaar 'n bepaalde bedrag gewaarborg en op grond hiervan is die Departement Dramatologie op 1 Januarie 1965 in die lewe geroep.

Aanvanklik is daar in die Departement voorsiening gemaak vir slegs 'n professoraat en 'n senior lektoraat. In plaas van 'n Toneelakademie—wat voorheen beplan is—is 'n Instituut vir Spraak- en Toneelkuns in die lewe geroep. 'n Graad BA in Drama en Toneelkuns en 'n diploma in Toneelkuns is ingestel. Opleiding in toneelonderwys, radio, rolprentwese en later ook beeldradio is in die vooruitsig gestel, en voorsiening is gemaak vir

Prof. G. Cronjé, Hoof, Departement Sosiologie, 1934–1966, en Hoof, Departement Drama, 1965–1972.

die opleiding van spelers, regisseurs, joernaliste vir die radio ens. Die medewerking van die SAUK, die Pretoriase Onderwyskollege, die Nasionale Filmraad en die Pretoriase Tegniese Kollege is verseker.

'n Persoon wat 'n groot bydrae tot die totstandkoming van die Departement gelewer het, was prof. G. Cronjé wat dan ook as die eerste hoof benoem is. Prof. Geoffrey Cronjé was sedert 1934 hoof van die Departement Sosiologie aan die Universiteit van Pretoria. Hy het ook 'n volgehoue belangstelling in drama en toneel aan die dag gelê. Sy MA-kursus in Grieks aan die Universiteit van Stellenbosch het gegaan oor die Griekse tragedie en die Griekse redenaarskuns en sy verhandeling oor die dramatiese tegniek van Euripides. Hy was sedert 1949 verbonde aan die NTO as raadslid en voorsitter. Daarna het hy ook voorsitter van die toneelbestuur van TRUK geword en lid van die Uitvoerende Komitee daarvan. Hy was ook lid van die Suid-Afrikaanse Koördinerende Raad vir die Uitvoerende Kunste, het oor 'n periode van 15 jaar uitgebreide ondervinding van toneelbeplanning opgedoen en het ook 'n studie van toneelopleiding gemaak.

In al hierdie hoedanighede het prof. Cronjé sy deel bygedra tot die totstandkoming van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Departement Dramatologie en die Instituut, waarvan hy onderskeidelik die hoof en die direkteur geword het. Prof. Cronje was van 1 Januarie 1966 waarnemende en van 1 Januarie 1967 hoof van die Departement. Op 8 September 1967 het hy sy intreerede in die nuwe hoedanigheid (sy tweede aan die Universiteit) gelewer oor "Die drama as siening en weergawe van die lewe".

Hy is aanvanklik bygestaan deur die bekende mev. Anna Neethling-Pohl wat as medeprofessor in die Departement aangestel is— prof. A.S. Pohl, soos sy verkies het om genoem te word. Anna Servasina Pohl is in 1906 op Graaff-Reinet uit 'n bekende toneelfamilie gebore. Haar vader was mnr. Pieter Pohl, wat 'n rol in die Afrikaanse toneelontwikkeling gespeel het. Sy het reeds op skool toneel gespeel en ook op Stellenbosch, onder die leiding van proff. Grosskopf, Reimers en Con de Villiers. Aan hierdie universiteit het sy in 1927 haar BA-graad behaal en twee jaar later, in 1929, die Hoër Onderwysdiploma (HOD) aan die Transvaalse Universiteitskollege (TUK). Hierna het sy 'n aantal jare onderwys gegee en was sy ook lektrise aan die Onderwyskollege van Graaff-Reinet.

Later was sy medeverantwoordelik vir die stigting van die Kaapse Afrikaanse Toneelvereniging en ook van die Volksteatervereniging in Pretoria. Sy het meegewerk aan die stigting van die NTO en was lid van die eerste beheerraad daarvan. Sy het 'n aandeel in 'n groot aantal opvoerings gehad, of as speelster of as regisseuse, en sy was ook gemoeid met 'n aantal feesprogramme. In die jaar 1949 het sy talle voordragkonserte in Nederland en België gehou. Sedert 1945 was sy werksaam aan die SAUK as omroepster, regisseuse van radiodramas en programorganiseerder, later as administratiewe amptenaar van die Direkteur van Programme. Sy het ook enkele romans en kortverhale geskryf en het onder andere Shakespeare se *Julius Caesar* in Afrikaans vertaal.

Reeds in 'n vroeë stadium is van die dienste van dr. F.C.L. Bosman gebruik gemaak, eers in tydelikvoltydse hoedanigheid en later as professor (honorêr). Ander dosente wat 'n aandeel gehad het in die opbou van die departement, is mnre. C.J. Hansen en J.J. Horne en mev. M.C.C. Hopkins. In 1974 is die bekende akteur Carel Trichardt in die personeel aangestel.

Aanvanklik is die Departement in tydelike ruimtes gehuisves: in 1966 in twee woonhuise in Duxburyweg en 'n motorhuis in Suidstraat, in 1967 nog 'n woonhuis in Suidstraat. Dit was deel van die gebied van Hatfield, oos van die Kampus, wat die Universiteit stelselmatig vir uitbreiding begin aankoop het. As langtermynbeplanning is aan die moontlikheid gedink om die ou Pretoria-Oos-skool in Roperstraat (in daardie stadium die Roosmarynkoshuis) aan die Departement Drama toe te sê. Dit het egter nie gebeur nie; die Masker, Bok, Koor en Lier het reeds vroeër aan CBC behoort.

In die loop van jare het daar heelwat verskuiwings plaasgevind en tot 1981 was die Departement oor 'n aantal los geboue of ou woonhuise versprei, waarvoor interessante name ontstaan het, soos die Kraal, die Pierneef, die Huguenet, die Hanekom, die Opstal, die Lappie, die Waenhuis, die Bakoond, die Spinnerak, die Mossienes en die Ashoop. Intussen het daar meer permanente teatergeboue klaargekom, soos die Masker ('n opleidingsteater), die Bok ('n oefenlokaal), en die Lier (ook 'n oefenlokaal). In Februarie 1982 het die Departement in sy geheel besit geneem van die sogenaamde Broederhuis, wat voorheen aan die CBC-kompleks behoort het. Dit is 'n pragtige ou gebou, vlakby die teater- en oefensale hierbo genoem.

Die Departement het periodiek belangrike skenkings ontvang. Heel aan die begin kon daar gebruik gemaak word van teatermateriaal wat TRUK ter beskikking gestel het. In 1967 het die Heidelbergse Onderwyskollege al hulle kostuums aan die Instituut in ruil vir die gebruik van die Departement se garderobe aangebied. In hierdie jare het daar ook 'n belangrike versameling foto's van André Huguenet en 'n dokumenteversameling van Hendrik en Mathilde Hanekom aan die Instituut toegeval. Mnr. P.P. Breytenbach, afgetrede direkteur van TRUK, het belowe om sy toneeldokumente, wat oor 'n periode van 40 jaar versamel is, aan die Instituut te skenk. Nog 'n belangrike skenking was 'n versameling toneeldokumente van wyle Ludwig Binge, bekende kunskenner en kritikus, wat sy weduwee, mev. F.F. Binge, aan die Instituut laat toekom het. Met haar uittrede in 1971 het prof. Pohl ook besluit om haar waardevolle drama- en toneelbiblioteek aan die Merenskybiblioteek te skenk.

Prof. A.S. Pohl tree aan die einde van 1971 met bereiking van die leeftydsgrens uit die diens van die Universiteit. Prof. Cronjé het op 31 Desember 1972 afgetree en is op 1 Januarie 1973 opgevolg deur prof. L.B. Odendaal. Louwrens Badenhorst Odendaal is in 1941 in Durban gebore. Na sy skoolopleiding aan die Hoërskool Port Natal, het hy aan die Universiteit van Pretoria kom studeer: BA 1963, BA(Hons) 1964, HOD 1965, MA(met lof) 1967 en DLitt 1972. Hy het deurgaans belangstelling vir die toneel gehad en deelgeneem aan studentetoneelopvoerings.

Na hy gedurende 1965 onderwys gegee het, word hy van 1966 tot 1971 lektor, later senior lektor en hoof van die Departement Afrikaans/Nederlands aan die Universiteit van die Noorde, en in 1972 senior lektor aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, waar hy begin 1973 ook professor sou geword het.

Dit is 'n baie ou dissipline, waarvan sommige onderdele tot die Griekse oudheid teruggevoer kan word. In Suid-Afrika is formele dramastudie vir die eerste keer aan die Universiteit van Kaapstad aangebied. Aan die Universiteit van Pretoria word kennis geneem van al die jongste strominge wat drama en toneel beïnvloed, en daar word verwys na persone soos Antonin Artaud, Stanislavski, Peter Brooke en Rudolph Laban.

Die opleiding is sterk beroepsgerig, hoewel die teoretiese grondslae nie verwaarloos word nie. Wat betref radio, film en televisie bevredig die Departement in 'n behoefte. Bekende akteurs en aktrises wat hulle opleiding hier ontvang het, is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

onder andere Tobie Cronjé, Nic van Rensburg, Ryno Hattingh, George Ballot, Gerben Kamper, Nico Liebenberg, Sandra Prinsloo, Annette Engelbrecht, Katinka Heyns, Magda Beukes en Amanda Strydom.

Departement Duits

As 'n belangrike wêreldtaal en ook as 'n populêre keuse vir 'n derde taal op skool, het Duits van die begin af 'n aansienlike aantal studente op Universiteit getrek. In 1960 was prof. L.C. Mostert hoof van die Departement Duits. Louis Christiaan Mostert is in 1931 as senior lektor in die plek van dr. M.L. du Toit in die Departement aangestel, met prof. W.P. de Villiers as departementshoof. Met die verdeling van die Departement in Taalkunde en Letterkunde het hy hoof van die Departement Duitse Taalkunde geword, maar na die uittrede van prof. De Villiers in 1948 is die twee weer verenig en het hy professor in en hoof van die Departement Duits geword. Hy was 'n baie gewilde dosent en koshuisvader van die Kollegetehuis en het ook enkele jare as president van die rugbyklub gedien. Hy het in 1965 afgetree, maar is daarna nog vir enkele jare in tydelik-voltydse hoedanigheid heraangestel. Hy is in 1981 oorlede. Sy opvolger was sy kollega prof. J.A.E. Leue.

Johannes Albert Ernst Leue is in 1913 in Pretoria gebore en matrikuleer op Bronkhorstspruit. Hy behaal sy O2-onderwyserseksamen en sy BA-graad in Pretoria in 1934 en 1935. Hierna is hy aangestel as onderwyser op Witbank, maar hy vertrek in 1936 met 'n Duitse uitruilbeurs na die Universiteit van Bonn om daar in 1939 die DPhil-graad te behaal. Gedurende 1940 het hy teruggekeer na die onderwys en was aan verskillende skole verbonde: Witbank, Nylstroom en die Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria. In 1940 tree hy tydelik op as dosent aan die Universiteit van Pretoria tydens die verlof van prof. W.P. de Villiers en weer in 1952 in die plek van prof. L.C. Mostert, gevolg deur 'n permanente aanstelling as senior lektor in 1954.

Op 1 Julie 1965 het prof. Leue professor in en hoof van die Departement Duits geword. In die jaar 1961-1962 het hy weer met behulp van 'n beurs navorsing gaan doen aan die universiteite van Bonn en Münster. Onder sy leiding groei die Departement aansienlik tot sowat 700 studente in 1978. Ook het hy die nuwe kursus Duits IB vir beginners ingestel, verandering in leerplanne aangebring en met die gebruik van 'n taallaboratorium en prakties georiënteerde hulpklasse veel bygedra tot die onderrig van Duits.

"Sy lewe, sy werk, sy prestasies—sy hele menswees is gekenmerk deur diens, diens aan die Universiteit van Pretoria en die studente, diens aan sy medemens, diens aan sy volk", word van hom tydens sy aftrede getuig. Hy was sedert 1955 lid van die Duitse Kultuurunie en later ook van die Germanischen Germanistenverband en Suid-Afrikaanse lid van die Kultuurverdrag Duitsland-

Prof. L.C. Mostert, Hoof, Departement Duits, 1948–1965.

Prof. J.A.E. Leue, Hoof, Departement Duits, 1965–1978.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Suid-Afrika. Op baie terreine het hy die voortou geneem by die Duits-Suid-Afrikaanse Kultuurlewe in Pretoria. Prof. Leue het in 1978 uit die diens van die Universiteit getree en hy is in 1983 oorlede. Hy is opgevolg deur prof. A.M. van Aarde.

Abraham Mattheus van Aarde is in 1933 op Nelspruit gebore. Hy begin sy akademiese studie aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO waar hy in 1954 die BA-graad behaal en in 1961 die BA(Hons) (cum laude), met daartussen ook die THOD-eksamen en 'n diploma in voorligting. Na hy die MA in Duits (cum laude) aan die Universiteit van Pretoria behaal het, vertrek hy na die Universiteit van Bonn en behaal daarna sy doktorsgraad aan die Universiteit van Pretoria.

Prof. Van Aarde het intussen ook skoolgehou en was onderhoof van die Nylstroomse Hoërskool en senior dosent aan die Goudstadse Onderwyskollege. Hy was dosent aan die Universiteit van Pretoria en is in 1970 aangestel as professor in Duits aan die Universiteit van Port Elizabeth en in 1979 aan die Universiteit van Pretoria. Ook hy het aan verskeie sake aandag gegee wat sy vak betref. So was hy voorsitter van die Belangegroep van Onderwysers in Duits in Transvaal, vir baie jare hoofeksaminator in Duits en mede-opsteller van die nasionale leergang in Duits. Hy het ook 'n aantal handboeke oor die Duitse taalkunde geskryf en is lid van 'n aantal taalkundige en letterkundige vakverenigings. Prof. Van Aarde is hoof van die manskoshuis Mopanie.

Iemand wat reeds van 1963 af as dosent aan die Departement verbonde is, is die bekende sanger, mnr. R. (Rudi) Neitz.

Departement Engels

Van sy ontstaan af het die TUK plek ingeruim vir 'n Departement Engels. Die studie van Engels hou verband met die studie van tale wat aan Europese universiteite 'n lang tradisie het. Daar is voorheen veral gekonsentreer op die ou vorme van die bepaalde taal—in die geval van Engels was dit Oud- en Middelengels; later ook die ontwikkeling van die taal- en letterkunde uit ander periodes.

Aan die Universiteit van Pretoria, waarskynlik ook aan ander Suid-Afrikaanse universiteite, was daar reeds vroeg 'n behoefte aan remediërende onderwys ten behoewe van die korrekte gebruik van die taal. Vir jare was dit 'n gevoelige aangeleentheid. Dosente het geredeneer dat dit nie hulle taak was om studente die korrekte woordgebruik en grammatika by te bring nie. Dit was immers die taak van die skole. Baie skole het hierin te kort geskiet, wat ook al die rede daarvoor was en nog is. Dit hou natuurlik verband met die feit dat die moedertaal van die oorgrote meerderheid van die studente nie Engels was nie. Daar moes dus noodgedwonge aandag aan onderrig in die korrekte gebruik van Engels gegee word. Dit het onder andere die indeling in A- en B-kursusse vir die eerste jaar en al hoe meer remediërende hulp meegebring

Vanaf 1943 was prof. R.M. Titlestad hoof van die Departement Engels. Rico Martin Titlestad is in 1899 in Natal gebore. Opgelei aan die Natalse Universiteitskollege en Oxford, het hy in 1927 lektor in Engels aan die TUK geword. In 1935 aanvaar hy 'n professoraat in Engels aan die Potchefstroomse Universiteitskollege, maar hy keer in Julie 1943 terug na die Universiteit van Pretoria as professor in en hoof van die Departement Engels. Met sy minsame geaardheid het hy oor die jare 'n geliefde figuur by studente en kollegas geword. Op 31 Desember 1964 het hy die aftreeleeftyd bereik, maar hy is daarna nog op 'n tydelike basis deur die Departement gebruik tot hy in 1967 finaal uitgetree het. Hy is in 1982 oorlede.

Prof. N.J.G. Sabbagha het begin 1965 prof. Titlestad opgevolg as professor in en hoof van die Departement Engels. Nicolas Johannes George Sabbagha is in 1914 in Bloemfontein gebore, waar hy sy skoolopleiding ontvang en in 1934 aan die Greykollegeskool gematrikuleer het. Sy verdere opleiding ontvang hy aan die destydse Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat (UKOVS). Hier het hy in 1935 sy BA- en in 1936 sy MA-graad in Engelse taal en letterkunde behaal. Van 1937 tot 1939 studeer hy aan die Universiteit van Oxford, met aan die einde van die periode 'n MA(Oxon) agter sy naam. Terug in Suid-Afrika behaal hy aan die Universiteit van Kaapstad die Hoër Onderwysdiploma. Hy was vir 'n kort periode onderwyser aan die South African College en hy word op 1 Februarie 1944 as senior lektor aan die Universiteit van Pretoria in die pos vir praktiese Engels aangestel. In 1962 is hy bevorder tot medeprofessor.

Waar prof. Sabbagha heel aan die begin te doen gehad het met praktiese Engels het die probleem van tweetaligheid en die tuisbring van Engels aan die Afrikaanstalige student hom sy hele doserende loopbaan bygebly. Buite die Universiteit dien hy dan ook op verskillende liggame in dié verband, o.a. die Komitee van die Transvaalse Universiteite oor die Tweetaligheidsprobleem, en later, in 1970, die Adviesraad benoem deur die Minister van Nasionale Opvoeding om in te gaan op die status van die twee amptelike tale, ook die Gesamentlike komitee van die English Academy of Southern Africa en die South African Council for English Education oor die doseer van Engels as tweede taal.

Op die gebied van die taalkunde was prof. Sabbagha 'n medewerker aan die *Oxford English Dictionary* vir Suid-Afrikaanse Engels en met die medewerking van prof. M.S.B. Kritzinger, het hy 'n publikasie laat verskyn oor *English proverbs and expressions* terwyl hy omgekeerd prof Kritzinger behulpsaam was met sy publikasie oor *Afrikaanse spreekwoorde en uitdrukkings.*

Hy was vir jare moderator van die Transvaalse matriekvraestelle in Engels. As lid van die uitvoerende komitee van die English Academy for Southern Africa was hy ook lid van verskeie keurkomitees. Daarbenewens was hy ook lid van die keurkomitee van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir die toekenning van die Olive Schreiner-prys. Prof. Sabbagha was ook lid, later voorsitter, van die Adviesraad van die Provinsiale Biblioteekdiens van Transvaal.

By sy aftrede in 1979 het prof. Hamman, die rek-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tor, waardering betuig vir sy "kritiese ingesteldheid, sy objektiwiteit en sy humorsin, waarvan laasgenoemde hom seker ook deur die lewe gedra het".

Met ingang 1 Januarie 1971 is 'n tweede professoraat in die Departement Engels ingestel en prof. G. Knowles-Williams daarin benoem. Gweneth Knowles-Williams is in 1910 op Dewetsdorp gebore. 'n Gedeelte van haar jeugjare, van 1913 tot 1921, bring sy in Engeland deur, waar sy ook haar eerste skoolonderrig ontvang, later voortgesit aan die High School for Girls, Potchefstroom, waar sy in 1927 matrikuleer. Vervolgens behaal sy in 1930 haar onderwysdiploma aan die Pretoriase Normaalkollege en daarna die volgende grade aan die Universiteit van Pretoria: BA (1931), MA (1935) en DLitt (1955), almal met onderskeiding.

Gedurende 1947 is sy met studieverlof in Engeland en sy studeer aan die Bedford-kollege, Universiteit van Londen. In 1948 is sy bevorder tot lektrise en in 1954 tot senior lektrise. Met materiaal wat sy in Engeland versamel het, berei sy 'n proefskrif voor, *Shakespearian Conception of Comedy*, waarop sy in 1955 haar doktorsgraad aan die Universiteit van Pretoria verkry.

Dr. Knowles-Williams het 'n groot aandeel gehad aan die stigting van die English Academy of Southern Africa en was 'n tyd lank die voorsitster daarvan. Hierdie liggaam het aanvanklik sy hoofkwartier in 'n kantoor in die Buitemuurse Gebou van die Universiteit van Pretoria gehad, maar het later na Johannesburg verhuis. Sy is in 1964 tot mede- en, soos reeds gesê, in 1971 tot volle professor bevorder. Sy tree in 1975 uit die diens van die Universiteit na bereiking van die leeftydgrens.

Prof. Sabbagha is deur prof. P.J.H. Titlestad opgevolg. Peter James Henry Titlestad is in 1938 gebore as die seun van prof. R.M. Titlestad. Dit was die tweede keer in die geskiedenis van die Universiteit dat 'n seun sy vader opvolg, hoewel in dié geval nie onmiddellik nie. Sy opleiding het hy aan die Boy's High School, Pretoria ontvang, en daarna aan die Universiteit van Kaapstad waar hy in 1958 die BA-, in 1959 die BA(Hons)- en in 1960 die BEd-graad, die laaste twee met onderskeiding, behaal. Daarna het hy aan die Universiteit van Cambridge studeer, waar hy in 1963 die Tripos in die Engelse taal en letterkunde met sukses afgelê het. Daarop volg in 1964 'n aanstelling as lektor aan die Universiteit van Natal en in 1967 die van senior lektor aan die Universiteit van Pretoria. In 1975 is hy bevorder tot professor in die leerstoel wat deur die aftrede van prof. Knowles-Williams vakant geraak het, en op 1 Januarie 1980 tot hoof van die Departement Engels.

In 1975 het hy die doktorsgraad aan die Universiteit van Pretoria behaal op 'n proefskrif *English Puritanism as a literary force from the Elizabethan Age to the Restoration*, waarvoor hy in 1974 tydens 'n tweede besoek aan Cambridge stof versamel het.

In 1982 is as tweede professor aangestel prof. W.D. (William Dundas) Maxwell-Mahon, voorheen professor in die Departement Engels aan die Universiteit van Suid-Afrika. Hy het op 17-jarige leeftyd uit Australië na Suid-Afrika verhuis en was aanvanklik 'n ingenieur wat eers op gevorderde leeftyd aan UNISA in die Lettere gaan studeer het, waar hy ook al sy grade verwerf het: BA, BA(Hons), MA en DLitt et Phil. Tussen sy bedanking by UNISA en sy aanstelling aan die Universiteit van Pretoria was hy dosent aan die Universiteit van Queensland.

Die Departement Engels het oor die jare heelwat probleme gehad in verband met klagtes oor 'n te hoë druipsyfer. Veral het 'n groot toename in eerstejaarsgetalle en 'n tekort aan personeel heelwat probleme ten gevolge gehad. Daar was in die jare sewentig 'n toename van 30 persent oor twee agtereenvolgende jare. Wat die dosent-studentverhouding betref, was hierdie situasie die nadeligste van al die Engelse departemente aan Suid-Afrikaanse universiteite. Gelukkig is daar mettertyd meer dosente aangestel en het die studentegetalle afgeneem. Daar was in 1982 veertien dosenteposte in die Departement vir meer as 1 100 studente.

Die Departement Engels is veral betrokke by die English Academy for Southern Africa, die Association of University English Teachers of Southern Africa en die South African Council of English Education, waarvan verskeie dosente lede is. Die professore is lede van die Committee of Professors of English (COPE), wat onderhandelinge voer met direkteure van Onderwys en met die Komitee van Universiteitshoofde (KUH) en die RGN-kommissie oor die Opvoeding. Daar bestaan 'n studiegroep vir literatuur waaraan lede van die taaldepartemente in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte deelneem.

Departement Frans

Die naam van hierdie departement is in 1973 verander tot Departement Romaanse Tale, met as oogmerk dat dit later kon uitbrei tot ander Romaanse tale, soos Italiaans, Spaans en Portugees. Inderdaad is daar in 1967 'n voorstel deur prof. H.L. Gonin ingedien dat daar 'n begin gemaak word met die onderrig van Italiaans. Dit is toe ook deur die Fakulteit aanbeveel, maar die Universiteitsraad het nie sy weg daartoe oopgesien nie. 'n Paar jaar later is die voorstel herhaal, maar daar het niks van gekom nie en dit het weer die Departement Frans geword.

In 1960 was mevrou M. Viljoen du Chaillu as senior lektor die hoof van die Departement. Sy bly dit tot 1973 toe sy na negentien jaar afgetree het. Daarna is die pos tot 'n professoraat verhoog en is prof. L. Peeters daarin aangestel.

Leopold Peeters is in 1940 in België gebore en het sy opleiding aldaar ontvang: Kandidaat aan die Katolieke Universiteit van Leuven en Lisensiaat aan die Ryksuniversiteit van Gent. Hy het in 1966 na Suid-Afrika verhuis en dosent in Romaanse tale aan die Universiteit van Suid-Afrika geword. In 1971 behaal hy die PhD in Franse literatuur aan die Universiteit van die Witwatersrand. Hy is vanaf 1 Januarie 1975 aangestel as professor in en hoof van die Departement Romaanse Tale aan die Universiteit van Pretoria.

Daar het oor die jare, vanaf die begin van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Universiteit, heelwat belangstelling in die Franse taal bestaan. Behalwe prof. Peeters is daar een senior lektor en vier lektore aan die Departement verbonde. Vir beginners, dit wil sê vir die wat vooraf geen onderrig in Frans ontvang het nie, op skool of waar ook al, is die kursus 102 ingestel, origens 101 wat tot 'n graad kan lei, en wat selfs nagraads bestudeer kan word.

Daar word vir die beginners hoofsaaklik van die oudiovisuele metode gebruik gemaak maar ook van die oudioskriftelike om te verseker dat die taal korrek geskryf word. In die tweede en derde jaar word die klem op die formele grammatika en die skryf van opstelle geplaas. Alle onderrig geskied in die Franse taal. Naas taalkunde geniet letterkunde die aandag. Literatuur gee insig in die lewensbeskouing, 'n denkrigting wat al hoe meer in Frankryk gevolg word.

Dosente is lede van AFSSA (Association of French Studies in Southern Africa) en origens dien die departementshoof op die komitee van die Alliance Francaise, wat kontak met studente aanmoedig. Die onderrig is hoofsaaklik prakties ingestel, hoewel die teoretiese nie uit die oog verloor word nie. 'n Strewe om beroepsgerigte Frans aan te bied is egter verwesenlik.

Departement Geskiedenis

Hoewel talle geskrifte in die verlede as geskiedenis geïnterpreteer kan word, het die dissipline as aparte vakgebied eers later in die universiteitsopleiding na vore gekom, en wel as 'n baie gekompliseerde en wydvertakte vakgebied. Aanvanklik is geskiedenis as onderdeel van die filosofie beskou, maar gaandeweg het dit alleen te staan gekom, hoewel die invloed van ander vakgebiede steeds daarop bly deurwerk, en as belangrike hulpmiddels daarvoor erken word. Hierdie ontwikkeling het hoofsaaklik in die negentiende eeu plaasgevind, meer in die besonder in Duitsland.

In 1960 was prof. A.N. Pelzer hoof van die Departement, 'n posisie wat hy sedert 1947 beklee het. Oor die loopbaan van prof. Pelzer hoef hier nie uitgewei te word nie, aangesien dit elders bespreek word (waar sy rol as vise-rektor die aandag geniet). Hoewel in besit van 'n doktorsgraad in die Opvoedkunde, het hy in 1941 as lektor in die Departement Geskiedenis tereggekom en heeltemal daarin opgegaan. Hy toon hom heeltemal vertroud met die historiese metode, soos dit veral op die vasteland van Europa gangbaar was.

Prof. Van Jaarsveld, die departementshoof sedert 1973, vind dit van betekenis dat al die hoofde wat tot 1986 oor die Departement Geskiedenis gestel was, hulle finale skoling in Europa gevind het. "Dit raak die tradisionele historiese metode soos deur Leopold von Ranke gegrondves," skrywe hy, "en in Nederland deur byvoorbeeld J. Huizinga (Kultuurgeskiedenis) en P.J. van Winter (Huizinga se leerling) oorgedra."

Prof. Pelzer se roem as geskiedskrywer berus hoofsaaklik op *een* werk, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek deel I, Wordingsjare*, wat in 1950 verskyn het. Hierin gee hy 'n sosiologies-historiese uiteensetting van die Transvaalse geskiedenis, wat vir die tyd 'n nuwe rigting verteenwoordig het, maar ongelukkig nie voortgesit of voltooi is nie. Prof. Pelzer het desondanks 'n groot aandeel in die ontwikkeling van die vak gehad deur middel van sy studente en die talle kommissies waarin hy gedien het.

Na hy as Registrateur (akademies) aangestel is, is hy in 1970 as hoof van die Departement deur prof. F.J. du T. Spies opgevolg. Francois Jacobus du Toit Spies is in 1912 op Edenburg, Oranje-Vrystaat, gebore. Sy opleiding het hy aan die plaaslike hoërskool ontvang, waar hy in 1929 in die eerste klas gematrikuleer het. Daarna kom hy op die destydse Grey-Universiteitskollege tereg, waar hy in 1932 die BA-graad, met onderskeiding in Geskiedenis, behaal het, daarna die HOD in 1933 en die MA-graad in geskiedenis in 1938. Na verkryging van die Hoër Onderwysdiploma (HOD), het hy vir vier jaar aan verskeie Vrystaatse hoërskole onderwys gegee. Daarna is hy begin 1938 na Nederland om onder die leiding van prof. J. Huizinga aan die Universiteit van Leiden in die geskiedenis te studeer; in 1941 behaal hy die doktorsgraad. Hy het vir die duur van die oorlog noodgedwonge in Nederland gebly en eers teen die begin van 1946 na Suid-Afrika teruggekeer. In Augustus 1946 is hy aan die Universiteit van Pretoria aangestel, eers as lektor; in 1948 is hy bevorder tot senior lektor en in 1962 tot medeprofessor.



Prof. F.J. du T. Spies, Hoof, Departement Geskiedenis, 1970–1972.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In sy navorsing en skryfwerk het prof. Spies hoofsaaklik gekonsentreer op die Vrystaatse en Voortrekkergeskiedenis in Natal en origens op historiografie en bronnepublikasies. Soos omstandighede dit meegebring het, was hy ook lid van enkele komitees en het hy sy deel bygedra tot die Historiese Genootskap van Suid-Afrika en die Genootskap Nederland Suid-Afrika. Hy het aan die einde van 1972 uit die diens van die Universiteit getree om vir die volgende vyf jaar kultuurraad by die Suid-Afrikaanse Ambassade in België te word. Hy is as departementshoof opgevolg deur prof. F.A. van Jaarsveld.

Floris Albertus van Jaarsveld is in 1922 op Heidelberg, Transvaal, gebore. Soos sy twee voorgangers, en baie van sy tydgenote aan die Universiteit, is sy agtergrond ook die plaas, die plaasskool, later die hoërskool (Hoër Volkskool, Heidelberg) en daarna die universiteit. Aan die Universiteit van Pretoria het hy met onderskeiding die BA- in 1944 en die MA-graad in 1946 behaal. Hierna is hy na Nederland om in Groningen onder prof. P.J. van Winter die DLitt et Phil-graad in 1955 te behaal. Hy het intussen, en ook daarna, aan verskeie Transvaalse middelbare skole onderwys gegee en word in 1958 senior lektor in Geskiedenis aan UNISA, in 1960 bevorder tot professor en hoof van dié Departement en daarna, in 1967, professor in die Departement Geskiedenis aan die Randse Afrikaanse Universiteit.

In sy 13 jaar diens aan die Universiteit van Pretoria het hy die leergange vir Geskiedenis gemoderniseer deur eietydse geskiedenis in te voer en klem op sosiaal-ekonomiese temas te lê. Hy was sedert 1973 drie maal in Europa, waar hy moderne metodes en historiografie bestudeer het, die kennis waarvan in die Departement teruggeploeg is as medebevrugting deur buitelandse historici wat hy na UP genooi het. Uit sy pen het sedert 1973 ten minste 'n dosyn boeke oor Transvaalse geskiedenis maar veral die historiografie, geesteswetenskaplike en kultuurhistoriese temas en eietydsuitleg gevloei, die jongste in 1984, nl. *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede, Geskiedenisideologie en die historiese Skuldvraagstuk*. Hy was voorsitter van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika en hoofredakteurskap van *Historia*, 'n historiese tydskrif wat vir hom instrumenteel was om sy kennis oor die nuwe strominge en metodes in die geskiedeniswetenskap onder die aandag van kollegas en studente te bring.

Enkele dosente en historici van belang by die Universiteit van Pretoria was dr. W.J. de Kock, wat in 1959 professor aan die Universiteit Wes-Kaapland geword het, en kort daarna die eerste redakteur van die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*. Dr. T.S. van Rooyen, wat dr. De Kock in tydelike hoedanigheid opgevolg het toe hy drie jaar lank as buitelandse argivaris materiaal oor Suid-Afrika in Europa byeengebring het, het in 1961 senior lektor geword en hom toegespits op geskiedenisfilosofie, maar veral op die verhoudinge tussen Boere, Britte en Swartes in Transvaal, waarin hy op die belangrikheid van Volkekunde vir die Geskiedenis gewys het. Dr. Van Rooyen is in 1969 deur dr. A.P.J. van Rensburg opgevolg, wat in 1929 in Lindley, OVS, gebore is, en in 1949 die BA-graad aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat behaal het, asook in 1951 die MA- en in 1964 die DPhil-graad wat oor die heropbou in die Oranjerivierkolonie na die Anglo-Boereoorlog handel. Hy het hom op Afrikageskiedenis toegespits en op dié terrein etlike boeke geskryf.

Dr. W.A. Stals is in 1961 as junior lektor aangestel, word in 1966 tot lektor en in 1970 tot senior lektor bevorder. Nadat hy die BA-graad in 1953 verwerf het, het hy die MA-graad oor die kwessie van grondbesit van Swartes in Transvaal in 1969 behaal. In 1986 behaal hy die DPhil-graad met 'n proefskrif oor die Britse administrasie van Swartes in Transvaal, 1877–1881.

Departement Grieks

Van 1947 tot 1953 was hierdie Departement in die twee selfstandige departemente Klassieke Grieks en Hellenistiese en Patristiese Grieks verdeel, maar dit is na die afsterwe van prof. H.G. Viljoen weer saamgesluit onder die hoofskap van prof. P.V. Pistorius.

Die studieveld van hierdie Departement is besonder wyd. Prof. J.P. Louw beskryf dit soos volg:

"Die departement Grieks aan die Universiteit van Pretoria bestudeer die taal, letterkunde en kultuurgeskiedenis van die antieke Griekse wêreld vanaf ongeveer 2000 vC tot 600 nC met konsentrasie op 1000 vC tot 600 nC. Dit dek alle aspekte, naamlik taal en skryfkuns, argeologie, alle genres van die letterkunde, beeldhoukuns en argitektuur. Dit sluit veral ook die Christelike letterkunde in vanaf die Nuwe Testament tot die einde van die Griekse Kerkvaders in die 6de eeu nC wat 'n geweldige omvattende letterkunde is. Die waarde van so 'n omvattende studie is dat 'n beskawing soos die van Antieke Griekeland wat die bakermat van die Westerse Kultuur is, in sy geheel oorsien kan word."

Grieks, in al die genoemde aspekte, is 'n baie ou dissipline wat reeds in die antieke tyd beoefen is. In die Middeleeue was dit van die begin af 'n studievak in die nuutgevormde universiteite en so het dit tot vandag toe gebly, altans wat die universiteite van Europa en die Europees georiënteerde van Amerika en elders, ook Suid-Afrika, betref. Aan die Engelstalige universiteite van Suid-Afrika word die studie van Grieks veral in verband gebring met kultuurhistoriese en literêre studies, die klassieke kultuur as grondslag van ons Westerse beskawing. Op Afrikaanse universiteite kom nog by die waarde wat dit het vir teologiese studies. Daarom is die Griekse departemente aan Afrikaanse universiteite meestal groter as aan die Engelse. Die klem val by Afrikaanse inrigtings op taal- en letterkunde, wat vir die teologie as agtergrond en bronnemateriaal belangrik is.

In 1960 was prof. P.V. Pistorius professor in en hoof van die Departement. Gebore in 1907 het Philippus Villiers Pistorius in 1927 sy BA-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika behaal. Daarna volg 'n studietydperk aan die Universiteit van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. P.V. Pistorius, Hoof, Departement Grieks, 1943–1972.

Stellenbosch: MA in Klassieke Tale in 1929 en BD in 1931 (albei met lof). In 1937 behaal hy die DLitt-graad, ook met lof, aan die Universiteit van Pretoria. Daarna is hy vir verdere studie oorsee en verkry 'n tweede doktorsgraad aan die Universiteit van Leiden in 1939.

Terug in Suid-Afrika word hy in 1940 as senior lektor in die Departement Grieks en Latyn aan die Universiteit van Pretoria aangestel. Soos reeds gemeld, is die Departement Grieks in 1943 in twee verdeel en word hy hoof van die Departement Hellenistiese in Patristiese Grieks; in 1949 is hy tot professor bevorder en na die dood van prof. H.G. Viljoen in 1953 is die Departement onder hom weer verenig. Nog voor hy op 31 Desember 1972 finaal sou aftree, is hy op 24 Oktober 1972 oorlede, na hy byna 33 jaar lank aan die Universiteit verbonde was.

Prof. Pistorius word op 1 Januarie 1973 deur prof. J.P. Louw opgevolg. Johannes Petrus Louw is in 1932 gebore. Hy matrikuleer in 1949 en vervolg hierna sy studie aan die Universiteit van Pretoria: BA 1953 en MA 1955 in Grieks, albei met lof. Hierna is hy aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat as lektor aangestel, in 1962 bevorder tot senior lektor en in 1966 tot professor in en hoof van die Departement Grieks. Intussen het hy voortgegaan met verdere studie en in 1959 die DLitt-graad aan die Universiteit van Pretoria behaal. Van 1960 tot 1961 is hy aan die Universiteit van Utrecht werksaam as navorser oor die semantiek van die perfektumsisteem in Grieks en bestudeer hy ook moderne Grieks, Sanskrit en Algemene Taalwetenskap.

Terwyl prof. Louw in 1971 gedurende studieverlof aan die Ohio-universiteit oor analisetegnieke gewerk het, het hy kennis gemaak met die beroemde klassikus prof. E.A. Nida, wat hom toe gevra het om saam te werk aan 'n semantiese veldwoordeboek vir die Nuwe Testament. Aan hierdie werk, wat intussen voltooi is, het prof. Louw 'n groot aandeel gehad. Hierna het die United Bible Societies, waarby die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap aangesluit is, 'n soortgelyk woordeboek in Hebreeus vir die Ou Testament begin opstel waaraan hy ook saamwerk.

Met die jare het die Departement redelik gegroei tot oor die 300 studente en vyf voltydse dosente, waaronder ook sedert 1981 'n medeprofessor in die persoon van prof. J.H. Barkhuizen. Prof. Barkhuizen spits hom meer op die klassieke toe en prof. Louw op die Hellenistiese en Patristiese gedeelte. Jan Harm Barkhuizen het sy studieloopbaan aan die Universiteit van Pretoria begin: 1961 BA (Grieks en Hebreeus) met lof, 1964 BD, 1965 Grieks Honneurs met lof en daarna MA(Grieks) in 1968 aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, ook met lof. Gedurende 1970/1971 het hy aan die Ryksuniversiteit van Utrecht navorsing gedoen vir sy proefskrif en hy behaal in 1975 die DLitt-graad in Grieks aan die Universiteit van Pretoria. Nadat hy van 1962 tot 1964 tydelike dosent aan die Universiteit van Pretoria was en in 1965 tydelike lektor aan die Universiteit van Suid-Afrika, het hy in 1966 lektor aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat geword, waar hy in 1971 tot senior lektor bevorder is. In dieselfde hoedanigheid is hy in 1973 aan die Universiteit van Pretoria aangestel.

Departement Kriminologie

Hierdie Departement en vak handel oor die misdaad, die misdadiger en die regspleging in verband daarmee. Die vak het as sodanig in Europa ontstaan, ongeveer in 1830, in Suid-Afrika in 1949 en aan die Universiteit van Pretoria ook in 1949. Aan die Universiteit van Pretoria oorheers veral die sosiokriminologiese en psigokriminologiese denkrigtings en die studie daaraan verbonde. Uiteraard het die vakgebied met instansies buite die Universiteit te doen, veral met die Gevangeniswese en die Suid-Afrikaanse Polisie.

Die grondlêer van die vak aan die Universiteit van Pretoria was prof. G. Cronjé, destyds professor in Sosiologie. Deur sy onvermoeide ywer is die dissipline in 1949 in die lewe geroep en was hy professor in en hoof van die Departement Sosiologie, Kriminologie en Toegepaste Sosiologie.

In 1959 het die Fakulteitsraad van Lettere en Wysbegeerte voorgestel dat die Departement Sosiologie, Kriminologie en Toegepaste Sosiologie in drie departemente verdeel word, naamlik die Departement Sosiologie, met prof. G. Cronjé as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hoof, die Departement Kriminologie, met prof. H. Venter as hoof, en die Departement Toegepaste Sosiologie, met prof. J.E. Pieterse as hoof. Die genoemde Departement was in daardie stadium die grootste aan die Universiteit: Sosiologie met 701 voorgraadse en 27 nagraadse studente, Toegepaste Sosiologie met 121 voorgraadse en 6 nagraadse studente en Kriminologie met 378 voorgraadse en 15 nagraadse studente.

Die voorstel is aangeneem en vanaf 1 Januarie 1960 funksioneer die selfstandige Departement Kriminologie met prof. H.J. Venter as hoof. Hermanus Jacobus Venter is in 1916 in Wes-Transvaal gebore. Aan die Universiteit van Pretoria het hy die volgende grade behaal: BA in 1944, MA in 1948 en DPhil in 1953. Origens het hy twee keer die Universiteit van Kalifornië besoek om op hoogte van sekere aspekte van sy vak te kom. Hy is reeds in 1946 aan die Universiteit van Pretoria aangestel as deeltydse lektor in Sosiologie; in 1948 is hy bevorder tot voltydse lektor, in 1953 tot senior lektor en in 1957 tot medeprofessor.

Met die instelling van Kriminologie as afdeling binne die Departement Sosiologie het hy die hoof geword en na totstandkoming van die Departement was hy die aangewese persoon om hoof te word. Prof. Venter het heelwat belangstelling buite die Universiteit gehad. Hy was 'n tyd lank lid van die Pretoriase Stadsraad en van 1973 tot 1974 burgemeester. Hy was ook lid van die Nasionale Vervoerkommissie insake padveiligheid en lid van die Departement van Kleurlingsake van die Stadsraad van Pretoria (die Openbare Verhoudingskommissie). Na bereiking van die aftree-ouderdom, tree hy aan die einde van 1980 uit die diens van die Universiteit. Hy is opgevolg deur prof. D.G. Steyn.

Douw Gerbrandt Steyn is in 1928 in die distrik Ventersdorp gebore. Hy het in 1946 op Potgietersrus gematrikuleer en kom daarna in die Gevangenisdiens tereg, terwyl hy sy studie buitemuurs aan die Universiteit van Pretoria voortsit: BA (SW) in 1951, MA(Kriminologie) met lof in 1954 en DPhil in 1959. Hy is reeds in 1953 as junior lektor in die Departement Sosiologie aangestel, in 1957 bevorder tot lektor en in 1963 tot senior lektor. Hy is met ingang 30 Julie 1981 bevorder tot professor in en hoof van die Departement Kriminologie. Prof. Steyn het deurgaans voeling met die Departement Gevangeniswese behou en het 'n groot bydrae tot die hervorming van hierdie diens in die jare vyftig gelewer.

"Sedert die ontstaan van die Departement is tientalle navorsingsprojekte departementeel, gesamentlik en individueel, afgehandel," skryf prof. Steyn. "Om 'n paar te noem: die *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse gevangenisstelsel, Die Suid-Afrikaanse Gevangeniswese, Residivisme, die Kleurlingjeugoortreder, Jeugmisdaad, Terrorisme* en *Die Bejaarde as slagoffer van misdaad.*"

Departement Kunsgeskiedenis

Dat *kunsgeskiedenis* meer behels as die geskiedenis van kunstenaars, kunsvoorwerpe, kunsstrominge en kunsopvattings spreek eintlik vanself. Prof. Nilant het by geleentheid die vak soos volg gedefinieer: "Kunsgeskiedenis is die vak wat hom besig hou met die historiese en estetiese verkenning van die kunste asook met die bestudering van gegewe periodes in die kunsgeskiedenis. Die kunshistorikus beskou kuns as 'n historiese dokument wat geïnterpreteer en geëvalueer moet word."

Kunsgeskiedenis is 'n betreklike jong wetenskap. As geesteswetenskaplike dissipline het dit in die laat 19de eeu uit die kultuurgeskiedenis ontwikkel. Dit ontstaan in Basel, Berlyn en München by Jacob Burckhardt en Max Dvorak. Studente van hierdie twee, soos Heinrich Wölffein, Aby Warburg, Erwin Panofsky en Ernst Gombrich, het die hoekstene van die kunshistoriese wetenskap gelê.

Tog is dit vanselfsprekend dat daar reeds lank voor dié tyd oor kuns en kunstenaars geskryf is. Veral die kunstenaarsbiografieë was vroeër baie gewild. Dit begin met die boeke van die Italiaanse skrywers Filippo Villani (eind 14de, begin 15de eeu), Lorenzo Ghiberti (1450) en veral Vasari (1550). In Nederland verskyn die vermaarde *Schilder-Boek* van Carel van Mander in 1604. Vernuwing kom met Luigi Lanzi (1732-1811) en Johann Winckelmann (1717-1768), wat meer die kunsgeskiedenis in sy samehang behandel. Na hulle het veral die Romantiek en die totstandkoming van openbare kunsmuseums die belangstelling in die kunsgeskiedenis gestimuleer.

Aan Suid-Afrikaanse universiteite soos die van die Witwatersrand, Kaapstad en Grahamstad was Kunsgeskiedenis, na dit voorkom, aanvanklik 'n ondersteunende kursus by die kunsonderrig. Later ontwikkel dit, veral aan Afrikaanse universiteite, tot 'n volledig afsonderlike vak. Soos in *Ad Destinatum I* beskryf, het daar in die jare dertig twee verwante departemente aan die Universiteit van Pretoria ontstaan, naamlik die Departement Afrikaanse Kuns- en Kultuurgeskiedenis (prof. M.L. du Toit, opgevolg deur prof. H.M. van der Westhuysen) en die Departement Nederlandse Kuns- en Kultuurgeskiedenis (prof. M. Bokhorst, opgevolg deur prof. G. van Alphen).

Op voorstel van prof. Van der Westhuysen is die twee departemente in 1953 geïntegreer in die Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis (onder prof. van Alphen) en die Departement Kunsgeskiedenis (onder prof. Van der Westhuysen). In 1954 is 'n praktiese kunskursus tot die Departement Kunsgeskiedenis toegevoeg en sedert 1955 is die graadkursus BA Beeldende Kunste ingestel. Dit was die posisie in 1960 en so het dit gebly tot 1973, toe die naam van die Departement verander is na Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste.

Na 1972 het die afdeling Beeldende Kunste in so 'n mate 'n selfstandige ontwikkeling geken dat die Departement in 1978 verdeel is in twee selfstandige departemente: die Departement Kunsgeskiedenis en die Departement Beeldende Kunste.

In 1960 was daar drie dosente in die Departement Kunsgeskiedenis: prof. H.M. van der Westhuysen, prof. G. van Alphen en dr. F.G.E. Nilant (senior lektor). Dieselfde drie persone was ook dosente in die Departement Afrikaanse en Neder-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. H.M. van der Westhuysen, Hoof, Departement Kunsgeskiedenis, 1939–1969.

landse Kultuurgeskiedenis, met die verskil dat prof. Van Alphen daar die hoof van die Departement was.

Hermanus Marthinus van der Westhuysen is in 1904 in die distrik Pretoria gebore. Sy skooloplei-ding ontvang hy aan die Laerskool Bokfontein, die Hoërskool Rustenburg en die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria. Hierna volg hy, 1923-1926, 'n gekombineerde BA-02-kursus aan die TUK en die Pretoriase Normaalkollege, 02 in 1925, en BA in 1926 (hoofvakke Nederlands en Etiek). Vir nie-graaddoeleindes het hy in 1925 Geskiedenis II aan die Universiteit van Suid-Afrika gevolg, en later 'n belangstelling vir kuns- en kultuurgeskiedenis ont-wikkel. Hy gee onderwys aan verskeie laerskole, vir 18 maande aan die Pretoriase Tegniese Kollege en toe van 1930 tot 1935 aan die Hoërskool Zwart-ruggens. In 1934 behaal hy die MA-graad met 'n verhandeling oor *Melt Brink en sy plek in die Afri-kaanse Letterkunde*. Van 1935 tot 1938 is hy do-sent aan die Heidelbergse Normaalkollege. Aan al die skole en ook op Heidelberg het hy hom steeds vir kultuuraangeleenthede beywer.

Intussen het hy voortgegaan met sy doktorale studie en hy ontvang die graad DLitt in 1938 aan die Universiteit van P:retoria met 'n proefskrif oor *Temas in die Afrikaanse Poësie*. Tydens die afwe-sigheid van prof. M.L. du Toit is hy genader om gedurende die eerste semester van 1938 vir hom waar te neem. Toe prof. Du Toit in Augustus van daardie jaar te sterwe kom, volg dr. Van der West-huysen hom van 1 Januarie 1939 op as professor in en hoof van die Departement Afrikaanse Kuns- en Kultuurgeskiedenis.

Sedert hierdie jaar en veral sedert 1953, toe die Departement Kunsgeskiedenis tot stand gekom het, het prof. Van der Westhuysen die grondslag vir die onderrig in Kunsgeskiedenis en ook in Beeldende Kunste aan die Universiteit van Pre-toria gelê. Hy het die Universiteit op baie terreine gedien en ook die samelewing in talle kuns- en kultuurliggame.

Hy word op 1 Julie 1969 opgevolg deur prof. F. G.E. Nilant as professor en hoof van die Departe-ment Kunsgeskiedenis. Felix Gottlieb Ernst Nilant is in 1919 in Haarlem, Nederland, gebore en hy verhuis op jeugdige leeftyd na Suid-Afrika. Sy op-leiding ontvang hy aan die Helpmekaarskool, Jo-hannesburg, en aan die Universiteit van Pretoria, waar hy die BA-graad in 1941 behaal. As Neder-landse onderdaan kom hy hierna in die Prinses Irene-brigade in Engeland onder diens.

Weens die oorlogsomstandighede is sy verdere studie vertraag. Na die oorlog kom hy van Julie 1945 tot Desember 1946 by die Amerikaanse Kuns-afdeling in München en Wiesbaden tereg en het hy as taak om Nederlandse kunswerke wat tydens die oorlog na Duitsland vervoer is, na Nederland terug te bring. Dit was 'n ongewone introduksie tot die kunswêreld en toe hy hierna die geleentheid kry om verder te studeer het Kunsgeskiedenis sy hoof-belangstelling geword. In 1949 behaal hy die MA-graad aan die Universiteit van Pretoria en in 1953 die doktorsgraad aan die Universiteit van die Wit-watersrand. Dieselfde jaar het hy ook die THO-diploma aan die Normaalkollege, Pretoria, behaal.

Na 'n jaar of wat in die onderwys word hy op 1 Januarie 1955 aangestel as lektor in die Departe-ment Kunsgeskiedenis. Hy was reeds gedurende die eerste semester 1954 tydelik lektor in die Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurge-skiedenis. In 1957 word hy bevorder tot senior lek-tor en in 1965 tot medeprofessor. Gedurende 1964 onderneem hy 'n uitgebreide sewemaandelange reis na die kunsskatte van die Middellandse See-gebied en Europa. In 1974 volg daar 'n tweede en in 1981 'n derde dergelike studiereis. Prof. Nilant probeer deurentyd kontak behou met die kuns van die buiteland.

In 1971 het prof. Nilant aansoek gedoen om die instelling van 'n instituut vir kunshistoriese navor-sing. Die aansoek het nie geslaag nie. Wat wel tot stand gekom het, was 'n kunsargief, wat een van die vernaamste prestasies van die Departement geword het. Die ontstaan van die kunsargief strek egter veel verder terug. Reeds in 1956 het die idee ontstaan om gegewens oor Suid-Afrikaanse kuns-tenaars stelselmatig bymekaar te maak. Dit het jaarliks aangegroei deurdat elke derdejaarstudent as taak kry om 'n persoonlike opname van 'n bepaalde Suid-Afrikaanse kunstenaar te maak. Op die wyse en ook andersins is 'n magdom van foto-statiese afdrukke van briewe en foto's van skilde-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

rye en beeldhouwerke byeengebring. Die kunsargief besit tans inligting oor alle erkende Suid-Afrikaanse kunstenaars. Behalwe as naslaanbron, kan dit hulp verleen met die opsporing van gesteelde of verlore kunswerke en die vasstelling van vervalsings.

Gedurende die tyd toe hy as dosent aan die Departement verbonde was, het mnr. Murray Schoonraad (later professor) as hoof van die kunsargief 'n groot aandeel aan die ordening en uitbouing daarvan gehad. Studente en personeel, ook van ander Suid-Afrikaanse (en oorsese) universiteite, maak veelvuldig daarvan gebruik. Dit is ook ter beskikking van die algemene publiek.

Kunsargiefpublikasies word reeksgewyse uitgegee. Tot 1981 het die volgende verskyn: M. Schoonraad, *Walter Wahl Battis, Bibliografie* (1974); F.G.E. Nilant, *Die Hout- en Linosneë van J.H. Pierneef* (1974); F.G.E. Nilant en M. Schoonraad, *Bibliografie: Suid-Afrikaanse Kunstenaars* (1976); U.M.U. Scholz (red), *Phafa Nyika* (1980). Veral die bibliografie, waarvan daar 'n tweede deel in voorbereiding is, is 'n waardevolle hulpmiddel vir navorsers. Dit word in samewerking met die Openbare Biblioteek van Johannesburg opgestel.

In 1973 is 'n ooreenkoms met die RGN aangegaan vir die samestelling van 'n studiekatalogus van die werke van Maggie Loubser. In 1974 het dr. en mev. Coert Steynberg hulle versameling amptelike dokumente (insluitende foto's, kontrakte, opdragte, ontwerpe en knipsels) aan die Kunsargief geskenk. So vervul die Departement Kunsgeskiedenis, behalwe vir die opleiding van studente wat sy eerste taak is, 'n belangrike funksie ten opsigte van die bewaring en bevordering van kuns in Suid-Afrika.

Departement Latyn

As een van die basiese vakke vir beskawing en kultuur was Latyn van die begin af ingesluit in die vakke aan die Transvaalse Universiteitskollege. Dit was een van die departemente wat die langste deur een persoon as hoof bedien is. Hy was prof. H.L. Gonin wat in 1960 al jare lank in die betrekking was.

Henri Louis Gonin is in 1906 op Stellenbosch gebore. Hy het daar sy skoolopleiding ontvang en in 1923 die matrikulasie-eksamen afgelê, met onderskeiding in Latyn, Grieks en Wiskunde. In 1926 is die BA-graad met lof deur die Universiteit van Stellenbosch aan hom toegeken. Hierna het hy met 'n Rhodesbeurs na Oxford vertrek, waar die MA-graad in 1930 met lof aan hom toegeken is. Daarna het hy in 1933 sy doktorsgraad aan die Universiteit van Leiden verwerf. As tydelike dosent is hy daarna aan die Universiteit van Pretoria aangestel, waar hy in 1934 ook die Senior Onderwysdiploma verwerf het en daarna permanent aangestel is. Daarna is hy in 1938 tot professor in en hoof van die Departement Latyn aan die Universiteit van Pretoria bevorder.

In 1950 behaal hy ook die LLB-graad en verkry toestemming om in sy vrye tyd as advokaat te praktiseer. Prof. Gonin was voorsitter van die Klassieke Vereniging van Suid-Afrika. As atleet in sy jong jare en as iemand wat 'n blywende belangstelling in atletiek behou het, was hy vir 'n tyd lank ook voorsitter van Tukkies se Sportkomitee. Hy was ook 'n jaar of wat dekaan van die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte.

In sy tyd is daar omstreeks 1965 'n eenjarige kursus in Regslatyn vir studente van BA(Regte) en LLB in hulle derde jaar ingestel. Prof. Gonin was ook grootliks verantwoordelik vir die vertaling van die *Praelectiones* van Van der Keesel, 'n omvangryke manuskrip uit die einde van die 18e eeu wat deur die Universiteit van Pretoria in Afrikaans vertaal en uitgegee is. Dit is 'n uitvoerige kommentaar op die Romeins-Hollandse Reg. Ook het prof. Gonin, saam met regter. V.G. Hiemstra, die eerste Engels-Afrikaanse regswoordeboek saamgestel. Daar is naas die gewone 1A-kursus vir eerstejaarstudente in Latyn, ook 'n 1B-kursus vir beginners ingestel op voorwaarde dat kandidate wat Latyn as matrikulasievak geslaag het, nie daartoe toegelaat word nie. In 1963 is die feit herdenk dat prof. Gonin daardie jaar 25 jaar aan die Universiteit verbonde was en in 1971 het hy na 33 jaar afgetree en 'n betrekking aan die Universiteit van Suid-Afrika aanvaar. Hy is deur prof. D.M. Kriel opgevolg.

David Meiring Kriel is in 1930 gebore en het sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BA in 1951 en HOD in 1952. Van 1953 tot Junie 1956 was hy Latynonderwyser, eers op Benoni en later op Florida. In Julie 1956 het hy voltydse lektor aan die Universiteit van Pretoria geword. Die graad MA(Latyn) het hy in 1961 behaal en twee jaar later die doktorale eksamen in Latyn, albei aan die Universiteit van Pretoria. Hy het hierop senior lektor aan die Universiteit van Suid-Afrika geword, maar vertrek kort daarna op 'n studiereis na Italië om aan die universiteite van Urbino en Rome navorsing vir 'n doktorsgraad te doen. In 1969 word die D Litt-graad deur die Universiteit van Pretoria aan hom toegeken.

Intussen het hy in 1966 senior lektor in Latyn aan die Universiteit van Pretoria geword. Hy word professor in en hoof van die Departement Latyn vanaf 1 Januarie 1972. In 1979 het prof. Kriel in samewerking met die Italiaanse Ambassade in Pretoria die Festa Romana van 13 tot 22 September aan die Universiteit gereël. Dit het die vorm van 'n tentoonstelling en openbare lesings aangeneem en was 'n groot sukses.

Aan die einde van 1983 verlaat prof. Kriel die Universiteit van Pretoria om 'n betrekking as Suid-Afrikaanse Kultuurattaché in Rome te aanvaar. Hy is as departementshoof deur prof. J. Scholtemeijer opgevolg.

Departement Liggaamlike Opvoedkunde

"Om behoorlike opleiding te verskaf in alle praktiese fasette van spele, gimnastiek en sport asook om hierdie praktiese werk te kombineer met al die onderliggende akademiese kennis, is die uitdaging waarvoor 'n Departement Liggaamlike Opvoedkunde aan 'n Universiteit gestel word."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

So word die werk van hierdie Departement omskryf. Uit die ontstaansgeskiedenis daarvan—dit ontstaan in 1946—blyk dit dat dit tot stand gekom het uit 'n gevoelde behoefte by die samelewing en die staat. Die aankweek of bevordering van 'n gesonde liggaam deur oefening en spele, asook die heilsame sielkundige uitwerking daarvan, het landswyd al hoe meer aandag getrek en is al hoe meer as 'n behoefte in die moderne samelewing gevoel.

Aanvanklik het die Departement by die Fakulteit Opvoedkunde tereg gekom, maar later is dit by die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte ingedeel, hoewel die verbintenis met Opvoedkunde nooit verbreek is nie. Die Departement is nog steeds ook lid van die Fakulteit Opvoedkunde.

Opleiding in die Departement Liggaamlike Opvoedkunde lei tot 'n BA-graad wanneer dit gekombineer word met 'n BA-hoofvak. Kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde sluit in Bio-ergonomika, Fisiologie, Kinesiologie, Toegepaste Fisiologie en praktiese aspekte van gimnastiek, sport en spele, veral met die oog op onderwysersopleiding (BA Ed LO). Ook kan 'n driejarige BA(LO)-graad gevolg word en nagraads MA(LO) en DPhil. Daarby kan dit ook by die HOD, BEd, MEd en DEd ingeskakel word met die endossement LO.

Ook gee hierdie Departement onderrig aan studente in ander studierigtings waar liggaamlike opvoedkunde en sport deel van die opleiding uitmaak, te wete Onderwys, Arbeidsterapie, Drama en Toneelwetenskap. Die Departement oorkoepel ook die Instituut vir Sportnavorsing en -opleiding en sy personeel is behulpsaam met die afrigting van verskillende sportsoorte. Van die begin af is daarna gestreef om Liggaamlike Opvoedkunde op liggaamspedagogiese gronde te vestig, en om dié opvatting na ander instansies oor te dra deur middel van simposia en konferensies.

In 1960 was prof. C.M. Smit nog professor in en hoof van hierdie Departement. Gebore in 1908 op Malmesbury, het Claude Michael Smit reeds as jong seun sy aanvanklik tenger gestel met sukses deur liggaamsoefeninge verbeter. As student aan die Universiteit van Kaapstad, besoek hy ook die Royal Health Institute en is hy selfs in die boksspan van sy Universiteit opgeneem. Die BA-graad behaal hy in 1930, gevolg deur die SOD in 1932. Hierna kon hy weens die depressie geen permanente betrekking kry nie. Hy rig vertoë tot die Kaapse Onderwysdepartement om liggaamlike opvoeding verpligtend op skole te maak. Intussen gee hy onderwys, agtereenvolgens op Malmesbury en Vryburg en in Windhoek, en hy probeer telkens om, naas onderwys, ook liggaamlike opvoeding te bevorder deur privaatgimnasiums te stig. Intussen getroud, ontvang hy in 1937 van die Duitse regering die prestigestipendium van die Alexander von Humboldt-stigting en vertrek hy met sy gade na Berlyn, waar hy aan die Reichsakademie für Leibeserziehung 'n diploma behaal.

Terug in Suid-Afrika, word hy belas met die opstel van die eerste laerskoolleerplanne in liggaamsopvoeding. In 1938 word dit 'n verpligte skoolvak onder die Departement Unie-onderwys; daarvan word hy in 1939 die eerste organiseerder. Hy tree ook op as raadgewer by die organisasie van klubs deur die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding (NARLO). In die jare hierna is hy besonder bedrywig met die organisasie van vakansiekursusse, onder andere in atletiek.



Prof. C.M. Smit, Hoof, Departement Liggaamlike Opvoedkunde, 1946–1973.

In 1946 word hy professor in en hoof van die pasgestigte Departement Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria. Hy het hierdie departement van die grond af opgebou. Daarby het hy as lid van die leerplankomitee van Nasionale Liggaamlike Opvoeding 'n groot bydrae gelewer. Hy en sy vrou het vier handboeke met dié doel opgestel. Origens het hy op 'n groot aantal komitees gedien en hy kan op verskeie terreine as 'n baanbreker beskou word. Onder andere is hy in 1948 stigter van die UP-Sportkomitee, waarvan hy op die bestuur gedien het. Na bereiking van die leeftydsgrens tree prof. Smit in 1973 uit die diens van die Universiteit en hy is in 1978 oorlede. Hy is opgevolg deur prof. J.L. Botha.

Johannes Lodewicus (Hannes) Botha is in 1936 op Sterkstroom gebore. Aan die Universiteit van Pretoria het hy die volgende grade behaal: BA(LO) in 1956, MA(LO) in 1957 met lof, en DPhil(LO) in 1968. Hy het in 1963 verskeie universiteite in Amerika en ook een in Duitsland besoek om atletiekafrigting te bestudeer. Na hy vir 'n kort tydjie skoolgehou het, en ook daarna in diens van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Stadsraad van Pretoria was, is hy in 1960 as lektor, eers in tydelike hoedanigheid, aan die Universiteit van Pretoria aangestel; in 1967 is hy bevorder tot senior lektor, in 1971 tot addisionele professor en in 1973 tot professor en hoof. Sy prestasies op sportgebied (gewigstoot) het die aandag getrek. Hy was Springbok in 1958, 1959 en 1966; in 1958 was hy lid van die Suid-Afrikaanse span na die Statebondspele en hy neem in 1961 deel aan die Wêreldspele in Finland. In 1959 het hy teen die besoekende Duitse span opgetree en die Suid-Afrikaanse studentespan na Duitsland, Ierland en Engeland vergesel, asook in 1965 'n span na Argentinië. Hy was vir nege jaar houer van die Suid-Afrikaanse gewigstootrekord.

As professor is hy baie aktief, sowel binne as buite die Departement. Die onderwerp van sy proefskrif, *'n Ondersoek na die funksie van 'n Staatsdepartement van Sport en Rekreasie*, het meegebring dat hy 'n aansienlike aandeel gehad het in die sportbeleid van die staat. Hy was onder andere president van die Suid-Afrikaanse Amateur Atletiekvereniging, uitvoerende bestuurslid van die Suid-Afrikaanse Federasie vir Jeug en Sport, adviesraadslid van die Sportstigting van Suid-Afrika, stigterslid van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Atletiekafrigters, en uitvoerende bestuurslid van die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale Spelevereniging.

Ander persone wat, aanvanklik saam met prof. Claude Smit, 'n aandeel aan die uitbouing van die Departement gehad het, was prof. G.W. van der Merwe wat in 1949 as lektor aangestel is, en in 1963 tot senior lektor en in 1977 tot medeprofessor bevorder is. Aan die einde van 1982 tree hy uit die diens van die Universiteit. Dan was daar mnr. K.A. Schrecker wat prof. Smit uit Duitsland gevolg het, mej. G. Oertly, later mev. Robertson, uit Switserland, en mnr. M.E. Jooste wat jare lank aan die Universiteit verbonde was.

Dan moet ook die naam genoem word van prof. P.J. Smit, wat aanvanklik sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang het: MA(LO) in 1965 met lof; daarna behaal hy die doktorsgraad in 1968 aan die Universiteit van die Witwatersrand. Hy was sedert 1967 aan die Departement verbonde, het later agtereenvolgens senior lektor, medeprofessor en in 1982 professor geword. Hy was besonder energiek en ondernemend. Voor sy aanstelling aan die Universiteit was hy fisioloog en antropoloog by die WNNR. In 1970 en weer in 1971 was hy na die buiteland om sportnavorsing te doen. In 1974 woon hy ook 'n wêreldkongres oor sportgeneeskunde in Australië by en later daardie jaar besoek hy weer Duitsland om die rehabilitasie van hartpasiënte te ondersoek. In 1980 het hy aandeel aan 'n werkskomitee oor die biologies-fisiologiese verdienste van sport en in 1981 is hy veral bedrywig tydens die Suid-Afrikaanse Feesspele.

Pas bevorder tot professor, tree hy aan die einde van 1982 uit die diens van die universiteit.

Departement Maatskaplike Werk

Die naam van hierdie dissipline kan as selfverklarend beskou word. Besorgdheid oor die welsyn van die gemeenskap lê ten grondslag daarvan. Dit behels 'n georganiseerde poging om wantoestande in 'n gemeenskap te onderken, te voorkom en te verhelp. Dit behels verder die opleiding van die maatskaplike werker om hom of haar toe te rus met die kennis om hierdie werk onder die gemeenskap te doen. "Die mens leef nie alleen nie", lui een verduideliking, "maar saam met sy medemens. Daaruit vloei probleme voort, probleme op individuele vlak, gesinsvlak en gemeenskapsvlak —problematiek wat uit maatskaplike funksionering voortvloei."

Industriële welsynswerk het in Engeland in die tyd van die nywerheidsomwenteling ontstaan by persone soos Robert Owen, Thomas Chalmers en Olivia Hill. Daar was ook organisasies soos die Charity Organisation Society en die Hamburg-Eberfeld-stelsel wat in dieselfde rigting gewerk het. Later het die nywerheidsomwenteling in Amerika dieselfde omstandighede en ook pogings tot maatskaplike hervorming ten gevolge gehad.

Prof. Cronjé wat in 1934 die grondslag van die die Departement gelê het, het dit saam met Sosiologie en later ook Kriminologie uitgebou tot die grootste departement aan die Universiteit. Geoffrey Cronjé het sy akademiese studie aan die Universiteit van Stellenbosch begin, BA en MA (Grieks), en dit later aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam voortgesit, waar hy die DPhil-graad in Sosiologie in 1933 behaal het. Hy is as senior lektor aan die Universiteit van Pretoria aangestel en in 1937 tot professor bevorder.

Nadat Kriminologie aan die einde van die jare vyftig 'n aparte departement geword het, was Maatskaplike Werk nog aan Sosiologie gekoppel. Dit was ook nog die posisie in 1960. In een stadium is die naam Maatskaplike Werk verander in Toegepaste Sosiologie, maar dit het nie bevredig nie.

Prof. Cronjé het in 1965 ook hoof van die nuwe Departement Dramatologie geword en twee jaar lank die hoofskap van twee uiteenlopende departemente waargeneem, tot hy in 1967 afgetree het as hoof van die Departement Sosiologie en Maatskaplike Werk ten gunste van prof. J.E. Pieterse. Jan Ernst Pieterse is in 1928 op Smithfield gebore. Hy het aan die Universiteit van Pretoria in Maatskaplike Werk gestudeer en in 1949 die BA(SW)-, in 1952 die MA(SW)-, albei met lof, en in 1959 die DPhil-graad behaal. Hy was van 1949 tot 1950 volkswelsynsbeampte en van 1950 tot 1952 assistent-sekretaris van die Christelike Maatskaplike Raad (CMR) van Pretoria. Daarna is hy in 1952 as junior lektor in Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Pretoria aangestel; in 1958 is hy bevorder tot senior lektor en in 1964 tot addisionele professor. Danksy sy voortdurende navorsing en buitelandse studiereise—hy het in die jaar 1959–1960 die Nagraadse Skool vir Maatskaplike Werk van die Universiteit van Denver, Colorado, besoek—het hy 'n gesaghebbende op maatskaplike werk, welsynswerk, groepwerk, jeugwerk en opvoeding buite skoolverband geword. Hy was onder andere direkteur van die Ondersoek na Jeugaange-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

leenthede van die FAK, voorsitter van die Kommissie vir Jeugaangeleenthede van die Nasionale Kultuurraad en voorsitter van die Nasionale Welsynsraad. Toe die Studentediensburo aan die Universiteit van Pretoria ingestel is, het hy in 1973 direkteur daarvan geword. Hy het in 1980 die Universiteit verlaat vir 'n ander betrekking.

Prof. Pieterse is in 1974 deur prof. I.J.J. van Rooyen opgevolg as hoof van die Departement Maatskaplike Werk, wat in 1974 'n selfstandige departement geword het. Izak Johannes Jacobus van Rooyen is in 1919 gebore. Hy het sy BA-graad in 1943, sy MA-graad in 1952 en sy DPhil in 1956 aan die Universiteit van Suid-Afrika behaal. Na hy 'n tyd lank aan UNISA werksaam was, waar hy gevorder het tot professor, is hy in 1967 deur die Randse Afrikaanse Universiteit versoek om die Departement van Maatskaplike Werk daar te begin, vanwaar hy in 1974 na die Universiteit van Pretoria oorgekom het as professor in en hoof van die Departement Maatskaplike Werk. Hy was 'n gedeelte van 1966 besoekende professor aan die Columbia-universiteit, New York, en in 1975 was hy weer vir 'n periode oorsee.

Maatskaplike Werk het in 1974 'n selfstandige departement geword. In 1975 is daar reeds goedgekeur dat BA(MW) 'n vierjarige kursus word; dit is in 1976 ingestel. Die Departement het uiteraard baie aanraking met instansies buite die Universiteit, met die Staatsdepartemente Gesondheid, Samewerking en Ontwikkeling, Gevangeniswese, Polisie, Verdediging, Binnelandse Aangeleenthede, en so meer. Nywerhede soos Yskor, Sasol en mynmaatskappye maak ook van maatskaplike werk en hulpverlening gebruik. In 1970 en weer in 1982 is daar 'n driedaagse simposium gehou. Ook word daar gebruik gemaak van die kennis van verwante departemente.

Prof. van Rooyen is in 1984 opgevolg deur prof. E.A.K. Hugo, wat toe alreeds vir baie jare as medeprofessor aan die Departement verbonde was.

Departement Musiek

"Ons wil na vermoë die goedere van die gees bevorder en weer 'n beskeie deel bydra tot kulturele vooruitgang en lewensbehaaglikheid. Ons Suid-Afrikaners wil 'n plek hê in die kosmiese konsert van beskaafde nasies." Dit was die woorde van prof. C.H. Rautenbach by die stigting van die Departement Musiek.

Die Departement ontstaan in 'n tyd toe die Aula van die Universiteit 'n besondere rol in die musiek- en teaterlewe van Pretoria gespeel het. Met die beplanning daarvan moes daar besluit word of dit suiwer 'n Departement van Musiekwetenskap sal wees, waar die wetenskap teoreties bestudeer sal word, en of daar 'n toonkunsakademie sal wees waar studente ook as instrumentaliste of sangers onderrig kan word. Die eerste moontlikheid weerspieël die toestand in die buiteland waar slegs musiekwetenskap aan universiteite gedoseer word en die praktiese opleiding oorgelaat word aan staatsondersteunde "Hochschulen", "Konservatoriums" en "Colleges of Music". Te weinig inwoners maak konservatoriums te duur en onrealisties en die grootste behoefte in Suid-Afrika bestaan ten opsigte van die opleiding van musiekonderwysers, wat musiek in al sy fasette behels. Daarom is ten slotte besluit dat naas 'n Departement Musiekwetenskap daar ook 'n Toonkunsakademie tot stand sal kom en dat die twee volkome geïntegreer onder een hoof sal wees.

Reeds in 1958 was daar 'n aanbeveling van die Senaat dat 'n "Departement Musiekwetenskap" in die lewe geroep word, maar die Raad was van mening dat die tyd nog nie ryp daarvoor was nie. Die volgende jaar heg die Universiteitsraad egter sy goedkeuring daaraan en beveel aan dat die moontlike stigting daarvan met behulp van skenkings ondersoek moes word. Onder die skenkings was daar £25 000 (R50 000) van die stadsraad van Pretoria vir die oprigting van 'n gebou vir 'n toonkunsakademie. In dieselfde jaar is die Mimi Coertsebeurs ingestel, wat belowende Suid-Afrikaanse sangers in die geleentheid stel om hulle sangstudies in die buiteland voort te sit. Hierdie beurs word later deur die Departement Musiek geadministreer.

Die Departement Musiek het vanaf Oktober 1960 onder die leiding van prof. J.P. Malan 'n werklikheid geword. Jacques Philip Malan is in 1917 in Bloemfontein gebore. Hy ontvang sy opleiding aan die Greykollegeskool en die Grey-Universiteitskollege (tans die Universiteit van die Oranje-Vrystaat), waar hy in 1938 sy BA-graad met lof behaal. In 1940 volg hy 'n lisensiaat in klavieronderrig en -voordrag aan die Universiteit van Suid-Afrika en daarna begin hy 'n musiek-onderwyspraktyk op Potchefstroom, waar hy in 1943 deeltydse dosent in die vak Musiek aan die universiteit word. Mettertyd bou hy dit uit tot 'n hoofvak en hy lê so die grondslag van die Departement van Musiek aldaar. Intussen het hy in 1946 die BMus-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika behaal.

In 1952 is hy na Wenen om onder die leiding van Erich Schenk binne agtien maande te promoveer oor *Die lewens- en wêreldbeskouing van Johann Sebastian Bach*. Terug in Potchefstroom, word hy in 1954 tot professor bevorder, maar hy bedank in 1955 uit die diens van dié Universiteit om 'n pos aan die SAUK in Kaapstad te aanvaar.

Aan die Universiteit van Pretoria is eers gedink aan die dienste van die dirigent Anton Hartman, maar hy het die aanbod van die hand gewys. Uit 'n aantal aansoeke vir die pos het die keuse op dr. J.P. Malan geval en hy is in Oktober 1960 as professor en hoof aangestel.

Intussen is met die bou van die Toonkunsakademie voortgegaan. Dit het 'n sierlike gebou geword, bestaande uit 'n drieverdiepingvleuel vir praktiese onderrig, 'n gehoorsaal (die Musaion) met 'n Steinwaykonsertvleuelklavier en 510 sitplekke, 'n opelugteater (die amfiteater) vir 2 776 toeskouers, en dan ook 38 klankdigte oefenkamers, wat later uitgebrei is. Die Musaion is in 1961 met 'n uitvoering van die SAUK-simfonie-orkes onder leiding van Anton Hartman ingewy.

Die eerste voorlesings het in 1961 begin en die eerste dosente was die volgende: Blanche Gerstman (komponiste), Xander Haagen (bariton), dr.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. J.P. Malan, Hoof, Departement Musiek, 1960–1978.



Prof. A. van Selms, Hoof, Departement Semitiese Tale, 1948–1971.

Vitale (trompetspeler), Walter Mony (violis), Alan Naudé (Pianis), Gertrude Kautzky (pianis van Oostenryk) en Chris Lamprecht (orrel, klavier en koorleiding). Graad-, diploma- en sertifikaatkursusse in musiek is ingestel. In 1968 is gespesialiseerde studierigtings vir die BMus-graad van die derde studiejaar af ingestel.

In 1972 is die Universiteit van Pretoria-simfonie-orkes gestig onder leiding van die Suid-Afrikaanse dirigent prof. Johan van der Merwe, in 1975 opgevolg deur die Nederlandse dirigent prof. Henri Arends.

Vir die opleiding in kerkmusiek is gebruik gemaak van kerkorrels in die buurt van die Universiteit. Daar is egter so vroeg as 1964 al besluit om 'n pyporrel aan te koop. Dit duur egter tot 1978 voor die orrel teen 'n koste van R63 624 in die Musaion geïnstalleer is. Dit besit 37 registers, 'n speeltafel met meganiese aksie en 2 659 pype van hout en metaal en is een van die eerste moderne meganiese orrels in Suid-Afrika.

Prof. Malan het vanaf 1962 tot 1979 baanbrekerswerk verrig aan die *Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie*. Origens was hy ook eindredakteur van die *Suid-Afrikaanse Musiekwoordeboek*. Hy het in 1978 afgetree en is begin 1979 deur prof. S. Paxinos as professor in en hoof van die Departement Musiek opgevolg.

Sokrates Paxinos is in 1934 in Port Elizabeth gebore en hy ontvang sy skoolonderrig op Queenstown. Hy behaal in 1951 'n voordraglisensiaat in klavier aan UNISA en in 1953 'n dergelike lisensiaat aan die Trinity College, Londen. Terug in Suid-Afrika, behaal hy die volgende jaar 'n BMus-graad aan UNISA, gevolg deur 'n onderwyslisensiaat in klavier in 1954 aan UNISA en een in orrel in 1968; dit word gevolg deur 'n MMus-graad in 1971 en 'n DMus in 1977, ook aan UNISA. Hy was van 1973 af aan die Departement van Musiek van UNISA verbonde en is in 1977 tot mede-professor bevorder. Hy tree in Desember 1983 uit die diens van die Universiteit van Pretoria en is opgevolg deur prof. C.E. Lamprecht.

Departement Semitiese Tale

Semitiese tale is veral nodig by die teologiese opleiding, waar kennis van Hebreeus en aanverwante tale vereis word. In 1960 was prof. A. van Selms hoof van hierdie Departement, nadat hy reeds in 1948 as sodanig aangestel is.

Adrianus van Selms is in 1906 in Amsterdam gebore en het sy opleiding aan die Universiteit van Utrecht ontvang. Hy het Semitiese tale "en die daarop betrekking hebbende oudheden" bestudeer, asook die Teologie. Reeds as student het hy kennis gemaak met die Nabye Ooste toe hy as lid van 'n argeologiese ekspedisie deelgeneem het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aan opgrawings by Sigem. Terug in Utrecht, het hy sy kandidaatseksamen in Teologie in 1927 behaal en dieselfde in Semitiese Tale in 1928, gevolg deur sy promosie in Teologie in 1933. Hy was predikant op Hansweert en Culemborg en was intussen ook sekretaris van die Provinsiale Kerkbestuur van Zeeland.

In 1938 is hy aangestel as senior lektor in Semitiese Tale aan die Universiteit van Pretoria, maar in 1940 kry hy oorlogsverlof om by die Nederlands-Indiese leër aan te sluit, waar hy tot die rang van kaptein styg. Hy raak egter drie jaar lank in Japanse krygsgevangeneskap en keer na die oorlog terug na sy betrekking aan die Universiteit van Pretoria. Aan die begin van 1948 is hy bevorder tot professor in en hoof van die Departement Semitiese Tale.

In die jare wat volg, het prof. van Selms ontwikkel tot 'n besonder ywerige wetenskaplike. Hy was bekend vir sy talekennis en het die volgende doseer: Akkadies, Hebreeus en Nieu-Hebreeus, die verskillende dialekte van Aramees, Ugarities, Fenecies en Punies, Arabies, Egipties, Hetities en Vergelykende Semitiese Filologie. Daarbenewens is hy ook gebruik as dosent in Teologie (Nederduitsch-Hervormde Kerk). Verskeie leerstoele is hom deur Suid-Afrikaanse en Nederlandse universiteite aangebied, maar hy het almal van die hand gewys. Gedurende periodes van verlof het hy met opgrawingswerk in Israel voortgegaan en by verskeie musea in Europa en die Nabye Ooste ondersoek ingestel. Al sy ondersoeke het neerslag gevind in 'n menigte geskrifte, waaronder 22 boeke. Daaronder is daar verklarende aantekeninge by sommige Bybelboeke, 'n beryming van die Evangeliese Gesange; verder oor die 100 bydraes in vaktydskrifte en oor die 200 populêr-wetenskaplike artikels.

Hy was 'n gereelde spreker op oriëntalistiese en teologiese kongresse in Europa. Hy was onder andere redakteur of mederedakteur van die volgende: *Pretoria Oriental Series*, *De Prediking van het Oude Testament*, *Kerk en Theologie*, *Pro Veritate* en *De Nederlandsche Post*. Hy was lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, van wie hy in 1976 die Stalsprys vir Teologie ontvang het, die Koninklijke Nederlandse Akademie voor Wetenschappen, die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika, die Genootschap Ex Orientale Lux in Leiden en die British Old Testament Society.

Na bereiking van die ouderdomsgrens het prof. van Selms in 1971 afgetree, maar hy is daarna vir nog 'n tyd lank as tydelik-deeltydse dosent in diens behou. Hy het eregrade aan die Universiteit van Suid-Afrika en die Universiteit van Pretoria ontvang. Hy is in April 1984 oorlede.

As departementshoof is prof. Van Selms deur prof. W.C. van Wyk opgevolg. Wouter Cornelis van Wyk is in 1937 gebore en het sy opleiding in Semitiese Tale en Teologie aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BA in 1957, BD in 1961, MA in Semitiese Tale in 1964 en DD in 1967, alles met lof, gevolg deur 'n studie aan die Universiteit van Erlangen, Duitsland, as beurshouer van die Alexander von Humboldt-stigting.

Sy dosenteloopbaan aan die Universiteit van Pretoria het in 1965 as junior lektor begin, waarna hy in 1965 bevorder is tot lektor, in 1968 tot senior lektor en in 1971 tot professor in en hoof van die Departement. Onder sy hoofskap is die onderrig in Semitiese Tale doelbewus uitgebou en het die aantal nagraadse studente dramaties toegeneem. In sy vakvereniging, die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika, het hy 'n leidende rol gespeel, onder andere as sekretaris, voorsitter van die Dagbestuur en redakteur van die vaktydskrif *OTWSA Old Testament Essays*.

Van 1976 af is prof. Van Wyk betrokke by opgrawings van die ou Bybelse stad Lagis en is verskeie jare al leier van studente-groepe daarheen. Hy het meegewerk aan die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling, is sedert 1970 lid van die Breë Kommissie en van 1974 een van die Bybelvertalers.

Gedurende sy hoofskap is prof. J.A. Loader in 1979 tot medeprofessor bevorder, terwyl in die begin van die jare sestig dr. J. Newman vir 'n tyd as ereprofessor in die Departement opgetree het.

Prof. Van Wyk het by tye as waarnemende dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte opgetree en hy is in Julie 1983 tot permanent-voltydse dekaan benoem.

Departement Sielkunde

Sielkunde, met die in ander tale meer algemene benaming Psigologie, het te doen met die psige, die innerlike of wesenlike van die menslike natuur. Globaal gestel, verteenwoordig Sielkunde die studie van menswees. Die vakgebied het met verloop van tyd allerlei vertakkings ontwikkel as gevolg van die kompleksiteit van die mens, asook van die verskeidenheid toepassingsterreine van die Sielkunde.

Aan die Universiteit van Pretoria is Sielkunde van die begin af as 'n dissipline bestudeer, hoewel dit aanvanklik nie in 'n aparte departement gehuisves is nie. In 1960 was prof. B.J. Schlebusch professor in en hoof van die Departement. Barend Johannes (Bob) Schlebusch is in 1919 gebore en hy is aan die Universiteit van Stellenbosch opgelei: BA in 1939, MA in 1941, SOD in 1945 en DPhil in 1946. Hy het aan die Universiteit van Stellenbosch as laboratoriumassistent in 1940 begin werk, word in 1943 junior lektor, in 1945 lektor, en vandaar is hy in 1947 aan die Universiteit van Pretoria as senior lektor aangestel en in 1956 tot professor en hoof bevorder.

In 1960 het prof. Schlebusch aan die Tavistock Clinic in Londen gewerk en daarna 'n groot aantal klinieke in Wes-Europa besoek. Sy departement het aangegroei tot een van die grootstes aan die Universiteit. In 1964 was daar byvoorbeeld 1 631 studente voor- en 45 nagraads, met 210 studente per dosent. Hierin het mettertyd 'n verbetering gekom deur die aanstelling van meer personeel. In 1982 was daar 25 dosente in die Departement. Weens swak gesondheid is prof. Schlebusch se werk gedurende sy laaste jare 'n paar keer onderbreek. Hy is in Junie 1976 oorlede en deur prof. D.J. Swiegers opgevolg.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. B.J. Schlebusch, Hoof, Departement Sielkunde, 1956–1976.

Gebore in 1924, het Daniël Jacobus Swiegers aanvanklik sy opleiding aan die Universiteit van Stellenbosch ontvang: BA in 1944 en MA in 1946, en DPhil in 1955 aan die Universiteit van Pretoria met lof. Ook hy het aan die eersgenoemde universiteit as assistent begin werk en is in 1947 as lektor aan die laasgenoemde aangestel, waar hy in 1962 tot mede- en in 1966 tot addisionele professor bevorder is. In 1964 het prof. Swiegers 'n studiereis na die buiteland onderneem met behulp van 'n E. Oppenheimer-beurs. Hy is in 1948 gekies as sekretaris van die Suid-Afrikaanse Sielkundige Vereniging en het ook later op die uitvoerende bestuur daarvan gedien. Ook aan ander liggame het hy 'n aandeel gehad, onder andere die Beroepsraad vir Sielkunde en die Nasionale Adviserende Raad vir Padveiligheid. Prof. Swiegers het ook 'n vooraanstaande rol op sportgebied (rugby) gespeel. Self 'n speler bo die gemiddelde formaat, het hy vir die eerste span van die Universiteit van Stellenbosch en later vir dié van die Universiteit van Pretoria gespeel, van 1952 tot 1953 as kaptein van die laasgenoemde. Intussen was hy ook etlike jare lid van die Noord-Transvaalse span. Op administratiewe gebied was hy van 1950 die verteenwoordiger van die Universiteit se Sentrale Sportunie op die rugbyklub, waarvan hy in 1960 ondervoorsitter en in 1974 president geword het. As rugby-afrigter het hy in die jare sestig groot sukses met Tukkies se eerste span behaal. Hy is sedert 1963 lid en sedert 1968 voorsitter van die Noord-Transvaalse Keurkomitee, sedert 1970 lid van die Suid-Afrikaanse Keurkomitee en sedert 1982 sameroeper daarvan. In 1972 is hy saam met die Gasellespan as bestuurder/afrigter na Suid-Amerika en in 1974 was hy bestuurder van die Junior Springbokspan teen die besoekende Britse Leeus.

Prof. Swiegers is later (in 1984) aangestel as studentedekaan en deur prof. W.v.d. M. Herholdt as professor en hoof van die Departement opgevolg.

In die personeel van die Departement is enkele persone tot medeprofessore en sommige tot professore bevorder: prof. J.H. Robbertze, MBChB aan die Universiteit van Pretoria in 1954, MA (Sielkunde), ook aan die Universiteit van Pretoria en MD in Psigiatrie in 1963 aan die Universiteit van Utrecht, vanaf 1970 mede- en vanaf 1971 professor; prof. S.I. du Toit, BA aan die Universiteit van Stellenbosch, BA(Hons) aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en MA en DPhil aan die Universiteit van Pretoria, vanaf 1971 mede- en vanaf 1982 professor; prof. W.v.d. M. Herholdt wat later hoof van die Departement sou word, BA in 1961, MA met lof in 1967 en DPhil in 1972, almal aan die Universiteit van Pretoria, vanaf 1976 mede- en vanaf 1980 professor; prof. L.P. Vermeulen, BA, BA(Hons), MA en DPhil aan die Universiteit van Pretoria, in 1982 mede- en aan die einde van dieselfde jaar professor; prof. B.P. Geldenhuys, medeprofessor vanaf 1971; prof. C.G. Kotzé, medeprofessor vanaf 1980; en proff. R.P. de la Rey, J.A.K. Erasmus, K.G. Kemp, J.P. Piek en G.J. Smit almal medeprofessore vanaf 1982.

In reaksie op die toenemende erkenning in die land deur die gemeenskap en gesondheidsdienste van die rol wat die sielkundige op die remediërende terrein speel, word die MA (Kliniese Sielkunde)-kursus in 1963 ingestel, as eerste in Suid-Afrika, wat naas een jaar voltydse teoretiese opleiding op M-vlak ook 'n verdere 12 maande voltydse praktiese internskap by 'n sielkundige inrigting vereis. Die promulgering van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsberoepe (Wet 56 van 1974) en die gevolglike stigting van 'n Beroepsraad vir Sielkunde en die beroepsregistrasie van Sielkundiges by die S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, het groot invloed op die opleiding in die vak Sielkunde gehad. 'n Behoefte het onder andere ontstaan aan beroepsgerigte opleiding wat verband hou met die verskillende registrasiekategorieë. Die Departement Sielkunde het gevolglik in 1973 die MA (Voorligtingsielkunde)-kursus ingestel, wat na voltooiing aan studente die reg verleen om by die Beroepsraad vir Sielkunde as Voorligtingsielkundiges te registreer.

Alhoewel Bedryfsielkunde deur die jare as 'n onderdeel van die opleiding in die vak Sielkunde op voor- en nagraadse vlak aangebied is, en ook vanaf 1961 figureer as dienskursus vir 'n aantal beroepsgerigte studierigtings, soos Ingenieurswese, het die instelling van 'n beroepsregistrasiekategorie "Bedryfsielkundige" by die voorgenoemde Wet, asook praktyksbehoeftes, aanleiding gegee tot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die instelling van 'n nuwe voor- en nagraadse studiebaan aan die Universiteit van Pretoria. Die B.Com-, B.Com(Hons)-, en M.Com- en D.Com-graad in Personeelbestuur in die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe kom in 1973 tot stand. In 1973 was daar slegs 23 eerstejaarstudente en in 1982 was daar altesaam 680 ingeskrewe studente in die onderskeie graadkursusse. Dié studierigting word deur die Beroepsraad vir Sielkunde erken met die oog op registrasie van studente as Psigotegnikus, Psigometrikus en Bedryfsielkundige, na die onderskeidelike behaal van die B.Com (Personeelbestuur)-, B.Com (Hons Personeelbestuur)- en M.Com (Personeelbestuur)-graad.

Departement Sosiologie

Sosiologie behels die studie van die samelewing in al sy besondere fasette. Vir Suid-Afrika met sy verskillende bevolkingsgroepe, elk met sy besondere "sosiologie", is die vak van besondere belang. Heel aan die begin was die dissipline gekoppel aan Maatskaplike Werk, of Toegepaste Sosiologie, en Kriminologie. Die laasgenoemde het in 1960 'n selfstandige departement geword. Maar Sosiologie en Maatskaplike Werk het, hoewel dit twee vakrigtings uitmaak, tot 1974 in een departement gebly. In 1960 was daar dus nog een Departement Sosiologie en Toegepaste Sosiologie met prof. G. Cronjé aan die hoof daarvan.

Soos elders vermeld, is dr. Geoffrey Cronjé, gebore in 1907, reeds in 1934 as voltydse lektor en as hoof van die Departement aangestel. Na hy aan die Universiteit van Amsterdam die DPhil-graad behaal het, is hy in 1937 tot professor bevorder. Prof. Cronjé het op maatskaplike en kerklike terrein sy invloed laat geld. Hy was 'n man met baie talente en het hulle gebruik, soos die rektor, prof. C.H. Rautenbach, by die 25-jarige herdenking van sy aanstelling aan die Universiteit gesê het.

In 1961 het die Departement 'n differensiasie ondergaan ten opsigte van nagraadse studie in die sosiale wetenskappe en die volgende vier studierigtings is moontlik gemaak: Maatskaplike Sorg, Kinder- en Gesinsorg, Geestesgesondheid en Industriële Maatskaplike Sorg.

Die benaming Toegepaste Sosiologie is toe verander na Maatskaplike Werk. Nadat prof. Cronjé in die jare sestig hoof van die Departement Drama geword het, is hy in 1967 deur prof. J.E. Pieterse as departementshoof opgevolg. By die beskrywing van die Departement Maatskaplike Werk word besonderhede oor prof. Pieterse verstrek. Hy is in 1974 deur prof. N.J. Rhoodie opgevolg en in daardie jaar het Maatskaplike Werk ook 'n selfstandige departement geword.

Nicolaas Johannes Rhoodie is in 1932 gebore. Hy het sy opleiding in Sosiologie aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BA in 1954, HOD in 1955, MA in 1959 en DPhil in 1965, alles met lof. Nadat hy vir 'n paar jaar lank skoolgehou het en daarna in die staatsdiens werksaam was, is hy in 1961 aangestel as junior lektor in Sosiologie aan die Universiteit van Pretoria; in 1962 is hy bevorder tot lektor, in 1966 tot senior lektor, in 1968 tot addisionele professor, in 1971 tot volle professor en in 1974 tot hoof van die Departement. Prof. Rhoodie was besonder ywerig in die uitbou van sy vakgebied, maar sy belangstelling het later veral uitgegaan na die Instituut vir Plurale Samelewings, wat onder sy leiding tot stand gekom het. As gevolg van 'n sameloop van omstandighede in verband met die Instituut voel hy in 1979 genoodsaak om te bedank. Hy is deur prof. J.S. Oosthuizen opgevolg.

Jacobus Stefanus Oosthuizen is in 1937 gebore. Hy het 'n veelsydige opleiding gehad. Aan die Universiteit van Pretoria behaal hy in 1958 die BA-graad, in 1961 die BD, in 1962 die MA en in 1965 die DD, alles met lof. Daarna is hy na die buiteland en behaal die Drs Soc aan die Universiteit van Utrecht in 1965 en die DPhil aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam in 1974. Intussen was hy aan verskillende universiteite werksaam: voor sy vertrek na die buiteland, as deeltydse lektor aan die Universiteit van Pretoria, vervolgens van 1963 tot 1973 as wetenskaplike assistent, benewens doktorale student in Sosiologie, Kommunikasiekunde en Wysbegeerte aan Utrecht (1963–1965), Jerusalem (1966), Wes-Berlyn (1967), Amsterdam en Leiden (1968–1973). Hy het in 1974 lektor in Wysbegeerte aan UNISA geword en sedert 1975 lektor in Sosiologie aan die Universiteit van Pretoria; hy is in 1976 bevorder tot senior lektor, in 1979 tot medeprofessor en vanaf 1 Januarie 1980 tot professor in en hoof van die Departement Sosiologie, asook direkteur van die Instituut vir Plurale Samelewings.

Prof. Oosthuizen het gespesialiseer in Sosiologiese Teorie, Godsdienssosiologie, Kommunikasiekunde en Kennissosiologie en is onder andere lid van die volgende liggame: die Suid-Afrikaanse Sosiologiese Vereniging, Association for Sociology in Southern Africa en die Wysgerige Vereniging van Suid-Afrika.

In 1975 is 'n navorsingspos in Sportsosiologie in die Departement ingestel. Hierin is mnr. (later dr.) John Williams, benoem. Hy het in 1975 sy MA-graad aan die Universiteit behaal, daarna navorsing in die buiteland gedoen en na sy terugkeer in 1979 'n doktorsgraad verwerf. Hy het in 1979 begin klas gee in die genoemde vak en 'n paar nagraadse studente daarin opgelei. Maar toe hy in 1981 aangestel is as hoof van die Studentediensburo het die studierigting Sportsosiologie aan die Universiteit van Pretoria verval.

Sedert 1981 word daar meer aandag geskenk aan die praktiese toepassings van die Sosiologie. Studente word betrek in praktiese navorsingsprojekte en klem word gelê op navorsingsmetodologie en die statistiese verwerking van ingesamelde data, asook op rekenaarverwerking.

Departement Spraakwetenskap, Spraakheelkunde en Oudiologie

Hierdie departement dateer uit die jaar 1960, nadat daar reeds in 1955 voorstelle in dié verband aan die Universiteitsraad gedoen is. Dit is vertraag deur ruimtegebrek en 'n tekort aan finansies. Daar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. P. de V. Pienaar, Hoof, Departement Spraakwetenskap, Spraakheelkunde en Oudiologie, 1959–1970.

is uitvoerig met die verskillende liggame, veral met die Onderwysdepartemente, onderhandel. 'n Persoon wat in die onderhandelings betrek is, was prof. P. de V. Pienaar, wat behulpsaam was met die oprigting en uitbou van 'n dergelike departement aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Pierre de Villiers Pienaar is in 1904 in die distrik Potchefstroom gebore. Hy het sy doktorsgraad in Fonetiek en Linguistiek in 1929 aan die Universiteit van Hamburg behaal en daarna 'n aantal jare lank skoolgehou. In 1933 is hy aangestel as lektor in Fonetiek in die Departement Afrikatale aan die Universiteit van die Witwatersrand; hy is in 1938 tot senior lektor bevorder en in 1944 tot hoof van die Departement Spraakheelkunde. Hy het toe ook direkteur van die Spraak-, Stem- en Gehoorkliniek geword. Prof. Pienaar het, soos bekend, ook belangstelling vir die Afrikaanse taal en kultuur gehad en dit lei tot sy aanstelling as hoof van die Departement Afrikaanse en Nederlandse Taalkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika in 1957. In 1959 is hy tot hoof van die nuwe Departement Spraakwetenskap en Spraakheelkunde aan die Universiteit van Pretoria benoem; dié Departement het op 1 Januarie 1960 begin. Hy tree in 1970 met bereiking van die ouderdomsgrens af, maar is daarna nog vir 'n jaar in diens van die Departement, ook as ereprofessor. Hy is in 1978 oorlede. Hy is op 1 Januarie 1970 deur prof. I.S. Hay as hoof van die Departement opgevolg.

Izak Schoombee Hay is in 1930 op Aberdeen, Oos-Kaapland, gebore. Hy behaal in 1952 die BSc(Ing)(Elektr) aan die Universiteit van Stellenbosch en in 1970 die MA(Oudiologie) aan die Washington-universiteit, St. Louis, VSA. Hy verkry in 1982 die DPhil-graad aan die Universiteit van Pretoria. Hy was agtereenvolgens by die volgende inrigtings werksaam: die Suid-Afrikaanse Pos- en Telegraafwese van 1952 tot 1955, die firma Pye Telecommunications, Cambridge, Engeland, van 1957 tot 1959, en toe weer die Departement Pos- en Telegraafwese van 1959 tot 1961. In 1961 is hy aangestel as lektor in die Departement Spraakwetenskap en Spraakheelkunde aan hierdie Universiteit; hy is in 1968 tot senior lektor bevorder, en op 1 Januarie 1970 tot professor in en hoof van die Departement Spraakwetenskap, Spraakheelkunde en Oudiologie.

Die Departement het in 1969 'n uitbreiding ondergaan deurdat Oudiologie, wat voorheen 'n onderdeel van die opleiding was, tot 'n selfstandige afdeling verhef is en Oudiologie I en II in die graadopleiding vir BALog ingesluit is. Die naam van die Departement is dienooreenkomstig verander na die Departement Spraakwetenskap, Spraakheelkunde en Oudiologie. In 1983, met die afskaffing van die vak Spraakwetenskap vir graaddoeleindes, is die naam verander na die Departement Spraakheelkunde en Oudiologie.

Die Departement is aanvanklik in 'n gebou agter die Ou Letteregebou gehuisves, daarna in lokale van die Ou Kollegegebou en ten slotte in 'n gedeelte van die Ou Weerkundegebou. In 1966 het die Departement Oudiologie toetskamers, ingevoer uit die VSA, in gebruik geneem—die eerste van sy soort in Suid-Afrika.

Die Departement lewer vanselfsprekend 'n wesenlike bydrae tot die gemeenskap in die sin dat pasiënte behandel word. Die opleiding is professioneel gerig en registrasie is van die SAGTR ontvang. Origens word radiopraatjies, simposia en kortkursusse gelewer. Die Vereniging vir Spraak- en Gehoorheelkunde tree op as bewaarder van standaarde. Daar is skakeling met die Genootskap van Kinderpsigologie en -psigiatrie en verwante dissiplines, asook met die Onderwysdepartemente, wat die meerderheid afgestudeerde studente in diens neem. Nog 'n liggaam wat toesig hou, is die Beroepsraad vir Spraakterapie en Oudiologie. Weens die paramediese aard van die kursusse en die beroep, word daar nou geskakel met die mediese departemente, veral met Oor-, Neus- en Keelheelkunde, Pediatrie, Neurologie, Plastiese Snykunde, Arbeids- en Fisioterapie en Tandheelkunde, veral Ortodonsie. Die Universiteit het kontak met ander universiteite wat 'n dergelike opleiding aanbied, te wete die Universiteite van die Witwatersrand, Kaapstad en Durban-Westville.

Departement Volkekunde

Volkekunde maak 'n studie van die mens: enersyds na oorerflike kenmerke waardeur 'n verde-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ling in stamme en rasse gemaak word, en andersyds na volksamehorigheid waar volke eenhede met 'n eie lewenspatroon verteenwoordig. Die prosesse van verandering in die lewenspatroon deur onderlinge kontak maak die bestudering van mindere groepe binne volksverband, asook die ontstaan van interetniese groeperinge, ook deel van die volkekundige studieveld. Normaalweg word binne die volkekunde die volgende subdissiplines onderskei: Biologiese, Psigiese en Kulturele Volkekunde. Vanuit elkeen van hierdie vertakkinge kan toepassingsmoontlikhede van volkekundige kennis aangedui word wat binne die studieterrein van die Toegepaste Volkekunde val. Toegepaste Kulturele Volkekunde maak byvoorbeeld 'n studie van die proses van geleide kultuurverandering, waarby die ontwikkelingsproblematiek in Derde Wêreldlande besondere aandag ontvang.

Die benaming Volkekunde is uit die gelykluidende Nederlandse en Duitse (*Volkekunde/Völkerkunde*) afkomstig. In Engelstalige lande word daar aan *Anthropology* (VSA) of *Social Anthropology* (Brittanje) voorkeur gegee. *Antropologie* word in Duitsland reeds lankal vir Biologiese Volkekunde gebruik. Tans word hier voorkeur gegee aan Ethnologie, wat in die Engelstalige wêreld (*Ethnology*) slegs vir 'n historiese vakbenadering gebruik word. Die aangeduide verwarring laat 'n mens besluit dat die Afrikaanse benaming Volkekunde ten beste met *Anthropology* (Engels) en *Ethnologie* (Duits) vertaal kan word.

Die vak het sy ontstaan in die periode 1839 tot 1842, met die stigting van die Societé Ethnologique de Paris (1839) en die American Ethnological Society in 1843. Albei verenigings het die bestudering van die mens as fisieke wese in samehang met sy verskillende lewenspatrone in volksverband bepleit.

Alhoewel navorsingswerk in die studieterrein van die vak baie ouer is, het die eerste leerstoele in die Volkekunde in Europa en die VSA almal vanaf 1880 tot 1904 tot stand gekom. In die RSA is dit vir die eerste keer in 1924 as Social Anthropology aan die Universiteit van Kaapstad doseer. In 1926 word Volkekunde as vak aan die Universiteit van Stellenbosch begin deur prof. dr. W.W.M. Eiselen. Hy is in die Duitse tradisie opgelei en het sy studente aangespoor om geen besondere skool na te volg nie, maar om 'n eie ewewigtige siening in die vak te ontwikkel. Hierdie benadering vorm vandag nog die basis van vakbeskouinge aan Afrikaanse universiteite.

Die geskiedenis van die Departement Volkekunde is sedert 1950 verweef met die lewe van twee departmentshoofde. Vanaf 1950 tot 1972 was die departementshoof prof. P.J. Coertze en na 1973 prof. R.D. Coertze.

Pieter Johannes Coertze het as student van prof. Eiselen aan Stellenbosch die noodsaak van 'n ewewigtige vakbenadering geleer en dit deur sy hele akademiese loopbaan aan sy studente oorgedra. Hy het na 17 jaar diens aan die Universiteit van Stellenbosch die Departement Volkekunde gevestig aan die Universiteit van Suid-Afrika (1947) en die huidige UOVS (1949), en in 1950 hoof van die Departement Volkekunde aan die Universiteit van Pretoria geword. Onder sy groot getal nagraadse studente tel nege wat as professore die leiding aan Suid-Afrikaanse universiteite in departemente Volkekunde geneem het. Sy invloed in die akademiese wêreld was dus op volkekundige terrein baie groot. Na sy aftrede in 1972 was hy tot 1976 aan sy ou Departement as professor-honorêr verbonde. Daar is aan hom in 1983 'n eredoktorsgraad in die Wysbegeerte deur die Universiteit van Pretoria toegeken.



Prof. P.J. Coertze, Hoof, Departement Volkekunde, 1950–1972.

Prof. P.J. Coertze het sy Departement op voortreflike wyse uitgebou. In 1952 het hy die invoer van Toegepaste Volkekunde (Ontwikkelingskunde) as vak bewerkstellig en van die begin af swaar klem op die probleme van Afrika-ontwikkeling gelê. Nadat die bevordering van studie oor Afrika in die sestigerjare as van besondere belang geag is, is die ou BA (Bantoekunde)-graad in 1965 verander na BA(Afrikanistiek), met Volkekunde, Toegepaste Volkekunde en 'n Bantoetaal as belangrikste vakkombinasie. In 1959 was prof. P.J. Coertze die redakteur van die eerste Afrikaanse handboek in die Volkekunde.

Prof. P.J. Coertze is opgevolg deur sy seun, prof. R.D. Coertze. Roelof Dewald Coertze is in 1931 gebore en het sy universitêre opleiding aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat ontvang, waar hy die BA-graad in 1951 met lof behaal het, daarna

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aan die Universiteit van Pretoria: MA(Volkekunde) met lof in 1958 en DPhil in 1968. Hy het in 1953 lektor in die Departement Volkekunde aan die Universiteit van Pretoria geword, is in 1961 bevorder tot senior lektor en in 1973 tot professor en hoof.

Gedurende die jare 1964 tot 1967 was prof. P.J. Coertze voorsitter van die Kommissie oor die reorganisasie van Bantoehowe en aanpassings in die Bantoereg. Hierdie kommissie het die optekening van die inheemse regstelsels van die verskillende swart volke in Suid-Afrika bepleit. Vanaf 1976 was prof. R.D. Coertze voorsitter van die Komitee insake Inheemse Reg in die Departement Samewerking en Ontwikkeling, wat hierdie optekeningsprogram moes koördineer. Vanuit die Departement Volkekunde is daar oor die afgelope aantal jare verskillende optekeningsprojekte geloods. Op dié wyse is 'n bydrae gemaak tot die optekening van die inheemse reg in Bophuthatswana, Lebowa, Gazankulu, KwaZulu en die Ciskei.

Die Departement Volkekunde het oor die afgelope aantal jare twee toekennings vir navorsing van die RGN verwerf en voltooi. Die eerste was 'n opname van 'n nie-blanke stedelike gebied, Atteridgeville, en die tweede 'n uitgebreide navorsingsprojek oor die sektewese onder die Sothovolke.

Vanaf 1977 tot 1980 was prof. R.D. Coertze voorsitter van die Komitee insake Gemeenskapsontwikkeling van die Departement Samewerking en Ontwikkeling. Gedurende die jare 1976 tot 1983 het verskeie lede van die Departement Volkekunde omvangryke ondersteuning gegee aan die formulering van 'n voorgestelde nasionale ontwikkelingsplan vir Lebowa. Vir hierdie projek, waaraan 'n verskeidenheid departemente van die Universiteit saamgewerk het, moes intensiewe navorsing onderneem word.

Vanaf 1973 tot die huidige tyd is verskeie lede van die Departement betrokke by die aanbieding van gevorderde kursusse in die S.A. Leër en Lugmag. Dit was oor die afgelope aantal jare nodig om personeellede, vanweë hulle besondere kennis, vir konsultasiediens en -navorsing aan hierdie en verbandhoudende instansies beskikbaar te stel.

In 1977 het die stigtingsvergadering van die Vereniging van Afrikaanse Volkekundiges aan die Universiteit van Pretoria plaasgevind. Sedert sy stigting dien senior lede van die Departement steeds op die raad van die Vereniging. Vanaf 1981 tot die huidige tyd is prof. R.D. Coertze die redakteur van die Vereniging se lyforgaan, die *SA Tydskrif vir Etnologie*, wat vanaf 1985 nasionale tydskrifstatus verwerf het.

Departement Wysbegeerte

Wysbegeerte is die Nederlandse en Afrikaanse benaming vir die alternatiewe en in ander tale algemene benaming *Filosofie*, wat afgelei is van die woorde *philia* = liefde en *sophia* = wysheid. Die term *filosofie* is dan ook afkomstig van die Grieke van ongeveer 500 v.C., met variasies wat nog ouer is.

Prof. P.S. Dreyer, die departementshoof, gee die volgende verduideliking: "Soos die naam aandui, het wysbegeerte met iets anders as net kennis in die sin van feitekennis te doene. By die Grieke het die term nog alle wetenskaplike kennis ingesluit en tot die negentiede eeu is dit soms nog so gebruik. Fisika is byvoorbeeld 'natuurfilosofie' genoem." Hy wys verder daarop dat spesialisasie reeds by die Grieke begin het en algaande het een vakwetenskap na die ander afgestig. "Wat oorgebly het is Wysbegeerte as die prinsipiële besinning oor die mens en sy wêreld in die diepste betekenis."

Toe Plato die Akademie in Athene (385 v.C.) gestig het, was Wysbegeerte al eeue oud en op 'n baie hoë peil. Sedertdien is dit ondenkbaar dat 'n universiteit tot stand sou kom sonder Wysbegeerte as een van sy vakke. Dit was dan ook een van die kursusse waarmee die Transvaalse Universiteitskollege in 1910 ontstaan het.

Filosowe het die neiging om aan een of ander rigting die voorkeur te gee. Aan die Universiteit van Pretoria het die Skotse Idealisme aanvanklik hoogty gevier, maar met prof. T.J. Hugo kom daar 'n verandering. Hy was 'n leerling van G. Heymans van Groningen, wat uit die skool van J.F. Fries (1773—1843) kom, 'n Kantiaan wat onder invloed van die Positivisme 'n sterk empiriese rigting ingeslaan het. Heymans, wat ook in die Psigologie gestudeer het, was sterk deur Kant en die Empirisme beïnvloed. Hy het ook 'n sterk invloed op prof. C.H. Rautenbach uitgeoefen, wat op sy beurt ook in die Psigologie geïnteresseerd was. Prof. C.K. Oberholzer het aanvanklik ook hierdie neiging nagevolg, maar hy het reeds gou onder die invloed gekom van die Wysgerige Antropologie, die Eksistensiefilosofie en die Fenomenologie van die Europese vasteland.

Van prof. Oberholzer word geskryf dat hy "'n onuitwisbare stempel op die filosofie en opvoeding van ons land afgedruk het" en, hoewel hy baie geskrywe het, dat hy sy grootste invloed as leermeester uitgeoefen het. Sowat 25 doktorale proefskrifte en 60 magisterverhandelings het deur sy hande gegaan.

Van hom is tydens sy aftrede geskryf: "Prof. Oberholzer is die grootste kenner en eksponent van die fenomenologie en wysgerige antropologie in ons land. Dit is juis ook in hierdie rigting dat hy die grootste invloed uitgeoefen het en waarin sy bydrae tot die wetenskaplike lewe in ons land blywend is ... Die fenomenologies-antropologiese rigting het hy ingeslaan op grond van sy geweldige uitgebreide kennis van die na-oorlogse beweginge op filosofiese gebied en het hy een van die voorste eksponente van die rigting geword, sodat hy nie net plaaslik nie, maar ook oorsese erkenning geniet."

Carel Krügel Oberholzer is in 1904 gebore. Sy opleiding het hy aan die Potchefstroomse Normaalkollege en aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO tussen die jare 1924 en 1926 ontvang. Hierna het hy 11 jaar onderwys gegee en vir tien jaar diens gedoen as dosent en later as onderhoof van die Pretoriase Onderwyskollege, vanwaar hy in 1948 na die Universiteit van Pretoria gesekon-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

deer is as professor in en waarnemende hoof van die Departement Etiek en Geskiedenis van die Wysbegeerte. Nog dieselfde jaar is hy permanent in hierdie pos aangestel, met die belofte dat hy na die uittrede van prof. Hugo hoof sou word van die Departement Logika en Metafisika. Dit gebeur in 1952, maar vanaf 1 Januarie 1957 het hy hoof geword van die Departement Etiek en Geskiedenis van die Wysbegeerte.

Intussen het prof. Oberholzer gedurig verder studeer. Tussen 1928 en 1950 het hy aan die Universiteit van Suid-Afrika en die van Pretoria 'n hele aantal grade verwerf, waaronder 'n doktorsgraad in die Wysbegeerte en twee in die Opvoedkunde. Die twee departemente is vanaf 1 Januarie 1961 in die Departement Wysbegeerte gekonsolideer, waarvan hy die hoof gebly het tot die einde van 1969, en daarna nog in tydelike diens tot hy in 1971 dosent aan UNISA geword het. Hy is as departementshoof deur prof. P.S. Dreyer opgevolg.

Petrus Secundus Dreyer is in 1921 gebore en geniet sy skoolopleiding aan die Hoër Jongenskool, Stellenbosch. Daarna het hy aan die Universiteit van Pretoria gaan studeer en sy BA-graad in 1940 en sy BD in 1943 behaal. Hierna het hy 'n paar jaar in die bediening gestaan, maar sy studie aan die Universiteit onvermoeid voortgesit. Hy behaal die MA in Wysbegeerte in 1946 en lê die doktorale eksamen in 1947 af. Aan die einde van daardie jaar vertrek hy na die Universiteit van Groningen en studeer onder proff. Plessner en Van der Leeuw terwyl hy ook klasse in Basel bywoon. Hier lê hy nogeens 'n doktorale eksamen met goeie gevolg af, en hy promoveer in 1951 onder prof. Oberholzer. Hierna word hy predikant op Potchefstroom, maar hy is reeds aan die begin van 1952 aangestel as lektor in die Departemente Etiek en Geskiedenis van die Wysbegeerte en Logika en Metafisika. In 1954 is hy bevorder tot senior lektor en in 1959 tot medeprofessor, terwyl hy in 1957 eers waarnemende en van 1959 af volle hoof van die laasgenoemde Departement geword het. In 1958 is ook die DD-graad aan hom toegeken. Op 1 Januarie 1970 is hy dan benoem as professor in en hoof van die Departement Wysbegeerte. Onder hom is die rigting van prof. Oberholzer in die Departement voortgesit, hoewel hy 'n besondere belangstelling in die Grieke en Immanuel Kant ontwikkel het. Ander dosente in die Departement het meer belangstelling vir die Marxisme en die Nieu-Marxisme.

Die Departement is behulpsaam in die skool vir buitengewoon begaafde kinders en gee klasse aan staatsamptenare en aan die Militêre Kollege. Interdissiplinêr is daar ook al lesings gegee in die Departemente Ekonomie, Geskiedenis en Argitektuur. Navorsingsprojekte het al 'n Wysbegeerte-woordeboek en drie van sowat 13 bande oor die Geskiedenis van die Wysbegeerte opgelewer.

Institute

Die Instituut vir Bedryfs- en Ontwikkelingsosiologie

Die Instituut vir die Studie van Plurale Samelewings het die Instituut van Bedryfs- en Ontwikkelingsosiologie voorafgegaan.

Die Instituut vir die Studie van Plurale Samelewings (IPSA) het in 1975 op inisiatief van prof. N.J. Rhoodie, professor in en hoof van die Departement Sosiologie, tot stand gekom. Plurale samelewings het sedert die eerste dekade na die Tweede Wêreldoorlog sterk aandag getrek.

Volgens prof. Rhoodie is die Instituut in die lewe geroep "om 'n sentrum daar te stel waar 'n grondige studie gemaak kan word van die ontstaan, kenmerke en probleme van plurale samelewings en waaruit kennis oor die onderwerp in Suid-Afrika sowel as in die buiteland versprei kan word." Die Instituut het onder 'n beheerraad gefungeer, wat destyds saamgestel is uit die hoof van die Departement Sosiologie as direkteur en voorsitter, 'n personeellid van die Departement wat deur die direkteur benoem is, die Vise-rektor, die Registrateur (akademies) en nog enkele persone wat na oorlegpleging tussen die rektor en die direkteur benoem is. Die aktiwiteite van die Instituut het die volgende ingesluit: die oprigting van 'n gesaghebbende databank, wat informasie aan belangstellendes kon verstrek, en die organisasie van lesings, simposia en konferensies.

Die Instituut is moontlik gemaak deur fondse van die Universiteitsraad, privaatskenkings en fondse van die regering deur die Departement van Inligting. Met die inligtingskandaal het hierdie fondse onder verdenking gekom, met die gevolg dat prof. Rhoodie hom genoodsaak gevoel het om te bedank, waarna die werksaamhede van IPSA aansienlik afgeneem het. Ongelukkig moes hierdie Instituut in Maart 1982 ontbind word. 'n Nuwe instituut, die Instituut vir Bedryfs- en Ontwikkelingsosiologie, het in die plek daarvan gekom.

Die Instituut vir Bedryfs- en Ontwikkelingsosiologie funksioneer tans as die navorsingsarm van die Departement Sosiologie van die Universiteit van Pretoria en beywer hom vir navorsing oor bedryfs- en ontwikkelingsaangeleenthede en die verspreiding van kennis hieroor deur publikasies en lesings, asook deur skakeling met ander instellings of individue wat op dieselfde terrein werksaam is. Ingrypende veranderings op die arbeidsterrein in Suid-Afrika en die unieke ontwikkelingsbehoeftes van die land maak navorsing op hierdie terrein gebiedend noodsaaklik.

Die Instituut verkry die fondse vir die finansiering van sy werksaamhede uit toekennings deur die Universiteitsraad, ander instansies, skenkings en opbrengste van publikasies. Die Instituut beskik nie oor voltydse personeel nie; die werk vir die Instituut word op 'n deeltydse basis deur die do-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sente, navorsingsbeamptes en nagraadse studente van die Departement Sosiologie gedoen.

Die beheerraad van die Instituut bestaan uit die dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, wat as voorsitter optree, die hoof van die Departement Sosiologie, wat die direkteur van die Instituut is, 'n doserende personeellid van die Departement Sosiologie, wat as adjunk-direkteur optree, 'n vise-rektor van die universiteit, die Registrateur (akademies) of sy verteenwoordiger, die Registrateur (finansies) of sy verteenwoordiger, en een of meer addisionele lede wat volgens die oordeel van die voornoemde lede van die Beheerraad 'n wesenlike bydrae tot die beheer van die Instituut kan lewer.

Tans is die Instituut met 'n uitgebreide navorsingsprojek oor arbeidsbetrekkinge in die motorvervaardigingsbedryf in Suid-Afrika besig. 'n Aantal navorsingsverslae het ook reeds verskyn, onder meer *'n Sosio-Ekonomiese opname in Tshikundamalema (Venda)* deur drr. E.F.J. van Nieuwenhuizen en J.S. Oosthuizen; *Afrikaanssprekende bejaardes en Politiek* deur T.A. Coetzee en *Die opvattinge van 'n steekproef Indiërs woonagtig te Laudium (Pretoria) oor bepaalde aktuele sosiaalpolitieke aangeleenthede* deur dr. T.J. van der Walt. Verskeie geleentheidstukke, bydraes tot referatebundels en artikels het ook reeds verskyn. 'n Begin is met konsultasiewerk gemaak.

Nederlands Cultuurhistorisch Instituut

Die Nederlands Cultuurhistorisch Instituut (NCI) ontstaan in 'n tyd toe daar in Nederland nog werklik geesdrif was vir die behoud en uitbreiding van die Nederlandse kultuur in Suid-Afrika. Die ontstaan en voortbestaan van die Instituut is dan ook hoofsaaklik moontlik gemaak deur 'n jaarlikse subsidie van die Nederlandse regering. In 1932 is die Stichting ten behoeve van het Nederlands Cultuurhistorisch Instituut in die lewe geroep om die nodige finansiële steun te verleen. Hierdie taak is in 1951 deur die Nederlands Zuid-Afrikaanse Vereniging (NZAV) oorgeneem. Prof. M. Bokhorst was, behalwe professor in Nederlandse Cultuurhistorie en Kuns ook die eerste direkteur van die NCI. Hy is as sodanig in 1953 deur prof. G. van Alphen opgevolg.

Die doelstellings van die NCI is soos volg opgesom: "Versameling van studiemateriaal, boeke, tydskrifte, manuskripte, reproduksies, kaarte en voorwerpe wat betrekking het op die Nederlandse geskiedenis, kuns, letterkunde, ekonomiese en koloniale ontwikkeling ens. asmede op die kulturele verhouding tussen Nederland en Suid-Afrika in die verlede en hede". Mettertyd het dit 'n belangrike sentrum geword vir alle studies wat Nederland aangaan.

"Prof. Van Alphen het as direkteur van die NCI baanbrekerswerk gedoen. Met sy vakkundige kennis van die biblioteekkunde en sy akademiese agtergrond, sy onvermoeide toewyding en ywer het hy die biblioteek opgebou tot 'n kultuurhistoriese monument." Aldus 'n verslag oor sy werk. Hierin is hy trou bygestaan deur sy eggenote, self 'n opgeleide bibliotekaresse. Die Instituut het 'n ware "laboratorium" vir dosente, studente en belangstellendes geword.

Die NCI was vir baie jare gehuisves in vier kamers op die boonste verdieping van die Ou Merenskybiblioteek. Dit was in 1960 nog die geval. Met verloop van tyd het ruimtegebrek al erger geword en in 1970 het die Direkteur hierdie toestande onder die aandag van die Universiteitsowerhede gebring. Dit het egter nog 'n paar jaar geduur voordat dit verhelp kon word. Eers in Oktober 1975 kon die Instituut na nuwe lokale in die Ou Letteregebou verhuis, in die boonste verdieping van die suidelike vleuel daarvan—daar waar in vroeë jare die hele biblioteek van die Universiteit gevestig was. Hier het die Instituut genoeg ruimte vir sy boeke en sy personeel gevind.

In 1969 is met dankbaarheid kennis geneem van 'n besluit van die Nederlandse regering om sy subsidie vir die NCI te verhoog van 16 000 tot 32 000 guldens (R32 000 tot R64 000), terwyl die Universiteit self ook sy toelae van R500 tot R1 600 verhoog het.

Na die vertrek van prof. Van Alphen is die direkteurskap van die NCI in Nederland en in Suid-Afrika geadverteer. Daar is gesoek na 'n Nederlander om in die pos te benoem, soos die geval in die verlede was. Dit is immers 'n Nederlandse instituut. Daar kon egter nie so 'n persoon gevind word nie. Ten slotte is prof. Nel, wat eers in 'n waarnemende hoedanigheid opgetree het, as nuwe Direkteur benoem.

In hierdie stadium is daar gevoel dat die reglement, wat in 1931 opgestel is, intussen verouderd geraak het. Daar is toe 'n nuwe reglement vir die Instituut aanvaar. Die Raad van Beheer bestaan voortaan uit ses persone, waarvan drie Nederlanders en drie Afrikaners moet wees. Die Nederlandse ambassadeur in Suid-Afrika is ex officio die voorsitter (net soos in die verlede) en die rektor die ondervoorsitter van die Beheerraad.

Ongelukkig het die politieke verwydering tussen Nederland en Suid-Afrika ook die Nederlands Cultuurhistorisch Instituut nadelig getref. In 1980 het die Nederlandse Ministerie van Cultuur, Recreatie en Maatschappelijk Werk al gewaarsku dat die Nederlandse regering sy jaarlikse subsidie aan die NCI, wat intussen opgeloop het tot 100 000 guldens, gaan beëindig. In September 1982 is die besluit geneem. Die Ministerie skryf: "Onder verwijzing naar mijn brieven . . . deel ik u thans mede de subsidiëring van het Nederlands Cultuurhistorisch Instituut met ingang 1 Januarie 1983 te zullen beëindigen. In deze beslissing heb ik my vooral laten leiden door de wenselijkheid inhoud te geven aan het beleid, zoo als dat naar aanleiding van de opzegging van het cultureel verdrag met Zuid-Afrika is vormgegeven."

Dit het 'n totaal nuwe situasie geskep. Die Raad van Beheer het daarop voorgestel dat die Universiteit van Pretoria die Instituut oorneem. Hierdie voorstel is in Desember 1982 deur die Raad van die Universiteit aanvaar: die Instituut is oorgeneem as 'n volwaardige navorsingsinstituut van die Universiteit van Pretoria.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Instituut vir Sportnavorsing en -opleiding

Hoewel daar in 1948 sprake was van 'n Instituut vir Liggaamlike Opvoeding met prof. Claude Smit as direkteur, word daar verder nie veel oor hierdie instituut geskryf nie. Die totstandkoming van die Instituut vir Sportnavorsing en -ontspanning moet dan seker as 'n herlewing van die oue gesien word. Volgens 'n berig (in *Skakelblad*) het die gedagte vir die oprigting daarvan in die vroeë jare sewentig ontstaan toe die Departement van Sport en Ontspanning sportnavorsing in Suid-Afrika geldelik begin steun het. Hiervoor het die Universiteit van Pretoria R24 000 in 1973 en R33 000 in 1974 van die staat ontvang. Hiermee is toe die Laboratorium vir Sportnavorsing en Ergologie opgerig, waarvan prof. P.J. Smit die direkteur geword het. Sedertdien is verskeie projekte deur die staat gefinansier.

In 'n pleidooi vir die stigting van die Instituut is daar onder andere die volgende te lees: "Dit blyk dat sport nie langer as toevallige vryetydsbedrywigheid beskou kan word nie; veel eerder moet dit gesien word as 'n unieke aktiwiteit wat doelgerig deur die maatskappy uitgebou behoort te word ter bereiking van 'n hoër lewenskwaliteit. Die beskaafde wêreld is lank reeds bewus van die inherente waarde van sport, sodat regerings in feitlik elke land groot bedrae geld aan die uitbouing van sport bestee."

Die Instituut kan as 'n uitvloeisel van die Hoekverslag gesien word—dit is die verslag van die Kommissie van Ondersoek na die stand van sport en fisieke rekreasie onder die bevolkingsgroepe van Suid-Afrika. Die Instituut staan onder die direkteurskap van prof. J.L. Botha; dit funksioneer onder die Departement van Liggaamlike Opvoedkunde en dit werk ook saam met die Sportburo. Navorsing word gedoen oor en opleiding word verskaf in die verskillende sportsoorte, waaronder die twee hoofafdelings: prestigesport en algemene rekreatiewe sport vir die massa. Daar is besef dat Suid-Afrika, ook as gevolg van isolasie, 'n groot agterstand op albei gebiede het.

Hierdie Instituut, kortweg genoem die Sportinstituut, was die eerste van sy soort in Suid-Afrika en het op 1 Januarie 1979 tot stand gekom. Die doelstelling daarvan word soos volg saamgevat: "(a) navorsing in sport, rekreasie en liggaamsopvoedkundige aangeleenthede; (b) publikasie van navorsingsresultate; (c) opleiding en reoriëntasie van sportbeamptes, sportafrigters, sportdeelnemers en rekreasiebeamptes; (d) opleiding van studente; (e) dienslewering aan die Departement van Sport en Ontspanning, provinsiale en plaaslike owerhede betreffende sport- en rekreasieprojekte; (f) administrasie van sportdeelnemers". Navorsing geskied op 'n wye terrein: "sportfisiologie, biomeganika, sportrehabilitasie, sportpsigologie, sportsosiologie, sportdieet, antropometrie, fiksheid, ouksologie, opvoedkundige aspekte, sporttegniek en sportfasiliteite."

Die beheerraad, wat so wyd moontlik saamgestel is om naas die Universiteit ook ander belanghebbende instansies te verteenwoordig, het die eerste jaar onder die voorsitterskap van prof. A.N. Pelzer gestaan, die volgende jaar onder dié van prof. D.M. Joubert. Die finansies word verkry uit toekennings van die Universiteitsraad en van buite-instansies, uit kursusgelde en van donateurs. Gedurende 1979 was daar 20 navorsingsprojekte aan die gang waarvan in dié jaar vyf voltooi is; 22 publikasies het die lig gesien, waarvan ses internasionale sirkulasie geniet het; origens vier boeke, waarvan een in drie tale verskyn het, en 'n ander in Afrikaans en Engels. In die jare wat volg, het ondersoek op hierdie wyse voortgegaan.

Die Instituut het reeds die aandag van verskeie geleerdes uit die buiteland getrek. In 1980 was proff. W. Ross van die Simon Fazer-universiteit, Kanada, Jan Borms van die Vrije Universiteit, Brussel, D. Costill van die Universiteit van Indiana en G. Reid van die Queens-universiteit, Kanada, en in 1981 C.K. Yang van die Universiteit van Kalifornië op besoek. Omgekeerd besoek dosente van die Instituut feitlik elke jaar die buiteland vir die bywoning van kongresse, ens.

Die Instituut het veral later, na voltooiing van die Sportsentrum in 1983, tot volle ontplooiing gekom.

2. *Fakulteit Wis- en Natuurkunde*

Die naam van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde is selfverduidelikend en laat geen twyfel oor die aard van die vakke wat daaronder saamgegroepeer word nie. Met 14 departemente in 1960 en 20 in 1982 toon die Fakulteit 'n aanmerklike groei oor die 22 jaar. Tog is die groei nie so eenvoudig as wat deur die getalle weerspieël word nie. In die loop van hierdie jare het sekere afdelings selfstandige departemente geword, maar hulle is later weer saamgevoeg en gekonsolideer onder die dissiplines waar hulle tuishoort. Dit beteken dat die aantal departemente in een stadium uitgebrei en later weer gekrimp het. Daarteenoor het daar nuwe departemente ontstaan, soos Boubestuur en Rekenaarwetenskap, terwyl Mikrobiologie en Plantpatologie (uit die Fakulteit Landbouwetenskappe) 'n volwaardige departement in Wis- en Natuurkunde geword het.

Bostaande getalle het betrekking op die totale aantal departemente wat op die Fakulteitsraad sitting gehad het. Tog moet daar in gedagte gehou word dat daar ook in hierdie geval departemente (en kursusse) is wat ook in ander fakulteite tuishoort, soos Geografie, Statistiek en Wiskunde by die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Anatomie en Fisiologie by die Fakulteit Geneeskunde, Metallurgie by die Fakulteit Ingenieurswese, Statistiek by die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

en Biochemie, Entomologie en Genetika by die Fakulteit Landbouwetenskappe.

Wat studentegetalle betref, moet daar 'n onderskeid gemaak word tussen studente wat 'n suiwer BSc-kursus volg en die van ander fakulteite wat in hulle eerste jaar en in sommige gevalle ook in later jare dienskursusse in hierdie Fakulteit volg.

Vir eerstejaarstudente in Geneeskunde, Tandheelkunde, Veeartsenykunde, Landbouwetenskappe en Ingenieurswese bestaan minstens driekwart van hulle kursus uit BSc-vakkursusse. Daarnaas word daar ook vir ander fakulteite dienskursusse aangebied wat nie kwalifiserende kursusse vir die BSc-graad is nie.

Die aantal studente wat suiwer BSc-kursusse gevolg het, toon nie 'n groot styging in die 22 jaar nie: 1 547 in 1960 en 1 979 in 1982, met daartussen tog jare wat die 2 000-merk gehaal het. Daar is ook telkens gekla oor die geringe toename. Veral die aantal na-uurse studente het kommer gewek. Daarteenoor het die Fakulteit tog altyd 'n bevredigende getal nagraadse studente gehad, in 1982 byvoorbeeld 167. Aan die ander kant was die dienskursusse besonder talryk namate die toegepaste wetenskappe meer populêr geword het. Daar was dikwels probleme met te groot klasse en te klein lokale.

Huisvesting het feitlik deurentyd probleme opgelewer, veral in die departemente Chemie en Plantkunde. In 1967 het die departemente Anatomie, Biochemie en Fisiologie na die nuwe gebou vir Basiese Mediese Wetenskappe (BMW) verhuis en 'n aansienlike verligting in die huisvesting gebring. So ook die Boukundegebou, wat uitgebrei is, en die ou Landbougebou, wat grotendeels deur die Fakulteit Landbouwetenskappe ontruim is toe hierdie Fakulteit 'n nuwe gebou gekry het.

Ook die Fakulteit Wis- en Natuurkunde is gepla deur die swak slaagsyfer en slytasie onder sy eerstejaars, hoewel die slaagsyfer in gevorderde jare bevredigend was. In die begin van die jare sestig is 'n promosiestelsel beproef waarvolgens eerstejaars met 'n jaarsyfer van oor die 60 persent sonder eksamens bevorder is. Dit het egter geen noemenswaardige verandering in die slaagsyfer gebring nie en daar is later weer van afgesien. Soos in die res van die Universiteit, is ook hierin verbetering probeer bring deur middel van kernaantekeninge, beter geriewe in lesinglokale, en so meer.

Daar is met verloop van tyd kosbare apparate vir die Fakulteit aangeskaf, soos die Van der Graaff-versneller vir kernnavorsing, 'n aftas-elektromikroskoop vir X-straaldiffraksie, asook rekenaars. Die vyf institute wat in die Fakulteit tot stand gekom het, weerspieël veral die vordering op die gebied van navorsing en dienslewering. Hulle is: die Instituut vir Chromatografie (Departement Chemie), die Soogdiernavorsingsinstituut (Departement Dierkunde), die Instituut vir Geologiese navorsing op die Bosveldkompleks (Departement Geologie), die Margaretha Mes-Instituut vir Saadnavorsing (Departement Plantkunde), en die Instituut vir Mikrostrukture (Departemente Fisika en Elektroniese Ingenieurswese).

Op 10 en 11 Mei 1977 is 'n oop dag vir die Fakulteit gereël waar die publiek en veral skoliere die kans gekry het om die uitstallings te besigtig. Dit was so 'n sukses dat daar besluit is om dit met een dag te verleng en om die moontlikheid te ondersoek om dit 'n jaarlikse instelling te maak.

In 1960 was prof. H.L. de Waal van die Departement Chemie dekaan van hierdie Fakulteit. Hy is in 1961 opgevolg deur prof. W.E. Schilz, ook van die Departement Chemie, wat tot sy uitdienstrede in 1964 dekaan was, en wat daarna weer deur prof. De Waal opgevolg is, wat die pos beklee het tot by sy uitdienstrede in 1972. Die volgende dekaan was prof. H.P. van der Schijff. Hy het in 1977 voltydse dekaan geword en het in 1981 afgetree, toe hy as vise-rektor aangestel is. Hy is as dekaan opgevolg deur prof. P.J. Zietsman van die Departement Wiskunde.

Dekane van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde:

1960 Prof. H.L. de Waal
1961 Prof. W.E. Schilz
1964 Prof. H.L. de Waal
1973 Prof. H.P. van der Schijff
1981 Prof. P.J. Zietsman

Departement Argitektuur

Die woord *argitektuur* is afgelei van die Grieks *arkitekton* = meesterbouer en later van die Latyn *architectura* = argitektuur. Dis 'n term wat in alle Romaanse en Germaanse tale gebruik word. In Nederland word die woord *boukunde* ook gebruik, net soos in Suid-Afrika.

Argitektuur gaan oor die studie en ontwerp van geboue waarby sowel tegniese en ekonomiese as sosiale en geestelike vereistes ingesluit word. Die vak as sodanig is baie oud. Vyfduisend jaar gelede het die argitek Imhotep vir farao Djoser die indrukwekkende trappiramiede, die oudste van die piramides, opgerig, wat daarop dui dat daar reeds voor hierdie tyd gevorderde boutegnieke moes bestaan het. As universiteitsdissipline het die vak eerstens in Frankryk toegang gevind en in ander Europese lande eers in die laat negentiende eeu. Ons eerste erkende Suid-Afrikaanse argitek, Louis Thibault (1750-1815), het sy opleiding in Frankryk ontvang. Aan die Universiteit van Pretoria bestaan die Departement sedert 1943, hoewel die eerste kursus in Argitektuur al in 1931 aangebied is.

In 1960 was hierdie Departement nog bekend as die Departement Argitektuur en Bourekenkunde, met prof. A.L. Meiring aan die hoof, en Bourekenkunde onder die sorg van mnr, sedert 1961 prof., T.H. Louw. Die ander dosente was mnre. C.S. Brink, F.J. Wepener en A.P. Burger. Met verloop van tyd het Bourekenkunde en Boubestuur afgetak en selfstandige departemente geword en sedert 1971 het die Departement sy huidige naam.

Na die Departement van sy bestaan af steeds in tydelike lokale gehuisves was, in die stad en ook op die kampus van die Universiteit, kry dit in 1960 eindelik 'n eie gebou, die tans bekende Boukundegebou, net langs die Lynnwoodwegingang van die kampus.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. A.L. Meiring, Hoof, Departement Argitektuur, 1943–1967.

Teen 1960 het die voorgraadse kursusse bestaan uit 'n graadkursus (BArg) en 'n diplomakursus (DipArg), elkeen met 'n leergang van vyf jaar. Op versoek van die Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte, wat in 1958 al aan die Universiteit gerig is, is die leergange van elk van hierdie twee van 1961 af verleng tot ses jaar.

'n Verdere versoek van die Instituut was dat die deeltydse diplomakursus gestaak word. Deeltydse studie was egter tradisioneel in Pretoria en die afskaffing daarvan sou die minder gegoede studente, wat moes werk en studeer, nadelig tref. So gebeur dit dan dat die diplomakursus in 1961 verdwyn en dat in die plek daarvan 'n agtjarige deeltydse graadkursus ingestel is. Hierdie deeltydse kursus is egter reeds in 1966 afgeskaf, met die voorbehoud dat die studente wat reeds daarvoor ingeskryf het dit kon voltooi.

'n Belangrike studie-uitbreiding was die instelling van 'n voor- en nagraadse kursus in Landskapargitektuur. "Landskapsbeplanning of Landskapargitektuur kan omskryf word as die beplanningsfunksie wat te doen het met die doelmatige uitleg en beplanning van terreine en buiteruimtes om funksioneel doeltreffend en esteties aantreklik te wees." Aldus die karakterisering daarvan deur prof. Meiring toe hy die instelling daarvan bepleit het.

Hierdie vakgebied is ook baie oud. Daar bestaan tuinplanne uit oud-Egipte van 4 000 jaar gelede. Veral sedert die 16de eeu het tuinargitekte hoë aansien geniet. Hulle was verantwoordelik vir die baroktuine van Versailles en talle ander paleise en landgoede. Ekologiese beplanning is egter 'n nuwe wetenskap wat uit holistiese idees spruit, met die grootste ontwikkeling daarvan gedurende die afgelope paar dekades. As universiteitsopleiding dateer Landskap-argitektuur in die buiteland vanaf die jare twintig van hierdie eeu, en in Suid-Afrika vanaf 1971 (aan die Universiteit van Pretoria). Die studierigting hou verband met die Instituut van Landskapargitektuur (Suidelike Afrika), wat met 'n wêreldliggaam van dié aard geaffilieer is.

Die Fakulteit het die instelling van so 'n kursus aanbeveel, maar dit duur tot 1968 voor die Raad besluit het "dat die instelling van die grade in Landskapsbeplanning en die voorsiening van personeel" ondersoek moet word. 'n Afvaardiging van die Instituut van Landskapsbeplanning het die Minister van Nasionale Opvoeding in Augustus 1968 versoek om hierdie opleiding aan die Universiteit van Pretoria in te stel, en die nodige fondse daarvoor aangebied. In 1970 aanvaar die Universiteit 'n skenking van die Sentrale Ondernemingskorporasie vir die instelling van 'n leerstoel in Landskapargitektuur, bekend as die Sentrakorleerstoel. Dit behels 'n vierjarige opleiding vir die Baccalaureusgraad (BL) in Landskapargitektuur, gevolg deur 'n Magistergraad (ML).

In die leerstoel is met ingang 1 Januarie 1971 mnr. P.R. (Roelf) Botha aangestel. Hy het sy BArggraad in 1956 aan die Universiteit van Pretoria behaal en sy MSc(LandArch) in 1959 aan die Universiteit van Kalifornië, Berkely, VSA. Tydens sy studie oorsee en ook later het mnr. Botha talryke studiereise in Amerika en Europa onderneem en kennis gemaak met verskeie wêreldberoemde argitekte, onder andere Frank Lloyd Wright. Na sy terugkeer was hy 'n tyd lank as landskapargitek in die Departement van Landbou-tegniese Dienste werksaam. Hy was stigterslid en eresekretaris van die Instituut van Landskapargitekte van Suidelike Afrika, en vanaf 1960 deeltydse dosent in die departement Argitektuur van die Universiteit van Pretoria, waar hy veral die vak Landskapargitektuur behartig het.

Dit was die eerste graadkursus van dié aard in Suid-Afrika en dit het goed weggespring met agt voorgraadse studente en een nagraadse student. Intussen het die gewone argiteksopleiding ook verandering ondergaan. Nadat die Departement in twee selfstandige departemente verdeel is, is 'n BSc(Boukunde)-graadkursus vanaf 1971 ingestel, eers met 'n driejarige en vanaf 1976 met 'n vierjarige leergang. Dis die enigste kursus van dié soort in Suid-Afrika.

Boukunde is die studie van die tegniese vereistes van gebou-ontwerp; dit is argitektuur sonder ontwerp. As 'n selfstandige vakrigting bestaan dit in Europa sedert die jare twintig van hierdie eeu. Graduandi van hierdie vakgebied is lede van die Instituut vir Boukundige Praktisyns, wat egter geen statutêre erkenning geniet nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Van 1974 af is die lengte van die BArch-kursus van ses tot vier jaar verkort. Die jaar praktykondervinding het verval. In die plek daarvan word studente aangeraai om tydens universiteitsvakansies in die kantoor van 'n argitek te werk.

'n Belangrike verandering kom in die Departement met die aftrede van prof. Meiring in 1966. Adriaan Louw Meiring is in 1904 in Johannesburg gebore as seun van die bekende ds. P.G.J. Meiring. Hy word in die Kaap groot en behaal die BA-graad aan die Universiteit van Kaapstad en die BArch-graad aan die Universiteit van Liverpool. Hierna praktiseer hy in Kaapstad as argitek, terwyl hy ook eksterne eksaminator in Argitektuur aan die Universiteit van Kaapstad was. Op 1 Maart 1943 tree hy in diens van die Universiteit van Pretoria as professor in en hoof van die Departement Argitektuur en Bourekenkunde, 'n pos wat hy ruim 23 jaar lank beklee het. In dié tyd het prof. Meiring die Departement uitgebou en ongetwyfeld sy stempel daarop afgedruk. By sy uittrede kon hy spog met 240 argitekte wat sy "skool" opgelewer het, en wat 'n belangrike fase in die ontwikkeling van argitektuur, veral in Transvaal, teweeg gebring het. Hy meen dat hulle invloed veral in die kerkargitektuur en in die woningbou opval. As argitek het prof. Meiring veral bekendheid verkry vir die ontwerp van die Transvaalse Provinsiale gebou in Pretoria; ook vir dié van die SAUK-gebou in Kaapstad, en die Biblioteekgebou van die Potchefstroomse Universiteit. Hy het ook 'n aandeel gehad aan die ontwerp van die kampus van die Universiteit van Pretoria, veral die binneplein voor die Ou Letteregebou en die hoofingang met die suile, waarvoor die rektor, prof. Rautenbach, hom by geleentheid lof toegeswaai het. Reeds in 1956 is 'n erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom toegeken vir sy bydrae tot die argitektuur van die land.

Prof. Meiring was ook 'n groot kunsliefhebber. Hy het in verskeie staats- en provinsiale liggame gedien wat met die beeldende kunste gemoeid was. In 1962 is hy gekies as president van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging en by sy uittrede was hy onderpresident van hierdie liggaam. Hy was ook een van die beskermhere van die Pretoriase Kunsmuseum. Hy het hom in die besonder beywer vir die behoud van die versierkuns van die Ndebelestam. Hy is op 24 Februarie 1979 oorlede.

Met ingang 1 Junie 1967 is A.P. Burger benoem as die nuwe professor in en hoof van die Departement Argitektuur en Bourekenkunde. Gebore in Paulpietersburg op 30 Oktober 1933, as seun van die bekende ds. A.J.V. Burger, het Alewyn Petrus Burger sy skoolopleiding aan die Helpmekaarskool, Johannesburg, ontvang en sy opleiding as argitek aan die Universiteit van Pretoria, waar hy die BArch-graad in 1956 behaal. Sy nagraadse studie het gegaan oor die beplanning van die N G Kerkgebou, Akoestiek en Kleur. Enkele studiereise het hom veral na Italië gevoer, waar hy navorsing gedoen het oor die invloed van die kloosterordes op die Romaanse argitektuur in Italië in die 11de en 12de eeu. Prof. Burger se verbintenis met die Departement Argitektuur begin in 1959 toe hy as permanent-voltydse lektor aangestel is. Van 1962 af is hy slegs deeltydse dosent, toe hy assistent geword het van Brian Sandrock Argitekte. As argitek was hy in bevel van die volgende ontwerpe: Manskoshuise 1 en 2 aan die Universiteit van Pretoria, die Versnellergebou by Pelindaba, die Nuwe Administrasiegebou van die Universiteit van Pretoria en die Nuwe Universiteitsentrum van die Universiteit van Suid-Afrika.

Weens 'n tekort aan argitekte en aanverwante professionele praktisyns, het die aanvrae om toelating tot die studierigting so groot geword dat die Boukundegebou te klein geword het. Daar is toe besluit om hierdie gebou in 'n oostelike en westelike rigting uit te brei en met nog 'n verdieping te verhoog. Dit het in 1973 klaargekom.

Die opleiding berus eerder op 'n akademiese as op 'n professionele grondslag; dit bied die student die moontlikheid om 'n vakrigting te bestudeer en is nie in die eerste plek daarop gemik om hulle vir 'n bepaalde beroep af te rig nie. Opleidingstandaarde word deur die statutêre Suid-Afrikaanse Raad vir Argitekte met sy Adviserende Onderwyskomitee beheer. Origens word ook die Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte by die opleiding betrek.

Die aantal dosente het toegeneem. Waar hulle in 1972 die getal van 16 vir Argitektuur, Boubestuur en Bourekenkunde saam was, was daar in 1982 16 slegs vir Argitektuur, onder wie, benewens proff. Burger en Botha, nog 'n medeprofessor bygekom het in die persoon van prof. D. Holm.

In 1969 het die Departement naam gemaak toe drie derdejaarstudente, S. Schmidt, H. Graphorn en D. Greef 'n internasionale prysvraag gewen het, uitgeskryf deur die tydskrif *Japan Architect*, vir die ontwerp van 'n universiteitsdorpie.

Navorsingsprojekte wat die aandag getrek het, was die opmeet en beplanning van die myndorpie Pelgrimsrust, die ontwikkeling van die Vallei van Verlatenheid as natuurpark, en 'n ondersoek na die toekomstige ontwikkeling van Graaff-Reinet. Behuising in Pretoria is ook as 'n langtermynnavorsingsprojek aangepak; daarbenewens ekologiese beplanningstudies vir Moreletaspruit, die Moot en Walkerspruit, en die opmeting van ou geboue by Botshabelo en in Pretoria. Besonderhede hieroor kan gewoonlik gevind word in die publikasiereeks van die Departement waarby daar gepoog word om twee uitgawes per jaar die lig te laat sien.

Departement Boubestuur

In die bouproses vind jy die belegger, die argitek, die bourekenaar en die raadgewende ingenieur. Hulle is die professionele span. Wanneer die bouaannemer met die eintlike bouwerk begin, maak hy gebruik van spesialiste op die verskillende gebiede. Hulle is die onderaannemers. Om alles te koördineer is dan die taak van die boubestuurder. Hy moet in staat wees om as gegradueerde tred te hou met die snel veranderende boubedryf om sy eie tegniese en bestuursvermoë so te ontwikkel dat hy by die hele proses kan bybly.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die skepping van so 'n pos is te danke aan die bemoeiing van die Federasie van Bounywerhede van Suid-Afrika (BIFSA), wat aan die begin van die jare sestig die Universiteit van Pretoria genader het in verband met die moontlike instelling van 'n graadkursus wat daarop gemik is om die behoeftes van bestuurspersoneel in die bounywerheid te bevorder.

Die instelling daarvan is sterk aanbeveel deur 'n komitee waarna dit verwys is, en wat bevind het dat daar "'n ernstige leemte in die boubedryf bestaan vir leiding en administrasie deur persone wat op universiteitsvlak spesiaal daartoe opgelei is, soos reeds by ander groot industrieë bestaan". 'n Dergelike opleiding het toe alreeds in etlike ander lande bestaan.

So het dit dan gebeur dat Boubestuur in 1963 as 'n vierjarige kursus in die Departement Argitektuur ingestel is. Die eerste grade is in 1966 toegeken. Toe Bourekenkunde in 1971 'n selfstandige departement geword het, is Boubestuur daarin opgeneem. Voor die tyd is daar al vertoë gerig om 'n leerstoel in Boubestuur in te stel, waarvoor die Nasionale Ontwikkelingsfonds vir die Boubedryf vanaf 1972 'n jaarlikse bydrae van R7 500 aangebied het. Die leerstoel het dan ook in 1972 'n werklikheid geword. Die volgende stap was die skepping van 'n selfstandige Departement Boubestuur, wat op 1 Januarie 1980 tot stand gekom het met prof. A.C. Hauptfleisch as die eerste hoof.

Andries Carl Hauptfleisch is in 1945 gebore. Aan die Universiteit van Pretoria behaal hy die BSc(Boubestuur)-graad in 1967, die MBA-graad in 1970 en die doktorsgraad in 1981. Aangestel in 1970 as 'n tydelik-deeltydse dosent in die vak Boubestuur, word hy met ingang 1972 senior lektor, op 1 April 1974 professor in Boubestuur en, soos reeds gesê, op 1 Januarie 1980 hoof van die nuwe departement.

In die praktyk het prof. Hauptfleisch wye ondervinding opgedoen deur reeds as student by 'n bekende konstruksiemaatskappy te werk; en later het hy direkteur en aandeelhouer van die firma Stocks en Stocks geword. Hy dien sedert 1972 op die raad van die Suid-Afrikaanse Bou-instituut en is van 1972 tot 1974 voorsitter van die Noord-Transvaalse tak daarvan. Origens is hy voorsitter van die Beheerkomitee: Boubestuurstudente en Werkgewers, en verteenwoordig hy die Universiteit op die Universiteitsopleidingsubkomitee van die Nasionale Ontwikkelingsfonds vir die Boubedryf. Hy is ook sedert 1977 stigter en redakteur van die vaktydskrif *Die Professionele Bouer*.

Boubestuur het intussen 'n erkende studierigting ook aan ander universiteite geword. Dit lewer ongetwyfeld 'n groot diens aan die boubedryf deur studente wat jaar na jaar afstudeer. By die opleiding aan die Universiteit van Pretoria is ook die vak Bedryfsveiligheid in die kursus ingesluit. Die graadkursus BSc(Boubestuur) strek oor vyf jaar, waarvan die derde, vierde en vyfde studiejaar voltyds by 'n geregistreerde werkgewer in diens deurgebring word, met voorsiening vir sekere lesings tydens werksure. So kry die student deeglike praktiese ondervinding.

Departement Bourekenkunde

Bourekenkunde is een van die dissiplines wat aanvanklik moes worstel om erkenning in sy Afrikaanse vorm. Wat Suid-Afrika betref, was dit onder die toesig van die Royal Institute of Chartered Surveyors wat tot 1928 die eksamen afgeneem het. Reeds sedert omstreeks 1905 het die Transvaal Society of Quantity Surveyors bestaan, en sedert 1929 moes alle opgeleides in Transvaal by hierdie vereniging geregistreer word voor daar gepraktiseer kon word.

In navolging van dié in Engels, was die benaming vir die vakrigting aanvanklik *Kwantiteitsopname* of *Hoeveelheidsopname*, terwyl die Nederlandse term *Bestekopname* ook soms gebruik is. Maar nie een van die benamings het presies die inhoud van die vak weergegee nie. Daar is gesoek na 'n ander naam en, volgens prof. J.T.B. Viljoen, was dit prof. C.H. Rautenbach, destyds rektor van die Universiteit, wat die term *Bourekenkunde* aan die hand gedoen het. Dit het presies weergegee wat die dissipline inhou, dit wil sê die berekening van inhoud, oppervlakte en beraamde koste. Die naam het onmiddellik ingeslaan. Vandag word dit algemeen in Suid-Afrika gebruik.

Die vak is seker so oud soos die boukuns self. Dit is immers vanselfsprekend dat daar eers bereken moet word voor daar gebou kan word. Met die argiteksplanne as basis, maak die bourekenaar sy berekenings en nadat dit alles klaar is, word dit vrygestel vir tenders.

Soos maar met ander dissiplines ook die geval was, is daar aanvanklik gesukkel om 'n Afrikaanse terminologie op te bou. Aanvanklik was daar 'n *Lys Bouterme* van die Pretoriase Tegniese Kollege, wat in 1951 in afgerolde vorm uitgegee is. Hierop het die Vaktaalburo van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns voortgebou met die samestelling van 'n *Bouwoordeboek*, aanvanklik onder die leiding van prof. S.P.E. Boshoff en later onder dié van dr. H.J. Terblanche, bygestaan deur 'n Boutermekomitee waarop twee dosente van die Universiteit van Pretoria, proff. T.H. Louw en J.T.B. Viljoen, ook gedien het. Die *Bouwoordeboek* het in 1960 verskyn en in 'n groot behoefte voorsien.

Wat die woordeboek baie noodsaaklik gemaak het, was die feit dat die Transvaalse Provinsiale Administrasie op 'n bepaalde moment besluit het dat alle opnames vir provinsiale geboue voortaan net in Afrikaans ingedien moes word—om so te vergoed vir al die jare wat dit uitsluitlik in Engels geskied het. Dit het meegebring dat afgestudeerde bourekenaars van die Universiteit van Pretoria skielik sterk in aanvraag was.

Bourekenkunde was aanvanklik 'n studierigting binne die Departement Argitektuur en dit het eers op 1 Januarie 1971 'n selfstandige departement geword. Die ontstaan en groei van die Departement is baie nou verbonde aan prof. T.H. (Tobie) Louw. Gebore in 1910, het hy in 1931 aan die Transvaalse Universiteitskollege die diploma in Kwantiteitsopname (Dip QS) behaal, kort daarna 'n suiwer BSc-graad en in 1933 die graad BSc(QS) met

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

lof. Sy loopbaan aan die Universiteit van Pretoria begin in 1937 met 'n deeltydse aanstelling as lektor; in 1943 is hy bevorder tot senior lektor; in 1961 tot medeprofessor en op 1 Januarie 1971 tot professor in en hoof van die nuutgestigte Departement Bourekenkunde.

Intussen het die Suid-Afrikaanse Raad van Bourekenaars in 1970 tot stand gekom, waarby die registrasie van alle bourekenare verpligtend gemaak is. Hierdie raad is verantwoordelik vir die standaard en hou toesig oor die inhoud van die kursusse. As die openbare arm van die raad bestaan daar die Vereniging van Bourekenaars, wat die registrasie waarneem. Prof. Louw het 'n belangrike rol in hierdie liggame gespeel. Hy was slegs twee jaar hoof van die Departement en tree op 31 Maart 1974 met pensioen af. Hy is opgevolg deur prof. J.T.B. Viljoen.

Johannes Theunis Bartlett Viljoen is in 1920 gebore en ontvang sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria, waar hy in 1942 die BSc(QS)-graad behaal. Sy verbintenis met die Universiteit begin in 1947, eers as deeltydse dosent, later as lektor, van 1966 tot 1974 as senior lektor en daarna as professor en hoof. Hy was in die jaar 1976/1977 president van die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars en van 1979 tot 1981 president van die Suid-Afrikaanse Raad vir Bourekenaars.

Benewens prof. Viljoen, was daar in 1982 nog twee senior lektore en twee lektore in die Departement.

Departement Chemie

"Chemie het te make met die chemiese elemente, waaruit die ganse heelal inhoudelik bestaan, hulle kombinasies, asook met die energieveranderings wat plaasvind in die proses van kombinasies van elemente." So defineer prof. A. Wiechers sy vakgebied in sy intreerede *Waarom Chemie?*

Chemie word reeds honderde jare beoefen; reeds in die Middeleeue, maar dan in die vorm van Alchemie, waar mengsels lukraak bymekaar gegooi is in 'n poging om goud uit onedel metale te vervaardig, of in die soek na die lewenselikser wat die mens ewig jonk sou laat bly, alles gepaardgaande met towerspreuke, astrologie en bygeloof—aldus prof. V. Pretorius in 'n brosjure. Hy wys daarop dat Chemie, saam met Wiskunde en Fisika, een van die drie basiese natuurwetenskappe is. Met die aanwas van kennis het Fisika en Chemie begin oorvleuel en het dit ook nodig geword om Chemie in 'n aantal afdelings te verdeel.

Teen 1960 was daar dan ook drie Chemie-departemente aan die Universiteit van Pretoria, te wete : Organiese Chemie, Anorganiese en Analitiese Chemie, en Fisiese Chemie, met onderskeidelik proff. H.L. de Waal, W.E. Schilz en V. Pretorius as hoofde. Die laasgenoemde het toe pas die hoofskap oorgeneem van prof. L.J. le Roux, wat afgetree het om hoofchemikus by die Raad op Atoomkrag te word. In 1963 is die laasgenoemde Departement verdoop tot die Departement Fisiese en Teoretiese Chemie.

Prof. W.E. Schilz, in 1960 professor in en hoof van die Departement Anorganiese Chemie, was 43 jaar aan die Universiteit van Pretoria verbonde (25 as departementshoof en etlike jare as dekaan van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde).

Gebore op King William's Town in 1899, het Wolfgang Eugen Schilz reeds na standerd 6 die skool verlaat om te gaan werk en hy behaal deur privaatstudie sy matrikulasiesertifikaat in 1917. Daarna word hy student aan die destydse TUK, waar hy die BSc-graad in 1921 en die MSc-graad in 1923 behaal, albei met lof. Met behulp van die Grey Memoral Scholarship, wat hy verower het, gaan hy in 1924 na Londen, waar hy in 1926 die Diploma van die Imperial College of Science and Technology behaal, en daarna na die Universiteit van München waar hy in Januarie 1927 die DPhil-graad met lof verkry.

Terwyl hy reeds in 1922 aan die TUK as assistent verbonde was, word hy na sy terugkeer uit die buiteland lektor en in 1934 senior lektor. Gedurende 1937 is hy weer met studieverlof, weer aan die Universiteit van München, waar hy in spektrografie en glas-elektrodes werk. Op 1 Januarie 1940 word hy bevorder tot professor in en hoof van die Departement Analitiese en Anorganiese Chemie. Van 1941 af volg hy in sy vrye tyd 'n regskursus en behaal die LLB in 1942.

Soos met ander dosente die geval was, het prof. Schilz met toestemming van die Universiteit by tye buitewerk verrig, o.a. as deeltydse raadgewer of direkteur by enkele nywerhede. In 1955 het die Rembrandt-Tabakkorporasie £1 000 aan die Universiteit van Pretoria vir "skeikundige navorsing" geskenk "as blyk van waardering vir die waardevolle hulp wat prof. W.E. Schilz . . . oor die afgelope jare met skeikundige navorsing aan die Rembrandt-groep van maatskappye verleen het."

Na sy aftrede in 1964 werk hy vir nog 'n jaar tydelik/voltyds in die Departement. Hy sterf op 9 Maart 1980. "UP sal hom onthou omrede . . . sy opgeruimdheid en sy humorsin. Hy het 'n vol lewe gehad." So lui 'n huldeblyk.

Prof. Schilz is op 1 Januarie 1965 deur prof. C.J. Liebenberg opgevolg. Die drie aparte Chemiedepartemente het nie altyd bevredigend saamgewerk nie. Daar was oorvleueling en soms wrywing. Daar is reeds vroeg aan konsolidasie in een departement gedink, veral na aanleiding van 'n beleidsbepaling van die universiteitsraad.

Geleentheid vir 'n stap in dié rigting kom met die aftrede van prof. H.L. de Waal op 31 Desember 1972. Die drie afsonderlike departemente is toe in twee gekonsolideer, met prof. C.J. Liebenberg as hoof van die Departement Anorganiese en Analitiese Chemie, en prof. V. Pretorius as hoof van die Departement Organiese, Fisiese en Teoretiese en Analitiese Chemie.

Hermanus Lambertus de Waal is in 1907 in die Paarlse distrik gebore. Hy matrikuleer in 1924 aan die Jongenshoërskool, Paarl, en verkry agtereenvolgens die BSc- en MSc-grade aan die Universiteit van Stellenbosch in Landbou- en Wynskeikunde. Van 1929 tot 1932 werk hy as skeikundige by die KWV en hy vertrek in die laasgenoemde jaar na Europa om aan die Chemiese Instituut van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. C.J. Liebenberg, Hoof, Departement Anorganiese Chemie, 1965–1980.

die Universiteit van Bonn te studeer, waar hy in Julie 1935 die DPhil-graad met lof behaal. Hierna bly hy nog 'n jaar in Europa en werk van Julie tot Desember 1935 in die organies-chemiese afdeling van die Pasteur-instituut, Parys, en van Januarie tot Julie 1936 in prof. H. Wieland se privaatlaboratorium in München.

By sy terugkeer word hy navorsingsbeampte op Onderstepoort, terwyl hy sy studie aan die Universiteit van Pretoria voortsit en in 1940 die DSc-graad behaal.

Hy is op 1 Februarie 1942 aan die Universiteit van Pretoria aangestel as professor in en hoof van die Departement Organiese Chemie. Toe hy aan die einde van 1972 aftree was hy 31 jaar aan die Universiteit van Pretoria verbonde. Gedurende hierdie tydperk was hy vir periodes van twee, nege en agt jaar (altesaam 19 jaar) dekaan van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde.

Sedert 1952 was prof. De Waal jare lank 'n verteenwoordiger van die Universiteit op die Gemeenskaplike Matrikulasieraad en van 1960 tot 1961 voorsitter van dié liggaam. Ander liggame wat hy vir lang periodes gedien het, was die Transvaalse Museumraad, die eksamenrade van die Departemente Nasionale Opvoeding en Bantoe-onderwys, asook van dié van Rhodesië, die Suid-Afrikaanse Chemiese Instituut (by tye president), die Suid-Afrikaanse Gesamentlike Raad van Natuurwetenskaplike Verenigings (eerste president), die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegniek van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap (voorsitter vir drie termyne), die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (voorsitter in 1972). In 1951 is die Havengaprys vir oorspronklike navorsing en publikasies aan hom toegeken.

Prof. De Waal het verskeie internasionale konferensies in die buiteland bygewoon en referate gelewer. Hy was ook hoofopsteller van die *Chemiewoordeboek*. By sy aftrede ontvang hy algemene blyke van erkenning. "U was en is 'n sieraad van dienslewering aan die Universiteit van Pretoria en sy studente", lui dit in die senaatsnotule.

In Junie 1972 het die Universiteitsraad al besluit dat die Departement Organiese Chemie van 1973 af ingeskakel word by een van die twee ander afdelings. Die Fakulteit Wis- en Natuurkunde is die geleentheid gegee om te besluit by watter een van die twee.

Op twee agtereenvolgende vergaderings het die Fakulteitsraad aanbeveel dat die status quo gehandhaaf word. Die senaat het toe ingegryp en sy aanbeveling vir konsolidasie het 'n Raadsbesluit geword.

Dit was die eerste stap. Verdere konsolidasie in een departement is noodsaaklik geag, veral toe daar aan die begin van die jare sewentig bevind is dat die getalle en die vordering van studente binne die departemente nie na wense was nie. 'n Ondersoek van die jare 1971–1974 het bevind dat die inskrywings in al vier voorgraadse kursusse, IA, IB, II en III, nie bevredigend was nie, en dat die gemiddelde prestasie heelwat laer was as vir die Wis- en Natuurkundefakulteit in die geheel.

Ter verduideliking van die twee eerstejaarskursusse kan gemeld word dat kursus IA toelating gee tot Chemie II, terwyl IB 'n dienskursus is vir studente uit die fakulteite Geneeskunde, Tandheelkunde, Veeartsenykunde, Landbou en, wat Wis- en Natuurkunde betref, studie met 'n Biologiehoofvak. Gevolglik is Chemie IB verreweg die grootste groep. Wat verontrustend was, was dat relatief weinig studente van Chemie IA voortgaan na Chemie III. In 1975 het prof. V. Pretorius ook by geleentheid gewag gemaak van wat hy genoem het "onrusbarende simptome" en ook die konsolidasie in een Departement aanbeveel.

Wat miskien bygedra het tot die ongelukkige toestand, was ruimtegebrek. Die Chemiegebou, wat in 1942 opgerig is, het ontoereikend en verouderd vir moderne eise en getalle geword. Daar was geen geld vir 'n nuwe gebou nie en die Raad het besluit op interne opknapping en aanbouing, wat in 1978 klaargekom het, en 'n groot verbetering was.

Navorsingsprojekte wat binne die Chemiedepartemente onderneem is, is te veel om op te noem. Onder andere was daar navorsing oor spoorelemente in die Bosveldkompleks, oor skadelike stowwe in sigaretrook, en oor sonneblomolie as brandstof. Die navorsingsprojek wat die sterkste na vore gekom het, was dié oor Chromatografie onder

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

prof. V. Pretorius. Dit het uitgegroei tot 'n selfstandige instituut en word apart behandel.

Pogings tot algehele konsolidasie het voortgegaan. Die vraag was wié van proff. Liebenberg of Pretorius hoof van die gekonsolideerde departement sou word. Of die een nie vir die ander wou terugstaan nie en of die owerhede nie die beslissing wou neem nie, is nie duidelik nie. 'n Oplossing in die gees van 'n gesamentlike of roterende hoofskap is deur die rektor as strydig met die statute van die hand gewys. Nietemin deel die dekaan in Februarie 1976 sy Fakulteit mee dat Chemie ten volle "geïntegreer" word, voortaan bekend as die Departement Chemie, met proff. Liebenberg en Pretorius as hoofde.

'n Uiteindelike oplossing vir die hoofskap kom toe prof. C.J. Liebenberg in Junie 1980 aftree, en prof. V. Pretorius besluit om hom nie beskikbaar te stel nie. Hy het versoek om voltyds as direkteur van die Instituut vir Chromatografie aangestel te word. Hierdie versoek is toegestaan en daarna is die pos van hoof van die Departement Chemie geadverteer.

Met die aftrede van prof. Liebenberg sê die Universiteit weer eens vaarwel aan iemand wat lank daaraan verbonde was. Christiaan Jacobus Liebenberg is in 1915 op Kenhardt gebore. Sy universiteitsopleiding geniet hy aan die Universiteit van Stellenbosch, waar hy sy BSc- in 1936 en sy MSc-graad in 1937 behaal. Van 1938 tot 1951 werk hy as analitiese chemikus in die seksie Geochemie van die Afdeling Skeikundige Dienste in Pretoria. Hy sit sy studie aan die Universiteit van Pretoria voort en behaal die DSc-graad in 1956. Aangestel as lektor in 1952, word hy in 1958 tot senior lektor bevorder en in 1965 tot professor in en hoof van die Departement Anorganiese en Analitiese Chemie.

Sy belangstelling was in die rigting van geochemie en spoorelemente. In 1955 het hy op uitnodiging 'n korttermynnavorsingsprojek in hierdie rigting aan die Universiteit van Oxford afgehandel. Dit lei tot verdere studie en publikasies oor spoorelemente in die Bosveldkompleks, wat wye belangstelling uitgelok het. Hy dien ook vir vyf jaar as raadgewer op die Raad van die Brandstofnavorsingsinstituut oor die anorganiese bestandele van steenkool. Hy was stigterslid van die Afdeling Chemie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en twee jaar lank ook voorsitter daarvan. In 1979 is hy op die loodskomitee van die Vaktaalburo benoem vir die hersiening van die *Chemiewoordeboek*. Tydens periodes van verlof het hy in 1969 o.a. Nancy (in Frankryk) en Washington besoek, en in 1975 die Universiteit van East Anglia.

Na die aftrede van prof. Liebenberg en die uittrede van prof. Pretorius is uit verskeie aansoeke om die pos dié van prof. A. Wiechers aanvaar. Hy word van 1 Julie 1980 af hoof van die Departement Chemie. Gebore in Pretoria in 1937, ontvang Adriaan Wiechers sy skoolopleiding aan die Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria, en hy behaal die grade BSc, MSc en DSc ondeskeidelik in 1957, 1959 en 1963 aan die Universiteit van Pretoria. Hy is in 1960 aangestel as lektor in die Departement Organiese Chemie. Van 1964 tot 1966 is hy besoekende lektor aan die Royal College, Londen, waar hy die graad PhD (Londen) en die Diploma Imperial College (DIC) behaal. By sy terugkeer, word hy in 1967 bevorder tot senior lektor en in 1973 tot professor. In die jare sewentig onderneem hy nog verskeie studietoere oorsee.

Oor die jare het prof. Wiechers hom 'n toegewyde dosent getoon wat steeds na vernuwing in die onderrig soek.

Die Departement Chemie was in 1982 een van die grootste aan die Universiteit, met twee professore (proff. A. Wiechers en T. Buys), vier medeprofessore (proff. W.D. Basson, P. v Z. Bekker, R.G. Böhmer en C.P. Forbes) sewe senior lektore, tien lektore, een assistent en een navorsingsbeampte.

Departement Dierkunde

Vir *Dierkunde* is vroeër die benaming *Soölogie* gebruik, ook aan hierdie Universiteit, in navolging van Engels: *Zoology*, Duits: *Soölogie* en Frans: *Zoologie*. Die woord is uit Grieks via Latyn afgelei: *Zoologia* (*zoo* = dier + *logia* = kunde). Reeds lank gelede is dit in Nederlands vertaal as *Dierkunde* en hierdie benaming is in Afrikaans oorgeneem. *Soölogie* en *Dierkunde* word nog steeds afwisselend in Afrikaans gebruik.

Die studie van Dierkunde begin reeds by Aristoteles, wat, hoewel in die eerste plek wysgeer, ook 'n bioloog van formaat was. Wanneer Dierkunde 'n aparte universiteitsdissipline geword het, is nie heeltemal seker nie. In die Middeleeue vind ons dit reeds aan die Europese en Arabiese universiteite, maar dan meer as 'n onderdeel van die mediese opleiding. Aan die Universiteit van Pretoria was Dierkunde een van die heel eerste selfstandige departemente, van 1917 af.

Prof. F.C. Eloff, wat nog in 1982 departementshoof was, is op 1 Julie 1954 as die opvolger van prof. D.E. Malan aangestel. Frederick Christoffel (Fritz) Eloff is in 1920 op Pietersburg gebore, waar hy sy skoolopleiding ontvang het en vervolgens behaal hy agtereenvolgens die BSc-, MSc- en DSc-graad aan die Universiteit van Pretoria. Sy loopbaan binne die Departement Dierkunde dateer van 1 Februarie 1943 af toe hy as lektor aangestel is. Gedurende 1951 was hy tydens studieverlof in Europa werksaam aan die Mediese Kollege (Departement Anatomie) van die Londense Hospitaal, die Hubrecht Laboratorium (Embriologiese Instituut) van die Universiteit van Utrecht, en die Frankfortse Mediese Skool. Origens het hy ook verskeie ander Europese universiteite besoek.

As dosent en departementshoof beweeg prof. Eloff op baie terreine wat in verband staan met sy vakgebied. Onder andere het hy van die volgende liggame lid geword: in 1961, die Nasionale Koördinerende en Adviserende Komitee van die Faunavereniging, en later die Adviesraad vir Nasionale Parke en Natuurreservate, in 1969, die Raad van Kuratore van die Transvaalse Museum (voorsitter), in 1971, die Nasionale Parkeraad, waarvan hy in 1979 voorsitter geword het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Daarbenewens speel prof. Eloff 'n belangrike rol in sport-, meer in besonder rugby-aangeleenthede in Suid-Afrika. In sy studentejare het hy as kranige rugbyspeler sowel sy universiteit as Noord-Transvaal verteenwoordig. Daarna het hy veel gedoen vir die organisasie van rugby aan die Universiteit en in die provinsie. Hy dien op die Universiteit se Sportkomitee, word mettertyd president van die UP-Rugbyklub; daarna kom hy op die Uitvoerende Komitee van die Noord-Transvaalse Rugby-unie en word ten slotte president van dié unie. Hy het ook lid van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad en ten slotte ondervoorsitter daarvan geword.

Naas opleiding in die basiese beginsels van die vak Dierkunde, met die sterk teoretiese grondslag eie daaraan, is die Departement vanweë klimaat en die besondere rykdom aan diere en plante in Suid-Afrika, sterk ekologies gerig, wat weer 'n praktiese benadering inhou. Diens word aan die gemeenskap gelewer deur advies oor natuurbewaring, wildboerdery en natuurlewebeheer. Die Departement werk nou saam met die Nasionale Parkeraad, die natuurbewaringsafdelings van die vier provinsies en Suidwes-Afrika, verskillende natuurbewaringsliggame en staatsdepartemente, soos dié van Landbou en van Omgewingsbewaring; ook met die Nasionale Dieretuin en die Transvaalse Museum. Omdat ekologie 'n multidissiplinêre wetenskap is, word daar binne die Universiteit nou saamgewerk met die Departement Plantkunde, asook met Chemie, Genetika, Entomologie, Geografie, Argitektuur, Wiskundige Statistiek, Weidingsleer en Grondkunde.

In Junie 1962 is 'n groot natuurbewaringskonferensie in die Krugerwildtuin gehou, waarop verteenwoordigers van die Nasionale Parkeraad, die natuurbevorderingsafdelings van die vier provinsies en Suidwes-Afrika en die Departemente Landbou-tegniese Dienste, Bosbou, Waterwese en Gesondheid teenwoordig was. Hier is daar besluit om by die betrokke minister aan te dring op die stigting van 'n ekologiese instituut verbonde aan 'n universiteit, verkieslik onder die Departement Dierkunde.

So gebeur dit dan dat prof. Eloff in 1963 by die Fakulteit Wis- en Natuurkunde aansoek doen om die instelling van 'n kursus in Natuurbeheer. Die aansoek is na 'n komitee verwys, wat die instelling daarvan eenparig aanbeveel het, en dit is na behandeling deur die fakulteit en senaat deur die Universiteitsraad goedgekeur. Aangesien daar in hierdie stadium geen universiteitsopgeleide persoon in hierdie rigting in Suid-Afrika te vinde was nie, is daar besluit om gedurende die eerste vier of vyf jaar telkens van 'n besoekende dosent uit die buiteland gebruik te maak, en dat die res van die opleiding behartig sal word deur dosente in die Departemente Plantkunde, Dierkunde, Veeteelt en Weidingsleer; daarbenewens ook personeellede van die Nasionale Parkeraad, die Afdeling Natuurbewaring van Transvaal en die WNNR. Daar is groot verwagtings gekoester."Ons staan op die vooraand van geweldige uitbreiding op dié gebied . . . nie alleen in die Republiek nie maar ook in die res van Afrika." So lui dit in die verslag van die komitee. Daar word aangedring daarop dat Suid-Afrika ook op hierdie terrein die leiding in Afrika moet neem.

Van die begin af het die kursus groot steun van buite-instansies ontvang.

Fondsinsameling is deur die Genootskap tot Beskerming en Bewaring van die Wilde Dierelewe van Suid-Afrika onderneem. Van die Rembrandt-Tabakkorporasie, die Anglo American Corporation en Total Afrika is elk R2 000 en van die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging R3 600 per jaar vir die volgende vyf jaar verkry, en van 'n twaalftal ander firmas, banke en verenigings bedrae van R250 tot R1 000 per jaar vir vyf jaar.

Intussen is daar begin met die uitnodiging aan gasdosente, een per jaar, telkens vir 'n periode van ses maande. Prof. Eloff was gedurende 1967 vir enkele maande na die VSA in verband met die kursus, en het toe waarskynlik ook gasdosente gesoek.

Die eerste gasdosent (vir 1965) was geen vreemdeling in Afrika nie. Hy was prof. G.A. Petrides, professor in Dierkunde en Natuurbeheer aan die Michigan State University, voorsitter van die African Wild-Life Committee van die North American Wild-Life Society en het as Fullbright Research Scholar 'n lang tyd navorsing in verskillende dele van Afrika gedoen. Hy is opgevolg: in 1966 deur prof. J.H. Jenkins, professor in Natuurbeheer aan die Universiteit van Georgia; in 1967 deur prof. R.E. Mumford van die University of Purdue, Lafayette, Indiana; in 1968 deur prof. Hewitt, en in 1969 deur prof. J.G. Teer, bekleër van die Caesar Kleberg Foundation Chair of Wild-Life Ecology aan die Texas A & M University. 'n Mens kan aanneem dat elkeen 'n steen bygedra het tot die fondament waarop die leerstoel later gebou is. Hulle het in die uitoefening van hulle taak ook wildparke en natuurreservate besoek.

So het die vyf jaar waarvoor oorspronklik begroot is, verbygegaan. Reeds in 1968 is daar 'n begin gemaak met fondsinsameling ten behoewe van die instelling van 'n leerstoel in Natuurbewaring van 1970 af. Van die Suid-Afrikaanse Natuurstigting (voorsitter dr. Anton Rupert) is 'n toesegging ontvang van R100 000, betaalbaar in tien jaarlikse paaiemente. Later het nog bydraes van ander liggame bygekom. Met die finansiële toekoms vir die volgende tien jaar verseker, het die Universiteitsraad op aanbeveling van die senaat die instelling van die leerstoel in 1968 goedgekeur.

Vanweë die groot skenking deur die Suid-Afrikaanse Natuurstigting, en vanweë die groot geesdrif wat sy voorsitter, dr. Rupert, aan die dag gelê het, het die idee ontstaan om die leerstoel die naam te gee van die Dr. Anton Rupert-leerstoel in Natuurbewaring. Dr. Rupert was aanvanklik huiwerig en het gevra dat die naamgewing tot na sy dood oorstaan, maar die rektor, prof. Rautenbach, het hom omgepraat en hy het teensinnig toegestem.

Om die instelling van die leerstoel met 'n passende plegtigheid gepaard te laat gaan, is daar besluit om dit te laat saamval met die jaarlikse lesing wat dr. Rupert as ereprofessor in die Departement Bedryfsekonomie op 30 Augustus 1971 aan die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Universiteit sou lewer. Die lesing het, passend genoeg, oor natuurbewaring gegaan. Na hy klaar was hiermee, het hy die naam van die leerstoel bespreek onder die teks "Eugène Marais kom die eer toe" en op sy voorstel is die benaming Eugène Marais-leerstoel in Natuurbeheer, aanvaar.

Met ingang 1 Januarie 1970 is dr. J. du P. Bothma as senior lektor tot hoof van die leerstoel in Natuurbeheer benoem. Jacobus du Plessis Bothma is in Mei 1940 op Christiana, Transvaal, gebore. Hy behaal in 1962 sy BSc- en in 1964 sy MSc-graad aan die Universiteit van Pretoria. Daarna is hy na die VSA, waar hy in 1969 die PhD-graad in *Wild-Life Management* aan die Texas A & M University behaal het. Die leerstoel was die enigste van sy soort in Afrika, het prof. Eloff aangevoer, en die voortbestaan daarvan was van lewensbelang vir natuurbewaring in Suid-Afrika en Afrika. In 1971 is dr. Bothma bevorder tot addisionele en later tot volle professor.

Die leerstoel het goeie werk opgelewer. In 1979 kon prof. Bothma met trots terugkyk op die prestasies sedert 1965: in totaal 126 grade (92 Hons, 24 MSc en tien DSc). Die kursus het volgens hom "'n wye impak" op natuurbewaring in Suid-Afrika gehad. Oud-studente het onder andere by die volgende instansies gewerk: die Natuurbewaringafdelings van die provinsies en Suidwes-Afrika, die Nasionale Parkeraad, die Natalse Parkeraad, die Departemente Samewerking en Ontwikkeling en Omgewingsbeplanning en Energie, die WNNR, asook plaaslike inrigtings soos dieretuine en museums.

Sowat 34 navorsingsprojekte is in dié tyd afgehandel, 24 vir MSc- en 10 vir DSc-grade. Hierin geniet 'n wye verskeidenheid diere die aandag, onder andere: swartrenoster, bobbejaan, blesbok, swartrugjakkals, bastergemsbok, rooibok, sebra, swartwitpens, leeu, hiëna, bakoorjakkals, vlakhaas, jagluiperd, bergsebra, waterbok, koedoe, olifant en steenbok. Ander projekte het gegaan oor die ekologie van verskillende streke: Woodlands savanna ecosystem, Kalaharipan, Goukamanatuurreservaat, Okavangodelta, Kaokoveld, Damaraland, Potlakenatuurreservaat in Lebowa, Klaseriereservaat, die wildplaas Riekerts Laager.

Deur simposia, besoeke van buitelandse geleerdes, bywoning van konferensies ens., het die Eugène Marais-leerstoel in Natuurbeheer voeling gehou met wat elders in die dissipline bereik word. In 1981 is die deel van die naam van die leerstoel "in Natuurbeheer" verander na "in Natuurlewebestuur". Daar is gevoel dat die ou naam nie die inhoud van die studierigting presies weergee nie en ook afwyk van die Engelse benaming Wildlife Management.

Intussen het die Departement sy gewone natuurlike groei getoon. Teen 1982 het dit uitgebrei tot tien dosente, waaronder drie professore, een medeprofessor, drie senior lektore en drie lektore. Die eerste addisionele professor wat bygekom het, was prof. G. de Graaff in 1967, opgelei aan die Universiteit van die Witwatersrand en dié van Pretoria en reeds sedert 1960 as lektor aan die departement verbonde. Hy tree in 1969 uit die diens van die Universiteit om 'n betrekking by die Nasionale Parkeraad te aanvaar. Sy plek is ingeneem deur dr. J.A.J. Meester, oud-student (BSc 1951, MSc 1953, DSc 1961) en ook student aan die Michigan State University, waar hy 'n MSc-graad in 1956 behaal het. Hy is in 1969 van senior lektor tot addisionele professor bevorder en in 1970 tot medeprofessor.

Prof. Meester was gedeeltelik verantwoordelik vir die ontstaan van die Soogdiernavorsingsinstituut binne die Departement Dierkunde, waarvan die geskiedenis apart behandel word. Prof. Meester verlaat die Universiteit op 1 Januarie 1972 om 'n betrekking aan die Universiteit van Natal te aanvaar.

Sy plek is mettertyd ingeneem deur prof. J.D. Skinner wat as direkteur van die Soogdiernavorsingsinstituut aangestel is, maar nog professor in die Departement Dierkunde gebly het. Sy besondere rol word in die geskiedenis van die Instituut behandel. Benewens prof. Bothma, wat reeds genoem is, was die vierde hoogleraar prof. J.A.J. Nel, wat met ingang 1 Januarie 1978 tot medeprofessor bevorder is. Hy het sy BSc en MSc aan die Universiteit van Stellenbosch behaal en die DSc-graad in 1970 aan die Universiteit van Pretoria, waar hy reeds in 1960 as lektor in die Departement Dierkunde aangestel is. Ook hy het by geleentheid aan buitelandse universiteite navorsing gedoen, in Oxford en Kansas.

In sy groei het ook die Departement Dierkunde ruimtegebrek ondervind. Gehuisves in die ou Wis- en Natuurkundegebou is daar in 1966 vasgestel dat naas die bestaande 11 676 vk voet vloeroppervlakte waaroor die Departement beskik het, daar nog 9 685 vk voet nodig was. Die oplossing het gekom toe die Departement Anatomie uit sy gedeelte van die ou Wis-Natgebou na die BMW-gebou by die hospitaal verhuis het, en daar nog 10 500 vk voet vloeroppervlakte vir die Departement Dierkunde vrygekom het.

Departement Entomologie

Die benaming *entomologie* is afgelei van die Griekse woord vir insek. 'n Ander naam vir die dissipline is dan ook *Insektekunde*. Vroeër was die Departement by die Fakulteit Landbou (tans Landbouwetenskappe) ingedeel, maar terselfdertyd ook by die Fakulteit Wis- en Natuurkunde. Die Fakulteit Landbou was voorheen ingeskakel by die Departement Landbou-tegniese Dienste, sodat die personeel van die onderskeie departemente tweeledige aanstellings gehad het. Toe die Fakulteit in 1974 geheel en al onder die Universiteit gekom het, het daar 'n rasionalisasie plaasgevind en sedertdien ressorteer Entomologie uitsluitend onder die Fakulteit Wis- en Natuurkunde.

In 1959 het prof. J.J. Matthee vir prof. J.W.C. Geyer opgevolg as professor in en hoof van die Departement Entomologie. Jacobus Johannes Matthee is in 1920 gebore en behaal die BSc-graad (1942) en die MSc (1945 met lof) aan die Universiteit van Pretoria. Hy is in 1945 aangestel as waarnemende lektor, in 1946 is hy bevorder tot lektor en in 1951 tot senior lektor en vakkundige beampte. Gedu-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

rende 1942 het hy 12 maande lank as insektekundige op die Sebedielasitruslandgoed gewerk. In 1947 is hy met 'n beurs van die Departement Landbou na die Universiteit van Cambridge waar hy in 1949 die doktorsgraad (PhD) behaal het. Hy het daar navorsing gedoen oor die insekfisiologie-morfologie van die bruinsprinkaan.

Prof. Matthee was lid van die Entomologiese Vereniging van Suid-Afrika en het hierdie liggaam in verskillende hoedanighede gedien, van sekretaris tot president. Hy het verskeie konferensies oorsee en in Suid-Afrika bygewoon en by sommige referate gelewer. In 1964 het hy sy studieverlof gewy aan verdere navorsing oor die bruinsprinkaan. In 1970 het hy op die Masoesitruslandgoed in Suid-Rhodesië navorsing gaan doen oor die sitrusknopmyt. In 1977 het hy tydens 'n studiereis oorsee verskeie universiteite in Amerika en Europa besoek. Hy was onder andere ook werksaam aan 'n Afrikaans-Engelse lys van entomologiese terme, die skepping van populêre benamings vir plaagbeheermiddels vir die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde en die opstel van 'n kode vir huishoudelike insektemiddels. Na bykans 30 jaar het prof. Matthee in 1980 uit die diens van die Universiteit getree, en is hy deur prof. E. Holm opgevolg.

Erik Holm is in 1945 gebore en het sy opleiding geheel en al aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BSc in 1966, MSc in 1971 en DSc in 1974. Hy het in 1966 tegniese beampte van die WNNR geword, as die tweede personeellid op die Gobabeb Woestyn-navorsingstasie, waar hy vier jaar diens doen. In 1977 word hy senior vakkundige beampte by die Departement Landbou-tegniese Dienste, en in 1974 lektor en in 1975 senior lektor aan die Universiteit van Pretoria.

Onder prof. Holm se leiding word daar 'n skool vir insektaksonomie in die Departement opgebou, wat onder andere daartoe lei dat die Departement in 1982 die inisiatief neem met die opstel van die handboek *Insects of Southern Africa*, waarvan sewentien van die 47 spesialis-outeurs sy oud-studente of personeellede is. Die groot belangstelling in taksonomiese navorsing in die Departement gee aanleiding tot verskeie avontuurlike navorsingsekspedisies met studente na onherbergsame gebiede, soos die Namibwoestyn. In 'n kort tydsbestek het die Departement op dié wyse 'n navorsingsversameling van insekte opgebou wat ongeveer 250 000 eksemplare bevat. Prof. Holm besoek ook in 1981 die belangrikste Europese versamelings vir navorsing en kontak, en die Departement nooi op sy beurt verskeie van die mees vooraanstaande taksonome as gasdosente en navorsers (prof. Tschinkel, VSA, dr. Crowson, Skotland, prof. Howden, Kanada).

Departement Fisika

Fisika word deur prof. E.K.H. Friedland, die huidige hoof van die Departement, beskryf as die "studie van gedrag van materie". 'n Ander naam daarvoor is *Natuurkunde*. "Soos geen ander wetenskap nie, bepaal die fisika die lewe van die moderne mens", lui 'n uitspraak van prof. Friedland in sy professorale intreerede. Hy vervolg: "Die toepassing van die kennis oor fisiese verskynsels en natuurwette, wat deur baie generasies van fisici in laboratoria en studeerkamers deur die eeue heen ontrafel is, het die tegnologiese ontwikkeling gelei wat die lewenswyse van die Westerse mens gedurende hierdie eeu meer drasties laat verander het as ooit tevore".

Die woord *fisika*, wat basies in alle tale dieselfde is, is van Griekse oorsprong, meer in besonder Aristoteles se werk oor die natuur. Aristoteles het slegs oor die natuur gefilosofeer sonder om sy bevindings aan die werklikheid te toets. So groot was sy gesag egter dat hierdie werk van hom eeue hierna sonder meer aanvaar is. Fisika, soos ons dit vandag ken, het hoofsaaklik deur die werk van Galileo Galilei (1564–1642) as 'n eksakte wetenskap ontwikkel. Na Galilei kan talle ander beroemde name genoem word wat Fisika uitgebou het tot die wydvertakte wetenskap wat dit vandag is. Volgens prof. Friedland vorm Fisika "die fondament van alle natuurwetenskappe".

Die studie van Fisika in universiteitsverband het in die Middeleeue in Europa ontstaan, en is van die begin af aan die Universiteit van Pretoria beoefen.

In 1960 was prof. H.A.W. Verleger hoof van die Departement. Heinrich August Wilhelm Verleger is in 1908 in Bingerbrück-am-Rhein in Duitsland gebore. Sy opleiding het hy ontvang aan die Technische Hochschule in Darmstadt, die Realgymnasium in Wiesbaden en die universiteite van Wurzburg, Frankfurt en Giesen, met as afsluiting in 1930 die Dr Phil-graad aan die laasgenoemde inrigting. Hierna was hy as tegniese assistent werksaam aan die Universiteit van Giessen en daarna aan die Tegniese Universiteit van Darmstadt, waar hy die graad Dr Rer Nat Habil verwerf. Van 1936 tot 1941 was hy as navorsingsbeampte werksaam aan die Physikalisch Technische Reichsanstalt in Berlyn en ook as dosent in Fisika aan die Universiteit van Berlyn. In 1941 het hy professor in Fisika aan die Universiteit van Tübingen geword, waar hy ook die ergste oorlogsjare meegemaak het. In 1949 immigreer prof. Verleger met sy gesin na Suid-Afrika om navorsingsbeampte by die WNNR te word. Op 1 Januarie 1951 is hy aangestel as professor aan die Universiteit van Pretoria.

Prof. Verleger word beskryf as 'n wetenskaplike van wêreldgehalte, wie se publikasies in internasionale en ook Suid-Afrikaanse tydskrite gesag afdwing. Hy het Afrikaans spoedig bemeester en vier Afrikaanse handboeke oor Fisika die lig laat sien. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, waarvan hy ook lid was, het in 1957 die Havengaprys vir Natuurwetenskappe aan hom toegeken. Onder sy leiding het die Departement Fisika groot vordering gemaak, sowel wat opleiding as navorsing betref. Gedurende sy dienstyd, 1951 tot 1971, is 87 MA- en 25 doktorsgrade deur die Departement toegeken, aan die meeste waarvan hy 'n direkte aandeel gehad het. Navorsing in kernfisika is in hierdie tyd gestimuleer deur die aankoop van 'n Van der Graaff-versneller en 'n elektronmikroskoop.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. H.A.W. Verleger, Hoof, Departement Fisika, 1951–1972.

Oor die versneller skryf prof. Verleger in 1964, met die oprigting daarvan: "Daar word beoog om beide opleidings- en navorsingswerk met die apparaat te doen . . . Die reaktoropstelling self sal veral vir opleidingsdoeleindes gebruik word en sal tot 'n opleidingsentrum vir reaktorfisici en -tegnici ontwikkel kan word waartoe die Universiteit van Pretoria weens sy ligging tussen die Raad op Atoomkrag te Pelindaba en die WNNR te Pretoria uiters strategies geleë is".

In 1960 was daar naas prof. Verleger slegs drie senior en vier gewone lektore in die Departement. Van die senior lektore is dr. L.A. Prinsloo in 1962 tot medeprofessor bevorder en in 1971 tot professor. Gebore in 1914 in Pretoria, het Lourens Abraham Prinsloo aan die Middelburgse Hoërskool gematrikuleer en daarna die volgende grade aan die Universiteit van Pretoria behaal: BSc 1934, MSc 1936, HOD 1936 en DSc 1955. In 1939 het hy met 'n Von Humboldt-uitruilbeurs aan die Universiteit van Göttingen studeer.

Na hy van 1937 tot 1945 lektor aan die Pretoriase Tegniese Kollege was, tree hy in 1946 in die diens van die Universiteit van Pretoria as lektor in Fisika, en hy word in 1956 tot senior lektor bevorder. Naas 'n aantal wetenskaplike publikasies, sommige saam met prof. Verleger, was hy die skrywer van en medewerker aan verskeie handboeke vir skoliere en studente. Hy dien ook jare lank as moderator van die Natuur- en Skeikundeeksamens van die Transvaalse Onderwysdepartement en die Gemeenskaplike Matrikulasieraad. Hy was medewerker aan die *Fisika-woordeboek* wat in 1977 verskyn het, en ook mede-opsteller van die afkortings van fisiese en verwante eenhede, 'n publikasie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Prof. Prinsloo was ook 'n bekende figuur op die rugbyvelde van die Universiteit, as afrigter van die onder 19- en onder 20-spanne. Ook was hy voorsitter van die keurkomitee vir die Noord-Transvaalse onder 20-span. Na 'n dienstyd van 33 jaar, tree hy met bereiking van die leeftydsgrens in 1979 uit die diens van die Universiteit.

Prof. Verleger is in 1972 deur prof. J.H. van der Merwe opgevolg. Johannes Hendrik van der Merwe is in 1922 op Humpata, Angola, gebore. Nadat hy in 1940 aan die Windhoekse Hoërskool gematrikuleer het, het hy aan die Universiteit van Stellenbosch die grade BSc (1943) en MSc (1945), albei met lof, behaal. In 1946 is hy as junior lektor aan hierdie Universiteit benoem, maar hy aanvaar die jaar daarop 'n aanstelling by die WNNR. Teen die einde van dié jaar gaan studeer hy aan die Universiteit van Bristol, waar die graad DPhil in 1950 aan hom toegeken is.

Hy keer reeds in 1949 terug na die WNNR, maar aanvaar in 1952 'n senior lektoraat in Fisika aan die Universiteit van Pretoria, waar hy in 1956 tot medeprofessor bevorder is. Intussen het hy in 1955 die MSc-graad in Suiwer Wiskunde aan die Universiteit van Pretoria behaal. In 1964 verhuis hy na die Universiteit van Port Elizabeth om daar hoof van die Departement Toegepaste Wiskunde en Fisika te word. Hy keer in 1966 terug na Pretoria as professor in Toegepaste Wiskunde aan die Universiteit van Suid-Afrika, en op 1 Januarie 1972 keer hy terug na die Universiteit van Pretoria om hoof van die Departement Fisika te word.

As wetenskaplike word prof. Van der Merwe hoog aangeskryf. In 1967 ontvang hy die Havengaprys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Met die stigting van die Instituut vir Mikrostrukture aan die Universiteit (later genoem die Carl en Emily Fuchs-instituut vir Mikroelektronika), het hy die eerste direkteur daarvan geword, later adjunk-direkteur. Hy word beskryf as "'n wêreldberoemde outoriteit op die gebied van epitaksie, 'n verskynsel wat onder andere toepassing vind in die ontwikkeling en vervaardiging van mikro-elektriese stroombane en toerusting". In Desember 1978 het prof. Van der Merwe op eie versoek uitgetree as hoof van die Departement Fisika om meer aandag aan navorsing en die opleiding van nagraadse studente te skenk. Hy het as volle professor aangebly.

Aan die begin van 1980 is prof. Van der Merwe deur prof. E.K.H. Friedland as hoof van die Departement Fisika opgevolg. Erich Karl Helmut Friedland is in 1923 in Neumünster, Duitsland, gebore. Na hy die matrikulasie-eksamen in Duisburg afgelê het, verhuis hy na Suid-Afrika waar hy in 1952 aan die Nasionale Fisiese Laboratorium van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die WNNR aangestel word. As na-uurse student aan die Universiteit van Pretoria, behaal hy in 1956 die BSc-graad in Fisika en Chemie en in 1958 die MSc-graad in Fisika. Intussen aanvaar hy in 1957 die pos van tegniese assistent aan die Universiteit van Pretoria, waar hy in 1959 tot lektor en in 1967 tot senior lektor bevorder is. Sy DSc-graad behaal hy in 1965 onder die leiding van medeprofessor H.R. Lemmer. Hy is die volgende jaar as gaswetenskaplike werksaam aan die Kernforschungszentrum in Karlsruhe, Duitsland.

Nadat hy in 1972 medeprofessor geword het, het prof. Friedland in 1974 in die Max Planck-institut für Kernphysik in Heidelberg, Duitsland, gewerk. Dit word gevolg in 1979 deur 'n tweede verblyf in Karlsruhe. Daarbenewens het hy sedert 1974 laboratoria in die VSA, Engeland, Nederland en Denemarke besoek. Sy belangstellingsveld is veral die basiese en toegepaste kernfisika.

Aangesien Fisika I ook vir verskeie ander studierigtings 'n basiese vereiste is, (dit is verdeel in kursusse A1, B1 en C1), is hierdie Departement een van die grootste in die Fakulteit. Ongelukkig is daar ook hier die klagte dat—na verhouding—weinig studente voortgaan na Fisika III en nagraadse studie. In 1960 was daar tien dosente aan die Departement verbonde, waaronder 'n professor (H. Verleger) en 'n medeprofessor (J.H. van der Merwe). In 1982 was die getal 21, waaronder drie professore (E.K.H. Friedland, J.H. van der Merwe en E. van Rooyen) en vier medeprofessore (C.A.B. Ball, J.G. Koen, L. Strauss en J.M. Lombaard). Prof. Van Rooyen het sedert 1977 die professoraat in Optika gevul. Prof. Koen was reeds in 1960 aan die Departement verbonde. Ereprofessore was: C.L. Clark en L.J. le Roux, 1973, en C.A. Engelbrecht, 1974–1980. Addisionele en medeprofessore was: H.R. Lemmer, 1964–1965, J.J. Henning, 1967–1970, en H.L. Gaigher 1976–1980.



Prof. J.D.J. Hofmeyr, Hoof, Departement Genetika, 1946–1965.

Departement Genetika

Die Departement Genetika, ook genoem *Oorerwingsleer*—die naam wat aanvanklik gebruik is, is in 1946 aan die Universiteit van Pretoria ingestel met prof. J.D.J. Hofmeyr as grondlêer. Gebore in 1903 in Pietersburg, het Johannes Dirk Jacobus Hofmeyr in 1925 die BSc(Agric)- en in 1927 die MSc-graad aan die Universiteit van Stellenbosch behaal en in 1930 die PhD aan die Cornell-universiteit. Aan die laasgenoemde inrigting het hy 'n driejarige kursus in Erflikheidsleer gevolg. Hy het daarna in 1931 as navorsingsbeampte aan die Nelspruitse Subtropiese Tuinbounavorsingstasie begin werk en belangrike resultate behaal met die kweek van nuwe variëteite papajas, tamaties en pynappels. Intussen het hy sy studie voortgesit en in 1941 'n tweede PhD-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika behaal.

Hy is in 1943 aangestel as senior lektor in Akkerbou aan die Universiteit van Pretoria en het in 1946, nog as senior lektor, hoof van die nuwe Departement Erflikheidsleer geword. Hy is in 1953 tot professor bevorder.

Prof. Hofmeyr het hom in die nuwe dissipline verdiep. Vir hom is die belangrikheid van hierdie wetenskap daarin geleë dat dit probleme van algemene belang, soos rassevermenging en die nadelige gevolge van inteling, behels. "Biologie in al sy vertakkinge," skryf hy, "is gebaseer op die wetenskap Genetika sodat verskillende Departemente van die Fakulteite Landbou, Wis- en Natuurkunde, Medisyne, Veeartsenykunde (en die Departemente) Sosiologie en Volkekunde daarby betrek is." Volgens hom moet leiding aan al die instansies van die Departement Genetika uitgaan. Prof. Hofmeyr het hom ook vroeg in sy loopbaan, in 1946, beywer vir die stigting van 'n Instituut vir Antropogenetika aan die Universiteit van Pretoria. So iets is in 1964 verwesenlik onder die beskerming van die Afrika-instituut.

Onder die besielende leiding van prof. Hofmeyr het die Departement uitgegroei tot die grootste in hierdie dissipline in Suid-Afrika, miskien omdat die uitkomste daarvan so aktueel (soms ook omstrede) vir Suid-Afrika is. Hy was lid van verskeie genetiese verenigings in Amerika en ook in Suid-Afrika. Ook was hy die stigter van die Suid-Afrikaanse Genetiese Vereniging en hy het 'n geruime tyd 'n belangrike rol daarin gespeel. Hy was ook lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en het in 1965 die Havengaprys vir Biologie ontvang.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. Hofmeyr het hom ook toegelê op die kweek van bastermielies, waarvoor hy baie van sy verlof opgeoffer het. Hy het verskeie kongresse in die buiteland bygewoon en by geleentheid institute in menslike genetika in Amerika, Engeland, Swede en Duitsland besoek. Hy het in 1965 met bereiking van die aftree-ouderdom uit die diens van die Universiteit getree, maar hy het daarna nog in 'n privaathoedanigheid met sy ondersoeke voortgegaan. Hy was enkele jare ook ereprofessor in sy ou Departement. Hy is in 1980 oorlede.

Sy opvolger as hoof van die Departement Genetika is prof. J.M.P. Geerthsen. Johannes Max Peter Geerthsen is in 1929 in Kiel, Duitsland, gebore, maar hy verhuis in 1935 saam met sy ouers na Suid-Afrika. Na sy skoolopleiding, onder andere aan die St. Johns College, Johannesburg, het hy aan die Universiteit van Stellenbosch gaan studeer en die BSc-graad in 1951 behaal. Hierna lê hy hom privaat toe op die verbouing van bastermielies by Clocolan, waar hy enkele jare geboer het. Aangestel as lektor aan die Universiteit van Pretoria in 1957, en in 1961 tot senior lektor bevorder, het hy die medewerker van prof. Hofmeyr op die terrein van die mielie geword. Hy het intussen voortgegaan met sy studie en in 1967 die DSc-graad met lof aan die Universiteit van Pretoria behaal.

Prof. Geerthsen is lid van verskeie liggame op sy vakgebied, onder andere die Suid-Afrikaanse Genetiese Vereniging, die Suid-Afrikaanse Biologiese Vereniging en die Suid-Afrikaanse Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap. Hy het af en toe werk vir die owerhede verrig, soos 'n ondersoek op die Makatini-vlakte, 'n besoek aan die Landboudepartement van Rhodesië en adviseur van die Sentrale Saadkwekerskoöperasie. Hy dien ook die Raad op Atoomkrag op 'n subkomitee om stralingstoepassing op landbouprodukte te ondersoek en is op die Komitee vir die Evaluering van Graangewasse.

Tot 1973 was Genetika 'n departement binne die Fakulteit Landbouwetenskappe, maar toe hierdie Fakulteit in 1974 van die Departement Landbou na die Universiteit van Pretoria oorgegaan het, en daar 'n rasionalisasie van departemente plaasgevind het, is Genetika by die Fakulteit Wis- en Natuurkunde ingedeel. Die Departement het in afwagting van 'n plek in die nuwe Landbougebou 'n swerwersbestaan gevoer. Tot 1965 was dit in die ou Landbougebou geleë, toe in die kelderverdieping van die gewese Weerkundegebou.

Departement Geografie

Die woord *geografie* is van Griekse aansprong : *geo* = aarde, *graphos* = beskrywing; dus letterlik: beskrywing van die aarde, of ook kennis van die aarde of aardryk, soos ons dit vind in die benaming *aardrykskunde*. Tot 31 Desember 1981 was hierdie Departement aan die Universiteit van Pretoria dan ook bekend as die Departement Aardrykskunde. *Geografie* is internasionaal. In Engels en Frans word dit geskryf *geography*, in Nederlands en Duits *geographie* (in elkeen van die vier gevalle verskillend uitgespreek).

Kennis van die aarde veronderstel die aarde as woongebied van die mens. Vandaar dat geografie as 'n mensgerigte ruimtelike wetenskap getipeer word. Mensgerig hou dit hom besig met verskynsels soos bevolkingstoename, krimpende lewensruimte, uitputting van natuurlike hulpbronne, besoedeling, en so meer. Ruimtelik het dit nie net te doen met beskrywing van die kenmerke van die aarde nie, maar probeer dit ook menslike en natuurverskynsels te verklaar en voorspellings te waag.

Geografie neem 'n tussenposisie in tussen die natuurwetenskaplike en die humane wetenskappe. Die departement beklee dan ook 'n plek sowel in die Fakulteit Wis- en Natuurkunde as in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Om dié rede word die vak 'n brugwetenskap genoem.

Trouens, geografie word dikwels verdeel in twee hoofafdelings, *fisiese* en *menslike geografie*. Onderafdelings van fisiese geografie is byvoorbeeld geomorfologie, klimatologie, bio- en grondgeografie. Onderafdelings van menslike geografie is onder andere stedelike, ekonomiese, politieke en bevolkingsgeografie.

In 1960 was daar drie dosente aan die departement verbonde : prof. G.H. (Gerrie) Scheepers, dr. C.F. (Pyp) Hugo en mnr. J.H. (Tucker) Vorster. Van die drie was dr. Hugo op daardie stadium die langste aan die Universiteit verbonde: sedert 1926, eers as lektor en later as senior lektor. Hy het tydens die oorlog, in die afwesigheid van die destydse hoof, prof. F.E. Plummer, as departementshoof waargeneem. By sy uittrede in 1963 was dr Hugo 37 jaar aan die universiteit verbonde. Hy is in 1982 oorlede. Mnr. J.H. Vorster is in 1950 as lektor in die Departement aangestel nadat hy vroeër van 1944 tot 1946, as assistent daaraan verbonde was. Hy tree in 1982, na 32 jaar, uit die diens.

Prof. G.H. Scheepers was 34½ jaar in die diens van die Universiteit toe hy in 1974 afgetree het. Gert Hendrick Scheepers is op 2 November 1909 op Standerton gebore en hy ontvang sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria: BSc 1930 (met lof), THOD 1934 (met lof) en MSc 1935. Dan het hy ook 'n BA-graad in 1936 aan die Universiteit van Suid-Afrika behaal en sy DSc-graad (met die hoogste onderskeiding) in 1938 aan die Universiteit van Hamburg, Duitsland. Aanvanklik dien hy die departement as demonstrateur gedurende die jaar 1933. Daarna is hy onderwyser aan verskeie skole. Intussen het hy in 1934 in tydelike hoedanigheid terugkeer na die Departement om waar te neem vir dr. C.F. Hugo, wat toe in die buiteland studeer het, en weer tydens die oorlog vir prof. Plummer, om van 1 Januarie 1946 af 'n vaste aanstelling as lektor te kry. Dr. Scheepers is op 1 Januarie 1949 tot senior lektor bevorder (met die instelling van 'n afdeling Weerkunde binne die Departement), en vanaf 1 Januarie 1950 tot professor in en hoof van die Departement Aardrykskunde na die vroegtydige aftrede van prof. Plummer om gesondheidsredes.

Behalwe vir sy akademiese werksaamhede, het prof. Scheepers jare lank opgetree as hoofopsiener tydens eksamens en as afrigter van rugbyspanne.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hy was lank eresekretaris van die Rugbyklub, van 1951 tot 1953 president en vanaf 1954 lewenslange erepresident daarvan. In 1967 het hy tydens studieverlof 'n opname van die klimaatstreke van Suid-Afrika gemaak volgens die indeling van Köppen en Thornwaite, waarvoor hy heelwat reise onderneem het. Die resultate het in 'n publikasie verskyn. Hy tree in 1974 uit die diens van die Universiteit na bereiking van die aftreeleeftyd en word opgevolg deur prof. P. Smit.

Philippus Smit is op 22 Junie 1936 op Williston gebore. Sy universitêre opleiding geniet hy aanvanklik op Stellenbosch : BA 1958, BA(Hons) 1960 en MA 1962. Sy DPhil-graad behaal hy in 1965 aan die Universiteit van Suid-Afrika. In 1960 word hy tegniese assistent in die Departement Aardrykskunde, Universiteit van Stellenbosch, en in 1961 tydelike lektor. Van 1962 tot 1963 is hy lektor aan die Universiteit van die Noorde, in 1964 lektor by UNISA, van 1965 tot 1971 navorser aan die Afrika-Instituut van Suid-Afrika, Pretoria, en in 1972 professor in en hoof van die Departement Aardrykskunde aan die Universiteit van Suid-Afrika.

Prof. Smit is 'n begaafde en ywerige navorser. Van 1960 tot 1962 doen hy navorsing in Suidwes-Afrika, wat neerslag vind in sy MA-verhandeling *Die hawe- en verkeerstruktuur van Suidwes-Afrika*. In 1962 werk hy saam met prof. Louw van die Universiteit van die Noorde aan 'n projek waaruit sy doktorale proefskrif, *'n Vergelykende geografiese studie van grondverbruik in die Bantoegebiede van Noord-Transvaal*, voortgekom het. Daarna volg navorsing oor swart woongebiede in Suid-Afrika en oor Lesotho, Swaziland, Botswana, Rhodesië en Malawi. In 1966 is hy deur die regering van Lesotho uitgenooi om advies oor 'n sensusopname te gee. In 1971 woon hy 'n konferensie in Frankryk by oor ontwikkelingsprobleme in Afrika en hy besoek institute in België, Nederland en Brittanje. In dieselfde jaar lewer hy 'n referaat op 'n simposium in Washington. In 1972 word die Stalsprys vir Aardrykskunde aan hom toegeken en deel hy 'n verdere Stalsprys vir Afrikanistiek met dr. G.M.E. Leistner.

Gedurende 1978 onderneem prof. Smit 'n studiebesoek aan Brittanje, Switserland, Duitsland en Israel, waar hy talryke inrigtings op sy vakgebied besoek. By sy terugkeer maak hy gewag van die "geweldige ontwikkeling ... in geografie en op wetenskaplike gebied ten opsigte van nuwe teorieë, interdissiplinêre navorsing en ontwikkeling van die universiteitswese in die algemeen," en hy waarsku dat ons groot gevaar loop om op wetenskaplike gebied agter te raak. In 1979 volg weer 'n reis op uitnodiging van die United States Science Foundation en hy lewer 'n seminaar in New York oor ontwikkeling in Suid-Afrika.

Onder leiding van prof. Smit het die Departement Geografie goed gevorder. Die studentetal het gegroei van 221 in 1974 tot 525 in 1978. Nuwe leerplanne is ingestel en die praktika is hersien. Alle derdejaar- en nagraadse studente is tot veldwerk verplig. In die Departement is daar 'n weerstasie met behulp van die Suid-Afrikaanse Weerburo opgerig.



Prof. P. Smit, Hoof, Departement Geografie, 1974–1980.

Prof. Smit tree in 1980 uit die diens van die Universiteit toe hy 'n aanbod aanvaar om vise-president van die RGN te word.

Hy is vanaf 1 Julie 1980 opgevolg deur prof. P.S. Hattingh as hoof van die Departement Geografie. Phillippus Stefanus Hattingh is op 19 Augustus 1938 in Germiston gebore. Hy ontvang sy universiteitsopleiding aan die Universiteit van die Witwatersrand: BA 1960, BA(Hons) 1961, MA 1966. Die graad DLitt et Phil behaal hy in 1975 aan die Universiteit van Suid-Afrika. Sy professionele loopbaan verloop soos volg: onderwyser 1962–1964, lektor 1964–1969 en senior lektor 1969–1972 (albei die laasgenoemde aan die Universiteit van die Noorde), senior navorser aan die Afrika-Instituut 1972–1977, professor aan die Universiteit van die Noorde sedert 1978, vanwaar hy in die bogemelde aanstelling na die Universiteit van Pretoria gekom het.

Onder prof. Hattingh het die Departement die rigting wat prof. Smit daaraan gegee het, voortgesit. Dit bly sterk praktykgerig omdat "daar geglo word dat geografie nie net 'n skoolvak of 'n nuttige vak vir 'n mens se algemene kennis is nie, maar gemoeid kan wees met die probleme waarmee die mens vandag te doen het". Dosente in die Departement is betrokke by aardrykskundige onderwys op skool- en kollegevlak en hulle lewer gereëld refe-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

rate op konferensies en simposia. Personeel is dikwels gemoeid met multidisiplinêre navorsing en hulle doen ook gereeld kontraknavorsing vir staatsdepartemente en provinsiale en lokale owerhede. Navorsing handel veral oor ontspanningsgeografie en die swart bevolking en verstedeliking.

Naas prof. Hattingh, is dr. J.N. Steyn in 1981 bevorder tot medeprofessor. Gebore op 20 Maart 1943 op Upington, het Jacobus Nicolaas Steyn sy opleiding aan die Universiteit van Stellenbosch ontvang: BA 1963, SOD 1964, MA 1968, DPhil 1972. Van 1966 tot 1968 was hy lektor en later senior lektor aan die Universiteit van Zoeloeland, van 1969 tot 1974 lektor aan die Universiteit van Stellenbosch en vanaf 1 Januarie 1975 senior lektor aan die Universiteit van Pretoria. Prof. Steyn is lid van die Advieskomitee vir Ontspanningsnavorsing en was van 16 September tot 15 November 1981 na die RGN gesekondeer vir die skrywe van 'n verslag oor sportfasiliteite.

Departement Geologie

Die term *geologie* is via Latyn afgelei van Grieks: *geo* = aarde + *logos* = kennis van. In Engels heet dit *Geology*, in Nederlands, Duits en Frans *Geologie* hoewel telkens anders uitgespreek. Die benaming *Aardkunde* word ook in Nederlands en Afrikaans gebruik. Soos die laasgenoemde aandui, is Geologie die wetenskap van die aarde. Dit behels "die studie van die ontstaan, struktuur, samestelling en gedrag van die aarde as 'n geheel en in besonder van die toeganklike aardkors soos dit blootgestel word op die oppervlakte en in uitgrawings, myne en boorgate."

Uiteraard is die vakgebied omvattend en kom daar baie onderverdelings voor. Die vier hoofafdelings is: Mineralogie en Petrografie (die gesteentes en minerale waaruit die aarde opgebou is), Struktuurgeologie (die vorm, struktuur en onderlinge verhoudings van die gesteentes), Fisiese of Dinamiese Geologie (die geologiese prosesse wat veranderings in die aarde meebring) en Historiese Geologie (die chronologiese opeenvolging van hierdie veranderings). Tans sluit Geologie ook die studie van ander hemelliggame as die aarde in.

Hoe die aarde geword het wat hy vandag is, wat sy samestelling is, ens., dit is vrae wat reeds in die oudheid gevra is en wat tot vreemde gissings en teorieë aanleiding gegee het. Maar die moderne Geologie het eers in die laat agtiende en vroeg negentiende eeu vorm aangeneem na aanleiding van die werk van twee Skotse geleerdes, James Hutton (1726–1797) en Charles Lyell (1797–1875), wat die sogenaamde aktualiteitsbeginsel in die geologiese navorsing ingebring het.

Geologie is een van die eerste vakke wat aan die Universiteit van Pretoria gedoseer is, reeds in die wordingsjare van die Transvaalse Universiteitskollege, en wel sedert 1908. Waar die personeel van die Departement in 1960 uit een professor, twee senior lektore en een lektor bestaan het, het dit teen 1983 aangegroei tot vier professore, een honorêre professor, een medeprofessor, vier senior lektore en twee lektore. In 1960 was prof. J. Willemse hoof van die Departement. Hy het prof. B.V. Lombaard in 1952 opgevolg.



Prof. J. Willemse, Hoof, Departement Geologie, 1952–1967.

Johannes Willemse is in 1909 gebore en studeer aan die Universiteit van Pretoria waar hy die BSc-graad in 1930 en die MSc-graad in 1932 met lof behaal. In 1933 tree hy in diens van die afdeling Geologiese Opname van die Departement van Mynwese. Hy vertrek in 1934 na Europa, waar hy in Aken Ertsmikroskopie bestudeer en in 1936 aan die Universiteit van Zürich promoveer. Daarna studeer hy nog Gefügekunde in Innsbruck en hy keer in 1937 terug na Geologiese Opname. Gedurende die oorlog was hy in bevel van 'n ondersoek na die voorkoms van lood in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika. Origens voltooi hy oor die jare 'n hele aantal opnameprojekte, meestal in Noord- en Oos-Transvaal. Hy was lid van die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika (president in 1958) en dien op 'n komitee vir die samestelling van 'n geologiese vakwoordelys. In 1952 word hy aangestel as professor in en hoof van die Departement Geologie aan die Universiteit van Pretoria.

Gedurende sy verlof in 1960, onderneem prof. Willemse 'n studiereis wat die hele jaar in beslag neem, en ongeveer die hele Europa dek. Hy besoek geologies interessante plekke en universiteite en woon die Internasionale Geologiese Kongres in Kopenhagen by. In 1966 word die Jubileum-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

medalje van die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika aan hom toegeken vir die mees uitstaande wetenskaplike publikasie van daardie jaar.

Onder sy leiding het navorsing oor die Bosveldkompleks eintlik op dreef gekom. Dit ontwikkel later tot die stigting van 'n instituut. Ook is daar tydens sy hoofskap twee nuwe vakgebiede, te wete Mynbougeologie, wat aansluit by die graadkursus in Mynbou-ingenieurswese, en Toegepaste Geofisika by die departement ingestel.

Van prof. Willemse skryf mnr. Simon Zagt, sy jarelange kollega, so: "Prof Willemse het 'n ywer aan die dag gelê wat nie maklik oortref sal kan word nie ... Hy het letterlik Geologie gelewe—enige plek, enige tyd ... 'n Ander kenmerk van prof. Willemse was dat hy niks sonder die nodige grondige bewyse aanvaar het nie. Om te stry oor enige onderwerp was sy lewe en niks het hom so teleurgestel as dat mense met hom saamstem nie." Sy skielike afsterwe op 27 November 1967 het as 'n groot skok gekom.

Sy opvolger was prof. D.J.L. Visser, eers as waarnemende en sedert 1 April 1968 as permanente hoof van die Departement Geologie. Dirk Jacobus Leonardus Visser is in 1912 gebore. Hy ontvang sy opleiding aan die Universiteit van Stellenbosch: BSc 1933 (vier hoofvakke met lof), daarna MSc, waarvan hy slegs die teoretiese gedeelte voltooi voor hy in Julie 1934 in die diens van die afdeling Geologiese Opname van die Departement van Mynwese tree. Sy doktorsgraad (DSc Geologie) behaal hy in 1939, ook aan die Universiteit van Stellenbosch.

Gedurende sy verbintenis met die Geologiese Opname, waar hy in 1946 tot senior geoloog bevorder is, doen hy opnames oor 'n wye terrein, van Suid-Kaapland tot Noord-Transvaal. Hy doen onder andere geo-argeologiese opnames in die bekkens van die Klein Caledon en die Vaal, en geotegniese navorsing oor die Oranje-Vis-besproeiingstonnel.

Prof. Visser se loopbaan aan die Universiteit van Pretoria begin in Julie 1954, toe hy as senior lektor in die diens van die Departement Geologie getree het. In 1964 word hy bevorder tot medeprofessor. Ook hy was jarelank verbonde aan die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika, van 1948 tot 1974 op die bestuur en in 1956 as president. Van 1962 tot 1976 was hy ereredakteur van die Vereniging se publikasies. Hy werk ook mee aan die *Tweetalige lys geologiese en verwante terme*.

Prof. Visser word op 1 Januarie 1978 deur prof. G. von Gruenewaldt as professor in en hoof van die Departement Geologie opgevolg. Gerhard von Gruenewaldt is in 1942 gebore. Aan die Universiteit van Pretoria behaal hy in 1964 die BSc-, in 1967 die MSc- (met lof) en in 1972 die DSc-graad. Aangestel as lektor in die Departement, word hy in 1974 tot senior lektor bevorder en in 1975 tot professor toe hy direkteur van die Instituut vir Geologiese Navorsing op die Bosveldkompleks geword het. Buitelandse ondervinding doen hy in 1974 op toe hy in München met behulp van 'n elektromikroanaliseerder ondersoek gedoen het in 'n chromiet- en pirokseenprojek. Hy het verskeie ander universiteite ook besoek en enkele lesings oor die Bosveldkompleks gelewer.



Prof. D.J.L. Visser, Hoof, Departement Geologie, 1967–1978.

Ander professore binne die Departement is proff. C.P. Snyman en E.B. Förtsch (medeprofessor), wat respektiewelik in 1978 en 1980 bevorder is, altwee oud-studente van die Universiteit van Pretoria wat hulle studie in die buiteland afgerond het, respektiewelik aan die universiteite van Bonn en Freiburg.

Nog 'n naam onder die dosente wat genoem moet word, is dié van Simon Zagt, senior lektor, sedert 1948 in die diens van die Departement, iemand wat hom veral die belange van die student aangetrek het. "Sy vaderfiguur was al vir talle eerstejaarstudente 'n ware uitkoms in tyd van nood," getuig een van sy kollegas. Mnr. Zagt is ook die inisieerder van die jaarlikse saamtrek van oudstudente waarmee die band met die verlede lewend gehou word.

Departement Huishoudkunde en Dieetkunde

Soos die naam aandui, handel Huishoudkunde oor huishouding. Dit is 'n dissipline wat ondersoek instel na die beste wyse waarop die huishouding ingerig kan word. Huishouding behels 'n huis of tuiste en 'n gesin. So 'n gesin het behoeftes: 'n dak bo die kop, voedsel en kleding, maar ook baie an-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

der behoeftes van 'n sosiale, sielkundige en estetiese aard. Hoe om aan hierdie behoeftes te voldoen, is die studieveld van die huishoudkundige. Vanselfsprekend speel die vrou en moeder die belangrikste rol in die gesin en in die huishouding. Daarom vind ons dat Huishoudkunde veral op die vrou gerig is. Die doserende personeel bestaan aan die Universiteit van Pretoria uitsluitend uit vroue.

Soos uit sy ontstaansgeskiedenis blyk, het hierdie Departement aan die Universiteit van Pretoria 'n Amerikaanse grondslag. Dit is tans nog Amerikaans georiënteerd. Vandaar dat Huishoudkunde deur die Departement met die volgende Amerikaanse definisie omskrywe word: "Home Economics/Human Ecology is an applied science and helping profession which seeks to contribute to the welfare of families and individual family members as a conceptual focus and an organic whole in the near environment."

Dieetkunde is nou verbonde aan Huishoudkunde, maar het bestaansreg as 'n selfstandige dissipline. Dit behels "die basiese kennis van die liggaam se voedingsbehoeftes, nutriënte, hul samestelling, interverwantskappe en fisiologiese reaksies, voedingsbehoeftes gedurende verskillende stadia van die lewensiklus onder normale en abnormale of siektetoestande; die terapeutiese rol van voeding, administrasie en beheer van voedselvoorsiening en die opvoeding van die mens in die keuse en gebruik van voedsel vir goeie gesondheid"—soos 'n definisie van die Departement lui.

Wat die oorsprong van Huishoudkunde betref, word daarop gewys dat vakke soos Naaldwerk en Kookkuns reeds aan die einde van die agtiende eeu in Amerika as skoolvakke gedoseer is. Dit sou egter tot 1869 duur voor Huishoudkunde as Domestic Economy vir die eerste keer aan 'n universiteit verskyn. Dit was die Iowa State University, soos dit tans genoem word. In Suid-Afrika het die eerste universiteitsdepartemente in Huishoudkunde in 1925 op Stellenbosch en in 1927 in Pretoria tot stand gekom.

Ten opsigte van die inhoud van die dissipline, vorm die natuurwetenskappe Chemie, Fisika, Fisiologie, Biochemie en Mikrobiologie 'n belangrike basis. Vandaar dat Huishoudkunde dan ook onder die Fakulteit Wis- en Natuurkunde ressorteer. Mettertyd is daar besef dat te veel klem op die natuurwetenskappe gelê word en dat dit die dissipline eensydig maak. Na 1960 het daar heelwat verandering gekom in die kursusse wat aangebied is.

In 1961 is die BSc-kursus in Dieetkunde van vier tot drie jaar verkort. Om te vergoed vir die vierde jaar wat wegval, is 'n honneurskursus in Dieetkunde van 1961 af ingestel.

Die leergang BSc(Huishoudkunde)(Onderwyskeuse) is in 1968 verander na 'n vierjarige leergang met onderwyskeuse, waarvan die vierde jaar sommige vakke insluit wat vir die Hoër Onderwysdiploma vereis word.

In 1960 is die kursus Diploma (Hospitaaldieetkunde), een jaar na die verkryging van die graad, ingestel. In 1963 het nuwe regulasies vakansiewerk tydens die graadopleiding verpligtend gemaak, en in 1965 is Noodhulp en Tuisverpleging by die graadkursus ingevoeg. Op aandrang van werkgewers het die graadopleiding van 1971 af meer gespesialiseerd geraak. Daar is vier kursusrigtings ingestel, te wete: Voedsel en Voeding, Kleding en Huismeubilering, Huishoudkunde Algemeen en Huishoudkunde Onderwyskeuse. Met die algemene herorganisasie wat Opvoedkunde aan die begin van die jare sewentig ondergaan het, is die kursus Huishoudkunde (Onderwyskeuse) in 1974 vervang deur BSc(Huishoudkunde)(Ed) waarvoor ook die twee rigtings Kookkuns-Voedingsleer en Kleding-Naaldwerk as keuse ingestel is. Die Departement het toe ook lid van die Fakulteit Opvoedkunde geword. Met ingang 1977 is 'n DSc-graad in Huishoudkunde en Dieetkunde ingestel.

Die Departement het goed vooruitgegaan. In 1974 was daar 'n totaal van 74 studente, onder wie 47 eerstejaars. In 1980 was die getal 200, van wie tien honneurskursusse gevolg het, agt MSc en twee DSc. In 1966 het die studente 'n Huishoudkunde- en Dieetkunde-vereniging gestig.

Van agt in 1960, het die aantal dosenteposte aangegroei tot 14 in 1982. Na die uittrede van prof. M.J. Davidtsz in 1951 was mej. E.M. Ackerman, eers as senior lektrise en van 1964 af as professor, hoof van die Departement.

Esther Magdalena Ackerman is op 18 Februarie 1911 in Pretoria gebore, waar sy ook haar skool- en universiteitsopleiding ontvang het. Sy behaal in 1932 die graad BSc(Dom Sc) aan die Universiteit van Pretoria. Na enkele jare in die onderwys, gaan sy vir verdere studie na Amerika en behaal in 1939 die MSc-graad in Voedingsleer en Fisiologie aan die Cornell-universiteit. Terug in die vaderland, werk sy agtereenvolgens as onderwyseres, as voorligster van die Departement Landbou en as lektrise aan die Universiteit van Stellenbosch. In 1945 word sy lektrise en van 1948 af senior lektrise aan die Universiteit van Pretoria. Gedurende 'n tweede verblyf in Amerika, verwerf sy die MA-graad in Dieetterapie, Inrigtingsbestuur en Opvoedkunde aan die Universiteit van Columbia.

Buite die universiteit het prof. Ackerman dikwels as voorligster en adviseur opgetree, talle lesings en demonstrasies gehou, meestal met publikasies daaraan verbonde. Sy het by geleenthede in verskeie komitees diens gedoen, onder andere 'n komitee vir die beplanning van 'n opleidingsprogram vir swart dieetkundiges, geloods deur die Departemente Gesondheid en Bantoeonderwys. Origens was sy 'n stigterslid en eerste voorsitster van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Dieetkunde en Huishoudkunde; by geleentheid bestuurslid van die Suid-Afrikaanse Biologiese Vereniging; en vise-president van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Universiteitsvroue. By haar aftrede in 1975, het daar oud-studente die E.M. Ackerman-beursfonds in die lewe geroep.

Sy word 1 Januarie 1976 opgevolg deur prof. E. Boshoff as professor in en hoof van die Departement Huishoudkunde en Dieetkunde. Elizabeth Boshoff, gebore Heyl, is op Ermelo gebore en sy het haar skoolopleiding daar ontvang. In 1961 behaal sy die graad BSc(Huishoudkunde) aan die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Universiteit van Stellenbosch en in 1965 die graad MSc(Huishoudkunde) aan die Iowa State University in Amerika. Na haar terugkeer in Suid-Afrika, verwerf sy die DSc(Huishoudkunde)-graad aan die Universiteit van Stellenbosch. Sy was vanaf 1962 lektrise en vanaf 1968 senior lektrise aan die laasgenoemde universiteit. In 1970 woon sy 'n somerskool oor Methods of Education aan die University of Minnesota by en sy besoek in 1975 die Michigan State University.

Met die groei van studentegetalle het ruimtegebrek al groter probleme geskep. Waar die Departement in 1927 in die Landbougebou in vier kamers gehuisves was, verhuis dit in 1957 na die nuwe gebou vir Huishoudkunde en Aardrykskunde, waar ses laboratoriums, 'n lesingsaal en 'n paar kantore betrek is. Ook dit het te klein geword en in 1979 verhuis die Departement terug na die ou Landbougebou, wat, na dit in 1975 gedeeltelik afgebrand het, herstel en behoorlik ingerig is. Hier is die Departement in die hele boonste en 'n vleuel van die onderste verdieping gerieflik gehuisves: 12 laboratoria, met die modernste uitrusting, en twee lesingsale, benewens kantore, ens.

Op 11 en 12 Oktober 1979 is die vyftigjarige bestaan van die Departement en die ingebruikneming van die nuwe lokale luisterryk gevier. Onder andere is die verrigtinge bygewoon deur die twee vorige hoofde van die Departement, proff. Jess Davidtsz en Esther Ackerman.

Prof. H.G.W.J. Schweickerdt, Hoof, Departement Plantkunde, 1952–1963.

Departement Plantkunde

Die oorspronklike Departement Plantkunde is in 1952 op aanbeveling van die destydse hoof, prof. M.G. Mes, in twee afsonderlike departemente verdeel: Algemene Plantkunde, met prof. H.G.W.J. Schweikerdt professor en hoof (die Louis Botha-leerstoel), en die Departement Plantfisiologie en Biochemie, met prof. M.G. Mes professor en hoof (die Bertha Stoneman-leerstoel). Prof. Mes is in 1959 oorlede en is toe deur dr. Nathanaël Grobbelaar as waarnemende hoof opgevolg. Prof. Schweikerdt tree met bereiking van die ouderdomsgrens in 1963 uit die diens van die Universiteit.

Herold Georg Wilhelm Johannes Schweikerdt is in 1903 gebore en het die begin van sy opleiding aan die Transvaalse Universiteitskollege geniet, waar hy in 1924 die BSc-graad behaal het. Hierna het hy sy studie in die Plantkunde aan die Universiteit van Bonn voortgesit en in 1928 die doktorsgraad behaal. Terug in Suid-Afrika aanvaar hy 'n aanstelling aan die Universiteit van Pretoria, maar hy bedank dit in 1931 om by die Nasionale Herbarium te gaan werk. Hy is in 1934 oorsee gestuur om by Kew taksonomiese probleme in verband met Suid-Afrikaanse plantkundige materiaal te ondersoek. Hy besoek verskeie Europese sentra vir plantkundige navorsing en word 'n betrekking by Berlyn-Dahlem aangebied, maar hy besluit om na Suid-Afrika terug te keer en 'n pos by die Universiteit van Pretoria te aanvaar, waar hy in 1952 tot professor in en hoof van die Departement Algemene Plantkunde bevorder is.

Prof. Schweikerdt het as wetenskaplike wye erkenning geniet. In 1961 is die Havengaprys deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom toegeken en ook die Senior Kaptein Scott-medalje deur die Suid-Afrikaanse Biologiese Vereniging. Hy het aan die Universiteit 'n herbarium aangeplant en ontwikkel, wat later na hom vernoem is. Hy het in 1963 uit die diens van die Universiteit getree en is in 1977 oorlede.

Dr. Nathanaël Grobbelaar is in 1961 bevorder tot professor in en hoof van die Departement Plantfisiologie en Plantbiochemie. Hy is in 1928 in Port Elizabeth gebore. Hy het die BSc-graad aan die Universiteitskollege Rhodes behaal, die MSc in Plantkunde aan die Universiteit van Pretoria en die PhD-graad aan die Cornell-universiteit in die VSA, wat hy in 'n later stadium weer besoek het om sekere ondersoeke te doen. Prof. Grobbelaar was en is nog besonder ywerig met navorsing in sy vakgebied. Hy behoort aan talle liggame en het 'n aktiewe aandeel aan kongresse gehad so wyd verspreid as Helsinki, Ottawa en Canberra. Talle boeke en ander publikasies staan op sy naam, sommige in medewerking met kollegas.

Prof. Schweikerdt is deur prof. H.P. van der Schijff opgevolg as hoof van die Departement Algemene Plantkunde. Hermanus Philippus van der Schijff het sy opleiding aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO ontvang: BSc, MSc en DPhil, die laasgenoemde met lof. Sy proefskrif is oor 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Ekologiese studie van die flora van die Krugerwildtuin. Hy was vier jaar lank in diens van die Nasionale Parkeraad. Daarna word hy in 1955 vakkundige beampte in die Departement Weidingsleer, Fakulteit Landbouwetenskappe, in 1956 lektor in die Departement Algemene Plantkunde, in 1961 senior lektor en in 1963 professor en hoof.

Albei departemente het ten spyte van 'n knaende ruimtetekort voortdurend uitgebrei. Plantkunde was baie jare lank gehuisves in ses verskillende geboue, die hoofplantkundegebou, die Dosente III-gebou, die Bertha Stonemangebou, die Vetmangebou, die Batemangebou en die glashuiskompleks. Die laasgenoemde is omstreeks 1967 vergroot teen 'n koste van R30 000.

In 1962 het mnr. W.C. van Wyk 'n pragtige versameling van 94 inheemse houtsoorte aan die Departement Algemene Plantkunde geskenk.

Plantmorfologiese, taksonomiese en ekologiese studies van Suid-Afrikaanse plantsoorte is onderneem en die plantegroei van die Oos-Transvaalse berge en die Zoeloelandse kusgebied is bestudeer. In 1968 het die Departement Algemene Plantkunde sekere werksaamhede in die Hoëveldse Botaniese tuin op Sasolburg onderneem. As vergoeding daarvoor is 'n luukse bus ontvang waarop Plantkunde die voorkeur gehad het. Ook is daar later, in 1979, met die Vendaherbarium saamgewerk om skaars plantsoorte wat in beperkte gebiede groei, te versamel. Sedert 1973 word 'n floristies-ekologiese opname van die plaas Greefswald aan die Limpopo gedoen. Die plaas is aan die Universiteit ter beskikking gestel, veral vir die argeologiese opgrawings wat daar gedoen word.

Die Departement Plantfisiologie en Plantbiochemie het veral op die gebiede van stikstofbinding en fluoormetabolisme gekonsentreer. Ooreenkomstig die beleid van konsolidasie is die twee departemente in 1975 verenig tot een Departement Plantkunde, met prof. N. Grobbelaar as hoof. Prof. Van der Schijff het in hierdie jaar uit die diens van die Departement getree om permanente dekaan van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde te word.

Daar is voortgegaan om te konsentreer op Plantfisiologie en morfologie. Aangesien nie een van die Afrikaanse universiteite in Planttaksonomie gespesialiseer het nie, is hierdie rigting binne die Departement spesiaal uitgebou, asook die Schweikerdt-herbarium. Ook is meer aandag aan die ekofisiologiese benadering gegee.

Die permanent voltydse doserende personeel van die Departement het aangegroei tot 16 in 1982. By konsolidasie is die Louis Botha-leerstoel behou. Vanaf 1 Januarie 1976 is prof. C.H. Bornman daarin bevorder. Hy was 'n produk van die Universiteit van Stellenbosch en daarna die Universiteit van Kalifornië, waar hy in 1964 die PhD-graad verwerf het. Hy vertrek in 1979 en is opgevolg deur prof. P.J. Robbertse, wat reeds vanaf 1972 medeprofessor was. Origens kan genoem word prof. J.G. Small en twee medeprofessore, A. Eicker en G.K. Theron. In 1961 is daar 'n lektoraat, later 'n senior lektoraat, in Biologie ingestel, waarin dr. J.J. Theron benoem is, maar toe hy in 1970 afgetree het, het dit verval.

Die jaar 1979 was opvallend in dié opsig dat 'n reeks van vyf handboeke verskyn het, waaraan tien personeellede onder die leiding van prof. Grobbelaar saamgewerk het.

Departement Rekenaarwetenskap

Die woord *rekenaarwetenskap* is 'n direkte vertaling van *computer science*. Die Departement Rekenaarwetenskap het eers in 1977 as 'n selfstandige departement tot stand gekom; voor die tyd was dit 'n onderafdeling van die Departement Statistiek. Sedert 1975 is dit die Departement Statistiek en Rekenaarwetenskap genoem. Die getal studente wat Rekenaarwetenskap gevolg het, het so toegeneem dat dit in 1977 as 'n aparte departement afgeskei het.

Om te voorsien in 'n groeiende behoefte, is die eerste syferrekenaar al in 1964 aangeskaf. Dit was model 1620 van IBM. Maar dit was spoedig ontoereikend en kon nie aan die groot vraag voldoen nie. In 1966 is daar besluit om 'n groter en kragtiger rekenaar aan te koop. Dit was model 1130, ook van IBM. Daarbenewens is ook 'n analoogrekenaar aangeskaf, 'n model TR48 van FAI, wat van besondere belang is vir grafiese voorstellings en die oplos van differensiale vergelykings. Die syferrekenaar word intensief gebruik vir navorsing en opleiding, asook deur talle wetenskappe en deur die administrasie van die Universiteit. Dit is in die kelderverdieping van die Wiskundegebou geleë. Daar is 'n beheerkomitee aangestel, waarvan prof. F.G. Heymann aanvanklik die voorsitter was.

Vanweë die toenemende vraag na opgeleides in die rekenaarwetenskap is daar vanaf 1967 'n BSc-kursus met hierdie vak as een van die hoofvakke in die Departement Statistiek ingestel. Later het dit ook in ander kursusse tereg gekom. Sowel teoretiese as praktiese onderrig word verskaf. Dit gaan om die wetenskap van die gebruik van die rekenaar en nie om die rekenaar self nie.

In 1969 het die Universiteitsraad met waardering daarvan kennis geneem dat ICL dit oorweeg om R150 000 aan die Universiteit te skenk vir die instelling van 'n leerstoel in Rekenaarwetenskap. Die Raad self het 'n bedrag van R65 000 goedgekeur vir die huisvesting van die nuwe syferrekenaar.

Soos gesê, het die Departement Rekenaarwetenskap in 1977 tot stand gekom. Prof. R.J. van den Heever was die eerste hoof. Rudolf Johannes van den Heever het in 1959 op Parys, OVS, gematrikuleer en daarna verdere opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BSc in 1962 en MSc in 1965, albei met lof. Daarna is hy na Amerika waar hy die volgende kwalifikasies behaal het: MS aan die Stanforduniversiteit in Kalifornië in 1967, MEng aan die Berkeley-universiteit, ook in Kalifornië, in 1968 en die DPhil-graad in 1969 aan die laasgenoemde universiteit. Hy het hom daar veral toegelê op industriële ingenieurswese en operasionele navorsing.

In 1969 is hy aangestel as senior lektor in die Departement Statistiek en Rekenaarwetenskap aan die Universiteit van Pretoria; later is hy bevorder

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tot medeprofessor. In 1975 en 1976 was hy werksaam by IBM se grootste navorsingsentrum in Yorktown Heights, New York. In 1979 het hy 'n konferensie in Santa Cruz by die Universiteit van Kalifornië bygewoon en ook IBM se Cambridge Scientific Centre in Boston besoek. Sedert 1981 werk hy aan 'n omvattende woordeboek van rekenaarterme.



Prof. W.F. Beezhold, Hoof, Departement Toegepaste Wiskunde, 1937–1974.

Departement Toegepaste Wiskunde

"Toegepaste Wiskunde is daardie gedeelte van Wiskunde wat gaan oor die modellering van gedeeltes van die werklikheid met behulp van wiskunde, die wiskundige analise van die modelle en die vertolking/betekenisgewing van die resultate van die analise." Aldus prof. Niko Sauer, hoof van die Departement.

Die vak het in die beginjare 'n wisselvallige bestaan aan die TUK en later aan die Universiteit van Pretoria gehad. In 1937 het dit onder dr. Beezhold 'n selfstandige departement geword.

Willem Frederik Beezhold is in 1910 gebore. Sy opleiding ontvang hy aanvanklik aan die Universiteit van Pretoria: BSc, met Fisika en Wiskunde as hoofvakke, en MSc, albei met lof. Daarna het hy in Utrecht, Nederland, onder prof. H.A. Kramers in die Meganika studeer en die doktorsgraad met lof behaal. Hy het ook 'n tyd aan die Universiteit van Cambridge studeer.

By sy terugkeer het hy in die diens van die Pretoriase Tegniese Kollege getree. Hy is begin 1937 as senior lektor en hoof van die Departement Toegepaste Wiskunde aan die Universiteit van Pretoria aangestel. Onder hom het die Departement aansienlike vordering getoon, sodat hy vanaf 1 Januarie 1941 tot professor bevorder is. Hy was een van die jongste departementshoofde wat die Universiteit nog gehad het; sy bevordering tot professor op so 'n jeugdige leeftyd het in daardie tyd opspraak verwek.

Van hom is geskryf: "Naas 'n groot aantal tydskrifartikels het nie minder nie as vier handboeke oor Meganika van hom verskyn. Sy grootste enkele prestasie is waarskynlik die nuwe verskynsel wat hy in samewerking met Hamaker ontdek het, en waarna sedertdien in die wetenskaplike lektuur verwys word as die Hamaker en Beezhold-effek."

Hy was lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en was lank redaksielid van die *Tydskrif vir Natuurwetenskappe* en ook vaste medewerker van die Amerikaanse tydskrif *Review of Applied Mechanics*. Hy het die Universiteit as lid van die Biblioteekkomitee, later as voorsitter, gedien en was medeverantwoordelik vir die stigting van vakbiblioteke.

Ongelukkig het sy gesondheid hom later in die steek gelaat, met die gevolg dat hy aan die einde van 1973 op 63-jarige leeftyd uit diens van die Universiteit getree het.

Prof. Beezhold is op 1 Januarie 1974 deur prof. N. Sauer opgevolg. Niko Sauer is in 1939 op Heidelberg, Transvaal, gebore en het in 1956 die matrikulasie-eksamen in die eerste klas op Balfour afgelê. Daarna het hy aan die Universiteit van Pretoria studeer: BSc in 1960 met lof, met hoofvakke Wiskunde en Toegepaste Wiskunde, en MSc in 1962, gevolg deur die PhD aan die Universiteit van Suid-Afrika in 1966. Hy was van 1960 tot 1963 vakkundige beampte by die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en is in 1963 aangestel in die Nasionale Navorsingsinstituut vir Wiskundige Wetenskappe van die WNNR. Hy was reeds enkele jare ereprofessor in die Departement Wiskunde aan die Universiteit van Pretoria toe, na die bedanking van prof. Beezhold die professoraat en hoofskap aan hom aangebied is.

Prof. Sauer het in die jare 1967–1968 as na-doktorale student by die Courant Institute of Mathematical Sciences in New York gewerk, waar hy sy eerste navorsing oor bestaanstellings vir die Navier-Stokes-vergelykings in die hidrodinamika gedoen het. Hierdie werk word in verskeie boeke oor die onderwerp aangehaal. Uit hierdie werk kom ook die ondersoek na sekere evolusieprosesse, wat tot prof. Sauer se teorie van B-evolusies gelei het.

'n Persoon wat oor die jare die lotgevalle van die Departement meegemaak het, en by tye as waarnemende hoof opgetree het, is prof. J.J. Geldenhuys. Jurie Johannes Geldenhuys is reeds in 1945 as lektor aangestel; in 1955 is hy bevorder tot senior lektor en in 1967 tot addisionele professor.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die hoofaktiwiteite van die Departement is die studie van dinamiese prosesse, numeriese analise en optimaliseringstegnieke. Nagraadse studie word sterk by hierdie aktiwiteite ingeskakel en 'n hele aantal nagraadse studente het die afgelope jare op grond van verhandelings en proefskrifte op dié gebiede hulle studies voltooi, asook publikasies in internasionale tydskrifte gelewer. Sedert 1972 word opleiding in die Weerkunde met die hulp van die Weerburo (Departement van Vervoer) ook vanuit die Departement aangebied.

Vanaf 1976 publiseer die Departement elke jaar sy Navorsingsprogram en vanaf 1977 'n *Jaarverslag oor Navorsing*, waarin vorderingsverslae oor projekte verstrek word. Die navorsingspersoneel is nie net uit die Departement afkomstig nie, maar ook van die Departement Toegepaste Wiskunde van UNISA, en van die WNNR.

Departement Wiskunde

Wiskunde het uit die behoefte van die mens ontstaan om te kan reken en opmetings te doen en is daarom byna so oud soos die beskawing self. Onderrig in Wiskunde het reeds in die tyd van die Akademie van Plato en die Lyceum van Aristoteles geskied. Sedert die ontstaan van Westerse universiteite word Wiskunde as vak doseer.

Prof. J. Swart, die hoof van die Departement, gee die volgende uiteensetting van die vak: "Wiskunde is al beskryf as die studie van getalle en figure. Hierdie definisie is 'n bietjie naïef en gee eerder die bestek van die vak soos dit duisende jare gelede bestudeer is. Hedendaagse wiskundiges bestudeer strukture van 'n baie algemene aard en dit is onmoontlik om 'n definisie of omskrywing van die vak te gee."

Reeds in 1913 het Wiskunde as 'n selfstandige departement aan die Universiteit van Pretoria tot stand gekom. Wiskunde word as vak aangebied in 'n wye verskeidenheid studierigtings, soos BSc, BA, BIng, BSc(Agric) en BPharm. Afsonderlike kursusse vir ingenieurstudente en vir landbou- en aptekerstudente is ingestel. Normaalweg word vyf lesings per week in 'n kursus doseer, terwyl derdejaarstudente ses lesings per week onderrig ontvang.

Dosente van die Departement het in 1977 begin om saam met dosente van ander Afrikaanse universiteite 'n reeks handboeke te skryf. Dit voorsien in die behoefte by Afrikaanssprekende studente aan 'n handboek in hulle eie taal. Die eerste handboek in die reeks, *Analise 1*, verskyn in 1979.

Die Departement probeer verder om 'n diens aan die gemeenskap te verskaf. So word daar reeds vanaf 1979 gedurende Julie aan skoliere 'n kursus in Natal aangebied om belangstelling in Wiskunde te prikkel en aan te moedig. Daar word jaarliks ook 'n weeklange opknappingskursus aangebied om voornemende universiteitstudente met 'n verroeste kennis van matriekwiskunde te help. Hierdie kursus vind veral groot byval by studente wat pas hulle militêre diensplig voltooi het. Om die bekoring van Wiskunde ook aan die gewone leser bekend te stel, verskyn daar vanaf 1974 jaarliks twee uitgawes van die departementele blad *Wistukkie*. Die afgelope aantal jare probeer die Departement om deur 'n konsultasiediens sy kundigheid aan ingenieurs- en ekonomiese instellings beskikbaar te stel.

Vanaf Januarie 1980 is daar 'n voltydse pos van assistent-navorsingsbeampte vir buitelandse en binnelandse navorsers beskikbaar gestel. Hierdeur het die Departement verskeie besoeke deur vooraanstaande internasionale navorsers ontvang. Dosente van die Departement onderneem gereeld binnelandse en buitelandse besoeke, waartydens hoofsaaklik kongresse bygewoon word.

Vanaf April 1959 was prof. P.J. Zietsman hoof van die Departement. Hy bly dit tot hy in 1981 voltydse dekaan van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde word. Pieter Joubert Zietsman is in 1921 gebore. Sy opleiding ontvang hy aan die Universiteit van Pretoria: BSc in 1941 en MSc in 1945. Hy is in 1946 as lektor in Wiskunde aan die Universiteit aangestel, in 1954 is hy bevorder tot senior lektor en in 1957 tot medeprofessor.

Prof. Zietsman het op die Raad op Atoomkrag gedien en is volle lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy het dikwels as waarnemende dekaan in die Fakulteit Wis- en Natuurkunde opgetree en is vanaf 1 Januarie 1982 voltydse dekaan van hierdie Fakulteit. Hy is opgevolg deur prof. J. Swart.

Gebore in 1948, het Johan Swart aanvanklik aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys studeer. Hy behaal die MSc-graad in Wiskunde in 1970. Daarna is hy na die Universiteit van Zürich, waar hy die DPhil-graad in 1973 verwerf. Hy was van 1969 tot 1976 lektor en van 1977 tot 1978 senior lektor op Potchefstroom en daarna, van 1978 tot 1980, navorser by die WNNR. Gedurende 1981 was hy medeprofessor aan die Randse Afrikaanse Universiteit en hy is op 1 Januarie 1982 aangestel as professor in en hoof van die Departement Wiskunde aan die Universiteit van Pretoria.

Ander professore in die Departement: Prof. C.L. de Wet van 1973 tot 1976, en prof. M.J. Schoeman en prof. P.J. Gräbe van 1980 af.

Institute

Instituut vir Chromatografie

Hierdie instituut kom voort uit die navorsingsdrang van prof. V. Pretorius, wat hom reeds as student in Oxford in die chromatografie geïnteresseer het. Gebore in 1928 op Randfontein, studeer Victor Pretorius aan die Universiteit van Pretoria, waar hy in 1949 die BSc- en in 1951 die MSc-graad behaal, en daarna as Rhodesstudent aan die Universiteit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van Oxford, waar hy in 1955 die PhD-graad verwerf. Hy keer as lektor terug na die Universiteit van Pretoria, word in 1957 tot senior lektor bevorder en in 1960 tot professor in en hoof van die Departement Fisiese en Teoretiese Chemie.

Prof. Pretorius het met chromatologiese navorsing aan die Universiteit begin, aanvanklik in feitlik algehele isolasie met min tyd tot sy beskikking, min fondse en ontoereikende fasiliteite. Hy slaag daarin om die belangrikste detektor vir gaschromatografie uit te vind, as eerste van verskeie bydraes in die rigting wat hom mettertyd 'n internasionale erkende leier op die gebied van die chromatografie gemaak het.

Chromatografie word omskryf as "'n tegniek om molekule van verskillende soorte van mekaar te skei". Die term *chromatografie* is afgelei van twee Griekse woorde wat *kleur* en *skryf* beteken, letterlik *in kleur skryf*. Dit is afkomstig van die Russiese chemikus M. S. Tswett, wat die tegniek in 1904 uitgevind het. Hy het gekleurde verbindings toegepas, vandaar die naam. Veral sedert 1952 het die tegniek groot vordering gemaak en dit word tans beskou "as die mees gebruikte chemies analitiese tegniek".

Prof. Pretorius het tred gehou met hierdie ontwikkeling en sy persoonlike bydrae daartoe gelewer deur in verbinding te bly met wat elders op dié gebied presteer word. Hy het feitlik jaar na jaar referate by internasionale simposia gelewer, in hoofsaak aan die Universiteit van Houston, maar ook elders in Amerika, en in Duitsland.

Die instituut het ontwikkel uit 'n WNNR-navorsingseenheid in Chromatografie en Verwante Skeidingstegnieke wat in 1964 binne die Departement Fisiese en Teoretiese Chemie gestig is, met prof. Pretorius as direkteur. Die eenheid is elke drie jaar verleng en in 1973/1974 is daar besluit op 'n instituut onder die vleuels van die Universiteit van Pretoria. Soos reeds gemeld, het prof. Pretorius op 1 Julie 1980 bedank as hoof van die Departement Fisiese, Organiese en Teoretiese Chemie om hom voltyds aan die chromatografie te wy, en is sy doseer- en administratiewe pligte tot sy amp as direkteur van die Instituut beperk.

Die reglement van die Instituut bepaal die doelstellings daarvan, naamlik: navorsing, ook op interdissiplinêre basis; voorsiening van inligting oor die nuutste ontwikkelinge op die terrein van die chromatografie, en die toepassing daarvan op probleme van nasionale omvang; opleiding deur die aanbieding van kursusse; beskikbaarstelling van geriewe van die Instituut aan belanghebbendes; skakeling met ander instansies wat die chromatografie beoefen; en enige optrede wat volgens die oordeel van die beheerraad noodsaaklik is vir die belange van die Instituut.

Gehuisves in die lokale van die Departement Chemie, met die vooruitsig om later na 'n nuwe vleuel te verhuis, het die fasiliteite van die Instituut groot vordering gemaak sedert die dae toe prof. Pretorius met ontoereikende apparaat moes klaarkom. Dit beskik oor "uitgebreide navorsingsgeriewe, onder andere gas- en vloeistofchromatograwe, 'n massaspektrometer, 'n rekenaar en 'n data-



Prof. V. Pretorius, Hoof, Departement Fisiese Chemie, 1960–1980, en Direkteur, Instituut vir Chromatografie sedert 1964.

stelsel". Die voltydse personeel bestaan uit 'n direkteur, twee senior navorsingsbeamptes, een tegniese assistent en 'n tikster/klerk wat deur UP voorsien word, asook twee senior hoof-wetenskaplike assistente en twee na-doktorale beurshouers wat deur die Stigting vir Navorsingsontwikkeling van die WNNR geborg word. Gasnavorsers uit die buiteland word gereeld ontvang.

In toenemende mate word die Instituut betrek by toegepaste navorsing. Voorbeelde hiervan is die ontrafeling van die geurprofiele van wyne, inheemse vrugte, soos die maroela en botterklapper, en essensiële olies soos dié van die verskillende boegoespesies, feromoonstudies by soogdiere en insekte, ens.

Die Instituut bied jaarliks lesings aan vir nagraadse studente, asook kortkursusse oor gespesialiseerde aspekte van die chromatografie. Sedert 1960 het 14 studente MSc-grade en 12 DSc-grade onder prof. Pretorius se leiding ontvang.

Meer as 150 publikasies van die Instituut het in internasionale tydskrifte verskyn. Prof. Pretorius is mederedakteur van 'n monografie *Preparative gas chromatography*, wat in Russies en Roemeens vertaal is. Hy is tans ook 'n redakteur van die internasionale tydskrif *Journal of High Resolution Chro-*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

matography en hy dien op die redaksierade van verskeie ander internasionale tydskrifte.

Erkenning van die werksaamhede van die Instituut se personeel word weerspieël deur die volgende toekennings aan prof. Pretorius: Die 'Goue Medalje van AECI (1965), die Havengaprys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (1972), die Goue Medalje van die Suid-Afrikaanse Chemie-instituut (1975) en die Suid-Afrika-medalje van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van die Wetenskap (1981). Hierbenewens is twee internasionale medaljes aan hom toegeken: die M. S. Tswett Internasionale Medalje (1978), en die Chromatografie-herdenkingsmedalje van die Russiese Akademie vir die Wetenskap (1979).

Instituut vir Geologiese Navorsing op die Bosveldkompleks

Die Bosveldkompleks bestaan, soos die beskrywing lui, "uit 'n groot verskeidenheid intrusiewe, ekstrusiewe en metamorfe gesteentes." "In hierdie gesteentes", lui die beskrywing verder, "word die wêreld se grootste afsettings platinum, chroom, vanadiumhoudende ystererts en andalusiet aangetref, asook belangrike afsettings vloeispaat, tinerts, magnesiet en nikkel." Die opbrengs van mynbou in die gebied het gestyg van R20 miljoen in 1960 tot R200 miljoen in 1970. Dit het waarskynlik sedertdien in dieselfde stygende lyn voortgegaan. In 1973 is daar geraam dat die platinum wat in die daaropvolgende 30 jaar gemyn sou word, op R21 000 miljoen te staan kan kom, meer as die waarde van al die goud wat tot in daardie stadium in Suid-Afrika geproduseer is.

Die Universiteit van Pretoria is baie gunstig geleë vir navorsing in die Bosveldkompleks. Sedert die jare dertig het dit die hooftema van navorsing deur die personeel en nagraadse studente van die Departement Geologie geword. Veral proff. B.V. Lombaard en J. Willemse het hier 'n leidende rol gespeel. Wat hulle gedoen het om die ingewikkelde struktuur van die kompleks bloot te lê het wêreldwye erkenning geniet. Hulle werk het by hulle studente navolging gevind. Uit 'n totaal van 150 proefskrifte en verhandelings wat in die Departement Geologie tussen 1930 en 1980 ingedien is, het 70 oor die een of ander aspek van die Bosveldkompleks gegaan.

Die geskiedenis van die Instituut begin in 1969 toe dr. H.J. Nel van die Anglo American Corporation, destyds die president van die Geassosieerde Wetenskaplike en Tegniese Verenigings van Suid-Afrika, tydens die opening van die twaalfde jaarlikse Geologiese Kongres in Pretoria die stigting van 'n "eenheid" vir geologiese navorsing oor die Bosveldkompleks voorgestel het. Met die oog op die pionierswerk van proff. Lombaard en Willemse en die gunstige ligging van Pretoria ten opsigte van die kompleks, is daaraan gedink dat dit onder die vleuels van die Universiteit van Pretoria moet kom. Die reaksie was gunstig en na goedkeuring van die Universiteitsraad is daar in 1971 met 'n fondsinsameling begin. Ook hierop was die reaksie gunstig: teen 1973 was daar reeds R100 000 met nog beloftes van R100 000 tot R150 000 wanneer die onderneming op gang sou kom. Dit het ook die volle steun van Geologiese Opname geniet, wat bereid was om nagraadse studente te akkommodeer en om navorsingsgeriewe tot hulle beskikking te stel.

Ten slotte is daar op 'n "instituut" in plaas van 'n "eenheid" besluit. Die Instituut vir Geologiese Navorsing op die Bosveldkompleks kom aan die begin van 1975 tot stand. Daar is 'n raad van beheer aangestel, bestaande uit lede van die Universiteit, senior personeel van belanghebbende staats- en semistaatsinrigtings, insluitende die WNNR, en verteenwoordigers van donateurs soos mynboumaatskappye, ens. Prof. G. von Gruenewaldt is as direkteur van die Instituut aangestel.

Met die oog op die belangrikheid van die Bosveldkompleks vir die mynbounywerheid van Suid-Afrika, is die doelstellings van die Instituut: versameling van inligting (soos boorkerne, kaarte, artikels ens.); navorsing; leiding aan studente; verspreiding van inligting; koördinering van navorsing; en die beskikbaarstelling van navorsingsresultate aan myne. Die Bosveldkompleks bevat geologies drie hoofafdelings: gelaagde basiese gesteentes, vloergesteentes en dakgesteentes. Vir elkeen is 'n permanente navorsingsbeampte aangestel: respektiewelik dr. C.J. Hatton, dr. D. Twist en dr. M. R. Sharpe. In 1981 was daar 27 navorsingsprojekte aan die gang, waarvan 'n aantal deur nagraadse studente onderneem is.

Die gelaagde basiese gesteentes is, ekonomies gesien, die belangrikste, aangesien die belangrikste mineraalertse daarin voorkom, "voldoende hulpbronne van platinum, chromiet en vanadium vir die volgende 200 jaar bereken teen 'n jaarlikse toename in produksie van vier persent." Die vloergesteentes is tans die onderwerp van 'n uitgebreide karteringsprogram in Oos-Transvaal en van 'n ondersoek na "die samestelling van die magma wat aanleiding gegee het tot die gelaagde basiese gesteentes en die diepte van die bron van die magma in die bomantel van die aarde." Die dakgesteentes bevat van die wêreld se grootste vloeispaatafsettings, asook belangrike tinafsettings.

Benewens die bogenoemde drie afdelings, word daar ook ondersoek ingestel na die struktuur van die kompleks. In dié verband is 'n gesamentlike projek met die Ben Gurion-universiteit van die Negev onderneem "om breukvorming wat tydens inplasing van die Bosveldkompleks kon plaasgevind het, eksperimenteel te simuleer".

Belangrik is die databank wat aan die Instituut ingestel is. Dit behels: "klassifikasie en berging van literatuur, kaarte, boorkern- en ander inligting". Een van die eerste take van die Instituut was die opstel van 'n bibliografie van literatuur oor die Bosveldkompleks.

In 1981 was die Instituut ten nouste betrek by die derde Internasionale Platinumsimposium, wat as deel van 'n geologiese kongres aan die Universiteit van Pretoria gehou is. Prof. G. von Gruenewaldt was een van die hooforganiseerders van die kongres. Hy en dr. M.R. Sharpe het opgetree as

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gidse by ekskursies na die Bosveldkompleks. 'n Aantal van die referate is in 'n spesiale uitgawe van die tydskrif *Economic Geology* onder die redakteurskap van prof. Von Gruenewaldt opgeneem.

Gedurende 1981 het drie "navorsingsgenote" uit die buiteland in die Instituut gewerk: Dr. T.N. Irvine van die Geophysical Laboratory, Carnegie Institution van Washington (kristallisasieprosesse in magmas), prof. A.J. Naldrett van die Universiteit van Toronto (die platinummineralisasie van die Bosveldkompleks) en dr. B.M. French (meteoriet-botsings).

Margaretha Mes-Instituut vir Saadnavorsing

Wyle Margaretha Gerarda Mes, vanaf 1944 professor in en hoof van die Departement Plantkunde, het haar toegespits op plantfisiologie en plantbiochemie, wat later onder haar 'n selfstandige Departement geword het. Deur haar toedoen het ook die Instituut vir Plantfisiologie tot stand gekom. Dit was gevestig in die Batemanlaboratorium. Die Bertha Stonemanlaboratorium is later aan die instituut toegevoeg.

Na haar dood in 1959, is haar naam aan die Instituut gegee. Die hoofskap daarvan is op 'n jaarlikse basis aan prof. N. Grobbelaar aangebied, maar hy was nie bereid om dit op 'n kort basis te aanvaar nie, as synde onprakties, en verskeie jare het die Instituut net in naam bestaan. Later is prof. Bornman as direkteur aangestel en het die Instituut op 'n moderne basis begin funksioneer. Na sy vertrek het prof. P. J. Robbertse as direkteur van die instituut oorgeneem, met dr. Visser en later prof. Small as adjunk-direkteur. Die Instituut het behoorlik op dreef gekom en 'n eie identiteit gekry. Die naam is verander na die Margaretha Mes-Instituut vir Saadnavorsing, gesien prof. Mes se belangstelling in dié gebied en die behoefte van die land.

Die meeste personeellede van die Departement Plantkunde dra by tot die aktiwiteite van die Instituut. Daar is mettertyd 'n aansienlike aantal apparate en ander fasiliteite ter beskikking van die Instituut gestel. Hiervan is 'n fitotron die oudste. Dit is die tweede oudste in die wêreld na dié van die Kaliforniese Instituut vir Tegnologie, Pasadena, en die oudste wat nog in werking is. Onder andere is daar ook later 'n fasiliteit van die Wis- en Natuurkundefakulteit, naamlik 'n deurstraal-elektronmikroskoop in die Plantkundedepartement gehuisves, wat baie deur lede van die Instituut gebruik word.

Prof. Grobbelaar verduidelik dat prof. Mes oor 'n groot aantal projekte, 30 tot 40, navorsing gedoen het, waarvoor sy meestal swak gekwalifiseerde navorsers (die enigste beskikbaar) gebruik het. Daar is gekonsentreer op die invloed van temperatuur, lig en daglengte op die kieming van saad, die groei van plante en die blomvorming daarvan.

Prof. Grobbelaar het, toe hy oorgeneem het, op minder projekte gekonsentreer om dieper na die verskynsels deur te dring.

Soogdiernavorsingsinstituut

Die Soogdiernavorsingsinstituut het op 1 April 1966 binne die Departement Dierkunde tot stand gekom. Dr. J.A.J. Meester, sedert 1965 dosent in die Departement, het in daardie stadium saamgewerk aan die *African Mammal Project* van die Smithsonian Institution van die Verenigde State van Amerika. Hierdie liggaam was bereid om sy navorsing wat Suider-Afrika betref, onder die vleuels van so 'n instituut aan die Universiteit van Pretoria te plaas. Dit sou ook goed aansluit by die kursus in Natuurbeheer, wat die vorige jaar ingestel is. Suid-Afrika se groot agterstand op die gebied van ekologiese navorsing is as 'n groot leemte aangevoel.

In 'n weloorwoë aansoek het prof. Eloff in 1965 die stigting van die Instituut bepleit. Hy het 'n geldelike toesegging van die Natuurbewaringsafdeling van die Transvaalse Provinsiale Administrasie gekry, terwyl die moontlike inkorporasie van die projek van die Smithsonian Institution daarin 'n verdere geldelike bydrae verseker het, benewens die feit dat dit aan die Instituut onmiddellik internasionale erkenning sou besorg. Die Raad het die stigting daarvan op 18 November 1965 goedgekeur, op voorwaarde dat dit geheel en al deur fondse van buite-instansies gefinansier moet word.

Dr. J.A.J. Meester is tot direkteur benoem. Een

Prof. J.A.J. Meester, Direkteur, Soogdiernavorsingsinstituut, 1966–1971.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die eerste projekte was die opstelling van 'n voorlopige identifikasiehandleiding vir soogdiere in Afrika in 'n poging om meer eenvormigheid te gee aan die benaming en uitkenning van die sowat 1 000 soorte soogdiere in Afrika. Dit het die uitruil van talryke verslae met navorsers oor die hele wêreld meegebring. Die volgende jaar was twee veldspanne besig om oor die grootste deel van Suider-Afrika inligting in te samel "vir die uiteindelike hersiening van die belangrikste soogdiergroepe". Nog 'n span, wat bioloë van Amerika en Duitsland ingesluit het, het studies onderneem oor die ekologie, voortplantingsbiologie en die ouderdomsbepaling van wild.

Behalwe navorsing, het die Instituut ook 'n geleentheid geskep vir die nagraadse opleiding van studente, terwyl dit ook as basis gedien het vir buitelandse wetenskaplikes. In 1968 is die Instituut deur die Suid-Afrikaanse Internasionale Biologiese Program versoek om 'n opname van skaars en bedreigde wildsoorte te maak, 'n taak wat gedurende die daaropvolgende drie jaar uitgevoer is. Dit is maar enkele van talryke projekte wat individueel of in spanverband aangepak is.

Daar was van die begin af samewerking met die WNNR en, danksy die hoë gehalte werk wat gelewer is, het die WNNR die instituut in 1969 as 'n navorsingseenheid onder sy vleuels geneem. Dit het beteken dat die WNNR verantwoordelikheid aanvaar het vir die administrasie van die eenheid. Die WNNR het die fondse voorsien, op voorwaarde dat die Universiteit goedstaan vir een derde van die goedgekeurde jaarlikse begroting. Eintlik het dit weinig verandering in die navorsingswerksaamhede gebring.

Met die bedanking van prof. J.A.J. Meester aan die einde van 1971, het die werksaamhede van die eenheid ten einde gekom en na onderhandeling met die WNNR het die Instituut herlewe. Daar is 'n raad van beheer vir die Instituut onder die voorsitterskap van prof. D.M. Joubert aangestel en 'n nuwe direkteur in die persoon van dr. J.D. Skinner. Die Soogdiernavorsingsinstituut het die verantwoordelikheid van die Universiteit geword, terwyl geldelike bydraes nog steeds daarvoor van die Transvaalse Provinsiale Administrasie (Afdeling Natuurbewaring), van die WNNR en van ander instansies ontvang is.

Die raad van beheer bestaan uit 'n voorsitter, benoem deur die rektor, die hoof van die Departement Dierkunde, die hoof van die kursus Natuurlewebeheer, drie lede deur die WNNR benoem, 'n verteenwoordiger van die Afdeling Natuurbewaring van die Transvaalse Provinsiale Administrasie, 'n verteenwoordiger van die Nasionale Parkeraad en 'n verteenwoordiger van die Transvaalse Landbou-unie. Die direkteur woon alle vergaderings van die raad ampshalwe by. Prof. dr. D.M. Joubert is, nadat hy vise-president van die WNNR geword het, deur prof. H.P. van der Schijff as voorsitter opgevolg. Die Raad hou toesig oor die behoorlike funksionering van die Instituut en adviseer oor navorsingsprogramme en fondsinsameling.

John Dawson Skinner, wat met sy werksaamhede as direkteur van die Instituut op 17 Januarie 1972 begin het, en toe ook bevorder is tot medeprofessor, is in 1932 in Johannesburg gebore. Hy behaal in 1955 BSc(Agric) aan die Universiteit van Natal, in 1965 MSc(Agric) in Dierefisiologie aan die Universiteit van Pretoria en in 1968 die PhD in Fisiologie aan die Universiteit van Cambridge. Intussen was hy sedert 1956 werksaam aan die Maranavorsingstasie en sedert 1968 aan die Geslagsfisiologiese Seksie van die Navorsingsinstituut in Vee- en Suiwelkunde op Irene. In 1969 ontvang hy die silwer medalje vir gevorderde navorsing van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Diereproduksie en hy word in 1972 deur Jaycee benoem as een van die "besondere jong manne" van daardie jaar.

Die doel van die Soogdiernavorsingsinstituut word soos volg aangegee: "om nagraadse studenteopleiding te onderneem; om as basis te dien vir plaaslike en buitelandse wetenskaplikes; om navorsing oor ons soogdiere te kan onderneem en om as skakel te dien met wetenskaplike navorsing in ander Afrikastate." Wat die resultate betref, is daar in 1979 gewys op drie boeke en 230 wetenskaplike artikels, 13 doktorale proefskrifte en 31 magisterverhandelings, 50 studente wat honneursgrade behaal het, die bywoning deur lede van die Instituut van 18 internasionale kongresse in die buiteland. Studente word streng gekeur en daar word nooit meer as tien in die honneurskursus toegelaat nie.

'n Belangrike uitwisseling van kennis en navorsingsresultate vind elke jaar in November gedurende die jaarvergadering van die Instituut plaas. Hier doen oor 'n periode van drie dae elke beampte, student en medewerker verslag oor die vordering van navorsing gedurende die jaar. Dit kom neer op gemiddeld 40 referate wat deur ongeveer 70 bioloë aangehoor word. Verblydend is die toenemende belangstelling uit die buiteland.

Verskillende projekte word uitgevoer in samewerking met die WNNR, die Afdeling Natuurbewaring van die Transvaalse Provinsiale Administrasie, die Suid-Afrikaanse Natuurstigting, die Suid-Afrikaanse filiaal van die World Wild-Life Fund, die Conservation Fund van Zimbabwe, die Natuurlewevereniging van Suid-Afrika en 'n aantal private liggame en persone. Daar bestaan ook bande met buitelandse organisasies, soos die Smithsonian Institution in Washington DC, die Wellcome Laboratories in Londen, die Animal Ecology Research Group in Oxford, die Terres Australes et Antartiques Francaises en die British Antarctic Survey. Wetenskaplikes word oor en weer uitgeruil.

Enkele individuele navorsers was: dr. D.H.S. Davis van Johannesburg, dr. Barbara Straschil van die Universiteit van Weenen (waaierstertmeerkat), P.R. Candy (robbe van Marioneiland), dr. R. Jones van die Wellcome Institute (olifante), V.A. Langman en A.J. Hall-Martin (kameelperd), dr. Sue Harthoorn (pers- en radioverspreiding), D. Els (springbok), D. Mason (habitatvoorkeur van wild), J. Degener (jagluiperd), R. Underwood (elande in die Loskopreservaat), J. Scorer (samango-aap), B. Fourie (dassie). Belangrike besoekers was dr. John Bligh en dr. Osinga (laasgenoemde van Wagening-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

en), prof. G.E. Lemming (Universiteit van Nottingham), prof. J. Gottschang (VSA), dr. G.E. Heinsohn (Australië), dr. J. Rood (Uganda), dr. R.H.N. Smithers (Zimbabwe), mnr.V.J. Wilson (Bulawayo), mnr. Somerlatte (Botswana). Van die grootoorwoestynmuis tot die Afrika-olifant (ook met groot ore), van die Kaokoveld tot Antarktika, strek hulle navorsing.

Een van die grootste projekte wat die Instituut onderneem het, is die samestelling van 'n boek *Die Soogdiere van die Suider-Afrikaanse Substreek:* 294 land- en 48 seesoogdiere. Dit is 'n omvattende werk en het in 1984 verskyn. Tekort aan finansies is die enigste stremmende faktor wat die toekoms van die Instituut in die weg staan. Daar is reeds baie gedoen, maar daar is nog onnoemlik veel om te doen.



Personeellede wat teen 1974 reeds 25 jaar en langer aan die Universiteit verbonde was:

Voor, v.l.n.r.: *Proff. N.J.G. Sabbagha (Engels), F.C. Eloff (Dierkunde), H.P.H. de Boom (Anatomie, Veeartsenykunde), P.C.J. Oberholzer (Tuinboukunde, Landbou), G. Knowles-Williams (Engels), H.L. Gonin (Latyn), S.A. Louw (Afrikaans), mnr. J. Rabie (Fisiologie), prof. T.H. Louw (Bourekenkunde).*

Middel: *Proff. J.J. Geldenhuys (Toegepaste Wiskunde), L.A. Prinsloo (Fisika), G.H. Scheepers (Geografie), mej. S.E. van Niekerk (Maatskaplike Werk), proff. E.M. Ackerman (Huishoudkunde), P.J. Zietsman (Wiskunde), J.J. Matthee (Entomologie).*

Agter: *Proff. J.P. Bingle (Afrikaans), J.F. Eloff (Argeologie), mnr. S. Zagt (Geologie), proff. H.W. Snyman (Interne Geneeskunde), D.J. Swiegers (Sielkunde), H.J. Venter (Kriminologie), dr. G.W. van der Merwe (Liggaamlike Opvoedkunde).*

3. *Fakulteit Landbouwetenskappe*

In 1960 was hierdie Fakulteit nog bekend as die Fakulteit Landbou, die naam waaronder dit in 1917 tot stand gekom het. Dit is in 1969 verdoop tot die Fakulteit Landbouwetenskappe. Oor die jare het die Fakulteit heelwat veranderings ondergaan, onder andere wat betref sy departemente. In 1960 was daar 15 departemente, later 16, maar in 1982 was die getal net nege. Hierdie vermindering was as gevolg van 'n herindeling en konsolidasie toe die Fakulteit in 1974 van die beheer van die Departement Landbou-tegniese Dienste geheel en al onder dié van die Universiteit gekom het—die sogenaamde uitlywing.

Soos bekend, het die landboufakulteite van Pretoria en Stellenbosch in 1922 onder die sorg van die Departement Landbou, wat betref subsidies en salarisse, gekom. Daar is gestreef na 'n volledige inlywing by die genoemde staatsdepartement,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

waartoe Stellenbosch ingewillig het, maar waarteen die Universiteit van Pretoria hom lank verset het tot dit in 1940 noodgedwonge moes toegee. Wat Pretoria betref, is die Fakulteit as 'n navorsingsinstituut van die Departement Landbou, later Landbou-tegniese Dienste, beskou. Na die instelling van streeksrade kom die Fakulteit in 1950 onder die Transvaalstreek.

Om verskeie redes was hierdie toedrag van sake nie heeltemal bevredigend nie en teen die einde van die jare sestig is 'n kommissie van ondersoek onder die voorsitterskap van dr. C.v.d.M. Brink benoem om die aangeleentheid te ondersoek. Die aanbeveling van die Brink-kommissie was dat al vier die landboufakulteite wat toe bestaan het, en dié van Veeartsenykunde, by die betrokke universiteite in- en by die Landboudepartement uitgelyf moet word. Dit gebeur in 1974 met, wat die Universiteit van Pretoria betref, 'n konsolidasie tot nege departemente.

In 1960 het die Fakulteit die volgende 15 departemente omvat: Agronomie, Biochemie, Entomologie, Genetika, Grondkunde, Landbou-ekonomie, Landbou-ingenieurswese, Landbouvoorligting, Plantsiektes en Mikrobiologie, Pluimveeteelt, Skaapteelt en Woltegnologie, Suiwelbereiding, Tuinbou, Veeteelt en Weidingsleer. Verskeie van hierdie departemente het later van naam en samestelling verander. Ook het daar 'n sestiende Departement Agrariese Voorligting bygekom. In 1982 was daar slegs die volgende nege: Agrariese Voorligting, Biochemie, Genetika, Grondkunde en Plantvoeding, Landbou-ekonomie, Mikrobiologie en Plantpatologie, Plantproduksie, Tuinboukunde, Veekunde en Voedselwetenskap. Entomologie het na die Fakulteit Wis- en Natuurkunde verhuis, Landbou-ingenieurswese na die Fakulteit Ingenieurswese. In 1980 is die Suid-Afrikaanse Instituut vir Landbouvoorligting gestig, gekoppel aan die Departement Agrariese Voorligting.

Jare lank was daar 'n tekort aan ruimte namate die ou Landbougebou te klein geword het, veral wat betref laboratorium- en biblioteekgeriewe en kantore. Drie departemente is gevolglik in die Hatfieldwoonstelle gevestig. Later is 'n woonhuis in Roperstraat betrek en ook is huisvesting vir sommige departemente in die Ingenieurswesegebou en in die Weerkundegebou gevind. In 1972 was die nuwe Landbougebou aan Lynnwoodstraat op die Ooskampus eindelik gereed en deur 14 van die departemente betrek. Alleen Biochemie en Landbou-ingenieurswese het onderskeidelik in die ou Landbougebou en die Ingenieurswesegebou agtergebly.

Daar het ook 'n ruimtetekort ontstaan wat die Proefplaas betref. As gevolg van grond wat afgestaan is aan die WNNR, die nuwe CBC-Skool, sportvelde, koshuise en 'n snelweg het die Proefplaas te klein geword. Terwyl die Fakulteit onder die Departement Landbou-tegniese Dienste ressorteer het, is daar ook gebruik gemaak van die Rietvleiproefplaas, wat van die Stadsraad van Pretoria gehuur is, en van ander landbouproefstasies. Maar nadat die Fakulteit geheel en al onder die Universiteit gekom het, is daar uitgesien na 'n tweede

Prof. D.J.J. Potgieter, Hoof, Departement Biochemie vanaf 1959 en Dekaan, Fakulteit Landbouwetenskappe, sedert 1975.

proefplaas. Die keuse het geval op 'n plaas langs die Delmaspad, waar die sogenaamde Hoëveldse Proefplaas aangeskaf is. Dit is spesiaal daar aangekoop om landbou op die Hoëveld te ondersoek en te dien.

Deur die jare het die Fakulteit 'n belangrike bydrae tot die landbou van Suid-Afrika gelewer. As gevolg van die bevolkingsontploffing is daar 'n steeds toenemende vraag na voedsel. Gevolglik het die studie van en navorsing in die landbou 'n dringende noodsaaklikheid geword. By die rasionalisering van die Fakulteit is daar veral nadruk gelê daarop dat kursusse diensbaar aan die landbou gemaak en dat spesialisasie tot nagraadse studie bepaal moes word.

Die aantal studente was 520 in 1960 en 580 in 1982. Daar was maer jare tussenin. Die laagtepunt was 336 in 1971 en die hoogtepunt 620 in 1981. Verblydend is die nagraadse inskrywings, wat in 1965 tot 278 gestyg het. In 1982 was die getal 167.

Dekane van die Fakulteit Landbouwetenskappe

1960 Prof. P.C.J. Oberholzer
1976 Prof. D.J.J. Potgieter

Departement Agrariese Voorligting

Aanvanklik bekend as die Departement Landbouvoorligting toe dit in 1958 tot stand gekom het, is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hierdie Departement in 1965 herdoop tot Agrariese Voorligting. By die stigting daarvan was dit die eerste in Suid-Afrika en die dertiende in die wêreld; al die ander het in die VSA en in Duitsland voorgekom.

Volgens wat prof. Kolbe in 1967 geskryf het, is die Departement gebore uit 'n besef dat "die algemene peil van boerdery (in Suid-Afrika) veel te wense oorlaat," ook dat "die gaping tussen landbouwetenskap en landboupraktyk te wyd geword het."

"Die instelling van 'n leerskool in landbouvoorligting," skryf prof. G.H. Düvel, "en die inwerkingtreding van 'n daarmee gepaardgaande volwaardige universiteitsdepartement het ongetwyfeld die begin ingelui van die sistematisering, in Suid-Afrika, van beskikbare kennis oor aspekte rakende die praktyk van landbouvoorligting".

Die volgende grade is toegeken: BAgric (Inst Agrar), MAgric (Inst Agrar) en DAgric (Inst Agrar). Omdat dit vir graadkursusse slegs nagraadse studente omvat het, was die getalle nooit groot nie. Tot 1980 het 122 studies die lig gesien. Inskrywings het gewissel van 41 in 1964 tot nege in 1970. As gevolg van 'n navorsingsprojek oor die opvanggebied van die Bo-Oranjerivier, was daar in 1967 ook 'n groter as die gewone getal inskrywings en 24 grade is vir studies in dié verband toegeken. Hierdie projek was die mees omvattende wat tot in daardie stadium aangepak is. Gelas deur die destydse sekretaris van Landbou-tegniese Dienste, dr. P.W. Vorster, het 'n hele aantal instansies buite die Universiteit daaraan meegewerk. Daar is veral gekonsentreer op die sosio-ekonomiese faktore van boerdery in hierdie gebied en dit het selfs uit die buiteland belangstelling gewek.

Ondersoek in die Departement beweeg oor 'n wye terrein en dienste van dosente word deur 'n hele aantal organisasies aangevra. Navorsing is op twee doeleindes gerig: die akademiese uitbou van landbouvoorligting as wetenskap en praktiese raadgewing.

In 1959 het die Departement onder mnr. F.F.H. Kolbe as senior lektor tot stand gekom. Frederik Fortunatus Hofmeyr Kolbe is in 1919 gebore en het sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BSc(Agric) in 1940, MSc(Agric) in 1958 en na 'n studiejaar, 1963, aan die Landbouwhogenschool in Wageningen, Nederland, ook die doktorsgraad. Voor die tyd het hy in 1958/1959 'n studiereis van drie maande deur Amerika en Europa onderneem. Hy is in 1963 tot professor bevorder. Hy was die grondlêer van die Departement en was baie ywerig in die uitvoering van navorsingsprojekte met behulp van sy studente. Ongelukkig is sy laaste jare gekortwiek deur swak gesondheid. Hy tree op 1 Februarie 1969 uit die diens van die Universiteit en is later daardie jaar oorlede. Hy is deur prof. P.J. Burger opgevolg.

Philip Jacobus Burger is in 1930 gebore en ontvang sy opleiding eers aan die Universiteit van Stellenbosch: BSc(Landbou) in 1951, en daarna aan die Universiteit van Pretoria: MSc(Agric) in 1965 en Doktor in Agrariese Voorligting in 1968. Hy is in 1965 as senior lektor in die Departement opgeneem en op 1 April 1969 tot professor en hoof bevorder. Prof. Burger het, benewens binnelands, ook 'n aantal besoeke aan kongresse in Afrikalande gebring. Daar was destyds blykbaar nog hartlike samewerking met landbouverenigings buite die grense van die land.

Prof. P. Burger, Hoof, Departement Agrariese Voorligting, 1969–1977.

Prof. Burger is in 1977 deur prof. G.H. Düvel opgevolg. Gustav Heinrich Düvel is in 1942 gebore en word in die distrik Greytown in Natal groot. Hy matrikuleer in 1960 op Hermannsburg. Sy verdere opleiding ontvang hy aan die Landboukollege Cedara en daarna aan die Universiteit van Pretoria: BSc(Agric) in 1965, MAgric (Inst Agrar) in 1970 en DAgric (Inst Agrar) in 1974 nadat hy gedurende 1971/1972 in Hohenheim, Duitsland, studeer het. Na enkele jare in die diens van die Departement Landboutegniese Dienste, is hy in 1973 as senior lektor aan die Universiteit van Pretoria aangestel en in 1977 tot professor bevorder.

Departement Biochemie

"Geen enkel wetenskap is in dieselfde mate gemoeid met die studie van so 'n variasie van lewende organismes as die Landbouwetenskap nie", skryf prof. D.J.J. Potgieter. En Biochemie speel 'n sentrale rol daarin. Prof. Potgieter skryf verder soos volg oor die ontstaan van die vakgebied. "Die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

skepping van 'n Departement Biochemie in 1940 in die Landboufakulteit kan beskou word as 'n merkwaardige gebeurtenis omdat Biochemie as 'n onafhanklike dissipline toe selfs aan oorsese universiteite maar skrale erkenning gekry het. Daar was egter duidelik aanduidings van die belangrike rol wat hierdie wetenskap sou speel in studies van alle vorme van lewe". Daar is al hoe meer begryp dat baie landbouprobleme alleen opgelos kan word deur 'n diepgaande studie van die Biochemie. Dit is ook een van die wetenskappe wat na die Tweede Wêreldoorlog 'n fenomenale uitbreiding ondergaan het.

Die grondleêr van hierdie Departement, prof. J.H. Kellerman, is in 1956 deur dr., later prof. D.J.J. Potgieter as departementshoof opgevolg. Die laasgenoemde was in 1982 nog steeds in die pos. Daniel Jacobus Johannes Potgieter is in 1924 gebore en het sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BSc (1946) en MSc (1948) en daarna PhD (1956) aan die Universiteit van Kalifornië, waar hy vanaf 1952 gestudeer het. Hy is reeds in 1948 aan die Universiteit van Pretoria aangestel as lektor in Biochemie en is in 1956, na sy terugkeer uit Amerika, tot senior lektor bevorder. In dieselfde jaar het hy prof. Kellerman opgevolg, eers in waarnemende hoedanigheid, en hy is van 1959 af professor in en hoof van die Departement Biochemie.

Prof. Potgieter het 'n reorganisasie in die Departement teweeg gebring en dit het daarna in 'n aantal rigtings ontwikkel, onder andere: plantgifstowwe, mikrotoksiene, botolinustoksiene, bosluistoksiene, hormone en Genetiese Biochemie. Die personeel het teen 1982 aangegroei tot sewe, onder wie, naas prof. Potgieter, nog twee professore: A.W.H. Neitz en N.M. Vermeulen. Veral op nagraadse vlak word samewerking verleen aan onder andere die Departemente Voedselwetenskap, Genetika en Veekunde.

Prof. Potgieter het ook buite die Universiteit 'n belangrike aandeel in sake wat sy vak aangaan, onder andere in die Nasionale Instituut vir Voedingsiektes en Voedseltegnologie en die Adviesraad vir Waternavorsing, albei van die WNNR, asook die Afdeling Biologiese Evaluering van die Nasionale Voedselnavorsingsinstituut. Hy het verskeie kongresse, hier en oorsee, bygewoon, en soms referate gelewer. Hy het aan verskeie navorsingsprojekte meegewerk. Nadat hy permanente dekaan van die Fakulteit Landbouwetenskappe geword het, is hy as departementshoof deur prof. L. Visser opgevolg.

Departement Grondkunde en Plantvoeding

Hierdie Departement is een van die oudstes in die Fakulteit, en was oorspronklik bekend as die Departement Landbouskeikunde. In 1956 is die naam verander na Grondkunde en 1969 tot Grondkunde en Plantvoeding. Die dissipline word beskryf as "kennis omtrent die ontstaan, funksionering en manipulering van grond" en dit word as "fundamenteel tot die voortbestaan van mens en dier" beskou—so is dit by geleentheid deur die hoof van die Departement gestel. Hy wys verder op die wye studieveld daarvan wat internasionaal in die volgende spesialiteitsrigtings onderverdeel word: Grondvrugbaarheid en Plantvoeding, Grondchemie, Grondfisika, Grondbiologie, Grondmineralogie. Grondkunde en Plantvoeding dien ook as 'n ondersteunende vakgebied vir Landbouingenieurswese, Landskapargitektuur en Natuurbewaring.

Die Departement het deurgaans 'n aansienlike aantal studente getrek, sowel voor- as nagraads. Die personeel is lede van Suid-Afrikaanse en internasionale bodemkundige verenigings. Van die Suid-Afrikaanse Bodemkundige Vereniging was prof. Fölscher van 1963 tot 1965 voorsitter. In die laasgenoemde jaar is daar by die Universiteit van Pretoria die eerste Nasionale Bodemkundige Kongres in Suid-Afrika gehou. Op voorstel van prof. Fölscher is dié naam verander tot die huidige Grondkundige Vereniging van Suid-Afrika.

Gedurende die hele periode 1960–1982 het die Departement slegs een hoof gehad. Hy was prof. W.J. Fölscher, wat prof. J.J. Theron in 1956 opgevolg het. Willem Jacobus Fölscher is in 1921 gebore en het, terwyl hy in die Departement Landbou-tegniese Dienste in Pretoria werksaam was, met na-uurse studie aan die Universiteit van Pretoria begin. Hy het in 1941 die graad BSc (Chemie en Fisika) behaal, daarna navorsingsassistent in die Departement Landbouskeikunde geword en daarop in 1943 die graad MSc in Chemie behaal. Gedurende 1944–1947 doen hy vir die Departement Landbou-tegniese Dienste grondondersoek op die staatsbesproeiingskemas by Witrivier, Groblersdal, Koedoeskop, Rustenburg, Buffelspoort, Uitenhage en in die Visriviergebied. In 1948 is hy aangestel as lektor in Landbouskeikunde aan die Universiteit van Natal, maar hy vertrek in 1952 met 'n studiebeurs na Amerika en behaal in 1955 die PhD-graad aan die Universiteit van Kalifornië (Berkeley). Dit is gevolg deur 'n kursus oor die lugkartering van grond aan die Tegniese Universiteit van Delft. Nog in dieselfde jaar, 1955, is hy aangestel as senior lektor in die Departement Grondkunde aan die Universiteit van Pretoria en is hy die volgende jaar tot professor en hoof bevorder.

Prof. Fölscher het in 1964 'n studiereis deur Europa onderneem tot in die Swartseegebied van Rusland, en hy het Suid-Afrika terselfdertyd op die Agste Internasionale Bodemkundige Kongres in Boekarest verteenwoordig. Hy het op verskeie komitees van die Departement Landbou-tegniese Dienste gedien en onder andere navorsing gedoen oor grondversuring, bemesting en besoedeling. As konsultant het hy grond vir besproeiingsprojekte in die swart tuislande en grondverbrakking in die Sondagsriviervallei ondersoek.

Die Departement het in 1981 ook nog 'n medeprofessor, prof. R.O. Barnard, 'n lektor en 'n navorsingsbeampte op sy personeel gehad en daarby twee ereprofessore, wat albei voorheen dosente was. Die een is prof. H. van der Watt, 'n deskundige op die gebied van Grondfisika, wat ook aan die Universiteit van Kalifornië studeer en daar 'n PhD-graad behaal het. Hy was van 1959 tot 1960 lektor, later senior lektor, in die Departement,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

daarna professor aan die Universiteit van Fort Hare en daarna adjunk-direkteur in die kantoor van die Eerste Minister, tans die Staatspresident, se wetenskaplike raadgewer. Die ander ereprofessor is dr. R.E. Oberholster, wat weer 'n spesialis op die gebied van grondmineralogie is. Hy het sy opleiding tot die doktorsgraad in 1966 aan die Universiteit van Pretoria ontvang en hy was agtereenvolgens lektor en senior lektor in die Departement. Sedert 1969 is hy werksaam by die Bounavorsingsinstituut van die WNNR, eers as hoof en later as senior hoofnavorsingsbeampte.

Departement Landbou-ekonomie

Landbou-ekonomie word deur prof. J.A. Groenewald beskryf as "'n wetenskap wat 'n hoeksteen vorm in landboukundige opleiding." Dit word selfs beoefen deur universiteite wat geen landbouopleiding het nie, soos die Randse Afrikaanse Universiteit, die Rhodesuniversiteit en die Universiteit van Suid-Afrika, wat Suid-Afrika betref, en elders onder andere die universiteite van Stanford en Chicago in Amerika.

Die naam van die Departement is eintlik selfverklarend, maar die wydvertakte onderdele daarvan word nie altyd besef nie. So word daar gewys op die volgende spesialiteitsrigtings: mikroproduksie-ekonomie, wat oor boerderybestuur op klein skaal gaan; makroproduksie-ekonomie, wat gaan oor die verhouding tussen landbou en ander sektore; regionale ontwikkeling, veral op die platteland; landboubeleid, wat die optrede van die owerheid in landbousake aanbetref; landboubemarking en landbou-ontwikkelingsekonomie.

Hierdie Departement het 'n leidende rol op die gebied van navorsing in Suid-Afrika gespeel, byvoorbeeld wat die volgende betref: "begrotingstegnieke met boerderybeplanning . . ., ekonometriese vraaganalise op landbouprodukte . . ., landbou-bestuursinligtingsmetodes . . ., ekonomiese landbouaanbodanalise." Volgens 'n opgawe van 1972 het die Departement hom onder andere met die volgende navorsingsprojekte besig gehou: "die vraag na water vir alternatiewe gebruike, ekonomiese aspekte van verskillende grondbesettingstelsels, bestuursaspekte van grootskaalse landbou-ondernemings, potensiële verbeterings in die bemarkingstrategie van landboubeheerrade, die aanbod van mielies, die landboupotensiaal van Vendaland, bestuursprogrammering in tabakboerdery en vleisproduksie-uitvoerpotensiaal".

Die grondslag van hierdie dissipline is aan die Universiteit van Pretoria en miskien ook in Suid-Afrika deur prof. F.R. Tomlinson gelê. Frederik Rothmann Tomlinson is in 1908 op Swellendam gebore. Sy opleiding het hy eers aan die Universiteit van Stellenbosch ontvang, BSc in 1929 en MSc in 1930, albei in die Landbou-ekonomie en albei met lof en die laasgenoemde as die eerste in Suid-Afrika. Daarna het het hy die PhD-graad aan die Cornell-universiteit in 1933 en die DSc(Agric)-graad in Landbou-ekonomie, ook die eerste in Suid-Afrika, in 1937 aan die Universiteit van Pretoria behaal. Hy het 'n wye verskeidenheid aanverwante vakke in Amerika bestudeer en was in 1932 werksaam by die Bureau of Agricultural Economics in Washington. Intussen en ook direk hierna het hy 'n aantal landboukolleges in Amerika en Europa besoek.

Sy amptelike loopbaan het in 1934 in die afdeling Ekonomie en Markte begin, wat hom daardie jaar as lektor aan die Universiteit van Stellenbosch afgestaan het. In 1935 is hy terug in die afdeling Ekonomie en Markte en in 1939 is hy aan die Universiteit van Pretoria as professor in en hoof van die Departement Landbou-ekonomie aangestel. Hy keer egter in 1955 terug na die staatsdiens, eers as assistent-direkteur, navorsing, van die Transvaalstreek en sedert 1957 as direkteur van die Transvaalstreek. Hy is as medeprofessor in die Departement Landbou-ekonomie benoem en met sy besondere belangstelling in Agrariese Voorligting het hy 'n belangrike aandeel in die uitbou van dié vakgebied gehad.

Prof. Tomlinson was betrokke by 'n hele aantal regeringskommissies van ondersoek. Hy het veral naam gemaak as voorsitter van die Kommissie van Ondersoek na die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede van Suid-Afrika.

Hy het 'n hele aantal toekennings in sy lewe ontvang, onder andere die Havengaprys in 1957. Na sy aftrede in 1973 het hy die volgende eredoktorsgrade ontvang: in 1975 van die Universiteit van Pretoria, in 1980 van die Universiteit van Stellenbosch en in 1985 van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. In die laasgenoemde jaar is die Dekorasie vir Voortreflike Diens (DVD) aan hom toegeken.

As hoof van die Departement is prof. Tomlinson reeds in 1958 opgevolg deur dr. D.J.G. Smith, toe nog senior lektor. Dirk Jacobus Gysbert Smith is in 1927 gebore. Sy Bsc(Agric)- en sy MSc(Agric)-graad behaal hy onderskeidelik in 1948 en 1952 aan die Universiteit van Pretoria, albei met lof. In 1953 kry hy die Msc-graad aan die Iowa State College en daarna, in 1963, die DSc(Agric)-graad aan die Universiteit van Pretoria. Hy is in die laasgenoemde jaar tot professor bevorder. In 1963 is hy aangestel in die Kommissie van Ondersoek na Koöperatiewe Aangeleenthede en die Kommissie insake Universiteitsopleiding aan Nie-Blanke Universiteitskolleges. Hy bedank in 1968 om 'n pos aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat te aanvaar en is deur prof. J.A. Groenewald opgevolg.

Johannes Andries Groenewald is in 1933 gebore en het sy opleiding eers aan die Universiteit van Pretoria ontvang, BSc(Agric) in 1954 en MSc(Agric) in 1958, en daarna verkry hy die PhD-graad aan die Purdue-universiteit in Amerika in 1967. Ook hy was aanvanklik werksaam in die afdeling Ekonomie en Markte, van 1954 tot 1957, en van 1957 tot 1960 by die landgoede van Letaba en Zebediela. Van 1964 tot 1967 was hy senior lektor in Landbou-ekonomie aan die Universiteit van Natal. Hierna is hy in 1967 as senior lektor aan die Universiteit van Pretoria aangestel en in 1968 bevorder tot professor in en hoof van die Departement Landbou-ekonomie.

Die Departement is veral trots op die prestasies van sy studente en oud-studente. Van sy oud-stu-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dente vul van die hoogste posisies in die kommersiële, finansiële en landboumilieu in Suid-Afrika. Nadat die Landbou-ekonomiese Vereniging van Suid-Afrika in 1964 'n jaarlikse prys uitgeloof het vir die beste magisterverhandeling in Landbou-ekonomie in Suid-Afrika, was meer as die helfte van die pryswenners vir twee dekades lank Tukkiestudente.

Departement Mikrobiologie en Plantpatologie

Soos die naam sê is daar twee vakke in hierdie Departement saamgevat, naamlik Mikrobiologie en Plantpatologie (voorheen genoem Plantsiektekunde). Mikrobiologie is die studie van mikroskopies klein organismes: virusse, bakterieë en fungi. Die naam Plantpatologie of Plantsiektekunde is selfverklarend. Dit gaan om die siektes van plante en die bestryding daarvan.

By die ontstaan van die Fakuteit Landbouwetenskappe, indertyd bekend as die Fakulteit Landbou, was Plantsiekteleer en Mikrobiologie, soos dit destyds bekend was, een van die departemente en wel onder prof. J.M. Hector. Hy is in 1944 opgevolg deur prof. B.J. Dippenaar van Stellenbosch. Met sy oorname het die naam Plantsiektekunde en Mikrobiologie vir die Departement ontstaan. In 1958 is prof. Dippenaar opgevolg deur prof. P.M. le Roux, wat op sy beurt in 1968 opgevolg is deur prof. J.M. Kotzé. Hy was in 1982 nog hoof van die Departement.

In 1971 is die twee vakke geskei en het elkeen 'n selfstandige departement geword, met prof. P.L. Steyn hoof van die Departement Mikrobiologie en prof. Le Roux die hoof van Plantsiektekunde. Met die inlywing van die Fakulteit Landbouwetenskappe by die Universiteit, is die twee vakke weer saamgevoeg tot een Departement Mikrobiologie en Plantsiektekunde. Prof. Kotzé het toe hoof van die Departement geword, terwyl prof. Steyn, wat professor gebly het, die afdeling Mikrobiologie vir sy rekening geneem (of behou) het.

Tot in hierdie stadium was Mikrobiologie 'n hoofvakkeuse slegs vir die BSc (Agric)-graad, terwyl dit nagraads in die Fakulteit Wis- en Natuurkunde aangebied is. Van 1980 af was dit ook 'n hoofvakkeuse vir die suiwer BSc-graad. Toe is die naam van hierdie departement verander na Mikrobiologie en Plantpatologie. Daar is twee studierigtings aangebied: Basiese Virologie en Molekulêre Mikrobiologie. As gevolg van hierdie verskeidenheid van rigtings het die studentegetalle aansienlik toegeneem.

Wat navorsing betref, het prof. Hector 'n goeie basis gelê, want hy was bekend as produktiewe navorser. Hierop het prof. Dippenaar voortgebou, veral wat navorsing oor die konsentriese ringvleksiekte by sitrus betref. Daarna het die werk van prof. Kotzé en sy studente oor die swartvleksiekte by sitrus erkenning geniet. Ander navorsingsterreine waarop proff. Kotzé en Steyn en hulle medewerkers gekonsentreer het, was avocadosiektes, bakteriese swartsiekte by mango's, kratersiekte by koring op die Springbokvlakte, en nog baie ander. Daar is 'n omvattende studie van die mikrobe-ekologie van die Nylvleisavannesisteem gedoen.

Die Departement is aktief besig met navorsing in die nuwe glashuis, 'n geskenk van die Koringraad, spesifiek toegepas op koringwortelsiektes. Dié navorsing word weerspieël deur 'n groot aantal publikasies, "voorwaar 'n rekord waarop met reg trots gevoel kan word." Die strewe van die Departement is teoretiese navorsing wat tot praktiese resultate kan lei.

Soos gesê, is prof. Dippenaar in 1958 opgevolg deur prof. P.M. le Roux. Pieter Meyer le Roux is in 1926 gebore. Hy het in 1949 die BSc(Agric)-graad aan die Universiteit van Stellenbosch behaal, in 1951 MSc(Agric) in Plantsiekteleer aan die Universiteit van Pretoria en in 1954 PhD in Plantsiekteleer en Mikrobiologie aan die Wisconsinuniversiteit. Hy bedank in 1968 om 'n ander betrekking te aanvaar en is deur prof. J.M. Kotzé opgevolg.

Johannes Marthinus Kotzé is in 1928 in die distrik Vanrhynsdorp gebore. Hy het in 1952 BSc(Agric) aan die Universiteit van Stellenbosch behaal en in 1963 DSc(Agric) met lof aan die Universiteit van Pretoria. Sy eerste betrekking was in die afdeling Plantbeskerming in Pietermaritzburg, van 1954 tot 1956. Daarna was hy van 1956 tot 1965 navorsingsbeampte en later hoof van alle veldnavorsing van African Explosives and Chemical Industries. In 1966 het hy hoof geword van die Westfalialandgoed en die Merenskytrust.

Hy het verskeie besoeke aan die buiteland ge-



Prof. P.M. le Roux, Hoof, Departement Mikrobiologie en Plantpatologie, 1958–1968.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

bring om nuwe metodes te bestudeer en kennis uit te ruil. Hy was of is direkteur van verskeie ondernemings, onder andere van die Tzaneen-sitruskooperasie en voorsitter van die Avocadovereniging van Suid-Afrika en van die Suid-Afrikaanse Houtkwekersvereniging.

Departement Plantproduksie

Die naam Plantproduksie is in 1974 aan hierdie Departement gegee toe—met die uitlywing van die Fakulteit Landbouwetenskappe—twee bestaande departemente gekonsolideer is, te wete die Departement Agronomie en Biometrie en die Departement Weidingsleer. Met die konsolidasie is Biometrie oorgeplaas na die Departement Statistiek, terwyl die afdeling Groenteteelt, wat vroeër onder Tuinboukunde geressorteer het, oorgeplaas is na Plantproduksie. Onder die dissipline Plantproduksie word die verbouing en bestuur van alle plante van ekonomiese waarde op geploegde grond, met die uitsluiting van vrugte en sierplante (wat onder Tuinboukunde ressorteer) gehanteer, asook alle plante van ekonomiese waarde op natuurlike veld, met die uitsluiting van Bosbou. Hiervoor word 'n deeglike kennis van die betrokke plante vereis, hulle groeivereistes, faktore wat groei beïnvloed soos klimaats- en grondfaktore, en die biologiese bestuur van die betrokke plantsoorte of kombinasies daarvan.

Plantproduksie is 'n toegepaste wetenskap gegrondves op fundamentele beginsels wat gesetel is in 'n hele aantal ander wetenskappe, soos Plantkunde, Chemie, Fisika, Wiskunde, Grondkunde en Genetika. Omdat grense in die landbouwetenskap so kunsmatig is, is noue samewerking in sowel opleiding as navorsing nodig, met dissiplines soos Grondkunde, Genetika, Biochemie, Veekunde, Plantsiektekunde en Entomologie.

Die aanvanklike Departement Agronomie het in 1919 tot stand gekom en in 1963 is die benaming verander na Agronomie en Biometrie om erkenning te gee aan Biometrie, wat toe nog 'n relatiewe jong wetenskap was.

Van die vyftiger- tot die sewentigerjare is die kursus Landbouklimatologie deur Agronomie of Weidingkunde geadministreer en is lesings daarin deur amptenare van die Departement Landbou op 'n deeltydse grondslag aangebied. Mej. J.S. Whitmore, veral, het hierdie diens baie jare lank met groot onderskeiding behartig. Vanaf 1981 word Landbouklimatologie as 'n integrale deel van Plantproduksie gehanteer.

Prof. D.G. Haylett was die derde hoof van die ou Departement Agronomie. David Graaf Haylett is op 14 Augustus 1901 in Pretoria gebore. Hy skryf in as een van die eerste studente van die destydse Transvaalse Universiteitskollege en vertrek aan die einde van sy tweede jaar na die Universiteit van Illinois, VSA, waar hy die BSc in Agronomie en Genetika in 1922 en die MSc in Agronomie in 1923 behaal. In 1925 word die PhD met Plantfisiologie as hoofrigting deur die Universiteit van Cornell, VSA, aan hom toegeken. Hy word in 1926 aangestel as lektor aan die Stellenbosch-Elsenburglandboukollege en in 1929 as senior lektor aan die Transvaalse Universiteitskollege. In 1930 aanvaar hy 'n pos by die Rhodes Matoppo Estates naby Bulawayo en daarna by The Cape Orchard Company, maar hy keer spoedig terug na die Universiteit van Pretoria waar hy dien as senior lektor (1937—39) en as professor en hoof van die Departement (1940—66). Na sy aftrede word sy dienste in 'n tydelike hoedanigheid gekontinueer tot 1969. Prof Haylett sal veral onthou word vir sy navorsing oor afloop en erosie, groenbemesting, wisselbou en rusoeste.

Die Havengaprys is in 1972 vir sy bydraes op hierdie gebiede aan hom toegeken. Hy was ook voorsitter van die Nasionale Voedingsraad en een van die eerste redaksielede van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Landbouwetenskap*. Hy is in 1974 op Hermanus oorlede.

As vierde hoof van die Departement is prof. P.C. Nel (1967–82) aangestel. Hy het later hoof geword van die gekonsolideerde Departement Plantproduksie.

Philip Cornelius Nel is in 1929 op Stellenbosch gebore en hy behaal die grade BSc(Agric) in 1950, MSc(Agric) in 1953 en DSc(Agric) in 1958 aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy doen ook nadoktorale studie aan die Iowa State University, VSA, gedurende 1959–60. Hy begin sy loopbaan in die Departement van Landbou as lektor-navorser by die Stellenbosch-Elsenburglandboukollege vanaf 1951, en hy aanvaar vanaf begin 1958 'n pos as senior lektor in Agronomie aan die Universiteit van Pretoria. Vanaf die begin van 1967 word hy bevorder tot professor in en hoof van die Departement. Prof. Nel was gedurende dié tydvak ten nouste gemoeid met die aanpassing van opleiding by moderne eise. Op sy vakgebied is Onkruidwetenskap as volwaardige studierigting en Besproeiingswetenskap en Gewasfisiologie as afsonderlike kursusse ingestel. Hy het oor 'n wye terrein navorsing gedoen, maar hy het veral in chemiese onkruidbeheer gespesialiseer.

Sedert 1980 is prof. P.S. Hammes as medeprofessor in die Departement aangestel.

Pieter Snyman Hammes is in 1966 as lektor in die Departement Agronomie en Biometrie aangestel. Hy het die grade BSc(Agric) in 1964, MSc(Agric) in 1966 en DSc(Agric) in 1973 aan die Universiteit van Pretoria behaal. Op navorsingsgebied verdiep hy hom in die Gewasfisiologie en hy konsentreer veral op aartappels.

'n Deel van die geskiedenis van hierdie Departement lê opgesluit in die gewese Departement Weidingsleer. In 1960 was mnr. A.J. Pienaar as senior lektor hoof van die Departement. Hy het prof. J.P. Botha opgevolg toe die laasgenoemde as hoof van die afdeling Akkerbou en Weiding van die Departement Landbou aangestel is. Prof. Botha is later aangestel as Landbou-attaché in Londen. Die Departement Weidingsleer het sedert 1954 bestaan toe Weidingsleer, asook Genetika, van die destydse Departement Agronomie afgestig het. Adriaan Jacobus Pienaar is in 1925 op Bethal gebore en het die BSc-graad in 1946 aan die Potchefstroomse Universiteitskollege behaal. Hy word

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. A.J. Pienaar, Hoof, Departement Weidingsleer, 1959–1970

aangestel as weidingsnavorser aan die Landboukollege Cedara en hy aanvaar in 1949 'n lektoraat aan die Universiteit van Natal. In 1955 word hy aangestel as senior lektor aan die Universiteit van Pretoria en in 1959 as hoof van die Departement. In 1967 word hy bevorder tot professor toe hy die DSc(Agric) aan dié universiteit verwerf. Hy sal veral onthou word vir sy aandeel in die skepping van die veldbestuurstelsel bekend as beheerde selektiewe weiding', wat op die Soutpansproefplaas gedemonstreer is. Hy is in 1970 aangestel as adjunk-direkteur (navorsing) in die Transvaalstreek van die Departement Landbou-tegniese Dienste en is later bevorder tot Direkteur: Akkerbou-Weiding van dieselfde Departement. Hy is in 1982 oorlede. Hy is deur prof. J.O. Grunow opgevolg.

Julius Otto Grunow is in 1928 op Fouriesburg gebore. Hy behaal die BSc(Agric) aan die Universiteit van Natal in 1951 en daarna die MSc(Agric) in 1959 en die DSc(Agric) in 1966 aan die Universiteit van Pretoria. Gedurende 1966–67 doen hy vir 'n jaar na-doktorale studie aan die Universiteit van Wisconsin. Hy begin sy loopbaan in die Departement van Landbou in 1952 as voorligtingsbeampte op Bethlehem. Hy onderbreek dit om twee jaar op die familieplaas by Fouriesburg te gaan boer en sit sy loopbaan in 1955 as navorser op Potchefstroom voort. In 1959 word hy as lektor aan die Universiteit van Pretoria aangestel en in 1968 tot senior lektor bevorder. Gedurende 1970 aanvaar hy 'n pos as senior lektor in Plantkunde aan die Universiteit van Natal, maar hy keer in 1971 terug na die Universiteit van Pretoria toe hy aangestel word as professor in en hoof van die Departement Weidingsleer. Met die opgaan van hierdie Departement in die Departement Plantproduksie, behou hy die rang van volle professor.

Die Departement is ingestel op praktykgerigte voorgraadse opleiding wat gegrondves is op 'n sterk fundamentele basis. In Plantproduksie is daar tans drie hoofrigtingkeuses, te wete Agronomie, Weidingkunde en Onkruidwetenskap. Nagraads is daar verskeie gevorderde kursusse, maar sterk klem word op navorsing gelê. Daar is deurentyd gepoog om studente in bestaande projekte te akkommodeer.

Navorsing oor gewasfisiologie is op verskeie gewasse uitgevoer, maar dit is veral vir navorsingswerk oor aartappels dat finansiële steun van die Departement Landbou-tegniese Dienste en die Aartappelraad ontvang is."

Ewe-eens is daar ook deurentyd finansiële steun van buite-instansies vir weidingsnavorsing ontvang. Op natuurlike veld is ingeskakel by die Nylsvleiprojek, wat deur die WNNR gesteun is, en verder het die Departement Landbou-tegniese Dienste ruim bygedra tot navorsing oor 'n voervloeiprojek met aangeplante weidings, wat saam met die Departement Diereproduksie op die Hoëveldproefplaas uitgevoer is. Die Departement Plantproduksie het 'n belangrike rol gespeel in die loodsing van navorsing by, en die beplanning en bestuur van hierdie nuwe proefplaas, naby Bapsfontein, wat die Universiteit in 1977 aangekoop het.

As 'n meer toegepaste dissipline leen Plantproduksie hom sterk tot gemeenskapsdiens. Personeel van die Departement was in hierdie tydvak gesogte sprekers op kongresse, simposiums, boeredae en vergaderings van studiegroepe, asook by werkspanne van die Departement Landbou. Die fitotron en veldproewe op die twee proefplase is populêre besoekpunte vir oorsese besoekers en plaaslike groepe wetenskaplikes, boere, onderwysers, studente en skoliere. Deskundige advies is ook op 'n breë front verleen aan individue en organisasies in die bedryf.

Departement Tuinboukunde

Hierdie Departement bestaan reeds sedert 1923 en is een van die oudstes in die Fakulteit Landbouwetenskappe. Van 1948 tot 1974 was die hoof daarvan prof. P.C.J. Oberholzer, wat na prof. Clarke-Powell veel bygedra het tot die uitbouing daarvan. Petrus Cornelius Jacobus Oberholzer is in 1909 in Wes-Transvaal gebore. In 1931 behaal hy die BA(Agric)- en in 1932 die MA(Agric)-graad, albei met lof, aan die Universiteit van Pretoria, en in 1936 die PhD-graad aan die Universiteit van Arizona. Hierna het hy aan die Universiteit van Kalifornië (Riverside) navorsing gedoen in verband met sitrus en ander subtropiese vrugte.

Van 1932 tot 1934 was hy werksaam as plaas-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

voorman van die Proefplaas van die Universiteit van Pretoria en hy tree na sy terugkeer uit Amerika in die diens van die Departement Landbou as tuinboukundige navorser op Nelspruit oor sitrus en ander subtropiese vrugte. Hier doen hy belangrike navorsing oor die magnesiumtekort in die grond van die Laeveld. Hy begin hom hier toelê op virussiektes van sitrus, waarvoor hy later internasionale erkenning ontvang het. Sy baanbrekende navorsing het sitrusverbouing oor die hele Suid-Afrika op 'n gesonde grondslag geplaas.

Dr. Oberholzer is in 1940 aangestel as senior lektor en hoof van die Departement Tuinboukunde aan die Universiteit van Pretoria en in 1948 is hy bevorder tot professor.

In samewerking met ander navorsers in die Fakulteit is daar 'n studie gemaak van grondprobleme en die voeding van tuinbougewasse, asook die versuring van grond onder besproeiing. Dit het verder gelei tot die bestryding van virussiektes by sitrus en die invoering van nuwe kultivars met 'n groter weerstand teen siektes.

Van 1958 tot sy aftrede in 1974 was prof. Oberholzer dekaan van die Fakulteit Landbouwetenskappe. Hy was reeds baie vroeg al 'n voorstander van die oorname van die Fakulteit deur die Universiteit en het 'n groot aandeel in die verwerkliking daarvan gehad. Ook het hy 'n aktiewe aandeel gehad in die oprigting van die nuwe gebou vir Landbouwetenskappe, wat oor 'n lang tydperk met delikate onderhandelinge gepaard gegaan het.

Hy is in 1976 opgevolg deur prof. L.C. Holtzhausen, wat eers twee jaar waarnemende hoof van die Departement was. Lucas Cornelius Holtzhausen is in 1940 gebore. Sy landbou-opleiding het hy eers aan die Universiteit van Pretoria ontvang, BSc(Agric) in 1962, daarna aan die Universiteit van Stellenbosch, MSc(Agric) in Pomologie in 1965, en ten slotte DSc(Agric) in 1972, weer aan die Universiteit van Pretoria. Van 1965 tot 1974 was hy vakkundige beampte by die Navorsingstasie vir Sitrus en ander Subtropiese Vrugte by Nelspruit, vanwaar hy as senior lektor na die Universiteit van Pretoria oorgeplaas is.

Ook prof. Holtzhausen het 'n aantal verdienstelike bydraes tot sitrusnavorsing in Suid-Afrika gemaak. Hy was redakteur van die *Gewasproduksiejoernaal* en het referate op 'n aantal internasionale kongresse gelewer, onder andere in 1978 in Australië, in 1981 in Japan en in 1984 in Brasilië. Hy vergesel gereeld sy studente na vrugtestreke in Suid-Afrika as deel van hulle opleiding, en hy is 'n vrugbare skrywer met meer as 50 wetenskaplike en populêre publikasies tot sy krediet. Sy spesialiteitsgebied is die morfogenese van vrugteontwikkeling (veral by sitrus) asook die veredeling van ons inheemse vrugtegewasse, soos die maroela.

Prof. Jan Bonsma, Hoof, Departement Veekunde (Voorheen Diereproduksie), 1958–1973.

Departement Veekunde

In 1919 het 'n Departement Veeteelt tot stand gekom met prof. A.M. Bosman as die eerste hoof. Hy is opgevolg deur prof. F.N. Bonsma, 1945–1954, prof. J.S. Starke, 1954–1955, en na hom prof. J.C. Bonsma.

Die naam *Veeteelt* is in 1964 tot *Veekunde* verander aangesien die nuwe naam die inhoud van die dissipline beter weergee. Die naam is egter in 1967 weer verander na *Departement Veekunde en Dierefisiologie* en in 1974, met die konsolidering, na *Departement Diereproduksie*, maar in 1981 is dit weer verander na *Departement Veekunde*. Volgens prof. Maree, die hoof van die Departement, behels dit "kundigheid oor plaasvee" en hy vervolg: "Dit sluit in alle faktore wat veeproduksie beïnvloed soos spesies van plaasvee, rasse, voeding, teling en evaluering, ekologie, reproduksie, bestuur, behuising, bemarking en so meer."

Die dissipline het ontstaan met die veredeling van plaasvee in die 18de eeu of selfs vroeër. Universiteitsopleiding het in die 19de eeu in die buiteland begin, en aan die Universiteit van Pretoria met die ontstaan van die Fakulteit Landbou. In 1960 was prof. J.C. Bonsma die hoof van hierdie Departement.

Jan Cornelius Bonsma is in 1909 gebore en hy ontvang sy skoolopleiding op Heidelberg, Transvaal. Daarna behaal hy die BSc(Agric)-graad in 1931 aan die Universiteit van Pretoria en die HOD in 1932 aan die Heidelbergse Opleidingskollege. Hy het van 1933 tot 1935 skoolgehou in Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

en intussen ingeskryf vir die MSc(Agric)-graad aan die Universiteit van Pretoria, wat hy in 1936 behaal. Met steun van 'n George Farrar-beurs gaan hy na die Iowa State College waar hy onder prof. J.L. Lush telingsleer studeer.

Terug in Suid-Afrika, tree hy in die diens van die Departement Landbou en hy word in beheer geplaas van veekundige navorsing op die Mara- en Messinaproefplase, waar hy in opdrag van prof. A.M. Bosman begin met 'n beeskruisteelprojek, wat later sou lei tot die skepping van die Bonsmararas.

Hy is in 1940 as tydelik-deeltydse lektor in Veeteelt benoem en hy was van 1958 professor in en hoof van die Departement Veeteelt, ook later van die gekonsolideerde Departement Diereproduksie. Hy het talle lande in diens van die wetenskap besoek en wye erkenning ontvang.

In 1974 is prof. Bonsma aangestel as hoof van die groter Departement Diereproduksie, wat gevorm is met die konsolidasie van die Departemente Veekunde, Skaap- en Wolkunde en Pluimveekunde—waarvan die naam mettertyd weer verander is na Veekunde. Hy tree in dieselfde jaar af.

Voor konsolidasie in 1974, was daar selfstandige Departemente Skaap- en Wolkunde (voorheen Skaapteelt en Woltegnologie) en Pluimveekunde, wat albei in die gekonsolideerde Departement Diereproduksie opgeneem is. In 1960 was prof. D.M. Joubert hoof van die eersgenoemde en hy bly dit, later deeltyds, tot 1970, toe hy aangestel is as adjunk-direkteur (navorsing) van die Transvaalstreek. Hy is opgevolg deur prof. J.W. Nel, wat aan die Universiteit van Stellenbosch die grade BSc (Agric) en MSc(Agric) ontvang het, en in 1968 die doktorsgraad aan die Institute of Agriculture, University of Western Australia.

Met konsolidasie het prof. Nel aangebly in die groter Departement Diereproduksie. Hy het 'n waardevolle bydrae aan die Departement gelewer, veral op die gebied van dierevoeding en as promotor van nagraadse studente. In 1981 het prof. Nel afgetree om hom op skaapboerdery toe te lê.

Prof. P.H.C. du Plessis was ten tye van konsolidasie hoof van die Departement Pluimveekunde. Voorheen was hy agtereenvolgens verbonde aan die landboukollege op Glen en die Universiteit van Natal, by die laasgenoemde as dosent in Pluimveekunde. Prof. du Plessis het 'n BSc(Agric)-graad aan UP verkry, 'n Diploma in Dieregenetika aan Edinburgh, Skotland, en 'n DSc(Agric)-graad, ook aan die Universiteit van Pretoria.

Prof. Bonsma is deur prof. G.N. Louw as departementshoof opgevolg. Gerrit Nieuwoudt Louw is in 1933 op Nieuwoudtville gebore. Sy opleiding ontvang hy aan die Universiteit van Stellenbosch: BSc(Agric) in 1954, MSc(Agric) in 1955 en DSc(Agric) in 1963, benewens 'n skaap- en woldiploma in 1955. Ervaring het hy opgedoen as navorser en voorligtingsbeampte op Grootfonteinlandboukollege, van 1956 tot 1957, en toe as hoof tegniese beampte, later direkteur, van Rumeviteveevoere Suider-Afrika Beperk. Ook het hy verskeie oorsese studiereise onderneem. Hy is vanaf 1 Januarie 1974 as voltydse professor in die Departement Diereproduksie benoem. Professor Louw het hom as voedingkundige toegelê op die uitbouiing van dierevoeding as studierigting in die Departement Veekunde.

Hy bedank in 1977 om weer 'n aanstelling by sy voormalige firma te aanvaar en hy word opgevolg deur prof. C. Maree.

Casparus Maree is in 1928 in die Kenhardtdistrik gebore. Hy behaal die BVSc-graad met lof in 1949 aan die Universiteit van Pretoria en gaan daarna as veearts praktiseer. Sy belangstelling in Veekunde ontwikkel veral na 'n verblyf in die buiteland. Op aanbeveling van prof. Bonsma sluit hy as senior lektor aan by die Departement Veekunde, waar hy ook die DSc(Agric)-graad in Veekunde verwerf het. Hy is op 1 Januarie 1978 as professor in en hoof van die Departement Veekunde aangestel.

Die Departement Veekunde neem die voortou in Suid-Afrika en selfs teenoor buitelandse universiteite met die uitbouiing van Veekunde as 'n volwaardige professie. Die grondslag wat prof. Jan Bonsma gelê het op die gebied van Veekundige Ekologie word doelmatig voortgesit.

Nagraadse studierigtings is op elke gebied uitgebou om behalwe tradisionele rigtings soos Teling en Bestuur en Fisiologie, ook rigtings soos Wolkunde, Veekundige Ekologie, Vleiskunde, Varkkunde en veral Dierevoeding te beklemtoon. Tegnieke soos die vrugbaarheidsondersoek van plaasvee, kunsmatige bevrugting, seleksie en die beoordeling van vee, formulering van rantsoene en die gebruik van die rekenaar geniet steeds groeiende belangstelling.

Die Departement Veekunde geniet die gebruik van sowel die UP- as die Hoëveld-proefplaas en is die eienaars van 'n Friesmelkkudde, Bonsmara- en Drakensbergerkuddes geskenk deur die onderskeie twee telersverenigings, asook 'n Dorperstoet, en Dohnemerino- en S.A. Vleismerinokuddes. Daarby is die Nooitgedagterstoet van die Departement een van die bekendstes in die land.

Departement Voedselwetenskap

Hierdie Departement het in 1980 voortgekom uit die Departement Suiweltegnologie, wat aanvanklik bekend was as Suiwelbereiding en daarna as Suiwelkunde. Eintlik is dit 'n uitbreiding van die Departement Suiweltegnologie, sodat nou nie alleen suiwelprodukte behandel word nie, maar alle voedselsoorte. Suiweltegnologie was sedert die begin van die eeu 'n universiteitsvak oorsee, eers in die VSA en later in Europa; en aan die Transvaalse Universiteitskollege sedert 1920. Voedselwetenskap as sodanig is 'n jong wetenskap wat eers sedert die Tweede Wêreldoorlog oorsee ontstaan het. Die eerste opleiding in Suid-Afrika geskied vanaf 1952 aan die Universiteit van Stellenbosch. Die vakrigting kan beskryf word as "'n wetenskap wat die kennis van die ingenieur, skeikundige, biochemikus, fisikus en mikrobioloog toepas by die produksie, verwerking, verpakking, bewaring, verspreiding, evaluering en gebruik van voedsel".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. S.H. Lombard, Hoof, Departement Voedselwetenskap (voorheen Suiwelkunde), sedert 1956.

Die Departement Suiwelbereiding was een van die eerste departemente van die Fakulteit Landbou en het in 1920 onder prof. H.B. Davel tot stand gekom. Daarna was dit ten nouste verbonde aan die Suiwelnavorsingsinstituut wat in 1922, ook onder prof. Davel, ontstaan het. Die Instituut was aanvanklik op die kampus in die ou Suiwelgebou gehuisves, maar het in 1967 verskuif na 'n nuwe gebou by Irene, waar dit deel vorm van die Navorsingsinstituut vir Vee- en Suiwelkunde. Die huidige Departement word sedert 1971 saam met die res van die Fakulteit Landbouwetenskappe in die nuwe Landbougebou gehuisves.

Prof. Davel het in 1955 afgetree en is deur dr. S.H. Lombard opgevolg. Samuel Hendrik Lombard is in 1927 gebore en het op Tulbagh skool gegaan. Daarna het hy aan die Universiteit van Stellenbosch studeer: BSc(Agric) in 1948, MSc(Agric) in 1950, en ten slotte aan die Universiteit van Illinois, waar hy die PhD-graad in 1955 behaal het. In 1957 is hy aan die Universiteit van Pretoria aangestel as senior lektor en hoof van die Departement Suiwelbereiding en hy is in 1959 tot professor bevorder. Hy het in 1980 hoof van die Departement Voedselwetenskap geword. Oor die jare het hy gereeld opgetree as beoordelaar op landbouskoue, op boeredae en kongresse, en hy het ook verskeie buitelandse studiereise onderneem.

Personeellede is aktief in vakverenigings, vergaderings, kongresse, redaksies van vaktydskrifte en met die verskaffing van *ad hoc*-inligting aan voedselfirmas en dergelike. Daar is gereelde kontak met die Departement van Landbou, veral die Navorsingsinstituut vir Vee- en Suiwelkunde, die Departement Gesondheid, die Transvaalse Provinsiale Administrasie en die WNNR, waar prof. Lombard as adviseur van die Nasionale Voedselnavorsingsinstituut dien, terwyl die direkteur van die Instituut, dr. P.J. van Wyk, weer professor (honorêr) van die Departement Voedselwetenskap is.

Die uitbreiding van die opleiding van Suiweltegnologie tot Voedselwetenskap het 'n verdubbeling van die getal personeellede genoodsaak om die veel wyer veld te dek. Daar was ook voorheen nooit baie studente aan die Departement verbonde nie, maar sedert 1980 het die getalle dramaties gegroei omdat die breër voedselbedryf meer werksgeleenthede aan afgestudeerdes bied.

Suid-Afrikaanse Instituut vir Landbouvoorligting

In Augustus 1966 is daar tydens 'n kongres in die Buitemuurse Gebou van die Universiteit van Pretoria 'n Suid-Afrikaanse Instituut vir Landbouvoorligting gestig. Volgens 'n berig is die kongres bygewoon deur "landbouvoorligters en belanghebbende nywerhede oor die hele land". By hierdie geleentheid het dr. K.E.W. Penzhorn, hoofdirekteur van Landbouvelddienste, die mening uitgespreek dat so 'n instituut op die duur in die behoefte van landbouvoorligters, en ook in dié van die privaatsektor, sou voorsien. By die stigting is die eerste beheerraad gekies, met prof. F.F.H. Kolbé as president wat ook as voorsitter van die aksiekomitee opgetree het.

As 'n liggaam met 'n navorsingsopdrag het hierdie "instituut" nooit tot sy reg gekom nie. Dit het 'n vereniging geword, soos dit ook later genoem is. In sy professorale intreerede het prof. Düvel in 1977 die stigting van 'n "instituut vir Landbouvoorligting en/of ontwikkelingsnavorsing in Suid-Afrika" bepleit. Ten slotte het die huidige Instituut in 1980 op inisiatief van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Landbouvoorligting en die Departement van Landbou-tegniese Dienste (tans Landbou en Watervoorsiening) tot stand gekom.

Die hoofdoelstelling van die Instituut is die inisiëring, deurvoering en koördinering van landbouvoorligtingsnavorsing in Suid-Afrika. Meer as tien navorsingsprojekte oor aspekte soos opinieleierskap, geloofwaardigheid, studiegroepe, menslike potensiaal, verskillende aspekte van voorligtingsmetodes, kommunikasietegnieke en -strategieë, ens. is alreeds geloods. Die meeste van hierdie projekte word deurgevoer vir of in samewerking met die Departement Landbou en Visserye, wat dan ook grootliks tot die finansiering van die Instituut bydra, en ook 'n amptenaar, naamlik dr. C.H. de Klerk, as senior navorser permanent na die Instituut gesekondeer het.

Afgesien van navorsing, het die Instituut ook 'n adviesfunksie en daar word jaarliks ook verskeie kursusse in Voorligtingkunde aan voorligtingsorganisasies aangebied.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

4. *Fakulteit Regsgeleerdheid*

Van die vroegste tye af was daar regskole aan universiteite verbonde. Dit is asof die regspleging saam met die universiteite ontwikkel het. Die Middeleeuse universiteite het steeds opleiding in Burgerlike en Kanonieke Reg aangebied. Van die begin van die Transvaalse Universiteitskollege was regsopleiding dan ook aan hierdie inrigting verbonde en die Fakulteit Regsgeleerdheid het in 1918 tot stand gekom. Daar bestaan tans nog universiteite met regskole daaraan verbonde (die Universiteit van die Witwatersrand byvoorbeeld) in plaas van fakulteite.

Prof. D. Pont, wat in 1927 in dié pos aangestel is, was vir 'n geruime tyd die enigste voltydse professor in hierdie Fakulteit. Hy was professor in Romeins-Hollandse Reg en dekaan van die Fakulteit. Daar is in die beginjare veral gebruik gemaak van deeltydse doseerhulp uit die advokatepraktyk. Die opleiding was ook hoofsaaklik buitemuurs om persone met betrekkings die kans te gee om saans klasse by te woon. Die Fakulteit het oor die jare heelwat verandering ondergaan namate daar meer departemente gestig en meer dosente in voltydse hoedanigheid aangestel is.

Die jaar 1960 is 'n besondere jaar vir die Fakulteit Regsgeleerdheid in die sin dat prof. Pont in daardie jaar uit die diens van die Universiteit getree het en as dekaan deur prof. E.M. Hamman opgevolg is. Hiermee verdwyn een van die vroegste staatmakers uit die geledere van die Universiteit. Daniel Pont is in 1895 in Schiedam gebore. Sy regsopleiding het hy aan die Universiteit van Utrecht ontvang, waar hy in 1912 die LLD-graad behaal het. Sy vader was uit die kringe van die Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging en dit is dus geen wonder dat ook hy belangstelling in Suid-Afrika getoon het nie. Hy verhuis in 1923 na Suid-Afrika en gaan werk by die prokureursfirma Van Gorkum en Noonan. Hy het in hierdie jare die LLB-eksamen afgelê. Hy was ook een van die pioniers van Afrikaans deurdat hy sy lesings in die Romeins-Hollandse Reg vanaf 1929 in Afrikaans aangebied het.

Prof. Pont het belangrike dienste nie alleen aan die professie gelewer nie—hy het op baie oud-studente 'n diep indruk nagelaat—maar hy het ook die Universiteit in verskillende opsigte gedien. In 1937 het hy die *Tydskrif vir Hedendaagse Ro-*

Oorhandiging van die eerste band van die Van der Keessel-sitate in 1960:

V.l.n.r.: Proff. P. van Warmelo, Hoof, Departement Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie (voorheen Romeinse Reg en Regsleer), 1946–1973, en Dekaan, 1966–1972; D. Pont, Hoof, Departement Romeins-Hollandse Reg, 1927–1960, en Dekaan, 1927–1960; L.I. Coertze, Hoof, Departement Publieke Reg, 1933–1954; en H.L. Gonin, Hoof, Departement Latyn, 1938–1971.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

meins-Hollandse Reg as die eerste regstydskrif in Afrikaans gestig, waarvan hy tot 1960 ook redakteur was. Nie alleen het hy op die gebied van die regswese die bande met Nederland probeer handhaaf nie, maar ook op kulturele terrein. Hy het hom sterk beywer vir die Nederlands-Suid-Afrikaanse Kultuurverdrag en hy was vir jare voorsitter van die Genootskap Nederland-Suid-Afrika. In 1970 het 'n aantal kollegas en oud-studente 'n bundel artikels tot sy eer uitgegee. In 1973 het die Universiteit van Pretoria 'n eredoktorsgraad aan hom toegeken.

Prof. E.M. Hamman, professor in en hoof van die Department Handels- en Bedryfsreg, het op 1 Julie 1960 dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid geword. Hy het reeds in 1964 as dekaan afgetree toe hy akademiese registrateur en later rektor geword het. Hy is as dekaan deur prof. P. van Warmelo opgevolg, hoof van die Departement Romeinse Reg en Regsleer. Paul van Warmelo is in 1914 in Pretoria gebore. Sy regsopleiding het hy aan die Universiteit van Pretoria ontvang en daarna aan die Universiteit van Leiden, waar hy in 1941 tot doktor in die Regsgeleerdheid gepromoveer het. Hy is reeds in 1937 aan die Fakulteit Regsgeleerheid aangestel op voorwaarde dat hy eers in Nederland moet promoveer, maar die oorlog het alles vertraag en, na 'n gedwonge verdere verblyf in Nederland, is hy eers in 1946 as senior lektor en hoof van die Departement Romeinse Reg en Regsleer aan die Universiteit van Pretoria aangestel.

Prof. van Warmelo het in verskillende komitees besondere dienste aan die Universiteit gelewer. Hy was 'n ywerige navorser en het in hierdie verband dikwels universiteite en institute in die buiteland besoek. Hy was veral by die Van der Keeseluitgawe betrokke, 'n langdurige arbeid waaraan ander geleerdes ook meegewerk het.

Na hy vir 'n paar keer as waarnemende dekaan tydens die afwesigheid van prof. Hamman opgetree het, is hy in Oktober 1966 tot dekaan gekies en hy het dit tot 1972 gebly, toe prof. D.F. Mostert eers tydelik en vanaf Oktober 1972 permanent in sy plek benoem is. Prof. van Warmelo het daarna ses jaar voor hy die ouderdomsgrens bereik het, uit die diens van die Universiteit van Pretoria getree en professor aan die Universiteit van Suid-Afrika geword.

Dirk Frederik Mostert is in 1936 op Krugersdorp gebore. Aan die Universiteit van Pretoria het hy in 1956 die BA(Regte) en die LLB-graad in 1958 behaal, asook LLD in 1966. Terwyl hy in 1959 as advokaat gepraktiseer het, het hy deeltyds klas in Handels- en Bedryfsreg aan die Universiteit van Pretoria gegee. Na die vertrek van prof. Hamman het hy eers as waarnemende hoof van hierdie departement opgetree en hy is in 1967 aangestel as professor in en hoof van die Departement Romeins-Hollandse Reg en Internasionale Privaatreg. Hy bedank reeds in April 1974 om 'n ander betrekking te aanvaar en is opgevolg deur prof. P. Oosthuizen, wat op 1 Januarie 1981 as vise-rektor aangestel is, en toe deur prof. D.J. Joubert opgevolg is.

David Johannes Joubert is in 1936 in Johannesburg gebore. Hy is ook 'n oud-student van die Uni-



Prof. P. Oosthuizen, Dekaan, Fakulteit Regsgeleerdheid, 1976–1980, Hoof, Departement Prosesreg en Bewysleer, 1971–1981, Vise-rektor sedert 1981.

versiteit van Pretoria: BA(Regte) in 1956, LLB in 1959 en LLD in 1968. Vanaf 1959 was hy staatsadvokaat. Hy is in 1962 aangestel as voltydse senior lektor, in 1968 is hy tot addisionele professor bevorder in die Departement Handels- en Bedryfsreg, waarvan hy reeds sedert 1967 waarnemende hoof was. Hy bedank einde 1969 om professor aan die Universiteit van die Wes-Kaap te word, maar hy kom in 1974 terug na die Universiteit van Pretoria, waar hy aangestel is as professor in en hoof van die Departement Romeins-Hollandse Reg en Internasionale Privaatreg. Hy is van 1 Januarie 1981 af as dekaan van die Fakulteit aangestel en vanaf 1 Mei 1984 as die eerste voltydse Dekaan.

Met die loop van jare het die Fakulteit heelwat verandering ondergaan namate dit gegroei het. Daar het uiteenlopende studierigtings gekom en studentegetalle het toegeneem. Daar was ook 'n toename in die aantal dosente, van sewe tot 31. Nuwe vakke was byvoorbeeld Geneeskundige Reg, Handelsreg 400 en 500, Munisipale Reg, Regsvergelyking en Regsfilosofie 500. Daar was ook 'n verandering in die grade en diplomas wat toegeken is. BA(Regte) is verander, sodat slegs vyf uit 15 vakkeusekursusse nie-regskursusse was, en die naam is verander na BLC. Dip Lex is afgeskaf en met Dip Iur vervang. Vir die LLB is 'n groter aantal keuse-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vakke ingesluit. Sommige departemente het 'n naamsverandering ondergaan, soos Publiekreg in plaas van Staats-, Administratief- en Volkereg; Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie in plaas van Romeinse Reg; en Inheemse Reg in plaas van Bantoereg.

Daar is noue skakeling met die fakulteite Lettere en Wysbegeerte en Ekonomiese en Staatswetenskappe. Uiteraard het die Fakulteit met die praktyk te doen en die inhoud van sy opleiding is in 'n groot mate onderworpe aan wetgewing en die behoeftes van staatsdepartemente, die balieraad en die prokureursorde.

Dekane van die Fakulteit Regsgeleerdheid

Tot 1960—Prof. D. Pont
1960—Prof. E.M. Hamman
1965—Prof. P. van Warmelo
1973—Prof. D.F. Mostert
1974—Vakant
1976—Prof. P. Oosthuizen
1981—Prof. D.J. Joubert

Departement Handels- en Arbeidsreg

Hierdie Departement het in 1960 bekend gestaan as die Departement Handels- en Bedryfsreg. Dit het in 1978 die huidige naam gekry. Die Departement het oor die jare veel wisseling van personeel belewe. In 1960 was prof. E.M. Hamman die hoof, totdat hy in 1964 akademiese registrateur geword het. Daarna het die hoofskap in waarnemende hoedanigheid gewissel tussen prof. D.F. Mostert, toe nog senior lektor, en prof. P. van Warmelo en ten slotte in 1967 prof. D.J. Joubert, wat in 1968 professor in en hoof van die Departement Handels- en Bedryfsreg geword het. Hy bedank in 1969 om 'n betrekking aan die Universiteit van Wes-Kaapland te aanvaar en is 1 Januarie 1971 opgevolg deur adv. J.D.M. Swart.

Johannes Dreyer Morkel Swart is in 1935 gebore. Nadat hy in 1953 die eerste jaar van die argitektuurkursus gevolg het, het hy besluit om oor te skuif na die regstudie, waarvoor hy in 1955 ingeskryf en agtereenvolgens die volgende grade behaal het: BA(Regte) in 1957 en LLB in 1961, albei aan die Universiteit van Pretoria. Nadat hy 'n tyd lank as staatsaanklaer diens gedoen het, enkele maande in 1962 as hoofaanklaer, bedank hy en gaan praktiseer as advokaat vanaf 1963 tot 1971, toe hy professor geword het. Hy bedank hierdie pos gedurende 1974 en word deur prof. S.R. van Jaarsveld opgevolg.

Stephanus Rudolph van Jaarsveld is in 1943 gebore en hy het sy opleiding in die regsgeleerdheid aan die Universiteit van Pretoria ontvang. Hy behaal die BA(Regte) in 1964, LLB in 1966 en LLD (Handelsreg) in 1971. Hy was vanaf 1962 tot 1965 deeltyds in die staatsdiens werksaam en tree daarna, in 1966, in die diens van die Departement Handels- en Bedryfsreg as onderwysassistent. Hy is in 1967 tot senior lektor bevorder. In 1972 word hy tot medeprofessor bevorder om eindelik in 1974 professor in en hoof van die Departement te word.

Prof. D.J. Joubert, Hoof, Departement Handels- en Bedryfsreg, 1974–1983, en Dekaan, Fakulteit Regsgeleerdheid, sedert 1981.

In 1976 is prof. P.W. du Plessis as medeprofessor in die Departement aangestel. In 1981 word twee medeprofessore, nl. proff. D.H. Botha en W.N. Coetzee, aangestel. In dieselfde jaar het appèlregter G. Viljoen ereprofessor in die Departement geword. Behalwe die persone wie se name genoem is, was daar 'n aansienlike aantal dosente wat gekom en gegaan het, meestal advokate van wie se dienste gebruik gemaak is. Waar daar in 1960 slegs 'n professor, 'n senior lektor en 'n lektor op die personeel was, was die besetting in 1982 'n ereprofessor, 'n professor, twee medeprofessore en ses senior lektore, en is regskursusse aan ongeveer 1 900 studente deur lede van die Departement gedoseer. Dosente van hierdie Departement was die afgelope aantal jare betrokke by die skryf van drie standaardhandboeke oor die Handels- en Arbeidsreg. Verskeie persone het gedurende hierdie tydperk hulle LLD-grade in hierdie Departement verwerf.

Departement Inheemse Reg

Hierdie Departement het eers in 1982 die naam Inheemse Reg aangeneem. Voor dié jaar was dit bekend as Bantoereg en daarvoor as Naturellereg. Inheemse Reg vind ons natuurlik in verskillende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

lande, orals waar "inheemse" volkere woon. Wat Suid-Afrika betref, word daarmee bedoel die "tradisionele reg van die Swartman, soos gewysig, wat in erkende howe toegepas word", soos prof. J.M.T. Labuschagne, die hoof van die Departement, verduidelik. Volgens hom is die doel van die vak daarop gerig "om prokureurs en advokate en ander regslui te bewapen om regsprobleme wat daar tussen Swartes bestaan, te kan hanteer". In Engels staan die vak bekend as *African Law, Bantu Law, Customary Law* of *Indigenous Law*.

Soos in die ontstaansgeskiedenis van die Universiteit van Pretoria gelees kan word, het hierdie dissipline voortgekom uit vakke rondom Volkekunde, wat in 'n stadium Bantoeïstiek genoem is. In 1960 was mnr. J.A.G. Maré as senior lektor hoof van die Departement, wat toe as die Departement Bantoereg bekend gestaan het.

Johannes Albertus Gerhardus Maré is in 1910 op Kranskop, Natal, gebore. Sy skoolopleiding het hy op Greytown ontvang, waar hy in 1927 gematrikuleer het. Daarna volg studie aan die Universiteit van Stellenbosch, waar hy die BA-graad in 1930, die SOD in 1932 en die LLB in 1948 behaal het. Na 'n periode as onderwyser in verskillende skole en 'n periode as amptenaar in die staatsdiens, word hy in 1952 aangestel as senior lektor in en hoof van die nuwe Departement Bantoereg aan die Universiteit van Pretoria. Hy het intussen belang gestel in Volkekunde en ook 'n kursus in Bantoereg gevolg. Sy voorgestelde proefskrif sou gaan oor die familielewe van die Suid-Afrikaanse Bantoe.

Nog voor sy aanstelling aan die Universiteit van Pretoria het hy as amptenaar in die Vertaalburo opspraak verwek oor sy fenomenale talekennis: behalwe die meeste Europese tale, ook Zoeloe en tale van die Midde-Ooste. In die jare vyftig was hy sekretaris van die Perskommissie en in 1960 is die direkteurskap van die Afrika-instituut hom aangebied, maar hy het dit van die hand gewys met die oog op bevordering aan die Universiteit van Pretoria. Hy is dan ook op 1 Januarie 1962 tot professor bevorder. Aan die einde van 1963 bedank hy om rektor van die Universiteit van Zoeloeland, toe bekend as die Staats-Bantoekollege van Ngoya, te word.

Na sy vertrek was die leerstoel enkele jare vakant en is daar gebruik gemaak van tydelike leerkragte, waaronder adv. H.J.R. Myburg. Eers op 1 Januarie 1973 is die professoraat deur prof. J.M.T. Labuschagne gevul. John Martin Trotskie Labuschagne is in 1941 gebore en hy ontvang sy opleiding in Regsgeleerdheid aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, waar hy die grade DPhil en LLD behaal. Hy was dosent aan die Universiteit van Port Elizabeth toe hy aan die Universiteit van Pretoria aangestel is.

Soos in Suid-Afrika aangebied, is die vak eie aan Afrika hoewel daar aan verskeie universiteite in Europa en Amerika ook aandag aan die inheemse reg van Afrika gegee word. Volgens prof. Labuschagne ontspring dit "basies uit die behoeftes van 'n plurale gemeenskap". Soos aan die Universiteit van Pretoria gedoseer, is die vak in die eerste plek prakties gerig, hoewel die teoretiese basis daarvan nie verwaarloos word nie, waar dit weer na aan die Volkekunde kom. Inheemse Reg is 'n verpligte vak vir BProc- en LLB-studente.

Prof. J.A.G. Maré, Hoof, Departement Bantoereg (tans Inheemse Reg), 1962–1963.

Departement Prosesreg en Bewysleer

Prof. C.F. Eckard, hoof van die Departement, gee die volgende kort definisie van hierdie dissipline: "Die Prosesreg en Bewysleer ... is daardie deel van die Reg wat bepaal watter prosedure tydens litigasie gevolg word en hoe 'n saak bewys word". Die volgende vakke word in die Departement aangebied: Strafprosesreg, Siviele Prosesreg, Bewysleer en Prokureurspraktyk.

Die Departement is in 1960 ingestel, hoewel die vakgebiede natuurlik veel ouer is. Verskeie jare lank was daar geen permanente dosente aan die Departement verbonde nie, maar is daar gebruik gemaak van praktiserende advokate as deeltydse leerkragte. In 1960 is adv. J.H. Loots as deeltydse dosent en hoof van die Departement aangestel. Gebore in 1928, het Jan Hendrik Loots sy opleiding in die Regsgeleerdheid aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BA(Regte) met lof in 1949 en LLB in 1952. Daarna het hy as advokaat in Pretoria gepraktiseer en was hy sedert 1957 al deeltydse dosent in die afdeling Prosesreg en Bewysleer. Hy is op 17 September 1962 oorlede.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sy opvolger as deeltydse dosent en hoof van die Departement was adv. P.R. van Rooyen, wat in 1964 bedank het en toe opgevolg is deur adv. I.B.W. de Villiers. Adv. De Villiers bedank in 1966, waarna prof. P. van Warmelo hoof van die Departement geword het. Die doseerwerk is verdeel tussen advokate M. Bliss, (skenker van die Blissprys vir Siviele Prosesreg, die oudste prys in die Regsafdeling) en C.D. de Jager.

'n Verandering kom in 1971 toe prof. Piet Oosthuizen as eerste voltydse dosent en hoof van die Departement aangestel is. Hy het vroeër, terwyl hy staatsadvokaat was, ook deeltyds aan die Departement klas gegee. In 1972 is nog 'n voltydse dosent, adv. P.M. Bekker (later professor by Unisa), as senior lektor aangestel. Hy het die Universiteit in 1978 verlaat en adv. D.J.L. Kotzé van die Universiteit van Zoeloeland is in sy plek aangestel, ook as senior lektor. Hy was 'n oud-student met die BIur- en LLB-graad. In 1979 het nog 'n senior lektor bygekom, naamlik mnr. F.E. van der Merwe, 'n prokureur van Bronkhorstspruit. In 1981 is prof. Oosthuizen, wat toe ook dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid was, tot vise-rektor bevorder en hy is deur prof. C.F. Eckard opgevolg.

Cornelius François Eckard is in 1944 in Kaapstad gebore. Hy het in 1965 die BA- en in 1967 die LLB-graad aan die Universiteit van Pretoria behaal en die prokureurstoelatingseksamen in 1960 afgelê. In 1976 het hy die LLD-graad aan Unisa behaal. Hy was vir 'n tyd lank senior lektor by Unisa, asook praktiserende prokureur; later was hy die eerste Direkteur vir Regsopleiding van die Vereniging van Prokureursordes en nog later advokaat in Kimberley. In sy akademiese intreerede *Praktiese regsopleiding in die Akademie*, het hy as beleid vasgelê dat akademiese opleiding gerig moet word op die voorbereiding van toekomstige regspraktisyns. Hy het in sy praktiese benadering 'n nuwe kursus, Prokureurspraktyk, ingestel en ook gereelde skynhowe as deel van die opleiding gehou. Ook word video-opnames in die opleiding gebruik.

In 1980 is daar aan die Universiteit van Pretoria 'n regshulpkliniek vir die algemene publiek ingestel, wat deur regstudente onder die toesig van 'n dosent beman is. Hier word gratis regsadvies aan die publiek verleen, wat ook ingeskakel is by die opleiding van studente. Die regshulpkliniek vorm tans 'n integrale deel van die Departement.

In 1982 het prof. Eckard 'n besoek aan Engeland gebring, as gas van die Britse regering, om regsopleiding te ondersoek en om kennis te maak met regsfakulteite. Die Departement het 'n gereelde skakeling met vakkollegas aan plaaslike en oorsese universiteite, asook met praktiserende kollegas. Volgens prof. Eckard het dit "die afgelope dekades duidelik geword dat besondere eise aan die dosente in prosesvakke gestel word en dat die praktyk baie hoë standaarde van opleiding verg."

Departement Publiekreg

In 1960 was hierdie Departement bekend as dié van Staatsreg, Administratiefreg en Volkereg. Dieselfde dosente het toe ook Strafreg doseer en van die volgende jaar af is Strafreg aan die Departement toegevoeg. Dit duur so voort tot 1965 toe —op aandrang van die destydse hoof, prof. C.W.H. Schmidt—Strafreg 'n aparte departement geword het. Sy argument was dat Strafreg intussen so ontwikkel het dat dit selfstandig behoort te wees en dat dit immers radikaal verskil van byvoorbeeld Staatsreg, waarvan die belangrikheid ook toegeneem het, gesien die konstitusionele stryd van die jare 50, die republiekwording van Suid-Afrika en die verlening van selfregering aan die Transkei.

Met verloop van tyd het daar ook besware ontstaan teen die benaming Staatsreg, Administratiefreg en Volkereg as te lank, te lomp en die oorsaak van administratiewe probleme. Buitendien is daar gewys op die gebruik in die buiteland om die verskillende vakgebiede onder een oorkoepelende naam, Publiekreg, saam te vat. Die Departement dra sedert 1981 die huidige naam.

Aan die begin van 1960 was prof. J.P. Verloren van Themaat hoof van die Departement. Hy tree dieselfde jaar uit die diens daarvan om regsadviseur van die Departement Buitelandse Sake te word. Joan Philip Verloren van Themaat is in 1913 gebore en het sy regsopleiding aanvanklik aan die Universiteit van Stellenbosch ontvang: BA(Regte) in 1932, LLB in 1935, daarna in 1936 die doktorale eksamen in Volkereg aan die Universiteit van Leiden en ten slotte die LLD aan die Universiteit van Pretoria in 1948. Intussen was hy in die staatsdiens, onder andere as aanklaer in Kaapstad. In 1949 word hy professor aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en in 1955 aan die Universiteit van Pretoria hoof van die Departement Strafreg, Administratiefreg en Volkereg. In die laasgenoemde hoedanigheid is hy in 1960 deur prof. C.W.H. Schmidt opgevolg.

Christiaan Willem Hendrik Schmidt is in 1929 gebore en het sy opleiding aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat ontvang: BA in 1949, LLB in 1952 en LLD in 1960. Intussen het hy in 1955/1956 vyftien maande lank navorsing vir sy proefskrif in Londen en Leiden gedoen. Hy het as prokureur begin werk en is later tot die balie toegelaat. Intussen was hy deeltydse dosent aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en sedert 1957 senior lektor. Van daar het hy na Pretoria gekom as professor in en hoof van die Departement Staatsreg, Administratiefreg, Volkereg en Strafreg. Prof Schmidt was gedurende 1965 gasprofessor aan die Universiteit van Pennsylvania. Hy bedank sy pos aan die Universiteit van Pretoria nog in dieselfde jaar om 'n betrekking aan die Universiteit van Suid-Afrika te aanvaar. Hy is deur prof. M.P. Vorster opgevolg.

Marthinus Phillippus Vorster is in 1937 gebore. Tydens sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria het hy agtereenvolgens die volgende grade behaal: BA in 1959, en LLB in 1961, asook Drs Jur (Leiden) in 1975. Van 1962 tot 1965 was hy lektor aan die Universiteit van Durban-Westville en hy is in die laasgenoemde jaar tot die Durbanse balie toegelaat. Hy het ses maande as advokaat gepraktiseer toe hy in 1966 die pos van senior lektor aan die Universiteit van Pretoria aanvaar het. Op 1

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. M.P. Vorster, Hoof, Departement Publiekreg (vroeër Staatsreg, Administratiefreg en Volkereg), sedert 1967.

Januarie 1967 is hy tot departementshoof bevorder en in 1971 tot voltydse professor.

Die personeel van die Departement het van 1960 tot 1982 gegroei van professor en een dosent tot professor, medeprofessor (prof. H.P. Viljoen, wat in 1981 daarin bevorder is) en een senior lektor in 1982. Dit gee 'n indruk van die groei van die Departement, wat ook buite die Universiteit 'n belangrike invloed uitoefen. Die Departement is uiteraard na buite gerig en het 'n internasionale grondslag.

Departement Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie

Aanvanklik, en ook nog in 1960, was die naam Departement Romeinse Reg en Regsleer. Prof. P. van Warmelo, aangestel in 1946, was toe die hoof daarvan. Met sy bekende navorsingsywer het hy tot die grondslae van hierdie dissipline deurgedring. Hy was 'n lang tyd dekaan van die Fakulteit en het sy invloed ook daar laat geld. Sedert 1952 het hy die Fakulteit Regsgeleerdheid op die Biblioteekkomitee verteenwoordig; vanaf Oktober 1957 het hy as waarnemende en vanaf 1960 as vaste voorsitter daarvan opgetree. In hierdie hoedanigheid lewer hy 'n belangrike bydrae tot die biblioteekwese van die Universiteit.

Gaandeweg het daar 'n idee by die Fakulteit ontstaan dat die Departement se naam verander moet word na Departement Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie. Dit het saamgeval met die instelling van die BLC-kursus. Romeinse Reg is as 'n onderdeel van Regsgeskiedenis beskou. Regsgeskiedenis is opgevat as 'n weergawe van die suiwer historiese ontwikkeling van die reg, van die vroegste tye af en met inbegrip van Romeinse tye.

Die naam Regsvergelyking is selfverklarend. Dit gaan hier oor 'n vergelyking van die onderskeie soorte moderne regskennis met mekaar, met die oog op 'n breëre perspektief en 'n kritiese beskouing. Regsfilosofie, wat in die plek van Regsleer kom, is ook as 'n wyer begrip beskou. Dit geld 'n verskeidenheid in die denke en besinning oor die reg in sowel die algemeen historiese as die moderne verband.

Na prof. van Warmelo in 1973 die Universiteit van Pretoria verlaat het, is die hoofskap van die departement 'n jaar of wat as vakant aangegee. Dr. D.H. van Zyl is in 1974 as tydelik-voltydse dosent en hoof aangestel, 'n posisie wat hy ses jaar beklee het.

Deon Van Zyl is 'n oud-student van die Fakulteit: BA(Regte) in 1965, LLB in 1967, BA(Hons) (Latyn) in 1967 en MA(Latyn) in 1968, albei die laasgenoemde met lof. Daarna het hy in 1970 aan die Universiteit van Leiden die LLD-graad behaal.

Hy was van die begin van 1967 tot 30 September 1967 aan die Universiteit van Suid-Afrika as dosent verbonde en daarna tot 30 Junie 1971 as senior lektor aan die Randse Afrikaanse Universiteit. Hierna is hy op 1 Julie 1971 aangestel as professor aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, tot 31 Desember 1972.

Daarna praktiseer hy as advokaat in Bloemfontein en Pretoria. Hy is op 31 Oktober 1973 as senior lektor en hoof van die Departement aan die Universiteit van Pretoria aangestel. Soos eerder gesê, verlaat hy die Universiteit op 1 Januarie 1980. Hy is deur prof. J.V. van der Westhuizen opgevolg.

Johann Vincent van der Westhuizen is in 1952 in Windhoek gebore. Ook hy het sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BA(Regte) in 1973 en LLB in 1975. Hy is reeds aan die begin van 1976 as senior lektor in die Departement aangestel en hy vertrek in 1978 na die buiteland om onder andere aan die Max Planck-instituut die onderwerp van sy proefskrif voor te berei. Die graad LLD is in 1980 deur die Universiteit van Pretoria aan hom toegeken.

Departement Romeins-Hollandse Reg en Internasionale Privaatreg

Romeins-Hollandse Reg is die ou reg wat in die provinsie Holland van Nederland gebruik is, 'n deel van die Oud-Vaderlandse Reg wat na 1800 vervang is deur die Franse regstelsel. As gevolg van 'n besondere sameloop van omstandighede was dit die reg wat aan die Kaap die Goeie Hoop gegeld en bly geld het nadat die Kaap in die hande

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van Engeland gekom het. Dit het later oor die hele Suid-Afrika versprei en tot vandag toe in gebruik gebly.

Aan die Kaap is daar sedert 1854 onderrig daarin gegee en met die totstandkoming van die universiteite is hierdie onderrig deur hulle oorgeneem. Aan die Universiteit van Pretoria is dit van die begin af aan hierdie inrigting doseer. In 1918 het 'n Departement Romeins-Hollandse Reg en Romeinse Reg ontstaan. Later het Romeinse Reg 'n selfstandige departement geword en het Romeins-Hollandse Reg ook as 'n selfstandige departement bly voortbestaan.

Prof. Joubert, vanaf 1974 tot 1984 hoof van hierdie Department, gee die volgende uiteensetting: "Die Universiteit volg die tradisionele benadering tot die reg, naamlik dat dit in sy historiese verband gesien moet word, deur 'n ondersoek van die bronne self bepaal moet word en dat dit aan die toets van deugdelikheid, billikheid en aan voldoening aan die beginsel gemeet moet word. Dit volg dus die Historiese Skool, maar met afwykings. Ander benaderings, soos die van die Sosiologiese Skool of die Dooyeweerdiaanse Skool, word nie nagevolg nie maar elemente van hulle leer word wel betrek."

In hierdie Department het prof. D. Pont, wat ook lank dekaan van die Fakulteit was, en wie se bydrae elders beskryf word, 'n besondere rol gespeel. Soos bekend, was hy die oprigter en jarelange redakteur van die *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* en hy het ook 'n belangrike aandeel aan die stigting van die Vereniging Hugo de Groot gehad. Daar word 'n noue verbinding gehandhaaf met staatsdepartemente, die verskillende prokureursordes en die balieraad van Pretoria.

In 1960 was prof. Pont nog die hoof van hierdie Department, maar dit was aan die einde van sy tydperk. Hy is op 1 Julie 1960 deur prof. N.J. van der Merwe opgevolg. Nicolaas Johannes van der Merwe is in 1931 in Bloemfontein gebore en het in 1948 aan die Greykollegeskool gematrikuleer. Daarna het hy sy regsopleiding aan die Universiteit van Stellenbosch ontvang: BA(Regte) in 1951 en LLB met lof in 1953. Terwyl hy in 1952 as advokaat gepraktiseer het, was hy lektor aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en sedert 1958 voltyds senior lektor. In 1959 behaal hy die LLD-graad aan hierdie universiteit en hy is tot professor bevorder. In hierdie hoedanigheid is hy die volgende jaar aan die Universiteit van Pretoria aangestel. Hy bly professor tot Oktober 1965, toe hy uit die diens van die Universiteit bedank het.

Na die pos vir ongeveer 'n jaar vakant was, is prof. D.F. Mostert daarin aangestel. Ook hy het dekaan van die Fakulteit geword en besonderhede oor hom word elders verstrek. Hy het in 1967 uit die diens van die Fakulteit bedank om 'n ander betrekking te aanvaar en is in die middel van 1974 as departementshoof deur prof. D.J. Joubert opgevolg, wat op sy beurt dekaan van die Fakulteit geword het.

Die Departement skakel met ander departemente van die Fakulteit, ook met dié aan ander universiteite. Die opleiding is akademies, maar gerig op die opleiding van denkende praktisyns.



Prof. J.C.W. van Rooyen, Hoof, Departement Strafreg sedert 1971.

Sedert 1 Julie 1984 is prof. T.J. Scott bevorder tot hoof van die Departement.

Departement Strafreg

Hierdie vak word deur prof. J.C.W. van Rooyen, die hoof van die Departement, soos volg gekarakteriseer: "Die strafreg is daardie regsreëls wat bepaal watter handelinge deur die owerheid bestraf word. Hierdie handelinge word of deur die gemene reg, of deur die wettereg strafbaar gestel . . . Oor die algemeen kan gesê word dat misdade skuldige wederregtelike handelinge is wat by wyse van straf verbied word." Die naam van die Departement is selfverklarend. Dit het deur die eeue duidelik geword dat die toediening van straf deur die owerheid 'n tipiese kenmerk van die regsreëls is. Dit is 'n benaming wat nie deur die Engelse en Duitse benamings *Criminal Law* en *Kriminalrecht* goed uitgedruk word nie. Die Afrikaanse benaming pas aan by die Duitse *Strafrecht* en die Franse *Droit pènal*.

Oorspronklik was Strafreg in hoofsaak deel van die Privaatreg waar daar deur families en groepe straf toegedien is, maar tans word dit deur die staat alleen behartig. Gedurende die Middeleeue was daar 'n belangrike uitbreiding in hierdie dissipline en die Romeins-Hollandse Reg het besondere

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aandag aan die vakgebied gegee. Tans is die ou skrywers nie meer van soveel belang nie en dit word meer gekoppel aan die regsoortuiging van die gemeenskap. Dit is dan ook die benadering van die appèlhof om minder aandag aan die ou skrywers te gee en om die moderne eise meer in ag te neem. Die benadering van die hoof van die Departement is dat onkunde van die reg as 'n verskoning kan geld. Dit is dan ook in 1978 deur die appèlhof onder andere met verwysing na prof. Van Rooyen se professorale intreerede aanvaar. Sy kollega, prof. F.F.W. van Oosten, se standpunte oor kousaliteit en medepligtigheid is ook deur die hoogste hof met goedkeuring aangehaal.

Aan die Universiteit van Pretoria is hierdie vak vanaf die ontstaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid doseer, hoewel nie in 'n aparte departement nie maar saam met ander vakke gegroepeer. So het die latere regter Pittman en proff. N.I. Coertze en J. Verloren van Themaat onderrig in die vak gegee. In 1960 word Strafreg as 'n aparte departement in die jaarboek aangegee, maar die volgende vyf jaar is dit weer saam met Staatsreg, Administratiefreg en Volkereg in een departement saamgevat, met prof. C.W.H. Schmidt as hoof. As dosente in Strafreg het advokate T.T. Spoelstra en J.D.M. Swart in deeltydse hoedanigheid diens gedoen. In 1967 het Staatsreg as 'n aparte departement tot stand gekom, maar tot in 1971 was die professoraat vakant. Eers in 1971 is prof. J.C.W. van Rooyen as professor aangestel, alhoewel hy reeds vanaf 1969 die hoofskap beklee het.

Jacobus Christoffel Willem van Rooyen is in 1943 in Natal gebore en hy matrikuleer aan die Hoërskool Kokstad. Daarna behaal hy aan die Universiteit van Pretoria die grade BA(Regte) in 1963, LLB in 1965 (albei met lof) en LLD in 1971. Hy was die eerste voltydse professor in die vak. Prof. F.F.W. van Oosten het later as kollega tot die Departement toegetree.

Openbare lesings wat van hierdie Departement uitgegaan het, kan beskou word as diens aan die gemeenskap. Belangrik is die tydskrif *De Jure*, wat die Departement in 1971 van stapel gestuur het. Die intekenaars het later aangegroei tot 800 en baie van die artikels daarin het invloed op die regspraak. Tans word die tydskrif deur die Fakulteit uitgegee.

Studente word opgelei om òf staatsaanklaers òf prokureurs òf advokate te word. Gevolglik is die vak op die praktyk gerig, hoewel die wetenskap as sodanig nie verwaarloos word nie. Daar is skakeling met ander universiteite oor Strafreg en daar is 'n deurlopende stroom publikasies van die Departement. Prof. Van Rooyen was gedurende 1974 met 'n toekenning van die Von Humboldt-Stigtung in Duitsland en prof. Van Oosten het gedurende 1980 ook in Duitsland navorsing gedoen vir 'n proefskrif oor kousaliteit.

5. *Fakulteit Teologie*

Afdeling A: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Aangesien verskeie Middeleeuse universiteite eintlik ontstaan het weens 'n behoefte aan teologiese opleiding vir funksionarisse van die kerk (onder andere die Sorbonne, Oxford, Cambridge, Leuven), is dit duidelik dat Teologie een van die eerste dissiplines in die universiteitsontwikkeling was.

Wat die Universiteit van Pretoria betref, was die Fakulteit Teologie nie die eerste nie maar een van die eerste fakulteite wat aan die destydse Transvaalse Universiteitskollege tot stand gekom het. Dit was in hoofsaak op aandrang van die Nederduitsch Hervormde kerk dat die Fakulteit Godgeleerdheid in 1917 gestig is. Vir die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk (tans Nederduitse Gereformeerde Kerk) was daar destyds, met sy erkende kweekskool op Stellenbosch, nog geen behoefte aan 'n tweede kweekskool nie. Hierdie kerk het gevolglik geen aandeel aan die ontstaan van die Fakulteit Godgeleerdheid in 1917 gehad nie. Later het daar wel so 'n behoefte ontstaan. In 1938 kom 'n dergelike opleiding vir die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk ook aan die Universiteit van Pretoria tot stand. Die Fakulteit Godgeleerdheid is toe in twee selfstandige afdelings verdeel: Afdeling A (Nederduitsch Hervormde Kerk) en Afdeling B (Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk). In die jare sestig was daar ook vertoë vir die stigting van 'n Afdeling C vir die Lutherse Kerk, maar daarvan het niks gekom nie.

Aanvanklik (in 1917) het die Fakulteit nie die karakter van 'n skepping van die NH Kerk gehad nie. Engels georiënteerd soos die Universiteitskollege toe was, is, naas prof. J.H.J.A. Greyvenstein van die NH Kerk, ook proff. E. MacMillan en A.C. Paterson van die Presbiteriaanse Kerk op die Fakulteit benoem. In 1921 het prof. S.P. Engelbrecht (van die NH Kerk) bygekom en in 1926 is prof. Paterson deur prof. B. Gemser (ook van die NH Kerk) opgevolg.

In 1938 is prof. H.P. Wolmarans as hoof van die nuwe Departement Godsdienswetenskap aangestel. Die Fakulteit (Afdeling A) het toe vier departemente gehad. In 1952 is dit tot vyf uitgebrei met die aanstelling van dr. B.J. Engelbrecht as professor in en hoof van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek.

Prof. Greyvenstein is in 1946 deur prof. A.S. Geyser opgevolg as hoof van die Departement Nieu-Testamentiese Wetenskap, prof. B. Gemser in Februarie 1956 deur prof. E.S. Mulder in die Departement Ou-Testamentiese Wetenskap, prof. S.P. Engelbrecht deur prof. A.D. Pont in 1957 in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aandag aan die vakgebied gegee. Tans is die ou skrywers nie meer van soveel belang nie en dit word meer gekoppel aan die regsoortuiging van die gemeenskap. Dit is dan ook die benadering van die appèlhof om minder aandag aan die ou skrywers te gee en om die moderne eise meer in ag te neem. Die benadering van die hoof van die Departement is dat onkunde van die reg as 'n verskoning kan geld. Dit is dan ook in 1978 deur die appèlhof onder andere met verwysing na prof. Van Rooyen se professorale intreerede aanvaar. Sy kollega, prof. F.F.W. van Oosten, se standpunte oor kousaliteit en medepligtigheid is ook deur die hoogste hof met goedkeuring aangehaal.

Aan die Universiteit van Pretoria is hierdie vak vanaf die ontstaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid doseer, hoewel nie in 'n aparte departement nie maar saam met ander vakke gegroepeer. So het die latere regter Pittman en proff. N.I. Coertze en J. Verloren van Themaat onderrig in die vak gegee. In 1960 word Strafreg as 'n aparte departement in die jaarboek aangegee, maar die volgende vyf jaar is dit weer saam met Staatsreg, Administratiefreg en Volkereg in een departement saamgevat, met prof. C.W.H. Schmidt as hoof. As dosente in Strafreg het advokate T.T. Spoelstra en J.D.M. Swart in deeltydse hoedanigheid diens gedoen. In 1967 het Staatsreg as 'n aparte departement tot stand gekom, maar tot in 1971 was die professoraat vakant. Eers in 1971 is prof. J.C.W. van Rooyen as professor aangestel, alhoewel hy reeds vanaf 1969 die hoofskap beklee het.

Jacobus Christoffel Willem van Rooyen is in 1943 in Natal gebore en hy matrikuleer aan die Hoërskool Kokstad. Daarna behaal hy aan die Universiteit van Pretoria die grade BA(Regte) in 1963, LLB in 1965 (albei met lof) en LLD in 1971. Hy was die eerste voltydse professor in die vak. Prof. F.F.W. van Oosten het later as kollega tot die Departement toegetree.

Openbare lesings wat van hierdie Departement uitgegaan het, kan beskou word as diens aan die gemeenskap. Belangrik is die tydskrif *De Jure*, wat die Departement in 1971 van stapel gestuur het. Die intekenaars het later aangegroei tot 800 en baie van die artikels daarin het invloed op die regspraak. Tans word die tydskrif deur die Fakulteit uitgegee.

Studente word opgelei om òf staatsaanklaers òf prokureurs òf advokate te word. Gevolglik is die vak op die praktyk gerig, hoewel die wetenskap as sodanig nie verwaarloos word nie. Daar is skakeling met ander universiteite oor Strafreg en daar is 'n deurlopende stroom publikasies van die Departement. Prof. Van Rooyen was gedurende 1974 met 'n toekenning van die Von Humboldt-Stigtung in Duitsland en prof. Van Oosten het gedurende 1980 ook in Duitsland navorsing gedoen vir 'n proefskrif oor kousaliteit.

5. *Fakulteit Teologie*

Afdeling A: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Aangesien verskeie Middeleeuse universiteite eintlik ontstaan het weens 'n behoefte aan teologiese opleiding vir funksionarisse van die kerk (onder andere die Sorbonne, Oxford, Cambridge, Leuven), is dit duidelik dat Teologie een van die eerste dissiplines in die universiteitsontwikkeling was.

Wat die Universiteit van Pretoria betref, was die Fakulteit Teologie nie die eerste nie maar een van die eerste fakulteite wat aan die destydse Transvaalse Universiteitskollege tot stand gekom het. Dit was in hoofsaak op aandrang van die Nederduitsch Hervormde kerk dat die Fakulteit Godgeleerdheid in 1917 gestig is. Vir die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk (tans Nederduitse Gereformeerde Kerk) was daar destyds, met sy erkende kweekskool op Stellenbosch, nog geen behoefte aan 'n tweede kweekskool nie. Hierdie kerk het gevolglik geen aandeel aan die ontstaan van die Fakulteit Godgeleerdheid in 1917 gehad nie. Later het daar wel so 'n behoefte ontstaan. In 1938 kom 'n dergelike opleiding vir die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk ook aan die Universiteit van Pretoria tot stand. Die Fakulteit Godgeleerdheid is toe in twee selfstandige afdelings verdeel: Afdeling A (Nederduitsch Hervormde Kerk) en Afdeling B (Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk). In die jare sestig was daar ook vertoë vir die stigting van 'n Afdeling C vir die Lutherse Kerk, maar daarvan het niks gekom nie.

Aanvanklik (in 1917) het die Fakulteit nie die karakter van 'n skepping van die NH Kerk gehad nie. Engels georiënteerd soos die Universiteitskollege toe was, is, naas prof. J.H.J.A. Greyvenstein van die NH Kerk, ook proff. E. MacMillan en A.C. Paterson van die Presbiteriaanse Kerk op die Fakulteit benoem. In 1921 het prof. S.P. Engelbrecht (van die NH Kerk) bygekom en in 1926 is prof. Paterson deur prof. B. Gemser (ook van die NH Kerk) opgevolg.

In 1938 is prof. H.P. Wolmarans as hoof van die nuwe Departement Godsdienswetenskap aangestel. Die Fakulteit (Afdeling A) het toe vier departemente gehad. In 1952 is dit tot vyf uitgebrei met die aanstelling van dr. B.J. Engelbrecht as professor in en hoof van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek.

Prof. Greyvenstein is in 1946 deur prof. A.S. Geyser opgevolg as hoof van die Departement Nieu-Testamentiese Wetenskap, prof. B. Gemser in Februarie 1956 deur prof. E.S. Mulder in die Departement Ou-Testamentiese Wetenskap, prof. S.P. Engelbrecht deur prof. A.D. Pont in 1957 in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Wat die aantal studente in Afdeling A betref, het dié wat vir die BD-opleiding ingeskryf het, van 12 in 1960 tot 47 in 1979 gestyg. Wat oor al die jare onrus gebaar het, is dat 'n relatief klein persentasie van diegene wat vir BD I inskryf, hulle studie voltooi. Die slytasie word gewyt aan studiestaking, afswaai na ander studierigtings en die feit dat haas geen hoërskole kursusse in die klassieke en Semitiese tale aanbied nie. Die aantal toegekende BD-grade wissel van ses in 1961 tot elf in 1979, met agtien in 1976. Hierteenoor was die volgehoue groot aantal doktorale studente verblydend. In 1961 was daar 12 en in 1979 41.

Ten opsigte van die studente kan daar kortliks gewys word op die Van der Hoff Teologiese Vereniging—genoem na een van die pionier-Hervormde predikante in die tyd van die Zuid-Afrikaansche Republiek—wat in 1945 tot stand gekom het, en oor al die jare 'n belangrike rol in die lewe van die teologiese student speel. Daarbenewens bestaan daar ook die Hervormde Studentevereniging (HSV), wat ongeveer in 1946 ontstaan het. Dit bedien nie net teologiese studente nie maar staan oop vir alle studente van die Hervormde Kerk, uit watter studierigting ook al. Dit is eintlik 'n jeugvereniging van die studentegemeente Philadelphia en staan onder dié gemeente se kerkraad.

Dekane van die Fakulteit Teologie Afdeling A

1960 — Prof. E.S. Mulder
1972 — Prof. B.J. Engelbrecht

Departement Dogmatiek en Christelike Etiek

Dogmatiek is die wetenskap wat te doen het met die leerstellings van die kerk; Etiek dié wat te doen het met die lewenswyse van die mens, in hierdie geval die Christen. Prof. B.J. Engelbrecht, die huidige en tot dusver enigste professor in en hoof van die Departement, wys daarop dat die bostaande benaming van die Departement slegs betrekking het op die voorgraadse, dit wil sê die BD-opleiding. Nagraads word dit genoem Sistematiese Teologie.

Soos die benaminge daarvan, dateer die beginsel of dissiplines reeds uit die tye van die Ou en Nuwe Testament. In die tyd van die Ou Testament neem dit die vorm aan van die regte leer en lewe wat deur skrif- en wetgeleerdes uiteengesit is. In die Nuwe Testament vind ons dit onder andere terug by die antwoorde van Paulus en Petrus op vrae wat in die gemeente gestel is oor die regte leer (Dogmatiek) en die regte lewe (Etiek). Orals waar die Evangelie van Jesus Christus ook al verkondig en geglo is, is hierdie dissiplines voortdurend beoefen. Op universiteite is dit van die begin af as twee teologiese vakke doseer saam met andere uit die *Artes Liberales*, soos Grieks, Semitiese Tale, Latyn en Wysbegeerte.

Die Departement het in 1952 tot stand gekom as die vyfde van die Fakulteit Teologie, Afdeling A, met prof. B.J. Engelbrecht as hoof. Voor die tyd het die vak natuurlik wel 'n deel van die teologiese opleiding uitgemaak. Onder andere is dit deur proff. J.H. Greyvensteyn en S.P. Engelbrecht doseer.

Barend Jacobus (Ben) Engelbrecht is op 1 Augustus 1923 op die Oos-Transvaalse Hoëveld (Nigel/Heidelberg) gebore. Sy eerste skoolopleiding ontvang hy op 'n plaasskool en daarna op Nigel en aan die Hoërvolkskool, Heidelberg. Daarna kom hy op die Universiteit van Pretoria tereg waar hy sy BA-graad (met drie hoofvakke, Grieks, Hebreeus en Wysbegeerte) in 1943 met lof en sy BD-graad (met lof) in 1946 behaal. Hy vertrek in September 1947 na Nederland waar hy aan die Rijksuniversiteit van Groningen Dogmatiek onder prof. dr. T.H.L. Haitjema, Christelike Etiek en Godsdienswysbegeerte onder prof. dr. H. van Oyen en Fenomenologie van die Godsdiens onder prof. dr. G. van der Leeuw bestudeer. Daarbenewens studeer hy vier maande aan die Universiteit van Basel onder prof. dr. Karl Barth. In 1949 promoveer hy tot *Doctor theologiae*.

Terug in Suid-Afrika, word hy predikant op Florida en in 1952 die eerste professor in en hoof van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek in die Fakulteit Teologie Afdeling A van die Universiteit van Pretoria. Op sy vakgebied het prof. Engelbrecht mettertyd 'n toonaangewende geleerde geword. Daar word gewag gemaak van die "openheid" van sy benadering, die "aktualiteit" van sy dogmatiese arbeid en sy "uitnemende kennis van moderne teologiese strominge".

Naas sy publikasies, "alreeds 9 boeke, ongeveer 50 artikels in vakwetenskaplike tydskrifte . . . populêr-wetenskaplik seker honderd of meer artikels en pamflette", soos hy dit in Maart 1982 opgesom het, tree hy gereeld in verband met sy vak in radio- en televisieprogramme op. Buite sy vakgebied is hy bekend vir sy navorsing en publikasies oor sy stokperdjies, hengel- en motorsport.

Prof. Engelbrecht het ook saamgewerk aan verskeie interkerklike projekte, soos die Nuwe Gesangeboek en die nuwe vertaling van die Belydenis- en Liturgiese Geskrifte.

Toe hy in 1977 vyf en twintig jaar aan die Universiteit verbonde was, het die *Van der Hoff-jaarblad* en *Hervormde Teologiese Studies* elk 'n spesiale uitgawe aan hom gewy.

Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap

Godsdienswetenskap het te doen met godsdiens as algemene verskynsel en met 'n vergelyking van die godsdienste of gelowe van die wêreld, terwyl Sendingwetenskap selfverklarend is. Dit het in die Fakulteit voortgekom uit 'n vakgebied wat vroeër Wysbegeerte van die Godsdiens en Geskiedenis van die Godsdiens genoem is, en later Vergelykende Godsdienswetenskap en Wysbegeerte van die Godsdiens. Sendingwetenskap het in 1952 bygekom en sedertdien dra die Departement die huidige naam.

Aan die begin van 1960 het prof. F.J. van Zyl prof. H.P. Wolmarans as professor in en hoof van die Departement opgevolg. François Jacobus van Zyl is in 1913 op Groot Marico gebore, waar hy ook sy skoolopleiding ontvang het. Aan die Uni-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. F.J. van Zyl, Hoof, Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap, Afd. A, 1960–1977.

versiteit van Pretoria behaal hy die BA-graad in 1935, die BD-graad in 1938 en die DD-graad in 1959, almal met lof. Hy was van 1939 af in die bediening van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, agtereenvolgens in die gemeentes Johannesburg, Springs, Standerton en Wonderboompoort-Pretoria. Op Standerton was hy ook 'n tyd lank burgemeester.

Prof. van Zyl het in 'n aantal kerklike liggame gedien, onder andere in die Kerk se Algemene Kommissie en die Raad van Regsadvies, ook in die redaksie van *Die Hervormer*. Terwyl hy professor was, het hy deeltyds ook pastorale werk in die gemeente Wesmoot waargeneem. Hy was die skrywer van verskeie boeke en artikels en onder hom het vyf kandidate die doktorsgraad behaal. Hy tree in 1978 met pensioen uit die diens van die Universiteit en hy is deur prof. P.J. van der Merwe opgevolg.

Pieter Johannes van der Merwe is in 1944 gebore en het ook sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BA en BA(Hons) in Klassieke tale in 1965 en 1969, albei met lof, BD in 1968 en DD in Godsdiens- en Sendingwetenskap in 1978. Van 1971 tot 1978 het hy as senior lektor aan die Universiteit van Suid-Afrika gewerk, terwyl hy in verskeie gemeentes as predikant behulpsaam was. Na hy die beroep na die Universiteit van Pretoria aangeneem het, is hy aan die begin van 1979 as professor in en hoof van die Departement Godsdienswetenskap en Sendingwetenskap aangestel. Prof. Van der Merwe is by geleentheid van sy aanstelling beskryf as geïnteresseerd in "die metodologiese vraagstelling rondom die Teologie en Godsdienswetenskap in die besonder". Sy intreerede op 2 Mei 1979 het gegaan oor *Die Godsdiens as probleem in die Godsdienswetenskap*. Hy is onder andere lid van die Dogmatologiese Werkgemeenskap en het reeds heelwat gepubliseer.

Departement Kerkgeskiedenis

Aan die Universiteit van Pretoria bestaan hierdie Departement sedert 1921 toe dr. S.P. Engelbrecht, toe pas in Nederland afgestudeer, eers senior lektor en vanaf 1924 professor in en hoof daarvan geword het. Dit het toe, in navolging van die Nederlandse gebruik, die naam Geskiedenis van die Christendom gedra. Maar, soos prof. A.D. Pont aantoon, dit was nie die geskiedenis van die Christendom wat prof. Engelbrecht gedoseer het nie, maar wel die geskiedenis van die Christelike Kerk. Christendom is 'n veel wyer begrip. Om die naam van die Departement meer in ooreenstemming met die inhoud daarvan te bring, het prof. A.D. Pont en prof. Ben Marais (van Afdeling B) ongeveer in 1974 ooreengekom om dit te verander na *Kerkgeskiedenis*. Dit is ook in ooreenstemming met die Duitse benaming *Kirchengeschichte* en die Engels *Church History*.

In die eerste plek gaan dit om die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk maar, omdat dié Kerk, volgens die Kerkwet (Art 1), hom beskou as "openbaring van die een heilige, algemene Christelike Kerk", word die geskiedenis tot dié van die vroegste kerk teruggevoer. Dit bevat meer as net die geskiedenis van die sigbare organisasie van die Christelike Kerk, maar ook die teologie van dié kerk, bekend as Dogmengeskiedenis.

Soos dit met geskiedenis as sodanig die geval is, is daar ook 'n algemene of Europese en 'n Suid-Afrikaanse of vaderlandse kerkgeskiedenis. Wat die eersgenoemde betref, het die Nederlandse Kerkgeskiedenis vroeër spesiale aandag geniet. Dit was in die dae toe ons verbondenheid met die Nederlandse kerklike en universitêre wêreld nog sterk aangevoel is. Maar na die Tweede Wêreldoorlog het daar geleidelik verwydering gekom, met die gevolg dat 'n spesiale studie van die Nederlandse Kerkgeskiedenis uit die leerplan verdwyn het.

Eintlik is Kerkgeskiedenis in die Protestantse wêreld 'n betreklike jong vak. Dit dateer uit die 19de eeu. Aan die Kweekskool van Stellenbosch was Kerkgeskiedenis wel van die begin af (1858) deel van die teologiese opleiding, maar eintlik was prof. A. Morrees, van 1908 tot 1930 aan hierdie Kweekskool verbonde, die grondlêer van die vak in Suid-Afrika. Vir die Nederduitsch Hervormde Kerk was prof. S.P. Engelbrecht die grondleêr daarvan. Hy het met sy onvermoeide ywer vir na-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. A.D. Pont, Hoof, Departement Kerkgeskiedenis, Afd. A, sedert 1957

vorsing en publikasie baie gedoen om aansien en status aan die vakgebied te gee.

Nadat prof. Engelbrecht bykans 36 jaar aan die Departement verbonde was, word hy in 1957 opgevolg deur prof. dr. A.D. Pont. Adrianus Drost Pont is op 21 September 1927 op Kroonstad gebore. Sy hoërskooloopleiding geniet hy aan die Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria waar hy in 1943 in die eerste klas matrikuleer. Daarna vervolg hy sy studie aan die Universiteit van Pretoria, waar hy die BA- in 1947 en die BD-graad in 1950 behaal. Aan die einde van 1951 lê hy die skriftelike gedeelte van die MA-eksamen (in Grieks) af en vertrek direk daarna na Nederland. Aan die Universiteit van Utrecht behaal hy in 1955 die graad Doctor Theologiae onder die promotorskap van prof. dr. M. van Rhijn met 'n proefskrif oor die Transvaalse predikant-pionier *Nicolaas Jacobus van Warmelo*. Terug in Suid-Afrika word hy, na 'n kort bediening as predikant van die gemeente Elsburg, professor in en hoof van die Departement Geskiedenis van die Christendom (soos dit toe nog geheet het).

In 1982 was prof Pont reeds 25 jaar aan die Departement verbonde. Onder hom het die doseerwerk uitgebrei van ses tot 14 lesings per week, deurdat elke jaarkursus, anders as in die verlede, apart aangebied is. Dogmengeskiedenis is in die Algemene Kerkgeskiedenis geïnkorporeer. Kerkreg het, waar dit vroeër op die behandeling van die Nederduitsch Hervormde Kerkwet konsentreer het, tans 'n studie van die historiese ontwikkeling van die kerkreg geword, benewens 'n studie van die organisatoriese struktuur van die kerk.

Navorsing konsentreer op die doseerbehoeftes van die Departement. Prof. Pont is skrywer en medeskrywer van etlike handboeke. Tans is die Departement besig met 'n navorsingsprojek oor die wordingsgeskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Daar bestaan 'n Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat vanuit die Departement gedra en gestimuleer word. Hierdie Genootskap hou jaarliks 'n kongres.

Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap

Die naam van hierdie Departement is selfverklarend, soos ook die name daarvoor wat ons by die ander fakulteite en universiteite vind. In die Fakulteit Teologie Afdeling B (Nederduitse Gereformeerde Kerk) van die Universiteit van Pretoria, heet dit Nuwe Testamentiese Eksegese en Teologie en aan UNISA is die Ou en Nuwe Testament in een departement saamgevat. In Nederlands heet dit *Nieuwtestamentiese Wetenschap*, in Engels *New Testament Studies*, in Duits *Neutestamentliche Wissenschaft* en in Frans *le Science Nouveautestamentaire*.

Prof. Pelser, die hoof van die Departement, gee die volgende verklaring van die herkoms daarvan: "As selfstandige wetenskap het die vak sy ontstaan te danke aan die denk- en geestesklimaat wat deur die Aufklärung teweeg gebring is. Die eerste persoon wat die vak as selfstandige en onafhanklike wetenskap beoefen het, was G.L. Bauer, professor aan die Universiteit van Althof, en hy het dit ingelei met die publikasie van sy *Biblische Theologie der Neuen Testament (1800–1802)*. In Suid-Afrika word die vak doseer vanaf die totstandkoming van die Teologiese Seminarie op Stellenbosch in 1859 en aan die Universiteit van Pretoria vanaf 1917 met prof. J.H.J.A. Greyvenstein as eerste dosent. Die Departement voel hom aangetrokke tot die krities-wetenskaplike benadering van die Duitse teologie en in 'n mindere mate ook die Nederlandse." Die primêre doel van die Departement, soos ook van die Teologiese Fakulteit, is om predikante op te lei. Daarbenewens het dit ook 'n wetenskaplike inslag.

Alle oudstudente wat in hierdie Departement gepromoveer het, het professore en hoofde daarvan geword. Hulle is agtereenvolgens proff. A.S. Geyser, S.P.J.J. van Rensburg en G.M.M. Pelser, terwyl dr. J.J. Engelbrecht, wat by UNISA gepromoveer het, in 1982 senior lektor in die Departement was, met Bybelkunde as sy opdrag.

Soos bekend, is prof. J.H.J.A. Greyvenstein met die stigting van die Fakulteit tot eerste professor van die Nuwe-Testamentiese vakke en die Christelike Etiek benoem. Hy het op verskeie terreine die grondslag van die Departement gelê. Nadat hy in 1943 na bereiking van die aftree-ouderdom uit die diens van die Universiteit getree het, is hy in 1946 deur prof. A.S. Geyser opgevolg. Albertus Stepha-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. S.P.J.J. van Rensburg, Hoof, Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap, Afd. A, 1962–1972.

nus Geyser is in 1918 gebore en het aan die Universiteit van Pretoria studeer. Nadat hy onder prof. Greyvenstein gepromoveer het, het hy sy promotor opgevolg as professor in en hoof van die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap.

Hy is in 1960 oorsee vir verdere studie en het daar die Algemene Kerkvergadering bygewoon. Vanweë 'n klag wat teen hom ingedien is in verband met sekere afwykings van die kerklike leer, het hy in Maart 1962 bedank en vanaf 1 Oktober daardie jaar 'n aanstelling aan die Universiteit van die Witwatersrand aanvaar. Hy is aan die Universiteit van Pretoria opgevolg deur prof. S.P.J.J. van Rensburg.

Sarel Petrus Johannes Janse van Rensburg is in 1887 in die distrik Wolmaransstad gebore. Weens moeilike omstandighede het hy eers in 1929 sy skoolopleiding voltooi en daarna in Teologie aan die Universiteit van Pretoria studeer. Hy behaal die BD in 1932 en is hierna agtereenvolgens in die volgende gemeentes as predikant in die bediening : Makwassie, Randpoort, Potchefstroom, Potchefstroom-Noord en Pretoria. Intussen het hy sy studie voortgesit en onder die leiding van prof. A.S. Geyser in 1959 gepromoveer. Hy is vanaf 1 Februarie 1963 aangestel as professor in en hoof van die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap. Van hom is gesê: "Sy doseerwerk getuig van wetenskaplike bekwaamheid, van beskeidenheid en opregtheid. Sy studente praat almal met waardering van sy onderrig." Prof. van Rensburg tree in 1972 uit die diens van die Universiteit nadat sy laaste jare deur gesondheidsprobleme gekortwiek is. Hy is op 26 Augustus 1974 oorlede.

Prof. van Rensburg is vanaf 1 Julie 1972 deur prof. G.M.M. Pelser opgevolg. Gert Marthinus Maritz Pelser is in 1936 in die distrik Bronkhorstspruit gebore. Nadat hy in 1953 gematrikuleer het, studeer hy aan die Universiteit van Pretoria en behaal agtereenvolgens die BA met lof in 1956, die BD in 1959 en die DD in 1971. Hy was predikant in die gemeentes Randfontein, Pretoria-Wes, Voortrekkerhoogte (as kapelaan) en Philadelphia. Hy het die Kerk gedien as skriba van die Ring van Pretoria, as sekretaris van die Raad vir Belydenis en Liturgiese Geskrifte en as skriba van die proponentseksamens van die Raad van die Belydenis van die Jeug. Ook het hy gewerk as Bybelvertaler en 'n aandeel aan die nuwe vertaling van die Afrikaanse Bybel gehad.

Die Departement is 'n aktiewe medewerker aan die Suid-Afrikaanse vakverenigings van die Nuwe Testament en Bybelkunde.

Departement Ou-Testamentiese Wetenskap

Die naam van hierdie Departement is selfverklarend. Dit gaan om die studie van die Ou Testament. Meer in die besonder behels dit 'n studie van "die ontstaan en wording van die onderskeie boeke van die Ou Testament, die historiese, kulturele en godsdiens-historiese agtergronde van die materiaal daarin vervat, die regte metode van analise en verstaan van die materiaal, en die verwerking van die resultate van die eksegetiese analise vir die Teologie", soos prof. J.P. Oberholzer dit stel.

Dit was van die begin af een van die basiese vakke vir teologiese opleiding en as universiteitsdissipline is dit so oud soos die universiteitswese self. Dit is veral na die Hervorming en die Aufklärung dat die wetenskaplike studie van die Ou Testament voortgang gekry het. In Suid-Afrika was dit 'n deel van die opleiding van predikante aan die onderskeie teologiese skole. As universiteitsdissipline het dit die eerste aan die Transvaalse Universiteitskollege 'n volwaardige plek gekry.

Prof. B. Gemser, 'n geleerde van wêreldformaat wat die grondslag van die Departement gelê het, is op 1 Februarie 1956 opgevolg deur een van sy eerste studente, prof. E.S. Mulder, wat hom reeds in 1929 behulpsaam was as studente-assistent in Semitiese Tale. Egge Simon Mulder is op 13 Augustus 1905 op die plaas Sukkelaar, distrik Bethal, gebore. In 1924 word hy student aan die Transvaalse Universiteitskollege, waar hy die BA in 1926 en die BD in 1929 behaal. Hierna bedien hy agtereenvolgens die gemeentes Zwartruggens, Bronkhorstspruit (Erasmus), Springs, Pretoria en Pretoria-Oos. Sy verbintenis met die Universiteit het hy egter behou. Vanaf 1932 tree hy jaarliks as tydelik-deeltydse assistent van prof. Gemser op.

In Augustus 1938 vertrek hy met sy gesin na Nederland om sy studie in die Ou-Testamentiese Wetenskap aan die Universiteit van Utrecht voort

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

te sit. Aan die einde van 1939 lê hy die doktorale eksamen (Theol Drs) af en hy keer terug na Suid-Afrika—na die bediening en ook weer in deeltydse hoedanigheid na die Universiteit van Pretoria. In 1953 keer hy terug na Nederland om in 1954 aan die Universiteit van Groningen te promoveer. Hy was in daardie stadium predikant van die Pretoria-Oosgemeente, waar hy die eerste studenteleraar van die Nederduitsch Hervormde Kerk geword het.

As professor en vanaf 1960 ook as dekaan, het prof. E.S. Mulder die Fakulteit op uitnemende wyse gedien. Hy is as verteenwoordiger van die NH Kerk op die Universiteitsraad benoem; hy het ses jaar op die komitee vir die dissipline van studente gedien. Ook dien hy op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en ander liggame. Hy word ook deeltyds en, na sy aftrede in 1970, voltyds lid van die Kommissie van Vertalers vir die Afrikaanse Bybelvertaling. Hy was verantwoordelik vir die vertaling van die boek *Amos* en tot sy dood werksaam aan *Jeremia*. Prof. Mulder sterf op 11 Mei 1974.

Sy opvolger as professor in en hoof van die Departement Ou-Testamentiese Wetenskap was prof. J.P. Oberholzer. Johannes Petrus Oberholzer is op 3 Oktober 1927 op die plaas Straffontein, distrik Witbank, gebore. Ook hy is 'n oud-student van die Universiteit van Pretoria: BA 1947, BD 1950, MA 1957, DD (met lof) 1967. Na sy BD-opleiding bedien hy die volgende gemeentes as predikant tussen die jare 1951–1971: Salisbury, Boksburg, Middelburg-Transvaal, Rustenburg, Pretoria en Verwoerdburg. Ook hy het jare lank die Fakulteit as deeltydse dosent gedien: Hebreeus, 1955–1958, Bybelkunde, 1958 en 1968–1970, Ou-Testamentiese Wetenskap, enkele maande in 1963 en weer in 1967.

In 1971 rig die Bybelgenootskap 'n versoek aan die Universiteit dat prof. Oberholzer vir vier lesings per week vrygemaak word om deeltyds behulpsaam te wees met die nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel. Hierdie reëling is al om die twee jaar verleng, sodat hy ongeveer die helfte van die jaar aan die Bybelvertaling werk.

Hy word ondervoorsitter van die Kommissie vir die Afrikaanse Bybelvertaling. Ook dien hy as voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van die NH Kerk. In 1971 is sy Bybelkundelesings waargeneem deur di. J.A. Loader en A.P.B. Breytenbach. Albei het later onder prof. Oberholzer gepromoveer.

Met prof. Gemser as grondlêer, is dit begryplik dat Ou-Testamentiese Wetenskap soos dit in die Fakulteit Teologie Afdeling A bestudeer en doseer word, sterk aanleun by die kontinentale benadering soos dit veral aan universiteite in Nederland en Duitsland beoefen word. Die boeke van die Ou Testament word behandel as literatuur wat in 'n bepaalde tyd en situasie ontstaan het. "Terselfdertyd is in die oog gehou die karakter van die Ou Testament as deel van die Heilige Skrif van die Kerk en is gepoog om 'n gesonde balans te bewaar tussen die wetenskaplike bestudering van die boeke en die belydenis van die Kerk oor die Heilige Skrif," verduidelik prof. Oberholzer.



Prof. E.S. Mulder, Hoof, Departement Ou-Testamentiese Wetenskap, Afd. A, 1960–1974.

Dosente en oud-studente het 'n ruim aandeel aan die internasionale teologiese arbeid. Hulle het ook 'n volle aandeel aan die werksaamhede van die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika en hou gereeld kontak met instansies aan ander universiteite, sowel hier as oorsee. Binne die Universiteit is daar veral samewerking met die Departement Semitiese Tale, maar ook met ander teologiese departemente.

Departement Praktiese Teologie

Met verloop van tyd het daar by albei teologiese fakulteite 'n behoefte ontstaan om 'n nouer band tussen teologiese opleiding en die Kerk te bewerkstellig. Dit het daartoe gelei dat die Kerk en die Fakulteit in 1962 die instelling van 'n sesde departement, Praktiese Teologie, voorgestel het. Dit is toegestaan, met die bepaling dat die leerstoel voorlopig nie gevul word nie, maar dat die werk onder die bestaande departementshoofde verdeel word. In werklikheid is die werk aan dr. J.I. de Wet in tydelik-deeltydse hoedanigheid toevertrou toe die nuwe Departement op 1 Februarie 1963 ingestel is. Die dekaan, prof. E.S. Mulder, het opgetree as departementshoof. Dr. De Wet is op 1 Februarie 1968 bevorder tot professor in en hoof van die Departement Praktiese Teologie en toe het die nuwe Departement 'n volwaardige plek naas die ander ingeneem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. J.I. de Wet, Hoof, Departement Praktiese Teologie, Afd. A, 1968–1983.

Jacobus Ignatius de Wet is in 1926 gebore. Hy het sy teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang. Sy doktorsgraad het hy in 1961 behaal op die proefskrif *Die kerklike verkondiging in die huidige tydsgewrig*. Prof. De Wet was aktief in die organisasie van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie, wat albei teologiese fakulteite ingesluit het. In 1972 is daar 'n byeenkoms daarvan aan die Universiteit van Pretoria gehou wat deur die rektor, prof. Hamman, verwelkom is.

"Ons glo dat die tye wat ons en ons jeug vandag hier te lande en ook in die buiteland beleef, 'n groot uitdaging aan die kerk en aan die verkondiging van die evangelie stel" het hy by die geleentheid gesê.

Prof. De Wet het hom onder andere besig gehou met die opstel van 'n meerdelige handboek vir Praktiese Teologie en met die moontlike keuring van studente in die Teologie. Ongelukkig is sy laaste jare gekortwiek deur swak gesondheid. In 1979 het 'n ernstige hartaanval hom 'n tyd lank uit die werk gehou en in 1983 is hy oorlede. Hy is deur prof. T.F.J. Dreyer opgevolg.

Afdeling B: Nederduitse Gereformeerde Kerk

Gestig in 1938, was hierdie afdeling van die Teologiese Fakulteit (waarna administratief as Afdeling B verwys word) in 1960 reeds goed gevestig en algemeen aanvaar in die kringe van kerk en publiek. Albei afdelings van die Fakulteit het met vier departemente begin. In 1951 het 'n vyfde, Godsdienswetenskap en Sendingwetenskap, bygekom en in 1963 'n sesde, Praktiese Teologie, wat eers in 1967 sy beslag gekry het met die aanstelling van 'n professor en hoof. Aangesien teologiese studente almal die volle aantal vakke volg, is die departemente ewe groot, behalwe wat nagraadse studie betref, waar die meeste in die Departemente Dogmatiek en Etiek en Praktiese Teologie voorkom.

In die jare sestig was die aantal studente betreklik klein, 65 in 1960 en 140 in 1970. Daarna was die styging groter, met 'n rekordgetal van 480 in 1980, maar na die totstandkoming van 'n teologiese fakulteit aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat was daar weer 'n afname tot 442 in 1982. Daar was deurentyd van een tot drie dames onder hulle. Onder die studente was daar altyd 'n redelike getal van buite die Universiteit—studente wat hulle BA(Admissie)-grade aan ander universiteite behaal het, of mense van ander denominasies. Doktorale studente was in 1982 goed oor die honderd.

Die toename in studente het ook 'n toename in dosente noodsaaklik gemaak. Waar daar vir 'n lang tyd slegs een professor in elke departement was, is daar in 1976 nog sewe dosente aangestel as senior lektore, later bevorder tot medeprofessore. Wat ook bygedra het tot die vermeerdering van dosente, is die instelling van die vak Bybelkunde in die jare sestig, wat deur teologiese dosente uit albei Afdelings doseer word. In 1982 was in Afdeling B medeprofessore P.P.A. Kotzé en W. Vosloo daarvoor verantwoordelik.

Teologiese studente vorm 'n integrale deel van die studentegemeenskap. Hulle het 'n besonder groot aandeel aan die verenigingslewe, soos die Verenigde Studenteraad en huiskomitees, sport, die UP-koor, die ASB, ens. Hulle het ook 'n eie studentevereniging, Deo Gloria, wat jaarliks konserttoere deur die land met die oog op fondsinsameling onderneem het, en daar bestaan 'n verwante studentekring, Lidia, (vir die vriendinne, verloofdes, eggenotes van die studente of: vir die toekomstige predikantsvroue). Dit gebeur heel dikwels dat die Verenigde Studenteraad en huisvoorsitters uit die geledere van teologiese studente kom.

Die Fakulteit is nou verbonde aan die Kerk. Dosente neem gereeld kerkdienste in verskillende gemeentes waar, terwyl senior studente met praktiese werk behulpsaam is. Dosente spreek dikwels konferensies, broederlike onderhoude en dergelike byeenkomste toe en dien op sinodale kommissies. Indirek oefen die Fakulteit die grootste invloed uit deur sy oud-studente wat as predikante oor die land verspreid is.

Aangesien die Universiteit predikante vir die Kerk oplei, bestaan daar 'n ooreenkoms dat die Kerk dosente vir die Fakulteit beroep, mits hulle aan akademiese standaarde beantwoord. Daarna word hulle deur die Universiteit aangestel. Die kerk se belange word deur 'n kuratorium behartig, wat verantwoordelik is vir alle sake rakende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Bybelvertalingskommissie, Maart 1975:

Voor, v.l.n.r.: *Proff. A.H. van Zyl, Hoof, Departement Ou-Testamentiese Eksegese en Teologie, sedert 1965, en Dekaan, Afd. B, 1977–1979, en E.P. Groenewald (dienstyd elders aangedui).*

Agter, v.l.n.r.: *Proff. J.P. Oberholzer, Hoof, Departement Ou-Testamentiese Wetenskap sedert 1974, T. van der Walt (Potchefstroom), en W. Kempen (Stellenbosch).*

dosente en studente. Hierdie liggaam benoem ook 'n eksamenkommissie vir die toelating van studente tot die BD-graad en daarna vir toelating tot die predikantsberoep. Die Kerk voorsien ook 'n gedeelte van die dosente se salaris.

Vir toelating tot die BD-kursus is daar voorheen 'n BA-graad met Grieks II, Hebreeus II en Bybelkunde I vereis. Die Fakulteit het egter jare lank gestrewe na 'n geïntegreerde BD-kursus, waarin teologiese studente van hulle eerste jaar af 'n teologiese kursus volg, soos die geval by ingenieurs- en mediese opleiding is. Dit kom daarop neer dat lettere- en teologiese vakke gelyktydig geneem word en dat na 'n driejarige BA-graad met endossement Teologie, nog drie jaar uitsluitend aan teologiese vakke bestee word. Dit het ook meegebring dat die predikantsopleiding nou van sewe tot ses jaar verkort word. Hierdie strewe is uiteindelik aan die begin van 1983 verwesenlik. Om 'n idee van die jaarlikse aantal afgestudeerdes te gee, kan daar gemeld word dat in 1979 twee doktorsgrade, 84 BD-grade, 13 diplomas in Teologie en 47 nagraadse diplomas toegeken is.

In 1963 het die Fakulteit sy 25-jarige bestaan gedenk. By dié geleentheid het die studente aan proff. J.H. Kritzinger en E.P. Groenewald, die enigste twee oorspronklike professore wat nog in diens was, elkeen 'n adres van waardering aangebied. In 1978 is die 40ste bestaansjaar herdenk.

Met die steun en samewerking van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het daar in 1960 'n permanente Buro vir die Afrikaanse Bybelvertaling aan die Universiteit tot stand gekom, waarby albei Afdelings van die Fakulteit, asook aangewese persone van buite, betrek is. Benewens 'n administratiewe afdeling is die Buro toegerus met Bybelvertalings in ou en moderne tale, woordeboeke, konkordansies en ander geskrifte wat die vertalers van hulp kan wees. Prof. A.H. van Zyl, toe nog senior lektor in Semitiese Tale, het die sekretariaat van die Buro en van die hersieningskommissie behartig. In 1966 het prof. E.P. Groenewald die voorsitterskap van prof. B.B. Keet oorgeneem. In 1968 is besluit op 'n algemene nuwe vertaling, wat in 1970 as opdrag aan die Kommissie deurgegee is. Reeds in 1971 is 'n proefvertaling van enkele Bybelboeke uitgegee.

As rede vir die nuwe vertaling is daar aangevoer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dat Afrikaans sedert die eerste vertaling gegroei het, dat kennis van die grondtale, Hebreeus, Arameés en Grieks, intussen toegeneem het en dat ook die vertaaltegniek gevorder het. Die oordra van die boodskap in die idioom van die nuwe taal en nie 'n letterlike vertaling nie het die uitgangspunt geword. Die lede van die vertalingskommissie was proff. E.P. Groenewald (voorsitter), S. du Toit (ondervoorsitter), A.H. van Zyl (sekretaris), G.M.M. Pelser (ondersekretaris), J.P. Oberholzer, Tj. van der Walt, E.S. Mulder, F.C. Fensham, F.J. Botha en P.A. Verhoef. Slegs proff. Van der Walt en Verhoef was nie op die een of ander tydstip as dosente of studente aan die Universiteit van Pretoria verbonde nie. Soos bekend het die Nuwe Afrikaanse Bybel in 1983 verskyn.

Sedert 1979 bestaan ook die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN), met dr. J.M. Cronjé as direkteur, binne die Fakulteit. Daarby word ook op ander terreine veelvuldige navorsing gedoen.

In 1970 het prof. E.P. Groenewald as die laaste van die oorspronklike viertal professore, na 32 jaar (waarvan 21 jaar as dekaan), afgetree. Hy het by dié geleentheid sy ruim boekery aan die biblioteek geskenk.

Dekane van die Fakulteit Teologie Afdeling B

1960 — Prof. E.P. Groenewald
1971 — Prof. H.D.A. du Toit
1973 — Prof. B.J. Marais
1977 — Prof. A.H. van Zyl
1979 — Prof. C.W.H. Boshoff
1981 — Prof. J.A. Heyns

Prof. A.B. du Preez, Hoof, Departement Dogmatiek en Christelike Etiek, 1946–1970.

Departement Dogmatiek en Christelike Etiek

"Die naam (van die Departement) dui 'n versameling vakke aan", volgens prof. J.A. Heyns, "wat hulle besig hou met die bestudering van die openbaring van God soos dit in die belydenis van die kerk gereflekteer word. Die woord *dogma* dui op die geformuleerde gesaghebbende gestalte wat die kerk se verstaan van die openbaring van God aangeneem het. Afgelei van die Grieks *etos*, bestudeer etiek die wyse waarop die persoon van die mens onder die gesigspunte van goed en kwaad behandel word."

Dogma, of die dogmatiese vakke, gaan terug na die vroegste tye, tot die 2de eeu n.C., terwyl Etiek met sy Griekse oorsprong nog ouer is, maar ook sedert die tweede eeu in Christelike verband bestudeer word. Vanuit Wes-Europa het die groep vakke na ons oorgekom en hier 'n eie aksent gekry. Met die ontstaan van die Fakulteit in 1938 het prof. G.M. Pellissier hoof van die Departement geword. Hy is in 1946 deur prof. A.B. du Preez opgevolg.

Andries Bernardus du Preez is in 1905 op Senekal gebore, waar hy ook sy skoolopleiding ontvang. Na matrikulasie in 1923 gaan studeer hy aan die Universiteit van Stellenbosch; BA en MA(Wysbegeerte) in 1926 en 1928 en die kandidaatseksamen (aan die Teologiese Kweekskool) in 1929. Daarop volg 'n studietyd in Europa aan die Vrye Universiteit van Amsterdam (ThD in 1933) en aan die universiteite van Zürich onder prof. Emil Brunner en Bonn onder prof. Karl Barth. Terug in Suid-Afrika, is hy eers reisende sekretaris van die Christelike Studentevereniging (CSV) en daarna predikant, agtereenvolgens in die gemeentes Heidelberg, Transvaal (1935–1942) en Waterval aan die Rand (1942–1945). Hy is in Januarie 1946 aangestel as professor in en hoof van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek aan die Universiteit van Pretoria.

Prof. Du Preez was baie bedrywig in die Ned. Geref. Kerk se Sinodale Kommissie vir Aktuele Sake, waarvan hy jare lank lid was. In hierdie verband het hy verskeie ondersoeke gedoen en 'n groot aantal referate en publikasies gelewer, oor onderwerpe soos rasseverhoudings, kunsmatige inseminasie, Vrymesselary, Morele Herbewapening, die Baptistekerk, reënmakery, geboortebeperking, Sciëntologie en so meer. Hy tree aan die einde van 1970 uit die diens van die Universiteit en is op 9 Februarie 1974 oorlede. Sy opvolger vanaf 1 Januarie 1971 as hoof van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek is prof. J.A. Heyns.

Johan Adam Heyns is in 1928 op Tweeling in die Oranje-Vrystaat gebore. In 1945 matrikuleer hy aan die Hoërskool Gimnasium op Potchefstroom, behaal die BA-graad in 1948 aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onder-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wys, die BD en MA(Wysbegeerte) in 1949 aan die Universiteit van Pretoria en in 1953 die doktorsgraad in Teologie aan die Vrye Universiteit van Amsterdam. Hierna word hy predikant op Ysterplaat, daarna studenteleraar in Rondebosch en in 1966 senior lektor aan die Kweekskool op Stellenbosch. Intussen het hy 'n tweede doktorsgraad, DPhil(Wysbegeerte) in 1962 aan die Potchefstroomse Universiteit behaal.

Benewens sy werk aan die Universiteit—hy is sedert 1981 dekaan van die Fakulteit— beklee prof. Heyns afwisselend belangrike funksies binne die Kerk, soos assessor van die moderatuur van Transvaal, afgevaardigde na kerklike konferensies en berade—in 1979 in Switserland, Duitsland en Nederland, in 1980 in Sydney, Australië, en Nimes, Frankryk, en in 1982 in Ottawa, Kanada. Prof. Heyns publiseer baie oor die aktuele sake wat die Kerk aangaan. In 1982 het hy die Totiusprys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang.

Tot 1975 was die professor en hoof die enigste dosent in die Departement. In 1976 kom 'n senior lektor by in die persoon van dr. D.A. du Toit, wat ook sy opleiding aan die Universiteit en Kweekskool van Stellenbosch en aan die Vrye Universiteit van Amsterdam ontvang het. Aan die laasgenoemde inrigting het hy in 1971 gepromoveer tot doktor in die Teologie. Hy was senior lektor aan die Hugenotekollege op Wellington tot hy die aanstelling aan die Universiteit van Pretoria ontvang het. Hier is hy reeds in September 1976 tot medeprofessor bevorder, maar hy tree aan die einde van 1977 uit die diens van die Universiteit om 'n professoraat te aanvaar op Stellenbosch.

Sy opvolger aan die Universiteit van Pretoria is dr. P.C. Potgieter, wat ook sy opleiding op Stellenbosch (DTH in 1973) ontvang het. Nadat hy predikant in enkele gemeentes was, is hy op 1 Januarie 1978 aangestel as medeprofessor, maar ook hy verlaat die Universiteit van Pretoria na minder as twee jaar om 'n professoraat aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat te aanvaar.

Hy is op sy beurt opgevolg deur prof. C.J. Wethmar, wat ook sy opleiding aan die Universiteit van Stellenbosch en daarna aan die Vrye Universiteit van Amsterdam ontvang het (ThD in 1977). Hy het van die Universiteit van Durban-Westville gekom om met ingang van 1 Januarie 1981 medeprofessor aan die Universiteit van Pretoria te word.

Met die begryplike inagneming van die Calvinistiese agtergrond word daar, volgens prof. Heyns, aandag gegee aan alle strominge wat in die teologiese wêreld na vore tree, soos Dialektiese Teologie, Hermeneutiese Teologie, die Teologie van Bevryding en van Rewolusie en Swart Teologie. Die Departement dra sy deel by tot voorligting op predikantekonferensies, en tans ook aan militêre offisiere, waar die Teologie en die Etiek van die Rewolusie aandag trek. Daar is skakeling met ander dissiplines, soos Wysbegeerte, Sosiologie en Sielkunde en met ander teologiese fakulteite in sowel die buiteland as die binneland. Daar is 'n dogmatologiese werkgemeenskap wat kollegas uit ander universiteite en ander konfessionele oortuigings saamtrek. Benewens talle geskrifte, kan daar gewys word op 'n handboek in Afrikaans oor Dogmatiek en 'n eerste band oor Etiek wat al verskyn het.

Bekende oud-studente van hierdie Departement is onder andere prof. W.D. Jonker van Stellenbosch, vroeër professor in Kampen, Nederland, en prof. Murray Janson van die Universiteit van Suid-Afrika.

Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap

Soos die naam aandui, behels hierdie Departement twee selfstandige dissiplines wat mekaar in verskeie opsigte aanvul. Godsdienswetenskap is wesenlik nie 'n teologiese wetenskap nie, aangesien dit "die verskynsel van godsdiens in die algemeen en bepaalde godsdienste in die besonder bestudeer", soos prof. C.W.H. Boshoff dit formuleer. Dit kom ook uit in die Engelse benamings: *Science of Religion* en *Comparative Religion*. In Duits word dit genoem *Religionswissenschaft*. Prof. Boshoff verduidelik verder: "Wanneer godsdiens in die algemeen, of 'n bepaalde godsdiens in die lig van Gods Woord beoordeel word, is dit nie meer godsienswetenskap nie maar elenktiek wat 'n onderdeel van die Sendingwetenskap—dus wel teologie is." *Elenktiek* beteken die ontmoeting of konfrontasie met nie-christelike godsdienste.

Sendingwetenskap behels die bestudering van Sendinggeskiedenis, Sendingteorie en Elenktiek. In Afrikaans en Nederlands heet dit ook *Missiologie*, in Engels *Science of Mission* of *Missiology* en in Duits *Missionswissenschaft* of *Missiologie*.

Godsdienswetenskap is 'n baie ou wetenskap wat vroeër ook by Lettere en Wysbegeerte ingedeel is. Dit bestudeer godsdiens in "historiese, fenomenologiese, psigologiese, sosiologiese en wysgerige verband." "In die teologie kan dit ook in verband met die bestudering van die Ou en Nuwe Testament gebring word, of anders met antieke kultuurgeskiedenis," volgens prof. Boshoff.

Daarenteen is Sendingwetenskap as teologiese vak van "meer resente oorsprong." Voordat dit as 'n selfstandige wetenskap erken is, is aspekte of implikasies wat sending inhou, in verskillende ander vakgebiede bestudeer, soos Kerkgeskiedenis en Ou en Nuwe Testament. Die 19de eeu, die groot "sendingeeu" toe sendingwerksaamhede oor die hele wêreld uitgekring het, en die kerk in konfrontasie met 'n menigte ander godsdienste gebring is—het die behoefte aan 'n selfstandige bestudering van sendingvraagstukke laat ontstaan. So is die Sendingwetenskap gebore, waaraan die Duitse geleerde Gustav Warneck met sy Evangelische Missionslehre rondom die eeuwisseling belangrike beslag gegee het. Eers is dit in sendinginstitute en "Missionsakademien" bestudeer om mettertyd as afsonderlike vakgebied tot teologiese skole en universiteite toegelaat te word.

Sendingwetenskap is vanaf sy ontstaan in die Fakulteit Teologie Afdeling B doseer, aanvanklik nie in 'n selfstandige departement nie, maar vanaf 1953 binne die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap onder prof. H.D.A. du Toit, wat ook Praktiese Teologie doseer het. Die naam was

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. H.D.A. du Toit, Hoof, Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap, Afd. B, 1953–1967, Hoof, Departement Praktiese Teologie, 1967–1975, en Dekaan, Afd. B, 1970–1972.

toe Departement Godsdienswetenskap en Sendingwetenskap (en Amptelike Teologie).

Toe die selfstandige Departement Praktiese Teologie in 1967 ingestel is, is prof. H.D.A. du Toit as hoof daarvan aangestel, terwyl dr. C.W.H. Boshoff as senior lektor hoof van die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap geword het. In 1968 is hy bevorder tot professor.

Carel Wilhelm Boshoff is op 9 November 1927 op Nylstroom gebore en hy studeer aan die Universiteit van Pretoria: BA in 1948, BD in 1951, proponentseksamen in 1952 (met lof), MA in Sosiologie in 1961 en doktoraaleksamen in 1965 (met lof) en uiteindelik DD in September 1968. Van 1953–1956 was hy op Belfast medeleraar met sendingopdrag, van 1956 tot 1959 sendeling in die Oostelike Laeveld by Meetse-a-Bophelo, lid van die Sinodale Kommissie van Noord-Transvaal en tydelike Organiserende Sendingsekretaris, van 1960 tot 1963 medeleraar met sendingopdrag van Johannesburg-Wes en sendeling van Diepkloof. Hier het hy lid van die Sinodale Sendingkommissie van Suid-Transvaal geword en hy is in die plaaslike bestuur van die Stofberg Teologiese Skool, Turfloop, benoem. Van 1963 tot 1967 is hy Predikant in Sinodale Diens vir Sending en hy dien op die besture van 'n aantal liggame in verband met sending. Prof. Boshoff is baie bedrywig buite die Universiteit in sending- en kultuuraangeleenthede. Hy lewer gereeld referate op kongresse, dien op die raad van SABRA en ook, onder andere, op 'n Kommissie van Ondersoek na die Konsolidasie van die Tuislande. In 1981 word hy hoofleier van die Voortrekkerbeweging. Hy is ook 'n vrugbare skrywer oor onderwerpe wat sending en kultuur betref en volle lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Op 1 Januarie 1976 is dr. D. Crafford aangestel as senior lektor in die Departement. Hy is in September dieselfde jaar tot medeprofessor bevorder. Dionne Crafford is in 1935 op Lobatsi, Botswana, gebore. In 1952 matrikuleer hy aan die Witbankse Hoërskool. Daarna studeer hy aan die Universiteit van Pretoria: BA 1955 (met lof), BD 1958, MA 1961 Grieks (met lof), DD 1967 Sendingwetenskap en Nuwe Testamentiese Dogmengeskiedenis (met lof). In die jare 1961–1962 het hy ook doktorale studie aan Kampen, Nederland, gedoen. Sy loopbaan behels verder: 1963–1968, sendeling, NG Gemeente Rivonia; 1969–1971, senior lektor en hoof van die Departement Kerkgeskiedenis aan die Universiteit van die Noorde, waar hy in die loop van die laasgenoemde jaar tot professor bevorder is. Hy is vanaf 1983 bevorder tot volle professor aan die Universiteit van Pretoria.

Prof. Crafford is lid van die Sendingwetenskaplike en Kerkhistoriese werkgenootskappe en is van 1 November 1983 tot 31 Desember 1984 aangestel as tydelik-deeltydse direkteur van die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN).

Departement Kerkgeskiedenis

Hierdie Departement was eers bekend as die Departement Geskiedenis van die Christendom en Kerkreg, maar dit is tans bekend as die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg. In 1960 was prof. B.J. Marais professor en hoof.

Barend Jacobus (Ben) Marais is in 1909 op Steynsburg gebore en het op Middelburg K.P. gematrikuleer. Sy verdere opleiding het hy aan die Universiteit van Stellenbosch ontvang, eers BA en MA, albei met lof, en daarna aan die Teologiese Kweekskool. In 1935 gaan studeer hy aan die Princeton Theological Seminary en hy behaal daar in 1936 die ThM-graad, ook met lof. Daarna keer hy terug na Stellenbosch en word nog dieselfde jaar gelegitimeer. Nadat hy tydelik agtereenvolgens leraar op Riversdal en in Johannesburg-Oos was, het hy in 1937 studenteleraar van Transvaal geword, 'n taak wat hy twaalf jaar waargeneem het. Daarna, in 1949, het hy 'n beroep na die gemeente Pretoria-Oos aangeneem. In 1954 is hy as die opvolger van prof. D.J. Keet tot professor in en hoof van die Departement Geskiedenis van die Christendom en Kerkreg benoem.

Prof. Marais was 'n ywerige student en navorser. In 1944 het hy die DPhil-graad aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. In 1950 is hy met verlof na Amerika om aan die Yale Divinity School 'n studie van die Amerikaanse rassevraagstuk te maak en hy besoek op sy terugreis ook die Wes-In-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. B.J. Marais, Hoof, Departement Kerkgeskiedenis, Afd. B, 1954–1974.

diese Eilande en Suid-Amerika. Die resultaat hiervan was sy boek *Die Kleurkrisis en die Weste*, wat ook in Engels vertaal is. Prof. Marais het 'n besondere belangstelling in ekumeniese aangeleenthede, ook wat die Wêreldraad van Kerke betref, en hy het in dié verband talle lande besoek, konferensies bygewoon en referate gelewer. Alles het neerslag gevind in 'n sestal boeke en talle artikels. Sy idees het in sommige kringe weerstand gewek en hy was in een stadium 'n omstrede figuur. Tog was daar hoë waardering vir sy taak as professor en sy jarelange diens aan die Fakulteit en die Universiteit. Hy het al voor sy aanstelling as professor op die Universiteitsraad gedien en was sedert 1972 dekaan, asook jare lank voorsitter van die beheerraad van die Sonopkoshuis. Na een en twintig jaar tree hy in 1974 met pensioen af en hy is daarna nog 'n paar jaar werksaam aan die Teologiese Fakulteit van UNISA. Hierdie Universiteit het hom in 1979 met 'n eredoktorsgraad in Teologie vereer. Later ontvang hy ook 'n ere-doktorsgraad in die Regte van die Universiteit van die Witwatersrand. As departementshoof aan die Universiteit van Pretoria is hy deur prof. P.B. van der Watt opgevolg.

Philip (Flip) Blignaut van der Watt is in 1937 op Theunissen gebore. Hy matrikuleer in 1954 aan die Hoërskool Excelsior en studeer aan die universiteite van die OVS en Stellenbosch. In 1961 word hy gelegitimeer as predikant van die Ned. Geref. Kerk. Gedurende 1966-67 studeer hy aan die Vrye Universiteit, Amsterdam en die volgende jaar promoveer hy in die Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch.

Hy bedien vanaf 1962-1970 die gemeentes Amalia, Bloemhof, Bloemhof-Oos en Vrede. In 1970 word hy aangestel as senior lektor in die ekklesiologiese vakke aan die Teologiese Kweekskool, Stellenbosch. In 1974 word 'n professoraat *ad hominem* aan hom toegeken, maar hy aanvaar in dieselfde jaar die aanstelling as professor in en hoof van die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Teologiefakulteit, Afdeling B, Universiteit van Pretoria. Naas doseerwerk, is hy met intensiewe navorsing besig en hy voltooi onder meer 'n tetralogie oor die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk (1662–1975). Verskeie besoeke aan die buiteland—1972, Skotland; 1976, Princeton; 1981, Nederland en die Verenigde Koninkryk—stel hom in staat om ook ander boeke op die terrein van die kerkgeskiedenis te skryf. Hy dien op verskeie belangrike kerklike kommissies, bv. lid van die Breë Moderatuur, assessor van die Sinode van Noord-Transvaal, lid van die Algemene Regskommissie van die Kerk en lid van die Konstitusiekomitee van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode.

Sedert 1976 word prof. Van der Watt bygestaan deur prof. C.F.A. Borchardt, wat voor die tyd reeds in 'n tydelike verband waargeneem het en in dieselfde jaar tot medeprofessor bevorder is. Prof. Borchardt het eers aan die Universiteit van Pretoria studeer, BA, MA en BD, en daarna het hy in 1966 die ThD-graad aan die Universiteit van Leiden behaal. Ook hy was eers predikant aan enkele gemeentes voor hy in 1970 lektor aan UNISA geword het. Prof. Borchardt is mederedakteur van die *Suid-Afrikaanse Teologiese Bibliografie*, asook skrywer van 'n aantal vakwetenskaplike artikels.

Departement Nuwe-Testamentiese Eksegese en Teologie

Die naam van die Departement dui op die twee belangrikste afdelings waarop die Nuwe-Testamentiese onderrig en navorsing konsentreer. Afdeling A, die Fakulteit van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, noem die ooreenstemmende departement net *Nuwe Testamentiese Wetenskap*. Dit is in ooreenstemming met die meeste Europese en Amerikaanse benaminge.

Die vak is gerig op die praktyk, dit wil sê die vorming van toekomstige predikante, maar ook op die bestudering van die vak ter wille van die wetenskap. Volgens prof. Du Toit, die departementshoof, sluit die studie onder meer in: Geskiedenis van die Nuwe-Testamentiese ondersoek, Nuwe-Testamentiese Metodeleer, Kanoniek, Agtergrond, Inleiding tot Eksegese (uitleg), en Teologie van die Nuwe Testament.

Soos die studie van die Teologie self, is die studie van die Nuwe Testament byna so oud soos die Christendom. In die oudheid was daar beroemde teologiese skole wat hulle op die bestudering van die Christendom toegelê het, onder andere die van Antiochië en Alexandrië. Daarna het die studie bly

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. E.P. Groenewald, Hoof, Departement Nuwe-Testamentiese Eksegese en Teologie, 1938–1970, en Dekaan, Afd. B, 1948–1969.

voortlewe, dwarsdeur die Middeleeue tot die Renaissance- en Reformasietyd. Tog het die streng wetenskaplike bestudering van die Nuwe Testament eers in die agtiende eeu volle beslag gekry, hoofsaaklik in Duitsland en Engeland.

Met die instelling van die Kweekskool op Stellenbosch in 1859 is die vak daar in die predikanteopleiding ingevoeg. Voor die tyd is Teologie veral in Nederland bestudeer, hoofsaaklik aan die belangrike teologiese sentrums Utrecht en Leiden en later Amsterdam en Kampen. Aan die Universiteit van Pretoria dateer hierdie vak vanaf die begin van die Teologiese Fakulteit Afdeling B van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in 1938. Prof. E.P. Groenewald was die eerste professor en hoof.

Evert Philippus Groenewald is in 1905 op George gebore. Hy het in 1927 die MA(Grieks)-graad aan die Universiteit van Stellenbosch behaal en in 1928 die kandidaatseksamen in die Kweekskool aldaar. Hierna is hy oorsee en hy behaal die DD-graad met lof aan die Vrye Universiteit van Amsterdam. Nadat hy van 1932 tot 1938 predikant op Bethulie was, is hy in die laasgenoemde jaar as professor in en hoof van die Departement Nuwe-Testamentiese Eksegese en Teologie aan die nuwe Fakulteit van Teologie (Nederduitse Gereformeerde Kerk) van die Universiteit van Pretoria aangestel. Hy het hierdie betrekking byna 32 jaar lank gevul en was 21 jaar dekaan van die Fakulteit. Hy tree in 1970 uit die diens van die Universiteit, maar hy is nog van 31 Julie tot 31 Desember 1970 as tydelike dosent behou. Hy was 'n ywerige hervormer en skrywer, onder andere van *Handboek Bybelse geskiedenis : Nuwe Testament.* In 1979 het hy sy omvangryke en waardevolle boekery aan die Universiteit van Pretoria geskenk. Hy sal veral onthou word as voorsitter van die Kommissie vir Bybelvertaling en as een van die Bybelvertalers (nuwe Afrikaanse vertaling), waaraan hy nog na sy aftrede gewerk het.

Prof. Groenewald is deur prof. A.B. du Toit opgevolg. Andries Bernhardus du Toit is in 1931 op Boshof gebore en hy het in 1948 op Parys gematrikuleer. Daarna het hy aan die Universiteit van Pretoria studeer, waar hy in 1951 die BA-graad met lof behaal en in 1954 die BD-graad, ook met lof. Daarna het hy oorsee gegaan en in 1959 die ThD-graad in die Nuwe Testament met lof aan die Universiteit van Basel behaal. By sy terugkeer, dien hy tussen 1959 en 1970 as predikant, agtereenvolgens in die gemeentes Springs, Riviera en Universiteitsoord. In 1962 behaal hy die MA-(Grieks) met lof. In 1971 word hy professor in en hoof van die Departement Nuwe-Testamentiese Eksegese en Teologie aan die Universiteit van Pretoria. Prof. Du Toit het hom met groot ywer aan die werk gewy, ook buite die Universiteit, waar hy op die adviesraad van Bybelkor gedien het en 15 jaar lank sekretaris van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap was. Hy was onder meer verskeie kere vir studiereise en kongresse oorsee, waar hy referate gelewer het. Hy is ook lid van die Societas Novi Testamenti Studiorum.

'n Tweede dosent, ds. J.H.B. Combrink, is in 1974 aangestel. Teen 1981 is drie dosente in die Departement werksaam, te wete proff. A.B. du Toit, F.J. Botha en P.P.A. Kotzé. Albei die laasgenoemdes was medeprofessore en prof. Kotzé het die vak Bybelkunde as opdrag gehad.

Departement Ou-Testamentiese Eksegese en Teologie

Soos die naam aandui, het hierdie Departement te doen met die teksuitleg van die Ou Testament en die teologie in verband daarmee. Dit is ook gedeeltelik verantwoordelik vir die vak Bybelkunde.

Die eerste hoof van hierdie Departement was prof. J.H. Kritzinger, van 1938 tot 1965. Gebore in die distrik Uniondale in 1905, het Johan Hendrik Kritzinger sy opleiding aan die Universiteit en Kweekskool van Stellenbosch gehad en daarna aan die Vrye Universiteit van Amsterdam, waar hy die ThD-graad in Ou-Testamentiese en Praktiese Teologie ontvang het. Daarop was hy predikant in die gemeentes Johannesburg-Oos en Hanover voor hy as professor aangestel is. Vir 28 jaar lewer hy getroue diens, ongelukkig gedurende sy later jare telkens onderbreek deur swak gesondheid, wat hom genoop het om op sestigjarige leeftyd af te tree. Hy is deur prof. A.H. van Zyl opgevolg.

Albertus Hermanus van Zyl is in 1925 gebore en het sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. J.H. Kritzinger, Hoof, Departement Ou-Testamentiese Eksegese en Teologie, 1938–1965.

ontvang: BA 1945, BD 1948 met lof, MA(Semitiese Tale) 1950 en DD 1955 met lof. In 1956 het hy 'n jaar lank in Semitiese Tale aan die Universiteit van Leiden studeer. Gedurende sy studentejare was hy baie bedrywig in studente-aangeleenthede en hy was later ook sekretaris van die UP-rugbyklub en lid van die Noord-Transvaalse Rugbyunie.

Hy het in 1949 lektor in Semitiese Tale geword en hy is in 1958 tot senior lektor bevorder. Intussen het hy in 1950 waargeneem in die Departement Ou-Testamentiese Eksegese en Teologie terwyl prof. Kritzinger met verlof was. Op 1 Januarie 1961 aanvaar hy die aanstelling as professor in Semitiese Tale aan die Universiteit van Suid-Afrika, maar hy neem die volgende jaar 'n beroep aan as predikant vir die gemeente Kameeldrif. Met die aftrede van prof. Kritzinger neem hy die beroep aan om professor in en hoof van die departement Ou-Testamentiese Eksegese en Teologie aan die Universiteit van Pretoria te word.

Ook buite die Universiteit het prof. Van Zyl 'n groot aandeel aan kerksake gehad. In 1957 was hy een van die stigters van die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap en hy was tot 1973 sekretaris daarvan. By die SAUK was hy jare lank betrokke by die program *Wat sê die Bybel?* Van 1966 tot 1980 was hy lid van die Argiefkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Prof. Van Zyl het sedert 1958 as sekretaris op die Kommisssie vir die Bybelvertaling gedien. Met die loop van jare het hy 'n al hoe groter aandeel aan die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling gehad, sodat die helfte van sy leeropdrag later deur tydelike dosente waargeneem is. Hy was ten slotte een van die vyf lede van die eindredaksie van die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling. Hy tree ook op as hoofredakteur van die Verklarende Aantekeninge by die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling.

Prof. Van Zyl was van 1975 tot 1977 dekaan van die Fakulteit Teologie Afdeling B (Nederduitse Gereformeerde Kerk). Sy Departement het in 1977 nog twee dosente bygekry. In 1982 was hulle dr. W. Prinsloo en dr. W. Vosloo, albei medeprofessore, die laasgenoemde met Bybelkunde as leeropdrag. Albei het die DD-graad aan die Universiteit van Pretoria met lof behaal en hulle is aanvanklik as senior lektore in die Departement aangestel, prof. Prinsloo in 1975 en prof. Vosloo in 1980.

Departement Praktiese Teologie

Praktiese Teologie was aanvanklik 'n afdeling van die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap (en Amptelike Teologie), waarvan prof. H.D.A. du Toit van 1953 af die hoof was. In 1963 het daar, net soos by Afdeling A van die Fakulteit die geval was, 'n sesde Departement Praktiese Teologie bygekom, maar eintlik het dit eers in 1967 sy beslag gekry toe prof. H.D.A. du Toit tot hoof benoem is. Die behoefte aan die vak is gebore uit die probleme waarvoor die kerk in die veranderde naoorlogse wêreld te staan gekom het.

Hendrik Daniel Alphonso du Toit is in 1907 gebore. In sy akademiese opleiding het hy die volgende behaal: BA in 1927 aan die Universiteit van Kaapstad, die Teologiese Kandidaatsdiploma aan die Kweekskool op Stellenbosch, daarop die doktorale eksamen in Praktiese Teologie in 1932 aan die Vrye Universiteit van Amsterdam en ten slotte die doktorsgraad aan die Universiteit van Pretoria. Voor sy benoeming as professor, was hy van 1933 tot 1952 predikant in verskeie gemeentes.

Prof. Du Toit was 'n vrugbare skrywer en onder andere assessor van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Noord-Transvaal en lid van die Breë Moderatuur van die Algemene Sinode. Hy was ook voorsitter van die Algemene Kommissie vir die Erediens en vir dié van Kerkmusiek. Prof. Du Toit tree aan die einde van 1972 met pensioen af en is in 1975 oorlede.

Sy opvolger was prof. J.J. de Klerk. Gebore in 1925, het Jeremias Jesaias de Klerk in 1948 sy BA(Admissie)-graad op Potchefstroom behaal, daarna die Kandidaatseksamen op Stellenbosch en in 1949 die proponentseksamen aan die Universiteit van Pretoria geslaag, gevolg deur MA in Sosiologie met lof in 1964 aan die Potchefstroomse Universiteit en ten slotte die DTh-graad in 1972 aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy was van 1950 tot 1966 predikant in 'n aantal gemeentes en van 1967 tot 1972 sekretaris vir Ampsbediening en Evangelisasie van die Kerk van die Oranje-Vrystaat. Hy word met ingang van 1 Januarie 1973

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

professor in en hoof van die Departement Praktiese Teologie aan die Universiteit van Pretoria. Ook hy was aktief in verskeie liggame, onder andere die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie. Hy verlaat Pretoria in 1980 om 'n leerstoel aan die nuutgestigte Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat te aanvaar. Hy is deur prof. A.C. Barnard opgevolg.

Gebore in 1927, het Adriaan Cornelis Barnard in 1947 die BA-graad behaal, in 1950 die BD en in 1951 die Proponentsdiploma, almal aan die Universiteit van Pretoria. Daarop volg die ThD-graad in 1954 aan die Vrye Universiteit van Amsterdam en in 1965 die DD-graad, weer aan die Universiteit van Pretoria. Hy het in die laasgenoemde jaar ook 'n kursus in Kliniese Pastorale Psigiatrie aan die Tarahospitaal gevolg en in 1967 'n studie van Industriële Arbeid, Evangelisasie en Liturgie in die buiteland onderneem.

Prof. Barnard is in 1976 aangestel as senior lektor; in 1977 is hy tot medeprofessor bevorder en in 1981 tot professor in en hoof van die Departement Praktiese Teologie. Met die groei van studentegetalle het daar 'n vermeerdering in dosente gekom. In 1976 het dr. H.J.C. Pieterse lektor in die Departement geword; hy is later bevorder tot senior lektor. Daarmee is die onderrig in jaargroepe verdeel en semesterkursusse ingestel. Hiermee het die opleiding meer intensief geword en kon daar meer aandag aan praktiese onderrig gegee word. "Van die nuutste onwikkelinge . . . is 'n vrywel intensiewe begeleiding en indiensopleiding in hospitaalpastoraat, praktiese onderrig ten opsigte van gemeente-administrasie en beplanning, gesprekvoering, ensovoorts", skryf prof. Barnard. In 1981 was daar 57 doktorale studente wat die vak as hoofvak geneem het.

In 1981 het dr. Pieterse bedank en prof. A.J. Smuts as medeprofessor en dr. M. Nel as senior lektor het bygekom. Al drie die dosente het in adviserende hoedanigheid sitting in verskeie kommissies van die Algemene Sinode en die sinodes van Noord- en Oos-Transvaal.

Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN)

In 1979 het die Instituut van Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN) aan die Universiteit tot stand gekom. Dit is verbonde aan die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap, Afdeling Nederduitse Gereformeerde Kerk. As direkteur is dr. J.M. Cronjé, destyds sendingsekretaris van die Algemene Sinode van die NG Kerk, eers in 'n deeltydse en later in 'n voltydse hoedanigheid aangestel, met as medewerkers dr. J.J. Kritzinger (Universiteit van Pretoria) en prof. W.J. van der Merwe (Universiteit van Stellenbosch). By die stigting het die Kerk R5 000 jaarliks bewillig, terwyl die Universiteit huisvesting, toerusting en drie deeltydse navorsingsposte voorsien.

Aan die Intituut word 'n databank van sendingwetenskaplike materiaal opgebou. Dit behels die dokumentering van bestaande literatuur in oorleg met die Merenskybiblioteek, die ordening en bewaring van materiaal en die beskikbaarstelling daarvan aan navorsers, leiding in verband daarmee, die publikasie van navorsingsresultate, simposia, samesprekings en die mikro-ontsluiting van navorsingsmateriaal.

Een van die eerste take was historiese navorsing en wel oor die geskiedenis van die sendingwerk van die Kerk in Suid- en Sentraal-Afrika en selfs in die Verre Ooste, waarvan die geskiedenis tot dusver slegs fragmentaries per sendingstasie opgeteken was. Hieroor het daar twee boekdele verskyn onder die titel *Aan God die Dank* deur D. Crafford en J.M. Cronjé. Later het daar ook 'n boek in Engels oor die onderwerp die lig gesien, *Born to witness*. Ander boeke wat met verloop van tyd verskyn het, is *Die onvoltooide sendingtaak van Noord- en Oos-Transvaal*, *Die Sjinese in Suid-Afrika* en *Van mens tot mens*, die laasgenoemde 'n studie oor kommunikasie. Verdere navorsingsprojekte is die aandeel van die swart pioniers aan die Suid-Afrikaanse sendinggeskiedenis, die onvoltooide sendingtaak van Suid-Transvaal en Noord-Kaapland, die aandeel van die vrou in die sendingwerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, bearbeiding van Hindoes in Suid-Afrika, sendingwerk in Zimbabwe, en missionêre bediening.

Die teologiese fakulteite van die universiteite van die Oranje-Vrystaat en Stellenbosch het belangstelling getoon in die navorsingswerk van ISWEN en hulle het besluit om daarmee saam te werk eerder as om elkeen self so 'n instituut te stig. In 1982 is daar dan ook verteenwoordiging aan die genoemde twee inrigtings op die Instituut gegee.

Die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het met dankbaarheid kennis geneem van die werk van die Instituut en sy jaarlikse bydrae tot R10 000 verhoog.

6. *Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe*

In 1960 was hierdie Fakulteit nog bekend as die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie, die naam waaronder dit tot stand gekom het. Reeds in 1963 is daarop gewys dat die kursusse en grade wat in die Fakulteit aangebied word, meer met die ekonomiese as met die handelswetenskappe te doen het en is die naam Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe voorgestel en ook aanvaar. Aangesien so 'n naamsverandering by wetgewing moes geskied, het dit tot 1 Januarie 1968 geduur voor die Fakulteit onder die nuwe naam bekend kon word.

Die Fakulteit het in 1960 sewe departemente getel, naamlik Bedryfsekonomie; Ekonomie; Handel, Geld- en Bankwese; Handels- en Bedryfsreg, wat in 1978 Handels- en Arbeidsreg geword het;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Rekeningkunde en Ouditkunde; Staatsleer en Publieke Administrasie; en Statistiek. Die naam van die Departement Handel, Geld- en Bankwese is in 1967 verander na Geld- en Bankwese, maar die Departement verdwyn in 1973 toe dit in die Departement Ekonomie opgeneem is. Publieke Administrasie het in 1965 'n selfstandige departement geword, maar is in 1978 weer in die Departement Staatsleer opgeneem, wat in 1974 Internasionale Politiek bygekry het. In 1973 het Bestuurswese as 'n selfstandige departement bygekom. Rekenaarwetenskap is in 1974 by Statistiek gevoeg, maar dit verdwyn weer in 1977 toe dit as 'n selfstandige departement in die Fakulteit Wis-en Natuurkunde opgeneem is. Die laaste verandering kom in 1982 toe Sielkunde ook op die Fakulteitsraad sitting gekry het, aangesien Bedryfsielkunde of Personeelbestuur deur dosente van hierdie Departement doseer word. In 1982 het die Departemente van die Fakulteit uit die volgende bestaan: Bedryfsekonomie, Bestuurswese, Ekonomie, Handels- en Arbeidsreg, Rekening- en Ouditkunde, Sielkunde, Staatsleer, Publieke Administrasie en Internasionale Politiek, en Statistiek.

Belangrike toevoegings tot die Fakulteit is twee buro's en twee institute wat intussen gestig is. Die Buro vir Finansiële Analise is in 1965 gestig, gekoppel aan die Departement Bestuurswese. Dit het as taak en doel om hulp te verleen aan die bestuur in die bedryfslewe en om bestuurders op te lei. In 1972 is nog 'n buro, die Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise, as 'n navorsingsinrigting van die Departement Ekonomie gestig, met as opset navorsing oor Ekonomie en die rol van die owerheid. Hieruit vloei navorsingsverslae en deskundige advies aan instansies voort.

Wat institute betref, het die Instituut vir Ekonometrie in 1975 tot stand gekom as 'n gesamentlike onderneming van die twee Departemente Ekonomie, en Statistiek en Rekenaarwetenskap. Die Instituut kom teen 1979 tot 'n einde. Daar is verder die Instituut vir Strategiese Studies, wat in 1974 ontstaan het, gekoppel aan die Departement Staatsleer, Publieke Administrasie en Internasionale Politiek. Dit is gebore uit 'n groeiende belangstelling in die veiligheid van Suid-Afrika en sy rol in die internasionale politieke ontwikkeling. Die Instituut is hoofsaaklik 'n sentrum vir navorsing en dokumentasie.

Die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe het oor die jare gegroei tot die tweede grootste in die Universiteit, van 873 studente in 1960 tot 3 059 in 1982. Aanvanklik was dit eintlik 'n Buitemuurse Fakulteit, wat gegroei het uit behoeftes van die sakelewe en die openbare sektor. Eers in 1959 is die BCom-kursus ook binnemuurs aangebied en was daar vir die eerste keer studente in die Fakulteit wat nie reeds in 'n betrekking gestaan het nie. Gaandeweg het die binnemuurse afdeling groter geword en later die buitemuurse een in getalle oortref. So was daar in 1968 nog 816 studente buitemuurs teenoor 472 binnemuurs, terwyl die verhouding in 1981 902 teenoor 1 373 was.

By geleentheid is daarop gewys dat hierdie Fakulteit die naaste aan die ekonomiese lewe van die land staan. Die verskillende dissiplines het ontwikkel uit eise wat uit die sakewêreld kom en die opleiding moet daaraan voldoen. As voorbeeld kan daarop gewys word dat daar in 1972 met die instelling van kursusse vir 'n Diploma in Publieke Administrasie 'n advieskomitee aangestel is wat, behalwe die dosente uit die Departement, ook verteenwoordigers ingesluit het van die Staatsdienskommissie, die Posmeester-generaal, die Suid-Afrikaanse Spoorweë, die Munisipale Bestuur, die RGN en die Provinsiale Sekretaris van Transvaal, om seker te maak dat die opleiding aan die vereistes van die verskillende instansies beantwoord.

Prof. B. de Loor, Hoof, Departement Statistiek, 1939–1962, en Dekaan, Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe, 1960–1962.

"Dit is dan ook deel van die filosofie van die Fakulteit dat dit in diens van die gemeenskap staan en doelgerigte opleiding moet verskaf word. Enersyds mag teorie nooit agterweë gelaat word nie, maar andersyds moet die praktyk ook gedurig in die oog gehou word. In dié opsig dien die Fakulteit as brug tussen Universiteit en praktyk en daarom is praktykstelling van die grootste belang". Aldus 'n verklaring uit die jaar 1980.

In 1960 het prof. B de Loor, professor in Statistiek, prof. E.M. Hamman, professor in Handels- en Bedryfsreg, as dekaan opgevolg. Prof. De Loor sterf in 1962 en hy is van 1963 tot 1973 deur prof. H.J.J.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Reynders, professor in Bedryfsekonomie, opgevolg. Hy is op sy beurt deur prof. C.F. Nieuwoudt, professor in Staatsleer, Publieke Administrasie en Internasionale Politiek, opgevolg. Prof. Nieuwoudt het in 1982 voltydse dekaan van die Fakulteit geword.

Dekane van die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe

1960 — Prof. B. de Loor
1963 — Prof. H.J.J. Reynders
1974 — Prof. C.F. Nieuwoudt

Departement Bedryfsekonomie

"Die Bedryfsekonomie is die wetenskap wat hom besig hou met die bestudering van die vraag van hoe die onderneming as een van verskeie soorte instansies wat goedere en dienste ter bevrediging van menslike behoeftes beskikbaar stel, die beste gelei of bestuur kan word sodat die onderneming so doelmatig moontlik kan funksioneer." So lui die omskrywing wat prof. F.W. Marx van sy vakgebied gee.

Waarskynlik is die naam *Bedryfsekonomie* oorgeneem van die Nederlandse *Bedrijfseconomie*. In Suid-Afrika behels die dissipline 'n samevoeging van vakke soos Handel, Bedryfsleer en Industriële Organisasie en Bestuur. Die inhoud van die vak blyk ook uit die talle benamings daarvoor in ander tale. In Engels (Amerikaans) heet dit: *Business Economics, Business Administration, Business Science, Business Studies, Business Management, Applied Economics* en *Industrial Economics*; in Nederlands *Bedrijfseconomie, Bedrijfsbeheer, Bedrijfskunde, Bedrijfshuishoudkunde, Bedrijfsleer* en *Toegepaschte Economie*; in Duits *Betriebswirtschaft (-lehre)*, voorheen ook *Handelsbetriebslehre* en *Industriebetriebslehre*, en in Frans *Administration industrielle (des Enterprises)*.

"Die dissipline ontstaan feitlik gelyktydig in die Verenigde State van Amerika, Duitsland, Nederland en Frankryk gedurende die tweede helfte van die 19e eeu alhoewel die beginsels daarvan vanaf die vroegste tye deur die Rooms-Katolieke kerk, deur regerings, militêre leiers, handelaars, skeepsbouers en vervaardigers gebruik is," om prof. Marx nog eens aan te haal. As universiteitsopleiding begin dit ongeveer in 1880 in die VSA en 'n paar jaar later ook in Duitsland en Nederland; in Suid-Afrika ongeveer in die jare twintig van die huidige eeu, onder name soos *Handel, Bedryfsleer* en *Industriële Organisasie* of *Bestuur*.

In 1960 was prof. H.J.J. Reynders hoof van hierdie Departement. Hendrik (Hennie) Johannes Jacobus Reynders is in 1923 op Bergville gebore en hy ontvang sy skoolopleiding op Harrismith. Aan die Universiteit van Pretoria behaal hy die BCom- en die MCom-graad in 1944 en 1947 en daarna die MBA (met lof) in 1949 aan die Universiteit van



Dr. Anton Rupert by geleentheid van sy lesing as Professor (Honorêr) in Bedryfsekonomie, 1978. Links is prof. E.M. Hamman, Rektor, en regs dr. H. Muller, Kanselier.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. F.W. Marx, Hoof, Departement Bedryfsekonomie, 1973–1984.

Harvard. In 1957 is hy aangestel as lektor in Bedryfsekonomie aan die Universiteit van Pretoria en hy is na die aftrede van prof. J. Goudriaan in 1958 vanaf 1959 in sy plek tot professor in en hoof van die Departement Bedryfsekonomie bevorder. Hy het in 1964 ook direkteur van die Instituut vir Bedryfsadministrasie en in 1966 voorsitter van die Buro vir Finansiële Analise geword.

Onder sy leiding het die Departement goed vooruitgegaan. Sy wetenskaplike werk in publikasies en andersins is hoog aangeslaan en in 1966 is die Stalsprys vir Ekonomiese Wetenskappe deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom toegeken. In 1973 is hy as lid van die Wêreldraad van Bestuur (CIOS) verkies. In die sakelewe is prof. Reynders ook besonder aktief as direkteur van maatskappye, onder andere Santambank, Mercabank en Besterbeleggings. In Julie 1973 tree hy uit die diens van die Universiteit om direkteur van die Suid-Afrikaanse Gefedereerde Kamer van Nywerhede te word en later (1979) voorsitter van die Nasionale Mannekragkommissie.

Hy is deur prof. F.W. Marx opgevolg as professor in en hoof van die Departement Bedryfsekonomie. Frederick Wagner Marx is in 1922 op Humansdorp gebore, waar hy in 1941 gematrikuleer het. Aan die Universiteit van Pretoria behaal hy in 1949 die BCom- en in 1954 die MCom(B en A)-graad en daarna aan die Universiteit van Suid-Afrika in 1959 die graad MCom(Bedryfsekonomie) en in 1964 die DCom. Hy is aan die begin van 1957 as lektor aan die Universiteit van Suid-Afrika aangestel en kom in 1961 as senior lektor na die Universiteit van Pretoria. Hier is hy in 1969 bevorder tot addisionele en in 1971 tot volle professor in Bedryfsekonomie, en vanaf 1 Oktober 1973 tot hoof van die Departement.

Ook prof. Marx is betrokke by verskeie organisasies, soos die Ekonomiese Vereniging van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Bedryfsleiding en die Instituut vir Personeelbestuur van Suid-Afrika. In 1968 en weer in 1980 het hy sy verlof gebruik om universiteite, bestuurskole en dergelike inrigtings in die buiteland te besoek. "Uit my ondersoek blyk duidelik dat daar in Suid-Afrika 'n besondere behoefte bestaan aan meer doelgerigte opleiding van toekomstige sakeleiers op voorgraadse vlak", was sy bevinding.

In 1965 is daar aan die Universiteit 'n Buro vir Finansiële Analise as 'n navorsingsvleuel van die Departemente Bedryfsekonomie en Rekeningkunde in die lewe geroep. Met die instelling van 'n BCom(Bemarking)-graad in 1970 is daar—die eerste keer aan 'n universiteit in Suid-Afrika—gespesialiseerde opleiding in Bemarkingsbestuur op voor- en nagraadse vlak ingestel. In 1973 is die selfstandige Departement Bestuurswese van die Departement Bedryfsekonomie geskei. Eintlik was dit die ou Instituut vir Bedryfsadministrasie wat sedert 1949 hoofsaaklik in die Departement Bedryfsekonomie gesetel was. 'n Verdere spesialisering geskied in 1982 met die instelling van 'n BCom(EW)-graad, ook die eerste keer aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit.

Die Departement het oor die 22 jaar aansienlik uitgebrei. In 1960 was daar drie dosente, waaronder prof. Goudriaan as emeritus-professor, wat nog vir enkele jare as tydelik-deeltydse dosent opgetree het. Hy is in 1974 oorlede. In 1982 was daar elf, waaronder behalwe die hoof twee professore, E.G. Churr en S. Marx en twee medeprofessore, H.J. Dekker en D.C. van Rooyen. (Net die volgende jaar het daar nog twee medeprofessore bygekom.) Gebore in 1931, het Erich George Churr sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang. Hy het in 1966 lektor in die Departement Mynbou-ingenieurswese geword maar hy is in 1970 as senior lektor na Bedryfsekonomie oorgeplaas en in 1974 tot volle professor bevorder. Siegfried Marx was ook 'n oud-student. Hy is in 1939 gebore en behaal in 1973 die DCom-graad. Hy het in 1966 in die diens van die Departement getree en is ook in 1973 tot volle professor bevorder. Sedert 1965 is dr. Anton Rupert professor honorêr in die Departement en hy lewer jaarliks 'n openbare lesing.

Aangesien opgeleides in hierdie dissipline gewoonlik sterk in aanvraag in die samelewing en veral die sakewêreld is, is dit soms moeilik om dosente te behou. Die snelle bevordering van sommige van hulle het miskien iets daarmee te doen. Daarteenoor lewer die dosente self in baie opsigte diens aan die samelewing by wyse van buitewerk. Dit beteken veel vir die prestige van die Universi-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Voormalige hoofde van departemente in die Ekonomiese Wetenskappe.

V.l.n.r.: Proff. J.A. Lombard (Ekonomie, 1961–1985), G.P.C. de Kock (Geld- en Bankwese, 1964–1965), D.G. Franszen (Ekonomie, 1950–1961), E.H.D. Arndt (Ekonomie, 1926–1938), J.E. Holloway (Ekonomie, 1921–1925), S.P. du T. Viljoen (Ekonomie, 1938-1949), W.F.J. Steenkamp (Bedryfsekonomie, 1943–1948).

teit as sy dosente vir belangrike projekte gebruik word, terwyl die praktiese ervaring wat daar opgedoen word, weer die doseerwerk ten goede kom.

Samewerking met buite-instansies dek 'n wye veld. Die Departement het voortdurend kontak met die georganiseerde handel en nywerheid en aanverwante kommissies en institute, ook met verskeie staatsdepartemente. Hoewel die opleiding teoreties is, is dit ook sterk praktykgerig. Daar is lewendige skakeling met verwante vakgebiede, soos Ekonomie, Rekeningkunde, Statistiek, Bestuurswese, Bedryfsielkunde, Bedryfsosiologie, Handel en ander. Navorsing is in die loop van die jare oor 'n verskeidenheid onderwerpe gedoen: persoonlike ad hoc-projekte of namens privaat-instansies of namens liggame soos die Instituut vir Bedryfsekonomiese Studies, die Buro vir Finansiële Analise en die Buro vir Politieke en Ekonomiese Analise. Daar is byvoorbeeld verskeie ondersoeke gedoen oor die vestiging van verskillende soorte ondernemings binne of naby die selfregerende swart state.

Departement Bestuurswese en Nagraadse Bestuurskool

Die Universiteit van Pretoria was die eerste Universiteit in Suid-Afrika wat bestuursopleiding op nagraadse vlak aangebied het. Dit het in 1948/1949 begin met die oprigting van die Instituut vir Bestuur en Administrasie op inisiatief van prof. P.W. Hoek en mnr. B.S. Wiehahn wat albei aan die Harvard Business School gestudeer het. Die Instituut het dan ook die patroon van die Harvard-inrigting aangeneem. Hulle is veral bygestaan deur dr. F.J. de Villiers en mnr. C.L. de Bruyn, albei lede van die Universiteitsraad.

Teen 1960 was die destydse professor in Bedryfsekonomie, prof. H.J.J. Reynders, die direkteur van die Instituut, maar prof. J. Goudriaan wat as direkteur van 1950 tot 1958 op bekwame wyse die grondslag daarvan gelê het, was na sy aftrede nog vir vyf jaar as dosent daaraan verbonde.

Gebore in Amsterdam in 1893, het prof. Goudriaan reeds 'n suksesvolle loopbaan as bedryfsingenieur en sakebestuurder agter die rug gehad toe hy in 1949 na Suid-Afrika verhuis het om professor in Bedryfsekonomie aan die Universiteit van Pretoria te word. Sy kollegas en studente het 'n baie hoë agting vir hom gehad. "'n Tipiese vastelandse geleerde, groot van kennis en ruim van belangstelling—wars van dogma en met 'n soepele gees", noem prof. W.F.J. Steenkamp hom. Volgens prof. Reynders kan mens prof. Goudriaan beskou as "een van die grondleggers van die Bedryfsekono-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

mie as wetenskap—groot van formaat en internasionale aansien". Prof. Pistorius maak gewag van "sy fyn beskaafde en vriendelike kontak met sy medemens en sy skerpsinnige en praktiese benadering tot die bestuurswese wat hy glashelder en eenvoudig kon oordra". Prof. Goudriaan het in 1963 finaal afgetree en hy is in 1974 in Nederland oorlede.

Hy is as direkteur van die Instituut en ook as professor in Bedryfsekonomie opgevolg deur prof. H.J.J. Reynders, wat later ook 'n aantal jare dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe was. Van hom is gesê (deur prof. J.A. Lombard) dat hy met groot sukses opgetree en die Instituut steeds aangepas het "by die behoeftes van die sakelewe met behoud van 'n hoë akademiese standaard," en dat hy "sy stempel diep op die nagraadse bestuursopleiding afgedruk het".

Om te verseker dat die opleiding steeds aan die behoeftes van die praktyk beantwoord en om as skakel met die sakewêreld te dien, is daar 'n Advieskomitee wat hoofsaaklik uit sakelui bestaan, vir die Instituut benoem. Later, na 1965, is dit die Besoekerskomitee genoem. So was die Kamer van Koophandel en Nywerhede ook in dié komitee verteenwoordig. Die voorsitter van die komitee is deur die Universiteit aangewys—onder andere het mnr. C.L. de Bruyn en prof. P.W. Hoek in dié hoedanigheid gedien—en bekende lede daarvan was dr. F.J. de Villiers, prof. J. Goudriaan (emeritus-professor), dr. Anton Rupert, dr. A.D. Wassenaar en prof. B.S. Wiehahn. In 1965 is die naam van die Instituut verander tot die Instituut vir Bedryfsekonomie en in 1973 het dit die selfstandige Departement Bestuurswese, ook genoem die Bestuurskool van die Universiteit van Pretoria, geword.

Opleiding is vir baie jare slegs buitemuurs aangebied om persone wat werk, die geleentheid te bied om hulle verder te bekwaam. Maar na die ontstaan van die Departement Bestuurswese het dit geleidelik 'n binnemuurse Departement geword, gevestig in die sogenaamde Broederhuis.

Die kursusse het verander na gelang omstandighede in die bedryfslewe verander het. Opleiding is verskaf vir 'n diploma, Dip BA, en die grade MBA en DBA. In 1949 was daar 49 studente wat ingeskryf het, en in 1977 was die getal 200. Keuring is deurgaans toegepas. Oor die jare is 'n groot aantal afgestudeerdes die samelewing ingestuur. Hulle bydrae tot die bedryfslewe kan moeilik gemeet word; in 1950 was daar 25 en in 1977 was die getal 36. Die studente is verskillend van agtergrond. In 1975 is daar bevind dat 37% van diegene wat daardie jaar vir die MBA ingeskryf het, uit die Natuurwetenskappe kom, 47% uit die Ekonomiese Wetenskappe en 16% uit die Geesteswetenskappe.

Na prof. Reynders in Julie 1973 uit die diens van die Universiteit getree het om direkteur van die Suid-Afrikaanse Gefedereerde Kamer van Nywerhede te word—hy was hierna nog vir jare as ereprofessor aan die Departement verbonde—is hy aan die begin van 1974 deur prof. S.J. Kleu opgevolg, wat in daardie stadium voorsitter van die Raad van Handel en Nywerheid was. Prof. Kleu het ook sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang, BCom in 1947, en aan die Universiteit van Harvard, DBA in 1966. Intussen het hy 'n jaar of wat as lektor aan die Universiteit van Pretoria gewerk, later in verskeie ander betrekkings en vir 'n tydperk deeltydse professor aan die Randse Afrikaanse Universiteit. Hy het lid geword van die Raad van Handel en Nywerheid, die Hotelraad en die Ekonomiese Adviesraad van die Eerste Minister. Hy het nie lank hoof/direkteur van die Departement en Bestuurskool gebly nie en is reeds in Mei 1974 deur prof. C.W.I. Pistorius opgevolg. Prof. Pistorius was voor die tyd professor in en hoof van die Departement Rekeningkunde en Ouditkunde en was sedert die jare vyftig as dosent by bestuursopleiding betrokke.

Die opleiding is voortdurend aangepas by die eise van die tyd. Met verloop van tyd het enkele nuwe afdelings daaruit ontwikkel. In 1958 is die Buro vir Finansiële Analise as 'n integrale deel van die destydse Instituut en die latere Bestuurskool gestig. Dit het ontwikkel tot die navorsingsafdeling van bestuursopleiding en wel onder die bekwame leiding van prof. A.P. Zevenbergen. Hierdie Buro word afsonderlik behandel as 'n Buro van die Fakulteit.

In 1968 is 'n diplomakursus in Bemarking en van 1971 af 'n graadkursus, BCom (Bemarking), ingestel. Dit was onder die sorg van prof. S. Marx wat in 1971 in die leerstoel vir Bemarking benoem is. Prof. Marx het ook sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BCom (1960), MBA (1965) en DCom (1972). Hy was sedert 1966 dosent in Bedryfsekonomie en het 'n rol in bemarkingsliggame gespeel. Die leerstoel vir Bemarking is vanaf 1 Januarie 1975 saam met prof. Marx oorgeplaas na die Departement Bedryfsekonomie.

In 1978 ontstaan daar 'n Eenheid vir Entrepreneurskap, gerig op navorsing, waarvoor proff. C.D. Pottas en A.B. Boshoff verantwoordelik gestel is. Dit voorsien 'n gevoelde behoefte.

Die Departement het vanweë sy nagraadse opleiding met verloop van tyd heelwat professore en medeprofessore bygekry, van wie sommige reeds genoem is.

Gebore in 1928, het prof. N.H. Stapelberg sy BCom aan die Universiteit van Suid-Afrika, sy MCom aan die Universiteit van Pretoria en sy DCom aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys behaal. Hy het in 1969 lektor in Geld- en Bankwese aan die Universiteit van Pretoria geword, is in 1971 bevorder tot senior lektor en is in 1975 oorgeplaas na die Departement Bestuurswese. In dieselfde jaar is hy bevorder tot medeprofessor en in 1981 tot volle professor. In dié hoedanigheid was hy in 1982 nog werksaam. Hy het sedertdien uit die diens van die Universiteit getree.

Prof. L.M. Brümmer het in 1962 die BCom-graad aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys behaal en die MCom(Rek)-graad in 1963 en die MBA in 1968 aan die Universiteit van Pretoria. Hy het in 1971 lektor in die Departement Bedryfsekonomie geword en is, nadat hy in 1976 die DBA behaal het, as senior lektor na

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die Bestuurskool oorgeplaas, waar hy in 1981 professor en later hoof van die Departement geword het.

Prof. C.D. Pottas het, nadat hy die BA-graad aan die Universiteit van Pretoria en die MA-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika behaal het, senior lektor aan laasgenoemde inrigting geword. Hier het hy in 1975 die graad DLitt et Phil behaal en in 1977 hoof van die subdepartement Bedryfsielkunde geword. In 1979 is hy as medeprofessor in die Departement Bestuurswese aan die Universiteit van Pretoria aangestel en later tot professor bevorder, 'n pos wat hy in 1982 nog beklee het. Hy is sedertdien opgeneem in die administrasie van die Universiteit as Adjunk-direkteur personeel.

In 1980 het prof. M.J.C. van Vuuren ook professor in die Departement Bestuurswese geword. Hy het sy opleiding, BSc, MBA en DBA, die laasgenoemde in 1972, aan die Universiteit van Pretoria gekry en intussen ook betrekkings beklee by die Suid-Afrikaanse Weerburo, die Departement Statistiek en die WNNR.

Prof. A.B. Boshoff is in 1981 tot professor bevorder. Hy het in 1959 die BCom- en in 1960 die MCom-graad aan die Universiteit van Stellenbosch behaal; daarna, in 1965, 'n DCom-graad aan die Universiteit van Port Elizabeth. Hy het verskeie betrekkings in personeelbestuur beklee, in 1975 lektor in Bedryfsekonomie aan die Universiteit van Port Elizabeth geword en in 1976 senior lektor aan die Universiteit van Pretoria in die Departement Bestuurswese.

Daar is sedert 1982 nog meer dosente tot die rang van professor bevorder.

Departement Ekonomie

Die betekenis van die woord *ekonomie* kom die duidelikste tot uiting in die Nederlandse benaming *staathuishoudkunde*. Die woord ekonomie is van Griekse oorsprong en het via Latyn in die meeste Europese tale ingang gevind. Die oorspronklike betekenis daarvan was huishouding, d.w.s. die kennis van die huishouding, later uitgebrei na die staat. Dit behels die voorsiening, verspreiding en gebruik van die middele wat noodsaaklik is vir 'n huishouding, en dus ook vir 'n staat. Dit hou verband met die aard van die staat, die inwoners daarvan, hulle behoeftes en hulle kultuur. Begryplikerwys is dit 'n dissipline wat in die moderne staat belangrike vorms aanneem. Veral vir 'n veelvolkige staat soos Suid-Afrika is die behoorlike bestuur 'n belangrike aspek van die ekonomie.

In 1960 was prof. D.G. Franszen hoof van die Departement Ekonomie. Gebore in 1918, het Daniel Gerhardus Franszen sy opleiding aan die Universiteit van Stellenbosch ontvang: BA in 1938, MA in 1939 en DPhil in 1942. Hy het intussen ook aan die universiteite van Harvard en Chicago gestudeer.

In 1940 is hy aangestel as lektor aan die Universiteit van Stellenbosch, later is hy bevorder tot senior lektor en nog later tot professor en departementshoof in die Departement Ekonomie, vanwaar hy na Pretoria gekom het. Hy het nie lank aan die Universiteit van Pretoria gebly nie en in 1961 senior vise-president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank geword, en later weer professor in die Ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch.

Hy is as departementshoof aan die Universiteit van Pretoria deur prof. J.A. Lombard opgevolg. Johannes Anthonie Lombard is in 1925 gebore en het sy akademiese opleiding aan die begin aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BA(Regte en Ekonomie) in 1947 en MA(Ekonomie) in 1950. Daarna is hy na Engeland waar hy in 1954 die PhD-graad aan die London School of Economics behaal het.

In die jare 1949–1950 was hy deeltydse dosent aan die Universiteit van Pretoria, sedert 1955 lektor, sedert 1956 senior lektor en vanaf 1961 professor in en hoof van die Departement Ekonomie. Hy was na sy eerste graad in verskillende ampte werksaam. Van 1947 tot 1949 was hy in die Suid-Afrikaanse Reserwebank, van 1950–1954 in die Departement Handel en Nywerheid. In dié tyd (1952) deurloop hy 'n opleidingskursus van die Internasionale Bank van Heropbou en Ontwikkeling in Washington. Van 1957 tot 1959 was hy vakkundige adviseur van die eerste minister en adjunkvoorsitter van die Ekonomiese Adviesraad. Van 1.7.1962 tot 30.3.1963 was hy ekonomiese verteenwoordiger by die Europese Ekonomiese Gemeenskap in Brussel. Van 1969 tot 1970 was hy lid van die Kommissie oor Fiskale en Monetêre Beleid; van 1970 tot 1976 lid van die Bantoesakekommissie; in 1974 word hy op die Beplanningsraad van die eerste minister aangestel; in 1978 op die Advieskommissie oor Monetêre Stelsels in Suid-Afrika; van 1977 tot 1981 dien hy op die direksie van die Standardbank. In 1979 was hy lid van die Konsolidasiekommissie van Bantoesake en in dieselfde jaar ook lid van die PWV-streekskomitee oor die ontwikkeling van die stedelike swartes. In 1981 en 1982 is hy na die Suid-Afrikaanse Reserwebank gesekondeer as adviseur oor die stigting van 'n ontwikkelingsbank.

Prof. Lombard se verdienste lê veral op die volgende gebiede: 1. ekonomiese beskrywing; 2. ekonomiese politiek; 3. filosofiese grondslae van die vryemarkstelsel; en 4. konstitusionele ontwikkeling. Sy idees is oor talryke geskrifte versprei. Hy het ook die vermoë om sy medewerkers te inspireer en het saam met hulle hierdie Departement tot een van die toonaangewendstes in die land gemaak.

In 1972 het die Departement Ekonomie die Departement Geld- en Bankwese in hom opgeneem. Die laasgenoemde was 'n betreklike ou departement, aanvanklik bekend as Handel, Geld- en Bankwese; in 1962 het *Handel*, aangesien dit niks met die Departement te doen het nie, verval en het dit slegs die Departement Geld- en Bankwese geword.

In 1960 was prof. H.W.J. Wijnholds hoof van hierdie Departement. Gebore en opgelei in Nederland, het hy alreeds 'n loopbaan in die Nederlandse Bank agter die rug gehad toe hy op 1 Janu-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

arie 1947 as professor in en hoof van die Departement Handel, Geld- en Bankwese aangestel is. Hy bedank in 1964 en is opgevolg deur prof. G.P.C. de Kock.

Gerhard Petrus Christiaan de Kock, later president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, het sy opleiding, BA en MA, in 1946 en 1947 aan die Universiteit van Pretoria ontvang. Daarna is hy na die Universiteit van Harvard, waar hy in 1950 'n MA-graad behaal, gevolg deur 'n doktorsgraad in 1951 aan die Universiteit van Pretoria. Hy het in 1956 dosent in die Departement Handel, Geld- en Bankwese geword en hy is in 1965 tot professor en hoof bevorder. Prof. De Kock tree in 1965 uit om in die Suid-Afrikaanse Reserwebank as vise-president te gaan werk. Hy is later as professor (honorêr) in die Departement Ekonomie benoem.

As departementshoof is hy deur prof. F.J. du Plessis opgevolg. Frederik Johannes du Plessis is in 1931 gebore en het sy opleiding aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO ontvang: BCom in 1952, MCom in 1959. Daarna het hy in 1958 die PhD-graad aan die Vrye Universiteit van Amsterdam behaal. Hy het in 1963 as senior lektor van Potchefstroom gekom en is in 1964 aangestel as professor in en hoof van die Departement Geld- en Bankwese. Prof. Du Plessis het heelwat buitewerk gedoen en toe hy later op die direksies van die Nederlandse Bank en SANLAM aangestel is, het hy hom in 1972 genoodsaak gevoel om te bedank.

Hierna het die Departement Geld- en Bankwese opgehou bestaan en het die inhoud daarvan deel van die Departement Ekonomie geword. 'n Opname het getoon dat daar 1 074 studente in die Departement Ekonomie en slegs 223 in die departement Geld- en Bankwese was. Dit het beteken dat 'n groot groep Ekonomiestudente nie die noodsaaklike opleiding in Geld- en Bankwese kry nie, aangesien dit in 'n ander departement doseer word. Prof. P.S. Nieuwenhuizen, wat as medeprofessor by tye die waarnemende hoof van die Departement Geld- en Bankwese was, het na die Departement Ekonomie oorgekom, terwyl die professoraat van prof. Du Plessis verval het. Prof. Nieuwenhuizen het die Universiteit in 1973 verlaat om professor in Ekonomie aan die Randse Afrikaanse Universiteit te word.

Ander senior lede van die Departement moet hier genoem word. Prof. J.J. van Zyl is in 1977 deur die Minister van Ekonomiese Sake aangestel as lid van die werkgroep om die nywerheidstrategie van Suid-Afrika te formuleer. Prof. P.J. van der Merwe is deur die hoofminister van Lebowa op die ontwikkelingsraad van hierdie staat benoem. Later is hy benoem as lid van die Kommissie van Ondersoek na Arbeidswetgewing wat in opdrag van die staatspresident saamgestel is. In 1979 het hy adjunk-voorsitter van die Nasionale Mannekragkommissie geword. Hy was ook lid van die Wiehahnkommissie.

Dan moet die naam van Prof. J.J. Stadler genoem word. Gebore in 1932, het Jacobus Johannes Stadler aanvanklik aan die Universiteit van Stellenbosch studeer: BCom in 1955 en MCom in 1956. Daarna behaal hy 'n doktorsgraad aan die

Prof. F.J. du Plessis, Hoof, Departement Geld- en Bankwese, 1965–1972.

Universiteit van Pretoria. Nadat hy aanvanklik lektor aan die Universiteit van Stellenbosch was, is hy aangestel as assistent-vakkundige beampte in die afdeling Ekonomie en Markte. In 1961 aanvaar hy 'n aanstelling as lektor aan die Universiteit van Pretoria, waar hy in 1971 tot addisionele professor en later tot professor bevorder is.

Prof. Stadler was in 1972 vir 'n jaar in Malawi betrokke by dié land se reserwebank as direkteur van Navorsing en Statistiek. Daarna het hy weer sy professoraat aan die Universiteit van Pretoria opgeneem. Sy buitewerk sluit in 'n aanstelling op die Sentrale Koördinerende Komitee vir Statistiek by die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Hy dien ook op die Buro vir Ekonomiese en Politieke Analise, en die Bantoesakekommissie en hy het in raadgewende hoedanigheid die afdelings van Landbou van die OVS en die Mynbou bygestaan.

Die Departement Ekonomie ressorteer sowel onder die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe as onder die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Vanaf 1968 is daar ook binne die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte 'n driejarige BA-(Econ)-graad toegeken, wat tot 'n MA(Econ) kon lei. Hierdeur het Ekonomie en aanverwante vakke meer tot hulle reg gekom.

Departement Rekening- en Ouditkunde

Die eerste klasse in Rekeningkunde en Oudit-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kunde is in 1918 aan die Universiteitskollege (TUK) op versoek van die Transvaalse Vereniging van Rekenmeesters ingestel. Dit was 'n diplomakursus. In 1919 het dit deel geword van die opleiding vir die BCom-graad. In 1948 is 'n MCom-graad (Rekeningwetenskappe) ingestel. Dit het behels 'n vierjarige kursus vir die opleiding van geoktrooieerde rekenmeesters en het opleiding vir die rekenmeestersberoep verskaf. Tot in hierdie stadium was die opleiding buitemuurs. Die eerste binnemuurse opleiding het in 1959 begin.

Wat die inhoud van die dissipline betref, word die volgende uiteensettings oor die verskillende vakgebiede verstrek. "Rekeningkunde ... behels die identifisering, meting, aantekening, verwerking en kommunikasie van die finale resultate van die ekonomiese bedrywighede van individuele ondernemings." Ouditkunde het te doen met "die nagaan van 'n onderneming se finansiële gegewens en interne kontrole met die doel van verslag oor die finansiële state van die onderneming."

Daarbenewens word nog drie vakrigtings by die kursus ingesluit, nl. Bestuursrekenkunde, Inkomstebelasting en Boedeladministrasie. Die eerste van die drie is gerig op doelwitte en finansies en die metode om die doelwitte te bereik. Die ander twee is selfverklarend.

Die opleiding in die Departement moet beantwoord aan die vereistes van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad, waarmee nou saamgewerk word. Daar is ook samewerking met ander universteite deur die Vereniging van Universiteitsdosente in Rekeningkunde (SASUTA).

In 1960 was prof. P.W. Hoek hoof van die Departement. Pieter Wilhelm Hoek is in 1918 gebore. Nadat hy aan die Hoërskool Rustenburg gematrikuleer het, het hy aan die Universiteit van Pretoria studeer. Hier het hy die BCom-graad in 1958 behaal en daarna die FACS(SA), die FFCS, die CJS en die CA(SA). In Maart 1942 is hy as senior lektor in die Departement Rekening- en Ouditkunde benoem en ook as hoof daarvan. Hy word in 1948 bevorder tot professor, maar verkies om in 1951 deeltydse professor te word. Hy bedank uit hierdie posisie om 'n betrekking by Yskor te aanvaar. Van 1962 tot 1968 dien hy as ereprofessor van die Departement. Hy is in 1960 op die Universiteitsraad gekies en het in 1978 vise-voorsitter daarvan geword. Hy is as hoof van die Departement in 1961 deur prof. C.W.I. Pistorius opgevolg.

Carel Wilhelm Irene Pistorius is in 1932 in Pretoria gebore en het in 1949 aan die Outenikwahoërskool op George gematrikuleer. Aan die Universiteit van Pretoria, behaal hy agtervolgens in 1952 en 1954 die BCom- en die MCom-graad en in 1955 slaag hy in die kwalifiserende eksamen van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad. In 1955 het hy 'n lektoraat aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat aanvaar, maar hy keer in 1956 terug na Pretoria om by 'n rekenmeesters- en ouditeursfirma aan te sluit. In 1961 aanvaar hy 'n senior lektoraat in Rekeningkunde en Ouditkunde aan die Universiteit van Pretoria. Hy word op 1 Januarie die volgende jaar professor en hoof. In 1974 bedank hy uit hierdie pos toe hy aangestel is as hoof van die Departement Bestuurswese en voltydse direkteur van die Nagraadse Bestuurskool. Prof. Pistorius is 'n bekende in sakekringe en die maatskappywese en hy het 'n intense belangstelling in die rekenmeesterskap en in bestuurswese. Hy is in 1976 opgevolg deur prof.G. van N. Viljoen.

Prof. P.W. Hoek, Hoof, Departement Rekening- en Ouditkunde, 1942–1951, en Ereprofessor, 1962–1968. Hy was ook lid van die Universiteitsraad van 1960 af, Vise-voorsitter, 1978–1981, en Voorsitter, 1982.

Gerrit Van Niekerk Viljoen is in 1933 op Hanover gebore en hy matrikuleer in 1950 aan die Hoërskool De Aar. Daarna het hy in die kantore van die Ouditeur-Generaal begin werk. In 1955 sluit hy aan by 'n privaatpraktyk en studeer aan die Universiteit van Pretoria. Hier behaal hy BCom in 1956, MCom in 1959, MBA in 1961 en GR(SA) in 1962. Intussen het hy as dosent by die Universiteit van Pretoria opgetree. Hy word in 1973 bevorder tot medeprofessor en in 1975 tot professor en hoof.

Dit was teen 1982 al 'n groot departement met baie dosente, onder andere prof. B.S. Wiehahn vir etlike jare as ereprofessor, prof. A.P. Zevenbergen as medeprofessor—hy volg prof. Pistorius na die Departement Bestuurswese,—en die medeprofessore B.S. Wolman, B.P. Botha, J.A. Crafford en F.G. de Villiers.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Afskeid in 1966 van Prof. E.F.W. Gey van Pittius, Hoof, Departement Staatsleer, 1933–1965, en Dekaan, Fakulteit Handel en Publieke Administrasie, 1936–1951. Links is prof. H.J.J. Reynders, Hoof, Departement Bedryfsekonomie, 1959–1973, en Dekaan van die Fakulteit (sedert 1968 bekend as die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe), 1963–1973, en regs is prof. A.N. Pelzer, Dekaan, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, 1954–1970 (met een jaar onderbreking).

Departement Staatsleer en Internasionale Politiek

Oorgeneem van die Nederlandse *staatsleer* en die Duitse *Staatslehre* is die term *staatsleer* afgelei van die Latyn *status*, wat in verband gebring word met 'n politieke gemeenskap. In Engels heet die vak *Political Science*, afgelei van die Griekse *polis*, wat stadstaat beteken. In Nederland is daar 'n moderne neiging om die benaming *Politikologie* te gebruik.

Prof. Ackron, hoof van die Departement, gee die volgende definisie van die vak: "Die Staatsleer kan gedefinieer word as die sistematiese, wetenskaplike studie van die staat as politieke verskynsel, die owerheidsinstellings, die politieke proses en die interne en eksterne verhoudings op die grondslag van wat is, waarom dit so is en hoe dit behoort te wees."

Die dissipline dateer uit die Griekse oudheid, waar Aristoteles, (384–322 v.C.), die grondslag daarvan in sy denke oor die staat gelê het. 'n Hele aantal persone uit die klassieke oudheid, die Middeleeue en ook daarna het teorieë oor die wese van die staat geformuleer. Maar die moderne vorm van Staatsleer het in die 19e eeu sy beslag gekry in die Ecole Libre de Sciences Politiques (later, die Institut d'ètudes Politique de l'Universitè de Paris). Die vastelandse skool het wegbeweeg van die politieke filosofie en groter klem op die administrasie van die staat geplaas, in teenstelling met die pad wat die dissipline in Engeland ingeslaan het. In Amerika het die vakgebied ook 'n groot aanhang gekry, veral aan die Columbia College (later die Universiteit), waar die School of Political Science gestig is. In 1886 is die eerste vakkundige tydskrif, *Political Science Quarterly*, in die lewe geroep. Naas die Columbia-universiteit het veral die Johns Hopkins-universiteit 'n besondere bydrae tot die uitbou van die vak gelewer.

Soos elders die geval was, is Staatsleer aan die Universiteit van Pretoria aanvanklik, vanaf 1912, met ander vakke gekombineer, maar in 1922 is 'n tweejarige hoofvak Staatsleer in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte erken, asook as vak vir die BEcon-graad wat met die totstandkoming van die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie ingestel is. Later het Staatsleer 'n selfstandige vakgebied geword, gekombineer met Publieke Administrasie in een departement. Dit was nog die geval in 1960 toe dit onder die leiding van prof. E.F.W. Gey van Pittius gestaan het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1966 is Staatsleer van Publieke Administrasie geskei en word dit 'n aparte Departement met prof. C.F. Nieuwoudt as departementshoof. Charles F. Nieuwoudt is in 1925 gebore en het die grade BA en MA in Staatswetenskap aan die Universiteit van Pretoria behaal, asook DPhil met lof in 1963. Hy is van die begin van 1950 af as lektor aan die Universiteit van Pretoria werksaam.

Prof. E.F.W. Gey van Pittius het in 1966 na 37½ jaar diens afgetree. Ongeveer in hierdie tyd het die idee van die stigting van 'n instituut vir die bestudering van die Kommunisme ontstaan. Dit het in 1967 tot stand gekom onder die naam Instituut vir die Tipologie van Sosiale Stelsels (waaronder veral Kommunisme). As taak daarvan word die volgende genoem: die versameling van feite, dokumente en geskrifte, die verwerking van gegewens; en om as klaringshuis te dien en navorsing te doen. Die Instituut was egter nie lewensvatbaar nie en in 1974 is dit omgeskep in die Instituut vir Strategiese Studies.

Staatsleer het 'n selfstandige Departement gebly tot Internasionale Politiek vanaf 1969 as 'n tweejarige hoofvak daarby gevoeg is. Dié kursus het aanvanklik oor twee jaar gestrek. Met die oog op die instelling daarvan, is prof. Nieuwoudt in 1969 op 'n studiereis-oorsee om by universiteite daar vas te stel hoe die vak aangebied word. Sy bevinding was dat die Universiteit van Pretoria goed vergelyk met oorsese inrigtings. Van 1971 af het Internasionale Politiek 'n volwaardige hoofvak geword.

Weens die argument dat daar nou twee dissiplines in een departement beoefen word, is daar in 1972 besluit om 'n medeprofessoraat in te stel; daarin is dr. G.C. Olivier aangestel. Gebore in 1935, het hy die volgende grade aan die Universiteit van Pretoria behaal: BA in 1963, MA(Staatsleer) in 1968 en DPhil in 1979. Hy het ondertussen ook die London School of Economics en die Universiteit van Tübingen besoek. Aan die Universiteit van Pretoria was hy van 1971 tot 1973 senior lektor, daarna mede- en vanaf 1979 volle professor.

In 1975 is prof. M.H.H. Louw (in daardie stadium direkteur van die Instituut vir Strategiese Studies) as professor honorêr aangestel. Michael Hendrik Horak Louw is in 1914 gebore. Sy opleiding het hy aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BA in 1936 en MA in 1942 en daarna die PhD in 1950 aan die Universiteit van Chicago. Hy was van 1939 tot 1953 aan die Universiteit van Pretoria as lektor en senior lektor verbonde en het daarna in verskillende lande in die diens van die Verenigde Volkere gestaan.

In ooreenstemming met die beleid van konsolidasie is daar in 1977 besluit om die twee Departemente Staatsleer en Internasionale Politiek en Publieke Administrasie saam te voeg, met prof. Nieuwoudt as hoof van die Departement. Teen die einde van 1982 is daar egter weer besluit om die Departement in twee te verdeel, nl. in dié van Staatsleer en dié van Internasionale Politiek en Staats- en Munisipale Administrasie.

Daar is besluit dat prof. F.L. Ackron wat voorheen senior lektor was van 1 April 1983 af hoof van die Departement sal word na prof. C.F. Nieuwoudt wat as permanente dekaan aangestel is. Prof. M. Hough is op 1 Januarie 1982 tot medeprofessor bevorder en in 1983 tot volle professor.



Prof. C.F. Nieuwoudt, Hoof, Departement Staatsleer en Internasionale Politiek (vroeër Staatsleer en Publieke Administrasie) sedert 1966 en Dekaan, Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe, 1974–1985.

Prof. Ackron is in 1943 gebore en het sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang. Nadat hy in 1963 eers die BA-graad in Sielkunde en Volkekunde en daarna die BA(Hons)-graad in Sielkunde behaal het, het hy agtereenvolgens in 1972 en 1973 BA(Staatswetenskappe) en BA(Hons) in Staatsleer, albei met lof, behaal. In 1980 verkry hy die doktorsgraad. Hy is van 1972 af aan die Departement verbonde.

Prof. Hough is ook 'n oudstudent van die Universiteit van Pretoria, waar hy DPhil (Staatsleer) in 1977 verwerf en daarna, in 1980, BA(Hons) in Strategiese Studies aan UNISA. Hy is sedert 1968 as dosent aan die Departement verbonde en het in 1979 direkteur van die Instituut vir Strategiese Studies geword.

In sowel die Staatsleer as die Internasionale Politiek word daar nie slegs aan teoretiese aspekte aandag geskenk nie, maar ook aan strukture en prosesse. Die Suid-Afrikaanse politiek geniet ook besondere aandag.

Departement Staats- en Munisipale Administrasie

Hierdie Departement het eintlik eers in 1982 ontstaan. Administrasie, 'n naam wat afgelei is van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Latyn *ad ministrare* = om te reël, is feitlik van die begin af aan die Universiteit doseer en het later in verskillende kombinasies voorgekom. Aanvanklik, vanaf 1911, was dit Staatsadministrasie, maar gaandeweg is die administrasie van munisipale en provinsiale instellings daarby ingesluit. Vir 40 jaar is die vak gesamentlik deur die dosente in die Departement Staatsleer en Publieke Administrasie aangebied. Op 1 Januarie 1965 is 'n selfstandige Departement Publieke Administrasie gestig. In 1977 is dit weer by Staatsleer en Internasionale Politiek gevoeg, maar sedert 1 Julie 1982 is dit die selfstandige Departement Staats- en Munisipale Administrasie. In Engels heet die ooreenkomstige vakgebied *Public Administration* en *Public and Municipal Administration*, in Nederlands *Bestuurswetenschap*, in Duits *Verwaltungslehre* en in Frans *Administration Publique*.

Prof. P.S. Botes, professor in en hoof van die Departement, gee die volgende definisie van die dissipline: "Publieke Administrasie is die studie van strukturele, funksionele en administratiewe aspekte van alle uitvoerende instellings op die internasionale, nasionale, regionale en plaaslike owerheidsvlakke en sluit die studie van kwasie-outonome staatsinstellings soos staatskorporasies, landbouproduktebeheerrade, owerheidsondersteunde navorsingsinstellings, statutêre rade en kommissies, enkeldoelrade en komitees en judisiële instellings in."

Hierdie dissipline ontstaan in die laat 19e eeu in die VSA. Volgens 'n algemene opvatting het Woodrow Wilson in 1877 met 'n essay "The study of Administration" in die *Political Science Quarterly* die grondslag daarvan gelê. Tussen die jare 1913 en 1921 is dit as universiteitsvak aan verskillende Amerikaanse universiteite aangebied. In Suid-Afrika het dit eintlik by die TUK begin met die opleiding in Publieke Administrasie in 1921, as 'n nuwe rigting in die derde jaar van die vak Staatsleer. Met die totstandkoming van die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie is die B-Econ-graad vir studie in die staatsdiens ingestel, later BEcon (Publieke Administrasie). Om dit toeganklik vir staatsamptenare te maak, is die opleiding buitemuurs aangebied. In 1931 is BEcon en MEcon vervang met BAdmin en MAdmin en in 1964 is daar besluit dat hierdie benaminge slegs geld vir die rigting Publieke en Munisipale Administrasie.

In 1960 was prof. E.F.W. Gey van Pittius die hoof van die Departement Staatsleer en Publieke Administrasie. Ernst Frederik Wilhelm Gey van Pittius word genoem "die grondlegger van Publieke Administrasie in Suid-Afrika" en hy is geroem vir "sy besondere bydrae tot bevordering van die Suid-Afrikaanse staatkunde." Hy is in 1901 op Potchefstroom gebore en het in 1922 die BA- en in 1925 die MA-graad met lof aan die TUK behaal. Daarna is hy met behulp van die Porterbeurs na die London School of Economics, waar hy in 1928 promoveer het, terwyl hy ook op die vasteland, veral in Nederland en Switserland, navorsing gedoen en aan die Acedèmie de Droit Internasional in Parys 'n diploma verwerf het. Hy



Prof. J.J.N. Cloete, Hoof, Departement Staats- en Munisipale Administrasie (tans Publieke Administrasie), 1965–1977.

was in 1928 die eresekretaris van die Suid-Afrikaanse afvaardiging na die Volkebondsvergadering.

Sy verbintenis met die Universiteit van Pretoria het in 1929 begin toe hy as senior lektor in Staatsleer aangestel is. In 1933 het hy hoof van die Departement Staatsleer en Publieke Administrasie geword en in 1935 is hy tot professor bevorder. Van 1930 tot 1951 was hy dekaan van die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie. Hy het 'n aandeel gehad aan die opbou van die Universiteit en was van 1944 tot 1966 voorsitter van die Biblioteekkomitee. Na 37½ jaar diens het hy op 30 Junie 1965, met die bereiking van die ouderdomsgrens, uit die diens van die Universiteit getree. Hy is in 1974 oorlede.

Sy opvolger in die betrokke Departement was prof. J.J.N. Cloete. Jacobus Johannes Nicolaas Cloete is in 1917 gebore. Hy het in 1945 die BAdmin-, in 1952 die MAdmin- en enkele jare later die DPhil-graad behaal, almal aan die Universiteit van Pretoria. Hy het sy loopbaan in 1954 begin as vakkundige beampte in die Departement Pos-en Telegraafwese en hy dien daarna in die Staatsdienskommissie. Op dié wyse het hy heelwat praktiese kennis opgedoen en word later 'n outoriteit op die gebied van Publieke Administrasie. Hy is in 1954 aangestel as senior lektor in die Departe-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ment Staatsleer en Publieke Administrasie. In 1965 volg hy professor Gey van Pittius op en hy is in 1966 tot professor bevorder.

Prof. Cloete het toonaangewend op die gebied van Publieke Administrasie geword en 'n hele paar studiereise oorsee onderneem om op hoogte van nuwe rigtings te kom. Hy is in 1977 deur prof. P.S. Botes opgevolg. Die Departement het toe met die Departement Staatsleer en Internasionale Politiek saamgesmelt. Nadat dit in 1982 'n selfstandige departement geword het, is prof. C. Thornhill as hoof aangestel. Christopher Thornhill is in 1936 gebore. Na matrikulasie aan die Hoërskool Volksrust in 1951, behaal hy aan die Universiteit van Pretoria die volgende grade: BSc in 1955, BA in 1956 met lof, MA (Publieke Administrasie) in 1965 en DPhil in 1973. Sy verbintenis met die Universiteit het begin toe hy in 1967 as lektor in Publieke Administrasie aangestel is. Daarna was hy gedurende 1970 lektor aan die Universiteit van Stellenbosch en senior lektor aan die Universiteit van Port Elizabeth in 1976, maar het telkens na die Universiteit van Pretoria teruggekeer, ten slotte as senior lektor met bevordering tot professor in 1982. In 1983 is hy opgevolg deur prof. P.S. Botes.

Paulus Stephanus Botes is in 1936 in Pretoria gebore. Hy werk veertien jaar in die staatsdiens, en hy het onder andere kursusse in Werkstudie, Oriëntering en Toesighouding by die destydse Staatsdienskommissie aangebied. Intussen voltooi hy sy studies vir BAdmin, BAdmin(Hons) en MAdmin aan die buitemuurse afdeling van die Universiteit.

In 1969 word hy aangestel as Lektor aan hierdie Universiteit, maar in 1971 word hy senior lektor aan die Universiteit van Suid-Afrika. Gedurende 1977 verwerf hy DAdmin en hy keer terug na die Universiteit van Pretoria in die hoedanigheid van professor in Publieke Administrasie.

Vir etlike jare was dr. W.I. Steyn professor honorêr in die Departement, terwyl prof. J.S.H. Gildenhuys in 1980 as professor in die leerstoel Munisipale Administrasie aangestel is. Gebore in 1930, het prof. Gildenhuys sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang, waar hy D-Phil (Admin) in 1978 behaal. Hy het in 1977 senior lektor in die Departement geword.

In die Departement word daar sedert 1956 jaarliks 'n eendaagse somerskool gehou, wat in 1964 uitgebrei is om ook lesings aan staatsamptenare aan te bied.

Departement Statistiek

Statistiek het te doen met die insameling, verwerking en interpretasie van numeriese data in die nie-eksakte wetenskappe. Die vak het 'n sterk wiskundige inslag en lewer veral 'n belangrike bydrae tot navorsingstudies in 'n baie wye verskeidenheid dissiplines.

Aan die Universiteit van Pretoria word Statistiek reeds sedert 1925 aangebied. In dié jaar is die jong dr. B. de Loor naamlik as lektor in die Departement Wiskunde aangestel en hy het die verantwoordelikheid vir die aanbieding van Statistiek- en



Prof. D.J. Stoker, Hoof, Departement Statistiek, 1962–1980.

Wiskundekursusse in die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie gekry. In 1935 is dr. De Loor tot senior lektor in die Departement Wiskunde bevorder.

Op 1 Januarie 1939 is die nuwe selfstandige Departement Statistiek en Handelswiskunde in die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie ingestel. Die Statistiek- en Wiskundelesings vir BCom sou voortaan onder die nuwe departement, met prof. B. de Loor as eerste departementshoof, ressorteer. Dit was die eerste departement van dié aard in Suid-Afrika.

Die naam van die Departement is in 1958 verander na die Departement Statistiek. Prof. de Loor was die grondlegger van die Departement. Hy sou 23 jaar lank hoof daarvan bly. Hy het ook gesorg vir die invoer van Statistiek as hoofvak vir BCom. Met die loop van jare het hy daarvan oortuig geraak dat Statistiek ook as hoofvak vir die BSc-graad aangebied moes kan word. Hierdie ideaal is in 1956 verwesenlik toe Wiskundige Statistiek as 'n tweejarige hoofvak vir die BSc- en BA-grade ingestel is.

Prof. De Loor was 'n gewaardeerde kollega wat in talle kommissies belangrike dienste aan die Universiteit gelewer het. Hy was onder andere verteenwoordiger van die senaat op die Universiteitsraad. Hy was ook jare lank koshuisvader van Voortrekkertehuis. Ongelukkig was sy gesondheid

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

in die laaste jare nie goed nie en hy is in 1962 onverwags in die tuig oorlede. As departementshoof is hy deur prof. D.J. Stoker opgevolg.

David Johannes Stoker is in 1929 op Potchefstroom gebore. Hy het aanvanklik sy opleiding aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO ontvang, waar hy in 1948 die BSc-graad verwerf en in 1951 die MSc-graad in Wiskunde. In 1952 behaal hy MSc in Fisika aan die Universiteit van Stellenbosch. In 1955 verkry hy die graad Math et Phys Dr aan die Stedelike Universiteit van Amsterdam.

Vanaf 1 Februarie 1955 beklee dr. Stoker die pos van senior lektor in die Departement Statistiek en Handelswiskunde. Met ingang van 1 Julie 1962 word hy professor in en hoof van die Departement Statistiek.

Prof. Stoker het heelwat buitewerk gedoen. Sy statistiese kennis was in groot aanvraag. Hy was onder andere statistiese adviseur van die Nasionale Voedingsnavorsingsinstituut van die WNNR, die Mediese Vereniging van Suid-Afrika, die Veeartsenykundige Navorsingsinstituut op Onderstepoort en die Departement Sport en Ontspanning. Hy was ook 'n aktiewe lid en genoot van die Suid-Afrikaanse Statistiese Vereniging en het talle nasionale en internasionale referate gelewer. In 1979 is prof. Stoker, met verlof van die Universiteit, aangestel as deeltydse direkteur van die Instituut vir Statistiese Navorsing van die RGN. Vanaf 1 Januarie 1981 word hy voltydse direkteur van dié Instituut. Hy was die grondlêer van die *Suid-Afrikaanse Statistiese Tydskrif* en die gebiedsredakteur van die tydskrif *Statistical Theory and Methods Abstracts*. Sy publikasies is veelvuldig en dit sluit onder andere twee handboeke en 'n statistiese tabelleboek in.

In 1975 is die naam van die Departement verander na Statistiek en Rekenaarwetenskap. Die laasgenoemde afdeling het meegebring dat die studentegetal in die Departement aansienlik toegeneem het, met die gevolg dat Rekenaarwetenskap in 1977 'n selfstandige Departement geword het onder die leiding van prof. R.J. van den Heever.

Prof. Stoker is deur prof. H.S. Schoeman opgevolg. Die laasgenoemde het sy skoolopleiding aan die Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria, ontvang, waar hy in 1951 gematrikuleer het. In 1952 tree hy in die diens van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde en hy skryf terselfdertyd in as na-uurse student aan die Universiteit van Pretoria. Hy behaal in 1955 die BSc-graad en in 1959 die MSc-graad in Wiskundige Statistiek (met lof). In 1960 het hy 'n lektoraat in Statistiek aan die Universiteit van Stellenbosch aanvaar, maar hy keer in dieselfde hoedanigheid in 1961 na Pretoria terug, waar hy in 1963 tot senior lektor bevorder is. Na hy in 1967 DSc in Wiskundige Statistiek aan die Universiteit van Pretoria behaal het, is hy in 1970 tot medeprofessor bevorder en in 1981 tot professor en hoof.

Naas hom was daar in 1982 nog twee professore in die departement: C.F. Smit en A.G.W. Steyn. Oor die jare het daar heelwat verwisseling van dosente plaasgevind. In 1982 was daar twaalf dosente in die Departement.

Buro's en Institute

Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise

Reeds in 1964 het prof. J.A. Lombard, hoof van die Departement Ekonomie, 'n memorandum opgestel waarin die stigting van 'n Instituut vir Ekonomiese Politiek bepleit is: "'n onafhanklike, nie-winsgewende liggaam in Pretoria wat 'n effektiewe brug sal slaan tussen die toenemende hoeveelheid moeilik toeganklike, verstrooide en dikwels tegnies ingewikkelde basiese navorsing wat tans in Suid-Afrika gedoen word, aan die een kant, en behoeftes van die Ekonomiese politiek aan verteerde feite, gegewens, en algemeen rigtende ontleding, aan die ander kant."

Dit het egter tot die begin van 1973 geduur voor die Buro (in plaas van 'n instituut) gestig is. Intussen het personeellede van die Departement Ekonomie reeds uitvoerig navorsing gedoen oor verskeie aspekte van die ekonomie in die algemeen en van die ekonomiese stelsel van Suid-Afrika in die besonder. Veral het die ontwikkeling van die nasionale state, arbeidsvraagstukke en nasionale rekeninge aandag geniet. Die dosente het baie van die vraagstukke individueel of as 'n spanpoging aangepak. Namate die Departement gegroei en die navorsing uitgebrei het, het die behoefte ontstaan aan 'n navorsingsinstelling wat die verskillende pogings sou koördineer. Om in hierdie behoefte te voorsien is die Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise (BEPA) gestig.

Die Buro vorm 'n integrale deel van die Departement Ekonomie onder die gesag van die Universiteitsraad, aan wie die beheerraad van die Buro jaarliks verslag moet doen. Die beheerraad het onder andere uit die volgende bestaan: die hoof van die Departement, 'n vise-rektor, die registrateur finansies (later die vise-rektor vir Geesteswetenskappe en die vise-rektor vir Besigheidsadministrasie), die dekane van die twee fakulteite waaronder die Departement Ekonomie ressorteer, minstens drie lede van die Raad wat op voorstel van die Fakulteitsraad benoem is, en 'n direkteur, wat die uitvoerende beampte is. Die personeel bestaan uit die direkteur wat driejaarliks aangewys word, voltydse navorsers en dosente van die Departement Ekonomie, wat op 'n deeltydse basis aan navorsingsprojekte van die Buro deelneem, asook studente, veral nagraadse, wat aan sekere projekte werk.

Die Buro verkry sy fondse hoofsaaklik uit die vergoeding vir projekte en uit toekennings deur die Universiteitsraad en donateurs. Die hoofbron

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die fondse is die vergoeding vir kontrakwerk van sekere instellings verkry, en die salarisse van die personeel, wat deur die Universiteit betaal word.

Die werk van die Buro bestaan uit navorsing op die gebied van die ekonomie in die algemeen en die rol van die owerheid in die ekonomie in die besonder. Navorsingsresultate en betekenisvolle standpunte van lede van die Departement Ekonomie word gepubliseer. Publikasies van die Buro kan onder die volgende hoofde geklassifiseer word: BEPA ekonomiese geskrifte, BEPA-mededelings, *Fokus op ekonomiese kernvrae*, 'n spesiale *Fokusreeks*, kontraknavorsingsverslae en 'n akademiese reeks.

Die sukses van die Buro kan gemeet word aan die wye belangstelling wat dit sowel hier as in die buiteland wek. Daar word gewag gemaak van die opmerklike bydrae tot die vorming van die ekonomiese politiek in Suid-Afrika, veral op die gebied van nasionale rekeninge, arbeidsvraagstukke, streeksontwikkeling, fiskale beleid, monetêre politiek en buitelandse handel. Die vryemarkgedagte word deurgaans uitgebou.

Die Buro het aanvanklik onder die direksie van prof. J.A. Lombard gestaan en later onder dié van prof. J.J. Stadler.

Buro vir Finansiële Analise

Die Buro vir Finansiële Analise is in 1965 gestig as integrale deel van die destydse Instituut vir Bedryfsadministrasie, wat later die Departement Bestuurswese en die Bestuurskool van die Universiteit van Pretoria geword het.

Die doeleindes van die Buro is by geleentheid soos volg gegee: "Om aktiewe steun te verleen aan die handel en nywerheid in sy strewe na doeltreffender bestuur". Dit het die vorm aangeneem van "ondersoek en verslag aangaande finansiële verhoudingsgetalle vir verskillende bedryfstakke, finansiële beleid, asook rekeningkundige beleid, die invloed daarvan op gepubliseerde finansiële state deur die beleggende publiek".

Die werksaamhede van die Buro het algaande uitgebrei. So is daar in 1968 begin met die ontleding van die finansiële jaarstate van die maatskappye wat op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer word. Later is daar ook 'n databank begin vir die gebruik van die handel en nywerheid. Dit sal na verwagting met verloop van tyd inligting oor meer as 2 000 maatskappye bevat. Eintlik kan die doeleindes van die Buro as drieledig gesien word: navorsing oor moderne bestuurstegnieke; die opvoeding van bestuurders om hulle taak na die beste van hulle vermoëns uit te voer; en diens aan die handel en nywerheid, waarvan in toenemende mate gebruik gemaak word.

Die Buro werk ten nouste saam met liggame soos die Afrikaanse Handelsinstituut, die Gefedereerde Kamer van Nywerhede en die Verenigde Kamers van Koophandel, wat ook verteenwoordiging in die beheerraad gekry het. Die beheerraad bestaan origens uit die direkteur (ook voorsitter), die hoofde van die Departemente Rekeningkunde en Ouditkunde en Bedryfsekonomie (later ook dié van Bestuurswese), die hoofnavorser, ander persone wat die Universiteitsraad benoem, en hoogstens vier verteenwoordigers van donateurs. Veral proff. Reynders, Pistorius en Zevenbergen, die eersgenoemde twee die destydse hoofde van die genoemde Departemente, die laasgenoemde die hoofnavorser, later direkteur, het 'n reuse-aandeel in die ontwikkeling van die Buro gehad.

Prof. A.P. Sevenbergen, Direkteur, Buro vir Finansiële Analise, sedert 1976.

Tot 1976 was die Buro in die buitemuurse gebou in Proesstraat gevestig, aanvanklik in net twee kantore—vir die direkteur en 'n sekretaresse. Namate die bedrywighede toegeneem het, is daar meer personeel aangestel en meer kantore betrek, maar ten slotte was daar 'n gebrek aan ruimte en dit was 'n groot stap vorentoe toe die Buro in 1976 verskuif is na die Broederhuis op die Ooskampus van die Universiteit, waar dit saam met die Bestuurskool gehuisves is. In hierdie jaar het die personeel uit tien lede bestaan, terwyl daar ook gebruik gemaak is (en word) van die dienste van dosente en nagraadse studente. Sedert 1981 is die Buro en die Bestuurskool in die Opvoedkunde-Regsgeleerdheidgebou gehuisves.

Vanaf 1977 het die Buro sy eie rekenaarterminaal wat verbind is met die hoofrekenaarsentrum van die Universiteit. In 1978 ontstaan daar 'n nuwe onderafdeling van die Buro, naamlik die Eenheid vir Entrepreneurskap, wat navorsing doen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

oor die psigologiese eienskappe van suksesvolle ondernemers.

Die finansies vir die bedryf van die Buro kom voort uit toekennings van die Universiteit en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, en uit donasies, publikasies en die vergoeding vir ad hoc-navorsing. Die beheerraad stel die administratiewe personeel aan, permanent en tydelik, onderworpe aan die diensvoorwaardes van die gewone administratiewe personeel van die Universiteit.

Oor die jare is talle projekte afgehandel, te veel om op te noem. Die eerste was 'n bedryfsvergelykende ondersoek van die hotelbedryf van Suid-Afrika onder die leiding van prof. A.P. Zevenbergen, wat in 1967 afgehandel is. Dit is onderneem met die steun van die Hotelraad, die Toeristekorporasie, die Gefedereerde Hotelverenigings van Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse Brouerye.

Hierna is daar onder andere ondersoeke in verband met die volgende uitgevoer: die drankkleinhandel, die houtdakkapbedryf, die yster- en staalgieterybedryf, die tandheelkundige professie, die Koöperatiewe Wynkelders, mediese skemas, botter- en kaasvervaardiging, die aptekersbedryf, en talle ander. Sedert 1980 was daar sowat 20 ondersoeke per jaar aan die gang. Teen 1982 het die Buro reeds heelwat meer as 100 verslae uitgereik.

Met verloop van tyd het die Buro 'n aansienlike biblioteek opgebou wat onder andere bestaan uit: finansiële state van maatskappye, van sowel Suid-Afrika as oorsee, en gepubliseerde resultate van navorsingsprojekte. Gedurende studiereise oorsee, het prof. Zevenbergen heelwat navorsingspublikasies versamel wat in die biblioteek tuisgebring is. Al hierdie verslae vorm nuttige studiemateriaal vir studente in Bestuurswese, navorsers, finansiële ontleders en konsultante.

Instituut vir Ekonometrie

Van 1975 tot 1978 was daar 'n Instituut vir Ekonometrie aan die Universiteit van Pretoria, verbonde aan die departemente Ekonomie en Statistiek en Rekenaarwetenskap. Ekonometrie is 'n gespesialiseerde onderdeel van die ekonomiese en statistiese wetenskappe wat oor die hele wêreld aandag ontvang. Gevolglik het daar teen 1975 'n behoefte by die bogenoemde twee departemente ontstaan om navorsing in hierdie rigting te stimuleer. Daar het reeds voor- en nagraadse kursusse in Ekonometrie bestaan. Ook vir die koördinering van die opleiding wat deur die twee departemente aangebied word, is 'n instituut noodsaaklik geag, terwyl ook ander departemente in die Fakulteit asook buiteinstansies belang daarby gehad het.

Die Instituut kom in die tweede helfte van 1975 tot stand met prof. D.J. Stoker, hoof van die Departement Statistiek, as voorsitter. Vanaf 1 Januarie 1976 is medeprofessor G.L. de Wet as direkteur aangestel. Die beheerraad het ook persone uit die openbare en privaatsektor ingesluit. Die doelstellings van die Instituut is soos volg aangegee: "navorsing in die gebied van ekonometriese en kwantitatiewe tegnieke, koördinasie van navorsing, skakeling met ander instansies, publikasie van navorsingsresulate, die bou van ekonometriese modelle".

Prof. De Wet het in 1977 bedank en 'n professoraat aan die Randse Afrikaanse Universiteit aanvaar. Daarna het die adjunk-direkteur, mnr. C.M. Erasmus, as direkteur van die Instituut waargeneem.

In hierdie stadium is daar egter besluit "dat in die lig van die huidige personeelposisie die Instituut na 1978 op bestuursvlak, sowel as wat die navorsingspersoneel betref, na voltooiing van die huidige driejaar-termyn, wat einde 1978 eindig, nié in sy huidige vorm voortgesit word nie, maar dat teruggegaan word na die vorige bedeling met behoud van wat bereik is, veral wat samewerking tussen die departemente Ekonomie en Statistiek betref". So het daar 'n einde aan die Instituut vir Ekonometrie gekom. Navorsing op die gebied van die Ekonometrie het voortgegaan in die Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise en in die Departement Statistiek.

Instituut vir Strategiese Studies

Die Instituut vir Strategiese Studies van die Universiteit van Pretoria (ISSUP) het in 1974 tot stand gekom om te voorsien in 'n behoefte aan kennis oor die strategiese aangeleenthede wat Suid-Afrika aangaan. Dit vorm 'n integrale deel van die Departement Staatsleer en Internasionale Politiek. Soos alle institute, staan dit onder 'n beheerraad wat verantwoordelik is aan die Universiteitsraad. In 1980 het die beheerraad byvoorbeeld uit die volgende persone bestaan: Prof. C.F. Nieuwoudt, dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe (voorsitter), prof. A.N. Pelzer, viserektor, die registrateurs finansies (mnr. W.L. Kok) en akademies (mnr. C.H. Stuart), dr. H. Muller, kanselier van die Universiteit, dr. B.G. Fourie, direkteur-generaal van Buitelandse Sake, genl. M.A. de M Malan, hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag, prof. A.P. Grové, dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, prof. J.A. Lombard, professor in Ekonomie en dr. M. Hough (direkteur). Daar het intussen heelwat wisseling van personeel gekom, maar bostaande gee 'n idee hoe wyd die beheerraad saamgestel is.

Die werksaamhede van die Instituut word soos volg verduidelik: "Die Instituut vir Strategiese Studies bestudeer strategie in sy moderne en wye betekenis, te wete konflik- sowel as nie-konfliksituasies in sy militêre sowel as sy nie-militêre konteks". Die navorsings- en publikasieprogram behels die volgende: 'n koerantknipseldiens en 'n tydskrifindekseringsdiens, in samewerking met die Merenskybiblioteek, 'n gereelde strategiese oorsig, navorsingseminare en lesings deur deskundiges—waarvan sommige in die *Strategie-oorsig* gepubliseer word. Navorsingsprojekte wat afgehandel is, is byvoorbeeld: Rewolusionêre strategie in Mosambiek, National Security: a modern approach, Die maritiem-strategiese betekenis van die Simonstadse vlootbasis, en The strategic significance of Tanzania. Seminare is byvoorbeeld gehou oor Chemiese oorlogvoering, Elektroniese oorlog-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

voering, Die gewapende magte van die Afrika-state, Die idee van 'n Volksleër en Vervoerdiplomasie.

Buitelandse sprekers by seminare was onder andere prof. Jürgen Schwarz van München, prof. John Erickson van Edinburg, kol. P.P. Katz en kol. W.E. Barber, albei van die VSA, en genl. Alberto Marini van Buenos Aires. Daar is skakeling met ander institute, universiteite, die Weermag, staatsdepartemente, ens. Navrae geniet aandag en kontrakwerk word vir verskillende instansies onderneem.

Verder word verduidelik: "Dit is tans die enigste navorsingsinskakeling in Suid-Afrika wat spesifiek op strategiese studies toegespits is. Daar is ongeveer 1 300 persone op die Instituut se publikasieverspreidingslys, waarvan sowat 400 in die buiteland. Jaarlikse simposia word in 'n toenemende mate deur owerheidsinstansies, die media en privaatinstansies vir bepaalde advies geraadpleeg. Die spil waarom alles draai, is die direkteur, prof. Hough.

7. *Fakulteit Veeartsenykunde*

"Die veterinêre professie ontstaan in die newels van die verlede", skryf prof. C.F.B. Hofmeyr, die jarelange dekaan van die Fakulteit Veeartsenykunde. Daar is aanduidings dat die priesters van Memfis ongeveer in 3000 v.C. diereartse opgelei het, en ook dat Hammoerabi (2256 v.C.) 'n kode vir diereartse opgestel het. Uit die 13de eeu n.C. bestaan daar geskrifte oor die behandeling van siek diere deur Abou Bekr, die dierearts van die sultan van Egipte.

Afrika is bekend vir sy veelheid aan tropiese en subtropiese dieresiektes. Tog het die vroeë ontdekkingsreisigers min daarvan vertel. In die Kaapkolonie en Natal was daar in die 19de eeu enkele veeartse van Engelse en Skotse herkoms, maar eers met die koms van die Switserse veearts dr. Arnold Theiler in 1891 het navorsing op dié gebied werklik koers gekry. Met die steun van die toenmalige Suid-Afrikaanse Republiek het hy 'n navorsingstasie op Daspoort begin en een na die ander dieresiekte grondig ondersoek en middels daarvoor ontwikkel. In 1908 het hy met die steun van die destydse Transvaalse regering die navorsing na die plaas Onderstepoort verskuif en daar mettertyd die beroemde Instituut opgebou.

Navorsers aan hierdie stasie was eers van oorsee afkomstig, maar in 1910 is die eerste Suid-Afrikaners aangestel. Daar het 'n behoefte ontstaan om veeartse plaaslik op te lei. Hieruit het die Fakulteit Veeartsenykunde, verbonde aan die Transvaalse Universiteitskollege, in 1920 ontstaan.

Net soos die Fakulteit Landbou, was die Fakulteit Veeartsenykunde ingelyf by die Departement Landbou, later Landbou-tegniese Dienste. Die personeel was amptenare van die staat, wat hulle ook besoldig het. Alle dosente was ook navorsers aan die Instituut. Op die duur was hierdie toestand nie bevorderlik vir die onderrig nie. In 1958 is daar op 'n hersamestelling van die doserende personeel besluit. Sommige amptenare is as voltydse dosente aangestel, terwyl sommige nog deeltyds onderrig sou gee.

Hierdie reëling was op die duur ook nie bevredigend nie. In die jare sewentig het 'n kommissie onder die leiding van dr. C. van der Merwe Brink aanbeveel dat die fakulteit "uitgelyf" moes word, dit wil sê heeltemal onder die sorg van die Universiteit gebring moes word, net soos alle ander fakulteite. Dit gebeur op 1 April 1973.

In 1960 was prof. H. Graf dekaan van die Fakulteit. Opgelei aan die Universiteit van Stellenbosch en Pretoria, het hy die volgende betrekkings op Onderstepoort beklee: vakkundige beampte en assistent van dr Theiler in 1926, agerende hoof van Biochemie van 1927 tot 1928, verantwoordelike beampte vir Toksikologie van 1927 tot 1935, en daarna hoof van die Departement Chemiese Patologie; later word hy professor. In 1954 het hy adjunk-direkteur van die Onderstepoort-navorsingstasie geword en in 1956 dekaan van die Fakulteit. Hy is in 1960 oorlede en is as dekaan opgevolg deur prof. R.M.'du Toit. Gebore in 1904, was Renè Michel du Toit sedert 1928 in die diens van Onderstepoort en deeltydse hoof van die Departement Entomologie; later word hy professor. Hy het in 1963 na 'n dienstydperk van 28 jaar afgetree en is as dekaan deur prof. B.C. Jansen opgevolg.

Opgelei aan die Universiteit van Pretoria, was die laasgenoemde in daardie stadium professor in en hoof van die Departement Infeksiesiektes. Besonderhede oor hom is by die beskrywing van hierdie Departement te vind. Hy is in 1971 as dekaan opgevolg deur prof. C.F.B. Hofmeyr. Christiaan Frederik Beyers Hofmeyr is in 1915 gebore en het sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang. Daarna, in 1958, het hy in die diens van die Universiteit getree.

Afgesonderd en buite die stad geleë, dra die Fakulteit op Onderstepoort iets van 'n plaasatmosfeer. Die studente is daar in koshuise gehuisves en besit alle geriewe, sodat dit 'n aparte kampus vorm. Die toename in getalle het mettertyd 'n hele gebouekompleks vir navorsing, opleiding, inwoning en ontspanning laat ontstaan.

Aanvanklik is daar nie baie studente opgelei nie, gemiddeld slegs vyf per jaar. Afgestudeerdes was op staatsbetrekkings aangewys en die moontlikhede was beperk. Hierin kom daar sedert die jare veertig 'n groot verandering en werkgeleenthede neem toe. Talle weë het vir die veeartsstudent oopgegaan. Privaatpraktyke het hand oor hand toegeneem. Veeartse was nodig by volksgesondheid en volkshigiëne, landboukolleges (wat steeds toegeneem het), natuurbewaring, waar die siektes van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. R.M. du Toit, Dekaan, Fakulteit Veeartsenykunde, 1960–1962, en Hoof, Departement Parasitologie, 1958–1968.

wilde diere besondere aandag ontvang het, voermaatskappye en farmaseutiese firmas, ens. Aanvanklik is daar slegs 30 studente tot die tweede studiejaar toegelaat, maar sedert 1962 is die getal na 45 en in 1976 na 90 opgeskuif. Aangesien die Fakulteit op Onderstepoort tot met die ontstaan van Medunsa die enigste opleidingsentrum vir veeartse in Suid-Afrika was, was die persentasie Engelssprekende studente daar heelwat hoër as in die res van die Universiteit.

Ook dit het meegebring dat daar 'n eiesoortige gemeenskap ontstaan het. Nog iets wat in die jongste tyd opvallend is, is dat die persentasie damestudente tot sowat 25 toegeneem het. Daarby moet nog gevoeg word die sowat 30 dames wat in die jongste tyd 'n diplomakursus in Diereverpleegkunde volg.

Oor die jare het die aantal kursusse, grade en studierigtings toegeneem. Daar was teen 1970 sowat 297 studente en oor die twintig nagraadse studente in die Fakulteit.

In 1962 is 'n jaarlikse Sir Arnold Theilergedenklesing ingestel, waarvoor spesiaal geld ingesamel is om jaarliks 'n wêreldbekende figuur vir 'n vaklesing te kon uitnooi. Onder die persone wat dit kom lewer het, was onder andere prof. C. Rimington van Londen, prof. G. Gordon van Australië, prof. L. Owens van Cambridge en in 1970, met die 50-jarige herdenking van die Fakulteit, prof. D.G. Steyn uit eie geledere. Die feesvierings met die 50-jarige jubileem, op 28 en op 29 Oktober 1970, was luisterryk, met 'n lesing, 'n opedag en 'n dinee in die Rautenbachsaal, waar die rektor die woord gevoer het.

Met verloop van tyd het allerlei nuwe kursusse bygekom. Die BVSc-kursus self is verleng van 5 tot $5\frac{1}{2}$ jaar. Daar word aandag gegee aan die talryke siektes, parasiete en giftige plante van Afrika, terwyl alle bekende diere, mak en wild, behandel word. In 1962 is 'n MMedVet-graad ingestel om die gaping tussen BVSc en DVSc te vernou. Met verloop van tyd is dit uitgebrei tot 18 verskillende meestersgrade. In 1979 is daar 'n BVSc(Hons)-kursus toegevoeg.

Na die aftrede van prof. Hofmeyr het prof. J.M.W. le Roux hom in 1982 as voltydse dekaan opgevolg. Jan Matthys Willem le Roux het sy BVSc-opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang en sy Dr MedVet-graad in Hannover, Duitsland, in 1959. Hy het op Onderstepoort van navorsingsbeampte in 1949 tot professor in en hoof van die Departement Anatomie in 1975 gevorder. Onder sy leiding handhaaf die Fakulteit sy hoë standaard.

Dekane van die Fakulteit Veeartsenykunde

tot 1960—Prof. H. Graf
1960—Prof. R.M. du Toit
1963—Prof. B.C. Jansen
1971—Prof. C.F.B. Hofmeyr
1982—Prof. J.M.W. le Roux

Departement Anatomie

In die Fakulteit Veeartsenykunde het Anatomie betrekking op die morfologie van diereliggame. Hierdie Departement is een van die oorspronklikes wat saam met die Fakulteit ingestel is. In 1960 was prof. H.P.A. de Boom die hoof. Henri Pieter Albert de Boom is in 1914 gebore en het sy skoolopleiding aan die Ooseindskool, Pretoria, ontvang, waar hy in 1931 in die eerste klas gematrikuleer het. Daarna studeer hy op Onderstepoort, Universiteit van Pretoria, en behaal die BVSc-graad in 1936.

Aangestel in 1937 in die seksie Patologie op Onderstepoort, is hy in 1940 tot lektor in die Departement Anatomie bevorder. Van 1943 tot 1945 het hy aan die Cornell-universiteit met 'n Commonwealth Fellowship in die Departement Anatomie studeer, waar hy hom veral op die studie van Histochemie, Endokrinologie en Neuro-anatomie toegelê het. Terug in Suid-Afrika, hervat hy sy werk op Onderstepoort. Hy is in 1955 bevorder tot professor in en hoof van die Departement Anatomie. Hy het hom in die opleiding van studente en verskeie navorsingsprojekte onderskei. Hy tree in 1974 uit diens van die Universiteit en die Navorsingsinstituut van Onderstepoort. In 1982 is die goue medalje van die Suid-Afrikaanse Veaartsenykundige Vereniging aan hom toegeken.

Prof. De Boom is in 1975 deur prof. J.M.W. le Roux opgevolg. Jan Matthys Willem le Roux is in 1926 in die distrik Swellendam gebore en behaal

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. J.M.W. le Roux, Hoof, Departement Anatomie, 1975–1981, en Dekaan sedert 1982.

in 1949 die BVSc-graad aan die Universiteit van Pretoria. Daarna is hy as navorsingsbeampte op Onderstepoort aangestel. Hy vertrek in 1959 met 'n Duitse uitruilbeurs na die Veeartsenykundige Skool van Hannover, Wes-Duitsland, waar hy die volgende jaar die doktorsgraad in Anatomie behaal. Hy is in 1956 as dosent op Onderstepoort aangestel en in 1975 is hy bevorder tot professor. In 1982 is hy as die permanente dekaan van die Fakulteit Veeartsenykunde benoem. Prof. Le Roux het ruimskoots bygedra tot navorsing en 'n aansienlike reeks vakpublikasies het uit sy pen verskyn.

Dr. W.H. Gerneke het as medeprofessor hoof van die Afdeling Histologie en Embriologie in die Departement Anatomie geword. Gebore in 1924, het William Henry Gerneke in 1944 die BSc-graad aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat behaal, in 1963 die MSc-graad in Dierkunde met lof en in 1966 die doktorsgsraad, albei die laasgenoemdes aan die Universiteit van Pretoria. Hy is vanaf 1947 in die diens van Onderstepoort en sedert 1948 ook die Universiteit, eers as demonstrateur, sedert 1957 as lektor, sedert 1963 as senior lektor en vanaf 1975 as medeprofessor.

Prof. M.M.S. (Malie) Smuts volg prof. le Roux in 1982 as hoof op. Sy het in 1954 as veearts gekwalifiseer en die Theilermedalje is aan haar toegeken as die beste student in die finale jaar. Sy praktiseer vir 'n jaar in Kaapstad en vir die volgende 14 jaar werk sy voltyds aan Morele Herbewapening in Europa, Noord-Amerika en in Oos- en Suider-Afrika. In 1970 word sy aangestel as permanent-voltydse lektrise in die Departement Anatomie. Sy verwerf haar doktorsgraad in 1976 met 'n proefskrif getitel *The blood supply of the cervical vertebrae of the ox*. In 1980/81 verskyn *Anatomie van die Huisdiere*, 'n studie- en disseksiegids in vier bande deur Le Roux en Smuts. Verskeie wetenskaplike publikasies verskyn in internasionale en plaaslike tydskrifte.

Op uitnodiging van die Ben Gurionuniversiteit, vertrek sy in Augustus 1982 vir 'n jaar na Israel om die eerste deel van 'n standaardwerk oor die anatomie van die kameel af te handel. Prof. A.J. Bezuidenhout voltooi hierdie werk in 1984. Dit is die eerste volledige, geïllustreerde werk oor die kameelanatomie en verskyn in 1986 onder die titel *Anatomy of the Dromedary*, uitgegee deur Oxford University Press.

Prof. A.J. Bezuidenhout, wat in 1971 gekwalifiseer het, het in 1977 by die Departement as senior lektor aangesluit. Hy promoveer in 1981 met 'n proefskrif oor die hart van die volstruis. In 1983 word hy medeprofessor. Hy lei die navorsingsprogram van die Departement en is medeverantwoordelik vir voor- en nagraadse onderwys.

Departement Chirurgie

Die Departement Chirurgie (soms ook genoem Snykunde) is een van die oudstes in die Fakulteit Veeartsenykunde. Dit het in 1921 tot stand gekom en in 1960 was prof. C.F.B. Hofmeyr die hoof daarvan.

Christiaan Frederik Beyers Hofmeyr is in 1915 gebore en hy het sy veeartsenykundige opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang: agtereenvolgens BVSc, MMed in Chirurgie en DVSc. Hy is in 1957 aangestel as deeltydse dosent en vanaf 1 Januarie 1958 as professor in en hoof van die Departement Chirurgie. Prof. Hofmeyr was 'n baie ywerige dosent en navorser en het met verloop van tyd internasionale aansien verwerf. Hy was besonder ywerig in die bevordering van sy vak deur daadwerklike medewerking aan kongresse, simposia en besoeke aan buitelandse veterinêre inrigtings. Onder andere kan genoem word: in 1968 'n kongres in Suid-Slawië, in 1969 'n simposium in Cambridge, Engeland, in 1972 'n kongres in Mexikostad en 'n besoek aan Suid-Amerika, in 1976 'n besoek aan Paraguay (die Universiteit van Asuncion het 'n eredoktorsgraad aan hom toegeken), in 1977 'n besoek aan die Universiteit van München en aan Wes-Berlyn. Daarby kan gevoeg word talle kongresse van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging.

Van 1971 af was prof. Hofmeyr dekaan van die Fakulteit Veeartsenykunde. Hy is op 1 Januarie 1976 aangestel as voltydse dekaan. Hy was lid van verskeie liggame, onder andere van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Hy tree op 31 Desember 1981 met bereiking van die aftree-ouderdom uit die diens van die Universiteit.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. C.F.B. Hofmeyr, Dekaan, Fakulteit Veeartsenykunde, 1971–1981, en Hoof, Departement Chirurgie, 1958–1975.

As hoof van die Departement Chirurgie is hy in 1976 opgevolg deur prof. D.G. Steyn.

Douw Gerbrand Steyn is in 1926 in die distrik Kenhardt gebore. Ook hy het sy volledige opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BVSc in 1948, MMed Vet in Chirurgie in 1969 en DVSc in 1974. Nadat hy van 1949 af in privaatpraktyk was, is hy in 1963 as senior lektor in Chirurgie aan die Universiteit van Pretoria aangestel, 'n pos wat hy tot 1970 beklee het. Toe het hy 'n aanstelling as hoof van die proefdiersentrum van die Kaapse Departement van Hospitaaldienste aanvaar. In hierdie hoedanigheid is hy twee keer oorsee gestuur om proefdiersentra te besigtig en hy het daarna 'n aandeel gehad aan die uitbreiding van die proefdiersentrum wat die universiteite van Kaapstad en Stellenbosch bedien.

In 1976 keer hy terug na die Universiteit van Pretoria as professor in en hoof van die Departement Chirurgie. Ook hy is buite die universiteit op sy vakgebied bedrywig. In 1979 het hy 'n kongres in Lyon, Frankryk, bygewoon en in 1982 ook een in die VSA, en hy het verskeie universiteite besoek. Hy dien sedert 1981 in adviserende hoedanigheid op die Fakulteitsraad van Medunsa, en sedert 1982 in die werkgroep vir Biometriese Ingenieurswese van die WNNR.

Die Departement het gegroei van een professor en een lektor in 1960 tot 'n professor, medeprofessor, ses senior lektore en twee lektore in 1982. As medeprofessor in Radiologie is dr. C.J. Roos in 1977 benoem. Hy is van 1963 aan die Departement verbonde, eers as lektor en later as senior lektor. Ook hy het sy volle opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang, BVSc en twee grade Med Vet, een in Chirurgie en die ander in Radiologie. In 1976 het hy besoek gebring aan die universiteite van München, Gent en Uppsala.

Departement Fisiologie, Farmakologie en Toksikologie

Die samestelling van hierdie Departement het in die verlede heelwat verandering ondergaan. Aanvanklik, van 1920/21 tot 1957, was daar drie afsonderlike departemente, naamlik Fisiologie, Biochemie en Farmakologie en Toksikologie. Met die omskepping van die deeltydse doseerposte in volwaardige universiteitsposte in 1958 is Biochemie by die Departement Fisiologie gevoeg, terwyl dr. J.G. Louw, die oud-hoof van die Departement Biochemie, nog tot 1961 vir die aanbieding daarvan verantwoordelik gebly het. Terseldertyd is Farmakologie en Toksikologie by die Departement Geneeskunde ingeskakel, alles binne die Fakulteit Veeartsenykunde. In 1973, met die aanstelling van prof. Jenkins—voorheen senior lektor in Farmakologie—as departementshoof, is hierdie twee dissiplines saam met Fisiologie gegroepeer en kry die Departement sy huidige naam. Daar was in 1974/75 'n voorstel dat die naam verander moet word na dié van Fisiologiese Wetenskappe, maar dit het nie byval gevind nie.

Kort definisies van die vakgebiede word soos volg deur die departementshoof, prof. J.F.W. Grosskopf, verstrek: "Fisiologie: die studie van die werking van die (dierlike) liggaam en dit sluit Fisiologies-chemiese aspekte in; Farmakologie: die studie van die uitwerking van geneesmiddels op die dierlike liggaam; Toksikologie: die studie van vergiftigings." Volgens hom is al drie vakgebiede "integrale dele van alle geneeskundige of veeartsenykundige kursusse sedert hulle ontstaan."

In 1960 was prof. R. Clark hoof van hierdie Departement. Richard Clark is in 1906 in Johannesburg gebore en hy studeer in die Veeartsenykunde aan die Universiteit van Pretoria, toe nog die Transvaalse Universiteitskollege: BVSc in 1928 en DVSc in 1944. Hy was sedert 1929 nege jaar lank werksaam by Veeartsenykundige Velddienste en is daarna na Onderstepoort, waar hy vier jaar in die Afdeling Patologie werksaam was. In 1942 is hy as lektor in Fisiologie (Fakulteit Veeartsenykunde) aangestel, in 1949 is hy bevorder tot senior staatsveearts en van 1955 tot 1957 Assistent-direkteur van die Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde. Op 1 April 1955 word hy bevorder tot professor in en hoof van die Departement Fisiologie. Hierdie pos het hy met besondere onderskeiding beklee tot hy in 1969 op 63-jarige leeftyd uit die diens van die Universiteit getree het. Prof. Clark is op 17 Julie 1977 oorlede.

Sy opvolger as hoof van die Departement was

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. R. Clark, Hoof, Departement Fisiologie, Farmakologie en Toksikologie, 1955–1969.



Prof. W.L. Jenkins, Hoof, Departement Fisiologie, Farmakologie en Toksikologie, 1971–1978.

prof. J.M.M. Brown, maar net van 1 Maart 1969 tot 30 Junie 1971, waarna hy professor in Fisiologiese Chemie in die Departement Fisiologie, Fakulteit Geneeskunde, geword het. John Michael Malloch Brown is in 1929 op Brandfort gebore. In 1951 verwerf hy die BVSc-graad en in 1968 DVSc aan die Universiteit van Pretoria. Na vier jaar as privaatpraktisyn, sluit hy in 1956 by die Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde aan, waar hy in 1957 ook as deeltydse dosent in die Departement Fisiologie aangestel word. Prof. Brown is sedert Julie 1982 professor in Fisiologie aan die Mediese Universiteit van Suider-Afrika (Medunsa).

Prof. Brown is in 1971 deur prof. W.L. Jenkins as hoof van die Departement Fisiologie, Farmakologie en Toksikologie opgevolg. Gebore in Johannesburg in 1937, het William Louis Jenkins in die Veeartsenykunde aan die Universiteit van Pretoria studeer. In 1958 behaal hy die BVSc-graad en word die Theilermedalje as die beste finalejaarstudent aan hom toegeken. Na enkele jare in privaatpraktyk, is hy in 1962 aangestel as lektor in die Departement Interne Geneeskunde, Fakulteit Veeartsenykunde. In 1966 behaal hy die graad MMedVet (Pharm et Tox) aan hierdie Universiteit.

In 1967 is hy na die Universiteit van Missouri, Amerika, waar hy as nagraadse assistent en later as navorsingsbeampte in die Departement Farmakologie (Veeartsenykunde) tot 1969 werksaam was. Aan die einde van die laasgenoemde jaar behaal hy die graad PhD (PharmVetScience). Hierna keer hy na sy betrekking aan die Universiteit van Pretoria as senior lektor in die Departement Geneeskunde terug. Op 1 Oktober 1971 word hy tot professor in en hoof van die Departement Fisiologie, Farmakologie en Toksikologie bevorder. In 1975 is prof. Jenkins weer oorsee met 'n reisbeurs. Hy tree as besoekende professor op aan die Veeartsenykundeskool van Colorado State University. Die eerste helfte van 1976 is hy ook verbonde aan die College of Veterinary Medicine, Texas A & M University. Terug in Julie 1976, sit hy sy werk aan die Universiteit van Pretoria voort maar bedank met ingang van 1 Julie 1978 om 'n betrekking aan Texas A & M University te aanvaar.

Hy is as hoof van die Departement Fisiologie, Farmakologie en Toksikologie deur prof. J.F.W. Grosskopf opgevolg. Johannes Friedrich Wagner Grosskopf is in 1928 in Kaapstad gebore. Sy skoolopleiding geniet hy aan die Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria, en hy matrikuleer in 1945. In 1947 registreer hy as student aan die Universiteit van Pretoria, waar hy in 1951 die BVSc-graad behaal. Na twee jaar in 'n privaatpraktyk, tree hy in die Departement Fisiologie in die diens van die Navorsingsinstituut Onderstepoort. In hierdie hoedanigheid word hy in 1955 as lektor aangestel. In 1956 word hy senior lektor in die Departement Ge-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

neeskunde en in 1962 senior lektor in die Departement Fisiologie en Fisiologiese Chemie, almal in die Fakulteit Veeartsenykunde. In 1965 behaal hy die graad MMedVet(Phys) met lof. Hy word die eerste veearts aan wie dié spesialistegraad toegeken is. Hierna word hy oorgeplaas na die Fakulteit Landbou, Universiteit van Pretoria, as senior lektor in Dierefisiologie, maar hy keer in 1978 terug na die Fakulteit Veeartsenykunde as professor in en hoof van die Departement Fisiologie, Farmakologie en Toksikologie. Intussen het hy in 1976 die graad PhD(Landbou) (Dierefisiologie) aan die Universiteit van Stellenbosch behaal.

In 1971 het 'n Navorsingseenheid in Perdefisiologie by die Departement tot stand gekom. Hierin is dr. A. Littlejohn op 1 Oktober 1971 as professor benoem. Alexander Littlejohn is in 1924 gebore. Hy behaal die BVSc-graad in 1949 aan die Universiteit van Pretoria. Hierna was hy in privaatpraktyk, eers in Johannesburg en later op Mooirivier, Natal, waar hy hom hoofsaaklik op werk met perde toegespits het. In 1961 studeer hy met 'n beurs aan die Royal (Dick) School of Veterinary Studies, Edinburg. In 1965 is hy weer terug na die genoemde inrigting in Skotland. Hy besoek ook die universiteite van Utrecht en München. Hierop volg 'n aanstelling as lektor aan die Universiteit van Edinburg, 1965-1971.

Opleiding in die Departement is onderworpe aan die standaarde wat deur die Veeartsraad neergelê word. Dit hou in die eerste plek rekening met die behoeftes van die veearts. Nagraadse studie is op vakkundigheid en navorsing gerig. Uiteraard is daar samewerking met die Navorsingsinstituut op Onderstepoort. Kontak met die Departement Fisiologie van die Fakulteit Geneeskunde is vanselfsprekend. Die Departement het 'n trotse rekord van vooraanstaande geleerdes wat in die verlede hier opgelei is. Talle navorsingsprojekte is in die verlede deur lede van die Departement tot groot voordeel van die veeboerdery afgehandel.

Departement Geneeskunde

Oorspronklik was hierdie Departement bekend as die Departement Medisyne. In die jare vyftig is die naam verander na Departement Interne Geneeskunde. In 1965 is dit weer verdoop tot die Departement Geneeskunde. Met verloop van tyd het die Departement heelwat veranderings ondergaan, vanweë kursusse wat toegevoeg of weggeneem is. In 1961 het die Afdelings Farmakologie en Ambulantekliniek, Toksikologie en Pluimveesiektes bygekom, elk onder 'n bepaalde dosent. Pluimveesiektes is in 1965 oorgeplaas na die Departement Infeksiesiektes. In 1968 is dr. T.F. Adelaar bevorder tot medeprofessor in Toksikologie, maar Toksikologie is in 1979 na die Departement Fisiologie oorgeplaas, asook Farmakologie in 1972. In 1977 is mnr. R.K. Loveday as senior lektor in Varksiektes aangestel teen 'n medeprofessoraat wat deur 'n skenking van die Vee- en Vleisnywerheid beskikbaar gestel is. Hy word in 1982 medeprofessor. Hy tree in Junie 1982 af, maar werk nog enkele jare in die Departement. 'n Afdeling wat intussen toegevoeg is, is Kliniese Patologie. By die Ambulante- het die Buitepasiëntekliniek bygekom.

Die Departement het hierby oor die jare heelwat vordering getoon. In 1960 was daar een professor, twee senior lektore en een lektor op die personeel; in 1982 was die besetting een professor en nege senior lektore. Gedurende die 22 jaar was daar slegs een professor hoof van die Departement, prof. K. van der Walt.

Keyser van der Walt is in 1923 gebore. Hy ontvang sy BVSc-graad in 1943 aan die Universiteit van Pretoria en is daarna, van 1944 tot 1957, in privaatpraktyk in Port Elizabeth. In die laasgenoemde jaar is hy aangestel as professor in en hoof van die Departement Geneeskunde. Hy het onder andere navorsing gedoen oor die chemiese immobilisasie en verplasing van wild. hy tree op as raadgewer van die afdeling Parke en Natuurbewaring van Mosambiek. Origens was hy gemoeid met die vervaardiging van veeartsenykundige geneesmiddels en hy is betrokke by heelwat buitewerk. Hy was adviseur by Vetlab Eiendomme Beperk en Epolhondevoedsel en hy dien op 'n interdepartementele komitee van Landbou-tegniese Dienste vir die beveiliging van die mens se gesondheid. Gedurende sy meer as 25 jaar diens het hy dikwels waargeneem as dekaan van die Fakulteit Veeartsenykunde. Hy het te doen gehad met die uitbreiding van studentegetalle, die verlenging van opleiding en die herstrukturering van BVSc-kursusse. Prof. Van der Walt is in 1984 oorlede. Prof. Bland van den Berg, wat in 1982 nog medeprofessor was, het hom as hoof van die Departement opgevolg.

Departement Geslagskunde

Hierdie Departement het in 1961 tot stand gekom na aanleiding van 'n memorandum wat prof. J.H.R. Bisschop in 1959 aan die Fakulteit Veeartsenykunde voorgelê het. Sy stelling was dat nie 'n groter veestapel nie, maar kwalitatiewe verbetering, selektiewe teelt en die instandhouding van geslagsgesondheid in die toekoms nagestrewe moet word. Na die oorweging van verskillende name, is daar besluit op die naam Departement Geslagskunde en Kunsmatige Inseminasie. Sedert 1965 word dit die Departement Geslagkunde. (Die Engelse benaming vir *Geslagskunde* is *Genesiology*). As professor en hoof is prof. J.S. van Heerden aangestel, wat in daardie stadium hoof van die Afdeling Reproduksie, Geslagsiektes en Kunsmatige Inseminasie was.

Jacobus Stephanus van Heerden is in 1921 gebore en het die BVSc-graad in 1942 aan die Universiteit van Pretoria behaal. Van 1942 tot 1945 was hy as staatsveearts op verskeie plekke in die land werksaam. Hy het veral navorsing gedoen oor die onvrugbaarheid van melkkuddes, wat in Transvaal onrusbarende afmetings aangeneem het. Van 1949 tot 1955 is hy deur die Departement Landbou na die Transvaalse Kunsmatige Inseminasiekorporasie gesekondeer, waar hy onder andere verantwoordelik was vir die opleiding van insemineerders. In 1957 het hy senior staatsveearts geword, in dieselfde jaar ook deeltydse senior lek-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. J.S. van Heerden, Hoof, Departement Geslagskunde, 1962–1981.

tor in Chirurgie en Ginekologie, en in 1958 voltydse senior lektor. Prof. Van Heerden was onder andere lid van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Mediese Vereniging, en van die Wildlewebeskermingsvereniging van Suid-Afrika. Hy het verskillende wêreldkongresse op sy vakgebied bygewoon, onder andere in Napels, Cambridge, Den Haag en Hamburg. Hy het in 1970 München op uitnodiging besoek. Met die bereiking van die leeftydsgrens, tree hy in 1981 met pensioen af en hy is opgevolg deur prof. R.I. Coubrough.

Roderick Ian Coubrough is in 1938 gebore en hy ontvang sy opleiding in Veearsenykunde aan die Universiteit van Pretoria; BVSc in 1961. Hy studeer daarna aan die Ontario Veterinary College, Universiteit van Toronto, waar hy die MVSc-graad in 1964 behaal. Hy is direk daarna as lektor in Geslagskunde aan die Universiteit van Pretoria aangestel. In 1969 word hy tot senior lektor bevorder. Hierdie betrekking bedank hy in 1970, maar hy aanvaar in 1974 weer die pos van deeltydse dosent, later senior lektor, in die Departement Anatomie. Van hier is hy in 1980 oorgeplaas as medeprofessor na die Departement Geslagskunde. Hy is in 1981 tot professor en hoof bevorder.

Ook prof. Coubrough is lid van verskeie vakverenigings, soos die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging, die Suid-Afrikaanse Vereniging in Diereproduksie en die Elektronmikroskopiese Vereniging van Suid-Afrika.

Departement Infeksiesiektes

Die Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria, is een van die weinige veeartsenyskole in die wêreld wat 'n Departement Infeksiesiektes het. Gewoonlik word die werk wat in hierdie Departement gedoen word, by die Departement Interne Geneeskunde ingedeel. Die Departement Infeksiesiektes het 'n bestaansreg omdat die studie van infeksiesiektes, en veral dié wat in Afrika en in tropiese gebiede voorkom, by die voorkoming daarvan uiters belangrik is.

Hierdie Departement is ook verantwoordelik vir 'n verskeidenheid kursusse, waaronder Mikrobiologie, Virus- en Bakteriesiektes, Pluimveesiektes, Veterinêre Regskennis en Etiek, verskillende kursusse in bevorderende dieregesondheid; asook kortkursusse oor die siektes van visse en laboratoriumdiere.

Die Departement ontstaan in 1958 met prof. R.A. Alexander as hoof. Dit was nog die posisie in 1960. Raymond Albert Alexander is in 1899 gebore. Sy verbintenis met Onderstepoort dateer uit die jaar 1922, toe hy as tydelik-deeltydse lektor in Anatomie aangestel is. Van 1929 tot 1930 was hy lektor in Anatomie en Protosoölogie. Hierna het hy verskeie poste beklee en hy is in 1951 aangestel as Direkteur van Veeartsenykundige Dienste. In 1957 het hy die eerste professor in Virologie geword, 'n aanstelling wat hy behou het toe hy 'n jaar later as hoof van die Departement Infeksiesiektes aangestel is.

Prof. Alexander bedank in 1963, nadat hy reeds in 1961 as Direkteur van Veeartsenykundige Dienste afgetree het. By sy afsterwe in Julie 1965, is hy geroem as een van die wêreld se beroemdste veeartse en is daarop gewys dat hy met sy uitgebreide kennis van entstowwe en virusse na baie dele van die wêreld gereis het, onder andere in 1944 na Egipte en die Midde-Ooste om 'n baie ernstige uitbraak van perdesiekte te bekamp.

Hy is as hoof van die Departement Infeksiesiektes deur prof. B.C. Jansen opgevolg. Barend Cornelis Jansen is in 1921 op Middelburg, Kaap, gebore en hy behaal aan die Universiteit van Pretoria BVSc in 1944 (en ontvang die Theiler-medalje) en DVSc met lof in 1960. In 1956 het hy 'n tyd lank in Engeland studeer met 'n Nuffieldbeurs vir navorsing in die Biologiese Wetenskappe. Van 1945 tot 1949 was hy in privaatpraktyk. In die laasgenoemde jaar sluit hy by Onderstepoort aan in die afdeling Immunologie en Anaërobebakteriologie. In 1958 is hy aangestel as senior lektor in Bakteriologie. Hy word in 1961 Direkteur van Veeartsenydienste. In 1963 word hy medeprofessor in Infeksiesiektes en in dieselfde jaar ook hoof van die Departement. Hy het intussen onder andere lid van die Adviesraad van die Eerste Minister, voorsitter van die Veeartsraad en volle lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns geword. Hy was van 1963 tot 1970 dekaan van die Fakulteit Veeartsenykunde. Prof. Jansen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. B.C. Jansen, Dekaan, Fakulteit Veeartsenykunde, 1963–1971, en Hoof, Departement Infeksiesiektes, 1963–1973.

tree in 1973 as professor af maar hy is daarna nog etlike kere as ereprofessor benoem. Na sy uittrede uit die diens van die Universiteit, word hy Hoofdirekteur van Veeartsenydienste.

Prof. Jansen is in 1973 deur prof. P.G. Howell as hoof van die Departement Infeksiesiektes opgevolg. Gebore in Pretoria in 1930, het Peter Gilbert Howell sy universiteitsopleiding in Veeartsenykunde aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BVSc in 1952 en DVSc in 1970. Nadat hy hom as veearts bekwaam het, was hy 18 maande lank in privaatpraktyk, terwyl hy ook deeltyds verbonde was aan die Departement Landbou-tegniese Dienste. Daarna was hy sewe jaar lank deeltyds senior lektor in die Departement Infeksiesiektes en ook in 1971 deeltydse senior lektor in Virologie en Virussiektes in die Departement. Hy het hom intussen toegelê op navorsing oor bloutong by skape, waaroor hy verskeie konferensies in die buiteland bygewoon het. Sy navorsing het gelei tot die stigting van 'n wêreldverwysingsentrum vir die bloutongvirus. Hy het in 1960 'n uitgebreide reis deur die Midde-Ooste en Suidwes-Asië onderneem op aanbeveling van die Voedsel- en Landbouorganisasie van die VVO.

Departement Parasitologie

Hierdie Departement, wat die uitwerking van parasiete by dieresiektes as vakgebied het, is ook een van die oudstes in die Fakulteit Veeartsenykunde. Aanvanklik was dit die Departement Helmintologie (wurmkunde). In 1960 was dit Departement Parasitologie; in 1974 is dit verander na Departement Parasitologie en Protosoölogie (wat dui op eensellige organismes). In 1976 word dit weer Departement Parasitologie. In 1960 was prof. R.M. du Toit permanent-deeltydse professor in en hoof van die Departement. Hy is in 1958 aangestel. In 1967 word hy bevorder tot voltydse professor.

Prof. Du Toit het sy BVSc-graad in 1927 aan die destydse Transvaalse Universiteitskollege behaal en in 1953 die DVSc-graad aan die Universiteit van Pretoria. Hy het in 1928 as navorser in die diens van die Departement Landbou-tegniese Dienste getree, eers in Pietermaritzburg en later by Brandsiektebestryding. In 1931 het hy hoof geword van die navorsingstasie op Armoedsvlakte naby Vryburg. Hy is in 1932 na Onderstepoort verplaas waar hy in die afdeling Parasitologie gewerk het. In 1937 word hy dosent in Veterinêre Entomologie. Later word hy bevorder tot professor in die Afdeling Entomologie en word hy hoof van die Departement Parasitologie. Hy was ook van 1963 tot 1966 dekaan van die Fakulteit. Na 'n lang en vrugbare dienstydperk, het prof. Du Toit met pensioen afgetree. Hy is deur prof. R.K. Reinecke opgevolg, wat voor die tyd senior lektor (Afdeling Helmintologie) was.

Richard Karl Reinecke is in 1924 gebore en het die BVSc-graad in 1946, die DVSc-graad in 1957 en die MMedVet (Parasitologie) in 1978 aan die Universiteit van Pretoria behaal, asook DSc (Dierkunde) in 1980 aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO. Nadat hy hom as veearts bekwaam het, was hy enkele jare in privaatpraktyk totdat hy in 1954 'n navorsingspos op Onderstepoort aanvaar het. Terselfdertyd het hy ook staatsveearts geword. Later is hy bevorder tot senior en nog later tot eerste staatsveearts. Hy het in 1957 hoof van die Afdeling Helmintologie geword en is in 1961 as senior lektor aangestel. In 1965 het hy 'n spesiale persoonlike bevordering gekry vir voortreflike navorsingsdienste.

Hy het buitelandse ondervinding opgedoen deur studie in Australië en Nieu-Seeland in 1959/1960 en 'n besoek aan laboratoria en farmaseutiese firmas in Europa in 1966. Nadat hy in 1969 professor geword het, het prof. Reinecke in 1970 weer verskeie studietoere deur Amerika en Europa onderneem. Sy navorsing het onder andere uitgeloop op 'n patent vir 'n veterinêre entstof en 'n handboek oor Helmintologie.

In 1960 het die Departement een professor en een senior lektor gehad, in 1982 een professor (in Helmintologie), 'n medeprofessor (in Entomologie), prof. J.G. Horak, en 'n senior lektor (in Protosoölogie), dr. J.D.G. Boomker. Prof. C.G. Stewart het in 1982 medeprofessor geword.

Departement Patologie

Ook Patologie was een van die eerste departemente in die Fakulteit Veeartsenykunde, van 1920

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

af. Met die verloop van tyd is verskillende ander dissiplines daaraan toegevoeg. Na 1960 was dit Vleis- en Melkhigiëne—later vervang deur Veterinêre Voedselhigiëne en Volksgesondheid—met L.W. van den Heever as dosent; in 1974 word hy medeprofessor. Die opleiding geld vir die kursusse van die vierde- en vyfdejaarstudente en nagraads. Onder hierdie afdeling val ook die praktiese onderrig in vleishigiëne gekombineer met besoeke aan abbatoirs.

In 1960 was prof. K.C.A. (Kumbert Carl August) Schultz professor in en hoof van die Departement Patologie. Hy was sedert 1947 aan die Departement verbonde en het in 1958 voltydse professor en hoof geword. Prof. Schultz het die grade BSc, BVSc en Dr Med Vet aan die Universiteit van Pretoria behaal. In 1947 het hy lektor in Patologie geword. Hy was van 1926 af in die Veeartsenykundige Diens van die staat. Sy lang en getroue diens is in 1960/1961 onderbreek deur 'n besoek aan verskeie inrigtings in Duitsland. Hy het in 1963, na bereiking van die ouderdomsgrens, uit die diens van die Universiteit getree. Hy is deur prof. J.D. Smit opgevolg.

Jacobus Daniël Smit is in 1918 gebore en het in 1941 die BVSc-graad aan die Universiteit van Pretoria behaal. Daarna het hy staatsveearts op Umtata geword. Hy is in 1945 oorgeplaas na Onderstepoort, eers na die Afdeling Toksikologie en van 1949 af na die Afdeling Patologie. In 1950 is hy ook aangestel as lektor in Patologie. In 1957 is hy bevorder tot senior lektor. Albei dié betrekkings was deeltyds. In 1961 word hy voltydse senior lektor, maar hy bedank kort daarna uit hierdie pos om 'n aanstelling as Onderdirekteur van Veeartsenydienste te aanvaar. Hy het daarna nog deeltyds as senior lektor diens gedoen. Toe hy in 1963 aangestel is as professor in en hoof van die Departement Patologie, was dit ook in deeltydse hoedanigheid. Met die oorname van die Fakulteit deur die Universiteit in 1973/1974, sou hy voltydse professor geword het, maar hy bedank daarvoor om sy loopbaan in die staatsdiens voort te sit. Hy is deur prof. R.C. Tustin opgevolg.

Royden Charles Tustin is in 1918 op Empangeni gebore. Na twee jaar studie aan die Universiteit van Natal, het hy na Onderstepoort verskuif, waar hy in 1953 die BVSc-graad behaal het. Daarna was hy in privaatpraktyk totdat hy in 1955 as staatsveearts op Onderstepoort, in die Afdeling Bakteriologie, aangestel is. In 1958 word hy deeltydse lektor in Mikrobiologie en hy is nog dieselfde jaar na Patologie oorgeplaas en in 1963 tot deeltydse senior lektor bevorder. In 1970 bedank hy om senior navorsingsbeampte van die Mediese Navorsingsraad te word. In 1973 keer hy terug na die Universiteit as voltydse professor in en hoof van die Departement Patologie.

Prof. Tustin is ook lid van verskeie vakverenigings, onder andere die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging, die Suid-Afrikaanse Vereniging van Patoloë en die Amerikaanse Vereniging van Omgewingspatoloë. Hy woon gereeld kongresse op sy vakgebied by, waarby genoem kan word 'n internasionale kongres in 1972 in Brasilië, gekombineer met 'n uitgebreide studiereis deur Amerika, Europa en Israel. As navorser het hy hom onder andere toegelê op jaagsiekte by skape.

Prof. D.R. Osterhoff, Hoof, Departement Soötegnologie vanaf 1963.

Departement Soötegnologie

Die naam van hierdie Departement kan in alle beskaafde tale terug gevind word, hoewel in aangepaste vorms. Aan die Universiteit van Pretoria was die naam vroeër *Soötegniek*. Dit kom neer op die tegnologie van huis- en plaasdiere. Die klem in Soötegnologie word gelê op die gesonde dier en die voorkoming van siektes en dit behels Diereteelt, Rassekunde, Veeartsenykundige Genetika, Voedingkunde, Etologie, Bestuur van Plaasdiere en Weidingkunde.

Die Departement is so oud soos die Fakulteit Veeartsenykunde, dit wil sê dit bestaan vanaf 1923. In 1960 was prof. J.H.R. Bisschop die hoof. John Henri Roosegaarde Bisschop is in 1898 gebore en het agtereenvolgens BSc(Landbou) in 1920 en BVSc in 1924 aan die Transvaalse Universiteitskollege behaal. Hy was van 1923 af aan die Universiteitskollege en later aan die Universiteit verbonde, toe hy tydens die afwesigheid van prof. A.M. Bosman as waarnemende lektor aangestel is. Hy is in 1935 tot professor in en hoof van die Departement Soötegniek bevorder. Hy bly dit tot die einde van 1962. Hy word 'n tyd lank ook

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Onderdirekteur van Veeartsenydienste. Hy is deur prof. D.R. Osterhoff opgevolg.

Diedrich Richard Osterhoff is in 1925 naby Keulen in Duitsland gebore. Na matriek het hy eers opleiding aan die landbouskool in Wesfale ontvang. Daarna het hy in 1951 die Dip Agric en, na 'n vyfjaarlange studie in Uppsala, Swede, in 1956 die Dr Agric-graad aan die Universiteit van Giessen ontvang. Hierna het hy verskeie nagraadse kursusse in die VSA in Diere- en Bevolkingsgenetika, Statistiek en Immunologie deurloop.

Sy aansoek om die vakante pos aan die Universiteit van Pretoria het geslaag en hy word vanaf 1 April 1963 professor in en hoof van die Departement Soötegniek. In 1968 behaal hy die DSc(Genetika)-graad aan die Universiteit van Pretoria. Uit die pen van prof. Osterhoff het meer as 150 publikasies, waaronder twee boeke, verskyn. Sy belangrikste navorsingsterrein is die Immunogenetika, wat die bestudering van bloedgroepe by huis-, plaas- en wilde diere omvat.

Prof. Osterhoff het ter wille van die opbou van sy Departement talle inrigtings en universiteite in die buiteland besoek. "Moderne genetiese aspekte, hoofsaaklik die populasiegenetika en nuwe aspekte van voedingkunde", skryf hy, "het die kursus in die laaste 20 jaar beïnvloed. Nuwe bestuursfasiliteite uit die VSA, telingsorganisasieaspekte uit Europa, skaap- en wolkennis uit Australië beïnvloed die denkrigtings van die dosente in die Departement". Die Departement lewer op persoonlike vlak diens aan die boeregemeenskap. Boeredae vir telergenootskappe word gehou en simposia vir veeartse in nagraadse opleiding—alles met behulp ook van publikasies. Daar bestaan kontak met alle telergenootskappe, met die Witwatersrandse Landbougenootskap, met die Suid-Afrikaanse Stamboekorganisasie en met ander inrigtings en universiteite in die buiteland. Daar bestaan ook 'n goeie verhouding met die Departement Veekunde in die Fakulteit Landbouwetenskappe, met die Departement Dierkunde in die Fakulteit Wis- en Natuurkunde en met die departement Mensgenetika aan die Witwatersrandse en aan buitelandse universiteite.

Wat sy voorgangers betref, skryf prof. Osterhoff die volgende: "Prof. Bisschop het die Departement uitgebou; prof. Groenewald het naam gemaak as 'n voedingdeskundige en het boeke gepubliseer oor die voeding van plaasdiere; dr. G.D. Sutton het die kursus in Dierebeheer vir baie jare aangebied en die spesifieke kursus tot sy reg laat kom".

Studente ondersoek 'n hond by Onderstepoort, ongeveer 1970.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

8. Fakulteit Opvoedkunde

Soos ook aan ander universiteite die geval was, was daar aan die Universiteit van Pretoria aanvanklik slegs 'n vak Opvoedkunde, wat in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte gehuisves was. Die Fakulteit Opvoedkunde het eers in 1937 tot stand gekom, met 'n Kinderleidinginstituut daaraan verbonde. In 1960 was daar sewe departemente in die Fakulteit Opvoedkunde; in 1982 ook sewe, maar nie dieselfde sewe nie. Daar het intussen heelwat veranderinge, splitsings, samevoegings en naamsveranderinge voorgekom.

In 1960 was daar die Departemente Algemene Geskiedenis van die Opvoedkunde en die Teorie van Onderwys (prof. J.J. du Toit), Geskiedenis van Opvoedkunde in Suid-Afrika (prof. A.N. Pelzer), Filosofie van die Opvoeding (prof. C.K. Oberholzer), Opvoedkundige Sielkunde, Opvoedkundige Sosiologie en Opvoedkundige Sosiale en Psigopatologie (prof. B.F. Nel), Sosiologie (prof. G. Cronje), Liggaamlike Opvoedkunde (prof. C. Smit) asook 'n afdeling Kleuteropvoeding (mej. H.J. Naudé). Kort na 1960 het verskeie vakrigtings van naam verander; die term Pedagogiek het sy intrede gemaak. Teen 1982 was daar die Departemente Didaktiese Pedagogiek en Vakdidaktieke (prof. W.J. Louw), Fundamentele Pedagogiek (prof. W.A. Landman), Historiese en Vergelykende Pedagogiek (prof. F.J. Potgieter), Liggaamlike Opvoedkunde (prof. J.L. Botha), Ortopedagogiek (prof. P.A. van Niekerk), Psigo-, Sosio- en Beroepsleidingspedagogiek (prof. M.C.H. Sonnekus) en nog steeds 'n Kinderleidinginstituut (toe onder prof. M.C.H. Sonnekus). Van 1960 tot 1982 het die Fakulteit slegs twee dekane gehad: prof. B.F. Nel wat reeds in 1945 dekaan geword en in 1970 afgetree het, en daarna prof. F. van der Stoep, wat in 1981 voltydse dekaan geword het.

Prakties gerig soos al die opvoedkundige vakrigtings in werklikheid moet wees, is dit vanselfsprekend dat die Fakulteit in gedurige wisselwerking met die betrokke staatsinstansies en die onderwysberoep verkeer. In besonder geld dit hier die Departement Nasionale Opvoeding (voorheen Onderwys, Kuns en Wetenskap) en die Transvaalse Onderwysdepartement. Dit het nie verhoed dat die Fakulteit Opvoedkunde in 'n eie selfstandige rigting ontwikkel het nie.

Volgens prof. Nel het *Pedagogiek* veral na die Tweede Wêreldoorlog "'n nuwe aansien as selfstandige wetenskap" gekry. Die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria het ook sy bydrae tot die ontwikkeling van die nuwe sienswyse gelewer. Dit begin waarskynlik by prof. B.F. Nel, jare lank dekaan van die Fakulteit, wat met sy sterk persoonlikheid en ywer sy stempel op die Fakulteit afgedruk het, hoewel verskeie van sy kollegas ook in hierdie verband genoem kan word.

Voor 1937 was Opvoedkunde aan die Universiteit Anglo-Amerikaans georiënteer, ook "naturalisties georiënteer" genoem. Na 1937— dus na die benoeming van prof. Nel in die Fakulteit—het 'n sterk "vastelands-Europese invloed" kenbaar begin word, veral uit Nederland, België en Duitsland. Eintlik het dit neergekom op die Duitse (Würzburgse) denkpsigologiese opvattings en die didaktiese toepassing daarvan deur die Amsterdamse skool, waar prof. Nel onder die leiding van die vermaarde opvoedkundige prof. Ph. Kohnstamn gepromoveer het.

Die jare 1950–1959 word deur prof. Nel beskou as die tweede fase van die ontwikkeling, gekenmerk deur "verdieping in Pedagogiek en sterk toename van publikasies". Die hele Pedagogiek het "'n sterk antropologies-personologiese inslag" gekry. Om die "kind as mens in sy pluralistiese leerwyse" te begryp en 'n "verantwoorde metodologie" te ontwikkel, moes nuwe "kennisgebiede ingeskakel word en meer tegniese hulpmiddels soos 'n taallaboratorium en programmering van onderwys" aangewend word.

Na 1960 het die Fakulteit sy derde fase van ontwikkeling ingegaan en mettertyd tot volle ontplooiing gekom. "Die moderne lewe stel meer eise en opvoedkunde moet probeer om daaraan te voldoen", soos die dekaansverslag van 1961 dit stel. Dit behels onder andere "heelkundige onderwys, beroepsleiding, pedoterapie, ens."

Eintlik het die Fakulteit sy taak as tweërlei van aard gesien: die opleiding van onderwysers en die opleiding van navorsers. Navorsing is veral gestimuleer en gelei deur die Werkgemeenskap ter bevordering van die Pedagogiek as Wetenskap, wat in 1953 deur prof. Nel gestig is en wat verantwoordelik was en nog is vir die publikasiereekse *Opvoedkundige studies* en *Monografieë*. Deur sy publikasies en ook deur die bywoning deur dosente van internasionale kongresse, het die Fakulteit in sekere kringe in die buiteland bekend geword as die Pretoriase Denkpsigologiese Skool. Met trots is daar dan ook verklaar dat die Fakulteit aan die moderne vereistes van die Pedagogiek voldoen.

Gestig in 1937, was die Fakulteit in 1962 'n kwarteeu oud. Om dit te gedenk, is 'n reeks Jubileumlesings van 21 tot 23 Junie gehou, om die denkrigtings van die Fakulteit na buite uit te dra. Die lesings is later gebundel. Origens is daar voorsiening gemaak vir 'n feestelike saamtrek van opvoedkundiges, gesaghebbendes, oud-studente, studente en ander belangstellendes.

Pretoria het met verloop van tyd 'n belangrike sentrum op die gebied van buitengewone onderwys geword. Daar was die Transoranje-skool vir Dowes; in 1964 het die Prinshofskool vir Swaksiendes en Kleurblindes bygekom; en in 1963 'n Skool vir Epileptici. Die Fakulteit Opvoedkunde was bewus van die behoefte aan spesiaal opgeleide personeel vir hierdie skole. In 1963 is 'n eenjarige nagraadse diplomakursus in Spesiale Onderwys (Pedoterapie) ingestel. In 1964 is 'n Diploma Spesiale Onderwys (Agterlikes) aanbeveel, asook 'n BEd- en 'n MEd-graad in dié rigting. Kursusse en diplomas in die spesiale rigtings is in 1965 begin en het van toe af uitgebrei. In 1967 het 'n Hoër Diploma Kleuteropvoeding en 'n BEd-graad met

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die endossement Ortopedagogiek bygekom.

In 1967 verskyn die eerste nommer van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir die Pedagogiek*, met prof. B.F. Nel as redakteur. In sy inleidingsartikel wys prof. Nel weer op die nuwe denkstrominge in Wes-Europa en hy vervolg: "Hierdie moderne opvattings begin nou maar eers in die Anglo-Amerikaanse lande inslag vind en die doel van die tydskrif is juis om die moderne denkrigting in Suid-Afrika beter bekend te stel".

In 1967 het die Nasionale Adviserende Onderwysraad planne begin oorweeg wat die opleiding van onderwysers ingrypend sou verander. Die universiteite is om kommentaar gevra. Van die kant van die Universiteit van Pretoria het prof. C.H. Rautenbach, wat die voorsitter van die Onderwysraad was, 'n dokument ingedien met die titel *'n Nasionale beleid vir Onderwysersopleiding gereël deur wetgewing.*

Dit het ten slotte uitgeloop op die Wet op Onderwysersopleiding, Wet No. 73 van 1969, wat 'n omwenteling meegebring het. Ingevolge hierdie wet moes alle middelbare onderwysers hulle opleiding aan universiteite ontvang. Dit het eers in 1972 in werking getree maar dit het meegebring dat die Fakulteit voor die tyd moes beplan hoe om die verwagte toename van studente te akkommodeer.

Weer eens het ruimtegebrek na vore gekom, waaroor 'n klagte jaar na jaar geopper is. Daar was in hierdie stadium daarvan sprake dat die hele Lettere II-gebou aan die Fakulteit Opvoedkunde toegewys sou word. Hierteen het die dekaan, prof. Nel, hom van meet af aan verset. Volgens hom was die gebou heeltemal ongeskik vir dié doel. In sy verslag van 1969 het hy dit soos volg gestel: "Die vraag wat 'n mens stel, is of Onderwysersopleiding dan soveel minder geskat word as opleiding in musiek, in argitektuur, in geneeskunde, in landbou, ens. dat daar nie meer aandag aan ruimtelike fasiliteite gegee word nie". Hierdie en ander pleidooie het ten slotte vrug gedra, maar eers na prof. Nel se tyd, toe die Gebou vir Regsgeleerdheid en Opvoedkunde op die Ooskampus verrys het.

Die bogenoemde Wet het vir die opleiding van laerskoolonderwysers 'n samewerking tussen universiteite en onderwyskolleges bepaal, "met dien verstande dat vanaf 'n datum wat die Minister bepaal sodanige opleiding aan 'n Kollege en 'n Universiteit in noue samewerking met mekaar geskied". Die Universiteitsraad het besluit om hierdie bepaling as volg te interpreteer: "1. Vir preprimêre en primêre onderwysers word 'n graad- sowel as 'n diplomakursus ingestel; 2. die Universiteit is vir die graad- en die Kollege vir die diplomakursus verantwoordelik en dit word deur hulle respektiewelik uitgereik; 3. bepaalde bestanddele van die graadopleiding word deur die Onderwyskollege behartig en omgekeerd met die Diploma-opleiding". Dit sou in die toekoms 'n nouer samewerking tussen die Fakulteit Opvoedkunde en die Pretoriase Onderwyskollege meebring.

Terwyl hierdie veranderings hulle loop begin kry het, het nog 'n sandglas aan die Universiteit



Prof. B.F. Nel, Dekaan, Fakulteit Opvoedkunde, 1945–1970, en Hoof, Departement Opvoedkundige Sielkunde en Opvoedkundige Sosiologie (later Psigo- en Sosiopedagogiek), 1944–1970.

leeggeloop. Met bereiking van die aftreeleeftyd, het prof. B.F. Nel aan die einde van 1970 uit die diens van die Universiteit getree. Barend Frederik Nel is op 16 Desember 1905 op Kokstad gebore. Nadat hy in 1923 aan die Hoërskool Boksburg gematrikuleer het, het hy in 1927 die BA-graad aan die Transvaalse Universiteitskollege behaal en in 1928 die Hoër Onderwysdiploma. Nadat hy reeds skoolgehou het, behaal hy die MEd-graad (met lof) aan die Universiteit van Pretoria. Hy vertrek daarop vir verdere studie na Nederland, waar hy in 1935 sy doktorsgraad in Pedagogiek (D Litt et Phil) aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam behaal.

Terug in Suid-Afrika, word dr. Nel agtereenvolgens dosent aan die Bloemfonteinse Onderwyskollege en beroepsvoorligter in die diens van die Onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat. Daarna, in 1939, word hy senior lektor en hoof van die Departement Opvoedkundige Sielkunde en Opvoedkundige Sosiologie in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria. In 1944 is hy bevorder tot professor en in 1945 volg hy prof. I.D. Bosman op as dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde. In dieselfde jaar behaal hy 'n tweede doktorsgraad (D Phil), aan die Universiteit van Suid-Afrika.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. Nel het baie bygedra tot die uitbouing van die Universiteit se Fakulteit Opvoedkunde. By sy uittrede skryf hy soos volg in sy laaste dekaansverslag: "In Maart 1945 is ek vir die eerste keer as Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde gekies en was sindsdien ononderbroke Dekaan tot die skrywe van hierdie verslag vir die jaar eindigende op 31 Desember 1970, wanneer ek dan vir 25 jaar en 9 maande aaneen die Dekaanskap beklee het. In 1945 was daar slegs twee professore en hoofde van departemente wat uitsluitlik onder die Opvoedkunde ressorteer het, naamlik prof. J.C. Bosman . . . en ekself. Die ander professore wat ook lede van die fakulteit was, en wat primêr tot die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte behoort het, was proff. T.J. Hugo, G. Cronjé, I.D. Bosman (later prof. A.N. Pelzer), C.H. Rautenbach en J. Engelbrecht".

Prof. Nel was besonder aktief op sy vakgebied. Hy het talle oorsese reise onderneem en referate by etlike internasionale kongresse gelewer. Hy het in 'n aantal liggame gedien en verskillende blyke van erkenning ontvang. In 1951 word hy die verteenwoordiger van die Universiteit op die Gemeenskaplike Matrikulasieraad, van 1952 tot 1954 dien hy in die Navorsingskomitee van die Universiteitsraad. In 1955 bring hy vir twee weke 'n besoek aan die Ooste om op hoogte te kom van onderwystoestande daar. In September 1957 lewer hy 'n referaat voor 'n internasionale opvoedkundige konferensie in Florence, Italië. In 1959 ontvang hy 'n eregraad van die Universiteit van Gent, België, vir sy navorsing en publikasies. In 1965 volg 'n konferensie in Cambridge, Engeland, waar hy ook 'n referaat lewer. In 1968 is hy aangestel op die Staatspresidentskommissie vir die ondersoek na die opleiding van onderwysers in die Republiek. In 1969 word hy lid van die Komitee vir Finansiering van Opvoedkundige en Sielkundige Navorsing van die RGN. Hy kom ook op die redaksie van die *Tydskrif vir Navorsing in die Geesteswetenskappe*. In 1970 woon hy 'n wêreldkonferensie in Kalifornië by, maar weens die teenstand van enkele swart lede van die konferensie was hy nie in staat om sy referaat te lewer nie. Teen September in daardie jaar kon hy wel 'n referaat lewer op 'n konferensie van die Association for Humanistic Psychology wat in Amsterdam gehou is.

Wat die buiteland betref, was hy sedert 1953 lid van die bestuur van die Internasionale Vereniging vir die bevordering van Pedagogiese Navorsing, redaksielid van *Paedagogische Studiën* (Groningen), redaksielid van die reeks *Verdiept Inzicht*, uitgegee deur Meulenhof, Amsterdam, redaksielid van *Paedagogica Historica* (Gent), bydraende lid tot die *Review of Educational Research* (Washington DC), en lid van American Educational Research (Pittsburgh). Sy publikasies (handboeke, monografieë, navorsingsverslae en artikels) is te veel om op te noem. Hy was ongetwyfeld iemand wat aansien aan die Opvoedkunde as wetenskap en aan die Fakulteit Opvoedkunde gegee het.

Na sy aftrede, het prof. Nel 'n privaatpraktyk in kinderleiding behartig en hom steeds besig gehou met navorsing vir die RGN en met redaksiewerk. Hy sterf op 28 Oktober 1975.



Prof. F. van der Stoep, Hoof, Departement Pedagogiek en Vakdidaktieke (vroeër Teorie van Onderwys en Opvoedkunde), 1965–1979, en Dekaan sedert 1971.

As dekaan van die Fakulteit is prof. Nel met ingang van 1 Januarie 1971 deur prof. F. van der Stoep opgevolg. Gebore in Johannesburg op 10 Oktober 1930, het Floris van der Stoep sy skoolonderrig aan die Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria, ontvang. Daarna volg opleiding aan die Universiteit van Pretoria: BA 1950, HOD 1951, BEd 1959, MEd 1961, DEd 1963, die laasgenoemde onder leiding van proff. B.F. Nel en C.K. Oberholzer. Op dié wyse is hy volledig geskool in die pedagogiese opvattings van die Fakulteit Opvoedkunde en hy sou nog verder vorm daaraan gee. Nadat hy nege jaar lank onderwyser aan die bogenoemde seunskool was, word hy in 1961 lektor in die Departement Algemene Didaktiek en Historiese Pedagogiek, waarvan hy in 1965, met sy bevordering tot professor, hoof geword het. Na die afstigting van 'n selfstandige Departement Historiese Pedagogiek, het prof. Van der Stoep hoof van en professor in die Departement Didaktiese Pedagogiek en Vakdidaktieke geword.

Prof. Van der Stoep het in 1968 en weer in 1970 studiereise na die buiteland onderneem (Heidelberg, besoeke aan skole in Duitsland, ondersoek na onderwysersopleiding aan verskeie universiteite, ens.). Ook tree hy as referent op tydens verskeie konferensies en simposia. Danksy toegewyde na-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vorsing, ontwikkel hy tot een van die toonaangewende outoriteite op die gebied van Didaktiese Pedagogiek. Sy publikasies word vrywel landswyd gebruik, waaronder *Didaktiese Oriëntasie, Inleiding tot die Didaktiese Pedagogiek, Didaktiese Grondvorme* en *Didaskein*. Hy dien onder andere op die Advieskomitee vir Navorsing van die RGN en die Provinsiale Advieskomitee betreffende Onderwysopleiding (Transvaal), is redaksielid van die Nederlandse blad *Paedagogisch Forum* en van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Pedagogiek*. In 1977 is hy in die wetenskaplike adviesraad van die eerste minister aangestel, en in 1980 in die Interdepartementele Komitee vir die evaluering van Onderwyskwalifikasies. In 1981 ontvang hy die Stalsprys vir Opvoedkunde van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Nadat prof. Van der Stoep sedert 1971 onafgebroke dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde was, is hy in 1980 tot voltydse dekaan benoem.

Onder die dekaanskap van prof. Van der Stoep het die Fakulteit verder sy normale ontwikkeling en groei belewe. Daar het in 1972 'n selfstandige Departement Vakdidaktieke tot stand gekom, met prof. C.J. van Dyk as hoof. Hierdie Departement het net vyf jaar bestaan. Op 1 Januarie 1977 is dit weer by die Departement Didaktiese Pedagogiek gevoeg. Met ingang 1 Januarie 1978 is 'n nuwe Departement Ortopedagogiek van die Departement Psigo-, Sosio- en Ortopedagogiek afgestig, met prof. P.A. van Niekerk as hoof. Die laasgenoemde het toe die Departement Psigo-, Sosio- en Beroepsoriënteringspedagogiek geword met prof. M.C.H. Sonnekus as die hoof.

Wat navorsing betref, het die Fakulteit 'n suggestie van die Uitvoerende Komitee van die Senaat opgevolg en 'n navorsingskomitee onder die leiding van prof. Sonnekus saamgestel, wat een keer per semester vergader het om navorsingsprojekte te kontroleer. 'n Poging is aangewend om opleiding en navorsing interdissiplinêr en interdepartementeel te organiseer.

Die toepassing van die bogenoemde Wet het na 1972 volledig aan die gang gekom. Alles het vlot verloop, hoewel die groter getalle studente probleme, veral in die onderwyspraktyk, opgelewer het. Die studentetotaal het van 482 in 1971 tot 932 in 1973 gestyg, en die aantal toegekende grade en diplomas van 145 tot 239. Veral het die toename in nagraadse studente opgeval.

Van 1976 af is daar 'n eenjarige Tersiêre Onderwysdiplomakursus ingestel, bedoel vir dosente aan die Universiteit van Pretoria en ander inrigtings wat geen formele onderwysopleiding ontvang het nie. Toelatingsvereistes is 'n baccalaureusgraad of enige ander kwalifikasie wat volgens die Fakulteitsraad toelating regverdig. Daar is ook gedink aan lektore van Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderwys en die opleidingsafdelings van sommige staatsdepartemente, die RGN, die WNNR, Yskor ens. Die kursus het onder die leiding van prof. W.J. Louw gestaan. In 1978 het tien studente hierdie kursus gevolg.

Samewerking met die Pretoriase Onderwyskollege het meegebring dat daar vanaf 1978 aan 'n lid van die kollege, gewoonlik die rektor, sitting op die senaat verleen is. (Ook is oorweeg om dit op die Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys van toepassing te maak.) Omgekeerd kan die senaat van die Universiteit dan 'n verteenwoordiger op die senaat van die Onderwyskollege benoem. Dit het verder daarop uitgeloop dat—vanaf 1 Januarie 1979—die dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde en proff. W.A. Landman en J.L. Botha as verteenwoordigers van die Universiteit op die Kollegeraad sitting gekry het, en dat die rektor van die kollege, mnr. J.D.V. Terblanche, as professor honorêr in die Departement Didaktiese Pedagogiek en Vakdidaktieke benoem is. Hierdie reëlings is wenslik, aangesien daar tussen die twee inrigtings heelwat samewerking oor opleiding in sekere kursusse bestaan.

Die Fakulteit is baie bedrywig op die gebied van navorsing, publikasies, konferensies en simposia. Dit staan in verbinding met talryke buiteliggame wat met die onderwys te doen het. Reeds in 1975 is daar 'n versoek aan die Universiteitsraad gerig om 'n voltydse dekaan vir die Fakulteit te benoem. Die versoek is na 'n komitee verwys, maar dié komitee het aanbeveel dat dit uitgestel word met die oog op die heersende ekonomiese toestand in daardie jare. Dit word in 1980 'n werklikheid toe prof. F. van der Stoep as die eerste voltydse dekaan van die Fakulteit aangestel is. Net die volgende jaar het die Fakulteit sy nuwe gebou op die Ooskampus betrek, 'n gebou wat ruim en goed toegerus is. Die personeelbesetting was toe soos volg: tien professorate, twee honorêre professorate, drie medeprofessorate, tien senior lektorate, 25 lektorate, drie junior lektorate en vier navorsingsposte.

Dekane van die Fakulteit Opvoedkunde

1960 — Prof. B.F. Nel
1971 — Prof. F. van der Stoep

Departement Didaktiese Pedagogiek en Vakdidaktieke

Hierdie Departement het op 1 Januarie 1971 in sy huidige vorm tot stand gekom toe die Departement Didaktiese en Historiese Pedagogiek verdeel is in die Departement Didaktiese Pedagogiek en Vakdidaktieke en die Departement Historiese en Vergelykende Pedagogiek.

Die twee verwante vakke wat in die Departement gehuisves word, word deur prof. W.J. Louw soos volg omskrywe: "Didaktiese Pedagogiek bestudeer die onderrig as leerverskynsel van 'n kind in 'n pedagogiese (opvoeding-)situasie. Vakdidaktiek bestudeer die besondere onderrig en leer van 'n spesifieke vak in 'n pedagogiese situasie. Die Didaktiese Pedagogiek formuleer algemene uitsprake oor die onderrig-leerverskynsel in 'n pedagogiese situasie en die Vakdidaktieke verbesonder die algemene uitsprake aan die hand van die eie aard van die inhoud (vak) wat onderrig en geleer word aan die hand van die besondere kind (voorskoolse, primêre, sekondêre skoolleerling) se situasie".

In 1960 het die vakgebied die naam gedra van Teorie van Onderwys en Opvoeding toe dit nog

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

saam met Algemene Geskiedenis van Onderwys en Opvoeding in een departement gehuisves was. Dit het onder die hoofskap van prof. J.J. du Toit gestaan. Dit is in 1961 verdoop tot die Departement Algemene Didaktiese en Historiese Pedagogiek. Prof. Du Toit is op 1 Januarie 1965 deur prof. F. van der Stoep opgevolg, wat die hoof van Didaktiese Pedagogiek en Vakdidaktieke gebly het toe Historiese en Vergelykende Pedagogiek in 1971 afgeskei het. Prof. Van der Stoep se verbintenis met die Departement dateer uit die jaar 1961, toe hy as lektor benoem is. Toe hy in 1980 voltydse dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde geword het, is hy deur prof. W.J. Louw as hoof van die Departement opgevolg.

Gebore op Springs in 1935, het Wynand Jacobus Louw die BA-graad in 1955 aan die Universiteit van die Witwatersrand behaal en in 1956 die THOD aan die Johannesburg College of Education. Daarop gee hy onderwys aan verskeie skole in Transvaal en Natal, en gedurende 1960–1961 ook in Brittanje. Na sy terugkeer sit hy sy studie in die Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria voort: BEd 1966, MEd 1967 (albei met lof) en DEd 1972.

Sy loopbaan aan die Universiteit van Pretoria begin op 1 Januarie 1968, toe hy as lektor aangestel is. In Mei 1972 word hy tot senior lektor bevorder en hy tree van Oktober daardie jaar tot Julie 1973 op as hoof van die Studentevoorligtingsdiens. Op 1 Januarie 1977 is hy tot medeprofessor bevorder en die taak om die Tersiêre Onderwysdiploma te organiseer word aan hom opgedra. In 1979 lewer hy 'n referaat tydens 'n konferensie in Klagenfurt, Oostenryk.

Prof. Louw het ook belangstelling in militêre aangeleenthede. Nadat hy hom in 1953 as vrywilliger by die Suid-Afrikaanse Weermag aangemeld het, het hy verskillende militêre bevorderingskursusse deurloop en in 1967 die Stafdienskursus afgelê. In 1977 kom hy in bevel van die Universiteit van Pretoria-kommando, met die rang van kolonel. Op 14 Oktober 1980 is die Suiderkruismedalje "vir buitengewone voortreflike diens en toegewydheid" aan hom toegeken.

Wat die wedervaringe van die Departement betref, het die Afdeling Vakdidaktieke sy eie geskiedenis gehad. Sedert die jare veertig was dit die gebruik dat elke departement wat 'n skoolvak huisves, ook verantwoordelik was vir die aanbieding van daardie besondere vakdidaktiek. (Dit is destyds *metodiek* genoem.) Die stelsel het blykbaar goed gewerk en geen ekstra koste meegebring nie. Ongeveer teen 1960 het die Fakulteit Opvoedkunde die standpunt begin huldig dat dit 'n taak van die Afdeling Vakdidaktieke was. Dit gebeur dan met ingang 1963, sowel binne- as buitemuurs, met uitsondering van: "(i) gespesialiseerde kursusse waarvan die metodiek in die algemene opleiding reeds geïntegreer is (te wete Huishoudkunde, Kuns, Musiek en Liggaamlike Opvoedkunde); (ii) die metodiek van Biologie; en (iii) noodsaaklike aanpassings." Twee lektorate, later verhoog tot senior lektorate, is vir hierdie werk ingestel, een vir die Geestes- en een vir die Natuurwetenskappe.

'n Verdere ontwikkeling was die instelling met ingang van 1 Januarie 1972 van 'n selfstandige Departement Vakdidaktieke, met 'n professoraat, 'n senior lektoraat, 'n lektoraat en daarbenewens deeltydse hulp. Teen die einde van 1976 het dit aangegroei tot 'n professoraat, ses senior lektorate en agt lektorate, met nog meer deeltydse hulp.

As hoof van dié departement is prof. C.J. van Dyk aangestel. Cornelis Johannes van Dyk is op 28 Oktober 1932 gebore en hy het sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BSc 1946, MEd 1964 en DEd 1969. Hy is in 1963 in die Departement Didaktiese Pedagogiek en Vakdidaktieke as lektor vir die didaktiek van die Natuurwetenskappe benoem. In 1966 is hy bevorder tot senior lektor en in 1972 tot professor. Hy het gedurende die eerste helfte van 1972 in Nederland opleiding in die Kubernetika ontvang.

Die groot dosentebesetting wat die Departement Vakdidaktieke gehad het, het die vraag laat ontstaan of dit alles geregverdig kon word. Ook is daar van enkele kante weer die vraag gestel of die besondere didaktiek nie net sowel binne die betrokke departement deur een van die dosente daarvan behartig kan word nie, soos vroeër die geval was. Besuinigings- en ander argumente wat verband hou met die toename in die getal HOD- en nagraadse studente, het ten slotte daartoe gelei dat die twee Departemente Didaktiese Pedagogiek en Vakdidaktieke met ingang 1 Januarie 1977 gekonsolideer is in een departement, met prof. Van der Stoep die hoof, wat, soos reeds gesê, in 1980 deur prof. W.J. Louw opgevolg is.

Die Departement Didaktiese Pedagogiek en Vakdidaktieke is volgens dosentbesetting die grootste in die Fakulteit Opvoedkunde. Dit bestaan in 1981 uit twee professorate (Louw en Van Dyk), een medeprofessoraat (N.J.S. Basson) en agt senior en agt gewone lektorate.

Departement Fundamentele Pedagogiek

Soos by ander departemente in die Fakulteit Opvoedkunde die geval was, het die Departement Fundamentele Pedagogiek ook voorheen 'n ander naam gedra. Vanaf die stigting van die Fakulteit was dit bekend as Filosofie van die Opvoeding. Blykbaar is die benaming Opvoedkundige Wysbegeerte ook in die vroeë dae gebruik. Vir 'n lang tydperk het dosente van die Departement Wysbegeerte hierdie dissipline behartig. Aanvanklik was dit prof. T.J. Hugo, terwyl Opvoedkundige Etiek, wat as 'n verwante departement bestaan het, deur prof. C.H. Rautenbach waargeneem is. In 1948 het prof. C.K. Oberholzer (ook van die Departement Wysbegeerte) hoof van die Departement Filosofie van die Opvoeding geword, met Opvoedkundige Etiek daarby ingesluit. Dit was die posisie in 1960. Prof. C.K. Oberholzer het tot die einde van 1967 twee departemente waargeneem, naas dié van Wysbegeerte ook dié van Filosofie van die Opvoeding.

"Met die opkoms van die Pedagogiek as Wetenskap", aldus prof. W.A. Landman, "het hierdie benaming al hoe meer in die gedrang gekom omdat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. W.A. Landman, Hoof, Departement Fundamentele Pedagogiek sedert 1968.

dit begin ontaard het in 'n filosofie oor die opvoeding wat natuurlik glad nie wetenskaplik van aard is nie." Later, toe al die dissiplines in die Fakulteit verdoop is om op *pedagogiek* te eindig, is die naam van hierdie Departement verander na dié van Wysgerige Pedagogiek. Hierdie benaming het op die duur ook nie bevredig nie. Vanaf 1972 is dit verander na Fundamentele Pedagogiek. Prof. Landman verantwoord hierdie benaming soos volg: "Dit beklemtoon dat dit in dié dissipline in die eerste plek gaan om 'n wesensanalise (essensie-openbaring) van opvoeding-as-sodanig, dus om 'n ontologiese (d.w.s. fundamentele) begryping daarvan. In die dissipline gaan dit om fundamentalia (moontlikheidsvoorwaardes, gronde) ten aansien van opvoeding."

Hierdie benaming, of Fundamentele Opvoedkunde, word tans deur die meeste tersiêre opvoedkundige inrigtings gebruik. In Nederland is dit bekend as *Fundamentele Paedagogiek* en in Duitsland as *Fundamentalpädagogik*. Hoewel die filosofiese ondergrond tradisioneel by die studie van die Opvoedkunde oor al die jare as noodsaaklik geag is, neem die belangrikheid van die vakgebied by sommige universiteite in die buiteland tans af, hoofsaaklik by pragmatiese en neo-Marxistiese inrigtings. Daar word dit by ander dissiplines ingelyf.

Soos reeds gemeld, was prof. C.K. Oberholzer, in wat genoem kan word deeltydse hoedanigheid, hoof van die Departement Wysgerige Pedagogiek (soos dit toe nog genoem is) tot die einde van 1967. Hy was byna twintig jaar hoof daarvan, en oor al die jare het hy 'n besondere bydrae gelewer tot die vormgewing en uitbouing van die dissipline, deur middel van woord (welsprekend soos hy altyd was) en geskrif.

Hy word aan die begin van 1968 opgevolg deur prof. W.A. Landman as hoof van die Departement. Willem Adolf Landman is op 27 Junie 1923 gebore. Sy opleiding ontvang hy aan die Universiteit van Pretoria: BSc 1945, BEd 1953, MEd 1954, DEd 1960, BA(Hons) 1965, MA 1966 en DPhil 1970 in die Wysbegeerte. Nadat hy nege jaar onderwys gegee het en daarna vier jaar dosent aan 'n onderwyskollege was, is hy in die tweede semester van 1961 as tydelik/deeltydse dosent in die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria aangestel, en vanaf 1 Januarie 1962 permanent. In Januarie 1963 is hy bevorder tot senior lektor in die Departement Opvoedkundige Sielkunde, Opvoedkundige Sosiologie en Opvoedkundige Sosio- en Psigopatologie. Hierdie pos bedank hy op 31 Desember 1965 om 'n professoraat in die Filosofie van die Opvoeding aan die Universiteit van Port Elizabeth te aanvaar. Op 1 Januarie 1968 keer hy terug na die Universiteit van Pretoria as professor in en hoof van die Departement Wysgerige Pedagogiek (tans Fundamentele Pedagogiek).

Departement Historiese en Vergelykende Pedagogiek

Hierdie Departement het in 1971 in sy huidige samestelling tot stand gekom, hoewel die twee onderdele wat in die naam aangedui word, van veel ouer oorsprong is. Die naam *Historiese Pedagogiek* is van Nederlandse en die naam *Vergelykende Pedagogiek* (l'Education Comparèe) van Franse herkoms. Later het 'n derde afdeling, Onderwysbestuur, bygekom, wat weer van Amerikaanse herkoms (*Educational Administration*) is.

Historiese Pedagogiek kom voort uit die dissipline Geskiedenis van die Opvoedkunde of van die Onderwys, wat uit die sewentiende eeu in Europa (Italië) dateer. Aan die Universiteit van Pretoria is dit een van die eerste opvoedkundige vakke wat doseer is, eers deur prof. J.C. Bosman vanaf 1923 en vanaf 1952 deur prof. J.J. du Toit. Tot in 1961 is dit ingesluit in die Departement Algemene Geskiedenis van die Teorie van Opvoedkunde en die Teorie van Onderwys en Opvoedkunde. Dit het toe die Departement Algemene Didaktiese en Historiese Pedagogiek geword. Prof. J.J. du Toit is van 1 Januarie 1965 af as hoof opgevolg deur prof. F. van der Stoep. In 1971 is hierdie Departement in twee afsonderlike departemente verdeel: dié van Didaktiese Pedagogiek onder prof. Van der Stoep en dié van Historiese en Vergelykende Pedagogiek onder prof. F.J. Potgieter.

Historiese Pedagogiek word deur prof. Potgieter omskrywe as: "'n verheldering van die opvoedingshandelinge binne die totaliteit van die menslike wording." In sy ontwikkeling uit Geskiedenis

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die Opvoedkunde het die aksent van die historiese na die pedagogiese verskuif. In plaas van geskiedenis ter wille van die geskiedenis en die blootlê van "suiwer feitelikhede" het dit "toekomsgerig" geword en het dit te doen met "verwerklikte en geïnterpreteerde stof." Hierdie verskuiwing is al in die jare vyftig op te merk in die wyse waarop prof. J.J. du Toit en prof. B.F. Nel dit benader het. Dit het ook 'n meer tematologiese as 'n algemene benadering geword.

Vergelykende Pedagogiek word deur prof. Potgieter omskrywe as: "'n studie van die onderwyskollektiveringsverskynsel binne samelewingsverbande, hier en in die buiteland." Ook hier is dit nie net 'n naasmekaarstelling van verskillende onderwysstelsels "sonder om tot verantwoordelike pedagogiese evaluering oor te gaan nie." Dit leun aan by die Historiese Pedagogiek in dié sin dat die vergelykings ook in historiese verband benader word. Onderwysbestuur dateer uit die jaar 1978, toe hierdie vakrigting in die Departement sy eerste verskyning in Suid-Afrika gemaak het. Dit word omskryf as: "'n bestudering van die bestuur van onderwysinstellings op makro-, meso- en mikrovlak." Gerig op die werk van skoolhoofde, het dit 'n teoretiese en 'n praktiese aspek. Dit is 'n jong wetenskap wat strewe na "'n pedagogies-verantwoorde begronding van die onderwysbestuur."

In 1960 was prof. J.J. du Toit hoof van die Departement Algemene Geskiedenis van Opvoedkunde en die Teorie van Onderwys en Opvoeding. (Prof. A.N. Pelzer was toe hoof en enigste dosent van die Departement Geskiedenis van die Opvoedkunde van Suid-Afrika). Gebore in 1911, het Josias Jacobus du Toit die BA-graad in 1930 en die Hoër Onderwysdiploma in 1931 aan die Universiteit van Pretoria behaal. Nadat hy enkele jare onderwys gegee het— agtereenvolgens op Oudtshoorn en Villiers—vertrek hy in 1937 oorsee om eers aan die Universiteit van Heidelberg en daarna aan die Vrye Universiteit van Amsterdam te studeer. Aan die laasgenoemde universiteit lê hy sy doktorale eksamen in Pedagogiek af. In 1940 word hy aan die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat aangestel en in 1947 tot senior lektor bevorder. In 1952 volg hy prof. J.C. Bosman aan die Universiteit van Pretoria op as hoof van die bogenoemde departement wat, soos reeds gesê, in 1961 die Departement Didaktiese en Historiese Pedagogiek geword het.

Prof. Du Toit het met ingang van 31 Desember 1964 bedank "om my op private belange te gaan toelê." Hy word as hoof van die Departement opgevolg deur prof. F. van der Stoep, wat vanaf 1 Januarie 1961 as lektor aan die Departement verbonde was, vanaf 1 Januarie 1964 tot senior lektor bevorder is en van 1 Januarie 1965 af tot professor. Gaandeweg het die nadele om die twee dissiplines onder een Departement te huisves al hoe meer aan die lig gekom. "Die vak Historiese Pedagogiek het in die afgelope jare 'n heeltemal nuwe, 'n besonder pedagogies georiënteerde weg ingeslaan," skryf prof. Van der Stoep in sy versoek dat daar 'n skeiding moet plaasvind. Daarby het Vergelykende

Prof. F.J. Potgieter, Hoof, Departement Historiese en Vergelykende Pedagogiek, 1971–1984.

Pedagogiek, wat intussen oorsee groot opgang gemaak het, nie tot sy reg gekom nie. Aan die ander kant het Didaktiek al hoe meer gespesialiseerde aandag geëis. Nadat hierdie versoek deur die Universiteits- en staatsowerhede toegestaan is, is die Departement met ingang van 1971 in twee selfstandige departemente verdeel: Historiese en Vergelykende Pedagogiek onder prof. F.J. Potgieter en Didaktiese Pedagogiek onder prof. F. van der Stoep.

Frederik Jacobus Potgieter is in Maart 1924 gebore en hy ontvang sy universiteitsopleiding aan die Universiteit van Pretoria: BA en HOD in 1954, gevolg deur 'n MA-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika. Daarop behaal hy in die jare 1960, 1961 en 1963 die grade BEd, MEd en DEd aan die Universiteit van Pretoria. Nadat hy 19 jaar lank onderwys gegee en daarna 'n jaar lank aan die Pretoriase Onderwyskollege diens gedoen het, word hy van 1 Januarie 1965 af aangestel as senior lektor in die Departement Didaktiese en Historiese Pedagogiek. In 1970 word hy bevorder tot addisionele professor, met as leeropdrag Historiese Pedagogiek.

Onder prof. Potgieter het die nuwe Departement goed vooruitgegaan. Prof. Potgieter is 'n ywerige navorser en skrywer. In 1974 onderneem hy 'n reis deur Amerika en Europa om enkele konferensies en simposia by te woon en met vakgenote kennis te maak.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Naas prof. Potgieter is dr. M.J. Bondesio van 1 Januarie 1980 af bevorder tot professor, wat Vergelykende Pedagogiek en Onderwysbestuur vir sy rekening neem. Michael John Bondesio is op 21 Junie 1946 gebore en hy ontvang ook sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria: BA(LO) 1966, BEd 1969, MEd 1970 en DEd 1977. Intussen het hy sy THOD in 1967 aan die Pretoriase Onderwyskollege behaal. Na een jaar in die onderwys en twee en 'n half jaar in die Kinderleidinginstituut, is hy op 1 Januarie 1972 as voltydse lektor in hierdie Departement aangestel en in 1976 tot senior lektor bevorder. Onderwyl het hy hom veral bekwaam in Onderwysbestuur.

Departement Ortopedagogiek

In elke samelewing kom daar geestelik en liggaamlik gestremde of geremde kinders voor: kinders met leerprobleme, gedragsprobleme, emosionele probleme. Hoe om sulke kinders te help en op te voed, is die studieveld en die taak van die Ortopedagogiek.

Prof. P.A. van Niekerk omskryf die vakgebied soos volg: "Ortopedagogiek handel oor die opvoedingsmisloping as 'n verskynsel binne die opvoedingswerklikheid en as pedagogiekdissipline reflekteer dit op die verskraalde verskyning van opvoedingsessensies. Daar word dus 'n studie gemaak van die ontoereikende selfaktualisering deur die kind van sy volwassewordingsmoontlikhede en van die ontoereikende begeleiding van hierdie kind deur die volwassene."

Die Departement Ortopedagogiek het as afsonderlike departement eers op 1 Januarie 1978 tot stand gekom. Voor die tyd was dit 'n onderdeel van die Departement Psigo-, Sosio- en Ortopedagogiek, wat tot 1970 die naam gedra het van Departement Opvoedkundige Sielkunde, Opvoedkundige Sosiologie en Opvoedkundige Sosiale en Psigopatologie. As argumente vir die afskeiding van Ortopedagogiek in 1978, is daar aangevoer dat die omvang van die studie daarvan "in die afgelope dekade sodanig geword het dat daar binne die huidige departement nie reg daaraan geskied nie," en dat die onderwysopleiding op dié gebied steeds meer eise stel. Origens was dit duidelik dat die dissipline 'n eie identiteit het.

Natuurlik is daar van die vroegste tye af pogings aangewend om kinders op te voed wat op die een of ander wyse gestrem is, maar dit het blykbaar eers in die twintigste eeu tot 'n wetenskap ontwikkel. Voor die Tweede Wêreldoorlog is daar in die Duitstalige lande gepraat van *Heilspädagogik*. In Suid-Afrika is die term *Spesiale Onderwys* gebruik. Die term *Ortopaedagogiek* het na die jare sestig in Nederland in gebruik gekom, en dit is deur Suid-Afrikaanse Opvoedkundiges oorgeneem. Die term is afgelei van die Griekse woorde *orthos* wat beteken "reg" of "reguit", ook "om te reël of reg te stel", en *paedagogia*, wat op "kinderleiding" betrekking het.

In Europa en die VSA het inrigtings en spesiale skole ontstaan om gestremde kinders te help; so ook in Suid-Afrika. Aanvanklik is daar sterk gesteun op die mediese model, dit wil sê daar is gekonsentreer op die "behandeling" van die "afwykende toestand" van die kind. Ander wetenskapsdissiplines, soos die Sielkunde, Sosiologie en Maatskaplike Werk, is ook bygebring. Gevolglik was daar van 'n eenheidsbehandeling geen sprake nie. Eers in die jare vyftig het Ortopedagogiek ontstaan, met die besef dat daar op die opvoeding van die spesifieke kind gekonsentreer moet word. Geleerdes in Nederland en Suid-Afrika het bygedra tot die ontwikkeling van 'n ortopedagogiese teorie en praktyk. Hierin het die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria ook 'n leidende aandeel gehad.

Ortopedagogiese navorsing konsentreer tans op twee gebiede: die buitengewone onderwys in die praktyk, en die opvoeding van die kind tot die beste van sy vermoë ten spyte van persoonsprobleme. Aanvanklik is daar sterk aansluiting gevind by die Utrechtse skool, wat op sy beurt weer sterk onder die invloed van die Duitse Denkpsigologie gestaan het—in die besonder die Mannheimse Skool. Selfstandige navorsing binne die Departement het langs die weg van pedagogiese insigte 'n basis gevind vir die verklaring van ontsporing by kinders.

Die personeel van die Departement—in 1982 het dit bestaan uit een professor, twee senior lektore, een senior lektrise, drie lektrises en 'n tegniese assistent—is ten nouste ingeskakel by die Kinderleidingsinstituut. Die Instituut lewer 'n direkte diens aan die gemeenskap deur in die eerste geval probleme uit te ken en daarna gespesialiseerde hulp te verleen. Sedert 1982 is die hulp uitgebrei na leerlinge met leerprobleme in spesifieke hoërskoolvakke. Oor die jare is daar heelwat personeel opgelei vir die skoolhulpdienste van die Transvaalse Onderwysdepartement.

Opvoedkundige sielkundiges word in die Departement opgelei. Ook word daar deur simposia bygedra tot die uitbouing van die ortopedagogiese praktyk, terwyl 'n aansienlike lys publikasies reeds die neerslag van vordering deur die personeel vorm.

Buite die Universiteit het die Departement noue skakeling met die Departement van Nasionale Opvoeding, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en die skoolhulpdienste van die Transvaalse Onderwysdepartement. Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Opvoedkundige Sielkundiges het grootliks op inisiatief van die Departement tot stand gekom; prof. P.A. van Niekerk is die voorsitter en mnr. G.J. Brink, senior lektor in die Departement, was die sekretaris. In die universiteit word daar ten nouste geskakel met al die departemente van die Fakulteit Opvoedkunde en met die Departement Sielkunde.

Veral in die opleiding van opvoedkundige sielkundiges (skoolsielkundiges), lewer die Departement 'n groot bydrae. Hier word twee endossemente aangebied: Ortopedagogiek en Ortodidaktiek; die hele spektrum van diagnostisering en hulpverlening aan kinders met leer-, gedrags- en ander probleme word gedek. Hierdie rigtings word ook op MEd- en DEd-vlak aangebied.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Om hierdie professioneel geskoolde persone by die Beroepsraad vir Sielkundiges van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad te laat registreer, word daar met ingang van 1982 ook die BEd(Psig)-, MEd(Psig)- en DEd(Psig)-graad aangebied.

Professor in en tot 1982 die enigste hoof van die Departement is prof. P.A. van Niekerk. Gebore in 1930 in Wes-Transvaal, het Petrus Albertus van Niekerk eers in 1955 TOD-opleiding aan die Normaalkollege, Pretoria, ontvang en na 'n aantal jare sy studie aan die Universiteit van Pretoria voortgesit: BA 1961, BEd 1967, MEd 1969 en DEd 1972. Nadat hy enkele jare as skoolsielkundige gewerk het, word hy in 1971 as tydelik-voltydse navorser in die Fakulteit Opvoedkunde aangestel. In 1972 word hy senior lektor in die Departement Psigo-, Sosio- en Ortopedagogiek en in 1975 medeprofessor. In hierdie hoedanigheid word hy in 1977 hoof van die onafhanklike Departement Ortopedagogiek en in 1980 volle professor. Soos baie van sy kollegas, dien hy in verskeie kulturele, professionele en akademiese verenigings en hy neem 'n leidende aandeel aan die uitbou van sy vakgebied.

Prof. M.C.H. Sonnekus, Hoof, Departement Psigo- en Sosiopedagogiek, en Hoof van die Kinderleidinginstituut, 1970–1985.

Departement Psigo- en Sosiopedagogiek

Hierdie Departement het oor die jare heelwat verandering ondergaan. Dit het in 1939 ontstaan as die sewende departement in die Fakulteit Opvoedkunde, onder die naam Departement Opvoedkundige Sielkunde. Prof. B.F. Nel het toe hoof geword. Dieselfde jaar is Opvoedkundige Sosiologie, wat voorheen 'n selfstandige Departement was, daaraan toegevoeg. Met die afsterwe van prof. W.A. Willemse in 1944, is Sosiale en Psigopatologie ook daarby ingelyf, almal onder prof. Nel. Dit was nog die geval in 1960. Dit het toe bekend gestaan as die Departement Opvoedkundige Sielkunde, Opvoedkundige Sosiologie en Opvoedkundige Sosiale en Psigopatologie. In 1971 is die naam verander tot die departement Psigo-, Sosio- en Ortopedagogiek.

Die nuwe benaming weerspieël 'n verandering in die onderskeie deeldissiplines wat betref inhoud en benadering wat oor die jare voltrek is. Onder *Psigopedagogiek* word daar verstaan die pedagogiekdissipline wat die psigiese lewe van die kind in die opvoeding- en onderwyssituasie bestudeer; onder *Sosiopedagogiek* die bestudering van die sosiale lewe van die kind in die opvoeding- en onderwyssituasie; en onder *Ortopedagogiek* die bestudering van kinders met opvoedingsprobleme. In Engeland heet hierdie dissiplines *Educational Psychology*, in Nederland *Onderwijspsychologie/Paedagogische Psychologie* en in Duitsland *Pädagogische Psychologie*.

Aanvanklik was hierdie studieveld, onder Engels-Amerikaanse invloed, natuurwetenskaplik georiënteerd. Die sielkunde daaraan verbonde het, volgens prof. B.F. Nel, "uit 'n naturalisties-evolusionisties-pragmatiese lewensbeskouing voortgespruit." Opvoedkundige Sielkunde (*Educational Psychology*, na die gelyknamige boek van E. L. Thorndike) was toegepaste sielkunde. Dit kom daarop neer, soos prof Sonnekus verduidelik, "dat sielkundeteorieë, ongeag hulle oorsprong of inhoud, sonder meer oorgedra en toegespits is op die opvoeding en onderwys van die kind."

Onder die leiding van prof. B.F. Nel het daar verandering gekom. Hy het gaandeweg die benadering van die Amsterdamse Skool van prof. Ph. Kohnstamm ingevoer. Hierdie rigting het die Duitse Denkpsigologie, meer in die besonder die van die Würzburgse Skool, as uitgangspunt gehad. Dit kom daarop neer dat die klem op die denk- in plaas van die leerproses geplaas word. Hierdie en ook ander idees is deur prof. Nel en sy studente aan diepgaande ondersoek onderwerp en verder ontwikkel. "Op dié wyse is daar 'n sogenaamde denkpsigologiese grondslag vir die didaktiek gelê", skryf prof. Sonnekus in die feesuitgawe van die *Pedagogiek-joernaal*, waarin hy 'n oorsig van die verskuiwing gee.

Volgens hom het daar in die periode 1960–1970 "aan die toegepaste psigologie van die vorige dekade finaal 'n einde gekom as Opvoedkundige Sielkunde, en is die fenomenologiese gedagtegang in die psigologie ingedra." "'n Belangrike tendens", skryf hy verder, "in die wordingsgang van die denke in die afgelope jare was die soeke na 'n eie vertrekpunt, naamlik die opvoedingsituasie, vir die uitbouing van 'n selfstandige Psigopedagogiek."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In die jongste verlede het die Departement weer eens 'n verandering ondergaan. Op 1 Januarie 1978 het Ortopedagogiek 'n selfstandige departement geword, maar toe het Beroepsoriëntering as 'n deeldissipline bygekom, en dit word die Departement Psigo-, Sosio- en Beroepsoriënteringspedagogiek. Op 1 Julie 1982 het die laasgenoemde op sy beurt weggeval en die Departement Skoolvoorligting geword. Sedertdien dra dit die naam Departement Psigo- en Sosiopedagogiek.

Nadat hy 32 jaar aan die hoof van hierdie Departement gestaan het, word prof. B.F. Nel op 1 Januarie 1971 deur prof. M.C.H. Sonnekus opgevolg. Marthinus Christoffel Hendrikus Sonnekus is in 1925 gebore. Aan die Universiteit van Pretoria behaal hy aanvanklik 'n BCom-graad, daarna agtereenvolgens HOD en BEd (met lof). Nadat hy drie jaar lank onderwys gegee het, word hy van 1 Februarie 1953 af lektor aan die Universiteit van Pretoria, eers tydelik en na 'n jaar permanent, in die Departement Opvoedkundige Sielkunde, Opvoedkundige Sosiologie en Opvoedkundige Sosiale en Psigopatologie. Nadat hy op 1 Januarie 1960 tot senior lektor bevorder is, gaan werk en studeer hy aan die Paedagogische Instituut van prof. M.J. Langeveldt, aan die Universiteit van Utrecht, waar hy op 3 Oktober 1960 die doktorale eksamen in "Ortopaedagogiek, Psychopatologie en Kinderpsychopatologie" aflê.

Terug in Suid-Afrika, word hy aan die einde van 1961 'n professoraat aan die Universiteitskollege vir Indiërs in Durban aangebied. Hy wys dit van die hand, maar hy aanvaar in 1963 'n dergelike aanbod van die Universiteit van Stellenbosch, waar hy net tot 1966 bly en vanaf 1 Januarie 1967 weer 'n pos as senior lektor aan die Universiteit van Pretoria aanvaar. Op 1 Januarie 1969 volg sy benoeming tot medeprofessor en aan die begin van 1971 tot professor toe hy, soos gesê, prof. Nel as hoof van die Departement Psigo-, Sosio- en Ortopedagogiek opvolg.

Prof. Sonnekus het in hierdie jaar ook direkteur van die Kinderleidinginstituut geword, waarin hy reeds jare lank werksaam was en deur navorsing en publikasies 'n belangrike aandeel in die ontwikkeling daarvan gehad het. As erkende geleerde op sy vakgebied, lewer hy baie referate op konferensies en by ander geleenthede, hier te lande en oorsee. In 1975 is die Stalsprys vir Opvoedkunde en Sielkunde gesamentlik aan hom en prof. J.G. Garbers toegeken. Hy dien ook in enkele advieskomitees van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Departement Skoolvoorligting

Hierdie Departement het eers op 1 Julie 1982 tot stand gekom. Voor die tyd was dit deel van die Departement Psigo-, Sosio- en Beroepsoriënteringspedagogiek. Dit is dan die laasgenoemde afdeling daarvan wat onder prof. C.J. Joubert die aparte Departement Skoolvoorligting geword het.

Christiaan Jacobus Joubert is in 1923 gebore. Sy opleiding in die Opvoedkunde het soos volg verloop: BA in 1964 aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, BEd in 1931 aan die Universiteit van Suid-Afrika, MEd in 1964 met lof en DEd in 1969, albei die laasgenoemdes aan die Universiteit van Pretoria. Hy was aanvanklik aan 'n laerskool verbonde, maar van 1946 tot 1961 aan 'n hoërskool, later as vise-hoof. Van 1962 tot 1971 was hy adviseur vir voorligting en assistent-hoof van die Sielkundige Voorligtingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement. In 1972 is hy as senior lektor in Skoolvoorligting aan die Universiteit van Pretoria aangestel, en nog dieselfde jaar tot medeprofessor bevorder. Hy was by tye ook waarnemende departementshoof en direkteur van die Kinderleidingsinstituut. Op 1 Januarie 1982 is hy tot volle professor bevorder en, soos gesê, op 1 Julie 1982 professor in en hoof van die Departement Skoolvoorligting.

Die begin van dosering in hierdie dissipline kan ver teruggevoer word. Met die ontstaan van die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria, is daar reeds opleiding in hierdie vak gegee. Aanvanklik is dit nie as 'n aparte vakgebied behandel nie en is sekere inhoude daarvan, bekend as Beroepsleiding en Beroepsvoorligting, opgeneem onder die vakke Opvoedkundige Sielkunde en Opvoedkundige Sosiologie. In 1950 is drie keusegroepe vir BEd ingestel, waaronder een met Beroepsvoorligting as endossement. Vir MEd kon Beroepsvoorligting as studierigting gekies word vir die verhandeling, en word MEd met die endossement Beroepsvoorligting toegeken. Beroepsvoorligting was tot 1961 by die HOD-kursus ingesluit. Van 1961 af bly dit 'n deel van die BEd-opleiding, tot dit in 1972 as Beroepsoriënteringspedagogiek as endossement aangeneem is. Die vakrigting word deur prof. Joubert beskryf "as steungewing aan jeugdiges tot selfkennis en beroepskennis en die integrasie daarvan tot beroepskeuse, asook van beroepsoriënteringspraktyk op skool."

Onder die oorkoepelende naam Skoolvoorligting behels die dissipline twee komponente, volgens prof. Joubert, naamlik beroepsvoorligting en algemene voorligting. Beroepsvoorligting gaan om die voorligting van leerlinge "met betrekking tot die toekomstige loopbaan." "Algemene voorligting dui in die besonder op begeleiding van alle leerlinge tot optimale selfverwerkliking", afgesien van begaafdheid. "Alle leerlinge moet begelei word om eise wat die lewe stel, te verstaan en te begryp." Eintlik word, ook volgens prof. Joubert, die vak "in die volgende spesialiseringsgebiede aangebied: Beroepsoriënteringspedagogiek, Skoolvoorligting en Algemene Voorligting."

Oor die jare is die volgende denkrigtings in die dissipline gevolg: die Anglo-Amerikaans georiënteerde beroepsvoorligting van 1940 tot 1955, die opvoedkundig-psigologies georiënteerde beroepsleiding van 1950 tot 1960, die wysgerig-pedagogies georiënteerde beroepsleiding van 1961 tot 1970, die beroepsoriënteringspedagogiek van 1971 af. Diens aan die gemeenskap word deur die Departement deur seminare en mededelings aan ouers gelewer.

Daar is heelwat interdissiplinêre skakeling onder andere met die Kinderleidinginstituut, die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Buro vir Openbare Betrekkinge, die Instituut vir Sportnavorsing, alle departemente van die Fakulteit Opvoedkunde, die Onderwyskollege van Pretoria, asook met ander universiteite.

Kinderleidinginstituut

In 1929 gestig, op inisiatief van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie, as 'n Kinderleidingskliniek (Child Guidance Clinic) aan die destydse Transvaalse Universiteitskollege, is die Kinderleidinginstituut ongeveer 'n jaar ouer as die Universiteit van Pretoria en ongeveer agt jaar ouer as die Fakulteit Opvoedkunde. Met ingang van 1940 is die Instituut gereorganiseer en onder die Fakulteit Opvoedkunde geplaas, met prof. B.F. Nel as direkteur. Sedertdien het dit steeds 'n al hoe groter en belangriker plek in dié Fakulteit ingeneem.

Die Kinderleidinginstituut is by geleentheid soos volg omskrywe: "Dit is 'n navorsing- en psigokliniese instituut onder beheer van die Fakulteit Opvoedkunde vir die studie en behandeling van sielkundige probleme van kinders en jongmense. Sodoende bied dit 'n diens aan die hele gemeenskap wat deur ouers en buite-instansies en ondersoekers op die gebied van geestesgesondheidsorg geraadpleeg word." Oor die geskiedenis van die Instituut het prof. M.J. Bondesio 'n mooi samevattende artikel in die *Pedagogiekjoernaal* (1980 Vol. 1 nr. 2) geskryf, waarvan daar dankbaar gebruik gemaak is.

Aanvanklik het 'n tekort aan personeel, geld en fasiliteite die werksaamhede van die Instituut beperk. Van 1941 tot 1947 is slegs 47 kinders ondersoek. Maar hierna kom daar 'n aanmerklike groei, veral na die aanstelling van 'n navorsingsassistent, mej. S. Dykman. Die direkteur is (en word nog steeds) bygestaan deur dosente uit die Fakulteit Opvoedkunde, in die besonder uit die Departement Opvoedkundige Sielkunde, Opvoedkundige Sosiologie en Opvoedkundige Sosiale en Psigopatologie (later genoem Psigo-, Sosio- en Ortopedagogiek). Baanbrekers in die jare vyftig was proff. B.F. Nel, P.J.J. du Plessis, M.C.H. Sonnekus en mejj. C. Haarhoff en H.J. Naudé. In 1958 het 'n maatskaplike werkster in die persoon van mev. E. Hofmeyr bygekom. In 1959 het dr. J.G. Garbers as spanleier bygekom en het die personeel uit sewe bestaan. In 1960 styg dit skielik tot tien uit die Fakulteit Opvoedkunde en nog vyf voltydse navorsers.

Uit die jaarlikse verslae van die direkteur kry 'n mens 'n goeie idee van hoe die instituut ontwikkel het. Telkens is die drieledige doelstelling daarvan beklemtoon: diens, opleiding, navorsing. Aanvanklik was die eersgenoemde die belangrikste. In die begin van die jare sestig het die Instituut hom volgens prof. Nel beywer vir "'n doeltreffende stelsel van geestesgesondheid vir Pretoria en omgewing ten einde die gesonde ontwikkeling van die kind binne sy omgewing te verseker". In die besonder was die doel daarvan om die "ontsporing" van kinders en jeugdiges te verhoed en om dié "wat as gevolg van innerlike sowel as uiterlike faktore . . ." tot ontsporing gekom het, her op te voed, "met ander woorde die beoefening van pedoterapie."

Mettertyd het veral die navorsing belangrik geword. Hieruit ontwikkel "'n nuwe benaderingswyse" wat volgens prof. Nel "op die voetspore volg van byvoorbeeld die 'Utrechtse Skool' van opvattinge", maar wat tog aanspraak kan maak op 'n selfstandige benadering wat "diagnostisering en terapeutiese optrede" betref. Die grondslag daarvan is, volgens hom, "die nuwere fenomenologies-antropologiese sieninge omtrent menswees en dus ook kindwees." Die kind word nie beskou "as 'n biopsigiese wese, as drifgedrewe wese (volgens die Freudiane), as verlengstuk van die dier (volgens die Behavioriste), as 'n wese met psigiese funksies (elementepsigologie) nie, maar primêr as 'n geestelike wese wat voortdurend voor waardes gestel word, dus voor 'n keuse en beslissings gestel word ooreenkomstig sy gewete."

Publikasies van die Instituut het prof. F.W. Prins van Rotterdam geïnspireer om 'n artikel in *Tydschrift voor Orthopaedagogiek* (September 1963) oor "De ontwikkeling van de Orthopaedagogiek in Zuid-Afrika" te skryf. By geleentheid het prof. Nel self die opvattings van die Kinderleidinginstituut op 'n simposium in Amsterdam verduidelik. Dit het belangstelling gewek.

Nadat hy vir dertig jaar aan die hoof van die Instituut gestaan het, tree prof. Nel aan die einde van 1970 af. Hy word opgevolg deur prof. M.C.H. Sonnekus, wat reeds in 1953 in die diens van die Fakulteit getree het, en—behalwe die periode 1 Januarie 1963 tot 7 September 1966, toe hy professor op Stellenbosch was—ononderbroke in die diens daarvan staan. Kragtens sy vakrigting, Opvoedkundige Sielkunde en Opvoedkundige Sosio- en Psigopatologie, het hy as vanselfsprekend ook by die Kinderleidinginstituut tereg gekom. In die jare sestig het hy in hierdie verband die regterhand van prof. Nel geword.

Onder prof. Sonnekus het die Kinderleidinginstituut 'n eie reglement gekry. Met ingang van 1 Januarie 1974 funksioneer dit kragtens 'n Raadsbesluit van 26 November 1973 as 'n Instituut van die Fakulteit Opvoedkunde onder die direkte gesag en beskerming van die Raad van die Universiteit van Pretoria. In die reglement word die funksies van die Instituut soos volg omskrywe: navorsing in die Pedagogiek; die publikasie van navorsing; die opleiding van studente in die Pedagogiek; en dienslewering aan die gemeenskap by die opvoeding van kinders.

Om die toenemende aanvraag na dienste die hoof te bied is daar 'n beleid van konsolidasie gevolg en is die administrasie meer vaartbelyn gemaak. Prof. Sonnekus bygestaan deur mev. E.S. Thompson, was hoofsaaklik hiervoor verantwoordelik. Die laasgenoemde het veral die administrasie behartig, terwyl die finansies deur die Administrasie van die Universiteit oorgeneem is. Die afhandeling van gevalle is versnel, en verslae is tot die essensiële beperk. Proff. P.A. van Niekerk en C.J. Joubert speel as hoofde van die nuwe Departemente Ortopedagogiek en Skoolvoorligting 'n belangrike rol in die Instituut. Hulle sorg vir noue skakeling met verwante dissiplines. Nagraadse studente in die psigiatrie, psigiaters en sielkundiges

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

is na die gebruiklike paneelbesprekings uitgenooi. Die Instituut is by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad geregistreer en het lid geword van die Vereniging van Institute vir Kinder- en Volwasseneleiding van Suid-Afrikaanse Universiteite en van die Genootskap vir Kinderpsigologie, Psigiatrie en verwante dissiplines. Volgens prof. Bondesio het die spanbenadering "ook algemeen inslag begin vind waar die ortopedagoog, ortodidaktikus, beroepsoriënteur, sosio-ortopedagoog, maatskaplike werker, medikus, psigiater, sielkundige en so meer, met goeie reg elk 'n eie staanplek verwerf en gevul het."

Waar die personeel van die Instituut (voltyds en deeltyds) in 1969 sewentien getel het, het dit in 1975 aangegroei tot oor die dertig. Hierna het daar 'n afplatting gekom na enkele groot projekte afgehandel is.

Wat opleiding betref, het die Instituut 'n belangrike opleidingsentrum vir BEd-studente geword. As voorbeeld van die navorsingswerksaamhede van die Instituut, meld die jaarverslag van 1978 dat nege projekte afgehandel is en 27 nog aan die gang was, dat 32 publikasies verskyn het, terwyl nog sewe vir publikasie aangeneem is. Veertien kongresse is deur lede van die personeel bygewoon, waarop sewe referate deur sommige van hulle gelewer is. In 1979 was die getalle: 23 voltooide projekte, 32 nog aan die gang en agt in beplanning; 16 publikasies het verskyn, terwyl nege studies vir publikasie aanvaar is; die aantal bygewoonde kongresse was 30, met 9 referate deur lede van die personeel gelewer.

Finansiële steun kom veral van die RGN. In 1980 is daar bereken dat dit oor al die jare R200 000 beloop het. Origens het die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie van die begin af ononderbroke bystand daaraan verleen. Groot dankbaarheid word ook teenoor die Universiteitsraad betuig vir die positiewe steun oor baie jare en, nie die minste nie, vir die uitstekende fasiliteite wat die Instituut in die nuwe Opvoedkundegebou gekry het.

9. *Fakulteit Geneeskunde*

Geneeskunde is een van die oorspronklike fakulteite waarmee die eerste universiteit in die Middeleeue in Italië tot stand gekom het. Oor die eeue heen was dit 'n baie belangrike afdeling van universitêre onderrig. Soos bekend, is die Fakulteit Geneeskunde aan die Universiteit van Pretoria in 1943 gestig as die eerste wat opleiding in Afrikaans gegee het. Dit het ondanks probleme en groeipyne ontwikkel tot die grootste mediese fakulteit in die land en teen 1960 was dit reeds goed gevestig.

In daardie jaar was daar 18 departemente in die Fakulteit; in 1982 was die getal 23. Daar was dus nie 'n groot toename van departemente nie, maar intussen het daar tog heelwat verander. Sommige departemente het verdwyn deur samesmelting met ander, byvoorbeeld die Departement van Aansteeklike Siektes. Enkele nuwe departemente het bygekom, soos dié van Geregtelike Geneeskunde, Hematologie, Huisartskunde en Verpleegkunde (die laasgenoemde twee die eerste in Suid-Afrika), en daarby ook enkele institute. Dit het gepaard gegaan met talle nuwe kursusse, grade en diplomas wat ingestel is, onder andere M-Med-kursusse in verskeie rigtings, kursusse in Mediese Fisika, Geneeskundige Administrasie, BCur, MCur en DCur in die verpleegsteropleiding, Farmaseutika, wat uitgeloop het op die Aptekerskollege, Arbeids- en Fisioterapie, die endossement Militêr by MMed-kursusse, Bedryfsgeneeskunde, Sendinggeneeskunde, en nog etlike meer.

Studentetoelating word deur keuring beperk. Eers was die keuring vir MB ChB aan die begin van die tweede jaar. Aanvanklik is 120 toegelaat; toe is dit in 1965 uitgebrei na 150 en ten slotte na 200. Van 1972 af word die keuring by die eerste sowel as die tweede jaar toegepas. Dit bring mee dat goeie studente uitgesoek kan word, met die gevolg dat die druipsyfer in die eerste jaar goed vergelyk met dié in ander fakulteite. Wel was daar in sommige jare besorgdheid oor die druipsyfer in die derde jaar. In 1960 was die totale getal studente in die Fakulteit 778. Teen 1982 het dit gestyg tot 2 241 en dit ondanks keuring. Hierby ingereken, was 424 nagraadse studente. Sedert 1968 is die Fakulteit die grootste van alle mediese fakulteite in die land.

Die aantal dosente was 93 in 1960 en 374 in 1982. Aangesien die Fakulteit aangewese is op die fasiliteite en pasiënte van die Algemene Hospitaal (later genoem die H.F. Verwoerd-hospitaal), en nog verskillende ander hospitale onder die beheer van die Departement Hospitaaldienste van die Transvaalse Provinsiale Administrasie, het die dosente 'n dubbele aanstelling, dit wil sê sowel aan die Universiteit as by die Provinsie. Daar is 'n gesamentlike komitee om sulke aanstellings te behartig. Die meeste was deeltydse aanstellings, waardeur die persoon ook die reg op privaatpraktyk gehad het, maar daar was altyd 'n kern wat voltyds in die diens van die Universiteit en die Provinsie gestaan het. Om begryplike redes was die doseer- en navorsingsposte nooit volledig beset nie, aangesien die salarisse wat aangebied word, moeilik kan opweeg teen wat privaat verdien kan word.

Oor die tydperk van 22 jaar het die Fakulteit Geneeskunde slegs drie dekane gehad. Van 1961 tot 1963 was dit prof. J.G.A. Davel, professor in Kindergeneeskunde, van 1963 tot 1979 prof. H.W. Snyman, professor in Interne Geneeskunde, en sedert 1980 prof. F.G. Geldenhuys, professor in Verloskunde en Vrouesiektes. Vanaf 1971 is die pos in dié van permanente dekaan verander—die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. H.W. Snyman, Dekaan, Fakulteit Geneeskunde, 1963–1979, en Hoof, Departement Interne Geneeskunde sedert 1951.

eerste aan die Universiteit—en prof. Snyman is hierin aangestel, soos prof. Geldenhuys na hom.

Gedurende sy lang dekaanskap, het prof. Snyman 'n besondere bydrae tot die uitbou van die Fakulteit gelewer. Hy het in 'n hele aantal liggame buite die Universiteit gedien. Dit is moeilik om altyd te bepaal of dit in sy hoedanigheid as dekaan of as internis geskied het. Daar is 'n poging aangewend om by die geskiedenis van die Departement Interne Geneeskunde die laasgenoemde hoedanigheid te behandel, en om hier slegs sy dekaanskap te betrek. Hierdie bedrywighede bring mee dat die Fakulteit dikwels met aangeleenthede van die staat, in die besonder dié van die Departement Gesondheid, in verband kom.

In 1954 is prof. Snyman as lid van 'n kommissie oorsee om die voorkoms van silikose onder mynwerkers na te gaan. In die laasgenoemde jaar word hy voorsitter van die Beplanningsraad van die Departement Gesondheid, asook van 'n kommissie van ondersoek na die hoë koste van mediese dienste en medisyne. In 1962 word hy voorsitter van die Medisynebeheerraad en in 1963 dien hy op die Odendaalkommissie van ondersoek na toestande in Suidwes-Afrika. In die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkunde Raad speel hy ook 'n belangrike rol, eers as Universiteitsverteenwoordiger daarop, later as vise- en sedert 1974 as president van die Raad. In 1970 dien hy op 'n kommissie van ondersoek na die misbruik van verdowingsmiddels, en hy word vise-president van die Suid-Afrikaanse Raad vir Alkoholisme en Dwelmmiddels. In die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het hy 'n belangrike rol gespeel: 1956 voorsitter van die Noord-Transvaalse Tak van die afdeling Geneeskunde, 1957 volle lid, later lid van die hoofbestuur en in 1979 Voorsitter van die Akademie. In 1976 is die Havengaprys deur die Akademie aan hom toegeken.

Na sy aftrede ontvang hy in 1980 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Pretoria.

Prof. F.G. Geldenhuys, wat in 1980 dekaan geword het, is ook lid van verskeie liggame en het prof. Snyman as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad opgevolg.

'n Mediese fakulteit is vanselfsprekend aangewys op hospitaalpasiënte vir praktiese onderrig. In hierdie verband het die Algemene Hospitaal 'n belangrike funksie vervul. Dit is in 1967 herdoop tot die H.F. Verwoerd-hospitaal, na aanleiding van die versorging wat dr. H.F. Verwoerd na die eerste aanslag op sy lewe daar ontvang het. 'n Volwaardige akademiese hospitaal kan dit nie word nie, aangesien dit 'n persentasie privaatpasiënte huisves en, wat betref inrigting, nie ten volle aan die behoeftes beantwoord nie. Namate anderskleurige pasiënte uitgeskuif is na die nuwe Kalafonghospitaal by Atteridgeville en na elders, was die pasiënte van die H.F. Verwoerd-hospitaal nie meer verteenwoordigend genoeg van alle siektetoestande vir doelmatige opleiding nie. Die gevolg was dat die Fakulteit gedeeltelik na Kalafong verskuif het, waar daar in 1976 'n nuwe kliniese gebou, Klinikala, opgerig is. Origens is die Weskoppieshospitaal vir sielsiekes gebruik, asook 'n aantal sogenaamde satelliethospitale, waaronder Tembisa en Holy Cross. Die Daspoortkliniek wat in 1964 op inisiatief van die studente self opgerig is, kan ook in dié verband genoem word, asook die praktyk om 'n aantal jare lank gevorderde studente na sendinghospitale in die tuislande uit te stuur.

Daar is intussen gestreef na die oprigting van 'n volwaardige akademiese hospitaal. In een stadium was die plan dat hierdie hospitaal oos van Pretoria op 'n terrein van die Universiteitsproefplaas opgerig sou word, daarna op Erasmusrand suidoos van Pretoria, maar ten slotte is besluit op die terrein van die H.F. Verwoerd-hospitaal, waar dit in die toekoms gebou sal word.

By die H.F. Verwoerd-hospitaal self het daar intussen uitbreidings en verbeterings gekom, soos die oorname van die Moedersbondgebou vir kraamopleiding, die bou en latere uitbreiding van die Kliniese Gebou, sedert 1980 die H.W. Snyman-gebou, en veral die gebou vir Basiese Mediese Wetenskappe in 1966, die grootste en duurste gebou wat die Universiteit tot in daardie stadium opgerig het. Die laasgenoemde gebou het meegebring dat ook die tweedejaarstudente voortaan hulle opleiding hy die hospitaal kan ontvang. Dit huisves die departemente Anatomie en Histologie, Fisiologie en Biochemie, en Farmakologie, asook 'n deel

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die mediese biblioteek en 'n kafeteria. Vir die studente was daar die mediese koshuis en daarna die "mediese huis", waar die huiskomitee in albei gevalle aktief en verteenwoordigend vir hulle belange optree.

Tog was al die geriewe nie in alle opsigte voldoende nie, veral op die gebied van navorsing, en die wesenlike gevaar het ontstaan dat nagraadse studente die Universiteit sal verlaat om hulle werk elders te gaan voortsit. Hierin het die H.F. Grovéproefdierafdeling, wat na heelwat moeilikhede in 1978 deur die Universiteit en die Provinsie by die H.F Verwoerd-hospitaal opgerig is, groot verbetering gebring. Wat navorsing betref, word daar onder andere met die WNNR, die Raad op Atoomkrag en die Mediese Navorsingsraad saamgewerk. In 1982 was die Instituut vir Sellulêre Fisiologie en die Hans Snyckers-instituut as selfstandige institute aan die Universiteit verbonde; origens die Navorsingseenheid vir Mikrogenetika, onder prof. J.N. Coetzee, die Neuro- en Elektrofisiologiese Navorsingseenheid onder prof. B.J. Meyer, die Fotobiologiese Navorsingseenheid onder prof. G.H. Findlay en die Tuberkulosenavorsingseenheid onder dr. H.H. Kleeberg.

'n Geneeskundige woordeboek, Afrikaans—Engels en omgekeerd, is onontbeerlik vir die opleiding aan 'n Afrikaanse mediese fakulteit. Die eer kom prof. H.W. Snyman toe dat hy die aanvoorwerk hiervoor gedoen en oor die jare 'n aandeel aan die samestelling van hierdie eerste woordeboek gehad het. Dit het die steun van die Universiteit geniet en geldelike bystand is verkry van die firma Ciba. Reeds in 1959 het 'n voorlopige uitgawe verskyn, maar die eintlike woordeboek het in 1972 (Engels/Afrikaans) en in 1974 (Afrikaans/Engels) die lig gesien. Ook belangrik in dié verband is die Afrikaanse vaktydskrif *Geneeskunde*, wat sedert 1959 verskyn. Ook hier het prof. Snyman die inisiatief geneem. Hy was tot 1976 en weer na 1979 hoofredakteur.

Mylpale in die geskiedenis van die Fakulteit was in 1964 die 21ste en in 1973 die 30ste verjaarsdag daarvan. By die eerste geleentheid was daar nog vyf van die oorspronklike dosente in funksie, naamlik prof. C.J.N. Loubser, dr. H. Nelson, prof. J. Barnetson, dr. J.H. Hofmeyr en prof. S.F. Oosthuizen. By die laasgenoemde geleentheid is eredoktorsgrade aan twee pioniers uit die geskiedenis van die Fakulteit, dr. Th. Wassenaar en dr. C.F. Krige, toegeken, terwyl die museums vir Geregtelike Geneeskunde en Verloskunde onderskeidelik na proff. C.J.N. Loubser en L.J. te Groen genoem is. Op 23 April 1976 is die eerste jaarlikse Fakulteitsdag ingestel. By die opening het prof. Snyman daarop gewys dat die Fakulteit eintlik 'n klein universiteit geword het met 26 departemente, ses afdelings, 42 professore, 248 senior en gewone lektore, 1 000 studente van die tweede tot die vierde jaar, 110 BCur-, 100 diploma- en 330 nagraadse studente—'n totaal van 1 500. Kongresse in die een of ander mediese rigting het 'n jaarlikse instelling geword, asook opknappingskursusse waarvan oud-studente dankbaar gebruik maak.

Dekane van die Fakulteit Geneeskunde

1960—Prof. H.W. Snyman
1961—Prof. J.G.A. Davel
1963—Prof. H.W. Snyman
1980—Prof. F.G. Geldenhuys

Departement Aansteeklike Siektes

Hierdie Departement is ook een van dié wat met verloop van tyd opgehef en deur 'n ander departement oorgeneem is. Dit was van die begin af nou verbonde met die gesondheidsafdeling van die Stadsraad van Pretoria en dit het gebruik gemaak van die afsonderingshospitaal van die stad. Die eerste hoof van die Departement was dr. H. Nelson, terselfdertyd hoof van die stad se Gesondheidsafdeling. Hy is in 1946 met die rang van senior lektor in deeltydse hoedanigheid as hoof van die Departement aangestel.

Gebore in 1903, het dr. Harry Nelson sy mediese opleiding in Dublin en later in Liverpool ontvang. Hy het in die diens van die stad Pretoria getree en later hoof van die Gesondheidsafdeling geword. Dit was in werklikheid na aanleiding van 'n skrywe van hom aan die Universiteit dat die Departement Aansteeklike Siektes tot stand gekom het. Hy het oor die jare getroue diens gelewer en onder andere die stad en die universiteit op verskeie poliokongresse oorsee verteenwoordig. In 1960 word dr. A.T.B.H. Bodenstab sy assistent. Hy was toe al etlike jare in die diens van die Gesondheidsafdeling van Pretoria. Toe dr. Nelson in 1966 met pensioen aftree, het dr. Bodenstab hom as die gesondheidshoof van Pretoria opgevolg, en van die begin van 1967 af ook as hoof van die Departement Aansteeklike Siektes, senior lektor in deeltydse hoedanigheid.

Albert Theodor Berthold Heinrich Bodenstab is in 1916 gebore en hy het sy opleiding aan die Universiteit van Kaapstad en later aan dié van die Witwatersrand ontvang, terwyl hy ook 'n tydperk gedurende 1948 met 'n reisbeurs van die Wêreldgesondheidsorganisasie in Amerika navorsing gedoen het, en lande in Europa en Asië besoek het. Ook hy was in die diens van die Stadsraad van Pretoria en reeds vanaf 1948 ook in dié van die Departement Aansteeklike Siektes, eers as tydelike assistent, later as deeltydse lektor en nog later as senior lektor.

Dr. Bodenstab was onder andere werksaam op die gebied van tuberkulosebestryding, waaroor hy enkele kongresse oorsee bygewoon het. Origens was hy lid van 'n aantal vakkundige liggame, onder andere die Suid-Afrikaanse Nasionale Teringvereniging, waarvoor hy die plaaslike teringsentrum tot stand gebring het, en die Nasionale Raad vir Gesondheidsvoorligting, waarvan hy in een stadium president was. Hy was ook stigterslid van die Suid-Afrikaanse Kollege vir Geneeskunde. In 1977 tree hy met pensioen af en hy is van die begin van 1978 af opgevolg deur dr. J.P.A. Venter, wat ook hoof van die stad se Gesondheidsafdeling was.

Johannes Petrus Albertus Venter is in 1925 gebore. Aan die Universiteit van Pretoria behaal hy

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

in 1948 die MBChB-graad, in 1963 die diploma in Volksgesondheid en in 1966 dié in Bedryfsgeneeskunde. Nadat hy as interne geneesheer by 1 Militere Hospitaal op Voortrekkerhoogte diens gelewer het, het hy as mediese offisier by die Suid-Afrikaanse Weermag aangesluit en in dié hoedanigheid die Tweede Eskader van die Lugmag na Korea vergesel. Nadat hy in verskillende betrekkings gestaan het, het hy in 1967 by die Gesondheidsdiens van Pretoria aangesluit en hy is in 1977 tot stadsgesondheidshoof bevorder.

In 1979 is daar besluit om die Departement Aansteeklike Siektes op te hef, aangesien die leeropdrag daarvan met dié van die departemente Voorkomende en Bevorderende Geneeskunde, Kindergeneeskunde en Mikrobiologie oorvleuel het. Dit is toe oorgeneem deur die Departement Voorkomende en Bevorderende Geneeskunde. Om die verbinding met die gesondheidsafdeling van die stad te behou, is dr. J.P.A. Venter met die rang van medeprofessor in die Departement opgeneem.

Prof. T. Muller, Hoof, Departement Anatomie, 1953–1971.

Departement Anatomie

Anatomie is 'n basiese geneeskundige wetenskap, miskien selfs die oudste van hierdie wetenskappe. Die woord *anatomie* is afgelei van die Griekse woorde *ana* = apart en *temnein* = sny, met ander woorde "van mekaar sny" of dissekteer. Die woord het egter mettertyd 'n veel omvattender betekenis gekry.

"Anatomie word beskryf as die morfologiese vertakking van die Biologie. Dit hou hom besig met 'n kritiese ontleding van die strukturele detail van alle lewende organismes, met as doel 'n beter begrip van die lewe," aldus prof. D.P. Knobel. Terug gebring tot die mens, gee prof. I.J.M. van Niekerk die volgende definisie: "Die menslike anatomie word opgemaak uit verskillende strukture van die vol ontwikkelde menslike liggaam en kan deur disseksie op twee maniere deur die blote oog bestudeer word: sistematiese anatomie waar die verskillende strukture as afsonderlike eenhede beskou word, en regionale anatomie waar die organe en weefsel bestudeer word soos hul in verhouding teenoor mekaar lê."

Die oorsprong van hierdie dissipline lê ver terug in die verlede. Dit is gebore uit 'n natuurlike menslike nuuskierigheid oor die struktuur en funksie van lewende organismes. Dit kan terug gevoer word na Hippokrates (460–370 v.C.), die vader van die Geneeskunde en na verskeie ander Griekse geleerdes wat in dié rigting geïnteresseerd was. Nader aan ons eie tyd, was dit veral Andreas Vesalius (1514–1564), 'n Vlaming, wat aan die Universiteit van Padua die basis gelê het vir die moderne denke oor anatomie. Na hom het veral Antonie van Leeuwenhoek (1632–1723), met die uitvinding van die mikroskoop 'n onontbeerlike hulpmiddel vir die bestudering van die anatomie verskaf, 'n instrument wat al hoe meer verfyn is tot by die elektronmikroskoop.

Die Departement Anatomie is met die ontstaan van die Fakulteit Geneeskunde in 1942 aan die Universiteit van Pretoria ingestel. In 1960 was prof. Tobie Muller (mev. Pretorius) die hoof. Sy was die derde vrou aan die Universiteit en die eerste aan die Fakulteit Geneeskunde wat departementshoof en professor geword het. As dogter van die bekende persoon uit die Afrikaanse taalstryd, Tobie Muller, is sy in 1918 op Philippolis gebore. In 1941 het sy MBChB aan die Universiteit van Kaapstad behaal; daarna was sy 'n tydperk chirurgiese huisdokter in die Groote Schuurhospitaal en toe 3 jaar algemene praktisyn. Haar verbintenis met die Universiteit van Pretoria begin in 1946 toe sy eers as waarnemende en later as voltydse lektrise in Anatomie aangestel is. Van Mei 1949 tot Mei 1950 het sy buitelandse ondervinding opgedoen as besoekende staflid aan die Departement Anatomie van die Universiteit van Toronto. Terug in Suid-Afrika, is sy in 1951 bevorder tot senior lektrise en in 1953 tot professor in en hoof van die Departement Anatomie, die opvolger van prof. W.G. de Haas.

Volgens reglement kon getroude dames destyds slegs tydelik vir tydperke van drie jaar aangestel word, en prof. Muller was haar hele dienstyd aan hierdie bepaling onderworpe. Sy is telkens vir 'n periode van drie jaar heraangestel. Prof. Muller het haar werk met toewyding gedoen en ook aan die eise van 'n Afrikaanse mediese fakulteit probeer voldoen deur die skrywe van 'n disseksiehand-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

boek vir anatomiese studies. Sy het ook 'n rol gespeel in die verenigings op haar vakgebied, en is in 1971 benoem tot erepresident van die Anatomiese Vereniging van Suid-Afrika. Sy het aan die einde van 1970 as hoof van die Departement afgetree, maar het daarna nog 'n jaar in tydelike hoedanigheid diens gedoen.

Prof. Muller is aan die begin van 1971 opgevolg deur prof. D.P. Knobel as professor in en hoof van die Departement Anatomie. Daniel Pieter Knobel is in 1936 in Edinburg, Skotland, gebore, waar sy vader destyds studeer het. Hy matrikuleer in 1955 aan die Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria, en begin daarna met studie in die Geneeskunde aan die Universiteit van Pretoria. Na drie jaar sit hy sy studies aan die Universiteit van Edinburg voort, waar hy in 1961 MB ChB behaal en PhD in Anatomie in 1966. Intussen het hy sy huisdokterjaar in die Royal Infirmary, Edinburg, verrig en daarna die pos van lektor in Anatomie, 1963–1966, aan die Universiteit van Edinburg beklee. Na sy terugkeer in Suid-Afrika, is hy sowat 14 maande lank senior lektor in Anatomie aan die Universiteit van die Witwatersrand. In 1968 word hy in dieselfde hoedanigheid aan die Universiteit van Pretoria aangestel, in 1970 tot addisionele professor bevorder en die volgende jaar tot professor in en hoof van die Departement.

Prof. Knobel was besonder aktief in verenigings op sy vakgebied, onder andere die Suid-Afrikaanse Genootskap vir die Bevordering van die Wetenskap, die Elektronmikroskopiese Vereniging van Suid-Afrika, die Anatomiese Vereniging van Suid-Afrika en die Eugène Marais-tak van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Origens woon hy telkens internasionale kongresse by en besoek buitelandse universiteite namate die geleentheid hom voordoen. Hy is die skrywer van 'n Afrikaanse handboek oor Histologie, 'n vakgebied waarvoor daar in 1972 'n aparte kursus ingestel is, sodat die benaming Departement Anatomie en Histologie dikwels hierna teengekom word. Histologie is ook bekend as *weefselleer* en dit vorm 'n onderdeel van Anatomie.

Uit die korrespondensie van prof. Knobel blyk dat hy dikwels vir militêre diens opgeroep is. In Oktober 1979 kom daar 'n eerste aanbod om hom permanent by die Geneeskundige Diens van die Suid-Afrikaanse Weermag aan te sluit. Hy wys dit van die hand, maar met ingang van 1 Januarie 1981 aanvaar hy die pos van Senior adjudant-geneesheer-generaal van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Diens van die Weermag. Hy tree gevolglik uit die diens van die Universiteit: "na 12 jaar aan UP seker die moeilikste besluit van my loopbaan", skryf hy in sy bedankingsbrief.

Hy word aan die begin van 1981 deur prof. I.J.M. van Niekerk, as hoof van die Departement opgevolg. Izak Jacobus Marthinus van Niekerk is in 1924 op Springbok gebore, waar hy in 1942 matrikuleer en sy studie daarna aan die Universiteit van Pretoria voortsit. Hy behaal MB ChB in 1949, met onderskeiding in Interne Geneeskunde. Na 'n aantal jare in die algemene praktyk, word hy in 1959 as senior lektor in Anatomie aan die Universiteit van Pretoria aangestel. Hy studeer verder en behaal in 1963 MSc met lof, asook nog 'n chirurgiese kwalifikasie in 1965. In 1966 word hy lektor in Fisiologie en Biochemie en in 1968 word hy tot senior lektor benoem. In 1972 keer hy terug na die Anatomiedepartement as medeprofessor. Hy word in 1979 tot volle professor bevorder.

Die Departement het 'n aantal jare, benewens 'n aansienlike aantal lektorate, ook 'n addisionele (later mede-) professoraat gehuisves. Die eerste pos is deur prof. W. Robberechts van 1971 tot 1974 beklee. Hy was van Belgiese nasionaliteit en is in België opgelei (Geneeskunde, Heel- en Verloskunde). Hy is in 1964 as lektor aangestel en in 1966 tot senior lektor bevorder. Nadat hy in 1974 bedank het, is hy in 1976 as medeprofessor deur prof. L.J. du Plessis opgevolg. Gebore in 1930 op Heilbron, het Louis Johannes du Plessis sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang: MB ChB in 1965 en die eksamengedeelte van MSc (Anatomie) in 1969. Hy is in 1966 as lektor aangestel en in 1972 tot senior lektor bevorder. In 1974 het hy 'n kursus gevolg aan die Royal College of Surgeons, Londen. Hy tree in 1981 uit die diens van die Universiteit. Daarna is die medeprofessoraat nie gevul nie.

Die vak Anatomie is verpligtend in verskeie kursusse in ander departemente, onder andere Spraakwetenskap, Verpleegkunde, Fisio- en Arbeidsterapie, en in die Fakulteit Tandheelkunde. Die Anatomiedepartement ressorteer sowel onder die Fakulteit Geneeskunde as die Fakulteit Wis- en Natuurkunde. Aanvanklik was die Departement op die universiteitskampus in 'n aangeboude gedeelte van die Wis- en Natuurkundegebou gevestig, maar dit het sedert 1966 'n tuiste gevind in die nuwe Gebou vir Basiese Mediese Wetenskappe (BMW-gebou) op die Prinshofterrein by die H.F. Verwoerd-hospitaal.

In 1971 is Anatomie en Histologie IA ingestel vir die MB ChB, BChD en BSc (Anat)-studente. In 1973 is die BSc (Anat)-graad vervang deur BMedSci, gevolg deur MMedSci. Persone wat die laasgenoemde graad met Anatomie as hoofvak gekry het, is veral gesog as dosente in Anatomie, aangesien anatome met mediese kwalifikasies gewoonlik nie in so 'n pos belangstel nie.

Die Departement beskik oor 'n Anatomiemuseum, waar snitte en monsters van die anatomie van die liggaam uitgedissekteer en gemonteer ten toon gestel word. Die museum word vir opleiding en eksaminering gebruik. Die afdeling Histologie beskik oor 'n elektronmikroskoop waarmee die ultrastruktuur van weefsels bestudeer word. Nagraadse navorsing word individueel maar ook in samewerking met ander departemente onderneem.

Departement Anatomiese Patologie

Hierdie Departement was jare lank bekend as die Departement Patologiese Anatomie. Die naamsverandering na Anatomiese Patologie vind in 1980 plaas. Die argument was dat die vakrigting eintlik Patologie en nie Anatomie is nie. Ook het die byvoeglike naamwoord *patologiese* 'n minder gunsti-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ge bybetekenis, wat hier nie ter sake is nie. *Patologie* beteken die studie van siekte.

Die dissipline word soos volg deur prof. I.W. Simson gedefinieer: "Anatomiese Patologie behels die morfologiese studie van die siektebeelde. Die vak word bestudeer deur middel van beskrywings met die blote oog, lig- en elektronmikroskopie en 'n verskeidenheid histochemiese en immunologiese metodes." Vir hom is dit "'n sleuteldepartement in elke fakulteit geneeskunde." In Pretoria het die Departement dan ook saam met die Fakulteit Geneeskunde in 1944 tot stand gekom.

Die ontstaan van die dissipline kan teruggevoer word na die Italiaanse geleerde Morgagni (1682–1771), Universiteit van Padua, en na die Duitser Rudolf Virchow (1821–1902), Universiteit van Würzburg en daarna Berlyn. Die laasgenoemde is bekend vir sy oorspronklike beskrywings van die sel en van sellulêre veranderings.

Aan die Universiteit van Pretoria was prof. J Barnetson die eerste hoof van die Departement, van 1944 tot 1969. James Barnetson is in 1909 in Edinburg, Skotland, gebore, waar hy aan die universiteit van sy geboortestad in die medisyne studeer en MB ChB in 1931 met onderskeiding behaal. Na hy enkele jare in Skotland in die mediese praktyk gestaan het, verhuis hy in 1934 na Suider-Afrika en dien hy in 1935 en 1936 as mediese beampte in Suid-Rhodesië (tans Zimbabwe). In 1937 aanvaar hy diens by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing. Hy is van 1939 tot 1942 ook senior lektor in Tropiese Geneeskunde aan die Universiteit van die Witwatersrand. In 1942 is hy na Bloemfontein as eerste superintendent van die Vrystaatse en Basoetolandse tak van die bogenoemde Instituut verplaas.

Hy is met ingang van 1 Augustus 1944 as professor in en hoof van die Departement Patologiese Anatomie aangestel. In 1949 behaal hy MD aan die Universiteit van Pretoria. Van 1952 tot 1965 dien hy ook as direkteur van die Instituut vir Patologie. Onder prof. Barnetson het die Departement 'n hoë standaard gehandhaaf, veral in die opleiding van voorgraadse studente. Daar is belangrike navorsingswerk gedoen op die gebied van longsirkulasie (dr. Piet Barnard), leprose (prof. Barnetson) en arteriosklerose (dr. W.J. Pepler). Prof. Barnetson het hom ook vir die bestryding van myntering beywer. Hy was lank voorsitter van die Hersieningsowerheid vir die Sertifisering van Pneumokoniose. Gedurende ses maande studieverlof in 1964, het hy in dié verband in die mynstreke van Engeland en Wallis gaan ondersoek instel.

Prof. Barnetson tree op 31 Desember 1969 uit die diens van die Universiteit en hy is op 26 September 1972 oorlede. Hy is deur prof. I.W. Simson opgevolg as professor in en hoof van die Departement Patologiese Anatomie.

Ian Wark Simson is in 1930 in Johannesburg gebore. Sy skoolopleiding het hy aan die Hiltonkollege, Natal, ontvang, (matrikulasie 1947), en sy universiteitsopleiding aan die Universiteit van die Witwatersrand: MB ChB in 1953 en MD in 1961. Na sy huisdokterjaar, 1954–1956, is hy van 1956 tot 1958 registrateur van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing. Sy verbintenis met die Universiteit van Pretoria begin in 1958, toe hy as lektor en ook as patoloog aan die Pretoriase Hospitaal aangestel is. In 1963 is hy bevorder tot senior lektor en in 1968 tot addisionele professor in die Departement, terwyl hy in 1963 aan die H F Verwoerd-hospitaal (vroeër bekend as die Pretoriase Algemene Hospitaal) tot senior patoloog en in 1967 tot eerste patoloog bevorder is. Sy aanstelling as hoof van die Departement en sy bevordering tot volle professor geskied met ingang van 1 Januarie 1970.

Volgens prof. Simson is die Departement "een van die min departemente van Anatomiese Patologie in ons land wat die geleentheid gehad het om 'n wye spektrum vàn siektes onder albei rasgroepe te ondersoek". Die Departement het ook "die voordeel van direkte universiteitsbeheer in teenstelling met akademiese departemente by ander universiteite, wat onder die beheer van die provinsiale owerhede staan."

Prof. Simson was jare lank lid, by tye ook bestuurslid, van die Komitee vir Lewenswetenskappe van die Raad op Atoomkrag. Hy was ook sekretaris van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Patoloë, later president (1974–1976). Hy was ook president (1978–1979) van die Suid-Afrikaanse Afdeling van die Internasionale Akademie van Patologie. Hy het gedien op die panele van die Been-, Oog- en Asbestumorregisters. Hy het verskeie internasionale kongresse bygewoon, onder andere as lid van prof. Falkson se span na die kongres van die American Society of Clinical Oncology in 1979 en die World Congress of Gastroenterology in 1981.

In 1981 is 'n medeprofessoraat aan die Departement toegevoeg, beklee deur prof. L. Dreyer, 'n dame wat reeds vroeër aan die Departement verbonde was, daarna professor by Medunsa geword het, maar na 'n tyd verkies het om as medeprofessor terug te keer. Die Departement werk uiteraard nou saam met die Instituut vir Patologie, waarby ook die Departemente Chemiese Patologie en Mikrobiologie betrokke is. Op 1 Januarie 1975 het die selfstandige Departement Hematologie van die Departement Patologiese Anatomie afgeskei.

Patologiedienste word aan sowel die H.F. Verwoerd- as die Kalafong-hospitaal gelewer. "Hierdie dienslewering", skryf prof. Simson, "is 'n baie belangrike deel van die werksaamhede van die Departement ten opsigte van praktykvoering en ook deurlopende kontak met die vakgebied". Die Departement werk saam met die ander departemente in die Fakulteite Geneeskunde en Tandheelkunde, en ook met die Departement Patologie van die Fakulteit Veeartsenykunde, asook met soortgelyke departemente aan ander universiteite. Navorsing is die afgelope tien jaar toegespits op lewersiektes, veral lewerkanker, onder die leiding van prof. Simson, en niersiektes onder die leiding van prof Dreyer.

Departement Anestesiologie

Anestesiologie of Narkose was tot 1957 'n afdeling van die Departement Chirurgie. Dit het op 1 Janu-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

arie 1958 'n selfstandige Departement geword, die eerste in Suid-Afrika, met dr. O.V.S. Kok as senior lektor en hoof.

Ordino Victor Steyn Kok is in 1909 gebore. In 1934 het hy die MB ChB aan die Universiteit van Kaapstad behaal, daarna as huisdokter in Pretoria en Boksburg gewerk en die jaar daarop as mediese beampte by die Shabani-asbesmyn in Rhodesië. In 1937 het hy oorsee studeer en hospitaalondervinding in Berlyn en Londen opgedoen. Na sy terugkeer, het hy gedurende die jare 1938–1940 in Florida gepraktiseer. In 1940 sluit hy by die weermag aan en werk in 'n veldhospitaal aan die front. Hy beland vir 3 jaar in krygsgevangenskap. Hy werk in hierdie jare as narkotiseur en verkry in 1945 diplomas in narkose in Engeland en Ierland, waar hy ten slotte tot Fellow in the Faculty of Anaesthetics van die Royal College of Surgeons in albei lande benoem word.

Terug in Suid-Afrika, word hy in 1947 assistent-narkotiseur van dr. W.A. Lombard aan die Algemene Hospitaal in Pretoria en dosent in die Fakulteit Geneeskunde. In 1951 word hy bevorder tot hoofnarkotiseur, in 1958 tot senior lektor en hoof van die nuwe Departement Anestesiologie, en in 1960 tot professor.

Prof. Kok het getroue en waardevolle diens aan die Universiteit gelewer. Hy het verskeie studiereise onderneem en kongresse bygewoon om in verbinding te bly met die vordering van sy dissipline oorsee. Hy was ook lid van die Wêreldfederasie van Verenigings vir Anestesioloë en in Suid-Afrika was hy uitvoerende lid van die Vereniging van Anestetiste. Hy was in 1970 lid van 'n kommissie van ondersoek na die misbruik van verdowingsmiddels en het ook 'n bronsmedalje van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad ontvang. Onder sy bekwame leiding groei die Departement sodat dit ten tye van sy uittrede uit die volgende bestaan het: 17 senior lektore as eerste en senior spesialiste, 14 deeltydse spesialiste, vier mediese beamptes en 30 kliniese assistente.

Prof. Kok tree in 1974 af en is in 1978 oorlede. Hy is opgevolg deur prof. A.J.P. Lessing. Abraham Johannes Petrus Lessing is in 1923 gebore en het die volgende grade aan die Universiteit van Pretoria behaal: MB ChB in 1950 en MMed(Anaest) in 1967. Van 1961 tot 1964 het hy as distriksgeneesheer diens gedoen en daarna as kliniese assistent aan die H.F. Verwoerd-hospitaal. In 1970 het hy narkotiseur in die Suid-Afrikaanse Weermag geword, daarna aan die H.F. Verwoerd-hospitaal, en van 1972 tot 1974 in die Kalafong-hospitaal. Op 1 Januarie 1975 word hy professor in en hoof van die Departement Anestesiologie aan die Universiteit van Pretoria, en terselfdertyd hoofnarkotiseur aan die H.F. Verwoerd-Hospitaal.

Die Departement het met verloop van jare aansienlik uitgebrei. Waar die personeel in 1960 bestaan het uit 'n professor, twee senior lektore en vier deeltydse lektore, was daar in 1982 twee professore, 'n medeprofessor, 17 senior lektore, vier lektore en ses junior lektore. Prof. T.B. de Bruyn het in 1974 medeprofessor en in 1976 volle professor geword. Hy was hoof van die afdeling Anestesiologie aan die Kalafonghospitaal, maar hy is in Februarie 1982 oorlede. As medeprofessor het prof. J.W. Mostert in 1980 bygekom.

Prof. O.V.S. Kok, Hoof, Departement Anestesiologie, 1958–1974.

Departement Chemiese Patologie

"Chemiese Patologie is die biochemiese en chemiese laboratoriumtoepassing van siektetoestande, asook die interpretasie van die waardes. Dit sluit in bepalings op serum of plasma, urien, serebrospinale vog, fesies, maagsappe, ander liggaamsvloeistowwe en stene." So definieer prof. L.S. de Villiers die aard van sy vakgebied.

Die benaming Chemiese Patologie word in die lande oos van die Atlantiese Oseaan gebruik, onder andere in Europa en ook in Suid-Afrika, en die departementshoofde is meestal medies gekwalifiseer. Oorkant die Atlantiese Oseaan, dit wil sê in die Amerikaanse wêreld, dra dit egter die naam Kliniese Chemie en die departementshoofde is hoofsaaklik biochemici of suiwer chemici. Die internasionale vereniging, waarby ons ook geaffilieer is, is bekend as die Internasionale Federasie van Kliniese Chemici.

Die dissipline het teen die middel van die negentiende eeu ontstaan met enkele chemiese toetse van maagsappe, urine en gal en het eers teen 1920 ten volle ontplooi. Daarna het veelvuldige tegnieke

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. L.S. de Villiers, Hoof, Departement Chemiese Patologie sedert 1964.

ontwikkel. "Die nuutste ontwikkeling is die toepassing van rekenoutomate vir kontrole en identifikasie van monsters en die berekening en uitdruk van resultate", skryf prof. De Villiers verder. In Suid-Afrika het ontwikkeling op hierdie gebied tred gehou met die beste in die wêreld.

Aan die Universiteit van Pretoria was Chemiese Patologie vir 'n geruime tyd 'n onderdeel van die Departement Patologiese Anatomie (tans Anatomiese Patologie); sedert 1951 was dr. A.A. Kinear die hoof van hierdie afdeling. Hy is in September 1957 deur dr. L.S. de Villiers opgevolg. Nadat daar etlike jare lank vertoë gerig is het die selfstandige Departement Chemiese Patologie in 1964 tot stand gekom, met dr. De Villiers, senior lektor, as hoof. Hy is in 1966 tot professor bevorder.

Louis Scholtz de Villiers is in 1923 gebore as seun van die bekende prof. L.C. de Villiers van die Departement Geologie, wat in die vroeë jare so baie vir sport, veral rugby, aan die Universiteit gedoen het. Sy opleiding het hy aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BSc in 1942, MB ChB in 1947 en MMed(Path) in 1957. Vanaf 1949 het hy as algemene praktisyn, eers vir ses maande lank op Ficksburg, OVS, en later tot 1953, in Pretoria gewerk. Gedurende hierdie periodes het hy 'n deeltydse aanstelling as geneesheer by die Voortrekkerhoogte militêre kamp gehad en as deeltydse lektor in Anatomie aan die Universiteit van Pretoria gewerk. Vanaf September 1953 het hy as kliniese assistent in Patologie tot met sy aanstelling as senior lektor in 1957 gedien.

Oor die jare het die Departement Chemiese Patologie aansienlik uitgebrei. Vanaf 1952 is die voorgraadse kursus eers in die derde jaar aangebied, toe in die vierde jaar, toe in die derde, vierde en vyfde jaar en vanaf 1984 in die derde en vierde jaar. Die personeel het in 1982 bestaan uit een professor en vier medeprofessore, terwyl die geneeskundige tegnoloë aangegroei het tot 50, van wie 20 gekwalifiseerd en die res studente is; asook nog ander personeel.

Die vier medeprofessore in 1982 was: Prof. P. Hurter, wat sy doktorsgraad in Organiese Chemie in 1967 aan die Universiteit van Pretoria behaal het; in 1969 is hy as senior lektor in die Departement aangestel en in 1982 tot medeprofessor bevorder; prof. W.J. Serfontein, wat sy BSc- en MSc-opleiding aan die Universiteit van Pretoria, DPhil-Nat-graad aan die Universiteit van Leiden verwerf het; in 1972 is hy as senior lektor in die Departement aangestel en in 1977 tot medeprofessor bevorder; prof. P.W. Prinsloo, opgelei aan die Universiteit van Pretoria, MMed(Path); hy is in 1975 aangestel en in Augustus 1980 tot medeprofessor bevorder; prof. J.L. Meiring, BSc (Stellenbosch), MB ChB (Pretoria); hy is in Augustus 1976 in die Departement aangestel en in Augustus 1980 tot medeprofessor bevorder.

Die opleiding is in hoofsaak op die praktyk gerig, hoewel die teoretiese basis van die dissipline nie verwaarloos word nie. Uitgebreide roetinediens word aan die H.F. Verwoerd- en Kalafonghospitaal gelewer, asook aan verskeie ander inrigtings, soos Genetiese Dienste van die Departement Gesondheid, studenteklinieke aan die Universiteit, Weskoppieshospitaal, ens. In samewerking met die Departement Interne Geneeskunde en die Departement Gesondheid word dienste gelewer aan lyers van familiêre hipercholesterolemie. Uiteraard is daar 'n noue skakeling met feitlik al die departemente in die Fakulteit Geneeskunde, en met die departemente Liggaamlike Opvoedkunde, Landboubiochemie, Fisiologiese Chemie, die Instituut vir Chromatografie, die Hans Snyckers-instituut, die H.A. Grové-proefdiersentrum, die Instituut vir Sportnavorsing, die Instituut vir Lewenswetenskappe en die Glaxo-instituut.

Departement Chirurgie

Hierdie Departement het in 1943 tot stand gekom en daarna ontwikkel tot een van die grootstes in die Fakulteit Geneeskunde, met oor die 30 personeellede in 1982. Prof. C.H. Derksen was in 1960 die hoof daarvan.

Christiaan Hildebrand Derksen is in 1916 gebore. Hy het in 1939 MB ChB aan die Universiteit van Kaapstad behaal, MCh in 1950 en daarna MD, albei aan die Universiteit van Pretoria. Na sy huisdokterjare, 1939-1940, het hy van 1942 tot 1945 as junior chirurg op sy geboortedorp, Kroonstad, gepraktiseer. Daarna was hy van 1945 tot 1949 kliniese assistent aan die Algemene Hospitaal, Pre-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. C.H. Derksen, Hoof, Departement Chirurgie, 1956–1970.

toria. hy tree in die laasgenoemde jaar ook op as lektor in Chirurgie aan die Universiteit van Pretoria. Van 1950 tot 1956 was hy hoofchirurg op Kroonstad. Hy is in 1956 tot deeltydse professor in en hoof van die Departement Chirurgie aan hierdie Universiteit, en ook as hoofchirurg van die Algemene Hospitaal aangestel. In 1963 onderneem hy 'n studiereis oorsee en hy besoek verskeie inrigtings daar.

Prof. Derksen het hoë aansien geniet, sowel by kollegas as studente. Hy word deur die studente genoem "'n ware en geliefde leermeester", terwyl prof. Rautenbach hom tipeer as "'n sterk individualis, 'n seldsame onderwysman."

In 1968 het hy skielik siek geword en 'n operasie ondergaan, maar hy was 17 dae later weer op sy pos. In 1970 het hy volle professor geword. Die siekte was ongeneeslik en hy is in November 1971 oorlede. As departementshoof is hy deur prof. R.C. Franz opgevolg.

Robert Carl Franz is in 1929 in die Pietersburgse distrik uit 'n Berlynse sendelingfamilie gebore. Hy het in 1952 MB ChB aan die Universiteit van Pretoria behaal. Daarna is hy vir verdere studie na Londen, wat egter onderbreek is deur die skielike afsterwe van sy vader. Na 'n paar jaar in privaatpraktyk op Pietersburg, het hy sy studie aan die Universiteit van Natal gaan voortsit en daar in 1963 die MD-graad in Chirurgie behaal. In 1965 het hy navorsing aan die Universiteit van Leeds, Engeland, gaan doen en mediese skole in Engeland, Duitsland, Skandinawië en Amerika besoek. Nadat hy in 1967 medeprofessor aan die Universiteit van Pretoria geword en hoofsaaklik in die Kalafonghospitaal gewerk het, is hy in 1972 bevorder tot professor in en hoof van die Departement Chirurgie. In 1977 het hy afstand gedoen van die hoofskap, maar hy het as professor aangebly en is deur prof. C.J. Mieny opgevolg. Prof. Franz was 'n ywerige medewerker aan kongresse, sowel hier as oorsee. Hy was onder andere raadslid van die Mediese Navorsingsraad en lid van die Chirurgiese Navorsingsvereniging van Suid-Afrika. In 1982 ontvang hy die Christo Beyers-gedenkpenning. Sy navorsingsbelangstelling is veral toegespits op verskillende aspekte van veneuse trombose en skildklierchirurgie.

Carl Johannes Mieny is in 1931 op Standerton gebore en hy het in 1948 aan die Volkskool op Heidelberg gematrikuleer. In sy mediese studie het hy die volgende behaal: MB ChB in 1954 aan die Universiteit van Pretoria, ChM in 1961 aan die Universiteit van die Witwatersrand en MD in 1972, weer aan die Universiteit van Pretoria. Intussen het hy in 1962 aan die Royal College of Surgeons in Engeland en later in Edinburg studeer. In albei gevalle is die FRCS aan hom toegeken. Later, in 1966/1967, het hy weer navorsing gedoen aan die universiteite van Kentucky en Colorado. In 1967 is hy aangestel as senior chirurg aan die J.G. Strydom-hospitaal, Johannesburg; later is hy bevorder tot eerste chirurg en professor in Chirurgie aan die Universiteit van die Witwatersrand. In 1977 aanvaar hy die aanstelling as professor in en hoof van die Departement Chirurgie aan die Universiteit van Pretoria.

Prof. Mieny is baie ywerig op sy vakgebied. Hy woon gereeld mediese kongresse by, sowel hier as in die buiteland. Hy is onder andere lid van die Oorplantingsvereniging van Suidelike Afrika en van die komitee van Voortgesette Onderrig in die Suid-Afrikaanse Kollege vir Geneeskunde. Toekennings wat hy ontvang het, sluit in die Christo Beyers-gedenkpenning en die Ernest Oppenheimer-toekenning. Sy veelsydigheid blyk uit die feit dat hy die medestigter van die studenteblad *Speculum* was, en die samesteller van die pragboek *Leipoldt in Londen, Wordingsjare*, wat in 1980 deur die Geneeskundige Historiese Vereniging uitgegee is.

Soos van so 'n groot departement verwag kan word, is daar met verloop van tyd verskeie dosente tot professor en medeprofessor bevorder. Hulle is: prof. E.U. Schmid, wat in 1974 tot professor bevorder is en hoof van die Departement aan die Kalafong-hospitaal geword het; prof. J.A.L. van Wyk, wat in 1974 medeprofessor geword het en in 1978 professor; prof. P.H.K. Cilliers, wat in 1978 tot medeprofessor bevorder is. Die laasgenoemde het in 1979 bedank om 'n aanstelling aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat te aanvaar. Van 1963 tot 1968 is prof. H.J. Besselaar opgeneem as ereprofessor in die Departement. Hy was die eerste professor in Chirurgie aan die Universiteit van Pretoria,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van 1943 tot 1949. In 1967 het dr. C.A.R. Schulenburg, ook iemand wat in die jare veertig deeltyds in die Departement was, tydelik as hoof tydens die siekte van prof. Derksen waargeneem.

Chirurgie het uiteraard verskeie onderafdelings, waarvan die volgende apart geklassifiseer word: Urologie, Neurochirurgie, Torakschirurgie, Plastiese Chirurgie en Ortopedie.

Urologie

Dié afdeling was die derde van sy soort wat in Suid-Afrika tot stand gekom het. By die uittrede in 1955 van dr. J. Jordaan is die eerste plaaslik opgeleide uroloog, dr. P. Maas, as deeltydse senior lektor en hoof benoem. Hy het die pos 18 jaar beklee, waarna dr. L. Jordaan in 1974 as deeltydse senior lektor en hoof benoem is. In 1977 is prof. Deon du Plessis, ook 'n oud-student van hierdie Universiteit, aangestel as hoof en medeprofessor en in 1984 as volle professor. Prof. du Plessis het 'n besonder aktiewe Departement: 'n goed toegeruste navorsingslaboratorium is tot stand gebring, waar veral infertiliteitsprobleme noukeurig ondersoek word.

Neurochirurgie

'n Gespesialiseerde neurochirurgiese diens het in 1955 tot stand gekom met die benoeming van dr. J.F.P. Erasmus as deeltydse senior lektor en hoof, met een kliniese assistent. Saal 17 is toe ingerig vir neurochirurgie. Drie jaar later het dr. Erasmus se uittrede gelei tot die benoeming in 1960 van dr. C.M. Lombaard, oud-student, as deeltydse senior lektor en hoof. Op 1 Maart 1978 is dr. M.J. van Rensburg aangestel as professor en hoof. Professor van Rensburg is tans lid van die Eksamen- en Geloofsbriewekomitee, en is ook sameroeper van die Fakulteitsraad van Neurochirurgie van die S.A. Kollege van Geneeskunde. Professor van Rensburg toon 'n spesiale belangstelling in die diagnostiek en die hantering van goedaardige basale breintumore.

Torakschirurgie

Die afdeling Kardiotorakale Chirurgie van die Universiteit van Pretoria bestaan sedert 1 Januarie 1955. Die eerste kardiotorakale chirurg was dr. J.C. van der Spuy, wat begin het as deeltydse chirurg, en drie sessies per week behartig het. Prof. Julius Bremer was op daardie tydstip hoof van Algemene Chirurgie en hy het self torakschirurgie op beperkte skaal beoefen. Die beginjare was moeilik weens die gebrek aan fasiliteite en die nuwe, onbekende wêreld van hartchirurgie.

Aan die begin van 1958 het dr. van der Spuy en dr. J.F. Dippenaar twee maande lank na die VSA gegaan om opehartchirurgiese tegnieke en narkoseaspekte te bestudeer. Nadat hulle teruggekeer het, is 'n moderne oksiginator aangekoop om die vorige apparaat te vervang. Daar is besluit dat die eerste opehartoperasie eers gedoen sou word wanneer gereelde sukses met honde behaal is. Die eerste opehartoperasie is uiteindelik op 18 Augustus 1959 uitgevoer. Dit het die sluiting van 'n atriale septale defek behels. Die persone wat betrokke was by hierdie geskiedkundige operasie in die H.F. Verwoerd-hospitaal, was vir die eerste maal weer almal saam by die afskeid van prof. Van der Spuy op 12 Augustus 1983. Hierdie afdeling van die Chirurgie het deur die jare geweldig uitgebrei. Die algemeenste operasies wat uitgevoer word, is hartklepoperasies, aortakoronêre arterie-omleidingsoperasies, aangebore hartafwykings wat herstel word, en operasies vir infektiewe longtoestande.

Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie

In 1959 is daar begin met die aanstelling van dr. P.A. Hugo as deeltydse senior lektor en hoof. Die eerste kliniese assistent begin sy opleiding in 1966. In 1975, met dr. Hugo se uittrede, word dr. J.D. Erlank as eerste plaaslik opgeleide spesialis op hierdie gebied as deeltydse senior lektor en hoof benoem. Die pasiëntetal het sterk toegeneem. Twee deeltydse spesialiste en later twee kliniese assistente was beskikbaar. Daar is intieme samewerking met algemene Chirurgie, Oor-, Neus- en Keelheelkunde en Radioterapie, en met Ortodonsie van die Fakulteit Tandheelkunde.

Ortopedie was in 1960 ook nog 'n onderafdeling van Chirurgie, met dr. J.G. du Toit as senior lektor in deeltydse hoedanigheid die hoof. Ortopedie het in 1965 'n selfstandige Departement geword.

Departement Farmakologie

Farmakologie word deur prof. De K. Sommers beskryf as "die kennis van geneesmiddels en die aanwending daarvan by patologiese toestande, sodat die ontvanger daarby baat vind". Uit sy professorale intreerede kan die volgende uitspraak aangehaal word: "Die mens se oorlewing op hierdie planeet hang van die eindelose stryd teen siektes af. Farmakologie is die wetenskaplike benadering tot hierdie stryd". Hy voer die ontstaan van die dissipline terug na Paracelsus, wat gesê het dat die doel van Chemie Geneeskunde is. Tog kan die soeke na en die toepassing van geneesmiddels, verkry uit plante, ens., seker tot aan die begin van die mensdom teruggevoer word—soos dit vandag nog by primitiewe volke voorkom.

Die wetenskap Farmakologie is van later datum. Volgens prof. Sommers is dit "aan die einde van die negentiende eeu teen 'n agtergrond van geheimsinnigheid, bygeloof, boererate en kwaksalwery gebore," en "binne die verloop van agt dekades het hierdie wetenskap elke aspek van die geneeskunde deurdring, vanaf vroeë diagnose tot behandeling en genesing". Sy oortuiging is: "Die beskawing, soos ons dit vandag ken, sou nie sonder die snelle vordering op die gebied van farmakoterapie tot stand kon kom nie."

So gesien, is Farmakologie met al sy onderafdelings 'n basiese wetenskap vir die Geneeskunde. In 1961 het die Fakulteitsraad van Geneeskunde na aanleiding van 'n brief van die hoof van hierdie Departement, besluit "dat die voortbestaan van 'n selfstandige Departement Farmakologie onmisbaar is vir die behoorlike funksionering van die Fakulteit".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. D.G. Steyn, Hoof, Departement Farmakologie, 1946 –1963.



Prof. D. Botha, Hoof, Departement Farmakologie, 1963–1975.

In 1960 was prof. D.G. Steyn hoof van die Departement Farmakologie; hy is reeds in 1946 aangestel. Douw Gerbrand Steyn is in 1898 gebore. Na sy opleiding het hy in 1925 in die diens van die Departement van Landbou getree. Hy het op Onderstepoort tereg gekom as hoof van die Departement Farmakologie in die Fakulteit Veeartsenykunde. Hy word in 1936 tot professor bevorder. Dat hy sy werk nie tot diere beperk het nie, blyk uit die navorsing wat hy ook op die menslike terrein gedoen het. So het dit dan gekom dat hy in 1946 tot professor in en hoof van die Departement Farmakologie in die Fakulteit Geneeskunde benoem is.

Prof. Steyn was 'n ywerige navorser en het die grondslae van die vak binne die Departement Geneeskunde gelê. Toe hy op 30 Junie 1963 weens bereiking van die aftreeleeftyd na 'n dienstyd van 38 jaar aan die Universiteit, die tuig neergelê het, het die Raad hom bedank "vir die dienste wat hy op voortreflike wyse gelewer het".

Hy is op 1 Julie 1963 as hoof van die Departement deur prof. D. Botha opgevolg. Deodatus Botha is in 1923 op Ermelo gebore. Na matrikulasie in 1940 het hy aan die Universiteit van Pretoria in die Geneeskunde studeer en in 1947 MB ChB behaal, en MMed in 1956. Hierna volg enkele jare in die privaatpraktyk in Springs as internis, tot hy as professor in die Farmakologie aan die Universiteit van Pretoria aangestel is.

Prof Botha het, naas toewyding aan sy vak, steeds behoefte gevoel om ook 'n aandeel aan die praktiese geneeskunde te hê. Hy het dan ook by tye as deeltydse internis in hospitale in Springs, Johannesburg en Pretoria gewerk. Toe prof. Botha na 12 jaar in 1976 uit die diens van die Universiteit tree, het hy as rede aangevoer: "Farmakologie is as dissipline uitgebou en ek voel nou dat die stadium bereik is waar opgeleide jong manne verder kan gaan." Volgens hom het hy ongelukkig gevoel dat hy nie meer met pasiënte in aanraking gekom het nie. Hy het hierna in die diens van die Universiteit van Stellenbosch getree om aan die Tygerberghospitaal die kliniese opleiding van studente te behartig.

Prof. Botha is op 1 Julie 1976 deur prof. De K. Sommers opgevolg. De Klerk Sommers is in 1938 op Oudtshoorn gebore, waar hy ook sy skoolopleiding ontvang en in 1954 gematrikuleer het. In 1955 skryf hy vir die Tandheelkundekursus aan die Universiteit van Pretoria in en hy behaal die BChD in 1959. Hierna het hy as tandarts gepraktiseer, maar hy keer in 1963 na die Universiteit van Pretoria terug as lektor in Konserverende Tandheelkunde. Intussen sit hy sy studies voort en behaal in 1970 MB ChB aan die Universiteit van Pre-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

toria. In 1979 behaal hy MD op die proefskrif: *Die Simpatikuswerking van Tetrapleë ten opsigte van die Hartvaatstelsel.*

Na sy internjaar in 1971 in die H.F. Verwoerd-hospitaal, is hy in 1972 aangestel as senior lektor in Farmakologie en vier jaar later as professor in en hoof van die Departement.

Prof. Sommers het verder voortgebou aan die Departement. Net soos sy voorgangers hou hy tred met die snelle ontwikkeling van die wetenskap elders, by wyse van besoeke aan farmaseutiese fabrieke, die bywoning van internasionale kongresse en die lewer van referate. Heelwat vakliteratuur is nie alleen deur die professore nie, maar ook deur ander lede van die personeel oor die jare gepubliseer. Aansluitend by die geskiedenis van die Departement, is daar die opleiding van aptekers. Die totstandkoming van die Aptekerskollege word elders behandel.

Departement Fisiologie

Die woord *fisiologie* is van Griekse herkoms: *physis* = natuur, *logos* = woord. Dit kom in alle Westerse tale in feitlik dieselfde vorm voor. Prof. B.J. Meyer gee die volgende kort omskrywing van die vak: "Fisiologie is die wetenskap wat die funksies van lewende organismes en hulle onderdele (stelsels, weefsels, selle en subsellulêre strukture) bestudeer."

Verder verduidelik hy: "Dit het ontstaan en gegroei uit die ondersoeke van chemici soos Lavoisier, fisici soos Newton, Charles, Boyd, mikrobioloë soos Pasteur, ens. Navorsing gebaseer op bevindings in hierdie basiese wetenskappe het gou gelei tot die formulering van fisiologiese beginsels, soos deur Claude Bernard met sy konstantheid van die 'milieu interieur' ".

As studieveld wat alle lewende organismes omvat, word fisiologiese beginsels in die Plantkunde, Dierkunde, Mikrobiologie, ens. bestudeer. Aan die Universiteit van Pretoria het Fisiologie aanvanklik alleen onder die Fakulteit Wis- en Natuurkunde geressorteer, maar na die Fakulteit Geneeskunde tot stand gekom het, ook hierin. By Fisiologie het teen 1960 ook Biochemie as onderafdeling voorgekom, gedoseer onder die leiding van dr. F.W.K. Grotepass, senior lektor, later bevorder tot addisionele professor. Dit het so gebly tot in 1981, toe Biochemie 'n aparte departement geword het, en die Departement Fisiologie die naam Fisiologie en Fisiologiese Chemie gekry het, en by die Fakulteit Geneeskunde ingedeel is. Sedert 1976 is die naam Departement Fisiologie.

Met die instelling van 'n BMedSci-graad in die Fakulteit Geneeskunde in 1976, is Fisiologie as 'n hoofvak vir BSc afgeskaf. Nadat die Gebou vir Basiese Mediese Wetenskappe (BMW) by die H.F. Verwoerdhospitaal voltooi is, is die Departement, wat tot toe op die hoofkampus gehuisves was, grotendeels daar tuisgebring.

In 1960 was prof. B.J. Meyer die hoof van die Departement. Bernard Johannes Meyer is in 1919 in die distrik Mosselbaai gebore. Hy kom eers op agtjarige leeftyd op skool, maar hy vorder vinnig



Prof. B.J. Meyer, Hoof, Departement Fisiologie, 1954–1984, en Direkteur, Instituut vir Sellulêre Fisiologie sedert 1976.

en slaag sy matrikulasie-eksamen met vier onderskeidings aan die Laingsburgse Hoërskool. Daarop volg 'n ewe vrugbare studie aan die Universiteit van Stellenbosch: BSc (Chemie en Fisiologie) 1940, MSc (Fisiologie) 1941 en MEd 1942. Hierna is hy as junior lektor in Fisiologie op Stellenbosch aangestel, maar net die volgende jaar het sowel die Universiteit van Kaapstad as dié van Pretoria hom 'n lektoraat aangebied. Sy keuse het op Pretoria geval en hy is vanaf 1944 aan die Universiteit verbonde. In 1946 behaal hy die DSc in Fisiologie aan die Universiteit van Pretoria, in 1951 MB ChB en in 1963 MD. In 1953 word hy senior lektor en in 1954, na die aftrede van prof. C. Brink, professor in en hoof van die Departement Fisiologie, 'n posisie wat hy in 1982 nog beklee het. Hy het ongetwyfeld as 'n baie ondernemende en pligsgetroue hoof sy stempel op die Departement afgedruk.

Prof. Meyer het heelwat buitelandse ondervinding opgedoen. Van 1957 tot 1958 was hy met behulp van studiebeurse werksaam aan die Biological Research Laboratory in Elgin, Illinois, terwyl hy ook verskeie ander Amerikaanse universiteite besoek het. In 1966 was hy weer in Amerika werksaam. In 1969 het hy in Frankryk 'n lesing gelewer en in 1981 in Milaan.

In 1971 het prof. Meyer direkteur geword van die eenheid vir Neuro- en Elektrofisiologie wat die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Mediese Navorsingsraad (MNR) binne sy Departement ingestel het. In hierdie jaar kom ook die Instituut vir Sellulêre Fisiologie met prof. Meyer as direkteur, tot stand. Buite die Universiteit was hy onder andere voorsitter van die Noord-Transvaalse tak van die Endokrinologiese Vereniging, van die Voedingsvereniging en van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Fisioloë. Hy was adviseur van die Voedingsinstituut van die WNNR en lid van die MNR-toekenningskomitee. In 1979 is die Havengaprys vir Geneeskunde deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom toegeken.

Die dissipline is uiteraard in staat om 'n wye diens aan die gemeenskap te lewer. Die Departement neem gereeld deel aan kongresse van wetenskaplike verenigings op die gebied van Fisiologie, Biochemie, Elektronmikroskopie, Voeding, ens. Die Departement het 'n trotse rekord van publikasies in wetenskaplike tydskrifte. Tot die Afrikaanse vakliteratuur is reeds 'n noemenswaardige bydrae gelewer: reeds vyf handboeke oor Mediese Fisiologie, Mediese Biofisika, Sellulêre Fisiologie en Voeding. *Die Fisiologiese basis van Geneeskunde* is 'n handboek wat reeds sy derde uitgawe belewe het. Lede van die Departement dien op verskillende komitees van staatsdepartemente en semi-staatsorganisasies, bv. navorsingskomitees van die MNR, die Voedingskomitee van die WNNR, die Komitee vir Sertifisering van Mynwerkers en die Beheerraad van Kernkor se Instituut vir Lewenswetenskappe.

Soos dit in die Departement beoefen word, is die dissipline hoofsaaklik prakties gerig op die opleiding van geneeshere en tandartse, maar in die Fakulteit Wis- en Natuurkunde het dit 'n teoretiese basis vir die opleiding van fisioloë. Uiteraard word daar met talle verwante departemente binne die Universiteit asook van ander universiteite saamgewerk. Prof. Meyer wys daarop dat daar in die verlede heelwat navorsingsprojekte aangepak is op die terrein van "aterosklerose, voeding, breinsirkulasie en spierfisiologie".

Onder die personeel wat die Departement deur die jare gedien het, kan enkele name uitgesonder word.

Gebore in Duitsland, waar hy ook sy opleiding ontvang het, het dr. F.W.K. Grotepass in 1951 as senior lektor tot die Departement toegetree. Soos reeds vermeld, was hy hoof van die onderafdeling Biochemie. Hy is later bevorder tot addisionele professor en tree aan die einde van 1969 af, maar hy is nog tot 1972 werksaam in die Departement. Hy is in 1974 oorlede.

Gebore in 1914 op Kroonstad, het dr. C.J. Labuschagne sy opleiding aan die Universiteite van Stellenbosch en Kaapstad ontvang (PhD in 1950 aan die laasgenoemde). Hy tree in 1957 as senior lektor in die diens van die Departement. Later is hy tot medeprofessor bevorder. Hy tree in 1974 uit die diens van die Universiteit.

Dr. H.S. Meij, wat haar hele opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang het (DSc in 1967), het in 1962 in die diens van die Departement getree en is in 1980 tot medeprofessor bevorder. Sy het in 1973 en weer in 1981 as MNR-beurshouer hoogs gespesialiseerde breinnavorsingstegnieke oorsee bestudeer.

In 1973 het prof. J.M.M. Brown van Veeartsenykunde oorgeskuif na die Departement Fisiologie en Fisiologiese Chemie in die Fakulteit Geneeskunde, waar hy sy professorale status behou het. Hy het intussen heelwat ondervinding as navorser in Engeland en Amerika opgedoen, in die besonder op verskillende aspekte van sellulêre fisiologie, veral van die brein. Hy het op 1 Julie 1982 'n pos aan die Mediese Universiteit van Suider-Afrika (MEDUNSA) as hoof van die Departement Veterinêre Fisiologie aanvaar.

Gebore in Bloemfontein, het Johan Jurgens Theron sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang (MB ChB in 1951 en DSc (Fisiologie) in 1952). Nadat hy etlike jare by die Mediese Navorsingsraad en by die Nasionale Voedingsnavorsingsraad gewerk het, is hy in 1971 tot medeprofessor in die Departement Fisiologie benoem en in 1977 tot volle professor bevorder. Prof. Theron het in 1976 adjunk-direkteur van die Instituut vir Sellulêre Fisiologie geword.

Departement Gemeenskapsgesondheid

Oorspronklik is hierdie departement die Departement Volksgesondheid genoem, in aansluiting by die aanvaarde vertaling van *Public Health* in daardie tyd.

In die vroeë sestigerjare is prof. Albert Strating as die eerste voltydse professor in Volksgesondheid in Suid-Afrika aan die Universiteit van Pretoria aangestel. Hy was verantwoordelik daarvoor dat 'n heel ander benadering tot die vak aan dié Universiteit, en algaande ook deur die land, ontwikkel het. Eerstens is die Departement se naam verander na Voorkomende en Bevorderende Geneeskunde. Dit was nou wel 'n lang en lomp benaming, maar dit het die aksent op 'n ander faset van die dissipline geplaas. Daarbenewens het hy verskeie nagraadse diplomakursusse ingestel. Studente het sy benadering op talle toonaangewende gebiede uitgedra.

Teen die middel van die sewentigerjare het 'n belangrike ontwikkeling plaasgevind, toe daar ooreengekom is dat die destydse Departement van Gesondheid die salarisse van dosente in Voorkomende Geneeskunde aan die Universiteit van Pretoria en ekwivalente poste by ander universiteite ten volle sou betaal. Die doel hiermee was ongetwyfeld om te probeer verseker dat 'n hoë graad van belangstelling in die vak by studente aangewakker en dat nagraadse opleiding gestimuleer word. Die laasgenoemde sou weer 'n goeie bron van gespesialiseerde mannekrag vir die deskundige werk in die betrokke Departement verseker. Intussen het daar sterk druk ontstaan, hoofsaaklik deur gesondheidsbeamptes van die groter plaaslike owerhede, en is daar vertoë tot die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad gerig dat Voorkomende Geneeskunde as 'n spesialiteitsgebied registreerbaar gemaak moes word. Dit het ook later gebeur. Dit sou meebring dat uni-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. A. Strating, Hoof, Departement Gemeenskapsgesondheid (voorheen Voorkomende en Bevorderende Geneeskunde), 1960–1981.

versiteite spesialiste in hierdie rigting moes oplei. 'n Meestersgraad in Voorkomende Geneeskunde is ingestel en die eerste kliniese assistente het in 1979 met hulle opleiding aan die Universiteit van Pretoria begin.

Die tyd het ook meegebring dat die Departement Voorkomende en Bevorderende Geneeskunde sy veld van aksie oor 'n breër terrein begin sien het as wat die naam aangedui het. Dit was ook die neiging elders. Stellenbosch het die konsep Omvattende Geneeskunde ontwikkel en aan die Engelstalige universiteite het die naam *Community Health* algemeen ingang gevind. In April 1981 het prof. Strating 'n gemotiveerde versoek aan die dekaan gerig dat die naam van sy Departement na Departement Gemeenskapsgesondheid verander word. Op 9 Junie 1982 het die senaat die naamsverandering goedgekeur.

Volgens prof. A.M. Coetzee, die huidige hoof van die Departement, sluit Gemeenskapsgesondheid die volgende in: (a) Die beginsels van publieke administrasie met besondere toepassing op die administrasie van gesondheidsdienste en gesondheidswetgewing. (b) Epidemiologie wat hoofsaaklik gaan oor die faktore wat betrekking het op die oorsake, verspreiding en beheer van sowel oordraagbare as nie-oordraagbare siektes. (c) Omgewingsgesondheid, oftewel die studie van ekologie en die invloed van die omgewing en die besoedeling daarvan op die gesondheid van die mens, sowel wat betref die algehele omgewing as die meer omskrewe werksomgewing.

In Suid-Afrika is die Departement van Gesondheid verantwoordelik vir voorkomende geneeskunde en die universiteite pas hulle daarby aan. Dit oefen invloed uit op die universitêre opleiding en die universiteit lewer op sy beurt diens, onder andere deur die evaluering van bestaande dienste, asook navorsing oor 'n breë spektrum van gesondheidsprobleme. Die Departement word dikwels uitgenooi om bydraes te maak by simposia en konferensies, veral in die jongste tyd na aanleiding van besoedeling, dwelm- en alkoholmisbruik, hartsiektes en bejaardesorg.

Prof. Strating het 'n besondere stempel gelaat op die opleiding in Gemeenskapsgesondheid aan die Universiteit van Pretoria. "Oom Dolfie", soos sy studente hom met liefde genoem het, het baanbrekerswerk gedoen met die instelling van nagraadse Diplomas in Volksgesondheid, Bedryfsgeneeskunde en Geneeskundige Administrasie. Studente wat hierdie kwalifikasies verwerf het, vul vandag talle senior poste in die openbare gesondheidsdienste.

Hy het 'n leidende rol gespeel in die ontwikkeling van Verpleegkunde en Huisartskunde onder die vleuels van sy Departement. Albei het ontwikkel tot onafhanklike Departemente in die Fakulteit Geneeskunde.

Tot 1975 bedryf hy die Departement man alleen met behulp van 'n aantal deeltydse lektore. In Julie van daardie jaar word dr. A.M. Coetzee as voltydse medeprofessor aangestel, met besondere toespitsing op Bedryfsgesondheid, en in 1980 word dr. P.W.W. Coetzer as eerste spesialis (Epidemiologie) aangestel.

Toe prof. Strating aan die einde van 1981 met pensioen uittree, kon hy terugkyk op 'n Departement waarin hy begin het as deeltydse hoof en wat hy uitgebou het tot 'n volwaardige Departement met uitgebreide opleidings-, navorsings- en diensverpligtinge.

Albert Strating is in 1916 op Twysel in Friesland gebore. Hy studeer aan die Christelike Kweekskool op Leeuwarden en die Christelike Nasionale Skool in Utrecht, waar hy in 1937 sy hoofonderwysersdiploma behaal.

In Junie 1938 emigreer hy na Suid-Afrika, waar hy aanvanklik in Natal onderwys gee en die Natalse Plattelandse Onderwysdiploma aan die Landboukollege Cedara behaal. Hierna besluit hy om medikus te word en hy behaal in 1948 MB ChB aan die Universiteit van Pretoria, gevolg deur MComm (B & A) in 1953 aan dieselfde Universiteit, en ook in daardie jaar verkry hy die Diploma vir Voorkomende Geneeskunde (DVG) en die Diploma vir Tropiese Siektes en Higiëne aan die Universiteit van die Witwatersrand. Hierna swaai sy studie oor na die Sosiale Wetenskappe en verwerf hy die BA(SW)-graad met lof, BA(Hons) in Sosiologie in 1962, gevolg deur MD in 1969.

Inmiddels was hy van Augustus 1938 tot Maart 1943 onderwyser in Natal, van November 1945 tot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Desember 1948 superintendent van die Glendellen Plek vir Veiligheid, van Januarie tot Desember 1949 huisdokter in die Algemene Hospitaal van Pretoria, mediese beampte van die Stadsraad van Pretoria van 1951 tot 1954, en in 1955 assistent hoof mediese beampte van gesondheid vir Buitestedelike Gebiede. Ook was hy van 1951 tot 1957 hoof van die Buitepasiënte-afdeling van die Pretoriase Algemene Hospitaal. Intussen was hy van 1956 tot 1959 deeltydse dosent verbonde aan die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria, en van 1960 senior lektor en hoof van die Departement Volksgesondheid, wat later die Departement Voorkomende en Bevorderende Geneeskunde geword het. Hy tree aan die einde van 1981 uit die diens van die Universiteit en word opgevolg deur prof. A.M. Coetzee en in 1986 deur prof. E. Glatthaar.

Departement Geneeskundige Mikrobiologie

Die woord *mikrobiologie* is afgelei van die Griekse woorde *mikro* = klein en *bios* = lewe. Die term *mikrobe* is die eerste deur Sidillot in 1878 gebruik. Mikrobiologie sluit die vakgebiede Bakteriologie, Virologie, Mikologie en Parasitologie in. Die term *bakteriologie* kom van die Grieks *bakterion* wat 'n verkleinwoord is van *baktron* = staf of stafie. Die benaming *virologie* is afgelei van die Latyn *virus*, wat gif of slym beteken, terwyl *immunologie* van die Latyn *immunis* kom, wat *beskerm teen* beteken.

Die vaders van die moderne Mikrobiologie was Louis Pasteur en Robert Koch. Die laasgenoemde het in 1896 Suid-Afrika besoek om die oorsaak van runderpes te probeer vasstel. Wat Suid-Afrika betref, staan dr. (later sir) Arnold Theiler vooraan. As Switserse veearts kom hy in 1891 na die Transvaal en bestudeer verskillende veesiektes, en ook runderpes in 1896. Hy het verskillende belangrike ontdekkings gemaak en word, nadat hy as staatsveearts aangestel is, die stigter van die navorsingsentrum by Onderstepoort. Verder kan nog verskillende navorsers genoem word wat onskatbare dienste aan Suid-Afrika (en die wêreld) bewys het. Aan die Universiteit van Pretoria was dit veral prof. Adrianus Pijper—die eerste direkteur van die Instituut vir Patologie en die eerste professor in Patologie en Bakteriologie—wat internasionale erkenning ontvang het.

Hy tree in 1951 af en word eers deur prof. J. Barnetson as hoof van die Departement opgevolg, en later deur prof. J.N. Coetzee. Jack Nicol Coetzee is in 1922 op Britstown gebore. Sy opleiding het hy aan die Universiteit van Kaapstad ontvang: MB ChB in 1947 en MD (Patologie) in 1952. Van Januarie tot Junie 1948 was hy intern aan die Groote Schuurhospitaal, van Julie 1948 tot Desember 1949 bakterioloog aan die Universiteit van Kaapstad, en van 1950 tot 1952 bakterioloog in die Uniegesondheidsdiens, afdeling Kaapstad. Sy verblyf in Pretoria begin in Julie 1953, toe hy bakterioloog aan die Pretoriase hospitaal word en ook as senior lektor in die Departement Bakteriologie, Universiteit van Pretoria, aangestel word. Hy volg prof.



Prof. J.N. Coetzee, Hoof, Departement Geneeskundige Mikrobiologie, 1957–1974.

Barnetson in 1957 op as professor in en hoof van die Departement Bakteriologie, later genoem Mikrobiologie, omdat hierdie naam meer omvattend is. Met sy aanstelling as professor, is hy ook benoem tot hoofbakterioloog.

Prof. Coetzee was 'n ywerige en begaafde navorser wat internasionale aansien geniet het. Hy het op talle liggame gedien, onder andere op die WNNR se navorsingsgroep Voeding en Tandheelkundige Gesondheid, waarvoor hy as bakterioloog spesiaal vir 'n studietydperk oorsee gestuur is. Hy het talle referate voor internasionale kongresse gelewer, onder andere voor die negende Internasionale Mikrobiologiese Kongres in Augustus 1966 in Moskou. Ongelukkig het prof. Coetzee aan swak gesondheid gely. In 1969 en weer in 1972 ondergaan hy 'n hartoperasie aan die Groote Schuurhospitaal. Waarskynlik het dit daartoe aanleiding gegee dat hy vanaf 27 Maart 1974 bedank het as hoof van die Departement, maar hy het aangebly as navorser met behoud van sy professoraat. Gedurende 1964 is 'n WNNR-eenheid aan hom toegestaan; dit word vanaf 1972 deur die MNR geadministreer.

Tydens sy siekte en tydens ander verlofperiodes het addisionele professor H.C. de Klerk as departementshoof waargeneem. Die laasgenoemde het oor 'n lang tydperk sedert 1958 waardevolle dienste aan die Departement gelewer, eers as kliniese assistent, later as senior lektor en later as addisio-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nele professor. Hy verlaat die Universiteit in 1974 om 'n betrekking aan die Universiteit van Stellenbosch te aanvaar.

Prof. Coetzee is deur prof. O.W. Prozesky opgevolg. Otto Walter Prozesky is in 1930 in Boksburg gebore, waar sy vader hoërskoolonderwyser was. Hy het aan die Hoërskool Wonderboom, Pretoria, met onderskeiding in al sy vakke gematrikuleer. Daarna het hy aan die Universiteit van Pretoria in die Geneeskunde gaan studeer en MB ChB in 1957 behaal. Van 1964 tot 1967 dien hy as kliniese assistent in die Departement Patologie, Universiteit van Pretoria, en hy behaal in 1965 MMed aan hierdie universiteit. Dr. Prozesky het intussen naam gemaak as navorser. Hy het onder andere lid geword van die Navorsingseenheid vir Mikrobiologiese Genetika van die WNNR en is later na die Navorsingsentrum by Onderstepoort en die Stigting vir Poliomiëlitisnavorsing gesekondeer weens sy belangstelling in Virologie. In 1969 is hy geregistreer as geneeskundige bioloog en kliniese patoloog, terwyl hy in dieselfde jaar 'n tyd lank werksaam was aan die Universiteit van Colorado.

In 1970 het hy senior spesialisviroloog en terselfdertyd senior lektor aan die Universiteit van Pretoria geword, waar die afdeling Virologie onder sy leiding in die Departement Mikrobiologie tot stand gekom het. Hy is in 1971 bevorder tot medeprofessor en neem vanaf 1 Januarie 1975 die hoofskap van die Departement van prof. J.N. Coetzee oor. Hy ontruim die pos reeds in April 1976, toe hy as direkteur van die Nasionale Instituut vir Virologie (NIV) in Johannesburg aangestel is. Hierop het prof. J.N. Coetzee as hoof van die Departement waargeneem tot prof. A.J. van Rensburg vanaf 1 Januarie 1977 tot professor in en hoof van die Departement Mikrobiologie benoem is.

Gebore in 1934 op Oudtshoorn, het Anton Jansen van Rensburg in 1951 aan die Boys' High School op hierdie dorp gematrikuleer en daarna sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria voortgesit: MB ChB in 1959, MSc in 1964, DVG net daarna en MD in 1970. Nadat hy as huisdokterassistent aan die H.F. Verwoerd-hospitaal en daarna as senior mediese beampte by die Edenvalehospitaal gewerk het, was hy enkele jare in die privaatpraktyk. Na sy DVG, is hy as kliniese assistent in Patologie aan die Universiteit van Pretoria en die H.F. Verwoerd-hospitaal aangestel. Hierna het hy professor in en hoof van die Departement Mikrobiologie aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat geword. Van daar het hy na die Universiteit van Pretoria teruggekeer. Prof. Van Rensburg het op sy terrein heelwat navorsing gedoen en gepubliseer. Hy is onder andere lid van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Patoloë en van die Suid-Afrikaanse Transplantasievereniging.

Teen 1980 het die behoefte ontstaan om die naam van die Departement meer definitief te maak, aangesien Mikrobiologie ook in ander vakgebiede voorkom. Daar was 'n voorstel dat dit verander word na Menslike Mikrobiologie, maar ten slotte is daar op Geneeskundige Mikrobiologie besluit. Die Departement is dan ook streng geneeskundig georiënteer. In die beginjare is 'n diens aan die hele Pretoria, insluitend die privaatpraktyk, verskaf. Daarna is diens meer bepaald aan akademiese hospitale, die munisipaliteit van Pretoria, die Departement van Gesondheid, die Departement van Verdediging, die Nasionale Instituut vir Virologie, die WNNR, die Nasionale Instituut vir Waternavorsing, die Mediese Navorsingsraad, ens. gelewer. Daar word aktief deelgeneem aan konferensies van verwante liggame. Verskeie vooraanstaande geleerdes is oud-studente van hierdie Departement.

Departement Geregtelike Geneeskunde

Geregtelike Geneeskunde het te doen met die gebruikmaking van mediese kennis in die regspraak. Vir elkeen wat sy gedagtes laat gaan oor hofsake waarvan die koerante skryf, is dit opvallend watter rol mediese getuienis speel.

Prof. J.D. Loubser, hoof van die Departement, gee die volgende kort omskrywing van die vak: "In die Geregtelike Geneeskunde gaan dit primêr om die toepassing in regsprosesse van sulke kundigheid as wat die studie van die geneeskunde en die menslike biologie ontwikkel." Sy voorganger, prof. J. Studer, het die dissipline soos volg omlyn: "Geregtelike Geneeskunde behels die lewering van deskundige mediese getuienis in die beslegting van sake en die wetlike verpligting van die geneesheer teenoor die samelewing of staat."

Geregtelike Geneeskunde is 'n belangrike wetenskap. Baie afgestudeerde dokters wat 'n privaatpraktyk beoefen, word aangestel as distriksgeneeshere, waarby hulle verpligtinge in wese Geregtelike Geneeskunde insluit. Die oorsprong van die dissipline kan baie ver terug gevoer word. Die toordokter en die priester van 'n primitiewe gemeenskap is in 'n sekere sin geregtelike geneeshere. In omtrent al die regskodes van die verlede kan elemente van die Geregtelike Geneeskunde bespeur word: van die ou Chinese geskrifte, die Regskode van Hammoerabi, die Mosaïese wette en Oud-Egiptiese uitsprake tot die Hippokratiese Eed. Die Romeinse Reg gee ruimskoots aandag daaraan. Die term Forensiese Geneeskunde, 'n ander naam vir Geregtelike Geneeskunde, kan volgens sommige opvattings van die Romeinse forum afgelei word, die plek waar ingevolge wetgewing die lyke van belangrike persone in die openbaar deur geneeshere ondersoek moes word om die doodsoorsaak vas te stel. Dit was byvoorbeeld die geval met Julius Caesar.

Wat die moderne tyd betref, was die kode van Bamburg, 1507, 'n belangrike mylpaal. Daarin word bepaal dat mediese getuienis gelei moet word in gevalle van gewelddadige dood.

Hoewel die opleiding in Geneeskunde so oud soos die universiteitswese self is, is die wetenskap van Geregtelike Geneeskunde eers aan die begin van die negentiende eeu as 'n universitêre dissipline ingestel. Die eerste volle professorate in die vak vind ons in 1804 in Weenen en in 1807 in Edinburg. In Brittanje is die opleiding in Geregtelike Geneeskunde in 1858 by wet verpligtend gemaak. In Amerika is daar eers in 1937 onderrig in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die dissipline, aan die Universiteit van Harvard, gegee. Aan die Universiteit van Pretoria is die vak in 1945 ongeveer aan die begin van die Fakulteit Geneeskunde ingestel.

In 1960 was prof. C.J.N. Loubser, reeds in 1946 benoem (in 1945 as senior lektor), hoof van die Departement. Hy was in besit van die graad MD (Geregtelike Patologie). Gebore in 1897, het hy in 1962 die aftree-ouderdom bereik, maar sy dienste is daarna vir 'n jaar of wat verleng—wat toe ook saamgeval het met sy amp as hoofdistriksgeneesheer. Prof. Loubser was 'n besonder gesiene persoon aan die Universiteit, ook vanweë sy aandeel aan die ontwikkeling van die rugbyklub. In 1965 is daar by wyse van 'n geselligheid finaal afskeid van hom geneem. Hy is op 3 Mei 1966 oorlede.

Hy is opgevolg deur dr. Hieronymus van Praag Koch, wat aanvanklik as senior lektor en vanaf 1 Januarie 1970 as professor aangestel is. Sy dienstydperk was kort, want hy is op 25 Junie 1973 skielik oorlede. Sy opvolger was dr. Johan Studer, wat met ingang van 1 Januarie 1974 aangestel is as professor in en hoof van die Departement Geregtelike Geneeskunde. Hy is in 1928 op Kakamas gebore en het sy opleiding aan die Universiteit van Stellenbosch (BSc) ontvang. Daarna studeer hy aan die Universiteit van Pretoria in Geneeskunde: MB ChB in 1956 en MMed(Med Forens) in 1973. Hy is reeds in 1973 as dosent in die Departement aangestel waarvan hy uiteindelik hoof geword het. Ook hy het nie lank in hierdie hoedanigheid gewerk nie. Hy is in Oktober 1974 oorlede.

Sy opvolger was prof. J.D. Loubser, wat op 1 Mei 1975 as hoof van die Departement aangestel is. Johann David Loubser is in 1934 op die Vrystaatse dorp Edenburg gebore. Hy het in 1959 aan die Universiteit van Pretoria sy MB ChB en in 1973 MMed behaal. Intussen het hy tot 1970 as distriksgeneesheer gewerk en daarna as tegniese assistent aan die Universiteit van Pretoria. In 1973 word hy staatspatoloog by die Departement van Gesondheid en in 1974 senior staatspatoloog. Hy tree vanaf Oktober 1973 as waarnemende hoof van die Departement Geregtelike Geneeskunde op. Net soos sy voorgangers, staan prof. Loubser ook in diens van die staat. Eintlik het hy 'n drieledige aanstelling: van die staat en provinsie as geregtelike patoloog, en van die Universiteit as professor.

Prof. Loubser het in sy professorale intreerede veral op die multidissiplinêre karakter van die vak gewys. Dit behels omtrent al die onderdele van Geneeskunde en toon raakpunte met Geneeskundige Reg, Kriminologie, Polisiekunde en misdaadondersoek in die algemeen. Desondanks bly dit 'n suiwer mediese wetenskap.

Die Universiteit van Pretoria neem 'n vooraanstaande plek op hierdie terrein in. Deur die beywering van prof. H.W. Snyman, dekaan en destyds voorsitter van die beplanningskomitee van die Departement van Gesondheid, is die graad MMed (Med Forens) in 1966 aan die Universiteit van Pretoria ingestel, die eerste in Suid-Afrika. Die eerste kliniese assistentskappe gesamentlik in die Universiteit van Pretoria en die Departement van Gesondheid het tot stand gekom en in 1967 het die



Prof. H. van P. Koch, Hoof, Departement Geregtelike Geneeskunde, 1967–1973.

eerste kandidate met hulle nagraadse opleiding begin. Ruimer huisvesting in die Instituut vir Patologie is vir die Departement bekom. Die eerste twee kandidate het in 1970 hulle MMed (Med Forens) behaal; hulle was ook die eerstes in Suid-Afrika.

Die Departement lewer uiteraard 'n besondere diens aan die gemeenskap. Dit speel 'n belangrike rol in veiligheidsnavorsing wat deur die WNNR, Nasionale Verkeersveiligheid en die Buro vir Standaarde geloods word. Binne die Departement van Justisie word lesings oor ter sake onderwerpe aan landdroste en die polisie gelewer. Ook internasionale simposia word georganiseer. Daar word noue skakeling gehandhaaf met ander departemente binne die Fakulteit Geneeskunde, veral wat die basiese mediese wetenskappe betref.

Vier van die sewe hoofde van die departement Geregtelike Geneeskunde aan ander Suid-Afrikaanse universiteite het hulle nagraadse opleiding aan hierdie Departement ontvang.

Departement Hematologie

Oorgeneem uit Engels *hematology*, is die woord *hematologie* van Griekse oorsprong, *haima* = bloed. Prof. Stevens, hoof van die Departement, gee die volgende uiteensetting oor die herkoms van die dissipline: "Hematologie as 'n dissipline van geneeskunde het sy ontstaan in Europa aan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die begin van hierdie eeu gehad, maar sekere beelde van sekere bloedsiektes is reeds ten minste 1 500 jaar v.C. beskryf." In die jare dertig van hierdie eeu het 'n Departement Hematologie in Engeland ontstaan. In Suid-Afrika het reeds vier dergelike departemente aan verskillende universiteite bestaan voordat dit in 1975 aan die Universiteit van Pretoria ingestel is. Voor die tyd is dit aan die Universiteit van Pretoria as onderdeel van die Departement Interne Geneeskunde en Kliniese Patologie gereken. Saam met die departemente Anatomiese Patologie, Biochemie en Mikrobiologie, vorm Hematologie die Instituut vir Patologie.

As 'n diensdepartement van die H.F. Verwoerdhospitaal is hierdie Departement verantwoordelik vir die diagnose, opvolg en in 'n sekere mate behandeling van pasiënte met bloedsiektes, soos anemie, leukemie en stollingsprobleme. Die vakgebied staan eintlik met een been in die laboratoriumvakke en met die ander in die kliniese vakke. Voordat dit 'n selfstandige Departement geword het, is die voorgraadse opleiding van die afdeling Hematologie deur dr. C.S. Kingsley waargeneem. Hy was alleen en daar was dikwels probleme as hy met verlof wou gaan. Hy het ook hoofsaaklik laboratoriumdiagnostiek gedoen, terwyl die pasiënte deur klinici, meesal van die Departement Interne Geneeskunde, behandel is.

In 1961 was daar al vertoë vir die oprigting van 'n selfstandige Department Hematologie. Werk oor bloedondersoek het geweldig toegeneem en daar was kommer oor die behoorlike afhandeling daarvan. Daar is op gewys dat Hematologie as 'n spesialiteitsgebied deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad (SAGTR) erken word, en dat dit nie eintlik by 'n ander dissipline ingedeel kan word nie.

Sake het gesloer, maar in 1975 is daar toestemming van die Departement Nasionale Opvoeding en van Hospitaaldienste verkry om die Departement te stig, en wel met ingang van 1 November 1975 onder prof. K. Stevens. Kenneth Stevens is in 1930 op Krugersdorp gebore. Sy skoolopleiding het hy op Krugersdorp ontvang en sy universitêre opleiding aan die Universiteit van die Witwatersrand: BSc in 1950, MB ChB in 1956, en MD in 1964.

Intussen het hy sy opleiding in Engeland by die Postgraduate Medical School, Londen voortgesit, en het hy ook 'n kursus in radio-isotope gevolg. Later het hy lid van die Royal College of Pathologists geword. Van 1964 tot 1968 was hy as hematoloog by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing (SAIMN) werksaam, en van 1968 tot 1971 in 'n privaatpraktyk. Daarna het hy teruggekeer na die SAIMN en die Universiteit van die Witwatersrand in die gesamentlike pos hematoloog/lektor.

Daar bestaan noue samewerking met die ander vier departemente binne die Instituut vir Patologie. Volgens prof. Stevens word daar "'n poging aangewend om tesame met hierdie ander departemente sekere siektetoestande te bestudeer en gesamentlik protokolle vir die behandeling van hierdie siektes op te stel." Verder verduidelik hy: "Navorsing in die departement is hoofsaaklik gerig op die ondersoek van immunologiese oorsake van trombositopenie en in mindere mate anemie. 'n Baie akkurate metode om die aantal antiliggame in selle te bepaal is deur dr. Nel in die Departement ontwikkel en met hierdie metode word verskeie siektetoestande nou bestudeer om die rol van antiliggame in hierdie siektetoestande te evalueer."

Departement Huisartskunde

Die naam *Huisartskunde* lyk selfverklarend. Dit is die vakwetenskap van die huisarts of huisdokter, d.w.s. die dokter of arts van die huisgesin. Na die Engelse voorbeeld, word daar in Afrikaans ook gepraat van mediese praktisyn of algemene praktisyn, maar die benaming van die Departement toon ooreenkoms met die Nederlandse name *huisarts, huisartspraktyk* en *huisgeneeskunde.*

Daar bestaan baie benaminge vir dié wetenskap en vir die persoon wat dit uitvoer: in Engels *General Practice Medicine, general practitioner* en *family doctor,* terwyl *family physician* en *primary care physician* van Amerikaanse oorsprong is. In Duits heet dit *Allgemeinmedizin, Algemein Praxis* en *Allgemeinartz;* en in Frans *Medicine Generale, Medicine Omnipratique* en *omnipraticien.* Die graad aan UP heet MPraxMed.

Prof. A.D.P. van den Berg, die hoof van die Departement, gee die volgende definisie: "Huisartskunde is die vakgebied en wetenskap van die kennis, vaardighede, benadering en werkswyse wat benodig word in die beoefening van huisartspraktyk en verwante werksgebiede van geneeshere wat as eerste dokter-pasiëntraakpunt persoonlike geneeskundige dienste lewer aan indiwidue en gesinne. Dit is gemoeid met die studie van doeltreffende en sinvolle beoefening van geneeskundige praktyk op die vlak van eerste dokter-pasiëntraakvlak. Uit die oogpunt van onderrig, bestaan dit uit 'n geïntegreerde samevoeging van praktykvoering, kliniese huisartskunde en gesinsgeneeskunde."

Huisartskunde het waarskynlik sy ontstaan in Engeland gehad, waar daar in die eerste helfte van die negentiende eeu die volgende verskillende geneeshere aangetref is: interniste, chirurge, aptekers en chirurg-aptekers, ook genoem algemene praktisyns. Die multidissiplinêre werksomvang van die huisarts is alreeds omskryf toe daar in 1844 'n poging aangewend is om 'n College of General Practioners and Midwifery te stig.

Desondanks is 'n voorgraadse opleiding in Geneeskunde tot onlangs as voldoende geag vir 'n persoon om as 'n onafhanklike geneesheer te praktiseer. Die neiging tot spesialisasie het meegebring dat elke Departement slegs bepaalde siektes nagevors het en dat die geheel verwaarloos is. Daar (in die departemente) word weinig aandag aan alledaagse gesondheidsprobleme gegee, en dit is die probleme waarmee die privaathuisarts daagliks te doen het. Daar het mettertyd 'n gaping ontstaan. Meer en meer is besef "dat die aard van die huisarts se werk . . . so verskillend van dié van die spesialiteitspraktyk en hospitaalpraktyk is, dat 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

nuwe wetenskap . . . tot stand gekom het", skryf prof. Van den Berg verder.

Huisartsgeneeskunde het veral in die volgende lande ingang gevind: Engeland, Kanada, die VSA, Australië, Nederland, België en Swede, en in 'n minder mate die res van Europa. In Engeland word daar minstens twee jaar praktiese ondervinding in 'n erkende opleidingspraktyk vereis. So ook in Nederland en Swede.

Aan die Universiteit van Pretoria is daar op aanbeveling van prof. H.W. Snyman as dekaan en dr. H.P. Botha, die baanbreker op hierdie gebied in Suid-Afrika, in 1968 'n magisterkursus in huisartspraktyk, MPraxMed, ingestel. Huisartskunde was toe 'n onderafdeling van die Departement Voorkomende en Bevorderende Geneeskunde.

Volgens prof. Botha in sy intreerede het die Fakulteit Kaap de Goede Hoop van die eertydse Suid-Afrikaanse Kollege van Algemene Praktisyns die volgende definisie van die dissipline gegee: ". . . die huisarts (is) die Geneesheer met wie die pasiënt die eerste keer kontak maak . . . Sy pasiënte is ongeselekteerd en nie-gedifferensieerd. Sy diens is omvattend en deurlopend van aard en hy behandel die pasiënt in sy geheel. Die huisarts is die speerpunt in die voorbehoedende geneeskunde en 'n goed georganiseerde praktyk bied geleenthede vir navorsing in vroeë simptomatologie, epidemiologie en die natuurlike geskiedenis van siekte. Met *huisarts* word bedoel 'n mediese praktisyn toegerus met 'n praktiese benadering tot die algemene diagnostiek en terapie en tot die uitdaginge van verloskunde en toepaslike chirurgie." Hy het ook in 1971 en in 1974 'n brosjure die lig laat sien as handleiding vir studente wat van voornemens was om die kursus te volg.

Soos reeds gemeld, het Huisartskunde in 1968 as 'n onderafdeling van Voorkomende en Bevorderende Geneeskunde tot stand gekom. In 1971 het prof. Howard Botha medeprofessor geword en in 1974 word Huisartskunde 'n selfstandige Departement onder prof. Botha. In 1977 het die noodgevalle- en buitepasiënte-afdelings van die H.F. Verwoerd- en Kalafonghospitaal die kliniese verantwoordelikheid van hierdie Departement geword. Daar is en word heelwat voorgraadse opleiding verskaf, benewens nagraadse onderrig waarvoor ongeveer 50 persent van die studente jaarliks vir 'n driejarige kursus inskryf. Prof. D.A. van Staden—die tweede professor in die Departement en hoof van Huisartskunde aan die Kalafonghospitaal—is ook direkteur van die Hans Snyckers-instituut, wat veral oor Afrikasiektes navorsing doen. Prof. C.J. Reitz, wat ook saam met proff. Van den Berg en Van Staden in 1977 diens aanvaar het, vervul 'n sleutelrol in die organisasie en uitvoering van dié veelvuldige akademiese programme. Prof. C.J. van der Merwe is sedert 1980 klinies in bevel van primêre-sorgdiens aan die H.F. Verwoerd-hospitaal.

Die Departement lewer ook diens aan die publiek deur die Daspoort-kliniek, 'n studenteorganisasie wat mediese en welsynsdienste onder andere aan minder gegoede persone bied, en op nie-amptelike grondslag aan verskeie ander groepe.



Prof. H.P. Botha, Hoof, Departement Huisartskunde, 1974–1975.

Die Departement het weens 'n hoë werkslas 'n groot personeel en spanwerk word hoog aangeslaan. Naas die twee professore en twee medeprofessore, was daar in 1982 dertig poste vir senior lektore, lektore en lektrises. Daar word naas voor- en nagraadse kursusse ook opknappingskursusse aangebied, en gereeld aan kongresse deelgeneem. Daar het reeds baie publikasies van departementslede verskyn. Prof. Van den Berg is 'n bestuurslid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Huispraktyk, Primêre Sorg.

Soos reeds gemeld, was prof. Botha die grondlêer van die Departement. Howard Parkin Botha is in 1926 op Brandvlei in die Kaapprovinsie gebore. Sy opleiding in die Geneeskunde het hy aan die Universiteit van Pretoria ontvang: MB ChB in 1949, DVG (Diploma in Volksgesondheid) in 1962 en MD in 1965. Van 1951 tot 1956 was hy in privaatpraktyk, en van 1956 tot 1962 was hy voltyds in die diens van die Departement Volksgesondheid. Nadat hy na 1962 weer privaat praktiseer het, het hy in 1967, soos gesê, tydelik/deeltydse dosent geword in die Departement Voorkomende en Bevorderende Geneeskunde. Hy het hoof geword van die Subdepartement Praktykvoering, soos Huisartskunde aanvanklik genoem is. Van 1970 af word dit Huisartskunde genoem. In 1971 word hy medeprofessor daarin, en in 1974 profes-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sor in en hoof van die onafhanklike Departement Huisartskunde.

Volgens prof. Van den Berg het "sy (prof. Botha se) besielende leiding . . . die nodige fondamente gelê en motivering verskaf vir die aanvaarding en ondersteuning van die nagraadse kursus".

Prof. Botha het in November 1975 hoofdirekteur van Gesondheidsbevordering in die Departement van Gesondheid en Welsyn geword en hy is op 1 Januarie deur prof. A.P.D. van den Berg opgevolg. Andries Daniël Petrus van den Berg is in 1930 gebore. Sy opleiding het hy aan die Universiteit van Pretoria ontvang: MB ChB in 1952 en MPraxMed in 1972 met lof. Tot 1976 was hy in algemene praktyk, waarvan die laaste 21 jaar in Springs. Hy is lank reeds bedrywig in die Mediese Vereniging van Suid-Afrika, o.a. in takrade, die federale raad en in die Nasionale Algemene Praktisynsgroep (stigterslid).

Departement Interne Geneeskunde

Hierdie Departement het in 1951 tot stand gekom deur die samevoeging van die twee departemente Kliniese Geneeskunde en Sistemiese (destyds genoem Sistematiese) Geneeskunde. Dit is 'n baie omvattende vakgebied. Dit is dan ook een van die grootste departemente in die Fakulteit Geneeskunde. Daar is baie vertakkinge, waarvan Neurologie en Dermatologie, later ook Fisiese Geneeskunde, as aparte afdelings ingedeel is. Onder die twee hoofde, Universiteit en Provinsie, het die dosente, net soos dié van ander departemente, 'n tweeledige taak: die opleiding van studente en die behandeling van pasiënte in die Algemene, later genoem die H.F. Verwoerd-hospitaal, in verskeie klinieke en sedert 1971 ook veral in die Kalafonghospitaal in Atteridgeville. 'n Groot aantal dosente, die meeste in deeltydse hoedanigheid, het 'n werksame aandeel aan hierdie Departement gehad.

Die persoon wat die langste in 'n leidende posisie aan die Departement Interne Geneeskunde verbonde was, is prof. H.W. Snyman. Aangesien hy baie jare ook dekaan van die Fakulteit was, is sy bydrae in dié verband reeds beskryf. Gebore in 1915, het hy sy opleiding as medikus aan die Universiteit van die Witwatersrand ontvang, MB ChB in 1938, en as internis aan die Ryksuniversiteit van Groningen, MD in 1942. Weens die oorlog is sy verblyf in Groningen verleng en het hy na sy promosie konservator en senior lektor in Interne Geneeskunde geword en van Desember 1943 tot Julie 1944 waarnemende professor. In die laasgenoemde maand is hy as gyselaar tot aan die einde van die oorlog geïnterneer. Daarna het hy, voor sy terugkeer na Suid-Afrika, nuttige werk gedoen in Rooikruishospitale in Rotterdam en Bremen. Terug in Suid-Afrika, praktiseer hy as internis in Johannesburg, maar hy aanvaar in 1949 die pos van senior lektor, in 1951 bevorder tot professor, in Kliniese Geneeskunde. Na die samevoeging van hierdie Departement met Fisiese Geneeskunde word hy ook professor in die nuwe Departement Interne Geneeskunde.



Prof. F. Ziady, Hoof, Departement Interne Geneeskunde, 1971–1979.

Nadat hy in 1956 dekaan van die Fakulteit Geneeskunde geword het, het sy werksaamhede baie uitgebrei. Hy het op verskeie terreine 'n belangrike rol gespeel en in talle kommissies en ander liggame 'n belangrike bydrae gelewer. Terselfdertyd het hy sy vakgebied en sy Departement uitgebou en in aanraking gebly met kollegas hier en oorsee. Hy het altesaam dertien reise na die buiteland onderneem. Wat publikasies betref, kan daar gewys word op die eerste *Afrikaanse Mediese Woordeboek*, waaraan hy die grootste aandeel gehad het, en die tydskrif *Geneeskunde*, wat hy gestig en baie jare as redakteur gedien het; origens vier boeke, nege bydraes aan gesamentlike publikasies en talle wetenskaplike artikels. In 1972 is hy aangestel as hoof konsulterende internis van die Suid-Afrikaanse Weermag met die rang van brigadier, later generaal-majoor.

Nadat hy in 1971 voltyds dekaan geword het, het hy sekere doseerpligte behou. Hy het ook later lesings in Mediese Etiek gegee, selfs na sy aftrede in 1980.

As departementshoof is prof. Snyman deur prof. F. Ziady opgevolg. Fred Ziady is in 1914 in Bloemfontein gebore. In 1937 behaal hy die MB ChB met lof aan die Universiteit van Kaapstad. Aan hom word 'n goue medalje as die beste student van die jaar toegeken. Hy gaan studeer verder aan die Brit-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ish Postgraduate School of Medicine in Londen. Hy aanvaar in 1945 'n aanstelling as senior lektor aan die Universiteit van Pretoria, waar hy in 1947 MD behaal. Daarna is hy met 'n Nuffieldbeurs na Engeland, waar hy lid van die Royal College of Physicians word. In 1953 het hy drie maande lank kardiologie in Swede gaan studeer. In Pretoria het hy mettertyd privaat as internis gepraktiseer, terwyl hy in deeltydse hoedanigheid senior lektor gebly het. Hy het verskeie studiereise onderneem en word in 1966 tydens 'n besoek aan Amerika Fellow of the Royal College of Physicians. In 1970 is hy op die raad van die Weskoppieshospitaal gekies. Nadat hy in 1979 die aftree-ouderdom bereik het, tree hy uit die diens van die Universiteit en hy is deur prof. G.P. Human opgevolg.

Gideon Pieter Human is in 1926 gebore. Nadat hy in 1947 MB ChB aan die Universiteit van Pretoria behaal het, het hy op Krugersdorp privaat gepraktiseer, maar hy keer in 1959 terug as kliniese assistent in die Departement Interne Geneeskunde. In 1961 behaal hy MMed en later MD. Van 1967 tot 1975 was hy senior lektor aan die Universiteit van Stellenbosch en daarna aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, waar hy in 1971 bevorder is tot professor. In dieselfde jaar aanvaar hy die pos van professor in die Departement Interne Geneeskunde aan die Kalafonghospitaal en in 1979 dié van professor in en hoof van die Departement Interne Geneeskunde aan die Universiteit van Pretoria. Hierdie posisie het hy nie lank beklee nie, want in 1982 is hy op eie versoek onthef van die hoofskap en is weer as professor na die Kalafonghospitaal oorgeplaas. As departementshoof is hy in 1984 deur prof. A.L. van Gelder opgevolg, wat reeds enkele jare aan die departement verbonde was, van 1982 af as waarnemende hoof.

Die Afdeling Dermatologie is al die jare deur prof. G.H. Findlay waargeneem. George Hudson Findlay is in Pretoria gebore en het sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BSc 1942, BSc(Hons) 1944, MB ChB 1946, MD (Dermatologie) 1951 en Diploma in Mikologie in 1954. Hierna is hy na Amerika, waar hy Fellow in Dermatology aan die Universiteit van Chicago geword het. In die jaar 1952-1953 was hy kliniese assistent aan die Algemene Hospitaal, Pretoria, waar hy aan die Universiteit van Pretoria van 1956 as lektor, en later senior lektor in deeltydse hoedanigheid verbonde was. Hy is in 1969 bevorder tot addisionele professor en in 1980 tot professor.

In die Afdeling Neurologie was dr. A.M. Theron van 1960 af hoof en voltydse senior lektrise. Sy het later deeltydse senior lektrise geword en het die Departement oor al die jare as sodanig gedien. Later het enkele ander dosente in Neurologie bygekom. In 1979 is daar naas haar 'n professor in Neurologie, prof. C.H. van der Meyden, aangestel. Gebore in 1943 in Nederland, het Cornelis Hendrikus van der Meyden in 1967 MB ChB aan die Universiteit van die Witwatersrand behaal en daarna LKI(SA). Nadat hy afwisselend aan die Baragwanathhospitaal, by die Suid-Afrikaanse Weermag en in die Algemene Hospitaal, Johannesburg, gewerk het, het hy in 1975 eerste spesialis en senior lektor aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat geword, waar hy in 1978 tot professor bevorder is. Op 1 Januarie 1979 aanvaar hy die aanstelling as professor in Neurologie aan die Universiteit van Pretoria. Ook in hierdie afdeling het daar mettertyd verskeie dosente in deeltydse hoedanigheid bygekom.

Sedert 1965 vind ons ook 'n Afdeling Fisiese Geneeskunde, met dr. J.H.S. van Reenen as senior lektor in deeltydse hoedanigheid as hoof. Hy is later deur dr. H.D. Epstein en nog later deur dr. S.W. Brighton opgevolg.

In 1982 het daar ook 'n Afdeling Kardiologie tot stand gekom, met prof. A.L. van Gelder as eerste hoof, tot hy later hoof van die Departement geword het.

Benewens die bogenoemde persone, is daar nog verskeie ander dosente wat met verloop van tyd tot medeprofessore en professore in die Departement bevorder is. Onder die eersgenoemdes is daar medeprofessore R.J. van Rooyen, W.F.J. Steenkamp en G.B. Irsigler; onder die laasgenoemdes professore F.J. Pretorius, L.M. Wessels en D.S. Rossouw. Onder die talryke deeltydse dosente kan die naam van prof. P.J. Kloppers genoem word, wat in die jare veertig enkele jare professor en daarna oor 'n lang tydperk in deeltydse hoedanigheid aan die Departement verbonde was. Alles tesame was daar in 1982 46 dosente aan die Departement verbonde.

Departement Kankerchemoterapie

Die naam van die Departement is selfverduidelikend. Dit het te doen met die behandeling van kanker met chemiese en ander middels. Oorspronklik is daaraan gedink om dit die Departement Mediese Onkologie te noem, (onkos = tumor, *-logie* = kennis). Daar is egter volstaan met die maklik verstaanbare naam Kankerchemoterapie.

Prof. Falkson, hoof van die Departement, gee die volgende verduideliking : "Kankerchemoterapie (mediese onkologie) is 'n vak wat handel oor kennis van die verskillende tipes kanker by die mens veral met betrekking tot klassifikasie, stadiëring en pasiëntdiskriminante en die toepassing van antikankermiddels."

Wat betref die ontstaan van die dissipline, skryf hy : "Die vakgebied het as dissipline eers na die ontdekking van die eerste kankermiddels in 1945 begin. Dit is tans een van die grootste spesialiteitsrigtings in die VSA, waar baie kandidate die 'American Board of Clinical Oncology'-eksamen skryf. In die Verenigde Koninkryk is daar verskeie groot departemente by vooraanstaande hospitale".

Die eerste departement in hierdie dissipline in Suid-Afrika het in 1966 by die H.F. Verwoerd-hospitaal tot stand gekom. In 1968 het dit 'n gesamentlike departement (gesamentlik met die Universiteit van Pretoria) geword. Ook by ander universiteite in Suid-Afrika het daar in die laaste jare afdelings vir kankerchemoterapie of mediese onkologie ontstaan, maar geen onafhanklike departement nie. Die graad MMed(Onk) is aan die Universiteit van Pretoria ingestel, maar dit is later

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. G. Falkson, Hoof, Departement Kankerchemoterapie sedert 1974.

verander tot MMed(Int), met die endossement Onkologie, saam met die graad MMed(Paed), ook met die endossement Onkologie. Dan is daar ook 'n Diploma in Onkologieverpleging ingestel. Vanaf 1966 het die Departement lid geword van die *Cancer and Acute Leukemia Group B* en sedert die jare sewentig ook lid van die toonaangewende *Eastern Cooperative Oncology Group*, albei Amerikaanse organisasies waarmee saam gewerk word. Daar is ook samewerking met die Kankervereniging van Suid-Afrika.

By die Departement word daar hoofsaaklik praktiese werk gedoen wat pasiëntesorg en kliniese navorsing betref; asook akademiese studie wat moontlik tot praktiese toepassing kan lei. Ook word opvoedkundige lesings dikwels aan die publiek gegee om 'n beter perspektief op kanker daar te stel.

Binne die Fakulteit Geneeskunde van die Universiteit van Pretoria werk die Departement saam met ander departemente, veral Chirurgie, Radioterapie en die Instituut vir Lewenswetenskappe van die Kernkragontwikkelingskorporasie (Raad op Atoomkrag). Daar word gereeld kliniespatologiese koördinasie gedoen en veral met die Departement Anatomiese Patologie geskakel, asook met die Departement Statistiek van die Universiteit van Pretoria. Met die Tygerberghospitaal word daar op 'n gereelde grondslag in kliniese navorsing saamgewerk. Daar is reeds baie navorsingsprojekte insake die aard van kanker en die pasiënt gedoen.

Die opkoms en uitbou van hierdie Departement is hoofsaaklik die werk van prof. Falkson. Geoffrey Falkson is in 1932 in Pretoria gebore. Hy het in 1955 die graad MB ChB aan die Universiteit van Pretoria behaal; daarna, in 1957, die State Board Examination aan die University of Ann Arbor, Michigan; terug aan die Universiteit van Pretoria, MMedInt in 1964 en in 1966 MMed met lof. Van 1963 tot 1965 het hy 'n privaatpraktyk in Pretoria as kankerchemoterapeut gehad. In 1966 is die Departement Kankerchemoterapie aan die H.F. Verwoerd-hospitaal gestig en hy word die hoof van die Departement Kankerchemoterapie aan die Universiteit van Pretoria. Hy is in 1971 tot medeprofessor en in 1974 volle professor en hoof van hierdie Departement bevorder.

Prof. Falkson word as wetenskaplike hoog aangeskryf. Hy het talryke universiteite en institute in die buiteland besoek, hoofsaaklik in Amerika, maar ook in Europa en die Verre Ooste, waar hy met geleerdes op sy gebied saamgewerk het. Gevolglik behoort hy ook aan 'n aantal wetenskaplike verenigings. Sy wetenskaplike publikasies is aansienlik.

Daar was in 1982 tien dosente in die Departement, waaronder prof. J.J. van Dyk as medeprofessor en mev. dr. H.C. Falkson, die eggenote van prof. Falkson, as senior lektrise.

Departement Kindergeneeskunde

Kindergeneeskunde is die aanvaarbare Afrikaanse benaming vir die oorspronklike Griekse woord *pediatrie* (pais = kind en *iatreia* = genees). In Engels heet dit *Paediatrics*, in Nederlands *Kindergeneeskunde* (ook *Pediatrie*) en in Duits *Kinderheilkunde*.

Volgens prof. R.E. Cronjé, die hoof van die Departement, behels die dissipline "die studie van kindersiektes, asook die normale fisiese en psigiese ontwikkeling van kinders." Dit sluit ook voorkomende kindergeneeskunde in. Hy vervolg: "Tot ongeveer die helfte van die 19de eeu is Kindergeneeskunde as deel van òf Interne Geneeskunde òf Obstetrie gedoseer. Sedertdien het dit tot 'n onafhanklike dissipline ontwikkel."

Aan die Universiteit van Pretoria was Kindergeneeskunde vanaf die begin van die Fakulteit Geneeskunde een van die kliniese hoofvakke. Daarteenoor word die vak by die meeste ander Suid-Afrikaanse universiteite vir eksamendoeleindes as deel van Interne Geneeskunde beskou.

In 1960 was prof. J.G.A. Davel professor in en hoof van die Departement Kindergeneeskunde, aangestel op 1 Januarie 1951. Johannes Gerhardus Albertus Davel is in 1900 op Carolina gebore. Sy veelsydige akademiese opleiding lees soos volg: MSc 1920, Universiteit van Suid-Afrika, MA 1926 en BM BCh in 1927, Oxford, FRSCE 1929, Edinburg, MD(Paed) 1945, Witwatersrand, MRCPE 1948, Edinburg. Van 1929 tot 1935 was hy algemene praktisyn op Heidelberg en van 1936 tot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. P.J. Pretorius, Hoof, Departement Kindergeneeskunde, 1965–1979.

1945 algemene praktisyn in Pretoria en as erechirurg aan die Algemene Hospitaal verbonde. In 1947 het hy aan verskeie hospitale in Nederland, Engeland, Skotland en Swede studeer. Hy is dieselfde jaar as spesialis in Kindergeneeskunde geregistreer. Aan die Universiteit van Pretoria het hy oor 'n lang tydperk vrugbare werk gelewer en hy was 'n tyd lank dekaan van die Fakulteit Geneeskunde. By die bereiking van die aftree-ouderdom, tree hy op 30 Junie 1965 uit die diens van die Universiteit en hy word op 1 Julie 1965 deur prof. P.J. Pretorius opgevolg.

Petrus Jacobus Pretorius is in 1933 op Ugie gebore. Na sy skoolopleiding, behaal hy die volgende grade aan die Universiteit van Pretoria: MB ChB in 1947, met onderskeiding in Kindergeneeskunde, MMed(Paed) in 1956 met lof, en MD in 1957. In die jare 1945 tot 1950 was hy geneeskundige offisier by 1 Militêre Hospitaal; van 1950 tot 1952 praktiseer hy as huisarts op Steynsburg; hy dien van 1952 tot 1953 as kliniese assistent aan die Algemene Hospitaal, Pretoria. Hierna was hy hoof van die voedingskliniek vir Kinders aan die WNNR en deeltyds senior lektor aan die Universiteit van Pretoria, waar hy op 1 Julie 1965 tot professor in en hoof van die Departement Kindergeneeskunde bevorder is. Van 1945 tot 1956 het hy hom besig gehou met navorsing oor wanvoeding by kinders en later spits hy hom toe op lewersiektes by kinders. Behalwe skrywer of medeskrywer van ruim 73 publikasies, waaronder drie handboeke, was hy ook etlike jare mederedakteur van die blad *Geneeskunde* en later hoofredakteur. Hy tree op 31 Desember 1979 om gesondheidsredes uit die diens van die Universiteit en hy is met ingang van 1 Mei 1980 deur prof. R.E. Cronjé opgevolg.

Reinholdt Emiel Cronjé is in 1929 in Pretoria gebore. Die MB ChB-grade behaal hy in 1952 aan die Universiteit van die Witwatersrand, MBCP in 1956 in Edinburg, en daarna volg hy 'n nagraadse kursus in Kindergeneeskunde aan die Universiteit van Pretoria. In 1972 word hy genoot van die Koninklike Kollege van Interniste in Edinburg. Hy praktiseer vyf jaar lank as kinderarts in Pretoria, voordat hy in 1966 as voltydse senior lektor aan die Universiteit van Pretoria aangestel en vanaf 1 Januarie 1975 tot medeprofessor bevorder is. Hy was president van die Suid-Afrikaanse Pediatriese Vereniging en van die Suid-Afrikaanse Hartvereniging (1973–1974) en voorsitter van die Gesondheidskommissie van die Raad vir Kindersorg.

Daar was in 1982 sestien dosente aan die Departement verbonde waaronder prof. J.G. Prinsloo, wat as tweede professor en kliniese hoof van die Kalafonghospitaal in 1972 aangestel is, met mej. dr. C. van Heerden as medeprofessor.

Departement Obstetrie en Ginekologie

Hierdie Departement was tot 1964 bekend as die Departement Obestetrie en Ginekologie. Daarna, tot 1882, was dit bekend onder die naam Departement Verloskunde en Vrouesiektes. Die woord *obstetrie* is afgelei van die Latyn *obstetrix*, vroedvrou, vrou wat teenoor staan, van *obstare, ob* = teenoor, en *stare* = om te staan. *Ginekologie* is afgelei van die Grieks *guwe, gunâik*, wat vrou beteken.

Prof. van der Merwe, die hoof van hierdie Departement, gee die volgende verduideliking: "Obstetrie en Ginekologie is die studie van die eiesoortige fisiologie en patologie van die vrou." Dan noem hy sowat agt onderafdelings daarvan. "Die verloskundige onderafdeling," vervolg hy, "behels die studie van die fisiologie van die swanger vrou, asook die omsien na die welsyn van die swanger vrou en baba gedurende kraam en verlossing."

Volgens prof. Van der Merwe was die eerste boek oor *Obstetrie* Rösslin se *De Partu Hominis* van 1532, wat in 1580 in Engels vertaal is en byna drie eeue 'n invloed op die praktyk van obstetrie in Engeland gehad het. Die eerste ginekologiese operasie in Amerika is in 1908 deur dr. Ephraim McDowell uitgevoer. Hy was 'n student van John Bell van Londen, wat vir die eerste keer so 'n operasie voorgestel het. 'n Keisersnee op die lewende pasiënt is die eerste keer in 1581 deur Francois Rousset aanbeveel.

In Suid-Afrika is die vak die eerste in 1922 deur die mediese fakulteit van die Universiteit van Kaapstad aangebied, in Pretoria vanaf die begin van die Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria in 1943. Prof. L.T. te Groen was die eerste profes-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. F.G. Geldenhuys, Hoof, Departement Obstetrie en Ginekologie (voorheen Verloskunde en Vrouesiektes), 1956–1981, en Dekaan, Fakulteit Geneeskunde sedert 1980.

sor en hoof. Hy is in 1956 deur prof. F.G. Geldenhuys opgevolg.

Frans Gert Geldenhuys is in 1922 gebore. As seun van 'n diplomaat, het hy sy skoolopleiding in Rome en Genéve ontvang, maar hy het in 1940 in Pretoria gematrikuleer. Hy het in 1945 MB ChB aan die Universiteit van die Witwatersrand behaal. Daarna is hy na Engeland om in 1947 in Obstetrie aan die Queen Victoriahospitaal te werk. Van 1948 tot 1951 was hy voltydse kliniese assistent in Obstetrie en Ginekologie aan die Algemene Hospitaal in Pretoria, waarna hy die MD aan die Universiteit van Pretoria behaal het.

In dieselfde jaar is hy na die buiteland, waar hy die MRCOG-kwalifikasie behaal. By sy terugkeer het hy eers deeltydse en later voltydse en nog later senior lektor in die Departement Obstetrie en Ginekologie, geword en vanaf 1956 is hy professor en hoof. As hoof van hierdie Departement het hy later 'n vooraanstaande plek beklee. Hy het visepresident van die International College of Surgeons, president van die Kollege van Geneeskunde van Suid-Afrika en later president van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad geword. Aangesien hy dikwels waarnemende dekaan was tydens prof. Snyman se afwesigheid, was hy die aangewese persoon om hom op te volg. In 1981 het hy permanente dekaan van die Fakulteit Geneeskunde geword.

Prof. Geldenhuys is in 1981 deur Prof. J.V. van der Merwe opgevolg. Jan Valentyn van der Merwe is in 1943 op Prieska gebore. Hy het in 1968 aan die Universiteit van Stellenbosch die graad MB ChB behaal, waarna hy huisdokter aan die Karl Bremer-hospitaal was. Na enkele jare in die praktyk op Prieska, is hy vir verdere studie terug na die Universiteit van Stellenbosch. As kliniese assistent aan die Tygerberghospitaal en die Universiteit van Stellenbosch, het hy die graad MMed (OetG) met lof in 1978 behaal, en in dieselfde jaar ook die LKOG(SA)-kwalifikasie. In 1980 behaal hy sy doktorsgraad (MD) aan dieselfde universiteit. Prof. Van der Merwe het buitelandse ondervinding opgedoen in Europa en Amerika, en later aan die Duke-universiteit in North Carolina studeer. Terwyl hy nog daar was, is hy as professor en hoof van die Departement Obstetrie en Ginekologie aan die Universiteit van Pretoria aangestel.

Die Departement sien vir homself 'n drieledige taak; gemeenskapsbetrokkenheid, veral deur pasiëntesorg en die ontwikkeling van fasiliteite wat nêrens elders beskikbaar is nie; die opleiding van voor- en nagraadse studente in die vakgebied; en die ontwikkeling van 'n navorsingsprogram as rugsteun van die Departement se akademiese diepte. So het 'n Navorsingseenheid vir Reproduktiewe Biologie in 1982 ontstaan—die aktiwiteite daarvan het onder andere gelei tot die geboorte van Pretoria se eerste proefbuisbaba.

Departement Oogheelkunde

Sedert 1946 was dr. J.C. Kriek as senior lektor hoof van hierdie Departement, met dr. D.J. Jacobs as lektor en eerste chirurg aan die Algemene Hospitaal van Pretoria. Dr. Kriek is in 1896 gebore en hy het eers nadat hy sy MA-graad in Nederlandse Letterkunde behaal het, aan die Universiteit van die Witwatersrand in die Medisyne studeer, waar hy MB ChB in 1927 behaal het. Daarna het hy Oogheelkunde aan die universiteite van Edinburg, Amsterdam en Wenen bestudeer. Hy het in 1961 afgetree en is in 1977 oorlede.

Dr. Kriek is as hoof van die Departement opgevolg deur dr. Hennie Meyer, ook as senior lektor. Dr. Meyer het in 1948 MB ChB aan die Universiteit van Pretoria behaal. Daarna was hy etlike jare in die algemene praktyk . Van 1952 tot 1954 was hy kliniese assistent aan die Universiteit van Pretoria, waar hy in die laasgenoemde jaar MMed met lof behaal het. Hy is van 1969 af bevorder tot deeltydse professor in Oogheelkunde.

Prof. Meyer het verskeie Oogheelkundesentrums in die VSA en Europa besoek. Hy het ook besoek afgelê by die Helmholtz-kliniek in Moskou.

Prof. Meyer was verbonde aan die instelling van 'n Diploma in Spesiale Onderwys vir Swaksiendes in die Fakulteit Opvoedkunde. Hy dien ook op die volgende komitees en rade: Consultant Board of the International Eye Foundation of the Society of Eye Surgeons; die S.A. Raad vir Voorkoming van Blindheid; die Uitvoerende Komitee van OVSA;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. H. Meyer, Hoof, Departement Oogheelkunde, 1962–1984.

Prof. J.H. Hofmeyr, Hoof, Departement Oor-, Neus- en Keelheelkunde, 1946–1974.

en die Beroepsraad vir Optometrie van die S.A. Geneeskundige Raad. Die Departement lê hom toe op navorsing oor retinaloslating, en lensoorplanting en op ultraklankondersoeke.

Departement Oor-, Neus- en Keelheelkunde

Oor-, Neus- en Keelheelkunde word algemeen in sekere Westerse tale gebruik. Daar bestaan 'n nuwe neiging om die Latynse benaming *Otorinolaringologie* te gebruik. Die afkorting vir die meestersgraad is dan ook MMed(ORL).

Prof. Hamersma, hoof van die Departement, gee die volgende definisie van die vakgebied: "Dit is die studie van die geneeskunde en van die anatomie, fisiologie en patologie van die oor, neus, en keel. Onder die keel word die boonste lugweg ingesluit en daar is 'n oorvleueling met longsiektes. Die oor-, neus- en keelarts . . . beperk die chirurgie oor die algemeen tot waar die nek en die borskas aansluit."

Dit het reeds in die negentiende eeu as 'n aparte vakgebied in Europa ontwikkel, veral in Wenen. In Suid-Afrika bestaan dit as 'n selfstandige departement aan die Afrikaanse universiteite; aan die Engelse universiteite is dit 'n onderdeel van die chirurgiese dissipline.

In 1960 was dr. (later prof.) J.H. Hofmeyr hoof van die Departement. Jan Hendrik Hofmeyr is in 1909 op Uitenhage gebore. Hy het eers aan die Rhodesuniversiteitskollege studeer, waar hy BSc in 1931 behaal het (Universiteit van Suid-Afrika). Daarna het hy in 1936 aan die Universiteit van Kaapstad MB ChB behaal. Hierop het 'n driejarige studie in oor-, neus- en keelheelkunde in Brittanje gevolg, met 'n FRCS aan die Universiteit van Edinburg in 1939. In Suid-Afrika was hy eers in algemene praktyk in Johannesburg en daarna het hy in die oorlog by die Suid-Afrikaanse magte aangesluit. As oor-, neus- en keelarts het hy in Noord-Afrika en Italië diens gedoen. Toe die Fakulteit van Geneeskunde aan die Universiteit van Pretoria gestig is, is sy aansoek om die hoofskap van die Departement Oor-, Neus- en Keelheelkunde in 1946 aangeneem. Hy is as senior lektor aangestel en is in 1968 tot deeltydse professor in die Departement bevorder. By sy aftrede in 1974 was hy die enigste oorspronklike lid van die Fakulteit wat nog in diens was. Hy was 'n aktiewe lid van die Suid-Afrikaanse Oor-, Neus- en Keelvereniging en het aan kongresse, hier en oorsee, deelgeneem.

Prof. Hofmeyr is deur prof. Hamersma opgevolg, wat in 1982 nog hoof van die Departement was. Hermanus Hamersma is in 1927 op Rustenburg gebore, waar hy in 1945 gematrikuleer het. Aan die Universiteit van Pretoria het hy in 1951 die MB ChB verwerf en daarna verder in Oor-, Neus- en Keelheelkunde aan die Universiteit van Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

en die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam studeer. Aan die laasgenoemde universiteit het hy in 1957 die MD-graad behaal. Hy het daarna verskeie buitelandse reise onderneem en voordragte gelewer in Mexikostad, Miami, Zürich en Los Angeles. Hy dien op die bestuur van die Oor-, Neus- en Keelafdeling van die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging. Hy het vanaf Augustus 1975 professor aan die Universiteit van Pretoria en hoofspesialis aan die H.F. Verwoerd-hospitaal geword.

Diens aan die gemeenskap word deur die Departement hoofsaaklik deur die opleiding van voor- en nagraadse studente en deur kongresse gelewer. Daar is kontak met die Mediese Vereniging, hoofsaaklik wat die Oor-, Neus- en Keelafdeling daarvan betref, en met die Transoranjeskole vir Dowes en Hardhorendes, asook met die Vereniging van Spraakterapeute en Oudioloë en die Kankervereniging. Uiteraard is daar intensiewe samewerking met ander mediese departemente, ook aan ander universiteite, ook met die Departement Oudiologie en Spraakheelkunde van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.

Saam met prof. Hamersma was prof. J.G. Swart professor in die Departement en kliniese hoof van die Kalafonghospitaal. Navorsing in die Departement geskied op die volgende gebiede: marmerbeensiekte, fibrienkleefstof, facialisverlamming, sitotoksiese effek van allergene en Ménière se siekte.

Prof. I.S. de Wet, Hoof, Departement Ortopedie, 1971–1979.

Departement Ortopedie

Volgens prof. Gräbe, die hoof van hierdie Departement, kan die oorsprong van die naam *ortopedie* na twee Griekse woorde teruggevoer word: "*Orthos* wat reguit beteken (of ook sonder gebrek) en *pais* (*pedie*) wat kind beteken ... Die woord is deur Nicolas Andry (in 1741) ontwerp 'to express in one term the design and purpose which is to teach the different methods of preventing deformity of children". Andry word beskou as die vader van die Ortopedie.

In Afrikaans word daar gepraat van Ortopediese Chirurgie (*ortopedie* en *troumatologie*) en hierdie benamings vind ons in feitlik al die Westerse tale terug. Prof. Gräbe gee vervolgens die volgende kort definisie van die dissipline: "Die ontwikkeling van die kuns en die wetenskap van ortopedie is geïnspireer deur die behoefte van die kreupel kind. Ortopedie as 'n spesialiteitsrigting moes noodwendig groei, deels omdat die kind ontwikkel na 'n volwassene en eweneens omdat dit betrokke is by alle vorme van afwykinge van die rug en ledemate."

Die dissipline het ongeveer 150 jaar gelede ontstaan. Verskillende ortopediese verenigings het in die verskillende lande ontstaan: in Amerika in 1887, in Groot Brittanje in 1894 (die Britse Ortopediese Assosiasie in 1918) en in Duitsland in 1909 (die werk van die Suid-Afrikaans gebore prof. A. Hoff). Dit het deurgewerk na ander lande. In Nederland was dit veral die werk van dr. Murk Jansen in die nou bekende Annakliniek in Leiden.

In Suid-Afrika is ortopediese dienste deur twee Duitse artse begin: dr. Ernst Simon (1868—1943) en dr. E.A. Sthamer. Die laasgenoemde het tydens die Anglo-Boereoorlog in die Duitse Ambulanskorps diens gedoen en hy het hom later as ortopediese chirurg in Pretoria gevestig. Verder was daar dr. P. de V. Moll, wat voor en tydens die Eerste Wêreldoorlog in Duitsland en daarna in Liverpool en Edinburg gewerk het. Hy het hom later, in 1919, in Kaapstad gevestig.

Die eerste leerstoel in hierdie vakrigting vind ons in Oxford (deur die Nuffieldstigting moontlik gemaak), gevolg deur baie ander lande. Die grootste aansporing wat ortopedie in Suid-Afrika verkry het, was ook deur die ruimhartige bydrae van lord Nuffield, na aanleiding waarvan die Nasionale Raad vir die Versorging van Kreupeles in Suid-Afrika (1939) en die Dr. Pieter Moll- en Nuffieldleerstoel aan die Universiteit van Kaapstad (1955) tot stand gekom het. Aan die Universiteit van Pretoria het 'n selfstandige afdeling in Ortopedie in 1945 tot stand gekom, met prof. J.G.A. du Toit as senior chirurg. In 1947 is die Ortopediese Hospitaal geopen. In 1964 is 'n leerstoel in Ortopedie ingestel met prof. G.T. du Toit as professor en hoof.

Gebore in 1909, het Gillaume Tom du Toit sy opleiding aan die universiteite van die Witwatersrand, Londen, Bristol, Oxford en Wenen tussen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1929 en 1935 ontvang. Daarna het hy talle studiereise oor sy vak oorsee onderneem. In Suid-Afrika was hy lid van talle verenigings, onder andere stigterslid in 1942 en vir sewe jaar sekretaris van die Suid-Afrikaanse Ortopediese Vereniging.

Prof. Du Toit het in 1971 bedank en hy is deur prof. I.S. de Wet opgevolg. Isak Stephanus de Wet is in 1914 in die Bloemfonteinse distrik gebore. Na 'n eerste jaar aan die Grey-universiteitskollege in 1931, het hy sy opleiding aan die Universiteit van die Witwatersrand voortgesit, waar hy in 1936 MB ChB behaal het. Nadat hy vir tien jaar lank in Pietersburg en Standerton privaat gepraktiseer het, het hy sy studie aan die Universiteit van Pretoria voortgesit en in 1954 MCh behaal. Hy was kliniese assistent aan die H.F. Verwoerd-hospitaal en aan die Departement Ortopedie verbonde. In 1957 het hy eerste ortopediese chirurg in hierdie hospitaal geword. In 1966 is hy as lektor in die Departement aangestel en in 1967 is hy tot medeprofessor bevorder. In 1971 word hy professor in en hoof van die Departement Ortopedie. Prof. De Wet was toonaangewend in ortopediese kringe. Hy het 'n aantal studiereise na die buiteland onderneem en verskeie kongresse bygewoon, voordat hy in 1979 afgetree het. Hy is deur prof. R.P. Gräbe opgevolg.

Gebore in 1930 op Wakkerstroom, het Roland Peter Gräbe in 1953 MB ChB en in 1960 MMed in Chirurgiese Ortopedie aan die Universiteit van Pretoria behaal. Hy is in 1969 as deeltydse lektor aangestel. In 1973 het hy professor in en hoof van die Departement Ortopedie aan die Kalafonghospitaal geword. Hy is in 1979 in dieselfde posisie aan die Universiteit van Pretoria aangestel. Aan die H.F. Verwoerd-hospitaal het hy 'n spesiale eenheid vir die serebraalverlamde kind ontwikkel. Ook hy speel 'n rol in baie verenigings op sy vakgebied en hy het talle oorsese klinieke en kongresse besoek, waar hy by sommige ook referate gelewer het.

In die Departement het prof. G.F. Dommisse in 1975 medeprofessor geword. Daar het hy die landswydbekende Skoliose-eenheid gestig en navorsingswerk oor die rugmurg gedoen wat wye oorsese bekendheid verwerf en tot talle uitnodigings gelei het. Prof. A.J. de Klerk is in 1979 as kliniese hoof en professor in Ortopedie aan die Kalafonghospitaal aangestel, waar hy uitstekende navorsingswerk oor peesgenesing saam met prof. Jonck doen.

As 'n desentralisasiemaatreël is daar in 1971 besluit om die Warmbadhospitaal vir nagraadse opleiding in Ortopedie te gebruik.

Departement Psigiatrie

Psigiatrie het psigiese afwykings by die mens as onderwerp. As Departement bestaan dit van 1943 af aan die Universiteit van Pretoria. In 1960 was prof. A.M. Lamont die hoof daarvan; hy is in 1959 aangestel. Die Departement het altyd saamgewerk met die Weskoppieshospitaal vir sielsiekes, terwyl die Departement Psigologie, by name prof. B.J. Schlebusch, ook 'n aandeel aan die opleiding gehad het. In 1960 is die Departement met die Afdeling Psigiatrie van die H.F. Verwoerd-hospitaal in 'n gesamentlike departement verenig.

Alastair McEwan Lamont is in 1914 op Queenstown in die Oos-Kaap gebore en hy matrikuleer in 1931 in Durban. Van 1932 tot 1937 was hy student aan die Universiteit van Kaapstad, maar hy sit daarna sy studie aan die Universiteit van Glasgow voort, waar hy in 1938 MB ChB behaal en in 1938 MD met lof. Hierop volg daar enkele jare 'n veelsydige loopbaan as huisdokter in Durban, locum tenens in Brittanje, skeepsdokter, assistent-internis in Glasgow (waar hy die kliniese eksamen in 1940 aflê), distriksgeneesheer in Betsjoeanaland (tans Botswana), mediese beampte by die Simmer en Jackgoudmyn, mediese offisier in die Suid-Afrikaanse Mediese Korps van die Weermag, mediese beampte aan die Valkenburginrigting en, ten slotte, geneeskundige bestuurder van die Weskoppieshospitaal.

Van 1952 tot 1958 was hy demonstrateur en waarnemende kliniese lektor aan die Universiteit van Pretoria, waar hy in 1959 in deeltydse hoedanigheid bevorder is tot professor in en hoof van die Departement Psigiatrie. In 1958 het hy ook lid geword van die Fakulteit Neurologie en Psigiatrie van die Suid-Afrikaanse Kollege van Interniste, Chirurge en Psigiaters. Hy het die Departement Psigiatrie sewe jaar getrou gedien, maar hy bedank in 1965.

Prof. Lamont is deur prof. A.J. van Wyk opgevolg. Adolf Johannes van Wyk is in 1914 op Ventersburg gebore. Sy mediese opleiding het hy aan die Universiteit van die Witwatersrand ontvang: MB ChB in 1938 en DPM in 1956. Van 1939 tot 1949 was hy op Ventersburg en Parys, OVS, in algemene praktyk. Daarna dien hy tot 1966 in die Sielsiekediens, agtereenvolgens in Bloemfontein, op Potchefstroom, op Fort Beaufort, op Sterkfontein en in Pretoria, in die laasgenoemde plek in die Weskoppieshospitaal.

In 1966 is hy in deeltydse hoedanigheid aangestel as professor in en hoof van die Departement Psigiatrie, terwyl hy ook superintendent van die Weskoppieshospitaal was. In hierdie funksies het hy agt jaar lank 'n belangrike bydrae gelewer. Prof. Van Wyk was onder andere voorsitter van die Komitee van Ondersoek na Psigiatrie en die ondersoekkomitee oor erg geestesvertraagde persone. Hy tree in 1973 om gesondheidsredes uit die diens van die Universiteit en is in 1977 oorlede. As departementshoof en professor in Psigiatrie is hy in Desember 1973 deur prof. W. Bodemer opgevolg.

Wilhelm Bodemer is in 1938 gebore en hy het sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang: MB ChB in 1962 en MMed(Psych) in 1968. Van 1962 tot 1963 was hy huisdokter aan die Algemene Hospitaal, Pretoria, en van 1964 tot 1968 kliniese assistent aan die Weskoppieshospitaal. Buitelandse ondervinding het hy in 1969 opgedoen as psigiater aan die Akademiese Ziekenhuis in Utrecht, Nederland. Daarna was hy in privaatpraktyk as psigiater en psigiater aan die Weskoppieshospitaal, asook deeltydse senior lektor aan die H.F. Verwoerd-hospitaal; hy was terselfdertyd ook

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. A.J. van Wyk, Hoof, Departement Psigiatrie, 1966–1973.

Prof. S.F. Oosthuizen, Hoof, Departement Radiodiagnostiek, 1958–1969, en President van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, 1951–1974.

senior lektor aan die Universiteit van Pretoria. In 1973 word hy professor in en hoof van die Departement Psigiatrie. Sy intreerede het gegaan oor *Die historiese ontwikkeling van en moderne tendense in Psigiatrie*. Origens het verskeie publikasies, onder andere oor depressie en die bloedbreinskans, uit sy pen verskyn.

Die Departement Psigiatrie was aanvanklik een van die kleinstes in die Fakulteit Geneeskunde, met tot 1975 naas 'n professor slegs een of twee lektore in deeltydse hoedanigheid. Hierna het die dosente jaar na jaar toegeneem, tot die personeel in 1982 bestaan het uit 'n professor, 'n medeprofessor (prof. J.A. Plomp), drie senior lektore, agt lektore, vyf junior lektore, en 'n senior dosent, dr. J.J. Bothma, in deeltydse hoedanigheid.

Departement Radiodiagnostiek

Hierdie dissipline word gedefinieer as die "diagnostiese gebruik van ioniserende strale en ook ultraklank." Dit kom neer op die gebruik van X-strale om siektes van pasiënte op te spoor. Die naam kom van *radiation*. Ander benamings is X-straalafdeling en die Afdeling Röntgenologie. In Engels heet dit die *X-Ray Departement* en in Frans *Departement de Radiologie*. Soos bekend, het prof. Wilhelm Conrad Röntgen in 1895 aan die Universiteit van Würzburg, Duitsland, Röntgenstrale ontdek. Aan die Universiteit van Pretoria is die Departement Radiologie so oud soos die Fakulteit Geneeskunde self, met prof. S.F. Oosthuizen as hoof.

Eers in 1958 is hierdie Departement verdeel in die Departement Radioterapie en die Departement Radiodiagnostiek, met prof. S.F. Oosthuizen as die hoof van die laasgenoemde.

Sarel François Oosthuizen is in 1910 op Ventersburg gebore. Aan die Universiteit van Kaapstad het hy in 1934 MB ChB en in 1942 MMed behaal. Die DSc-graad in Anatomie het hy in 1947 aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Ondertussen het hy in 1946 die FRCP in Edinburg en daarna die FFR, in 1950, in Londen behaal.

Van 1934 af was hy in privaatpraktyk, maar hy beklee van 1939 tot 1944 'n voltydse pos aan die Groote Schuurhospitaal. Hy word in 1949 aan die Universiteit van Pretoria aangestel as professor in en hoof van die Departement Radiologie.

Van 1951 tot 1974 was prof. Oosthuizen ononderbroke president van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad (SAGTR). Enkele van sy baie dienste sluit in: adviseur van die Transvaalse Provinsie oor radiologiese dienste, adviseur van die Minister van Mynwese, en konsultant in radiologie vir die Suid-Afrikaanse Weermag. Hy was ook generaal in die Weermag met sowel aanbevelende as uitvoerende bevoegdheid oor

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

radiologiese aangeleenthede.

Aan die Universiteit van Pretoria het hy langdurig diens gelewer. Met die uitsondering van ongeveer 'n jaar, was hy van 1949 tot 1974 lid van die Universiteitsraad as verteenwoordiger van die senaat en was hy vir 'n tydperk ook sekundus in die Finansies- en Eiendomskomitee van die Raad. Weens baie andere verpligtinge, het hy hom in 1969 onttrek as hoof van die Departement. Hy is toe, tot 1974, as medeprofessor daarin opgeneem, toe hy met bereiking van die ouderdomsgrens uit die diens van die Universiteit getree het.

Prof. Oosthuizen het talle wetenskaplike referate en publikasies gelewer. Hy het eredoktorsgrade van die Universiteit van Natal en die Universiteit van Kaapstad ontvang. Ook is die Suiderkruismedalje vir besondere dienste deur die staatspresident aan hom toegeken. Hy is opgevolg deur prof. P.D. de Villiers.

Pieter Daniel de Villiers het in 1945 BChB aan die Universiteit van Kaapstad behaal en daarna diagnostiese radioloog aan die Greyshospitaal in Pietermaritzburg geword. Na enkele jare is hy vir verdere studie na die buiteland en hy behaal die DMRD en die FFR in 1966 aan die Royal College, Londen.

Terug in Suid-Afrika, was hy tien jaar in privaatpraktyk in Johannesburg. Hy aanvaar in 1967 'n lektoraat in Radiologie aan die Universiteit van die Witwatersrand. In 1968 was hy weer in privaatpraktyk in Pretoria. Hy word in 1969 professor in en hoof van die Departement Radiodiagnostiek. Hy tree in 1974 af en word opgevolg deur prof. J.M. van Niekerk.

Jan Martinus van Niekerk is in 1912 op Hanover gebore. Aan die Universiteit van Kaapstad het hy in 1943 MB ChB behaal en die Diploma in Radiologie aan die Universiteit van Pretoria in 1951, waarop in 1952 'n aanstelling as junior assistent-radioloog gevolg het. In 1956 is hy bevorder tot senior radioloog. In 1961 tree hy in privaatpraktyk en hy word deeltyds radioloog aan die Pretoriase Hospitaal. Hy is met ingang van 1974 aangestel as professor in en hoof van die Departement Radiodiagnostiek. Hy het in 1977 uit die diens van die Universiteit getree en is deur prof. S.F. Prinsloo opgevolg.

Simon Frederik Prinsloo is in 1944 in Pretoria gebore. Die MB ChB het hy in 1967 aan die Universiteit van Pretoria behaal, en die MMed(Rad D)-graad in 1976. Daarna was hy in privaatpraktyk in Johannesburg. In 1978 het hy die eerste simposium van die American Society of Uroradiology bygewoon en 'n besoek aan die beroemde Cleveland-kliniek in Ohio gebring. Op 1 Julie 1979 aanvaar hy die betrekking van eerste spesialis in Radiologie aan die Universiteit van Pretoria en hy word op 1 April 1980 professor in en hoof van die Departement Radiodiagnostiek.

Deur die jare is die modernste apparate deur die Universiteit aangekoop, veral op aanbeveling van prof. Prinsloo. Die Departement het enkele jare lank 'n tweede professor gehuisves in die persoon van prof. A. Wolpowitz. Prof. C.R. Jansen is in 1971 tot medeprofessor bevorder.

Departement Radioterapie

Toe die Departement Radiologie in 1958 verdeel is in die Departement Radiodiagnostiek en die Departement Radioterapie, het dr. T. Fichardt as senior lektor die hoof van die laasgenoemde Departement geword. Volgens prof. Sandison, later die hoof daarvan, behels radioterapie "die konsep van kwanta van energie van ioniserende strale wat gebruik word om tumore (kanker) te behandel. Om dit meer omvattend te maak bestaan daar tans 'n neiging tot die naam Radioterapie en Kliniese Onkologie."

Die werking van radioterapie is ingewikkeld. Vir die gewone mens is dit genoeg om te weet dat bestraling kankerselle vernietig en dat dit die gesonde selle kans gee om te herstel.

Dit het alles begin met die ontdekking van X-strale deur die Duitse professor Wilhelm Conrad Röntgen aan die Universiteit van Würzburg in 1895. Vandaar ook die benaming Röntgenstrale. Daar moet onthou word dat hierdie ontdekking 'n lang voorgeskiedenis het, waarin 'n hele reeks wetenskaplikes elkeen sy deel bygedra het.

Röntgen se ontdekking van strale wat dwarsdeur 'n mens kan sien, het die verbeelding gaande gemaak. Die voordeel van 'n X-straalfoto is onmiddellik deur wetenskaplikes ingesien. Toe die uitwerking van hierdie strale op die vel, soortgelyk aan dié van sonbrand, bespeur is, is daar versigtig geredeneer dat dit genesende krag besit. As gevolg van die optimisme is alle behoedsaamheid verontagsaam. Alle denkbare chroniese siektes is met die strale getoets, sonder die nodige beskermingsmaatreëls, met die gevolg dat X-straalbehandeling in onguns verval het. Dit het baie navorsing gekos voordat die regte dosisse bepaal en die noodsaaklike beskermingsmaatreëls getref is.

Die na-Röntgendae het 'n hele oes wetenskaplikes opgelewer wat die werking van die strale nagevors het. Daaruit het die hele wetenskap van Radioterapie ontstaan.

Gebore in Bloemfontein in 1909 as seun van die bekende adv. Everard Fichardt, het dr. T. Fichardt eers aan die Grey-universiteitskollege in die Regte studeer.

Later het hy oorgeslaan na mediese studie en MB ChB aan die Universiteit van die Witwatersrand behaal. Hierop is hy na Engeland vir verdere studie, waar hy aan die Grey's Hospital MRCS (Eng) en LRCP (Londen) behaal het. Na sy huisdokterskap, is hy aan die Middlesex-hospitaal as radioterapeut opgelei.

Terug in Suid-Afrika, het hy as radiologiese spesialis geregistreer en hy was twaalf jaar in praktyk as die vennoot van dr. F.H. Dommisse, asook deeltydse radioloog by die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens.

In 1952 is hy aangestel as spesialis-radioloog in die Departement Radiologie van die Pretoriase Algemene Hospitaal en as lektor aan die Universiteit van Pretoria, later as senior lektor. Gedurende hierdie tyd verkry hy die grade MMed(RadT) met lof in 1953, MSc in 1955 en DSc in 1957, almal aan die Universiteit van Pretoria. Dit is gevolg

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. T. Fichardt, Hoof, Departement Radioterapie, 1958–1972.

deur 'n studiereis oorsee.

Die Departement Radioterapie het spesiale geriewe in die H.F. Verwoerd-hospitaal verkry, met die nodige apparate en 'n aparte saal vir kankerpasiënte. Hier is die eerste telekobalt in Suid-Afrika in 1959 ingestel.

In 1961 het dr. Fichardt en 'n kollega gesamentlik die Maurice Weinbren-toekenning ontvang. In 1971 geskied 'n tweede toekenning aan hom alleen. In 1963 het hy professor geword en in 1964 die FRCR (hon causa)-toekenning van die Royal College of Radiologists ontvang. Prof. Fichardt het aan die einde van 1972 met die bereiking van die ouderdomsgrens uit die diens van die Universiteit getree. Hy is deur prof. A.G. Sandison opgevolg.

Alexander Gorrie Sandison is in 1923 in Skotland gebore, maar hy verhuis op driejarige leeftyd na Suid-Afrika. Nadat hy in 1948 MB ChB aan die Universiteit van die Witwatersrand behaal het, was hy 'n aantal jare in privaatpraktyk in Germiston en op Barberton en daarna op Warden, waar hy die praktyk van sy oorlede vader oorgeneem het.

In Januarie 1960 het hy voltydse kliniese assistent in die Departement Radioterapie aan die H.F. Verwoerd-hospitaal geword, onder die leiding van prof. Fichardt.

Hier het hy in 1962 die MMed(RadT)-graad behaal en as spesialis-radioterapeut geregistreer, terwyl hy as lektor in die Departement aangestel is. In 1964 het hy 'n studietoer onderneem om radiotegnieke te ondersoek; hy het verskillende universiteite in Europa besoek. In 1967 het hy die MD-eksamen met lof geslaag en hy is in 1973 as professor in en hoof van die Departement Radioterapie aan die Universiteit van Pretoria aangestel. Hy strewe daarna om die werksaamhede van die Departement uit te brei en hy slaag daarin om 'n aantal nuwe apparate te laat installeer, asook om in samewerking met die Provinsie neutronbehandeling by die WNNR te bewerkstellig.

Beide proff. Fichardt en Sandison was of is nog aktief in die volgende liggame: die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, die Kollege vir Geneeskunde van Suid-Afrika, die Biologiese Wetenskaplike Adviespaneel van die Nasionale Versnellersentrum van die WNNR, die Vereniging vir Radioterapeute in Suid-Afrika en die Provinsiale Komitee vir Radiobeskerming van die Raad op Atoomkrag.

Departement Verpleegkunde

In 1891 het die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging ontstaan. Dit het staatsregistrasie vir verpleegsters verkry. Universiteitsopleiding van sustersdosente begin in 1935 aan die Universiteite van die Witwatersrand en Kaapstad. Die voertaal was Engels en dit het daartoe gelei dat die Transvaalse Provinsiale Administrasie die Universiteit van Pretoria genader het om opleiding in Afrikaans te verskaf. Die gevolg was dat daar vanaf 1949 'n gesamentlike diplomakursus in Verpleegkunde deur die Provinsie en die Universiteit aangebied is.

Daarby het die Suid-Afrikaanse Vereniging van Opgeleide Verpleegsters, wat in 1914 gestig is, periodiek 'n versoek aan die Suid-Afrikaanse universiteite gerig om 'n graadkursus in Verpleegkunde aan te bied. Hierop het die Universiteit van Pretoria reageer en, weer met behulp van die Transvaalse Provinsiale Administrasie, so 'n kursus ingestel. Dit was vir BA(Verpleegkunde) en dit het in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte tereg gekom. In 1965 is dit uitgebrei met 'n magisterkursus. Vir hierdie opleiding het die Transvaalse Administrasie beurse beskikbaar gestel. Die kursusse is deur sustersdosente aan die Pretoriase Kollege vir Verpleging gegee en die praktiese opleiding het aan die Pretoriase Algemene Hospitaal plaasgevind.

Om die 75ste herdenking van die toekenning van staatsregistrasie aan verpleegsters in 1966 feestelik te vier, het die bestuur van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging besluit om by die Universiteit van Pretoria daarop aan te dring om 'n leerstoel in Verpleegkunde in te stel. Hiervoor het die Vereniging R5 000 per jaar vir tien jaar beskikbaar gestel. Die Universiteit het gunstig daarop reageer en die nuwe Departement sou voortaan onder die Fakulteit Geneeskunde ressorteer. Twee persone wat baie daartoe bygedra het, was die dekaan, prof. H. W. Snyman, en prof. A. Strating.

Die Departement Verpleegkunde het op 1 Janu-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. Charlotte Searle, Hoof, Departement Verpleegkunde, 1967–1975.

arie 1967 tot stand gekom, met prof. Charlotte Searle as hoof daarvan. Sy was die eerste professor in Verpleegkunde in Suid-Afrika. Sy het besonder veel vir die totstandkoming van die Departement gedoen. Daar is besluit dat die volgende grade toegeken sou word: BCur (Baccalaureus Curationis), MCur en DCur. Daarby het die volgende diplomas bygekom: Diploma Verpleegonderwys, Diploma Verpleegadministrasie en Onkoterapieverpleegkunde.

Charlotte Searle is in 1910 in die distrik Uitenhage gebore en het haar skoolopleiding aan die hoërskool daar ontvang. Haar verpleegstersopleiding het sy aan die hospitaal in Kimberley en aan die Mothers' Hospital in Durban ontvang. Sy het haar verder bekwaam met 'n Diploma in Verpleegkunde aan die Universiteit van die Witwatersrand in 1947 en 'n Diploma in Hospitaaladministrasie (Verpleging en Verwante Dienste) aan die Pretoriase Verpleegsterskollege in 1961. Op akademiese terrein het sy in 1947 die BA(SW)-graad aan die Universiteit van Pretoria behaal en in 1952 MA (Sosiologie) met lof. Hierop het sy haar doktorsgraad, ook aan die Universiteit van Pretoria, behaal op 'n proefskrif oor die geskiedenis van Verpleegkunde in Suid-Afrika.

Voor die tyd het sy diens gedoen as verpleegster, stafverpleegster, suster, dosentesuster, matrone, direktrise van Verpleegdienste in Transvaal en presidente van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging. In haar intreerede het sy 'n besondere woord van dank aan die Fakulteit van Geneeskunde gerig vir die oprigting van die Departement. "Deur die aanneming van die term "Curationis" het die Fakulteit Geneeskunde daarom aanvaar dat verpleging 'n genesende kuns en funksie van sy eie inhou benewens dié wat dit toepas onder mediese leiding; dat die verpleegster in werklikheid 'n Verpleegsterspraktisyn in die volste sin van die woord is."

Prof. Searle het op 30 Junie 1975 na UNISA vertrek om daar 'n Departement Verpleegkunde in te stel en sy is opgevolg deur prof. W.J. Kotze. Wilhelmina Jacoba Kotze (gebore Blignaut) is in 1939 gebore en het haar skoolopleiding aan die Vryburgse Hoërskool ontvang. Haar verpleegopleiding het sy aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BA(Verpleegkunde) in 1961 en die Vroedvroudiploma van die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging, daarna die Dosentediploma in Verpleegkunde in 1966, MCur(Gevorderde Verplegingsonderwys) in 1967, MCur(Gevorderde Verplegingsadministrasie) in 1974 en die graad Doktor in Verpleegkunde in 1978.

Sy is in 1974 as lektrise aangestel en op 1 Julie 1975 bevorder tot professor in en hoof van die Departement Verpleegkunde.

Prof. Kotze was lid van die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging asook van die Uitvoerende Komitee daarvan, van die Sentrale Bestuur van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging en die Streeksbestuur van Transvaal. Origens was sy lid van die Navorsingskomitee en voorsitter van die Onderwyskomitee van hierdie vereniging. Sy het aan die einde van 1982 afgetree om 'n dergelike pos aan die Universiteit van Port Elizabeth te aanvaar en sy is deur prof. J.G.P. van Niekerk opgevolg.

Aptekerskollege

In 1981 is daar 'n ooreenkoms tussen die Universiteit van Pretoria en die Technikon Pretoria aangegaan waarvolgens 'n aptekerskollege in die lewe geroep is waartoe albei inrigtings bydra. Daarmee verval die diploma-opleiding vir aptekers wat die Technikon tot toe gelewer het, met die voorbehoud dat studente wat met die diplomakursus besig was, dit kon voltooi. Die Aptekerskollege bied 'n vierjarige BPharm-kursus aan, met nagraadse opleiding vir die grade MPharm en DPharm. Voorlopig is net 30 studente per jaar tot die kursus toegelaat. Gevolglik is daar 'n streng keuring.

Op 1 Augustus 1982 is prof. H.H. Dürrheim as hoof van die Aptekerskollege aangestel, 'n gesamentlike aanstelling van Universiteit en Technikon. Hugo Henry Dürrheim is in 1946 in Johannesburg gebore en het sy opleiding in Farmasie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys ontvang: BSc(Farmasie) in 1974 en DSc(Farmasie) in 1977. Van 1971 af is hy lektor, later senior lektor, in die Departement Farmaseutika en Farmaseutiese Chemie aan die Potchefstroomse Universiteit. Hy het gedurende die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tweede helfte van 1976 navorsing in Michigan, VSA, gedoen.

Volgens prof. Dürrheim tree ongeveer 80% van alle afgestudeerde aptekers toe tot die gebied van gemeenskapsapteekwese as gesinsapteker. Gevolglik lê die Aptekerskollege besonder klem op hierdie vertakking van die apteekwese hoewel basies gerigte vakke dieselfde aandag as by ander opleidingsentra geniet.

Die Aptekerskollege van Pretoria is die eerste en enigste inrigting wat 'n volwaardige kursus in Veterinêre Farmasie aanbied, danksy skakeling met die Fakulteit Veeartsenykunde. Die opleiding van aptekerstudente geskied ook in samewerking met die Fakulteit Geneeskunde, 'n interaksie wat onontbeerlik is as die apteker as deel van die gesondheidspan moet funksioneer.

Daspoortpolikliniek

Die Daspoortpolikliniek word genoem "'n unieke instansie in dié opsig dat dit die enigste studentekliniek in Suid-Afrika is wat mediese dienste aan die minder gegoede blanke gemeenskap bied." Die gedagte begin teen die einde van die jare vyftig vorm aanneem. In 1959 het dr. Hugo van Zyl die idee in 'n brief aan die Direkteur van Hospitaaldienste geopper. In 1961 is 'n verslag ten gunste daarvan behandel. In dieselfde jaar is 'n komitee deur die Mediese Huiskomitee aangestel, genoem die Studentekliniekkomitee, onder voorsitterskap van mnr. Theo Louw.

'n Gebou in Claremont is in bruikleen van die Stadsraad van Pretoria verkry. Dit was 'n woonhuis wat deel was van die kantore van die voormalige Hercules-dorpsraad. Nadat daar sekere veranderings aangebring is, is die gebou in 1963 betrek. Finansiële steun is verkry van die Mediese Huiskomitee, terwyl die dekaan, prof. Snyman, onderneem het om hulp van die Universiteitsraad te kry. Die laasgenoemde poging is oorgeneem deur prof. Strating, hoof van die Departement van Voorkomende- en Bevorderende Geneeskunde, wat eindelik daarin geslaag het om 'n gereelde bydrae van die Universiteitsraad te verky. Origens word skenkings verkry van farmaseutiese firmas, ouers van mediese studente, die Mediese Vereniging van Suid-Afrika, die Joolkomitee en die Stadsraad van Pretoria, terwyl die Pretoriase Junior Kamer van Koophandel ook 'n tyd lank daarmee gemoeid was.

Op 7 Augustus 1964 het die Daspoortpolikliniek vir die eerste keer prakties begin funksioneer. Die amptelike opening het op 8 Oktober 1966 plaasgevind, met prof. Snyman as eregas. 'n Komitee, bestaande uit proff. Strating, Snyman en Geldenhuys, het 'n jaar of wat later bevind dat die polikliniek finansiële hulp regverdig, soos die Fakulteitsraad vir Geneeskunde aanbeveel het. Dit is later as 'n welsynsorganisasie geregistreer in samewerking met die Subdepartement Praktykvoering, soos Huisartskunde aanvanklik genoem is. Proff. Strating, Botha en Van Biljon verdien spesiale vermelding vir hulle ywer. Die kliniek het al groter geword in die sin dat die diens oor meer aande, later van Maandag tot Vrydag, uitgebrei is en dat ook verpleegsters, paramediese en sosiale werkers en fisioen spraakterapeute daarby betrek is. Die eintlike werk word gedoen deur mediese studente in die derde tot vyfde jaar, onder die toesig van 'n geneesheer wat sy dienste, net soos die studente, gratis beskikbaar stel.

Gaandeweg het die idee ontstaan om 'n nuwe kliniek te bou. Veral mnr. Johan de Necker, voorsitter van die kliniekkomitee van 1969 tot 1971, het voortreflike dienste hiervoor gelewer. In Mei 1970 is 'n perseel in Claremont teen 'n bedrag van R4 700 gekoop en, met die oog op die oprigting van 'n nuwe gebou, is 'n nuwe maatskappy gestig, die Studentekliniekkomitee (Edms.) Bpk. Daarop is gedurende die voorsitterskap van mnr. André Boezaart 'n nuwe gebou ten koste van R70 000 opgerig, wat op 14 Junie 1972 amptelik deur die kanselier, dr. H. Muller, geopen is. Dit staan op die hoek van Mark- en Kampstraat en is deur die studente met 'n lening van die Universiteit van Pretoria opgerig. Die geboue en terrein is sedertdien aan die Universiteit verkoop en dit word deur dié se Afdeling Tegniese Dienste versorg.

Dit bly 'n studentekliniek onder die toesig van die Studentekliniekkomitee. Sedert 1982 is die komitee ingeskakel by die VSR-subkomitee van die UPSOK (Universiteit van Pretoria se Sentrale Ontwikkelingshulpkomitee). Die hele Pretoria is geregtig op die dienste van die kliniek. Hoe wydverspreid die aktiwiteite daarvan is, word soos volg in *Tukkiewerf* beskryf: "Benewens die mediese dienste wat deur die jare heen die kern van die aktiwiteite van die kliniek vorm, word ook verwante rigtings betrek. Skakeling tussen die aspirantmedici en paramedici vind hier plaas tot voordeel van die pasiënte. Studenteverpleegsters werk al baie hard saam. Aptekerstudente skakel ook gereeld in onder leiding van 'n afgetrede apteker. Dieetkundige raad van studente en dosente van die Departement Huishoudkunde en Dieetkunde is Maandagaande beskikbaar. Vrydagaande word pasiënte van advies rakende gesinsbeplanning voorsien terwyl hulle kinders vir immunisasie gebring word." Daar is ook 'n maatskaplike werkster in diens geneem.

Al hierdie werk, ook die medisyne, word gratis of vir nominale pasiëntegeld verskaf. Behalwe dat dit onskatbare ervaring aan die studente in die Geneeskunde besorg, verlig dit ook die toeloop van buitepasiënte by die H.F. Verwoerd-hospitaal. Hier sien die studente pasiënte in die voor- of buitehospitaalstadium. Die kliniek is ingeskakel by die Departement Huisartskunde.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Institute

Instituut vir Sellulêre Fisiologie

Hierdie instituut, wat nou verbonde is aan die Departement Fisiologie, het in 1976 tot stand gekom met prof. B.J. Meyer, hoof van genoemde Departement, as direkteur. As agtergrond tot die stigting van die Instituut, word daar gewys op die omstandighede waaronder daar in die verlede in die Departement Fisiologie navorsing gedoen is. Hierdie omstandighede was moeilik en frustrerend weens gebrek aan tyd, navorsingspersoneel, fasiliteite en fondse. Ten spyte van die fenomenale toename in kennis, ook op die gebied van die struktuur en funksie van die groot verskeidenheid selle waaruit die menslike liggaam opgebou is, bestaan daar by medici nog 'n ernstige kennisleemte hieroor. Daarteenoor het die tegnologiese ontwikkeling van die afgelope tyd heelwat deure oopgemaak vir navorsing op die gebied.

Die doel van die Instituut word gestel as " ... die bestudering van bepaalde biologies-strukturele en funksionele eienskappe van dierlike (insluitend menslike) selle met behulp van die mees moderne tegnieke" en "om struktuur en funksie op subsellulêre en, indien moontlik, op molekulêre vlak te korreleer."

Die fondse vir lopende uitgawes en die aanskaf van apparaat word deur die Universiteit van Pretoria en die Mediese Navorsingsraad voorsien. Die personeel van die Instituut bestaan hoofsaaklik uit die personeel van die Departement Fisiologie en nog enkele navorsers. Origens bied die Instituut die geleentheid aan "jong wetenskaplikes met gemeenskaplike of verwante belangstellings" om in 'n span saam te werk. Dit geld hier wetenskaplikes, veral medici, "wat interessante en betekenisvolle idees oor bepaalde geneeskundige probleme het, maar nie weet hoe om die probleme te benader nie", en wat aangemoedig word om in die Instituut se navorsingspan te dien.

Die Instituut werk ook saam met die Eenheid vir Neuro- en Elektrofisiologie in die Departement Fisiologie aan die Universiteit van Pretoria, wat deur die Mediese Navorsingsraad gestig is en wat finansieel deur die Universiteit gesteun word.

Tot 1980 is navorsing op die volgende gebiede met heelwat sukses gedoen: die isgemie van die brein, kardiale pressor- en depressorstowwe, spinale refleksaktiwiteit by laer werweldiere, die werking van bepaalde farmakologiese middels in die brein, senuweeregenerasie, senuweehistotegniek, rasvariasies in diere teenoor vee-xenotransplantate, pineaalklierstudie. In die periode het die Instituut meer as 30 artikels in nasionale en internasionale wetenskaplike joernale gepubliseer en is daar ook omtrent 30 voordragte op kongresse gelewer. Ses lede van die Instituut het beurse vir buitelandse studie ontvang en die H.W. Snymanprys vir die beste voordragte op fakulteitsdae is twee keer verower.

Hans Snyckers-instituut

In 1970 het die farmaseutiese firma Noristan-laboratoria 'n bedrag van R100 000, betaalbaar oor 'n tydperk van tien jaar, aan die Fakulteit Geneeskunde van die Universiteit van Pretoria geskenk vir die stigting van 'n instituut of leerstoel vir die besondere studie van siekteverskynsels eie aan Suider-Afrika.

Die Fakulteitsraad van Geneeskunde het in Julie 1971 besluit dat die bedrag gebruik moet word vir die stigting van 'n instituut, nie 'n leerstoel nie. Dr. Hans Snyckers se naam is daaraan verbind, omdat hy die groot dryfkrag agter die skenking was. Gebore in Leipzig, het Hans Snyckers in die Ekonomie en die Regte aan die universiteite van Freiburg en Heidelberg studeer en in 1940 in die Regte gepromoveer. Na Wêreldoorlog II het hy met twee chemicivriende die farmaseutiese firma Arteson (Edms.) Bpk. naby Hamburg gestig. Na 'n besoek aan Suid-Afrika, toe hy ook dr. Karl Bremer, destyds Minister van Gesondheid, ontmoet het, het dr. Snyckers in 1953 na Suid-Afrika verhuis en in Pretoria Noristan-laboratoria (Edms.) Bpk. gestig. Die onderneming was winsgewend. Die firma het die mediese professie gestimuleer deur die skenking van studiebeurse aan studente in die Geneeskunde, die Noristanprys vir die beste publikasie van 'n Suid-Afrikaanse geneesheer en, soos reeds gemeld, die geld vir die stigting van die Hans Snyckers-instituut. 'n Eregraad is in 1972



Dr. H. Snyckers, oorlede 1977, na wie die Hans Snyckers-Instituut vernoem is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aan dr. Snyckers toegeken. Hy is in Februarie 1977 oorlede.

Die doelstellings van die Instituut is onder meer die versameling van publikasies oor besondere siektetoestande in Suider-Afrika en aktiewe navorsing op dié gebied. Dit is gebore uit die verskynsel dat siektetoestande by die primitiewe inwoners van Suider-Afrika so totaal verskil van dié van Westerse of verwesterse inwoners. Die eersgenoemde ly veral aan siektes soos kanker van die slukderm, ysterinfiltrasie van die organe en so meer, terwyl bekende Westerse siektes soos koronêre hartsiekte, appendisitis en maagswere daarteenoor by hulle feitlik onbekend is. Die bestudering van hierdie siektes, gekoppel aan lewens- en eetgewoontes, is die taak van die Instituut. Dit geskied deur die versameling van talryke mediese artikels uit die mees verspreide bronne en die aanbring van 'n kaartstelsel, ook met behulp van 'n rekenaar, die aanbring van kruisverwysings, ens. Hierdie gegewens kan dan maklik deur navorsers gebruik word.

Dat dit 'n groot taak is, spreek vanself. Die werk word veral as dringend beskou, aangesien die volke wat nog volgens voorvaderlike gewoontes lewe, besig is om al minder te word. Hulle word oorstroom deur die Westerse kultuur.

In 1972 is die volgende beheerkomitee oor die Instituut aangestel: prof. H.W. Snyman (dekaan), prof. H.P. Botha, prof. F.G. Geldenhuys, prof. J.J. Theron met prof. P.J. Kloppers as direkteur. Die Instituut het eintlik op 1 Januarie 1973 begin. Volgens die jaarverslag vir 1974, was daar toe reeds 'n groot aantal opsommings van artikels op kaart gebring.

Met die oog op ondersoek is die dienste van dr. G.S. Fehrsen in 'n deeltydse hoedanigheid verkry. Buite die Universiteit, is die Transkei- en Ciskei-navorsingsvereniging aangemoedig om belang te stel. Veral van die verskillende sendinghospitale is waardevolle gegewens verkry. In Junie 1974 is daar 'n kongres in Pretoria gehou en later nog een in Umtata.

In 1978 is daar besluit om die Instituut aan die Departement Huisartskunde te koppel. Prof. D.A. van Staden, eers mede- en later voltydse professor in hierdie Departement, is as direkteur van die Instituut aangestel, met prof. P.J. Kloppers as adjunkdirekteur. Prof. van Staden het later ook professor en kliniese hoof van die Kalafonghospitaal geword. In 1977 het 'n aantal senior studente in hulle vrye tyd die diagnose by die ontslag van pasiënte aan die Kalafonghospitaal nagegaan en neergeskrywe. So is 'n indruk van die siektepatroon aan hierdie hospitaal verkry. Die gegewens is na die Departement van Gesondheid deurgestuur.

Daar is in verbinding getree met verskeie streke van die land, onder andere, soos reeds genoem, die Transkei en die Ciskei, en met Witsieshoek. Van mediese lede van die Weermag is daar ook besonder goeie samewerking oor siekteverskynsels in die grensgebiede gekry.

Kernkorinstituut vir Lewenswetenskappe

Sedert 'n aantal jare gelede het die Raad op Atoomkrag 'n Afdeling Lewenswetenskappe vir navorsing op biologiese gebied gehad, wat kragtens 'n ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria in die Patologiekompleks van die BMW-gebou gehuisves is. Al die apparate, waarvan sommiges erg duur is, is ook ter beskikking van die Fakulteit Geneeskunde gestel. Die reëling was allesins tot voordeel van die Universiteit, wat later verbouings onderneem het om die afdeling beter te huisves.

In 1981 het die Kabinet besluit "dat die kernbedrywighede van die RAK en UKOR herstruktureer word," sodat dit voortaan onder een beheerliggaam sou funksioneer. Hieruit het die plan ontstaan dat die Afdeling Lewenswetenskappe in 'n Instituut van die Universiteit omskep moet word. Die eerste samespreking in dié verband het op 29 Julie 1981 tussen dr. J.W.L. de Villiers, president van die Atoomkragraad, vise-rektor P. Oosthuizen, prof. F.G. Geldenhuys, dekaan van die Fakulteit Geneeskunde, en enkele amptenare van die Universiteit plaasgevind. Uiteindelik is die plan aanvaar. Om die aandeel van die Raad op Atoomkrag aan te dui, is daar ooreengekom op die naam RAK-instituut; later is dit verander na Kernkorinstituut vir Lewenswetenskappe van die Universiteit van Pretoria, en nog later na AEK (Atoomenergiekorporasie)-Instituut vir Lewenswetenskappe.

Die Kernkorraad voorsien nog steeds die nodige navorsingsapparaat en salarisse van die personeel, wat egter op die diensstaat van die Universiteit geplaas is. Elke jaar word 'n navorsingsprogram deur Kernkor goedgekeur, maar kontraknavorsing vir privaatinstansies word toegelaat, mits dit nie die program versteur nie. Dosente van die Universiteit word toegelaat om die navorsingsfasiliteite te gebruik en die personeel van die Instituut kan in beperkte mate gebruik word om voorlesings te gee. Op Dinsdag 27 April 1982 is daar by geleentheid van die totstandkoming van die Instituut 'n middagmaal aan die Universiteit gehou.

Die direkteur van die oorspronklike afdeling, dr. J.J. van der Watt, het direkteur van die Kernkorinstituut vir Lewenswetenskappe geword. Gebore in 1936, het dr. Van der Watt 'n veelsydige opleiding gehad, hoofsaaklik in Dierkunde, in die besonder in die Patologie. By sy aanstelling het hy reeds 'n uitgebreide navorsingsrekord gehad, veral op die gebied van kankernavorsing, waardeur hy sowel hier as in die buiteland vir hom naam gemaak het. Naas hom is daar drie adjunk-direkteure en ses navorsers aan die Instituut verbonde.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

10. *Fakulteit Tandheelkunde*

Anders as in die geval van die Fakulteit Geneeskunde, was die Universiteit geheel en al verantwoordelik vir die Fakulteit Tandheelkunde en die bou van die Tand- en Mondhospitaal. Die eerste gebou het R207 000 gekos en is aan die begin van 1951 in gebruik geneem. Dit het ruimte vir 32 finalejaarstudente gebied. Hierdie gebou was voldoende, maar in die jare sestig het 'n ernstige tekort aan tandartse die opleiding van meer studente noodsaaklik gemaak. In 1968 is die gebou gevolglik uitgebrei, met die toevoeging van nog drie verdiepings by die bestaande twee, wat voorsiening gemaak het vir kantore, navorsingsruimtes, lees-en ontspanningslokale en bergruimte vir 'n museum. Dit was voldoende ruimte vir die opleiding van 64 finalejaarstudente. Die uitbreiding is in 1972 voltooi en het R900 000 vir die bou en R600 000 vir toerusting gekos.

Volgens prof. Zietsman, dekaan van die Fakulteit, kan 'n mengsel van Britse en Amerikaanse invloed in die opleiding en inrigting bespeur word. In Brittanje en ander lande van die Britse Gemenebes vorm Tandheelkunde dikwels 'n departement van 'n geneeskundige fakulteit. In Amerika het dit selfstandig ontwikkel as 'n aparte fakulteit.

In 1960 was prof. C.L. de Jager dekaan van die Fakulteit en direkteur van die Tand- en Mondhospitaal. In die jare wat hierop volg, het die Fakulteit 'n krisis belewe. 'n Kommissie van ondersoek het in 1963 bevind: weinig navorsingswerk, gebrek aan dissipline en laksheid by studente, sodat "die tandartsberoep baie krities teenoor die Universiteit staan."

Prof. P.C. Snijman het die direkteurskap in 1963 by prof. De Jager oorgeneem. Die laasgenoemde het dekaan gebly tot in 1966 en is deur prof. P.J. Schoeman opgevolg. Daar het langsamerhand 'n verbetering in die Fakulteit gekom en, soos gesê, het dit die vergroting van die hospitaal ten gevolg gehad.

Onder prof. Schoeman het die Fakulteit goed gevorder. Ook buite die Universiteit het hy aansien geniet. Hy was jare lank op die bestuur van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad en was lid van die Tandheelkundige Vereniging van Suid-Afrika, die Internasionale Vereniging van Tandheelkunde en die Afdeling Lewenswetenskappe van die Raad op Atoomkrag.

As dekaan van die Fakulteit is hy in 1972 deur prof. P.C. Snijman opgevolg, wat later voltydse dekaan en direkteur van die Tand- en Mondhospitaal geword het. Hy was professor in Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie, wat in 1961 'n selfstandige Departement geword het, en hy was ook etlike jare direkteur van die Tand- en Mondhospitaal. Prof. Snijman het 'n groot aandeel gehad aan die vergroting van die gebou en hy het met die oog daarop verskeie tandheelkundige skole in die buiteland besoek. Ook hy het 'n aantal jare op die bestuur van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad gedien en hy was 'n tyd lank president van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie. In 1975 is hy aangestel as voorsitter van die loodskomitee vir die nuwe Mediese Universiteit van Suider-Afrika (Medunsa). Daarna was hy voorsitter van die Raad van hierdie inrigting. Hy het ook op die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad gedien.



Prof. C.L. de Jager, Dekaan, Fakulteit Tandheelkunde, 1956–1962, en Hoof, Departement Patologie en Histologie van die Mondholte, 1952–1966.

Die opleiding het vordering getoon deurdat die tydsduur vir die BChD-graad van vyf tot vyf en 'n half jaar verleng is. In 1963 is daar ook 'n DChD-graad ingestel. Ook het daar nuwe studierigtings bygekom, waaronder Gemeenskapstandheelkunde en Okklusale Rehabilitasie.

Om die lokale en geriewe beter te benut, is daar 'n elfuurwerksdag ingestel deur 'n verandering van klas- en opleidingsure. In 1977 is daar geskiedenis gemaak met 'n opknappingskursus wat deur proff. J.C. Nel en E. Levinson in Londen vir Suid-Afrikaanse tandartse in Engeland aangebied is. Sedert 1978 het die Instituut vir Stomatologie en Beenbiologie onder die sorg van die Fakulteit Tandheelkunde bygekom. Prof. P.C. Snijman het in 1982 afgetree en daar is toe besluit om prof. S.T. Zietsman vanaf 1 Januarie 1983 in sy plek as voltydse dekaan aan te stel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dekane van die Fakulteit Tandheelkunde

1960—Prof. C.L. de Jager
1967—Prof. P.J. Schoeman
1972—Prof. P.C. Snijman

Departement Endodonsie en Okklusale Rehabilitasie

Met ingang van 1969 is die Departement Konserverende Tandheelkunde in twee selfstandige departemente verdeel, waardeur 'n nuwe Departement Endodonsie en Okklusale Rehabilitasie ontstaan het, terwyl die naam van die oorspronklike een na die Departement Konserverende Tandheelkunde en Pedodonsie verander is. In 1983 is hierdie twee departemente weer in een saamgevoeg in die Departement Herstellende Tandheelkunde. Die eerste hoof van hierdie Departement was prof. F.X. Prins, wat voor die tyd dosent in die Departement Konserverende Tandheelkunde was.

Franciscus Xaverius Prins is in 1924 gebore. Hy het begin met opleiding as dierkundige aan die Universiteit van Stellenbosch en BSc in 1946 en MSc in 1949 behaal. Nadat hy, onder andere, as lektor in Dierkunde aan die universiteite van Stellenbosch, Potchefstroom en Pretoria werksaam was, het hy besluit om hom as tandarts te bekwaam. Hy behaal BChD in 1956 aan die Universiteit van Pretoria. Direk hierna word hy lektor aan hierdie Universiteit, maar hy gaan in 1959 as tandarts in Groot Brittanje praktiseer, terwyl hy aan die Universiteit van Glasgow verder studeer en HDD en RPFS behaal. Hy keer in 1963 terug en word aangestel as senior lektor in Konserverende Tandheelkunde aan die Universiteit van Pretoria. Hy is in 1969 tot professor in en hoof van die Departement Endodonsie en Okklusale Rehabilitasie bevorder.

Prof. Prins was huisvader van die Taaiboskoshuis en het as afrigter en skeidsregter 'n rol gespeel in Tukkie- en Noord-Transvaalse rugby. In 1970 het hy 'n uitgebreide studiereis deur Amerika en die Verre Ooste onderneem. Hy verlaat die Universiteit in 1972 om 'n betrekking as dekaan van die Tandheelkundefakulteit aan die Universiteit van Stellenbosch te aanvaar. Hy is deur prof. L.H. Becker opgevolg.

Leonardus Hermanus Becker is in 1934 gebore en behaal die volgende grade: BChD(Pret) in 1956, HDipDent(Rand) in 1964 en MChD(Prostodonsie)(Pret) in 1973. Hy was sedert 1958 by tye deeltydse dosent aan die Universiteit van Pretoria. Vanaf 1 Januarie 1973 word hy deeltydse hoof van en professor in die Departement Endodonsie en Okklusale Rehabilitasie. Hy bedank op 31 Mei 1974, maar dien daarna nog 'n tydperk as deeltydse dosent. Hy is as professor en hoof deur prof. J.C. Nel opgevolg.

Johannes Christoffel (Hannes) Nel is in 1938 gebore en hy het in 1960 BChD aan die Universiteit van Pretoria ontvang. Die Van Riebeeck Goue Medalje vir die beste student van die jaar, asook die Henry St. John Randell-medalje vir leierskapeienskappe, word aan hom toegeken. In 1968 behaal hy die HDipDent aan die Universiteit van die Witwatersrand en in 1973 word die MChD in Prostodonsie deur die Universiteit van Pretoria aan hom toegeken. Nadat hy sy eerste graad behaal het, het hy dadelik oorsee gaan werk. Na sy terugkeer word hy in 1963 deeltydse dosent aan die Universiteit van Pretoria, terwyl hy as tandarts praktiseer. Hy is vanaf 1 Junie 1974 aangestel as professor in en hoof van die Departement Endodonsie en Okklusale Rehabilitasie.



Prof. F.X. Prins, Hoof, Departement Endodonsie, 1969–1971.

Prof. Nel speel 'n baie aktiewe rol in die Tandheelkundige Vereniging van Suid-Afrika. Hy was onder andere president van die Noord-Transvaalse Tak van die Tandheelkundige Vereniging van Suid-Afrika, die eerste president van die Akademie vir Prostodonsie in Suid-Afrika en ook president van die Prostodonsievereniging van Suid-Afrika. Hy is lid van talle nasionale en internasionale tandheelkunde-organisasies. Prof. Nel het in 1975, 1979 en 1984 uitgebreide studiereise onderneem en by verskeie geleenthede wetenskaplike voordragte oorsee gelewer.

Prof. Nel het 'n baie aktiewe rol gespeel in die aanbieding van opknappingskursusse vir tandartse in die Departement en aan die Fakulteit.

Met die totstandkoming van die verenigde Departement Herstellende Tandheelkunde in 1983, word prof. Nel professor en hoof van dié departement.

Sedert 1973 is dr. E. Levinson as ereprofessor

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aan die Departement verbonde. Hy het 'n baie belangrike rol gespeel om die nagraadse kursus in Prostodonsie tot op 'n hoë vlak te bring.

Departement Gemeenskapstandheelkunde

Met die eerste oogopslag lyk die naam van hierdie Departement selfverklarend. Dit is die wetenskap "wat hom ten doel stel om die tandheelkundige gesondheidstatus van 'n gemeenskap op 'n optimale vlak te bring," soos dit gestel word deur prof. W.D. Snyman, die hoof van die Departement. As sodanig sluit dit aan by die Departement Gesondheid.

Dit gaan in groot mate om die voorkoming van tandbederf en die behandeling daarvan op uitgebreide skaal. Die ou naam was dan ook Preventiewe en Openbare Tandheelkunde. In Nederlands heet dit *Preventieve en Openbare Tandheelkunde*, in Engels *Community Dentistry*, voorheen *Dental Public Health* of *Public Health Dentistry*.

Een van die eerste voorbeelde van 'n tandheelkundige diens aan die gemeenskap kom ongeveer in 1885 in Brittanje voort, toe H.M. Harris wetgewing gevra het om die tandheelkundige behandeling van skoolkinders verpligtend te maak. In Amerika het daar in 1910 die Forsyth Dental Infirmary in Boston en die Eastman Dental Dispensary in New York ontstaan.

Wat Suid-Afrika betref, gee prof. Snyman die volgende uiteensetting. "In die Republiek van Suid-Afrika was die openbare tandheelkundige dienste voor 1975 gefragmenteerd en die dienste is gelewer deur die sentrale, provinsiale en plaaslike owerhede, asook deur liefdadigheidsorganisasies. Hoofsaaklik deur die toedoen van dr. L.T. Taljaard, geïnspireer deur die De Villiers-kommissie se verslag (1967), is die nasionale tandheelkundige beleid in 1975 deur die kabinet aanvaar. Hierdeur sou alle tandheelkundige dienste in die RSA onder een sambreel kom. Hierdie gebeure, asook die aanbevelings van 'n subkomitee van die Dental Public Health Society, wat bestaan het uit drs. Steve Snyman, S.T. Zietsman en L.T. Taljaard, het daartoe gelei dat Gemeenskapstandheelkunde as vak en as spesialiteit erken is." Veral deur die toedoen van drs. Zietsman en Taljaard, saam met prof. J.P.H. Viljoen, hoof van Bevorderende Tandheelkunde, het die dissipline dan ook 'n plek in die Fakulteit Tandheelkunde van die Universiteit van Pretoria gekry.

Die ontstaan van die Departement kan terug gevoer word op samesprekings tussen die Departement van Gesondheid en die Universiteit in Julie 1975. Die Departementent Gesondheid het 'n be-

Tandheelkunde-opknappingskursus, April 1975.
Staande, v.l.n.r.: Drr. G.F. Rautenbach, J.P. van Zyl, B.L. Saayman, Koos Grobler en H. Sonnekus.
Sittend, v.l.n.r.: Prof. J.C. Nel (Hoof, van die Departement Konserverende Tandheelkunde), mev. A.C. Venter en dr. C.J.J. Coetzee.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hoefte gehad aan opgeleide mense vir die organisasie en die lewering van diens in gemeenskapstandheelkunde. Die moontlikheid van 'n gesamentlike departement tussen staat en universiteit is oorweeg. Die Universiteit was gewillig hiervoor en na die Raad se goedkeuring het die Departement van Gesondheid kabinetsgoedkeuring daarvoor gekry.

Die naam Gemeenskapstandheelkunde is in 1975 deur prof. J.P.H. Viljoen aan die hand gedoen. Voorkomende en Bevorderende Tandheelkunde en Mondhigiëne, die departement waarvan hy die hoof was, was nie omvattend genoeg nie, en die naam was ook misleidend. Gemeenskapstandheelkunde sluit wel Voorkomende Tandheelkunde in, maar daarbenewens ook praktykbestuur, die organisasie van tandversorging, mediese hulpskemas, voorligting en mondhigiëne. By 'n ander geleentheid is daarop gewys dat Gemeenskapstandheelkunde nie by 'n bestaande dissipline ingedeel kan word nie, aangesien die bestaande dissiplines praktykgerig is, terwyl die nuwe dissipline op die breë volksvlak gerig is. Dit het te doen met wetgewing en administrasie, die programmering en verwerking van data, ens.

Hoewel Gemeenskapstandheelkunde eers in 1978 'n selfstandige departement geword het, strek die wortels daarvan terug in die geskiedenis van die Fakulteit, in die besonder in die Departement Konserverende Tandheelkunde en Ortodonsie. Die enigste hoof van die Departement tot in 1982, prof. W.D. Snyman, was vroeër in die Departement Konserverende Tandheelkunde werksaam. Willem Diederich Snyman is in 1933 in Pretoria gebore. Na matrikulasie aan die Hoër Tegniese Skool in Pretoria, het hy sy opleiding in die tandheelkunde aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BChD in 1956, DTVG in 1966 en MChD in Prostodonsie in 1977 met lof. Hy was van 1958 af 15 jaar lank in die Transvaalse Skooltandheelkundige Diens, onder andere eers as tandarts en later as superintendent van die R.V. Bird-kliniek. Intussen was hy reeds in die jare vyftig tydelik voltydse lektor in die Departement Konserverende Tandheelkunde en Ortodonsie. Hy word in 1973 senior lektor in dié departement om ten slotte met ingang van 1 Mei 1978 professor in en hoof van die Departement Gemeenskapstandheelkunde te word. Sy intreerede op 5 Oktober 1978 het gegaan oor *'n Gesonde mastikatoriese sisteem: die probleem en 'n moontlike oplossing.*

Departement Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie

Hierdie Departement het op 1 Januarie 1960 tot stand gekom onder die naam Departement Mondchirurgie. Dit is in 1962 verdoop tot Departement Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie. Volgens prof. J.G. Duvenage het die dissipline as 'n spesialiteitsrigting waarskynlik tydens die Eerste Wêreldoorlog ontstaan deur 'n kliniek wat 'n Amerikaanse arts, dr. Kazajian, vir hierdie soort operasies opgerig het. Veral vanaf die Tweede Wêreldoorlog het tegnieke hiervoor 'n groot ontwikkeling ondergaan. Dit hou die chirurgiese herstel in van gebreke wat aangebore is of wat deur ongelukke veroorsaak is.

Prof. P.C. Snijman, Dekaan, Fakulteit Tandheelkunde, 1963–1965 en 1972–1982, en Hoof, Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie, 1960–1972.

In 1960 is dr. P.C. Snijman as senior lektor tot hoof van die departement benoem. Philip Christopher Snijman is in 1921 gebore. Na sy skoolopleiding word hy 'n mynwerker, en na agt jaar gaan studeer hy aan die Universiteit van die Witwatersrand, waar hy die BChD-graad in 1950 behaal. Hy tree hierna in die diens van die Universiteit van Pretoria as senior lektor, maar hy bedank in 1956 om oorsee verder te gaan studeer, eers aan die Universiteit van Glasgow, waar hy FRPS behaal, en daarna aan die Universiteit van Edinburg, waar FDS RCS aan hom toegeken word. Terug in Suid-Afrika, is hy op 1 Januarie 1958 aangestel as senior lektor in die Departement Patologie en Histologie van die Mond. Soos gesê, word hy vanaf die begin van 1960 as hoof van die nuwe Departement Mondchirurgie aangestel. Hy word op 1 Januarie 1961 tot professor bevorder.

Prof. Snijman het die grondslag van hierdie Departement gelê. Hy het, soos reeds gemeld, later die direkteur van die Tand- en Mondhospitaal en dekaan van die Fakulteit Tandheelkunde geword. In 1968 het hy 'n internasionale kongres in New York bygewoon en 'n aantal tandheelkundige skole in die Verenigde State en Groot-Brittanje besoek. Nadat hy voltydse dekaan geword het, is hy as hoof van die Departement op 1 Januarie 1973 deur prof. D. Fourie opgevolg.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Desiré Fourie is in 1929 gebore en hy behaal as een van die eerste studente in Tandheelkunde aan die Universiteit van Pretoria die BChD-graad in 1953. Hierna staan hy enkele jare in privaatpraktyk, maar hy keer in 1965 terug na die Universiteit van Pretoria, as kliniese assistent in Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie. Hy behaal MChD in 1968 met lof. Terwyl hy hierna as spesialis in Pretoria gepraktiseer het, is hy aangestel as deeltydse dosent. Van 1 Januarie 1969 af is hy bevorder tot senior lektor en van 1 Januarie 1973 af tot voltydse professor en hoof.

Prof. Fourie het baie belang in sy studente gestel en hulle op besoeke aan die Transkei vergesel. Hy het 'n belangrike rol in die Tandheelkundige Vereniging van Suid-Afrika gespeel en was ook lid van die Kaak-, Gesigs- Mondchirurgiese en Ondontologiese Vereniging van Suid-Afrika. Hy is in 1974 oorlede en deur prof. J.G. Duvenage opgevolg.

Jan George Duvenage is in 1933 gebore. Hy behaal die BChD in 1957 aan die Universiteit van Pretoria en —na deeltydse studie terwyl hy praktiseer het—in 1963 HDipDent met die hoofvak Prostetika aan die Universiteit van die Witwatersrand. In 1964 is hy aangestel as senior lektor in die Departement Prostetika en Tandtegnika aan die Universiteit van Pretoria. Hy word kliniese assistent in die Departement Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie. In 1967 bedank hy met die oog op verdere studie en hy behaal MChD met lof in 1970 aan die Universiteit van Pretoria. Hierna tree hy weer in die diens van die Departement, word in 1974 kliniese hoof van Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie aan die H.F. Verwoerd-hospitaal en is met ingang van 1 Januarie 1975 aangestel as professor in en hoof van die Departement.

Prof. Duvenage het in 1974 en weer in 1982 studiereise na Europa onderneem en hy het in beide gevalle kongresse daar bygewoon. By die eerste geleentheid het hy veral die operasietegniek van die wêreldbekende prof. Hugo Opwegeser bestudeer.

Nog twee persone wat in die Departement tot professor bevorder is, is prof. J.E. Seeliger in 1977 en prof. L.W. Combrink in 1981. Prof. Seeliger het hoof van die Afdeling Radiologie geword.

Departement Konserverende Tandheelkunde en Pedodonsie

In 1960 was hierdie Departement bekend as die Departement Konserverende Tandheelkunde en Ortodonsie. In 1963 het Ortodonsie in 'n selfstandige departement afgetak en het dit slegs die Departement Konserverende Tandheelkunde geword. In 1969 het Pedodonsie bygekom en het die nuwe Departement Endodonsie en Okklusale Rehabilitasie daarvan afgeskei. Die Departement was hierna bekend as dié van Konserverende Tandheelkunde en Pedodonsie. Dit verdwyn in 1983 om saam met die genoemde Departement Endodonsie en Okklusale Rehabilitasie in die nuwe Departement Herstellende Tandheelkunde opgeneem te word.

Die grootste gedeelte van die bestaan daarvan was prof. P.J. Schoeman hoof van die Departement. Petrus Jacobus Schoeman is in 1920 gebore. Aan die Universiteit van Pretoria behaal hy in 1940 die BSc-graad en in 1941 die Hoër Onderwysdiploma. Na vyf jaar in die onderwys, besluit hy om hom as tandarts te bekwaam. Hy behaal in 1951 BDS aan die Universiteit van die Witwatersrand en hy gaan hierna op Brits praktiseer. Sy verbintenis met die Universiteit van Pretoria begin in 1953 toe hy as deeltydse dosent aangestel is. In 1954 is hy tot senior lektor in die Departement Konserverende Tandheelkunde en Ortodonsie bevorder. In 1957, na die afsterwe van prof. P.B.M. Joubert, word hy professor en hoof. In 1961 was prof. Schoeman vir studie in die buiteland, waar hy kursusse aan die Eastman Institute for Postgraduate Studies gevolg het. Van 1964 af dien hy die Fakulteit sewe jaar lank as dekaan. Van 1959 tot 1968 verteenwoordig hy die Fakulteit op die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad. Hy was lid van die Komitee vir Lewenswetenskappe van die Raad op Atoomkrag en van sowel die Tandheelkundige Vereniging van Suid-Afrika as die Internasionale Vereniging vir Tandheelkundige Navorsing. Hy tree in 1981 na 28 jaar diens aan die Universiteit van Pretoria af, maar hy was in 1982 nog tydelik-deeltyds aan die Departement verbonde. Hy was die laaste hoof van hierdie Departement voor dit opgegaan het in die nuwe Departement Herstellende Tandheelkunde.

'n Persoon wat baie jare aan die Departement verbonde was, is prof. M.R. Ferreira. Maryna Ras Ferreira is in 1925 gebore en sy behaal die BSc-graad in 1945 aan die Universiteit van Stellenbosch. Die daaropvolgende MSc-studie onderbreek sy om in 1947 'n pos as lektrise in Dierkunde aan die Universiteit van Kaapstad te aanvaar. In 1949 skryf sy in die tweede jaar as tandheelkundestudent aan die Universiteit van Pretoria in. Sy behaal in 1952, as een van die eerste groep, die graad BChD. Sedert 1953 doseer sy as lektrise in die Departement Konserverende Tandheelkunde en Ortodonsie. Sy word in 1972 bevorder tot senior lektrise, in 1976 tot mede- en in 1981 tot volle professor. Ook sy is in 1983 oorgeplaas na die Departement Herstellende Tandheelkunde. Sy het veral die vakgebied Tandheelkundige Materiale doseer. Dit het in 1974 onder haar 'n selfstandige afdeling geword. Intussen het sy verder studeer en in 1976 MDent behaal, terwyl sy in 1977 'n uitgebreide studiereis oorsee onderneem het met die oog op 'n doktorale proefskrif.

Departement Mondpatologie

Hierdie Departement het na 1960 drie keer van naam verander. In 1960 was dit bekend as die Departement Patologie en Histopatologie van die Mondholte. In 1967 is dit verdoop tot Departement Tandanatomie, -fisiologie, -histologie, -patologie en -histopatologie. Met ingang van 1969 is die naam verkort tot Departement Mondpatologie en Mondgeneeskunde en in 1982 nog verder tot Departement Mondpatologie.

In 1960 was prof. C.L. de Jager professor in en hoof van die Departement Patologie en Histopato-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

logie van die Mondholte. Christiaan Lodewikus de Jager is in 1913 gebore. Hy het aanvanklik 'n BA-graad aan die Universiteitkollege van die Oranje-Vrystaat behaal en eers in 'n later stadium in die Tandheelkunde aan die Universiteit van die Witwatersrand gaan studeer, waar hy die BDS behaal het. Hierna het hy as tandarts gepraktiseer, maar hy word in 1952 aangestel as professor aan die Universiteit van Pretoria en later ook as direkteur van die Tand- en Mondhospitaal en as dekaan. Hy was in 1963 in militêre diens en het 'n offisier in die Burgermag geword. In die jare vyftig het hy diens gedoen in die Loodskomitee oor Tandgesondheid. In 1954 het hy ondersoek ingestel na die toestand van die tande van bewoners van die Okavangomoerasse.

Toe prof. De Jager in 1966 uit die diens van die Universiteit getree het, het die Fakulteit aanbeveel dat dr. J.A. Theron, in daardie stadium senior lektor in die Departement Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie, in sy plek benoem word. Hierdie aanbeveling was nie vir die Universiteitsraad aanvaarbaar nie. Nadat daar enkele maande lank tydelike reëlings getref is, is prof. L.M. Jonck op 1 Julie 1967 aangestel as professor en hoof van die toenmalige Departement Tandanatomie, -fisiologie, -histologie, -patologie en histopatologie.

Lodewyk Marthinus Jonck is in 1928 gebore. As een van die eerste groep graduandi in Tandheelkunde aan die Universiteit van Pretoria, behaal hy die BChD in 1952. Hy studeer daarna in die Anatomie en behaal hierin MSc in 1956 en DSc in 1960, albei aan die Universiteit van Pretoria. Daarna keer hy terug na tandheelkundestudie. Hy behaal die graad MChD met lof in 1965. Reeds in 1950 was hy studente-assistent in Anatomie. Nadat hy van 1953 af as tandarts begin praktiseer het, het hy in 1954 lektor in Anatomie aan die Universiteit van Pretoria geword. Hy is in 1957 bevorder tot senior lektor en in 1965 tot addisionele professor.

Prof. Jonck het in verskeie liggame gedien, onder andere in 1962 in die Kommisie van Ondersoek na Chiropraktyk, in die Advieskomitee van die Afrika-instituut, in die Transvaalse Museumraad en in die Raad vir Lewenswetenskappe van die Atoomkragraad. Prof. Jonck is veral in beennavorsing geïnteresseerd. Toe die Instituut vir Stomatologie en Beenbiologie in 1975 tot stand gekom het, het hy as direkteur 'n groot aandeel in die uitbou daarvan gehad. In 1980 het prof. Jonck na meer as 25 jaar diens aan die Universiteit as hoof van die Departement Mondpatologie en Mondgeneeskunde afgetree, maar hy is oorgehaal om daarna, van 1981 af, voltydse direkteur van genoemde Instituut te word. As departementshoof is hy deur prof. A.J. Ligthelm opgevolg.

Attie Johannes Ligthelm is in 1951 gebore en het die graad BChD in 1974 met lof aan die Universiteit van Pretoria behaal. Nadat hy sy militêre diens voltooi het en daarna 'n jaar lank in privaatpraktyk was, is hy in 1978 as tandarts-dosent in Mondpatologie aan die Universiteit van Pretoria aangestel. In 1979 behaal hy MChD in Mondpatologie aan die Universiteit van Pretoria. Hy is die volgende jaar tot senior lektor bevorder en van 1 April 1981 af tot volle professor en hoof. Prof. Ligthelm het in sy loopbaan verskeie onderskeidings te beurt geval. Onder andere ontvang hy in 1980 die Colgate-navorsingsprys, wat hom in staat gestel het om 'n studiereis deur Engeland en Amerika te onderneem. Hy is onder andere lid van die Suid-Afrikaanse en ook die Internasionale Vereniging vir Forensiese Odontostomatologie en het reeds 'n hele aantal referate op nasionale en internasionale kongresse gelewer.



Prof. L.M. Jonck, Hoof, Departement Mondpatologie, 1967–1980.

Departement Ortodonsie

Die woord *ortodonsie* is afgelei van die Griekse woorde *orthos* = reguit en *odontos* = tand. Dit is die verafrikaanste vorm van 'n min of meer internasionale term, byvoorbeeld *orthodontia* en *orthodontics* in Engels. Op die Europese vasteland, byvoorbeeld in Duitsland, word die benaming *kaakortopedie* ook gebruik. Volgens prof. Zietsman, die hoof van die Departement, behels die dissipline: "studie van die normale ontwikkeling van die kranifasiale kompleks, asook van afwykings en die regstelling daarvan (veral deur belyning van tande —soos die naam aandui)."

Hy verduidelik verder dat die vakgebied saam met Tandheelkunde teen die einde van die vorige eeu sy beslag gekry het en dat dr. Edward H. Eagle

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. J.F. v.d. Sandt de Villiers, Hoof, Departement Ortodonsie, 1963–1967. Regs is prof. P.J. Schoeman, Dekaan, Fakulteit Tandheelkunde, 1966–1971.

van die VSA die vader van Ortodonsie genoem kan word. Met die totstandkoming van die Fakulteit Tandheelkunde aan die Universiteit van Pretoria, was hierdie vak aanvanklik 'n onderdeel in die Departement Konserverende Tandheelkunde, met prof. J.F. v d S. de Villiers as senior lektor en hoof. Hy was ook die deeltydse hoof van die afdeling Ortodonsie. John Frederik van der Sandt de Villiers is in 1909 gebore. Hy het die volgende kwalifikasies in Tandheelkunde behaal: LDS en RCS (Engeland), MDS en DPP (Rand) en Certificate of Training in Orthodontics (Columbia). Aan die Universiteit van Pretoria het hy in 1951 'n tydelikdeeltydse aanstelling gekry. Hierna het hy lektor, senior lektor en ten slotte professor in en hoof van die Departement Ortodonsie geword. Hy het die pos van 1963 tot die einde van 1967 beklee. Hy is opgevolg deur prof. M. Grobler.

Marthinus Grobler is in 1932 gebore. Hy het in 1955 BChD aan die Universiteit van Pretoria behaal en in 1966 MCD, ook aan dié Universiteit. Intussen het hy heelwat ondervinding in Groot Brittanje en op die vasteland van Europa opgedoen. Hy het aan die Universiteit van Glasgow in 1957 'n diploma in Dental Orthopaedics (FRPS) behaal en was van 1960 tot 1961 werksaam aan die Ryksuniversiteit van Groningen. Sy loopbaan aan die Universiteit van Pretoria het begin toe hy in 1957 aangestel is as tydelik-voltydse lektor in Patologie en Histopatologie van die Mondholte. Van 1964 tot 1968 was hy senior lektor in die Departement Ortodonsie en van 1968 tot 1975 professor en hoof. In die laasgenoemde jaar het hy afgetree, maar hy was nog enkele jare lank as ereprofessor daaraan verbonde.

Prof. Grobler is deur prof. S.T. Zietsman opgevolg. Salomon Theodorus Zietsman is in 1928 op Bethlehem in die Oranje-Vrystaat gebore. Hy het die graad BDS in 1951 en daarna in 1963 A Dip Dent aan die Universiteit van die Witwatersrand behaal; gevolg deur 'n Diploma in Volksgesondheid (DVG) in 1967 en MB ChD in Ortodonsie aan die Universiteit van Pretoria.

Intussen was hy van 1951 tot 1954 in privaatpraktyk. Van 1954 tot 1957 was hy werksaam by die Transvaalse Skooltandheelkundige Diens. Hy word agtereenvolgens superintendent van die klinieke in Springs, Germiston en Pretoria. Hy is nog later aangestel as die hooftandarts van Transvaal, terwyl hy sedert 1966 opgetree het as tydelike dosent aan die Universiteit van Pretoria. Hy is lid van verskeie tandheelkundige verenigings in Suid-Afrika en in die buiteland. Met ingang van 1 Januarie 1976 is hy aangestel as professor in en hoof van die Departement Ortodonsie. Hy word in 1982 voltydse dekaan van die Fakulteit Tandheelkunde. Met ingang van 1 Januarie 1983 het prof. J.J.G.G. de Mûelenaere hom as departementshoof opgevolg.

Wat die aard van die opleiding betref, skryf prof. Zietsman: "Opleiding is gerig op praktiese toepassing in die algemene of gespesialiseerde praktyk. Teorie is uiteraard 'n belangrike komponent vir dié doel." As die belangrikste navorsingsprojek noem hy die "epidemiologie oftewel die bepaling van die omvang, aard en kenmerke van wansluiting van die tande."

Departement Periodonsie en Mondgeneeskunde

Periodonsie is afgelei van die Griekse woorde *peri* wat rondom beteken en *odons* wat tand beteken. Mondgeneeskunde kan beskou word as die Interne Geneeskunde-deel van Tandheelkunde. Periodonsie behels die studie en behandeling van periodontale siektes, oftewel tandvleissiektes, wat die stutweefsel en omliggende strukture van die tande aantas. Mondgeneeskunde behels die studie van die diagnose en die nie-chirurgiese en farmakoterapeutiese behandeling van mondslymvliesletsels.

Alhoewel Periodonsie en Mondgeneeskunde 'n spesialiteitsrigting in Tandheelkunde is, vorm dit vir die laaste twee en 'n half jaar 'n integrale deel van die voorgraadse student se opleiding as tandarts.

Aanvanklik is daar Geneeskunde van Mondsiektes aan die Universiteit van Pretoria doseer. Dit het Periodonsie ingesluit en dit het ressorteer onder die Departement Mondheelkunde. Dr. J.A. Theron was die eerste dosent in dié dissipline. Gedurende 1961 het hy hom onsuksesvol beywer vir die stigting van 'n Departement Mondgeneeskunde. Vanaf 1961 het dit ressorteer onder die De-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

partement Mondchirurgie en vanaf 1963 word daar duidelik vermeld dat Mondgeneeskunde die studie van Periodontologie en Terapeutika insluit. Nadat dr. Theron tot die privaatpraktyk toegetree het, het dr. N.J.G. Venter die doseerwerk oorgeneem. Vanaf 1971 het Mondgeneeskunde onder die Departement Mondpatologie ressorteer. Vanaf 1973 tot 1974 is dr. P. Lohse deeltyds verantwoordelik vir die lesings en kliniese onderrig. Sedert die vroeë jare sewentig word Periodontologie al hoe meer doseer. In die Jaarboek van 1973 is daar vir die eerste keer 'n beknopte omskrywing wat aandui waaruit die voorgraadse kursus in Periodontologie bestaan. Prof. R. Gildenhuys was gedurende 1975 en 1976 verantwoordelik vir die onderrig in Periodonsie, terwyl prof. P.J. Germishuys die Mondgeneeskundedeel sedert 1975 doseer het. In 1978 is prof. J.A. Pretorius as hoof van die Afdeling Periodonsie en Mondgeneeskunde aangestel.

Hierdie Departement het onder sy huidige naam eers op 1 Januarie 1981 tot stand gekom. Voor die tyd was Periodonsie 'n afdeling van die Departement Endodonsie en Okklusale Rehabilitasie, terwyl Mondgeneeskunde deel was van die Departement Mondpatologie en Mondgeneeskunde. Dit was na die instelling van die spesialiteitsrigting Periodonsie deur die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad in 1976, dat die wenslikheid ontstaan het dat 'n aparte Departement ingestel moes word, soos aan ander universiteite die geval was. Aangesien 'n periodontis ook 'n spesialis in Mondgeneeskunde is, is die twee dissiplines op aandrang van die Tandheelkundige Vereniging van Suid-Afrika in een departement saamgevoeg. Prof. J.A. Pretorius is daarop as professor en hoof aangestel.

Gebore in 1937, het Johannes Abraham Pretorius sy opleiding as tandarts aan die Universiteit van Pretoria ontvang. Hy het in 1960 die graad BChD behaal en hy het by dié geleentheid ook die Van Riebeeck-medalje as die beste student in Tandheelkunde vir daardie jaar verower. Hierna het hy twee jaar lank in Londen as tandarts gepraktiseer en na sy terugkeer nog twaalf jaar lank in Suid-Afrika. Van 1968 tot 1973 was hy deeltyds lektor in die Departement Endodonsie en Okklusale Rehabilitasie. Van 1974 tot 1976 studeer hy as nagraadse student in Periodonsie aan die Universiteit van Pretoria. In 1976 is hy as kliniese assistent in die Departement Endodonsie en Okklusale Rehabilitasie aangestel en in dieselfde jaar tot senior lektor bevorder. Nadat hy in 1978 MChD in Periodonsie en Mondgeneeskunde as eerste student aan die Universiteit van Pretoria behaal het, is hy benoem tot hoof van die afdeling Periodonsie. Toe die selfstandige Departement Periodonsie en Mondgeneeskunde op 1 Januarie 1981 tot stand gekom het, was hy die aangewese persoon om die hoof te word.

Prof. Pretorius is besonder bedrywig op die gebied van navorsing en hy lewer ook gereeld referate by wetenskaplike byeenkomste. Hy is lid van 'n sestal vakverenigings en was in een stadium president van die Noord-Transvaalse tak van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Periodontologie.

Daar is uiteraard interdissiplinêre samewerking, want "sonder die skakeling met die departemente Geneeskundige Mikrobiologie, Geneeskundige Virologie, Interne Geneeskunde en Hematologie sal die praktyk van Periodonsie en Mondgeneeskunde feitlik onmoontlik wees", soos prof. Pretorius dit stel.

Departement Prostetika en Tandtegnika

Aan die Universiteit van Pretoria was hierdie Departement eers bekend as die Departement Protetika en Tandtegnika, maar in 1974 is Protetika verander na Prostetika. Die woord is afkomstig van die Grieks *prostetikos*, wat beteken byvoeg of aanvul. Aan die Universiteit van Stellenbosch is die vakgebied bekend as Prostetiek en in Engels as *Prosthetic*.

Volgens prof. Potgieter, die hoof van die Departement, is Prostetika "die wetenskap wat handel oor die kunsmatige vervanging van verlore of afwesige weefsel in die mond of gesig." Dat dit 'n baie ou wetenskap is, bewys die feit dat die Etruskers al in 700 v.C. verlore tande met voorbereide ivoor of been vervang en dit met goue draad aan die ander tande vasgeheg het. Aan die Universiteit van Pretoria is daar 'n stel tande wat ongeveer 83 jaar gelede in 'n interneringskamp van 'n teelepeltjie gemaak is.

Eintlik het proteses wat deur 'n tandarts vervaardig is, ongeveer 150 jaar gelede die eerste keer voorgekom. Dit is van vulkaniet vervaardig deur die Goodyear-rubbermaatskappy. Ook was porseleintande toe al in gebruik.

Prostetika en Tandtegnika was van die begin af een van die departemente van die Fakulteit Tandheelkunde aan die Universiteit van Pretoria. In 1960 was prof. G.T.C.F. du Plessis die hoof van hierdie Departement. Gerrit Thomas Cornelius Ferreira du Plessis is in 1899 gebore. Sy opleiding het ingesluit O2 in 1923, BSc (SA) in 1925 en LDS en RSG (Engeland) in 1931. Hy was sewe jaar lank onderwyser. Na 'n studie van ses maande aan Guys Hospital in Londen, was hy 22 jaar lank in privaatpraktyk. In 1955 is hy as senior lektor in Protetika en Tandtegnika aan die Universiteit van Pretoria aangestel. Hy is in 1959 bevorder tot professor en opvolger van prof. H.H. Louw as hoof van die Departement. Sy invloed en leiding as een van die ouer garde was waardevol. In 1964 het hy met die bereiking van die ouderdomsgrens afgetree. Hy is in 1970 oorlede.

Hy is deur prof. T.R. Barrowman opgevolg. Thomas Ross Barrowman is in 1909 in Pretoria gebore en hy het in 1927 aan die Pretoria Boys' High School gematrikuleer. Aan die Universiteit van Pretoria behaal hy in 1934 die BA-graad, nadat hy reeds in 1930 die O2-sertifikaat aan die Pretoriase Onderwyskollege behaal het. Hy het daarna skoolgehou en gedurende die Tweede Wêreldoorlog in militêre diens getree. Daarna het hy vir tandarts gaan studeer en in 1950 BDS aan die Universiteit van die Witwatersrand behaal. Hy was tot 1957 in privaatpraktyk in Pretoria. In 1958 tree hy as voltydse lektor toe tot die Departement Protetika en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. T.R. Barrowman, Hoof, Departement Prostetika en Tandtegnika, 1964–1974.

Tandtegnika. Hy word in 1960 bevorder tot senior lektor en in 1964 tot professor en hoof. Hy bly dit met groot toewyding tot 1974. Hy het talle referate op plaaslike en internasionale kongresse gelewer en talle wetenskaplike artikels die lig laat sien. Hy is opgevolg deur prof. P.J. Potgieter.

Pieter Johannes Potgieter is in 1937 op Queenstown gebore. Aan die Universiteit van Pretoria behaal hy in 1962 BChD en in 1970 MSc (Prostetika) aan die Eastman Dental Institute in Londen. Na sy eerste graad, was hy twee jaar lank in privaatpraktyk in Engeland en daarna tandarts op Klerksdorp. Hy is in 1970 as lektor in hierdie Departement aangestel, in 1971 tot senior lektor bevorder en in 1974 tot professor en hoof. In 1982 behaal hy die DChD.

Die studente van hierdie Departement lewer diens aan die gemeenskap deur kunsgebitte vir bejaardes en behoeftiges te vervaardig. Daar is samewerking met die Departement Gesondheid en met die Weermag.

Instituut vir Stomatologie en Beenbiologie

In die jare sewentig het daar in die Fakulteit Tandheelkunde 'n behoefte aan 'n sentrale navorsingseenheid ontstaan, gebore uit die besef dat daar tot in daardie stadium hoofsaaklik op opleidingsvraagstukke gekonsentreer is. Teen die begin van 1974 het prof. L.M. Jonck in 'n memorandum die instelling van so 'n eenheid of instituut sterk bepleit. Hy het onder andere daarop gewys dat te veel kliniese en akademiese verpligtinge meebring dat daar vir die dosente min tyd vir navorsing oorbly, terwyl die vinnige wisseling van leerkragte dieselfde uitwerking het. Volgens hom word departementele navorsing ontmoedig deurdat een dosent nie graag op die terrein van 'n ander oortree nie en navorsing is uiteraard interdepartementeel van aard. Hy meen dat die Fakulteit as gevolg daarvan agterstaan by ander universiteite, by name die buuruniversiteit van die Witwatersrand, wie se dosente kongresse oorheers, terwyl daar by die eie dosente 'n gevoel van frustrasie en minderwaardigheid ontwikkel. Wat opleiding in vaardigheid en tegniek betref, ag hy dié van die Universiteit van Pretoria as van die beste in die land.

Die memorandum het indruk gemaak. Veral prof. A.N. Pelzer het as vise-rektor sterk steun daaraan gegee. Die Universiteitsraad keur dit teen die middel van 1974 goed. Vanaf die begin van 1975 word die Stomatologiese Instituut, soos dit aanvanklik genoem is, ingestel. Behalwe al die departementshoofde van die Fakulteit, is ook vakgenote van buite die Fakulteit en Universiteit in die beheerraad daarvan opgeneem. As eerste voorsitter, op voorstel van prof. Jonck, is dr. C.R. Jansen van die Afdeling vir Lewenswetenskappe van die Raad op Atoomkrag benoem. Daar is inderdaad steun verkry van die Raad op Atoomkrag, die Mediese Navorsingsinstituut en later ook van die Geneeskundige Diens van die Suid-Afrikaanse Weermag. Daar was aanvanklik probleme om 'n direkteur met die status van professor vir die Instituut te vind. Ten slotte het prof. Jonck in deeltydse hoedanigheid die direkteur geword.

Die Instituut het veral gesamentlike navorsingsprojekte deur spanwerk beplan. In die Departement Mondpatologie is daar ruimte ingeruim om in die volgende te voorsien: Biofisika, Biochemie, Immunologie, Eksperimentele Chirurgie en Weefselkultuur. Aangesien beennavorsing een van die belangrikste rigtings geword het, is die naam in 1977 verander na instituut vir Stomatologie en Beenbiologie. Prof. Jonck is hierna aangestel as voltydse direkteur, terwyl prof. A.J. Ligthelm hom as hoof van die Departement Mondpatologie opgevolg het.

'n Oorsig van die werksaamhede van die Instituut in 1980 gee die indruk dat daar aansienlik vordering gemaak is en dat verskeie navorsingprojekte suksesvol uitgevoer is. Daar is gewys op "'n langtermyn basiese navorsingsprogram gerig op gemineraliseerde weefsels", periodontale siektes, die soeke na alternatiewe en goedkoper tandheelkundige materiaal, en beennavorsing, waaraan die Departement Ortopedie ook meegewerk het. Veral is daar aandag aan beenoorplanting gewy. Met die gebruikmaking van proefdiere is daar belangrike resultate verkry, asook met die inplanting van kunsmatig vervaardigde onderdele.

Prof. Jonck het aan die einde van 1982 as direkteur afgetree. Hierna is die naam verander na Sentrum vir Stomatologiese Navorsing, met medeprofessor W.J.C. Coetzee as waarnemende hoof.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

11. Fakulteit Ingenieurswese

As die jongste aan die Universiteit van Pretoria—die tweede aan 'n Afrikaanse universiteit—het die Fakulteit Ingenieurswese in verskillende stadia van sy ontwikkeling behoefte daaraan gevoel om rekenskap van sy werksaamhede te gee. Dit gebeur onder andere in 1966, toe die Fakulteit tien jaar oud was, en weer in 1980.

"Ingenieurswese kan beskou word as die aanwending van die Natuurwetenskappe in diens van die mens," lui een definisie. "Die ingenieur moet nie alleen die wetenskappe ken nie, maar ook die behoeftes van die mens," lui 'n ander uitspraak. Dit is duidelik dat ons in hierdie Fakulteit met 'n aantal gerigte of toegepaste wetenskappe te doen het. Die grondslag daarvan lê in die basiese wetenskappe, hoofsaaklik Wiskunde, Toegepaste Wiskunde, Fisika en Chemie. Vandaar dat die eerste jaar van opleiding, en in 'n mate ook die tweede jaar, konsentreer op die kennis van hierdie wetenskappe. Ingenieursvakke is prakties gerig soos hulle met verloop van tyd in die Fakulteit ontstaan en vertak het, al na gelang van die eise van die tyd—eintlik na gelang van die industrialisasie van die land waaraan diens gelewer word. Dit sluit natuurlik nie teoretiese ondersoek uit nie.

Ingenieurswese is eintlik van militêre oorsprong. Dit het te doen gehad met die aanbring van versterkings en ander verdedigingswerke vir die vereistes van oorlogvoering. Daaruit het voortgekom Siviele en later ook Meganiese Ingenieurswese. Die ander vertakkings het later gekom.

Met die ontstaan van die Fakulteit in 1955 is slegs die volgende kursusse aangebied: Elektriese (Elektrotegniese is dit aanvanklik genoem), Meganiese en Siviele Ingenieurswese. Dan het daar in dieselfde jaar ook twee dissiplines of departemente bygekom wat reeds voor die tyd aan die Universiteit beoefen is, naamlik Landbou-ingenieurswese onder prof. J.A. Vorster en Landmeetkunde (later genoem Opmeetkunde en Stads- en Streeksbeplanning) onder mnr. W. Maré, respektiewelik oorgeplaas van die Fakulteit Landbou en die Fakulteit Wis- en Natuurkunde.

Verdere uitbreiding het hierop gevolg. In 1957 is 'n graadkursus en in 1975 'n aparte Departement Bedryfsingenieurswese (wat vroeër verbind was met Meganiese Ingenieurswese), ingestel. In 1958 het Chemiese, Metallurgiese en Mynbou-ingenieurswese bygekom. Dit was die samestelling in 1960. Prof. C.A. du Toit, in daardie stadium professor in en hoof van die Departement Meganiese Ingenieurswese, was die dekaan van die fakulteit. Hy is as dekaan in 1975 opgevolg deur prof. D.J. Schoeman, hoof van die Departement Chemiese Ingenieurswese, wat in 1980 voltydse dekaan van die Fakulteit geword het. Die J.G. Strijdomgebou vir Ingenieurswese is in 1957 in gebruik geneem. In 1959 is die C- en C2-vloer betrek. Dit het toe ruimte vir 1 200 studente verskaf. Tog was daar op daardie tydstip slegs 243 studente in die Fakulteit, afgesien van die eerstejaars. Die studentegetalle het in die jare hierna heelwat skommeling vertoon,



Prof. C.A. du Toit, Dekaan, Fakulteit Ingenieurswese, 1957–1974, en Hoof, Departement Meganiese Ingenieurswese, 1956–1974.

hoewel daar 'n geleidelike toename was wat die verwagtings nie beskaam het nie. In 1962 het die getal gedaal tot 164. Daarna was die styging gemiddeld 11% per jaar tot 567 in 1974. In die laasgenoemde jaar het die getal weer begin daal tot 461 in 1977, maar daarna het dit weer begin toeneem. Teen 1980 was daar 1670 voorgraadse en 460 nagraadse studente in die Fakulteit. Dit was toe die derde grootste fakulteit aan die Universiteit van Pretoria. Sedert 1971 is dit die grootste ingenieursfakulteit in die land.

By die departemente onderling was die styging en daling van ingenieurstudente nogal opvallend. Van 1974 tot 1980 het die getal in die Departement Siviele Ingenieurswese van 237 tot 60 gedaal, in Landmeetkunde van 38 tot 5 en in Stads- en Streeksbeplanning van 69 tot 2. Daarteenoor het die inskrywings in Elektroniese, Meganiese en Chemiese Ingenieurswese gestyg tot respektiewelik 128, 110 en 58. Die resultaat van die stygende getalle was dat meer fasiliteite beskikbaar gestel moes word. In 1973 is 'n tweede laboratoriumblok en in 1975 die toringblok voltooi. Daar was toe ruimte vir 2 000 studente.

'n Opname van 1980 meld dat daar in 1960 se-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wentien grade toegeken is; die eerste drie magistergrade in 1962 en die eerste doktorsgraad in 1963. Intussen is daar ook 'n honoresgraad ingestel en in 1979 was die getalle 268 baccalaureus-, 63 honores-, 26 magister- en vier doktorsgrade. In 1982 was daar 1 838 voorgraadse en 518 nagraadse, in totaal 2 356 studente, in die Fakulteit. Van die nagraadse studente was 45 besig met die doktorsgraadstudie. Tog word daar na verhouding te min Afrikaanssprekende ingenieurs aan die land gelewer. In 1976 is daar, saam met Stellenbosch, 335 baccalaureusgrade in Ingenieurswese uitgereik, teenoor 425 deur Engelssprekende universiteite.

Met die besef dat daar 'n groot behoefte aan ingenieurs in bepaalde rigtings bestaan, het verskeie werkgewers finansiële hulp aan studente en dosente verleen. In twee departemente is die salarisse van dosente deur buite-instansies aangevul. In die geheel is daar vyf leerstoele deur buite-instansies ingestel: die Yskorleerstoel in Metallurgiese Ingenieurswese in 1961, die Randwaterraadleerstoel in Waterbenuttingsingenieurswese in 1970, die Carl en Emily Fuchs-leerstoel in Mikroelektronika in 1970, die Leerstoel in Telekommunikasie deur die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese en die NVK-leerstoel in Vervoeringenieurswese in 1976. In 1978 is die Barlowlaboratorium opgerig, waarvoor die firma Barlow Rand geld geskenk het, en wat op groot skaal navorsing in Mikro-elektronika gesteun het. Daarby het die konstruksiebedryf vanaf 1976 opknappingskursusse in hierdie bedryf ingestel. Verder is daar heelwat kortkursusse ingestel om praktiserende ingenieurs op hoogte van nuwe ontwikkelings te hou. Hiervoor is daar heelwat geldelike hulp deur raadgewende firmas, kontrakteurs en nywerheidsondernemings geskenk. In toenemende mate word navorsingsopdragte deur buite-instansies aan die departemente gegee.

Wat die personeel betref, vind ons ook hier dat die salarisse wat die Universiteit aanbied, lank nie opweeg teen wat privaat of in die nywerhede verdien kan word nie. "Hierdie toestand van sake veroorsaak groot ontevredenheid onder die huidige dosentegeledere, maar die gevaar bestaan dat dit op die lange duur op 'n ramp vir die Universiteit, die professie en die land as geheel sal afstuur", volgens die dekaansverslag van 1982.

Die Fakulteit het vanselfsprekend heelwat kontak met verwante liggame buite. Daar bestaan 'n voordelige skakeling met die Raad vir Professionele Ingenieurs en die Landmeterraad en hulle onderskeie komitees, asook met die professionele institute. In die komitees van beheerrade van statutêre en ander professionele liggame is daar 'n groot aantal fakulteitslede verkies. Sowat twaalf personeellede het in 1980 diens as voorsitters van vakgebonde komitees gedoen. Daar word baie referate deur personeellede op konferensies en dergelike byeenkomste gehou en die stroom publikasies gaan onverminderd voort.

Dekane van die Fakulteit Ingenieurswese
1960—Prof. C.A. du Toit
1975—Prof. D.J. Schoeman

Departement Bedryfsingenieurswese

Hierdie vakgebied was eers 'n onderdeel van die Departement Meganiese Ingenieurswese wat dan ook later die Departement Meganiese en Bedryfsingenieurswese genoem is. Die eerste grade daarin is reeds in 1964 aan hierdie universiteit toegeken, maar die Departement het eers op 1 Januarie 1975 selfstandig geword.

Die naam is in 'n mate selfverduidelikend. Dit gaan om die werking van 'n bedryf, byvoorbeeld 'n fabriek, soos dit ook tot uiting kom in die Engelse benaminge *Industrial Engineering*, *Production Engineering* en *Manufacturing Engineering*. 'n Definisie van prof. K. Adendorff lui: "Bedryfsingenieurswese is die ingenieursdissipline wat hom besig hou met die ontwerp, oprigting, inbedryfstelling en die optimum gebruik van sisteme wat bestaan uit mense en masjiene, veral soos hierdie sisteme in die vervaardigingswese voorkom." 'n Ander verduideliking lui: "Die opleiding in Bedryfsingenieurswese is gerig op die ontwerp van geheelsisteme waarin natuurbronne en -kragte en arbeid ekonomies optimaal tot voordeel van die gemeenskap aangewend word. In teenstelling met suiwer tegniese sisteme soos damwalle en brûe, ontwerp die bedryfsingenieur sisteme waarin mense en masjiene optree. Op hierdie wyse spesialiseer die Bedryfsingenieurswese dan in die ondersoek, ontwerp, implementering en instandhouding van geïntegreerde stelsels wat as samestellende komponente die volgende het: kapitaal, toerusting, mannekrag en grondstowwe."

So is die bedryfsingenieur byvoorbeeld gemoeid met die uitlegbeplanning van fabrieke, voorraadbeheer, kwaliteitsbeheer, loonstelsels, evaluering van produkte, ens. Hoewel dit hoofsaaklik by die vervaardigingsbedryf van toepassing is, kan dit ook geld by bedrywe soos hospitale, verkeerstelsels, boerdery en talle ander.

Volgens prof. Adendorff kan die ontstaan van die dissipline tot ongeveer vyftig jaar gelede teruggevoer word toe vervaardigingsondernemings "as gevolg van die baanbrekerswerk van F.W. Taylor en die Gilbreth-egpaar" besef het dat Bedryfsingenieurswese as 'n aparte ingenieursdissipline bestaansreg het. Dit word tans internasionaal erken. As universiteitsopleiding begin dit na die Tweede Wêreldoorlog in die VSA en Brittanje. In Suid-Afrika was die Universiteit van Pretoria die eerste om die dissipline in 'n selfstandige departement te huisves.

Die vierjarige voorgraadse kursus sorg vir die basiese teoretiese opleiding, maar is sterk praktykgerig. Die aard van die opleiding word hoofsaaklik bepaal deur die behoeftes van die vervaardigingsindustrie en professionele liggame, soos die Suid-Afrikaanse Instituut van Bedryfsingenieurs. Die gemeenskap word van voorligting voorsien deur middel van radio- en televisieprogramme, brosjures en simposia. As voorbeeld kan gewys word op 'n eendagsimposium oor *Bedryfsingenieurswese: hulpmiddel vir Nywerheidsbestuur* wat op 22 Februarie 1982 aangebied is. Origens is daar skakeling met liggame soos die Amerikaanse Instituut vir Bedryfsingenieurs en die Britse Instituut

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. J.P. Botha, Hoof, Departement Bedryfsingenieurswese sedert 1975.

vir Produksie-ingenieurswese, Yskor, die Nasionale Produktiwiteitsinstituut en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Gehaltebeheer.

Die Departement het tot dusver net een hoof gehad, prof. J.P. Botha, nadat dit op 1 Januarie 1975 selfstandig geword het. Gebore in 1928 op Carolina, het Johannes Petrus Botha sy opleiding aan die Universiteit van Stellenbosch, BSc(Ing)(Meg), aan die Universiteit van Cambridge, PhD, en aan die Universiteit van Pretoria, MBA, ontvang. Na enkele jare as senior navorsingsbeampte aan die WNNR, is hy in 1958 as senior lektor in Meganiese Ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria aangestel. In 1967 is hy bevorder tot addisionele en in 1973 tot volle professor.

Die Departement het in 1982 ook een professor en een medeprofessor gehad. Die eersgenoemde is prof. Kristian Adendorff, wat sedert 1963 in die Departement Meganiese Ingenieurswese werksaam is en in 1982 tot professor bevorder is. Hy het sy opleiding aan die Universiteit van die Witwatersrand, BSc(Ing) 1952, en die Universiteit van Pretoria, MBA 1961 en DBA 1968, ontvang. Hiernaas is daar prof. Paul Stephanus Kruger wat in 1973 as lektor aangestel is, en in 1982 tot medeprofessor bevorder is. Hy het sy volle opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BSc(Ing) 1966, MSc(Ing) en MBA 1970. Hy is aanvanklik in die Departement Bestuurswese aangestel maar is aan die begin van 1974 na dié van Bedryfsingenieurswese oorgeplaas.

Departement Chemiese Ingenieurswese

"Chemiese Ingenieurswese is die wetenskap van vervaardigingsprosesse, oorspronklik chemiese prosesse, maar dit sluit deesdae alle prosesse in. In sommige lande staan die dissipline bekend as Prosesingenieurswese." So omskrywe prof. U.H.J. Grimsehl sy vakgebied. Dit het as dissipline aan die einde van die vorige eeu in Europa ontstaan en ongeveer in 1920 in Suid-Afrika posgevat. Die Universiteit van Pretoria was die eerste wat 'n Afrikaanstalige kursus in dié rigting aangebied het.

Met die toenemende nywerheidsontwikkeling van ons land het hierdie studierigting al hoe belangriker geword. Dit het te doen met die beplanning, oprigting en doeltreffende werking van fabrieke en ander bedrywe. Dit vereis 'n veelsydige kennis. 'n Chemiese ingenieur is nie 'n chemikus nie, maar hy moet 'n basiese kennis van die Chemie in al sy vertakkinge hê, en daarby ook van verskeie ander dissiplines in die Ingenieurswese. Bedrywe wat chemiese ingenieurs nodig het, is byvoorbeeld olieraffinaderye, dié van metaalherwinning uit ertse, die vervaardiging van chemikalieë, plastiekstowwe, kunsmis, papier, die verwerking van voedselprodukte, die verwerking van steenkool, asook kernkraginstallasies, ens. Dit is begryplik dat baie faktore vir die goeie werking van 'n bedryf in aanmerking geneem moet word, naas die bloot tegniese ook sosio-ekonomiese en ander faktore. Die chemiese ingenieur moet ook sorg dat nuwe uitvindings in die bedryf toegepas word.

Aan die Universiteit van Pretoria het die Departement Chemiese Ingenieurswese in 1960 tot stand gekom met prof. D.J. Schoeman as professor en hoof. Tot 1964 was hy ook die enigste dosent. Gebore in Johannesburg in 1922, het David Johannes Schoeman sy opleiding aan die Helpmekaarhoërskool (matrikulasie in 1939 met vier onderskeidings), en aan die Universiteit van die Witwatersrand ontvang, waar hy sy studie in die Ingenieurswese met DScIng in 1952 afgehandel het. Intussen is hy in 1945 as lektor aan die Universiteit van die Witwatersrand aangestel. In 1956 is hy bevorder tot senior lektor.

Onder sy leiding het die Departement Chemiese Ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria goed vooruit gegaan. Van een dosent in 1960 het dit gegroei tot nege in 1982. Oor die talle studente wat die kursus deurloop en daarna belangrike posisies in die samelewing beklee het, kan hier nie uitgewy word nie. Prof. Schoeman het in 1975 dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese geword.

Toe hy in 1980 as die eerste voltydse dekaan aangestel en sy doseerwerk daarmee beëindig is, kon hy terugkyk op 34 jaar onderrig in die vak aan twee universiteite.

Praktykgerig soos die opleiding in Ingenieurswese is, word dosente onvermydelik betrek by verbandhoudende instansies buite die Universiteit. Prof. Schoeman was of is nog onder andere lid van die volgende: die Beheerraad van die Nasio-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. D.J. Schoeman, Dekaan, Fakulteit Ingenieurswese, 1975–1987, en Hoof, Departement Chemiese Ingenieurswese, 1960–1980.

nale Instituut vir Metallurgie, die Waternavorsingskomitee, die Instituut vir Waternavorsing van die WNNR (adviseur), die Pretoriase Metaalperswerke, die Suid-Afrikaanse Raad vir Professionele Ingenieurs, die Chemiese Ingenieursinstituut (president in 1972), die Waternavorsingskommissie (benoem in 1977), die Beheerraad van die Nasionale Raad vir Metallurgie, die Filtrasievereniging van Suid-Afrika (erepresident 1977) en die Ingenieurstigting van Suid-Afrika (direkteur 1981).

'n Afsonderlike afdeling in die Departement Chemiese Ingenieurswese is dié van Waterbenutting. In 1970 het die Randwaterraad 'n spesiale leerstoel in dié rigting aangebied. Dit is op 1 Julie 1970 deur prof. F.A. van Duuren beklee. François Adendorff van Duuren is in 1929 in Kimberley gebore. Na matrikulasie aan die Greykollege, Bloemfontein, het hy eers vyf jaar by die Suid-Afrikaanse Spoorweë gaan werk en hom daarna aan die Universiteit van die Witwatersrand in die Ingenieurswese bekwaam. Dit is opgevolg deur 'n jaarlange studie aan die Imperial College, Universiteit van Londen. In 1961 tree hy in die diens van die WNNR, afdeling Waternavorsing, om na nege jaar die bogenoemde professoraat aan die Universiteit van Pretoria te aanvaar. Sy intreerede op 20 November 1970 het gegaan oor *Kristalhelder water*.

Ook prof. Van Duuren het talryke verbintenisse met instansies buite die Universiteit. Sy vir Suid-Afrika so belangrike studieveld het meegebring dat daar dikwels van sy dienste gebruik gemaak word. In 1976 het hy 'n internasionale kongres oor Waterbesoedeling in Amsterdam bygewoon. Onder hom is daar 'n landswye ondersoek na die waterbenuttingspatroon van stedelike gebiede ingestel. Hy verlaat die Universiteit aan die einde van 1979 om 'n betrekking by 'n privaatfirma te aanvaar.

Hy is op 1 Februarie 1981 opgevolg deur prof. W.A. Pretorius. William Adriaan Pretorius is in 1937 op Thaba Nchu gebore en hy ontvang sy skoolopleiding aan die Sentraalhoërskool, Bloemfontein, waar hy in 1954 matrikuleer. Daarna studeer hy aan die Universiteit van Pretoria, waar hy in 1964 DScAgric (Mikrobiologie) behaal. Dit word opgevolg deur studie aan die Universiteit van Kalifornië, waar hy in 1968 MSc in Sanitêre Ingenieurswese verkry. Reeds sedert 1958 werksaam in die Nasionale Instituut vir Waternavorsing van die WNNR, en later in dieselfde rigting by 'n privaatfirma, was hy die aangewese opvolger vir prof. Van Duuren in die Randwaterraadleerstoel. Hy is veral geïnteresseerd in die mikrotegnologie.

Na prof. Schoeman in 1980 tot voltydse dekaan bevorder is, het prof. U.H.J. Grimsehl hom as hoof van die Departement Chemiese Ingenieurswese opgevolg. Gebore in 1941 op Standerton, het Uys Hendrik Johannes Grimsehl sy skoolopleiding aan die Hoërskool Ermelo ontvang en sy ingenieursopleiding (Chemies) aan die Universiteit van Pretoria. Hy verkry ook 'n sertifikaat van Bevoegdheid vir Meganiese Ingenieurs in 1967. Hy het in 1963 by Yskor begin werk, later by firmas in die kunsmisbedryf en ten slotte by die firma G.D. Searle. Hy is onder andere lid van die Suid-Afrikaanse Instituut van Chemiese Ingenieurs en die Suid-Afrikaanse Filtrasievereniging.

Sy professorale intreerede oor *Die opleiding van chemiese ingenieurs in Suid-Afrika* toon dat opleiding by hom baie swaar weeg. Die belangrikste diens wat die Departement aan die gemeenskap lewer, is die opgeleide gegradueerde chemiese ingenieurs," het hy by 'n ander geleentheid geskryf. Die nywerheid word gedien deur gereelde somer- en winterskole en simposia. Navorsingswerk word vir etlike staats- en privaatinstansies gedoen. Daar word gereeld geskakel met die Suid-Afrikaanse Instituut vir Chemiese Ingenieurs en die Suid-Afrikaanse Instituut vir Professionele Ingenieurs, asook met die Britse Institution of Chemical Engineers, en met verskeie ander instansies.

Departement Elektriese Ingenieurswese

"Elektriese Ingenieurswese het hoofsaaklik te doen met kragvoorsiening, elektriese masjiene, nywerheidstoepassing, beheerstelsels, prosesbeheer, instrumentasie, elektronika en telekommunikasie." So lui 'n definisie van die vakgebied uit die jaar 1977. Tot 1976 het dit ook die inhoud van die departement Elektriese Ingenieurswese weergegee. In die laasgenoemde jaar het die elektroniese gedeelte egter afgeskei met die totstandkoming van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. F. G. Heymann, Hoof, Departement Elektriese Ingenieurswese, 1956–1980, links op die foto, by geleentheid van die aankondiging van die Carl en Emily Fuchs-leerstoel in 1971, saam met mnr. C.J. Fuchs, Besturende Direkteur van Fuchs Electronic Holdings, dr. H. Muller, Kanselier, en prof. E.M. Hamman, Rektor.

'n selfstandige departement Elektroniese Ingenieurswese. Die inhoud van die Departement Elektriese Ingenieurswese is in wese soos voorheen behou, behalwe dat 'n klemverskuiwing plaasgevind het in die rigting van energie in teenstelling met kommunikasie, met die oog op die behoefte van die swaarnywerhede in Suid-Afrika. Die naam van die Departement was aanvanklik Elektrotegniese Ingenieurswese en dit is in 1971 verander na Elektriese Ingenieurswese.

Baie jare lank was prof. F.G. Heymann die hoof van hierdie Departement. Franz Gustav Heymann is in 1922 op Luderitz, Suidwes-Afrika, gebore. Sy eerste skoolonderrig het hy in Windhoek ontvang en later aan die Greykollege, Bloemfontein, waar hy in 1938 in die eerste klas matrikuleer. Daarna het hy aan die Universiteit van die Witwatersrand studeer, waar hy in 1943 BSc(Ing) met lof en in 1947 MSc(Ing) behaal. Intussen was hy junior lektor aan die genoemde universiteit. Gedurende die jare 1947-1948 was hy by 'n elektriese firma in Engeland werksaam. Daarna word hy lektor aan die Universiteit van die Witwatersrand tot hy in 1956, met die ontstaan van die Fakulteit Ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria, aangestel is as eerste professor in en hoof van die Departement Elektrotegniese Ingenieurswese.

Prof. Heymann was 'n ywerige navorser. Van 'n aantal publikasies, in sowel plaaslike as internasionale tydskrifte, is twee met goue medaljes deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Elektriese Ingenieurswese bekroon. By geleentheid van internasionale simposia het hy in München (1972), Montreal (1975) en Edinburg (1980) referate gelewer.

Prof. Heymann het 'n leidende rol in professionele ingenieursorganisasies gespeel, soos die Suid-Afrikaanse Instituut van Elektriese Ingenieurs, waarvan hy in die jare 1974/75 president was, die Ingenieursafdeling van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns — hy het hom beywer vir die bevordering van Afrikaans in die ingenieursberoep — en die Suid-Afrikaanse Raad van Professionele Ingenieurs, waarop hy die Universiteit van Pretoria sedert 1969 verteenwoordig het. "Die ingenieursberoep is ontsaglik veel aan Gustav Heymann se onbaatsugtige diens verskuldig," lui 'n berig by geleentheid van sy afsterwe.

Hy het besonder belang gestel in die opleiding van sy studente en hy het baie jare op die Biblioteekkomitee van die Universiteit gedien. Hy is skielik op 17 Oktober 1980 oorlede.

As departementshoof is prof. Heymann deur prof. N. Wessels opgevolg. Nicolaas Wessels is in 1923 op Chipinga, Zimbabwe, gebore, maar hy matrikuleer in 1940 aan die Hoër Jongenskool, Paarl. Daarna studeer hy aan die Universiteit van Kaapstad, waar hy in 1944 BSc in Elektriese Ingenieurswese behaal. Nadat hy hierna by enkele firmas, onder andere by Yskor, werksaam was, behaal hy in 1950 die staatsertifikaat vir bevoegdheid as elektriese ingenieur en hy word in 1954 hoof van die Elektriese Toetsafdeling. Na die stigting van die Ingenieursfakulteit aan die Universiteit van Pretoria in 1956, word hy in 1959 as senior lektor in die Departement Elektrotegniese Ingenieurswese aangestel. Hy het die Universiteit sedertdien getrou gedien. In 1969 is hy bevorder tot medeprofessor en vanaf 1 Februarie 1981 tot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

professor in en hoof van die Departement Elektriese Ingenieurswese.

Tydens studieverlof in 1975, het prof. Wessels ses maande lank navorsing in die Stelselbedryfsafdeling van Evkom oor die optimisering van elektriese kragvoorsiening gedoen, en daarna nagraadse kursusse op dié gebied ingevoer. Hy dien ook in 'n aantal professionele liggame.

Voor die afstigting van die Departement Elektroniese Ingenieurswese, was prof. L. van Biljon sedert 1969 addisionele professor en is in 1971 bevorder tot professor in die Carl en Emily Fuchs-leerstoel vir Mikro-elektronika.

Departement Elektroniese Ingenieurswese

"Die naam *elektronies* is afgelei van die Griekse woord *elektron*. *Elektron* was die benaming wat verwys na die materiaal amber, wat deur die Grieke geassosieer is met eksperimente in elektrostatika". So verduidelik prof. L. van Biljon die herkoms van die naam van hierdie Departement.

Die vakgebied stam uit die algemene elektrisiteitsleer, wat reeds by die Grieke aanleiding gegee het tot teoretiese beskouings, maar eintlik is die basis van die vak na die Renaissance in die 17de en 18de eeu deur ernstige wetenskaplike eksperimentering vasgelê. Uit die 19de eeu kan veral die naam van die Skotse wiskundige James Clark Maxwell genoem word, wie se voorspellings oor die elektromagnetiese verskynsels later eksperimenteel bevestig is; origens was daar ook die baanbrekerswerk van Marconi, Faraday, Edison en Bell. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het radiokommunikasie sterk ontwikkel, maar dit was eers na die Tweede Wêreldoorlog dat die dissipline as vakgebied na vore gekom het.

"Elektroniese Ingenieurswese het te doen met die aanvulling en uitbreiding van menslike sintuie en vermoëns. Die aanvulling van die menslike gehoor deur ultrasoniese hulpmiddels, die uitbreiding van die menslike sig deur elektromagnetiese hulpmiddels en die aanvulling van die menslike rekenvermoë deur die alomteenwoordige rekenaar is maar enkele van die voorbeelde wat hier geld". So lui dit in 'n publikasie van die Departement. Verder: "Die spesiale toepassing van siviele en militêre kommunikasie, radar, geleide missiele, makro- en mikrorekenaars, televisie, telemetrie en ander nywerheids-, militêre en vermaaklikheidstoepassings, ressorteer almal onder Elektroniese Ingenieurswese. Voeg hierby nog die elektroniese hulpmiddels wat aan die mediese wetenskap gebied word, en ons kry enigsins 'n idee van die wye veld wat deur hierdie wetenskap gedek word."

Aan die Suid-Afrikaanse Universiteite is elektronika as onderdeel van die Elektriese Ingenieurswese beskou en as keusekursus van die leerplan ingestel. Die Universiteit van Pretoria het egter in 1976, die eerste in Suid-Afrika, 'n selfstandige Departement Elektroniese Ingenieurswese in die lewe geroep. Dit het voortgekom uit die toe reeds gevestigde Departement Elektriese Ingenieurswese en uit die fundamentele Fisika en Wiskunde.

Voorheen is 'n onderskeid getref tussen sterk- en swakstroomelektrisiteit, waarby onder die laasgenoemde die elektroniese rigting aangedui is. Tans word hierdie benamings nie meer as geldig beskou nie.

Die behoefte aan 'n selfstandige Departement Elektroniese Ingenieurswese het sterker na vore gekom deur die groei van die elektroniese vakke. Ruim skenkings van buite die Universiteit vir die oprigting van bepaalde leerstoele in hierdie rigting en vir die uitbou van doeltreffende laboratoria met insluiting van die nodige apparaat het 'n werklikheid geword. Die eerste hiervan was 'n skenking van die firma Fuchs Electronic Holdings na aanleiding van 'n versoek wat die rektor, prof. C.H. Rautenbach, persoonlik tot mnr. C.J. Fuchs gerig het. Dit was 'n skenking van R15 000 per jaar vir 10 jaar (wat later verleng is), vir die oprigting van 'n leerstoel in Mikro-elektronika.

Dit kom in 1971 tot stand en is die Carl en Emily Fuchs-leerstoel genoem. Mnr. C.J. Fuchs, wat sy hele lewe lank 'n pionier van nuwe ontwikkeling in Suid-Afrika was, het die behoefte aan hoogs opgeleide mannekrag vir Suid-Afrikaanse nywerhede besef. Hy en sy eggenote het besluit om as bydrae vir wat Suid-Afrika vir hulle beteken het, die Fuchs-stigting in die lewe te roep, met as oogmerk die bevordering van opvoedkundige en liefdadigheidsaktiwiteite. Hieruit het die bogenoemde leerstoel tot stand gekom en later ook die Carl en Emily Fuchs- Instituut vir Mikro-elektronika.

Prof. L. van Biljon het die hoof van die Departement geword, en later ook die direkteur van die Instituut. Louis van Biljon is in 1933 in Pretoria gebore. Hy matrikuleer aan die Hoër Volkskool, Heidelberg, en studeer daarna aan die Universiteit van die Witwatersrand, waar hy agtereenvolgens BSc en MSc in Elektriese Ingenieurswese behaal. Hierop volg twee jaar navorsing aan die laboratorium van die firma Philips in Eindhoven, Nederland. Terug in Suid-Afrika, het hy 'n betrekking aanvaar in die Telekommunikasielaboratorium van die WNNR. Sy loopbaan aan die Universiteit van Pretoria begin in 1959 toe hy as lektor in die Departement Elektriese Ingenieurswese aangestel is. In 1964 is hy bevorder tot senior lektor, in 1969 tot addisionele en in 1971 tot volle professor. Ondertussen het hy in 1963 met 'n navorsingstoekenning van die Raad op Atoomkrag en 'n Fullbright-beurs as besoekende navorser, en by 'n tweede geleentheid as besoekende professor, aan die Universiteit van Illinois, Urbana, VSA, gewerk. In 1966 het hy die graad DSc aan die Universiteit van Pretoria behaal.

'n Volgende leerstoel wat tot stand gekom het was dié van Telekommunikasie. Na onderhandelinge met die Departement Pos- en Telekommunikasiewese is in 1974 besluit om so 'n leerstoel in te stel. Hiertoe het die Departement R200 000 bygedra en die leerstoel word genoem leerstoel vir Telekommunikasie (Departement Pos- en Telekommunikasiewese). As die grootste enkele werkgewer vir elektroniese ingenieurs, was dit in die Departement se belang dat voldoende elektroniese ingenieurs opgelei sou word. Om samewerking te bestendig, is daar 'n gesamentlike adviserende komitee in die lewe geroep om die leerstoel in tele-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Prof. L. van Biljon, Hoof, Departement Elektroniese Ingenieurswese sedert 1976.

kommunikasie in oënskou te neem en om hom te besin oor gesamentlike navorsingsprojekte.

Die eerste professor in hierdie leerstoel was prof. J. Ribbens. Gebore in 1940, het Johann Ribbens na matrikulasie aan die Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria, sy universiteitsopleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BScIng(Elek) in 1963 en in 1965 die honneursgraad met lof in dieselfde rigting. Hierna is hy oorsee. Hy studeer in Parys en Houston om ten slotte in 1967 die MSEE-graad aan die Polytechnic Institution van Brooklyn te behaal, waar hy navorsing in Telekommunikasie gedoen het. Intussen was hy van 1964 tot 1969 werksaam by die WNNR en van 1969 tot 1970 by die Raad op Atoomkrag. In die laasgenoemde jaar word hy senior lektor aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy kom in 1974 in dieselfde hoedanigheid na die Universiteit van Pretoria, waar hy van die begin van 1975 af aangestel is as professor in Telekommunikasie, 'n leerstoel wat aan die begin van 1976 opgeneem is in die nuwe Departement Elektroniese Ingenieurswese.

Die ontstaan van 'n selfstandige departement Elektroniese Ingenieurswese geskied soos volg: teen April 1974 het prof. Van Biljon met so 'n voorstel gekom. In 'n breedvoerige memorandum het hy gewys op die groot ontwikkeling wat die elektronika die afgelope jare, veral na die Tweede Wêreldoorlog, ondergaan het.

Prof. F.G. Heymann, hoof van die Departement Elektriese Ingenieurswese, was aanvanklik gekant teen die verdeling van sy Departement, maar teen Oktober 1974 het hy toegegee en die wenslikheid van 'n Departement Elektroniese Ingenieurswese ingesien.

So het dit dan gebeur dat hierdie selfstandige Departement aan die begin van 1976 tot stand gekom het, terwyl eerste- en tweedejaarstudente reeds aan die begin van 1975 in die Departement Elektriese Ingenieurswese met die oog op voortgesette studie in Elektroniese Ingenieurswese kon inskryf.

Prof. Van Biljon het 'n groot aandeel gehad aan die uitbou van die Departement, wat in 'n groot mate met behulp van geldelike steun van buite-instansies plaasgevind het. In 1973 is die Instituut vir Mikrostrukture opgerig, waarvan hy eers adjunk- en sedert 1976 direkteur geword het. In 1976 kom hy op die direksie van Fuchs Electronics, waarvan die Carl en Emily Fuchs-stigting die Universiteit 'n skenking van R3 miljoen in 1981 laat toekom het vir die uitbreiding van Mikro-elektronika.

In 1971 is die ruimte vir Mikro-elektronika teen 'n bedrag van R150 000 vergroot vir die huisvesting van 'n elektronskryfapparaat, wat hierna aangekoop is, en waartoe die Krygstuigraad R200 000 bygedra het. In 1978 het die firma Barlow Rand

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die Laboratorium vir Gevorderde Ingenieurswese gestig, 'n laboratorium wat een van die leidende sentra vir die ontwikkeling van elektroniese stelsels in Suid-Afrika geword het. Met 'n personeel van 60, het dit 'n jaarlikse omset van R2 miljoen gehad. Dit het tot gevolg gehad dat die Departement Elektroniese Ingenieurswese in een stadium die grootste departement in die Fakulteit was.

In 1982 was daar vyf professore in die Departement en die getal sou later nog aangroei. Benewens dié wat reeds genoem is, kan hier kortliks melding van die ander gemaak word.

Prof. P. Rademeyer is sedert 1970 aan die Universiteit verbonde. Gebore in 1942 in Johannesburg, het hy BSc(Elek) 1964, MSc(Elek) in 1977 met lof en die doktorsgraad in 1978 aan die Universiteit van Pretoria behaal. Hy is in 1979 tot volle professor in die Departement Elektroniese Ingenieurswese bevorder. Ook het hy heelwat buitelandse ondervinding opgedoen. In 1973 het hy etlike maande in die laboratorium van die firma Siemens in München gewerk en daar 'n uitvinding vervaardig wat hy reeds in Pretoria ontwerp het, en wat wêreldwyd deur Siemens gepatenteer is. Dit was 'n besondere filter vir elektroniese seine. In 1974 volg daar 'n besoek aan Frankryk, Duitsland, Engeland en die VSA saam met prof. Van Biljon, ten behoewe van Fuchs Electronics in verband met gespesialiseerde inligting vir huidige en toekomstige projekte. In 1975/76 het hy ses maande lank by die firma Thompson CSF-laboratorium in Corbeville, Frankryk, studeer in verband met die elektronskryfapparaat wat die Departement aangekoop het. Prof. Rademeyer het ook ruimskoots sy deel bygedra tot die uitbou van 'n spesiale nagraadse laboratorium vir die Instituut vir Mikrostrukture, waarvan hy adjunk-direkteur geword het.

Prof. Ribbens het in 1980 uit die diens van die Universiteit getree. Hy is in Mei daardie jaar opgevolg deur prof. G.J. Kuhn as bekleër van die Leerstoel vir Telekommunikasie. Prof. Kuhn is in 1935 gebore. Die graad BIng het hy aan die Universiteit van Natal behaal en DScIng aan die Universiteit van Pretoria. Hy was ongeveer twintig jaar werksaam by die Nasionale Navorsingsinstituut vir Elektroniese Ingenieurswese aan die WNNR, maar hy het intussen ook verbinding met die Universiteit gehad, waar hy as konsultant vir Barlow Lab opgetree het.

Op 1 Januarie 1979 is dr. W.J. Louw tot professor in die Departement bevorder. Hy was voor die tyd hoof van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese aan die Randse Afrikaanse Universiteit. Hy het in 1960 'n elektro-ingenieursgraad met lof aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Daarna was hy in diens van die Poskantoor. Die MSc in Elektroniese Ingenieurswese behaal hy in 1967 aan die Universiteit van Pretoria. Daarna behaal hy die doktorsgraad aan die Universiteit van Arizona in 1974. Sy proefskrif is met die Motorolaprys bekroon as die beste van die jaar. Daarvandaan is hy terug na die Randse Afrikaanse Universiteit as voorsitter van die Departement Elektriese- en Elektroniese Ingenieurswese. Hy is 'n deskundige op die gebied van radarsubstelsels, mikrogolwe, spesiaal geïntegreerde strukture en drywingselektronika.

Prof. J.A.G. Malherbe is aan die begin van 1980 as professor benoem in die Carl en Emily Fuchsleerstoel vir Mikro-elektronika, wat vroeër deur prof. Van Biljon beset is. Prof. Malherbe is 'n deskundige op die gebied van elektromagnetiese stelsels en mikrogolwe. Hy het sy opleiding aan die Universiteit van Stellenbosch gekry, waar hy PhD(Ing) in 1974 behaal, en waar hy sedert 1962 senior lektor was. In die jare 1963 tot 1964 was hy werksaam in die laboratoriums van GEC, Coventry, Engeland, en in 1979 ses maande aan die Universiteit van Illinois. Hy sou in 1980 medeprofessor op Stellenbosch geword het, maar het die professoraat aan die Universiteit van Pretoria verkies.

In 1980 was daar 450 studente in die Departement Elektroniese Ingenieurswese, waarvan 100 nagraads.

Departement Landbou-ingenieurswese

Landbou-ingenieurswese is dié vertakking van die ingenieursprofessie wat die ingenieursaspekte van alle landbouproduksie bedien. Dit behels die toepassing van ingenieurskennis op die totale landbou. Aangesien ons hier te lande tegelyk te doen het met Derde Wêreld-omstandighede en 'n hoogs gesofistikeerde landbouproduksievlak in die blanke gebiede, moet probleme op dié twee vlakke baie oordeelkundig benader word. Tesame met sy ingenieurskennis, moet die landbou-ingenieur in noue voeling bly met die Akkerboukunde, die Veekunde en met baie ander biologiese aspekte van produksie om die probleme rasioneel te kan benader.

Die landbou-ingenieur se werksveld behels sowel navorsing, toets, ontwikkeling, ontwerp en beplanning as produksie, bestuur en raadgewing. Die werksterreine lê hoofsaaklik op die gebied van meganisasie, besproeiing, grond- en waterbewaring, plaasgeboue en strukture en prosessering. Die landbou-ingenieur se strewe is na die hoogs moontlike produksie teen tegelyk die laags moontlike energieverbruik en koste per eenheid geproduseer.

Die naam van die Departement is selfverduidelikend. Die dissipline het sy oorsprong ongeveer in 1900 in die VSA gehad, waar die naam *Agricultural Engineering* ontstaan het; dit is ook deur Engeland oorgeneem. In Frankryk heet dit *Génie Rural*, in Duitsland *Landwirtschaft Ing* en in Italië *Ingeneria Rural*.

In 1960 was Landbou-ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria reeds 'n gevestigde Departement, wat net die vorige jaar van die Fakulteit Landbou na dié van Ingenieurswese oorgeplaas is. Die hoof daarvan was prof. J.A. Vorster. Jacobus Adriaan Vorster is in 1917 gebore. Aan die Universiteit van Pretoria het hy in 1937 die graad BSc(AgricIng) behaal. Daarna is hy na Amerika, waar hy in 1939 MSc(AgricIng) aan die Iowa State College behaal het. By sy terugkeer dieselfde jaar, het hy lektor in Landbou-ingenieurswese aan die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. B.J.G.W. Grobler, Hoof, Departement Landbou-ingenieurswese sedert 1962.

Universiteit van Pretoria geword. Hy is in 1940 tot senior lektor bevorder en in 1955 tot professor. Hy het in 1954 die graad DSc aan die Universiteit van Pretoria behaal. In 1959 is hy tot hoof van die Departement Landbou-ingenieurswese bevorder. Hy beklee die posisie net tot 1961, toe hy hoof van die pasgestigte Afdeling Landbou-ingenieurswese van die Departement Landbou-tegniese dienste geword het. Sy opvolger was prof. S.J.P.K. van Heerden.

Stephanus Johannes Paulus Kruger van Heerden is in 1920 gebore. Aan die Universiteit van Pretoria het hy in 1943 BSc(AgricIng) behaal; in 1949 behaal hy MSc(AgricIng) met lof en in 1951 PhD (AgricIng), albei aan die Michigan State University. Hy is sedert 1946 aan die Universiteit van Pretoria verbonde; eers as lektor, vanaf 1952 as senior lektor en vanaf 1961 as professor in en hoof van die Departement. In 1962 bedank hy om wetenskaplike raadgewer van die Eerste Minister te word.

Hy is opgevolg deur prof. B.J.G.W. Grobler. Barend Jacobus Gert Wessel Grobler is in 1926 op Koster gebore. Hy het die grade BSc(AgricIng) en MSc(AgricIng) aan die Universiteit van Pretoria behaal en in 1961 'n oorsese studiereis onderneem. Hy was sedert 1950 as lektor en later as senior lektor aan die Departement verbonde. Hy is in 1962 tot hoof van die Departement benoem. Nadat hy DSc(Ing Agric) in 1968 aan die Universiteit van Pretoria behaal het, is hy tot professor benoem.

Noemenswaardig is die museum van landbouwerktuie wat die Departement opgebou het, en wat nog uitgebrei word. Dit is gevestig in die plaasskuur op die Proefplaas. Dit is begin deur prof. Grobler, wat in 1960 'n stoomtrekker persent gekry het. 'n Lid van die Departement, senior lektor G. Venter, en 'n oud-student, J.J. Bruwer, het die eerste boek oor landboutrekkers in Afrikaans die lig laat sien.

Departement Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese

Hierdie Departement het in 1959 tot stand gekom onder die naam Metallurgiese Ingenieurswese. In 1965 is dit verdoop tot Departement Metallurgie en Metallurgiese Ingenieurswese, en in 1974 tot die huidige Departement Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese.

Toe die Departement in 1959 gestig is, is prof. W.G. Leeman, wat vanaf 1957 deeltyds medeprofessor in Meganiese Ingenieurswese was, as professor en hoof aangestel. Hy was voor die tyd as hoofskeikundige en hoofmetallurg in die diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweë. Hy is in Maart 1960 oorlede. Prof. G.T. van Rooyen is as medeprofessor teen die vakante professoraat aangestel, terwyl prof. C.A. du Toit, van die Departement Meganiese Ingenieurswese, tot die einde van 1961 as hoof van die Departement opgetree het. Hierna is prof. G.T. van Rooyen as professor en hoof aangestel.

Gerrit Tertius van Rooyen is in 1931 gebore. In 1951 behaal hy BSc in Meganiese Ingenieurswese met lof aan die Universiteit van die Witwatersrand. Hy verower onder andere die Bernard Price-toekenning as die beste student van die jaar. In 1953 gaan hy by die Massachusetts Institute of Technology in Cambridge, VSA, studeer. Hy behaal in 1957 daar ScD in Metaalkunde. Hierna word hy in 1958 senior navorsingsbeampte by die WNNR. Soos gesê, word hy in 1960 medeprofessor en in 1962 professor in en hoof van die Departement Metallurgiese Ingenieurswese. Prof. Van Rooyen was in 1981 met navorsingsverlof oorsee. Hy is lid van verskeie vakkundige verenigings en dien op die Raad van Professionele Ingenieurs.

In 1962 is die Yskorleerstoel in Metallurgiese Ingenieurswese in die Departement ingestel. Weens 'n tekort aan opgeleide metallurge in die yster- en staalbedryf, het Yskor geld beskikbaar gestel vir opleiding in Metallurgie en is die Yskorleerstoel ingestel. As gevolg daarvan is Metallurgie as 'n tweejarige hoofvak, saam met Chemie of Fisika in die Fakulteit Wis-en Natuurkunde, ingestel asook die BSc-Hons-graad in Metallurgie. Die opleiding van hierdie studente geskied in die Departement Metallurgie en Metallurgiese Ingenieurswese, soos dit hierna genoem is.

Die eerste hoogleraar in die Yskorleerstoel was prof. D.B. le Roux. Gebore in 1920, het hy in 1939 aan die Universiteit van Pretoria studeer en daarna sy opleiding aan die Universiteit van die Witwatersrand voltooi, waar hy in 1942 die inge-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. G.T. van Rooyen, Hoof, Departement Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese sedert 1962.

nieursgraad behaal het. Hierna was hy vier jaar lank werksaam by Yskor, en na 1948 word hy lektor en later senior lektor in Metallurgie aan die Universiteit van die Witwatersrand. In 1961 was hy agerende hoof van die Departement, voordat hy aan die begin van 1962 as professor in die Yskorleerstoel in Metallurgiese Ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria aangestel is. Hy het veral in Yster- en Staalsmeltwese gespesialiseer. Prof. Le Roux tree in 1979 uit die diens van die Universiteit en word deur prof. R.J. Dippenaar opgevolg.

Gebore in 1943, het die laasgenoemde, na opleiding aan die Universiteit van Pretoria, in 1963 BSc (Metallurgie as een hoofvak) en in 1964 BSc(Hons), lektor aan hierdie Universiteit geword. Daarna het hy in Cambridge, Engeland, gaan studeer, waar hy PhD in 1970 behaal het. Intussen het hy in 1966 MSc met lof aan die Universiteit van Pretoria verkry. Van 1970 tot 1980 was hy senior wetenskaplike by die Raad op Atoomkrag en in deeltydse hoedanigheid dosent aan die Universiteit van Pretoria, waar hy aan die begin van 1980 professor en bekleër van die Yskorleerstoel geword het.

As professor honorêr was eers dr. C.M. Krüger en mnr. J. Coetzee van Yskor en daarna dr. J.P. Hugo van Kernkor aan die Departement verbonde. Hierdeur word die opleiding nader aan die praktyk gebring.

Die inhoud van die vakgebied is by geleentheid soos volg beskryf: "Metallurgiese Ingenieurswese behels die studie van verskillende veredelings en ekstratiewe prosesse wat gebruik word om metale uit die minerale en ertse te verkry. Dit behels ook 'n studie van verwerkingsprosesse wat gebruik word om nuttige verbruiksartikels soos draad en plaat uit die metale te vervaardig. Hier is dit ook nodig om die interne struktuur met behulp van 'n mikroskoop te ondersoek en kennis te hê van die invloed van legeringselemente en hittebehandeling op die eienskappe van die eindproduk."

Die Departement was nooit een van die grootstes in die Fakulteit nie, maar dit het geleidelik 'n styging in studentetalle getoon. In 1982 was die personeelbesetting twee professore, een ereprofessor, vier senior lektore en twee lektore.

Departement Meganiese Ingenieurswese

"Meganiese ingenieurswese behels die omvorming van natuurlike hulpbronne en die beskikbaarstelling daarvan in bruikbare meganiese of termiese energie, asook die aanwending van dinamiese beginsels om implemente daar te stel vir die handhawing van die mens se bestaan. In die huidige samelewing kan implemente varieer van hoogs gesofistikeerde toestelle soos vliegtuie, masjiengereedskap of wapentuig tot die nederigste huishoudelike artikel of handgereedskap. Meganiese ingenieurswese strek dus oor die hele spektrum van vereistes in die moderne samelewing." So lui 'n definisie van hierdie vakgebied.

Die Departement Meganiese Ingenieurswese het in 1956 tot stand gekom, as een van die eerste drie departemente waarmee die Fakulteit Ingenieurswese ontstaan het, met prof. C.A. du Toit van 1 Augustus 1956 af as hoof.

Cornelius Andries du Toit is in 1911 in die distrik Lichtenburg gebore. Hy bekwaam hom as onderwyser aan die Pretoriase Normaalkollege, terwyl hy hom ook inskryf aan die destydse Transvaalse Universiteitskollege en in 1932 BSc behaal. Na twaalf jaar in die onderwys, gaan hy aan die Universiteit van die Witwatersrand in die Ingenieurswese studeer. Hy behaal in 1945 die graad BSc(Ing)(meganiese ingenieur). In 1948 word hy aangestel as senior lektor in die Departement Meganiese Ingenieurswese aan die Universiteit van Stellenbosch, waar hy tot 1954 bly, en daarna inspekteur van Tegniese Kolleges in die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap. Aan die Universiteit van Pretoria word hy die eerste dekaan en hy dien die Fakulteit Ingenieurswese baie jare lank in dié hoedanigheid.

Prof. Du Toit bly ruim 18 jaar aan die Universiteit verbonde, en hy lewer diens op 'n wye terrein. Sy navorsing gaan onder andere oor indikateurs vir binnebrandmotore, die vervoer van vaste stowwe met water, en lugverversing vir groot ruimtes. In die laasgenoemde verband werk hy mee aan die beplanning van die Nico Malanteater en die Staatsteater in Pretoria. As lid van die Professionele Ingenieursraad het hy in verskeie komitees gedien en hy was ook lid van die Krygstuigraad.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hy tree op 31 Desember 1974 uit die diens van die Universiteit en word aan die begin 1975 as departementshoof deur prof. J. Visser opgevolg.

Jacobus Visser is in 1925 op Krugersdorp gebore. In 1948 behaal hy die BSc-graad met lof aan die Universiteit van die Witwatersrand, met as hoofvak Lugdinamika. Na nog 'n jaar nagraadse studie aan hierdie Universiteit, aanvaar hy in 1950 'n aanstelling in die Nasionale Bounavorsingsinstituut van die WNNR, daarna in die Navorsingseenheid vir Werktuigkundige Ingenieurswese as hoof van die Afdeling Hittevoortplanting. In 1960 aanvaar hy die aanstelling as senior lektor in die Departement Meganiese Ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria. In 1969 word hy tot addisionele professor bevorder en op 1 Januarie 1975 tot professor en hoof.

Prof. Visser het hom as navorser toegespits op industriële warmte-oordrag en in die besonder op die fisiologiese reaksies van die mens op sy termiese omgewing. Hy het die menskalorimeter van die Kamer van Mynwese se Laboratorium vir Menslike Wetenskappe ontwerp. Van 1967 af is hy enkele jare deeltyds (vier dae in die week) na die Raad op Atoomkrag gesekondeer, waar hy belangrike navorsing gedoen het. In 1973 is hy voltyds terug by die Universiteit en hy is daarna tot professor in en hoof van die Departement bevorder. In 1979 besoek prof. Visser die Ben Gurion-universiteit in Israel in verband met gesamentlike navorsing oor die omsetting van sonenergie in meganiese energie. Hy tree in 1983 uit as hoof van die Departement en tree in 1985 af.

Die Departement Meganiese Ingenieurswese het van 1958 af ook die Afdeling Bedryfsingenieurswese gehuisves. In 1974 het die naam van die Departement dan ook verander na Departement Meganiese en Bedryfsingenieurswese, maar in 1976 het Bedryfsingenieurswese 'n selfstandige Departement geword, met prof. J.P. Botha as hoof, onder andere bygestaan deur prof. K. Adendorff.

Prof. Visser is as departementshoof deur prof. P.C. Haarhoff opgevolg. Pierre Cloete Haarhoff is in 1938 gebore. In 1959 behaal hy BSc met lof aan die Universiteit van Pretoria. Daarna behaal hy BSc(Hons) in 1960 aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, en in 1961 MSc ook aan dié universiteit. Hy behaal albei grade met lof. In 1963 verkry hy DSc, ook met lof, aan die Universiteit van Pretoria. Daarna het hy twee jaar in Molekulêre Fisika aan die Universiteit van Cambridge studeer. Hy behaal heelwat later, in 1976, DIng aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy is van 1962 af werksaam by die Raad op Atoomkrag, eers in die onderafdeling Stralingschemie en van 1966 af as groepleier in Teoretiese Studies, afdeling Kerningenieurswese, en hy word in 1971 Bestuurder: Fisiese Wetenskappe by die Uraanverrykkingskorporasie. In 1977 word hy professor in die Departement Meganiese Ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria, terwyl hy steeds betrokke bly by die navorsingsprogram van UKOR. In 1979 is die Havengaprys deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom toegeken. Prof. Haarhoff het in 1981 'n aantal universiteite in die buiteland besoek en by sy terugkeer as sy oortuiging uitgespreek "dat 'n departement van Ingenieurswese slegs kan floreer indien daar 'n lewendige navorsings- en ontwikkelingsprogram is". Hierna het hy begin om 'n aantal knap jong navorsers na die Departement te trek en om die navorsings- en ontwikkelingsprogram van die Departement vinnig uit te brei.

Departement Mynbou-ingenieurswese

Die Departement Mynbou-ingenieurswese is die laaste departement wat in die Fakulteit Ingenieurswese ingestel is, en wel in 1964. Reeds in 1956 het die Universiteitsraad die instelling van die kursus goedgekeur en in 1958 is daarmee begin, maar die aantal studente wat die kursus gevolg het, was in die beginjare so gering dat die selfstandige departement eers in 1964 tot stand gekom het. By 'n later geleentheid het prof. J. de V. Lambrechts, die eerste professor in die Departement, verduidelik dat daar 'n soort vooroordeel kleef aan ondergrondse werk, iets wat as onnatuurlik beskou is. Vandaar dat daar nooit 'n groot toestroming na die kursus was nie en 'n skaarste aan mynbou-ingenieurs in die praktyk bestaan het.

Jacob de Villiers Lambrechts is in 1911 gebore en hy het sy skoolopleiding op Franschhoek ontvang. In 1932 het hy die BSc(Ing)-graad in Mynbou en Metallurgie, in 1941 die MSc-graad in Mynbou en in 1959 die doktorsgraad in Mynbou-ingenieurswese, almal aan die Universiteit van die Witwatersrand, behaal, die laasgenoemde as eerste in Suid-Afrika. Intussen was hy vyf jaar verbonde aan Crown Mines Beperk in Johannesburg. Later word hy inspekteur van myne in die diens van die Departement van Mynwese. Daarna is hy werksaam in die ventilasie-afdeling van die Anglo-Americankorporasie. Vanaf 1 Januarie 1965 is hy aangestel as professor in en hoof van die Departement Mynbou-ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria. Hy het die grondslag vir die opleiding hierin gelê. Prof. Lambrechts was 'n deskundige op die gebied van mynventilasie. In dié verband het hy Australië in 1962 ses maande lank besoek om mynmaatskappye daar van raad te bedien. Hy was tot 31 Desember 1974 aan die Universiteit van Pretoria verbonde, toe hy met pensioen afgetree het, en deur sy jarelange medewerker prof. F.Q.P. Leiding opgevolg is.

Frederik Quintin Painter Leiding is in 1916 gebore en het sy opleiding as myningenieur aan die Universiteit van die Witwatersrand ontvang, waar hy BSc(Ing) in 1940 behaal het. Hierna het hy onder andere staatsinspekteur van myne geword. In dié hoedanigheid het hy mynpraktyke in alle soorte myne in die land leer ken: goud, platina, diamant, steenkool en nog ander. Onder die indruk van die noodlottige rotsbarsongelukke wat van tyd tot tyd voorkom, het hy sedert 1963 navorsing op die gebied gedoen en is hy later aangestel as hoofnavorsingsbeampte in Rotsmeganika by die WNNR. Hy is met die totstandkoming van die Departement Mynbou-ingenieurswese aangestel as senior lektor—vanaf begin 1965—en hy volg prof.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. J. de V. Lambrechts, Hoof, Departement Mynbou-Ingenieurswese, 1964–1974.

Lambrechts op 1 Januarie 1975 as professor en hoof op.

Suid-Afrika het as belangrike mynbouland moderne metodes ontwikkel wat deur ander lande nagevolg word, onder andere ook op die gebied van ventilasie en rotsspanning, waartoe die Departement 'n bydrae gelewer het. Hoe belangrik opleiding in hierdie dissipline is, is maklik te begryp as daar in ag geneem word dat 'n diens van nasionale belang daarmee aan 'n bedryf wat nog altyd die steunpilaar van die ekonomiese vooruitgang van die land was, gelewer word.

In 1976 is 'n Mynbou-ingenieursvereniging deur oud-studente van hierdie Departement gestig, met as belangrikste doel die uitbou van die leerplan na gelang van die nuwe vereistes wat die praktyk stel. Prof. Leiding het 'n belangrike aandeel aan die stigting van hierdie vereniging gehad.

Toe prof. Leiding op 28 Februarie 1981 met pensioen aftree, is hy deur prof. A.N. Brown opgevolg. Alfred Norgaard Brown is in 1933 in Bloemfontein gebore en hy het sy skoolopleiding in Johannesburg afgesluit. Sy opleiding as myningenieur het hy aan die Universiteit van die Witwatersrand ontvang en hy behaal BSc(Ing) in 1955 en MSc(Ing) in 1959. Hierna het hy ook bevoegdheid as mynbestuurder verwerf en by verskillende myne as mynbou-ingenieur, later as bestuurder, gedien. Van 1971 tot 1976 het hy privaat gepraktiseer. Hy was in dié verband as raadgewende mynbou-ingenieur en besturende direkteur by verskeie myne werksaam. In 1976 het hy raadgewende ingenieur by Gold Fields of South Africa Beperk geword, tot hy op 1 Maart 1981 aangestel is as professor in en hoof van die Departement Mynbou-ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria. Naas hom was daar in 1982 nog drie senior lektore aan die Departement verbonde.

Departement Opmeetkunde en Stads- en Streeksbeplanning

Hierdie Departement ontwikkel uit die Departement Landmeetkunde, wat 'n lang ontstaansgeskiedenis in die Departement Wiskunde gehad het. Die Departement was dan ook eers in die Fakulteit Wis- en Natuurkunde gevestig en het later na die Fakulteit Ingenieurswese oorgegaan.

Volgens prof. N. Maree, hoof van die Departement, is die naam *stadsbeplanning* selfverklarend, maar die begrip *opmeetkunde* (voorheen *landmeetkunde*) is nie so maklik te verklaar nie. "Landmeetkunde is die vertaling van *Land Surveying*", skryf hy, "met *Surveying* die woord wat beteken 'om van bo af te sien'. 'n Term wat nou hieraan gekoppel is en wat gebruik word, is *kadaster*, wat 'n notaboek of register beteken en natuurlik 'n deel vorm van ons stelsel van grondbesit. Moontlik is al hierdie begrippe afkomstig van die stamwoorde van eerstens *geometrie*, wat eintlik meting van die aarde beteken, en *geodesie*, wat die verdeling van die aarde beteken." Verder verduidelik hy dat stadsbeplanning basies gemoeid is met "die ontwikkeling van grond in 'n poging om die begrip van die mens-omgewingverwantskappe te vergroot."

Oorspronklik het Landmeetkunde ontstaan uit die behoefte aan opmeting van grond ter wille van eiendomsreg. Al na gelang die ontwikkelingstempo van ons land toegeneem het, het die funksies van die dissiplines toegeneem. Dit sluit onder andere in astronomiese, gety-, ingenieursgeodesiese en lugopmetings. Daarby kom nog regskennis oor die registrasie en onderverdeling van grond en grondwaardasie. Opmeetkunde vereis kennis in 'n hele reeks dissiplines.

Nadat Landmeetkunde in die een of ander vorm van vroeg af reeds aan die Universiteit van Pretoria doseer is, is dit in 1949 as 'n aparte Departement ingestel. In 1959 is daar 'n begin gemaak met Stadsbeplanning. Die naam Landmeetkunde en Stads- en Streeksbeplanning is in 1967 verander in dié van Opmeetkunde en Stads- en Streeksbeplanning.

In 1960 was mnr. (later prof.) W. Maré hoof van hierdie Departement. Wilhelm Maré is in 1914 op Carolina gebore as een van die ses seuns en agt dogters van eerw. T.J.A. Maré, die eerste sendeling van die NG Kerk in Transvaal. Hy het aan die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria in 1932 in die eerste klas gematrikuleer. Aan die Universiteit van Pretoria het hy BSc in 1936 en MSc in Wiskunde in 1938 behaal. Na ses maande in die onderwys, het hy eers tydelik, later permanent, lektor in Wis-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. W. Maré, Hoof, Departement Opmeetkunde en Streekbeplanning, 1960–1977.

kunde aan die Universiteit van Pretoria geword.

Intussen het hy ingeskryf vir die BIng-graad in Landmeetkunde aan die Universiteit van die Witwatersrand, wat hy in 1950 behaal het. In 1951 het hy in die diens van die landmeter Von Willigh getree om as landmeter te registreer. Vanaf 1952 is hy aangestel as senior lektor in die Afdeling Landmeetkunde van die Departement Wiskunde; later word hy hoof van die selfstandige Departement Landmeetkunde en Stads- en Streeksbeplanning. Hy is in 1966 tot professor bevorder. Prof. Maré was veral in die praktiese Sterrekunde geïnteresseerd, waaroor hy onder andere verskeie artikels geskrywe het. Ook was hy lid en in 1972 president van die Instituut van Landmeters van Transvaal.

Prof. W. Maré is opgevolg deur prof. N. Maree. Nicolaas Maree is in 1924 op Victoria-Wes gebore. Aan die Universiteit van Stellenbosch het hy in 1944 die BSc-graad met lof behaal; daarna, in 1946, die MSc-graad; en in 1951 behaal hy aan die Universiteit van Kaapstad BSc(Landmeetkunde), ook met lof. Hy is intussen aangestel as lektor in Wiskunde aan die Universiteit van Stellenbosch. Sedert 1962 was hy in privaatpraktyk as landmeter. In 1971 het hy MSc in Stads- en Streeksbeplanning behaal. Hy het intussen lid van die professionele organisasie geword en was in die jare 1964—1965 redakteur van die *Suid-Afrikaanse Opmetingtydskrif*. Hy was reeds in 1962 lektor aan die Universiteit van Pretoria. In 1971 word hy bevorder tot senior lektor en vanaf 1 Januarie 1978 tot professor in en hoof van die Departement Opmeetkunde en Stads- en Streeksbeplanning.

Departement Siviele Ingenieurswese

Die Departement Siviele Ingenieurswese is een van die eerste vier oorspronklike departemente waarmee die Fakulteit Ingenieurswese in 1956 tot stand gekom het. Dit het ook een van die grootstes geword. In 1973 was daar 'n rekord getal van 719 voorgraadse studente in hierdie Departement; nagraads is die hoogste getal in 1979 bereik, naamlik 206. In 1960 was daar naas die hoof, prof. D.W. de Vos, twee senior lektore en drie lektore in die Departement; in 1982 was die personeelbesetting vyf professore, een medeprofessor en veertien senior lektore.

Dirk Wouter de Vos is in 1915 gebore. Na matrikulasie in 1932, met die tweede hoogste punte in Transvaal, het hy BSc(Ing) met lof aan die Universiteit van die Witwatersrand verwerf en in 1946 in Engeland aan die Institute of Transport Engineering afgestudeer. Van 1937 af was hy in diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en het tot die rang van distriksingenieur gevorder toe hy in 1956 as professor in en hoof van die Departement aangestel is.

Prof. de Vos het veral in die opvoedingsaspek belang gestel. In 1963 is hy ses maande lank gesekondeer na die Straszacker-kommissie van Ondersoek na die Opleiding van Ingenieurs. In 1965 was hy met studieverlof na Amerika en Engeland om die nuutste ontwikkelinge op die gebied van die opleiding van siviele ingenieurs te ondersoek. In 1974 reis hy deur Europa om 'n vergelykende studie te maak van ingenieursopleiding in die verskillende lande. Hy was ook hoof van die Adviserende Onderwyskommissie. Op sy vakgebied kan daar gewys word op die feit dat hy lid was van die Wetenskapsadviesraad, van die Kommissie van Ondersoek na Stedelike Vervoer en die Nasionale Advieskommissie vir Waternavorsing. In 1973 is die goue medalje van die Instituut vir Siviele Ingenieurswese aan hom toegeken. In 1980 is hy opgeneem in die Padnavorsingskomitee van die WNNR. Hy tree op 31 Desember 1980 uit die diens van die Universiteit en hy is deur prof. G.P.R. von Willich opgevolg.

Gideon Pieter Retief von Willich is in 1923 gebore. Hy lê in 1940 die Kaapse skooleindeksamen af met die hoogste punte in die provinsie en vyf onderskeidings. Daarna gaan hy in die Ingenieurswese aan die Universiteit van die Witwatersrand studeer, waar hy BSc(Ing) in 1944 behaal, en daarna aan die Massachusetts Institute of Technology, waar hy die meestersgraad, SM, in 1955 en die doktorsgraad, SD, in 1957 verwerf. Hy het hom ook as landmeter bekwaam. Intussen het hy sedert 1945 by enkele ingenieursfirmas gewerk en ten slotte in die Nasionale Bounavorsingsinstituut van die WNNR. Na sy terugkeer uit Amerika, word hy in 1958 aangestel as senior lektor in Siviele Ingenieurswese aan die Universiteit van Pre-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. D. de Vos, Hoof, Departement Siviele Ingenieurswese, 1956–1980.

toria. In 1965 word hy tot addisionele professor, in 1970 tot professor en op 1 Januarie 1981 tot departementshoof bevorder. Hy tree op 31 Desember 1983 af en word deur prof. A.W. Rohde as departementshoof opgevolg.

Prof. Von Willich het op verskeie terreine buite die Universiteit 'n rol gespeel. Hy was onder andere lid van die Suid-Afrikaanse Instituut van Siviele Ingenieurs, die American Institute of Civil Engineers, die Elektrisiteitsbeheerraad en die Betonvereniging van Suid-Afrika. Hy speel ook 'n belangrike rol in die oorskakeling na die metrieke stelsel as lid van die Komitees vir Metrisering van die Boubedryf, Universiteite en die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde en was lid van 'n werkgroep van die Metriseringsraad.

In die Departement ontwikkel daar later 'n vyftal min of meer spesialisafdelings, hoofsaaklik op nagraadse terrein.

So het prof. M. van Rooyen, wat in 1968 tot addisionele professor bevorder is, hom op Geomeganika toegelê. Opgelei in Stellenbosch en Amerika, het hy 'n tyd lank vir die Suid-Afrikaanse Spoorweë gewerk, voordat hy in 1959 as senior lektor in die Departement aangestel is. Hy verlaat die Universiteit in 1971.

In 1968 is daar begin met fondsinsameling vir 'n leerstoel in Padingenieurswese, wat egter nie sy doel bereik het nie. Daarop het die regering 'n Komitee van Ondersoek na Stedelike Vervoer ingestel, waarvan die verslag in 1974 verskyn het. Hieruit het onder andere voortgekom die skenking van die Nasionale Vervoerkommissie van R25 000 jaarliks vir tien jaar aan die Universiteit van Pretoria. Daarmee is die NVK-leerstoel in Vervoeringenieurswese gestig, met prof. P.W. Jordaan as die eerste professor daarin.

Pieter Willem Jordaan is in 1940 gebore en hy het sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria ontvang: BScIng in 1965 en MScIng in 1966. Nadat hy sedert 1961 in die Paaiedepartement van Transvaal en daarna in dié van die Departement van Vervoer gewerk het, en in 1967 as privaatingenieur, het hy in 1968 lektor in die Departement Siviele Ingenieurswese aan die Universiteit van Pretoria geword. Hy is in 1971 bevorder tot senior lektor en in 1975 is hy aangestel as professor in die bogenoemde leerstoel.

In 1979 is daar weer 'n skenking van R20 000 per jaar vir tien jaar van die Nasionale Vervoerkommissie ontvang vir die bevordering van stedelike vervoer. Daar is toe 'n senior lektoraat in dié rigting ingestel.

In die Afdeling Geomeganika is prof. P.F. Savage in 1977 as professor aangestel, nadat hy in 1971 as medeprofessor lid van die personeel geword het. Gebore in 1921, het Philip Fison Savage sy opleiding aan die Universiteit van die Witwatersrand ontvang; BSc(Eng) in 1943 en MSc(Eng) in 1948. Hy het van 1944 tot 1946 in die Grondlaboratorium van die Transvaalse Paaiedepartement gewerk en daarna as raadgewende ingenieur vir 'n privaatfirma—tot in die destydse Suid- en Noord-Rhodesië en Niassaland, en ten slotte in Transvaal. Hy is 'n genoot van die Suid-Afrikaanse Instituut van Siviele Ingenieurswese en die Nasionale Padnavorsingsinstituut van die WNNR.

In 1980 is daar ook die eerste en destyds enigste professoraat in Suid-Afrika in Konstruksieprojekbestuur in die Departement ingestel. In hierdie leerstoel is prof. F. Fourie benoem. Gebore in 1948, het Ferdinand Fourie in 1969 die graad BScIng aan die Universiteit van Pretoria behaal en in 1977 MBL aan UNISA. Die Universiteit van Pretoria is steeds die enigste Suid-Afrikaanse universiteit wat 'n volledige nagraadse kursus 'n Konstruksieprojekbestuur aanbied.

Waterboukunde of Hidroulika is 'n ander rigting in Siviele Ingenieurswese wat 'n aparte afdeling in die Departement geword het. Hierin het Albert Rooseboom, gebore in 1941, in 1970 lektor geword; in 1974 is hy bevorder tot senior lektor, in 1977 tot medeprofessor en in 1981 tot volle professor. Hy het sy opleiding op Stellenbosch, BScIng in 1963, en Delft, DHE met lof in 1968, ontvang. Voor sy aanstelling aan die Universiteit van Pretoria het hy vier jaar aan kus- en haweprojekte gewerk. In 1976 het hy DScIng aan die Universiteit van Pretoria verwerf.

Nog 'n selfstandige afdeling is Struktuuringenieurswese, met medeprofessor B.W.J. van Rensburg en vyf senior lektore.

Carl en Emily Fuchs-Instituut vir Mikro-Elektronika

Hierdie Instituut het in 1973 op die inisiatief van prof. J.H. van der Merwe, hoof van die Departe-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ment Fisika, tot stand gekom. Hy was die eerste direkteur, met prof. L. van Biljon, professor in Mikro-elektronika, adjunk-direkteur en prof. H.P. van der Schijff, destyds dekaan van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde, voorsitter van die beheerraad. Die Instituut het toe die naam Instituut vir Mikrostrukture gedra. Eers enkele jare later het die name van Carl en Emily Fuchs bygekom, na aanleiding van die groot bydraes wat hierdie twee persone en die firma Fuchs Electronics tot die uitbou en ten slotte die nuwe gebou daarvoor gelewer het. In 1981 is 'n skenking van R3 miljoen van dié firma ontvang.

Dit is 'n interdissiplinêre instituut, wat Fisika en Elektroniese Ingenieurswese betrek. Die samewerking word as volg verklaar: "Die Fisika-arm van die Instituut is veral gemoeid met die fundamentele eienskappe van vaste stowwe, veral op die gebied van epitaksie, dun lagies en elektro-optiese stelsels. Die Ingenieursarm daarenteen, lê hom toe op die aanpassing van die basiese kennis, om verdere geïntegreerde MOS-strukture en dik- en dunfilmhibridiese mikrostelsels vir bestaande behoeftes te verwerklik."

Die ontstaan van die Instituut is voorafgegaan deur 'n belangrike ontwikkeling in die werksaamhede van die leerstoel vir Mikro-elektronika, wat in 1971 onder prof. L. van Biljon tot stand gekom het. Algaande is daar nuwe rigtings ingeslaan en nuwe terreine ontgin. Dit geskied met die ruim geldelike hulp van belanghebbende buite-instansies en ook van die Universiteit self—geld wat veral nodig was om kosbare nuwe apparaat aan te skaf.

In 1972 is daar met 'n R28 000-skenking van die Universiteit 'n apparaat aangekoop om die dunfilmfasiliteit te begin. In dieselfde jaar is mnr. P. Rademeyer, later professor, op koste van die firma Siemens SA agt maande lank na München gestuur om in hulle MOS-laboratorium navorsing te doen. Met behulp van 'n tweejaarlikse skenking van R50 000 per jaar van die Universiteit, is daar gedurende 1973 en 1974 'n laboratorium in die kelder van die nuwe Swaarmasjienlaboratorium ingerig.

Aan die begin van 1973 het die firma Fuchs Electronics voorgestel dat 'n dikfilmprogram ontgin word. Die firma het blykbaar verpligtings teenoor die Krygstuigraad gehad en het gesteun op wat die Universiteit op dié gebied kon lewer. Hiervoor het die firma R50 000 bewillig en later nog R10 000. Op koste van die firma is ook mnr. Van Wijngaard, 'n senior instrukteur, na Frankryk gestuur om opleiding op dikfilmgebied te ontvang.

Toe die Instituut in 1973 tot stand gekom het, was daar fasiliteite op die gebied van sowel die dun- as die dikfilm, terwyl die MOS-fasiliteit besig was om te ontwikkel. In hierdie stadium is daar reeds R210 000 van buite en R128 000 van die Universiteit self ontvang.

Volgens die verslag van die direkteur (1974—1975), beliggaam die Instituut "'n interdissiplinêre studie deur fisici en elektroniese ingenieurs waarvan toepassing in die nywerheid, die weermag en elders, asook die opleiding van wetenskaplikes, 'n belangrike mikpunt is. In die besonder word beoog die ontwikkeling van prototipes elektroniese- en optiese stelsels."

Die doelstellings van die Instituut word in sy reglement soos volg opgesom: die verwerwing van kennis en vaardigheid deur navorsing en studie; die toepassing daarvan in nywerhede en ander instansies; die uitbrei van gespesialiseerde personeel en toerusting; die aanwending van die bogenoemde prototipes elektroniese en optiese stelsels in nywerhede en elders; opleiding en ook gespesialiseerde dienste aan ander instansies om samewerking te bevorder. So gesien, staan die Instituut oop vir dienslewering aan en samewerking met privaatnywerhede en dan veral die WNNR, die Krygstuigkorporasie en ander universiteite. Ook word noue voeling met ontwikkeling oorsee nagestreef. Hierin speel internasionale konferensies, studietoere en die uitruil van publikasies, 'n groot rol.

Na lang onderhandelings, is daar in 1976 'n elektronpatroongenerator, ook genoem 'n elektronstraalapparaat, van die firma Thomson-CSF in Frankryk teen 'n totale koste van R480 000 deur die Universiteit en die Krygstuigkorporasie aangekoop. Vooraf is 'n tegnikus van die Fakulteit etlike maande na Frankryk gestuur om vertroud te raak met die apparaat en om te werk aan die afronding daarvan. Die elektronstraalapparaat word beskryf as 'n besonder komplekse en gesofistikeerde apparaat omdat dit etlike individuele elektroniese komponente in 'n enkele eenheid huisves. Duisende elektroniese komponente is byvoorbeeld in 'n enkele kubieke sentimeter saamgevoeg. Die produkte van die apparaat is veral van belang vir die Weermag en vir telekommunikasie.

Behalwe die bogenoemde apparate, het die Instituut in 1980 besluit oor verskeie opdampinstallasies, 'n Augerspektroskoop met Leedfasiliteit, ultrahoogvakuumstelsels en 'n Van de Graaf-versneller. In dieselfde jaar was daar nege voltydse navorsers aan die Instituut verbonde en nog 26 wetenskaplikes en ingenieurs wat op 'n tydelike grondslag gewerk het.

In 1981 is 'n geskenk van R3 miljoen van die elektronikanywerheid, hoofsaaklik van Fuchs Electronics, ontvang. Soos reeds vermeld, is die naam toe verander na die Carl en Emily Fuchs-Instituut vir Mikro-elektronika. Met behulp van hierdie fondse word 'n nuwe gebou vir die Instituut opgerig, wat teen Oktober 1984 in gebruik geneem sou word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

III Terreine, Geboue en Tegniese Dienste

Die ooswaartse groei van die hoofkampus

Teen 1960 het die hoofkampus van die Universiteit nog redelik gerieflik tussen Universiteitsweg, Lynnwoodweg, Roperstraat en Burnettstraat ingepas. In die lig van die verdubbeling van die studentegetal van 7 935 in daardie jaar tot 16 380 in 1982, en die stigting van nuwe departemente en institute, was dit onvermydelik dat die fisiese fasiliteite ook naastenby in omvang sou moes verdubbel.

'n Vergelyking van die planne van die hoofkampus in hierdie twee jare, wat verderaan afgedruk word, toon duidelik dat die terrein omsoom deur die bogenoemde vier strate in 1982 aansienlik digter bebou was. Die ander belangrike opvallende verskil is die uitbreiding van die akademiese terrein in 'n oostelike rigting.

Die laasgenoemde ontwikkeling was eintlik 'n natuurlike een. Die Universiteit het trouens teen 1960 alreeds die grootste gedeelte van die blok, begrens deur Roper-, Prospect-, Hilda- en Duxburyweg, besit, en die eerste van die moderne dameskoshuise, Asterhof, was alreeds op die hoek van Hilda- en Prospectstraat gevestig. In dieselfde blok het Damestehuis (tans Vergeet-my-nie) sedert 1926 al bestaan en is die Pretoria-Oosskool (tans Roosmaryn) in 1954 aangekoop. 'n Verslag van 1965 het die eintlike stukrag aan die ooswaartse uitbreiding verleen. Dit is opgestel deur mnr. Brian Sandrock, wat kort tevore deur die Raad tot terreinargitek benoem is om 'n langtermynontwikkelingsplan vir die Universiteit aan die hand te doen.

Die verslag van 1965 het aanbeveel dat die akademiese kampus ooswaarts uitgebrei word met as uiteindelike oogmerk die konsolidering van die akademiese kampus, die terreine van die dames- en manskoshuise en die sportterrein op die Proefplaas. Dit het 'n akademiese kampus in die vooruitsig gestel wat uit 'n westelike en 'n oostelike gedeelte sou bestaan, met 'n sentrale hoofaantrede by die aansluiting van Roperstraat en Lynnwoodweg. Omdat dit beteken het dat Roperstraat as besige verkeersaar die kampus in twee sou sny, sou dié probleem in die toekoms opgelos moes word òf deur Roperstraat teen geweldige koste te versink òf deur die stadsraad te oorreed om dit tussen Burnettstraat en Lynnwoodweg te sluit. Op die pogings om die laasgenoemde moontlikheid teweeg te bring, word later teruggekom.

Die Universiteitsowerhede het dadelik na die bestudering van die 1965-verslag, stappe begin doen om die aanbeveling oor die aanskaffing van eiendomme aan die ooste te implementeer. Instansies wat eiendomme oos van Roperstraat besit het, is genader om te verneem of hulle dit aan die Universiteit sou wou verkoop. Dit het ingesluit die Christian Brothers College, die Loreto-kloosterskool en die Rooms-Katolieke Kerk.

Reeds aan die einde van 1965 is daar onderhandelinge met CBC (Christian Brothers College) aangeknoop. Die skool se eiendom het die terrein beslaan waar die gebou vir Opvoedkunde en Regsgeleerdheid, die parkeerterreine P1303 en P1301 en die Nagraadse Bestuurskool (vroeër bekend as die Broederhuis) tans geleë is, asook die gebied oos van Tindallweg tot waar die Gebou vir Landbouwetenskappe staan. Die Universiteit het aangebied om die eiendom te koop en as deel van die transaksie meer as 13,7 ha (16 morg) van die Proefplaasgrond aan die skool te gee, waarop CBC hervestig kon word. Dié grond is teen R100 000 gewaardeer. Na bedinging, is daar in 1967 ooreengekom op 'n bedrag van R584 000 plus die Proefplaasgrond. Die grond was dié gebied noord van die Kerkstraatverlenging en wes van Weavind Park, waar die nuwe CBC tans staan. In 1969 het die Raad goedgekeur dat die voormalige CBC-terrein as die Ooskampus bekend sou staan. Dit is in Februarie 1970 deur CBC ontruim.

Die bestuur van die Loreto-kloosterskool was ook nie ongeneë om te onderhandel nie. Onderhandelinge het egter van Oktober 1965 tot 1975 voortgeduur, toe daar ooreengekom is op 'n koopprys van R960 000. Aan die begin van 1976 is die eiendom in besit geneem. Met hierdie transaksie was die Universiteit in besit van die hele straatblok geleë tussen Tindallweg, Lunnonweg, Heroldstraat en Lynnwoodweg.

In samehang met die CBC-eiendomme moet ook die voormalige St. Anthony-koshuis genoem word, die gebou wat tans as Huis en Haard bekend staan. Hierdie koshuis, op die noordelike hoek van Tindallweg en Lunnonweg, het skoolseuns van CBC gehuisves, maar dit was nie die skool se eiendom nie. Dit het behoort aan die Rooms-Katolieke bisdom van Lydenburg in Oos-Transvaal, en is oorspronklik opgerig om 'n tuiste te bied aan seuns uit dié bisdom wat die skool bygewoon het. In

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hoofkampus-lugfoto, 1982.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1969 is daar met die biskop van Oos-Transvaal op 'n koopprys van R122 000 ooreengekom en aan die begin van 1970 het die Universiteit die gebou oorgeneem.

Die kloostereiendom bekend as The Monastery op die suidelike hoek van Duxburyweg en Roperstraat het sentraal binne die uitbreidingsgebied van die Universiteit gelê. Die Kerkowerheid het egter in 1967 onomwonde verklaar dat, aangesien die Kerk met sy klooster en saal so sentraal vir gemeentelede geleë was, die terrein onder geen omstandighede vervreem sou word nie. Na uitgerekte onderhandelinge is daar tog in 1980 'n aanbod van R1 600 000 van die Universiteit aanvaar. Die koopkontrak is op 8 Mei 1980 onderteken.

Sedert 1965 het die Universiteit ook stelselmatig kleiner privaateiendomme oos van Roperstraat aangekoop. Gevolglik het 'n geweldige groot aaneenlopende area, begrens deur Prospectstraat en Lynnwoodweg onderskeidelik in die noorde en suide, en deur Roperstraat in die weste en Hildastraat en Heroldstraat in die ooste, Universiteitseiendom geword. Ook oos van Hildastraat en Heroldstraat is daar eiendomme aangekoop. By Hildastraat was daar die erwe tussen Prospectstraat en Suidstraat, waar die dameskoshuise Madelief en Magrietjie opgerig is, en by Heroldstraat die voormalige Voortrekkertehuis (tans deel van die dameskoshuiskompleks Tankotie), wat in 1969 van die Hervormde Kerk van Afrika gekoop is. Ook die eiendom van die Baptistekerk van Hatfield by Suidstraat 1120 het in 1974 Universiteitsbesit geword.

Geboue op die hoofkampus: aanpassing en uitbreiding van bestaande geboue en die oprigting van nuwes

Ooswaartse verskuiwing van die sentrale wisselgebied

In opvolging van 1965 se verslag, het mnr. Sandrock in 1966 'n tweede voorgelê. Hierin is daar veral die sonering van akademiese geboue aanbeveel. Sonering het noodsaaklik geword omdat studente tussen lesings van lesinglokale en dikwels ook van geboue verwissel. Aangesien 'n student in die tien minute pouse tussen lesings 'n maksimum afstand van sowat 400 meter te voet kan aflê, verteenwoordig dié afstand die deursnee van die sentrale wisselgebied waarbinne die basiese lesinglokale vir voorgraadse studente geleë moet wees. Omdat die kampus besig was om ooswaarts uit te brei, sou die sentrale wisselgebied ook ooswaarts moes verskuif. Waar die massamiddelpunt vroeër ongeveer op die binneplein voor die Ou Letteregebou geleë was, sou dit nou in die omgewing van Roperstraat moes wees. Daarom is daar eerstens in die 1966-verslag aanbeveel dat die basiese of suiwer dissiplines vir voorgraadse studente binne die sentrale wisselgebied (met Roperstraat as deursnee) gevestig moes word. Terselfdertyd moes die meer gespesialiseerde en toegepaste dissiplines rondom die sentrale wisselgebied geplaas word.

Met hierdie aanbevelings gewapen en met die nuwe ruimte oos van Roperstraat van 1967 af in die vooruitsig, kon die Universiteit voortgaan om fisiese fasiliteite vir onderrig en navorsing te voorsien.

Aanpassing en uitbreiding van bestaande geboue

Wanneer 'n mens van geboue praat wat in 1960 reeds bestaan het, is dit gepas om by die tweede oudste gebou op die kampus te begin: die *Ou Letteregebou*, wat in 1911 'n paar maande na die Ou Chemiegebou voltooi is, en wat nog steeds in 'n sin die hart van die hoofkampus vorm. Struktureel is daar nie aan hierdie waardige ou gebou verander nie, maar die doel waarvoor dit aangewend is, het mettertyd verander. Teen 1960 het dit nog enkele departemente in die Fakulteit Lettere gehuisves, by name Volkekunde en Kultuurgeskiedenis. Op die grondvlak het Teologie Afdeling A 'n heenkome gevind. Die lokaal regoor die ingangsportaal het as administratiewe dienspunt vir eksamens gedien en word nog steeds met dié doel gebruik. Die Afrikaanse Taalatlas het ook lank 'n kantoor in die Ou Letteregebou gehad en dit was tot einde 1984 daar gehuisves.

Die belangrike verandering in die aanwending van die gebou het gekom met die aanbeveling van die Boukomitee in 1979 dat dit as 'n museum en kultuursentrum ingerig moet word. Wat kultuurinstansies betref, was die Taalatlas reeds daar en ook die Nederlands Cultuurhistorisch Instituut sedert 1975. Die feit dat die gebou in 1968 reeds tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is, het waarskynlik ook die gedagte gestimuleer om dit as museum in te rig. Op 3 Augustus 1971 is 'n gedenkplaat deur die rektor, prof. E.M. Hamman, by die gebou onthul—presies 61 jaar na die hoeksteenlegging op 3 Augustus 1910. In 1980 is nog 'n bronsplaat as deel van die herdenking van die 50-jarige bestaan van die Universiteit daar onthul.

Die Intersaal op die boonste vlak in die noordvleuel en aangrensende lokale is as uitstalruimtes ingerig. 'n Lokaal is ook as Kanselierskamer afgesonder, om sekere waardevolle besittings te huisves wat die kanselier, dr Hilgard Muller, aan die Universiteit geskenk het. Die moontlikheid is ook oopgehou om skenkings van voormalige rektore daarin op te neem. Na die voltooiing van die veranderings aan Letteregebou II in 1982, kon Afdeling A van die Fakulteit Teologie ook daarheen verhuis en sy lokale op die grondvloer van die Ou Lettere ontruim. Daarmee het 'n einde gekom aan alle doseerwerk in die gebou. 'n Komitee is daarna benoem om die Universiteit te adviseer oor die aanwending van die gebou.

Die Ou Letteregebou het deur die jare 'n simbool van die tradisie van die Universiteit geword. Met sy twee simmetriese maats skuins voor aan weerskante van hom—die Ou Klubsaal en Ou Kollege (tans die Studentediensburo)—beklee die Ou Letteregebou 'n gesogte plek op die statige binneplein met sy grasperk. Die klimopplante dra grootliks by tot die rustige atmosfeer wat hierdie trotse ou gebou aan die binneplein verleen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Die Boukomitee, 1972.
V.l.n.r.: Prof. A.N. Pelzer, dr. C.L. de Bruyn, mnr. F.W. Meerkotter, prof. E.M. Hamman en mnr. Martin Smuts.

In 1965 het die Ou Letteregebou 'n "aanhangsel" gekry—die spuitfontein wat voor die gebou 'n integrale deel van die binneplein uitmaak. Om die fontein te akkommodeer, moes die aantrede tot die gebou effens gewysig word. 'n Klipbalustrade, soortgelyk aan dié wat in die gebou self gebruik is, is agterom die fontein aangebring. Die fontein self het as grondmotief die samesnoering van die oue met die nuwe aan die Universiteit. Die moderne skulptuur waaruit die water opborrel, vorm 'n oorgang na die Aula en ander moderne geboue rondom die binneplein en dit dien ook as simbool van die ontstaan van lewe. Die opborrelende water versinnebeeld die ontstaan en ontwikkeling van nuwe idees aan 'n intellektuele inrigting soos die Universiteit. Die simboliek word verder gevoer deur die spuitende water wat die hoogste resultaat van die gedagte-ontwikkelingsproses voorstel.

Die fontein het dwarsoor die belangrikste motorpad oor die kampus te staan gekom. Die pad het by Lynnwoodweg begin, waar die houthek tans nog is, voor Letteregebou II (tans die Teologiegebou), die Ou Merenskybiblioteek en die Ou Lettere verby en dan tussen die Chemiegebou en die Ou Landbougebou deurgeloop om weer teenoor Prospectstraat by Roperstraat aan te sluit. Met die bou van die fontein het die grootste gedeelte van hierdie pad 'n voetgangerlaan geword: van suid van Letteregebou II (tans die Teologiegebou) tot tussen die Ou Landbou- en die Chemiegebou, waarvandaan daar 'n nuwe voetgangeraansluiting tot by Roperstraat bygekom het. Deur die sluiting van hierdie pad vir motorverkeer, het die hart van die kampus rustiger geword en het die Ou Letteregebou 'n rustiger waardigheid verkry, terwyl die kom en gaan van studente te voet 'n meer eksklusiewe akademiese atmosfeer geskep het.

Die oudste gebou op die kampus, die *Ou Chemiegebou*, wat oos van die Ou Lettere en die Kanseliersgebou geleë is, was een van die bestaande geboue in 1960 wat byna voor die hamer van die sloper geval het. Toe die jongste uitbreiding van die Merenskybiblioteek gebou is, moes die suidelike vleuel van die Ou Chemiegebou reeds gesloop word. 'n Sandsteenboog wat volgens plan behoue gebly het, naby die glaskas waarin die ossewa staan, is die enigste herinnering aan dié vleuel. Die Departement Opvoedkunde het hierna die gebou gebruik, terwyl dit ook 'n Dierkundelesingsaal en 'n magasyn van die Tegniese Afdeling gehuisves het. Reeds in 1974 het die Universiteitsraad besluit dat die hele gebou uiteindelik gesloop moes word om die tweede binneplein noord van die Geesteswetenskappegebou te voltooi, en om dit met voetgangerplaveisel af te rond. In daardie stadium het personeellede van die Fakulteit Opvoedkunde die gebou beset.

In 1980 was voorbereidings reeds getref om die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

besluit uit te voer sodra hierdie personeel na die byna voltooide Opvoedkundegebou verhuis het. Na aanleiding van versoeke van Dagstudentehuis dat 'n plek ingerig moes word waar hulle lede bymekaar kon kom, is daar in 1981 besluit om die Ou Chemiegebou te behou en onder andere hiervoor aan te wend. Gevolglik is 'n ontspanningsaal vir dagstudente hier ingerig, asook 'n VSR-boekwinkel en 'n kafeteriadienspunt, met kopieergeriewe in die suidelike gedeelte. Dié geriewe is in 1983 in gebruik gestel.

Ou Kollege is in 1914 al as eerste manskoshuis opgerig. Na die voltooiing van Nuwe Kollege as eerste manskoshuis op die Proefplaas in 1959, is daar in beginsel besluit om die ou gebou in kantore om te skep, maar om dit voorlopig nog as koshuis te gebruik. Dit was die geval tot 1962. Van 1963 af het die gebou die kliniek en kantore van die Departement Spraakheelkunde, die kantore van die Departement Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde en die Studentevoorligtingsdiens, asook navorsingslokale van die Fakulteit Opvoedkunde gehuisves. Nadat die Studentediensburo in 1973 tot stand gekom het, het dit die hele gebou beset.

Van die akademiese geboue volg, na die Ou Letteregebou en die Ou Chemiegebou, in orde van senioriteit, die *Ou Landbougebou*, wat in die loop van 1920 en 1921 voltooi is. Na die voltooiing van die nuwe Landbougebou op die ooskampus in 1972, het die Fakulteit Landbou daarheen verhuis. Die ou gebou is daarna heringedeel om huisvesting aan die Departement Biochemie en die Departement Fisiese, Teoretiese en Organiese Chemie te verskaf. Nadat Biochemie sy intrek geneem het op die grondvloer, en voordat die ander drieledige departement op die boonste vloer kon intrek, het 'n brand op 16 September 1975 dié verdieping in puin gelê en die dak verwoes. Aansienlike skade is ook aan laboratoriumapparaat en ander toerusting op die grondverdieping aangerig. Daarna is die gebou heringedeel vir die Departement Huishoudkunde en Dieetkunde en op 11 Oktober 1979 is die nuwe fasiliteite amptelik in gebruik geneem.

Die grondverdieping van die *Ou Klubsaalgebou* en die oorspronklike vleuel van die Ou Administrasiegebou (tans die Wiskundegebou) is albei in 1930 opgerig. In 1936 is 'n tweede verdieping by die Ou Klubsaalgebou gevoeg. In 1960 is die boonste verdieping nog vir studente-inwoning gebruik. Die daaropvolgende jaar het die Skakelafdeling van die Universiteit hierdie verdieping oorgeneem en nadat dit in 1978 in 'n Buro vir Openbare Betrekkinge en 'n Kultuurburo onderverdeel is, het die eersgenoemde daar aangebly.

Die onderste verdieping is tot 1966 as 'n ontspanningsaal gebruik en die jaar daarna in 'n studentesitkamer omgeskep. Ander lokale is deur die VSR as kantoorruimtes aangewend. Na onderhandelinge met die VSR, is die Klubsaal self in 1978 as 'n dosentekafeteria ingerig en die kombuis gemoderniseer. Die twee lokale aan die suide- en noordekant is in amptelike onthaalkamers omgeskep.

Die *Ou Administrasiegebou* (tans die *Wiskundegebou*) is in 1931 voltooi en in 1954/1955 is 'n U-vormige vleuel daarby gevoeg. Toe die studentegetalle teen 1964 reeds weer verdubbel het, en die administratiewe personeel dienooreenkomstig uitgebrei moes word, is daar besluit om 'n nuwe administrasiegebou op te rig. Die ou gebou is in 1969 aangepas om huisvesting te verskaf vir die fakulteite Ekonomiese Wetenskappe en Regsgeleerdheid, terwyl daar op die kort termyn ook kantore vir dosente van ander fakulteite ingerig is. Dit het toe as *Dosentekantore III* bekend geword. Met die verhuising van Ekonomiese en Staatswetenskappe na die nuwe Geesteswetenskapgebou en van Regsgeleerdheid na die Gebou vir Opvoedkunde en Regsgeleerdheid, is die gebou opgeknap en aangepas en aan die begin van 1982 het die Departement Wiskunde daar ingetrek. Sedertdien staan dit ook as die *Wiskundegebou* bekend.

Die oorspronklike indrukwekkende gebou wat die *Merenskybiblioteek* gehuisves het, is in 1938 voltooi. In 1957 is 'n ooswaartse uitbreiding bygevoeg, wat die vloeroppervlakte meer as verdubbel het. Teen die middel van die sestigerjare het die ruimteprobleem weer akuut begin word en is daar begin met die beplanning van 'n nuwe uitbreiding. Nadat werkstekeninge alreeds opgestel was deur mnr. F.J. Wepener, wat ook vir die vorige uitbreiding die argitek was, is daar in 1967 besluit om die beplanning te staak en om van nuuts af daaroor te besin. Onder andere moes daar besluit word of 'n afsonderlike gebou of 'n uitbreiding van die bestaande gebou wenslik was. Aangesien 'n biblioteek die hart van 'n universiteit is, en dit dus so sentraal moontlik geleë behoort te wees, is daar op laasgenoemde alternatief besluit.

In Augustus 1969 is die firma Louw, Marais, Marquard en Kuhn aangestel om die nuwe uitbreiding te ontwerp. Bouwerk het in November 1971 begin en in Augustus 1975 was die projek voltooi. Die boukoste het R2 800 000 beloop. Die nuwe gedeelte bestaan uit 'n kelderverdieping, 'n laer grondverdieping, 'n grondvloer, 'n tussenverdieping en 'n eerste en tweede verdieping. Die grondvloer bied 'n ruimtegevoel omdat die dakgewelf oor die sentrale gedeelte daarvan twee verdiepings hoog is. Hierdie ruimtelikheid, wat opval wanneer 'n mens die biblioteek binnetree, "herinner sterk aan die onbeperktheid en ontembaarheid van die akademiese gees en arbeid," soos die rektor, prof. E.M. Hamman, by die ingebruikneming dit in Maart 1976 in sy toespraak gestel het. Om vir die nuwe biblioteekuitbreiding plek te maak, moes nie alleen die suidvleuel van die Ou Chemiegebou gesloop word nie, maar ook die Tegniese Dienstegebou en kampong vir swart werkers wat daarby aangesluit en ooswaarts uitgestrek het, en drie rondawels wat oos van die ou biblioteek gestaan het, en waarin Volkekunde en Bantoetale 'n heenkome gevind het.

Die *Nuwe Letteregebou* of *Lettere II*, soos dit algemeen bekend geword het, is reeds in 1951 in gebruik geneem. Van die begin af was Afdeling B van die Fakulteit Teologie daarin gehuisves asook die Fakulteit Opvoedkunde en sekere departemente van die Fakulteit Lettere, en ook die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dekaanskantoor van dié Fakulteit. Uiteindelik is die gebou intern teen 'n koste van meer as R500 000 vir albei afdelings van die Fakulteit Teologie ingerig en sedert 1981 staan dit as die *Teologiegebou* bekend.

'n Gebou wat in 1960 betrek is en sedertdien verandering ondergaan het, is die *Boukundegebou*. Weens die toeloop van studente in Argitektuur, Bourekenkunde en Boubestuur sedert die sestigerjare, is daar besluit om die gebou aan die ooste- en westekant uit te brei en om een addisionele verdieping bo-op by te voeg. Die bouwerk is gedurende 1973 teen 'n koste van sowat R512 000 afgehandel en het groot verligting gebring. Waar die oorspronklike gebou beplan was om 50 nuwe studente jaarliks toe te laat, kon die jaarlikse inname nou tot 200 verhoog word.

Wat die Ingenieursfakulteit betref, het die *J.G. Strydomgebou*, net suid van die ingang in Universiteitsweg en die Swaarmasjienlaboratoruim, in 1960 bestaan. Die oorspronklike fasiliteite is vir die opleiding van sowat 1 200 studente beplan. Hoewel daar deur interne aanpassings mettertyd meer studente geakkommodeer kon word, het die toeloop so vermeerder dat uitbreidings onvermydelik was. Die Swaarmasjienlaboratoriumfasiliteite het die eerste aan die beurt gekom. In Augustus 1973 is daar teen 'n koste van sowat R750 000 'n addisionele laboratorium tussen die J.G. Strydomgebou en die bestaande laboratorium voltooi. Onder dieselfde kontrak, maar buite die laboratorium, is daar ook voorsiening gemaak vir 'n versterkte betontonnel vir proefnemings met plofstowwe deur die Departement Mynbou-ingenieurswese. In 1982 is daar 'n verdere uitbreiding in die Swaarmasjienlaboratorium teen 'n bedrag van nagenoeg R250 000 vir die Departement Meganiese Ingenieurswese aangebring. Die J.G. Strydomgebou het in 1976 aan die beurt gekom toe dit in drie fases heringedeel is. Die nuwe toringgebou vir Ingenieurswese word onder nuwe geboue bespreek.

Die derde *Gebou vir Geesteswetenskappe* (tans die *Kanseliersgebou*) is in 1960 in die ruimte tussen die Ou Letteregebou en die Ou Chemiegebou opgerig om in die behoefte aan lesingsale vir die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte te voorsien. Aanvanklik het dit uit twee waaiervormige sale, die een bo-op die ander, bestaan. Teen 1964 het 'n behoefte aan meer sale reeds bestaan en is daar besluit om 'n verdere waaiervormige gedeelte aan die noordekant by te laat bou. In die nuwe gedeelte is drie sale ingepas, een van 300 sitplekke en twee van 230 sitplekke elk. Na voltooiing van die aanbouing in 1967, is daar besluit om die gebou die Kanseliersgebou te noem, en om die sale na die vyf kanseliers van die Universiteit te vernoem. Die drie nuwe sale het gevolglik as die Van der Bylsaal, die Te Watersaal en die Mullersaal bekend geword en die twee ouer sale as die Roossaal en die Louwsaal.

'n Nuwe vleuel vir die Liggaamlike Opvoedkundegebou is ook in 1974 voltooi.

Ander geboue wat in 1960 al bestaan het en waarvan die uiterlike nie verander het nie, maar wel die gebruik, sluit in die *Ou Wis- en Natuurkundegebou*, die voormalige *Weerburogebou* en die *Nuwe Wis- en Natuurkundegebou*. Weens die verskuiwing van die Departemente Anatomie en Fisiologie uit die Ou Wis- en Natuurkundegebou na die Mediese kampus in 1967, is 'n groot gedeelte van dié gebou aan die Departement Dierkunde toegeken. Dierkunde het mettertyd meer ruimte in beslag geneem en in 1970 is die naam van die gebou na *Dierkundegebou* verander. Die gebou net langsaan, wat daaraan verbind is, die *Aardrykskunde-Huishoudkundegebou*, tans die *Geografiegebou*, is in 1976 vergroot deur die aanbouing van 'n laboratorium vir Aardrykskunde en 15 kantore vir Aardrykskunde en Huishoudkunde.

Die *Weerburogebou* is in 1963 deur die staat aan die Universiteit oorhandig en deur die Departement Spraakheelkunde betrek, waarna dit na die *Spraakheelkundegebou* herdoop is. Die nuwe Wis- en Natuurkundegebou, wat in 1954 net noord van die Universiteitswegingang voltooi is, is in 1962 heringedeel vir die huisvesting van die Departement Fisika. Later is die Departement Geologie ook in die gebou gehuisves en is die naam na die *Fisika-Geologiegebou* verander.

Nuwe geboue sedert 1960

Sedert 1960 het die groei van die Universiteit wat betref sowel studentegetalle as kursusuitbreiding 'n redelik volgehoue bouprogram genoodsaak. In die sestigerjare het die geboue nog die konvensionele horisontale profiel aangeneem, maar in die sewentigerjare is daar begin met die oprigting van toringgeboue wat 'n byderwetse aanskyn aan die kampus gegee het.

Die eerste van die konvensionele geboue wat opgerig is, was die *Musiekkompleks* en die *Wiskundegebou*. Na die instelling van 'n Departement Musiek in 1960, was die huisvesting daarvan 'n hoë prioriteit. Teen die einde van 1959 is mnr. Brian Sandrock alreeds as argitek vir 'n nuwe gebou aangestel. Die kompleks wat hy ontwerp het, sou uit drie gedeeltes bestaan: 'n drieverdiepingvleuel bestaande uit oefenkamers, ateljees, lesingsale, kantore en 'n biblioteek; 'n musieksaal met 500 sitplekke; en 'n opelugamfiteater, wat sitplek aan meer as 3 000 persone sou bied. Die hele kompleks sou aangebring word op die plek waar die atletiekbaan en -veld toe geleë was, dit wil sê suid van die Ou Klubsaal en die Aulakompleks.

Teen die einde van 1960 was die eerste gedeelte van die *Toonkunsakademie*—soos die gebou in 1963 gedoop is—voltooi. Die volgende jaar was die musieksaal en die amfiteater gereed en is daar besluit om aan die eersgenoemde die naam *Musaion* te gee. Die ingebruikneming het met 'n reeks konserte in September en Oktober 1961 plaasgevind. Gedurende dié jaar is daar ook besluit om die sitplekgedeelte van die amfiteater van 'n dak te voorsien, wat die benuttingspotensiaal daarvan aansienlik verhoog het. Op 3 April 1962 is die amfiteater op luisterryke wyse ingewy met 'n konsert waarin die SAUK-simfonieorkes met Mimi Coertse as solis opgetree het. Die musiekkompleks was nouliks voltooi toe die eerste uitbreiding daarvan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

beplan is—'n oefenkamervleuel met klankdigte oefenhokkies. Dit is 'n enkelverdiepinggebou wat in die vorm van 'n vierkant met 'n binnehof opgerig is.

Met die voltooiing van die Musiekkompleks was die Universiteit besonder goed toegerus vir die uitvoerende kunste. Saam met die Aula, wat in 1958 in gebruik geneem is, het die Musaion en die Amfiteater geweldige moontlikhede gebied, wat die Universiteit 'n ware kultuursentrum gemaak het. Daarby dien die Amfiteater ook vir die studente as 'n tuiste vir massavergaderings, konserte en ander byeenkomste. In 1980 is daar op 'n uitbreiding van die Musiekkompleks besluit deur 'n nuwe oos- en wesvleuel, met aanbouings bo-op die suidvleuel. Die volgende jaar moes dié planne vanweë finansiële oorwegings uitgestel word.

'n Tweede gebou wat in die vroeë sestigerjare bygekom het, was die *Wiskundegebou* (tans *Toegepaste Wiskundige Wetenskappegebou*]) aan die noordekant van die binneplein. In 1960 het die Universiteitsraad besluit dat ruimte vir die Departemente Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Statistiek teen 'n koste van £100 000 voorsien moes word. Om die terrein onmiddellik noord van die binneplein hiervoor te kon benut, moes die eetsaal van die Ou Kollegetehuis eers gesloop word—hoewel daar nog in dié stadium studente in die koshuis tuisgegaan het. Aanvanklik sou die gebou slegs uit twee verdiepings bestaan, maar nadat die bouwerk reeds aan die gang was, is daar in 1961 besluit om 'n derde vloer by te voeg en om ook vier voorlesingsale in die kelder in te rig. Die boonste vloer is voorlopig sonder binnemure gelaat, sodat dit later volgens behoefte ingedeel kon word. Die gebou is aan die begin van 1962 in gebruik geneem en die finale koste was R274 500. Sedert 1982, toe Wiskunde na die Ou Administrasiegebou (Dosentekantore III) verhuis het, is dit as die *Toegepaste Wiskundige Wetenskappegebou* bekend en huisves dit Toegepaste Wiskunde en Statistiek.

Nadat 'n gebou in 1963 in lyn met die anneks van die A.E. du Toit-ouditorium opgerig is om die Universiteit se *kernversnellerfasiliteit* te huisves, het daar 'n paar jaar verloop voordat die volgende nuwe gebou sy verskyning gemaak het. Dit was die *Nuwe Administrasiegebou* in 1968. Die oorspronklike Administrasiegebou is reeds in 1930 opgerig, toe die studentegetal maar op 962 gestaan het, en daar is vir 54 personeellede beplan. Toe die studentegetal in 1955 al op 4 850 gestaan het, is 'n vleuel bygevoeg. In die volgende tien jaar het die studentegetal meer as verdubbel tot ongeveer 10 300. Die moontlikheid is oorweeg om 'n bykomende verdieping bo-op die 1955-uitbreiding te laat aanbring, maar daar is besef dat so 'n uitbreiding slegs tot 1968 of uiters 1970 in die Administrasie se behoeftes sou voorsien. Gevolglik is daar op 'n nuwe Administrasiegebou besluit.

Die plek wat vir die nuwe gebou gekies is, was die laagliggende suidwestelike hoek van die hoofkampus, waar daar in daardie stadium 'n paar tennisbane geleë was—"Die Gat", soos die studente dit genoem het. Hierdie posisie is gekies voordat mnr. Brian Sandrock sy aanbeveling in die verslag van 1965 gedoen het dat daar in 'n oostelike rigting uitgebrei moes word. In daardie stadium is daar nog gedink aan die moontlikheid om na die Loftus Versveld-terrein uit te brei, aangesien die Noord-Transvaalse Rugby-unie toe oorweeg het om 'n nuwe hoofkwartier by Groenkloof te vestig. In so 'n geval sou die nuwe gebou baie sentraal geleë wees. Toe die moontlikheid van weswaartse uitbreiding verval, is daar twyfel oor die plasing van die gebou uitgespreek. Daar is egter besluit om nogtans met dié posisie te volstaan. Die rektor, prof. Rautenbach, en andere was van mening dat die Administrasiegebou juis maklik toeganklik vir besoekers moes wees, sodat hulle nie met hulle voertuie tot in die hartjie van die kampus hoef te beweeg nie.

Die ligging op die suidwestelike hoek van die kampus het tot 'n interessante ontwerp aanleiding gegee. 'n Driehoekige stervorm is deur die argitek, mnr. Brian Sandrock, ontwerp, met 'n byna soliede vensterlose punt wat in 'n suidwestelike rigting wys as die oorheersende kenmerk—byna soos die boeg van 'n skip—vandaar ook die bynaam "Die Skip", wat deur die studente aan die gebou gegee is. Aan die noordwestelike buitemuur van die punt is interessante reliëfwerk aangebring. Anders as wat 'n mens sou verwag, is daar geen simboliek aan die reliëf verbonde nie. Mnr. Sandrock vertel dat hy en 'n kollega een nag baie laat aan 'n model van die gebou gewerk het, toe hy met 'n vuurhoutjie in die nat gips iets op die muur uitgekrap het. Daar is wel later van kunstenaars reliëfontwerpe vir die muur aangevra, maar nie een daarvan is aanvaar nie omdat die gedagte was dat die muur self die oorheersende kenmerk van die gebou moes wees en nie deur reliëf- of beeldhouwerk gedomineer moes word nie. Die reliëfwerk is dus 'n blote tekstuurafwisseling sonder enige simboliese betekenis. 'n Besondere eienskap van dié muur is ook die feit dat dit soos 'n gordyn op rubberblokke aan die struktuur van die gebou hang. Die rede is dat daar vir uitsetting en inkrimping voorsiening gemaak moes word: so 'n soliede betonmuur sou weens die hitte van die westerson gebars het as dit te stram aan die res van die gebou verbind was. Ook die borrelende fontein onder die punt van die gebou dra geen simboliek nie. Dit is bloot om estetiese redes daar geplaas, en ook om dié gebied skoon te hou.

Die gebou van vier verdiepings het, benewens kantoorruimte vir sowat 160 persone, ook vir 'n rektorskantoor, 'n raadsaal en 'n ruim senaatsaal voorsiening gemaak, terwyl 'n groot lokaal op die grondvlak gerieflike, doeltreffende dienspunte vir studente en die publiek verskaf het. Die Senaatsaal was veral 'n groot uitkoms, aangesien die Universiteit se senaat sedert 1946—toe dit in die ou Senaatskamer-Raadsaal in die Ou Administrasiegebou (later Dosentekantore III en tans die Wiskundegebou) vergader het—oral rondgeswerf het omdat die lede nie meer in dié lokaal kon inpas nie. In werklikheid het die senaat, die eerste keer sedert 1908, van 1969 af 'n eie, aparte Senaat-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

saal gehad. Die Administrasiegebou is op 2 Desember 1968 betrek.

Volgens beraming sou die nuwe Administrasiegebou tot ongeveer 1975–1980 voldoende ruimte aan die administratiewe personeel gebied het. Teen 1973 is daar reeds weer 'n tekort aan ruimte ondervind. Gevolglik is mnr. Sandrock weer in dié jaar aangestel om 'n uitbreiding te ontwerp. Dit het die vorm aangeneem van 'n vleuel in 'n oostelike rigting, bestaande uit vier verdiepings. Bouwerk het in 1979 begin en die gebou is in April en Mei 1982 betrek. Met sy 127 kantore, vyf besprekingslokale, ruim teekamer, ens., het die nuwe vleuel nagenoeg 'n verdubbeling van die bestaande ruimte meegebring. Waar die oorspronklike gedeelte R967 500 gekos het, het die boukoste van die nuwe vleuel sowat R2 miljoen beloop. Nadat sekere afdelings van die Administrasie 'n paar jaar lank tydelik in die nuwe Ingenieursgebou gehuisves moes word, kon die administratiewe afdelings van die Universiteit nou weer onder een dak tuisgebring word.

Die eerste nuwe gebou wat op die nuut aangeskafte ooskampus opgerig is, was die *Landbouwetenskappegebou*, wat in 1972 in gebruik geneem is. Van 1969 af was die Departemente Argeologie, Bantoetale en Volkekunde reeds in die voormalige Broederhuis op die hoek van Tindall- en Lynnwoodweg op die ooskampus gehuisves, terwyl die Departement Dramatologie ook van daardie jaar af gesetel was in die voormalige skoolsaal wat tot Die Masker herdoop is. Agter die plasing van die Landbougebou op die voormalige CBC-terrein lê egter 'n lang verhaal. Die Ou Landbougebou is reeds in 1921 in gebruik geneem. Die vinnige vermeerdering van studentegetalle het die Fakulteit uit sy nate laat bars, en teen 1960 was die besluit reeds geneem om 'n nuwe gebou daarvoor op te rig. Omdat die Landboufakulteit sedert 1940 by die Transvaalstreek van die Departement Landbou ingelyf was, moes die staat die gebou oprig en moes oorlegpleging oor die ontwerp en plasing uiteraard met die betrokke staatsdepartement geskied.

Aanvanklik is daar oorweeg om die gebou op die hoofkampus noord van die Ou Landbougebou te plaas. Teen 1958 het die gedagte egter ontstaan om dit liewer op die Proefplaas op te rig, waar dit naby die reeds beplande manshoshuis aan Lynnwoodweg geleë sou wees. 'n Belangrike oorweging was die feit dat die Proefplaasterrein ruimte vir uitbreiding sou bied, wat nie aan die noordekant van die hoofkampus beskikbaar was nie. In November 1958 het die Raad gevolglik besluit om die gebou op die Proefplaas op te rig om sowel die Fakulteit as die personeel van die Transvaalstreek te huisves.

Van die kant van die Landboufakulteit was daar heftige besware teen die besluit, veral vanweë die groot afstand wat die bywoon van lesings op die hoofkampus in basiese wetenskappe soos Chemie en Plantkunde sou bemoeilik. Na heroorweging van die hele aangeleentheid, het die Raad gevolglik in 1962 besluit om die huisvesting van die Transvaalstreek en die Fakulteit te skei, en om vir die Fakulteit alleen 'n gebou langs die Ou Landbougebou te laat oprig. Vir dié doel is 'n kompleks van twee vleuels met agt verdiepings beplan. Die verwagting was dat die bouwerk in Januarie 1968 sou begin.

Aan die einde van 1967 het die hoofargitek van die Departement Openbare Werke sy besorgdheid oor die beoogde plasing van die gebou uitgespreek. Die Universiteit se algemene raadgewende argitek, mnr. Brian Sandrock, en die hoof van die Departement Argitektuur, prof. A.P. Burger, het sy bedenkinge gedeel. Hulle het daarop gewys dat die beoogde gebou baie naby die noordelike grens van die Universiteitsterrein sou staan, waar daar feitlik geen uitbreidingsmoontlikhede was nie en waar parkering ook baie beperk was. Bowendien was die plasing van so 'n massiewe gebou op die uithoek van die kampus esteties hoogs onbevredigend.

Juis in hierdie stadium het die onderhandelinge met CBC vir die aankoop van dié skool se terrein vrugte begin afwerp. Toe die moontlikheid daarna geopper is om die gebou in hierdie laat stadium na 'n gedeelte van die CBC-terrein oos van Roperstraat te verskuif, het die Fakulteitsraad die gedagte eenparig verwerp. As redes hiervoor is aangegee die oortuiging dat die bestaande geboue op die terrein totaal ongeskik was vir aanwending deur die Landboudepartemente, wat in daardie stadium in die Ou Landbougebou gehuisves was, en die groot afstand tussen die voorgestelde terrein en die geboue van ander departemente op die hoofkampus, waar Landboustudente klasse moes bywoon.

Die Universiteitsraad was egter van mening dat die voordele swaarder as die nadele geweeg het. Buitendien sou die ooswaartse verskuiwing van die gebou beteken dat die CBC-geboue en -terrein onmiddellik volgens 'n permanente patroon aangewend word en dat die ontwikkelingsbeleid van die Universiteit sonder enige twyfel bevestig word. Toe dit blyk dat die Raad vasberade was om die gebou oos van Roperstraat te plaas, het die Fakulteit voorgestel dat dit dan liewer oos van die Klooster moes geskied, waar parkeerterrein P1301 later geplaas is, as tussen Lunnon- en Lynnwoodweg, soos deur die Raad beoog; terselfdertyd moes die Ou Landbougebou dan vir die Fakulteit behou word. Die rede vir dié voorstel was dat die looptyd na die ou kampus korter was. Die stuk grond was egter te smal vir die reeds ontwerpte gebou en die gevoel was ook dat, indien daar ooswaarts verskuif word, die hele fakulteit daar gesentreer moes word, sonder behoud van die Ou Landbougebou. Uiteindelik is die laaste woord gespreek toe die Raad in Desember 1967 beslis het dat die gebou tussen die CBC-skoolgebou en die Loretoklooster-skool opgerig sou word.

Die terrein is in Januarie 1968 ontvang. In die loop van die jaar is daar besluit om 'n addisionele verdieping by te voeg. Die gebou, wat op 3 Maart 1972 amptelik deur die Minister van Landbou, mnr. D.C.H. Uys, geopen is, was 'n staatsprojek wat R1,5 miljoen gekos het. Dit bestaan uit twee vleuels van nege verdiepings, wat op elke verdie-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ping met 'n gang verbind is. Die voormalige CBC-skoolgebou net langsaan is teen 'n koste van sowat R180 000 in 'n departementele biblioteek en 'n aantal lesingsale ingedeel. Die Verkennersaaltjie net wes daarvan is ook as 'n lesingsaal ingerig en vernoem na prof. J.J. Theron, dekaan van die fakulteit van 1948 tot 1956.

'n Belangrike ontwikkeling op die hoofkampus wat die karakter van die binneplein raak, was die oprigting van die Ingenieurstoringblok wes van die plein. In 1970 is daar in beginsel besluit om in dié posisie 'n nuwe akademiese gebou vir die Fakulteit Ingenieurswese op te rig. Die plasing van dié gebou is deur verskeie oorwegings bepaal. Eerstens sou dit, met sy groot getal lesingsale, sentraal geleë wees, sodat dit ook deur ander departemente gebruik sou kon word. Verder is daar gevoel dat dit die binneplein sou afrond, omdat net die westekant daarvan nie bebou was nie: die gebou sou die eenheid van die plein beklemtoon. Vanuit 'n estetiese oogpunt was die mening ook dat dit die visuele verhouding tussen afstand en hoogte op die plein sou verbeter. Laastens sou die uitsig op die Ou Letteregebou oor die binneplein heen van Universiteitsweg af behou word deurdat die gebou op pilare sou staan. Tussen die pilare sou breë trappe onder die verbindingspad deur aan voetgangers van Universiteitsweg se kant af toegang tot die binneplein verleen.

Die gebou is in Desember 1975 betrek. Bo die grond is daar tien verdiepings, wat kantore, seminaarkamers en navorsingslaboratoria bevat. Ondergronds is daar tien lesinglokale, wat gesamentlik sitplek aan 700 studente bied. Die oprigtingskoste het ongeveer R2,5 miljoen beloop. Wat die binneplein betref, het die beplanning nie in alle opsigte geslaag nie: die voetgangersdeurgang onderdeur die pad word selde of nooit gebruik en die voetgangersbrug wat die gebou met die J.G. Strydomgebou aan die suidekant en die Fisika-Geologiegebou aan die noordekant verbind, het die uitsig van Universiteitsweg af tussen die pilare deur op die simbool van Tukkietradisie, die Ou Letteregebou, in 'n groot mate versper. Die Ingenieurstoring was die eerste toringgebou op die hoofkampus en het daarmee 'n nuwe tydperk van vertikale uitbreiding ingelui.

Ongeveer gelyktydig met die Ingenieurstoring het 'n ander moderne struktuur op die kampus verskyn: die *Tegniese Dienstegebou*. Die vorige gebou van die Tegniese Afdeling het by die suidvleuel van die Ou Chemiegebou aangesluit en daarvandaan ooswaarts tot naby Roperstraat gestrek. Met die bou van die jongste Biblioteekuitbreiding moes dié gebou gesloop word. Stappe is dus betyds gedoen om vir 'n nuwe gebou voorsiening te maak. Volgens die langtermynplan moes dié gebou aan die buitekant van die terrein geplaas word. Daar is gevolglik besluit op die hoek noord van die Ou Landbougebou wat deur die aansluiting van Roper- en Burnettstraat gevorm word. Die kontrak is in 1972 toegeken en aan die begin van die tweede semester van 1975 kon die werkswinkels, kantore vir die Tegniese Afdeling en vir die Afdeling Terreine en Geboue in gebruik geneem word. Die oorblywende kamponggedeelte, asook kantore vir die Afdeling Administrasie van Swart Werkers, is in 1976 voltooi. In die westelike gedeelte van die gebou is die Afdeling Oudiovisuele Dienste gehuisves.

Die mees uitstaande van die moderne geboue op die kampus is die *Geesteswetenskappegebou*. Dit is as gevolg van sy hoogte, sy besondere konsertinavorm en sy wydsbeenposisie bo-oor Roperstraat. Reeds in 1968 is daar besluit om 'n gebou op te rig waar al die departemente van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, wat oor die kampus versprei was, gehuisves kon word. Dié Fakulteit, wat verreweg die grootste aan die Universiteit was, het inderdaad 'n swerwersbestaan gevoer. Afgesien van die Ou Letteregebou, het departemente van die Fakulteit al sedert 1951 'n tuiste gevind in Letteregebou II (tans die Teologiegebou), die Aardrykskunde- en Huishoudkundegebou, die Merenskybiblioteek, die ou Weerkundegebou (tans die Spraakheelkundegebou), die Kanseliersgebou met die nabygeleë kantoorgebou (Dosentekantore I), Ou Kollegehuis (tans die Studentediensburogebou), die Ou Administrasiegebou (tans Wiskundegebou), aangekoopte woonhuise oos van Roperstraat, die Toonkunsakademie en ontruimde CBC-lokale soos die Broederhuis. Maar afgesien van hierdie versnippering het die Universiteit nog in die sestigerjare met 'n paar honderd studente per jaar aangewas, waarvan 'n aansienlike persentasie die Lettere as studierigting gekies het, terwyl die Nasionale Onderwysersopleidingswet van 1969 'n besliste toename in die getal Provinsiale Onderwysstudente per jaar waarskynlik gemaak het. In hierdie omstandighede was dit duidelik dat slegs die grootste gebou in die geskiedenis van die Universiteit voldoende sou wees om die Fakulteit te akkommodeer.

So 'n massiewe gebou sou nie op die ou kampus ingepas kon word nie. Daarom is heel natuurlik aan die ooskampus gedink. Die aanvanklike gedagte was dan ook dat die gebou direk suid van die Klooster moes verrys, waar die Opvoedkundegebou tans staan. Die oorweging dat die ooskampus deur Roperstraat van die weskampus afgesny word, het egter bedenkinge oor hierdie plasing laat ontstaan. Die feit dat daar al van 1959 af daaraan gedink is om eendag op 'n sentrale deel van die kampus 'n toring of campanile op te rig, wat as baken kon dien om die universiteitsakker van ver af te identifiseer, het nou die gedagte laat ontstaan om juis so 'n hoë gebou bo-oor die sentraal geleë Roperstraat op te rig. Dit sou beteken dat 'n sielkundige voordeel, die visuele sluiting van Roperstraat, so verkry sou word. "Die straat wat skeiding maak, moet oorheers word deur 'n maaksel wat saambind," soos prof. C.H. Rautenbach dit by geleentheid gestel het. Twee ander oorwegings het ook by die plasing van die gebou oor die straat 'n rol gespeel. Eerstens is daar geredeneer dat so 'n gebou die hoofelement mag word by 'n moontlike toekomstige hoofingang na die Universiteit by die aansluiting van Roperstraat met Lynnwoodweg. Tweedens kon so 'n plasing oor die straat bevorderlik wees vir die veiligheid van voetgangers, tot tyd en wyl die straat gesluit sou word, aange-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sien daar 'n veilige voetgangersdeurgang deur die gebou oor Roperstraat sou ontstaan. 'n Derde faktor was dat die gebou eintlik in "niemandsland" bokant 'n openbare straat sou staan en baie min van die universiteitsterrein in beslag sou neem.

Toestemming is in 1973 van die Stadsraad verkry vir die tydelike sluiting van Roperstraat tussen Duxburyweg en Lynnwoodweg, terwyl die bouwerk aan die gang was. Op 28 Oktober 1977 is die gebou amptelik in gebruik geneem, nadat gedeeltes al vroeër stuksgewyse betrek is: die lesingsale in die subkelder-, kelder-, grond- en eerste verdieping by die aanvang van die akademiese jaar 1975, en die eerste vyf van die sewentien verdiepings in die toringgedeelte gedurende November 1975. Die gebou is op 28 Oktober 1977 amptelik in gebruik geneem en het sowat R5 600 000 gekos.

Die gebou bestaan uit 'n lesingsaalkompleks geleë in die voetstukgedeelte wat oor die straat strek, en wat twee kelderverdiepings en 'n grond-, tussen- en eerste verdieping insluit. Bo-op hierdie voetstuk staan die toringgedeelte van 17 verdiepings, wat hoofsaaklik kantore en seminaarkamers bevat. Daar is altesaam 29 lesingsale van verskillende groottes, met 'n totale kapasiteit van 2 733 sitplekke. Dit het in 1977 23% van al die lesingsaalsitplekke op die kampus uitgemaak. Die toringgedeelte bied kantoorruimte aan sowat 400 personeellede, wat in 1977 ongeveer 26% van alle kantoorakkommodasie op die kampus was. Gemiddeld kan 'n mens dus sê dat die reusegebou in 1977/78 voorsien het in een kwart van alle kantoor- en lesingsaalakkommodasie op die kampus. Die besondere plasing van hierdie konstruksie het daartoe bygedra dat dit die bekendste akademiese gebou op die kampus geword het.

In 1973 het die kwessie van 'n nuwe gebou vir die Fakulteit Opvoedkunde die aandag begin geniet, na aanleiding van 'n voorlegging deur die dekaan van 'n behoefte wat gebaseer was op 'n inskrywing van 3 000 studente. Dit was die gevolg van gewysigde onderwyswetgewing wat in 1972 meegebring het dat die verantwoordelikheid vir die opleiding van onderwysers vir sekondêre skole van die onderwyskolleges na die universiteite oorgeplaas is. Die Fakulteit was in vyf geboue oor die kampus versprei en 'n gebou vir Opvoedkunde het dus 'n noodsaaklikheid geword.

Die firma Louw, Marais, Marquard en Kuhn het as argitekte opgetree en die gebou is direk suid van die Kloosterkompleks geplaas—die terrein wat oorspronklik vir die Geesteswetenskappegebou beoog was. Die gebou bestaan uit twee gedeeltes: 'n lesingsaalkompleks van tien lokale waarvan die groottes wissel van 102 tot 310 sitplekke, en 'n Fakulteitskompleks wat kantoorakkommodasie aan 280 personeellede bied, en vir 'n groot getal gespesialiseerde opleidingsruimtes voorsiening maak, waar sowat 1 400 studente onderrig kan ontvang. Kantore vir die Fakulteit Regsgeleerdheid en die Departement Liggaamlike Opvoedkunde is ook in dié gebou toegewys. 'n Voorstel dat die gebou na die rektor, prof. E.M. Hamman, vernoem word, is deur die rektor self van die hand gewys, omdat die beleid sedert 1962 reeds bestaan dat onpersoonlike, funksionele name gebruik moet word om die doel of oorwegende gebruik van geboue aan te dui. Die gebou staan slegs bekend as die *Opvoedkunde-Regsgeleerdheidgebou*. Argitektonies sluit die gebou baie goed aan by die Geesteswetenskappegebou en die Merenskybiblioteek.

Al die geboue op die ooskampus wat tot dusver genoem is—die Landbougebou, die Opvoedkunde-Regsgeleerdheidgebou, en die omgeskepte Broederhuis, ens.—was vir akademiese gebruik bedoel. Met die toename in akademiese bedrywigheid in die gebied moes daar ook vir ontspanningsgeriewe vir studente voorsiening gemaak word. Nadat die voormalige St. Anthony-koshuis op die hoek van Lunnon- en Tindallweg aan die einde van 1969 tot die Universiteit se beskikking gekom het, is daar in April 1970 besluit om dié gebou vir die huisvesting van die VSR en vir die vestiging van 'n tweede kafeteriadienspunt in te rig.'n Bedrag van R100 000 is bestee om die gebou om te skep en op 29 Februarie 1972 het die rektor, prof. Hamman, dit in gebruik gestel.

Die gebou het 'n kafeteriadienspunt vir 70 persone bevat, asook sitplek in die tuin vir ongeveer 200. Daar was ook 'n sit-musiekkamer, 'n skaak- en 'n brugkamer, 'n lokaal met tafeltennistafels, 'n onderdakdansvloer buitekant vir sowat 50 pare, vleisbraaigeriewe vir 100 persone en 'n somerhuis in die tuin. Voorsiening is ook gemaak vir 'n lokaal met afskortings vir verskillende huise en verenigings, 'n komiteekamer en 'n kantoor vir die sekretaris van die VSR en die tesourier. Daar was ook 'n werkskamer vir die redaksie van *Die Perdeby*, 'n personeelteekamer en 'n lokaal vir kleinere onthale deur die rektor en ander ampsdraers. Die woonhuis langsaan, by Tindallstraat 84, is ook as kantoorakkommodasie tot beskikking van die VSR gestel. Die raadsaal en dienspunt in die Aulakompleks op die hoofkampus het nog steeds behoue gebly. Die naam *Huis-en-Haard* is op voorstel van prof. C.H. Rautenbach aan die sentrum gegee.

Aan die begin van 1977 het Dagstudentehuis sy intrek in Huis-en-Haard geneem, nadat dié huis vir baie jare moes klaarkom met 'n klein kantoortjie langs die VSR-raadsaal. Nou het hulle drie kantore, 'n sitkamer en 'n groot ontspanningslokaal vir tafeltennis en ander binnenshuise spele ontvang. Nadat sekere veranderinge aangebring is, is 'n lisensie vir die bediening van wyn en bier in die kafeteria verkry. Tot tyd en wyl 'n behoorlike gemeenskapsentrum vir studenteaktiwiteite voorsien kon word, moes Huis-en-Haard maar op 'n beskeie wyse in die behoefte voorsien. In 1984 sou die Kloosterkompleks as tuiste van die VSR en die Joolkantoor in gebruik geneem word en 'n nuwe era inlui.

Die Roperstraat-kwessie

Namate die kampus ooswaarts uitgebrei het, het die sluiting van Roperstraat 'n al dringender prioriteit vir die Universiteit geword. 'n Telling deur professionele konsultante in Junie 1977 het aan die lig gebring dat gemiddeld 19 689 voetgangers op 'n weeksdag tussen 07h00 en 18h00 die straat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
GEBOUE — 1960





1 ADMINISTRASIEGEBOU
2 LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDEGEBOU
3 BOUKUNDEGEBOU
4 SPRAAKHEELKUNDEGEBOU
5 NUWE LETTEREGEBOU
6 OU MERENSKY-GEBOU
7 OU LETTEREGEBOU
8 KANSELIERSGEBOU
9 TEGNIESE DIENSTE-KOMPLEKS
10 TOONKUNSAKADEMIE
11 KLUBSAAL
12 AULA-KOMPLEKS
13 J G STRIJDOM-GEBOU
14 SWAARMASJIENLABORATORIUM
15 FISIKA/GEOLOGIEGEBOU
16 A E DU TOIT-OUDITORIUM
17 OU KOLLEGE
18 OPSIGTERSWONING
19 AARDRYKSKUNDEGEBOU
20 DIERKUNDEGEBOU
21 CHEMIEGEBOU
22 VEEKUNDEGEBOU
23 PLANTKUNDEGEBOU
24 PLANTKUNDE-GLASHUIS
25 LANDBOUGEBOU
26 SUIWELGEBOU
27 KLARADYN
28 VERGEET-MY-NIE
29 ASTERHOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
GEBOUE — 1970





1 ADMINISTRASIEGEBOU
2 LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDEGEBOU
3 BOUKUNDEGEBOU
4 SPRAAKHEELKUNDEGEBOU
5 NUWE LETTEREGEBOU
6 OU MERENSKY-GEBOU
7 DOSENTEKANTORE I
8 OU LETTEREGEBOU
9 KANSELIERSGEBOU
10 TEGNIESE DIENSTE-KOMPLEKS
11 TOONKUNSAKADEMIE
12 MUSAION EN AMFITEATER
13 KLUBSAAL
14 AULA-KOMPLEKS
15 J G STRIJDOM-GEBOU
16 SWAARMASJIENLABORATORIUM
17 FISIKA/GEOLOGIEGEBOU
18 A E DU TOIT-OUDITORIUM
19 VERSNELLERGEBOU
20 WISKUNDEGEBOU
21 OU OPSIGTERSWONING
22 DOSENTEKANTORE II
23 AARDRYKSKUNDEGEBOU
24 DIERKUNDEGEBOU
25 CHEMIEGEBOU
26 VEEKUNDEGEBOU
27 PLANTKUNDEGEBOUE
28 PLANTKUNDE-GLASHUIS
29 DOSENTEKANTORE III
30 LANDBOUGEBOU
31 SUIWELGEBOU
32 OU BROEDERSHUIS
33 J J THERON-SAAL
34 MASKERTEATER
35 LANDBOU-LESINGSALE
36 DRAMA-LESINGSALE
37 HUIS-EN-HAARD
38 ROOSMARYN
39 ERIKA
40 KLARADYN
41 VERGEET-MY-NIE
42 JASMYN
43 ASTERHOF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
GEBOUE — 1982





1 ADMINISTRASIEGEBOU
2 LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDEGEBOU
3 BOUKUNDEGEBOU
4 SPRAAKHEELKUNDEGEBOU
5 GEESTESWETENSKAPPEGEBOU
6 MERENSKY-BIBLIOTEEK
7 OU MERENSKY-GEBOU
8 LETTEREGEBOU II
9 DOSENTEKANTORE I
10 OU LETTEREGEBOU
11 KANSELIERSGEBOU
12 OU CHEMIEGEBOU
13 MUSAION EN AMFITEATER
14 TOONKUNSAKADEMIE
15 KLUBSAAL
16 AULA-KOMPLEKS
17 J G STRIJDOM-GEBOU
18 SWAARMASJIENLABORATORIUM B
19 SWAARMASJIENLABORATORIUM A
20 INGENIEURSWESEGEBOU (TORINGBLOK)
21 FISIKA/GEOLOGIE
22 A E DU TOIT-OUDITORIUM
23 VERSNELLERGEBOU
24 WISKUNDEGEBOU
25 DOSENTEKANTORE II
26 AARDRYKSKUNDEGEBOU
27 DIERKUNDEGEBOU
28 OU OPSIGTERSWONING
29 CHEMIEGEBOU
30 STUDENTEGESONDHEIDSDIENS
31 PLANTKUNDEGEBOUE
32 PLANTKUNDE-GLASHUIS
33 DOSENTEKANTORE III
34 BIOCHEMIE, HUISHOUDKUNDE EN DIEETKUNDE
35 TEGNIESE DIENSTE
36 OPVOEDKUNDE/REGSGELEERDHEIDGEBOU
37 DEPARTEMENT DRAMA
38 J J THERON-SAAL
39 MASKERTEATER
40 LANDBOU-LESINGSALE
41 LANDBOUWETENSKAPPE
42 DRAMA-LESINGSALE
43 VSR-KANTORE
44 KLOOSTERSAAL
45 HUIS-EN-HAARD
46 UP MILITÊRE EENHEID
47 ROOSMARYN
48 ERIKA
49 KLARADYN
50 VERGEET-MY-NIE
51 JASMYN
52 ASTERHOF
53 MADELIEF
54 MAGRIETJIE
55 TANKOTIE
56 TANKOTIE-ANNEKSE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

oorsteek. So 'n verkeersaar dwarsdeur die middel van die akademiese kampus sou nie onbepaald verduur kon word nie.

Die Universiteit het gevolglik verskeie kere met die Stadsraad oor die moontlike sluiting van Roperstraat onderhandel en alles wat moontlik was, in die werk gestel om dit te bewerkstellig. In opdrag van die Universiteit het verkeerskonsultante in 1970 ondersoek ingestel na moontlike alternatiewe verkeersroetes om Roperstraat te vervang. Tydens die ondersoek is daar onder andere bevind dat slegs 2,2% van die motors en 5,6 % van die fietse wat die straat daagliks gebruik, regstreeks deur die sluiting daarvan geraak sou word.

Op grond van die 1970-ondersoek is daar sekere voorstelle gedoen wat neergekom het op die verbetering en aanpassing van Williamstraat as alternatiewe roete vir die Roperstraatverkeer. Die Stadsraad het die voorstelle onaanvaarbaar gevind. 'n Verdere verkeersondersoek het in 1973 plaasgevind, na aanleiding waarvan nuwe voorstelle aan die Stadsraad voorgelê is. Dit het kortliks sekere aanpassings aan Glynstraat behels en vir die lang termyn die voorsiening van 'n plaaslike pad langs die oostelike verbypad om die noord-suidverkeer te verlig. Die Stadsraad het egter nie kans gesien om die voorstelle uit te voer nie.

Omdat die Universiteit die probleme in verband met die heroopstelling van Roperstraat ingesien het, is daar in Maart 1977 samesprekings met die Bestuurskomitee van die Stadsraad gehou en weer 'n moontlike alternatief voorgehou. Dit was dat 'n gedeelte van die terrein wat die Universiteit van die Loretokloosterkool gekoop het, opgeoffer word, sodat Hildastraat vanaf sy aansluiting by Duxburyweg, skuins oor die gebied wat tans as parkeerterrein P1302 bekend is, loop, en dan weer direk ineenloop met Williamstraat. By dié geleentheid het die Universiteit hom ook bereid verklaar om skoliere in die omgewing toe te laat om per fiets en te voet van Roperstraat gebruik te maak, indien dit gesluit sou word.

In April 1977 het die Bestuurskomitee van die Stadsraad en 'n aantal gewone stadsraadslede ter plaatse ondersoek kom instel. Nadat sekere Belastingbetalersverenigings en besigheidsondernemings teen die moontlike permanente sluiting van die straat beswaar aangeteken het, en sommige skole in die omgewing ook hulle bekommernis uitgespreek het dat die gevaar waaraan skoliere blootgestel word, in so 'n geval mag vergroot, het die Stadsraad in Junie beslis dat Roperstraat van 1 Julie 1977 af weer vir alle verkeer oopgestel word en dat daar in Januarie 1978 finaal oor die Universiteit se aansoek vir permanente sluiting besluit sou word. Hoewel die Universiteitsraad in Junie 'n mosie van die rektor aangeneem het waarin gestel is dat oopstelling die veiligheid van 18 000 voetgangerstudente wat daagliks oor die straat beweeg, in gevaar sou stel, was dit duidelik dat die Stadsraad nie die sterk openbare mening teen permanente sluiting kon ignoreer nie.

Die studente het besluit dat hulle ook 'n stuiwer in die armbeurs wou gooi, aangesien hulle per slot van rekening die mense was wie se veiligheid met die oorsteek van Roperstraat op die spel was. Op Woensdag 22 Junie 1977 het die VSR 'n verklaring uitgereik waarin 'n dringende versoek namens die studente van UP aan die Stadsraad gerig word om Roperstraat gesluit te hou. Die verskillende koshuise wou dit egter nie by blote woorde laat nie en het op 'n plan van aksie besluit. Om 07h40 op Vrydagoggend 24 Junie het 'n groot groep studente, verteenwoordigend van almal wat soggens normaalweg Roperstraat oorsteek, net noord van die Geesteswetenskappegebou vergader. Daarvandaan het hulle suidwaarts met Roperstraat beweeg en met die voetgangersoorgang Lynnwoodweg gekruis—natuurlik slegs wanneer die verkeerslig groen was, soos dit wetsgehoorsame mense betaam. Daarna het hulle aan die suidekant van Lynnwoodweg op die sypaadjie afgestap tot by die voetgangersoorgang oorkant die Liggaamlike Opvoedkundegebou en dié oorgang *aanhoudend* oorgesteek. Die gedagte was om op hierdie wyse duidelik aan die publiek te demonstreer hoeveel studente daagliks Roperstraat oorsteek. Nadat dit sowat 'n driekwartier geduur het, is versoekskrifte onderteken wat deur die Uitvoerende Komitee van die VSR by Munitoria aan die stadsvaders oorhandig is.

Soos dikwels die geval met massa-optredes is, het alles nie te vreedsaam verloop nie. 'n Klagte is van een lid van die publiek ontvang dat sy motor beskadig is, terwyl ander mense hulle teleurstelling oor die studente se gedrag uitgespreek het. Sewe studente is deur die polisie in hegtenis geneem en na waarskuwing ontslaan, en beslag is ook op plakkate gelê. Die polisie moes ook water en honde gebruik om die studente uiteen te jaag omdat groot verkeersopeenhopings veroorsaak is. Op die keper beskou het hierdie optrede van die studente die Universiteit se saak eerder geskaad as gesterk, aangesien padgebruikers oor die verkeersopeenhoping geïrriteerd geraak het, en so simpatie met die Universiteit verloor het.

In Januarie 1978 het die Universiteit 'n brosjure vrygestel waarin die feite oor Roperstraat en die Universiteit se standpunt en probleme uiteengesit is. Dit is aan skole en ander belanghebbende instansies in die omgewing en aan die Bestuurskomiteelede van die Stadsraad gestuur. Verdere korrespondensie, vertoë en ontmoetings het hierna nog plaasgevind.

Nadat 'n bespreking tussen die Bestuurskomitee van die Stadsraad en verteenwoordigers van die Universiteit op 11 September 1978 plaasgevind het, is prof. A.N. Pelzer (vise-Rektor) en mnr. P. Delport (Stadsklerk) as 'n komitee aangewys om op die Roperstraataangeleentheid en die verkeersituasie in die omgewing van die Universiteit in te gaan vir latere verslag aan albei partye. Op 8 Februarie 1979 het die komitee die eerste keer vergader. Aangesien verskeie komitees van die Stadsraad nog besig was om ondersoek in te stel in verband met die toekomstige ontwikkeling van Pretoria, ook met betrekking tot gebiede rondom die Universiteit, is daar besluit dat daar eers vir dié komitees se bevindings gewag moes word voordat die Pelzer-Delport-komitee sinvolle aandag aan sy opdrag kon gee. Daar is ook die verwagting

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

uitgespreek dat die situasie heelwat verandering sou ondergaan wanneer die Opvoedkundegebou op die ooskampus in gebruik geneem sou word. Die Universiteitsowerheid was duidelik nie van plan om 'n beslissing oor die moontlike sluiting van Roperstraat af te dwing nie: deur samewerking met die Stadsraad sou oor die lang termyn wel 'n oplossing gevind kon word. Die feit dat geen beslissing in Januarie 1978 geneem is soos vroeër beplan nie, het beteken dat die deur tog nog oopgelaat was vir 'n moontlike sluiting.

Sedertdien het die Universiteitsowerheid nie op die Roperstraatkwessie gehamer nie en is daar niks verder oor die aangeleentheid verneem nie.

Die pad- en parkeerpatroon op die hoofkampus.

Dit is in die tagtigerjare moeilik om 'n mens in te dink in 'n situasie twintig jaar gelede, toe motors op die kampus langs die bestaande paaie geparkeer het omdat daar nog geen parkeerareas was nie. 'n Fasiliteit wat teen 1980 onontbeerlik was, het in 1960 nie bestaan nie

In 1960 het die verkeerspatroon op die kampus soos op die meegaande plan gelyk. 'n Noord-suid-motorpad het van die ingang in Lynnwoodweg af voor die Nuwe Letteregebou (tans die Teologiegebou), die ou Merenskybiblioteek, die Ou Lettergebou, die Aardrykskundegebou en die Chemiegebou verbygeloop, en dan tussen die Chemie- en Ou Landbougebou deurgeswaai om teenoor Prospectstraat by Roperstraat aan te sluit. 'n Verbindingspad met Roperstraat het tussen die Ou Chemiegebou en die Ou Letteregebou aan die een kant by die Aardrykskunde- en Ou Wis- en Natuurkundegebou (tans die Dierkundegebou) aan die ander kant deurgeloop om by die noord-suidpad aan te sluit. Die ingang by die suile in Universiteitsweg het reeds bestaan. Daarvandaan het 'n motorpad reg rondom die binneplein geloop; van die ingang af het dit na twee kante uitgevurk: aan die noordekant van die binneplein het die pad tussen twee lanings dennebome deurgeloop om by die noord-suidpad aan te sluit; aan die suidekant het dit langs 'n enkele laning dennebome voor die Aula en Studentesentrum verbygeloop om ook by die noord-suidpad aan te sluit. Soos tans die geval is, was daar oos van die Nuwe Wis- en Natuurkundegebou (tans die Geologie-Fisikagebou) 'n vertakking van dié pad noord van die binneplein. Dit het eers noordwaarts geloop, dan ooswaarts gedraai en dan weer noordwaarts, oos van die Ou Administrasiegebou (tans die Wiskundegebou), verbygeloop. Daarna het dit aangesluit by 'n verkeersirkel wat voor die Ou Landbougebou geleë was. Die verkeersirkel was weer op sy beurt weswaarts met 'n motorpad verbind met Burnettstraat, oor die gebied waar die Tegniese Dienstegebou tans geleë is.

Namate nuwe geboue opgerig is en die kampus digter bebou geraak het, het die algemene uitleg en voorkoms van die kampus ook verandering ondergaan. In 1965 het die dubbele laning dennebome aan die noordekant van die binneplein verdwyn, nadat die enkele laning voor die Aula ook vroeër dieselfde lot te beurt geval het. Reeds in 1961 is elke tweede boom uitgehaal en met 'n geelhoutboompie vervang. Weens hulle stadige groei, is daar uiteindelik in 1965 besluit om die geelhoutbome en die oorblywende dennebome almal met apiesdoringbome te vervang.

In 1961 is mnr. Roelf Botha, toe 'n praktiserende landskapargitek en later professor in Argitektuur, aangestel om die Universiteit met sy algemene terreinuitleg behulpsaam te wees. In 1965 is mev. Delene Strydom, 'n tuinuitlegdeskundige, deeltyds as tuinadviseur aangestel.

Omdat die kampus besiger geraak en die voetgangerverkeer toegeneem het, moes die motorverkeerpatroon noodwendig daarby aangepas word. Een van die eerste veranderinge in hierdie opsig was die sluiting van die pad voor die Aardrykskunde-Huishoudkundegebou in April 1962. Dit het beteken dat daar nou nie meer 'n deurgang vir motors van Lynnwoodweg na Roperstraat was nie. Aan die einde van 1963 is die sluiting weer opgehef, tot tyd en wyl finaliteit oor 'n hersiene paaieuitleg bereik sou word. 'n Firma van verkeerskonsultante is in 1964 aangestel om die Universiteit in hierdie verband te adviseer.

Op grond van dié konsultante se aanbevelings, is daar in 1965 besluit om die binneplein voor die Ou Letteregebou as sentrale voetgangersterrein af te sper en om motorverkeer oor die kampus te beperk. Daarom is daartoe oorgegaan om die paaie noord, suid en oos van die binneplein vir motorverkeer te sluit. Die pad voor die Nuwe Letteregebou (tans die Teologiegebou) en die ou Merenskybiblioteek het ook 'n voetgangerspad geword, hoewel die gedeelte van Lynnwoodweg tot suid van Nuwe Lettere nog vir motors oopgebly het om toegang van Lynnwoodweg na P1106 te verskaf.

Omdat daar nou twyfel ontstaan het oor die noodsaaklikheid van 'n padverbinding van noord na suid oor die kampus, is die advies van prof. J. Fassler, hoof van die Departement Argitektuur van die Universiteit van die Witwatersrand, ingewin. Hy was van mening dat dit, veral ter wille van besoekers, moontlik behoort te wees om per motor oor die kampus te beweeg en dat 'n verbindingspad oor die binneplein dus nodig was. Daarom is daar besluit om 'n pad van noord na suid oor die binneplein aan te lê om die paaie oos van die Fisikagebou (tans Fisika-Geologiegebou) en die Ingenieurswesegebou te verbind. Dit was ook in ooreenstemming met die Sandrockplan van 1965. In hierdie stadium het die pad oos van die Ingenieurswesegebou (d.w.s. tussen Ingenieurswese en die Aulakompleks) nog net geloop tot by 'n rugbyveld suid van Ingenieurswese en die Aula. Dit is gedurende 1966 verleng om aan te sluit by die nuwe oos-wespad tussen Universiteitsweg, naby die huidige Administrasiegebou, en parkeerterrein P1106.

Ander wysiginge in die padstelsel op die kampus was die sluiting van die ingang in Burnettstraat vir motorverkeer en die bou van 'n nuwe pad om die noordekant van die Ou Landbougebou. Die Burnettstraatingang was ongerieflik en gevaarlik naby die aansluiting van Burnettstraat en Universiteitsweg geleë, en in 1963 het die Stadsraad

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

reeds die Universiteit versoek om die moontlikheid te ondersoek om dié ingang permanent vir voertuie te sluit. Die saak het nie onmiddellik aandag ontvang nie, maar in 1969 is dit tydelik gesluit en tot die uitsluitende gebruik gestel van die boukontrakteur, wat toe met werk aan die Ou Administrasiegebou besig was. Na afloop van die bouwerk, is die ingang van 1970 af permanent vir motors gesluit en is die pad daarvandaan tot by die verkeersirkel voor die Ou Landbougebou in 'n voetgangerlaan omgeskep.

Die pad wat teenoor Prospectstraat by Roperstraat aansluit, het van 1967 af net tot by die engte tussen die Ou Landbougebou en die Chemiegebou geloop. In 1970 het dit verval, toe die parkeerterrein agter die Ou Landbougebou aangelê is. Reeds in 1965 het die terreinontwikkelingsargitek dit in sy langtermynplan in die vooruitsig gestel dat dié pad vervang word deur een om die noordekant van die Ou Landbougebou. Dié plan kon uiteindelik uitgevoer word nadat die Tegniese Dienstegebou opgerig is. In die loop van 1976 is die pad tussen die Ou Landbougebou en die Tegniese Dienstegebou deurgebou. Die verkeersirkel voor Ou Landbou is toe uitgeskakel. Dit het nou beteken dat daar feitlik van die noordoorstelike hoek van die kampus af 'n motorpad dwarsdeur die terrein tot by die suidwestelike hoek geloop het, met vertakkings na die suilepoort aan Universiteitsweg en na P1106.

Die jongste pad wat op die kampus bygevoeg is, is die verbindingspad tussen P1104 en Roperstraat. Dit het in 1977 ter sprake gekom toe die Geesteswetenskappegebou voltooiing genader het. In die lig van die voorneme om Roperstraat se aansluiting met Lynnwoodweg uiteindelik die hoofingang na die kampus te maak, was dit 'n logiese ontwikkeling. Dit het ook gerieflike toegang van P1303 en die ooskampus af na P1106, die Administrasiegebou en die res van die weskampus verskaf. Gelyktydig met hierdie verbindingspad, is ook die dienspad oos van die Teologiegebou verby na die biblioteek toe aangelê. Albei dié paaie is in 1980 gebou.

'n Laaste verwikkeling in verband met die hoofkampus wat genoem moet word, was nie van 'n fisiese aard nie. Dit is die naamgewing aan die suile-ingang in Universiteitsweg. In 1975 het die destydse rektor, prof. Hamman, by die Boukomitee voorgestel dat die ingang *Elandspoort* genoem word, aangesien die grond waarop die kampus geleë is, oorspronklik deel was van die plaas Elandspoort, wat in 1841 vir J.G.S. Bronkhorst geïnspekteer is. Die Raad het die voorstel goedgekeur en in 1977 is twee reliëfbeelde van elande aan die binnekant van die twee binnesuile aangebring, met 'n kort byskrif om die oorsprong van die naam Elandspoort aan te dui. Die naam het ongelukkig nie inslag gevind nie en vandag is daar min mense wat daarvan bewus is dat die ingang amptelik dié naam dra.

Parkeerterreine was 'n ander belangrike ontwikkeling waarop in 1965 besluit is. Tot in daardie stadium was daar geen amptelike motorparkeerareas vir personeel op die kampus nie. Vir studente was daar wel 'n parkeerarea vir motors, motorfietse, bromponies en fietse wes van Roperstraat, waar 'n deel van die Geesteswetenskappegebou en die nuutste biblioteekuitbreiding tans staan. Personeel het egter gewoonlik langs die bestaande paaie, op klein nie-amptelike parkeerterreine en langs die paaie rondom die kampus geparkeer. Daar is toe besluit om drie parkeerareas aan te lê. Terrein 1 is aangelê digby die Administrasiegebou (tans die Wiskundegebou), waar P1011 tans nog geleë is. Op dié terrein was daar in daardie tyd 'n aalwyntuin. Terrein 2 het gekom oos van die Ingenieurswesegebou en die Swaarmasjienlaboratorium, waar P1104 nog steeds is; en parkeerterrein 3, tans bekend as P1106, tussen die Boukundegebou en die Nuwe Letteregebou (tans die Teologiegebou) waar daar toe nog personeeltennisbane was. Al drie die parkeerterreine is in die loop van 1966 voltooi en so ook die verbindingspad tussen P1104 en P1106. Teen 1967 was daar op die hoofkampus gevolglik 'n totaal van 828 parkeerruimtes, waarvan 737 vir personeel en besoekers en 91 vir studente was. Van dié jaar af het toegangsbeheer ook nodig geword; dit het geskied deur die uitreik van parkeerskyfies.

Met die voltooiing van die nuwe Administrasiegebou in 1968, het addisionele parkeerplekke tussen dié gebou en Lynnwoodweg vir personeel en besoekers en tussen dié gebou en Universiteitsweg spesifiek vir besoekers beskikbaar geword. Terselfdertyd is personeelparkering ook tussen die Ou Landbougebou en Roperstraat ingerig. In die lig van die groeiende parkeeraanvraag, was die Universiteitsraad verplig om 'n amptelike standpunt oor die voorsiening daarvan in te neem. Daarom het die Raad hom in 1969 in 'n resolusie op die standpunt gestel dat personeellede en studente wat van motorvoertuie gebruik maak om by hulle werk of klasse te kom, self daarvoor verantwoordelik is om parkeerplek te soek; nogtans sou die Universiteit probeer om 'n redelike getal parkeerplekke te voorsien.

Hoewel die Universiteit hom nie formeel verplig gevoel het om parkeerplekke te verskaf nie, is daar nogtans, ter wille van die orde en uit praktiese oorwegings, onverpoosd met die voorsiening daarvan voortgegaan. Toe die bestaande studenteparkeerarea as gevolg van die biblioteekuitbreiding in die gedrang gekom het, het die Boukomitee in 1969 aanbeveel dat alternatiewe parkering voorsien word. Gevolglik is parkeerterrein P1303 op die ooskampus op die noordoostelike hoek van Roperstraat en Lynnwoodweg teen die einde van 1970 voltooi. Dit het ruimte vir 352 motors gebied. Daarvan is slegs dié wat aan die oostelike grens van die terrein, naby die ou Broederhuis, geleë was, vir personeel gereserveer, en die res is voorlopig aan studente beskikbaar gestel. Die voorsiening van hierdie terrein was in ooreenstemming met die aanbevelings van die terreinontwikkelingsargitek in sy langtermynverslae rakende die ooswaartse uitbreiding van die kampus.

Die getal studentemotors op en rondom die kampus het al hoe groter geword. Afgesien van P1303, moes hulle hoofsaaklik langs die strate om die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kampus parkeer. Die gemiddelde getal motors wat per dag langs die strate 'n tuiste gevind het, het van 1 042 in 1970 toegeneem tot 1 320 in 1974. Dié kritieke toestand is vererger deurdat die helfte van terrein P1303 aan die begin van 1976 as gevolg van die gedeeltelike ingebruikneming van die Geesteswetenskappegebou vir personeel gereserveer is. Met die voltooiing van die gebou in 1977, het die hele P1303 'n personeelparkeerterrein geword. Verder is 'n verbod ook in 1977 deur die Stadsraad op parkering aan weerskante van Roperstraat en aan die suidekant van Lynnwoodweg tussen Roperstraat en Universiteitsweg geplaas. Die Universiteitsowerheid was verplig om alternatiewe ruimtes beskikbaar te stel; gevolglik is die sportterrein van die voormalige Loretokloosterskool aan die begin van 1976 vir studenteparkering opsy gesit. Dit is die gebied geleë teenoor die Universiteitsoordkerkgebou, tussen Heroldstraat, Lunnonweg en Duxburyweg. Dit kon 400 motors huisves. Aanvanklik was dit as P6 bekend, maar later is dit na P8 herdoop. Tans is dit as P1302 bekend. Aan die begin van 1980 is terrein P1301 verder by die bestaande studenteparkeerareas gevoeg, wat 'n verdere 300 parkeerplekke bevat het. Dit is geleë op die ou hokkieveld van die Christian Brothers College tussen die Klooster en Tindallweg. Nog was dit nie die einde nie. Reeds in 1975 is daar by die Stadsraad navraag gedoen oor die moontlike huur van die terreine tussen Burnettstraat en die spoorlyn, en tussen die Griekse kerk en Roperstraat, op 'n langtermynbasis. Die versoek is uiteindelik toegestaan en gedurende 1981 is die twee terreine deur die Universiteit van teeroppervlaktes voorsien en vir studenteparkering beskikbaar gestel.

Intussen het die Boukomitee in 1977 aanbeveel dat die straatblok omgrens deur Burnett-, Roper-, Prospect- en Festivalstraat, waar die Universiteit alreeds die meeste eiendomme opgekoop het, in 'n parkeerterrein ontwikkel word. Dié taak is uiteindelik in 1980 ter hand geneem. 'n Aantal afdakke is daar opgerig vir Universiteitsvoertuie terwyl die oorblywende plekke tot die personeel se beskikking is. Dit is tans bekend as P1200.

Die voorsiening van die honderde parkeerplekke is natuurlik 'n duur onderneming. In 1981 is daar alreeds bereken dat die koste van 'n geteerde parkeerplek op R1 300 te staan kom. Dit sluit R810 vir 'n terrein van 27 vk meter en R500 vir die teer in. Hoewel nie alle parkeerareas spesiaal aangekoop is nie, en ander nie geteer is nie, gee dit tog 'n aanduiding van die koste wat in dié verband aangegaan moet word. Daarby word groot waardevolle terreine beset wat andersins beter aangewend kon gewees het.

'n Ander maatreël wat getref is om die verkeer- en parkeerposisie te verlig, was die instelling van 'n kampusbusdiens tussen die manskoshuise op die Proefplaas en die hoofkampus en tussen die dameskoshuise en die sportterrein. Die terminus is aanvanklik op parkeerterrein P5 geplaas, maar in 1975 is dit verskuif na die fietsparkeerarea net oos van die voetpad langs Roperstraat, waar 'n in- en uitgang uit die straat voorsien is.

Koshuisparkering

Nadat die eerste vier manskoshuise op die Proefplaas tussen 1959 en 1963 in gebruik geneem is, het parkeerfasiliteite vir die inwoners 'n probleem begin word. Die parkeerruimte was gou-gou ten volle beset en studente het ook langs die toevoerpaaie geparkeer. Dit het 'n gevaarsituasie geskep en teen 1967 is daar reeds oorweeg om die getal voertuie wat tot die terrein toegelaat word, te beperk. In 1971 is daar aan dié gedagte uitvoering gegee, toe daar aan eerstejaarstudente met motors kennis gegee is dat hulle motors nie tot die koshuisterrein toegelaat kan word nie.

Die probleem was nog steeds akuut en gedurende 1971 is daar besluit om die beperking op die aanhou van motors deur koshuisinwoners van 1972 af uit te brei om ook tweedejaarstudente in te sluit. Dié verbod het ook vir alle damestudente in koshuise gegeld. Die enigste uitsonderings waarvoor voorsiening gemaak is, was studente in die fakulteite Geneeskunde, Tandheelkunde en Veeartsenykunde en liggaamlik gestremde studente. Daar is verder besluit dat selfs studente wat toegelaat word om motors aan te hou, jaarliks om 'n parkeerplek aansoek moes doen. Die toekenning geskied deur die koshuishoof in oorleg met die huiskomitee. Dit is in die lig van hierdie nuwe maatreëls vir die aanhou van motors dat die genoemde busdiens tussen die manskoshuise en die hoofkampus en in die namiddae tussen die dameskoshuise en die sportterrein ingestel is.

Alhoewel die beperking op die aanhou van motors in die eerste instansie uit praktiese oorwegings ingestel is—omdat 'n groeiende getal motorvoertuie eenvoudig nie fisies geakkommodeer kon word nie—is die aangeleentheid van owerheidsweë af ook met akademiese prestasie in verband gebring. In dié verband is dit insiggewend dat die rektor, prof. E.M. Hamman, in 'n rigtinggewende toespraak op die senaatsvergadering van 3 November 1971—dit het as sy Quo Vadis-toespraak bekend geword—oor die staking van studie en akademiese prestasie vyf beleidsaangeleenthede genoem het, waarvan die besit van motors deur eerste- en tweedejaarstudente in manskoshuise en alle damestudente een was.

Die beperking op die aanhou van motorvoertuie by koshuise is nie sonder teenkanting deur die studente aanvaar nie. Na vertoë van die Studenteraad, het die Raad in Mei 1972 besluit dat uitsonderings wel na goeddunke deur die rektor gemaak kan word in die geval van tweedejaarstudente wat voorlesings in kursusse by die Buitemuurse Afdeling moet bywoon, en in ander verdienstelike gevalle. Verder is daar ook besluit om die heffing van parkeergeld op die koshuisterrein af te skaf.

Versoeke dat motorafdakke teen betaling op die manskoshuisterrein beskikbaar gestel word, is in 1971 en weer in 1980 deur die Binnemuurse VSR gerig, maar dit is albei kere afgekeur. Intussen is daar ook vir die dameskoshuise 'n parkeerterrein in Prospectstraat oorkant Madelief aangelê. Dit het in 1982 beskikbaar geword. Dié terrein het noodsaaklik geword omdat tweedejaars en ander senior

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dames sedert daardie jaar toegelaat is om motors aan te hou mits die voertuie buite die dameskoshuissone bly.

Geboue vir die Fakulteit Geneeskunde

Die Gebou vir Basiese Mediese Wetenskappe (BMW-gebou)

In 1963 is daar besluit om met die oprigting van 'n gebou vir Basiese Mediese Wetenskappe voort te gaan. Tot die einde van 1966 het tweedejaarstudente in Geneeskunde en Tandheelkunde hulle opleiding op die hoofkampus ontvang. Nadat die BMW-gebou in 1966 voltooi is, is dié opleiding van die begin van 1967 af daarheen oorgeplaas. Op 15 September 1967 is die amptelike opening deur die destydse eerste minister, mnr. B.J. Vorster, waargeneem.

Afgesien van studente in Geneeskunde en Tandheelkunde, het dié gebou ook 'n heenkome vir Verpleegkunde gebied. Saam met die nabygeleë H.F. Verwoerd-hospitaal, die Instituut vir Patologie en die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde, het die BMW-gebou 'n gesentraliseerde kompleks vir die opleiding van geneeshere en tandheelkundiges verskaf.

Afgesien van kantore en lesingsale, bevat die gebou 'n mediese biblioteek, wat 'n tak van die Merenskybiblioteek vorm, 'n anatomiemuseum, 'n kafeteria en ontspanningsgeriewe. Met sy sewe verdiepings, was hierdie gebou die grootste en duurste wat die Universiteit tot in daardie stadium opgerig het. Die finale koste was R1 610 839.

Patologiegebou

Die Patologiegebou by die mediese kompleks het verskeie kere verandering ondergaan. In 1963 is daar 'n aantal uitbreidings aangepak wat vier verskillende veranderings behels het: die voltooiing van 'n noordelike vleuel vir Patologiese Anatomie; die aanbou van 'n teekamer in die binnehof; die voltooiing van 'n Farmakologievleuel; en die inrigting van die kelderverdieping vir gebruik deur die Raad op Atoomkrag. Hierdie uitbreidings was almal teen 1964 voltooi.

Kort hierna is daar verdere uitbreidings aan die gebou aangebring, wat teen die einde van 1966 voltooi was. Dit het twee addisionele verdiepings ingesluit—'n tweede en derde verdieping—asook 'n verlenging van die suidelike vleuel op die grondvloer en eerste verdieping, met verbindingsgange na die noordelike vleuel, en 'n sentrale personeelteekamer en voorgraadse laboratorium in 'n nuwe middelblok. Die uitbreidings het addisionele ruimte voorsien vir die Departement Geregtelike Geneeskunde en vir ander departemente wat ruimteprobleme ondervind het. Al hierdie veranderings was teen 1970 afgehandel. In verband met die Patologiegebou, kan daar genoem word dat die verouderde proefdierstalle van die Instituut vir Pa-

Mediese kampus met Soutpansbergweg in die voorgrond en Voortrekkersweg aan die regterkant.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tologie gedurende 1975 vervang is met 'n nuwe konynstal en goed toegeruste aap- en bobbejaanhokke.

Kliniese Gebou

Die Kliniese Gebou op die Prinshofterrein by die H.F. Verwoerd-hospitaal is reeds in 1946 ingewy. Teen 1959 is daar bevind dat die besettingsfaktor van al die kantore en lesingsale besonder swaar was, terwyl die getal studente nog steeds toegeneem het. Daar is toe in 1960 besluit om 'n addisionele verdieping bo-op die bestaande gebou op te rig. Die werk is teen die middel van 1961 afgehandel. Die twee addisionele lesingsale het die doseerwerk baie beter laat vlot.

Verskeie veranderings sou egter hierna nog aangebring moes word om in die toenemende behoeftes van die Mediese Fakulteit te voorsien. Teen 1970 het die Fakulteit veral as gevolg van die getalm met besluite oor die Akademiese Hospitaal met 'n nypende tekort aan ruimte in die gebou te doen gekry. Uitbreiding het dus noodsaaklik geword om die ruimteprobleem vir die volgende tien jaar te bekamp. Waar die bestaande gebou se vloeroppervlakte ongeveer 32 500 vierkante voet was, is daar vir 'n addisionele oppervlakte van meer as 25 000 vk voet beplan.

Uiteindelik is daar in 1977 begin met die werk toe 'n pad, parkeerterrein en uitgrawings teen 'n koste van R210 000 voltooi is. Die res van die uitbreidings is op 1 Februarie 1979 in gebruik geneem toe die kanselier, dr. Hilgard Muller, 'n toespraak gelewer en 'n gedenkplaat onthul het. Die nuwe gedeelte het bestaan uit 'n kelderverdieping, 'n grondvloer en vier verdiepings. Daar is voorsiening gemaak vir die biblioteek, lesingsale, laboratoriums, kantore, seminaarkamers, 'n museum, besprekingslokale, wagruimtes vir pasiënte, ens. Die finale koste van die uitbreiding het meer as R1 832 000 beloop.

Daar is in 1979 besluit om die groot lesingsaal in die noordblok van die Kliniese Gebou te vernoem na die grondlegger van die Kliniese Geneeskunde, die Nederlander Boerhave. Reeds in 1978 is daar deur die Fakulteit besluit om die Kliniese Gebou na die aftrede van prof. H.W. Snyman na hom te vernoem. Prof Snyman het aan die einde van 1982 afgetree.

Die Tand- en Mondhospitaal

Die Hospitaal vir Tand- en Mondheelkunde is in 1951 vir die eerste keer gedeeltelik in gebruik geneem. Van 1966 af is daar ernstig aan die uitbreiding van die fasiliteite gedink. Die volgende jaar is die oprigting van 'n addisionele verdieping oorweeg, sodat 32 finalejaarstudente geakkommodeer kon word. In 1968 is daar besluit om drie bykomende verdiepings op die bestaande twee verdiepings op te rig, sodat 64 finalejaars opgelei kon word. 'n Tender is in 1970 aanvaar en op 8 September 1972 is die vergrote gebou amptelik in gebruik geneem. Die aanbouings het sowat R900 000 beloop, maar tesame met die toerusting wat geïnstalleer moes word, het die bedrag op R2 miljoen te staan gekom. Die gebou bestaan tans uit 'n kelder, 'n grondvloer en vier verdiepings. Afgesien van die 64 tandartse maak dit ook voorsiening vir 15 mondhigiëniste om jaarliks te kwalifiseer. In 1975 is daar 'n reserweruimte in die gebou ingeruim om die Instituut vir Stomatologie te huisves.

Geriewe by Kalafonghospitaal

Sedert die stigting van die Mediese Fakulteit in 1943, is daar probeer om die kliniese onderrig sover moontlik aan die lewende pasiënt te koppel. Daarom was daar van die begin af 'n verbindingsgang van die Kliniese Gebou na die hospitaal. Namate die getalle swart pasiënte vermeerder het, het hulle 'n baie belangrike rol in die opleiding gespeel. Nadat swart pasiënte van 1968 af na die hospitale by Atteridgeville en Garankuwa oorgeplaas is, was die getal blanke pasiënte by die H.F. Verwoerd-hospitaal heeltemal ontoereikend vir opleidingsdoeleindes. Dit het mettertyd duidelik geword dat die hospitaal by Atteridgeville, wat as die Kalafonghospitaal bekend geword het, die aangewese aanvullende opleidingspunt vir die Mediese Fakulteit sou wees.

Aangesien Kalafong as 'n dienshospitaal ingerig is en nie vir opleidingsdoeleindes aangepas was nie, moes die Universiteit agterna sy eie fisiese geriewe vir opleiding aanlas. Intussen is tussentydse reëlings met die Transvaalse Departement van Hospitaaldienste getref vir die huur van ruimte in die hospitaal van die tweede semester van 1972 af om 'n beperkte onderrig op 'n tussentydse basis te verskaf.

Uiteindelik kon die Universiteit se eie gebou vir kliniese opleiding, genoem die Klinikalagebou, op 5 Februarie 1976 amptelik geopen word, nadat dit stuksgewyse in gebruik geneem is. Die Klinikalagebou bevat 'n dekaanskantoor en 16 ander dosentekantore, drie administratiewe kantore, 'n lesingsaal met 220 sitplekke, vier seminaarkamers, 'n biblioteek, 'n kafeteria, 'n dosenteruskamer en 16 slaapkamers met badkamers vir studente wat nauurse diens verrig. Die oprigtingskoste het op ongeveer R400 000 te staan gekom.

Geriewe by Tembisahospitaal

Kalafong was nie die enigste hospitaal vir swartmense wat deur die Mediese Fakulteit vir opleidingsdoeleindes aangewend is nie. Omdat die kliniese materiaal vir kraamopleiding by H F Verwoerd, die Pretoriase Kraaminrigting en Kalafong onvoldoende was, is daar sedert 1973 ook van die geriewe by die Tembisahospitaal gebruik gemaak.

In 1976 het die Universiteit en die Provinsiale Administrasie toegestem dat drie poste vir Kliniese Assistente in Obstetrie en Ginekologie by Tembisa geskep word, en dat geriewe vir nagraadse doeleindes ook daar beskikbaar gestel word. Van Februarie 1977 af is die hospitaal ook as 'n satelliethospitaal vir die Departement Obstetrie en Ginekologie erken. Gevolglik moes inwoon- en kleedkamergeriewe en rusplek voorsien word vir studente en personeel wat dag en nag vir diens gereed moet wees. Daar moes ook voorsiening ge-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Klinikalagebou by Kalafonghospitaal : ingebruikneming, 1976.

maak word vir ruimte vir studie, navorsing en administratiewe werk, en vir onderrig en besprekings met studente.

Die gebou wat hiervoor opgerig is, is op 26 Oktober 1979 in gebruik geneem. Dit het 'n boonste verdieping met slaapgeriewe en kleedkamers vir tien persone. In die onderste verdieping is daar 'n kantoor vir dosente, 'n kamer vir kliniese assistente, 'n sit-leeskamer, 'n laboratorium en 'n seminaarkamer vir 20 tot 25 persone. Die boukoste was ongeveer R60 000.

Buitemuurse gebou

Nadat die Buitemuurse gebou van die Universiteit tussen Proesstraat en Strubenstraat aan die begin van 1960 in gebruik geneem is, is verskeie stukke grond gedurende 1961 met die oog op toekomstige uitbreiding aangekoop. Uiteindelik is daar min van hierdie terrein vir die uitbreiding van die gebouekompleks aangewend, en is dit meestal in parkeerruimtes omskep. In 1972 is 'n verdere stuk grond bygekoop om die terrein nog verder te vergroot.

Nogtans is die volgende aanbouings in 1963 goedgekeur: drie algemene lesingsale (wat onderskeidelik ongeveer 600, 400 en 300 studente kon akkommodeer), een laboratorium vir 50 studente en ses kleiner laboratoria vir individuele gevorderde werk in die Departement Sielkunde.

Hierdie nuwe gedeeltes aan die oostelike en westelike einde van die C.L. de Bruyn-vleuel is onderskeidelik in die tweede helfte van 1965 voltooi en die finale koste was meer as R261 000.

In 1974 is daar besluit om die geriewe in die Macfadyenbiblioteek te verbeter. Die werk het in Augustus 1976 begin en dit is in Desember daardie jaar deur die Universiteit in gebruik geneem. Dié inwendige verbeteringe het die volgende behels: die aanbring van 'n gewone trap tussen die vierde en vyfde verdiepings in plaas van 'n wenteltrap; die sloping van 'n binnemuur om ruimtes aaneen te skakel; die aanbring van leeshokkies en van 'n kantoor vir die hoof van die biblioteek; en die inrig van 'n seminaarkamer. Die getal sitplekke is tot 226 verhoog. Die totale koste het R30 000 beloop.

As gevolg van die ligging van die Buitemuurse terrein so na aan die middestad van Pretoria het dit 'n baie hoë markwaarde. Teen 1981 is die waarde reeds op sowat R8,6 miljoen geskat.

Veeartsenykunde-geboue

Die gebouekompleks van die Fakulteit Veeartsenykunde is in die vroeë vyftigerjare uitgebrei, nadat dieselfde geboue sedert 1920 in gebruik was. Die toenemende studentetal en navorsingsvereistes het daartoe gelei dat sekere uitbreidings aan die begin van 1969 aangepak is. Dit het uitbreidings in die Departement Geneeskunde om 45 studente te kan huisves, 'n gebou vir die huisvestig van proefdiere vir die Departement Fisiologie, die aanbou van 70

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Geboue van die Fakulteit Veeartsenykunde by Onderstepoort, 1976.

kamers en bygaande fasiliteite by Huis Onderstepoort, en die opknapping van 'n woonhuis om huisvesting aan damestudente te verskaf, ingesluit.

Teen die middel van die sewentigerjare het die fisiese fasiliteite heeltemal ontoereikend begin word. Dit was die gevolg van rasionalisasie in 1973. Dit het meegebring dat vier departemente wat altyd deeltyds was en by die Navorsingsinstituut oorkant die pad gehuisves was, voltyds geword het. Gevolglik moes hulle geleidelik na die Fakulteitskompleks oorgeskuif word, waar daar in werklikheid nie genoeg ruimte bestaan het nie. Ander faktore wat 'n ruimtekrisis veroorsaak het, was die uitbreiding van die BVSc II-kursus om 90 studente per jaar op te lei, en die gedagte aan die opleiding van diereverpleegsters, wat veral koshuisgeriewe in die gedrang gebring het.

Teen die middel van 1975 is daar reeds aan die oprigting van 'n totaal nuwe kompleks op 'n ander terrein gedink. Een van die redes hiervoor was dat die staat oorweeg het om moontlik 'n gedeelte (sowat 250,7 ha) van die bestaande terrein vir 'n nuwe spoorwegstasie vir swartmense te onteien.

Aan die einde van 1975 is raadslid dr. D.M. Joubert (tans die rektor van UP) as 'n eenmanskommissie aangewys om die voor- en nadele van die hervestiging van die fakulteit op 'n alternatiewe terrein op te weeg. Die kommissie het vroeg in 1976 gerapporteer. Die twee vernaamste aanbevelings was, eerstens, dat daar ernstig oorweeg moes word om veeartsenykundige opleiding op die Onderstepoortkampus voort te sit, en tweedens, dat alles in die werk gestel moes word om 'n voortgesette noue skakeling met die Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde en die afdeling Veeartsenydiens van die Departement Landbou-tegniese Dienste te verseker. In Maart 1976 het die Finansiële Komitee van die Raad na bestudering van die verslag van die kommissie, aanbeveel dat die fakulteit by Onderstepoort bly, onderworpe daaraan dat die terrein wat vir dié doel beskikbaar gestel word "'n sinvolle geografiese eenheid van voldoende grootte sal vorm." Daar is ook aanbeveel dat die keuse tussen die uitbreiding van die bestaande fasiliteite en 'n nuwe kompleks verder ondersoek moet word ten opsigte van die uitvoerbaarheid van die geheel. Die Finansiële Kommissie het in Junie 1976 sy mening ten gunste van nuutbou eerder as aanbou uitgespreek, maar bygevoeg dat daar sorgvuldig nagedink sou moes word oor die geskikste terrein vir nuutbou. As nadele van die bestaande terrein by Onderstepoort, is genoem 'n servituut vir die munisipale hoofriool wat daaroor loop, en wat beteken dat daar nie oral gebou kon word nie; die ligging van die toekomstige verbypad en spoorwegwerf wat die rustige akademiese atmosfeer sou kon versteur; en onsekerheid oor die toevoer van kliniese materiaal, aangesien beesboerdery noord van die Magaliesberg ekstensief is, en ingrypend van dié suid van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

bergreeks verskil wat verskeidenheid betref.

Intussen is die verslag van die eenmankommissie aan die dekaan van die Fakulteit Veeartsenykunde voorgelê. Hy was baie beslis in sy standpunt dat die Fakulteit elders gevestig moes word. Sy voorkeur in hierdie verband was die driehoekige terrein van die Proefplaas tussen die WNNR en die oostelike verbypad. In Julie 1978 het hy sy standpunt in dié verband herhaal. Die vestiging van die Fakulteit op hierdie terrein sou vir die Universiteit verskeie voordele inhou: studente sou in bestaande universiteitskoshuise gehuisves kon word en sportfasiliteite sou ook nie by Onderstepoort gedupliseer en in stand gehou hoef te word nie, terwyl samewerking met die nabygeleë Fakulteit Landbouwetenskappe ook bevorder sou word. Verder was die terrein toeganklik van hoofpaaie af en was die gebied ook naby 'n spoorlyn geleë. Dit was hierdie faktore wat die Universiteitsraad in die tweede helfte van 1976 laat besluit het om hierdie terrein, afhangende van die goedkeuring van die Adviserende Raad op Universiteite en geskikte bodemgesteldheid, vir die vestiging van die Fakulteit aan te wend.

Intussen moes tydelike uitbreidings op die bestaande terrein aangebring word om in die groeiende behoeftes te voorsien. Met die oog op die verdubbeling van die getal veeartsenykundestudente in die tweede jaar van 45 tot 90 in 1976, moes tydelike opslaangeboue in 1975 opgerig word en bestaande ruimtes heringedeel word. Verdere uitbreidings het hierna plaasgevind en dit is in September 1977 voltooi.

Die ongerief in die bestaande fasiliteite het in Februarie 1978 die Fakulteitsraad genoop om die Raad te versoek om formeel te besluit om die terrein teenoor die WNNR vir die permanente vestiging van die Fakulteit te reserveer, en om voort te gaan met die opstel van 'n meesterplan. 'n Maand later het 'n dosentevergadering van die Fakulteit Veeartsenykunde 'n soortgelyke resolusie aangeneem. Die Raad was gebind deur 'n besluit van die destydse Minister van Nasionale Opvoeding, dr. Piet Koornhof, in Desember 1977, dat die Fakulteit, in die lig van die heersende finansiële en ander omstandighede, nie in daardie stadium verskuif kon word nie.

Die volgende verwikkeling het in Februarie 1980 gekom, toe die Raad besluit het om 'n memorandum deur die Direkteur (Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie) en die vise-rektor, prof. Danie Joubert, te laat opstel vir voorlegging aan die staat en met die herhaling van die versoek dat die Fakulteit Veeartsenykunde oos van Pretoria hervestig moet word. Terselfdertyd is daar besluit dat moontlik geskikte terreine oos van Pretoria verken moes word met die oog op die verkryging van 'n opsie vir aankoop.

Toe hierdie versoek nie die gewenste reaksie voortgebring het nie, is daar in die middel van 1980 in oorleg met die dekaan van die Fakulteit 'n ondersoek ingestel waaruit dit geblyk het dat ernstige knelpunte ten opsigte van ruimte deur feitlik al die departemente van die Fakulteit ondervind is. Daar is bereken dat dit ongeveer R400 000 sou kos om tydelike fasiliteite te voorsien om dié knelpunte uit te wis.

Uiteindelik het daar aan die begin van 1981 die belofte van positiewe optrede gekom, toe daar verneem is dat 'n subkomitee van die Adviserende Raad op Universiteite op 14 Mei van daardie jaar Onderstepoort sou besoek vir 'n ter plaatse ondersoek met die oog op 'n verslag aan die ARU oor die huisvestingsposisie van die Fakulteit. Die komitee het met verskeie instansies oorleg gepleeg en na aanleiding van sy verslag het die ARU in Maart 1982 sekere aanbevelings aan die minister gemaak. Eerstens is daar benadruk dat daar 'n ernstige ruimtebehoefte by die Fakulteit se kampus by Onderstepoort bestaan en dat die heersende onbevredigende posisie nie veel langer verduur kon word nie. Die ARU het daarop in beginsel aanbeveel dat die Fakulteit vir die afsienbare toekoms by Onderstepoort gevestig bly en dat die nodige uitbreidings daar geskied. In dié verband is daar ook aanbeveel dat die Universiteit met die Departement Landbou en Visserye onderhandel oor die moontlike verkryging van addisionele aangrensende grond met die oog op uitbreiding.

Hiermee was die lot van die Fakulteit uiteindelik beslis: by Onderstepoort sou hy bly en sy geriewe sou daar uitgebrei word. Die staat se meule maal egter stadig en teen die einde van 1982 was daar nog nie begin met doelmatige uitbreiding nie.

Die Proefplaasterrein

Van die oorspronklike Proefplaas van nagenoeg 736 hektaar (860 morg) is daar reeds voor 1960 van tyd tot tyd gedeeltes vervreem. Gevolglik het hierdie "landelike eiland in 'n snelgroeiende stad", soos *Ad Destinatum I* dit noem, al hoe kleiner geword. In 1937 is 'n klein gedeelte aan die SAUK afgestaan, in 1945 die sowat 51 hektaar (60 morg) waar die Botaniese Tuin tans geleë is, in 1947 die gedeelte waarop die Colbynsportterrein aangelê is, en in 1948 'n groot hap van 91,7 hektaar (107 morg) vir die vestiging van die WNNR. Weliswaar het die grond waarop die Botaniese Tuin geleë is, aanvanklik Universiteitseiendom gebly, maar in 1963 is daar besluit om dit aan die staat te verkoop.

Van die sestigerjare af sou die Proefplaas drasties verklein word, hoofsaaklik as gevolg van die aanlê van die snelweë.

Snelweë oor die Proefplaas

Die kwessie van hoofpaaie oor die Universiteitsproefplaas het reeds in 1956 ter sprake gekom toe die Universiteit meegedeel is dat die Provinsie beoog om 'n verbindingspad oor die noordwestelike hoek van die proefplaas te bou, tussen die einde van Pretoriusstraat (wat toe teen Endstraat doodgeloop het) en die verlenging van Kerkstraat na Silverton. Daarna is niks weer hieroor verneem nie, totdat die aandag van die Raad in 1960 daarop gevestig is dat die Transvaalse Paaiedepartement snelweë oor die proefplaas beplan. Die Universiteit het heftig beswaar hierteen aangeteken en daarop gewys dat die beoogde snelweë 'n ernstige

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

inbreuk sou maak op die doelstellings van die Universiteit met die Proefplaas en dat dit die versnippering daarvan sou meebring wat toekomstige Universiteitsuitbreiding sou belemmer. Dit was die begin van 'n onderhandelingsproses wat uiteindelik daarop sou uitloop dat die Universiteit sowat 60 hektaar van die Proefplaas vir snelweë moes afstaan.

Gedurende die loop van 1960 het twee moontlike padskemas ter sprake gekom. Volgens die eerste skema sou 'n pad uit die suide deur middel van 'n groot verkeersirkel by die snelweg na die ooste aansluit, presies waar die nuwe sportterrein op die Proefplaas geleë was. Volgens die tweede skema sou die verkeersirkel beplan word op die terrein waar in daardie stadium beoog is om 'n swembad te bou. Dit was die gebied direk oos van Endstraat, d.w.s naby die plaasdam. Verder sou die hoofpad na die ooste volgens hierdie plan deur die beboude WNNR-gebied loop.

Die laasgenoemde skema is kort hierna laat vaar. Maar teen die oorblywende eerste skema het die Universiteit ernstige bedenkinge gehad. Daar is aangetoon dat die verkeersirkel die voortbestaan van die sportterrein, waaraan daar reeds teen 1960 meer as R120 000 bestee was, in gedrang gebring het. Voorts sou dit die uitbreiding van die manskoshuise en die beoogde oprigting van die nuwe Landbougebou langs Lynnwoodweg in die wiele ry. In die lig van die snelle fisiese uitbreiding van die Universiteit sou daar moontlik binnekort na ander bouterreine verskuif moes word. Met die oog hierop was dit belangrik dat die Proefplaas so ongeskonde moontlik behou word, veral aangesien die Stadsraad reeds in 1949 aangedui het dat hy in beginsel geen beswaar gehad het teen die verskuiwing van die Universiteit na die Proefplaas nie, en hierdie standpunt in 1959 bekragtig het. Die Universiteit was daarop gesteld dat die Proefplaas as 'n geheel behoue moes bly, sodat dit 'n doelmatige setel van die inrigting kon wees wanneer dit nodig mag word.

Die Transvaalse Paaiedepartement het hierop sy voorstelle ietwat gewysig: die roete van die hoofpad na die ooste is verander om parallel met die spoorlyn te loop, soos die Universiteit vroeër versoek het, en die verkeersirkel is uitgeskakel, sodat die pad uit die suidooste op die westelike grens van die sportterrein en Proefplaas by hierdie hoofweg aansluit. Die Universiteit het ook teen hierdie plan beswaar aangeteken. Dit sou onder andere die natuurlike versiering by die Hartbeestspruit deur wilgerbome, asook die beoogde landskapsverfraaiing langs die spruit, grootliks vernietig. Die Universiteit is die geleentheid gegun om praktiese alternatiewe voorstelle in te dien.

Die Universiteit was van mening dat die snelweë sover moontlik langs bestaande verkeerskanale, soos paaie en spoorlyne, beplan behoort te word. Daarom is daar aangevoer dat die voorgestelde suidoostelike snelweg tussen Lynnwoodweg en die snelweg na die ooste behoort te verval, en



Die Proefplaasterrein vanuit die suidweste, 1972.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dat die laasgenoemde so beplan moes word dat dit van Endstraat af teenaan die spoorlyn en verder weg langs die bestaande Silvertonpad loop.

Gedurende 1961 is daar wel 'n gewysigde skema deur die Stadsraad voorgelê, maar die Universiteitsowerheid was van mening dat die herontwerp nog 'n ernstiger inbreuk op sy beplanning as die oorspronklike skema sou meebring. Ook die dekaan van die Landboufakulteit het ernstige bedenkinge gehad. Die snelweg na die ooste langs die spoorlyn en die Silvertonpad kon hy wel aanvaar, maar dié van Lynnwoodweg se kant af oor die terrein het hy as noodlottig beskou. Nie net sou dit die bouprogram langs Lynnwoodweg—onder meer die beoogde nuwe Landbougebou—noodlottig tref nie, maar dit sou die planne vir die ontwikkeling van die sportterrein vernietig, aangesien die Fakulteit nie kans gesien het om verdere grond vir hierdie doel beskikbaar te stel nie. Ook die Transvaalstreek van die Departement Landbou-tegniese Dienste het die Universiteit se standpunt oor die snelweë onderskryf.

Afgesien van die noord-suidpad oor die Proefplaas en die snelweg na die ooste, is daar 'n derde pad oor die oostelike gedeelte van die plaas beplan. Dit was die snelweg na die noorde, of soos dit tans bekend staan: die oostelike verbypad. In daardie stadium het daar op die roete van die huidige verbypad slegs 'n pad van suid na noord tussen Garstfontein en die WNNR geloop. Die beoogde snelweg het onder die Provinsiale Administrasie geressorteer en die een oor die sportterrein en koshuisterrein onder die Stadsraad. Die Universiteitsowerheid het toe (1962) die Stadsraad versoek om ondersoek in te stel na die moontlike gedeeltelike inskakeling van die beoogde provinsiale verbypad by sy skema waardeur die snelweg oor die koshuisterrein moontlik kon verval. Die Stadsraad is versoek om, indien dit nie slaag nie, die beoogde pad oor die koshuisterrein sover moontlik aan die westelike grens van die proefplaas te beplan om die eenheid van hierdie terrein te behou. Die Universiteit se ernstige pleidooi aan die Stadsraad was om van die snelweg oor die koshuisterrein af te sien, of om die roete daarvan te verander, aangesien die hele toekomstige ontwikkeling van die inrigting deur dié pad op die spel geplaas is. Die omstrede pad sou ongeveer 5,8 hektaar (6,8 morg) van die Proefplaasgrond in beslag neem.

Samesprekings is van tyd tot tyd deur Universiteitsverteenwoordigers met die Stadsraad van Pretoria, die Provinsiale Paaiedepartement, die Nasionale Vervoerkommissie en ander instansies wat by die beoogde paaie betrokke was, gevoer. In 1965 is 'n memorandum ook voorgelê aan die Telfordkommissie, wat deur die Stadsraad aangewys is om die hele snelwegskema van die Raad te ondersoek. Nadat die Boukomitee volmag van die Universiteit ontvang het om die aangeleentheid namens die Universiteit te hanteer, is 'n tegniese komitee aangewys om verder met die Stadsraad te onderhandel. Dit het al hoe dringender geword om uitsluitsel oor die saak te kry. Daar sou byvoorbeeld nie met die beoogde swembad voortgegaan kon word voordat duidelikheid bestaan het nie, terwyl sekere dringende uitbreidings op die sportterrein ook deur die snelweë beïnvloed is.

Teen Oktober 1964 is die stadium bereik waar die Boukomitee die beplande snelweg na Witbank aanvaar het—mits die pad so na as moontlik aan die spoorweg geplaas word. Teen die een oor die koshuisterrein was daar egter nog sterk teenkanting. In Desember 1964 is die Stadsraad ook dienooreenkomstig in kennis gestel.

Intussen het die posisie in verband met die voorsiening van koshuisgeriewe uiters dringend geword. Aan die begin van 1965 moes daar reeds sowat 300 aansoeke van manstudente om in koshuise in te woon, van die hand gewys word. Die Universiteit se hande was gebind omdat die moontlikheid van die bou van die snelweg oor die manskoshuisterrein die aanbou van verdere koshuise verhinder het —teen die begin van 1965 het vier koshuise al daar bestaan: Kollegehuis, Taaibos, Boekenhout en Olienhout.

Uiteindelik het dit aan die begin van 1965 begin voorkom asof die Universiteit se volgehoue vertoë in verband met die snelweg oor die koshuisterrein begin vrugte afwerp het. Die stadsingenieur het onderneem om 'n alternatiewe roete vir die pad te ondersoek en die Universiteit in Februarie 1965 verseker dat hy "hom nie verder hoef te bekommer" oor hierdie pad nie. In Junie van daardie jaar het die Stadsraadsverteenwoordigers toegegee dat die snelweg 'n onnodige en onredelike las op die Universiteit lê, en dat alternatiewe verkeerstoevoer wel langs bestaande paaie moontlik kon wees.

Onder die indruk dat die pad oor die koshuisterrein laat vaar was, het die Universiteit daarna voortgegaan om 'n bykomende koshuis op die suidoostelike gedeelte van die terrein te beplan. In Januarie 1967 moes daar egter van die Stadsklerk verneem word dat die pad nog nie prysgegee is nie, aangesien dit as een van 'n aantal hoofpaaie beskou is wat die toevoer van verkeer van en na die deurpaaie moes behartig. Weer moes daar dus van voor af deur die Universiteit by die Stadsraad gepleit word om van dié pad af te sien.

Die snelweë oor die proefplaas—die oostelike verbypad en dié na Witbank—is op 20 November 1968 in die Provinsiale Koerant geproklameer. Intussen is die pad oor die koshuisterrein wel laat vaar, met die gevolg dat daar met bouwerk aan 'n vyfde manskoshuis begin kon word. Hierdie koshuis, Maroela, is in die loop van 1969 voltooi.

Hoewel 'n bedrag van meer as R700 000 as kompensasie deur die Nasionale Vervoerkommissie aan die Universiteit betaal is vir die grond wat deur die snelweë in beslag geneem is, is dit te betwyfel of genoegsame kompensasie ooit vir hierdie waardevolle grond betaal kan word. Bowendien was die Universiteit verplig om, afgesien van die grond vir snelweë, ook sowat 13,7 hektaar (16 morg) grond aan die Christian Brothers College in die noordoostelike hoek van die Proefplaas af te staan. Soos elders verduidelik word, was dit deel van die transaksie waardeur die Universiteit die skool se terrein oos van Roperstraat bekom het. Waar die Universiteitsraad hom lank tevore al ten

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Snelweë oor die proefplaasterrein.

doel gestel het om 'n kern van minstens 342,6 hektaar (400 morg) vir die Landboufakulteit op die Proefplaas te behou, het daar na die onteiening van die padreserwe en die oordrag van die 13,7 hektaar (16 morg) aan CBC, slegs 245,8 hektaar (287 morg) oorgebly.

Op die meegaande kaart kan daar duidelik gesien word hoe die aanlê van die snelweë die noordoostelike gedeelte van die Proefplaas versnipper het. Verskeie "eilande" het op dié wyse ontstaan. Die vernaamste hiervan is die driehoekige gedeelte wat omsluit word deur die been van die N1-pad suid van die verkeersklawer in die suidweste, die Witbanksnelweg in die noorde en die WNNR in die ooste. Ander kleiner uitvalgebiede het ook ontstaan, byvoorbeeld oos van die aansluiting van die dienspad voor die WNNR verby (Meiring Naudelaan). Na al hierdie uitvalgebiede moet toegange deur die Nasionale Vervoerkommissie verskaf word. In die laasgenoemde twee gevalle kon dit van die genoemde paaie af geskied. In die geval van die groot driehoek teenoor die WNNR, moes twee deurgange onderdeur die snelweg voorsien word—'n deurgang vir implemente en 'n kleiner duikweg vir vee. Afgesien van die ongerief wat deur die versnippering veroorsaak is, het ander verbeteringe op die Proefplaas ook in die slag gebly. Dit geld byvoorbeeld 'n sterk boorgat wat direk onder die snelweg suid van die verkeersklawer beland het. Hiervoor moes vergoeding aan die Universiteit betaal word. Vir die kleinveeseksie van die Departement Landbou-tegniese Dienste wat op die noordoostelike gedeelte van die proefplaas gesetel was, het die bou van die snelweë ook omwenteling gebring. Aanvanklik is daar gemeen dat die seksie heeltemal verskuif sou moes word. Uiteindelik is dit egter herrangskik en daar behou.

Die Colbynvallei en die Hartebeestspruit-arboretum

Gedurende 1972 het die Stadsraad by die Universiteit navraag gedoen oor die verkryging van die noordwestelike hoek van die Proefplaas, wat mettertyd as die Colbynvallei bekend geword het. Dit is die gedeelte van die Proefplaas wat onderskeidelik deur Colbyn, Queenswood en die Kilnerparkdorpsgebied in die weste en noorde, deur die snelweg na Oos-Transvaal in die suide en deur dié na Noord-Transvaal in die ooste begrens word, en waaroor Kerkstraatverlenging en die treinspoor loop. Dié gebied is totaal van die res van die proefplaas deur die snelweë afgesny. Dit is oorwegend laagliggende gebied waardeur die Hartebeestspruit loop, met dele selfs moerasagtig, terwyl 'n rantjie dit weer skei van Queenswood en die Kilnerparkdorpsgebied in die noorde.

Die Stadsraad was begerig om hierdie terrein vir die oprigting van tennisbane en ander sportfasiliteite te gebruik. In hierdie stadium het die Universiteit sy eie oogmerke met hierdie terrein gehad: om sport- en ontspanningsterreine vir studente

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hier te ontwikkel en om die gebied aan te wend vir die beskikbaarstelling van botaniese materiaal vir opleiding. Die laasgenoemde doelstelling het mettertyd van deurslaggewende belang geword. Die Stadsraad is gevolglik meegedeel dat die Colbynvallei nie vir vervreemding beskikbaar was nie.

In dieselfde jaar, 1972, het die hoof van die Departement Algemene Plantkunde, prof. Manie van der Schijff, voorgestel dat 'n arboretum-ontspanningsterrein in die loop van die Hartebeestspruit oor die Proefplaas tot stand gebring moet word. 'n Sterk motivering is vir so 'n projek verskaf. Daar is aangetoon dat daar 'n groot behoefte aan 'n arboretum bestaan. Wat inheemse plante betref, was die Botaniese Tuin by Brummeria gerieflik binne die Universiteit se bereik, maar uitheemse plante was skaars. Die gedagte was dat 'n arboretum van hoofsaaklik uitheemse plante daargestel word. So 'n ontwikkeling kon aansluit by die verfraaiing en ontwikkeling van die gedeelte van die spruit langs die sportterrein.

In September 1972 het die Universiteitsraad toestemming vir so 'n ontwikkeling verleen. Die projek is op 'n 50-50-grondslag deur die Departement Algemene Plantkunde en die Beplannings- en Onderhoudsafdelings van die Universiteit aangepak. As lede van 'n komitee vir die uitvoering van die projek is mnr. Martin Smuts (registrateur, Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie) as voorsitter, prof. Manie van der Schijff en dr. P.J. Robbertse van die Departement Algemene Plantkunde en mnr. Brian Sandrock, terreinontwikkelingsargitek, aangestel. Prof. N. Grobbelaar en dr. G.K. Theron van die Departement Plantkunde is verder gekoöpteer. Die doelstellings met die projek was om deur die ontwikkeling van die loop van die spruit tussen Lynnwoodweg en die spoorlyn lewende plantmateriaal, veral uitheems, vir opleiding en navorsing in die Departement Plantkunde beskikbaar te stel, om 'n ontspanningstuin vir personeel en studente te ontwikkel en om so spoedig moontlik die Colbynvallei aan te pak met die gedagte om die moerasgebied sover moontlik te behou.

In November 1972 het die beheerkomitee sy eerste vergadering gehou en besluit om die projek in fases uit te voer. Die eerste fase het bestaan uit die skoonmaak van die spruitbodem en -oewers. Hierdie fase is in Desember 1972 aangepak en teen November 1975 voltooi.

Die tweede fase van die projek het die vestiging van struike en bome in die gebied geleë by die sportterrein van die Universiteit en die skepping van 'n boom- en rekreasietuin behels. In die eerste drie jaar sedert 1972 is daar meer as 500 struike en bome in hierdie gebied aangeplant. In die derde fase sou die boom- en rekreasietuin van die sportvelde tot by die manskoshuise beplan en uitgelê word. Gedurende 1977 is planne vir die aanbring van 'n wandelpad goedgekeur. Die vierde fase het voorsiening gemaak vir die bou van 'n vlak dam suid van die spoorlyn. Die werk hieraan is in 1977 feitlik voltooi, maar die vloed van Januarie 1978 het dit grootliks ongedaan gemaak. Die vyfde fase sou die beplanting van die Colbynvallei omvat. Hoofsaaklik uitheemse bome sou aangeplant word, sodat dit 'n woudeffek kon skep. Sowat 700 bome is gedurende 1977 hier gevestig.

Gedurende 1978 is die derde fase afgehandel deur die voltooiing van die wandelpad en die aanbring van addisionele bruggies en sitbankies in die gedeelte van die spruit oor die sportterrein. Terselfdertyd is die vierde fase hervat en twee vlak damme is suid van die spoorlyn voltooi. Aangesien die vyfde fase 'n langtermynprojek is, is verdere boomaanplantings dié jaar in die Colbynvallei en die driehoekterrein gedoen. Die sesde fase behels die ontwikkeling van die spruitgedeelte oor die proefplaas. Hiermee is gedurende 1978 'n begin gemaak, toe alle onwenslike bome en struike in die gebied verwyder is.

Gedurende 1979 het die samestelling van die beheerkomitee van die HPUP (Hartebeestspruit-projek van die Universiteit van Pretoria) 'n verandering ondergaan. In die middel van die jaar het mnr. Brian Sandrock as lid bedank en hy is vervang deur prof. A.P. Burger van die Departement Argitektuur.

'n Addisionele gerief in die gedeelte van die spruitoewer tussen Suidstraat en die inloop van die groot gronddam op die sportterrein, is in die loop van 1979 voorsien: 'n trimbaan. Daar is ook besluit om die naam en afkorting te verander na HAUP: Hartebeestspruit-arboretum van die Universiteit van Pretoria.

Gedurende 1980 is daar voortgegaan met die aanplant van bome, wat vir die eerste keer ook palmbome ingesluit het. Op 10 Oktober 1980 is in die gedeelte tussen die manskoshuise en Suidstraat 30 bome deur hoogwaardigheidsbekleërs en ander persone verbonde aan die Universiteit as deel van die Universiteit se 50-jarige herdenkingsfeestelikhede geplant.

In 1980 het die voortbestaan van die Colbynvallei as bewaringsgebied in die weegskaal beland, toe dit bekend geword het dat die Stadsraad dit oorweeg om Kilnertonweg van die nek in die rantjie af direk suidwaarts te verleng, sodat dit in die vallei by die Kerkstraatverlenging sou aansluit. Die aansluiting sou 'n groot stuk grond in beslag neem en die vallei versnipper. Teen 1981 kon daar gerapporteer word dat die Stadsraad nie van plan was om dié plan binne die volgende 10 jaar uit te voer nie. So kon die swaard wat oor die vallei gehang het, tydelik verwyder word. Dit kan egter weer in die toekoms 'n bedreiging word.

Deur versiendheid is daar met die skep van hierdie arboretum-ontspanningsgebied 'n sieraad vir die Universiteit van Pretoria tot stand gebring.

Ander gedeeltes afgestaan

Die aanbou van snelweë was nie die enigste rede waarom gedeeltes van die proefplaasgrond deur die Fakulteit Landbou afgestaan moes word nie. Ook ter wille van die uitbreiding van sportfasiliteite moes grond na 1960 prysgegee word.

Teen 1977 moes daar stappe gedoen word om vir die beoogde binnenshuise sportsentrum 'n plek te vind. Hierby is daar ook in beginsel besluit om die atletiekbaan van 'n sintetiese oppervlak te

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

voorsien. In so 'n geval sou daar naby die bestaande baan 'n grasoefenbaan aangelê moes word, waarvoor ruimte gevind sou moes word. Daarbenewens was daar ook reeds 'n behoefte aan addisionele sportvelde vir sportsoorte soos netbal, korfbal, hokkie en vlugbal. Daar is ook gedink aan die oprigting van verdere manskoshuise en die aanlê van 'n direkte padverbinding tussen die manskoshuise en die sportterrein.

Omdat al hierdie beoogde ontwikkelings ruimte sou benodig, is daar in Augustus 1977 deur die Boukomitee 'n subkomitee benoem om die kwessie met die Proefplaaskomitee te bespreek. Die laasgenoemde komitee het nie kans gesien om van sekere grond, soos 'n gebied oos van die dennelaning—waar die Lugmaggedenkteken staan—afstand te doen nie, maar in beginsel was hulle bereid om saam te werk.

In November 1977 is daar 'n ooreenkoms met die Proefplaaskomitee bereik oor die afstaan van die nodige grondgebied. In Augustus 1978 het die Boukomitee aanbeveel dat die terrein vir die uitbreiding van sportgeriewe en koshuise aangemerk word en dat die benutting daarvan geleidelik moes geskied, namate die behoeftes sou vereis. Die Universiteitsraad het dit so goedgekeur. Die terrein wat vir sportfasiliteite afgestaan moes word, was sowat 40 hektaar groot. Dit is dié gedeelte wat op die meegaande kaart aangetoon word—baie na aan die hart van die Proefplaas. In die lig van hierdie ontwikkeling is daar besluit om die fasiliteite vir die Departement Diereproduksie geleidelik oos van die snelweg teenoor die WNNR te hervestig.

Toevoegings tot die Proefplaas

Hoewel die Proefplaas sistematies geplunder is en al hoe meer grond afgestaan moes word, is daar darem in 1962 en 1975 geringe toevoegings ook gemaak. In die eersgenoemde jaar is 'n klein driehoekige stukkie grond van 1,02 hektaar (1,2 morg) tussen die grens van die Proefplaas wes van die Taaibosmanskoshuis en die Brooklynwegverlenging van St. Mary's Diocesan School for Girls vir R25 000 gekoop. Toe die skool weer in 1973 'n verdere 1,55 hektaar onmiddellik noord hiervan aan die Universiteit aangebied het, is dit vir R100 000 gekoop. Registrasie in die naam van die Universiteit het in Mei 1975 plaasgevind.

Die gedagte was aanvanklik om 'n voedselvoorbereidingsgebou vir die manskoshuise op die aangekoopte gebied op te rig, maar dié gedagte is prysgegee. Dit kan lyk of die Universiteit buitensporig baie vir 'n aanwins van 2,57 hektaar betaal het, veral aangesien dit nog nie vir 'n spesifieke doel aangewend is nie. Die grond is egter in 'n gesogte woongebied geleë, sodat die Universiteit—veral in die lig van die voorneme om uiteindelik die hoofkampus met die Proefplaasterrein aaneen te skakel—die aanbiedinge nie van die hand kon wys nie.

Die Hoëveldproefplaas

In 1977 het die Universiteit sy Proefplaasfasiliteite uitgebrei deur die aankoop van 'n plaas langs die Delmaspad naby Bapsfontein. Dié stap het nodig geword weens die versnippering van die bestaande Proefplaas langs die Hartebeesspruit. Die praktiese opleiding van studente in die toegepaste aspekte van die onderskeie vakrigtings en ad hoc-probleemstudies het die beskikbaarheid van redelike groot bedryfseenhede vereis. Hiervoor was die bestaande Proefplaas ontoereikend. 'n Tweede oorweging was die behoefte aan proefplaasfasiliteite in Hoëveldse klimaatstoestande. Aanvanklik het die Universiteit hiervoor 'n plaas in die nabyheid van die Rietvleidam van die Stadsraad van Pretoria gehuur. Nadat die Fakulteit Landbou in 1974 onder die Universiteit geplaas is, is daar egter aan 'n eie proefplaas gedink.

Verskeie moontlike eiendomme is in hierdie verband oorweeg en uiteindelik is daar besluit op die aankoop van 'n gedeelte van ongeveer 265 hektaar (308 morg) van 'n plaas langs die pad na Delmas. Die uiteindelike koopprys was R300 000, wat 'n woonhuis en buitegeboue in goeie toestand ingesluit het. Daarby was die watervoorsiening ook redelik goed en was die klimaat en grond verteenwoordigend van dié van die Hoëveld. Die plaas is ongeveer 23 km van die Universiteitskampus geleë.

Na die aankoop van die plaas, is 'n bedrag van R163 000 begroot vir die onmiddellike verbeterings wat nodig was om dit redelik te bedryf. Hierdie verbeteringe het bykomstige behuising vir blanke werknemers en nie-blanke arbeiders en kwartiere vir studente en assistente, die oprigting van 'n werkswinkel, 'n skuur, 'n melkstal, grensheinings en die sink van nog 'n boorgat omvat. 'n Verdere bedrag van sowat R93 000 is vir die aankoop van implemente bewillig.

Akademiese Hospitaal

Die kwessie van die oprigting van 'n akademiese hospitaal vir Pretoria het die eerste keer teen die middel van die sestigerjare ter sprake gekom. Die Pretoriase Algemene Hospitaal, soos die H F Verwoerd-hospitaal tot 1966 bekend gestaan het, was nie as 'n opleidingshospitaal ingerig nie en die gedagte was dat 'n doelmatige opleidingshospitaal uiteindelik vir die Mediese Fakulteit van die Universiteit opgerig moes word.

Daar is min sake waarby die Universiteit van Pretoria sedert 1960 betrokke was, waaroor daar so baie rondgespring is. Aanbevelings oor 'n terrein vir die oprigting daarvan was legio. Soms het dit gelyk of eenstemmigheid bereik is, om dan maar weer spoedig te lei tot nuwe bedenkinge en 'n nuwe voorstel.

Die opleidingsbehoeftes van die Mediese Fakulteit het die eerste keer ter sprake gekom toe daar in 1965 besluit is om die nie-blanke geriewe by die Algemene Hospitaal mettertyd te desentraliseer deur die oprigting van hospitale vir swartmense by Kalafong en Garankuwa, en om 'n nuwe 2 000-bed blanke hospitaal op die terrein van die Algemene Hospitaal op te rig. Die Universiteit is gevra om sy opleidingsbehoeftes ten opsigte van laasgenoemde hospitaal te stel, wat aan die begin van 1966 gedoen is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Niks het verder gebeur tot 1969 nie, toe die Provinsiale Administrasie die Grunowkommissie as 'n eenmankommissie aangestel het om die plasing van die nuwe hospitaal te ondersoek. Dié kommissie moes oor drie moontlikhede verslag doen: (1) of die bestaande H.F. Verwoerd-hospitaal (toe reeds herdoop) opgeknap en uitgebrei moes word om vir 2 000 blankes voorsiening te maak, en as akademiese hospitaal vir die Universiteit moes voortbestaan; (2) of 'n nuwe akademiese hospitaal vir 2 000 blanke pasiënte op die H.F. Verwoerd-terrein gebou moes word; en (3) of 'n nuwe akademiese hospitaal vir 2 000 blankes op 'n ander plek gebou moes word.

Op 19 September 1969 het dié kommissie aanbeveel dat 'n nuwe akademiese hospiaal so gou doenlik op 'n nuwe terrein opgerig moet word. Die twee terreine wat vir hierdie doel oorweeg is, was die terrein in Danville waar die Pretoria-Wes-hospitaal later opgerig is, en dié gedeelte van die Proefplaas direk wes van die WNNR, wat deur die beoogde snelweg afgesny sou word. Die laasgenoemde is aanbeveel.

Kort daarna het die Universiteitsraad in beginsel akkoord gegaan met die oprigting van 'n geïntegreerde opleidingshospitaal in die oostelike wyke van Pretoria. Daar is besluit dat die aanbevole terrein vanweë sy hoë landboukundige benuttingswaarde vir die Fakulteit Landbou behoue moes bly, en dus nie afgestaan kon word nie. As alternatief het die Raad besluit om 'n ander terrein van sowat 41 hektaar in die suidoostelike hoek van die proefplaas aangrensend aan die Lynnwooddorpsgebied beskikbaar te stel.

Samesprekings tussen die Provinsiale Administrasie en die Universiteit het gevolg en in Februarie 1970 is 'n skakelkomitee met verteenwoordigers van die twee instansies in die lewe geroep, met die oog op die beplanning van die hospitaal.

In die loop van 1970 is daar reeds in Universiteitsgeledere twyfel uitgespreek of die terrein van 34 hektaar wat deur die Universiteit aan die Provinsie te koop aangebied is, voldoende sou wees vir die vestiging van 'n omvangryke opleidingshospitaal, met al die dinge, soos parkeergeriewe, wat daarmee saamhang. In die lig van hierdie oorweging en omdat daar probleme ondervind is om genoegsame en doeltreffende toegange tot die terrein te voorsien, het die Universiteitsraad aan die einde van 1970 besluit dat daar weer eens ingegaan moes word op die moontlikheid om die terrein van sowat 66,5 hektaar regoor die WNNR, eerder as dié in die suidoostelike hoek van die Proefplaas, vir die vestiging van die hospitaal beskikbaar te stel. Gevolglik het die Raad, onder meer op aandrang van die Fakulteit Landbouwetenskappe, in April 1971 besluit om sowat 43 hektaar (50 morg) van die terrein teenoor die WNNR vir die bou van die hospitaal aan te bied. Om sake nog verder te kompliseer het die Fakulteitsraad Geneeskunde in Februarie 1971 met 13 stemme teen agt aanbeveel dat die hospitaal op die H.F. Verwoerdhospitaalterrein opgerig moet word.

In die lig van dié bogenoemde aanbeveling van die Fakulteit Geneeskunde en 'n vroeër besluit van die Fakulteit Tandheelkunde in Augustus 1970 om voorkeur aan die bestaande terreine by die H.F. Verwoerdhospitaal te gee, het die Universiteitsraad in Junie 1971 besluit om in te gaan op die implikasies wat die vestiging van die akademiese hospitaal in die ooste vir die Universiteit kan inhou. Hiervoor is 'n interne advieskomitee aangewys.

In Julie 1971 het die komitee gerapporteer dat daar geen onoorkomelike probleme in verband met die vestiging van die hospitaal in die ooste voorsien word nie, en aanbeveel dat daar so spoedig moontlik met die beplanning voortgegaan word.

Die stof het toe nog lank nie gaan lê nie. In September 1971 het dit uit 'n onderhoud van die rektor en senior amptenare van die Universiteit met die toenmalige Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, min. M.C. Botha, geblyk dat daar in regeringskringe vanweë die koste bedenkinge was oor die hervestiging van die akademiese hospitaal in die ooste. Nog 'n komplikasie het in November 1971 bygekom, toe die verkeerskonsultante wat deur die Provinsiale Administrasie aangestel is, bevind het dat—uit 'n verkeersoogpunt—nie een van die twee terreine op die Proefplaas vir die oprigting van 'n 2 000-bedhospitaal geskik was nie.

Weens hierdie verwikkelings het die Universiteitsraad in Junie 1972 verklaar dat hy die H.F. Verwoerd-terrein verkies. Die Universiteit het in werklikheid meer as 'n uitbouing van die bestaande hospitaal in gedagte gehad—eerder die oprigting van 'n heeltydse nuwe hospitaalkompleks op die onbesette gedeelte van die terrein.

Intussen het die Administrateur van Transvaal aan die direkteur van die Provinsiale Werkedepartement opdrag gegee om in te gaan op die moontlike vestiging van die hospitaal op die Proefplaas teenoor die WNNR. Nogtans het hy ingestem dat die ondersoek uitgebrei word om ook die H.F. Verwoerd-terrein in te sluit. Die komitee, onder die voorsitterskap van die Direkteur van Werke, het besluit om binne een maand verslag te doen oor alternatiewe terreine in die ooste en om terselfdertyd die konsortium argitekte wat deur die Provinsiale Administrasie aangestel is, opdrag te gee om, in oorleg met die Universiteit, ondersoek in te stel na die moontlikheid om 'n nuwe 2 000-bed akademiese hospitaal op die H.F. Verwoerd-terrein te vestig.

In Augustus 1972 het die komitee twee nuwe moontlikhede genoem: Rietondale Park en die Grasnavorsingstasie by Rietondale. Die laasgenoemde is aanbeveel. Die konsortium van argitekte het gerapporteer dat dit moontlik was om op die H.F. Verwoerd-terrein 'n nuwe 2 000-bed akademiese hospitaal op te rig, maar dat dit nodig sou wees om die hospitaalterrein hiervoor te vergroot deur die grond van die Staatslykhuis, die Skool vir Serebraalverlamdes en die Kreupelsorgvereniging, wes van die hospitaal, daarby in te lyf. Die Universiteitsraad het besluit om die saak af te wag.

Die Kabinet het hierna die kwessie van 'n geskikte terrein na die Departement Beplanning en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Omgewing verwys, met die opdrag om daarmee behulpsaam te wees. Terselfdertyd is 'n komitee in 1982 deur die Tesourie benoem om in te gaan op die norme vir hospitaalbou in die land, die sogenaamde SAHNORM-komitee.

Al hierdie verwikkelinge het net groter vertraging meegebring, terwyl die agterstand aan opleidingsgeriewe by die Mediese Fakulteit al hoe groter geword het. Daarom het die Universiteitsraad teen die einde van 1972 'n komitee benoem om dringende pogings aan te wend om die vestigingsbesluite oor die akademiese hospitaal te bespoedig. Om kanse op welslae te verseker, was dit 'n hoëvlakkomitee, wat bestaan het uit die rektor as sameroeper, die voorsitter van die Raad, die voorsitter van die Finansies- en Eiendomskomitee en prof. S.F. Oosthuizen van die Mediese Fakulteit.

Die Universiteitsowerhede was verbaas om in Maart 1973 uit 'n verslag van die Departement Beplanning te verneem dat die Proefplaas, ondanks herhaalde verduidelikings sedert November 1972 dat dit nie beskikbaar is nie, nogtans as eerste keuse deur die Departement aanbeveel word. Daarop het die Finansies- en Eiendomskomitee van die Universiteitsraad herbevestig dat die Proefplaas nie vir dié doel beskikbaar is nie, en verklaar dat die Universiteit in volgorde van voorkeur die volgende terreine verkies: die Rietondaleterrein; 'n moontlike ander geskikte terrein in die ooste of suidooste van Pretoria; en die H.F. Verwoerd-terrein.

Intussen het die Departement Beplanning in samesprekings met die Universiteit in Januarie 1973 twee ander moontlike terreine genoem. Die eerste was die Lady Selborne-terrein naby Mountain View, waar daar vroeër 'n swart woonbuurt was. Dit was veral maklik bereikbaar deur swart hospitaalwerknemers, maar was ver geleë vir blanke personeel, wat oorwegend in die ooste gewoon het. Die tweede terrein was die een by Danville, waar die Pretoria-Weshospitaal later opgerig is. Dieselfde argumente as dié ten opsigte van die Lady Selborne-terrein het hier gegeld. Wat hierdie twee terreine betref, het sake nooit verder ontwikkel nie. Teen Junie 1973 het die Universiteit amptelik kommentaar op die Departement Beplanning se verslag gelewer en slegs twee moontlikhede genoem: as eerste prioriteit die Rietondaleterein en, as dit nie kon nie, die H.F. Verwoerd-terrein as tweede keuse.

'n Heel nuwe verwikkeling het in Februarie 1974 gevolg toe die Universiteit vertroulik meegedeel is dat die Kabinetskomitee oor die akademiese hospitaal voorlopig besluit het dat dit gevestig sou word op die Dieretuinterrein, uitgesonderd die terrein waar die akwarium geleë is (die hoek van Paul Kruger- en Boomstraat). Die Dieretuinterrein is genoem omdat daar in dié stadium oorweeg is om die Dieretuin na 'n nuwe plek te verskuif.

Teen September 1974 het dit bekend geword dat die Kabinetskomitee besluit het dat nòg die Rietondaleterrein nòg die Dieretuinterrein beskikbaar was. Dit was duidelik dat die vestiging van die akademiese hospitaal op die H.F. Verwoerd-terrein tog sou deurgaan. Die Kabinet het trouens in Desember 1974 ook so besluit.

As tweede keuse was die H.F. Verwoerd-terrein vir die Universiteit aanvaarbaar— mits 'n totaal nuwe opleidingshospitaal daar opgerig word, soos hierbo gesê. Hiervoor sou die bestaande terrein gekonsolideer moes word met die terreine beset deur die Kreupelsorgvereniging, die Skool vir Serebraalverlamdes en die Staatslykhuis. Hierdie konsolidasie kon vertraging in die hand werk, die laaste ding wat die Universiteit in dié stadium wou hê.

Vir 'n kort rukkie aan die begin van 1975 het die hoop opgevlam dat daar tog aan die Universiteit se wense met betrekking tot die grootte en plasing van die hospitaal voldoen sou word. Nadat die rektor en die Administrateur van Transvaal in Januarie 1975 'n onderhoud met die eerste minister gehad het, waartydens die Mediese Fakulteit se opleidingsbehoeftes pertinent gestel is, het die eerste minister onderneem om die besluit van die Kabinet oor die grootte en die plasing van die hospitaal weer na die betrokke Kabinetskomitee te verwys.

Intussen het daar nuwe moontlike terreine ter sprake gekom. Aan die begin van 1975 is daar op versoek van die Administrateur 'n terrein noord van die snelweg na Witbank ondersoek. Die vernaamste beswaar teen dié terrein was dat dit té ver uit die stad geleë was. By 'n samespreking gehou tussen amptenare van die Universiteit, die Provinsiale Administrasie en die Stadsraad aan die einde van April, is daar verklaar dat daar afgesien word van die H.F. Verwoerd-terrein en dié by Rietondale. As geskikste terrein is toe een oos van die oostelike verbypad en suidwes van die Garstfonteindorpontwikkelingskema, waar die bekende "spookhuis" geleë is, aangedui—die sogenaamde Erasmusrandterrein. Dit was ongeveer 85 hektaar (100 morg) groot. Die Provinsie was ten gunste van dié terrein en om sake te bespoedig, het die Universiteit in Junie 1975 akkoord gegaan dat die Provinsie dit vir die vestiging van die hospitaal aankoop.

Dit het teen 1976 inderdaad gelyk asof daar eenstemmigheid oor die plek van die nuwe akademiese hospitaal gekom het. In April daardie jaar het die rektor aan die Minister van Beplanning geskryf: "Die Universiteit van Pretoria is besonder dankbaar dat daar nou finaliteit gekom het wat betref die situering van die beoogde opleidingshospitaal." In Desember het die Minister van Gesondheid van die Kabinet se "finale besluit" oor die aangeleentheid gepraat.

Maar finaal sou dit nie wees nie. Ses maande later, in Mei 1977, moes daar verneem word dat die Kabinet besluit het om die hele saak van die vestiging van 'n nuwe akademiese hospitaal na 'n komitee van ondersoek te verwys. Daar het 'n teleurstelling in Universiteitsgeledere oor hierdie besluit geheers en die rektor het gevolglik amptelik by die Sekretaris van die Tesourie beswaar daarteen aangeteken. Gelukkig het die gemoedere spoedig bedaar, want in November 1977 het die Kabinetskomitee bevind dat die H.F. Verwoerd-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

terrein nie vir die bou van 'n nuwe akademiese hospitaal geskik was nie.

Die vrede is aan die begin van 1979 wreed versteur toe die Erasmusrandplasing van die hospitaal onder die aandag van die raad van die Mediese Fakulteit gekom het. Groot konsternasie is veroorsaak toe die raad met 44 stemme teen nul 'n mosie aanvaar het wat vra dat daar afgesien word van die Erasmusrandterrein en dat 'n geïntegreerde hospitaalkompleks, waar fasiliteite vir al die verskillende bevolkingsgroepe beskikbaar gestel sou word, in die nabyheid van Mamelodi en Eersterust opgerig moet word. Die gedagte was nou dat die eenheid bevorder moes word deur die oprigting van 'n hospitaal met 'n totaal van 2 000 beddens, wat bestaan uit 1 200 beddens vir blankes, 700 vir swartmense en 100 vir bruinmense. Dié besondere plek is gekies omdat dit binne die bereik van die woongebiede van al drie die bevolkingsgroepe was.

Na aanleiding van die Fakulteitsbesluit, het die rektor aan die ministers van Kleurlingbetrekkinge en van Samewerking en Ontwikkeling geskryf om te verneem of die moontlike plasing van so 'n hospitaal in dié omgewing ingevolge regeringsbeleid sou kon geskied. Die laasgenoemde minister se reaksie was dat die besluit om die hospitaal by Erasmusrand te bou, nie in heroorweging geneem kon word nie. Sy Kollega van Kleurlingsake het egter nie dié moontlikheid afgewys nie.

Hierdie verwikkelinge het weer die hele kwessie van die plasing van die akademiese hospitaal oopgestel. Tydens 'n samespreking tussen Universiteitsamptenare en die Administrateur in Junie 1980, is daar ooreengekom dat 'n paar terreine oos en noordoos van Pretoria in dié verband besigtig moes word. Nadat die Administrateur en 'n afvaardiging van die Universiteit nog dieselfde maand die terreine verken het, is daar verdere besprekings in die vooruitsig gestel.

Nog voordat dié besprekings kon plaasvind, het 'n samespreking tussen die Administrateur en die Minister van Finansies in September 1980 plaasgevind. Die Minister het daarop die Tesourie versoek om 'n ondersoek in te stel of dit fisies moontlik sou wees om die H.F. Verwoerd-hospitaal as 'n akademiese hospitaal aan te pas. Op 16 September 1980 het 'n ontmoeting tussen amptenare van die Universiteit, die Departement Nasionale Opvoeding, die Tesourie en die Transvaalse Provinsiale Administrasie plaasgevind om te verneem of die Universiteit bereid sou wees om die H.F. Verwoerd-terrein saam met die ander terreine te oorweeg.

By hierdie geleentheid is daar deur die Provinsiale Administrasie daarop gewys dat ses verskillende kommissies al voorheen tot die gevolgtrekking gekom het dat die H.F. Verwoerd-terrein ongeskik vir die vestiging van die hospitaal was. Daar is toe ooreengekom dat die Universiteit die aangeleentheid oor die vestiging verder saam met die Administrateur sou behandel, waarna dit na die betrokke minister deurgevoer sou word.

Dit het duidelik begin word dat die Kabinet hierdie keer nie oorreed sou kon word om van die H.F. Verwoerd-terrein vir die vestiging van die hospitaal af te sien nie. Gevolglik het die Fakulteit Geneeskunde op 'n buitengewone vergadering in Junie 1981 te kenne gegee dat 'n nuwe akademiese hospitaal op die H.F. Verwoerd-terrein vir hom onder sekere voorwaardes aanvaarbaar sou wees. Dié voorwaardes was: eerstens, dat 'n totaal nuwe volwaardige, akademiese, geïntegreerde, 1 200-bed akademiese hospitaal opgerig moet word; tweedens, dat voorsiening gemaak word vir minstens 300 beddens vir anderkleuriges vir gespesialiseerde behandeling, wat nie elders gedupliseer kan word nie, en om sekere pasiënte wat vir opleiding nodig is, te huisves; derdens, dat die Kalafonghospitaal onverwyld na 'n volwaardige opleidingshospitaal opgegradeer word; en laastens dat, as alternatief vir die opgradering van die Kalafonghospitaal, 'n nuwe akademiese hospitaal vir anderkleuriges naby Mamelodi opgerig moet word. Die Fakulteit het verder die dringendheid beklemtoon van die oprigting van 'n akademiese hospitaal wat ook fasiliteite vir die behandeling van 'n sekere aantal anderkleuriges insluit.

Uiteindelik is die finale woord op 11 Augustus 1981 gespreek toe die Kabinet besluit het dat 'n 1 200-bed akademiese hospitaal op die terrein van die H.F. Verwoerdhospitaal opgerig moet word, waarvan hoogstens 150 beddens vir anderkleuriges aangewend kan word, en met die behoud van bepaalde bestaande geboue, asook dat die Transvaalse Provinsiale Administrasie in oorleg met die Departement Gesondheid, Welsyn en Pensioene, onmiddellik met die beplanning van die hospitaal mag voortgaan. Van die voorwaardes met betrekking tot die Kalafonghospitaal is daar niks gesê nie. Die besluit is op 28 Augustus in 'n verklaring deur die Administrateur van Transvaal, mnr. W.A. Cruywagen, bevestig. In September het die Universiteitsraad al sy vorige besluite oor die vestiging van die hospitaal herroep en die Kabinetsbesluit "met waardering aanvaar."

'n Groot verligting het uit die bogenoemde Raadsbesluit gespreek. Uiteindelik is daar, sowat 25 jaar nadat akademiese opleidingsgeriewe die eerste keer ter sprake gekom het, finale uitsluitsel oor die plasing van die akademiese hospitaal verkry.

Hierdie keer was daar inderdaad geen bedenkinge en getalm nie. In Desember 1981 is daar reeds twee komitees deur die Provinsiale Administrasie en die Universiteit gesamentlik aangewys om met die beplanning te begin. 'n Oorhoofse komitee is aangewys, wat slegs af en toe vergader het om te verneem hoe die vordering met die beplanning was, terwyl 'n Behoeftebepalingskomitee die praktiese werk moes doen om 'n behoefteskedule vir die hospitaalgebou op te stel, wat vir die argitekte as riglyn by die beplanning daarvan kon dien.

Goeie vordering is in hierdie verband gemaak en teen die einde van 1982 was daar al tentatief besluit om die akademiese hospitaal op te rig op die koppie noord van die H.F. Verwoerd-hospitaal en die klipgroef ten noorde daarvan. So is dan uiteindelik finaal besluit. Al wat nog oorbly, is die uitvoering van die besluit.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die Afdeling Tegniese Dienste

Die Afdeling Tegniese Dienste, wat in die moderne gebou langs Burnettstraat op die noordelikste hoek van die hoofkampus geleë is, lê ook in figuurlike sin op die randgebied van die meeste dosente en studente se ervaringswêreld. Die meeste is slegs vaagweg bewus van die Afdeling se bestaan en tog vervul dit 'n reeks lewensbelangrike funksies in die daaglikse werking van die Universiteit.

Die pos van hoof van Tegniese Dienste staan reeds sedert die veertigerjare bekend as Tegniese Adviseur. Sedert Julie 1952 het mnr. F.W. Meerkotter hierdie pos beklee, totdat hy aan die einde van Maart 1974, met behoud van rang, na die Afdeling Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie oorgeplaas is. Aan die einde van 1976 het hy finaal uit die diens van die Universiteit getree. Gedurende hierdie tyd het hy die Afdeling met rasse skrede sien groei.

Mnr. Meerkotter is volle lid van die Instituut van Elektrotegniese Ingenieurs, asook van die Instituut van Meganiese Ingenieurs. Hy is in 1971 ook as professionele ingenieur geregistreer. Hy het ook die Nasionale Onderwyssertifikaat in Tegnologie verwerf.

Mnr. Meerkotter was oor sy hele dienstermyn 'n lid van die Universiteitsraad se Boukomitee, wat gemoeid was met die beplanning van en toesig oor die uitvoering van bouprojekte. Hy het ook uit die aard van sy amp by verskeie geleenthede die Universiteit op komitees verteenwoordig en etlike konferensies van beplanningsbeamptes namens die Universiteit bygewoon, waar hy ook referate gelewer het. Om sy kennis van beplannings-, instandhoudings- en voorsieningsfaktore te verbreed, het hy aan die einde van 1964 met 'n beurs universiteite en ander opvoedkundige inrigtings in Brittanje en op die Europese vasteland besoek.

Op 1 Januarie 1975 is dr. De R.E. Basson as hoof van Tegniese Dienste aangestel in die pos wat vroeër deur mnr. Meerkotter se oorplasing vakant geraak het. Dr. Basson het toe reeds sedert 1 Desember 1970 diens gedoen as ingenieur en Assistent-Tegniese Adviseur. Hy het, benewens sy graad in Ingenieurswese, sy kwalifikasies in bestuurswese verbeter en in 1971 MBA en in 1973 DBA in Bedryfsadministrasie verwerf. Met sy bevordering in 1975, is die benaming van die pos tegelykertyd gewysig van Tegniese Adviseur na Hoof van Tegniese Dienste. Ses jaar later, aan die begin van 1981, is die posbenaming weer eens verander, dié keer na Direkteur: Tegniese Dienste. Daarmee is erkenning verleen aan die groter verantwoordelikheid wat met verloop van tyd aan die pos verbind geraak het.

Dr. Basson was reeds ten tye van sy aanstelling in 1970, in besit van die Regeringsbevoegdheidsertifikaat vir Fabrieke (Elektries). In 1971 het hy ook die Regeringsbevoegdheidsertifikaat vir Fabrieke (Meganies), verwerf. Hy is ingevolge wetlike vereistes aangewys as die Verantwoordelike Persoon in Beheer van alle masjinerie wat deur die Universiteit op sy persele gebruik word, en om die veilige werkverrigting daarvan te verseker.



Dr. De R. E. Basson, Direkteur van Tegniese Dienste sedert 1975.

Die funksie en doel van die Tegniese Afdeling was nog altyd die instandhouding van alle Universiteitsbates om die akademiese program te laat vlot. In hierdie breë taakopdrag het daar sedert 1960 heelwat verandering ingetree. Aanvanklik het drie onderafdelings onder die Tegniese Afdeling geressorteer, nl. 'n werkswinkel, 'n magasyn en 'n fotografiese afdeling. Die laasgenoemde is later uitgebou en herbenaam tot Oudiovisuele Dienste.

Die werkswinkel en die magasyn was albei nodig vir die instandhoudingsfunksie. Dié funksie het sedert die sestigerjare gegeld vir elektrisiteit en elektronika, monteur- en sweis- en loodgietersdienste, skrynwerk, verf-, messel- en motorwerktuigkundige dienste. Teen 1960 was hierdie dienste hoofsaaklik tot die hoofkampus beperk (vandag die weskampus), die Proefplaas, die sportterrein (wat pas in 1959 in gebruik geneem is), die Mediese Fakulteit se geboue, die buitemuurse afdeling in Proesstraat en die Veeartsenykundegeboue op Onderstepoort.

Sedertdien het die hoofkampus geweldig uitgebrei, nie alleen in oppervlakte deur die ingebruikneming van geboue oos van Roperstraat nie, maar ook wat die getal en grootte van die geboue betref. Dit word elders in die afdeling *Terreine en Geboue* bespreek. Terselfdertyd het die getal koshuise teen die tagtigerjare toegeneem van twee dameskos-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

huise en twee manskoshuise in 1960 tot ses manskoshuise en sewe dameskoshuise met 'n hele aantal annekse.

Mettertyd het hierby ook die Hoëveldproefplaas langs die pad na Delmas gekom, ongeveer 80 woonhuise wat oor die jare deur die Universiteit, veral oos van die hoofkampus, aangekoop is, sekere geboue by die Kalafonghospitaal en die Daspoortpolikliniek.

Vanweë die verspreide ligging van die verskillende Universiteitseiendomme kon alle instandhouding nie uit die werkswinkel op die hoofkampus behartig word nie. Gevolglik het 'n mate van desentralisasie van werksaktiwiteite in die laat sewentigerjare plaasgevind. In 1976 is 'n tegnikus voltyds vir instandhoudingswerk by die Fakulteit Veeartsenykunde beskikbaar gestel. Die volgende jaar is 'n motorwerktuigkundige aan die Proefplaas gesekondeer en permanent daar gevestig. Teen 1980 was die genoemde twee subdepots vir instandhouding onder die beheer van die werkswinkel, plus 'n verdere subdepot by Tandheelkunde. In die geval van die Proefplaas, is dit slegs 'n motorwerktuigkundige depot, maar in die ander twee gevalle verskaf dit omvattende instandhoudingsdienste.

Die toename in die werklas van die Tegniese Afdeling kan gedemonstreer word deur te kyk na die instandhouding van elektrisiteitsverspreidingsdienste by Universiteitseiendomme. In 1947 was die kragvoorsiening van die hele Universiteit sowat 500 kilowatt per jaar; teen 1971 het die maksimum elektriese aanvraag reeds tot vier megawatt per jaar gestyg en was daar op die onderskeie kampusse 11 hoogspanningsubstasies wat deur die Tegniese Afdeling onderhou moes word. Teen 1983 was die maksimum elektrisiteitsaanvraag, slegs op die hoofkampus, tien megawatt per maand, terwyl daar 36 substasies oor die verskillende eiendomme versprei was.

Wat elektriese installasies betref, bring die Tegniese Afdeling, soos ook met algemene konstruksiewerk die geval is, hoofsaaklik veranderings en verbeterings aan en groot nuwe installasies word op kontrak uitgegee. 'n Uitsondering op hierdie reël was die aanbring van vloedbeligting by die verskillende sportfasiliteite op die L.C. de Villiers-sportterrein, asook die modernisering van die hoogspanningsnetwerk.

Die beligtingstaak is vanaf die sewentigerjare in fases gedoen. Teen 1983 was die volgende fasiliteite reeds van vloedbeligting voorsien: die atletiekbaan, drie sokkervelde, die swembad, sewe rugbyvelde, twee hokkievelde, agt tennisbane en ses netbal/basketbalbane. Dit is een van die grootste projekte wat die Tegniese Afdeling nog aangepak het. Deur dit self te onderneem, het die afdeling die Universiteit duisende rande bespaar.

Namate die Universiteitseiendomme vermeerder het, het 'n ander taak van die Tegniese Afdeling ook geweldig in omvang toegeneem. Dit is die voorsiening en instandhouding van die waterverspreidingstelsel vir besproeiingsdoeleindes. Sedert 1960 is 'n aantal boorgate gesink wat die Universiteit vir die besproeiing van sy grasperke en tuine, asook die Proefplaaslanderye, onafhanklik van munisipale water gemaak het. Hierdie werk het plaasgevind onder die toesig van die Tegniese Afdeling wat ook, in aansluiting daarby, 'n aantal ondergrondse massatenks vir die opgaar van water gebou het. Teen 1983 was daar 50 boorgate op Universiteitseiendomme, wat vir 'n standhoudende watervoorraad gesorg het.

Nog 'n funksie wat aanvanklik in die sestigerjare onder die Tegniese Afdeling geressorteer en ingrypende verandering ondergaan het, was die fotografiese diens. Die fotograaf, mnr. C.T.R. Marais, se dienste was hoofsaaklik by die Mediese Fakulteit nodig. Hy was aanvanklik daar gestasioneer, totdat hy op 1 Mei 1971 as fotograaf na die hoofkampus verskuif is. Aanvanklik was daar probleme met die huisvesting van die afdeling en met die aankoop van apparaat. Twee assistente is in 1972 vir mnr. Marais aangestel en sy pos het toe as dié van Hoofotograaf bekend gestaan. Die fotografiese afdeling kon gevolglik eers van die begin van 1972 af behoorlik funksioneer.

Aanvanklik het die Fotografiese Afdeling se dienste die volgende behels: die waarneming van die akademiese fotografiese behoeftes, soos die neem, ontwikkeling en montering van projektorskyfies, wat as opleidingsmateriaal nodig was; die neem en produksie van foto's vir navorsing; die instelling van 'n algemene projektordiens (alle tipes projektors) vir alle departemente wat dit nodig het; die ondersoek na en die instelling van 'n interne geslotebaantelevisiediens vir die Universiteit; en die neem van registrasiefoto's van alle studente.

Die ruimte in die Ou Suiwelgebou, destyds onmiddellik noord van Ou Landbougebou, waar die Fotografiese Afdeling gehuisves was, was heeltemal ontoereikend en die werklike ateljee vir fotografiese werk kon nie tot sy reg kom nie. Opnames vir die departemente Plantkunde en Dierkunde, asook die neem van foto's uit boeke is onder baie moeilike omstandighede uitgevoer. Desnieteenstaande is twee donkerkamers ingerig.

Nadat die Universiteitsraad in 1972 besluit het om die inskakeling van geslotebaantelevisie as hulpmiddel by die onderrig te aanvaar, is daar as tussentydse maatreël vier draagbare swart-wit eenhede aangeskaf. Die apparaat het onder die toesig van die Fotografiese Afdeling gestaan. Opnames vir gebruik deur die Departement Sielkunde is nou op geslotebaantelevisie in sy ateljee deur die Afdeling gemaak. Namate die eise om onderrighulpmiddels toegeneem het, het die Afdeling meer los toerusting, soos gesofistikeerde kameras, ligkaste, vloedligte, lense, ens. aangeskaf. Die bruikleentoerusting is uitgebrei en uitgediende toerusting is vervang. 'n Selfstandige Fotografiese Afdeling is by Tandheelkunde ingerig en die voorbereiding is begin vir 'n soortgelyke afdeling by Onderstepoort.

Intussen het die personeel van die Fotografiese Afdeling aangegroei om in die toenemende vraag na dienste te voorsien. Teen die einde van 1975 was daar, afgesien van die Hooffotograaf, mnr. Marais, sewe ander personeellede nl. 'n eerste fotograaf, vier senior fotograwe, 'n fotografiese

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Personeel van die Tegniese Dienste in die werkswinkel in die Ou Chemiegebou met sy beperkte apparaat in die vroeë sestigerjare.



Die nuwe ruim werkswinkel in die Tegniese Dienstegebou wat in 1975 in gebruik geneem is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

assistent en 'n damesklerk-tikster.

Afgesien van die fotografiese werk self, wat 'n hele reeks opdragte, binne die ateljee en daarbuite, ingesluit het, was die twee ander hooffunksies van die Fotografiese Afdeling teen 1975 die beheer oor bruikleentoerusting en die maak van televisie-opnames. Wat bruikleen betref, is die volgende apparaat vir nie-permanente gebruik deur die afdeling beskikbaar gestel: klankfilmprojektors, episkope, oorhoofse projektors, projeksieskerms, skyfiesinchroniseerders, bandopnemers, video-opnemers, televisiemonitors, en ander kleiner toerusting. Na die terugontvangs van apparaat van departemente, word die toerusting nagegaan en gereed gemaak vir heruitreiking.

Ten opsigte van televisie-opnames is daar in 1975 reeds 20 uur per week bestee aan opnames en die terugspeel daarvan vir die Departement Sielkunde. Sewe ander departemente het teen daardie tyd ook al self met draagbare eenhede, verskaf deur die Fotografiese Afdeling, televisie-opnames vir eie gebruik gemaak. Laastens was die afdeling ook verantwoordelik vir die installering van televisiemonitors, waarvan daar in 1975 reeds 15 permanent in lesingsale in gebruik was.

In 1976 is daar besluit om die Fotografiese Afdeling van Tegniese Dienste te ontkoppel, dit onder 'n beheerkomitee te plaas en die naam daarvan na Afdeling Oudiovisuele Diens te verander. Alle oudiovisuele hulpmiddels sou voortaan deur dié Afdeling beheer word en aansoeke om dergelike hulpmiddels sou deur die beheerkomitee gekeur word. So het die Oudiovisuele Afdeling as't ware die Tegniese Afdeling ontgroei en selfstandig geword.

Die toename in die dienste wat deur die Tegniese Afdeling verrig is, kan ook gesien word in die dienste wat in verband met teaters gelewer moes word. Na die opening van die Aula in 1958, moes die afdeling ook tegnici beskikbaar stel vir aanddiens om die beligting te beheer. Teen 1963 was daar al drie elektrisiëns aan die taak toegewys en daar is bereken dat hulle daardie jaar 498 manuur tydens die operaseisoen daaraan bestee het. Dienste moes ook by die Musaion gelewer word. In 1964 is daar besluit om een elektrisiën permanent onder die beheer van die Skakelbeampte oor te plaas om bystanddiens tydens opvoerings te lewer. Sy werk het onder meer behels die instandhouding van alle verhoogbeligtingseenhede en verdowwingsborde in die Aula en Musaion, alle lopende onderhoudsbeligting van die Aula, Musaion en Amfiteater en die instandhouding van die Aulabystandsgenerator.

Afgesien van die dienste tydens opvoerings, lewer Tegniese Dienste ook algemene bystandsdiens vir die Universiteit as geheel. Hierdie dienste geld nie net na werksure nie, maar ook gedurende naweke en openbare vakansiedae. Dit is hoofsaaklik die elektrisiëns, loodgieters en lugversorgingstegnici wat vir nood- en bystandsdiens uitgeroep word. Personeel doen in elke vakgebied op 'n beurtelingse grondslag diens. Gedurende 1965 is daar bereken dat die diens ongeveer 120 tot 160 uur per jaar in beslag geneem het. Aanvanklik het drie elektrisiëns al die vakgebiede se bystandsdiens gehanteer, maar vanaf 1968 is bystandsdiens onder al die elektrisiëns in die Afdeling verdeel. Hierdie dienste is veral by Plantfisiologie se Fitotron en by die koshuise verrig. Namate die getal koshuise in die laat sestigerjare en gedurende die sewentiger- en tagtigerjare toegeneem het, het die vraag na dienste ook toegeneem.

'n Probleem wat dikwels ondervind word tydens na-uurse bystand is dat klagtes aangedik word om te verseker dat die tegnikus aandag aan die klagtes skenk. Dit gebeur byvoorbeeld dat 'n foutiewe muurprop as 'n kragonderbreking gerapporteer word. Dienste moet ook as gevolg van studentepret gelewer word, soos wanneer brandslange in die vroeë oggendure beskadig word. Benewens hierdie noodherstelwerk, het personeel van die Tegniese Afdeling ook tot 1976 na-uurs projeksiedienste aan departemente gelewer wat films wou vertoon, en nie self 'n operateur kon voorsien nie. Vanaf 1976 is hierdie diens deur die Afdeling Oudiovisuele Diens oorgeneem.

Die totale instandhoudingstaak van die Tegniese Afdeling se werkswinkel behels veel meer as die onderhoud van die elektrisiteit- en waterverspreidingstelsels, teaterdienste en bystandsdienste. Dit het teen die tagtigerjare ook die volgende dienste ten opsigte van Universiteitseiendomme ingesluit: die herstel van alle koshuistoerusting, met inbegrip van kombuistoerusting en koelkamers; die instandhouding van dakdigtings; buite- en binne-opknapping van alle geboue en woonhuise; die herstel van riole en waterpype; die herstel van lugversorgingsinstallasies; die herstel van alle elektriese toerusting, soos verwarmers, ketels, kookwaterurns, warmwatersilinders en departementele toerusting; elektriese veranderings, soos kragpunte aanbring, ligte installeer en nuwe skakelborde en toevoere aanbring; die instandhouding van verskeie noodkragopwekkers; kleinere bouveranderings; die herindeling van ruimtes; verfwerk aan huise, lokale, apparaat, kombuistoerusting, stoele, tafels en naamborde; die vervanging van ruite en spieëls; die roetine-instandhouding van apparaat soos stoomketels, kompressors, drukhouers en hystoerusting; die toets en sertifisering van nuwe elektriese installasies; die herstel van hoogspannings-elektriese installasies, met inbegrip van die opsporing van ondergrondse kabelfoute met gesofistikeerde toerusting; die beheer van die sentrale alarmstelsel en herstellings as gevolg van studentevandalisme. Die kennis van foutopsporing van hoogspanningskabels is ook al aangewend om omliggende skole van hulp te wees, wanneer hulle probleme ondervind het wat hulle nie self kon oplos nie. In die lig van die uitbreiding van die Universiteitseiendomme wat voorheen genoem is, kan 'n indruk van die toename in die volume van die werk gevorm word.

Benewens die bogenoemde instandhoudingstake, vervaardig die werkswinkel ook sekere items wat andersins teen 'n hoë koste aangekoop sou moes word. Dit sluit in spesiale borde vir lesingsaalgebruik, kaste, naamborde, lesingsaalbanke, ens. Daarbenewens moes die werkswinkel al by

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verskeie geleenthede spesiale apparate in sy werkswinkel vervaardig, omdat dit heeltemal te gespesialiseerd was vir die handel. Die Tegniese Afdeling het byvoorbeeld in 1967, op versoek van die Departement Geologie, 'n Franz isodinamiese afskeier wat vir die afskeiding van materiale met magnetiese eienskappe gebruik word, en wat deur die WNNR uit Duitsland ingevoer is, met groot sukses by plaaslike behoeftes aangepas. Die taak is so suksesvol uitgevoer dat heelwat navrae daarna ontvang is. Planne vir die verbeterings is laat maak, wat daarna aan inrigtings in Skotland en Duitsland gestuur is. Ook met die oprigting van nuwe oudiologiese toetskamers in die Departement Spraakheelkunde in 1966, het die Tegniese Afdeling gepresteer deur dit self te bou met materiaal wat uit die VSA ingevoer is.

Nog talle sulke vindingryke ondernemings is oor die jare deur die Tegniese Afdeling aangepak, byvoorbeeld 'n tandvulseltoetsapparaat wat wêreldwyd in mediese tydskrifte erkenning geniet het. Hierbenewens ontvang die Tegniese Afdeling dikwels versoeke van departemente vir die maak van kleiner toerusting wat nie standaardtoerusting is nie. Dit sluit in apparaat vir eksperimentele of proefskrifdoeleindes, veral in die Natuurwetenskappe, die Ingenieursfakulteit en by Tandheelkunde.

'n Ander funksie van die Tegniese Afdeling is glasblaaswerk vir die vervaardiging van spesiale glasapparate vir departemente. In die vroeë sestigerjare is daar reeds oorweeg om 'n voltydse glasblaser op die personeel van Tegniese Dienste aan te stel. 'n Opname van alle departementele bestellings vir glasapparaat is gemaak, om te bepaal of so 'n aanstelling geregverdig sou wees. In 1969 is daar toe 'n glasblaser in die Afdeling aangestel, wat egter nie teen die heersende salaris behou kon word nie. In 1971 het drie hoofde van verskillende Chemiedepartemente weer 'n versoek vir die aanstelling van 'n glasblaser gerig. Van 1973 tot 1977 was daar uiteindelik weer 'n voltydse glasblaser in diens. In 1980 het die glasblaser wat toe in diens was, verdere opleiding by die WNNR ondergaan. Gedurende 1983/84 is die glasblaser permanent na die Departement Chemie oorgeplaas.

Die werkswinkel is ook verantwoordelik vir instandhouding, hetsy voorkomende of krisisinstandhouding. Die laasgenoemde beteken die herstel van gebreekte apparaat en dienste wat in die alledaagse gang van sake voorkom. Wat voorkomende instandhouding betref, word instandhoudingskedules opgestel en die apparaat en dienste word op 'n vasgestelde roetinebasis gehanteer om so krisisbreke te verminder. Die werkswinkel is ook verantwoordelik vir hierdie instandhouding en teen 1980 was daar al 'n gemiddeld van 950 van hierdie take per maand, waaronder die instandhouding van motorvoertuie. By die bogenoemde take moet nog gevoeg word inspeksies van nuwe werke en oornames van dienste en geboue, asook die nakoming van wetlik verpligte inspeksies en instandhouding soos deur die Inspekteur van Masjinerie vereis.

Verder is daar die administratiewe personeel, wat verantwoordelik is vir die ondersoeke na veranderings wat deur departemente aangevra word—hetsy kantore, elektriese veranderings, glashuise met lugversorging of veranderings van watter aard ook al, en kosteberamings en uitvoerbaarheidsondersoeke, met inagneming van die belasting van dienste. Teen 1980 is daar alreeds 110 van hierdie take per maand uitgevoer.

Wat die toewys van kontrakte betref, is daar die opstel van spesifikasies vir verbeterings en veranderings, die inwin en toestaan van tenders, die beheer oor werk wat deur kontrakteurs uitgevoer word, asook die finansiële beheer daarvan. Daarby kom daar nog die aanvra van goedkeuring, die sertifisering van rekenings vir betaling en die beheer van retensiegelde. Wat bouprojekte betref, moet daar ook gereelde vergaderings en samesprekings met konsultantingenieurs en argitekte gehou word. Planne en spesifikasies word ook deur Fisiese Beplanning na Tegniese Dienste deurgestuur vir nagaan. Voorts moet daar dienskontrakte, byvoorbeeld vir hysers, aangegaan word.

Afgesien van die werkswinkel, ressorteer die magasyn ook onder die Afdeling Tegniese Dienste. Verbandhoudend met die werkswinkeldienslewering, word daar ook 'n reeks funksies deur die magasynpersoneel gelewer. Wat materiaal en voorraad betref, is daar die aankoop en berg van noodsaaklike onderdele en materiaal, die aanvulling daarvan volgens gebruik, prysbedinging by die aankoop van materiaal, voorraadopnames, die ontvangs van materiaal en voorraad, die kontrolering en uitstuur van departementele materiaal, aanvraag vir tenders vir materiaal, asook die hou van 'n meubelinventaris.

Sedert 1975 hou die Tegniese Magasyn 'n hele reeks gasse in silinders vir gebruik deur departemente aan. Gasse soos suurstof, asetileen, waterstof, stikstof, koolsuurgas en propaangas kan geredelik deur departemente van die Tegniese Afdeling verkry word. Die Magasyn dien ook as sentrale ontvangsdepot vir al die departemente op die kampus en goedere wat vir departemente gelewer word, gaan deur die magasyn, waar elke aflewering in 'n register aangeteken word. Die goedere gaan daarna na die betrokke departemente tesame met afleweringsnotas en fakture. Gedurende 1973 is daar byvoorbeeld 1 730 aflewerings deur die magasyn ontvang.

Verder behartig die Tegniese Afdeling die bestuur van die sentrale voertuigpoel, d.w.s die hantering van voertuigbesprekings, die beheer oor brandstofontvangs en -voorsiening, die inwin van tenders vir nuwe voertuie en die algehele onderhoud van universiteitsvoertuie.

As voorbeeld van die toename in die bogemelde funksies, kan die vermeerdering van die aantal voertuie onder die beheer van die Afdeling genoem word. In 1964 het die Afdeling oor twee driewielbromponies en vier afleweringsvoertuie beskik. Van die laasgenoemde vier, is een tot die beskikking van die terreinopsigter op die Proefplaas gestel, terwyl akademiese instansies ten opsigte van een van die ander voorkeur geniet het. Teen 1971 het die getal universiteitsvoertuie op 40

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gestaan, afgesien van twee swaar vragmotors, twee trekkers en 'n passasiersbus. Meer voertuie is daarna jaarliks bygevoeg, en teen 1983 was daar ongeveer 100 voertuie, waarvan 40 poelvoertuie was vir gebruik deur akademiese departemente, en waarvan die administrasie ook deur Tegniese Dienste behartig is. 'n Totaal van sowat 217 universiteitsvoertuie is teen 1983 deur die Afdeling onderhou.

Brandstof vir amptelike voertuie is tot 1971 deur 'n motorhawe ongeveer 'n halwe kilometer van die universiteit af voorsien. Met die toenemende aantal voertuie, was die petrolverbruik vir die voertuigvloot teen 1971 reeds 2 300 liter per maand en moes daar aan alternatiewe vir die voorsiening van brandstof begin dink word. Aansoek is in 1971 by die Motorindustriefederasie gedoen om 'n petrolpomp met 'n ondergrondse tenk by Tegniese Dienste te installeer. Aanvanklik is toestemming geweier, omdat die Universiteit se petrolverbruik nie die voorgeskrewe perk van 9 200 liter per maand gehaal het nie. Na baie pogings is toestemming uiteindelik in Julie 1975 verkry, en van 1 Augustus 1975 af kon petrol uit die ondergrondse tenk aan universiteitsvoertuie gelewer word.

Om die reeks bogenoemde funksies te kan vervul, moes die personeel van die Tegniese Afdeling feitlik jaarliks uitgebrei word. In 1960 was daar in die geheel 35 personeellede. Teen 1969 het die werkswinkelpersoneel alleen reeds 39 getel, afgesien van die magasyn- en administratiewe personeel. Teen 1983 het die Tegniese Afdeling reeds oor 'n personeel van 106 beskik.

Om die steeds groeiende personeel en die toenemende funksies te kon behartig, moes die Afdeling in 1975 verhuis. Sedert voor 1960 was die Tegniese Afdeling in 'n gedeelte van die Ou Chemiegebou gehuisves en het die werkswinkel van die suidelike vleuel van die Ou Chemiegebou af tot naby Roperstraat gestrek. Sommige van die administratiewe personeel was egter in Dosentekantore 1, tussen die Kanseliersgebou en die Merenskybiblioteek gehuisves. Teen die laat sestigerjare was hierdie akkommodasie reeds heeltemal ontoereikend.

Gedurende die tweede helfte van 1975 het die Afdeling verhuis na die nuwe Tegniese Dienstegebou, waar dit tans nog is. Die gebou is ontwerp om in alle behoeftes van die Tegniese Afdeling te voorsien. Dit bied volop natuurlike lig in die werksruimte, stofuitsuigfasiliteite in die skrynwerkersarea, hyskrane om swaar voorwerpe in die werkswinkel te bring, toegang vir voertuie tot die werkswinkel om voorwerpe op te laai, indien nodig, die "oop" voorkoms van werkareas van verskillende vakgebiede wat nie met hoë mure afgeskort is nie, kelderparkering vir 'n groot aantal amptelike voertuie en genoegsame bergruimte in die magasyn.

In een vleuel van die gebou is daar 'n moderne kamponggedeelte vir swart werkers, wat in 1976 voltooi is. Daarin is voorsiening gemaak vir was- en kleegeriewe vir sowat 200 persone en eetgeriewe vir sowat 280. Daarbenewens was die Afdeling Terreine en Geboue tot Mei 1982 ook in dié gebou gehuisves, waarna dit na die nuwe vleuel van die Administrasiegebou verskuif het. Die Afdeling Onderrigmedia (voorheen Oudiovisuele Diens) beset reeds sedert 1975 die westelike vleuel van die gebou.

Teen 1974/75 het Tegniese Dienste tweerigtingradio's in gebruik geneem om daarmee doeltreffender dienslewering deur tegnici te verkry. Baie onnodige ritte van die verlede is so uitgeskakel en 'n baie flinker diens kon in noodsituasies verkry word. Ook die bystandstegnici kon in die geval van krisisse makliker bereik en herroetineer word.

Gedurende 1976 is 'n gesofistikeerde rekenaar, die Delta 2 000, by Tegniese Dienste geïnstalleer, waarop verskillende krisisse soos kragonderbrekings, foutiewe hysers, oorstromings, oormatige temperatuurwisseling en noodalarms ononderbroke aangetoon word. Van die inligting wat so versamel word, kan diagnoses gemaak word en kan tegnici direk na die probleempunt gestuur word.

In 1979 het die Tegniese Afdeling weer die inisiatief geneem deur die eerste Instandhoudingskongres by die Universiteit van Pretoria aan te bied. Instandhoudingspersoneel van al die residensiële universiteite in die land is daarby betrek. Die doel van die kongres was om die probleme oor instandhouding wat by die verskillende universiteite ondervind word, te bespreek, en om ook, waar prakties moontlik, die probleemterrein te besoek en om praktiese oplossings deur almal se samewerking en ondervinding daarvoor te kry. Die kongres was so 'n groot sukses dat dit sedertdien jaarliks by verskillende gasheeruniversiteite aangebied word en steeds van krag tot krag gaan.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

IV Diensinstellings

Biblioteekdiens

Die betekenis van die boek in die lewe van die mens kan moeilik onder woorde gebring word. Ons beskawing is daarsonder nie moontlik nie. Feitlik al die opgegaarde kennis van die verlede kan alleen in 'n boek terug gevind word. Al manier waarop hulle wat ons voorgegaan het, nog met ons kan praat, is deur die geskrewe woord. Die boek is ons daelikse metgesel. Die bekende vraag oor watter beperkte getal boeke jy met jou sal saamneem as jy alleen op 'n eiland afgesonder word, weerspieël hoe afhanklik ons van die boek geword het.

'n Biblioteek is 'n geordende versameling boeke—so lui 'n tans verouderde definisie. Dit is as begrip en instelling so oud soos die beskawing self en kan terug gevoer word op oud-Egipte en Mesopotamië, waar versamelings papirusrolle en kleitablette in paleise en tempels bymekaar gebring is. Die tradisie is voortgesit in die Hellenistiese tyd deur byvoorbeeld die biblioteke van Aristoteles en dié van Pergamum en Aleksandrië. In die Romeinse tyd kan daar gewys word op die biblioteke van Atticus, Varro, Sulla, Lucullus en Augustus. Uit die Middeleeue het ons veral kloosterbiblioteke, byvoorbeeld van die Benediktynse orde of van die Ierse monnike, maar ook van vorste soos Karel die Grote, en van verskeie pouse. Gedurende die Renaissance en na die uitvinding van die boekdrukkuns, het die biblioteek eintlik tot sy reg gekom in sy moderne vorm as openbare inrigting. As voorbeeld van die beroemdste universiteitsbiblioteke kan dié van die Sorbonne en van Heidelberg genoem word.

In die moderne tyd het die biblioteekwese geweldig in omvang toegeneem. Die definisie dat 'n biblioteek 'n geordende versameling boeke is, het sy geldigheid verloor. Dit het 'n inligtingsentrum geword waarvan die konvensionele boek maar een van 'n verskeidenheid van inligtingsdraers is. Die biblioteek van die Universiteit van Pretoria is by geleentheid genoem die grootste universiteitsbiblioteek in die land, met sowat 990 000 bande in 1982. Tog word meer daarna gestreef om dit as inligtingsentrum vir die gebruiker doeltreffender te maak, as wat 'n toename in voorraad nagestreef word.

Huisvesting

Dit lê in die aard van 'n biblioteek dat dit steeds groei. Daar verskyn voortdurend nuwe boeke en ander publikasies. 'n Biblioteek moet voortdurend 'n keuse daaruit maak en sy versameling jaar na jaar aanvul. Daar is steeds meer ruimte nodig en telkens moet by of nuut gebou word om die voorraad te huisves. Wat die Universiteitbiblioteek betref, word daar aanvaar dat die versameling ongeveer elke 16 jaar verdubbel. Daarby word elektroniese toestelle ten bedrae van ongeveer R180 000 per jaar aangeskaf.

In 1939 is daar vir die eerste keer aan die Universiteit van Pretoria 'n aparte biblioteekgebou in gebruik geneem, nadat die biblioteek voorheen in die ou Letteregebou gehuisves was. Hierdie gebou is 'n besondere skepping van die argitek Moerdyk. Aangesien dr. Hans Merensky ruim tot die oprigting daarvan bygedra het, is dit die Merenskybiblioteek genoem. In 1957 is 'n nuwe afdeling daaraan toegevoeg, direk oos van die bestaande gebou, wat voorsiening gemaak het vir magasyne, bypassende kamers vir spesiale versamelings, tydskrifte en 'n bindery. Sekere afdelings het in die ou gebou agtergebly. Die belangrikste afdelings is na die nuwe gebou oorgebring, byvoorbeeld die uitleen-, tydskrif- en vakleesafdelings; met ander woorde, die kern van die biblioteek het verhuis.

Reeds in 1961 het studente so aangegroei dat daar vir meer leesgeriewe voorsiening gemaak moes word. Die Biblioteekkomitee het daarop gewys dat daar nog net vir vyf jaar bergruimte oor was. In 1965 is daar weer gekla oor oorvol leesafdelings, veral dié vir Afrikaans. Daar is toe besluit op 'n nuwe gebou. In 1969 is die firma Louw, Marais, Marquard en Kuhn gevra om 'n nuwe biblioteek te ontwerp, waarvan die bou in November 1971 begin het. Die bestaande (tweede) gebou is by die nuwe geïnkorporeer. Dit beslaan 'n totale oppervlakte van 122 441 vk vt wat oor ses vlakke versprei is. Die indeling van die totale ruimte was soos volg: 20 persent leesruimte, 28 persent rakruimte, 29 persent ruimte vir administrasie, uitstallings en personeel, en 25 persent bewegingsruimte. Die fasiliteite wat voorsien is, sluit onder andere in: studieselle, seminaarkamers, vakbiblioteekdienspunte, 'n biblioteekkundelaboratorium, 'n ontspanningsleeskamer, fotokopiëringsgeriewe en tasrakke.

Aangesien die bestaande gebou 'n deel van die nuwe gebou geword het, het boubedrywighede

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die nuwe Merensky-biblioteek van Roperstraat af gesien.

heelwat ongerief veroorsaak. Die biblioteek het bly funksioneer terwyl die voorraad tussen stof en geraas oorgebring is. Die ou Merenskybiblioteekgebou is tydelik aan die Departement Beeldende Kunste afgestaan. Voordat die trek na die nuwe gebou plaasgevind het, is 'n subkomitee aangewys om hom opnuut oor die inrigting van die beskikbare ruimte te besin.

Op 26 Maart 1976 is die nuwe Merenskybiblioteek in gebruik geneem. By hierdie geleentheid het die rektor, prof. Hamman, 'n oorsig van die geskiedenis van die bilioteekdiens aan die Universiteit gegee, asook 'n ontleding van die funksie wat dit moet vervul. Hy het die biblioteek die hart van die akademiese bedrywighede van die Universiteit genoem, en gewys op die sleutelrol wat dit in die opvoedings-, onderrig- en navorsingsfunksie behoort te speel. Daarna het hy 'n gedenkplaat onthul en die Universiteitskoor het 'n passende lied gesing.

Nog dieselfde jaar is daar bevind dat die nuwe biblioteek "die akkommodasieprobleme verlig maar nie opgelos het nie," om die woorde van die betrokke verslag te gebruik. Dit is daaraan toegeskryf dat die beplanning van die interne uitleg afgehandel is voor die komitee wat daarvoor benoem is, sy aanbevelings gedoen het, en die feit dat die ou Merenskygebou nie meer beskikbaar was nie. Toe is voorsien dat daar teen die middel van die jare tagtig vir bykomende ruimte voorsiening gemaak sou moes word. In 1978 is nog 138 studiesitplekke aangebring, aangesien die oorspronklike 1 087 by tye ten volle beset was. In 1975 is 'n afdeling vir beplanning en ontwikkeling in die biblioteekdiens ingestel, wat kort- en langtermynbeplanning vir die beter besetting van ruimtes opgestel het. Hierdeur is die nood deur interne verskuiwings verlig. In 1980 is die eerste volledige verslag oor die verwagte behoeftes tot die jaar 2000 aan die Biblioteekkomitee en die Boukomitee voorgelê. Daar is bevind dat die ruimtetekort teen die jaar 1990 ongeveer 4 658 vk m en teen 2000 ongeveer 7 501 vk m sal beloop.

Voorraad

Die voorraad van 'n biblioteek bestaan gewoonlik nie net uit boeke nie. Net soos die kleitablette en die papirus- en perkamentrolle in vroeëre biblioteke nie boeke genoem kan word nie, kan dit ook nie gebeur met koerante, fotoversamelings, oudiovisuele materiaal en elektroniese publikasies in huidige biblioteke nie. Die voorraad van die Merenskybiblioteek is teen 1960 geklassifiseer onder boeke, tydskrifte, brosjures en blouboeke (later regeringspublikasies genoem). Reeds in 1961 het grammofoonplate en partiture bygekom en nog later oudiovisuele materiaal, mikrofilms en mikrofiches.

Daar is voortdurend nuwe aanwinste wat ontsluit en vir gebruik gereed gemaak word. Gevolglik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

is dit moeilik om vir elke jaar vas te stel hoeveel die totale voorraad beloop. In 1960 is die syfer op 336 967 bande gestel, waaronder 232 212 boekdele, 92 737 tydskrifte en 41 718 blouboeke en brosjures. In 1982 was die getal 990 265 bande, waaronder 693 958 boeke, 235 246 tydskrifte en 61 061 regeringspublikasies, maar daarby moet nog gevoeg word 1 962 plate, 6 012 partiture, en oudiovisuele materiaal. Met die medewerking van dosente word elke jaar 'n keuse uit nuwe publikasies vir die verskillende dissiplines gedoen. Tot die aankoop hiervan dra die Universiteitsowerhede gereeld ruim by. Origens word die voorraad aangevul deur skenkings en die aankoop van individuele versamelings.

Die Africanaversameling het sy ontstaan te danke aan prof. P.C. Coetzee wat hierdie bande in 1934 van die res geskei het. Die versameling is met toewyding aangevul. In die nuwe gebou is dit in 'n geslote magasyn ondergebring, waar dit geraadpleeg maar onder geen omstandighede uitgeleen kan word nie. Uiters waardevolle eksemplare het van tyd tot tyd in die versameling tereg gekom, hoewel die boeke nie in die eerste plek om hulle huidige of toekomstige Africanawaarde aangekoop word nie, maar om in die behoefte van die gebruiker te voorsien. By die opening van die nuwe gebou in 1976, het die aantal bande in die Africanaversameling ongeveer 43 670 beloop. Noemenswaardig is die talle reisbeskrywings uit die 17de en 18de eeu, 'n uitstekende versameling oor die Anglo-Boereoorlog en die oorspronklike notuleboek van die Genootskap van Regte Afrikaners.

Skenkings wat jaar na jaar ontvang word, bevat dikwels Africana, maar dit is meestal van 'n gemengde aard en meestal word die versamelings opgebreek en in die biblioteekvoorraad ingevoeg. Onder die skenkers neem lede van die personeel 'n eervolle plek in, maar daar is ook persone en instansies van buite die Universiteit en byna jaarliks ook van buitelandse regerings, deur die ambassades wat hier gevestig is.

'n Belangrike afdeling van die meeste groot biblioteke is die bindery. Die biblioteek van die Universiteit van Pretoria het in 1937 met 'n eie bindery begin. Oor baie jare was mnr. W.S.H. Porter aan die bindery verbonde, eers as assistent en sedert 1960 as hoofbinder. Die werksaamhede van die bindery bestaan uit die herstel van boeke en die inbind van tydskrifte en pamflette. Om 'n idee van die omvang van die werk te gee, kan daar gemeld word dat 16 742 stukke in 1982 hanteer is.

Personeel en Organisasie

'n Persoon aan wie die Biblioteekdiens baie verskuldig is, is mnr. A.J. van den Bergh, wat sedert 1 Julie 1959 bibliotekaris was. Albert Johannes van den Bergh is in 1911 gebore en in 1934 as assistent-bibliotekaris aangestel. Deur buitemuurse studie behaal hy in 1940 BA aan die Universiteit van Pretoria en daarna ook 'n diploma in Biblioteekkunde. In 1947 is hy bevorder tot assistent-bibliotekaris en toe prof. P.C. Coetzee in 1959 hoof van die Departement Biblioteekkunde geword het, het



Mnr. A.J. van den Bergh, Hoofbibliotekaris, 1959–1975.

hy hom as bibliotekaris opgevolg. Vir vyftien jaar was hy die hoof. Onder hom het die biblioteek jaar na jaar gegroei sowel wat die boekevoorraad as personeel betref.

Hy is ruim ses jaar as onderbibliotekaris bygestaan deur mnr A J Pienaar, wat die Merenskybiblioteek in 1966 verlaat het en in 1968 opgevolg is deur mnr. W.W. Duminy. Gebore in 1928, het mnr. Duminy sy opleiding aan die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en die Universiteit van Suid-Afrika ontvang. Hy is sedert 1975 adjunk-direkteur van die Merenskybiblioteek. Naas hom is mnr. H. de Bruin, wat opleiding aan die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van Suid-Afrika ontvang het, in 1975 as adjunk-direkteur aangestel. Hy het in 1980 die Merenskybiblioteek verlaat om 'n betrekking aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat te aanvaar.

Wat organisasie betref, het die biblioteekdiens onder die toesig van 'n vaste komitee van die senaat gestaan en sedert 1976 onder 'n vaste komitee van die Raad. In die senaatskomitee is dosente uit verskillende fakulteite opgeneem om dit verteenwoordigend van die hele Universiteit te maak. Daar is 'n dagbestuur benoem waarop die bibliotekaris sitting gehad het. Die voorsitter van die biblioteekkomitee (ook van die dagbestuur) was in 1960 prof. E.F.W. Gey van Pittius. Hy is die volgende jaar opgevolg deur prof. P. van Warmelo,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wat baie jare lank belangrike diens in dié verband gelewer het. Hy is in 1972 deur prof. F.G. Heymann opgevolg. Hierdie komitee het oor die jare 'n besondere aandeel in die ontwikkeling van die biblioteek gehad. Sy funksie was nie net toesig nie, maar ook daadwerklike samewerking en beplanning.

In die jare sewentig kom daar 'n nuwe benadering wat uitloop op 'n radikale vernuwing van die hele biblioteekorganisasie. In 1974 het die Universiteitsraad 'n deskundige komitee benoem, bestaande uit prof. A.N. Pelzer as voorsitter, prof. E.D. Gerryts, destyds hoof van die Departement Biblioteekkunde, medeprofessor M.C. Boshoff, prof. S.I. Malan van UNISA en prof. H.C. van Rooy van Potchefstroom. Die opdrag aan die komitee was "om die hele aangeleentheid van die biblioteekdiens van die Universiteit van Pretoria te evalueer en aanbevelings aan die Raad te doen," wat na 'n deeglike ondersoek uitgevoer is. Die uitgangspunt van die komitee se verslag was "dat die Universiteitsbiblioteek die hart van die akademiese bedrywighede behoort te wees en dat dit die sleutelrol in die opvoedings-, onderrig- en navorsingsfunksie van 'n Universiteit behoort te speel; verder dat die Universiteitsbiblioteek as 'n akademiese instituut in die Universiteitsopset beskou moet word en dat die biblioteekpersoneel met hoër professionele kwalifikasies beskou moet word as nie-doserende akademiese personeel."

Die Senaat en Raad het die aanbevelings goedgekeur en die nuwe beleid is op 21 Maart 1976 neergelê. Intussen het mnr. A.J. van den Bergh op 30 Junie 1975 as bibliotekaris afgetree en as sy opvolger is prof. E.D. Gerryts as direkteur aangestel. Hy was in daardie stadium professor in en hoof van die Departement Biblioteek- en Inligtingsdiens. (Besonderhede oor prof. Gerryts word by die beskrywing van hierdie Departement verstrek.)

Die ou Biblioteekkomitee is in sy toenmalige samestelling as "hoogs ondoeltreffend" beoordeel en dit is vervang deur 'n permanente Komitee van die Raad bestaande uit die rektor, die vise-rektor, die Direkteur Biblioteekdiens, die hoof van die Departement Biblioteekkunde, die registrateur (akademies), die registrateur (finansies), die direkteur (FB en B), prof. N. Sauer en prof. J.P. Louw, die laasgenoemde twee as verteenwoordigers van die senaat. Toe daar later meer vise-rektore benoem is, het hulle ook sitting op die komitee gekry.

Teen die einde van 1975 is 'n beleid van biblioteekrekenarisering aanvaar. In 1976 het mnr. H. de Bruin as adjunk-direkteur en mnr. M.C. Willemse van die Afdeling Dataverwerking 'n oorsese besoek afgelê. Ondersoek is in agt lande ingestel, in die besonder in die DOBIS- en die LIBIS-stelsel in onderskeidelik Dortmund en Leuven. Na onderhandelinge, is die programmatuur vir die ontsluitingsmodule van die DOBIS-pakket bekom om in die Universiteit van Pretoria se rekenaarsentrum te

Prof. E.D. Gerryts, Direkteur van Biblioteekdiens sedert 1975, tweede van links, by geleentheid van die inwerkingstelling van die gerekenariseerde stelsel in 1980 saam met drie baanbrekers vir die nuwe stelsel, v.l.n.r.: mnre. R.E. Tönsing, H. de Bruin, wat aan die hoof van die hele projek gestaan het, en mev. A.E. Langkilde.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

toets. 'n Verslag daaroor is teen die middel van 1978 afgehandel. Daar is bevind dat sekere kritiese gegewens nog ontbreek het voor 'n finale aanbeveling gedoen kon word; om dit te bekom, is daar weer 'n sending oorsee gestuur, bestaande uit prof. E.D. Gerryts, mnr. H. de Bruin en mnr. M.C. Willemse. Hulle het 'n studie van verskeie gerekenariseerde biblioteekstelsels in Europa, Kanada en die VSA gemaak en installasies van die DOBIS-stelsel is in België, Duitsland en Kanada ondersoek. Nege verskillende stelsels is teen mekaar opgeweeg. Na verslag aan die Raad, is daar besluit om die DOBIS/LIBIS-programpakket vir die rekenarisering van die Biblioteekdiens te gebruik en is daar op 2 Junie 1980 na 'n gerekenariseerde katalogus oorgeskakel.

Prof. Gerryts noem die jaar 1975–76 "'n waterskeidingsjaar in die geskiedenis van die Biblioteekdiens". Hy wys op die volgende sake wat groot betekenis in die ontwikkeling daarvan gehad het: die toepassing van deelbestuur deur die totstandkoming van 'n komiteestelsel; die opstel van 'n algemene beleid vir die Biblioteekdiens, vervat in meer as twintig beleidsreglemente en opgeneem in 'n omvattende personeelhandleiding; ingrypende veranderings in die opleiding van eerstejaars in biblioteekgebruik en die uitbreiding van kursusse in biblioteek- en inligtingsbenutting, groepsbesoeke om met die nuwe biblioteekgebou, die nuwe biblioteekbeleid en die gerekenariseerde stelsel kennis te maak; en die bevordering van samewerking tussen die Departement Biblioteekkunde en die Biblioteekdiens.

Die nuwe stelsel is spesiaal onder die aandag van die publiek gebring deur 'n uitstalling wat die biblioteek in 1980, die feesjaar van die Universiteit, gehou het. Op 31 Maart en 22 Mei 1981 is daar ope dae vir dosente gehou om vertroud te raak met die DOBIS/UP-stelsel. Terselfdertyd was daar 'n uitstalling van die vakbibliotekarisstelsel, wat intussen ingevoer en uitgebrei is en as baie geslaagd beoordeel word.

In 1982 is die volgende doelstellings vir die komende vyf jaar gestel: algemene rasionalisering van die biblioteekdiens; verfyning en uitbreiding van die inligtingsfunksie; en uitbreiding van die fisiese fasiliteite. "Dit gaan by die Biblioteekdiens in die eerste plek om die behoefte aan inligting wat by die UP-student, -dosent en -navorser bestaan, en die uitnodiging om die inligtingsbronne te verskaf wat in daardie behoefte sal voorsien." Aldus die direkteur in sy jaarverslag van 1982.

Tak- en Satellietbiblioteke

Tot 1976 het daar 'n verspreide stelsel van departementele boekerye bestaan. Om 'n idee van die omvang hiervan te gee, kan die volgende elf wat in 1968 bestaan het, genoem word (met die aantal boeke wat elk besit het): Plantkunde (4 855), Plantfisiologie (1 120), Fisika (1 206),Toegepaste Wiskunde (46), Geologie (2 514), Wiskunde (550), Statistiek (578), Organiese en Anorganiese Chemie (3 181), Fisiese Chemie (1 244), Dierkunde (2 273) en Huishoudkunde (2 132). Die uitleen van hierdie boeke het onder die toesig van die hoofbiblioteek plaasgevind. Die stelsel het nogal probleme meegebring.

Ten slotte is al hierdie boeke in 1976 volgens die beleid van sentralisasie in die Merenskybiblioteek of in sy takbiblioteke opgeneem. Boeke wat om 'n besondere rede vir 'n departement beskikbaar moes wees, is daarna volgens 'n stelsel van langtermynbruikleen beskikbaar gestel.

Tak- en satellietbiblioteke het ontstaan vanweë die afstand tussen die hoofkampus en die subkampusse en ter wille van die gerief van die gebruiker. Hulle vorm aparte eenhede, maar is kragtens die beleid van sentralisasie by die hoofbiblioteek ingeskakel, wat die sentrale aanskaf en ontsluiting van die boekevoorraad behartig. Takbiblioteke funksioneer as volwaardige biblioteke binne die Biblioteekdiens. Hulle staan elk onder 'n eie hoof en bevat 'n selfstandige boekery. Dit is die Geneeskundige of Mediese Biblioteek by die H.F. Verwoerd-hospitaal, die Landboubiblioteek op die ooskampus en die Musiekbiblioteek in die Toonkunsakademie.

Satellietbiblioteke het geen selfstandige hoof nie en staan onder die beheer van 'n takbiblioteek of, in die geval van die Macfadyenbiblioteek, direk onder die Merenskybiblioteek. Die Sentrale Geneeskundige Takbiblioteek het die Voorkliniese Biblioteek in die Gebou vir Basiese Mediese Wetenskappe (BMW), die Klinikalabiblioteek by die Kalafonghospitaal en die Veeartsenykundebiblioteek by Onderstepoort as satellietbiblioteke.

Die oudste van die tak- en satellietbiblioteke is die Macfadyenbiblioteek, verbonde aan die buitemuurse afdeling van die Universiteit. In 1960 het dit saam met die buitemuurse afdeling na die nuwe gebou in Proesstraat verhuis, waar dit op die boonste verdieping gehuisves is. Kritiek teen hierdie biblioteek was dat dit nie sentraal in die gebou geleë was nie, dat dit swak gemeubileer was en dat die atmosfeer daarvan somber en onaantreklik was. As hoofsaaklik voorgraadse biblioteek was dit aangewys op boeke wat direk by die onderrig gebruik word, en duplikasies met die Merenskybiblioteek was onvermydelik. Duur naslaanwerke kon nie gedupliseer word nie en dit het 'n leemte gebly. Daar is ook bevind dat studente nie voldoende van die biblioteek gebruik maak nie, wat daaraan te wyte was dat dit nie voldoen het aan die vrye tyd wat 'n buitemuurse student tot sy beskikking het nie. In 1976 is daar aansienlike verbeterings aangebring. Onder andere het dit die uitdunning van ongeveer 30 000 boekdele behels, sodat die oorblywende materiaal makliker toeganklik geword het, en beter geriewe is aangebring.

Die Sentrale Geneeskundige of Mediese Takbiblioteek, ook genoem die Kliniese Biblioteek, het aan die begin van die Fakulteit Geneeskunde ontstaan. Dit is dikwels aangevul deur skenkings van medici of van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad en ander liggame. Hierdie biblioteek is in die Kliniese Gebou gevestig. Dit het later verhuis na die nuwe noordelike vleuel van hierdie gebou, tans die H.W. Snymangebou.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dit is in 1978 aansienlik uitgebrei, terwyl daar toe al aandag gegee is aan 'n toekomstige gesentraliseerde biblioteek vir die Fakulteite Geneeskunde, Tandheelkunde en Veeartsenykunde, wat weer saamhang met planne vir die akademiese hospitaal van die toekoms. Ook in hierdie geval is departementele biblioteke, soos dié van die Departement Ortopedie, daarin opgeneem. Die departementele biblioteke van die Fakulteit Tandheelkunde is in die Voorkliniese Biblioteek van die BMW-gebou bymekaar gebring.

As satelliet van die Mediese Biblioteek het die Voorkliniese Biblioteek ontstaan. Dit word gehuisves in die BMW-gebou en is in 1978 aansienlik uitgebrei, feitlik verdubbel. Nadat die Kalafonghospitaal tot stand gekom het, het die afstand daarheen meegebring dat ook daar 'n satellietbiblioteek gestig is, genoem die Klinikalabiblioteek. Dieselfde gebeur by Onderstepoort, waar daar vir jare 'n "studentebiblioteek" in 'n kamer van die koshuis ingerig was; daarin was naas wetenskaplike ook populêre leesstof aanwesig. Hierdie Veeartsenykundige Satellietbiblioteek is in 1976 opgeknap en het in 1978 na die nuwe Fakulteitsgebou oorgetrek.

Toe Landbouwetenskappe in 1974 by die Universiteit ingeskakel is, het die biblioteek van hierdie Fakulteit die besit van die Universiteit geword. Dit is 'n selfstandige versameling en is as takbiblioteek in die nuwe Landbougebou op die ooskampus gevestig.

Vanweë die andersoortigheid van die voorraad, hoofsaaklik plate en partiture, het die Musiekbiblioteek, ook genoem die Diskoteek—gehuisves in die gebou van die Toonkunsakademie—as takbiblioteek tot stand gekom. Dit het saam met die Departement Musiek in 1960 ontstaan en oor die jare aansienlik gegroei.

Studentediensburo

Dienslewering aan studente in die vorm van voorligting oor studiemetodes, kursus- en beroepskeuses en die gepaardgaande psigometriese toetsing, asook leiding aan studenteleiers op administratiewe en ander vlakke, 'n gesondheidsdiens, huweliks- en voorhuwelikse voorligting, klinies sielkundige dienste, pastorale leiding, ens. is 'n redelike onlangse verskynsel aan Suid-Afrikaanse universiteite en een waarin die Universiteit van Pretoria 'n baanbrekersrol gespeel het. Hierdie soort dienslewering het eers in 1973, met die totstandkoming van die Studentediensburo, 'n integrale deel van die Universiteitsopset geword.

Vandag is dit byna ondenkbaar dat so 'n groot studentegemeenskap sonder hierdie dienste kan klaarkom. Tog is daar voor 1973 weinig gedoen om in dié behoeftes te voorsien. Een van die eerste aanbevelings in dié opsig is in 1952 gedoen deur 'n senaatskomitee onder prof. G. Cronjé wat na studenteprestasies ondersoek ingestel het. Die komitee het onder meer aanbeveel dat doeltreffende voorligting aan eerstejaarstudente verskaf moet word en dat 'n studentevoorligtingskomitee uit dosente van die Fakulteit Opvoedkunde en die Departement Sielkunde deur die rektor aangestel word.

In Junie 1958 het die Raad goedgekeur dat die Studentevoorligtingskomitee deur 'n Senaatskomitee vir Studentevoorligting vervang word. 'n Jaar later is die Senaatskomitee op sy beurt vervang deur 'n Universiteitskomitee vir Studentevoorligting. Hierdie komitee het van 1959 tot 1964 enkele kere vergader, maar het daarna vir alle praktiese doeleindes doodgeloop.

Ten spyte van hierdie rondvallery en wisseling van komitees, is die eerste praktiese stap ter voorsiening van voorligting aan studente in September 1957 geneem toe 'n tydelike-voltydse Studentevoorligtingsbeampte aangestel is. Aan die begin van 1959 het dit 'n permanente pos geword en in 1961 is 'n assistent-voorligtingsbeampte aangestel om met die werk behulpsaam te wees. Die instansie wat deur dié twee beamptes beman is, het sedert 1959 as die Studentevoorligtingsburo bekend gestaan. Sy funksies het bestaan uit die afneem van psigometriese toetse van eerstejaarstudente en voornemende studente en die voer van individuele onderhoude oor beroeps- en akademiese opleiding, asook sosiale, sielkundige en navorsingsleiding. Lesings is vir alle nuwelingeerstejaarstudente gereël. Hierin is voorligting oor studie en studiemetodes gegee. Die Buro se deure het ook dwarsdeur die jaar oopgestaan vir afsprake met studente wat probleme met hulle studie ervaar het. Verder is toesig gehou oor studente wat in goedgekeurde privaatlosieshuise tuisgegaan het, en is periodieke besoeke aan sulke losieshuise gebring om toesig te hou oor die leef- en studie-omstandighede van die inwoners.

Teen 1965 het die Studentevoorligtingsburo vier personeellede gehad: 'n voorligtingsbeampte, 'n assistent-voorligtingsbeampte, 'n psigometrikus en 'n ontvangsdame-tikster. Die Buro het toe ook reeds voorligting aan studenteraadgewers in die verskillende Universiteitskoshuise oor hulle verpligtinge gegee. Elke raadgewer moes op gesette tye 'n vorderingsverslag oor elke student onder sy toesig indien en verslae is aan die begin van Mei en Julie van elke jaar deur die Buro aan die studente se ouers gestuur.

In November 1968 het die senaat sy Uitvoerende Komitee opgedra om ondersoek in te stel na die funksionering van die voorligtingsdiens en na die moontlikheid van die instelling van 'n afdeling Onderwysdidaktiek in die Departement Algemene Didaktiese en Historiese Pedagogiek in die Fakulteit Opvoedkunde, om onder andere advies oor studiemetodes aan studente en oor onderwysmetodes aan dosente te verskaf. Die Uitvoerende Komitee van die senaat het dié taak in 1969 opgedra aan 'n komitee wat deur die rektor benoem is. In 1971 het die komitee gerapporteer dat hy die beginsel van die reorganisasie van studentehulp en die bestaande voorligtingsdiens steun en bygevoeg dat daar moontlik gedink kon word aan "'n Buro wat hulp kan verleen aan studente oor die hele spektrum van die probleme waarmee studente te kampe het, asook navorsing oor hierdie fasette kan doen en waarby ingeskakel kan word die huidige

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Senaatskomitee vir Akademiese Onderwysmetodes en Onderwyshulpmiddels en die Studentevoorligtingskomitee."

Al dié voorstelle het 'n stap nader aan verwerkliking gekom toe die rektor, prof. Hamman, in Mei 1971 tydens 'n onthaal vir studenteleiers gesê het dat die Universiteit graag die student te hulp wou kom in alle probleme wat hy mag ondervind. Dit het probleme van uiteenlopende aard ingesluit: akademies, gesondheid, persoonlik, finansieel, ens. Hy het gevolglik 'n buro in die vooruitsig gestel wat in al hierdie behoeftes sou voorsien en wat navorsing sou doen oor al die probleme wat ondervind word.

Toe daar in Junie 1972 'n vraag hieroor in die Raad gevra is, kon die rektor aankondig dat 'n ondersoek alreeds aan die gang was met die oog op die daarstelling van 'n "studentehulpdiensburo", wat onder andere 'n herbeplanning van studentevoorligting aan die Universiteit sou insluit, en dat daar in dié verband ook aandag geskenk word aan besondere voorligting aan nuwe studente aan die begin van die akademiese jaar. Teen Mei 1973 was die ondersoek en beplanning al so ver gevorder dat die rektor 'n persverklaring oor die instelling van die buro kon uitreik. Hierin het hy onder meer gesê: "Die doel van die Studentediensburo sal wees om 'n hulpdiens aan studente van die Universiteit te lewer, wat die hele spektrum van probleme wat hedendaags op universiteitsvlak deur studente ondervind of mag ondervind word, te omvat . . . Die Universiteit wil sy studente graag in hierdie opsig tot hulp wees ten einde hulle opvoeding en vorming aan die Universiteit so gunstig moontlik te laat geskied."

In Junie 1973 het die Universiteitsraad aan die ideaal van prof. E.M. Hamman uitvoering gegee toe dit die instelling van die buro goedgekeur het. Daar is op die benaming Studentediensburo besluit. Administratief het die buro onder die registrateur (akademies) ressorteer. Aan die hoof het 'n direkteur gestaan, terwyl twee hoofde onder hom oor elk van die aanvanklike twee afdelings van die buro gestaan het. Hierdie twee afdelings was onderskeidelik 'n Afdeling Universiteitsonderwysbeplanning en 'n Afdeling Konsultasie. Die eersgenoemde afdeling was gemoeid met navorsing oor die administrasie en beplanning van universiteitsonderwys. Sake wat hieronder tuishoort, was die eerstejaarslaagsyfer en moontlike metodes om dit te verbeter, aanpassings- en studieprobleme van studente, keuringsprosedures en -tegnieke by bepaalde departemente en fakulteite, onderwysmetodes en -hulpmiddels in oorleg met die Afdeling Oudiovisuele Diens, die massafikasie van universiteitsonderrig en die verdwyning van die individu in die massa, beplanning en projeksie van nuwe opleiding, ens. Die Afdeling Konsultasie was veral gemoeid met die persoonlikheidsontwikkeling en persoonlike probleme van studente. Klinies sielkundige hulp deur gekwalifiseerde persone is aan studente beskikbaar gestel. Nog 'n belangrike funksie van hierdie afdeling was die verskaffing van 'n navraag- en inligtingsdiens oor sake soos moontlike studiekursusse, kursussamestellings en beroepsmoontlikhede. Verder is voorsiening ook gemaak vir die afneem van beroepsleidings-, psigometriese en ander toetse wat nodig sou wees om leiding aan studente te verskaf. Onder die toesig van die Afdeling Konsultasie sou ook die studenteraadgewers val wat elke jaar in die universiteitskoshuise aangewys word om na die akademiese en sosiale welstand van eerstejaars om te sien. Dié raadgewers sou gereeld aan die Afdeling Konsultasie verslag doen.

Afgesien van die genoemde funksies, wat direk deur die twee afdelings vervul is, het die buro ook 'n verwysingsfunksie ontvang. Dit het beteken dat waar daar probleme by studente teengekom is wat beter deur ander instansies as die buro gehanteer sou kon word, dié persone na die toepaslike instansie of diens verwys sou word. Verwysing kon dus byvoorbeeld geskied na mediese en psigiatriese, tandheelkundige, pastorale of maatskaplike dienste en na spraak-, stem- en gehoorkliniekdienste.

Voorts sou die Studentediensburo ook verantwoordelik wees vir die reël van kursusse wat met sy funksies verband hou. Dit sluit in kursusse in verband met die oriëntering van nuweling eerstejaarstudente, dosentekursusse om onderwysmetodes en -tegnieke te bevorder, somer- en vakansieskole, ens.

Met die instelling van die Studentediensburo het die Universiteit van Pretoria geskiedenis gemaak. Daar was wel ander universiteite wat sommige van die dienste wat hierbo genoem is, gelewer het. Maar daar was teen 1973 nog nie een ander Suid-Afrikaanse universiteit wat 'n diensburo met sulke omvattende doelstellings gehad het nie.

By die aanstelling van 'n direkteur vir die Studentediensburo is daar voorkeur verleen aan iemand wat in die Opvoedkunde, Sielkunde of Sosiologie gekwalifiseer is. So 'n persoon moes natuurlik ook wat sy persoonlikheid betref vir sowel studente as die akademiese personeel aanvaarbaar wees. Nadat die pos geadverteer is, het die keuse geval op prof. Jannie Pieterse, in daardie stadium professor in en hoof van die Departement Sosiologie en Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Pretoria. Prof. Pieterse was 'n oud-student aan die Universiteit van Pretoria wat wye ondervinding van welsynswerk opgedoen het, en sedert 1952 aan die Departement Sosiologie en Maatskaplike Werk verbonde was. Hy het in 1959 en 1960 die Nagraadse Skool vir Maatskaplike werk aan die Universiteit van Denver, Colorado, besoek en 'n gesaghebbende op die gebied van maatskaplike werk, groepwerk, jeugwerk en opvoeding buite skoolverband geword. Hy was ook lid van 'n aantal professionele verenigings en dergelike instellings, en onderskeidelik voorsitter, ondervoorsitter en lid van verskeie staatsrade en -kommissies. Prof. Pieterse het op 1 Julie 1973 diens aanvaar.

As eerste hoofde van die afdelings Konsultasie en Universiteitsonderwysbeplanning is onderskeidelik dr. J.A.J. Erasmus en dr. R.P. van Rooyen aangestel. Hierbenewens was daar aanvanklik in die Konsultasie-afdeling 'n voorligter, vier assist-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ent-voorligters en drie klerklike poste, terwyl daar ook in die Afdeling Universiteitsonderwysbeplanning 'n administratiewe beampte aangestel is.

'n Advieskomitee is aangewys om die buro van raad te bedien. Die komitee het bestaan uit die rektor (ex officio), die registrateur (akademies) (voorsitter), die direkteur van die Buro vir Openbare Betrekkinge (ampshalwe), die dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde, die hoofde van die Departement Sielkunde en Sosiologie, en die adjunkregistrateur (akademies). Die komitee het ook die reg tot koöptering gehad en is 'n vaste komitee van die Universiteitsraad.

Gedurende die eerste ses maande van die Studentediensburo se bestaan, van Julie tot Desember 1973, is daar hoofsaaklik op twee dienste aan studente gekonsentreer: voorligting en psigoterapie.

Die buro het bevind dat studierigting- en akademiese leiding veral in aanvraag was by voornemende studente en eerstejaars. Daarenteen het hoofsaaklik meerjarige studente met emosionele probleme aangemeld en psigoterapeutiese behandeling ontvang. Benewens die twee genoemde dienste, het leiding aan studente oor die georganiseerde studentelewe heelwat tyd in beslag geneem. Lede van die Studenteraad, huiskomiteelede en ander studenteleiers het voortdurend die buro genader om advies en leiding oor 'n verskeidenheid sake rakende die studentegemeenskap. Ook met studenteraadgewers is gereelde onderhoude gevoer. Om studente en voornemende studente van leiding te kan voorsien, is 'n hele aantal toetssessies ook gehou, terwyl verskeie departemente en fakulteite met die keuring van studente bygestaan is.

Van 1974 af het die aktiwiteite van die Studentediensburo uitgebrei. Van 4 tot 7 Februarie daardie jaar het die Buro die eerste keer 'n dosentekursus aangebied. Terselfdertyd het die aktiwiteite rakende voorligting aan studente toegeneem. 'n Buitemuurse diens is aan die begin van die jaar ingestel deurdat 'n personeellid ook een dag per week van 17h00 tot 19h00 by die buitemuurse gebou op diens was.

Verder het die buro se skakeling met en leiding aan studenteraadgewers daartoe gelei dat studente —veral eerstejaars— in groter getalle vir gespesialiseerde hulp kom aanmeld het. 'n Reëling met die Universiteitsadministrasie het daartoe gelei dat stakers van kursusse of voornemende stakers hulle by die buro kom aanmeld het, sodat hulle op 'n simpatieke wyse, waar moontlik, gehelp kon word. Nog 'n nuwe terrein wat die buro in 1974 betree het, was dié van voorhuwelikse voorligting. 'n Groep verloofde studente het gereeld onder die leiding van een van die voorligters hiervoor byeenge-

Die personeel van die Studentediensburo in Augustus 1976.
Agter, v.l.n.r.: *Mnr. F. Steyn, mnr. J.F. Stuart, dr. C.A. van der Merwe, mnr. B.S. van der Linde, mnr. H.J. de Villiers, mnr. L.J. van der Merwe, dr. R.P. van Rooyen, dr. J.A.J. Erasmus, mnr. W.M. van Reenen, mnr. J. Nicol, dr. A. Breedt (Direkteur, 1981–1984).*
Voor, v.l.n.r. Mev. S. Minnaar, prof. J.E. Pieterse (Direkteur, 1973–1980), mej. R. Erwee.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kom. Persoonlike onderhoude is ook gevoer.

Dat daar 'n gewisse gehoefte bestaan het aan die dienste wat die buro gelewer het, blyk uit die groot toename in die getal studente wat daarvan gebruik gemaak het. So het die getal onderhoude wat gevoer is, van 2 227 in 1972 tot 6 267 in 1974 toegeneem. In dieselfde tyd het die getal studente wat volledig getoets is, van 1 198 tot 3 348 vermeerder.

Twee splinternuwe afdelings is gedurende Julie 1976 by die twee bestaande afdelings van die Studentediensburo gevoeg, die Studentegesondheidsdiens en die Afdeling Georganiseerde Studente-aktiwiteite. 'n Studentegesondheidsdiens is aan die begin van 1974 op die kampus ingestel. Dit het aanvanklik los van die Studentediensburo gestaan en het administratief onder die Departement Huisartskunde van die Mediese Fakulteit ingeskakel. Dr. Howard Botha was die eerste hoof mediese beampte van die diens. Die diens was basies 'n huisartsdiens op die kampus en dit het van die gewone algemene praktyk slegs daarin verskil dat dit tyd- en plekgebonde was. Geneeshere was slegs vir bepaalde ure elke weeksdag beskikbaar, maar 'n gekwalifiseerde suster was heeldag op diens. 'n Aanvanklike registrasiefooi was betaalbaar en 'n nominale bedraggie vir daaropvolgende besoeke. Kragtens 'n Universiteitsreëling is bloedmonsters gratis by die Instituut vir Patologie by die Mediese Fakulteit ontleed. Die Gesondheidsdiens het ook 'n uitgebreide voorligtingsprogram uitgevoer, wat filmvertonings en spesiale kursusse vir klein studentegroepe ingesluit het. Daarby het die diens ook immunisering en inenting behartig.

Hoewel die Studentegesondheidsdiens by die gebou in Roperstraat 25 gevestig gebly het, het dit van Augustus 1976 af administratief onder die Studentediensburo geressorteer. Teen hierdie tyd kon daar nie meer oor die behoeftes aan so 'n diens twyfel bestaan nie, want in die eerste elf maande van 1976 was daar 6 928 konsultasies, ondersoeke en behandelings vir 'n totaal van 4 403 pasiënte. Sedert die begin van 1981 word die administrasie van die sportbeseringsdienspunt by die L.C. de Villiers-sportterrein, wat vroeër deur die Sportburo behartig is, deur die Studentegesondheidsdiens gehanteer. Met die oog op noodbehandeling vir sportbeserings tydens wedstryde en oefeninge, is geneeshere wat op 'n tydelik-deeltydse basis aan die Studentegesondheidsdiens verbonde is, dwarsdeur die sportseisoen daagliks van 18h00 tot 20h00 en Saterdae van 10h00 tot 12h00 op diens.

Die nuwe Afdeling Georganiseerde Studente-aktiwiteite het ontstaan as gevolg van die inkorporering van die VSR-administrasie onder die administratiewe vleuel van die Studentediensburo. Hierdie reëling het geensins op die struktuur of status van die VSR inbreuk gemaak nie; dit was bloot daarop gemik om die VSR van hulp te wees met



'n Student word ondersoek deur 'n suster van die Studentegesondheidsdiens gedurende 'n gesondheidsweek in Augustus 1978.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Uitstalling tydens Werkgewersweek, 1976.

die koördinering, organisasie en inisiëring van georganiseerde studente-aktiwiteite, en om kontinuïteit in die werksaamhede van verskillende studenteliggame te verseker. Aan die hoof van dié vierde afdeling van die Studentediensburo is dr. André Breedt aangestel, in daardie stadium senior lektor in die Departement Sosiologie. Hy was sedert April 1964 aan dié Departement verbonde.

Aanvanklik het die hoof van hierdie afdeling gekonsentreer op die werksaamhede van die VSR en sy subkomitees, terwyl leiding oor die funksionering van die verskillende portefeuljes, soos jool, kleure en finansies, gegee is. Hulp is ook verleen met die organisasie en programmering van leierskapseminare. Onder hierdie afdeling het daar ook 'n advertensiewerfster gewerk wat gemoeid was met die werwing en invordering van advertensiemateriaal vir VSR- en SSR-publikasies, soos die *Joolblad*, die *Perdeby* en *Trek*. 'n Lid van die afdeling was ook verantwoordelik vir administratiewe take, soos die hantering van die tweedehandse boekwinkel van die VSR en die VSR-voertuie en -bankrekening.

Afgesien van die reeds genoemde spesifieke funksies van die Studentediensburo en sy verskillende afdelings, het die direkteur ook lidmaatskap van verskeie universitêre liggame ontvang waarby hy vanuit sy ervaring met studenteprobleme 'n belangrike inspraak vir hulle kon lewer. Hy was lid van die Beurse- en Leningskomitee, die Buitemuurse en Na-uurse Advieskomitee, die Akademiese Skakelkomitees van verskeie fakulteite, die Aksiekomitee vir Burgerlike Beskerming, en die Beheerkomitee van die Afdeling Oudiovisuele Diens, terwyl hy ook die vergaderings van die skakelkomitee van die rektor met die Binnemuurse en Buitemuurse studenterade bygewoon het. Daarby het hy op uitnodiging as waarnemer die sittings van die Komitee vir Dissipline bygewoon, asook die vergaderings van die Uitvoerende Komitee van die senaat, terwyl hy in 1976 ook lid van die senaat geword het.

Gedurende 1977 het die direkteur van die Studentediensburo tydens 'n oorsese studiereis 15 universiteite in Europa, Brittanje en die VSA besoek om 'n studie te maak van studentedienste aan dié inrigtings. 'n Soortgelyke studiereis is van Oktober tot Desember 1982 onderneem deur dr. André Breedt, wat in Januarie 1981 prof. Pieterse as direkteur opgevolg het. Hy het 20 universiteite in onderskeidelik Frankryk, die VSA, Brittanje en België besoek en 'n waardevolle verslag omtrent vergelykbare dienslewering aan studente aan dié inrigtings opgestel.

'n Nuwe funksie van die Studentediensburo het in Januarie 1980 bygekom toe die Afdeling Universiteitsonderwysbeplanning 'n bulletin met die Titel *UP-dosent* uitgegee het. Dit het sedertdien jaarliks verskyn en bevat bydraes van dosente oor universiteitsonderrig, met die oog op 'n steeds

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

doeltreffender onderwysmetodiek en -didaktiek aan die Universiteit.

Mettertyd is spesifieke navorsingsprojekte oor die studentelewe aan die Afdeling Onderrigontwikkeling (voorheen Universiteitsonderwysbeplanning) aan die Studentediensburo opgedra. 'n Voorbeeld hiervan is die deurtastende ondersoek wat gedurende 1978 en 1979 na verskillende aspekte van die koshuislewe aan die Universiteit onderneem is. Dié verslag is in Oktober 1979 aan die Skakelkomitee: Rektor—Binnemuurse VSR voorgelê.

'n Ander voorbeeld van sulke navorsingsprojekte is die opname van nuwelingeerstejaarstudente wat in die eerste semester van 1979 tot 1981 gestaak het. Daar is bevind dat eerstejaarstudente wat in Universiteitskoshuise of by hulle ouerhuise inwoon, minder tot staking geneig is as dié wat privaat loseer. Staking van kursusse het ook minder voorgekom by studente wat met beurse of lenings studeer, as by dié wat net deur hulle ouers gefinansier word. Hierdie soort inligting en bevindings is van die uiterste belang om die owerheid in staat te stel om vir die toekoms te beplan en om beleidsbeslissings te neem.

In die lig van die groot belegging wat in die studerende jeug gemaak word deur die staat, die universiteit en hulle ouers, is dit belangrik dat alles in die werk gestel word om dit vir hulle moontlik te maak om 'n sukses van hulle studie te maak. Die werksaamhede van die Studentediensburo moet in dié lig gesien word. Kyk 'n mens na die aanvraag vir dié buro se dienste, kom jy tot die gevolgtrekking dat dit 'n onmisbare rol op die kampus begin speel het. Dit is eintlik te begrype omdat die gemiddelde student drie tot vier jaar van sy lewe aan die Universiteit deurbring, en dié tydperk sy normale aandeel aan spanning, frustrasie en fisiese en ander probleme oplewer. Die raadplegingsyfers by die Konsultasiediens en die Studentegesondheidsdiens toon duidelik watter behoefte daar by studente bestaan aan die dienste wat die buro lewer. Die vergelykende syfers vir 1978, 1980 en 1982 is:

Konsultasiediens	*Gesondheidsdiens*
Getal konsultasies	Getal konsultasies
1978: 5 139	5 964
1980: 6 678	6 151
1982: 7 373	7 017

Hierdie stygende tendens is des te meer betekenisvol as in aanmerking geneem word dat die totale studentegetal slegs weinig toegeneem het, van 16 192 in 1978 tot 16 658 in 1980 en daarna afgeneem het tot 16 380 in 1982.

Opvolgwerk wat die Studentediensburo gedoen het, het getoon dat die inligting oor die studieprestasies van studente wat vroeër vir voorligting getoets is, baie positief was. Studente se leervermoë het ook as gevolg van dié buro se leiding verbeter. Waar grensgevalle deur departemente vir leiding na die Buro verwys is, het die prestasiepeil ook dikwels daarna verbetering getoon. Ook waar studente wat oor die keuse van kursusse getwyfel het, van advies bedien is, het die opvolgwerk bemoedigende resultate in terme van prestasie getoon. Daar kan dus min twyfel bestaan dat die Studentediensburo wel aan sy doel beantwoord.

Buro vir Kultuuraangeleenthede

Die doel en funksies van die Buro vir Kultuuraangeleenthede is omskryf in 'n reglement wat in die loop van 1978 van krag geword het. Die doel word breedweg so omskryf: "om die kuns en die kultuur aan die Universiteit van Pretoria te bevorder, asook om die buitekurrikulêre studentekunsaktiwiteite te koördineer, te administreer of bystand daartoe te verleen, te bevorder en kontinuïteit te verseker." In die samestelling van die advieskomitee, die Komitee vir Kultuuraangeleenthede, waarvan pertinent in die verslag van die evalueringskomitee in 1977 melding gemaak is, is die net wyd gespan. Die komitee is soos volg saamgestel : die rektor, 'n vise-rektor deur die rektor aangewys, dr. C.L. de Bruyn (voorsitter—as oorgangsmaatreël vir drie jaar, waarna die aanstelling hernu kon word), die direkteur van die Buro vir Kultuuraangeleenthede, die direkteur van die Buro vir Openbare Betrekkinge, die direkteur van die Studentediensburo, die dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, die hoof van die Departement Musiek en direkteur van die Toonkunsakademie, die hoofde van die Departemente Beeldende Kunste, Drama en Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis, die VSR-voorsitter, die voorsitter van die Verenigingskoördineringskomitee (SVKK) van die VSR, drie ander studente deur die Buitemuurse VSR aangewys, 'n verteenwoordiger van die Buitemuurse VSR, mev. Lettie Rabie, so lank sy beskikbaar sou wees, die registrateur (finansies), die registrateur (akademies), en die hoof van die Departement Kunsgeskiedenis. 'n Dagbestuur is ook vir die komitee aangewys.

Nadat mnr. C.H. Cilliers gedurende 1978 as direkteur van die Buro vir Kultuuraangeleenthede waargeneem het, is mnr. C.E. (Chris) Lamprecht van die begin van 1979 af as direkteur aangestel. Mnr. Lamprecht het reeds die graad MMus gehad en Voordraerslisensiate in klavier, orrel en sang verwerf. Hy het ook twee jaar lank aan die Westfalische Kirchenmusikschule in Wes-Duitsland gestudeer, waar hy hom op komposisie, orrel en koorleiding toegelê het. Voor sy aanstelling was mnr. Lamprecht opeenvolgend musiekonderwyser, vakinspekteur vir musiek van die Transvaalse Onderwysdepartement en hoofkultuurbeampte vir musiek by die Departement van Nasionale Opvoeding. Hy het ook reeds tien jaar lank as lid van die Musiekkomitee van die FAK en as lid van die beoordelingskomitee vir die SAUK-prys gedien. Hy het daarby 200 komposisies tot sy krediet gehad, waarvan die meeste reeds plaaslik uitgevoer was.

Die postestruktuur in die Buro vir Kultuuraangeleenthede was gelyk aan die bestaande poste in die Skakelafdeling tot die einde van 1977 wat vir konserte en kunsbedrywighede toegewys was. Dit het neergekom op die amptenare wat met die Aulakomitee se werksaamhede gemoeid was. Afgesien

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die direkteur van Openbare Betrekkinge wat as sekretaris van die Aulakomitee gefunksioneer het, het dit 'n organiseerder, 'n assistent-organiseerder, 'n koorleier-afrigter, 'n administratiewe beampte, 'n teaterbestuurder, 'n assistent-teaterbestuurder, 'n beligtingsprojeksiebeampte, twee tiksters-klerke, drie afrigters (sonder vergoeding) van die Pretoriase Kinderkoor en 'n afrigter (sonder vergoeding) van die Oudstudentekoor omvat.

Hoewel die Kultuurburo, soos die Buro vir Kultuuraangeleenhede algemeen bekend geword het, reeds amptelik in 1978 bestaan het—soos gesê, onder die waarnemende direkteurskap van mnr. C.H. Cilliers, wat tegelykertyd direkteur van die Buro vir Openbare Betrekkinge gebly het—het dit eers in 1979 behoorlik in rat gekom. Die heel eerste stap om sekere funksies onder dié nuwe buro te plaas, is al in Oktober 1978 gedoen toe daar besluit is dat die Aulakomitee, die Van Wouwhuisbeheerkomitee en die J.A. van Tilburgbeheerkomitee amptelik op 1 Januarie 1979 sou ontbind, en dat hulle onderskeie verpligtinge deur die Kultuurburo oorgeneem sou word.

Met die totstandbring van die Kultuurburo het die Universiteit die leiding onder Suid-Afrikaanse universiteite geneem. Geen ander tersiêre onderriginstansie het teen 1979 nog oor 'n soortgelyke liggaam beskik nie. In dié verband is dit opmerklik dat die Kultuurburo uit die kultuuraktiwiteite op die kampus—en spesifiek dié onder die beheer van die Aulakomitee—gegroei het. Dit is gepas om hier die aandag te vestig op die rol wat die Aula, die Musaion en die Amfiteater op die kampus en in die Pretoriase kultuurlewe vervul het. Veral die opening van die Aula in 1958, het die kampus van die Universiteit een van die toonangewendste sentrums vir die uitvoerende kunste in die land gemaak. In die jare 1958–1959 het reeds nagenoeg 40 000 persone aanbiedings op die kampus bygewoon; teen 1970 het hierdie syfer vir slegs die een jaar meer as verdubbel; en in 1978, die jaar voor die Kultuurburo se aktiewe bestaan begin het, was die bywoningsyfers vir aanbiedinge in die Aula, die Musaion en die Amfiteater onderskeidelik ongeveer 65 000, 18 000 en 10 000, met 'n totaal van 93 000. Hierdie syfers toon onteenseglik aan dat daar enersyds 'n groot behoefte aan dergelike aanbiedinge was, en andersyds dat die musieksmaak van die studente en publiek van Pretoria aangewakker is deur die geleenthede wat so geskep is. Die Universiteit het gevolglik sy toonaangewende posisie in die kultuurlewe van die land verstewig met die instelling van sy teaterkompleks. Die sukses wat so behaal is, het ander dorpe en stede aangemoedig om soorgelyke sentrums op te rig : die Stadskouburg in Johannesburg, die H.F. Verwoerd-gehoorsaal in Springs, die J.G. Strijdom-gehoorsaal in Klerksdorp, ens. Ook in Pretoria self het ander tuistes vir die uitvoerende kunste tot stand gekom : die Kleinteater—die eiendom van die Pretoriase Onderwyskollege—die Breytenbachteater en die Piet van der Waltteater op die Skouterrein. Voorts was die opera-aanbiedings in die Aula indirek in 1961 verantwoordelik vir die stigting van 'n "operawerkswinkel" in Pretoria en

Mnr. (tans prof.) C.E. Lamprecht, Direkteur van die Buro vir Kultuuraangeleenthede, 1979–1984.

vir die totstandkoming van Truk en sy "susterorganisasies" in die ander provinsies.

Met die stigting van die onderskeie Streeksrade vir Uitvoerende Kunste, naamlik Truk, Naruk, Kruik, Sukovs en Swaruk in 1963, is daar 'n nuwe era in die Suid-Afrikaanse Kultuurgeskiedenis ingelui. Sedertdien—tot en met die ingebruikneming van die Staatsteater Pretoria in 1981—het Truk bykans sy ganse opera-, ballet- en musiekrepertorium in die Aula en die Musaion aangebied. So het die Universiteitskampus waarlik tot 'n kultuursentrum vir die hoofstad—en die land—ontwikkel.

Behalwe die direkteur, mnr. Chris Lamprecht (tans prof. Lamprecht, hoof van die Departement Musiek), het die Buro se personeel teen 1982 bestaan uit 'n skakelbeampte, drie adjunk-skakelbeamptes, twee assistent-skakelbeamptes, 'n teaterbestuurder en 'n assistent-teaterbestuurder, 'n sekretaresse vir die direkteur, 'n administratiewe assistent en twee tiksters-klerke—'n totaal van 13.

In 1979 het die Kultuurburo om sy breë doelstelling doeltreffend te kan verwesenlik, die volgende riglyne neergelê:

* Die bevordering en uitbouing van 'n wye verskeidenheid kunste, waaronder musiek, die beeldende kunste en drama, getrou aan intellektuele, estetiese en etiese norme.
* 'n Nugtere en praktiese administrasie van die kunste.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

* Die verantwoordelike ontginning en benutting van die sluimerende talent onder die studentemassa, in samewerking met die betrokke akademiese en kulturele instansies.
* Die geestelike weerbaarmaking van jongmense deur die ontplooiing van ons ryk kultuurerfenis en deur die stimulering tot nuwe bydraes op sowel die uitvoerende as die skeppende vlak.

In ooreenstemming met hierdie riglyne is die Buro se werksaamhede in vier afdelings georganiseer: 1. Uitvoerende Kunste (Musiek) 2. Uitvoerende Kunste (Drama en toneel) 3. Skeppende Kunste (Beeldende Kunste, Musiek en Drama) 4. 'n Afdeling verantwoordelik vir reklame, bystand aan die VSR met sy kulturele aktiwiteite, en die administrasie van die Buro. Onder die eerste afdeling ressorteer die Universiteitskoor, die UP-simfonieorkes, Tuks-eufonia (voorheen die Tukkieblaasorkes), die Pretoriase Seuns- en Meisieskoor, koorfeeste en orkesfeeste. Onder die tweede afdeling ressorteer amateurdramaverenigings, Tuks '80, filmfeeste, Vriende van Truk, en operettes. Onder Skeppende Kunste is tuisgebring die Van Wouwhuisaangeleenthede, die J.A. van Tilburgversameling, kunsuitstallings, die Universiteit se kunsbesit, B_3M-projekte, etensuurkonserte en aandkonserte, die Mimi Coertsebeurs en die Pretorium Trustbeurs, departementele en fakulteitsprojekte, en fotografie-en skyfieprojekte. Die vierde been van die organisatoriese struktuur het as opdrag gehad die opstel en verspreiding van inligtingsbrosjures en algemene reklame, die reël van kunsfeeste en uitstallings, persvrystellings, skakeling met die pers, radio en TV, skakeling met kunstenaars, talentkompetisies, hulpverlening met veral die projekte wat ressorteer onder KuKu (die VSR-subkomitee vir Kuns en Kultuur), die Ienkkonsert, die oriënteringsprogram vir nuwelingstudente, die bevordering van studentebetrokkenheid in die algemeen, die versorging van versendingslyste vir reklamemateriaal, hulpverlening met spesiale feesgeleenthede, die finansiële administrasie van die Buro, en die grafiese versorging van die Buro se publikasies. So gesien, klink die werkopdrag van die Kultuurburo gedug—soos dit ook inderdaad was. Die verskillende aktiwiteite word nou elkeen kortliks behandel.

Die Pretoriase Universiteitskoor het natuurlik lankal bestaan. Die eerste koor het in 1962 tot stand gekom, deur die toedoen van die Studenteraad se koorkomitee. Die ywerige voorsitter van die nuwe komitee, mnr. F. Cloete, het daardie jaar daarin geslaag om genoeg entoesiasme vir 'n koor by die studente gaande te maak. Die leier was mnr. Emanuel Haller. Nog in dieselfde jaar het die koor sy eerste uitvoerings gegee, wat groot byval gevind het.

Met 'n vergrote ledetal het die koor in 1963 altesaam sewe keer opgetree en baie gewild geword. Ongelukkig het sy voortbestaan in 1964 in die gedrang gekom toe mnr. Haller bedank het. 'n Mediese student, Eduard Meyer, het die leiding op

Die UP-koor saam met die TRUK-orkes, Oktober, 1969.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

hom geneem en die situasie gered. In 1965 is daar onder sy leiding gedurende die Aprilvakansie 'n geslaagde toer deur Oos-Transvaal onderneem. Aan die begin van 1967 het die koor weer feitlik doodgeloop, totdat dit in Mei onder die leiding van mnr. Louis Hiemstra herleef het. In dié jaar was daar geen optredes na buite nie.

1968 het 'n splinternuwe begin gebring. Die voorspel tot die stigting van 'n nuwe Universiteitskoor was die kompetisie vir huiskore wat aan die begin van die jaar die eerste keer plaasgevind het. Die entoesiasme hiervoor is aangewakker deur 'n eerste prys van R200 wat deur die rektor, prof. C.H. Rautenbach, geskenk is. 'n Tweede prys van R100 was afkomstig van die Studenteraad. Na afloop van die kompetisie is daar oorgegaan tot die stigting van 'n permanente Universiteitskoor. Hierdie keer sou die Studenteraad nie meer 'n alleenstryd hoef te voer om die koor staande te hou nie. 'n Groot deel van die aanvoorwerk is gedoen deur mnr. C.H. Cilliers, hoofskakelbeampte van die Universiteit, wat ook die sekretaris van die Aulakomitee was.

Uit die staanspoor is die koor op 'n stewige organisatoriese grondslag geplaas. Die bestuur is behartig deur 'n bestuurskomitee wat uit drie lede van die Aulakomitee en drie Studenteraadslede bestaan het. Verder was daar 'n advieskomitee wat gemoeid was met die musikale direksie. Hier was daar dieselfde noue samewerking tussen die Aulakomitee en die Studenteraad, wat elk twee lede aangewys het. Geld is ook deur die Universiteit bewillig vir noodsaaklike uitgawes vir die afrigting van die koor. As koorleier is aangewys mnr. Adolf Theron, wat heelwat ondervinding van koorafrigting gehad het. Oudisies is gehou, wat 'n koor van 55 lede gelewer het—33 dames en 22 mans.

Aan die einde van 1968 het die koor 'n studiereis deur Europa onderneem, waar die leier, mnr. Theron, met bekende koormeesters kennis kon maak. Daarna is verskeie uitvoerings in 1969 gegee en het die koor baie goed gevaar in 'n landswye koorkompetisie. Op 1 Januarie 1970 het mnr. Theron diens in die skakelafdeling van die Universiteit aanvaar en so voltydse leier geword. Nadat die koor sedert 1968 reeds amptelike koordrag gehad het—'n grys toga met vlootblou lapelle—is sportdrag ook in 1970 in gebruik geneem. Dit was 'n wit hempie met 'n rolkraag en 'n serp. Voor op die hempie verskyn 'n musieknoot in die Universiteitskleure geborduur, met die woord UP-koor in swart letters daaronder. Die serp is vlootblou met dieselfde noot in wit daarop geborduur.

Van 1970 af het die koor jaarliks 'n baie druk program gehad. In Januarie 1972 is weer 'n studiereis onderneem, wat Amsterdam, Londen en Berlyn ingesluit het. Aan die begin van 1973 het die VSR besluit om sy betrokkenheid by die koor te laat vaar. Sedertdien dien daar nie meer VSR-lede in die bestuurs- en advieskomitee nie en het die Skakelafdeling die administrasie van die kooraktiwiteite waargeneem.

Wat finansies betref, het die koor daarin geslaag om selfonderhoudend te word. Hoewel die Universiteitsraad jaarliks vir die kooruitgawes begroot het, was daar in sommige jare 'n besparing op die begroting, terwyl die inkomste en uitgawes in ander jare geklop het. Koorlede het ook self bydraes gelewer deur die koop van musiekstukke, vir studienaweke en vir lang toere.

Aan die begin van 1975 is die eerste oorsese konserttoer onderneem. Dit was 'n geweldige hoogtepunt in die koor se geskiedenis en het uitvoerings in die volgende plekke ingesluit: Manchester, Cardiff en Londen in Brittanje; Dendermonde, Antwerpen en Harelbeke in België; Den Haag in Nederland; Münster in Wes-Duitsland; Bern in Switzerland. 'n Draai is ook in Oostenryk gemaak.

Die koor is oral vriendelik ontvang en het groot lof vir die gehalte van sy sang ontvang. In Münster het die koor met anti-Suid-Afrikaanse betogings te doen gekry, maar hulle ondanks die gejil van die betogers waardig gedra.

Aan die einde van 1975 het mnr. Theron as dirigent bedank en hy is in 1976 deur mnr. W.J.P. (Willem) van Tonder opgevolg. Onder sy leiding het die tweede oorsese konsertreis van die koor in Julie 1978 plaasgevind—dié keer na Suid-Amerika. Dit het optredes in Argentinië, Paraguay en Uruguay ingesluit, waar daar oral groot welwillendheid ondervind is.

Aan die einde van 1978 het mnr. Van Tonder bedank. Hy is aan die begin van 1979 deur prof. Petru Gräbe opgevolg. Hy was uitstekend vir dié taak toegerus. Nadat hy die MSc-graad aan UP verwerf het, het hy sy doktorale studie in Frankfurt-am-Main in Duitsland gedoen, waar hy terselfdertyd kooronderrig onder die vermaarde Europese komponis en koormeester Kurt Thomas ontvang het. Na sy terugkeer, het hy leier van die Pretoriase Seuns- en Meisieskore geword. Prof. Gräbe is van die begin van 1979 af van die helfte van sy pligte in die Departement Wiskunde onthef, sodat hy as deeltydse afrigter van die Universiteitskoor kon optree.

In 1979 het die Kultuurburo die verantwoordelikheid oorgeneem vir die reëlings in verband met optredes, oudisies, kursuskampe en die evaluering van die koor se optrede in sy jaarverslag. Onder prof. Gräbe se leiding het die koor van krag tot krag gegaan en groot lof ingeoes. Van Julie 1979 tot die einde van 1982 het die koor die volgende hoogtepunte beleef: Julie 1979, konserttoer deur Oos-Transvaal; April 1980, konserttoer deur Noordwes-Kaap; Mei 1981, deelname aan die Nasionale Republiekfeesvieringe te Durban; Junie 1981, konserttoer deur Verre Noord- en Noord-Transvaal; Desember 1981, konserttoer deur Taiwan; September 1982, optrede by die 100-jarige feesviering van die dorp Vryburg. By die jaarlikse uitnodigingskonsert in Augustus 1982 kon die nuwe rektor, prof. D.M. Joubert, in sy voorwoord in die program tereg sê: "Die Pretoriase Universiteitskoor het vir homself op hierdie kampus die plek van 'n juweel verower."

Die Kultuurburo se funksies in verband met die *UP-simfonieorkes* onder die leiding van prof. Henri Arends was soortgelyk aan dié rakende die koor: die reël van optredes, oudisies, kursuskampe en 'n evalueringsfunksie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die pasgestigte Simfonieorkes oefen onder die leiding van prof. Johan van der Merwe, 1973.

Die UP-simfonieorkes is reeds in 1972 onder die leiding van prof. Johan van der Merwe gestig. Prof. Van der Merwe se aanstelling was die eerste in 'n Musiekdepartement aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit waar orkesafrig- en dirigeerwerk 'n deel van die werkopdrag gevorm het. In Mei 1975 het prof. Henri Arends die dirigeerstok oorgeneem. Voor sy aanstelling aan UP, het prof. Arends etlike jare lank orkeste in Wes- en Oos-Europa gedirigeer. In Nederland het hy onder meer as hoofdirigent en musiekdirekteur van die Noord-Hollandse Filharmoniese Orkes en tweede dirigent van die Konsertgebouorkes van Amsterdam opgetree. Na sy koms na Suid-Afrika, het hy die Kaapstadse Simfonieorkes, die Nasionale Simfonieorkes van die SAUK, die TRUK-orkes en die Bloemfonteinse Simfonieorkes gedirigeer.

Die UP-simfonieorkes lewer jaarliks sedert 1981 'n uitnodigingskonsert in die Musaion, waartydens die rektor as gasheer optree. Gedurende 1981 het die orkes saam met die Wits-orkes enkele uitvoerings gelewer. Afgesien van musiekstudente, is daar studente uit alle studierigtings asook Universiteitspersoneel, vooraanstaande Pretoriase musici en musiekonderwysers wat in die orkes speel. Die orkes lê hom daarop toe om jaarliks twee konsertprogramme in te studeer en hy tree ook in teaters buite Pretoria op. As deel van die Afrikaanswordingfeesviering van die Universiteit, het die orkes op 1 September 1982 in die Musaion die wêreldpremière van die Kultuurburo se opdragwerk, *Concerto Burlesco* deur die Suid-Afrikaanse komponis Stefans Grové, uitgevoer. Sedert Mei 1984 word die orkes weer deur die Departement Musiek geadministreer.

Die Tukkieblaasorkes, sedert 1980 bekend as *Tuks-eufonia*, het ook dieselfde soort toesighoudende funksies geverg. Nadat 'n konserttoer in Julie 1981 deur dié groep onderneem is, het die belangstelling daarvoor skerp afgeneem. Omdat die musikale standaard daardie jaar onbevredigend was, en as gevolg van die gepaardgaande probleme, is daar in die tweede helfte van 1981 'n ondersoek gedoen om die behoefte aan die voortbestaan van so 'n orkes te bepaal. Die uiteinde van die saak was dat die projek weens 'n gebrek aan geskikte spelers en genoegsame belangstelling van studentekant gestaak is, en nie weer in 1982 voortgesit is nie. Oor die optredes, oudisies, ens. van die *Pretoriase Seuns- en Meisieskoor* het die Buro ingelyks toesig gehou. Dié koor het 'n belangrike funksie vervul, aangesien dit as voedingsbron vir die Universiteitskoor gedien het. Die koor is hoog aangeprys, veral ook tydens die 12de Internasionale Koorfees in Israel in 1981, waar dit saam met 42 ander kore oor die hele wêreld meegedoen het. Die koor het groot lof ontvang vir sy optrede in die opera Turandot van Puccini in 1982. Gedurende daardie jaar was die koor ook by drie TV-opnames betrokke.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Prof. Henri Arends dirigeer die Simfonieorkes in die Musaion.

Onder die *koorfeeste* waarby die Kultuurburo betrokke was, het getel Kuesta, die jaarlikse interuniversitêre koorfees van die ASB, waaraan kore van verskillende universiteite en kolleges op 'n nie-kompeterende basis deelneem. Dit is in 1980 as deel van UP se halfeeufeesviering op die kampus aangebied en is met 'n geslaagde gala-uitvoering in die UNISA-gehoorsaal afgesluit. Verder was die Buro ook betrokke by die ATKB-koorfees vir hoërskole in 1980, terwyl die nasionale uitdunne van dié kompetisie in 1982 in die Aula plaasgevind het. Die Buro het voorts in 1981 'n sangfees in samewerking met die Tonteldoosvolkspelelaer van UP aangebied, waaraan drie kore deelgeneem het. As gevolg van 'n baie besige feesjaar in 1980, toe die halfeeufees van Universiteitswording in 1930 gevier is, kon niks in dié verband daardie jaar geskied nie. Gedurende Mei 1981 het die planne in dié verband werklikheid geword toe 'n *orkesfees* op die kampus aangebied is. Die deelnemers was die Basuinblaasorkes onder die leiding van Naudé Burger, Tuks-eufonia onder die leiding van Murray de Villiers en die Pretoriase Kinderstrykorkes, met Hester Wohlitz as dirigent. Die popgroep Leatherbone het ook opgetree en die Universiteitskoor het as gaskunstenaars deelgeneem.

Die tweede been van die organisatoriese struktuur het 'n ewe bedrywige program gehanteer. By *amateurdramaverenigings* het die Buro in 1980 die eerste keer betrokke geraak toe dit, in samewerking met die Departement Drama, twee Leipoldt-aande in Mei in die Musaion aangebied het. In hierdie kategorie ressorteer ook die musiekblyspel *The Sound of Music*, wat in 1981 deur die Departement Spraakleer en Drama van die Potchefstroomse Universiteit vir CHO onder die beskerming van die Buro in die Aula aangebied is. Dié aanbieding, wat uiters gewild was, het deel gevorm van die poging van die Buro om hegter kultuurbande met ander Suid-Afrikaanse universiteite te bevorder. *Tuks '80* ressorteer onder hierdie been. Omdat daar, naas kore en orkeste wat onder die Kultuurburo se beskerming staan, 'n behoefte aan iets in ligte idioom was, is die stigting van 'n populêre ensemble in 1979 in beginsel goedgekeur. In 1980 kon so 'n vermaaklikheidsgroep geïnisieer word toe 'n begroting opgestel en ondersoek ingestel is na die nodige toerusting—tegnies en andersins. 'n Voorlopige beleid is bepaal en in 'n reglement beliggaam en die musiekregisseurspos is geadverteer. Mnr. Jannie du Toit is van Januarie 1981 af in die pos van assistent-skakelbeampte belas met die afrigting van Tuks '80 aangestel. Aan die begin van Maart 1981 is oudisies gehou, waarvoor 54 sangers en 11 instrumentaliste aangemeld het. Vyftien sangers en sewe instrumentaliste is in die eerste bestaansjaar van die groep opgeneem. Die algemene regie is waargeneem deur mnr Abrie le Roux van die Departe-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ment Drama. Twee klank- en twee beligtingstegnici het voltyds aan Tuks '80 se bedrywighede deelgeneem, terwyl drie verhooghelpers periodiek op 'n ad hoc-basis bystand aan die groep verleen het. Die première van die groep het groot waardering en positiewe kommentaar uitgelok—so ook die feit dat die produksie uitsluitend uit Afrikaanse liedjies bestaan het. In sy eerste bestaansjaar het Tuks '80 sewe keer opgetree. Sukses lei tot sukses, met die gevolg dat 91 sangers en 26 instrumentaliste in 1982 vir oudisies aangemeld het. Van hulle is 18 sangers en nege instrumentaliste uiteindelik gekeur. Met prof. Anna Neethling-Pohl as adviseur, het Tuks '80—of Tuks '82, soos dit teen dié tyd bekend was—in 1982 dertien vollengte-aanbiedinge en vyf verkorte aanbiedinge aangebied. Die groep is baie gunstig deur gehore en die pers ontvang.

Filmfeeste was nog 'n bedrywigheid wat onder dié afdeling tuisgehoort het. Gedurende 1980 is twee filmfeeste in die Aula aangebied. Hoewel nie as filmfeeste nie, is films ook onder die beskerming van die Kultuurburo in twee ander vorms aangebied: etensuurfilms en aanbiedinge deur die UP-filmvereniging. Met die eersgenoemde aktiwiteit is daar in 1981 begin toe 21 films, hoofsaaklik van dokumentêre aard, gedurende die etensuur op Dinsdae in die Aula vertoon is. Skole in die omgewing het ook by geleentheid senior skoliere gebring wanneer die inhoud van die film op hulle leerplanne van toepassing was. Weens 'n gebrek aan belangstelling, moes dié aktiwiteit in 1982 gestaak word nadat slegs vier vertonings plaasgevind het. Sedert 1981 het die UP-filmvereniging ook gereeld op Woensdae films van buitengewone hoë kunsgehalte in die J.J. Theronsaal op die ooskampus vertoon. *Vriende van Truk* is 'n klub wat in Mei 1979 op inisiatief van die Kultuurburo tot stand gekom het. Die doel daarvan was om 'n diens aan die Universiteitspersoneel te lewer deur Trukaanbiedinge op die kampus onder die aandag te bring en kaartjies beskikbaar te stel. Aangesien Truk van 1981 af met die ingebruikneming van die Staatsteater Pretoria nie meer van die Aula gebruik gemaak het nie, het die klub gevolglik van 1981 nie meer gefunksioneer nie.

By die aanbied van *operettes* het die Kultuurburo die eerste keer in 1980 betrokke geraak toe *Die Sigeunerbaron* van Johann Strauss deur UKJA (Universiteitsoord-Kerkjeugaksie) aangebied is. Dit was 'n pragtige voorbeeld van 'n geslaagde aanbieding deur studente vir studente. As gevolg van die groot sukses daarvan, is dié operette weer in 1981 opgevoer. In 1982 was dit die beurt van die musiekblyspel *Oklahoma*, wat deur die Universiteitsoordgemeente onder die beskerming van die Kultuurburo op die planke gebring is.

Kunsuitstallings het 'n ander belangrike funksie van die kultuurburo uitgemaak. Die Kultuurburo het in 1981 bystand verleen met twee kunsuitstal-

Onthulling van Afrikaanswordinggedenkplaat in die Musaion, Oktober 1982. Links is die Rektor, prof. D.M. Joubert, en regs die Kanselier, dr. H. Muller.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

lings wat deur die Departement Kunsgeskiedenis in die uitstallokaal van die Departement Argitektuur aangebied is: een van die Everardgroep en een deur Helen Dijkstra. Voorts het die Universiteit van Natal in Augustus 1981 onder die beskerming van die Buro 'n keramiekuitstalling aangebied. In Maart daardie jaar het die Buro in medewerking met 'n Johannesburgse kunsgalery 'n uitstalling van hedendaagse plakkaatkuns op die kampus gereël. In 1982 was die Buro verantwoordelik vir 'n uitstalling deur drie bekende Pretoriase kunstenaars met die Suid-Afrikaanse landskap as tema. Verder was die Buro in 1982 betrokke by 'n uitstalling van werke van 'n aantal vermaarde Suid-Afrikaanse kunstenaars, 'n Ikebana-uitstalling, 'n stokperdjie-uitstalling en 'n tentoonstelling van kunswerke deur personeel en studente van UP.

Die Kultuurburo was ook gemoeid met die toesig oor en vertoning van die *kunsbesit van die Universiteit*. Gedurende 1980 is 'n uitstalling van 'n keur uit dié kunsbesit as deel van die halfeeufees van UP in die Rautenbachsaal gehou, waarby die Buro ook betrokke was. Weens die omvang van die Universiteit se kunsversameling en die gebrek aan 'n doelmatige permanente uitstalruimte is die werke oor die kampusse heen versprei in kantore, ens. Van die waardevolste werke in die versameling is in bruikleen by die Pretoriase Kunsmuseum en enkele werke word in die Departement Kunsgeskiedenis se kunsargief geberg. In 1982 is 'n reorganisasie van die kunsbesit teweeg gebring toe vier komitees aangewys is om na die beeldende kunste om te sien—'n oorhoofse komitee, wat die beleid bepaal en beheer uitoefen, onder die voorsitterskap van die rektor, prof. D.M. Joubert; 'n subkomitee : Wisselende Uitstallings, met prof. N.O. Roos, hoof van die Departement Beeldende Kunste, as voorsitter; 'n subkomitee : UP-Kunsbesit, Van Tilburgversameling en Anton van Wouwhuis, met prof. F.G.E. Nilant, hoof van die Departement Kunsgeskiedenis, aan die spits; en 'n subkomitee : Departementele Uitstallings (Volkekunde, Argeologie, ens.), onder die voorsitterskap van prof. P.G. Nel, hoof van die Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis. By elkeen van hierdie komitees was die direkteur van die Kultuurburo as koördineerder van subkomitees betrokke en 'n personeellid van die Buro het ook in 'n sekretariële verband diens gedoen.

Die *B_3M-projekte* (die benaming is afgelei van die drie *b's* en die *m* in die sinsnede: die *b*evordering van die *b*elange van *b*innelandse *m*usici) het ook sedert 1979 op die pligstaat van die Kultuurburo voorgekom. Die breë doelstellings daarmee was om belowende jong Suid-Afrikaanse kunstenaars 'n geleentheid vir openbare optrede te bied. Gedurende 1979 was daar 11 sulke aanbiedinge op die kampus. Aansluitend daarby, is 24 etensuurkonserte as B_3M-projekte aangebied. In 1980 was daar 'n totaal van 42 etensuur- en aandkonserte onder die beskerming van die Kultuurburo en in 1981 was daar 35 sulke aanbiedinge. Dié jaar is daar besluit om die benaming B_3M-projek, wat hoofsaaklik aan die aandprojekte gekoppel was, te laat verval. Sedert 1982 het aandkonserte plaasgevind met 'n byskrif op die program dat die uitvoering plaasvind as deel van die Kultuurburo se beleid om vir jong Suid-Afrikaanse uitvoerende en skeppende kunstenaars 'n verhoog te skep. Een van die vereistes wat gestel word, is dat uivoerende kunstenaars minstens een werk van 'n Suid-Afrikaanse komponis in die program moet insluit.

Etensuur- en aandkonserte is reeds hierbo onder B_3M-projekte genoem. Afgesien daarvan, het die Kultuurburo ook sedert 1981 ander etensuurkonserte op Donderdae aangebied. In 1980 was een so 'n konsert reeds geweldig suksesvol en gewild. Dit was 'n lente-etensuurkonsert waarin die UP-Koor en die Suid-Afrikaanse Lugmagorkes opgetree het, terwyl daar ook samesang van lenteliedjies was. Vier en twintig konserte is in 1981 op Donderdae aangebied en twee op Sondagmiddae. Dié konserte het aan sowel jong Suid-Afrikaanse kunstenaars as aan ervare kunstenaars geleentheid tot optrede gebied. Terselfdertyd het groepe opgetree wat deur die Kultuurburo geadministreer word, soos die genoemde Universiteitskoor, die UP-simfonieorkes en Tuks '80. Die 25 etensuurkonserte van 1982 het 'n spesiale konsert vir eerstejaarstudente en hulle ouers op Ouerdag ingesluit. Spesiale konserte is ook in dié jaar met die oog op Paasfees, Republiekdag en die vyftigjarige viering van die Afrikaanswording van die Universiteit aangebied. Sewentien aandkonserte het in 1982 onder die beskerming van die Kultuurburo plaasgevind. Twee spesiale aandkonserte het deel van die Afrikaanswordingviering uitgemaak en by een geleentheid het die Nasionale Simfonieorkes van die SAUK in die Aula opgetree. Op 8 September 1982 is 'n Afrikaanse Kunsliedaand in die Musaion gehou, wat uit sang-, klavier- en voordragitems bestaan het. By dié geleentheid is twee werke wat spesiaal met die oog op die Afrikaanswording gekomponeer is; vir die eerste keer uitgevoer. Dit was *Aan die Noordweste* (in volksliedidioom) van Chris Lamprecht en *Vyf liedere op tekste van Ingrid Jonker* deur Stefans Grové.

Alle sake rakende die organisasie en publisiteit vir die *Mimi Coertse-beurskompetisie* is ook in 1980 deur die Kultuurburo gehanteer. Dié pligte het die nodige reëlings vir die keuring van kandidate vir die beurs en die aanbied van 'n finalistekonsert ingesluit. Die Buro het sedert 1979 jaarliks soortgelyke verpligtinge ten opsigte van die *Pretorium Trust-beurs* nagekom. Voorheen is dié funksie deur die Toonkunsakademie vervul. Dit is elke jaar deur 'n konsert deur die beurswenners afgesluit.

Departementele en fakulteitsprojekte is jaarliks met die samewerking van die Kultuurburo uitgevoer. In 1979 was daar die Romeins-Italiaanse Kultuurfees, Festa Romana, wat deur prof. D.M. Kriel van die Departement Latyn aangebied is. Die Kultuurburo het die organisasie in samewerking met die departemente Argitektuur, Drama, Kunsgeskiedenis, Huishoudkunde en die Toonkunsakademie behartig. Ander medewerkers was die UP-filmvereniging, Regstudentehuis, die Merenskybiblioteek, die Klassieke Vereniging van Suid-Afrika en Truk. Italiaanse etes is selfs deur die Departement

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Huishoudkunde as deel van die fees aangebied. In 1980 is daar in samewerking met die departemente Drama, Beeldende Kunste en Musiek twee Leipoldtaande en 'n uitstalling van studentekuns gereël. Die Buro was ook behulpsaam met die publisiteit vir 'n uitstalling van bekende Transvaalse beeldhouers, een van oudstudente van Departement Beeldende Kunste en een van personeel van dié departement. 'n Spesiale Fees-simfoniekonsert, as deel van die vyftigjarige feesviering van UP, is ook, met doserende personeel van die Toonkunsakademie as gaskunstenaars, in die Aula aangebied. In 1981 is daar met die medewerking van die Departement Drama twee huldigingsaande gehou waartydens Jochem van Bruggen en D.F. Malherbe se honderdste geboortejaar herdenk is. 'n Uitnodigingskonsert bestaande uit kamermusiek, koorsang en ensemblewerk deur studente van die Toonkunsakademie het ook in dié jaar plaasgevind. As deel van die vyftigjarige feesviering in 1980, is 'n baie geslaagde *fotografie-uitstalling* van UP-personeel en oudstudente in die Van Wouwhuis gehou.

Reklame vorm deel van die vierde en laaste been van die organisatoriese struktuur van die Kultuurburo. Hoewel dit hier laaste behandel word, moet die belangrikheid van dié funksie nie onderskat word nie: die gehalte van enige kultuuraanbieding kan hoé goed wees, maar as daar nie behoorlik reklame daarvoor gemaak word nie, kan dit misluk en sy trefkrag verloor omdat dit te min mense bereik. Eerstens het die Buro hierdie taak deur middel van *inligtingsbrosjures* aangepak. In dié verband is 'n kunsversendingslys bygehou waarop die name van lede verskyn het. Hulle het gereelde sesmaandelikse lyste ontvang waarin die beplande kunsuitstallings en ander gebeure onder hulle aandag gebring word. Dit het teen 1980 die vorm aangeneem van 'n sesmaandelikse kultuurprogram, waarin al die amptelike kultuurbedrywighede op die kampus gekoördineer en aangedui is. Hierdie programme is ook onder personeel en studente versprei. Teen 1982 is meer as 6 000 programme uitgestuur. 'n Lys gaste wat na die Van Wouwhuis-uitstallings genooi word, is bygehou en stelselmatig uitgebrei. Ander inligtingsbrosjures wat in 1980 deur die Kultuurburo opgestel en versprei is, was 'n eenmalige brosjure oor die kore en orkeste van die Universiteit en 'n inligtingsbrosjure oor die Kultuurburo self. Die laasgenoemde is in 1981 hersien en aan ander Suid-Afrikaanse universiteite gestuur. Omdat dié brosjure mettertyd inligting oor oudisie- en repetisietye van kore, orkeste en Tuks '80 (ook Tuks '81 en Tuks '82) bevat het, is dit sedert 1981 tydens oriëntering aan alle nuwelingeerstejaarstudente uitgedeel. 'n Ander brosjure wat sedert Augustus 1980 gereeld uitgegee is, was 'n maandplakkaat wat inligting oor 'n betrokke maand se kultuurbedrywighede verstrek het. Hierdie kleurvolle plakkate is op alle departementele en afdelingskennisgewingsborde geplaas, asook op alle buitekampusse, by koshuise, by besigheidsondernemings in die nabyheid van die hoofkampus, en by enkele ander buite-instansies, soos die Kunsmuseum, Munitoria en die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging. Individuele straatplakkate is ook laat druk om bepaalde funksies te adverteer, terwyl strooibiljette ook hiervoor aangewend is. Met die pers, radio en TV het die Kultuurburo gereeld geskakel om wyer publisiteit te verseker. Wat die pers betref, is die samewerking verkry van Pretoria se dagblaaie en van *Die Perdeby*, terwyl *Tukkie-Werf* ook gereeld bydraes oor die Kultuurburo se aktiwiteite geplaas het. Inligting van hierdie aard is ook in sekere radioprogramme verskaf, terwyl televisie-opnames by verskeie geleenthede van optredes van die Universiteitskoor en ander aanbiedinge van die Kultuurburo gemaak en uitgesend is. Dié wye publisiteit het beslis 'n bydrae gelewer tot die betrokkenheid van studente en die algemene publiek by die kultuuraktiwiteite op die kampus. Baie van die reklame-aksies en aanbiedinge van die Kultuurburo sou haas onmoontlik gewees het as daar nie gereeld *kontak met kunstenaars* uit studente- en veral oud-studentegeledere was nie. Enersyds het die Buro as gevolg van sy projekte met dié kunstenaars kontak gehad, maar andersyds is daar ook inisiatief in dié verband aan die dag gelê toe daar in 1981 'n begin gemaak is met 'n omvattende adreslys van sowel Suid-Afrikaanse kunstenaars as belowende studente.

Wat *hulpverlening aan en betrokkenheid by studente-aanbiedinge* betref, kan eerstens die talentkompetisie genoem word, waarby die Buro die eerste keer in 1980 gemoeid geraak het. By dié jaarlikse kompetisie word daar in 'n hele aantal verskillende kategorieë deelgeneem. Met behulp van die Kultuurburo is daar op dié wyse talle belowende uitvoerende en ander kunstenaars "ontdek" en aangemoedig. Bystand aan KuKu (die VSR se Subkomitee vir Kuns en Kultuur) was 'n ander belangrike wyse van hulpverlening aan die studente. In 1980 is daar vir die eerste keer op versoek van KuKu deur die Kultuurburo oor die volgende projekte vakkundige hulp verleen: die UP-liedkompetisie, die Ienkkonsert, die Interhuiskoorkompetisie, die Serenadekompetisie en allerlei ander aanbiedings, soos letterkunde-aande en funksies wat gereël is deur die damesvereniging *Finesse*. By geleentheid is daar spesiale pogings aangewend om die skakeling met en betrokkenheid van studente by kulturele aanbiedings op die kampus te bevorder. Een so 'n voorbeeld was 'n aanbieding van 'n Lina Spies-aand in samewerking met Finesse in 1980 waar dié digteres 'n insiggewende en goed bygewoonde lesing gegee het.

Die vierde been van die Kultuurburo se organisatoriese struktuur is *administrasie*. Al die voorgenoemde aktiwiteite sou nie moontlik gewees het as daar nie iemand was wat versendingslyste op datum gehou, spesiale feesbydraes versorg en die finansiële administrasie van die Buro behartig het nie. Dit is werk wat nie in die kalklig kom nie, maar wat onontbeerlik vir die funksionering van die Buro was. Onder spesiale feesbydraes kan hier verwys word na die uitstallings, uitvoerings, ens. as deel van die Universiteit se vyftigjarige feesviering in 1980 en die Afrikaanswordingviering in 1982, wat tevore reeds genoem is. Afgesien daarvan, het die Buro selfs by feesvieringe buite die Universiteit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

betrokke geraak. In 1980 was daar twee sulke gevalle : die eeufeesvieringe van die dorpe Ermelo en Bethal onderskeidelik. In albei gevalle het kunstenaarsgroepe van die Universiteit deur die Buro se bemiddeling aan die feesvieringe deelgeneem. In Ermelo se geval is die verrigtinge selfs opgeluister deur 'n vertoning van trompoppies en 'n trapkarwedren deur studente.

As daar na die veelheid van funksies, uitvoerings en ander aanbiedinge waarby die Kultuurburo in die jare 1979 tot 1982 betrokke was, gekyk word, kan daar kwalik oor die wysheid van die instelling van die Buro getwyfel word. 'n Ander belangrike maatstaf van die sukses van die Buro is die bywoningsyfers van funksies op die kampus. Die jaarlikse bywoningsyfers van funksies in die Aula, die Musaion en die Amfiteater van 1979 tot 1982 is soos volg: 77 763, 72 292, 75 306 en 74 594.

Hieruit is dit duidelik dat die Buro daarin geslaag het om die betrokkenheid van studente en die publiek by kultuuraanbiedinge konstant hoog te hou. Die konstantheid daarvan verkry addisionele betekenis as daar in aanmerking geneem word dat 1981 die jaar was waarin die Staatsteater in die stad geopen is, met die gevolg dat Truk van dié jaar af nie meer van die Universiteit se teaters gebruik gemaak het nie. Die Buro het klaarblyklik daarin geslaag om dié leemte te vul. Dit is vermag omdat die deelname aan en die bywoning van aanbiedinge deur studente dramaties toegeneem het. Dit is weer op sy beurt deur effektiewe reklame en die aanpassing van programinhoud moontlik gemaak.

(Die Van Wouwhuis- en Van Tilburgversamelings word in die volgende hoofstuk behandel.)

Skakeldienste en die Buro vir Openbare Betrekkinge

Die geskiedenis van skakeldienste aan die Universiteit gaan terug tot 1952 toe mnr. C.H. (Bags) Cilliers in die nuutgeskepte pos van skakelbeampte bevorder is. Die vernaamste oogmerk met die instelling van die pos was om fondsinsameling te bevorder vir die groot kapitaalfondse wat vir die uitbreiding van die Universiteitsfasiliteite nodig was. Addisionele pligte het ingesluit die bevordering van die doelstellings van die Oudstudentebond, die behartiging van publisiteitswerk en hulpverlening met die reëling van funksies, veral dié met die oog op fondsinsameling. Omdat die funksies veral skakeling met oudstudente behels het, was mnr. Cilliers besonder goed daarvoor toegerus, want sedert die einde van 1944 was hy eresekretaris van die Oudstudentebond.

As inligtingsorgaan vir oudstudente en die algemene publiek is *Skakelblad* sedert 1954 gepubliseer. Reeds in 1957 het dit 'n oplaag van 11 500 gehad waarvan 5 000 eksemplare aan oudstudente gestuur is. Geleidelik is daar meer uitgawes per jaar gepubliseer. In 1959 was daar vyf uitgawes, maar die volgende jaar is dit na drie verminder en in 1961 het dit op twee uitgawes gestabiliseer. In 1966 het die eerste drie uitgawes van 'n Engelstalige weergawe van Skakelblad, naamlik *Link-UP*, hulle verskyning gemaak. Dit is veral aan Engelssprekende sakemanne gestuur. Spesiale uitgawes van *Skakelblad* is periodiek gepubliseer. So byvoorbeeld is die uitgawe van Mei 1970 gewy aan die uittredende rektor, prof. C.H. Rautenbach, en die Septemberuitgawe van daardie jaar aan die buitemuurse afdeling van die Universiteit, terwyl die 1981-uitgawe opgedra is aan prof. E.M. Hamman, wat aan die einde van daardie jaar die tuig neergelê het. Die Universiteitsraad het besluit dat daar van 1975 af net een uitgawe per jaar van dié blad sou verskyn.

Na die opening van die Aula in 1958, het die pligte van die Skakelafdeling toegeneem. 'n *Aulakomitee* is die volgende jaar in die lewe geroep, wat toesig gehou het oor die aanwending van die Aula vir kulturele en ander bedrywighede en waarvan die sekretariaat deur die Skakelafdeling behartig is. Hierbenewens moes dié afdeling ook verantwoordelikheid aanvaar vir die praktiese reëlings in verband met Aula-aanbiedings, soos parkering, die aanwys van plekke, die versorging van verhoogapparaat, ens. Hierdie verpligtinge het meegebring dat personeellede van dié afdeling dikwels sonder betaling buite die gewone werksure diens moes doen.

Verskeie ander pligte het ook in die vroeë sestigerjare bygekom. Die afdeling moes dokumentêre en publisiteitsfoto's neem wanneer die dienste van professionele fotograwe nie beskikbaar was nie. Verder was daar veelvuldige pligte verbonde aan die organisering van die jaarlikse besoekersdag: teen 1963 het die skakelbeampte gerapporteer dat twee van sy personeellede byna twee maande moes werk aan die voorbereidings om dié dag se funksies vlot te laat verloop. Die Skakelafdeling het ook die taak op hom geneem om twee plakboeke by te hou, naamlik een vir die belangrikste berigte oor die verhoogkunste en 'n tweede vir algemene berigte oor die Universiteit. Voorts moes vyf afsonderlike adreslyste op datum gehou word, naamlik dié vir donateurs, konvokasielede, kunsliefhebbers, lede van die Bond van Oudstudente en ontvangers van *Skakelblad*. 'n Verdere funksie was die hantering van die reëlings in verband met besoekende akademici.

Die belangrikste funksie van die Skakelafdeling was nog steeds fondsinsameling. Teen 1965 het die personeel aangegroei tot sewe, bestaande uit die volgende poste: skakelbeampte (mnr. Cilliers), hooffondsinsamelingsbeampte, fondsinsamelingsbeampte, assistent-fondsinsamelingsbeampte, administratiewe beampte, senior tikster en 'n tikster. Die drie fondsinsamelingsposte en dié van admini-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

stratiewe beampte het in 1964 tot stand gekom as gevolg van die loodsing van 'n fondsinsamelingsaksie in daardie jaar. Met die stigting van *Punivfonds* in 1964 is daar aan die fondsinsamelingsfunksie gestalte gegee. Dit was 'n ontwikkelingsfonds waarvan die mikpunt aanvanklik op R5 miljoen gestel is, wat soos volg aangewend sou word: 30% aan kapitaalbenodigdhede, die rente op 40% daarvan aan navorsing, en die rente op 30% daarvan aan lenings en beurse. Hoewel 'n vaste tydperk vir die insameling nie gestel is nie, is daar tog in terme van 'n tienjaarprojek gedink. Die tema vir die fonds was: "Belegging in die Wetenskap, in Kennis en Bedrewenhede, wat 'n belegging in Mense is, lewer die hoogste dividende in enige gemeenskap." Op 31 Desember 1964 het die fonds reeds op R493 050 gestaan. Tien jaar nadat die fonds geloods is, op 31 Desember 1974, was die oorspronklike mikpunt verbygesteek en is 'n bedrag van R7 109 553,81 in die vorm van toeseggings en kontant ontvang. Teen 1979 het dit op R11 721 106 te staan gekom. Hierdie bedrae het toeseggings en skenkings ingesluit wat vir spesifieke projekte bedoel was. Voorbeelde hiervan is die leerstoele in Natuurbewaring, Waterbenuttingsingenieurswese, Landskapsargitektuur, Mikro-elektronika, Musiek en Dramatologie, Metallurgiese Ingenieurswese en die Eugéne Marais-leerstoel in die Departement Dierkunde, asook die institute vir Perdefisiologie, Tipologie van Sosiale Stelsels, Strategiese Studies, Navorsing oor Plurale Samelewings, Soogdiernavorsingsinstituut, die Buro vir Finansiële Analise, ens.

As gevolg van die toenemende pligte van die Skakelafdeling is die pos van die hoof in 1969 opgegradeer van skakelbeampte na hoofskakelbeampte. Die ander poste se benamings is in dié jaar ook gewysig na skakelbeampte (fondsinsameling), adjunk-skakelbeampte en assistent-skakelbeampte. Die hergraderings was nie om dowe neute nie, want in 1969 het die pligte van die afdeling nog verder toegeneem deurdat ook die verantwoordelikheid vir die administrasie van die Universiteitskoor daaraan toegewys is. Die hoofskakelbeampte was die voorsitter van die bestuurskomitee van die koor en die Skakelafdeling moes alle praktiese reëlings vir oudisies van die koor en die optredes daarvan behartig. In 1970 het die koorleier, mnr Adolf Theron, as voltydse koorleier in die diens van die Skakelafdeling getree.

Nog 'n verantwoordelikheid het in 1970 vir die Skakelafdeling bygekom met die verskyning van 'n addisionele publikasie. Die Universiteitsraad het in 1969 besluit dat, aangesien daar 'n toenemende behoefte bestaan om personeellede op hoogte te hou van interne aangeleenthede, die uitgee van 'n interne skakelblad wenslik was. 'n Bedrag is gevolglik daarvoor begroot en die publikasie daarvan is aan die Skakelafdeling opgedra. Die blad het die titel *Eie Werf* ontvang en die eerste drie uitgawes, met 'n oplaag van 1 200, het onderskeidelik in Maart, Junie en Oktober 1970 verskyn. Die redaksionele verpligtinge in verband met die tydskrif is in die geheel deur die Skakelafdeling behartig. In 1975 is die titel van die blad na *Tukkie-Werf* verander en het dit maandeliks agt keer per jaar gedurende die akademiese jaar verskyn. Die rede vir die verandering was die gevoel dat daar 'n behoefte was aan 'n kampuskoerant wat meer gereeld verskyn en wat die jongste nuus in 'n aantreklike vorm sou aanbied, onder andere deur groter gebruik van fotomateriaal. Omdat daar naas die personeellede ook talle oud-Tukkies en weldoeners is wat net so 'n groot belangstelling het in wat op die Universiteitswerf aangaan, is daar besluit om die publikasie ook te stuur aan alle persone wie se name op die versendingslys van *Skakelblad* verskyn.

'n Addisionele publisiteitsfunksie van die Buro, wat met publikasies as sodanig verband hou, was die verskyning sedert 1976 van 'n weeklikse kampuskalender onder die titel *Tukkie-Werf se Week*. Dit het verskyn in die vorm van 'n foliogrootte gekleurde vel papier wat weekliks op dosyne verspreidingspunte op al die kampusse van die Universiteit aangebring word, terwyl kopieë ook aan die Pretoriase koerante en die SAUK gestuur is. Die kalender het 'n kernopsomming van al die belangrikste gebeurtenisse op die kampus bevat. Dit was gelyktydig 'n publisiteits- en inligtingsmedium en het items oor die administratiewe kalender, sport, die projekte van die VSR, huise en verenigings, die Aula, die Musaion en die Van Wouwhuis en ander sake van 'n kulturele aard, asook nuus van fakulteite, departemente en die Studentediensburo, bevat.

Sedert 1969 het die administrasie van die Pretoriase Kinderkoor ook 'n deel van die Skakelafdeling se verantwoordelikhede gevorm. Mnr. C.H. Cilliers het 'n reuse-aandeel aan die stigting van die koor gehad, maar om so 'n onderneming aan die gang te hou, het die een of ander vorm van sekretariële bystand vereis. Daarom is die koor, waarvan prof. Petru Gräbe die leier was, onder die beskerming van die Skakelafdeling geplaas en is 'n personeellid van dié afdeling op 'n deeltydse grondslag afgestaan om met die administratiewe verpligtinge behulpsaam te wees. Teen 1974 was daar reeds twee personeellede by hierdie sekretariële werksaamhede betrokke.

Wat die uitvoerende kunste betref, is 'n derde verpligting in 1972 by die Universiteitskoor en die Kinderkoor gevoeg, nl. toesig oor die administrasie van die UP-blaasorkes. Die blaasorkes het tot stand gekom nadat 'n ondersoekkomitee in 1971 die moontlikheid van die stigting van so 'n orkes ondersoek het. Die Raad het sy seën oor die plan uitgespreek en geld vir die aankoop van instrumente beskikbaar gestel. In September 1972 is die blaasinstrumente in ontvangs geneem en die volgende maand is daar oudisies gehou, waartydens 14 orkeslede gekies is. Dié getal het een professor en verskeie ander dosente ingesluit. Daar is besluit dat die orkes op dieselfde wyse as die Universiteitskoor bestuur moes word. Gevolglik is 'n bestuurskomitee aangewys, waarvan die hoofskakelbeampte die voorsitter was. Weer was die Skakelafdeling ten nouste met die beheer en organisasie gemoeid.

Teen die vroeë sewentigerjare het die funksies

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die Skakelafdeling gevolglik al geweldig uitgebrei. Die vier onderafdelings wat in dié verband onderskeibaar was, was nog steeds dieselfde, naamlik: publisiteit, alumni-aangeleenthede, uitvoerende kunste en fondsinsameling. Binne hierdie raamwerk het die werksaamhede egter onherkenbaar toegeneem. Publisiteit het, byvoorbeeld, behels die hantering van besoekers, ouerdae, werkgewersdag ('n geleentheid waar werkgewers uitstallings opstel en inligting oor moontlike loopbane aan studente beskikbaar stel), advertensies, publikasies en sosiale geleenthede en onthale. Wat sosiale geleenthede alleen betref, het die afdeling die volgende pligte gehad: die uitnooi van die gaste; die opstel van 'n lys aanwesiges nadat antwoorde ontvang is; die bespreking van die verloop van die program met die persoon wat die funksie aanbied; die verkryging van rektorale goedkeuring vir die program; die versorging van die druk van die program; die opstel van 'n begroting en die voorlegging daarvan aan die registrateur (Finansies) vir goedkeuring; die uitwerk van die plasing van eregaste; die versorging van die luidsprekers en klankapparaat; die verkryging van kwotasies vir verversings en die tref van reëlings met die spysenier; die aangaan van reëlings met die terreinverkeersmanne vir parkering; en skakeling met die nuusmedia vir publisiteit.

Alumni-aangeleenthede het ook reeds meer as net die sekretariële verpligtinge in verband met die Bond van Oudstudente en saamtrekke behels. Afgesien van 'n Oud-Tukkiehengelklub het gholfkompetisies reeds 'n instelling geword. Reeds in 1964 het mnr. Cilliers die Oud-Tukkiegholfklub gestig, wat jaarliks 'n hoogtepunt beleef het met 'n wedstryd teen 'n span Oud-Maties. Teen 1978 het die Universiteitsraad 'n pos vir alumni-organiseerder geskep en dit is in 1979 gevul.

Uitvoerende kunste het as vertakking van die afdeling se werksaamhede nie alleen behels alle reëlings in verband met uitvoerings in die Aula, die Musaion en die Amfiteater nie, maar ook die sekretariële werk rakende die Universiteitskoor en die Kinderkoor en alle uitstallings. Daarby was die oorspronklike funksie waarvoor die Skakelafdeling ingestel was, naamlik fondsinsameling, teen die sewentigerjare 'n baie ingewikkelder taak as vroeër, wat steeds intensiewer bearbeiding en vars benaderings vereis het.

As gevolg van hierdie steeds toenemende verpligtinge is die pos van hoof van die Skakelafdeling in 1972 opgegradeer van hoofskakelbeampte na direkteur van Openbare Betrekkinge. In 1971 is daar begin met die aanstelling van buitepersone op 'n tydelike grondslag as skakelbeamptes. Die gedagte was dat hierdie tydelike skakelbeamptes hulle vir welwillendheid teenoor die Universiteit in hulle woonomgewings moes beywer, skenkings moes verkry en hulle veral daarop moes toespits om persone te beïnvloed om in hulle testamente bemakings aan die Universiteit te maak. Hierdie persone is op 'n vertroulike grondslag aan die Skakelafdeling verbind. In 1974 is 'n voltydse fondsinsamelingskantoor, wat in 1973 goedgekeur is, in die hartjie van Johannesburg geopen. Dié kantoor het aanvanklik onder die bestuur van mnr. J. Metz gestaan en was bedoel om regstreekse kontak met oud-studente en ander potensiële skenkers aan die Witwatersrand te bewerkstellig. 'n Bevorderingskomitee van gesiene oud-Tukkies aan die Witwatersrand is ook aangewys om mnr. Metz se hand te sterk. Later is die teikengebiede van die Johannesburgse kantoor uitgebrei om, afgesien van die Witwatersrand, ook die Vaaldriehoek, en die Durbanse, Kaapstadse en Port Elizabethse metropolitaanse gebiede in te sluit.

Teen 1975 het die Skakelafdeling op kunsgebied nog 'n verantwoordelikheid bygekry deur sy betrokkenheid by die Van Wouwhuis. Hierdie huis, oorspronklik die eiendom van die bekende beeldhouer, Anton van Wouw, is deur dr. Anton Rupert namens die Rembrandt-tabakkorporasie gekoop en op 21 Mei 1974 amptelik aan die Universiteit oorhandig om as 'n tuiste vir 'n versameling Van Wouw-werke en as kunssentrum in die algemeen te dien. 'n Beheerkomitee is aan die einde van daardie jaar in die lewe geroep, waarvan die direkteur van Openbare Betrekkinge die ondervoorsitter was en 'n lid van dié afdeling die sekretaris. Die komitee het gereeld vergader om oor die fisiese versorging van die gebou, die kuratorskap en spesiale uitstallings te beraadslaag en het jaarliks aan die Raad verslag gedoen. In 1977 het ook die J.A. van Tilburgbeheerkomitee onder die beheer van die Skakelafdeling ingeskakel. Weer was die direkteur van Openbare Betrekkinge 'n lid van die beheerkomitee wat moes beslis oor aangeleenthede soos die huisvesting van die versameling, veiligheidsmaatreëls by die uitstalling van items, die opstel van 'n begroting, ens. Verder moes die komitee ook oorhoofs toesig hou oor die katalogisering van die versameling en die periodieke uitstalling van items in die Van Wouwhuis.

Reeds teen 1975 het die Skakelafdeling se funksies al so toegeneem dat 'n personeel van 16 mans en 11 dames daarvoor nodig was. Hierdie vermeerdering in verantwoordelikhede het dit nodig gemaak om die funksionering en strukturering van die afdeling te heroorweeg. Twee verslae van 1975 was die direkte aanleiding tot die sodanige heroorweging. Die eerste was gedateer 9 Junie 1975 en is opgestel deur mnr. Adolf Theron, assistent-skakelbeampte (Sang en Musiek). Hy het die waarneming gemaak dat die musieklewe op die kampus in die sewentigerjare sowel 'n gedaanteverwisseling as 'n groeiproses ondergaan het. Wat die gedaanteverwisseling betref, het 'n posisie ontstaan waar die aktiewe deelname van die studente hoofsaaklik in twee vertakkinge uitdrukking gevind het—enersyds deur verenigings wat gereelde toere onderneem waarin musiek 'n rol speel, asook koshuiskore, en andersyds deur verteenwoordigende musiekbedrywighede wat die hele studentegemeenskap raak, en waarby veral die Aulakomitee en die Toonkunsakademie betrokke was. Dit het hoofsaaklik die Universiteitskoor, die Pretoriase Kinderkoor en die Tukkie-blaasorkes gegeld, terwyl die UP-simfonieorkes, wat in 1972 gestig is, weer onder die toesig van die Departement Musiek gestaan het. Mnr. Theron se aanbeveling

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

was dat al vier laasgenoemde instansies formeel onder die Universiteit se finansiële en organisatoriese beskerming geplaas moes word, en dat hulle onder 'n "Direktoraat vir Studentemusiek" moes ressorteer. Aan die hoof daarvan moes 'n direkteur van Studentemusiek staan. Die funksies van die direktoraat sou insluit die administrasie van alle amptelike musiekgroepe, raadgewende beheer oor verenigings wat musiekuitvoerings onderneem, en die beskikbaarstelling uit eie geledere, of andersins, van afrigters en dirigente.

Die tweede memorandum van 1975 is opgestel deur mej. Ansie de Swart, voorsitster van die portefeulje Uitvoerende Kunste in die Studenteraad. Sy het betoog dat daar sedert die ontbinding van die oorkoepelende studentekunsvereniging *Pro Arte* in 1970, 'n groot getal losstaande gespesialiseerde verenigings bestaan het wat hulle vir uitvoerende kunste beywer het, en dat daar 'n behoefte aan kommunikasie en koördinasie tussen dié groepe was. Sy het voorgestel dat 'n Buro vir Studentekuns aan UP tot stand gebring moet word. So sou die organisasie van die Universiteitskoor en orkeste doeltreffender kon geskied, sou professionele hulp aan die studente gebied kon word in afrigting, produksiewerk, ens., sou beheer oor die gehalte van toergroepe uitgeoefen kon word, sou beter koördinasie tussen groepe bewerkstellig kon word, sou reklame doeltreffender behartig kon word, ens.

Die twee memoranda, dié van mnr. Theron en mej. De Swart, is bespreek op 'n vergadering van die Skakelkomitee: Rektor—VSR. Daar is besluit om albei stukke vir voorlopige verdere oorweging te verwys na die rektor, die vise-rektor en die Skakelafdeling. In November 1975 het die rektor gevolglik 'n uitvoerige memorandum voor die Raad gelê waarin die ontwikkeling van die Skakelafdeling sedert 1952 in oënskou geneem is. Prof. Hamman het onder andere daarop gewys dat die direkteur van Openbare Betrekkinge (oorspronklik die hoofskakelbeampte) en die Skakelafdeling nog altyd direk onder die rektor geressorteer het. In die praktyk het dit beteken dat die rektor en die direkteur van Openbare Betrekkinge die effektiewe beheer oor die Skakelafdeling voer. So 'n opset kon nog in die vyftiger- en sestigerjare betreklik doeltreffend funksioneer, maar in die middel van die sewentigerjare was die rektor se verpligtinge so veelvuldig dat die vraag met reg gevra kon word of dit nog doelmatig was. In elk geval het daar sedert die vyftigerjare heelwat veranderings in die Administrasie plaasgevind, byvoorbeeld die aanstelling van 'n vise-rektor en die instelling van drie departemente, naamlik Akademiese Administrasie, Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie en Finansiële Administrasie. Die posisie het dus in die sewentigerjare bestaan dat die direkteur van Openbare Betrekkinge oor sake rakende beleid met hierdie afdelings eerder as met die rektor skakel.

Die rektor het gevolglik die vraag gestel of 'n organisatoriese opset soortgelyk aan dié van die Studentediensburo, die Sportburo en die Biblioteek nie ook vir die Skakelafdeling ingestel moes word nie. In daardie gevalle was daar 'n direkteur met omskrewe pligte en bevoegdhede aan die hoof met 'n advies- of beheerkomitee wat oorhoofse gesag uitoefen en beleidsbesluite neem. Terselfdertyd is daar ook voorsiening gemaak vir kommunikasie met die Administrasie en ander afdelings in die Universiteit. Om hierdie moontlikheid te ondersoek en die hele aangeleentheid van die Skakelafdeling te evalueer en aanbevelings in dié verband aan die Raad voor te lê, het die rektor 'n komitee onder die voorsitterskap van die vise-rektor voorgestel.

Intussen het die Aulakomitee in November 1975 besluit om die hele aangeleentheid na 'n subkomitee te verwys. Dit het bestaan uit mnr. C.H. Cilliers, voorsitter, prof. L.B. Odendaal, hoof van die Departement Drama, prof. P.G. Nel, hoof van die Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis, prof. J.P. Malan, hoof van die Departement Musiek, en mnr. K. Papp, VSR-lid vir Uitvoerende Kunste. Dié subkomitee het die opdrag gekry om die memoranda van mej. De Swardt en mnr. Theron te oorweeg, die konsekwensies van hulle aanbevelings vas te stel en spesifieke voorstelle voor die Aulakomitee te lê.

Byna 'n jaar later, in Oktober 1976, het die subkomitee verslag gedoen. Die geskiedenis van kunsbeoefening is eerstens nagegaan en tweedens is die knelpunte in die bestaande opset ontleed. In die laasgenoemde verband is daar veral genoem die gebrek aan koördinasie tussen studentekunsbedrywighede, onduidelikheid omtrent die VSR se verpligtinge in hierdie bedrywighede, die gebrek aan kontinuïteit, oneffektiewe beheer oor die standaard van opvoerings van veral toergroepe, en die behoefte aan administratiewe hulp aan die dirigente van die koor en orkeste. Die komitee het aanbeveel dat 'n Buro vir Kultuuraangeleenthede gestig word. Geen spesifieke benaming vir so 'n liggaam is voorgestel nie. Die gedagte was "dat die te stigte buro uit die Skakelafdeling tot volwaardigheid sal groei." Laastens was die komitee van mening dat die hoof van so 'n buro—wat waarskynlik die rang van direkteur sou hê—'n kultureel veelsydige en organisatories goed onderlegde persoon moes wees, met die addisionele vermoë om gesonde menseverhoudings te handhaaf en te kweek.

Inmiddels het die komitee wat in November 1975 deur die rektor voorgestel is, in April 1976 sy verslag voorgelê. Dié komitee het, benewens die voorsitter, prof. A.N. Pelzer (vise-rektor), uit die volgende lede bestaan: mnr. C.L. de Bruyn, wat die Aulakomitee en kunsaanbiedings verteenwoordig het, dr. D.M. Joubert, voorsitter van die Bond van Oudstudente, wat alumni-aangeleenthede verteenwoordig het, dr. H.J.J. Reynders, vir fondsinsameling en verwante aangeleenthede, en proff. A.P. Grové en H.P. van der Schyff, wat onderskeidelik die Geesteswetenskappe en die Natuurwetenskappe in die akademiese sektor verteenwoordig het.

Die komitee se verslag is, vergesel van 'n memorandum van die rektor, in Junie aan die Raad voorgelê. Daar is by die Raad aanbeveel dat die Skakelafdeling in twee afsonderlike afdelings verdeel word: eerstens 'n afdeling openbare betrekkinge

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

wat publisiteit, fondsinsameling, administratiewe dienste en alumni-aangeleenthede moes behartig; en tweedens 'n afdeling kulturele aangeleenthede wat al die pligte in verband met die Universiteitsteaters en die Rautenbachsaal moes behartig, en verder die studente se kulturele bedrywighede moes koördineer. Wat die laasgenoemde betref, is daar aanbeveel dat 'n Buro vir Kulturele Aangeleenthede met 'n direkteur as hoof op dieselfde vlak as die Studentediensburo ingestel moet word, en dat daar ook vir 'n advieskomitee in dié verband voorsiening gemaak moet word. Wat die afdeling openbare betrekkinge betref, het die komitee aanbeveel dat 'n departement Openbare Betrekkinge met 'n direkteur as hoof op dieselfde vlak as die departemente Finansiële en Akademiese Administrasie ingestel moes word. Hieroor was die komitee dit nie eens nie. Sommige lede was van mening dat dit 'n buro op die vlak van die Studentediensburo moes wees, terwyl die meerderheid aan 'n departement voorkeur gegee het. As gevolg van hierdie gebrek aan eenstemmigheid en omdat die rektor van mening was dat die komitee nie alle aspekte rakende die Skakelafdeling geëvalueer het nie, het die Raad besluit om 'n verdere ondersoek te laat instel. Hierdie keer is daar 'n interne komitee aangewys wat uit die volgende persone bestaan het: prof. P. Oosthuizen, dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid, voorsitter, die vise-rektor, prof. A.N. Pelzer, die registrateur (Finansies), mnr. J.P. Nel, en die registrateur (Akademies), mnr. C.H. Stuart. Dié komitee se opdrag was om weer eens die hele Skakelafdeling te evalueer en om in dié verband al die aangeleenthede wat in die rektor se memorandum van 1975 genoem is, asook die aanbevelings van die vorige komitee, in aanmerking te neem.

Die komitee het alle relevante verslae en memoranda bestudeer, getuienis van 'n hele aantal persone aangehoor en daarby ook 'n memorandum deur dr. H.J.J. Reynders en mnr. P. Viljoen wat voor die vorige komitee gedien het, na prof. S. Marx van die Departement Bedryfsekonomie vir kommentaar verwys. Uiteindelik het die komitee in September 1977 aanbeveel dat die twee afdelings, nl. openbare betrekkinge en kultuuraangeleenthede, as twee afsonderlike buro's, elk met sy eie advieskomitee, dagbestuur en reglement moet funksioneer. Daarom is ook aanbeveel dat daar aan die hoof van sowel die Buro vir Openbare Betrekkinge as die Buro vir Kultuuraangeleenthede 'n direkteur aangestel word. Wat betref die vraag of die afdeling Openbare Betrekkinge in 'n buro of 'n departement van die Administrasie gesetel moes wees, het die komitee beslis die eersgenoemde aanbeveel. Die belangrikste oorweging hier was dat dit noodsaaklik was om 'n liggaam as beheerkomitee in te stel, waarin al die belanghebbende sektore van die Universiteit verteenwoordig kon wees, en wat inspraak kon hê in die beleid van die Skakelafdeling. Die komitee het hom in dié opsig veral laat lei deur die getuienis van mnr. C.H. Cilliers. Met sy 25 jaar ondervinding in die Skakelafdeling het hy hom sterk ten gunste van so 'n beheerliggaam uitgespreek. Boonop is daar gevoel dat 'n departement hom nie tot die instelling van so 'n liggaam sou leen nie, terwyl 'n advieskomitee reeds deel gevorm het van die struktuur van die Studentediensburo en die Sportburo. Die komitee was verder van mening dat die Aulakomitee waarskynlik na die instelling van die Buro vir kultuuraangeleenthede sou verdwyn, en dat die beheer van die Van Wouwhuis en die Van Tilburgkunsversameling moontlik onder so 'n buro sou ressorteer. Die beslissing oor hierdie sake moes egter aan die buro self oorgelaat word wanneer dit tot stand sou kom. Voorts is daar aanbeveel dat die direkteurspos van die Buro vir Kultuuraangeleenthede nie onmiddellik gevul moes word nie, maar dat mnr. C.H. Cilliers, met sy jarelange ondervinding en sy belangstelling in kultuursake, aanvanklik as waarnemende direkteur moes optree. Konsepreglemente vir albei die voorgestelde buro's is ook deur die komitee opgestel.

In November 1977 het die Universiteitsraad die rektor se aanbevelings oor die interne komitee se verslag aanvaar dat 'n Buro vir Openbare Betrekkinge en 'n Buro vir Kultuuraangeleenthede ingestel word, dat die direkteurspos vir Kultuuraangeleenthede van 1 Januarie 1978 af ingestel word, dat mnr. C.H. Cilliers van dié datum af as direkteur van die Buro vir Openbare Betrekkinge aangestel word, en dat hy terselfdertyd aangestel word as waarnemende direkteur van die Buro vir Kultuuraangeleenthede. 'n Komitee bestaande uit die vise-rektor, die registrateur (Akademies), die registrateur (Finansies), die direkteur van Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie en die direkteur van Openbare Betrekkinge is aangewys om die verdeling van die personeel in die Skakelafdeling met betrekking tot die twee nuwe buro's te behartig. Met die verdeling in twee Buro's van die begin van 1978 af, het die Buro vir Openbare Betrekkinge drie hooffunksies behou: skakelwerk, wat publisiteit en die versorging van die amptelike publikasies van die Universiteit omvat het; fondsinsameling ter bevordering van die bates van die Universiteit; en 'n organisatoriese funksie vir die Bond van Oudstudente. Binne hierdie raamwerk het die Buro se funksies daarna grootliks uitgebrei. Om in dié toenemende behoeftes te kan voorsien, is nuwe poste van tyd tot tyd geskep. So is daar in die loop van 1978 'n pos vir 'n alumni-organiseerder geskep, wat in 'n lang gevoelde behoefte voorsien het. Dié pos was spesifiek vir die hantering van die sekretariële kant van die Bond van Oudstudente bedoel. 'n Pos van skakelbeampte: Mediese dissiplines is ook in 1979 ingestel. Dié pos was bedoel vir die skakelwerk van die fakulteite Geneeskunde, Veeartsenykunde en Tandheelkunde.

Intussen is daar onverpoosd met die Buro se ander funksies voortgegaan. In 1979 is die stemmingsfilm *Gister, vandag en ook môre* grondig hersien, aangesien dit toe al sewe jaar lank in gebruik was en in sekere opsigte verouderd geraak het. 'n Produksiekomitee is aangewys om die hersieningswerk te doen en 'n bedrag van R5 000 is bewillig, sodat 'n aangepaste en hernieude film vir gebruik tydens die oriëntering in 1980 gereed kon wees.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tydens die halfeeufeesviering van die Universiteit in 1980 was dié Buro ook uiters bedrywig. Vroeg in dié jaar is daar 'n komitee onder die voorsitterskap van die vise-rektor, prof. A.N. Pelzer, aangewys—waarin die direkteur van Openbare Betrekkinge en nog 'n lid van sy personeel sitting gehad het—om die beplanning van 'n jaarprogram te doen. Deur omsendbriewe is daar 'n opname gemaak van funksies, simposia en ander aktiwiteite wat deur die onderskeie Universiteitsinstansies en departemente beplan word. Later is begrotingsaansoeke oorweeg en bedrae toegeken. Die Buro het aan elkeen van hierdie aktiwiteite 'n skakelpersoon toegesê vir hulp en koördinasie. Nog 'n breër komitee as die bogenoemde het later in die jaar tot stand gekom en in noue samewerking met die Buro die reëlings vir die verjaardagaktiwiteite van 9 en 10 Oktober 1980 behartig.

Daar is na beraming 44 000 uitnodigings vir die ongeveer 250 aksies wat met die halfeeufees in verband gestaan het, uitgestuur. Voorts het die Buro ook daarin geslaag om 'n gedenkseël vir die feesgeleentheid te laat uitreik. Die Universiteitsraad het 'n bedrag van R50 000 hiervoor bewillig. Daarby het die Buro in verband met die feesjaar benewens die borging van ongeveer R35 500, skenkings ten bedrae van R11 000 ingevorder. Die oorskot van ongeveer R6 000 is in die Kya Rosa-fonds gestort.

Nog 'n aktiwiteit wat in die feesjaar 1980 aangepak is, was die opstel van riglyne, in samewerking met SATV, vir 'n dokumentêre rolprent van 40 minute. Die tema van die film was die betrokkenheid van prominente oud-Tukkies in landsake. Dit is op 13 Oktober 1980 gebeeldsaai. In samewerking met die Bond van Oudstudente het die buro ook in 1980 'n Herdenkingstudiefonds geloods om finansiële hulp te bied aan presterende, behoeftige studente. Meer as R40 000 is van lede van die Bond ontvang en 'n verdere R16 000 van nie-lede. Teen 1980 was daar al vyf poste in die buro wat met die sake van die Bond van Oudstudente gemoeid was: organiseerder, alumni-organiseerder, hulp-alumni-organiseerder (wat vakant was), en twee tiksters.

Aan die einde van 1980 het mnr. C.H. (Bags) Cilliers as direkteur van die Buro vir Openbare Betrekkinge uitgetree. Sy verbintenis met die Universiteit het toe oor 35 jaar gestrek. Nadat hy in 1937 die graad BSc voltyds en in 1941 BCom buitemuurs behaal het, het hy in 1945 in die diens van die Universiteit getree. Hy was vervolgens buitemuurse beampte, binnemuurse fakulteitsbeampte, sedert 1952—soos gesê—skakelbeampte en van 1968 af hoofskakelbeampte. Daarna het hy die Skakelafdeling tot die onmisbare Buro vir Openbare Betrekkinge van die tagtigerjare sien groei. Afgesien van sy rol as skakelman, was mnr. Cilliers 'n inisieerder soos min. Hy was in 1943 stigterterslid van die Bond van Oudstudente en hy het van die einde van die volgende jaar af as sekretaris van die Bond gedien. Hy was medeskrywer, saam met dr. Donald du Toit, van die teks van die Universiteitslied. Op kulturele gebied het hy baanbrekerswerk gedoen deurdat hy sedert 1963 lid van die Operabestuur van die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste (TRUK) was. Daarby was hy stigter van die Pretoriase Kinderkoor (1967), die Pretoriase Universiteitskoor (1968) en die B_3M-projek (1973) (projek ter *b*evordering van die *b*elange van *b*innelandse *m*usici).

Ook op sportgebied het mnr. Cilliers ten volle met die Universiteit meegelewe. Hy het in 1933 vir Tukkies se onder 19-span rugby gespeel en daarna tot 1941 gereeld vir die eerste span. Hy was drie seisoene (1936, 1937 en 1939) kaptein van die eerste span. Na sy studentedae, was hy een van die stigterslede van die rugbyklub Oostelikes wat bedoel was om aan alle oudstudente van alle universiteite 'n tuiste te bied. Van 1943 tot 1945 het hy dié klub se eerste span op die veld gelei. Voor 1938 het hy Transvaal in rugby verteenwoordig en na 1938 die nuutgestigte Noord-Transvaalse Unie. Sedert 1945 het hy die Tukkie-rugbyklub deurgaans in die een of ander hoedanigheid gedien. Hy was van 1950 tot 1953 by eerstespanafrigting betrokke en weer in 1960, toe die Tukkiespan die gesamentlike wenners van die Carltonbeker was. Hy het baie jare as komiteelid van die klub gedien en is in 1962 as erelewenspresident aangewys. In November/Desember 1973 was hy bestuurder van die Tukkietoerspan deur Europa. Hy het oor baie jare nou bande met die Noord-Transvaalse Rugby-Unie gehad.

Aan die begin van 1981 het mnr. C.J. Rossouw die nuwe direkteur van die Buro vir Openbare Betrekkinge geword. Mnr. Rossouw is in 1938 op Wellington gebore en het sy skoolopleiding aan die Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad voltooi. Hy het die grade BA, BA(Hons) en MA(Internasionale Politiek) deur middel van buitemuurse studie aan die Universiteit van Port Elizabeth verwerf. Hy het ook reeds sowat 25 jaar diens by verskillende instansies agter die rug gehad. Hy het in 1956 'n jaar lank as regimentsinstrukteur opleiding aan die lugmaggimnasium ontvang, was daarna twee jaar lank as personeelklerk in diens van die Departement Gesondheid, en van 1960 tot 1966 het hy onderskeidelik as kadet in die Diplomatieke Diens en as privaatsekretaris en tweede sekretaris in die Suid-Afrikaanse Ambassade in Londen gedien. Van 1967 tot die begin van 1971 was hy sekretaris van die trustfonds en skakelbeampte by die Skakelafdeling van die Randse Afrikaanse Universiteit, en van Maart 1971 tot Maart 1974 skakelbestuurder by die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde. Daarna was hy, tot sy aanstelling aan UP, besturende direkteur van die Stuart Weaving-groep van Maatskappye.

Onder die nuwe direkteur het die struktuur van die buro 'n verandering ondergaan. Direk onder die direkteur was daar van 1981 af 'n hoofbestuurder: fondsinsameling en 'n hoofbestuurder: skakeldienste. Die laasgenoemde was steeds in beheer van die afdeling fondsinsameling, maar die hoofbestuurder: skakeldienste het naas 'n afdeling pers en publikasies en 'n afdeling skakeldienste, 'n nuwe afdeling studentewerwing onder sy toesig gekry. Vooraf is die behoefte aan so 'n afdeling in 'n dokument aangetoon. Sommige van die aktiwi-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Twee Direkteure van die Buro vir Openbare Betrekkinge, mnr. C.H. Cilliers (1978–1980) en mnr. C.J. Rossouw, (sedert 1981).

teite wat onder dié afdeling ressorteer het, is vroeër reeds onderneem, maar nou is hulle onder 'n spesifieke afdeling georganiseer. Die afdeling se aktiwiteite het die volgende ingesluit: besoeke aan en skakeling met alle voedingsbronne, waaronder skole, militêre eenhede en groot werkgewers; skakeling met die Departement Nasionale Opvoeding en die Transvaalse Onderwysdepartement; die verspreiding van brosjures, pamflette, muurplakkate, ens.; skakeling met die Universiteit se Fakulteit Opvoedkunde, die registrateur (Akademies) en die Studentediensburo; film- en skyfievertonings; openbare optredes; die hantering van kampusbesoeke deur skole, ouers en onderwysers; en behoeftebepaling by studentewerwing in die algemeen.

Die ander afdelings het onverpoosd met hulle werksaamhede voortgegaan. Wat fondsinsameling betref, het die bedrag wat teen die einde 1981 geïn is, al op R15 647 819,53 gestaan. In 1982 is verdere skenkings ten bedrae van R3 434 981 ontvang. Ook met die Herdenkingstudiefonds, wat in 1980 geloods is, is goed gevorder. Op 30 Junie 1981 is dit op 'n bedrag van R55 537 afgesluit. 'n Reglement vir die toekenning van beurse is vroeg in 1982 goedgekeur. In 1982 is die eerste nege beurse van R600 elk uit die rente-opbrengs van dié fonds toegeken.

Gedurende 1982 was die Buro vir Openbare Betrekkinge ten nouste betrokke by die halfeeufeesviering van die Afrikaanswording van die Universiteit. Die buro het die sekretariaat van die sentrale komitee behartig en is ook by die reëlings van subkomitees betrek. Die feesverrigtinge het bestaan uit die toekenning van eredoktorsgrade, 'n huldigingsaand op 13 September, 'n vakkongres oor Afrikaans, die publikasie van 'n brosjure oor die Afrikaanswording van UP, 'n filmfees, 'n poësie-aand, 'n drama-opvoering van drie eenbedrywe, twee simfonieorkesuitvoerings, 'n Fakulteitsuitstalling in die Rautenbachsaal, 'n kampusuitstalling, 'n kultuurhistoriese uitstalling en 'n wydingsdiens. Daar is ook vir dié geleentheid 'n embleem ontwerp en pennings is deur die Suid-Afrikaanse munt geslaan.

Bond van Oudstudente

Die trekkrag van die Alma Mater was vir die oudstudente van die Universiteit van Pretoria en sy voorganger, die Transvaalse Universiteitskollege, so sterk dat 'n organisasie wat hulle saambind, in die een of ander vorm feitlik deurlopend sedert 1918 tot vandag bestaan. In sy jongste vorm bestaan die Bond sedert November 1943. Sy amptelike naam is die *Bond van Oudstudente van die Universiteit van Pretoria*. Aanvanklik het die konstitusie van die Bond daarvoor voorsiening ge-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

maak dat lede gewerf kan word om elke jaar ledegeld te betaal, of om vir 15 jaar aan te sluit. In 1965 is die grondreëls so gewysig dat slegs vir lewenslede voorsiening gemaak word. 'n Oud-student sluit lewenslank aan en onderneem om 'n jaarlikse ledegeld te betaal. Elke persoon wat vir minstens een studiejaar met sukses student aan die Universiteit van Pretoria of sy voorganger tot 1930 was, of wat 'n lid van die konvokasie van die Universiteit is of was, kwalifiseer vir lidmaatskap.

Om so lank voort te bestaan en aktief te bly, moet so 'n organisasie—afgesien van die nostalgie oor vervloë studentejare—spesifieke doelstellings hê. Die eerste doelstelling is die voor-die-hand-liggende een: om 'n noue band tussen oudstudente te handhaaf. Dit word hoofsaaklik gedoen deur die versameling en publiseer van personalia oor oudstudente en deur die instelling van fasiliteite vir saamtrek- en ontspanningsdoeleindes. Tweedens stel die Bond hom ten doel om bepaalde fondse op te bou vir die alma mater se belange. Hieronder tel die toekenning van studiebeurse aan studente. In die derde instansie beoog die Bond om die amptelike mondstuk van sy lede te wees in alle sake waar oud-studente en die konvokasie met Universiteitsbelange gemoeid is. Dit word veral gedoen deur die nominasie en verkiesing van verteenwoordigers van die konvokasie op die Universiteitsraad. Daarom het die rektor, prof. D.M. Joubert, tereg in 1982 na die Bond verwys as "die aktiewe arm van die konvokasie". Laastens stel die *Bond van Oudstudente* hom ten doel om 'n wakende oog te hou oor die beleidsake aan die Universiteit en om te probeer om die prestige van die Universiteit, akademies en andersins, te bevorder.

Afgesien van die genoemde wysiging wat betref lidmaatskap in 1965, was daar sedertdien net een ander wysiging in die grondreëls van die Bond.

Dit was in 1969 toe daar besluit is om die Bond as 'n maatskappy sonder winsbejag te registreer. 'n Sertifikaat hieroor is in Februarie 1970 uitgereik. 'n Verandering in die naam van die organisasie van *Bond van Oudstudente van UP* na *Bond van Oud-Tukkies* is in 1975 oorweeg, aangesien die laasgenoemde bewoording in die onderskrif by die universiteitswapen op oudstudentekleurbaadjies voorgekom het. Daar is besluit om die benaming in die statute onveranderd te laat, maar om die noemnaam na *Bond van Oud-Tukkies* te wysig.

Naas die indirekte voordele wat vir lede opgesluit lê in die nastrewing van die doeleindes van die Bond, soos hierbo uiteengesit, hou lidmaatskap ook sekere direkte voordele in. Dit sluit in die ontvangs van alle publikasies en lektuur oor aangeleenthede van die Bond en die Universiteit. Hieronder het byvoorbeeld *Skakelblad* tot met sy stopsetting in 1981 geressorteer. Voorts geniet lede die voordele van gesellige verkeer met eertydse studentevriende tydens saamtrekke deur die Bond gereël, terwyl hulle ook op die jaarvergadering stemreg het in die verkiesing van die tien gewone lede van die sentrale bestuur. Daarbenewens word aandenkings teen spesiale pryse aan lede beskikbaar gestel.



Dr. A.W. Lategan, Voorsitter, Bond van Oudstudente, 1957–1964.

Behalwe die tien gewone lede wat jaarliks tydens die jaarvergadering verkies word, bestaan die bestuur van die Bond uit die volgende persone: die rektor (ampshalwe), vier konvokasieverteenwoordigers in die UP-Raad, die president van die konvokasie, drie lede deur die Binnemuurse VSR benoem, een lid deur die Buitemuurse VSR benoem en 'n sekretaris. Die laasgenoemde pos word ampshalwe deur die Direkteur van Openbare Betrekkinge gevul. Benewens die genoemde lede, dien die volgende ampsdraers van die Universiteit in die bestuur van die Bond: die voorsitter en ondervoorsitter van die Universiteitsraad, die voorsitter van die Finansies- en Eiendomskomitee van die Universiteitsraad en vier Universiteitsraadslede. As 'n mens na hierdie gedugte kombinasie kyk, is die bestuur van die Bond van Oud-Tukkies inderdaad 'n magsfaktor in die Universiteit.

Die bestuur van die Bond het oor die jare sedert 1943 'n merkwaardige bestendigheid en kontinuïteit getoon. Van daardie jaar tot 1982 het die organisasie net sewe voorsitters gehad: Mnr. F.J. le Roux (1943); prof. B.V. Lombaard (1944–1950); dr. Hilgard Muller (1951–1956); dr. A.W. Lategan (1957–1964); dr. P.S. Rautenbach (1965–1968); dr. D.M. Joubert (die huidige rektor) (1969–1978); dr. C.G. Coetzee (1979–1984). Voeg hierby die kontinuïteit wat verskaf is deur mnr. C.H. (Bags) Cilliers, wat ononderbroke van November 1944 tot

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die einde van 1980, met sy aftrede as Direkteur van Openbare Betrekkinge, die sekretarisamp beklee het, en die rekord word nog merkwaardiger. Soos weldra aangetoon sal word, het mnr. Cilliers in baie vertakkinge van die Bond se aktiwiteite 'n rol gespeel, en onder andere as inisieerder van nuwe projekte baanbrekerswerk verrig. By sy uittrede as sekretaris in November 1980, het die Bond hom paslik vir sy 36 jaar getroue diens met 'n dinee vereer. 'n Ander lank dienende lid is dr. D.M. Joubert, die huidige rektor, wat 17 jaar (1962–1978) in die bestuur was.

Die getal lewenslede van die *Bond van Oud-Tukkies* het van 561 in 1960 tot 4 626 in 1982 gestyg. Die laasgenoemde getal is betreklik klein as die tienduisende afgestudeerde diploma- en graadstudente in ag geneem word. Die invloed en rol van die Bond is egter veel omvangryker as wat dié getal aandui. As draer van die beeld van die Universiteit na buite, en as rugsteun vir die Universiteitsowerhede het die Bond uitnemende werk verrig. In direkte verband is daar—soos gesê—die gereelde benoeming van vier lede om die konvokasie in die Universiteitsraad te verteenwoordig. Ook op ander gebiede laat die Bond periodiek van hom hoor. Toe die Ou Letteregebou byvoorbeeld tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar en 'n gedenkplaat in dié verband in Augustus 1971 onthul is, is 'n boodskap namens die Bond en sy lede oorgedra. Voorts het die Bond deelgeneem aan die amptelike ingebruikneming van die Universiteitsvlag in September 1974. In 1977 het die Bond sy mening oor toelating aan die Universiteit in 'n memorandum aan die Universiteitsowerheid oorgedra. Verder het die Bond aktief meegedoen aan die vyftigjarige feesviering van Universiteitswording in 1980 en die herdenking van Afrikaanswording in 1982. Die owerhede toon, op hulle beurt, groot waardering vir die werk wat die Bond verrig, en heg waarde aan sy rol as verteenwoordiger van die alumni. Daarom lewer die Rektor gereeld tydens die jaarvergadering van die Bond verslag oor die akademiese en ander werksaamhede van die Universiteit om die Bond amptelik op hoogte te hou.

Oor die jare sedert 1960 het die Bond van Oud-Tukkies hom toegespits op gereelde geleenthede vir lede om gesellig te verkeer. Dit is te verstane, want in 'n sin was hierdie saamtrekke die polsslag van die Bond; daarsonder sou die organisasie beswaarlik kon voortbestaan. Met verloop van tyd het die byeenkomste se vorm verander. In 1961 is die jaarvergadering voorafgegaan deur 'n ete nadat die lede 'n begeleide toer meegemaak het deur die Musaion, die Amfiteater en die J.G. Strijdomgebou vir Ingenieurswese om so op hoogte te kom van die jongste fisiese toevoegings tot die kampus. Tot 1969 is algemene vergaderings slegs elke tweede jaar gehou: in 1961, 1963, 1965, 1967 en 1969. Maar in Maart 1963 is die eerste van 'n reeks jaarlikse saamtrekke gehou. Dit het 'n groot braaivleisfunksie op die Proefplaas, asook 'n middagete by die Pretoriase Buiteklub, sporttoernooie in gholf, tennis, rolbal en skyfskiet en 'n ete-dans die aand omvat. Die sporttoernooie het daarna jaarliks in Maart die hoofbestanddeel van die byeenkomste gevorm. Dit het gepaard gegaan met 'n gesamentlike middagete en nog 'n sosiale funksie op die Universiteitsterrein die aand. In 1968 het die saamtrek na November verskuif om saam te val met die viering van die vyf en twintigste bestaansjaar van die Bond. Die eerste minister, mnr. B.J. Vorster, het dié verrigtinge as eregas bygewoon. Sedert 1970 het die saamtrek met die algemene jaarvergadering saamgeval. Die verrigtinge het gewoonlik daarna oor twee dae gestrek: 'n algemene vergadering die Vrydagmiddag laat, gevolg deur 'n skemerkelkonthaal of ander sosiale funksie, met die sporttoernooie op die Saterdag en 'n ete-dans dié aand. Teen 1975 was die ondersteuning vir hierdie gewilde saamtrekke al so groot dat ruimteprobleme ondervind is en alle inskrywings nie geakkommodeer kon word nie. So het die saamtrekke in die een of ander patroon tot die huidige tyd voortgeduur.

Afgesien van hierdie groot saamtrekke wat mettertyd saam met die jaarvergadering die hoogtepunt van die Bond se bedrywighede geword het, het daar ook, op een of twee uitsonderings na, sedert 1972 jaarliks 'n saamtrek van die gesinne van lede plaasgevind. Die oorspronklike gedagte was om veral die jonger lewenslede aktief by die Bond te betrek. Dit het die vorm aangeneem van 'n gesinsnaweek waartydens lede met hulle gesinne by 'n vakansieoord byeengekom het. Die bestuur van die Bond het dié reëlings getref en dié gesinsnaweke was van meet af aan 'n baie gewilde geleentheid, waar honderde mense (tot soveel as 600) onder die vaandel van die Bond saam Tukkieliedjies om die kampvuur gesing en andersins gesellig verkeer en ontspan het. Sedert 1980 is daar tydens die gesinsnaweke om die volgende trofeë meegeding: die Tobie Louw-trofee vir rolbal; die Danie Joubert-trofee vir hengel; die Bags Cilliers-trofee vir gholf; die Kees Coetzee-trofee vir tennis.

Sedert 1977 het 'n nuwigheid by die jaarlikse saamtrek in November in Pretoria bygekom. Dit was saamtrekke van belangegroepe wat die algemene jaarvergadering voorafgegaan het. Die gedagte het by die sekretaris, mnr. Cilliers, ontstaan dat daar sekere groepe afgestudeerdes is wat uit die aard van hulle professie belangegroepe vorm, bv. mynbou-ingenieurs, regsgeleerdes, geoloë, ens. en by wie die behoefte bestaan om jaarliks byeen te kom.

Andersyds kon die byeenkomste ook dien om potensiële nuwe lewenslede by die Bond se werksaamhede te betrek en om'n groter belangstelling vir die algemene jaarvergadering te bewerkstellig. Dat die belangegroepsaamtrekke beslis in die laasgenoemde doelstelling geslaag het, blyk uit die feit dat die jaarvergadering van 1977 deur nagenoeg 600 persone bygewoon is, teenoor die vorige jaar se bywoningsyfer van 67. In daardie jaar het 14 sulke belangegroepe voor die jaarvergadering byeengekom, terwyl die ander groepe se lede wel opgedaag het, maar in te klein getalle om afsonderlik te vergader, sodat hulle noodgedwonge by ander groepe ingeskakel is. Terwyl die groepe byeen was, is 'n konsert in die Musaion vir die eggenotes

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die deelnemers aangebied.

Soortgelyke saamtrekke is 'n week na die volgende algemene jaarvergadering op 1 Desember 1978 gehou. Sover vasgestel kan word, het hierdie soort byeenkoms nie weer daarna plaasgevind nie.

Afgesien van die verskillende saamtrekke in Pretoria self en die gereelde gesinsnaweek, het daar sedert die middel van die sestigerjare saamtrekke van groepe Oud-Tukkies elders met die samewerking van die *Bond van Oud-Tukkies* plaasgevind. Toe die eerste rugbyspan Suidwes-Afrika in Julie 1965 besoek het, was dit 'n goeie rede om 'n gesellige braaivleisfunksie vir Oud-Tukkies in Windhoek te hou. In Maart 1967 is daar vir die eerste keer 'n saamtrek van Oud-Tukkies in die Wes-Kaap gehou; in dieselfde jaar ook in Pietermaritzburg en Durban. Ander plekke buite Transvaal waar later meermale byeenkomste plaasgevind het, was Kimberley, Vryburg en Port Elizabeth. Gereelde byeenkomste het onder beskerming van die Bond op Transvaalse dorpe plaasgevind, waarby duisende oudstudente oor die jare betrek is—van Rustenburg in die weste tot Nelspruit en Hoedspruit in die ooste en van Thabazimbi in die noorde tot Volksrust in die suide. Deur hierdie landwye saamtrekke het die Bond van Oud-Tukkies daarin geslaag om oudstudente vanoor die hele land gesellig saam te laat verkeer en om so die breedste moontlike basis vir sy werksaamhede te verseker.

Die Bond van Oud-Tukkies was in die vroeë jare sestig betrokke by verskeie projekte wat sedertdien opgehou het. Een hiervan was die muntkalenders wat sedert 1957 gereeld laat slaan is, en wat in *Ad Destinatum*, Deel I op bladsy 416 afgebeeld is. Dit het op die een kant al die Sondae van die betrokke jaar en al die openbare vakansiedae aangedui. Op die agterkant is die Universiteitswapen sentraal geplaas, met die naam van die Universiteit, dié van die Bond en belangrike datums uit die inrigting se geskiedenis om die kante. Aanvanklik was die kalenders gewild, maar metteryd het die belangstelling gekwyn, sodat daar besluit is om nie weer vir 1963 daarvan te laat munt nie.

'n Ander onderneming wat uit die vroeë vyftigerjare dateer, is die meubelfonds wat die Bond gestig het om stoele in die Aula—toe nog in die beplanningstadium —aan te bring. Bedrae vir diè doel is gereeld in die vyftigerjare aan die Universiteitsowerhede oorhandig. Nadat die Aula in 1958 in gebruik geneem is, het daar 'n bedrag oorgebly wat teen 1967 met die byvoeging van rente tot byna R1 000 aangegroei het. Dié bedrag is tydens die saamtrek van Maart 1967 aan die rektor oorhandig en is toe aangewend vir die meubilering van die Ou Klubsaal as studentesitkamer.

'n Oorspronklike projek wat die *Bond van Oudstudente* in 1961 geloods het, was 'n prysvraag vir 'n operette oor die Universiteit. Volgens die reëls van die kompetisie moes die inhoud of strekking van dié operette met die Universiteit van Pretoria of die TUK verband hou. Die bladmusiek vir klavier of libretto, of die dialoog moes deur 'n oudstudent of 'n lid van die konvokasie geskryf word. Die sluitingsdatum vir inskrywings was 15 Maart 1962 en die eerste en tweede pryse sou onderskeidelik R800 en R200 bedra. Nà oorweging van die inskrywings, is daar in Junie 1963 besluit om geen eerste prys nie, maar 'n spesiale prys van R400 toe te ken aan die skeppers van die operette, *Die onbekende sanger*. Dr. F.W. Quass het die libretto geskryf en mnr. (tans dr.) O.A. van der Stoep was vir die musiek verantwoordelik. Die operette het gehandel oor die wedervaringe van 'n groep studente aan die Transvaalse Universiteitskollege in die jare dertig, waarin serenades vir die damestudente 'n sentrale plek inneem. Die operette is op 31 Maart en op 1 en 2 April 1966 in die Aula opgevoer en het groot byval gevind. Hierdie operette is sekerlik een van die oorspronklikste en mees ambisieuse projekte wat nog deur 'n vereniging van oudstudente aan 'n Suid-Afrikaanse Universiteit aangepak en deurgevoer is.

Die Bond van Oudstudente het nie net daarna gestreef om die belange van oudstudente te dien nie, maar het ook—soos reeds uit die bogenoemde aktiwiteite blyk —probeer om die Universiteit en sy studente van diens te wees. Een van die tasbaarste maniere waarop dit gedoen is, was die toekenning van beurse aan studente. In 1961 is 'n beurs van R96 aan Rudi Neitz (tans senior lektor in die Departement Duits) geskenk vir sangopleiding by prof. Maria Hittorff wat in daardie jaar die Universiteit as gasdosent besoek het. In 1966 is daar besluit om jaarliks twee medaljes aan musiekstudente toe te ken—die een vir die student wat die hoogste prestasie in enige praktiese musiekvak lewer, en die ander aan die beste sangstudent. Die eerste medaljes, wat as die Bond van Oudstudentemedaljes bekend staan, is op grond van die eindeksamen van 1966 toegeken.

Sedert 1975 het die Bond ook onderneem om deur sy bemiddeling die jaarlikse beurse vir redenaarskompetisies wat deur die Junior Rapportryers beskikbaar gestel word, toe te ken. In die laat sewentigerjare het die Bond ook uit eie fondse studiebeurse aan verdienstelike sportpresteerders begin gee. Studente wat op hierdie manier finansiële hulp ontvang het, was Ina van Rensburg (1976), Reinhard Schiel (1977) en Danie Zaayman (1978). In 1977 het daar 'n verandering van beleid ingetree toe besluit is om hierdie steun nie net tot sportpresteerders te beperk nie. 'n Beurs is daardie jaar toegeken aan 'n doktorale student wat onder moeilike finansiële toestande sy studie moes voltooi terwyl 'n ander doktorale kandidaat in 1978 hulp vir die koste van die druk van sy proefskrif ontvang het. Seker die belangrikste stap deur die Bond in verband met beurse, was die stigting van 'n herdenkingstudiefonds in 1980 vir behoeftige, presterende studente. Soos reeds elders in die bespreking van die aktiwiteite van die Buro vir Openbare Betrekkinge gemeld is, was die reaksie van oudstudente besonder goed en kon die fonds in 1981 op 'n bedrag van meer as R53 000 afgesluit word. Uit die rente-opbrengs van hierdie fonds kon die eerste nege beurse van R600 elk in 1982 toegeken word.

Afgesien van geldelike hulp vir studie aan individue het die Oudstudentebond ook dikwels op

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

meriete toekennings vir studentesportaktiwiteite gemaak. In 1960 is daar byvoorbeeld 'n bydrae gemaak tot die lugvervoerkoste van die eerste rugbyspan wat Suidwes-Afrika besoek het. Toe die UP-rugbyklub in 1967 die eerste Suid-Afrikaanse universiteitsklub geword het om 'n oorsese toer te onderneem (na Europa en die Britse Eilande), het die Bond van Oudstudente 'n bydrae van R750 tot die koste daarvan gemaak. Toe die UP-Kommando in 1977 as militêre eenheid tot stand gekom het, het die Bond R1 000 geskenk vir die aanskaf van basiese kantoorgeriewe in die huis wat deur die Universiteit tot die eenheid se beskikking gestel is.

Die Bond het nooit vergeet dat dit sy primêre funksie was om die belange van oudstudente te dien nie. Baie projekte en aanbiedinge, asook hulpverlening met die aanbied van ander funksies, is getuienis hiervan. In Maart 1970 het die sekretariaat van die Bond ruimskoorts hulp verleen toe 'n saamtrek van honderde oud-inwoners van die Fant—soos Vergeet-my-nie vroeër bekend was —plaasgevind het. Insgelyks kon die Bond 'n groot mate van bystand verleen met die reëlings van 'n reunie van oud-inwoners van Kollegetehuis, wat op 23 en 24 Mei 1975 plaasgevind het.

Op velerlei ander wyses het die Bond van Oud-Tukkies die belange van oud-studente gedien. 'n Groep Oud-Tukkies het aan die begin van 1974 'n Oudstudentekoor onder die leiding van mnr. Barry Fourie op die been gebring. Met die uitsondering van enkele persone wat oudstudente van ander universiteite was, was al die koorlede lewenslede van die Bond van Oud-Tukkies. Die Bond het gevolglik in 1975 die koor onder sy voogskap geneem. Die koor het groot belofte getoon en onder meer 'n televisie-optrede en die uitvoering van 'n Lydenskantate in die Universiteitsoordkerkgebou op hulle kerfstok gehad, voordat dit in 1977 vanweë die bedanking van die koorleier moes ontbind. Ook die Klinkerkoor wat in 1963 gestig is, en wat hoofsaaklik uit Oud-Tukkies bestaan het, is in 1971 amptelik deur die *Oudstudentebond* onder sy beskerming geneem. Hulp is verleen wat die aankoop en versorging van bladmusiek betref, en 'n oefenlokaal is tot die koor se beskikking gestel. Daar is ook besluit om te probeer om die Klinkerkoor by die kunsfeeste van die Universiteit in te skakel. Dié koor het ongelukkig 'n paar jaar later opgehou.

'n Ander manier waarop die Bond die belange van oud-studente dien, is die blokbespreking van sitplekke by belangrike sportgeleenthede. Dit geld veral die Tukkie-Matie botsing wat sedert 1973 elke tweede jaar op Loftus Versveld en in die alternatiewe jare op Stellenbosch plaasvind. Vir die wedstryd van Mei 1980 het die Bond 'n hele 1 200 kaartjies op diè wyse vir sy lede bekom.

Nog 'n tasbare wyse waarop die Bond 'n diens aan sy lede lewer, is die beskikbaarstelling van vakansiefasiliteite. Die soek na 'n vakansieoord vir sy lede het reeds in 1961 begin, toe die Bond 'n standplaas by Oubosstrand aan die Suidoos-Kaapse kus bekom het. Ondersoek is daarna na die doeltreffendste tipe strandhuis gedoen. Teen 1966 het die bestuur besluit om die regte op die erf aan die eienaars terug te gee, met verhaling van die geringe koste wat tot in daardie stadium aangegaan is. In 1968 het die bestuur besluit om 'n komitee bestaande uit dr. A.S. Jacobs en mnr. C.H. Cilliers aan te stel om die moontlikheid van belegging in 'n binnelandse vakansieoord te ondersoek. Bondslede het positief op die gedagte gereageer en verskeie moontlikhede is ondersoek. Uiteindelik het die bestuur besluit om hom met die Vaaloewervakansieoord op die wal van die Vaalrivier ten weste van Vanderbijlpark te verbind. Die ontwikkelaars van die oord het vyf persele met 'n geskatte markwaarde van R2 500 elk kosteloos aan die Bond aangebied, wat die bestuur aanvaar het. In 1973 is die Vaaloewerdorpsgebied geproklameer. Intussen het die bestuur twee ander persele verkry. Daar is besluit om twee van die persele te ontwikkel. Teen 1974 is die waarde van elke perseel reeds op sowat R5 000 gestel. Uiteindelik kon die Bond in 1977 twee gerieflike vakansiehuise by die oord in ontvangs neem. Die beleid was aanvanklik om die huise slegs aan lewenslede van die Bond beskikbaar te stel. Omdat dit nie winsgewend vir die onderneming was nie, is daar in 1978 besluit om die huise ook aan nie-lede te verhuur, hoewel Bondslede nog steeds voorkeur kry by die bespreking daarvan vir naweke en vakansies. Die huise is volledig toegerus met eet- en kookgerei, asook met gasstowe en paraffienyskaste. Elkeen bied slaapplek aan minstens sewe persone. Albei huise het 'n pragtige uitsig op die Vaalrivier en die oord het ook twee swembaddens, 'n pluimbalbaan, tennisbane, 'n wipmat, 'n kafeteria, aantreklike piekniekplekke, kongressale en twee goed toegeruste karavaanparke.

In 1977 het die Bond van Oud-Tukkies 'n nuwe terrein betree toe hy 'n toer vir 'n groep lede na Europa georganiseer het. Dit het uit 'n geselskap van 25 lede onder die leiding van mnr. Louis Vogel van die Buro vir Openbare Betrekkinge gestaan. Voorts het die Bond in 1979 'n projek geloods wat baie na aan die wese van die organisasie geleë was—om te sorg dat die herinneringe van oud-studente vir die Universiteitsgemeenskap behoue bly: die Bond is immers die skakelliggaam tussen die Universiteit en sy alumni. Die inisiatief in die saak het van die sekretaris, mnr. C.H. Cilliers, gekom. Hy het prominente Oud-Tukkies genader om hulle herinneringe aan hulle studentedae op skrif te stel. Die reaksie was verbasend gunstig en 'n magdom van interessante gegewens is bymekaargebring. Die gedagte het toe ontstaan om die stof in die vorm van 'n gedenkboek te verwerk en die bestuur het besluit om R1 000 vir die kundige redigering daarvan te bewillig. Die gedagte is om 'n boeiende publikasie daar te stel wat 'n redelike afset sou hê. Tot dusver het dié ideaal nog nie werklikheid geword nie.

In die ontspanningsbehoeftes van sy lede het die Bond van Oud-Tukkies—afgesien van die jaarlikse saamtrekke en die beskikbaarstelling van vakansiegeriewe—ook meer op gereelde grondslag voorsiening gemaak deur 'n Oud-Tukkie-gholfklub en 'n Oud-Tukkie-hengelklub. Nadat dit aan die begin van die sestigerjare gebruiklik geword het dat 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Oudstudente-gholfdag, 1972
V.l.n.r.: Prof. E.M. Hamman, mnr. B.J. Vorster (die destydse Eerste Minister), dr. Hilgard Muller en mnr. C.H. Cilliers.

span Oud-Tukkies teen 'n span Oud-Maties op die gholfbaan kragte meet, het die bestuur van die Bond aan die einde van 1963 besluit om 'n wisseltrofee vir die toernooie beskikbaar te stel. Kort daarna is 'n stap verder gegaan toe 'n Oud-Tukkie-gholfklub op 14 Maart 1964 tydens die groot jaarlikse saamtrek gestig is. Teenwoordig op die stigtingsvergadering was mnr. T.C. Boezaart, wat die vergadering gelei het, prof. C.H. Rautenbach, die rektor, en sowat 50 deelnemers aan die Oud-Tukkie-gholftoernooi vroeër die dag. 'n Komitee van drie lede is aangestel om die bal aan die rol te sit. Dit het bestaan uit mnre. T.C. Boezaart, C.H. Cilliers en J.H. Vorster. Mnr. Boezaart is daarna as die eerste kaptein aangewys. So het een van die gewildste en aktiefste liggame wat onder die vaandel en beskerming van die *Bond van Oud-Tukkies* werksaam was, tot stand gekom. Reeds in 1965 se jaarverslag kon die toentertydse voorsitter, dr. P.S. Rautenbach, rapporteer: "Min ondernemings van die Bond in die verlede was so suksesvol in die nadertrekking van 'n groot aantal oudstudente aan die Universiteit as juis hierdie gholfklub". Geen wonder nie, want teen 1967 het die ledetal van die klub al op 315 gestaan, waarvan 187 lewenslede van die Bond was. Teen 1975 was die gholfklub nog net so aktief en kon die Bondsvoorsitter in sy jaarverslag getuig: "Sedert daar in 1963 met saamtrekke begin is, het veral gholf sterk gefigureer in die betrokke aktiwiteite en het die gereelde spelers van die spel 'n heel besondere aandeel gehad in die groeiende entoesiasme vir die Bond se sake." Ook die vorige jaar het die Voorsittersverslag onder andere gelui: "Die een sportsoort wat sterk stukrag verleen aan die doelstellings van die Bond, is onteenseglik gholf". Sedertdien is lewenslidmaatskap van die Bond 'n vereiste vir lidmaatskap van die klub gemaak en teen 1986 was daar al meer as 600 lede.

Hoe het die Gholfklub die volgehoue belangstelling en inskakeling van oudstudente bewerkstellig? Die antwoord lê in die puik organisasie van gereelde kompetisies vir sy lede. Die kompetisies—in 'n baie vriendskaplike gees—het plaasgevind tydens die jaarlikse Pretoriase sportsaamtrekke en die jaarlikse gesinsnaweek, asook deur periodieke kampioenskapstoernooie vir lede. Dan was daar gereelde kragmetings teen die Oud-Matie-gholfklub, wat sedert die hervatting van die wedstryde tussen die Maties en Tukkies se eerste rugbyspanne in 1973 gewoonlik met dié geleenthede saamgeval het. As klubkaptein sedert die stigting van die klub tot Maart 1966, is mnr. T.C. Boezaart opgevolg deur mnr. J.H. (Tucker) Vorster (1966-1968) en van Maart 1968 tot Maart 1970 was mnr. Bags Cilliers die klubkaptein. Hy is van 1970 tot 1972 deur dr. Nick van Vuuren opgevolg en sedertdien was mnr. Cilliers ononderbroke die kap-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

tein tot Maart 1983. Die entoesiastiese klubkomitee het hom in die sestigerjare beywer vir die aanlê van 'n gholfoefenbof op die Proefplaas en was selfs so ambisieus om 'n negeputjiegholfbaan aan te vra. As gevolg van onsekerheid oor die beplande snelweë oor die Proefplaasterrein, moes die saak in 1966 voorlopig daar gelaat word. Dié aanvoorwerk is uiteindelik in 1980 beloon toe 'n oefenbof wel direk suid van die spoorlyn op die sportterrein aangelê is. Die klubkomitee se geesdrif en ywer was so groot dat 'n groep lede in April 1983 'n uiters geslaagde gholftoer na Spanje onderneem het. Die onderneming is 'n jaar daarna herhaal.

In 1972 is daar ook 'n Oud-Tukkie-Hengelklub onder die beskerming van die Bond van Oud-Tukkies gestig. Die voorsitter was mnr. F.J.H. Barnard van die Buro vir Openbare Betrekkinge en 'n behoorlike grondwet is opgestel. Sommer nog binne die eerste jaar van sy bestaan, is twee binnelandse hengeloorde deur welwillende oud-studente vir gebruik deur die klub beskikbaar gestel. Die *Bond van Oud-Tukkies* het 'n opblaasbootjie aan die klub geskenk en 'n lening beskikbaar gestel vir die aankoop van 'n behoorlike boot en sleepwa. In die eerste paar jaar van sy bestaan het die klub 'n aantal hengelkompetisies gereël, maar daarna het dit onaktief geword en was die enigste werklike hengelaktiwiteit kompetisies in ligter trant as deel van die jaarlikse groot sportsaamtrek in November.

Die *Bond van Oudstudente* wou graag sigbare vorm aan die identiteit van sy lede gee. Dit het op twee maniere geskied: deur die aanvaarding van 'n baadjie en oudstudentedas wat slegs vir lede beskore was. In die vroeë sewentigerjare het die Bond met die Studenteraad oor 'n kleurbaadjie en sakwapen spesifiek vir lewenslede onderhandelinge gevoer. Uiteindelik het die onderhandelinge vrugte afgewerp toe daar in 1973 'n donkerblou kleurbaadjie soortgelyk aan die amptelike studentekleurbaadjie goedgekeur is. Dit word van die laasgenoemde onderskei deur 'n balkie onder die sakwapen met die bewoording "Bond van Oud-Tukkies" daarop. Hierdie netjiese baadjie word met trots deur lewenslede van die Bond gedra. Na verdere onderhandelinge, is die baadjie aan die begin van 1979 deur 'n oudstudentedas gevolg. Heel gepas is die amptelike Universiteitskleure in die das gebruik: 'n donkerblou agtergrond met dikker en dunner strepe in ougoud en rooi skuins daaroor, maar met die Bond se motief wat uitwaartse beweging simboliseer—'n roset van rooi pyle met die punte na buite—as fokuspunt. Hierdie sterk en opvallende ontwerp, wat terselfdertyd baie stylvol is, het gou inslag gevind. Om dié kleuritem se gebruik te beskerm, word dit slegs deur die sekretariaat van die Bond bemark. Die Bond het aanvanklik die wens uitgespreek dat die das veral op Vrydae en by geleentheid van belangrike Universiteits- en Bondsfunksies gedra moet word. Dit hoef egter nie slegs saam met die kleurbaadjie gebruik te word nie. Dit is gevolglik sedert 1980 al hoe meer saam met bypassende klere op die kampus en elders opgemerk. 'n Derde wyse waarop die Bond sy lede in staat gestel het om hulle identiteit sigbaar te vertoon, was deur die verskaffing van agterruitplakkers vir motors. Hierdie plakkers is sedert die middel van die sewentigerjare aan lede beskikbaar gestel, waardeur hulle ook hulle trots oor hulle verbintenis met die Bond en die Universiteit kon uitdruk.

Die Bond van Oud-Tukkies het nie nagelaat om oudstudente wat hulle op die een of ander wyse onderskei het, periodiek te vereer nie. In Maart 1966 en weer in Oktober 1980 het die Bond onthale gereël waarheen die oud-voorsitters van die Binne- en Buitemuurse Studenterade genooi is. Die laasgenoemde geleentheid is deur die verbasende getal van 64 oud-voorsitters bygewoon. In 1966 is die funksie gekombineer met 'n huldiging van mnr. M.D.C. (Daan) de Wet Nel, voorheen Minister van Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling, by geleentheid van sy uittrede uit die Kabinet en die Volksraad. Die oud-minister was in 1927 voorsitter van die Binnemuurse Studenteraad.

Die ander wyse waarop die Bond uitstaande lede vereer, is deur lourierkranstoekennings—die hoogste eer wat aan 'n lid bewys kan word. Om so 'n toekenning te ontvang, moet 'n persoon in die een of ander hoedanigheid besondere diens aan sy alumni gelewer het, of op 'n vroeë ouderdom as lid van die Bond aangesluit het. Die kenteken bestaan uit 'n spesiale kleurbaadjie wat 'n lourierkrans rondom die wapen bevat. Die toekenning van 'n lourierkrans is iets heel besonders—net soos die toekenning van 'n eredoktorsgraad deur 'n universiteit 'n heel besondere eer is. Die lys name van persone wat dié besondere eer te beurt geval het, is gevolglik indrukwekkend. Onder hulle tel die volgende: dr. P.S. Rautenbach (oud-voorsitter van die Bond); prof. J.G.A. Davel (voormalige hoogleraar in Kindergeneeskunde); prof. B.V. Lombaard (oud-voorsitter); dr. Hilgard Muller (oud-voorsitter en kanselier van UP, 1964-1984, asook Minister van Buitelandse sake, ambassadeur in die Verenigde Koninkryk en parlementslid); prof. E.M. Hamman (gewese rektor); mnr. B.J. Vorster (gewese eerste minister en staatspresident); dr. G.A.C. Kuschke (voormalige Raadslid van UP en eertydse Direkteur van Onderwys in Transvaal); Hoofregter F. Rumpff (voormalige president van die konvokasie); mnr. H.B. Grant Mackenzie (bekende sakeman van Pretoria en eenmaal sekretaris van die Past Students Association van die Transvaal University College, die voorloper van die Bond van Oudstudente van UP); mnr. C.H. Cilliers (direkteur van Openbare Betrekkinge van UP en van die einde van 1944 tot 1980 sekretaris van die Bond van Oudstudente); prof. A.N. Pelzer (voormalige dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, registrateur en vise-rektor); mnr. Willem Haak (voormalige besigheidsman van Pretoria, student aan die Transvaalse Universiteitskollege in 1908 en 1909, groot sportentoesias en baanbreker op die gebied van atletiek); dr. D.M. Joubert (huidige rektor van UP, voormalige voorsitter van die Bond van Oudstudente, professor in Skaapteelt en Woltegnologie, direkteur van Vakkundige Hulpdienste in die voormalige Departement Landbou-tegniese Dienste, sekretaris-generaal van die Suid-Afrikaanse Streekskommissie vir die Bewaring en Benutting

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die Bodem, direkteur van die Transvaalstreek van die Departement Landbou-tegniese Dienste en vise-president van die WNNR); dr. Anton Rupert (voorsitter van die Rembrandt-groep van Maatskappye, ereprofessor in Ekonomie van UP en groot kampvegter vir die bewaring van die Suid-Afrikaanse kultuurbesit en natuurlewe); prof. P.W. Hoek (voormalige hoof van die Departement Rekening- en Ouditkunde, ereprofessor in dié Departement, lid en vise-voorsitter van die Universiteitsraad); dr. G. van N. Viljoen (oudstudent, gewese rektor van die Randse Afrikaanse Universiteit, Administrateur-Generaal van Suidwes-Afrika en tans minister); mnre. J.P.J. van Vuuren en I.J.D. Wentzel (onderskeidelik lewenslede nommer 10 en 16); mnr. Martin Smuts (oud-registrateur); regter W.G. Boshoff; dr. Brand Fourie (Suid-Afrikaanse beroepsdiplomaat, van 1982 tot 1985 Buitengewone Gevolmagtigde Ambassadeur, Washington, voorsitter van die Beheerraad van die SAUK); prof. C.H. Rautenbach (rektor emeritus).

By geleentheid het die Bond ook op ander maniere sy lede spesiaal vereer. Tydens 'n spesiale dinee is daar byvoorbeeld in Oktober 1978 lapelwapens oorhandig aan mnr. Alwyn Schlebusch, toe nog Minister van Binnelandse Sake, sy eggenote en 'n vyftal ander lewenslede, onder wie die eggenote van die waarnemende Staatspresident, mev. Marietjie Viljoen.

Twee verdere projekte wat deur die Bond van Oudstudente aangepak is—die een sonder sukses en die ander suksesvol—was die installering van 'n klokkespel op die kampus en die bemarking van 'n spesiaal geweefde kombers met die Universiteitswapen daarop. Die gedagte aan 'n gereelde klokkespel op die kampus is die eerste keer in 1957 deur prof. J.D.J. Hofmeyr in 'n brief aan die Bondsbestuur aanhangig gemaak. Hy het onder andere geskryf: "Ek het toe op die gedagte gekom dat gereelde klokkespel waar die Alma Mater dikwels gehoor kan word en studenteliedjies, intervarsityliedjies, ens., soos omstandighede mag vereis, in die klokkespelprogramme opgeneem word, 'n belangrike bydrae sal lewer om die gevoel vir die Alma Mater te verstewig. Dié van ons wat oorsee was en aan Universiteite daar gestudeer het, sal die klokkespel nooit vergeet nie!"

Die bestuur van die Bond het die saak ondersoek, soos blyk uit die feit dat 'n private firma in Maart 1957 'n demonstrasie van klokkespel by die Universiteit gegee het. In Junie 1959 het die bestuur besluit om £1 000 onvoorwaardelik aan die Universiteit te skenk, maar met die wenk dat dit moontlik vir so 'n klokkespel aangewend kan word. In Julie 1960 is die Bond meegedeel dat die Raad besluit het om die saak te laat oorstaan totdat die rooster gestabiliseer is, en dat daar ingegaan is op die aankondiging en afsluiting van lesingperiodes deur 'n klokke-installasie of 'n ander stelsel.

Daar het die saak toe vasgesteek om eers weer in 1978 uit die kas gehaal te word. In 'n memorandum wat voor die bestuursvergadering van die Bond in April 1978 gedien het, is die gedagte aan 'n elektroniese klokkespel wat deur 'n minirekenaar geprogrammeer word, geopper. Daar is weer op die waarde van so 'n klokkespel gewys: dat 'n elektroniese klokkespel by die Universiteit uniek in Suid-Afrika sou wees; dat dit 'n manier sou bied om die studente se aandag te vestig op die vlaghysingseremonie en ander funksies wat die Universiteit as geheel raak, ens.

Nadat die Bestuur van die Bond die professionele advies van prof. L. van Biljon van die Departement Elektroniese Ingenieurswese en een van sy finalejaarstudente ingeroep het, is daar besluit om die installering van so 'n kariljon ten bedrae van ongeveer R1 800 te steun, en om alle dokumentasie hieroor na die vise-rektor te stuur met die versoek dat die beginsel van die installering van die apparaat op die volgende Raadsvergadering bespreek moet word. Die Raad het daarop besluit om die aangeleentheid eers vir ondersoek na die hoof van die Tegniese Afdeling te verwys. Daar is ook besluit om geen finale beslissing te neem voordat die apparaat getoets en die mening van verskillende instansies, soos die dosentekorps en die VSR verkry is nie. Die beoogde klokkespel het daarna 'n skripsietaak van 'n finalejaarstudent in Elektroniese Ingenieurswese geword. Toe hy min vordering daarmee gemaak het, het die Universiteitsraad in April 1979 besluit om nie met die saak voort te gaan nie. Dit is tog jammer dat hierdie projek nie tot volvoering gebring kon word nie. 'n Klokkespel op die kampus kon baie daartoe bygedra het om 'n rustige akademiese atmosfeer te skep en dit sou die Tukkiekampus uniek in Suid-Afrika gemaak het.

'n Ander noemenswaardige projek wat die Bond van Oudstudente aangepak het, was die verkoop van 'n spesiaal geweefde kombers met die Universiteit se wapen daarop. Die kombers is in opdrag van die Bond deur 'n wewersfirma in Harrismith vervaardig en teen 'n wins van die hand gesit om die geld vir beurse aan te wend. Vooraf is daar eers met die Sentrale Studenteraad oor die kwessie onderhandel en in 1977 is die eerste bestelling vir komberse geplaas. Aanvanklik is die komberse slegs deur die amptelike kleurverskaffers van die Universiteit bemark, maar later is daar ook van private persone gebruik gemaak, wat die werk op 'n kommissiebasis gedoen het. Uit die opbrengs van die onderneming kon 'n paar duisend rand oor die loop van die vier jaar tot 1981 in die beursfonds gestort word.

Vroeër is daar reeds genoem dat die Bond van Oudstudente aan feesvieringe van die Universiteit deelgeneem het. In verband met die halfeeufeesviering van 1980 is die Bond se Herdenkingsbeursfondsprojek en sy deelname aan die onthulling van 'n gedenkplaat by die Ou Letteregebou reeds genoem. Ander ondernemings van die Bond in dié feesjaar was die reël van die uitstalling van die kunsbesit van oud-studente in medewerking met die Pretoriase Kunsmuseum, en 'n foto-uitkenningskompetisie. Verskeie Halfeeufeesgedenkstukke vir bemarking teen kosprys is vervaardig en versprei. Die uitstaande item was 'n genommerde gedenkbord, waarvan 600 gemaak is. Die Oud-Tukkiedas is ook net vir diè bepaalde jaar voorsien van 'n voering met die inskripsie "UP 1930–1980"

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

daarop. Die Bond het 'n blyspel met die titel *Jakara*, waarvoor die libretto deur lewenslid Fanus Rautenbach geskryf is, vir die feesjaar beplan. Die gedagte was dat die blyspel die ontwikkeling van die Universiteit sou weergee. Weens onvermydelike omstandighede kon die projek nie enduit deurgevoer word nie en het 1980 sonder *Jakara* verbygegaan.

Ook in 1982 was die Bond tydens die Afrikaanswordingfeesviering baie aktief. Vir die Bondslede was die hoogtepunt daarvan 'n byeenkoms op Maandagaand 13 September 1982. In sy jaarverslag skryf die voorsitter hieroor: "Die aangrypende ondervinding om weer Oud-Tukkiesportliedjies onder leiding van rasieleier Jannie Malan (dr. Jannie Malan, leraar van die NG Gemeente Asvoëlkop in Johannesburg) en begeleiding deur 'n ewe historiese orkes, te kon sing, is slegs oortref deur die genot daarvan om na ons woordkunstige rektor se huldigingsrede te luister".

'n Laaste projek waarmee die Oudstudentebond intiem gemoeid was—en waarskynlik die merkwaardigste en indrukwekkendste tot op datum—is die heroprigting van die historiese huis Kya Rosa, waar die ou Transvaalse Universiteitskollege op 10 Februarie 1908 sy deure vir studente oopgestel het. Dié verhaal het sy ontstaan aan die einde van 1979 gehad toe daar aan die Herdenkingskomitee vir die vyftigste bestaansjaar van die Universiteit opgedra is om die moontlikheid te ondersoek om die twee huise bekend as Kya Rosa en Kya Lami vir die Universiteit te bekom en te bewaar. Kya Rosa het die eerste klasse gehuisves, en dit het later saam met Kya Lami as dameslosieshuis diens gedoen. In April 1980 het die Raad op aanbeveling van die Finansiële Komitee besluit om goedkeuring te verleen vir die oprigting van 'n replika van Kya Rosa op die plek of in die omgewing waar die gebou gestaan het waarin die Kinderleidinginstituut in daardie stadium gehuisves was. Daar is verder besluit dat die oprigtingskoste deur die Universiteit uit eie fondse gefinansier sou word, maar dat probeer sou word om ook uit ander oorde, soos die Bond van Ondstudente, finansiële steun te verkry.

Die Bond het die uitdaging met albei hande aangegryp. In 1981 het die Bestuur van die Bond eenparig besluit om die projek as 'n spesiale Bondsprojek te aanvaar, en om vir die fondsinsameling daarvoor in te staan. Hiervoor het die Bestuur 'n loodskomitee onder die voorsitterskap van mnr. C.H.H. Scheepers benoem. Die loodskomitee het in 1982 'n werkskomitee aangewys, wat teen die einde van 1982 al so ver gevorder het dat die terrein aan die bouer oorhandig is.

Die fondsinsameling was van die begin af 'n reusetaak en die koste het spoedig begin toeneem. Gelukkig het die bydraes fluks ingekom. Dit het begin met 'n skenking van R1 000 deur mnr. G.A.C. Kuschke. Teen November 1982 kon daar gerapporteer word dat benewens 'n kontantbedrag van meer as R26 000 wat reeds beskikbaar was—waarvan die Bond R10 000 uit eie reserwes bygedra het—skenkingsbeloftes vir bykans al die materiaal reeds ontvang was. Teen daardie tyd is die totale boukoste egter reeds op R250 000 bereken—dus was daar nog 'n lang pad voor. Teen 1983 het die loodskomitee onder die energieke leierskap van sy nuwe voorsitter, mnr. B.C. Alberts, gewoel en gewerskaf. Op 10 Februarie 1983, presies 75 jaar nadat die Transvaalse Universiteitskollege sy deure in Kya Rosa in Skinnerstraat geopen het, kon die rektor die eerste sooi vir die heroprigting van Kya Rosa spit. Teen November van daardie jaar was daar 'n bedrag van R85 000, benewens boumateriaal ter waarde van R40 000, ingevorder. By die skryf hiervan staan die trotse gebou in herrese vorm byna voltooi tussen al die ander moderne Universiteitsgeboue. By voltooiing het die Bond van Oudstudente volgens besluit ook kantoorruimte in die gebou gekry.

Kyk 'n mens terug oor die tydperk 1960 tot 1982, weerspieël die Bond van Oudstudente van die Universiteit van Pretoria voorwaar 'n beeld van lewenskragtigheid. As rugsteun vir die Universiteitsowerheid, as bewaarder en bevorderaar van die goeie naam van die alma mater en as saambindende organisasie vir meelewende oudstudente, het die Bond 'n rol van onskatbare waarde gespeel.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

V *Simbole en Kuns- en Kultuurhistoriese versamelings*

Die Universiteitswapen en -vlag

Die Universiteitswapen

Soos bekend is die oorspronklike wapen van die Universiteit van Pretoria deur prof. J.S. van der Linde ontwerp. Hy het kennis van heraldiek gehad. Sy ontwerp is op 1 Junie 1930 deur die Universiteitsraad aanvaar, maar eers in 1935 is daar aansoek om registrasie by die Departement van Binnelandse Sake gedoen. Op die aansoek is die wapen soos volg beskrywe:

"(a) Kopstuk, 'n boek en anker in natuurlike kleure.
(b) Verdeling van skild, 'n omgekeerde gaffel van goud.
(c) Basis, 'n ossewa in natuurlike kleur op 'n veld van asuur.
(d) Dexterhoof, drie bye, een twee, in natuurlike kleur op 'n veld van rooi."

Hierdie beskrywing is deur die Departement van Binnelandse Sake hersien en die wapen is soos volg geregistreer:

> "'n Skild, in ou-goud omsoom, en in drie verdeel deur 'n omgekeerde gaffel in 'n ou-goud kleur; in die basis, op 'n veld van donkerblou, verskyn 'n ou-goudkleurige ossewa. In die regterhoof, op 'n veld van dieprooi, verskyn 'n voorstelling van drie bye, een bo en twee onder, in ou-goud en donkerblou; in die linkerhoof, op 'n veld van dieprooi, verskyn drie ringe in ou-goud, twee bo en een onder. Op die skild rus 'n kopstuk bestaande uit 'n boek, in wit, donkerblou en ou-goud, oopgeslaan oor 'n anker in ou-goud en donkerblou met 'n ou-goudkleurige en donkerblou koord. Onder die skild verskyn 'n krul, in ou-goud omsoom, met die leuse AD DESTINATUM PERSEQUOR, in ou-goudkleurige letters op 'n donkerblou veld."

Hoewel dit afwyk van die eersgenoemde beskrywing, is die geregistreerde beskrywing of blasoenering as die amptelike een aanvaar. Die wapen het ingeburger geraak en oor al die jare die Universiteit gedien. Met die ontwerp en registrasie van 'n Universiteitsvlag in 1974 (met die skild van die wapen daarop aangebring), is daar bevind dat die wapen soos dit al die jare gebruik is, nie in alle opsigte met die blasoenering daarvan ooreenstem nie. In die blasoenering (geregistreerde beskrywing) word vermeld dat die skild en ook die krul van die leuse "in ou-goud omsoom" word. In die heraldiek beteken *omsoom* 'n breë band ongeveer een vyfde of een sesde so breed as die skild en krul self. So 'n wapen het nooit bestaan nie. Wel is daar van 'n smal omlysting gebruik gemaak by die krul van die leuse en ook by die wapen self, waar dit op 'n blou agtergrond (soos op 'n kleurbaadjie) aangebring is. Die verklaring is dat die amptenare van die Departement Binnelandse Sake nie opgeleide heraldici was nie en met "omsoom" eintlik "omlys" of "omlyn" bedoel het. Omlysting is nodig, want volgens die Heraldiekwet mag kleur nie op kleur verskyn nie maar dit moet deur metaal, in hierdie geval goud, geskei word. Die skild is toe op die vlag aangebring met 'n omlyning (*fimbriasie* in die heraldiek) van goud, en dit is ook so geregistreer.

Tydens onderhandelinge met die Buro vir Heraldiek is daar ontdek dat die wapen in enkele ander opsigte ook nie heraldies korrek is nie. Volgens heraldiese vereistes moet die helmstuk (in hierdie geval die boek en anker) deur 'n wrong van die wapen geskei word. 'n Wrong is 'n "kransvormige gekabelde serp," altyd voorgestel met ses wendings afwisselend in die hoofkleur en die hoofmetaal van die wapen, in hierdie geval rooi en goud. Op die ou wapen was daar geen wrong nie, maar het die helmstuk (anker en boek) direk op die skild gerus.

Verder veronderstel die woord *helmstuk* dat daar ook 'n helm moet wees. Dit gaan hier om 'n Middeleeuse staalhelm met geslote visier. Hierdie helm word nooit in die blasoenering genoem nie, maar as vanselfsprekend veronderstel. Die helmstuk rus op die helm, van mekaar geskei deur 'n wrong, en die helm rus vervolgens op die skild. Nou was dit vroeër 'n Engelse gebruik om die helm weg te laat: dit is waarskynlik die rede waarom dit nie op die wapen van die Universiteit van Pretoria, soos geteken deur prof. Van der Linde, voorgekom het nie.

Ook is daar bevind dat die enigsins hoekige vorm van die skild 'n anachronisme is, d.w.s 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Die ou Universiteitswapen soos dit tot 1977 daar uitgesien het.

Die nuwe seremoniële Universiteitswapen wat in 1978 in gebruik geneem is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verouderde vorm. Hoewel die skild volgens heraldiese vereistes nie altyd in dieselfde vorm geteken hoef te word nie, maar aangepas kan word by die gebruik wat daarvan gemaak word, is dit wel 'n heraldiese beginsel dat dit volgens "die hedendaagse heraldiese idioom" (wat ook die ontstaanstyd van die wapen aandui), moet geskied.

Die aanbeveling van die Buro vir Heraldiek, waarvan prof. N.O. Roos lid is, was dat die Universiteitswapen heraldies korrek gemaak en herregistreer moet word "in die hedendaagse heraldiese idioom," d.w.s. volgens die ontstaanstyd van die wapen. "Dit sou die voordele inhou," lui die aanbeveling verder, "dat die Universiteit 'n volledige wapen, weergegee in kontemporêre styl, tot sy beskikking het vir gebruik waar dit paslik geag word, bv. by seremoniële geleenthede of op belangrike oorkondes soos graadsertifikate, ens. Vir minder formele doeleindes sou 'n verkorte weergawe daarvan aangewend kon word, d.w.s. 'n skild sonder die helm of dekklede, maar met 'n helmteken. Ook sal die skild alleen gebruik kan word, soos in die geval met die Universiteitsvlag."

Die blasoenering lui soos volg:

> "*Wapen*: Kepersgewys verdeel van rooi en blou, 'n omgekeerde gaffel vergesel van regs drie bye 1 en 2 en links drie ringe 2 en 1 en in die skildvoet 'n ossewa, alles van goud;
> *Helmteken*: Voor 'n gekabelde anker van goud, 'n oop boek van natuurlike 'kleur;
> *Wrong en Dekklede*: Goud en rooi".

Die aanbeveling is daarop aan die betrokke Universiteitsinstansies voorgelê en op 26 September 1977 het die Universiteitsraad besluit: "Dat die Universiteit die Universiteitswapen normaliseer en herregistreer kragtens die voorskrifte van die Heraldiekwet en dat die aanpassings in die ontwerp van die wapen gemaak word ooreenkomstig die grafiese weergawe wat in *bylae 4* verskyn, en met inagneming van moontlike aanpassings in die voorstelling van die wa met betrekking tot die disselboom en tent; dat die Buro vir Heraldiek versoek word om 'n variasie op die geregistreerde wapen, met ander woorde sonder helm en dekklede, te ontwerp vir gewone gebruik."

Prof. Roos is gevra om in dié geval direk met die staatsheraldikus te onderhandel. Die aansoek is op 21 Oktober 1977 aan die Raad van Heraldiek voorgelê en die aansoek om registrasie verskyn in die Staatskoerant van 27 Januarie 1978.

Op aanbeveling van die rektor is die nuwe wapen in kleur in *Tukkiewerf* afgedruk. Later verskyn dit ook in die 1978-uitgawe van *Skakelblad*, saam met kleurafdrukke van die wapens van die verlede, ook dié van die TUK. In beide gevalle is dit vergesel van 'n helder uiteensetting van prof. A.N. Pelzer, wat 'n groot aandeel aan al die onderhandelings gehad het.

Die gebruik van die wapens is in Junie 1978 deur die topbestuur vasgestel. Die volledige (seremoniële) kleurwapen word gebruik op die program van promosieplegtighede, op graadsertifikate en vir moontlike ad hoc-reëlings van besondere aard; die onvolledige (gewone) wapen in kleur op uitnodigings na buffetetes, op sitplekkaartjies by dergelike etes, op ander toevallige drukwerk en op briefhoofde van die rektor, die vise-rektore en registrateurs; die gewone wapen in swart en wit op gewone briefhoofde, op dekkende brosjures vir die versending van jaarboeke, beursbrosjures en losies-aansoekvorms, op jaarboeke, beurs- en leningsbrosjures, op sitplekkaartjies vir bespreekte plekke; tydens gradeplegtighede, op kokers vir eregrade en op alle afrolwerk en ander drukwerk waarop 'n wapen gebruik word; en op reliëfseëls vir graadsertifikate, medaljes en eregrade. Blykbaar is daar in die jare hierna nie streng aan hierdie voorskrifte gehou nie. So vind 'n mens byvoorbeeld die seremoniële (of volledige) wapen in swart en wit op die jaarboeke van 1982.

Ook het die topbestuur besluit dat die kleure gekodifiseer moet word. Dit geskied weer met behulp van prof. Roos en met behulp van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde. Dit is soos volg volgens die kleurindeks van die British Colour Council voorgestel:

Rooi: "Old Glory" Rooi	Kode 70180
Blou: Koningsblou	Kode 70087
Geel: Goudgeel	Kode 70086

'n Interessante verdere ontwikkeling was die uitsny van die wapen in hout. Mev. Auranda van der Merwe het in *Tukkiewerf* van Mei 1978 'n afbeelding van die nuwe seremoniële wapen gesien, en toe aan mnr. C.H. Cilliers, direkteur van Openbare Betrekkinge, aangebied om die wapen in hout uit te sny. Nadat sy van haar houtsnywerk vertoon het (waarvan sommiges saam met dié van ander Suid-Afrikaanse kunstenaars in 1977 op die Orly-weslughawe, Parys, vertoon is), is daar besluit om die uitsny van nie slegs die genoemde wapen nie, maar ook van die ou wapen van die Universiteit van Pretoria en dié van die Transvaalse Universiteitskollege, aan haar op te dra. Hierdie kunswerke hang tans in die ingangsportaal, vierde verdieping, Administrasiegebou. Dit is op 1 Maart 1979 plegtig deur die rektor in ontvangs geneem.

Die Universiteitsvlag

"Ek moet dit seker weet, maar ek weet dit nie: Het die Universiteit 'n vlag? Indien wel, het ons 'n reglement waarvolgens die vlag, alleen of saam met die landsvlag, op sekere tye gehys word?" Dit skryf die rektor, prof. E.M. Hamman, op 13 September 1973, aan mnr. Martin Smuts, registrateur (Finansies en Bedryfsadministrasie). Soos prof. Hamman later tydens die eerste vlaghysing verklaar het, het die idee by hom en prof. H.W. Snyman ontstaan.

Na ondersoek, is daar vasgestel dat die Universiteit nie 'n vlag het nie en in die verlede blykbaar ook nooit een besit het nie. Dié vraag is daarop na die Uitvoerende komitee van die senaat verwys: is dit wenslik dat die Universiteit 'n vlag besit? Indien wel, en indien die Raad so besluit, moet die volgende aandag geniet: die ontwerp, wat heraldies korrek moet wees, 'n reglement wat sal bepaal waar en wanneer die vlag gehys sou word, en advies van deskundiges.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Die Universiteitsvlag.

Op aanbeveling van die senaat het die Raad "die beginsel van die daarstelling van 'n Universiteitsvlag, wat as sodanig geregistreer moet word, goedgekeur." Die uitvoering van die besluit is aan die twee registrateurs opgedra, maar mnr. C.H. Stuart, die registrateur (Akademies), het die vise-rektor, prof. A.N. Pelzer, versoek om hulle behulpsaam te wees. Prof. Pelzer het vervolgens 'n leeueaandeel in die verdere onderhandelinge gehad.

Hy het met die Staatsheraldikus in verbinding getree, wat aan 'n onderkomitee van die Buro vir Heraldiek opdrag gegee het om 'n vlag te ontwerp. Die voorsitter van hierdie onderkomitee was prof. N.O. Roos. Op sy aanwysings het die Departement Beeldende Kunste 'n vlag ontwerp. Vir prof. Pelzer het hierdie ontwerp "enigsins kleurvol" voorgekom. Aan die Staatsheraldikus skryf hy dat hy dit "treffend" vind en dat dit hom "baie beïndruk", maar uit die reaksie van personeellede aan wie hy dit getoon het, het die vraag ontstaan of 'n vlag met "'n donkerblou agtergrond met in die een hoek daarvan die universiteitswapen heraldies toelaatbaar sal wees?"

Die antwoord was dat dit wel toelaatbaar is, en dat die posisie van die wapen op die vlag van persoonlike smaak afhang. Dit is wel waar dat 'n vlag met 'n skild daarop "van 'n vlagkundige oogpunt" minder gewens is, maar dit kom so algemeen voor dat dit wel aanvaar kan word. Die beswaar daarteen hou verband met die heraldiese bepaling dat kleur nie op (langs) kleur geplaas mag word nie, maar deur metaal, in hierdie geval goud, van mekaar geskei moet word. Aangesien die basiese livreikleure gewoonlik, en ook in hierdie geval, in 'n vlag en wapen voorkom, moet daar om die skild 'n omlysting van goud aangebring word. Dit staan bekend as fimbriasie.

Die Buro vir Heraldiek, in werklikheid prof. Roos en sy Departement, het daarop nog drie vlae ontwerp en saam met die eerste een was daar toe vier vlae waaruit gekies kon word. Interessantheidsonthalwe word die beskrywings van al vier die ontwerpe hier verstrek:

> *Tekening A* (dit is die eerste ontwerp, wat prof. Pelzer 'enigsins kleurvol' gevind het). Omgekeerd gaffelgewys verdeel van rooi en blou, oor die snylyn van 'n omgekeerde gaffel van goud vergesel van in rooi regs drie vlieënde bye geplaas 1 en 2 en links drie ringe geplaas 2 en 1 en in blou 'n ossewa, alles van goud.
>
> *Tekening I* (dit is een van die drie ontwerpe, I, III en IV genommer, wat later bygekom het). 'n Vlag van blou, die broeksbalk belaai met die skild van die wapen van die Universiteit.
>
> *Tekening III* Deurgesny in blou en rooi, die blou baan twee wydtes, die rooi baan een, belaai met die skild van die wapen van die Universiteit.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tekening IV In rooi, 'n dwarsbalk vergesel bo van 3 bye in vlug en van onder 3 ringe, alles van goud en aan die broekkant 'n geer omsoom aan die wapperkant van goud.

Die keuse het op tekening III geval. Dit was ook die keuse van die Sentrale Studenteraad, aan wie die verskillende ontwerpe voorgelê is. Die senaat het hierdie ontwerp op 29 Mei 1974 goedgekeur en die Raad op 17 Junie 1974. Hierna is dit by die Buro vir Heraldiek geregistreer. (Aansoek om registrasie verskyn in die *Staatskoerant* van 23 Augustus 1974 en kennisgewing van registrasie in die uitgawe van 3 Januarie 1975.)

Die beskrywing van die vlag, soos geregistreer, lui: "Verlaagd deursnede van blou en rooi met die wapenskild van die Universiteit gefimbrieer van goud in die middel." Let daarop dat slegs die skildgedeelte van die wapen op die vlag voorkom, d.w.s. sonder die helmstuk (die boek en die anker) daarbo en die leuse daaronder. Die grootte van die vlag word soos volg aangegee: "180 x 130 cm (huis), 91 x 61 cm (storm)." Dit beteken dat die groter vlag by mooiweer en die kleiner een by reën- of stormweer gehys word.

Die Buro vir Heraldiek het nog die volgende verdere besonderhede oor die vlag verstrek: "Die vorm van die wapenskild is effens verleng om te voldoen aan die hedendaagse vorm. (Hierdie vorm is in 1978 ook in die wapen opgeneem toe dit verander is om heraldies korrek te wees.) Die onderste punt van die wapen is effens nader aan die vlagrand as die boonste omdat die puntige helfte van die skild 'n kleiner oppervlakte as die boonste helfte het. Die totaalbeeld van die vlag word daardeur in optiese balans gebring. Trouens, die mees prominente figuur op die vlag, die goue gaffel, vertak uit die hart van die wapen wat op die meetkundige middelpunt van die vlag is. Die deellyn tussen die twee kleurbane is teenoor die beginpunt van die boonste wapenveld geplaas omdat dit presies aansluit by die opwaartse swenk van die skildverdeling."

Vervolgens is daar 'n reglement opgestel oor die plekke en tye waar en wanneer die vlag sal wapper, of gevoer sal word, soos die heraldiese uitdrukking lui. Prof. Pelzer het gegewens ingewin oor bepalings van die gebruik van die landsvlag om as voorbeeld te dien, en 'n mens kan aanneem dat die reglement hoofsaaklik deur hom opgestel is. Op 17 Junie 1974 is hierdie "Voorskrifte in verband met die vertoon van die vlag van die Universiteit van Pretoria" deur die Universiteitsraad goedgekeur.

Eerstens is die amptelike vlagstasies bepaal: die hoofvlagstasie voor Letteregebou I, die ander by die Fakulteit Veeartsenykunde, die Mediese Kompleks, die Buitemuurs Gebou en die Administrasiegebou. Op voorstel van die dekaan van die Fakulteit Geneeskunde, het die Kalafonghospitaal bygekom. Dan kan die vlag ook by koshuise en ander geboue van die Universiteit gehys word, asook by sportgeleenthede "waar sportspanne verteenwoordigend van die universiteit as 'n geheel optree, mits behoorlike voorsiening bestaan vir 'n waardige vertoon van die vlag."

Wanneer die Universiteitsvlag saam met die landsvlag aan afsonderlike vlagpale gevoer word, staan die landsvlag links (van die toeskouers gesien) en die Universiteitsvlag regs. Indien hulle aan een paal gevoer word, moet die landsvlag bo wapper. Die landsvlag moet altyd eerste gehys en laaste gestryk word. Wanneer die Universiteisvlag saam met dié van 'n besoekende universiteit gevoer word, moet dit links staan. Die grootte van die vlag word nie voorgeskryf nie, solank die verhouding van breedte tot lengte twee tot drie is: vir "gewone gebruik" is die lengte twee meter, maar drie meter wanneer dit saam met die landsvlag gevoer word.

Die geleenthede waarop die Universiteitsvlag by amptelike vlagstasies gevoer word, is die volgende: inskrywingsdae, elke lesingdag van die semester van Maandag tot Vrydag, Lentedae, gradeplegtighede wat in daglig plaasvind, Republiekdag, 10 Oktober en enige ander dag deur die rektor bepaal. Geloftedag ontbreek omdat dit in die vakansie val. Dan is daar nog spesiale dae vir bepaalde vlagstasies waar die dag van belang is.

Verdere voorskrifte bepaal dat die Universiteitsvlag halfstok sal hang "by geleentheid van die oorlye van 'n personeellid of 'n student of 'n hooggeplaaste funksionaris van die universiteit." Die verantwoordelikheid vir "hysing, stryking en bewaring" berus by die registrateur (Finansies en Bedryfsadministrasie), in oorleg met die rektor. Vlae wat afgekeur word weens beskadiging, moet verbrand word.

Op Lentedag 11 September 1974 is die vlag vir die eerste keer op die kampus voor die Ou Letteregebou gehys. Die seremonie is in oorleg met diè Suid-Afrikaanse Weermag uitgevoer en het geskied volgens die Weermag se seremoniële handboek. Die vlag is deur die rektor aan die voorsitter van die Sentrale Studenteraad gegee, wat dit gehys het terwyl die orkes van die Weermag die Universiteitslied gespeel en die Universiteitskoor dit daarna gesing het. In sy toespraak het prof. Hamman die vlaghysing in verband gebring met die Afrikaanswording van die Universiteit, wat op elke Lentedag herdenk word. Prof. Pelzer skryf in *Skakelblad*: "Dit waarvoor in die verlede gestry en geoffer is, word vandag in hierdie vlag gesimboliseer—'n vlag wat hierdie boodskap, immer wapperend, die toekoms in sal dra en wat, hoop ons, steeds die stimulus vir Tukkieland sal wees om na groter hoogtes te strewe."

Versamelings

Die versamel van kunswerke, kultuurhistoriese voorwerpe en eiendomme is seker nie die primêre funksie van 'n universiteit nie. Tog besit feitlik alle universiteite versamelings wat as skenkings ontvang of aangekoop is, ook die Universiteit van Pretoria.

Om 'n volledige opgawe te gee van alles wat die Universiteit van Pretoria op dié gebied besit, is nie moontlik nie. Van die boekeskenkings wat van tyd tot tyd ontvang word, waarvan sommige as kosbare Africana kuns- en kultuurhistoriese waarde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het, word geen melding gemaak nie. Dit kom ter sprake waar daar oor die Universiteitsbiblioteek en die betrokke departemente geskryf word. Afgesien van boeke, is daar talle departemente wat versamelings oor hulle vakgebied opbou, en wat ook kultuurhistoriese waarde kan hê. Ook dit word nie behandel nie.

Wat hier aandag ontvang, is die algemene en omvangryke versamelings waarvan die sentrale administrasie kennis moes neem. Namate dit voorgekom het, is die ontsluiting en bewaring van die versamelings aan komitees toevertrou, wat aan die rektor en Raad verantwoording verskuldig was.

In 1982 is die beheer en reëlings van uitstallings op 'n vaste grondslag geplaas deur die stigting van 'n oorhoofse beheerkomitee onder die voorsitterskap van die rektor, prof. D.M. Joubert, wat die beleid bepaal en beheer uitoefen. Daaronder ressorteer drie subkomitees nl. die subkomitee: Wisselende Uitstallings, voorsitter prof. N.O. Roos; die subkomitee: UP-kunsbesit, Van Tilburg-kunsversameling en Van Wouwhuis, voorsitter prof. F.G.E. Nilant; en die subkomitee: Departementele Uitstallings (Volkekunde, Argeologie, ens.) voorsitter prof. P.G. Nel. Die direkteur van die Kultuurburo, mnr. C.E. Lamprecht, is as koördineerder van die komitees benoem. Hierdie opset het later verander.

Afgesien van die opvoedkundige waarde van hierdie versamelings, verleen die intrinsieke waarde daarvan aansien aan die Universiteit.

Die algemene kunsversameling

Kunsversamelings van universiteite verskil gewoonlik van dié van kunsmuseums daarin dat hulle beperk in opset is vanweë die opvoedkundige doel waarvoor dit aangeskaf word. Aan die ander kant is dit ook meer as openbare versamelings afhanklik van skenkings van uiteenlopende aard en gehalte.

Die begin van die kunsversameling van die Universiteit van Pretoria kan terug gevoer word tot die vroeë jare dertig—tot by prof. M.L. du Toit, destyds hoof van die toenmalige Departement Afrikaanse Kuns en Kultuur. Hy het kunswerke as onontbeerlik by die doseer van die vak Kunsgeskiedenis beskou. In 'n verslag in 1931 vermeld hy 'n paar skilderye wat Pierneef aan die Universiteit geskenk het, asook werke van Enslin du Plessis, Maggie Laubser, P.A. Hendriks en Seabrooke, asook ander wat hy nie by name noem nie. In 'n verslag van 1935 skryf hy van "'n groot aantal kuns- en algemene tentoonstellings" wat onder die beskerming van sy Departement gehou is, o.a. uitstallings van Gerard Moerdyk, Maggie Laubser, Moses Kottler en Gregoire Boonzaier.

Prof. H.M. van der Westhuysen, wat prof. Du Toit in 1939 opgevolg het, het voortgebou aan die versameling. Die Universiteit het gewoonlik die Macfadyensaal in die buitemuurse gebou in Vermeulenstraat gratis of baie billik aan kunstenaars vir uitstallings beskikbaar gestel. Uit erkentlikheid het so 'n kunstenaar dan een of meer van sy kunswerke aan die Universiteit geskenk. Dit was 'n stadige, drupsgewyse proses en prof. Van der Westhuysen het die Universiteit oorreed om kunswerke aan te koop. Hiervoor is 'n fonds gestig wat jaarliks aangevul is. Aanvanklik was die jaarlikse toelae maar klein; in 1973 het dit tot R3 000 per jaar en in die jare tagtig tot R6 000 aangegroei. Die geld was van jaar tot jaar oordraagbaar.

In prof. Van der Westhuysen se tyd is daar onder andere ook werke van Europese kunstenaars aangekoop, soos George Gross, Max Pechstein, Käthe Kolwitz, Max Liebermann, Otto Müller en Max Slevogt. Sy opvolger, prof. F.G.E. Nilant, het hiermee voortgegaan en ook probeer om gapings in die versameling aan te vul.

Hierdie versameling, wat teen 1982 oor die 400 stukke getel het, is oor die hele universiteit versprei, waar dit in kantore en ander lokale gehang of geplaas is.

Die Universiteit het geen sentrale kunsgalery nie. 'n Aantal skilderye en grafiese werke is ook in tydelike bruikleen na die Pretoriase Kunsmuseum oorgebring. In die jare sewentig is die Departement Kunsgeskiedenis versoek om 'n register van al die kunswerke in besit van die Universiteit saam te stel. Van elke skildery of beeldhouwerk is 'n foto geneem, dit is geplak op 'n kaart waarop alle gegewens daaroor verstrek word. Hierdie dokumentasie word gereeld bygehou en dit is in die kunsargief van die Departement toeganklik vir studente of wie ook al daarin belangstel. Om 'n lys daarvan te gee is nie doenlik nie. Enkeles kan interessantheidsonthalwe uitgelig word.

Daar is 'n vyftal beeldhouwerke van Fanie Eloff in marmer, wat reeds in 'n vroeë stadium in die besit van die universiteit gekom het—een daarvan 'n borsbeeld van dr. W.J. Leyds. Walter Battiss het sedert 1944 enkele kere in die Macfadyensaal uitgestal en telkens 'n kunswerk geskenk, altesaam drie. Van Enslin du Plessis is daar 23 stukke: tonele uit Europa en elders. In 1954 het Erich Mayer 'n album van 150 van sy werke aan die Universiteit geskenk en die hoop uitgespreek dat dit "'n teenwig (sou vorm) teen die myns insiens ondermynende invloed . . . wat die sistematiese en nie altyd eerlike propaganda vir die ultramoderne kuns aan ons hoër onderwysinrigting uitoefen." Die Universiteit het uiteindelik die eienaar geword van 50 werke en nog twee albums van Erich Mayer.

In 1958 het die Universiteit deur bemiddeling van prof. S.P. Engelbrecht 'n naskildering deur H. Rooyaards van die bekende portret van Paul Kruger wat Therese Schwartze in 1904 gemaak het, van die Zuid-Afrikaanse Stichting Moederland ontvang. Dit was spesiaal vir die Aula bedoel en is in die voorportaal daarvan aangebring.

Van Adolph Jentsch is daar 17 werke waaronder 14 wat deur bemiddeling van prof. N.O. Roos deur die skilder geskenk is. Van Frans Oerder is daar 41 werke, meestal potloodtekeninge van tonele uit die Tweede Vryheidsoorlog; van Pierneef 40, onder andere tekeninge van die Uniegebou in aanbou, wat deur sy eggenote, mev. May Pierneef, geskenk is. Maud Sumner word deur elf werke verteenwoordig en Pieter Wenning deur sewe. Van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dr. en mev. Coert Steynberg oorhandig 'n skenking aan mnr. (tans prof.) Murray Schoonraad van die Departement Kunsgeskiedenis, April 1974.

Bettie Cilliers-Barnard is daar etlike skilderye; in een stadium het sy twaalf litografieë aan die Universiteit geskenk.

In 1974 ontvang prof. Hamman 'n brief van mnr. J.L. van Oostrum, waarin hy meld dat daar uit die boedel van sy vader—die bekende hoof van die Oosteindskool, mnr. O. van Oostrum—twee skilderye van Wenning en een van Pierneef aan die Universiteit toegekom het, en hy vra wat daarvan geword het. Mnr. Murray Schoonraad het die twee Wennings opgespoor, *In Eloff se plantasie* en *Gesig op Daspoort*, wat toe van naamplaatjies voorsien is.

In 1975 is 'n borsbeeld van Eugène Marais, gemaak deur Joan Couzyn, deur die firma J.L. van Schaik aan die Universiteit geskenk. Die borsbeeld is indertyd op aandrang van Gustav Preller gemaak. Marais wou nie daarvoor poseer nie en dit is van foto's gemaak.

Van Coert Steynberg besit die Universiteit enkele stukke, een daarvan die beeldgroep van twee waterbokke wat langs die Aula staan. Dit is in 1970 by geleentheid van prof. Rautenbach se aftrede as rektor en uit erkentlikheid vir sy diens, deur dr. en mev. Anton Rupert aan die Universiteit geskenk.

In 1969 het die moontlikheid ontstaan van 'n veel groter skenking van Steynberg. In daardie jaar het mnr. Murray Schoonraad beeldhouwerke van hom in sy huis en tuin gefotografeer en gedokumenteer vir die kunsargief van die Departement Kunsgeskiedenis. Waarskynlik het gesprekke toe oor die toekoms van die Steynbergversameling en -ateljee gegaan. In 1972 het die Universiteit 'n eregraad aan Steynberg toegeken, waaroor hy baie erkentlik was. In 1974 het hy besluit om 'n skenking van sy "beeldhouwerke, kontrakte, ooreenkomste, briefwisseling, knipsels en voortekeninge" aan die Universiteit te bemaak "uit opregte waardering vir die manier waarop die Universiteit my vereer het en omdat ek aan geen geskikter plek kan dink nie." In 1975 is 'n oorsigtentoonstelling van Coert Steynberg se werk by sy huis deur die Universiteit gereël.

Na heelwat onderhandelings, is die aangeleentheid na 'n komitee verwys, met dr. C.L. de Bruyn as sameroeper. Die opset was dat die huis en eiendom deur die Universiteit aangekoop word en dat daar dan 'n permanente uitstalling van Coert Steynberg se werk deur die Universiteit in stand gehou sou word.

Ten spyte van wedersydse welwillendheid het die plan gestuit op 'n gebrek aan geld. Afgesien van die aansienlike koopprys, het die universiteit opgesien teen die uitgawe wat aan so 'n permanente museum verbonde is. Ten slotte het die kunstenaar sy nalatenskap aan 'n trust oorgemaak, met die rektor van die Universiteit van Pretoria as een van die trustees.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In die halfeeufeesjaar van die Universiteit, 1980, is 'n uitstalling van 'n keur uit die kunsbesit in die Rautenbachsaal aangebied. Dit het 'n wye belangstelling uitgelok.

Die Van Gybland Oosterhoffversameling

Hierdie versameling kan seker as die eerste groot skenking beskou word wat die Universiteit van Pretoria toegeval het. Dit dateer uit 1937, toe die versameling na die dood van die skenker aan die Universiteit oorgedra is, en die jare 1947 en 1949 toe daar nog 'n aantal voorwerpe bygekom het.

Mr. dr. Horace Hugo Alexander van Gybland Oosterhoff is in 1887 in Batavia gebore, en hy het sy kinderjare daar deurgebring. (Die naam word ook *Gijbland* geskryf, maar aangesien dit as Gybland in sy blad *De Rijkseenheid* en ook in sy boek oor Suid-Afrika voorkom het ons dit as die korrekte spelling aangeneem.) Hy het aan die Universiteit van Amsterdam en daarna aan dié van Utrecht studeer. Hy het aan albei 'n doktorsgraad behaal, onderskeidelik in 1907 en 1909, in die Regs- en Staatswetenskap. Na enkele jare in die Nederlandse staatsdiens, tree hy in die diens van die Bataafse Petroleum Maatschappij en hy vertoef in dié verband enkele jare in Mexiko. Hy word later privaatsekretaris van dr. H. Colijn.

Van Gybland Oosterhoff is 'n tipiese figuur uit die Nederlandse politieke kringe wat gestrewe het na die opwek van 'n meer nasionale bewussyn onder sy landgenote en na 'n groter gevoel vir rykseenheid, met insluiting van al die Nederlandse kolonies van die tyd. Hy is die mede-oprigter van die *Indologische Faculteit* aan die Universiteit van Utrecht, waarvan hy sekretaris geword het. Vanaf 1929 was hy redakteur van dié fakulteit se tydskrif, *De Rijkseenheid*. As uitvloeisel van sy en sy geesgenote se strewe stig hulle in 1933 die *Verbond voor Nationaal Herstel*. Dit was die tyd van Fascisme en Nasionaal-Sosialisme en hoewel hulle van 'n neiging tot dié rigtings verdink is, breek hulle in 1935 daarvan weg. In hulle strewe na groter rykseenheid, het hulle die Oranjehuis volkome gesteun. Dié lojaliteit het nooit by hom ontbreek nie en daaruit kan die Oranjeversameling, waarmee hy in 1909 begin het, verklaar word.

Waarom hy die skenking aan die Universiteit van Pretoria en in die besonder aan die Nederlandsch Cultuurhistorisch Instituut bemaak het, word duidelik uit sy *Indrukken van Een reis naar Zuid-Afrika*, wat eers as reisbriewe in *De Rijkseenheid* en in 1933 in boekvorm verkyn het. Hy besoek dié land in 1932 en is as geëerde gas verwelkom, en veral deur vooraanstaande mense uit Nederlands-Afrikaanse kringe op die hande gedra. Hy het op uitnodiging enkele lesings oor staatkundige onderwerpe gehou, ook een aan die Universiteit van Pretoria, waar hy onder andere proff. A.E. du Toit, S.P. Engelbrecht, D. Pont en M. Bokhorst ontmoet. Hy maak ook kennis met die Nederlandsch Cultuurhistorisch Instituut, waarvan prof. Bokhorst direkteur was, en hy kom onder die indruk van die Instituut se strewe om die Nederlandse kultuur te bevorder.

Soos die versameling in 1947 en 1949 aangevul is deur nog skenkings van sy suster, Louise Jeanette van Gybland Oosterhoff, en soos dit tans in die Universiteit se besit is, word dit die grootste versameling oor die Huis van Oranje buite Nederland genoem. "Dit bestaan uit gedenkborde, -lepels, -pennings, silwer, tin, beelde, prente, portrette, meubels en publikasies," soos aangegee in een van die inligtingstukke van die Departement Nederlandse en Afrikaanse Kultuurgeskiedenis. Of soos dit volledliger in 'n ander stuk weergegee word: "Op vazen, koppen, schotels, bekers, asbakken, flessen en schalen vind men in de verzameling de liefde van de Nederlander voor het vorstenhuis weergegeven. Verder zijn er gedenkpenningen, zilveren, koperen en tinnen voorwerpen, en vele prenten en foto's waarop bijzonderheden over het Oranjehuis voorkomen. Ook zijn er portefeuilles en albums, die in het bijzonder betrekking hebben op Prinses Juliana. Stambomen en wapenschilden vormen verder een belangrijk onderdeel van de verzameling." En verder: "De collectie bevat ruim 2 500 stukken, waarvan sommige betrekking hebben op de Eerste Wereldoorlog (zoals door Nederland beleefd is) en de Tweede Wereldoorlog (het verzet, de strijd en de bevrijding, asook de wederopbouw)." Daarby kom meer as 500 boeke en ander publikasies.

Gedeeltes van die versameling is enkele kere uitgestal, onder andere in 1984 tydens die 400-jarige herdenking van die dood van Willem van Oranje. Daar word beplan om die versameling permanent in die Intersaal van die Ou Letteregebou uit te stal.

Die Van Wouwhuis

In Pretoria staan daar 'n huis, Clarkestraat 299, Brooklyn, teenoor Waterkloof, die huis waar Anton van Wouw die laaste jare van sy lewe gewoon en gewerk het— 'n grasdaksiersteenhuis spesiaal vir die kunstenaar ontwerp deur die bekende Pretoriase argitek Norman Eaton. Die huis is in 1938 gebou en Van Wouw en sy eggenote het van 1939 tot 1945 daarin gewoon.

Dr. Anton Rupert is bekend om sy ywer vir die bewaring van kuns en kultuur dwarsoor die land. Hy is 'n oudstudent van die Universiteit van Pretoria en het namens die Rembrandt-Tabakkorporasie, waarvan hy die stigter en voorsitter is, reeds ander skenkings aan sy alma mater laat toekom. By wie die idee ontstaan het, indien nie by hom nie, is nie bekend gemaak nie, maar in 1973 het hy die Van Wouwhuis namens sy maatskappy vir R41 000 aangekoop en aan die Universiteit van Pretoria geskenk—of liewer, hy het die som geld aan die Universiteit oorgemaak vir die aankoop van die huis. Dit het in daardie stadium aan prof. en mev. S.F. Oosthuizen behoort. Die eiendom was in twee gedeel en die Universiteit het die onbeboude gedeelte uit eie sak vir R15 000 bygekoop, terwyl prof. Oosthuisen onderneem het om hierdie bedrag na sy dood by testamentêre beskikking weer aan die Universiteit te laat toekom.

Die bedoeling van die skenking was dat die Universiteit die huis inrig en ontwikkel in 'n perma-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Een van die waardevolle van Wouw-werke, Die vrou met die kitaar, *wat in die Van Wouwhuis-versameling van die Universiteit voorkom.*

nente Van Wouwmuseum. By die aankoop was daar enkele kunswerke in die huis aanwesig, nl. 'n voorstudie in gips van die reliëfpanele bokant die ingang van die Johannesburgse spoorwegstasie, *Die Safari*, twee voorstudies van Boerevroue vir die Talanagedenkteken by die ingang van die NG-Kerk op Dundee, 'n gipsbeeld van Jan F.E. Celliers, wat deur dr. Rupert geskenk is, en 'n plakkaat vir die optrede van Sarah Bernhardt in *La dame aux camelias*

Tydens die amptelike opening van die Van Wouwhuis deur dr. Anton Rupert, 21 Mei 1974, is daar 'n oorsigtelike uitstalling van Van Wouw-werke aangebied. Dit het bestaan uit 33 brons beeldhouwerke deur Van Wouw, twee portrette van Van Wouw deur ander skilders en 'n hele aantal foto's en gebruiksvoorwerpe wat verband hou met die lewe en werk van die kunstenaar. Die meeste van die stukke is in bruikleen verkry, maar daar was tog enkeles wat in die besit van die huis was. Onder die laasgenoemde was daar 'n gipsbeeld, *Oom Koos de la Rey*, een van twee wat in Libertas, die woning van die eerste minister, was, en wat deur die bemiddeling van die eerste minister, adv. B.J. Vorster, deur die staat geskenk is.

Daar is onder andere van die volgende persone en instansies beelde en voorwerpe in bruikleen verkry: Libertas, die Reserwebank, die Suid-Afrikaanse Akademie, mnr. en mev. Liebenberg-Boshoff, prof. en mev. Hoek, dr. en mev. Colijn van Bergen, dr. Theo Wassenaar, mnr. en mev. F.C.L. Els en ten slotte mev. W. Vignali en mnr. L. Camberini van die Vignalibronsgietery in Pretoria-Noord, wat nog in besit was van 'n aantal gipsbeelde van Van Wouw. Prof. Hamman, wat die bedankings gedoen het, het 'n beroep op almal gedoen "om hierdie manjifieke skenking . . .tot volle wasdom te laat gedy, tot 'n volwaardige museum." Sy opvolger as rektor, prof. D.M. Joubert, het dit by 'n later geleentheid so gestel: "Van meet af aan was dit ons strewe om ten volle reg te laat geskied aan hierdie kultuurerfenis wat aan die sorg van die Universiteit van Pretoria toevertrou is."

Die Universiteit het die instandhouding van die huis en die uitbreiding van die versameling aan 'n beheerkomitee oorgedra, wat telkens vir 'n tydperk van drie jaar van 10 Oktober 1974 af benoem is. Die eerste het bestaan uit dr. C.L. de Bruyn, as voorsitter, mnr. C.H. Cilliers, direkteur van Openbare Betrekkinge, prof. F.G.E. Nilant, hoof van die Departement Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste, prof. P.G. Nel, hoof van die Departement Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis, die twee registrateurs (akademies en finansies) en nog 'n lid deur die rektor benoem. Die laasgenoemde was mnr. Murray Schoonraad, lektor in die Departement Kunsgeskiedenis, wat miskien die bedrywigste lid van die komitee was. Ten slotte was die kurator in waarnemende hoedanigheid ook lid van die komitee.

Die funksies van die beheerkomitee was omvattend, onder andere om die versameling Van Wouwwerke en gebruiksvoorwerpe aan te vul deur skenkings, bemakings, bruikleen en aankoop. Vir die laasgenoemde is 'n ontwikkelingsfonds in die lewe geroep. Verder was die opdrag aan die komitee om 'n kunshistoriese dokumentasie om die lewe en werk van Van Wouw op te bou deur foto's, tekeninge en ander illustrasiemateriaal; asook die aanbieding van kunsuitstallings.

In 1977 het prof. N.O. Roos, hoof van die toe selfstandige Departement Beeldende Kunste, en mnr. C.F. Gunter, die laasgenoemde as sekretaris, bygekom. Uit die komitee is 'n dagbestuur van vyf lede benoem. As kurator is telkens 'n senior getroude student aangestel, wat kosteloos inwoon. Hiervoor is die huis van binne enigsins verbou om die woon- en uitstalruimte van mekaar te skei. Die eerste kurator was mnr. J. Jacobs, later opgevolg deur mnr. D. Kotzé.

In 1979 is die beheerkomitee verander na die Van Wouwhuiswerkkomitee, met die direkteur van die Kultuurburo, mnr. C.E. Lamprecht, as voorsitter en met—behalwe dr. C.L. de Bruyn —nog dieselfde lede as voorheen. Toe daar in 1982 'n oorhoofse beheerkomitee oor die universiteit se kunsbesit onder die voorsitterskap van die rektor tot stand gekom het, is die Van Wouwhuis, saam met die Van Tilburgversameling, onder die beheer van 'n subkomitee geplaas, met prof. F.G.E. Nilant as voorsitter en mnr. C.E. Lamprecht as koördineerder. In 1980 is daar 'n aparte komitee

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

vir die Van Wouwmuseum in die lewe geroep.

Behalwe enkele Van Wouw-uitstallings, telkens om nuwe aanwinste ten toon te stel, is daar 'n hele aantal prestige-uitstallings van ander kunstenaars aangebied, onder andere van: Walter Battiss, Zakkie Eloff, die Nederlandse kunstenaars Louis Apol en Martinus Reus, en ook van Bettie Cilliers-Barnard tydens die oorhandiging van 'n erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie aan haar.

In 1981 is daar 'n boek en gids deur die universiteit uitgegee, *Anton van Wouw en die Van Wouwhuis*, saamgestel deur mnr. A.E. Duffey. Hierin kom daar 'n lys aanwinste voor, jaar na jaar tot 1981. In 1974 het die weduwee van prof. Robert Bain, in lewe beeldhouer en dosent aan die Johannesburgse Tegniese Kollege, 'n aantal Van Wouwbeelde aan die Van Wouwhuis geskenk. Hieraan is daar 'n interessante geskiedenis verbonde. Na Van Wouw se dood het 'n aantal gipsbeelde van die kunstenaar in die besit gekom van die firma Shepperd en Barker van Johannesburg, wat dit met die medewete van Van Wouw se dogter aan prof. Bain gegee het met die opdrag om dit in brons te laat giet. Sommige van die gipsbeelde is daarop na 'n gietery in Engeland en ander na 'n gietery in Italië gestuur. Van sommiges is daar beelde gegiet en verkoop; ander het as gipsbeelde by die gieterye bly lê. Na prof Bain se dood in 1974, het die beelde deel van sy boedel geword, wat deur Trustbank beredder is. Mnr. Murray Schoonraad het met Trustbank onderhandel en daarin geslaag om—met toestemming van mev. Bain, wat intussen na Engeland verhuis het —in besit van die beelde ten behoewe van die Van Wouwhuis te kom.

In 1974 is mnr. Schoonraad oorsee waar hy die beelde in Engeland en Italië opgespoor het. Wat dié in Engeland betref, het mev. Maureen Quin, 'n beeldhoudster van Adelaide, Kaapprovinsie, hom meegedeel dat sy ses gipsbeelde van Van Wouw by die Morris Singer Bronze Foundry in London ontdek het. Dit was die volgende: *Slegte Nuus*, twee van *Paul Kruger in ballingskap, Zoeloe, Nooientjie van die Onderveld* en *Sjangaan*. Op aanbeveling van mnr. Schoonraad het die Universiteit vier daarvan in brons laat giet.

'n Groter aantal gipsbeelde, sowat 17 in totaal, het hy in Florence, Italië, by die gietery Ferdinand Marinelli opgespoor. Sommige was nie meer in 'n goeie toestand nie, maar hulle is bygewerk voor bronsafgietsels daarvan gemaak is. Die gietwerk is later daardie jaar uitgevoer en die stukke is in 1976 deur die Van Wouwhuis in ontvangs geneem en uitgestal. Dit was die volgende: *Die Beskuldigde, Shangaan, Jopie Fourie, Selfportret, Generaal De Wet, Slapende Swartman, Laggende Basoeto, Generaal De la Rey, President Paul Kruger, Die Brandwag, President Steyn, Nooientjie van die Onderveld*, en *Boesmanjagter*. Die Universiteit het ook die gipsbeelde uit Europa verkry, sodat daar geen ander afgietsels gemaak kon word nie. Trouens, ook die kopiereg op al sy werke het deur bemiddeling van mnr. Schoonraad en met die samewerking van Van Wouw se dogter, mev. Van der Hoven, in die besit van die Universiteit gekom.

Reeds in 1975 is daar 'n gipsbeeld van Jopie Fourie deur dr. T. Wassenaar geskenk, asook 'n skildery deur Van Wouw, 'n landskap met beeste, deur mev. M.E. Stegmann, die dogter van Jan F.E. Celliers, aan wie hy dit indertyd geskenk het. In 1976 is daar nog 'n skildery deur Van Wouw aan die versameling toegevoeg, nl. van die stoep van sy vorige woonhuis in Doornfontein, Johannesburg, geskenk deur mev. S. Pijper. Van prof. D.M. Joubert, later die rektor, is daar 'n beeldjie van 'n Boesman wat vuur maak, ontvang; dit was die werk van F.J. Kruger, 'n leerling van Van Wouw.

Twee besondere Van Wouw-werke het in 1978 bygekom: 'n borsbeeld in brons van genl., J.B.M. Hertzog en 'n sketsmodel van die Louis Botha-standbeeld in Durban, wat albei van die firma Schweikerdt aangekoop is. In 1979 volg daar 'n reliëfborsbeeld van C.J. Langenhoven en die *Daggaroker*, wat aangekoop is.

In 1980 het daar 'n vyftal werke bygekom wat op veilings en elders gekoop is. Dit is: *Die Beskuldigde, Die Ghitaarspeelster*, die beeld van die swartman *Sidwane Tokozile*, 'n skildery, *Langs die Apiesrivier*, deur Van Wouw, 'n reliëfbeeldjie van *Mercurius* en 'n sketsmodel van die paneel vir die *Vrouemonument*.

Na lang onderhandelinge met die Vignali Artistic Foundry het die gipswerke wat daar was, in 1981 in besit van die Van Wouwhuis gekom. Dit behels 34 beelde en beeldgroepe, onder andere: *Swartman met handboor*, sketsmodel *Onze Jan—standbeeld*, borsbeeld *Andrew Murray*, borsbeeld *President F.W. Reitz*, beeldjie *Andrew Murray*, sketsmodel *Andrew Murraystandbeeld, Kop van 'n duiker, Cecilia, Hieronyma*, skets *Ruitermonument*, borsbeeld *Mussolini*, borsbeeld *prof. A. Moorrees*, borsbeeld *Regter J. Wessels*, sketsmodel *Voortrekkervrou en kinders, Laggende Voortrekkermeisie*, borsbeeld *Generaal M. Maritz, Swartman met handboor (klein), Mev. S. Van Wouw, Mev. E. Van Wouw* (albei in 'n stoel) en 'n borsbeeld van *Piet Retief*.

Daarby is 'n reliëfborsbeeld van *Paul Kruger* op 'n veiling van Sotheby aangekoop en 'n bronsafgietsel *Kop van 'n swart vrou* is aangekoop van mnr. T. Engela van Stilfontein.

In 1975 is wêreldwye outeursreg op die werke van Van Wouw verkry.

Die Van Tilburgkunsversameling

Aangesien die skenking van die Van Tilburgkunsversameling aan die Universiteit van Pretoria indertyd heelwat aandag van die pers ontvang het, is dit nodig om hier iets meer daaroor mee te deel.

Jacob A. van Tilburg was 'n Nederlandse versamelaar wat tydens die Tweede Wêreldoorlog onder die Duitse besetting van Nederland een van die wethouers van die stad Dordrecht was. Na die oorlog is hy aangekla van samewerking met die Duitsers en hy het met 'n boete daarvan afgekom. In 1952 het hy met sy hele versameling na Suid-Afrika verhuis en in die jare daarna heelwat daarvan aan musea en privaatpersone verkoop, sodat daar ten slotte twee derdes daarvan oorgebly het,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Opening van 'n Kunsuitstalling tydens Aulafees, September 1978.
V.l.n.r.: Dr. S.M. Naude, prof. H.W. Snyman, mnr. C.H. Cilliers en mnr. J.A. van Tilburgh.

wat hy in 1976 aan die Universiteit van Pretoria bemaak het.

Die versameling soos dit na lang onderhandelings tussen mnr. Schoonraad, prof. Nilant en mnr. Van Tilburg in die besit van die Universiteit gekom het, bestaan uit ongeveer 9 000 voorwerpe, waaronder Europese meubels van die 11de tot die 19de eeu, 1650 stukke Oosterse keramiek van die Shang-, Han-, T'ang-, Sung-, Ming- en Ch'ing-dinastie, 6 000 skilderye, tekeninge en etse van die 16de tot die 19de eeu, waaronder 'n klein skilderytjie wat aan Rembrandt toegedig word— hoewel dit betwyfel word—70 stukke Delftse erdewerk, en 'n aantal brons voorwerpe. Dit word genoem "die grootste keramiekversameling in die land." Naas die kunsversameling, is daar ook 'n versameling halfedelgesteentes wat later by die Departement Geologie tereg gekom het.

Die Universiteitsraad het op 12 April 1976 besluit om die skenking met dank te aanvaar. Volgens die notariële akte wat opgestel is, is daar bepaal dat die versameling na die dood van mnr. Van Tilburg aan die Universiteit oorgemaak sou word.

Na die skenking bekend geword het, is daar beweer dat die versameling grootliks bestaan uit besittings van Nederlandse Jode wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog onder Nazivervolging omgekom het. Daar is beweer dat Van Tilburg die kunsvoorwerpe vir die Jode in bewaring geneem het en, toe die oorspronklike eienaars nie weer na die oorlog opgedaag het nie, dit vir hom toegeëin het. Enkele koerante in Suid-Afrika en Nederland het groot rugbaarheid aan die geval gegee. 'n Nederlandse rabbyn, Soetendorp, het hom veral in dié verband beywer en geëis dat die stukke aan die beweerde oorspronklike eienaars of aan hulle erfgename terug gegee word. Mnr. Van Tilburg het by geleentheid aan prof. F.G.E. Nilant verklaar dat daar geen stukke van Joodse oorsprong in sy versamelings is nie.

Hierdie bewerings het die Universiteit in verleentheid geplaas. Die rektor, prof. Hamman, het bekend gemaak dat die Universiteit bereid is om enige stuk waarvan die eiendom bewys kan word, aan die eienaar of sy erfgenaam terug te gee. Daar was nie sulke gevalle nie en rabbyn Soetendorp se eis dat die versameling na Nederland teruggestuur word, is nie deur owerheids- of regsinstansies gesteun nie.

Trouens, die Universiteit het ook in verbinding getree met die Departement Buitelandse Sake en die Nederlandse Ambassade. Van die laasgenoemde het hy berig gekry dat die "heropende ondersoek naar het oorlogsverleden van de heer Van Tilburg" geen "nieuw bewijsmateriaal" opgelewer het nie. Daar is ook geen bewys gevind dat hy hom skuldig gemaak het aan "verraad van Nederlandse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Mnr. J.A. van Tilburg skenk sy geologiese versameling aan die Universiteit, 1976. V.l.n.r.: Prof. G. Von Gruenewaldt, Hoof, Departement Geologie, prof. A.N. Pelzer, Vise-rektor, mnr. Van Tilburg en dr. C.L. de Bruyn, Raadslid van die Universiteit.

Joden van wie hij de bezittingen in bewaring had" nie. Die Departement Buitelandse Sake het hierdie bevinding bevestig en die Universiteit het in besit van die versameling gebly.

Die versameling was in die destydse woonhuis van J.A. van Tilburg in Brummeria, oorspronklik die huis van J.H. Pierneef, gevestig. Ooreenkomstig die skenkingsakte kon daar sonder versuim begin word met die samestelling van 'n katalogus van die versameling, 'n reusewerk wat die Departement Kunsgeskiedenis aangepak het. Daar is oorspronklik R4 500 vir die opstel van die katalogus beskikbaar gestel. Tussen 1977 en 1980 het die Departement Kunsgeskiedenis die versameling meubels en keramiek kamer vir kamer gefotografeer en gedokumenteer.

Mnr. Van Tilburg het in 1978 ernstig siek geword, selfs in so 'n mate dat hy onbekwaam was om na sy belange om te sien. Hy is toe onder mediese sorg na die Kronendaltehuis oorgebring. Op versoek van 'n dogter van hom, het die Universiteit toe reëlings getref vir bewaking van die huis. Op versoek van sy prokureur is daarop 'n kurator bonis aangestel om die skenking namens die skenker te beheer. Hierdie persoon het die Universiteit versoek om die versameling voor die einde van Januarie 1980 te verwyder. Dit het gebeur. Die versameling is voorlopig in 'n woonhuis in Hatfield, wat aan die Universiteit behoort het, ondergebring, waar dit bewaak is.

Mnr. Van Tilburg is op 5 Oktober 1980 oorlede en so het die versameling finaal in die besit van die Universiteit van Pretoria gekom. Die skenkingsakte bepaal dat dit "ten alle tye gratis vir alle studente, vir opleiding en navorsing toeganklik moet wees." Dit is toe, ook nog tydelik, oorgebring na die kelderruimtes van die Gebou vir Regsgeleerdheid en Opvoedkunde, waar dit uitgestal is.
Sommige mense en koerante het beweer dat die versameling van 14 tot 20 miljoen rand werd is. Dit is oordrewe. 'n Meer konserwatiewe skatting stel dit op een tot twee miljoen rand. In September/Oktober 1980 is 85 van die stukke in die Rautenbachsaal uitgestal as deel van 'n tentoonstelling uit die kunsbesit van die Universiteit; in die katalogus het 'n kort oorsig van die geskiedenis van Chinese porselein oor die eeue heen deur dr. A.E. Duffey en prof. F.G.E. Nilant verskyn.

Portretskilderye en borsbeelde van lede van die Universiteitspersoneel

Op 9 September 1974 skryf prof. A.N. Pelzer, destyds die registrateur (akademies), aan mnr. J.P. Nel, destyds die registrateur (finansies): "As gevolg van sy invloed en die respek wat die Univer-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die kunstenaar dr. Irmin Henkel en dr. S.M. Naudé, Raadsvoorsitter, by 'n portret van dr. Naudé, September 1975.

siteit in wye kringe afdwing, het hy 'n bepaalde waardigheid waarvan ons waarskynlik nie altyd bewus is nie. Vir my is dit ook belangrik om daarmee rekening te hou dat oor die jare heen hier 'n bepaalde tradisie ontstaan het en dis ontstellend dat ons nie genoeg doen om die tradisie vas te lê nie. Wat ek in gedagte het, is dat terugwerkend tot die begin van hierdie inrigting, skilderye gemaak word van al die kanseliers, Raadsvoorsitters en rektore." Die idee ontstaan eintlik by mnr. Murray Schoonraad, wat tydens die plasing van die borsbeeld van adv. Charles te Water die gedagte by prof. Pelzer aanbeveel het.

'n Maand later, op 14 Oktober 1974, skryf mnr. Murray Schoonraad aan prof. Pelzer dat hy sy voorstel "herhaal," nl. "dat kunswerke van die een of ander aard in die ingangsportaal tot die 2de vloer van die Administrasiegebou aangebring word." Indien daar op portrette van die rektor en sy voorgangers besluit sou word, beveel hy die portretskilder John Meyer aan.

Prof. Pelzer het hierna baie gedoen om uitvoering aan die plan te gee. Nog 'n maand later, op 7 November 1974, het die Finansies- en Eiendomskomitee die voorstel goedgekeur en besluit om met die portretskilder Irmin Henkel te onderhandel. Die Universiteitsraad het hierdie besluit 'n maand later goedgekeur. Daarop volg samesprekings tussen prof. Pelzer en mnre. Schoonraad en Nel (registrateur finansies) en is daar met dr. Henkel in verbinding getree.

Irmin Henkel het in 1951 na Suid-Afrika immigreer. In dieselfde jaar het hy 'n uitstalling van sy werke in die Macfadyensaal gehou en so het daar reeds op 'n vroeë stadium 'n verbintenis met die Universiteit ontstaan.

Dit het gegaan oor die afbeelding van vyf kanseliers, sewe rektore en tien Raadsvoorsitters, altesaam 22, in geheel, maar aangesien dr. N.M. Hoogenhout in twee gevalle voorkom, was daar 21, en met dr. Henkel is 'n ooreenkoms gesluit dat hy 21 skilderye teen R1 000 elk sou skilder. Alhoewel die Universiteit toe reeds 'n portret van prof. M.C. Botha en 'n portret en borsbeeld van prof. C.H. Rautenbach gehad het, is daar besluit dat hulle portrette weer geskilder moes word ter wille van 'n eenvormige grootte.

Die persone wat nog gelewe het, het vir hulle portrette geposeer, terwyl van die afgestorwenes foto's versamel is. Teen 1977 is portrette van die volgende reeds deur Henkel voltooi: die Raadsvoorsitters G. Moerdyk, F. Meyer, W. Nicol, H.O. Mönnig en S.M. Naudé, die kanseliers A.J. Louw, C. te Water en H. Muller en die visekanseliers C.H. Rautenbach en E.M. Hamman.

Dr. Henkel is op 6 September 1977 oorlede en daar moes toe gesoek word na 'n kunstenaar of kunstenaars om die res te voltooi. Van die volgende moes nog portrette gemaak word: kanselier T.J. de V. Roos, rektore en vise-kanseliers A.C. Paterson, N.M. Hoogenhout, A.E. du Toit, C.F. Schmidt en M.C. Botha, en Raadsvoorsitters A.P.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Brugman, G.J. Maritz en J.S. Smit. Mnr. Schoonraad het weer John Meyer van die Pieter Wenninggalery, Johannesburg, aanbeveel—volgens hom die beste portretskilder in die land. Hy het ook die naam van die Portugese skilder Rui Pacheco genoem en ook aanbeveel dat prof. N.O. Roos van die Departement Beeldende Kunste geraadpleeg word. Nog meer name het na vore gekom. Prof. Nilant wat ook om 'n mening genader is, het na samesprekings met mnr. A.J. Werth, kurator van die Pretoriase Kunsmuseum, die volgende in volgorde van voorkeur aanbeveel: A.F. Krenz, J. Meyer en R.P. Pacheco. Hy het ook verwys na 'n uitstalling van portretskilders wat die Pretoriase Kunsmuseum toe juis aangebied het.

Blykbaar het al drie die persone wat prof. Nilant genoem het, ingewillig, ook mej. Van Tilburg, restourateur van die Pretoriase Kunsmuseum, wat hy later by die lys gevoeg het. Tog is die werk nie aan een van hulle opgedra nie. Dr. Krenz was reeds 78 jaar oud en in Kaapstad woonagtig. Van John Meyer is gesê dat hy 'n Amerikaanse agtergrond het, maar of dit hom gediskwalifiseer het, is nie duidelik nie.

In Augustus 1978 het die Universiteitsraad prof. Pelzer versoek om met prof. Roos oorleg te pleeg en hy het met die volgende name voor die dag gekom: mej. Fleur Ferri, Neil Rodger, Danie de Wet, Mike Edwards (indien daar op 'n borsbeeld in plaas van 'n skildery besluit sou word), en mev. L. Posemann. Na oorleg, is vyf portrette, dié van Tielman Roos, Botha, Schmidt, Paterson en Du Toit, aan Neil Rodger, 'n kunsskilder van Port Elizabeth, opgedra, maar toe die eerste twee skilderye van hom ontvang is, is hy gevra om nie daarmee voort te gaan nie, aangesien sy werke nie aan die verwagting voldoen het nie.

Hierna—dit was reeds Mei 1979—is daar weer aan prof. Pelzer opgedra om met prof. Roos te onderhandel. Die moontlikheid is geopper dat die Departement Beeldende Kunste vir die res sou sorg en die drie dosente N. Roos, M.H.K. Edwards en K.H. Dietrich is gevra om voorbeelde te lewer.

Die beslissing is uiteindelik aan proff. Pelzer en D.M. Joubert, die latere rektor, oorgelaat. Ten slotte is 'n skildery van prof. A.C. Paterson deur N. Rodger aanvaar nadat daar op versoek veranderings aangebring is. M. Edwards is opgedra om borsbeelde te maak van T.J. de V. Roos, G.I. Maritz en C.F. Schmidt, terwyl portrette van M.C. Botha en A.E. du Toit deur prof. N. Roos geskilder is. In 'n latere stadium is die portret van prof. P. Hoek, Raadsvoorsitter, geskilder deur mev. Vermeulen-Breedt, by die versameling gevoeg.

Die versameling is dus by skrywe hiervan nog nie voltooi nie. Die portrette van Hoogenhout en Brugman ontbreek nog, terwyl die borsbeeld van Maritz ook nog nie voltooi is nie. Die wyse waarop die werke in die voorportaal van die tweede verdieping van die Administrasiegebou aangebring is, sorg vir 'n mooi geheel en beantwoord seker aan die ideaal wat prof. Pelzer hom gestel het.

Afgesien van hierdie werke, bestaan daar 'n aantal afbeeldings van lede van die Universiteitspersoneel wat oor die hele Universiteit versprei is. Hierdie werke het nie as gevolg van 'n sekere beleid of besluit tot stand gekom nie en het elkeen 'n toevallige karakter. Die oudste is seker die beeld van sir Arnold Theiler, gemaak deur Coert Steynberg, wat op 15 November 1939 voor die hoofgebou van Onderstepoort onthul is. 'n Borsbeeld van Theiler, gemaak en geskenk deur Coert Steynberg, is in 1958 in die Fakulteitsgebou op Onderstepoort onthul. Dit hou miskien verband met 'n voorstel wat prof. C.F.B. Hofmeyr tydens die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging in 1954 gemaak het, namelik dat 'n fonds gestig word om by wyse van gedenktekens in die Fakulteitsgebou "'n beeld te bring van die nagedagtenis van diegene wat heengegaan het en wat aan die professie uitstaande dienste gelewer het."

In 1954 het prof. L.J. te Groen 'n skildery van hom, deur Henkel, aan die Fakulteit Geneeskunde geskenk. Hy was die eerste dekaan van die Fakulteit. In 1969 is 'n skildery van prof. M.C. Botha, ook deur Henkel gemaak, deur die firma Noristan Beperk aan die Universiteit geskenk. Dit hang in die Kliniese Gebou van die H.F. Verwoerd-hospitaal. In 'n latere stadium is 'n borsbeeld van prof. H.W. Snyman wat lank dekaan was, deur Naomi Jacobson, ook aan die Fakulteit Geneeskunde geskenk.

Van prof. C.H. Rautenbach staan 'n borsbeeld, deur Johanna Wassenaar, in die ingangsportaal van die Aula en 'n portret in die dekaanskantoor van die fakulteit Opvoedkunde. Die eersgenoemde is in die jare sestig deur prof. Rautenbach self onthul, terwyl hy nog rektor was. Van prof. E.M. Hamman is daar in 1981 'n borsbeeld in die Gebou vir Regswetenskappe en Opvoedkunde onthul tydens die ingebruikneming van die gebou. Dit is deur Mike Edwards en is geskenk deur die Binnemuurse Studenteraad. In die Masker staan 'n borsbeeld van prof. Anna Neethling Pohl, deur Hans Nel. In 'n later stadium is 'n borsbeeld van prof. P.C. Coetzee in die Merenskybiblioteek onthul.

Die M.D.C. de Wet Nel-versameling

M.D.C. de Wet Nel (DPhil honoris causa Pret) het as student 'n leiersrol aan die destydse Transvaalse Universiteitskollege gespeel en was onder andere voorsitter van die Binnemuurse Studenteraad. Terwyl hy hierna as prokureur op Potgietersrus woonagtig was, het hy 'n besondere studie van die Ndebelevolk gemaak en saam met sy eggenote kultuurvoorwerpe van hierdie volk begin versamel. Dit het die sogenaamde Nel-Blomversameling geword, wat hy reeds in 1934 aan die Universiteit van Pretoria geskenk het.

Hierna het hy vanaf 1939 die kiesafdeling Wonderboom in die Provinsiale Raad en van 1943 tot 1966 in die Volksraad verteenwoordig. Van 1958 tot 1966 was hy minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en daarna tot 1975 kommissaris-generaal van die Vendavolk. Hy was onder andere ook lid van die Eiselen-, Tomlinson- en Odendaal-kommissies. Vanweë sy uitstaande diens aan die volkere in Suid-Afrika het die Universiteit van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Pretoria in 1960 'n eredoktorsgraad in die Wysbegeerte aan hom toegeken.

In die verskillende hoedanighede waarmee hy met swart volke in aanraking gekom het, is daar by baie geleenthede geskenke, meestal kultuurvoorwerpe, aan hom oorhandig. So het hy oor die jare 'n tweede versameling opgebou, wat hy met eie aankoop aangevul het.

Tydens 'n saamtrek van oud-voorsitters van studenterade in 1966 in die Rautenbachsaal, het hy aangekondig dat hy sy versameling aan die Universiteit van Pretoria gaan bemaak. Hierby het dit gebly tot hy in 1968 aan die skakelbeampte, mnr. C.H. Cilliers, skryf dat die Universiteit moet kom vasstel watter deel van die versameling vir hom van belang is. Hy het toe as kommissaris-generaal in Sibasa, Vendaland, gewoon. Waarskynlik is mnr. Cilliers daarheen en na dit voorkom is die skenking, boeke, dokumente en voorwerpe, in die geheel aanvaar. In Maart 1975 is prof. R.D. Coertze na Sibasa om 'n katalogus van die voorwerpe saam te stel.

Nadat mnr. Nel later in 1975 afgetree het, het die versameling in die besit van die Universiteit gekom en is dit by die Departement Volkekunde ondergebring. In 1981 het hierdie Departement 'n gedeelte van die versameling ten toon gestel.

Die versameling bevat onder andere 14 bergingsmandjies van die Venda wat tydens die droogte van die jare sestig aan mnr. Nel geskenk is, met die versoek dat hy dit moet help volmaak om die Vendavolk te voed. Verder is daar vyf Vendadromme en byna 'n volledige versameling Vendamusiekinstrumente. Terwyl hy die aanbevelings van die Odendaalkommissie aan verskillende volke van Suidwes-Afrika moes oordra, het hy ook geskenke van hulle ontvang, onder andere 87 stukke vlegwerk uit Ovamboland. Daar is ook houtsnywerk van 'n Zoeloekunstenaar, verskillende geskenke van biskop Lekganyane van die Zion Christian Church, en sowat 100 kieries.

Hierdie versameling is van groot waarde by die opvoeding van volkekundiges.

Die Westphal-versameling

In 1984 het die Universiteit in die besit gekom van 'n versameling Afrikamaskers, gemaak deur die houtsnykunstenaar Leo Westphal. Gebore in Duitsland, het Westphal in 1950 na Suid-Afrika geïmmigreer en nadat hy verskeie ander betrekkings beklee het, het hy as restourateur, veral van ou meubels, in die diens van die Transvaalmuseum getree.

Naas verskillende stukke houtsneewerk wat hy op bestelling of uit sy eie vervaardig het, het hy veral geïnteresseerd geraak in die rituele maskers van Afrika en 'n groot hoeveelheid daarvan nagemaak. Aangesien dergelike maskers nie meer deur inboorlinge gemaak word nie, is hierdie getroue namaaksels van groot waarde. Daar is maskers van Liberië, die Ivoorkus, Bo-Volta, Nigerië, die Kameroen, Gaboen en verskeie streke van Zaïre.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

VI Studentelewe

Studentwees beteken om ook buite die formele doseer- en navorsingsaktiwiteite van die Universiteit te delf na kennis, om te eksperimenteer, om die lewe in al sy vertakkinge te ondersoek, om inligting te bekom, diens te lewer, te organiseer, betrokke te wees by 'n saak—en om dit alles met oorgawe te doen. 'n Residensiële universiteit kan so goed moontlik van owerheidsweë bedryf word om sy eng akademiese funksie te vervul, maar sonder die studentelewe sal hy doods wees. Dit is eers wanneer studente ook, afgesien van hulle formele studies, insette lewer dat 'n kampus lewe verkry, dat dit begin pols, en dat dit 'n karakter eie aan daardie besondere universiteit en die gemeenskap wat hy dien, ontwikkel.

'n Besoeker aan die kampus van die Universiteit van Pretoria sal dadelik blyke van studenteaktiwiteite waarneem. Plakkate verkondig luid die aktiwiteite van bepaalde belange- of studiegroepe of verenigings. Dit wissel van organisasievergaderings en byeenkomste waar daar na gesaghebbende sprekers geluister word, gedebatteer word, demonstrasies gelewer en meegeding word, tot besoeke aan en toere na instansies en plekke van besondere belang, kampe met die oog op opleiding, kennismaking en ontspanning, musiek- en sanguitvoerings en -kompetisies, tot vakansietoere en sosiale byeenkomste en die uitbring van publikasies.

Al hierdie baie aktiwiteite kom spontaan uit die studentegeledere self na vore. Ter wille van die goeie orde vind dit direk of indirek onder die leiding van die studenteraad plaas. Indirek geskied dit deurdat verenigings en ander belangegroepe, wat onder die toesig van die studenteraad staan, dit organiseer; andersyds inisieer die studenteraad direk aktiwiteite namens die studenteliggaam as geheel.

Hier word eerstens na die funksionering van die verskillende studenterade sedert 1960 gekyk en daarna na die verenigingslewe.

Studenterade

Die Binnemuurse Studenteraad

Namate die studentegemeenskap sedert 1960 gegroei het, het die samestelling en funksies van die Binnemuurse Studenteraad ook veranderings ondergaan. Van 15 lede in 1960 het dié liggaam gegroei tot 20 in 1982. In die lig van die toename in studentegetalle—7 426 in 1960 tot meer as 16 000 in 1982—is hierdie groei verstaanbaar. Dit is ook die gevolg van die groter behoeftes van die student van die tagtigerjare, wat in baie opsigte meer gesofistikeerd as sy voorganger van twee dekades gelede is, en dus meer en beter diens verwag van die studenteliggaam wat hom verteenwoordig.

Die Binnemuurse Studenteraad dien die belange van al die voltydse studente. Dit sluit in die studente van die hoofkampus en die ooskampus, dié van die Mediese en Tandheelkundekampus en die Veeartsenykundestudente van Onderstepoort. Die soeke na die regmatige verteenwoordiging van sulke uiteenlopende en geografies verspreide belangegroepe in een studenteliggaam, het telkens aanpassings in die VSR (Verteenwoordigende Studenteraad) se samestelling genoodsaak.

Sedert 1959 het vier van die destydse VSR-lede die kiesafdeling Medies-Tandheelkunde verteenwoordig, teenoor tien verteenwoordigers vir die hoofkampus en een vir Onderstepoort. Teen 1962 het die gevoel ontstaan dat, aangesien die Mediese en Tandheelkundige studente tesame met dié van BA-Verpleegkunde slegs 16% van die totale studentetal uitgemaak het, 'n verteenwoordiging van vier lede buite verhouding hoog was. 'n Massavergadering het gevolglik ten gunste van 'n konstitusionele wysiging besluit. Daarvolgens is dié kiesafdeling se verteenwoordigers na drie verminder, waarvan minstens een 'n Mediese en minstens een 'n Tandheelkundestudent moes wees.

Nog steeds was die Mediese studente nie met die behartiging van hulle belange tevrede nie. Hulle gevoel was, heel verstaanbaar, dat hulle afgesonderde posisie dit vir hulle moeilik maak om van binnemuurse geriewe soos sportfasiliteite en die kafeteria gebruik te maak. Om hierdie rede en met die oog daarop om wrywing op massavergaderings te verminder, het die aspirant-dokters in 1964 voorgestel dat hulle hulle eie raad in die lewe moet roep, wat dan op die Sentrale Studenteraad verteenwoordig sou wees. Dié voorstel is wel deur die VSR ondersoek, maar is uiteindelik verwerp omdat dit té veel versplintering van die studenteverteenwoordiging sou meebring.

Die soeke na die doelmatigste en regverdigste verteenwoordiging van studentebelange op die VSR het daarna tot verskeie verstellings aanleiding

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gegee. In 1965 het 'n nuwe bedeling aangebreek: die VSR se ledetal is van 15 na 17 verhoog en 'n stelsel van sewe kiesafdelings is ingestel. Dit was die volgende:

1. Boukunde, Landbou, Voortrekker en Sonop 2. Dagstudente en Ingenieurs 3. Proefplaas (die nuwe manskoshuise) 4. Medies 5. Tandheelkunde 6. Onderstepoort 7. Dames. Die Binnemuurse mans was oor die eerste drie kiesafdelings versprei en hulle verteenwoordiging is van agt na tien lede verhoog. Medies sou voortaan drie verteenwoordigers hê, Tandheelkunde en Onderstepoort een elk en die dames twee.

Tekortkominge in die praktiese werking van die stelsel het in 1969 weer tot 'n aanpassing gelei. Dit het aan die lig gekom dat 'n huis soos Dagstudente geen verteenwoordiger op die VSR kon kry nie. Dit ten spyte daarvan dat hulle die grootste huis was, en een van hulle lede die vyfde meeste stemme van alle kandidate op hom verenig het. Dit was die gevolg daarvan dat Ingenieurstudente verkies is in altwee die setels van dié kiesafdeling waarin Ingenieurs en Dagstudente saam tuisgehoort het.

Die probleem was eintlik daarin geleë dat Dagstudentehuis se lede as gevolg van hulle verspreidheid oor die stad baie moeilik vir verkiesings geaktiveer kon word. Hoewel geen onmiddellike oplossing hiervoor gevind kon word nie, is daar nogtans oorgegaan tot die reorganisasie van die verkiesingstelsel. Die ledetal van die VSR is weer eens verhoog—hierdie keer tot 20. Die getal kiesafdelings het op sewe bly staan, maar die hoofkampus se verteenwoordigers is van tien na 15 verhoog. Afgesien van die agt verteenwoordigers vir die vier kiesafdelings op die hoofkampus, is die getal "swewende"lede, lede wat nie 'n spesifieke afdeling verteenwoordig nie, van twee na sewe vermeerder. Dit het meer geleentheid geskep vir 'n huis soos Dagstudente om van hulle lede verkies te kry.

Namate die Universiteit gegroei en die swaartepunte verskuif het met die koms van meer manskoshuise op die Proefplaas, het aanpassings weer nodig geword. In 1971 is daar gevolglik 'n nuwe kiesafdeling geskep vir die twee grootste manskoshuise, Maroela en Mopanie, wat onderskeidelik in 1969 en 1970 in gebruik geneem is, en aan hulle is twee lede toegewys. In die ope of "swewende" afdeling is die lede terselfdertyd verminder van sewe na vyf, sodat daar geen vergroting van die VSR se ledetal was nie. 'n Geringe herskommeling van kiesafdelings het in 1973 plaasgevind.

Die jongste omvattende hersiening van die VSR se samestelling het in 1979 plaasgevind toe bestaande kiesafdelings gereorganiseer en nuwes bygevoeg is. Terwyl die dameskiesafdeling met sy twee verteenwoordigers onveranderd gebly het, is 'n nuwe groot manskiesafdeling bestaande uit die sewe manskoshuise in die lewe geroep, wat ses verteenwoordigers ontvang het. Daarby is twee kiesafdelings gevorm waaraan elkeen drie verteenwoordigers afgestaan is. Dit was 'n Buitehuisekiesafdeling, bestaande uit Boukunde, Dagstudente en Ingenieurshuis, en 'n Satellietkampusafdeling, waartoe Mediese huis, Mildente, Onderstepoort en



Seremoniële oorhandiging van die ossewa deur die Studenteraad tydens die Lentedagviering van 1967.

Tandheelkunde behoort. Drie lede van die VSR vul die sg. swewende vakatures. Dit is die drie kandidate wat na die bogenoemde 14 lede die meeste stemme ontvang. Laastens is daar drie nuwe kiesafdelings bygevoeg, nl. 'n Verenigingskiesafdeling (bestaande uit alle studenteverenigings), 'n Sportkiesafdeling (alle geregistreerde sportklubs) en 'n Joolkiesafdeling, wat elk een verteenwoordiger het. In die laasgenoemde geval word die lid nie verkies nie, maar op aanbeveling van die vorige studenteraad aangestel. Hy vul dan die amp van Joolvoorsitter.

Sedert 1979 het die VSR se samestelling onveranderd gebly, hoofsaaklik omdat die studentegetalle gestabiliseer en die struktuur van studentegroepe feitlik konstant gebly het. Die enigste verandering in die laasgenoemde opsig was die stigting van 'n Regstudentehuis aan die einde van 1979. Dié huis is eenvoudig by die Buitehuisekiesafdeling ingevoeg.

Tesame met die grootte en samestelling van die VSR, het ook sy funksies oor die 22 jaar sedert 1960 uitgebrei. Trouens, die samestelling is soms gewysig juis om die VSR in staat te stel om sy rol en funksies in die studentegemeenskap beter te kan vervul. Hierdie funksies is veelvuldig. In die eerste instansie het die VSR 'n administratiewe funksie omdat dit namens die studente die aktiwiteite op die kampus en daarbuite organiseer. Dit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sluit in sosiale aktiwiteite soos danse, sportaktiwiteite soos intervarsity, intellektuele bedrywighede soos openbare voorlesings en toesprake, kulturele aangeleenthede soos Lentedag- en Republiekdagvieringe en ASB-bedrywighede, en dienslewering-saktiwiteite soos Jool en gemeenskapsdienste. Naas die administratiewe funksie, tree die VSR ook as mondstuk van die studente op en moet dit standpunt inneem en beleid stel teenoor die Universiteitsowerheid, die pers en by geleentheid selfs die Stadsraad. Derdens het dit 'n verantwoordelikheid teenoor die breë samelewing omdat dit soms 'n standpunt oor aktuele sake inneem. Laastens tree dit op as die bewaker van die goeie naam van die Universiteit en die studente en dra dit die beeld van die studente na buite oor.

Binne hierdie breë raamwerk het die pligte van die VSR sedert 1960 hand oor hand toegeneem. Al die werksaamhede geskied deur 'n aantal subkomitees wat onder portefeuljes tuisgebring word. In 1960 het daar, benewens die voorsittersportefeulje, tien subkomitees bestaan. Dit was 'n Sekretariële, 'n Finansiële, en 'n Konstitusionele Komitee, 'n Sentrale Joolkomitee, 'n Sentrale Geselligheidskomitee, 'n Intervarsityreëlingskomitee, 'n Motorvoertuigkomitee, 'n Kleurekomitee en Komitees vir die ASB (Afrikaanse Studentebond) en vir UPSU (Universiteit van Pretoria Studenteuitgewers).

Die meeste van hierdie komitees se funksies spreek uit hulle benamings. Die Sekretariële Komitee was byvoorbeeld verantwoordelik vir die versorging van korrespondensie, notules en agendas en aanvanklik ook vir die kantooradministrasie; die Konstitusionele Komitee vir toesighouding oor die interpretasie en toepassing van die VSR-konstitusie, die opstel van reglemente vir subkomitees en die goedkeuring van verenigings se konstitusies, ens. In wese was al hierdie komitees se funksies in 1982 nog dieselfde as wat dit in 1960 was. Die omvang daarvan het mettertyd geweldig toegeneem, namate die studentegetalle gegroei en ontwikkelings en klemverskuiwings binne die studentegemeenskap plaasgevind het. Die UPSU-komitee, wat die funksie het om studentepublikasies te koördineer en om beheer uit te oefen oor die finansies daarvan, het in 1960 altesaam 11 van hulle onder sy sorg gehad. Dié getal het geleidelik vermeerder tot 24 in 1968, 32 in 1971 en 35 in 1982. By blote toesig oor publikasies het dit nie gebly nie. In sy ywer om 'n steeds beter diens aan ledepublikasies te lewer, het UPSU in 1962 selfs 'n voltydse advertensiewerwer aangestel en, nadat die proefneming laat vaar is, in 1971 die dienste van 'n advertensiefirma verkry om dié taak oor te neem. In 1967 het UPSU se werklas met nog 'n sprong toegeneem. Sy reglement is spesiaal gewysig om hom bo en behalwe sy administratiewe en koördinerende funksie, ook beheer oor die gehalte van publikasies asook gedeeltelike sensorskapmagte te gee. Dit het beteken dat finale proewe van alle publikasies voortaan onder die oë van die komitee moes deurgaan. Nog 'n verpligting is in 1973 deur UPSU op sy skouers geneem met die instelling van 'n afroldiens vir alle VSR-dokumentasie, vir koshuis- en verenigingspublikasies en vir studente se referate en verhandelings. Omdat die werklading haas onhanteerbaar geword het, is 'n groot gedeelte daarvan in 1976 weggeneem met die instelling van 'n *Binnemuurse Publikasiekomitee* en 'n soortgelyke komitee vir Buitemuurs. UPSU het daarna hoofsaaklik beheer uitgeoefen oor publikasies van die Sentrale Studenteraad, naamlik *Trek, Wie, Wat en Waar*, UP-lekkerliedjies en *Intervarsityblad*. Hoewel UPSU se funksies dus uiteindelik gekrimp het, is dit duidelik dat die beheer van publikasies in die algemeen aan die begin van die tagtigerjare 'n omvangryker, ingewikkelder en veel meer verantwoordelike taak was as twee dekades vroeër.

Wat vir publikasiebeheer geld, is ook in mindere of meerdere mate waar vir die ander funksies van die VSR. Maar dit was nie net in bepaalde portefeuljes dat die volume werk toegeneem het nie; die eise wat ontwikkelinge binne die studentegemeenskap en veranderde tye en omstandighede aan die studenteleiding gestel het, het ook tot die skep van nuwe portefeuljes en subkomitees gelei. Die gevolg was dat die tien subkomitees van 1960 teen 1982 reeds tot 26 gegroei het.

Verskeie nuwe komitees het in die sestigerjare al bygekom. In 1961 is 'n *Sentrale Verenigingskontrolekomitee (SVKK)* in die lewe geroep. Die doel hiervan was om die aktiwiteite van verenigings te koördineer en om beheer en 'n aktiewe verenigingslewe te bevorder. Om sy oogmerke te bereik, het dié komitee mettertyd verskeie projekte op 'n gereelde jaarlikse grondslag georganiseer. Teen 1982 het dit ingesluit 'n verenigingsblad, waarin besonderhede van verenigings verstrek is, 'n verenigingsuitstalling en 'n verenigingsbekendstellingsaand gedurende die oriënteringsweek, 'n verenigingsportdag en 'n verenigingsopleidingseminaar, waartydens bestuurslede van verenigings vir hulle funksies geskool word. In een stadium is daar ook jaarliks 'n aktiveringsprys toegeken om verenigings tot aktiwiteit aan te spoor. Geen studentevereniging aan UP geniet erkenning voordat die konstitusie daarvan deur die VSR op aanbeveling van die *SVKK* goedgekeur is nie. Teen 1982 het dié komitee 'n wakende oog oor 52 verenigings op die kampus gehou.

In 1962 is 'n *Sentrale Huise-Kontrolekomitee (SHKK)* deur die VSR geskep. Deur hierdie orgaan wou die VSR nouer samewerking tussen huise en koshuise aanmoedig en hulle belange in die breë dien. Sake waaraan die komitee sedertdien aandag gegee het, en waaroor aanbevelings aan die VSR voorgelê is met die oog op onderhandeling met die Universiteitsowerhede het hoofsaaklik die koshuise geraak. Dit het kwessies ingesluit soos studentewasgoed, die gereelde kosprobleme, "raids" en "serenades", sleeptye vir dames, losiesgelde, onderdakparkering vir motors, vakansieverblyf in koshuise en die busdiens tussen die kampus en die koshuise. In 1977 is die *SHKK* in vier subkomitees verdeel: 'n Mansoorlegkomitee (*MOK*), wat die belange van die manskoshuise dien, 'n Damesoorlegkomitee (*DOK*) vir die dameskoshuise; 'n Buitehuiseoorlegkomitee (*BOK*) vir buitehuise en 'n Paramediese Oorlegkomitee (*POK*) vir die para-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

mediese huise Fisio-, Arbeids- en Radioterapie. Hierdie vier subkomitees dien die belange van die hele spektrum van studentehuise. Die *MOK* waak oor meer as 1 700 mans se huisbelange en die *DOK* oor nagenoeg 2 200 dames s'n. Die *BOK* is weer betrokke by die getalsterk en ietwat geïsoleerde buitehuise Dagstudentehuis, Ingenieurshuis, Tandheelkunde- en Mediese Huis, Regstudente- en Boukundehuis, en *POK* by die Paramediese tehuise se eiesoortige probleme. Die SHKK het in die 20 jaar sedert sy totstandkoming deur en deur sy waarde as spreekbuis vir die verskillende huise bewys.

Teen 1963 was daar ook 'n *Sentrale Eerstejaarskomitee* (*SEK*) in werking. Die komitee het hom hoofsaaklik toegespits op die toepassing van maatreëls wat spesifiek op eerstejaars betrekking gehad het, soos die dra van geelknopies, wat intussen verval het. Verder was hierdie komitee verantwoordelik vir die reël van funksies waarby eerstejaars vroeg in die akademiese jaar betrokke is. Dit het ingesluit die eerstejaarsportbyeenkoms (Ienksport), die eerstejaarskoorkompetisie en die Ienkkonsert. Die eersgenoemde en die laasgenoemde vind nog gereeld plaas, maar ressorteer onder ander subkomitees en die *SEK* bestaan nie meer nie. Omdat die vraag dikwels in die sestigerjare gevra is waarom 'n groot residensiële universiteit soos UP nie 'n vaste koor het nie, het die VSR in 1962 die inisiatief geneem met die stigting van 'n *Koorkomitee* wat ook met die byvoeging van ad hocsake 'n selfstandige portefeulje geword het. Danksy dié komitee se ywer, kon daar na 'n paar mislukte probeerslae in 1967 'n vaste koor op die been gebring word. In 1972 is 'n afdeling *Musiek* by die komitee se werksaamhede gevoeg en het die *Komitee vir Koor en Musiek* onder andere stappe gedoen om 'n blaasorkes op die been te bring. Dié orkes kon in Mei 1974 sy eerste uitvoering gee.

In 1966 het drie nuwe subkomitees die VSR se werksaamhede verder aangevul. Dit was 'n komitee vir *Studentevaria en Reklame*, een vir *Skakeling en Besoekers* en 'n *Kulturele Koördinasiekomitee*. Die eersgenoemde komitee is ingestel vir die maak van gesonde reklame vir die Universiteit in die algemeen, spesifiek met die oog op die radioprogram Studentevaria. Dié program het mettertyd verval en daarmee ook die subkomitee. Teen 1982 was daar geen spesifieke subkomitee vir reklame nie en is hierdie funksie deur ander subkomitees, soos die Joolkomitee, behartig namate dit met die oog op gespesialiseerde terreine nodig mag wees. Die subkomitee vir *Skakeling en Besoekers* het met instansies en persone buite die universiteit kontak gemaak, en gedagtes uitgeruil en besoekers ontvang. Studenterade van ander universiteite is gereeld by UP of op hulle eie kampusse ontmoet om sake van gemeenskaplike belang te bespreek. Op dié manier is daar onder andere gereeld met Wits se studenteraad samesprekinge gehou oor sake soos die jaarlikse intervarsity. Teen 1982 was skakeling een van die pligte van die adjunk-voorsitter van die VSR. Die *Kulturele Koördinasiekomitee* het bestaan uit 'n VSR-lid en drie verteenwoordigers van onderskeidelik die vereniging Pro Arte, die Koor- en die plaaslike ASB-komitee. Dit was verantwoorderlik vir die reël van die jaarlikse Republiekfeesvieringe op die kampus en die Lentedagviering wat die Afrikaanswording van UP herdenk. In 1963 het dié komitee ook 'n jaarlikse huiskoorkompetisie geloods. Hierdie komitee is later tot die *Sentrale Kultuurkomitee* herdoop.

Gedurende die sewentigerjare het die VSR sy dienslewering aan die studentegemeenskap nog verder verfyn deur die skep van 'n reeks nuwe subkomitees. In 1970 is 'n *Projektekomitee*, 'n *Werkverskaffingskomitee*, 'n *Feestekontrolekomitee* en 'n *Sportkomitee* in die lewe geroep. Die gedagte agter die eersgenoemde was om nuwe moontlikhede te ondersoek en projekte van stapel te stuur waardeur 'n diens aan studente gelewer kan word. In sy ontstaansjaar het dié komitee reeds 'n bloedoortappingsdiens en 'n tweedehandse boekwinkel ondersoek, en so die eerste stappe gedoen in verband met projekte wat later op die kampus gevestig geraak het. Ander ondernemings wat later aangepak is, was kunsuitstallings van studente se werk in die biblioteek se voorportaal en hulpverskaffing in 1971 aan die Butha Buthe-hoërskool in Lesotho deur die skenking van R500 se boeke, skryfbehoeftes en klerasie.

Die *Werkverskaffingskomitee* is tot stand gebring om aan studente leiding te verskaf by die verkry van tydelike werkgeleenthede gedurende die Julievakansie en die Kersfeesreses. Tydens die Julievakansie van 1970 kon 56 studente reeds aan werk gehelp word. Die volgende jaar is daar ook begin om werkgeleenthede in die buiteland te bekom, terwyl daar ook aan oorsese studente in Suid-Afrika werk verskaf kon word. In 1972 is die komitee se naam tot *Werbo* (vir Werkverskaffingsburo) verkort. Die *Feestekontrolekomitee* is geskep om die organisasie van feesvierings op die kampus by die *Kulturele Koördinasiekomitee* oor te neem. Dit het die viering van Heldedag (Krugerdag), Lentedag en die Republiekfees ingesluit. In 1973 is dié komitee herdoop tot die *Kultuurkomitee*. Dit het ook beheer uitgeoefen oor die argief wat in 1974 begin is om artikels van historiese waarde in verband met die studentelewe te bewaar. Dit word tans in die biblioteek gehuisves en staan as die Tukkianaversameling bekend.

Die Sportkomitee het hom beywer om sportdeelname te bevorder deur registrasiegetalle by sportklubs op te skuif, sportkomitees in die koshuise effektief te laat funksioneer, ens. Dit het ook 'n lenteveldloop op interkoshuisbasis ingestel en aandag geskenk aan vervoer tussen die dameskoshuise en die L.C. de Villiersterrein. Die voorsitter van die Sportkomitee dien ook as voorsitter van die Sentrale Sportkomitee, wat uit die sportverteenwoordigers van alle huise bestaan. Van 1979 af bestaan die Sportkomitee nie meer as 'n VSR-subkomitee nie, maar slegs as 'n SSR-portefeulje.

So dinamies het die VSR sy taak aangepak dat daar in 1973 nog vier nuwe subkomitees in die lewe geroep is. Die nuwe *Gemeenskapsdienskomitee* het hom ten doel gestel om diens aan die blanke en ander gemeenskappe te lewer. Heel gou

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

het dié komitee betrokke geraak by die toekenning van beurse aan belowende swart en bruin leerlinge, die Daspoortpolikliniek en sportafrigting by blanke laerskole. 'n Tuislanddiens was nog 'n projek wat onder hierdie subkomitee geressorteer het. Spoedig het Mediese en Tandheelkundige studente begin om op die inisiatief van hierdie komitee gedurende vakansies in aansienlike getalle diens in die swart nasionale state te lewer. In 1974 het die reeds bestaande *Kultuurkomitee* 'n tweede funksie bygekry, wat as Ontwikkelingshulp bekend was. Dit het behels diens aan die swart tuislande, wat daarmee van Gemeenskapsdiens weggeneem is. Die nuwe gekombineerde komitee was daarna bekend as *SKOK*, die *Sentrale Kultuur- en Ontwikkelingshulpkomitee*. In 1977 het die kultuurfunksie weggeval en het dit bloot die *Sentrale Ontwikkelingshulpkomitee* geword, wat weldra as *UPSOK* bekend geword het.

Twee jaar later is *UPSOK* as 'n welsynsorganisasie geregistreer en het dit sy invloed wyd laat geld. Wat tuislandhulp betref is daar onder andere duisende skoolboeke ingesamel en aan die KwaNdebelestamowerheid geskenk terwyl boumateriaal vir die oprigting van 'n skool ook geskenk is. Nader aan Pretoria, is hulp aan swart skole in Mamelodi verleen deur die toekenning van beurse, die aanbied van 'n jeugleierskursus in Atteridgeville in 1978 en onderrig by 'n winterskool vir hoërskoolleerlinge by Hammanskraal in 1981. Ook in die Kleurlinggemeenskap in Eersterust is sekere behoeftes geïdentifiseer. Hulp is aan skole verleen in die vorm van sport-, drama- en spraakafrigting, maatskaplike werk, die inrig van 'n naskoolsentrum, kursusse in etiket en regshulp, 'n sopkombuis en hulp aan die ouetehuis. Wat blankes betref, is hulp op verskillende maniere verleen. Aan skole het dit die vorm aangeneem van hulp met die Voortrekkers en met sportafrigting en in hospitale is daar oor naweke diens verrig weens 'n personeelkort. Na die behoeftes van bejaardes is omgesien deur die hand na ouetehuise te reik. Geld is ingesamel vir oorhandiging aan die vloedrampfonds in 1974 en die Laingsburgrampfonds van 1980/81.

'n Tweede subkomitee wat in 1973 die lig gesien het, was dié vir *Studenteleiding*. Die oogmerk met die komitee was om leiding en voorligting te verskaf aan die leierskorps onder die studente en om hulle so vir hulle leierstaak voor te berei. Dit is veral gedoen deur seminare en kampe vir inkomende VSR-lede en huiskomiteelede wat deur uitgesoekte persone gelei word. Hierby kom ook 'n jaarlikse eerstejaarsleierskapseminaar. Mettertyd het hierdie komitee 'n hele reeks aktiwiteite onder sy vleuel geneem, soos VSR-bekendstellingsaande, inligtingsprogramme vir eerstejaars gedurende oriëntering, inligtingspamflette en -films, 'n verenigingseminaar, pistoolskiet- en motorherstelkursusse en uiteindelik selfs die interhuisvasvra wat vroeër onder 'n ander komitee ressorteer het.

Die derde nuwe subkomitee van 1973 was dié vir *Uitvoerende Kunste*. Dié subkomitee het ontstaan om alle kunsaktiwiteite, waarvan baie vroeër onder ander komitees versprei was, te beheer en koördineer. Dit het ingesluit die interhuiskoorkompetisie, die interhuistalentkompetisie (sedert 1971 reeds bekend as *Parade*), die musiekaande deur huise aangebied, die Ienkkonsert, etensuurkonserte, die universiteitsliedkompetisie (waarin huiseerstejaarsgroepe by die uitvoering van die lied meeding), die UP-koor, die blaasorkes, die simfonieorkes (wat in 1974 gestig is), en die serenadekompetisie. In 1977 is die kulturele funksie van *SKOK* (die Sentrale Kultuur- en Ontwikkelingshulpkomitee) by dié van *Uitvoerende Kunste* gevoeg om die *Komitee vir Kuns en Kultuur* (*KUKU*) tot stand te bring. Benewens sy kunsfunksie het *KUKU* daarna ook vir kulturele feeste soos Republiekfees en Lentedag verantwoordelik geword. Ook wat kunsaktiwiteite betref, het *KUKU* sy net al wyer gespan om 'n beeldende kunstefees, 'n poësie- en kortverhaalkompetisie en 'n fotografiekompetisie te omvat.

'n Vierde noodsaaklike komitee wat in 1973 gestig is was die *Toerekomitee*. Dit het onder andere ontstaan omdat 'n behoefte by die studente vasgestel is aan 'n meer gesofistikeerde jaarlikse buitelandse toer as dié wat tradisioneel deur verenigings onderneem word. Oorsese toere is daarna gereeld aan die einde van elke jaar georganiseer. Gedurende 1978 was daar glad vier toere: na Europa en na die Verre Ooste in Desember, na Portugal in Oktober, en 'n vierde na Mauritius. Die komitee vervul ook 'n belangrike koördinerende funksie in baie konsert- en ander toere wat jaarliks deur verskillende studentegroepe gereël word. Dit sorg nie net dat alle toere amptelik goedgekeur word nie, maar maak ook voorsiening vir toerouers, wat verkieslik doserende personeellede moet wees.

In 1974 het 'n splinternuwe subkomitee wat baie nuwe projekte geloods het, sy verskyning gemaak: die *Studentedienskomitee*. Soos die naam aandui, wou die VSR deur dié komitee diens aan die studentegemeenskap lewer. En die komitee hét sy naam gestand gedoen. Onder die projekte wat vroeg reeds geloods is, was die beskikbaarstelling van films oor ginekologie aan dameskoshuise; die aanbied van kursusse vir dames oor binneshuise versiering, sjarme, kleredrag, grimering, naaldwerk en ontspanningsgimnastiek; die instelling van 'n reisdiensburo wat inligting oor plaaslike en oorsese reise beskikbaar stel; die beskikbaarstelling van koerante teen verlaagde pryse aan koshuisstudente; en die publikasie van 'n Tukkiediensboekie met die oog op die mobilisering van die studentekoopkrag en die bedinging van 'n afslag vir studente by gelyste ondernemings. Hierby het later gekom die instelling van 'n studentegesondheidsdiens, waardeur geneeskundige hulp en voorligting op die kampus tot studente se beskikking gestel is. Ook die tweedehandse boekwinkel wat reeds sedert 1972 bestaan het, is onder hande geneem en uitgebou totdat dit aan die begin van 1982 'n nuwe groter lokaal in Huis-en-Haard betrek het, en op 'n veel groter skaal diens aan die studente kon lewer. Verder is die werkverskaffingsdiens ook by hierdie komitee ingeskakel, terwyl 'n lys van akkommodasiegeleenthede vir

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dagstudente opgestel is en aansoek gedoen is vir meer publieke telefone op die kampus. Dié veelvuldige projekte dui daarop dat die VSR beslis die behoefte aan so 'n komitee raak gediagnoseer het.

Die sukses van die Studentedienskomitee blyk verder daaruit dat een van die projekte daarvan, dienste aan damestudente, teen 1976 in 'n selfstandige subkomitee, *Damesaangeleenthede*, ontwikkel het. Die oogmerk met die komitee was om na die spesifieke behoeftes van damestudente om te sien, om die dames in te lig oor sowel aktuele damesake as algemene politieke, sosiale en studente-aangeleenthede, en om die damestudent in staat te stel om haar vroulikheid in alle opsigte te ontwikkel en uit te leef. Om dié doelstellings te bereik, is die werksaamhede van hierdie komitee in vier afdelings ingedeel: 'n *Damesoorlegkomitee* (vroeër onder die Sentrale Huise-Kontrolekomitee), 'n *Damesforumkomitee*, 'n *Finessekomitee* en 'n Damesklub. Die damesoorlegkomitee bestaan uit die primariae van die dameskoshuise plus BCur, met die VSR-lid vir Damesaangeleenthede as voorsitster. Die oorlegkomitee dien as skakel tussen die dameshuiskomitees en die topbestuur en hanteer sake wat koshuisinwoners raak, bv. uitgaantye vir dames, die voorsiening van kospakkies aan dames wat op satellietkampusse hulle lesings bywoon, en serenadetye. Die forumkomitee, bestaande uit damesverteenwoordigers van alle koshuise en dagstudente, het die dames met betrekking tot politieke en ander aktuele sake gestimuleer. Dit geskied deur lesings gevolg deur besprekings, 'n vasvrakompetisie tussen alle dameskoshuise en 'n dameskamp waar aktuele sake bespreek word. Die Finessekomitee (later herdoop tot Finesse Intern) organiseer onder andere 'n eerstejaarsverwelkomingsaand om die damesaktiwiteite bekend te stel en 'n finesseweek, waar bekende vroue die dames toespreek en wat deur 'n modeparade afgesluit word, terwyl dié komitee ook aan die jaarlikse Huiskomiteedameskonferensie vir huiskomitees van Afrikaanse universiteite deelneem. Die Finessedamesklub (later genoem Finesse Ekstern) reël gereeld byeenkomste waar dames oor hoofsaaklik kunssinnige onderwerpe toegespreek word, asook kursusse in blommerangskikking, onthaalkuns, pottebakkery, ens.

In sy ywer om nog 'n beter diens te lewer, het die VSR in 1977 'n *Binnemuurse Publikasiekomitee* tot stand gebring. Soos vroeër genoem, het dit heelwat funksies oorgeneem wat voorheen onder *UPSU* geressorteer het. Die *BPK* het nou beheer verkry oor publikasies wat as suiwer binnemuurse aangeleenthede bestaan. Dit sluit in *Perdeby*, *Joolblad*, *Tukkie-Diensboekie* en alle publikasies van huise en verenigings. Asof die beheer van so 'n reeks publikasies nie genoeg is nie, hou die *BPK* ook aan die begin van elke jaar 'n redakteurskonferensie en gereelde opleidingseminare vir die redaksielede van publikasies. Ander ondernemings van die *BPK* is 'n jaarlikse besoek deur redaksielede aan 'n koerantkantoor en 'n jaarbladkompetisie as aansporing vir redaksies.

Om kontak tussen die hoofkampus en afgeleë satellietkampusse te bevorder, het die VSR in 1978 'n subkomitee bekend as *Skakeling Satellietkampusse* tot stand gebring. Die gedagte was om 'n beter verstandhouding en skakeling tussen die huiskomitees van die verskillende satellietkampusse te bewerkstellig en om hulle nouer by die aktiwiteite op die hoofkampus te betrek. Die satellietkampusse wat as gevolg van hulle afgesonderdheid probleme ondervind, is Onderstepoort, Medies, Tandheelkunde, Mildente, Paramedies en BCur. Die probleme word vererger deur die feit dat, in gevalle soos Medies en Tandheelkunde, die groep bestaan uit koshuisinwoners, dagstudente en Mildente (militêre studente wat deur middel van Weermagbeurse Mediese en Tandheelkundige kursusse volg). Mildente self is weer so 'n klein groep dat hulle beswaarlik sportspanne kan saamstel om aan universiteitskompetisies deel te neem. Buitendien is hulle nog versnipper as inwoners in die Weermagkoshuis, getroude lede, en ongetroude lede wat privaat woon. Om al hierdie probleme die hoof te probeer bied is onder andere huiskomiteevergaderings deur die betrokke VSR-lid bygewoon, kennisgewingborde op die satellietkampusse aangebring, hulp verleen met die organisasie van die jaarlikse intermediese sportbyeenkoms en aandag geskenk aan die moontlikheid van Radio Tuks-uitsendings op dié kampusse.

'n Tweede subkomitee wat in 1978 die lig gesien het, was dié vir *Eksterne Reklame*. Die oogmerk hiermee was veral om 'n gesonde verhouding met reklame-instansies buite die universiteit, soos die pers, op te bou en 'n positiewe beeld van die studentelewe te verseker. Die komitee tree ook koördinerend op in skakelpogings van belangegroepe op die kampus—soos huise en verenigings—met die pers. Aan die begin van elke VSR-termyn, word daar òf individueel òf deur 'n onthaal met verteenwoordigers van die pers en die SAUK kontak gemaak om goeie samewerking te bevorder.

Een van die verdienstelikste organe wat die VSR nog tot stand gebring het, was die subkomitee bekend as *Akademiese Skakelmeganisme (ASM)*, wat ook in 1978 ontstaan het. Dié komitee moes sorg vir gereelde en sinvolle skakeling tussen studente en dosente oor akademiese sake en moes probleme in dié verband ondervang. Die subkomitee se funksies het aangesluit by dié van die Akademiese Skakelmeganisme wat in 1976 deur die owerheid ingestel is, en wat soos volg daar uitsien: in elke departement in 'n fakulteit word 'n vakkomitee gevorm, bestaande uit die departementshoof en 'n verteenwoordiger van elke jaargroep in die departement. Hierdie verteenwoordigers word aan die begin van die akademiese jaar deur die studente self gekies. Die vakkomitee vergader minstens drie maal per jaar. Die finalejaarstudent van elke vakkomitee verteenwoordig sy vak in 'n hoër liggaam, die klasverteenwoordigersraad. Dié raad bestaan dan uit een finalejaarstudent vir elke departement binne die fakulteit plus 'n VSR-lid, en vergader minstens een keer per semester. Die kruin van die skakelmeganisme is die akademiese skakelkomitee. Dit bestaan uit die dekaan van die fakulteit as voorsitter, die direkteur van die Studentediensburo, die direkteur van die Biblioteek-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

diens, drie departementshoofde jaarliks deur die dekaan aangewys, en tien studentelede, wat jaarliks deur die klasverteenwoordigersraad uit eie geledere aangewys word.

Soos reeds hierbo aangedui dien 'n VSR-lid in die klasverteenwoordigersraad van elke fakulteit. Hy tree op as sameroeper van die eerste vergadering van elke jaar. Daarby hou die ASM-subkomitee jaarliks 'n seminaar vir klasverteenwoordigers, waar hulle vir hulle taak voorberei word. Dit stel ook 'n fotobord saam van klasverteenwoordigers om hulle aan die gewone studente bekend te stel—'n noodsaaklike voorvereiste vir die sukses van die stelsel. Verder beywer die komitee hom ook vir ontmoetingsgeleenthede tussen VSR-lede en dekane. Die *ASM*-komitee skakel sinvol in by 'n meganisme wat deur die owerheid ingestel is, om harmonie en begrip tussen studente en dosente te bevorder.

Die laaste nuwe subkomitee wat tot 1982 deur die VSR ingestel is, was die *Politieke Komitee* in 1980. Die doelstelling was om die politieke betrokkenheid van studente te stimuleer, hoofsaaklik deur verantwoordelike, oop gesprekvoering oor aktuele sake aan te moedig. In 'n groot mate kon hierdie oogmerke deur strukture soos Forum en Denkskrum bereik word. Die nuwe komitee sou in 'n oorhoofse hoedanigheid leiding hier kon verskaf.

Al die bogenoemde aktiwiteite van die VSR was formele funksies wat onder die een of ander subkomitee van die Studenteraad tuisgebring kan word. Die VSR het ook dikwels in 'n informele sin opgetree en uitsprake gedoen. Dié dinge is nie minder belangrik nie en het trouens dikwels veel meer publisiteit ontvang as die formele funksies, sodat die beeld van die Studenteraad en van die studenteliggaam wat hulle verteenwoordig in 'n groot mate daaraan gemeet is.

Een van die sake waaroor die VSR hom periodiek uitgelaat het, was kleredrag. Kleredragregulasies word deur die universiteitsowerheid neergelê, maar dit het nie verhoed dat die VSR hom hieroor uitgespreek en vertoë daaroor gerig het nie. By verskeie geleenthede het die VSR versoek dat die rektor aan dosente opdrag moet gee om toe te sien dat die studente in hulle klasse die kleredragregulasies nakom, en dat lesings geweier word aan diegene wat onbehoorlik geklee is. Na 'n ondersoek, het die VSR in 1968 aanbeveel dat manstudente toegelaat word om safaripakke te dra en dit is daarna deur die Raad goedgekeur. Maar die VSR het nie altyd die inisiatief in verband met kleredrag geneem nie. Toe die senaat in 1971 in reaksie op vertoë uit verskillende oorde sy standpunt stel dat hy geen beswaar het teen die dra van langbroekpakke op die kampus deur dames nie, is die bal daarmee in die VSR se baan geplaas. Die VSR het uiteindelik daarby berus en die nuwe regulasie aanvaar, maar terselfdertyd 'n hernieude poging aangewend om toe te sien dat die regulasies nagekom word.

'n Ander aangeleentheid wat nou verwant is aan kleredrag, is dames wat op die kampus rook. Saam met sy kleureregulasies, het die VSR sedert die begin van die sestigerjare 'n verbod hierop geplaas. In 1966 is ene mej Goodman juis deur die VSR aangespreek omdat sy in die kafeteria gerook het. In 1973 het die hele aangeleentheid weer ter sprake gekom en het die VSR 'n meningsopname gedoen waartydens 1 014 persone vir die behoud van die verbod was en 663 vir die afskaffing daarvan. Ten spyte van hierdie uitslag, het die VSR besluit om die verbod op te hef en nieteenstaande 'n koerantopskrif, "Nou stook Tukkiedames", voet by stuk gehou.



Optog, 12 April 1960, rondom die binneplein as gebaar van simpatie na die aanslag op dr. H.F. Verwoerd se lewe.

Met betrekking tot kultuuraangeleenthede, het die VSR ook periodiek opgetree en van hom laat hoor. In een stadium was UP byvoorbeeld die enigste universiteit in die land waar die VSR 'n formele viering van Republiekdag organiseer. Dit is heel moontlik nog steeds die geval. 'n Ander kulturele aangeleentheid waarin die VSR die leiding geneem het om die studentemassa se stem te laat hoor, was die behoud van die wesfasade van Kerkplein. Nadat massavergaderings reeds in 1976 resolusies ten gunste van die behoud daarvan aangeneem het, het die VSR in Augustus 1979 ook sy steun daaraan toegesê, toe 'n formele mosie daaroor aanvaar is. Goedkeuring is ook verleen vir die verspreiding van versoekskrifte in dié verband, terwyl geld ook bewillig is vir die koop van "Red Kerkplein"-plakkers.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Tukkies betoog by die Uniegebou ten gunste van aanhouding van persone ingevolge die Wet op Terrorisme, 1975.

Ook wat die landspolitiek betref het die VSR dikwels van hom laat hoor. Veral vir die persoon van dr. H.F. Verwoerd het die liggaam by verskeie geleenthede sy toegeneentheid betuig. Kort na die aanslag op dr. Verwoerd se lewe by die Randse Skou in 1960, het die VSR as 'n gebaar van simpatie 'n optog van die Aula af om die binneplein van die kampus georganiseer, wat in 'n godsdiensoefening geëindig het. Daarna is 'n besoekersboek ook aangebring by die hospitaalsaal waar die eerste minister verpleeg is. Toe dr. Verwoerd in Maart die volgende jaar van die Statebondskonferensie in Londen terugkeer nadat hy Suid-Afrika se aansoek om lidmaatskap van die Statebond teruggetrek het, het die VSR 'n groot optog van Tukkies na die lughawe Jan Smuts gereël om hom as deel van 'n groep van 5 000 studente te verwelkom. Geskenke is by dié geleentheid deur mnr. Daan van der Merwe, VSR-voorsitter, aan dr. Verwoerd en minister Eric Louw oorhandig. Die grootste eerbetoon wat die VSR vir dr. Verwoerd gereël het, was na sy dood in 1966. Dit het die vorm aangeneem van 'n straatbelyning deur Tukkiestudente tydens die begrafnisoptog, die stuur van 'n krans en die aanbring van 'n foto van die ontslapene op die kampus, terwyl vlae op die kampus 'n paar dae ook halfstok gehang het. Telegramme van deelneming is aan die Verwoerdgesin en aan die Speaker van die Volksraad gestuur.

Afgesien van huldebetuiging aan persoonlikhede, het die VSR hom van tyd tot tyd oor die politiek in die algemeen uitgelaat. Na die interkerklike konferensie by Cottesloe in 1961, het die VSR 'n spesiale massavergadering belê waar 'n sterk bewoorde mosie ten gunste van afsonderlike ontwikkeling aanvaar is. In 1966 het die VSR eenparig 'n mosie aanvaar waarin die studente van UP hulle steun toesê aan die destydse Minister van Justisie, mnr. John Vorster, in sy ferme optrede teen Kommunisme en ander aftakelende elemente. In 1970 het die VSR steun geweier aan 'n petisie van die Rhodes-universiteit se VSR teen die aanhouding van 19 persone deur die Minister van Justisie. Toe dit in September 1975 bekend word dat 'n motoroptog uit Johannesburg na die Uniegebou gereël word om 'n petisie aan die Minister van Justisie te oorhandig teen die aanhouding van mense ingevolge die Wet op Terrorisme, het die VSR 'n teenaksie geloods. In samewerking met NKP is sowat 5 000 handtekeninge vir 'n petisie ter ondersteuning van die Wet versamel. Sowat 3 000 studente het by die Uniegebou byeengekom om dit te oorhandig. Daar was nog 800 studente oor toe die Johannesburgse groep die middag opdaag, en ongelukkig het daar sporadiese bombardemente van vrugte en eiers plaasgevind. Dit het later in die Engelse studentepers skerp reaksie uitgelok en het nie die beeld van die Afrikaanse student bevorder nie. Ook ten opsigte van die buitelandse politiek en politieke figure het die VSR van hom laat hoor.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In November 1968 het die VSR-voorsitter, Neels Botha, 'n boodskap van steun aan die Rhodesiese eerste minister, Ian Smith, gestuur.

'n Ander VSR-aktiwiteit wat nie onder sy streng formele funksies tel nie, was die skakeling met ander universiteite en hulle studenterade. By geleentheid is daar besoeke gebring aan die kampusse van die meeste ander universiteite in Suid-Afrika. Pogings om met swart universiteite kontak te maak, was nie altyd so geslaagd nie. 'n Besoek aan Turfloop was byvoorbeeld reeds in 1971 gereël, toe daar verneem is dat die VSR nie kans sien om met studenterade van blanke universiteite te skakel nie. In 1975 is daar ook met die studenteraad van die Universiteit van Wes-Kaapland oor 'n ontmoeting ooreengekom, maar toe die Tukkie-afvaardiging laat vir die afspraak opdaag, het die gashere dit as 'n belediging beskou en geweier om hulle te woord te staan. Die volgende jaar is daar wel suksesvol met UWK kontak gemaak. Engelstalige universiteite is ook gereeld by die besoektoere ingesluit, hoewel die verhouding met dié universiteite nà die studentebetogings van die jare 1971/72 op Engelstalige kampusse afgekoel het. Tog is Engelstalige universiteite daarna nog besoek en tot 1975 was daar nog onderhandelinge met Wits se studenteraad in 'n poging om die intervarsity tussen die twee universiteite te laat herleef.

Opeenvolgende studenterade het dit nog altyd as een van hulle belangrikste funksies beskou om as skakel tussen die studenteliggaam en die Universiteitsowerheid te dien. Ook van owerheidskant was daar nog altyd begrip en waardering vir hierdie rol van die VSR. Daarom was dit een van die nuttigste informele VSR-funksies, iets wat tot hiertoe nie genoem is nie. Om 'n vaste skakelliggaam hiervoor op die been te bring, het 1971 se VSR 'n breedvoerige memorandum opgestel waarin die behoefte aan en die doel van so 'n orgaan ontleed is, en waarin aanbevelings oor die samestelling daarvan gemaak is. Hoewel nie al die aanbevelings aanvaar is nie, is daar tog 'n skakelkomitee ingestel om gereeld met die topbestuur oorleg te pleeg. In 1972 het die eerste ontmoetings plaasgevind. Sake wat onder andere deur die jare aandag geniet het, is die instelling van 'n busdiens tussen die hoofkampus en die manskoshuise, die verskaffing van mediese dienste aan studente, spesiale verlof vir dameskoshuisinwoners met die oog op die verenigingslewe, die verkryging van 'n wyn- en moutlisensie by Huis-en-Haard, parkeergeriewe by koshuise, losiesgelde, ens. Sedert 1974 het gereelde informele teedrinksessies van die VSR saam met die rektor 'n instelling geword. Dit het in 'n waardevolle ontmoetingspunt ontwikkel, waar daar in 'n informele atmosfeer gesels en knelpunte uitgestryk kan word. Sedert 1971 het die VSR ook gepleit vir die aanstelling van 'n studentedekaan, wat as skakel tussen die studente en die owerheid kon dien. Hierdie aandrang het verdwyn toe die Studentediensburo in 1974 tot stand gekom het. Die VSR het besef dat die direkteur van dié buro die rol van 'n studentedekaan kon vervul.

Uit al die bogenoemde funksies van die VSR, formeel en informeel, is dit duidelik dat dié ligaam se werksaamhede sedert 1960 geweldig toegeneem het, en dat hy tans 'n veel meer gesofistikeerde diens aan die studentegemeenskap lewer as wat twee dekades gelede die geval was. In dié proses het die verpligtinge van die VSR-lede en spesifiek dié van die voorsitter bykans onherkenbaar vermeerder.

Reeds in 1968 het die voorsitter in sy jaarverslag gekla dat sy taak, en in 'n groot mate dié van die sekretaris, 'n voltydse werk geword het. In daardie jaar het een van die gewone raadsvergaderinge van 19h30 tot 03h30 die volgende oggend geduur Die volgende jaar is dié rekord oortref met 'n vergadering wat tot 04h50 geduur het. Om die voorsitter se taak ietwat te verlig, is die VSR-reglement in 1970 gewysig sodat daar sedertdien, naas die voorsitter en ondervoorsitter, ook 'n adjunk-voorsitter was om sommige van die pligte oor te neem.

Weens die groter wordende werklading, moes die administratiewe masjinerie van die VSR hersien word. In 1962 is die eerste voltydse administratiewe beampte deur die Universiteitsraad ingestel. Dié kantooororganiseerder is deur die Raad besoldig en is agt maande van die jaar, met die uitsondering van Januarie, Julie, November en Desember, aan die VSR beskikbaar gestel. Die volgende jaar moes daar van studentehulp as kantoorklerk gebruik gemaak word. Nadat daar nog eens in 1966 by die Administrasie om hulp aangeklop is, het die Universiteit ingewillig om die volle verantwoordelikheid vir die salaris van die administratiewe beampte te aanvaar. Voorheen is twee derdes van dié pos se salaris deur die VSR betaal en een derde deur die universiteit. Teen 1968 het die VSR reeds vier voltydse personeellede in sy diens gehad. Gevolglik het die universiteit in 1969 ingestem om die salarisse van alle VSR-amptenare te betaal, op voorwaarde dat die getal poste tot vier voltydse en een halfdagpos beperk word.

'n Heel nuwe era wat die VSR-administrasie betref, het in 1976 aangebreek. 'n Nuwe pos is ingestel, waarvan die bekleër as hoof van dié administrasie funksioneer, maar onder die beheer van die hoof van die Studentediensburo staan. Die bedoeling was dat 'n senior persoon kreatiewe bystand aan die studenteleiding sou verleen in verband met die bedrywighede van die groot getal studenteverenigings en ander aktiwiteite waarby die VSR direk en indirek betrokke is, maar dat die VSR terselfdertyd sy bevoegdhede, onafhanklikheid en status ten volle sou behou. Dr. A. Breedt is in Julie 1976 as die eerste bekleër van dié pos aangestel.

Teen 1982 was die omvang van die VSR-administrasie al so groot, dat daar tien voltydse personeellede by die werksaamhede betrokke was.

Om al die uitgebreide funksies van die VSR en sy immer groeiende personeel te huisves, moes daar natuurlik gedurig meer lokale gevind word. Reeds in September 1960 is die VSR se nuwe raadsaal amptelik deur minister M.D.C. de Wet Nel geopen. Dit is in die Aulagebou geleë en het nog steeds in 1982 as vergaderplek van die VSR gedien. Namate die administrasie vergroot het, is ruimtes in die Ou Klubsaalgebou in 1963 en weer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

in 1969 aan die VSR beskikbaar gestel. In November 1971 het die VSR se administrasie van die kantore in die Aula en die Klubsaal verskuif na die huis by Tindallweg 84, wat deur die Universiteit oorgeneem is. Die gebou langsaan, St. Anthony's-koshuis, vandag bekend as Huis-en-Haard, is in 1969 deur die universiteit gekoop en intussen omgeskep vir gebruik deur studente. Nadat dit aan die begin van 1972 geopen is, het die VSR sekere lokale daar ook betrek, maar die ruimtes in die Aulagebou as dienspunt op die kampus en die raadsaal daar behou. In 1976 is die woonhuis by Tindallweg 80 ook tot beskikking van die VSR-administrasie gestel. Teen 1982 was die VSR se huisvesting oor drie punte versprei: die Aulagebou, Huis-en-Haard en die twee woonhuise langsaan.

Binnemuurse VSR-voorsitters 1961—1982

1961 H.D.K. van der Merwe
1962 J.S. Oosthuizen
1963 J.M.M. Oosthuizen
1964 W.P. van Niekerk
1965 P.S. Ferreira
1966 R.J. Maritz
1967 D.A. Pauw
1968 O.A.W. van Zyl
1969 C.J. Botha
1970 J.H. Botha
1971 J.W. Hofmeyr
1972 G.H. Meyer
1973 T.M. Smalberger
1974 T. Verschoor
1975 D.J. Kotzé
1976 H.L. Bosman
1977 W.H. Schroeder
1978 D. Mills (1977—1978)
1979 C. Fismer (1978—1979)
1980 N. Niemand (1979—1980)
1980 J. Kemp (1980—1981)
1982 J.B. Oosthuizen

Die Buitemuurse Studenteraad

Die buitemuurse afdeling van die universiteit is nie net klein wat betref studentegetalle nie, maar ook wat die verskeidenheid kursusse betref. Die werklike getalle het nie net in die twee dekades na 1960 gedaal nie, maar ook in verhouding tot die totale studentegetal van die Universiteit het die buitemuurse getalle 'n afname getoon. In 1960 was daar 1 663 buitemuurse studente teenoor 'n totale studentegetal van 7 426, dus 'n persentasie van 22,4; in 1972 het die buitemuurse studentegetal 'n hoogtepunt van 2 093 bereik, maar toe was die totaal vir die Universiteit alreeds 13 150, 'n persentasie dus van 15,9; teen 1981 het Buitemuurs gedaal tot 1 535 uit 'n totaal van 16 494, dus 9,3%. Dit is duidelik dat die studentelewe by die buitemuurse kampus noodwendig veel kleiner in omvang as dié op die hoofkampus sou moes wees.

Dit is verstaanbaar, indien daar in aanmerking geneem word dat die werkende student wat deeltyds studeer, veel minder vrye tyd tot sy beskikking het. Dit het selfs daartoe gelei dat die Buitemuurse VSR se bestaansreg in 1970 en 1971 as gevolg van die gebrekkige belangstelling van buitemuurse studente in studentesake, in twyfel getrek is. In sy jaarverslag vir 1970 het die Binnemuurse VSR-voorsitter daarop gewys dat die buitemuurse koerant *Papegaai* opgehou het om te verskyn, dat probleme ondervind is om genoeg buitemuurse belangstelling vir 'n intervarsity teen Wits te monster, en dat daar weinig belangstelling by buitemuurs in die streepkleurbaadjie was. In die lig hiervan stel hy die vraag of die Buitemuurse VSR nie moet wegval nie, sodat daar een VSR is waarin Buitemuurs op dieselfde wyse as Geneeskunde of Onderstepoort verteenwoordig is. Hoewel hiervan niks tereg gekom het nie, het die *Perdeby* weer in 1971 'n vraagteken oor die afsonderlike VSR se bestaansreg geplaas. Die bewering is gemaak dat daar nie by Buitemuurs genoeg kandidate vir die VSR-verkiesing genomineer is nie. Die Buitemuurse VSR en studente het heftig gereageer. 'n Massavergadering by die buitemuurse kampus het sy afkeer aan die berig uitgespreek, en sy volle vertroue in die Buitemuurse VSR bevestig. Buitendien is daarop gewys dat daar wel 13 persone vir die 13 vakatures genomineer is. Dit was voorlopig die einde van die saak, hoewel die bestaan van afsonderlike studenterade weer van 1977 af in verband met die funksionering van die Sentrale Studenteraad onder die soeklig geplaas sou word.

Ten spyte van die beperkte tyd van die buitemuurse studente en die swaard wat by tye oor die Buitemuurse VSR se kop gehang het, het dié liggaam voortgegaan om sy funksie te vervul. In 1959 is die getal studenteraadslede van 9 na 13 vermeerder en sedertdien het dit onveranderd gebly. Sy funksies is in wese dieselfde as dié van die Binnemuurse VSR. Dit is egter nie naastenby so uitgebreid nie. Teenoor die 26 subkomitees wat in 1982 onder die Binnemuurse VSR gefunksioneer het, was daar in dié jaar by die Buitemuurse VSR 14.

Die 14 subkomitees is onder sewe portefeuljes ingedeel. Die enigste wat 'n portefeulje op sigself vorm, is die *Joolkomitee*. Hierdie komitee staan in beheer van die bou van die Joolvlot wat jaarliks deur Buitemuurs tot die Jooloptog bygedra word, en dit organiseer ook ander tipiese Joolaktiwiteite, soos Joolbladtoere en die verkoop van Joolhemde, asook die verkiesing van mej. Buitemuurs elke jaar in September. Ander subkomitees wat min of meer dieselfde funksies as hulle Binnemuurse eweknieë vervul, is *Studenteleiding*, *Sport*, *Kleure*, *Dames-aangeleenthede*, *UPSU*, *Studentediens*, *Interne Reklame* en *Eksterne Reklame*. Hierbenewens is daar 'n subkomitee vir *Eksterne Projekte*, wat gemoeid is met die reël van ondernemings buite die universiteit, soos staptoere. Verder sorg 'n *Buitemuurse Geselligheidskomitee* (*BGK*) vir sosiale ontspanning in die vorm van bokjolle by geleentheid van die jool, die verkiesing van mej. Buitemuurs, ens.

'n *Buitemuurse Publikasiekomitee* (afgekort as PKB om verwarring met die Binnemuurse Publikasiekomitee te vermy), hou toesig oor die publikasies wat spesifiek vir buitemuurse studente bedoel is. Van 1960 tot 1970 was dit die koerant *Papegaai*, wat in die laasgenoemde jaar by die *Perdeby* ingelyf is, en aanvanklik ook die jaarblad *Extra Mura*, wat in 1965 met *Tuk* saamgesmelt het. Van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1976 tot 1980 was daar ook die koerant *Naguil* en sedert April 1982 die kwartaalblad *Extra Mura*. Laastens is daar 'n komitee vir *Interuniversitêre Skakeling*, wat hom toelê op gereelde kontak met die studenteleiers van opvoedkundige inrigtings in en om Pretoria, soos die Binnemuurse VSR, die Pretoriase Technikon en die Normaalkollege.

Afgesien van die funksies wat die Buitemuurse VSR deur die bogenoemde subkomitees vervul, dien daar ook van sy verteenwoordigers in die UP-sportkomitee en natuurlik in die SSR. Origens skakel die VSR gereeld met die rektor en ander lede van UP se topbestuur, om hulle op hoogte te hou van die probleme en behoeftes van buitemuurse studente.

Buitemuurse VSR-voorsitters 1961—1982

1961 G.P.C. de Vries
1962 A.D. Niemand
1963 W.F. Adendorff
1964 L. Maré
1965 U.R.A. Kotzenberg—P.B. Roodt
1966 P.A. Stergianos
1967 I.M. Ferreira
1968 D.B. Snyman
1969 D.C. van Rooyen
1970 Z.J. de Beer
1971 C. Raats
1972 F.P.J. van Vuuren
1973 J. Hattingh
1974 C. de W. du Plessis
1975 J. Hartman
1976 P.S. Viljoen
1977 W.H. Lourens
1978, 1979, 1980 G.M. Kruger
1981 J.J. Erasmus
1982 E.J. Roux

Die Sentrale Studenteraad

Die Sentrale Studenteraad (SSR) is in 1949 ingestel as 'n sentrale en koördinerende liggaam wat die hele studentegemeenskap, sowel Binne- as Buitemuurs, verteenwoordig. Daarom is die getalleverhouding tussen Binne- en Buitemuurs ook in die samestelling van die SSR weerspieël. Sedert 1952, toe die Binnemuurse VSR se ledetal op 12 vasgestel is, het die SSR bestaan uit hierdie twaalf lede plus vyf Buitemuurse Studenteraadsverteenwoordigers.

In 1960 is die SSR se bestaan skielik in 'n krisis gedompel. Die vorige jaar, 1959, is die Binnemuurse VSR se konstitusie gewysig om die ledetal op 15 te staan te bring. Omdat die SSR-konstitusie bepaal het dat die twee studenterade in die verhouding van 12:5 daarin verteenwoordig moet wees, en elders gemeld het dat *al* die lede van Binnemuurs in die SSR moet dien, het daar nou groot konstitusionele onsekerheid ontstaan. Onderhandelinge tussen die twee studenterade hieroor kon maar nie tot 'n oplossing lei nie. Uiteindelik het 'n Binnemuurse massavergadering die Binnemuurse VSR gemagtig om op 'n basis van 'n 15:6-verteenwoordiging te onderhandel, maar om uit die SSR te tree indien Buitemuurs dit nie wou aanvaar nie. Dit sou die SSR natuurlik in duie laat stort.

Vir 'n maand lank het hierdie swaard oor die SSR se kop gehang. Toe 'n latere massavergadering die Binnemuurse VSR magtig om na goeddunke in die saak te handel, is daar uiteindelik 'n ooreenkoms bereik. Daar is op 'n getalleverhouding van agt Binnemuurse tot vier Buitemuurse lede besluit. Sedertdien het dié samestelling onveranderd gebly. Tradisioneel is die Binnemuurse VSR-voorsitter ook voorsitter van die SSR.

Dit was nie die einde van die bedenkinge oor die SSR se funksionaliteit en bestaansreg nie. Die gevoel het dikwels ontstaan dat die bestaan van drie studenterade ongeregverdig en kunsmatig was. In 1970 en weer in 1978 en 1981 het die VSR-voorsitters in dié rigting gepraat en die instelling van een studenteraad bepleit, waarin Binne- en Buitemuurse studente verteenwoordig sou wees. Daar is onder andere aangevoer dat Buitemuurs se getalle swak vergelyk met dié van belangegroepe soos Medies, wat geen eie studenteraad het nie; dat Buitemuurs se bydrae tot die Jool kleiner is as dié van 'n dameskoshuis soos BCur; dat die stelsel van drie studenterade onnodige duplisering van fasiliteite soos raadsale en administrasie meebring; dat verwarring by buite-instansies en die pers bestaan oor watter liggaam die studente se spreekbuis is, ens. Buitendien is die SSR net gesien as 'n rubberstempel op die besluite van Binnemuurs met sy meerderheid op die SSR, en is daar gevoel dat die SSR-portefeuljes in werklikheid deur binnemuurs bedryf word.

Die SSR het al hierdie storms deurstaan en 'n beter stelsel waarbinne die buitemuurse afdeling steeds sy identiteit kon behou, is nog nie gevind nie. Die SSR se funksies raak sake van gemeenskaplike belang wat Binne- en Buitemuurs betref. Dit het aanvanklik alle reëlings in verband met die jaarlikse Jool, Lentedag en Intervarsity en die beheer oor die toekenning van kleure, oor sportklubs en die publikasies *Perdeby* en *Trek* omvat.

Mettertyd het daar in hierdie funksies verandering gekom. Lentedag en Jool het die verantwoordelikheid van die Binnemuurse VSR geword. Sedert die begin van die sestigerjare het vier portefeuljes onder die SSR geressorteer: *Sport, UPSU, die Kleurekomitee* en die *Intervarsity-reëlingskomitee* (*IRK*). Die *IRK* is verantwoordelik vir alle Intervarsityreëlings, soos die organiseer van die Sing-Songs, die dirigentverkiesing, Intervarsitybokjolle en die ontwerp en verskaffing van die Intervarsity-T-hempie.

Die *Sportkomitee* dien die belange van georganiseerde studentesport. Die voorsitter hiervan tree op as voorsitter van die Sentrale Sportkomitee van die Universiteit, wat bestaan uit al die Huiskomiteelede vir sport van al die huise. Verder dien hy ook in die UP-sportkomitee, wat die hoogste sportbeheerliggaam is. Die *Kleurekomitee* is gemoeid met die beheer oor die dra van die amptelike Universiteitskleure. Dit hou kontak met kleureverskaffers, sorg vir die afneem van die Wie, Wat en Waar-toets en die maak van diens- en dux-medaljes, terwyl van sy lede ook dien in die Kleurebe-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

heerkomitee van die Universiteit, wat onder die voorsitterskap van 'n vise-rektor staan.

UPSU verrig al die funksies rakende studentepublikasies wat reeds by die Binnemuurse VSR genoem is. Met die totstandkoming van 'n *Binnemuurse Publikasiekomitee* (*BPK*) en 'n *Buitemuurse Publikasiekomitee* (*PKB*) in 1976 het UPSU se funksies gekrimp tot die beheer van slegs vier SSR-publikasies, naamlik *Tuk*, *Wie, Wat en Waar*, *UP-lekkerliedjies* en *Intervarsityblad*.

Die *IRK*, die *Kleurekomitee* en *UPSU* funksioneer ook as subkomitees onder die Binnemuurse VSR, terwyl dit tot 1978 ook met die Sportkomitee die geval was. In elke geval word die werk in hierdie vier portefeuljes deur Binnemuurse studente verrig en is dit slegs in naam VSR-portefeuljes. Nietemin bied die SSR aan die Buitemuurse studente inspraak in hierdie vier terreine.

Studenteverenigings

Indien statistiek die hele verhaal vertel het, sou 'n mens tot die gevolgtrekking kon kom dat die verenigingslewe aan die Universiteit van Pretoria in 1982 twee keer so aktief was as in 1960. Die getal geregistreerde verenigings het naamlik in dié tyd net mooi verdubbel van 26 tot 52. Dit is nie die volle waarheid nie, want in dié 22 jaar het die ledetal van sommige verenigings ook as gevolg van die groter studentegetalle geweldig toegeneem, terwyl sommige verenigings ook aan die begin van die tagtigerjare veel aktiewer as in die vroeë sestigerjare was.

Alle studenteverenigings funksioneer onder die toesig van die verskillende studenterade. Omdat verreweg die meeste verenigings op die hoofkampus bedrywig is, word hierdie toesighoudende funksie feitlik sonder uitsondering deur die Binnemuurse VSR uitgevoer. Daarom het dié VSR in 1966 'n vaste grondslag gelê deur 'n reglement vir die totstandkoming van verenigings goed te keur. Daarin word die prosedures en vereistes neergelê waaraan verenigings moet voldoen voordat hulle deur die VSR erken word. Goedgekeurde verenigings ontvang ook geldelike steun van die VSR, solank hulle aktief bly. Daarby sorg die Binnemuurse en Buitemuurse Studenterade dat verenigings aan nuwe studente bekendgestel word. Dit geskied jaarliks tydens die verwelkoming van eerstejaars. Verder publiseer die Binnemuurse VSR ook sedert die laat sewentigerjare 'n *Verenigingsblad* wat besonderhede van die aktiwiteite van verenigings bevat. Ook in die *Wie, Wat en Waar*-boekie verskyn beknopte besonderhede oor verenigings. Sedert 1967 loof die VSR as aansporing jaarliks op die hoofkampus 'n aktiveringsprys aan die aktiefste vereniging uit. Mettertyd is verenigings gerieflikheidshalwe in vier kategorieë ingedeel: geestelike verenigings, akademiese verenigings, fakulteitsverenigings en algemene verenigings. Hieronder word hulle in dié volgorde bespreek.

Geestelike verenigings

Geestelike verenigings speel tradisioneel 'n aktiewe rol in die studentelewe, soos blyk uit die rol van die *HSV* (*Hervormde Studentevereniging*), die *Van der Hoff-vereniging*, die *Deo Gloria-vereniging*, die *CSV* (*Christenstudentevereniging*), en andere lank voor 1960. In die sestigerjare het daar 'n krisis in die kleine oor die erkenning van geestelike verenigings deur die VSR ontstaan.

In 1966 het die *Katolieke Studentevereniging* en die *Christian Science-vereniging* om erkenning aansoek gedoen. Vanweë die Protestantse inslag van die Universiteit en die gemeenskap waaruit die studente getrek word, was die VSR—ten regte of ten onregte—huiwerig om dié twee verenigings te erken. Aan die ander kant was daar ook die gewetensklousule in die Universiteitswet, wat diskriminasie op grond van godsdiensoortuiging verbied. Sou dié twee verenigings dus verbied word, terwyl ander toegelaat word en selfs finansiële steun ontvang, kon die VSR hom aan diskriminasie skuldig maak en hom ernstige kritiek op die hals haal.

Die hele aangeleentheid is verwys na 'n kommissie bestaande uit die VSR-voorsitters van 1965/66 en 1966/67, Roux Marnitz en Anton Pauw, en die twee studenteleraars, di. Kobus Potgieter en J.I. de Wet. Om die gelyke behandeling van godsdienstige verenigings te verseker, het die kommissie aanbeveel dat geen godsdienstige verenigings voortaan erken word nie. Bygevolg sou erkenning en alle meegaande voordele van die bestaande kerklik-godsdienstige verenigings met verdrag oor drie jaar teruggetrek word. Dit het gegeld vir die *HSV*, die *SKJV* (*Studentekerkjeugvereniging*) en die *SJV* (*Studente Joodse Vereniging*). Dié verenigings is in Februarie 1967 dienooreenkomstig in kennis gestel en die *Katolieke Studentevereniging* en die *Christian Science-vereniging* is erkenning geweier.

Maar die kwessie van kerklik-godsdienstige verenigings het nie hiermee tot rus gekom nie. In 1970 het die VSR besluit om sy vorige beslissing te hersien. Die *HSV*, die *SKJV* en die *Rooms-Katolieke Studentevereniging* is verwittig dat hulle ten volle erken sou word, maar op geen finansiële steun geregtig sou wees nie. Hierdie besluit het opslae gemaak en die VSR is uit die studentegeledere, heeltemal ongeregverdig, beskuldig van begunstiging van die Rooms-Katolieke.

As gevolg van hierdie ontevredenheid is die hele aangeleentheid weer 'n keer ondersoek. Hierdie keer was die rektor en twee dekane ook lede van die kommissie. Op grond van die kommissie se aanbevelings is daar besluit dat kerklik-godsdienstige verenigings nie vir erkenning in aanmerking sou kom nie. As gevolg van die ooreenkomste van die Universiteit met die Hervormde Kerk en die NG Kerk vir die opleiding van predikante, is daar egter besluit dat die verenigings van die twee kerke, te wete *HSV* en *SKJV*, wel erken mag word.

Nog 'n hoofstuk in dié sage is in 1976 bygevoeg toe die VSR beslis het dat interkerklike verenigings om erkenning aansoek mag doen, mits 'n bevredigende motivering voorsien kan word waarom sodanige verenigings nie by die bestaande godsdienstige verenigings kan inskakel nie. In die gees van hierdie beslissing is toe erkenning aan die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

SCA (*Students' Christian Association*) verleen.

Teen die middel van die sewentigerjare het daar benewens die *SCA*, vier nie-Afrikaanse godsdienstige verenigings op die kampus bestaan. Dit was die *Anglikaanse Vereniging*, die *Rooms-Katolieke Studentevereniging*, die *Metodistevereniging* en die *Presbiteriaanse Vereniging*. Elkeen van hulle funksioneer selfstandig, is finansieel onafhanklik van die VSR, en kom in 'n eie sentrum byeen. In 1981 het die *Evangelisch-Lutherischer Studentenkreis Pretoria*, kortweg net bekend as *Studentenkreis*, ook ontstaan. As addisionele Afrikaanse vereniging het die *Pinksterstudentevereniging* in 1977 tot stand gekom. Al hierdie verenigings voorsien in die geestelike behoeftes van studente wat nie aan die drie Afrikaanse susterkerke behoort nie. Almal hou periodiek byeenkomste waar Bybelstudie gedoen en sosiaal verkeer word, en sommiges hou sending- en werkskampe. In die laasgenoemde geval word daar aan sendinggemeentes hulp gelewer met bouprogramme, ens.

Van die genoemde kerklik-godsdienstige verenigings is *UKJA* (*Universiteitsoord-Kerkjeugaksie*) die bekendste, die grootste wat betref ledetal en waarskynlik die bedrywigste. *UKJA* het in 1975 die plek geneem van die *SKJV* (*Studentekerkjeugvereniging*), wat weer op sy beurt in 1965 die *CSV* (*Christen Studentevereniging*) vervang het. Teoreties is alle belydende studentelidmate van die Universiteitsoordgemeente van die NG Kerk lede van *UKJA*, maar nie almal is aktief by een van sy aksiegroepe betrokke nie. *UKJA* het by meer as een geleentheid al die VSR se aktiveringsprys verower. Die vereniging probeer om jong lidmate van die kerk tot skrifgetroue, positiewe en praktiese volgelinge van Christus te vorm. UKJA funksioneer deur 'n hele aantal diensgroepe, waarvan *Hartkom* en *Sendingkring* tipiese voorbeelde is. *Hartkom* is 'n diens waardeur ouetehuise, hospitale, en liggaamlik gestremdes op Sondae besoek word. *Sendingkring* doen praktiese sendingwerk in en om Pretoria en in die nasionale state. *UKJA* sorg ook vir sosiale ontspanning deur 'n Vrydag- en Saterdagaandkoffiekamer, vasvrae, ens., en dra jaarliks ook 'n vlot tot die Jooloptog by.

Die *Admissiebond*, wat in 1972 tot stand gekom het, is die vereniging van die Admissiestudente van die NG Kerk. Dit bind dié groep studente met hulle gemeenskaplike belange saam deur 'n jaarlikse verwelkomingsbraaivleis, 'n kamp en 'n konserttoer, en dit bevorder hulle belange na buite. Wat die Admissiebond vir sy lede beoog, wil die *HSV (Hervormde Studentevereniging)* doen vir al die studente wat lidmate van die Hervormde Kerk is. Die bestuur funksioneer onder die toesig van die kerkraad van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Philadelphia. Hierdie vereniging bestaan al van 1943 af.

In 1975 het die vereniging *MAT* (*Morele Aksie Tuks*) tot stand gekom. In 1979 is die naam gewysig na *Maranata Aksie Tuks*. Hierdie vereniging is interkerklik en poog om alle sedelik skadelike verskynsels op die kampus en daarbuite te bestry deur 'n positiewe beeld van Christenwees uit te dra. Die vereniging reël kampe, staptoere, vrugtefeeste, braaivleise, sendingtoere, ens. Van 1970 af bestaan die *JCGB* (*Junior Christen-geneesheerbond*). Die bond snoer Mediese, Tandheelkundige, Verpleegkundige en Paramediese studente saam op 'n Christelike grondslag en moedig hulle aan om sendingwerk te doen. Die aktiwiteite omvat kampe, Bybelstudie en ontspanningsaktiwiteite en dit werk ook aktief met die Jool saam deur die oprigting van 'n Jooltent op die Mediese kampus. Die laaste van die kerklik-godsdienstige verenigings is *CLEMENT*, wat in 1973 gestig is om hulp te verleen aan almal op Suid-Afrikaanse kampusse wat aan dwelmmiddels verslaaf is, of wat soortgelyke probleme ondervind. Die vereniging het in verskeie komitees gewerk, waarvan die belangrikste 'n Gevallewerk-afdeling en 'n Aksie-afdeling was. Die eersgenoemde het direk en individueel gewerk met persone wat om hulp kom aanklop, en die laasgenoemde het hom saam met die polisie op die bekamping van dwelmverspreiding toegespits. *CLEMENT* het sedertdien verdwyn, miskien omdat dwelmprobleme so selde op die Tukkiekampus voorkom.

Akademiese verenigings

Die akademiese verenigings het gewoonlik in 'n bepaalde dissipline ontstaan en het as 'n soort verlengstuk van klaskameronderrig gedien. Dié verenigings het hulle ontstaan en voortbestaan aan die ywer van studente te danke, hoewel dosente gewoonlik in 'n adviserende hoedanigheid hulp verleen. Die groot getal van hierdie verenigings spreek boekdele vir die lewendige belangstelling van die studente in hulle onderskeie vakrigtings. Al die akademiese verenigings het die doelstelling om professionele belangstelling in die verskillende studierigtings onder studente aan te moedig.

'n *Huishoudkunde- en Dieetkundevereniging* het reeds voor 1960 bestaan. Sosiale byeenkomste word gereël, asook soms kursusse wat by die leerplan aanpas. 'n *Ekonomiese Vereniging* het ook in die vroeë sestigerjare bestaan. In 1966 is daar besluit op 'n vorm van samewerking met *AIESEC*, die *Internasionale Vereniging van handels- en Ekonomiestudente*. *AIESEC* kon vanweë sy internasionale aard maklik bepaalde voordele vir sy lede beding, bv. werk in oorsese lande en korting op publikasies. In 1975 is die Ekonomiese Vereniging se naam na *Commercium* verander. In September 1980 het dit ontbind.

'n *Toonkunsstudentevereniging* het sedert die vroeë sewentigerjare bestaan; die aktiwiteite het konserte en konserttoere ingesluit. *PLAN UP* het in 1971 as vereniging van studente in Stads- en Streeksbeplanning tot stand gekom. Die naam *Maatskaplike Werkersvereniging* het in 1974 dié van *Cum Animo* vervang. Dié vereniging het onder andere verskillende inrigtings besoek en ook in dié jaar die naglewe in Hillbrow ondersoek. Etensuurbesprekings vind plaas en die vereniging bou sy eie Joolvlot.

'n *Fisioterapievereniging* is in 1978 goedgekeur. Dié vereniging skakel by die Jool en deur die *ISV* by die trapkarwedren in, en bring elke twee jaar 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Fisioterapieblad uit. Die *Geologiese Vereniging* dien die belange van Geologie-studente deur onder andere filmvertonings en 'n mynekskursie. In 1962 het 'n *Staatkundige Vereniging* tot stand gekom. In 1971 is die naam na *Politika* verander. Daarna het dit probeer om jaarliks een van die state in Suider-Afrika te besoek, terwyl 'n jaarlikse publikasie met dieselfde naam ook in dié jaar begin verskyn het. Teen 1979 het dit doodgeloop, maar dit is vervang deur 'n nuwe vereniging, *Politicum*. Die *Logopediese Vereniging* wat in 1974 gestig is, het die belange van studente in Spraakheelkunde en Oudiologie op die oog. Dit het die Spraakheelkundevereniging vervang, wat sedert die vroeë sestigerjare bestaan het.

In die laat sewentigerjare is 'n *Biblioteekkundevereniging* in die lewe geroep om Biblioteekkundestudente se kennis van en insig in die biblioteek- en inligtingswese uit te bou. *Publica* dien sedert 1974 die belange van studente in Publieke Administrasie, *Pro Musica* van 1971 af die musiekstudente s'n, en die *Personeelbestuurvereniging* sedert 1975 die belange van studente in dié vakgebied. 'n *Kriminologiese Vereniging* is in 1970 gestig en 'n *Historiese Vereniging in 1973*, maar die laasgenoemde het in 1980 doodgeloop.

In 1971 is die konstitusie van die *Filosofiese Vereniging* deur die VSR goedgekeur. Dié vereniging wou aan studente die geleentheid bied om hulle te besin oor aktuele en ander filosofiese onderwerpe. Dit het in die laat sewentigerjare doodgeloop, maar is in 1980 deur *Filosofos* vervang, wat soortegelyke oogmerke nagestreef het. 'n *Biologiese Vereniging* het in 1960 tot stand gekom en was in die middelsestigerjare besonder aktief deur filmvertonings, lesings en toere na Oos-Transvaal, Rhodesië en Makapansgrot te reël. In 1969 is dit deur die VSR weens onaktiwiteit ontbind. 'n *Liggaamlike Opvoedingstudentevereniging* en 'n *Kleuteropvoedingstudentevereniging* is onderskeidelik in 1965 en 1968 gestig, maar het na 'n paar jaar die weg van alle vlees gegaan. Dit was skynbaar ook die lot van die *Dramakundevereniging*, wat in 1976 tot stand gekom het.

Voor 1960 het die *Juridiese Vereniging* al bestaan as 'n soort verlengstuk van die dosente en studente in die Fakulteit Regsgeleerdheid. Dit het sy eie blad, *Scintilla Iuris*, uitgegee, wat later oorgegaan het in die departementele blad *De Jure*. 'n *Opvoedkundige Vereniging* het in 1976 tot stand gekom met die ideaal "om op teoretiese en praktiese vlak 'n bydrae te maak tot die vorming van 'n professionele onderwyserskorps." Soos met so baie studenteverenigings die geval is, het dié vereniging skynbaar ook na 'n entoesiastiese begin doodgeloop, want in 1982 is daar weer eens oorgegaan tot die stigting van 'n Opvoedkundevereniging met soortgelyke oogmerke.

Een van die standhoudendste akademiese studenteverenigings was dié wat deur studente in die Sielkunde bedryf is. In 1959 het 'n *Sielkundige Studentevereniging* al ontstaan. Die naam is in 1966 na *Psigologea* verander en dit was teen 1982 een van die lewendigste verenigings op die kampus. Dit het veral weens die jaarlikse hipnosedemonstrasie bekendheid verwerf. In 1975 het *Psigologea* die leiding geneem om in oorleg met die Studentediensburo 'n Krisiskliniek te stig waar persone wat in 'n intens persoonlike krisis verkeer, deskundige hulp kon ontvang. Ook Sosiologiestudente het in 1980 besluit om hulle vakgebied se belange te bevorder deur 'n *Sosiologiese Vereniging* te stig. In Mei van daardie jaar het die vereniging met 'n paneelbespreking oor nudisme afgeskop. 'n *Geografievereniging* het in 1978 tot stand gekom en reël periodiek uitstappies na plekke van geografiese belang. 'n *Radiografievereniging* het teen 1980 bestaan om studente van hierdie studierigting saam te bind en dit bied verskeie sosiale funksies aan. 'n *Volkekundige Vereniging* snoer studente van dié studierigting saam.

Om die belange van studente in 'n Boukundige rigting te dien, was daar tot 1972 'n *Boukundige Studentevereniging*. Dit het drie groepe studente se sake behartig: argitek-, boubestuur- en bourekenkundestudente. Daar is toe besluit om die bestaande vereniging in drie afsonderlike verenigings te verdeel. Gevolglik het daar van 1973 af 'n *Argitektuurstudentevereniging*, 'n *Boubestuurstudentevereniging* en 'n *Bourekenkundestudentevereniging* naas mekaar bestaan. Hulle staan onderskeidelik in verkorte vorm as die *ASV*, *BSV* en *QSV* bekend. Afgesien van dié drie verenigings, is daar ook die *GAP* (Groep Argitekte Pretoria) aan die Universiteit, wat by die Suid-Afrikaanse Instituut van Argitekte geaffilieer is.

Fakulteitsverenigings

Die Fakulteitsverenigings staan ook in diens van studentegroepe in bepaalde studierigtings, maar in hierdie geval betrek dit gewoonlik 'n hele fakulteit se studente en nie net 'n departement s'n nie.

Die aktiefste, en seker een van die bekendstes, is die *Ingenieurstudentevereniging* (ISV). Dié vereniging het al sedert 1957 as 'n akademiese vereniging bestaan, maar in 1969 het dit 'n fakulteitsvereniging geword. Van 1970 tot 1972 is 'n sogenaamde "stookweek" jaarliks deur dié vereniging gehou. Dit het beteken dat daar elke dag van die week tydens die etensuur 'n verskeidenheid aktiwiteite plaasgevind het waaraan Ingenieursstudente deelgeneem het. Dit het 'n melkdrinkkompetisie, 'n karbreekkompetisie en ander lawwighede ingesluit. Die week is dan met 'n trapkarwedren en 'n dans afgesluit. Omdat daar bedenkinge ontstaan het oor die destruktiewe aktiwiteite wat met die stookweek gepaard gaan, en ook oor die konnotasie van dié naam, is daar in 1973 besluit om die laasgenoemde te verander na INGKONTRA: dit is afgelei van *In*genieurs, *Kon*ingin en *Tra*pkarre —die soort naam wat net deur studente uitgedink kan word. Soos hieruit afgelei kan word, het die verrigtinge die kies van 'n Ingenieurskoningin ingesluit. Die duur is tot drie dae beperk en die program het sy hoogtepunt met die trapkarwedren die Saterdagmiddag bereik. Die laasgenoemde het mettertyd deel geword van 'n landswye kompetisie, waarby ander universiteite se fakulteite asook tegniese kolleges betrokke is. Vyf byeenkomste word

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

jaarliks in verskillende sentra gereël deur *SAFUIS*, die Suid-Afrikaanse Federasie van Universiteits-ingenieurstudente. Van 1975 af is die bedrywighede van Ingkontra net tot die Vrydag en Saterdag beperk. Dit bestaan sedertdien uit die sportkompetisie en die dans waartydens die koningin gekroon word op die Vrydag, en die trapkarwedren voorafgegaan deur 'n optog van trompoppies die Saterdagmiddag.

Die trapkarwedren het in een van die kleurrykste studente-aktiwiteite op die kampus ontwikkel. Die strawwe mededinging gaan altyd gepaard met sportmangees en tipiese studentepret. Groot getalle toeskouers daag jaarliks op vir hierdie gebeurtenis, met sy unieke atmosfeer van kompetisie, ernstige bedrywigheid op die baan en in die kuipe, afgewissel met lughartige tonele wanneer die tuisgemaakte voertuie maar net nie "die draaie wil vat" soos hulle bestuurders wil hê nie. Tukkiespanne, soos die legendariese "Team Velle" van Ingenieurshuis, en selfs damespanne het al groot naam gemaak.

Asof hierdie aktiwiteite nie genoeg is nie, publiseer die *ISV* 'n paar keer per jaar die blad *Venturi* en 'n jaarblad *Die Ingenieurstudent*. Die vereniging hou 'n jaarlikse Interneur met Wits—'n intervarsity in die kleine, en lewer 'n diens aan ingenieurstudente deur benodigdhede soos rekenaars teen 'n spesiale prys te voorsien. Geen wonder nie dat die *ISV* al verskeie kere as die aktiefste vereniging op die kampus bekroon is.

Die vereniging *Deo Gloria* bestaan van 1936 af. Dit is die fakulteitsvereniging van die studente van die Nederduits Gereformeerde Kerk in die Teologie. Hy beywer hom daarvoor om die geestelike, kerklike en algemene welstand van sy lede te bevorder. Dit doen hy deur 'n jaarlikse oriënteringskamp vir eerstejaars, sendingaktiwiteite, 'n jaarlikse sportdag, ens. Die vereniging publiseer 'n jaarblad, *Deo Gloria*.

Die *Van der Hoffvereniging* is die vereniging van alle teologiese studente wat hulle voorberei vir bediening in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Dit het reeds in 1924 tot stand gekom en poog om sy lede geestelik en intellektueel te vorm met die oog op hulle arbeid as predikant in die Kerk. Aktiwiteite sluit in kongresse saam met ander universiteite en met die Nederduits Gereformeerde afdeling, 'n toer, sportdag en dinee. Saam met die *Hervormde Studentevereniging* publiseer dit ook 'n jaarblad.

In 1973 het 'n *Landmeetkundestudentevereniging* tot stand gekom. As verteenwoordigende liggaam van alle Landmeetkundestudente sorg dit vir hulle belange deur opmetingskampe, 'n dinee, uitstappies en georganiseerde toere. 'n *Landbouvereniging*, wat al in 1918 gestig is, en wat die oudste bestaande vereniging op die kampus is, streef na goeie kommunikasie tussen dosente en studente in die Landboufakulteit. Die vereniging dra jaarliks 'n vlot tot die Jooloptog by en organiseer sportdeelname en 'n dinee vir sy lede.

FES, die Fakulteitsvereniging vir Ekonomiese en Staatswetenskappe, is in 1980 gestig. In 1981 het dit begin om 'n blad, *Laissez Faire*, uit te gee. Die laaste van die fakulteitsverenigings is die *NWSV*, die *Natuurwetenskaplike Studentevereniging*, wat sedert ongeveer 1965 bestaan het. Die vereniging het doodgeloop en is in 1975 herstig, maar teen 1978 moes dit die stryd gewonne gee en is dit ontbind.

Algemene verenigings

'n Hele klomp algemene verenigings het sedert 1960 aan die universiteit bestaan. Hulle het nie die belange van 'n bepaalde akademies gerigte groep soos studente in 'n fakulteit of 'n departement gedien nie, maar het bloot ontstaan wanneer 'n groepie studente met 'n gemeenskaplike belangstelling, dikwels van 'n nie-akademiese aard, hulle kragte saamgesnoer het. Omdat daar so baie van hulle is, kan hulle net kortliks behandel word.

Avia is aan die begin van die sestigerjare deur aspirant-vlieëniers gestig. Teen 1963 kon die vereniging al met sy eerste twee opgeleide vlieëniers spog, maar in 1964 het dit doodgeloop. Die *UP-radioklub* is in 1966 deur amateurradio-entoesiaste gestig, maar het ook teen 1970 tot niet gegaan. In 1974 is *SWAVUP*, die *Suidwes-Afrikavereniging van UP*, deur ingeskrewe studente van Suidwes-Afrika in die lewe geroep. Een van die oogmerke was om vir sy lede vervoer van en na Suidwes te organiseer en 'n ander was om SWA aan die studentegemeenskap bekend te stel. Dit reël ook uitstallings en besprekings gelei deur deskundiges.

In 1975 het 'n groep damestudente 'n *Damesklub* gestig, met as oogmerke die bewusmaking en uitlewing van die uniekheid van vrouwees en die handhawing en uitlewing van die Afrikaneridentiteit. *GIDS*, die *Groep vir Interdissiplinêre Studies*, is een van die min algemene verenigings wat ook 'n akademiese oogmerk het. Sedert sy stigting in 1978, het dié vereniging daarna gestreef om deur besprekings en seminare die verskillende dissiplines aan te moedig om van mekaar kennis te neem en om 'n breër intellektuele benadering te volg.

Verskeie Junior Rapportryerskorpse is gedurende die sewentigerjare aan die universiteit gestig. Dié korpse stel hulle ten doel dat hulle lede te alle tye hulle Afrikanerskap op die kampus sal uitleef, en hulle moedig deelname aan kultuuraktiwiteite op die kampus aan. Tans bestaan daar 'n *Junior Rapportryerskorps van UP*, 'n *H.F. Verwoerd Junior Rapportryerskorps* op die Mediese kampus, 'n *Hilgard Muller Junior Rapportryerskorps* vir die koshuise Mopanie en Maroela en vir Dagstudente, 'n *B J Vorster korps* vir die ander Proefplaaskoshuise en 'n korps vir *Onderstepoort*.

'n Immigrantekomitee is in 1967 deur 'n aantal studente gestig om immigrantestudente met die Suid-Afrikaanse leefwyse bekend te stel, en om hulle verhouding met Afrikaanse studente te verbeter. Dit is die volgende jaar in 'n *Immigrantevereniging* omgeskep, wat in 1970 weer ontbind het. In 1977 is 'n *Filmvereniging* in die lewe geroep om kunsfilms wat selde in die openbare bioskope gesien word, vir sy lede aan te bied. 'n *Finnesseda-*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

mesklub het in 1976 ontstaan en vir sy lede kursusse in sjarme, binneshuise versiering, blommerangskikking, ens., aangebied. In dieselfde jaar het die *Onderstepoort Kulturele Klub* die lig gesien. Dit is waarskynlik die enigste tweetalige vereniging op die kampus. Die klub beywer hom vir die bevordering van kuns, drama en musiek en vir die ligte ontspanning vir sy lede, soos filmvertonings. Dit het ook al oorsese toere vir sy lede gereël.

DASUP, die *Duits-Afrikaanse Studentebond van UP*, is 'n baie aktiewe vereniging, wat in 1947 al gestig is. Die doel van die vereniging is om alle Duitssprekende studente ter wille van hulle gemeenskaplike belange saam te snoer en om kontak met andertalige studente te bewerkstellig. Die program sluit dikwels in 'n Sportfest, Kostumfest en sosiale geleenthede. 'n Oudstudentevereniging, Alt-DASUP, bestaan ook van 1959 af. Dié vereniging lê hom daarop toe om kontak met eertydse lede van DASUP te behou en om ontmoetings en gedagtewisseling tussen Duitssprekendes en Afrikaanssprekendes te bevorder. Voordrag- en debatsaande oor aktuele onderwerpe word ook gehou en lesings wat deur die vereniging gereël is, word in die tydskrif *Referat* gepubliseer.

In 1971 het die Voortrekkerbeweging ook op die Tukkiekampus wortel geskiet, toe die *Jakarandastaatmakerkommando* gestig is. In 1979 is die naam na *Jakaranda Voortrekkerkommando* verander. Die kommando het dieselfde doelstellings as alle Voortrekkerkommando's, naamlik om diens aan die gemeenskap te lewer, om leiershoedanigheid aan te wakker, en om sy lede se geestelike en fisiese weerbaarheid te verhoog. Kommandokampe en staptoere tydens vakansies en langnaweke word gereeld gehou. In 1972 het 'n groep dames die *Tukkieskletsklub* gestig om dames te skool in vergaderingprosedure en die redenaarskuns.

Pro Arte het reeds in 1949 tot stand gekom as 'n oorkoepelende liggaam waaronder alle kunsverenigings geressorteer het. In die sestigerjare het dit in al sy vertakkinge voortbestaan. Daar was *Castalia* wat die beeldende kunste bevorder het, *Teaterkring*, vir die waardering en bevordering van drama, *Musiekkring*, vir musiek en sang, *Woordkuns*, wat die klem op voordrag- en debatsaande geplaas het, en *UPAF* (UP-amateurfotograwe), vir die fotokuns. Die laasgenoemde naam is in 1966 na *Photographica* verander. In 1963 het *The Word* bygekom, wat hom vir die waardering van die Engelse letterkunde beywer het, en in 1969 is *Teaterkring* deur *Persona* vervang, wat die lewende toneel wou aanmoedig. In 1966 het *Skrywerskring* begin funksioneer as 'n soort skryflaboratorium, waar belowende skrywerstalent deur onderlinge kritiek ontwikkel is.

Tot 1970 het Pro Arte redelik goed funksioneer, maar in dié jaar was die skrif aan die muur toe *Mandalon*, die vereniging se publikasie, verval het. In Augustus 1970 het die hele bestuur van *Pro Arte* bedank. As redes is aangegee die gebrek aan belangstelling van die studente in alle vertakkinge van die kuns, afsydigheid van die owerheid soos blyk uit 'n versuim om die nodige geriewe beskikbaar te stel, en die verdringing van *Pro Arte* deur akademiese departemente wat geleidelik besig was om sy funksies oor te neem. Die eersgenoemde rede was beslis die belangrikste.

Hierdie gebeurtenis het as 'n groot skok vir die studentegemeenskap gekom, want eensklaps was daar nou geen liggaam om na die kultuurbehoeftes van die Tukkies om te sien nie. Maar die ergste was dat die studente se eie onverskilligheid teenoor kultuursake hierdeur blootgelê is. Die *Perdeby* het geen doekies omgedraai nie: "Daar kan net een afleiding gemaak word—Tukkies is geestelik lui," het die koerant die situasie opgesom. Die nuut verkose VSR het in September 1971 besluit dat, hoewel *Pro Arte* as bestuursliggaam nie voortbestaan nie, die afsonderlike kunsverenigings tog nog sou funksioneer. Dié verenigings het egter ook heeltemal onaktief geraak. Omdat die VSR geoordeel het dat daar 'n behoefte aan 'n vermaaklikheidsgroep bestaan, en om talent daarvoor te ontdek en aan te moedig, is *Parade '71* in die lewe geroep.

Geen nuwe verenigings met 'n kulturele inslag het in die volgende paar jaar hulle verskyning op die kampus gemaak nie. Eers in 1977 is 'n *Letterkundekring* gestig, wat min of meer op die lees van die vroeëre *Skrywerskring* geskoei was. Die oogmerke was om voornemende skrywers en teoretici oor die letterkunde bymekaar te bring en te help ontwikkel en om 'n belangstelling in die letterkunde op kampus aan te wakker. Die kring het die blad *Vlieg* in 1978 begin publiseer; daarin het die beste werke van lede verskyn. Dié blad het in 1979 die twyfelagtige onderskeiding te beurt geval dat sy derde uitgawe wat as *Vlieg III* verskyn het, verbied is. Die VSR het bevind dat sommige van die artikels onbetaamlik en godslasterlik was. Die rektor het daarop ook die uitgawe verbied en die Komitee vir Dissipline het die hele redaksie uit hulle poste geskors. Die blad het nietemin bly voortbestaan.

Een vereniging wat beslis nog nooit 'n gebrek aan belangstelling en ondersteuning ondervind het nie, is *Exploratio*. Dit is in 1959 gestig en teen 1982 was dit nog baie bedrywig. *Explo*, soos dit in verkorte vorm bekend staan, is deur natuurliefhebbers tot stand gebring—studente wat daarvan hou om hulle vrye tyd in die buitelug met 'n sak op die rug deur te bring.

Heel gou het *Explo* uit drie afdelings bestaan: bergklim, staptoere en 'n onderwaterafdeling. Die bergklimmers was aanvanklik op naweekuitstappies aangewese, maar mettertyd is groter uitdagings aanvaar. Alle ekspedisies word deur bekwame en ervare klimmers gelei. Omdat bergklim 'n gespesialiseerde aktiwiteit is, was die staptoere van die begin af die afdeling wat die meeste aftrek gekry het. Langer staptoere duur gewoonlik van tien tot veertien dae en is al onderneem van die Blyderiviercanyon in die noorde tot die Sederberge in die suide. Die onderwaterafdeling kies gewoonlik koers na plekke by die kus waar die seelewe deur 'n duikbril in sy volle prag beskou kan word. *Exploratio* bied benewens sy ontspanningsfunksie 'n geleentheid aan studente uit verskillende studierigtings om mekaar te leer ken en dit lei tot 'n gesonde kampusgees. Baie paartjies het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Exploratio-uitstalling, 1977, toon plekke aan wat besoek was.

mekaar al so in die buitelug leer ken en so verlief, verloof en getroud geraak. *Explo* publiseer 'n nuusbrief onder die titel *Explodus*.

Die koninklike tydverdryf, skaak, het ook op die kampus neerslag gevind toe 'n *Skaakvereniging* in 1971 gestig is. Dit het skynbaar doodgeloop, want in 1977 is daar weer 'n *Skaakklub* in die lewe geroep. Byeenkomste is gereeld by die verskillende koshuise gehou en in 1979 is die klub as 'n sportklub erken en is dit deur die Sportburo onder sy vleuels geneem.

Hoewel die Tukkies vir kultuurbedrywighede in formele sin dood kan wees, soos blyk uit die geskiedenis van *Pro Arte*, het informele kultuurgoedere tog nog altyd tot hulle reg gekom. Hiervan is volkspele 'n voorbeeld. 'n *Volkspelelaer* is in 1940 gestig en het in 1981 nog steeds bestaan, maar sedert 1980 onder die naam *Tonteldoosvolkspelelaer*. Volkspelekursusse, naweekkampe en natuurlik gereelde saamtrekke, word gehou. Ook op die gebied van die kultuur is daar in 1981 'n vereniging met die oorspronklike naam van *Tuks TWAK* gestig. Dit staan vir *Tuks Talent Woekering: Amateur Kunste*. Die gedagte is om amateurtalent op die gebied van die uitvoerende kunste aan te moedig en dit staan los van die Talentkompetisie, wat deur die VSR gehou word.

Verenigings waarvan die lewensduur baie kort was, was die *Kliniese Vereniging*, die *Parlementêre Debatsvereniging* en die *Dansvereniging*, wat onderskeidelik in 1959, 1968 en 1973 gestig is. In die laat sewentigerjare het daar ook 'n *Brugklub* (1978) en 'n *Natuurlewevereniging* (waarskynlik 1979) tot stand gekom, waaroor inligting baie skraal is.

Studentepublikasies

Studente hou daarvan om publikasies uit te bring. Wat is per slot van rekening meer gepas as 'n publikasie om 'n mylpaal in 'n koshuis, 'n klub of 'n ander instansie se bestaan op tasbare wyse te herdenk? En wat kan beter as 'n publikasie dien as 'n bepaalde belangegroep, soos 'n koshuis of vereniging of selfs die hele studentegemeenskap, se mondstuk en as 'n saambindende krag daarin optree? Buitendien bied publikasies 'n uitstekende geleentheid vir die ontwikkeling van die skeppende skrywerstalent en die organisasievermoë van studente. Dat studente hierdie waardes van publikasie besef, blyk uit die koorsagtige bedrywigheid op hierdie gebied. Die 15 studentepublikasies wat in 1960 bestaan het, het teen 1982 tot 45 toegeneem. Dit verteenwoordig 'n ontsettende hoeveelheid energie en harde werk van studentekant af.

Studentepublikasies kan gerieflikheidshalwe in drie kategorieë verdeel word: sentrale publikasies,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

verenigingsblaaie en huisblaaie. Voordat hulle afsonderlik bespreek word, moet daar egter iets oor UPSU, die beheerliggaam vir studentepublikasies, gesê word.

UPSU (Universiteit van Pretoria Studente-uitgewers)

UPSU se bestaan sedert 1959 en sy beherende funksies is reeds by die Binnemuurse VSR beskryf. Hier moet nog sy finansies en sy rol as advertensiewerwer bekyk word.

Studenteredaksies het baie gou uitgevind dat dit duur is om publikasies uit te gee en dat hulle met hulle skamele inkomste dikwels nie die mas finansieel kan opkom nie. UPSU het byvoorbeeld in 1963 bevind dat die totale verlies op publikasies ongeveer R6 000 beloop; die volgende jaar was dit meer as R8 400. Sommige blaaie was minder betalend as ander, sodat die wins wat op sommige publikasies gemaak is, gebruik moes word om die verlies op ander te delg. Hieroor was daar begryplikerwyse ongelukkigheid.

Om die finansiële situasie te verbeter, het UPSU reeds in 1962 'n advertensiewerwer aangestel wie se dienste ten behoewe van alle publikasies aangewend is. Dié eksperiment was nie geslaagd nie en die aanstelling is in Augustus 1964 beëindig. Die advertensiewerwing is daarna deur die voltydse administratiewe beampte van die VSR behartig. In 1967 is 'n nuwe advertensiewerwer aangestel, maar reeds die volgende jaar is daar besluit om dié taak aan 'n professionele werwingsfirma op te dra. Dit was nie 'n blywende oplossing nie, want in 1971 het die firma in finansiële moeilikheid beland en is die kontrak beëindig. Daardie jaar is 'n tweede maatskappy se dienste verkry en in 1974 'n derde s'n.

Van die groot bedrae wat jaarliks aan die druk van publikasies bestee word, gaan die meeste vir setwerk. In 1970 het die VSR die bedrag op R30 400 gestel, waarvan 55 persent, dus R16 720, in setwerk ingegaan het. In die lig van hierdie feite en van die probleme wat jaarliks met drukkers ondervind is wat betref gehalte en vertraging met die uitbring van publikasies, het die UPSU-voorsitter van 1971, Gert Meyer, aanbeveel dat 'n seteenheid deur die VSR aangeskaf word. Die Administrasie was die saak goedgesind en het in 1972 die aankoop van 'n eenheid goedgekeur en selfs 'n lening van R5 500 hiervoor toegestaan. Uiteindelik is daar besluit om liewer 'n eenheid te huur. In Julie 1972 is dit met groot entoesiasme en verwagting in diens gestel, nadat twee personeellede aangestel is om dit te hanteer. Twee jaar later moes daar toegegee word dat die apparaat nie betalend bedryf kon word nie, aangesien die personeel nie deurlopend besig was nie. In Desember 1974 is die bedrywighede van die eenheid gevolglik gestaak en is die drukwerk aan 'n persgroep toegesê.

Die stryd om kop bo water te hou, is vir UPSU 'n nimmereindigende een. Geld moet dikwels bestee word wat nie volkome verhaalbaar is nie, omdat honderde eksemplare van publikasies soos *Trek* en *Wie, Wat en Waar* nie van die hand gesit kan word nie. Dié probleem word oorbrug deur 'n kombinasie van advertensiegelde en geld wat van borge vir bepaalde publikasies verkry word.

Sentrale publikasies

Onder sentrale publikasies word dié blaaie verstaan wat namens die hele studentegemeenskap uitgegee word en wat normaalweg al die studente bedien. Hieronder kom vier publikasies wat onder die SSR ressorteer, naamlik *Trek, Intervarsityblad, Wie, Wat en Waar* en *UP-lekkerliedjies*. Drie publikasies wat deur die Binnemuurse VSR hanteer word, het mettertyd so verteenwoordigend van alle studente geword, dat dit ook as sentrale publikasies kan deurgaan. Dit is *Perdeby, Joolblad* en *Jolknol*. Tot 1978 was daar ook die *Studentediensboekie*.

Die grootste publikasie volgens oplaag en gereeldheid van verskyning is *Perdeby*. Die *Perdeby* verskyn normaalweg 22 keer per jaar. In 1960 was die oplaag ongeveer 2 200, in 1962 is dit na 3 000 verhoog, teen 1973 was dit 6 500 en in 1976 het dit opgeskiet na 10 000, om dit die grootste studentekoerant in die land te maak. Die *Perdeby* is nie die mondstuk van die VSR nie, maar wel van die studenteliggaam. In die vroeë sestigerjare het daar wel op die voorblad gestaan dat dit die VSR se mondstuk is. Omdat koerante soms berigte oorgeneem en daarna verwys het as die amptelike standpunt van die VSR, het daar soms verleentheid ontstaan. Daarom is daar in 1966 besluit om dié woorde te verwyder. Die redaksie is selfstandig, hoewel hulle aanstellings deur die VSR goedgekeur word. Die laasgenoemde tree in 'n toesighoudende hoedanigheid op en kan 'n mate van beheer oor die redaksionele beleid van die koerant uitoefen. In 1969 het die VSR inderdaad die redakteur van sy pos onthef. Dit het gebeur nadat hy onware en erg oordrewe berigte oor Boukunde se bokjol gepubliseer het, wat van *Perdeby* af na die dagblaaie koers gekry en die Universiteit se naam skade aangedoen het.

Perdeby het nog maar altyd, net soos alle ander publikasies, 'n stryd gevoer teen hoë koste. Nogtans is die koerant nog altyd gratis versprei, behalwe in 1965, toe daar besluit is om 'n gedeelte van die koste te verhaal deur dit teen 1 sent te verkoop. Omdat dit die sirkulasie belemmer het, is die eksperiment na 'n jaar laat vaar.

Perdeby het al 'n hele instelling op die kampus geword. Met die uitsondering van 1942 en 1943, verskyn dit al sedert 1939 gereeld. As nuusblad het dit sy plek nog altyd volgestaan met berigte oor akademiese en administratiewe aangeleenthede, VSR-sake, sport, die sosiale lewe, verenigingsaktiwiteite, ens. Behalwe die nuusfunksie, vervul dit ook 'n opvoedingstaak deur die plaas van artikels oor wyd uiteenlopende onderwerpe wat die lesers intellektueel vorm en stimuleer. Deur sy korrespondensiekolomme verskaf hy ook 'n forum vir gedagtewisseling. Daarby het die redaksionele werk wat aan *Perdeby* verbonde is, al talle jongmense voorberei en gevorm vir latere leidende posisies in die perswese en op ander terreine.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Naas *Perdeby*, is *Trek* die bekendste studentepublikasie. Dit word deur die studente uitgegee om 'n beeld van studente-aktiwiteite te gee en word as 'n jaarblad beskou. Dit is 'n prestigepublikasie, wat hoofsaaklik van fotomateriaal gebruik maak. Die tradisie van 'n studenteblad van hierdie aard gaan al tot 1912 terug, hoewel die naam *Trek* eers in 1931 daarvoor aanvaar is. Die blad verskyn tradisioneel jaarliks op Lentedag.

In 1960 het die Binnemuurse Studenteraad met die oog op die oriëntering van eerstejaarstudente begin met die publikasie van *Wie, Wat, Waar*, wat mettertyd *Wie, Wat en Waar* geword het. Dit bevat 'n magdom inligting wat die eerstejaar in staat stel om sy pad aan die Universiteit te vind. Dit wissel van die teks van die Universiteitslied tot die name van Studenteraadslede en hulle subkomitees, en van komiteelede van buitehuise, koshuise, sportklubs en verenigings, die biblioteektye, besonderhede van busvervoer en belangrike telefoonnommers. Van 1969 af is die waarde van die boekie verder verhoog toe 'n dagboek daarby ingesluit is, en sy formaat verander is om dit 'n sakboekie te maak. Dit is in meer as een opsig onontbeerlik, want dit is nie net 'n wegwyser vir nuwe studente nie, maar eerstejaars word jaarliks deur die Kleurekomitee van die VSR (sedert die vroeë sewentigerjare van die SSR) aan 'n toets oor die inhoud van die boekie onderwerp. Die toets se uitslag het baie jare lank die studente se reg op kleure bepaal. In 1981 het die SSR besluit dat dit nie meer die geval sou wees nie, maar dat die toets nog steeds tydens die oriënteringsweek afgeneem sou word.

Intervarsityblad het gereeld sedert 1958 verskyn en 'n integrale deel van die jaarlikse intervarsity teen Wits geword. Dit het besonderhede van die spanne, boodskappe van die kapteins en dirigente, ens., bevat. Toe die intervarsity met Wits in 1971 tot 'n einde gekom het, het ook dié blad in die slag gebly. Die laaste van die SSR-publikasies, *UP-lekkerliedjies*, het oorspronklik, waarskynlik in 1967, sy verskyning gemaak toe dit deur *Exploratio* uitgegee is. Teen 1973 het die SSR verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. Die publikasie is oorspronklik in afgerolde vorm uitgegee, maar dit het mettertyd 'n blywender gedaante aangeneem. Dit bevat 'n aantal tipiese ligte studenteliedjies en ook gewyde liedere met die oog op gebruik deur studente tydens intervarsity, toere, kampe en soortgelyke geleenthede. Die inhoud bly uit die aard van die saak konstant en 'n nuwe oplaag word periodiek gedruk, na dit nodig mag wees.

Twee van die sentrale publikasies wat albei in verband met die Jool staan is die *Joolblad* en *Jolknol*. *Joolblad* se publikasie is een van die vernaamste pligte van die Joolkomitee en die verkoop van Joolblaaie is een van die grootste inkomstebronne vir die Jool. In 1982 is daar sowat 96 000 Joolblaaie binne drie dae in Pretoria en op die platteland verkoop. 'n Probleem wat dikwels in verband met die Joolblad opgeduik het, was besware teen die gehalte van die grappe waaruit dit hoofsaaklik bestaan. Elke dan en wan was daar besware teen aanstootlike grappe in die blad—ten spyte daarvan dat die redaksies die grappe sensor. In 'n poging om dié probleem op 'n positiewe manier op te los, het die rektor, prof. E.M. Hamman, in 1971 'n wisseltrofee uitgeloof vir die huis wat jaarliks die 50 beste, mees humoristiese en oorspronklikste grappe vir die blad instuur. Dit lyk asof dit die gewenste uitwerking gehad het, want sedertdien is daar nog nie weer besware oor die grappe ontvang nie.

Jolknol het die eerste keer in 1971 die lig gesien. Dit was 'n reklamebiljet waarin die planne met die Jool bekend gestel is, en wat terselfdertyd reklame vir die Jool gemaak het. Die getal uitgawes het van jaar tot jaar gewissel. In 1981 het Jolknol die laaste keer verskyn. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat reklame vir die Jool ewe goed deur die *Perdeby* kan geskied, of dat 'n bylae hieroor in dié koerant ingevoeg kan word.

Die *Studentediensboekie* was 'n projek van die Studentedienskomitee van die Binnemuurse VSR. Dit is in 1974 die eerste keer gepubliseer, nadat daar 'n opname van Tukkiestudente se koopkrag gemaak is. Die gedagte was om hierdie koopkrag te mobiliseer en om dit by 'n relatiewe klein aantal ondernemings te konsentreer met die oog op die bedinging van 'n betekenisvolle kontantafslag vir studente. Die betrokke ondernemings is dan in die boekie gelys. Die boekie het gereeld verskyn, totdat dit in 1978 by die *Wie, Wat en Waar* ingelyf is. Uiteindelik het swak belangstelling daartoe gelei dat die diensboekie in 1979 daaruit weggelaat is, en nie weer verskyn het nie.

Verenigingsblaaie

Verenigingsbesture besef dat 'n eie publikasie baie kan doen om die oogmerke van hulle verenigings te bevorder. Dit hou die lede op hoogte van die vereniging se aktiwiteite, dien as middel om trots en entoesiasme by hulle aan te wakker en bring die vereniging onder nie-lede se aandag. Sommige verenigings se publikasies is reeds gerieflikheidshalwe in die afdeling oor die verenigingslewe behandel, maar ander moet nog hier genoem word.

Daar is reeds genoem dat die Vereniging *Pro Arte*, wat in 1970 doodgeloop het, 'n tydskrif *Mandalon* gehad het. *Mandalon* is voorafgegaan deur *Stiebeuel*, wat in 1960 as 'n kunsjaarblad begin verskyn het. In 1962 het die SSR beheer daaroor oorgeneem sodat dit in daardie jaar as 'n kunsblad vir alle studente uitgegee is. Toe die SSR in 1963 besluit om die blad nie uit te gee nie, was daar in sekere kringe heftige reaksie, maar daarna is nooit weer van die blad gehoor nie.

'n Blad wat in 1962 die lig gesien het, was *Voortou*, 'n publikasie van die *Landbouvereniging*. Dit is een van die min publikasies wat nie gou gesneuwel het nie, en teen 1982 was dit nog springlewendig. Dieselfde kan nie van die *Natuurwetenskaplike Studentevereniging* (NWSV) se blaaie gesê word nie. Na sy stigting, het dié vereniging in 1965 twee keer die blad *Kwantum* uitgegee. Nadat dit doodgeloop het, het *Scientuk* in 1971 verskyn. Toe die vereniging drie jaar later tot niet gaan, het dit natuurlik die tydskrif se einde beteken.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1968 het die Sielkundestudente se vereniging, Psigologea, 'n tydskrif met die titel *Psigorama* uitgebring, wat gereeld tot ongeveer 1976 verskyn het. *Opaion* was die blad van die Boukundestudentevereniging. Dit het in 1971 sy verskyning gemaak, maar in 1974 van die toneel verdwyn. *DASUP*, die Duitssprekende studente se vereniging, het in 1960 reeds met 'n jaarblad met dieselfde naam gespog. Dit het tot 1971 bestaan, waarna dit by Alt-DASUP se blad, *Referat*, ingeskakel is.

Die Admissiebond het sedert sy totstandkoming in 1972 die jaarblaadjie *Die Admissant* uitgegee. In 1977 is dit vervang deur *Slingervel*, wat nog in 1982 bestaan het. Die Logopediese Vereniging het in 1974 met sy blad *Logi-ka* begin, wat nie baie lank bestaan het nie. Ook in 1974 het die lyfblad van die Filosofiese Vereniging onder die titel *Filosofos* verskyn, maar daarna spoedig doodgeloop.

Van 1967 tot 1973 het die Juridiese Vereniging sy eie tydskrif *Scintilla Iuris* uitgebring, totdat dit in 1974 in die departementele blad *De Jure* oorgegaan het. MAT (Morele Aksie Tuks) het in 1975 sy tydskrif *Interblad* begin publiseer, maar dié het nie lank volgehou nie. Dieselfde geld vir *Die Skaker*, die blad van die Skaakklub, wat in 1978 sy verskyning gemaak het. Die vereniging *Deo Gloria* het sedert die vroeë sestigerjare gereeld sy jaarblad met dieselfde naam uitgebring, en ongeveer in 1977 ook begin met 'n meer gereelde publikasie, bekend as *Korrels*.

Ander blaaie van geestelike verenigings is dié van HSV en die Van der Hoff-vereniging. Die *HSV-Blad* het in 1968 as jaarblad begin verskyn en tot 1976 sy aan sy met *Van der Hoff-blad* bestaan, maar in 1977 het die twee saamgesmelt in *Hervormde Studenteblad*, wat tot 1980 gereeld verskyn het. Wat ekonomiese blaaie betref, het die Ekonomiese Vereniging sedert 1972 'n blad met die naam *Ekonomiese Kussing* uitgegee. Dit het skynbaar doodgeloop, maar nadat die vereniging se naam na Commercium verander is, het dit in 1976 'n blad met 'n gelykluidende naam gepubliseer. Dié blad, *Commercium*, het saam met die vereniging in 1980 tot niet gegaan.

Ander verenigingspublikasies wat in die sewentigerjare bestaan het, was *Politika*, wat van 1972 tot 1976 deur die vereniging met dieselfde naam uitgegee is, en *Die Boubestuurder* en *Die Personeelbestuurder*, wat albei in 1976 geloods is deur onderskeidelik die Boubestuurstudentevereniging en die Personeelbestuurstudentevereniging, maar wat kort daarna verdwyn het.

Teen 1982 het daar ook nog twee publikasies van die Jakarandastaatmaker-Voortrekkerkommando bestaan, naamlik *Jakkie Statie* en *Jôllie*.

Huisblaaie

Sedert die sestigerjare het daar 'n fenomenale groei van publikasies in die kategorie huisblaaie plaasgevind. In die lig van die toename in die getal koshuise moet dit seker verwag word. Maar huiskomitees het ook gou en terdeë die waarde van sodanige blaaie besef. As kommunikasiemiddel tussen huislede onderling, met die ouers en op interkoshuisvlak, is die huisblad ongeëwenaar. Verder bied huiskoerante ruimte vir beter skakeling met die VSR en vir die deurvoering van sy projekte. Daarby dien dit as opvoedingsmedium, aangesien dit die aktiewe deelname deur huislede aan 'n gesamentlike projek stimuleer, en gee dit aan huislede die geleentheid om oor aktuele sake in 'n bekende, informele medium hulle sê te sê. In 1972 het die VSR besluit om jaarliks 'n huisbladkompetisie te hou, en dit het as groot aansporing gedien. In dié jaar is daar ook besluit dat in die vervolg gereelde huisblaaie eerder as jaarblaaie deur die huise uitgegee moes word. 'n Ander belangrike verandering het in 1975 ingetree, toe verskeie van dié blaaie in koerantvorm begin verskyn het. So groot was die toename in huisblaaie dat die twee wat in 1960 bestaan het, teen 1982 tot 27 aangegroei het. Hiervan was 18 koshuisblaaie en die ander nege publikasies van buitehuise.

Wat buitehuise betref, kan die publikasies van Buitemuurs eerstens genoem word. Die behoefte aan 'n publikasie as 'n bindmiddel is by Buitemuurs besonder groot, omdat hulle studente se omgang met mekaar uiteraard meer onpersoonlik en die ontmoetingsgeleenthede soveel beperkter is. Daarom het die Buitemuurse VSR in 1960 besluit om 'n eie koerant naas *Perdeby* te laat verskyn. Die eerste uitgawe van *Die Papegaai* het in Maart daardie jaar gelyktydig met die opening van die nuwe gebou in Proesstraat sy opwagting gemaak. Die naam was heel gepas vir 'n lekker kletsblad en was afkomstig van die opgestopte papegaai wat toe al jare lank in die Buitemuurse VSR-kantoor gehang het. Die blad het maandeliks verskyn.

So groot as die behoefte aan 'n Buitemuurse blad, so groot was ook die probleme om dit staande te hou. Dit het gou geblyk dat *Die Papegaai* nie winsgewend bedryf kon word nie en dat dit vir die grootste gedeelte van UPSU se jaarlikse bedryfsverliese verantwoordelik was. Teen 1966 het 'n swaard al oor die koerant se kop gehang en in 1970 is daar uiteindelik besluit om *Die Papegaai* met die *Perdeby* te laat saamsmelt. Stof rakende Buitemuurs is daarna in die *Perdeby* geplaas. Dit het die voordeel ingehou dat buitemuurse studente daarna weekliks in plaas van maandeliks 'n koerant ontvang het.

Die gebrek aan 'n eie blad met 'n eie identiteit is so sterk aangevoel dat 'n voël van anderse vere in 1976 losgelaat is. Dit was *Die Naguil*, wat ook maandeliks verskyn het. Soos sy voorganger, moes ook hierdie voël se vlerke weens finansiële oorwegings in 1981 kortgeknip word. In 1982 het die kwartaalblad *Extra Mura* sy verskyning gemaak, en daarna as die enigste suiwer buitemuurse publikasie bestaan. Dit dra dieselfde naam as die buitemuurse jaarblad wat van 1960 af verskyn het, maar in 1965 die stryd gewonne moes gee toe dit by *Trek* geïnkorporeer is.

'n Ander buitehuis vir wie 'n lyfblad ewe onontbeerlik as vir Buitemuurs is, is Dagland, die huis vir dagstudente. Onder die verspreide studente van Dagland is die kommunikasieprobleem akuut. Daarom het daar al in 1966 'n aanmekaargetimmerde huisblad ontstaan, wat slegs uit afgerolde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

velle in 'n kartonbuiteblad bestaan het. Die trefkrag was beperk, omdat dit net by die Dagstudentekantoor verkrygbaar was. In 1975 is toe daartoe oorgegaan om 'n tweeweeklikse koerant, *Dagland*, uit te gee. Dit was nog in 1982 op volle sterkte.

Ander publikasies van buitehuise in die sestiger- en sewentigerjare is *De Facto* van Regstudentehuis, wat ongeveer in 1977 begin het, *Boukunde*, later herdoop tot *Blesit*, van Boukundehuis, wat ook in die laat sewentigerjare sy verskyning gemaak het, *Klinikus*, die huisblad van Tandheelkunde, wat sedert 1971 verskyn, *Homunculus*, huiskoerant van Medies van 1968 af, wat die blad *Spekulum* van die vroeë sestigerjare opgevolg het, en *Ingvaria*, die spreekbuis van Ingenieurshuis van 1971 af.

Geen teelaarde vir die ontstaan van nuwe publikasies was so vrugbaar soos koshuise nie. Sedert die laat sestigerjare het 'n behoorlike vloedgolf huisblaaie die lig gesien. Die bal is in 1967 deur die nuwe manskoshuise op die Proefplaas aan die rol gesit, toe eers Taaibos met 'n jaarblad, *Die Taaibosser*, en daarna Kollegehuis met 'n eie huiskoerant, *Schelftzee*, die leiding geneem het. Hierdie keer was dit nie 'n geval van "dames eerste" nie, want twee jaar later, in 1969, het Jasmyn die eerste dameskoshuis geword om met 'n huiskoerant, *Jysmyne*, dié voorbeeld te volg. In 1970 het Mopanie met sy blad *Wurm* gevolg, maar daarna het die neiging, met aanmoediging deur die VSR, al meer in die rigting van koshuis*koerante* beweeg. In die vroeë sewentigerjare het Maroela met *Turksvy*, Erika met *Histerika* (in 1981 verander na *Eureka*), Asterhof met *Kammelfant*, Boekenhout met *Eiffel*, Klaradyn met *Klarool*, Taaibos met *Bostelelegraaf* en Mopanie met *El Torro* bygekom. In 1975 was dit Olienhout se beurt met *Pendoring*, en van die laat sewentigerjare af Madelief met *Mademoiselle*, Tankotie met *Kappit-Flo*, Sonop met *Dagbreek* en in 1982 Magrietjie met *Liewe Grietjie*. In totaal was daar teen die einde van 1982 veertien koshuiskoerante—een vir elke koshuis. In die meeste gevalle verskyn dié koerantjies twee tot vier maal per jaar en daar word ywerig om die louere in die jaarlikse VSR-huisbladkompetisie meegeding. Die uitbring van hierdie blaaie is geen geringe prestasie nie, veral as daar in ag geneem word dat 'n koshuis soos Sonop slegs 156 inwoners het, terwyl die twee grootste manskoshuise, Mopanie en Maroela, elk 360 studente kan huisves. Sommige van die koerante het spoedig begin om *Perdeby* na die kroon te steek wat getalle betref. In 1974 het *Bostelegraaf*, byvoorbeeld, 'n oplaag van 6 000 gehad. Dié hoë syfer word verklaar deur die feit dat dit ook onder oud-Taaibossers en ouers versprei is.

Afgesien van koerante, word geleentheidspublikasies ook periodiek deur koshuise uitgegee. So het Kollegehuis in 1965 as deel van die feesviering by geleentheid van sy vyftigjarige bestaan 'n ge-

Jooloptog op Kerkplein, 1962.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

denkblad uitgegee. Maroela het dieselfde gedoen toe hy in 1974 vyf jaar oud geword het, en Sonop in 1976 op sy sestigste verjaardag.

Jool

Die jaarlikse Jool om geld vir liefdadigheid in te samel, bly die belangrikste item op die studente se sosiale kalender. Dit is veral die geval sedert 1971, toe die gereelde intervarsity in sy afgewaterde vorm nie meer daarmee kon meeding nie. Die inhibisielose Jooloptog deur die Pretoriase strate, gepaard met die voorafgaande vlotbou en die jolyt op die Joolplaas, is 'n unieke gebeurtenis in die studentelewe.

Hoewel die oorspronklike doel van die Jool die insameling van fondse vir liefdadigheid was, het die gevaar nog altyd bestaan dat dié oogmerk van sekondêre belang kan word en dat die klem op blote jolyt geplaas kan word; so sou die Jool slegs 'n lisensie vir pret en moontlik selfs losbandigheid word. Dat die VSR in hierdie opsig steeds sy prioriteite agtermekaar gehad het, blyk uit die reaksie toe daar in 1960 'n voorstel op 'n massavergadering gemaak is dat die Jool net elke tweede jaar gehou moet word. Die voorstel is oorweldigend verwerp en 'n verdere mosie is aanvaar waarin gesê is dat duisende onbevoorregtes daardeur benadeel sou word.

'n Wakende oog is nietemin gedurig van owerheidsweë gehou om te verseker dat die Jool nie té veel inbreuk op die studente se akademiese aktiwiteite maak nie, en om wangedrag tydens Joolfunksies hok te slaan. Nadat buitensporighede in 1966 sowel by die reklame-optog 'n paar dae voor die Jool as by die uitdeel van Joolblaaie voorgekom het, is albei dié funksies afgeskaf. Na aanleiding van 'n besonder hoë eerstejaarsdruipsyfer in 1966 het die rektor, prof. Rautenbach, 'n beroep op die VSR gedoen om die duur van die Joolbedrywighede in te kort. Gevolglik is die tradisionele pleinfunksie wat die Jool voorafgegaan het, van vyf na drie dae verkort. Die Joolblaaie is ook van daardie jaar af nie meer by 'n sentrale punt nie, maar by koshuise en ander plekke uitgedeel.

Dat die Jool in sy primêre funksie van fondsinsameling sedert die sestigerjare uitmuntend geslaag het, blyk uit die groot bedrae wat aan liefdadigheid uitgedeel kon word. Waar die rekordwins van voor 1960 die £13 000 van 1955 se Jool was, word dit heeltemal in die skadu gestel deur die bedrae wat sedertdien geïn is. In 1962 was dit R22 500, teen 1966 het dit meer as verdubbel tot R60 000, teen 1973 nog 'n keer meer as verdubbel tot R132 000, in 1980 was dit R205 000 en in 1981 en 1982 albei kere in die omgewing van R230 000. Tussen 1959 en 1978 is daar meer as R1 miljoen uitgedeel—om presies te wees, R1 039 454. Die totale bedrag aan borgskappe slegs vir die Jool van 1982, in die vorm van geld vir vlotte, Joolbladverspreiding, ens, het R80 000 beloop. 'n Groot deel van die opbrengs is afkomstig uit die verkoop van Joolblaaie, waarvan die totale verkope van 67 000 in 1965 tot 96 000 in 1982 toegeneem het.

Om hierdie groot bedrae te kon insamel, moes die organisasie van die Joolpoging mettertyd gewysig word. Die *Sentrale Joolkomitee* (*SJK*), wat aan die roer van sake staan, is in 1970 uitgebrei met die skepping van die pos van adjunk-voorsitter om die voorsitter se werklading te verlig. Om groter kontinuïteit te verseker en die organisasie op 'n vaster voet te plaas, het die owerheid 'n pos van voltydse Joolorganiseerder van 1 Oktober 1972 af goedgekeur. Die uitgawes aan dié pos verbonde, word teen die Joolinkomste in berekening gebring. Dit was die eerste aanstelling van hierdie aard aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit.

Die vorm van die Jool het sedert die sestigerjare veranderings ondergaan. Die tradisionele "bouniewedren"—'n fietswedren—is in 1969 vervang met 'n fietsoptog vir reklame, wat deur massas studente van die kampus na Kerkplein onderneem is. 'n Ander Jooltradisie, die pleinfunksie op Kerkplein waar in stalletjies sake gedoen, vermaaklikhede aangebied en die Joolkoningin gekroon is, het tot 'n einde gekom toe dié bedrywighede in 1976 na die Joolplaas verskuif het. 'n Terrein noord van Huis Olienhout op die Proefplaas is hiervoor omhein. Daar het al die aktiwiteite toe plaasgevind. Waar die pleinfunksie vroeër, afgesien van sy reklamewaarde, weinig wins opgelewer het, het die Joolplaas spoedig heelwat inkomste ingebring. Daarvoor is die toegangsgeld, 'n biertuin, stalletjies, kompetisies, orkesoptredes, ens., verantwoordelik. Daarbenewens word geld gemaak uit sowat tien verskillende Jooldanse wat deur duisende persone bygewoon word, die sogenaamde Styldilemma, 'n kostuumbal waar pryse vir die snaaksste en oorspronklikste paartjie gegee word, 'n debutantebal, ens. Briewe word ook aan duisende persone gestuur waarin donasies gevra word, terwyl heelwat geld kom uit die munte wat die kollektebussies tydens die optog vul.

Met die oprigting van die Joolplaas het die meeste Joolaktiwiteite na die kampus verskuif. Een wat verandering ondergaan het, is die drastoelwedren. Tradisioneel het dit op Kerkplein geëindig, maar sedert 1976 vind dit van die Plein na die Joolplaas plaas. Elke koshuis en 'n paar buitehuise skryf spanne in. Die manspanne moet 'n dame van 'n sekere gewig dra en die damespanne se stoel moet ook 'n minimum gewig hê. Daar word om 'n wisseltrofee meegeding. Sedert 1976 het die roete van die Jooloptog ook verander. Dit loop van die Bronbergkerk af langs Esselenstraat, dan Beatrixstraat en weswaarts in Kerkstraat tot om Kerkplein. Voorheen was dit van die kampus af met Burnettstraat en Parkstraat af tot by Beatrix- en dan verder met Kerkstraat.

Reklamesette gaan natuurlik altyd met die Jool gepaard. Een van die oorspronklikstes hiervan het in 1966 voorgekom toe die rektor vroegoggend "ontvoer" en daar van die registrateur 'n losprys geëis is: "soveel as wat die rektor vir die Universiteit werd is." Mnr Martin Smuts het R100,00 aangebied, wat aanvaar is, waarna prof. Rautenbach onder luide toejuiging by die spuitfontein vrygelaat is. In dieselfde jaar het die Ingenieurstudente 'n "vuurpyl" gebou en wêreldkundig gemaak dat dit teen drieduisend myl per uur maan toe gelan-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Drastoelwedren, Joolplaas, 1981.

Joolplaas, 1981: motor wat stukkend gekap word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

seer gaan word. Baie mense het dié storie gesluk en duisende het die Vrydagaand voor die Jool toegekyk hoe die gas uit 'n gewone gassilinder aan die brand gesteek word "om die ontbrandingskamer te verhit." Hulle moes verleë toesien hoedat die lanseringspoging in 'n flou plofgeluidjie eindig. Die volgende jaar het 'n paar waaghalse in die vroeë oggendure van 17 April die koepel van die Ou Letteregebou pienk geverf. Die reklameset het gewerk, maar die owerhede was nie geamuseerd nie. Gelukkig is 'n soort verf gebruik wat maklik verwyder kon word. In 1969 het Boukundehuis weer die joolkoningin ontvoer, nadat hulle gelukbringer, die "Blesvoël", geskaak was.

Bekendes het sedert 1960 die Joolkoningin se kroon gedra. In 1967 was dit Carike Keuzenkamp, later 'n bekende sangeres en televisiepersoonlikheid, en in 1974 Anneline Kriel, wat kort daarna as Mej. Suid-Afrika aangewys is en ook die wêreld se mooistes as Mej. Wêreld uitgestof het. Geskiedenis is in 1961 gemaak toe Marguerite Deale tot Joolkoningin gekroon is—in opvolging van haar moeder, wat dertig jaar tevore dieselfde eer te beurt geval het.



Intervarsitydirigente en sjampanjenooientjies, 1971, met 'n reuse-afbeelding van Tukkies se gelukbringer, Oom Gert, agter.

Intervarsity

Met die aanbreek van die sestigerjare was die jaarlikse intervarsity met Wits al 'n stewig gevestigde tradisie. Die entoesiastiese mededinging in 'n hele reeks sportsoorte, die klimaks op die rugbyveld wanneer die twee eerste rugbyspanne mekaar pak, die sang en krete op die pawiljoene onder die aanvoering van 'n dirigent—die resultaat van baie ure se "sing-song"-oefeninge—die byna-histerie wanneer jou span punte aanteken, die voorafgaande "groot brag" en die intervarsitydans na die tyd—dit het alles een van die groot hoogtepunte van die studentelewe gevorm.

Ook hierdie instelling het mettertyd verander en uiteindelik doodgeloop, voordat dit in gewysigde vorm hervat is. Reeds in 1963 het 'n ernstige vraagteken oor die voortbestaan van intervarsity gehang, toe Wits se dirigent op die pawiljoen dinge kwyt geraak het wat die Afrikaanse studente van Tukkies se nekhare laat rys het. Die uitvloeisel was 'n massavergadering waar 'n voorstel bespreek is dat intervarsity afgeskaf word. Die vergadering van 1 300 studente het besluit dat dit behou moet word, maar dat die onderlinge kompetisie tussen die sangleiers op die pawiljoen deur die uitruil van spitsvondighede afgeskaf word.

Die volgende jaar het die "groot brag" ook in die slag gebly. Hierdie funksie 'n aand of twee voor die intervarsity waar die rugbyspanne voorgestel en daar op 'n goedige wyse oor en weer gespog is oor die kanse op 'n oorwinning, het in dié jaar in chaos ontaard deur 'n minderheidsgroep se onverantwoordelike en kinderagtige optrede. Sake is vererger toe studente van albei kante dié aand weens wangedrag buite 'n hotel in Pretoria in hegtenis geneem is. Hierdie gebeure het daartoe gelei dat daar besluit is om die "groot brag" af te skaf.

In 1968 was die hele intervarsity 'n tyd lank in die weegskaal. Nadat 'n groep Witsies se hare in Augustus in Pretoria deur die Tukkies op 'n hardhandige wyse geskeer is, het Wits se studenteraad besluit om alle verbintenisse met Tuks op te skort. 'n Soort verstandhouding is teen die einde van Oktober bereik, en alhoewel die verhouding gespanne gebly het, is daar tog besluit dat met intervarsity voortgegaan sou word.

'n Nuwe faktor het in 1970 die intervarsity bedreig, toe 'n massavergadering by Wits besluit het dat dit afgelas moes word omdat nie-blanke toeskouers nie by die geleentheid toegelaat word nie. Wits se VSR het daarna tog besluit dat dit moes voortgaan. Nadat Tukkies se studenteraadsvoorsitter 'n beroep op die Witsies gedoen het om nie politiek by die intervarsity in te sleep nie, het 'n tweede massavergadering met 'n oorweldigende meerderheid ten gunste van die behoud van die intervarsity besluit.

Die insleep van die rassekwessie by die intervarsity het niks goeds vir die toekoms voorspel nie. Reeds die volgende jaar het Wits aan Tuks se VSR die vrae gestel of die Tukkies besware sou hê teen 'n geïntegreerde Wits-pawiljoen en om teen gemengde spanne te speel. Die antwoord was dat die Tukkies nie bereid sou wees om onder hierdie omstandighede mee te ding nie. Wits se studenteraad is deur die Departement van Gemeenskapsontwikkeling 'n permit vir geïntegreerde pawiljoene op Ellispark geweier. Toe hulle dit daarna

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

oorweeg om 'n private gemengde intervarsity op Milnerpark aan te bied, het die Tukkies dit van die hand gewys. Wits het daarop besluit om nie 'n intervarsity vir 1972 aan te bied nie. In Augustus het die All Sports Council van Wits laat weet dat alle sportlui van die Universiteit van Pretoria welkom is vir 'n intervarsity by Wits, behalwe die eerste en tweede rugbyspanne. Die UP-Sportkomitee en die Studenteraad van die Universiteit van Pretoria was nie bereid om op dié grondslag deel te neem nie. As kompensasie is daar besluit om die semifinaal van die interuniversitêre uitkloprugbykompetisie teen die Universiteit van die Oranje-Vrystaat op 8 Augustus 1972 as 'n nie-amptelike intervarsity te beskou. Daar is sover moontlik aan die byeenkoms 'n intervarsitygeur en -voorkoms gegee, maar die ware jakob was dit beslis nie.

Kontak met Wits het hierna weer plaasgevind in 'n poging om die intervarsity op sy vroeëre grondslag heringestel te kry. In September 1974 het die Binnemuurse VSR 'n besluit geneem waarin gesê is dat intervarsity slegs hervat sou word as daar afsonderlike geriewe vir blanke en nie-blanke studente sou wees. In November het die Uitvoerende Komitee van die VSR daarna onder andere besluit dat die studente van UP in beginsel geen beswaar het om die intervarsity teen Wits te hervat waarby enige ingeskrewe student van enige van die twee universiteite betrokke is nie. Kort daarna het die VSR hom bedink. In 'n nuwe resolusie in Februarie 1975 het hy gesê dat die besluit geneem was met die oog op die bevordering van mense- en volkereverhoudinge in Suid-Afrika. In die lig van die talle praktiese probleme wat voorgekom het, en omdat die hele aangeleentheid misbruik is, is daar egter besluit om nie met die implementering van die vroeëre besluit voort te gaan nie. Twee dae later het die SSR, wat grotendeels uit dieselfde lede bestaan, 'n resolusie aangeneem wat op 'n repudiëring van die vroeëre standpunt van die VSR neerkom. Daar is besluit dat die hervatting van onderhandelinge met Wits oor intervarsity alleen kon geskied op voorwaarde dat daar geen gemengde sportspanne of gemengde toeskouergroepe op die pawiljoen tydens die intervarsity en geen gemengde onthale na afloop daarvan sou wees nie. 'n Massavergadering het daarna dié besluit bekragtig. Dit was vir alle praktiese doeleindes die einde van die intervarsityverhaal. In 1976 is daar weliswaar weer onderhandelinge gevoer maar UP het steeds die genoemde voorwaardes gehandhaaf en Wits was ewe onwrikbaar in sy standpunt, sodat hiervan niks gekom het nie.

In die lig van die ontwikkelinge op sportgebied in Suid-Afrika die afgelope dekade, moet dit betreur word dat 'n formule nie deur die twee studenterade gevind kon word om die tradisionele intervarsity tussen die twee buuruniversiteite te laat voortduur nie. Sou dit nie moontlik gewees het vir albei universiteite om 'n kompromie aan te gaan

"Sing-songs" in voorbereiding vir Intervarsity, 1974.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

en tog teen mekaar mee te ding nie? In retrospeksie is dit makliker om hieroor te spekuleer, maar 'n mens moet die redakteur van die *Perdeby* gelyk gee waar hy in 'n redaksionele kolom op 7 Maart 1975 te kenne gee dat die hele aangeleentheid ietwat emosioneel benader is, en dat 'n gulde geleentheid verspeel is om die meriete van die oorspronklike VSR-standpunt op rasionele wyse te laat ondersoek. Die uitslag van die stemming op die massavergadering, naamlik 160 teen 95, toon dat 'n beduidende groep studente nie daarvoor te vinde was om die intervarsity summier af te skryf sonder dat 'n poging aangewend word om dit te red nie.

In 'n poging om vir die verlies van die tradisionele intervarsity te vergoed, is die moontlikheid van 'n volwaardige intervarsity teen die Vrystaatse Universiteit en van 'n sportdag teen die Randse Afrikaanse Universiteit ondersoek. Reeds in 1973 het 'n intervarsity teen UOVS die eerste keer na 'n onderbreking van 19 jaar plaasgevind. 'n Makrostraler is selfs aangewend om 340 Tukkies Bloemfontein toe en terug te vervoer, terwyl meer as 1 200 van treinvervoer gebruik gemaak het. In dieselfde jaar het die eerste sportdag teen RAU plaasgevind, waartydens daar in elf verskillende sportsoorte meegeding is. Na 'n tweede intervarsity teen UOVS in 1974, is dié bande verbreek weens die afstand, die hoë vervoerkoste en die feit dat UOVS reeds gevestigde intervarsitybande met die PU vir CHO gehad het. 'n Troos vir die Tukkies was die jaarlikse rugbybotsing teen die Maties, wat sedert 1973 plaasgevind het, hoewel dit nie as 'n intervarsity beskou is nie. Na 'n proeftydperk van vier jaar, is daar in 1977 besluit om met dié ontmoetings beurtelings in Pretoria en Stellenbosch voort te gaan, met dien verstande dat dit slegs as vriendskaplike wedstryde tussen die eerste spanne van die twee klubs beskou word.

In 1977 het daar die eerste keer 'n volskaalse intervarsity teen RAU plaasgevind.

Kleure en kleurbaadjies

'n Kleurbaadjie is 'n simbool van die draer se identifikasie met 'n bepaalde belangegroep of inrigting en daarom is dit iets waaromheen trots en heelwat emosie geweef is. Terwyl die emosionele inhoud konstant bly, is dit nie die geval met smaak nie: iets wat met verloop van tyd en saam met die wisseling van modes verander. 'n Baadjie is per slot van sake 'n kledingstuk—en niemand verwag dat die estetiese norme vir klere in die tagtigerjare dieselfde sal wees as vir die vyftiger- of sestigerjare nie.

Met verloop van tyd het daar veranderings in kleuritems ingetree. In 1962 is die erekleurbaadjies byvoorbeeld verander van wit na vlootblou en in 1964 is die tradisionele Tukkiestreepdas vervang deur 'n eenvoudige donkerblou das met 'n enkele wapen daarop. Die belangrikste verandering in kleure het aan die begin van die sewentigerjare by die Universiteitskleurbaadjie voorgekom.

Vir die gesofistikeerde student van die laat sestigerjare het die streepbaadjie sy aantreklikheid begin verloor. Dié baadjie was onveranderd sedert 1927 in gebruik en sommige studente het gevoel dat 'n verandering nodig was om by die moderne student se behoeftes aan te pas. Die VSR het dié neiging teengestaan en wou die goeie ou tradisie ten alle koste behou. Reeds in 1969 is 'n gesamentlike vergadering van die VSR en die voorsitters van huise en verenigings gehou, waarop 'n beroep gedoen is om die dra van die streepbaadjie te bevorder. In die tweede semester is 'n meningsopname gedoen wat getoon het dat 53% van die studente die behoud van die streepbaadjie steun.

Nogtans was dit duidelik dat die streepbaadjie vinnig besig was om sy vroeëre status te verloor. Ten spyte van 'n bevorderingsveldtog deur die VSR in 1970, toe Vrydae as kleurbaadjiedag verklaar is en die *Perdeby* ook help propaganda maak het, het die kleurverskaffers rapporteer dat al hoe minder streepbaadjies verkoop word. In 1971 moes die VSR die stryd gewonne gee. 'n Nuwe fakulteitsbaadjie is in beginsel naas die streepbaadjie goedgekeur. Dit sou bestaan uit 'n effekleurige vlootblou baadjie met 'n effens verkleinde sakwapen, waarby 'n onderskrif ingeweef is waarop die naam van een van die fakulteite of afdelings verskyn. Omdat daar nog twyfel oor die aanvaarbaarheid van die nuwe baadjie bestaan het, is 'n kommissie in die eerste semester van 1972 aangestel om vertoë aan te hoor en menings in te win. Die uiteinde was dat die voorgestelde baadjie tog in Mei 1972 finaal goedgekeur is.

Die volgende benaminge op die balkie onderkant die wapen is goedgekeur: Lettere en Wysbegeerte, Wis- en Natuurkunde, Boukunde, Landbouwetenskappe, Handel, Staatswetenskappe, Veeartsenykunde, Opvoedkunde, Geneeskunde, Verpleegkunde, Tandheelkunde, Ingenieurswese, Regsgeleerdheid, Liggaamlike Opvoedkunde, Buitemuurs en Bond van Oudstudente. Hoewel Boukunde en Verpleegkunde nie selfstandige fakulteite vorm nie, is hulle by die lys ingesluit omdat hulle onderskeidelik binne die fakulteite Wis- en Natuurkunde en Verpleegkunde duidelik identifiseerbare afsonderlike studierigtings vorm. Alhoewel die nuwe baadjie nie die streepbaadjie vervang het nie, maar daarnaas bestaan het, het die nuweling soveel byval gevind dat die streepbaadjie, wat vir 45 jaar lank menige Tukkie se trots was, baie gou van die toneel verdwyn het.

Nuwe ontwikkelinge op die gebied van kleure het daarna gevolg toe dieselfde wapen in 1974 as 'n sportwapen met onderskrifte vir die verskillende sportsoorte goedgekeur is. In 1976 is onderskrifte vir Teologie ook aanvaar as Teologie Deo Gloria en Teologie Van der Hoff. Die jongste ontwikkeling by kleuritems was die ingebruikneming van 'n nuwe oudstudentedas in 1978, wat sedertdien uiters gewild geword het. Dit was grootliks die werk van mnr. Bags Cilliers. Die das het 'n vlootblou agtergrond met slegs twee wye strepe in ougoud en dieprooi, 'n ent hoër op 'n dunner streep in ougoud en daartussen 'n roset bestaande uit 'n aantal dieprooi pyle wat van 'n middelpunt af na buite wys. Die laasgenoemde simboliseer uitwaartse beweging en die invloed van die Universiteit en sy oud-studente op die breëre samelewing.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Radio Tuks

Die voordele wat 'n privaatradiodiens vir die Universiteit kan hê, het daartoe gelei dat die direkteur van Openbare Betrekkinge in Maart 1975 'n memorandum voorgelê het waarin dit uiteengesit word. Onder die voordele is genoem direkte kontak met die studentemassa en met individuele studente, die bevordering van kommunikasie tussen studente onderling en van die uitvoerende kunste, nuttige aanwending in opleiding, beter kontak met buitemuurse en na-uurse studente en die voor-die-hand-liggende benutting tydens 'n noodtoestand. Die instelling van so 'n diens is hoofsaaklik op finansiële gronde afgekeur.

Dit is gevolglik aan die studente self oorgelaat om die inisiatief by 'n kampusradiodiens te neem. Ongelukkig het die eerste poging 'n wrang smaak gelaat. Ene J. Roelofse, 'n Ingenieurstudent in die eerste studiejaar, het verbasende vindingrykheid aan die dag gelê en deur Radio Tuks daarin geslaag om die *Studente-Uitsaaikorporasie (SUKOR)* in die lewe te roep, wat in Februarie 1976 VSR-erkenning ontvang het. Terwyl hy onsuksesvolle onderhandelinge met die SAUK en die Poskantoor gevoer het om Radio Tuks "op die lug" te kry, het hy 'n landswye kongres aan UP gereël waar 'n *Nasionale Studenteradio-organisasie (NASRO)* in die lewe geroep is met hom as president. Later het die stigter spoorloos verdwyn. 'n Soektog na hom tot diep in 1977 het niks opgelewer nie, waarna die VSR in September daardie jaar besluit het om die vereniging Radio Tuks te ontbind.

Die VSR het nie tou opgegooi nie en in 1979 en 1980 baie belangrike voorbereidingswerk gedoen. Aan die hand van 'n memorandum oor 'n beoogde beheerkomitee is aansoeke in 1980 gevra. 'n Komitee van sowat 60 is saamgestel, wat teen Augustus 1981 reeds tot 78 aangegroei het. In November 1980 is verlof van die Universiteitsowerhede ontvang om met die projek voort te gaan. Gedurende Januarie en Februarie 1981 is die finale afrondingswerk aan die ateljee in Duxburyweg gedoen.

Uiteindelik het Radio Tuks op Maandag 9 Februarie 1981 die genoegdoening van sy eerste uitsending na die kafeteria op die hoofkampus gesmaak. Aanvanklik is daar drie uur per dag na die kafeterias en eetsale van die koshuise uitgesaai. Heelwat tegniese probleme is aanvanklik ondervind. In die geval van Erika-Klaradyn is telefoonoproepe byvoorbeeld oor die luidsprekers uitgesaai. Na die Aprilvakansie van 1981 is daar begin om vyf uur per dag uit te saai: 6h30 tot 7h30 soggens, 11h00 tot 14h00 in die middel van die dag en 17h30 tot 18h30 saans. Tans word al die koshuise behalwe Sonop, die twee kafeterias, die Joolkantoor en Huis-en-Haard bereik. Sowat 8 000 studente luister daagliks na die uitsendings.

Die deursettingsvermoë en ondernemingsgees wat deur die studente aan die dag gelê is om die radio-omroep in te stel, kan net bewonder word. Dit het tussen R25 000 en R30 000 gekos om die projek van stapel te laat loop. Heelwat inkomste word uit advertensies verkry. Verder is 'n Radio Tuks-disko op die been gebring, wat teen vergoeding optree. Die radiodiens het al 'n paar lewendige uitsendings van sportgebeure en Joolbedrywighede op sy kerfstok. 'n Hele paar etensuurkonserte deur vermaaklikheidskunstenaars is deur Radio Tuks in die amfiteater aangebied.

As kommunikasiemiddel kan Radio Tuks beswaarlik na waarde geskat word. Omdat dit op 'n baie meer gereelde grondslag as enige publikasie funksioneer, is die potensiële trefkrag des te groter. Tydens aktiwiteite soos die Jool verskaf dit gereeld inligting, prikkel dit die belangstelling en mobiliseer dit die studentekrag. Verder bied dit volop geleentheid vir skeppende, vermaaklikheids-, organisatoriese en joernalistieke talent.

Tukkiestudente en studenteorganisasies

Die Tukkiestudente het oor etlike dekades steeds in 'n baie positiewe houding teenoor die Afrikaanse Studentebond gestaan. Reeds van voor 1960 was daar 'n gereelde ASB-subkomitee op die VSR en was die samewerking tussen die VSR en dié liggaam baie hartlik. Baie Tukkies het oor die jare in die hoofbestuur van die ASB gedien en aan ASB-bedrywighede soos die jaarlikse KUESTA (kunsfees) deelgeneem. Tot 1965 is die jaarlikse Lentedagviering, wanneer die Afrikaanswording van UP herdenk word, ook deur die ASB gereël, voordat die VSR self die verantwoordelikheid daarvoor geneem het. Tukkiestudente in die geheel het ook deurgaans die Christelik-nasionale grondslag waarop die ASB gevestig was, gedeel.

In 1968 het daar landswyd woelinge op Afrikaanse kampusse rondom die ASB ontstaan, wat verband gehou het met verwikkelinge op partypolitieke gebied. Die ASB het in hierdie tyd 'n baie regse standpunt ingeneem, waarmee sommige studente ontevrede was. Die gevolg was dat die VSR van Stellenbosch in dié jaar deur die massa verplig is om sy affiliasie met die ASB te verbreek. 'n Afrikaanse Studentevereniging is toe op Stellenbosch gestig, wat met die ASB geaffilieer het. Lidmaatskap van die ASV was opsioneel; dus was slegs studente wat daarby aangesluit het, met die ASB geaffilieer. Die Tukkies het dié woelinge nie vrygespring nie. Die VSR het sy verhouding met die ASB weer bekyk en toe herbevestig dat hy die ASB se grondslag en doelstellings ten volle onderskryf. Affiliasie is behou, wat beteken het dat die VSR namens al die Tukkiestudente met die ASB geaffilieer gebly het.

Die jare 1970–73 het 'n groot mate van politieke betrokkenheid van die Studenteraad beleef. Dit was die begin van die verlig-verkramptydperk. In die jaar 1970 het daar by die Tukkie-VSR ontevredenheid met die ASB ontstaan omdat dié liggaam hom, na hulle mening, te veel met abstrakte idees besig gehou het, en té verkrampte standpunte gehuldig het. Affiliasie is gevolglik tydelik opgeskort. Die plaaslike VSR-voorsitter, J.H. Botha, het daarna 'n memorandum opgestel waarin grondslae vir reorganisasie voorgestel is. Dit is na baie bespreking deur die ASB-hoofbestuur aanvaar. Die reorganisasie wat daarna plaasgevind het, het daartoe gelei dat affiliasie herstel is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Gedurende 1972 was daar weer heelwat kritiek van studentekant teen die ASB. Die VSR het met ingrypende voorstelle gekom, wat onveranderd deur die ASB aanvaar is. Die gevolg was 'n baie meer vaartbelynde organisasie, wat primêr daarop ingestel was om diens te lewer. Kenmerkend van die nuwe benadering was die projekte in studentehulpdiens wat aangepak is.

Dit was nie die einde van die woelinge rondom die ASB nie. In Julie 1973 het 'n mosie voor die VSR gedien waarin gevra is dat 'n meningsopname oor die posisie van UP met betrekking tot die ASB gemaak word, maar dit is met 'n meerderheidstem verwerp. Daarna het die Tukkies se verhouding met die ASB verbeter, maar in 1978 was daar weer tydelik verskil van mening toe die ASB-hoofbestuur 'n besluit ten gunste van oop universiteite geneem en die VSR dit afgekeur het. Uiteindelik is die Tukkies se standpunt tog ook op daardie jaar se ASB-kongres aanvaar. Die affiliasiestelsel is in daardie jaar deur 'n kommissie van die VSR ondersoek en die aanbeveling is daarna gemaak dat die ASB in 'n Bond van Studenterade omgeskep moet word. Hierdie aanbeveling is in beginsel deur die ASB-hoofbestuur aanvaar en daarna geïmplementeer.

Nadat 'n groep in 1980 van die ASB weggebreek het om POLSTU te stig, het dié skeuring ook op die Tukkiekampus weerklank gevind. Alhoewel die VSR nog sy affiliasie met die ASB gehandhaaf het, is daar in November 1980 toestemming aan POLSTU verleen om 'n tak aan UP te stig. Die volgende jaar is daar ook verlof toegestaan vir die verspreiding van POLSTU se mondstuk *Crux*.

Die bestaan van 'n kompeterende organisasie onder Afrikaanse studente wat hom daarvoor beywer het om ontmoetingsgeleenthede met ander studente van alle taal- en rassegroepe te skep sodat gedagtes oor politieke vraagstukke gewissel en onafhanklike standpunte ingeneem kan word, het 'n stimulerende uitwerking op die ASB gehad. Gevolglik was daar sedert 1980 nie weer tekens van ontevredenheid met die ASB onder Tukkiestudente nie. In elk geval is daar sedert 1979 disaffiliasiegeleentheid aan geaffilieerde kampusse geskep. Dit beteken dat persone wat wil disaffilieer, hulle name voor 'n bepaalde datum—vroeg in die akademiese jaar—op 'n lys mag plaas. Die VSR affilieer dan namens al die oorblywende studente. Persone wat ontevrede met die ASB is, kon disaffilieer en 'n tuiste by POLSTU soek. Aanvanklik was dit 'n betreklike klein minderheidsgroep aan UP. Die gemiddelde Polstulid was egter meer aktief en gemotiveerd as die meeste ASB-lede, omdat aansluiting doelbewus geskied en nie outomaties, soos by die ASB, nie.

Die Tukkies se verhouding met die ASB se tradisionele eweknie onder die Engelssprekende studente, NUSAS, was nog nooit hartlik nie. In 1964 het dit nog verder verswak nadat dit uit 'n toespraak van die toenmalige voorsitter, Jonty Driver, geblyk het dat *Nusas* nie-blanke oorheersing in Suid-Afrika voorstaan. Toe daar gevolglik aan die einde van 1965 'n *Nusas*-tak aan UP gestig is, het die VSR onder andere weens die bogenoemde faktor erkenning daarvan geweier. Die ander oorwegings wat vir die weiering genoem is, was die feit dat *Nusas* by herhaling geweier het om hom teen die kommunisme uit te spreek en hom vir samewerking met anti-Suid-Afrikaanse organisasies beywer het; dat *Nusas* Albert Luthuli, leier van die ANC, eenparig as erepresident verkies het; dat *Nusas* voortdurend probeer het om die tradisionele landsbeleid in die buiteland te beklad en verdag te maak; asook die organisasie se uitdagende verklaring dat hy Suid-Afrika nie onder die Nasionale Partyregering sal verdedig nie.

Die jaarlikse uitnodiging van 'n afgevaardigde van UP na die *Nusas*-kongres is daarna gereeld van die hand gewys. Toe *Nusas* in 1972 weer probeer om 'n vastrapplek op die kampus te kry, het die VSR duidelik standpunt ingeneem en leiers van die organisasie ten strengste verbied om voor studentegehore aan UP op te tree.

Nadat 'n regeringskommissie Nusas in 1972 ontmasker het, het die VSR in 'n persverklaring sy vertroue in die kommissie uitgespreek. Toe Nusasleiers daarna ingeperk is, is vlugskrifte op die kampus versprei, maar dit is gekonfiskeer voordat 'n grootskaalse verspreiding kon plaasvind. In 1975 het die VSR-subkomitee *Studenteleiding* 'n publikasie die lig laat sien waarin die negatiewe en afbrekende aard van *Nusas* blootgelê is.

Sedert die middelsewentigerjare het Nusas in so 'n mate gediskrediteer geraak dat hy groot steun aan Engelstalige universiteite verloor het, sodat dit haas onnodig vir die VSR geword het om standpunt daarteenoor in te neem. Teenoor konserwatiewe liggame wat daarna aan dié universiteite ontstaan het, was die VSR nog altyd positief ingestel.

Inskakeling van nuwe eerstejaarstudente

Tradisioneel geniet nuwe eerstejaarstudente nie dieselfde status en voorregte in die studentegemeenskap as senior studente nie. Hulle mag byvoorbeeld nie by die verkiesing van lede vir die Verteenwoordigende Studenteraad stem nie. Mettertyd het ontgroening of inisiasie van die nuwelinge aan die begin van die eerste akademiese jaar ontstaan, wat daarop gemik was om hulle "van hulle onderhorige status bewus te maak" en hulle terselfdertyd met die tradisies van die Universiteit en—in die geval van koshuisinwoners, met dié van die koshuis waarin hulle tuisgaan—bekend te stel. 'n Verdere oogmerk was om studente in staat te stel om mekaar te leer ken en om 'n gesonde groepgees in die Universiteit en die koshuis te skep.

Hoewel die ontgroeningsprogramme onder die toesig van huiskomitees geskied het, het dit soms gebeur dat seniors van hulle gesagsposisie misbruik gemaak en hulle skuldig gemaak het aan vergrype teenoor die nuwelinge wat onder normale omstandighede as aanranding beskou sou word. In sulke gevalle moes daar van owerheidsweë opgetree word om die nuwe studente self en die naam van die Universiteit te beskerm. Somtyds was die ontgroeningsprogramme ook teenproduktief omdat

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die Rektor, prof. C.H. Rautenbach in die voorgrond, by 'n aantal nuwe studente en hulle ouers, tydens Ouerdag, 1965.

dit inbreuk op die studietyd van die eerstejaars gemaak het, en dit is met hulle onbevredigende akademiese prestasies in verband gebring.

Sedert 1940 is daar verskeie kere ingrypend deur die Universiteitsowerheid opgetree om die misdrywe aan bande te lê. Reeds in daardie jaar het dit 'n totale verbod op ontgroening ingehou. Die verbod is daarna herhaalde kere bevestig. Om die probleem te bowe te kom, het die ontvangs van eerstejaars sedert 1957 geskied onder die toesig van 'n Sentrale Eerstejaarskomitee (SEK), saamgestel uit personeellede, studenteleiers en 'n studentepredikant, wat aan die rektor verslag moes doen. Die inlywingsprogramme wat onder die beheer van die SEK gevolg is, was opvoedkundig van aard en ingestel op die verskaffing van inligting aan die nuwelinge. Dit het slegs tien dae geduur en daarna was die eerstejaar 'n junior student. Hy was egter nog aan sekere beperkinge onderhewig: hy was nie kleur- of stemgeregtig nie; hy moes vir die res van sy eerste studiejaar 'n geel knoop in die lapel dra; en hy moes in die koshuis take soos telefoon- en deurdiens verrig. Teen die einde van dié jaar—gewoonlik op die vooraand van Lentedag—het 'n ontheffingseremonie plaasgevind, waar die eerstejaars van hulle onderhorige status onthef is.

Ook die toesig van die SEK het nie 'n einde aan ontgroening gemaak nie. Teen 1960 is klagtes nog steeds daaroor ontvang. Die Universiteit het toenemend onder die druk van die ouers van studente verkeer om ontgroening stop te sit. Toe daar in 1965 weer klagtes ontvang is, het die rektor, prof. C.H. Rautenbach, op 16 Februarie 'n dekreet uitgevaardig wat "alle gedoentes met eerstejaars" verbied. Dit het alles ingesluit wat diskriminerend teen eerstejaars werk—dus ook die dra van die tradisionele geel knoop. Daar was voorspelbare protes en Sonop het sy misnoeë te kenne gegee deur hom aan die Ienksport (eerstejaarsatletiekbyeenkoms) te onttrek. Die Binnemuurse Studenteraad het die rektor gevolg en 'n besluit geneem wat alle vorms van diskriminasie teenoor eerstejaars verbied.

'n Massavergadering in Augustus 1965 het die eerstejaarskwessie uitvoerig bespreek en 'n voorstel aanvaar wat op die volgende neerkom: die SEK word ontbind en 'n meer kompakte Senaatskomitee word in die lewe geroep, waarin daar onder andere die voorsitter en ondervoorsitter van die Studenteraad dien. Die komitee het sekere verantwoordelikhede van die senaat ontvang en was daarom beter in staat om op te tree as die SEK, wat nooit geweet het wat sy presiese bevoegdheid is nie.

Nadat verdere samesprekings in 1966 tussen die rektor en die VSR plaasgevind het, is die dra van die geel knoop weer ingevoer—dié keer vir 'n week. Na verstryking van die week het die eerstejaars 'n UP-wapen ontvang met die naam van hulle huis op 'n balkie onderaan. Om hulle kant van die ooreenkoms met die rektor na te kom, het die VSR 'n memorandum oor eerstejaars opgestel en gesirkuleer. Daarin het hulle versoek dat die term "ontgroening" nie meer gebruik word nie. Sekere han-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

delinge met eerstejaars is ook verbode verklaar. Dit het ingesluit georganiseerde massaliggaamsoefeninge, die gee van opdragte aan eerstejaars om persoonlike take soos die skoonmaak van skoene en die was van motors vir seniors te verrig, die gedwonge sluk van groot hoeveelhede water en "pille" en die gedwonge bespotlike optrede van eerstejaars in die openbaar. Van eerstejaars sou verwag word om die name van hulle huiskomiteelede en die VSR-lede en die inhoud van die inligtingsbrosjure *Wie, Wat en Waar* te ken. Die Huisvoorsitters kon hulle ook oproep om bymekaar te kom vir kennismaking, die oefen van universiteitsliedjies, huisliedjies, ens. In die eerste week moes die eerstejaars ook naamkaartjies dra. Elke huiskomitee moes besluit op watter wyse die eerstejaars aan die einde van die eerste week as junior studente ingelyf word. Aanstootlikhede soos modderbaddens is verbode verklaar.

Die nuwe jaar, 1967, het egter maar weer klagtes oor ontgroening opgelewer. Die gevolg was dat die senaat op 5 April besluit het "dat sonder voorbehoud, alle en enige vorm van diskriminasie van watter aard ookal, deur seniors teen eerste en/of tweedejaarstudente onmiddellik verval en hiermee verbied word . . .." Dit was die mees drastiese resolusie wat nog oor inlywing aanvaar was, want nou was selfs die dra van die geel knoop en van naambordjies taboe. Die enigste uitsonderings wat toegelaat is, was die reëling dat eerstejaars nie by die verkiesing van VSR-lede mag stem nie, en gedifferensieerde reëlings wat van Universiteitsowerheidsweë neergelê mag word. Vertoë van die VSR dat die besluit heroorweeg word, is deur die senaat van die hand gewys.

Die senaatsbesluit en 'n verklaring van die rektor wat dit beliggaam het heelwat emosie gaande gemaak. Na middagete op 2 Junie 1967, die dag toe die verklaring in die *Perdeby* verskyn het, het inwoners van al die manskoshuise by Olienhout vergader. Hartroerende spottoesprake deur twee bekende studentekomediante en ander toesprake deur huisverteenwoordigers is gehou. Hierna is die koshuisvlag onder treurige samesang van die aanwesiges tot halfmas laat sak. Kollege en Taaibos se eerstejaars het op dieselfde dag ook besluit dat hulle op die ou trant wou voortgaan. Kollege se seniors het almal geel knopies begin dra "ter uitskakeling van diskriminasie."

'n Massavergadering op 6 Junie het die situasie bespreek en die Studenteraad opdrag gegee om met die rektor onderhandelinge te voer ten einde die oriëntasie van eerstejaars deur seniors in ere herstel te kry. Op 20 Junie is op nog 'n massavergadering 'n versoekskrif deur 334 eerstejaarsmanstudente en een deur eerstejaardamestudente oorhandig waarin versoek is dat die onderskeid tussen eerstejaars en senior studente behoue bly en dat oriëntasie gedurende die eerste week van die jaar heringestel word. As redes is aangegee dat dié aktiwiteite vir koshuis- en universiteitsmeelewing en vir aanpassing by die Universiteit bevorderlik is.

Samesprekings tussen die VSR en die rektor het hierna nog plaasgevind. Teen die einde van Augustus kon eersgenoemde rapporteer dat die rektor wel ingestem het dat koshuisdienste soos telefoon-, deur- en broodsmeerdiens mag plaasvind aangesien dit deel van die koshuisroetine is. Dit mag egter nie twee uur per week per student oorskry nie. Tot verdere toegewings was die rektor egter nie bereid nie. Aan die begin van die akademiese jaar in 1968 het daar heelwat onsekerheid geheers oor wat met betrekking tot eerstejaars toelaatbaar was. 'n Memorandum is gevolglik deur die VSR opgestel om leiding aan huiskomitees te gee en dit is deur die rektor goedgekeur. Eenvormige naamkaartjies wat deur 'n bouvereniging beskikbaar gestel is, is in die eerste twee weke in die koshuise gedra.

Toe prof. E.M. Hamman in 1970 rektor geword het, het hy dadelik al die belanghebbende instansies oor die stand van sake oor oriëntering ingelig. Dit het nie die gewenste uitwerking gehad nie, want spoedig is klagtes weer ontvang oor persoonlike take wat eerstejaars vir seniors moes verrig en oor die steuring van eerstejaars in hulle slaap. Klagtes moes individueel ondersoek word— 'n moeisame en tydrowende proses wat heel dikwels nie die skuldiges aangetoon het nie. In Maart 1972 het Huis Boekenhout uit protes teen die verbod op ontgroening die Ienksport geboikot en in plaas daarvan 'n funksie gehou waar eerstjaars "die pil" moes sluk.

Hierdie soort gebeure het daartoe gelei dat daar van voor af weer oor die inskakeling van nuwelinge gedink moes word. Die gevolg was dat daar in 1973 met 'n splinternuwe stelsel begin is. 'n Komitee onder die voorsitterskap van prof. F. van der Stoep is aangewys om 'n oriënteringsprogram vir eerstejaars uit te werk. Die program het geduur van Maandag 12 Februarie tot Donderdag 22 Februarie 1973. Dit was daarop ingestel om die nuwelinge teenoor die volgende aspekte van hulle voorgenome universiteitsloopbaan te oriënteer: kursussamestelling en vakkeuses; roostersamestelling en -probleme; moontlike professionele opleidingsrigtings en beroepsmoontlikhede; vakoriëntasie; eksaminering en studiemetodes; die administrasie van die Universiteit; die gebruik van die biblioteek; rekreasie-, sport- en ontspanningsfasiliteite aan die Universiteit; die studenteleiding en die funksies van studenteliggame soos die studenteraad en huiskomitees. Verder moes die program daartoe meewerk om die inskrywing van die nuwelingeerstejaars so glad moontlik te laat verloop. Terselfdertyd is daar probeer om in samewerking met die dekane en departementshoofde 'n program van vakoriëntasie in te stel, sodat die akademiese program so gou en effektief moontlik kon begin.

Afgesien van akademiese personeellede is amptenare van die Administrasie in verskillende hoedanighede by die program betrek, terwyl daar grootliks van studentehulp, nl. studenteraads- en huiskomiteelede, gebruik gemaak is by die praktiese uitvoering van die program.

In 1974 was prof. Van der Stoep en sy komitee weer vir die oriënteringsprogram verantwoordelik, maar van 1975 af het die Studentediensburo die taak oorgeneem. Die oriënteringsweek het sedert-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dien 'n instelling geword. Die bestaan van die inskakelingsprogram wat van owerheidsweë aangebied is, het nog nie 'n einde aan ontgroening in die koshuise gemaak nie. Gedurig is daar van ouers en besorgde instansies klagtes hieroor ontvang—veral omdat die aktiwiteite inbreuk op die studietyd van eerstejaars gemaak het. Gevolglik het die rektor in Maart 1974 die aandag gevestig daarop dat die deelname van eerstejaars aan ekstrakurrikulêre bedrywighede vrywillig is. Daarom mag geen eerstejaarkoshuisinwoner gedwing word om in die neergelegde studietye aan sulke aktiwiteite deel te neem nie.

Onder die oppervlak het die studentegemoedere nog nie tot bedaring gekom nie. In Augustus 1974 is die hele kwessie van ontgroening aan universiteite weer onder die soeklig geplaas toe 'n student aan die Randse Afrikaanse Universiteit in 'n bewustelose toestand in die hospitaal opgeneem is nadat hy verstik het aan 'n sogenaamde "pil" wat hy gedwing is om te sluk. Na baie maande is hy uiteindelik oorlede.

In 'n openbare skrywe wat prof. Hamman aan die begin van 1975 opgestel het, het hy soortgelyke ontgroeningspraktyke "beskaafde terrorisme" genoem. Hy het na die motivering verwys wat vir ontgroening of "inlywing" of "inburgering" aangevoer word: die noodsaaklikheid van die inlywing van eerstejaars in die studentelewe; die skep van 'n groepsgees, of *esprit de corps*; die dissiplinering van nuwelinge sodat hulle hulle plek in die studentegemeenskap kan ken; dat dit alles hulle studies sou bevoordeel, ens. Na sy mening het dié motiverings niks om die lyf gehad nie. Selfs al sou dit so wees, was daar nog geen verskoning vir die sadistiese optrede van seniors teenoor nuwelinge nie. Daarby moes in gedagte gehou word dat baie van die nuwelinge reeds hulle militêre diensplig van twee jaar agter die rug het wanneer hulle by die universiteite aanmeld. Daar moet hulle dan blootgestel word aan vernedering en bespotting deur seniors van wie sommige niks meer tot hulle krediet het nie as dat hulle hulle eerste jaar aan die universiteit gedruip het!

'n Verdere oorweging wat prof. Hamman genoem het, was die vermorsing van geld as gevolg van ontgroening. In die lig van die staat se groot bydrae tot die begroting van universiteite, en dié van die ouers, het universiteitstudie 'n groot voorreg geword. Studente se kosbare tyd mag dus nie deur onsinnige aktiwiteite soos ontgroening in beslag geneem word nie—veral nie indien dit nog op die studietyd van eerstejaars inbreuk maak nie—en klagtes is juis dikwels van ouers hieroor ontvang.

Die rektor het selfs so ver gegaan om te pleit dat 'n spesiale wet aangeneem word wat alle vorms van diskriminasie van senior studente teenoor nuwelinge 'n strafbare oortreding sou maak. Hy het afskrifte van sy memorandum aan alle parlementslede en alle koerante in die land gestuur.

Prof. Hamman se sterk standpunt het aan die einde van 1975 weerklank gevind toe die Minister van Nasionale Opvoeding, senator Johan van der Spuy, 'n oproep op alle universiteite gedoen het om ontgroening met wortel en tak uit te roei. Hy het alle optredes en maatreëls wat diskriminerend teenoor eerstejaars was genoem. Die pers het dié beroep gesteun en onder andere die verkwisting van kosbare studietyd gemeld—'n luukse wat Suid-Afrika beslis nie kon bekostig nie. In reaksie hierop het die Universiteitsraad in April 1976 die senaatsbesluit van 1967 herbevestig. Dit het beteken dat ontgroening of "verwelkoming", "oriëntering" of watter ander naam ookal daaraan gegee word, of watter vorm dit ook aanneem, weer geheel en al verbode was.

Mettertyd het prof. Hamman daarin geslaag om 'n nuwe klimaat wat ontgroening betref, te skep. Dit het hy reggekry deur al hoe meer van die Studentediensburo gebruik te maak om probleme te hanteer en deur gereeld met die VSR te skakel en hulle so in sy vertroue te neem. Dit het weliswaar nie 'n einde aan onreëlmatighede met die verwelkoming van eerstejaars gemaak nie, maar die hantering van die vraagstuk is vergemaklik.

Toe die verval van die verwelkoming van eerstejaars in 1976 aangekondig is, het dit feitlik sonder protes geskied. Daar is terselfdertyd aangekondig dat nuwe konstruktiewe reëlings die plek daarvan sou neem. Dit het onder andere die vorm van 'n inskakelingseminaar aangeneem. 'n Groep van tien of 20 geselekteerde eerstejaars uit elke huis is daarby betrek en die eerste seminaar het op 16 April 1977 plaasgevind. Die nuwe bedeling het meegebring dat die tradisionele ontheffing van eerstejaars verval het. Dit het huise vrygestaan om 'n seremoniële inskakeling van eerstejaars te reël op 'n aand kort voor Lentedag of in die studente se tweede studiejaar, na afloop van die amptelike oriënteringsweek.

Die nuwe reëlings is nie gelate deur die senior studente en die studenteleiding aanvaar nie. In sy jaarverslag vir 1976/77 spreek die VSR-voorsitter onomwonde sy onvergenoegdheid daaroor uit: "Die huidige toestand is egter uiters onbevredigend daar eerstejaars in 'n lugleegte gelaat word en die resultate hiervan kan op die duur uiters nadelig wees. Gevolge kan alreeds waargeneem word in die gebrek aan dissipline wat tans by eerstejaarstudente bestaan." In die *Perdeby* van 5 Februarie 1979—'n spesiale uitgawe gerig op nuwelingeerstejaars—het die adjunk-hoofredakteur, André Bartlett, te velde getrek teen die verbod op ontgroening en hy het die "geweldige afname in betrokkenheid van eerstejaars by koshuis- en kampusaktiwiteite" daaraan gewyt. Hy het voorts gepleit vir 'n "verantwoordelike en deeglik gekontroleerde ontgroeningsprogram."

Dit is natuurlik maklik vir studente om van 'n "gekontroleerde ontgroeningsprogram" te praat wanneer rektore en universiteitsowerhede oor dekades heen ondervind het dat behoorlike kontrole oor hierdie soort aktiwiteite 'n onmoontlikheid is, en dat slegs een onsmaaklike voorval die hele universiteit in die verleentheid kan stel. Soos die VSR-voorsitter, Chris Fismer, daarna in die *Perdeby* geskryf het, was dit buitendien "onoordeelkundige joernalistiek om op hierdie sensitiewe tydstip van die jaar juis in 'n eerstejaarsuitgawe die aangeleentheid aan te roer."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Nietemin was die strydbyl oor ontgroening van studentekant nog nie begrawe nie. Dit blyk uit 'n opname oor koshuisverlaters in 1979. Die bevinding was dat die meeste studente as rede vir hulle vertrek uit die koshuis aangee die kinderagtige inskakelingsprogramme wat ernstige inbreuk op hulle studies maak.

Die verbod op ontgroening is in Mei 1980 uit 'n onverwagte oord bevraagteken, toe die Minister van Nasionale Opvoeding, mnr. Punt Janson, tydens die bespreking van sy begrotingspos in die Volksraad die volgende gewraakte opmerkings gemaak het: "Ek was egter oor een ding jammer toe dit verdwyn het uit ons studentelewe, naamlik die ontgroeningsjaar vir eerstejaarstudente. Al die sielkundiges kan my maar vertel van hoe daardie 'wreedhede' van ontgroening 'n inbreuk maak op 'n jong man se gemoed. Ek het nog altyd geglo dat as 'n eerstejaarstudent op universiteit kom, hy daarvan bewus gemaak moet word dat hy 'n eerstejaar is wat sy voete moet vind, en dat hy seer sekerlik deur sy seniors op 'n behoorlike pad gelei kan word."

Prof. Hamman het onmiddellik in 'n persverklaring baie skerp op die minister se uitlatings gereageer en sterk beswaar daarteen aangeteken. Hy het verwys na die resente geskiedenis van ontgroening en die Adviserende Raad op Universiteite se handelinge in dié verband, wat uitgeloop het op die beroep van minister Van der Spuy op hoër opvoedkundige inrigtings in 1975 om alle vorme van ontgroening totaal uit te roei. Minister Janson se standpunt was absoluut in stryd met dié beroep. Vir sy sterk standpuntinname het prof. Hamman wye steun ontvang—van ander rektore en van die publiek. Nodeloos om te sê, het die minister se uitlatings geen verskil aan die Universiteitsowerheid se beleid ten opsigte van ontgroening gemaak nie.

Die spook van ongeoorloofde praktyke kom skynbaar nie maklik tot rus nie. Sedert 1980 was daar nog gereeld klagtes van eerstejaars en hulle ouers oor fisiese en geestelike mishandeling en oor steuring tydens studietye. Diegene wat behae daarin skep om ander te molesteer, en wat hulle "meerderwaardigheid" slegs op hierdie manier kan bewys, sal seker altyd met ons wees.

Koshuise en Huise

Koshuis, huis weg van huis, tuis of ontuis, huis van gemeensaamheid of eensaamheid, van lewensvreugde en ontluikende jeugjare of van frustrasie en teleurstelling. Hoe dit ook al beleef word, die rol wat die koshuis in die studentelewe speel, kan moeilik oorskat word. Naas 'n minderheid wat nie by die koshuislewe kan aanpas nie, is daar die groot meerderheid wat met oorgawe daarin opgaan. Vir die universiteit het die koshuis groot waarde; dit bevorder geesdrif en 'n samehorigheidsgevoel.

"My koshuis is my tweede huis, ek voel hier tuis en veilig. My kamer is gesellig, ek het goeie vriendinne en ons werk almal saam vir die goeie naam en prestasie van ons koshuis". So lui dit in 1976 in die jaarverslag van die primaria van Asterhof. "Een permanente hoogtepunt van die lewe in 'n universiteitskoshuis: die aangename en interessante mense wat deel van jou word," word in 1974 uit Tankotie gesê.

Of soos dit lui in *Skakelblad* van 1977: "Inwoning in een van hierdie koshuise bring mee dat 'n student volle voordeel kan trek uit sy akademiese loopbaan en hy kry tewens geleentheid vir geleidelike persoonlike ontplooiing, sodat hy na afloop van sy universiteitsopleiding 'n positiewe en nuttige bydrae aan sy gemeenskap kan lewer."

Van die begin af het die Universiteitsowerhede dit as taak gesien om losies aan studente te verskaf. Tog was dit vanweë tekort aan geld tot die middel van die jare vyftig ontoereikend. Naas gevestigde koshuise wat in daardie stadium reeds bestaan het, Kollegetehuis, Voortrekker, Sonop, Damestehuis, Onderstepoort en die Mediese koshuis, is daar ook privaat-woonhuise gehuur en gekoop en vir studente-inwoning ingerig. Tog was dit nie genoeg vir die groeiende studentetal nie. Na aanleiding van twee memoranda van die rektor, prof. C.H. Rautenbach, in 1955, en 'n gunstiger subsidievoorwaarde in 1957, is daar begin met 'n uitgebreide bouprogram aan nuwe koshuise. Die eerste nuwe damestehuis, Asterhof, het in 1957 klaargekom en die eerste van die manskoshuise langs Lynnwoodweg op die terrein van die Proefplaas, die nuwe gebou vir Kollegetehuis, in 1959.

Hierna is die volgende koshuise gebou: Klaradyn en Taaibos in 1960, Boekenhout in 1962, Olienhout in 1963, Jasmyn in 1965, Maroela en Erika in 1969, Mopanie en die uitbreiding aan Huis Onderstepoort in 1970, ontspanningsfasiliteite vir manskoshuise in 1975, Loretoklooster as deel van Tankotie in 1976, Madelief in 1977, 'n ontspanningsaal in Kollegetehuis in 1979, Magrietjie en 'n nuwe sitkamer vir Klaradyn in 1981. Daarby kom daar nog enkele ander huise wat tydelik vir studente-inwoning gebruik is, en 'n hele aantal annekse by veral dameskoshuise.

Die Universiteitskoshuise het met verloop van tyd onder die sentrale administrasie gekom, met die registrateur en finansiële adviseur, mnr. Martin Smuts, die hoof. Tog was elke koshuis tot 1962 redelik selfstandig. Elkeen het onder die toesig van die koshuishoof sy eie voorrade aangekoop en gevolglik was daar verskille van koshuis tot koshuis.

In 1961 het mnr. Martin Smuts 'n reis deur die VSA onderneem en onder andere ook koshuisbeheer ondersoek. Daarna het hy ook die Rhodesuniversiteit in dié verband besoek. Hierna het mnr. W.J. Coetzee ook 'n besoek aan die universiteite van Rhodes en Stellenbosch gebring. Na aanleiding van 'n verslag, het daarop 'n afdeling Koshuisadministrasie ontstaan, met mnr. W.J. Coetzee as hoof. Vanaf 1963 is die sentralisasie van voedselvoorsiening en ander dienste geleidelik ingevoer. Van die dameskoshuise was daar aanvanklik teenstand, maar teen 1965 is almal daarby ingeskakel. Voordele van sentralisasie is eenvormige beplanning en dienslewering, gesentraliseerde aankope en eenvormige beheer. As hoofde van koshuisadministrasie het oor die jare die volgende

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

persone gedien: mnre. W.J. Coetzee, 1963–1966; M.J. Cronjé, 1967–1969; L.N. Boshoff, 1969–1981; W.C. Robbertze, 1981–1982; hierna weer mnr. L.N. Boshoff.

Die algemene reglement vir koshuise wat teen die einde van die jare sestig hernu is, het bepaal dat die koshuishoof in oorleg met die rektor die hoogste gesag ter plaatse uitoefen. Die koshuishoofde vir dameskoshuise moes by voorkeur dames met universiteitsopleiding wees en vir manskoshuise by voorkeur iemand uit die akademiese personeel. Tug word namens die senaat deur die rektor toegepas.

Die koshuishoof word deur die huiskomitee bygestaan, gekies deur die inwoners van elke koshuis met 'n huisvoorsitter(ster) as hoof, ook genoem primarius of primaria. Elke huiskomiteelid het 'n toegewese funksie. Probleme wat nie plaaslik opgelos kon word nie, is na sentrale liggame soos die studentediensburo verwys, en sedert 1982 die Koshuisoorlegkomitee, 'n breë liggaam wat, met 'n vise-rektor as hoof, amptenare en studente ingesluit het. Dit moet dien as 'n skakel tussen die universiteitsowerhede, koshuishoofde en huiskomitees.

Sake wat veral aandag ontvang het, was die prestasie van eerstejaars en koshuisverlating, wat veral onder eerstejaars voorgekom het. In 1974 is veral ondersoek na die laasgenoemde ingestel. Daar is bevind dat ruim 22% van die eerstejaars en sowat 7% seniors koshuise in die loop van die jaar verlaat het, meer mans as dames. Ander jare het dié persentasie gedaal. Vraelyste is uitgestuur om die oorsake te bepaal en die antwoorde is deur dr. R.P. van Rooyen, hoof van die Afdeling Onderwysbeplanning van die Studentediensburo, ontleed. Die meeste klagtes het gegaan oor die wyse van verwelkoming waarin die ou tradisie van ontgroening, hoewel verbode, nog nagewerk het, die onsimpatieke handeling van seniors en in sommige gevalle ook van die koshuishoof.

Ondersoek na swak akademiese prestasies het getoon dat dit by sommige koshuise meer voorgekom het as by ander. Deur beheer oor studenteraadgewers en huiskomiteelede en die strenger toepassing van studietye het daar verbetering gekom. Dit is egter 'n probleem wat nie net op koshuise betrekking het nie. Oor die algemeen is bevind dat koshuisbewoners beter presteer as dagstudente. Ten slotte is 'n grondige ondersoek na die sosiologiese aspekte van Universiteitskoshuise met behulp van die Departement Sosiologie, onder die toesig van dr. A. Breedt gedoen. In 1978 is alle inligting met behulp van 'n rekenaar verwerk en is daar in die lig van die bevindings verbeteringe aangebring.

Die Koshuisoorlegkomitee het daarop 'n reglement saamgestel oor die werksaamhede en pligte van studenteraadgewers in koshuise. In oorleg met die huisvoorsitter moet die koshuishoof 'n junior studentekomitee benoem om toesig te hou oor die werksaamhede van junior studente wat betref sosiale meelewing en tug vir oortreders. Elke studenteraadgewer het verpligtinge vir 'n bepaalde aantal eerstejaars, onder meer om hulle in te lig oor studente-aangeleenthede en oor studiemetodes deur groepsamesprekings. Deur 'n verslagkaart moet aan die koshuishoof verslag gedoen word.

In die geskiedenis van die koshuise kom talryke insidente voor, soos van 'n studentegemeenskap verwag kan word. Die onderlinge verhouding tussen koshuise neem gewoonlik die vorm aan van gesonde mededinging op sportgebied, Joolprestasies en sosiale verkeer. Geleenthede wat gereeld voorkom, is interetes, serenades, huisdanse, koshuisverjaarsdae, en so meer. Daar het ook minder gelukkige insidente voorgekom wat buite verhouding meer aandag trek: naglawaai en klagtes van die publiek, wat aanleiding gee tot ondersoek en die toepassing van tug.

Oor die algemeen wek alles die indruk van 'n gelukkige gemeenskap. Teen 1982 was daar ongeveer 4 500 studente in koshuise gehuisves, teenoor die totale studente vir die hele Universiteit van 16 380.

Hieronder volg besonderhede oor elke koshuis min of meer in die volgorde van elkeen se ontstaansjaar.

Kollegetehuis

Die huidige Kollegetehuis is in 1960 in gebruik geneem, die oue in 1915. Daarom kan dit as die oudste koshuis beskou word. Ou Kollegetehuis was die derde gebou wat op die Universiteitsterrein verrys het, en met sy ongeveer 60 inwoners het dit oor baie jare 'n besondere plek in die studentelewe ingeneem, en ook verskeie persone gehuisves wat later vooraanstaande mense geword het. Toe die eerste manskoshuis aan Lynnwoodweg op die terrein van die Proefplaas gebou is, en die inwoners van die ou tehuis met hulle gelukbringer, Sarge Bourke, in 1960 daarheen oorgetrek het, is daar besluit om die naam Kollege te behou. Die ou Kollegetehuis het nog tot 1962 as 'n koshuis vir eerstejaars gedien, onder die toesig van prof. Tj. Buning en 'n senior student. Na 1962 was daar genoeg plek vir hulle in die ander manskoshuise wat op die Proefplaas gebou is, en is die ou gebou vir ander doeleindes gebruik.

Ontwerp deur argitek F.J. Wepener, met ruimte vir 232 studente, is Kolletehuis in 1960 betrek. Tot 1982 het die volgende persone as koshuishoofde daar gedien: dr. J.A.J. van Vuuren vir die jaar 1960, prof. C.L. de Wet van 1961 tot 1971, prof. S.R. van Jaarsveld van 1972 tot 1977 en daarna dr. W. van Hoven. 'n Hoogtepunt in die geskiedenis van Kollegetehuis was die onthulling van 'n borsbeeld van die staatspresident, dr. N. Diederichs, deur homself, met die vyftigjarige herdenking van die inrigting in 1965.

In 1975 is die sestigste verjaarsdag onder andere met 'n dinee in die Rautenbachsaal gedenk. By albei geleenthede is daar gedenkblaaie uitgegee. Die laaste een bevat heelwat herinneringe van oud-inwoners, waarin 'n polsende en soms buitensporige studentelewe weerspieël word. Sedert 1967 gee Kollegetehuis sy eie nuusblad, *Schelftzee*, uit. Dié naam is afkomstig van 'n bekende Hollandse liedjie wat in aangepaste vorm "Kollegelied" geword het.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Die "Drommedaris" op pad deur die strate van Bronkhorstspruit om fondse vir die Suiderkruisfonds in te samel, November 1973.

"Mag die huidige asook alle toekomstige inwoners van Kollegetehuis die eer en die aansien van Kollegetehuis steeds bevorder en altyd hoog hou," skryf die rektor, prof. E.M. Hamman, self 'n oud-inwoner, in die gedenkblad van 1975—woorde wat elke koshuis seker sy eie kan maak.

Sonop

Die Sonopkoshuis is in 1916 deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk gestig vir die huisvesting van "Christen jongmans" wat aan die Universiteit van Pretoria studeer. Dit is tot vandag 'n kerkkoshuis wat deur die NG kerk, en nie deur die Universiteit nie, beheer word. Van oorsprong 'n herehuis met bygeboue en stalle, bestaan dit uit los geboutjies, deur die studente "mansjoene" genoem. Uiteraard is dit met sy 150 inwoners nie 'n groot koshuis nie, maar wat Sonop in getalle kortkom, word vergoed deur geesdrif en meelewing met die studentegemeenskap. Kenmerkend is dat Sonop sedert 1947 geen koshuishoof meer het nie, maar deur 'n koshuisraad, waarvan prof. Ben Marais baie jare voorsitter was, en 'n huiskomitee bestuur word.

Toe Sonop in 1966 sy vyftigjarige bestaan gedenk het, het 'n span Sonoppers 'n brandstofdrom van Kerkplein na Beitbrug gestoot om geld in te samel vir Rhodesië, wat in dié jare onder boikotte en 'n tekort aan brandstof gebuk gegaan het. Die drom, "Drommedaris" genoem, was tussen twee fietse gemonteer. 'n Vriendelike bedankbrief van premier Ian Smith was dié span se beloning. In 1973 is daar weer 'n drom na Komatipoort gestoot om geld in te samel vir die Suiderkruisfonds. Met die selfstandigwording van die Transkei in 1976, is daar 'n fakkelloop na Umtata onderneem, met 'n vlam wat by die Voortrekkermonument aangesteek is, en vryheid moes versinnebeeld.

Die gelukbringer van Sonop is "Garribaldi," 'n parmantige klein beeldjie, terwyl Oom Gert vir baie jare ook 'n inwoner van die koshuis was. "Met Oom Gert en Garribaldi as ons bevelvoerders op die slagveld van studentelewe sal ons van Sonop tot laat die byle laat huil," klink 'n uitspraak in 1976. Reeds lank voor dié tyd het "van Sonop tot laat" 'n bekende gesegde geword. Met die sestigste verjaarsdag van die inrigting in 1976, het Sonop 'n eie vlag gekry, bestaande uit 'n neerdalende duif teen die agtergrond van 'n omgekeerde gaffel soos dit op die Universiteitswapen voorkom. Die duif versinnebeeld die Christelike ingesteldheid van die koshuis. Die koerant heet *Dagbreek*.

'n Aantal jaar lank het Sonop moeilike finansiële omstandighede belewe. Die plek was verwaarloos en daar is beweer dat Sonop nog net deur tradisie en spinnerakke aanmekaar gehou is. Daar was sprake dat die Kerk die koshuis sou moes verkoop. Die Sonopraad het egter besluit dat dit gerestoureer moes word, en onder die voorsitterskap van ds. Kobus Potgieter is 'n grootskaalse fondsinsameling onder oud-Sonoppers met welslae onderneem. In die jare 1977–1978 is die verskillende geboue deeglik opgeknap, terwyl nuwe geriewe ook

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aangebring is. In 1979 is 'n Bond van Oud-Sonoppers gestig.

Huis Tankotie

Van oorsprong is Tankotie een van die oudste koshuise van die Universiteit. Gestig onder die naam Buxtontehuis deur die Anglikaanse Kerk in 1918, is dit in 1940 oorgeneem deur die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en verdoop tot Voortrekkertehuis. Dit het bestaan uit enkele geboue in Lunnonweg en Heroldstraat en het 151 studente gehuisves. In 1960 was prof. B. de Loor die koshuishoof; na sy dood is hy deur prof. P.S. Dreyer opgevolg, wat tot 1969 dié funksie vervul het. In die laasgenoemde jaar het die Kerk die koshuis teen 'n bedrag van R272 000 aan die Universiteit verkoop.

Dit bly 'n koshuis vir mans, aanvanklik hoofsaaklik vir eerstejaars, met adv. T.J. Scott as koshuishoof. In 1973 is die naam Tambotie daaraan gegee. Aan die einde van dié jaar is daar besluit om dit as dameskoshuis in te rig en die mans na koshuise op die Proefplaas te verplaas. Dit is in 1974 met 68 eerstejaardames gevul en die naam na Tankotie verander.

Daar is heelwat verander aan die bestaande geboue. 'n Enkele, die Pandak, het verdwyn; Glaskas en Pastorie het oorgebly. In 1975 is die Rooms-Katolieke laerskool, Loreto Convent, oorkant Heroldstraat teenoor Glaskas, aangekoop en in 'n koshuis vir 120 dames verander. Dit het die hoofgebou van Tankotie geword, met Glaskas en Pastorie as annekse met nog 73 inwoners. Mnr. en mev. J.J. de Beer het in 1974 koshuisouers geword, met mev. A. de Beer as koshuishoof. Die hoofgebou het 'n ruim vergadersaal met 'n verhoog en verder 'n musiek- en stokperdjiekamer en 'n swembad.

Die gelukbringer en embleem van Tankotie is Flo, 'n figuur uit 'n bekende strokiesprent, en die inwoners noem hulleself Flo's. Sedert 1974 verskyn daar 'n nuusblad met die naam *Kapit Flo*.

Asterhof en Vergeet-my-nie

Gebou in 1926, was Damestehuis die oudste dameskoshuis aan die Universiteit. Dit is later deur sy inwoners die Fant genoem, na aanleiding van die olifant wat die gelukbringer van die koshuis was. Langs hierdie gebou, geleë in Prospectstraat, is daar in die jare vyftig 'n nuwe dameskoshuis gebou, wat in 1957 in gebruik geneem is en die naam Asterhof gekry het. Ontwerp deur argitek Strauss Brink, het dit in daardie jaar met sy sewe verdiepings uitgetroon bo die ander geboue van die Universiteit. Wat geriewe betref, het dit die Fant erg verouderd laat lyk en gevolglik is die laasgenoemde in 1962 teen 'n bedrag van R50 000 gemoderniseer. In 1965 het Damestehuis 'n anneks van Asterhof geword en sy kombuis is in slaapkamers verander. Die naam Vergeet-my-nie is toe daaraan gegee, voorgestel deur Asterhof se koshuismoeder, mev. A.F.F. Jooste.

Asterhof het reeds voor die tyd verskeie ander annekse onder sy vleuels gehad: woonhuise in die onmiddellike nabyheid wat deur die Universiteit opgekoop is—in 1957 soveel as ses. Ten slotte het die hoofgebou 152 studente gehuisves en die annekse, met die insluiting van Vergeet-my-nie, 186—in totaal 338. Die koshuishoof van Damestehuis was in 1960 mev. M.M. de Wet en van 1961 tot 1964 mev. H.S. Peacock. Die koshuishoofde van Asterhof was: mev. A.F.F. Jooste van 1957 tot 1971, mev. H.S. van Schalkwyk van 1971 tot 1977, mev. U.H. Post van 1977 tot 1981 en daarna mev. M. Haupt.

As gelukbringer het Asterhof in 1957 'n kameelperdjie, gemaak deur Elly Holm, aangeskaf, wat later in brons gegiet is, en in 1963 'n vrouebeeldjie "Grasie", gemaak deur E.L. Bouffa. Nadat die Fant 'n anneks van Asterhof geword het, is dié se gelukbringer, die olifant, saamgebring en uit die kombinasie het die kammelfant ontstaan, wat in 1972 ook die naam van die koshuis se huisblad geword het.

Met die 25ste verjaarsdag van Asterhof is daar 'n gedenkblad uitgegee, en onder andere 'n reünie van oud-Fantinne gehou. Een uitstaande gebeurtenis in die geskiedenis van Asterhof was die ontvoering van die administrateur, mnr. Sybrand van Niekerk, tydens die Jool van 1966 met die gevolg dat die rektor die hele huiskomitee vir 'n maand gehek het.

Klaradyn en Roosmaryn

Die ou Pretoria-Oosskool met die aangrensende inspekteurswoning, geleë in Roperstraat, het in 1954 in die besit van die Universiteit gekom, maar dit is eers in 1959 deur die skool ontruim en toe as 'n tehuis vir studente ingerig. Dit het eers bekend gestaan as Aanhou Wen, wat die leuse van die skool was. Dit het begin as 'n anneks van Damestehuis, maar na Klaradyn in 1961 gereed gekom het, het dit 'n anneks van die nuwe koshuis geword en later die naam Roosmaryn gekry. In 1969 is manstudente tydelik in Roosmaryn gevestig en toe is dit verdoop tot Huis Mopanie, met dr. P.J. Gräbe, later professor in Wiskunde, as koshuishoof. 'n Nuwe Huis Mopanie is intussen op die Proefplaas gebou en in 1970 het die mans daarheen verhuis. Roosmaryn het sy naam terug gekry, weer as 'n damestehuis en weer as 'n anneks van Huis Klaradyn.

Huis Klaradyn was ook 'n skepping van die argitek Strauss Brink. Dit bied met sy annekse huisvesting aan 384 studente. "Klaradyn is nie 'n blyplek nie, maar 'n leefwyse." Hierdie terloopse sinnetjie uit die koshuisblad vertolk die gees van gemeensaamheid onder die inwoners.

Die huisblad heet *Klarool*, die gelukbringer Cleo de Leeu, die embleem Leeu. Die koshuishoofde was: mev. E.H.P. van der Westhuizen van 1961 tot 1965, mev. M.M. de Wet van 1965 tot 1968, mev. M.H. Rautenbach van 1969 tot 1981 en daarna mev. M.A. Boshoff. In 1976 het Klaradyn sy 25ste bestaansjaar onder andere met 'n feesmaal gevier.

Huis Taaibos

Ook ontwerp deur argitek F.J. Wepener, is die tweede manskoshuis op die Proefplaas in 1961 in gebruik geneem. Dit bied ruimte vir 234 studente.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Manskoshuise op die proefplaasterrein.

Wat die naam betref, is daar reeds in 1960 tydens 'n onderhoud van 'n VSR-afvaardiging met die rektor besluit dat 'n naam "met die geur van die Suid-Afrikaanse veld" gekies moes word, wat hierna blykbaar gegeld het vir alle verdere manskoshuise wat op die Proefplaas gebou is. Van die twee voorstelle, Taaibos en Soetdoring, is die eersgenoemde gekies.

Die eerste koshuishoof was dr. J.A.J. van Vuuren, 1961–1964, opgevolg deur prof. D.F. Mostert, 1965–1968, dr. F.X. Prins, 1969–1972, dr. A. Breedt, 1973–1981, en daarna mnr. J.D. Kriel. Op 30 Augustus 1962 is die Seniorbond in Taaibos gestig, waarby alle seniors in die koshuis aangesluit het. Mnr. Daan van der Merwe, voormalige president van die ASB, het verduidelik dat die doel daarvan is om die samewerking tussen die student, die VSR en die ASB te bevorder. 'n Erekode is deur dr. J.A.J. van Vuuren onthul, terwyl die administrateur, mnr. S. van Niekerk, en die rektor, prof. Rautenbach, die studente toegespreek het. In 1963 is die Seniorbond ook in Asterhof gestig.

Die Taaibosser, 'n jaarblad van Taaibos, het vir die eerste keer in 1969 verskyn, asook die huisblad, *Bostelegraaf*. Die gelukbringer heet Rikkit, blykbaar die naam van 'n herdershond waarvan die afbeelding as embleem gebruik word.

Huis Boekenhout

'n Derde manskoshuis op die Proefplaas, ontwerp deur die argitek Brian Sandrock, is in 1962 voltooi en het die naam Boekenhout gekry. Dit kan 277 studente huisves en is aan die begin van 1963 betrek. Die koshuishoof was prof. P.J. Zietsman, in 1968 opgevolg deur prof. A.H. van Zyl, in 1974 deur mnr. A.S. du Toit en in 1981 deur prof. P.A. Delport.

Die gelukbringer is 'n model van die Eiffeltoring wat op die een of ander manier in besit van die Boekenhouters gekom het. Dié toring is eers op die dak van die koshuis en later in die binneruimte gevestig. In een stadium het 'n beeldjie, Baltsazar, ook Balsasser geskryf, as gelukbringer bygekom, maar later weer op die agtergrond geraak. In 1969 het die *Boekenhoutjaarblad* begin verskyn en in 1972 die huisblad *Die Eiffel*. 'n Nuwe saal is in 1973 bygebou.

Die inwoners van die koshuis het skertsend ook ander name vir hulle koshuis voorgestel: Huis Mellowood, Huis Krisjan Beyers en ook Huis Krisjan Mellowood. Daar was ook ander kaperjolle: 'n model van Hennie Potgieter se beeld van 'n bul is deur inwoners van Boekenhout uit prof. Bonsma se kantoor geskaak en is eers na ingryping van die rektor en prof. Zietsman terug besorg.

Huis Olienhout

As manskoshuis nommer vier op die Proefplaas is Huis Olienhout aan die begin van 1964 in gebruik geneem. Dit het R207 000 gekos en is deur die ar-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gitek Brian Sandrock ontwerp. Aanvanklik is Pendoring as naam vir die koshuis voorgestel, maar die universiteitsraad het besluit dat 'n geskikter naam gevind moes word; toe is op Olienhout besluit. Die gelukbringer van Olienhout is 'n renoster, ook genoem kanosterperd, miskien na analogie van Asterhof se kameelperd, wat in een stadium deur die inwoners van Olienhout geskaak is. Olienhout het mettertyd ook 'n vlag gekry met die renoster daarop afgebeeld. Die huisblad *Pendoring* het in 1975 begin verskyn.

Mnr. D.J. Hattingh van die Departement Wiskunde was die eerste koshuishoof. Hy is in 1973 opgevolg deur prof. L.M. Pretorius en in 1979 deur prof. W.N. Coetzee. Olienhout het in 1973 'n nuwe saal teen 'n koste van R63 000 bygekry.

Huis Jasmyn

In 1964 het die volgende dameskoshuis, Huis Jasmyn, klaargekom en dit is die volgende jaar bewoon. Dit is ook 'n skepping van Strauss Brink. As die grootste dameskoshuis in daardie stadium, het dit 291 studente gehuisves en uiteindelik saam met die annekse 380.

Die eerste inwoners van Huis Jasmyn was die studente van Dameskoshuis in die jaar toe die laasgenoemde gemoderniseer is. Hulle het die tradisie van die Fant saamgeneem en ook hulle gelukbringer, die olifant. Die eerste jaar was daar 144 eerstejaars in die koshuis en die volgende jaar 168. Die koshuishoofde was: mev. H.S. Peacock, 1965–1968, mev. M.C. van Dyl, 1969–1973, en mev. S.J. Fourie van 1973 af.

In 1973 het Jasmyn 'n rekordaantal van 12 annekse gehad, almal met interessante name, onder andere: Kyarosa, Karientjie, Mandolien, Kokkewiet, Mattewis, Maraai, Kammalilies en Lappop. Die huisblad *Jysmyne* verskyn sedert 1969.

Huis Erika

Teen 1969 het 'n tekort aan studentelosies nog twee koshuise ten gevolg gehad, Huis Erika vir 312 dames en Huis Maroela vir 366 mans. Die naam Erika is uit 34 voorstelle gekies; dit is veral aanbeveel deur mev. Jooste, koshuismoeder van Asterhof. Dis 'n blomnaam, die naam van 'n bekende liedjie en 'n meisienaam, het sy aangevoer.

Huis Erika front aan Prospectstraat en is rug aan rug met Huis Klaradyn gebou. Weens gebrek aan ruimte, het dit weer 'n hoë gebou geword, ontwerp deur Brian Sandrock. Op die terrein het voorheen 'n aantal woonstelle gestaan, bewoon deur manstudente en enkele dosente, maar nie onder die beheer van die Universiteit nie; deur die inwoners die Wolwehok genoem.

Die woongedeelte van Erika het in Februarie 1969 klaargekom, die kombuis en die eetsaal 'n maand later. Soos tussen Asterhof en Jasmyn, het Erika en Klaradyn ook 'n groot gesamentlike eetsaal. As eerste koshuishoof is mev. A.J.S. van der Berg aangestel, in 1979 opgevolg deur mev. M.E. van Zyl en in 1982 deur mev. M.W. Bosman.

In Erika word daar besondere aandag aan die vordering van eerstejaars gegee. Elke huiskomiteelid is vir die eerstejaars op haar verdieping verantwoordelik. Huis Erika is, net soos Maroela, bevoorreg om klaviere vir die gebruik van die studente as deel van hulle meubelment te kry. In 1971 het die inwoners van Erika bankies op hulle grasperk vir besoekers aangevra, wat van die rektor, prof. Hamman, die vraag ontlok het: "Is dit nodig, gerade of wenslik dat die Universiteit iets van dié aard voorsien?"

Ook Erika het 'n aantal annekse, waarin in een stadium tot 49 studente gewoon het, onder andere Casteletto, Loeloeraai, Swot-'n-bietjie, Pophuis, Vygie en Kamma-kamma. Die naam van Erika se huisblad is *Eureka*, voorheen *Hist Erika*. Die gelukbringer en embleem heet Unicorn.

Huis Maroela

In 1966 is daar besluit om 'n nuwe koshuiskompleks op die Proefplaas te bou, waarvan die eerste, die vyfde manskoshuis, Huis Maroela, in 1969 klaargekom het. Dit is ook ontwerp deur Brian Sandrock en groot genoeg vir 360 studente. Daarna is voortgebou aan die volgende, Huis Mopanie, met 'n gesamentlike kombuis en eetsaal tussen die twee.

Die naam Maroela is deur die huiskomitees van die bestaande koshuise voorgestel. Sy nuusblad, wat in 1971 begin verskyn het, dra die naam *Turksvy*, terwyl 'n jaarblad *Asbestos* ook uitgegee is. Die gelukbringer en embleem heet Marools.

Op 11 Junie 1980 het die rektor 'n Africanasentrum in Huis Maroela geopen, bestaande hoofsaaklik uit oorspronklike dokumente en geskrifte van bekende openbare figure in eie handskrif. Dit staan veral in verband met die bevordering van Afrikaans en die Afrikaanswording van die Universiteit van Pretoria.

Die koshuishoofde van Huis Maroela was: prof. D.M. Kriel van 1969 tot 1971, prof. G.C. Olivier van 1972 tot 1980 en dr. J.G. Williams van 1981 af.

Huis Mopanie

Huis Mopanie is in 1970 in gebruik geneem; dit is ook groot genoeg vir 360 inwoners en is deur 'n gesamentlike eetsaal met Maroela verbind. Hierna was die planne vir 'n derde koshuis van die kompleks, wat Huis Moepel sou heet, reeds ver gevorder, maar die Universiteitsowerhede het dit op die lange baan geskuiwe, aangesien die behoefte daaraan nie so dringend was nie.

Die manstudente wat tydelik in die dameskoshuis Roosmaryn gewoon het, het die kern van die eerste inwoners van Mopanie geword. Soos reeds gesê, het Roosmaryn in daardie jaar van mansinwoning reeds die naam Mopanie gehad. Die eerste koshuishoof was prof. J.C.W. van Rooyen; hy is in 1977 deur mnr. J.F. Kriek en in 1979 deur prof. A.M. van Aarde opgevolg. Die koshuisblad, wat in 1970 begin verskyn het, is genoem *El Torro* en later *Wurm*.

Die gelukbringer heet ook El Torro en die embleem Rollerball.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Dameskoshuise met Geesteswetenskappegebou in die agtergrond, 1980.

Huis Madelief

Die volgende dameskoshuis, Huis Madelief, is op die hoek van Prospect- en Hildastraat gebou en met die aanvang van die tweede semester, 1977, het 270 studente hulle intrek daarin geneem, terwyl daar ruimte vir 312 is. Die meeste van hierdie studente het oorgetrek van huis Wag-'n-bietjie, 'n woonstelgebou in Sunnyside wat tydelik gebruik is om onderwysstudente te huisves.

Die naam Madelief is gekies uit 'n lys name wat prof. H.P. van der Schijff, dekaan van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde, aan primarias van die ander koshuise voorgelê het. Die gebou bestaan uit dertien woonverdiepings met vier wooneenhede van ses slaapkamers elk, ontwerp deur die argitek Brian Sandrock. Tot 1982 was daar nog net een koshuishoof, mev. G.N. Hugo.

Die huiskoerant dra die naam *Mademoiselle*, die gelukbringer Charisma en die embleem "Die Kat", Juf Charisma.

Huis Magrietjie

In 1981 het Huis Magrietjie as die sewende dameskoshuis klaargekom en reeds in hierdie jaar is daar 'n huiskomitee aangestel en 'n koshuishoof in die persoon van mev. E.M. Breedt. Die koshuis is eers op 26 Maart 1982 amptelik geopen.

By hierdie geleentheid het die rektor, prof. D.M. Joubert, met trots gewys op die aparte kampus wat deur die sewe dameskoshuise omvat word, en dit in verband gebring met die studenteliedjie: "Al my lief en leed/het ek daar aanskou/In my hart verlang ek/terug na jou."

Huis Magrietjie front aan Prospectstraat, skuins agter Huis Madelief, en bied akkommodasie aan 324 inwoners. Die huisblad word genoem *Liewe Grietjie* en die gelukbringer Maer Grietjie.

Huise verbonde aan satellietkampusse

Van hierdie huise is feitlik net Huis Onderstepoort 'n koshuis in die gewone sin van die woord. Die ander is liggame wat op die patroon van 'n huiskomitee—vandaar dat hulle huise genoem word—die belange behartig van studente wat 'n bepaalde kursus volg. Onder hulle vind ons huise verbonde aan die volgende: Geneeskunde, Tandheelkunde, Verpleegkunde, Fisioterapie, militêre studente, Radiografie, Arbeidsterapie en Aptekerswese.

Met die toename van studente in die Veeartsenykunde is die koshuis op Onderstepoort, wat uit 1923 dateer, telkens vergroot deur nog 'n vleuel aan te bou. So kom blok twee in 1953 tot stand en blok drie in 1970.

In 1960 was daar ruimte vir ongeveer 100 studente. In 1963 is die naam van die koshuis van Onderstepoortstudentetehuis verander na *Huis Onderstepoort*. In die laasgenoemde jaar was daar weer 'n aanvraag om uitbreiding, maar die Departement Landbou-tegniese Dienste het om be-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

sparingsredes nie kans gesien om die koshuis te vergroot nie. Daar is aanbeveel dat studente privaatlosies in Pretoria-Noord moet bekom. Deur die Universiteit is daar gewys op die noodsaak van inwoning op Onderstepoort, aangesien die gereelde bywoning van klinieke 'n vereiste vir die voltooiing van die kursus is.

Intussen het daar ook 'n aanvraag om losies vir damestudente ontstaan. In 1969 is 'n bestaande woonhuis op die terrein aan twaalf dames beskikbaar gestel, terwyl aan nog vier in 'n aparte vleuel van die matronekwartiere huisvesting verleen is. Almal het saam met die mans in die eetsaal van die koshuis etes geniet. In 1971 het daar 'n voorval plaasgevind wat die Universiteitsraad laat besluit het om van 1972 af geen dameslosies meer op Onderstepoort te voorsien nie. Hierdie besluit het die Raad in hersiening geneem na ernstige vertoë deur ouers van damestudente. Daar is nog dieselfde jaar vir hulle woonplek in die koshuis, in 'n afgeskorte gedeelte van blok twee, ingeruim. Namate die getalle toegeneem het, is die afskorting telkens verskuif.

In 1980 is nog 'n vleuel by Huis Onderstepoort aangebou, vir nog 100 studente, sodat daar in geheel ruimte vir 281 inwoners was. Die nuusblad van die huis dra die naam *Borgorygin* en die embleem is die wapen van Onderstepoort.

Die gelukbringer heet Obstetrix. In 1960 was dr. T. Adelaar die koshuishoof; hy is in 1954 aangestel. Na hom het die volgende persone hierdie amp beklee: dr. R.K. Loveday, van 1960 tot 1973; dr. G.M.J. Horton, van 1973 tot 1975; en dr. E.C. Genis sedert 1976.

Die *Mediese koshuis*, die koshuis vir studente in die Geneeskunde en Tandheelkunde, vir 100 inwoners, het deur die toedoen van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in 1954 tot stand gekom. Dit was gerieflik geleë aan Voortrekkerweg teenoor die Algemene Hospitaal. Tog was dit jaar na jaar onderbeset. Om die een of ander rede het studente in hierdie studierigtings verkies om privaat te woon.

Dit het onvermydelik die einde van die koshuis teweeggebring, reeds so vroeg as 31 Maart 1960. Die gebou is daarop aan die Transvaalse Provinsiale Administrasie verhuur met die opsie om te koop. Dit het toe, tot die einde van 1962, as 'n tehuis vir verpleegsters gedien. Die provinsie het afgesien van die koop en uiteindelik is dit aan die Pretoriase Tegniese Kollege verkoop.

Hierna het die tans nog bestaande *Mediese Huis* in 1965 tot stand gekom, waardeur die studente in Geneeskunde se aandeel aan die groter studentegemeenskap behartig word. Die huisblad het die naam *Speculum* gedra, later verander na *Homunculus*, en die gelukbringer is Dok Sors, 'n klein mannetjie wat "'n gepaste simbool van die mens as sentrale figuur is", soos dit in 'n artikel in die genoemde blad lui.

In 1970 is daar op inisiatief van Mediese Huis die Mediese, Tandheelkundige en Paramediese koördineringskomitee (MTPKK) gestig om die genoemde drie groepe nader aan mekaar te bring. *Homunculus* dien ook as mondstuk hiervan.

In 1977 het die VSR toestemming aan Mediese Huis verleen om by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Studentevereniging (SASSU) aan te sluit. Dit bied hulle die geleentheid om op akademiese vlak met mediese studente in ander universiteite te skakel.

Mildente (militêre studente) word die huis van die studente in Geneeskunde en Tandheelkunde genoem wat met beurse van die Suid-Afrikaanse Weermag studeer. Dit het in 1961 ontstaan. In 1980/1981 was daar 42 studente, van wie vyftien getroud en in sewe afsonderlike huise woonagtig was. Die origes woon in 'n koshuis op Voortrekkerhoogte.

Mildente is 'n klein, afgesonderde groepie, maar "baie aktief", soos dit in 'n VSR-jaarverslag lui. Die huis se embleem en gelukbringer word genoem Oorlog: die afbeelding van 'n aggressiewe mannetjie met 'n geweer en bajonet. Die huisblad dra die naam *Milpil*.

Om samehorigheid tussen tandheelkundestudente te bewerkstellig, is daar ook 'n *Tandheelkundehuis* in 1971 gestig, met die blad *Klinikus*, wat ook die mondstuk van Tandheelkundige Kliniese Vereniging is. Die embleem van die huis is die heraldiese skild van Tandheelkunde.

Verpleegsterstudente wat die BCur-kursus volg, is in 'n koshuis, genoem *Verpleegsterstehuis* of Droomhof by die H.F. Verwoerd-hospitaal gehuisves. Hierdie koshuis staan onder die beheer van die Transvaalse Provinsiale Administrasie en nie onder dié van die Universiteit nie.

Los van die koshuis, bestaan daar 'n *BCur-huis*, gestig in 1962, wat die belange van verpleegsterstudente en veral hulle deelname aan algemene studente-aangeleenthede behartig, en hulle op hoogte hou met wat aktueel in die beroep is. Die gelukbringer en embleem is Gallus, die Haan. Die huisblad dra die naam *Apanella*, wat volgens 'n berig in jaargang 1 no. 1 van November 1982 kom van die gewilde BCur-liedjie "Ich bin ein arme Italjano", 'n afleiding wat seker net begryp kan word deur iemand wat die liedjie ken.

Ook die studente in Radiografie het 'n *Radiografiehuis*, wat hulle belange sedert 1965 behartig. Hulle embleem en gelukbringer heet Fikizolo, later Figisal, genoem. Blykbaar bestaan daar geen huisblad nie.

Studente in Fisioterapie het in 1963 ook 'n huis, *Fisioterapiehuis*, gestig, met die huiskoerant *Fiasko*.

Daar het in 1966 ook 'n *Arbeidsterapiehuis* ontstaan en in 1983 'n *Aptekershuis*.

Buitehuise

Op die hoofkampus kom daar ook enkele huise voor wat nie aan 'n koshuis verbonde is nie. Hulle is die volgende: Dagstudentehuis, Boukundehuis, Ingenieurshuis en Regstudentehuis. Soos die geval is by koshuise, het elkeen 'n huisvader, wat gewoonlik 'n dosent is, en 'n huiskomitee met 'n voorsitter, sekretaris en 'n aantal lede wat elkeen 'n portefeulje behartig, soos sosiale aangeleenthede, sport, Jool, ens.—sowat tien tot twaalf in totaal.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die grootste en waarskynlik die oudste van hierdie huise is *Dagstudentehuis*, ook Dagland genoem, wat ook die naam van hulle nuusblad geword het. Hierdie huis verteenwoordig al die studente wat nie in koshuise woon nie, wat natuurlik die meerderheid van die studentetotaal uitmaak. Wanneer Dagland begin het, is nie vas te stel nie. Dagstudente het waarskynlik reeds vroeg in die geskiedenis van die Universiteit as groep op die gebied van sport en ander bedrywighede begin meeding. Daar was behoefte aan 'n samehorigheidsgevoel en daarom is daar reeds in 'n vroeë stadium daarna gestreef om 'n lokaal te kry waar hulle kon byeenkom of tussen klasse kon ontspan. Die vroegste berig wat opgespoor kon word, is uit 1963, toe die lede 198 getel het, en die volgende jaar 731. Hulle kon destyds spog met 'n bywoningsyfer van 90 persent by hulle byeenkomste.

Toe die Klubsaal vroeg in die jare sestig ontruim is, het dagstudente gehoop om hierdie lokaal tot hulle beskikking te kry. Blykbaar het dit nie gebeur nie. In 1963 is daar besluit om 'n kamer wat deur Studentevoorligting ontruim is, aan Dagstudente af te staan, op voorwaarde dat ander huise ook daarvan gebruik mag maak.

In 1966 was daar weer 'n brief van die registrateur (Finansies) aan die VSR met die mededeling dat die bergingsruimte in die kelderverdieping van die Klubsaal gedurende 1964 teen 'n koste van R400 vir dagstudente ingerig is. Of hulle ooit daar ingetrek het, of hoe lank die reëling voortbestaan het, is nie duidelik nie. Dagstudente het jare lank rondgeswerf van een tydelike lokaal na 'n ander. Later het hulle 'n heenkome in 'n kantoor van die Aula/Rautenbachsaal-kompleks gekry, voor hulle in 1977 in Huis-en-Haard gevestig is. Huis-en-Haard was oorspronklik 'n koshuis van die CBC-skool, wat verbou is, en reeds in 1972 as 'n algemene studentesentrum ingerig is. Die naam is reeds in 1969 deur prof. C.H. Rautenbach aan die hand gedoen, toe daar begin is met die aankoop en verbouing daarvan. Volgens *Daglandfeesblad* van 1977 is die dagstudentesentrum in Huis-en-Haard op 3 Junie 1977 "onthul". Dagland het daar drie kantore gekry, 'n sitkamer, 'n groot ontspanningsaal en ander geriewe.

Dagstudente het 'n groot aandeel aan verskillende sportbedrywighede, die Jool, konserte, ens. Hulle gelukbringer is Oom Harry, 'n beeldjie wat in die jare vyftig tydens 'n konsertreis op Ermelo buitgemaak is. In 1960 was daar 'n voorstel om ook 'n na-uurse huis op te rig vir die studente wat na-uurse lesings op die hoofkampus volg. Die VSR het aanbeveel dat hulle ook by Dagstudentehuis ingeskakel word, en dit het blykbaar gebeur.

Boukunde het in 1963 'n eie huis, *Boukundehuis*, in die lewe geroep. Die gelukbringer is Blesvoël en die naam van die huisblad *Blesit*. Die verskyning van Blesit het saamgeval met die 21ste verjaarsdag van Boukunde in 1964. In hierdie jaar is daar ook 'n kongres gehou, waaraan die Boukundedepartemente van die Universiteit en van Kaapstad, Natal en die Witwatersrand deelgeneem het.

Ingenieurshuis is reeds in 1960 gestig. "Ingenieurshuis is 'n liggaam, net soos enige koshuis, waarin ingenieurstudente saamgesnoer word om dinge saam te doen, saam oor sake te redeneer en te besluit." So lui dit in die eerste uitgawe van die huisblad *Ingvaria* van 9 September 1970.

Die huis het by geleenthede besonder presteer en algemene aandag op sy werksaamhede getrek. 'n Voorbeeld hiervan was 'n vuurpylreklameset op Kerkplein en 'n trapkartoer van Pretoria na Kaapstad tydens die Jool van 1966. Die gelukbringer was Laika, die eerste Russiese ruimtehond, en later die vuurpyl wat in 1967 deur prof. Lambrechts op die grasvierkant agter die Ingenieursgebou onthul is. Dit word gesien as "'n simbool van snelle vooruitgang in ingenieursprestasie." In 1980 is die twintigjarige bestaan van die huis met 'n gedenkblad gevier.

Regstudentehuis kom voort uit die Juridiese Vereniging, wat feitlik van die begin van die Regsfakulteit onder die regstudente bestaan het. Om hierdie vereniging meer omvattend te maak, sodat dit byvoorbeeld ook sport- en sosiale bedrywighede van regstudente kan beheer, is die vereniging in 1979 omgeskep in Regstudentehuis, ook met 'n huiskomitee, ens.

Die huisblad word genoem *De Facto* na aanleiding van *De Jure*, wat die naam van die Regsfakulteit se blad is. Die gelukbringer heet Fulminiculus, die klein bliksempie, wat voorgestel word as 'n mannetjie op 'n wolk wat met weerligstrale speel. Die embleem is Fiat Justitia.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

VII Sport

Die Plek van Sport aan die Universiteit van Pretoria

Sedert die ontstaan van die *Transvaal University College* in 1908 het sportbeoefening 'n integrale deel van die universiteitslewe gevorm. In dié opsig het studente-aktiwiteite nie verskil van dié aan ander inrigtings nie. In die jongste tyd, veral sedert die sestigerjare, het die belangrikheid van sport aan Suid-Afrikaanse universiteite toegeneem. Die klem het—ten regte of ten onregte—al hoe meer geval op sport*prestasies* in teenstelling met *sportdeelname*, en die status van universiteite is in groot mate verbind met die prestasies van hulle topsportlui. Dit is veral die geval by Afrikaanstalige inrigtings. Dit het daartoe gelei dat sport oorbeklemtoon word, soos gesien kan word in die werwing van belowende sportpresteerders en die metodes wat hierby aangewend word. Ook UP het die uitwerking van hierdie neiging nie vrygespring nie.

Op die meriete van die saak kan daar nie ingegaan word nie. Die feit bly staan dat waar 'n groot groep jongmense saamkom, 'n behoefte aan fisiese aktiwiteit ontstaan en dat dié behoefte ten beste deur sportbeoefening bevredig word. Elke universiteitsowerheid wat die belange van studente op die hart dra, sal hom daarvoor beywer om in dié behoefte te voorsien.

Daar word vandag algemeen aanvaar dat fisiese aktiwiteit vir 'n gebalanseerde en fisies gesonde mens nodig is. In 'n geïntegreerde opvoedingsprogram, wat ingestel is op die totale ontwikkeling van die mens, moet daar vir fisiese naas intellektuele ontwikkeling voorsiening gemaak word. Die universiteit moet, as opvoedkundige inrigting, hiermee rekening hou deur die nodige fasiliteite beskikbaar te stel en deur 'n infrastruktuur en fondse te verskaf.

Wat fisiese ontwikkeling betref, kan sport 'n belangrike bydrae lewer. Dit geld sowel vir formele, kompeterende sport as rekreatiewe sport. Daarby het sport ook waarde deurdat dit positiewe karakter- en persoonlikheids-, morele, sosiale en emosionele vorming ondersteun. Juis waar die universiteit normaalweg met die meedeel van kennis, in teenstelling met lewenswysheid, besig is, bied sport 'n uitmuntende geleentheid hiervoor. Studentesport, as een van die belangrikste nie-akademiese studente-aktiwiteite, kan 'n belangrike rol speel in die voorbereiding van studente vir die volwasse lewe.

Die gevaar bestaan natuurlik, soos hierbo gesê, dat nie-opvoedkundige motiewe 'n vastrapplek kan kry in verband met die bevordering van sportdeelname aan die universiteit. Dit kan byvoorbeeld bloot gaan om die aanmoediging van sportprestasie ter wille van die status van die universiteit en die wenfaktor kan in dié proses oorbeklemtoon word.

Die beste antwoord wat die Universiteit van Pretoria hierop kan gee, is die groot persentasie aan sportdeelname deur sy studente. In die 16 jaar tot 1974 was die gemiddelde persentasie aan deelname 23%. Deur deelname en die beskikbaarstelling van fasiliteite te bevorder het dié syfer in 1980 aangegroei tot 28,16%. In 1981 was daar nie minder nie as 8 386 studente—meer as die helfte van die totale studentegetal—by die 31 sportklubs van die Universiteit geregistreer. Hierdie hoë deelnameregistrasie toon dat dit by die Tukkies in die eerste plek om deelname gaan en nie om topprestasies te lewer nie. Indien sommige deelnemers uitstyg en in dié proses vir die Universiteit lof verwerf, is dit 'n bonus wat met grasie aanvaar kan word.

Dit is ongelukkig so dat topprestasies die meeste publisiteit kry en dat die aktiwiteite van die massa gewoonlik op die agtergrond bly. In die verhaal van die verskillende sportklubs wat hierna volg, sal daar hoofsaaklik van prestasies verneem word. Dit is nie omdat daar noodwendig meer waarde hieraan as aan die aktiwiteite van die massas geheg word nie. Die rede lê eerder in die aard van die bronne. In dié bronne word daar gewoonlik net prestasies opgeteken, sodat dit noodwendig in die rekonstruksie van die sportgeskiedenis 'n prominente plek moet beklee.

Hierbo is daar verwys na die aanmoediging van sportprestasie en die werwing van sportlui deur universiteite. Die Universiteit van Pretoria kon verwikkelinge op hierdie gebied nie ignoreer nie, met die gevolg dat daar sedert die sewentigerjare maatreëls hiervoor getref moes word. Reeds in 1969 het die Beurse- en Leningskomitee besluit dat erkenning aan buitengewone sportprestasies gegee sou word, maar dat die Universiteit nie regstreekse sportbeurse toeken nie. Aanvanklik is vier verdienstelikheidsbeurse van R300,00 elk per jaar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

goedgekeur. Van 1972 af is ses beurse van R350,00 per jaar beskikbaar gestel. In 1975 is die getal beurse uitgebrei na twaalf en in 1977 na 24 per jaar, alhoewel die bedrag per beurs op R350,00 bly staan het.

Die toekenning van die beurse het op die grondslag van sportprestasie plus akademiese prestasie geskied. Sowel skoliere as studente aan die Universiteit kon vir die toekenning van die beurse in aanmerking kom. Die regulasies vir die beurse het bepaal dat beurse in beginsel nie aangebied kon word met die doel om sportlui te werf nie. In hierdie opsig het die Universiteit van Pretoria 'n konserwatiewer beleid as ander inrigtings gevolg. In die praktyk het dit daarop neergekom dat 'n sportpresteerder eers by die Universiteit moes inskryf voordat 'n merietebeurs aan hom toegeken kon word.

'n Belowende hoërskoolsportpresteerder het slegs vir 'n beurs in aanmerking gekom wanneer hy reeds as student aan die Universiteit van Pretoria ingeskryf was—die beurs kon nie aan hom aangebied word om hom as student vir die Universiteit van Pretoria te "werf" nie.

Hierdie beurse het nooit as "sportbeurse" bekend gestaan nie, maar as Verdienstelikheidsbeurse (Kategorie IV). Dit het onder die Beurse- en Leningskomitee van die Administrasie geressorteer. Een van die voorwaardes verbonde aan die beurse was dat die beurshouer gedurende die akademiese jaar 'n teenprestasie moes lewer deur gemiddeld drie uur per week diens te lewer wat verband hou met die sportsoort wat hy beoefen. Aanvanklik is hierdie beurse slegs aan die beoefenaars van individuele sportsoorte toegeken, maar in 1975 is daar besluit dat deelnemers aan spansportsoorte ook daarvoor in aanmerking kon kom.

In Junie 1977 het die direkteur van die Sportburo, mnr. Hugo Olivier, die hele aangeleentheid van kommersialisering in universiteitsport en die kwessie van "sportbeurse" in 'n memorandum behandel, en die wysheid van die Universiteit se bestaande beleid bevraagteken. Die Universiteit is, kortom, voor die keuse gestel of hy sy konserwatiewe beleid wil behou en wil toesien hoedat ander universiteite belowende sportlui voor sy neus wegraap, en of hy met hulle op 'n gelyke grondslag wou kompeteer. Dit kon alleen gedoen word deur "sportbeurse" toe te ken.

Die aanbevelings in mnr. Olivier se memorandum het tot 'n heroorweging van die Universiteit se beleid gelei. Die Raad het op 26 September 1977 'n paar belangrike besluite in dié verband geneem. Eerstens sou die bestaande beleid gewysig word deur—benewens die bestaande beurstoekennings in die vorm van Kategorie IV-verdienstelikheidsbeurse—voorsiening te maak vir finansiële steun aan belowende studentesportlui en voornemende studente. Dié finansiële hulp sou nie uit Universiteitsfondse of die staatsubsidie kom nie, maar wel van buite-instansies. Die toekenning van finansiële hulp sou deur die UP-Sportkomitee op aanbeveling van die direkteur van Sport geskied. 'n Ander belangrike besluit was om 'n addisionele pos van die begin van 1978 af aan die Sportburo in te stel. Die bekleër sou gemoeid wees met sportpromosie, fondsinsameling en borgwerwing. Oor die werk wat in dié verband verrig is, word in die afdeling oor sportbevordering berig. In die derde instansie is die beginsel aanvaar dat borge en skenkers toegelaat sou word om op die kampus en op motorvoertuie wat aan die Sportburo geskenk word, te adverteer. Om te verseker dat ontvangers van sporttoekennings nie bloot ter wille van sport aan die Universiteit inskryf nie, maar ook 'n bevredigende akademiese peil handhaaf, is daar verder bepaal dat die regulasie met betrekking tot die hertoelating van 'n student wat 'n studiejaar herhaal (Regulasie G.16), ook op die ontvangers van sporttoekennings van toepassing sou wees.

Om die nuwe beleid uit te voer, is die UP-Sportkomitee versoek om riglyne vir die toekenning van finansiële hulp aan sportlui voor te stel. In Junie 1978 het die direkteur van die Buro, mnr. Olivier, 'n memorandum hieroor voorgelê. Afgesien van dié riglyne, het hy ook hierin voorgestel dat die voorwaarde vir Kategorie IV-merietebeurse—wat diensure in die Sportburo vir ontvangers verpligtend maak—verval, aangesien dit in die praktyk uiters moeilik was om dié reëling konsekwent toe te pas. Die riglyne vir bykomende finansiële hulp aan belowende sportlui is opgestel ná verskeie samesprekings met die Rekenmeester en amptenare van die Beurse- en Leningskomitee, asook met die fondsinsamelingsafdeling van die Buro vir Openbare Betrekkinge.

In die riglyne is daar eerstens weer eens bevestig dat die toepassing van regulasie G.16 op ontvangers van "sportbeurse", inhou dat hulle volwaardig geregistreerde studente moet wees. Ook is daar aanbeveel dat die toekenning van sulke "sportbeurse" deur die UP-sportkomitee moes geskied—dus nie deur die Beurse- en Leningskomitee soos by ander beurse nie. Voorts moes die UP-sportkomitee noue oorleg pleeg met die Afdeling Beurse en Lenings van die Administrasie om enersyds vas te stel of 'n student wat vir 'n sportbeurs oorweeg word, nie ook vir ander beurse in aanmerking kom nie en, andersyds, om hom in staat te stel om 'n gesonde oordeel oor die grootte van die toekenning te vorm. 'n Verdere voorgestelde riglyn was dat die UP-sportkomitee alleen sou besluit of die sportprestasie van die student of voornemende student die toekenning van 'n beurs regverdig of nie. Laastens is daar aanbeveel dat die UP-sportkomitee—wat self die administrasie van die sportbevorderingsfonds hanteer—direk, deur middel van die Sportburo, die uitbetaling van toekennings moet behartig. Die Administrasie van die Universiteit sou dus hoegenaamd nie hiermee gemoeid wees nie.

In September 1978 is hierdie riglyne deur die Raad goedgekeur. Gevolglik is daar sedert 1979 bo en behalwe die 24 Kategorie IV-merietebeurse, ook toekennings uit die Sportbevorderingsfonds van die UP-sportkomitee aan sportpresteerders gedoen.

Daarbenewens het sekere sportklubs jaarliks beperkte bydraes uit klubtrustfondse aan belowende sportlui beskikbaar gestel. 'n Sportpresteerder kon uit enigeen van hierdie drie bronne, of selfs uit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Beurshouers saam met die Direkteur, Sportburo, in Februarie 1976.
V.l.n.r.: Alwyn Gerber (gimnastiek), Ina van Rensburg (atletiek), Sonja Germishuis (swem), Wilma Smit (tennis), mnr. Hugo Olivier (Direkteur, Sportburo), Pierre Spies (atletiek en rugby), De la Rey van Tonder (atletiek), Theodore van Rensburg (atletiek), Jan Horn (swem), Marna de Villiers (atletiek), Peter Störzner (swem), Pieter Swarts (gimnastiek), Afwesig: Hugo Myburgh (atletiek).

twee of uit al drie, toekennings in 'n bepaalde jaar ontvang. Die werwing vir al hierdie toekennings word via die sportbeamptes deur die adjunk-direkteur (Sportpromosies) verrig.

Benewens die bogenoemde drie soorte toekennings, kon sportpresteerders in aanmerking kom vir beurse deur private individue en ander instansies geskenk. Hieronder het in 1982 getel die Biedermannbeurs ter waarde van R500, die Albie Batesbeurs ten bedrae van R400, en 'n bedrag van R990 per jaar bewillig deur die Bond van Oudstudente. Ook die toekenning van hierdie hulptoekennings het onder die Sportburo ressorteer.

By al vier die bogenoemde soorte toekennings het akademiese prestasie as streng vereiste gegeld. Studente moes, afgesien van hulle sportprestasies, bevredigende vordering toon om by hernuwing in aanmerking vir 'n beurstoekenning te kom. Hierbenewens is daar nog steeds 'n konserwatiewe beleid gevolg, wat eerstens beteken het dat 'n gelyke verspreiding van beskikbare toekennings tussen alle sportsoorte gehandhaaf is, terwyl daar ook geen aktiewe werwing van sporttalent deur aanloklike beursaanbiedings was nie. Die laasgenoemde beginsel het steeds beteken dat 'n belowende sportpresteerder uit eie beweging na UP moes kom, en eers ná inskrywing vir 'n toekenning oorweeg kon word.

Hierdie toestand van sake is in Junie 1982 ernstig deur die Direkteur van Sport bevraagteken. Hy het daarop gewys dat UP 'n agterstand by ander hoër opvoedkundige inrigtings opgebou het, wat die werwing van sportpresteerders deur aanloklike beurstoekennings betref; die aanbieding van 'n skrale R350-merietebeurs was eenvoudig nie genoeg nie. Syns insiens moes die Universiteit sy standpunt oor die aanwending van sport as reklamemiddel hersien en die nodige erkenning verleen aan die prestigewaarde wat sport aan 'n inrigting bied.

In aansluiting by hierdie benadering het mnr. Olivier 'n aantal idees vir oorweging voorgelê. Eerstens moes die bedrag wat die Raad vir Kategorie IV-merietebeurse beskikbaar stel, baie ingrypend verhoog word. Tweedens moes die Afdeling Fondsinsameling van die Buro vir Openbare Betrekkinge—wat van die begin van 1982 af die verantwoordelikheid vir die insameling van fondse vir sport by die Sportburo oorgeneem het—jaarliks 'n groot bedrag vir sportbeurse beskikbaar stel. Voorts moes 'n beursfonds van R1 miljoen as mikpunt gestel word, en slegs die rente daarop moet vir sportbeurse aangewend word. 'n Baie belangrike aanbeveling was dat die prestigewaarde wat sekere sportsoorte bo ander vir universiteite inhou, aanvaar moes word. Daarop moes gekonsentreer word om beoefenaars van dié sportsoorte deur aantreklike beursaanbiedings na die Universiteit te lok. 'n Skedule is ook aan die hand gedoen vir die grondslag waarop beurse aan presteerders

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

op die verskillende vlakke (die nasionale, provinsiale en skolevlak) in bepaalde sportsoorte toegeken behoort te word. Laastens is daar aanbeveel dat van 'n student verwag moes word om slegs die nodige minimum akademiese prestasie te lewer om in aanmerking vir 'n beurstoekenning te kan kom, d.w.s hy moes in sy eksamen slaag en tot 'n volgende studiejaar bevorder word.

Dié voorstelle is daarna in beginsel deur die UP-sportkomitee goedgekeur. Die Sportkomitee het die uiteensetting van die verdeling van beurse bloot as 'n riglyn beskou wat jaarliks aangepas kon word. Wat die jaarlikse bedrag uit die Beurse- en Leningskomiteefondse vir kategorie IV-merietebeurse betref, was die komitee eenparig van mening dat dit heeltemal ontoereikend was. Voorts is die mening uitgespreek dat die werwing van skoolsportpresteerders besondere aandag moet ontvang, hoewel dit nie ten koste van reeds ingeskrewe studente moes geskied nie.

Die uiteinde van die saak was dat die Universiteitsowerheid vir 1983, bo en behalwe die kategorie IV-begroting, 'n bedrag van R15 000 aan die UP-sportkomitee beskikbaar gestel het vir sportbeurse volgens die voorgestelde riglyne. Hierdie nuwe bedeling het nie veel gehelp om in die vraag na sportbeurse te beantwoord nie. Afgesien van die R15 000, was die UP-sportkomitee aangewese op beurse wat deur private individue en instansies bewillig is, plus geld wat deur die Buro vir Openbare Betrekkinge verkry is. Die laasgenoemde bydrae het ver tekort geskiet van die mikpunt van R50 000. Gevolglik kon die UP-sportkomitee van die 235 aansoeke wat vir sporttoekennings vir 1984 ontvang is, slegs 139 keur—en selfs dan sou die beskikbare fondse in minder as die helfte se behoeftes voorsien.

Gevolglik het die topbestuur in November 1983 besluit om die bedrag vir sportbeurse vir 1984 met R50 000 na R65 000 te verhoog. Hierdie reëling sou vir drie jaar geld, waarna dit heroorweeg sou word. Dié toekenning het voorlopig 'n einde aan die onsekerheid van die verlede gemaak, toe daar grootliks op borge en donasies staat gemaak moes word om beurse aan belowende sportlui te kon toeken. Dit het ook beteken dat die Buro vir Openbare Betrekkinge vrygestel is van sy vroeëre onderneming om jaarliks R50 000 vir sportbeurse in te samel. Nietemin het die Buro nog bydraes gemaak in die vorm van geld wat verkry is uit funksies deur hom gereël, byvoorbeeld die Tukkiegholfdag.

Van 1983, en veral 1984, af was die sportkantoor in staat—om die Direkteur van Sport se woorde te gebruik—om "met selfvertroue uitsoeksportlui vir UP te kan werf wetende die fondse is beskikbaar om so met 'n groter mate van sukses die stryd teen die ander inrigtings aan te pak".

Die Administrasie, Organisasie en Bevordering van Sport

Die Sentrale Sportkomitee lui 'n nuwe era in

In 1957 het sport aan die Universiteit van Pretoria 'n nuwe era betree met die instelling van die Universiteit van Pretoria-sportkomitee (UPS). Vir die eerste keer is alle georganiseerde studentesport hiermee op 'n behoorlike gekoördineerde grondslag geplaas. Afgesien van die beheer oor georganiseerde sport, sou UPS ook verantwoordelik wees vir die bevordering van massadeelname aan sport en vir die aktivering van universiteitspersoneel sowel vir hulpverlening met die administrasie as die afrigting van sport.

Hierdie komitee sou bestaan uit vyf personeellede deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die rektor aangewys, en drie studentelede benoem deur die Sentrale Studenteraad. Teen 1982 het die samestelling van die UP-Sportkomitee reeds 'n verandering ondergaan. Die vernaamste verskil was dat die studenteliggaam groter verteenwoordiging ontvang het, deur die insluiting van die Voorsitter van die Sentrale Studenteraad en sewe ander studentelede wat jaarliks deur die Sentrale Studenteraad aangewys word. Die lede het jaarliks uit hulle eie geledere 'n voorsitter gekies. Die eerste voorsitter was dr. C. van der Merwe Brink van Oktober 1957 tot Februarie 1959. Daarna was dit prof. H.L. Gonin (Februarie 1959 tot Augustus 1965); prof. D.J. Swiegers (Augustus 1965 tot Oktober 1967); prof. F.C. Eloff (Oktober 1967 tot Oktober 1971); prof. C.F. Nieuwoudt (Oktober 1971 tot Oktober 1973); prof. J.L. Botha (Oktober 1973 tot Oktober 1975). Prof. C.F. Nieuwoudt het 'n tweede termyn as voorsitter gedien van Oktober 1975 tot Oktober 1976. Prof. Swiegers is daarna weer tot voorsitter gekies en hy het dié amp beklee tot met die ontbinding van die komitee aan die einde van 1983. Dit is toe deur 'n Sportadvieskomitee vervang, waarvan die samestelling daar ietwat anders uitgesien het.

UPS moes uiteraard ook 'n sekretaris hê en op sy eerste vergadering van 18 Oktober 1957 is mnr. J.H. Lombard tydelik in dié hoedanigheid benoem. Op 1 Februarie 1958 is mnr. F.J. Senekal permanent-voltyds as sekretaris aangestel. Dit was die eerste voltydse aanstelling in belang van sportadministrasie aan die Universiteit van Pretoria. Die benaming van die pos was aanvanklik Sportsekretaris, maar dit is later na Sportbeampte verander.

Dit was spoedig duidelik dat dié een voltydse pos onvoldoende was om die administratiewe werk van sport te behartig. Daarom is daar in 1960 'n tikster-klerk aangestel en in 1964 is 'n tweede klerklike pos geskep. As gevolg van verdere vertoë, wat veral deur die Rugbyklub gerig is, is daar in Januarie 1966 'n pos van assistent-sportbeampte tot die diensstaat toegevoeg. Mnr. Robert Denton was die eerste bekleër van dié pos. In belang van damesport is daar in 1970 'n pos van organiseerder van damesport ingestel. Die grootste deurbraak was die instelling op 1 Julie 1974 van die pos van direkteur van Studentesport. Hierdie nuwe verwikkeling het 'n tydperk van skouspelagtige vordering op sportgebied ingelui.

In 1960 is daar as deel van die Universiteit se halfeeufeesviering 'n wintersportsaamtrek gehou, waaraan 453 studente van al agt blanke universiteite in Suid-Afrika deelgeneem het. In 1964 is twee trofeë ingestel—een vir dames en een vir

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

mans—om sportdeelname op Huisvlak aan te moedig. Dit sou toegeken word aan die Huise wat in die voorafgaande jaar die grootste persentasie deelnemers aan georganiseerde sport gelewer het. Sonop en Asterhof, met persentasies van onderskeidelik 76 en 52, was die eerste houers van die twee trofeë.

In 1964 is daar besluit om medaljes toe te ken aan studente wat vir erekleure in aanmerking kom. By die jaarlikse onthaal wat in Oktober daardie jaar hiervoor gehou is, is bronsmedaljes aan 55 sportlui oorhandig. In 1969 is daar besluit om die aansporing te vergroot deur voortaan brons, silwer en goue medaljes onderskeidelik toe te ken aan persone wat vir die eerste keer erekleure ontvang, vir 'n tweede of verdere keer vir erekleure in aanmerking kom, en wat Suid-Afrika op sportgebied verteenwoordig het. Die onthaal wat hiermee gepaard gegaan het, het mettertyd tot een van die grootste prestigegeleenthede van die jaar op die kampus gegroei.

In 1960 het die Universiteit deel gehad aan die stigting van 'n Sportraad vir Suid-Afrikaanse Universiteite, toe prof. H. Gonin 'n vergadering hieroor in Bloemfontein bygewoon het. Omdat die Sportraad nie oor 'n voltydse sekretaris sou beskik nie, het UPS in Mei 1961 besluit om as sy bydrae tot die vestiging van dié raad, die dienste van mnr. F.J. Senekal vir een jaar gratis aan die liggaam beskikbaar te stel.

Die bestaan van UPS het dit ook moontlik gemaak om sportprestasies van universiteitstudente wat andersins haas ongemerk sou verbygegaan het, onder die aandag van die studentemassa te bring. Teen 1964 kon die aandag byvoorbeeld gevestig word op sportmanne wat in die voorafgaande paar jare Springbokkleure verwerf het. Vir jong eerstejaars was die aanhoor van name soos Ernst Dinkelmann, Dudley Meyer, Hannes Botha, Elfranco Malan, Charles Minnaar, Allan Brown en Kalie Botha 'n ware besieling.

Omdat die UPS terdeë bewus was van die waardevolle diens wat personeellede in die administrasie en afrigting van sport lewer, is daar besluit om ook hieraan erkenning te verleen. Gevolglik is daar sedert 1962 gereeld 'n jaarlikse onthaal aangebied aan personeellede wat aktief by sport ingeskakel is. In 1964 is daar besluit om aan personeellede wat vir minstens vyf jaar ononderbroke op een of die ander wyse by sport betrokke was, 'n eretoekenning te maak. In 1965 kon die eerste twaalf toekennings gemaak word—agt vir rugby, twee vir atletiek en een elk vir stoei en swem. Die erekleure bestaan uit die gewone UP-sporterekleurbaadjie met dié verskil dat die sportsoort se naam onder die wapen met die woord "Eretoekenning" vervang word.

In 'n poging om te sorg dat skoolverlaters gemotiveerd hulle opwagting by die Universiteit maak, het UPS van 5 tot 8 April 1971 'n kursus vir seuns in atletiek, krieket, rugby, swem, gimnastiek en tennis aangebied. Die kursus is deur 296 seuns en 34 onderwysers van 39 skole bygewoon.

Vooruitgang onder die leiding van die sportdirektoraat sedert 1974

Die nuwe sportbedeling wat in 1974 aangebreek het, was die gevolg van heelwat studie en van memoranda wat onderskeidelik deur UPS, prof. Hannes Botha, hoof van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde, die VSR, prof. Charles Nieuwoudt as voorsitter van UPS, en die Sportbeampte opgestel is. Uiteindelik is die aanbevelinge van prof. Botha deur UPS by die Raad aanbeveel wat dit in April 1974 goedgekeur het. Dit het daarop neergekom dat daar met ingang van 1 Julie 1974 'n pos van direkteur van Studentesport ingestel is. Voorts sou die outonomie van UPS gehandhaaf word en sou daar voortaan tussen die direkteure van Studentesport, Openbare Betrekkinge en die Studentediensburo, die Departement Liggaamlike Opvoedkunde en die Sentrale Studenteraad noue skakeling wees. Mnr. Hugo Olivier is van 1 Augustus 1974 af in die nuwe pos aangestel.

By die tweede vergadering van UPS wat mnr. Olivier op 16 Oktober 1974 bygewoon het, het hy 'n omvattende memorandum oor die toekomstige organisasie en administrasie van sport voorgelê. Dit is onverwyld aanvaar en vir verdere oorweging na die Raad deurgestuur.

Na oorweging van die voorstelle in die memorandum, het die Raad eerstens die personeelbegroting oorweeg. Vier poste van sportbeampte is met ingang van 1 Januarie 1975 goedgekeur en 'n verdere twee met ingang van 1 Januarie 1976. Op sy vergadering van 22 September 1975, het die Raad al die ander reorganisasievoorstelle goedgekeur. Dit kom op die volgende neer: 'n nuwe regle-



Mnr. J.H. Olivier, Direkteur, Sportburo sedert 1974.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ment vir UPS is aanvaar, waarin daar onder meer weggedoen word met die stelsel van plaasvervangende lede. Die ou benaming Sportkantoor word vervang deur Sportburo. UPS en die Sportburo sou voortaan direk onder die vise-rektor ressorteer om so direkte kommunikasie met die senaat te bewerkstellig. Drie bykomende bevorderingsposte is ook tot die diensstaat van die Sportburo toegevoeg. Verder is duidelik sportgerigte navorsing vir die Sportburo se personeel in noue samewerking met die Departement Liggaamlike Opvoedkunde goedgekeur. Laastens is die weg gebaan vir die formulering van 'n sportopleidingstaak vir die Sportburo, met as uiteindelike doel die instelling van 'n sportopleidingsinstituut.

Met die uitbreiding van die personeel van die Sportburo, het die huis in Tindallweg, waarin die Buro in 1974 gehuisves was, ontoereikend geword. Daarom is aangrensende woonhuise op die hoek van Tindall- en Duxburyweg beskikbaar gestel. Daarby is 'n statige herehuis in Duxburyweg met ingang van 1976 as klubhuis tot beskikking van die rugbyklub gestel. Die klubhuis is van die begin af onder die toesig en beheer van die direkteur van Sport geplaas en so ingerig dat dit ook deur al die ander sportklubs gebruik kon word.

Die ingrypende reorganisasie was die uitvloeisel van 'n totaal nuwe benadering van die plek en organisasie van sport as ekstrakurrikulêre aktiwiteit aan die Universiteit. 'n Gunstige klimaat is geskep waarin dinamies voortbeweeg en kreatief opgetree kon word.

Om die Sportburo en die UPS funksioneel doeltreffend te maak, is daar op die gebruiklike wyse voortgegaan om sportklubs met raad en advies by te staan, en om die sportterrein en ander fisiese geriewe te versorg en in die bes bruikbare toestand tot die beskikking van sportbeoefenaars te stel. Wat afrigting betref, is daar na deskundigheid gesoek, sodat die potensiaal van sportmanne ten volle ontwikkel kon word. Ook is die massa gemotiveer om aktief aan sport deel te neem, sodat die potensiaal op dié wyse geïdentifiseer kon word. Daar is verder gereeld by die owerheid inspraak gedoen om, na gelang van die behoefte, meer en beter fasiliteite beskikbaar te stel.

Ander terreine waaraan die Sportburo aandag gegee het, was dié van sportbeserings, finansiële hulptoekennings aan belowende studente, en sosiale verkeer. Wat die eersgenoemde betref, is daar verskeie pogings aangewend om op 'n vaste grondslag geneeskundige dienste langs die sportvelde, veral by kontaksport, beskikbaar te stel. Tot dusver kon nog slegs daarin geslaag word om die aanstelling van 'n deeltydse medikus te verkry, wat twee sessies per week op die sportterrein op diens is om die noodbehandeling van sportbeserings te behartig. Wat hulptoekennings aan verdienstelike studente betref, het die raad, na vertoë deur UPS, sy tradisionele beleid gewysig, sodat geld by buite-instansies ingesamel kon word om in die vorm van hulptoekennings aan verdienstelike studente beskikbaar te stel. Dit was 'n groot deurbraak, hoewel die suksesvolle deurvoering van die skema stuit op die voorkeur van potensiële borge om fondse verkieslik vir algemene sportbevordering beskikbaar te stel.

Wat sosiale verkeer betref is daar in 1974 'n besondere deurbraak gemaak. Ter wille van die samesnoering van deelnemers, afrigters en administrateurs het sosiale verkeer tot in daardie stadium min of meer informeel plaasgevind. Danksy onderhandelings deur prof. Hannes Botha in sy hoedanigheid as voorsitter van UPS, het die Standardbank van Suid-Afrika Beperk ingewillig om die jaarlikse afsluitingsdinee te borg. Teen 1981 het dié borgskap reeds R4 000 bedra. Die Standardbank het daarby ook aangebied om 'n jaarlikse merietetoekenning aan die beste sportman en sportvrou aan UP te maak. Dié toekenning bestaan uit twee 18-karaat goue medaljes, met die bewoording "Standard Bank Sporttoekenning" op die een aansig en op die ander "Universiteit van Pretoria Sportman/Sportvrou" met die jaartal en die naam van die ontvanger. Die toekenning word jaarliks sedert 1974 tydens die amptelike afsluitingsfunksie van die UP-sportkomitee deur 'n verteenwoordiger van die bank oorhandig.

Met hierdie toekenning is daar nuwe aansien en status aan sport verleen en 'n belangrike nuwe aansporing aan sportlui verskaf. In 1974 is Tonie Roux as Sportman van die Jaar aangewys. Hy was alreeds lid van drie Springbokrugbyspanne na die buiteland en het twee keer vir Suid-Afrika teen toerspanne gespeel. Hy het aan sewe toetswedstryde deelgeneem. Claudie van Straaten was die eerste vrou wat bekroon is. Sy was die houer van twee Suid-Afrikaanse en een Afrikarekord en het ook Suid-Afrika op 'n toer na Europa en Engeland verteenwoordig.

Hierdie besondere prestigemedalje is na 1974 soos volg toegeken:

1975: Pierre Spies (atletiek en rugby) en Sonja Germishuis (swem en netbal); 1976: Alwyn Gerber (gimnastiek) en Ina van Rensburg (atletiek); 1977: Suzette Jansen (swem) en Reinhard Schiel (atletiek); 1978: Kathy Myburgh (gimnastiek) en Anton van Niekerk (swem); 1979: Kathy Myburg (gimnastiek en Naas Botha (rugby); 1980: Marna de Villiers (atletiek) en Naas Botha (rugby); 1981: Johan Marais (rugby) en Leonie Gouws (atletiek); 1982: Johan Fourie (atletiek) en Suzette de Villiers (judo).

Toe die Sportburo oor 'n personeel van tien vakkundige beamptes beskik het, is daar geoordeel dat kompeterende sport in goeie hande was en dat daar voortaan meer aandag gegee kon word aan sport waarby die massa betrek word. Hiervoor is daar verskeie projekte aangepak. Fiksheidsklasse is saans in die dameskoshuise aangebied. Van die begin af het ongeveer 250 dames hieraan deelgeneem. Die Lentedagsportprogram is ook heeltemal gewysig om deelname deur die grootste getal studente moontlik te maak. Die deelnamesyfer het dan toegeneem van 'n onbeduidende getal voor 1974 tot 900 in 1975 en nagenoeg 1 500 in 1981.

In 1977 is daar besluit om sport op 'n massagrondslag te bevorder deur die verskillende Huise in 'n marathonswemaflos, wat oor ses uur strek, te laat deelneem. Spanne moes borge teen R0,10 per

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sedert 1977 is groot klem op massa-sportdeelname geplaas. Hier neem sowat 2000 Tukkies in Junie 1978 aan 'n pretdraf van sewe kilometer deel.

lengte werf, en die geld wat op dié wyse ingesamel is, sou aan die Suiderkruisfonds geskenk word. Die eerste swemmarathon is op 10 Maart 1978 gehou en 1 037 studente het daaraan deelgeneem. Die tweede marathon was op 9 Maart 1979, toe daar in die bestek van ses uur 519 meer lengtes as in 1978 afgelê is. Die marathon van 14 Maart 1980 het 'n nuwe rekord opgestel. Weens herstelwerk aan die swembad kon die jaarlikse swemmarathon nie in 1981 plaasvind nie, maar dit is in 1982 hervat.

Om die sport-vir-almal-veldtog te bevorder, is sporttrofeë—een vir mans en een vir dames—ingestel, waarvoor daar op 'n Huisbasis aan 'n vooraf bepaalde aantal sportsoorte meegeding word. Vir mans is daar aanvanklik sestien en vir dames twaalf sportsoorte aangewys, elkeen met sy eie bonuswaarde, wat 'n Huis toekom die oomblik dat hy aan 'n sportsoort deelneem. In die derde plek word daar aan die einde van die sportjaar punte toegeken vir die getal studente van elke Huis wat by die sportkantoor geregistreer is. Laastens word daar punte toegeken vir die aantal studente van elke huis wat aan verteenwoordigende sport deelneem, en wat daarom vir hierdie kompetisie nie vir hulle Huis beskikbaar kan wees nie.

'n Ander aspek van sportbevordering wat mettertyd aandag ontvang het, is dié van skakelwerk en fondsinsameling. Nadat samesprekings op hoë vlak plaasgevind het, is 'n pos van sportbevorderingsbeampte in 1978 ingestel en is die bekende Springbokatleet, mnr. Gert Potgieter, op 1 Mei daardie jaar as adjunk-direkteur (Sportpromosie) aangestel. Die instelling van dié pos het spoedig dividende gelewer deurdat UP-sport doeltreffender onder die aandag van die media gebring is, en deurdat beter kontak met skole bewerkstellig is, terwyl 'n hele aantal borge ook gewerf is om die steeds stygende koste van sportbeoefening te help dek.

Op mnr. Potgieter se aanbeveling, is daar besluit om drie sportmerietetoekennings in te stel wat nie Universiteitsgebonde sou wees nie. Die eerste daarvan verleen erkenning aan persone met 'n besondere sportprestasie op hoërskool, terwyl die tweede gaan aan 'n hoërskool wat sportprestasies van besondere gehalte lewer. Die derde, wat die Sportkomitee se hoogste toekenning is, is bedoel vir Suid-Afrikaners wat sportprestasies van besonder hoë internasionale gehalte lewer. Die eerste en tot dusver die enigste persoon wat die toekenning ontvang het, is Gary Player. Die toekenning is op 8 November 1978 in die foyer van die Aula aan Player oorhandig toe die Minister van Buitelandse Sake, min. Pik Botha, as geleentheidspreker opgetree het.

'n Verdere uitvloeisel van promosiewerk was die stigting van 'n Afrigtersvereniging om hulp aan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Gary Player ontvang sportmerietetoekenning, 1978.
V.l.n.r.: Prof. Daan Swiegers (Voorsitter van die UP-Sportkomitee), prof. E.M. Hamman (Rektor), dr. H. Muller (Kanselier), mnr. Gary Player, mnr. Pik Botha (Minister van Buitelandse Sake).

die afrigters van alle sportsoorte aan UP te verleen. Daarby word 'n Afrigtersbulletin sedert April 1979 gepubliseer. Meer as 900 Transvaalse skole ontvang die bulletin. 'n Wetenskaplike Sportadvieskomitee is ook in die lewe geroep, wat veral vir die Afrigtersvereniging van groot hulp is.

Wat die werwing van borge vir sportpromosie betref, is groot welslae al behaal. Vir die sportjare 1978/79 en 1979/80 was nie minder nie as 52 firmas of individue bereid om die een of ander aktiwiteit wat met sport in verband staan, te borg. Die totale waarde van borgskappe het R256 315 beloop en van hierdie bedrag was die promosiekantoor vir R155 715 verantwoordelik. In die jaar tot 30 September 1981 het die promosiekantoor borgskappe van 58 instansies ter waarde van R85 860 verkry, en die volgende jaar was die bedrag R58 404.

'n Laaste aspek van die Sportburo se werksaamhede wat vermelding verdien, is sportnavorsing en -opleiding. Van meet af aan is daar met die hoof van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde en sy personeel geskakel en is die personeel van dié Departement by sportnavorsingsaktiwiteite ingeskakel. Die eerste ondersoek wat op dié wyse plaasgevind het, het betrekking gehad op die sportbelangstellingsveld van nuwelingeerstejaarstudente. Interessante tendense in die rekreasiepatroon van die studente is vasgestel. Op grond van die resultate van die ondersoek is daar duidelike riglyne vir die Sportburo opgestel oor hoe sport- en rekreasiebevorderingsprogramme in die toekoms ingerig moes word.

Na die totstandkoming van die Instituut vir Sportopleiding en navorsing onder die vaandel van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde, is die betrokkenheid van die Sportburo in wetenskaplike navorsing daarheen oorgeplaas. Behalwe hulle aandeel in die een of ander navorsingsprogram, was die vakkundige personeel van die Sportburo sedert 1975 gereeld by opleidingsprojekte ten behoewe van Liggaamlike Opvoedkundestudente in die Instituut betrokke.

Die Beskikbaarstelling van Sportfasiliteite

'n Nuwe Sportbedeling op die Proefplaasterrein

Nadat die voorsiening van sportfasiliteite by die hoofkampus weens gebrek aan ruimte vir uitbreiding 'n versadigingspunt bereik het, het 'n heeltemal nuwe bedeling met die ingebruikneming van die L.C. de Villiers-sportstadion op 1 Junie 1959 aangebreek. In daardie stadium was sewe rugbyvelde reeds voltooi, waarvan een van omringende walle voorsien was. Aan die westekant van hierdie veld was daar 'n krieketovaal, met 'n sokker- en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



L.C. de Villiers-sportterrein ongeveer 1972, met die swembad in die voorgrond en die tennisbane, atletiekbaan, rugbystadion en krieketovaal in die agtergrond.

hokkieveld daarbinne. Tussen die omringde rugbyveld en die krieketovaal was daar 'n oop pawiljoen met sitplekke aan albei kante.

Die weg was nou oop vir die verdere ontwikkeling van hierdie pragtige landelike terrein. Een van die eerste dinge wat aandag gekry het, was die bedekking van die pawiljoen. In die loop van 1961 is dit teen 'n koste van ongeveer R9 000 van 'n dak voorsien. Om die benutting van die rugbyvelde te verhoog, is daar besluit om die hoofveld en twee bykomstige velde van elektriese beligting te voorsien. In 1963 is dié projek voltooi. Daarna het die verskillende sportsoorte se behoeftes sistematies aandag ontvang.

Rugby

Omdat die Rugbyklub se behoeftes die grootste was, is die voorkeur hieraan gegee. In 1966 is daar goedkeuring verleen vir die aanlê van ses addisionele velde. Dit is in pare gerangskik en twee-twee op dieselfde vlak uitgelê, sodat dit gedurende die somer ook as krieketvelde gebruik kon word. Toe daar in die loop van 1970 nog drie velde voltooi is, het dit die totaal op 16 te staan gebring. Omdat ruimte vir uitbreiding beperk geraak het, is daar in dié jaar besluit om nog vier velde van vloedbeligting te voorsien. Dit het die getal beligte velde tot sewe vermeerder.

Swem

Die bou van 'n swembad vir die Universiteit, wat baie dekades lank 'n ideaal gebly het, sou uiteindelik in 1968 'n werklikheid word. In 1964 het die Raad besluit om dit op die L.C. de Villiers-terrein te bou. Dit was miskien die moeite werd om so lank vir hierdie gerief te wag, want die vertraging het tot nuwe insigte gelei sodat 'n swembad van die hoogste gehalte voorsien kon word.

Die swembad, wat op 24 Februarie 1968 in gebruik geneem is, beantwoord aan olimpiese standaarde. Daarby voorsien dit kleedkamergeriewe aan 910 mans en 500 dames, met 'n bedekte pawiljoen met 1504 sitplekke bo-op die kleedkamers. Waterpolo kan oor die breedte van die swembad gespeel word. Daar is ook vir 'n verversingskiosk, 'n opsigterskantoor en 'n noodhulpkamer voorsiening gemaak. Die swembad is geskik vir onderwaterhokkie. Vloedbeligting is ook aangebring.

Atletiek

Tot 1958 was atletiek heel gelukkig op die kampus gevestig op 'n goeie grasbaan net suid van die Aula en die Klubsaal, waar die Amfiteater, Musaion en Toonkunsakademie tans staan. Teen Kersfees daardie jaar het vloedwater groot skade aan die baan aangerig. Hoewel die skade bevredigend herstel is, het dié beskadiging die gedagte aan 'n verskuiwing

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die Olimpiese-grootte swembad op die L.C. de Villiers-sportterrein.

laat ontstaan. Op 1 Februarie 1960 het die Sportkomitee die verskuiwing na die L.C. de Villiers-terrein in beginsel goedgekeur.

In die loop van 1960 is daar begin met die aanlê van die baan oos van die hoofrugbyveld, waar dit vandag nog is. Aan die begin van 1963 is die baan amptelik in gebruik geneem. In die loop van daardie jaar het die Raad besluit om 'n pawiljoen tussen die atletiekbaan en die hoofrugbyveld te laat oprig. Dit is op 14 Maart 1972 amptelik deur die rektor, prof. E.M. Hamman, geopen. Dit bied sitplekke aan 3 512 toeskouers langs die atletiekbaan, terwyl daar aan die agterkant 1 020 sitplekke vir rugbytoeskouers aangebring is. Kleedkamers met was- en stortgeriewe is voorsien, asook 'n kamer vir komitee- en onthaaldoeleindes, 'n verversingslokaal en 'n noodhulpkamer.

Hoewel die atletiektuiste hiermee voltooi is, en in 'n pragtige omgewing geleë is, het die baan self nog 'n grasoppervlak. In dié opsig is dit nog nie vergelykbaar met die bestes van sy soort by ander universiteite nie. Tukkie-atlete het dié voordeel dat hulle binne betreklik maklike bereik van die sintetiese baan op die Pilditchstadion in Pretoria is.

Tennis

Soos atletiek, was tennis ook 'n sportsoort wat 'n heel gerieflike bestaan op die kampus gevoer het. Teen die middel van die veertigerjare het ses tennisbane vir gebruik deur studente en drie vir personeel alreeds bestaan, en in 1956 is twaalf nuwe bane op die terrein van die huidige Administrasiegebou aangelê. Toe die bouprogram op die kampus die bane begin bedreig het, is daar berus by die besluit van die Boukomitee dat voldoende tennisbane op die L.C. de Villiers-terrein in die loop van 1964 gebou sou word. Aanvanklik is sestien bane gebou, maar nog twee is daarna bygevoeg om die totaal op 18 te staan te bring. Dié bane is op 1 Februarie 1966 vir gebruik oopgestel. Veertien bane is mettertyd tot beskikking van die studente gestel en vier vir die personeel. By agt bane is daar beligting aangebring, en in 1978 is vier oefenmure oos daarvan gebou. 'n Tennisklubhuis is reeds in 1972 voltooi en kort daarna ontspannings-, braai- en piekniekgeriewe vir personeel, teen 'n gesamentlike koste van ongeveer R70 000.

Krieket

Nadat die rugbystadion in 1959 ingewy is, was die uitleg van die krieketovaal die volgende projek wat by die L.C. de Villiers-stadion aangepak is. Toe die veld met die nodige kolfblaaie tot almal se bevrediging voltooi was, het die Krieketklub die owerheid versoek om 'n klubhuis aan die westekant van die veld te bou en onderneem om een derde van die koste self te dra. Die klub het ingestem dat die geriewe in die wintermaande ook deur ander sportsoorte, soos hokkie, gebruik mag

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

word. Die klubhuis is in 1970 teen 'n koste van R26 312 voltooi; hiervan het die Krieketklub ongeveer R7 000 bygedra. Die gebou het ook toiletgeriewe vir swart werkers bevat, waaraan daar in dié omgewing 'n groot behoefte bestaan het. Deur die aanwending van rugbyvelde met tussengeleë kolfblaaie gedurende die somermaande, is daar tans, afgesien van die hoofovaal, nog ses krieketvelde beskikbaar. Aan die noordwestelike kant van die hoofovaal is daar agt oefennette met weervaste blaaie en agt met grasblaaie aangelê.

Sokker

Sokker is die een sport wat maar 'n aspoestertjiebestaan aan die Universiteit gevoer het. Van al die klubs het sokker ook die langste op die sentrale kampus rondgeswerf. In 1966 is twee sokkervelde in die suidoostelike hoek van die L.C. de Villiersterrein aangelê. In 1978 is daar 'n nuwe sokkerveld gebou, sodat een van die bestaande velde in 'n hokkieveld omgeskep kon word. 'n Sokkeroefendoelarea langs die oostelike sokkerveld is in 1981 in gebruik geneem. Een van die sokkervelde is belig.

Hokkie

Weens die vinnige groei van die hokkieklub, het 'n byna chroniese gebrek aan geriewe mettertyd ontstaan. Twee hokkievelde is in die krieketovaal ingepas en 'n derde in die atletiekbaan. 'n Vierde veld het oos van die swembad bygekom, toe daar 'n reëling met sokker aangegaan is. Die beligting van al vier velde verhoog die benuttingswaarde daarvan.

Netbal, korfbal en basketbal

Hierdie drie sportsoorte het dit tradisioneel nie breed gehad nie. Met die aanvanklike beplanning van die L.C. de Villiers-terrein is voorsiening daarvoor gemaak dat vier netbalbane aangelê sou word, terwyl daar op 'n soortgelyke wyse 'n aantal grasbane aangelê is vir korfbal—'n sportsoort wat vandag eintlik nie meer beoefen word nie. Eers weer in 1978 is die bou van twee bykomende weervaste bane, een elk vir netbal en basketbal, goedgekeur. In 1980 is die geriewe verdubbel en 'n verdere twee bane is daarna gebou. Tans is daar ses bane tussen die krieketovaal en die hoofpawiljoen geleë.

Muurbal

Muurbal is een van die sportsoorte wat sedert die sestigerjare die vinnigste in gewildheid toegeneem het. Aan vertoë vir muurbalbane kon daar eers in die sewentigerjare aandag gegee word. Daar is besluit om ses bane naby die swembad te bou, waar die lawaai nie hinderlik sou wees nie, en waar daar van die bestaande kleedkamergeriewe gebruik gemaak sou kon word. Die bane het uiteindelik R182 324 gekos en is op 19 September 1975 deur die rektor, prof. E.M. Hamman, in gebruik gestel. Omdat die eerste ses bane heeltemal onvoldoende was, is daar in 1980 in beginsel besluit dat 'n verdere vyf bane opgerig moes word. Die uitvoering van dié projek hang af van die beskikbaarheid van fondse. Die muurbalbane is dié sportfasiliteit wat die beste benut word. Die ses bestaande bane word sowat 15 uur per dag beset en het meer as enige ander fasiliteit tot spontane rekreatiewe sportdeelname bygedra.

Bofbal

Bofbal het tot baie onlangs moeilik kop bo water gehou, omdat dit geen eie tuiste gehad het nie. 'n Versoek om 'n baan is in 1978 weens gebrek aan fondse van die hand gewys, maar in 1980 het die terreinpersoneel tog 'n veld teen 'n geringe koste aangelê.

Gholf

Weens die groot ruimte wat daarvoor nodig is en die hoë instandhoudingskoste, kon daar baie lank nie aan die behoeftes van gholfspelende studente voldoen word nie. Op 'n beskeie wyse is daar tog vir hulle voorsiening gemaak toe 'n oefenbof, 'n skoonveld van 300 meter en 'n sandkuil in 1980 aan die noordelike end van die sportterrein aangelê is. 'n Setperk is in 1981 hierby gevoeg.

Trimbaan

Namate trimoefenbane in die sewentigerjare gewild geword het, het daar ook hiervoor 'n behoefte by die Universiteit ontstaan. 'n Baan wat oor 'n afstand van 1,2 km strek, is gevolglik aangepak met fondse wat deur SANLAM beskikbaar gestel is. Die baan is op 13 Junie 1979 deur prof. H.P. van der Schijff in gebruik gestel. Dit is geleë op die oewer van die Hartebeesspruit, wat deur die L.C. de Villiers-terrein vloei.

Verdere ontwikkeling van die sportterrein

Dit het mettertyd duidelik geword dat daar nie onbepaald met die skep van meer geriewe voortgegaan kon word nie. In 'n poging om die gebruik van die bestaande geriewe verder te verhoog, is daar besluit om beligting aan te bring. Die gevolg is dat die volgende speelgebiede tans doelmatig verlig is : die hoofstadion en nog ses rugbyvelde, een sokkerveld, vier hokkievelde, twee weervaste netbalbane, twee weervaste basketbalbane, die atletiekbaan, agt tennisbane en die swembad.

Namate meer sportsoorte op die sportterrein 'n tuiste gevind het, het behoorlike toegangs- en verbindingspaaie en parkeerplek noodsaaklik geword. Wat toegang betref, was dit 'n lastige probleem dat die sportterrein slegs van Prospectstraat af bereik kon word. Terselfdertyd moes alle verkeer by dieselfde punt die terrein verlaat. Hierdie probleem is doeltreffend opgelos toe die Prospectstraatingang deur 'n U-vormige pad rondom die atletiekbaan met Burnettstraat verbind is. Dit het meegebring dat 'n brug in Burnettstraat oor die Hartebeesspruit gebou moes word. Met die voltooiing daarvan in 1979, het die verkeerspatroon op die sportterrein grootliks verander en baie veiliger geword. Wat parkeerfasiliteite betref, is daar ruim voorsiening

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

gemaak deur vyf verskillende parkeerterreine, wat altesaam parkeerplek aan sowat 1 500 voertuie bied.

Gedesentraliseerde sportgeriewe

Afgesien van die geriewe op die L.C. de Villiers-terrein, moes daar ook gedink word aan die behoeftes van studente wat nie binne bereik daarvan is nie. Die afgeleë Onderstepoort het die meeste aandag geverg. Mettertyd is die volgende geriewe daar aangebring: een gholfbaan van ses putjies, een sokker-/hokkieveld wat belig is, een rugbyveld met beligting, een krieketveld, vier graskrieketnette en twee weervaste tennisbane met beligting. Verspreid oor die verskillende dameskoshuise, is daar nog vier tennisbane, twee oefenmure vir tennis en een swembad.

Twee sportklubs met besondere behoeftes, waarin nie op die sentrale sportterrein voorsien kon word nie, was die Roeiklub en die Valskermklub. Die Roeiklub se probleme is opgelos toe UPS die nodige geriewe by Roodeplaatdam gehuur het en vir die Valskermklub is die nodige reëlings met die Wonderboomlughawe getref. Tans oefen die kanovaarders ook op die Paul van Zyldam langs die nuwe binnenshuise sportsentrum.

Binnenshuise sportsentrum

Hoewel die L.C. de Villiers-terrein in 'n pragtige en voortreflike kompleks ontwikkel het, is daar oor die jare, met die uitsondering van muurbal, slegs geriewe vir buitenshuise sportsoorte voorsien. Baie jare lank is sy geriewe met groot welwillendheid deur die Departement Liggaamlike Opvoedkunde vir die beoefening van binnenshuise sportsoorte beskikbaar gestel. Dié Departement het slegs oor vier oefenlokale beskik, wat in die eerste instansie vir die praktiese opleiding van sy eie studente gebruik moes word, en in die tweede instansie vir die na-uurse beoefening van binnenshuise sport. Weens die besetting van dié fasiliteite deur praktikaklasse gedurende die dag, kon sportaktiwiteite eers na 17h00 bedags begin. Bowendien moes nege verskillende binnenshuise sportsoorte in die beperkte tyd van die geriewe gebruik maak, nl. boks, basketbal, gimnastiek, judo, karate, skerm, stoei, tafeltennis en pluimbal.

Teen die middel van 1977 het gemiddeld 431 studente van die verskillende binnenshuise klubs reeds die geriewe daagliks gebruik. Die gevolg was 'n oorbesetting van die gebou tussen 17h00 en 20h00. Geen verdere uitbouing van die sportklubs kon onderneem word nie, en die moontlikheid is selfs oorweeg om die klubs se ledetalle te beperk. Hierdie omstandighede het neergekom op 'n ernstige knelpunt in die verdere uitbouing van sport en fisieke rekreasie sowel vir die topsportlui as die breë massa. In samehang hiermee, moes daar erken word dat die bestaande gebou van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde vir akademiese opleidingsdoeleindes onvoldoende was. Dit het die dringende behoefte aan 'n binnenshuise sportkompleks onderstreep.

In 1972 het die Universiteitsraad reeds dié behoefte erken. Daar is egter beklemtoon dat 'n geldtekort die voorsiening van so 'n sentrum in die afsienbare toekoms onmoontlik gemaak het. Intussen is daar egter besluit om, met die oog op die toekomstige beplanning daarvan, 'n behoefteskedule vir 'n sportsentrum op te stel. Hiervoor is alle belanghebbende instansies geraadpleeg.

Teen 1977 was die ekonomiese klimaat nog nie na wense nie. In Augustus daardie jaar is 'n bevorderingskomitee aangewys om aan die finansiering van die gebou aandag te gee, en is daar terselfdertyd besluit om inmiddels met die detailbeplanning van die sportsentrum voort te gaan. Aangesien die boukoste toe alreeds op nagenoeg R3 miljoen beraam is, en die Universiteit 'n aansienlike bydrae sou moes maak, was finansiering 'n ernstige probleem. Dit was gevolglik welkome nuus toe die Rembrandt-groep van maatskappye vroeg in 1978 aangebied het om R300 000 tot die koste by te dra.

In Julie 1980 het die Departement van Nasionale Opvoeding op sekere voorwaardes toestemming verleen dat die Universiteit mag voortgaan met die oprigting van die sportsentrum. In hierdie stadium het die verwagte koste reeds op R6 366 100 te staan gekom. 'n Tender van die firma Berghout en Rouvoet is aanvaar. Die firma Von Willich en Vrba is as raadgewende meganiese ingenieurs aangewys en die firma Bruinette, Kruger en Stoffberg as strukturele ingenieurs. Dié sentrum is deur die onderneming Brian Sandrock Argitekte ontwerp.

Die voltooiingsdatum volgens die kontrak was Desember 1982. Die sooispitseremonie is op 18 Augustus 1980 deur die rektor, prof. E.M. Hamman, waargeneem. Reeds in 1975 is daar besluit dat die geskikste terrein vir die sportsentrum die westelike gedeelte van die Proefplaas tussen die sportterrein en die manskoshuisterrein sou wees. 'n Bevredigende reëling is met die Dekaan van die Fakulteit Landbouwetenskappe getref vir die vervanging van die sowat 20 ha met 'n ander terrein.

Die sportsentrum bestaan uit 'n sirkelvormige konstruksie waarin die sentrale gedeelte beslaan word deur 'n veeldoelige saal van meer as 1 000 vk meter. Hierdie saal word deur die Departement Liggaamlike Opvoedkunde en deur sportklubs gebruik vir die beoefening van pluimbal, netbal, basketbal, vlugbal, skerm en trampolien. Die saal, wat 2 600 pawiljoensitplekke en 'n balkon vir vername gaste bevat, leen hom uitstekend vir toernooie in sportsoorte soos gimnastiek, tafeltennis, judo, karate, stoei, boks en gewigoptel. Rondom die hoofsaal is daar afsonderlike lokale geleë vir boks, stoei, judo, karate, gimnastiek, ballet en fiksheidsklasse. Daarby kom ook 'n kraggimnasium en 'n roeitenk vir kanovaarders. Elders in die sentrum is daar ontspanningsruimtes ingerig, waar tafeltennis, snoeker, veerpyltjies, ens., gespeel kan word. In 'n sit-leeskamer kan tydskrifte wat oor sportaangeleenthede handel, geraadpleeg word. Verder is voorsiening gemaak vir komiteekamers, kantore, kleedkamers en voldoende bergingsruimtes. 'n Kafeteria en 'n verversingstuin vir 700 persone sorg vir die inwendige mens. 'n Binnenshuise swembad is ook ingesluit; die water daarvan is verhit.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die totale area van die sentrum beslaan meer as 9 000 vk meter.

Die sentrum is amptelik op Vrydagaand 21 Oktober 1983 deur die rektor in gebruik gestel.

Hierdie nuwe prestigesportsentrum plaas die Universiteit van Pretoria in 'n toonaangewende posisie by die onderrig van studente in Liggaamlike Opvoedkunde, die beoefening van binnenshuise sport en sportnavorsing. Die geriewe is van die modernste wat beskikbaar is. So is die swemergometer in die kompleks, wat vir die bepaling van swemprestasie gebruik word, die eerste apparaat van sy soort in die suidelike halfrond. Met hierdie tipe moderne geriewe en toerusting behoort die Universiteit van Pretoria 'n belangrike bydrae op sportgebied in Suid-Afrika te kan lewer.

Die belegging in sport

Die voorsiening van al die sportgeriewe wat hierbo genoem is, is vanselfsprekend 'n duur belegging. Die waarde van die grond wat daarvoor aangewend is (73 ha plaasgrond konserwatief op R2 000 per ha bereken), die ontwikkeling van die velde, die oprigting van geboue en strukture, die voorsiening van 'n toegangsbrug, paaie en parkeergeriewe, en die koste van die kantoorakkommodasie in Duxburyweg kom altesaam op ongeveer R2 000 000 te staan. Voeg daarby die koste van die nuwe sportsentrum, en die totaal wat aan sportgeriewe bestee is, beloop ongeveer R8 500 000.

Op die oog af is dit 'n geweldige bedrag vir 'n akademiese inrigting soos die Universiteit van Pretoria om aan sportgeriewe te bestee. Indien dit geplaas word teenoor die totale besteding van die Universiteit se akademiese geriewe soos doseer- en kantoorruimte en navorsingsgeriewe, word die regte perspektief daaraan verleen.

As die registrasiegetalle per sportklub vir die sportjaar Oktober 1981 tot September 1982 hieronder bestudeer word, en die totaal van 9 172 sportbeoefenaars word in aanmerking geneem, kan daar begryp word waarom so 'n groot belegging in sportgeriewe nodig geword het. Die totaal van 9 172 sportbeoefenaars verteenwoordig nagenoeg 55% van die totale studentegetal.

Registrasiegetalle per sportklub 1981/82

1.	Muurbal	2 225
2.	Tennis	1 350
3.	Rugby	1 100
4.	Atletiek	550
5.	Swem	460
6.	Netbal	356
7.	Basketbal	335
8.	Dameshokkie	335
9.	Pluimbal	282
10.	Sokker	270
11.	Krieket	240
12.	Landloop	220
13.	Manshokkie	190
14.	Valskermspring	180
15.	Kanovaart	140
16.	Bofbal	120
17.	Skaak	114
18.	Gholf	100
19.	Onderwatersport	100
20.	Tafeltennis	75
21.	Seiljagvaart	70
22.	Karate	60
23.	Fietsry	60
24.	Skerm	52
25.	Waterpolo	50
26.	Judo	50
27.	Gimnastiek	35
28.	Roei	30
29.	Stoei	23
	Totaal	9 172

Dit is ook insiggewend dat, terwyl die studentegetalle van 1979 tot 1982 feitlik konstant gebly—en selfs 'n klein daling getoon het van 16 584 tot 16 380—die getal sportdeelnemers 'n styging van 901 toon. Die statistiek is:

	Studentetal	*Sportdeelnemers*
1979	16 584	8 271
1980	16 656	8 697
1981	16 512	8 386
1982	16 380	9 172

Hierdie toename in sportbeoefening dui ongetwyfeld op 'n toenemende behoefte aan die soort rekreasie wat sport bied.

Tukkiesportklubs

'n Doeltreffende sportadministrasie en doelmatige sportfasiliteite word in die belang van sportbeoefenaars beskikbaar gestel. Daarom moet die verhaal van die verskillende sportklubs waarin die beoefenaars georganiseer is, per slot van rekening die hoofbestanddeel van die Universiteit se sportgeskiedenis uitmaak. Die volgorde waarin die klubs bespreek word, word bepaal deur die getal beoefenaars in 1982. Daarom sal sportsoorte wat dikwels die meeste publisiteit ontvang, nie noodwendig so vroeg aan die beurt kom as verwag kan word nie. Registrasiesyfers verskaf onweerlegbare statistiek van studentedeelname. Alhoewel 'n groot ledetal in 'n bepaalde sportsoort nie noodwendig 'n hoë persentasie deelname aan mededingende sport inhou nie, is deelname uit 'n rekreatiewe en fiksheidsoogpunt van die opperste belang.

In hierdie stadium is dit miskien gepas om iets oor klublidmaatskap te sê. Dit is 'n kwessie wat soms omstrede geraak het, veral sedert die sewentigerjare, toe beskuldigings dikwels teen universiteite gemaak is dat hulle lede in hulle sportspanne insluit wat nie werklik studente is nie. Ook die Universiteit van Pretoria was soms die skyf van sulke beskuldigings. As gevolg hiervan, en omdat 'n amptelike beleid in die verband vanselfsprekende voordele inhou, het die UP-sportkomitee die definisie van 'n bona fide-student aanvaar soos deur die Komitee van Universiteitshoofde geformuleer. Hierdie omskrywing lees soos volg:

"'n Bona fide-student is 'n persoon wat 'n kursus volg wat lei tot die uiteindelike verwerwing

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van 'n erkende graad, diploma of sertifikaat van 'n universiteit."

'n Student wat by die Sportburo as 'n sportdeelnemer registreer, moet sy registrasiebewys van die Universiteit toon. Op grond daarvan word hy as 'n bona fide student aanvaar en kwalifiseer hy om as 'n "spelende lid" van 'n sportklub deel te neem, d.w.s. iemand wat aktief aan 'n sportsoort deelneem, en wat nie as bestuurslid by 'n sportklub betrokke is nie.

Die UP-Sportkomitee het in 1977 die volgende definisie van 'n "spelende lid" as amptelike beleid aanvaar (omdat slegs bona fide studente spelende lede kan wees, kom die uitdrukking "spelende lid" nie in die definisie voor nie).

"'n Student is iemand wat by die Universiteit van Pretoria ingeskryf en geregistreer is en wat, nà die voorlegging van sy registrasiebewys by die Sportburo van die Universiteit as 'n lid van 'n sportklub geregistreer is. Hierdie reëling geld nie vir hospiterende studente nie". ('n Hospiterende student is iemand wat vir 'n kursus of kursusse inskryf en dit bywoon, maar wat nie toetse of eksamens daarin aflê nie.)

Hierby is verder gevoeg dat slegs studente vir die Universiteit se sportklubs mag speel en dat voltydse voorgraadse studente verplig is om vir die klubs deel te neem—dat hulle dus nie vir "oop" klubs mag meeding nie. Studente wat 'n vaste ooreenkoms met erkende instansies aangegaan het, is van dié verpligting uitgesluit. Vir die toepassing van hierdie reel word MB ChB-, BChD- en BVSc-studente se voorgraadse studie tot aan die einde van hulle internskap gereken. Wat die deelname van personeellede betref, mag uitsonderings op dié reel met skriftelike toestemming van die UP-sportkomitee gemaak word.

Hierdie definisie van 'n spelende lid—en wat daarmee saamhang—is daarop deur die Universiteitsraad amptelik vir die Universiteit aanvaar.

Muurbal

Die Muurbalklub, wat in 1961 gestig is, het binne 20 jaar die merkwaardige prestasie behaal dat dit meer geregistreerde lede as enige ander sportklub gehad het. Die skielike groei van die muurbalspelers se getalle nà die ingebruikneming van die bane in September 1975 is verbasend. In 1974 was die getal nog 29; in die sportjaar tot September 1977 was daar nie minder nie as 1 050! Hierdie fenomenale groei het meegebring dat die Muurbalklub die grootste bydrae van alle sportklubs tot die massadeelname van studente aan sport gelewer het. In 1982 kon die klub spog met 2 225 lede.

Hoewel die Muurbalklub aanvanklik nie sy eie bane gehad het nie, het hy daarin geslaag om in 1963 die eerste en tweede Noord-Transvaalse ligas te wen. Secci de Villiers en Brian Easton is gekies om in Desember daardie jaar as lede van 'n junior Springbokspan deur Engeland te toer.

Die toenmalige wêreldkampioen in muurbal, Geoff Hunt, besig met afrigting op die muurbalbane, 1978.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Bekende in muurbalkringe wat in die vroeë sestigerjare vir Tukkies gespeel het, is Dawie Botha, wat van 1965 tot 1973 Springbokkleure gedra het. Hy het in altesaam 67 toetse gespeel en was in 1967 die Suid-Afrikaanse kampioen. Tans is hy hoogleraar in Handelsreg aan UP.

'n Tydelike terugslag is ondervind toe die klub in 1971 verneem het dat dit nie meer van die Hillcrestklub se bane gebruik mag maak nie. Ten spyte van 'n swerwersbestaan het die klub tog daarin geslaag om goed te presteer. In 1968 reeds is Ingrid Potgieter die SAU-dameskampioen, die volgende jaar verwerf Stompie Lombard en Mike Potgieter Noord-Transvaalse kleure, en in 1971 wen die klub vir die eerste keer die intervarsity teen Wits.

'n Groot dag het aangebreek toe die ses pragtige nuwe muurbalbane op 19 September 1975 deur die rektor geopen is. Weldra het die Muurbalklub die grootste inskrywing van alle klubs gehad. Die instelling van 'n Huisliga het ook baie daartoe bygedra om die belangstelling in muurbal aan te wakker. Onderstepoort en Jasmyn was in 1976 die eerste wenners van onderskeidelik die mans- en damesafdeling. In dieselfde jaar wen Tukkies se dames die damesafdeling op die SAU-byeenkoms en mej. L. Holmes word Universiteitekampioene. Saam met haar word ook mej. M. van Wyk in die SAU-span ingesluit.

In 1977 haal R. Holmes en R. Halstead die Noord-Transvaalse manspan en mejj. Holmes, Van Wyk en A. Seegers die damespan. 'n Besoek aan die klub in 1978 deur die wêreldkampioen, Geoff Hunt, het 'n heilsame uitwerking gehad, want in dieselfde jaar wen die klub die Noord-Transvaalse mansliga. Tydens die SAU-byeenkoms daardie jaar wen Lorraine Holmes die damestitel. Weer word sy saam met haar teenstander in die finaal, Mariaan van Wyk, en haar broer, Reggie Holmes, in die SAU-span ingesluit.

In 1979 word Reggie Holmes met Springbokkleure beloon. In 1980 wen die manspan vir die eerste keer die SAU-titel en die damespan die Noord-Transvaalse damesliga. Die volgende jaar wen die damespan die Noord-Transvaalse winterliga, terwyl die mans die tweede plek behaal. Tukkies lewer ook die Noord-Transvaalse manskampioen in Reggie Holmes en die geslote dameskampioen, Mariaan van Wyk. Reggie Holmes word vir die SAU-span gekies en hy en Mariaan van Wyk verwerf Springbokkleure.

In 1981/82 vaar die Muurbalklub weer goed. UP A wen die eerste damesliga van Noord-Transvaal,



Die Tukkie-tennisspan wat in 1969 'n toer na Europa onderneem het.
Voor, v.l.n.r.: *T. du Plessis, M. Freese, dr. H. van der Merwe (toervader), mev. E. van der Merwe (toermoeder), M. Pretorius, I. Cuypers.*
Middel: *R. van Niekerk, I. Burger, S. Brummer, M. van Zyl.*
Agter: *B. Copley, G. Nel, L. Weirich, H. Olivier.*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

terwyl vier spelers A-spanne en vier B-spanne van Noord-Transvaal haal.

Prof. D.P. Knobel, wat sedert 1973 president van die klub was, is in 1980 deur dr. J. de Vries opgevolg. Mnr. Alan Colburn, die nasionale afrigter vir muurbal, het 'n paar jaar as buite-afrigter van die klub opgetree en 'n aantal klublede as afrigters opgelei.

Tennis

Teen 1960 was die Tennisklub die grootste sportklub aan die Universiteit. Hoewel dit sedertdien deur die Muurbalklub verbygesteek is, was dit nog steeds in 1982 die tweede grootste, met 1 350 geregistreerde lede.

Hierdie ryk oes aan spelers het baie uitstaande presteerders opgelewer. Hier kan slegs die belangrikste prestasies genoem word. In 1960 het die damestennisspan die SAU-kampioene geword en het Jean van der Merwe vir die derde agtereenvolgende jaar die SAU-damesenkelspeltitel verower. In dieselfde jaar verteenwoordig sy Noord-Transvaal op die Suid-Afrikaanse kampioenskappe.

In 1963 slaag Tukkies vir die eerste keer daarin om die Noord-Transvaalse gemengde dubbelspeltitel in te palm, terwyl Marie Fourie die damesenkelspelkampioen word.

Die oopstelling van die nuwe tennisbane op die L.C. de Villiers-terrein in Februarie 1966 het as 'n groot stimulus vir die klub gedien. Nie net het die getal deelnemers baie toegeneem nie, maar dit het ook 'n groot inspuiting aan interhuismededinging gegee. Na kwaai mededinging, wen Medies dié jaar die damesafdeling en die Ingenieurstudente die mansafdeling.

In Junie-Julie 1969 onderneem 'n span van ses mans en ses dames 'n klubtoer na Europa. Wedstryde word in Parys, Londen, Frankfurt, Rome en Madrid gespeel, en danksy die goeie spel van veral Tjaart du Plessis, Mynie van Zyl, Rina van Niekerk en Ilse Burger keer die span onoorwonne terug. In 1971 is dié kontak voortgesit toe Tukkies as gashere vir 'n Duitse span uit Frankfurt opgetree het.

Intussen het Tukkiespelers die hoogste sport bereik. In 1969 het Ruan Kruger junior Springbokkleure ontvang en in 1973 het Deon Joubert die Tukkies se eerste Tennisspringbok geword, toe hy sy land in die Davisbekerkragmeting teen Argentinië verteenwoordig het. In dié jaar behaal Tukkies se mans ook 'n wegholoorwinning op die SAU-byeenkoms. In 1975 het Wilma Smit Tukkies se tweede Tennisspringbok geword.

In 1974 is 'n tweede suksesvolle toer na Europa onderneem, toe die span vyf van die sewe wedstryde gewen het. Op interuniversitêre vlak het die tennisklub steeds goed gepresteer. Tydens die SAU-toernooi van 1977 het die mans eerste en die dames tweede geëindig, en in 1979 het die mans hulle prestasie herhaal. In 1981 is die bordjies verhang toe die dames 'n eerste plek en die mans 'n tweede plek behaal het. Dit was weer die stand van sake in 1982.

Rugby

Hoewel rugby slegs die derde plek volgens deelnemersgetalle beklee, was daar nogtans in 1982 'n indrukwekkende 1 100 spelers by die Rugbyklub geregistreer. Omdat rugby blanke Suid-Afrikaners se nasionale spel is, het hierdie sportsoort nog altyd die meeste belangstelling by die studente gewek. Ook van die publiek se kant af word die Universiteit se status op sportgebied, ten regte of ten onregte, grootliks aan die rugbyprestasies gemeet. Gelukkig vir die Universiteit, het hy sedert 1960 'n roemryke rekord op rugbygebied opgestel.

Die jaar 1960 het die Tukkiekaptein, Henry (Stoney) Steynberg, en dr. Daan Swiegers, wat 'n paar jaar lank reeds die afrigter was, bymekaar gebring. Onder hulle gesamentlike leiding het die eerste span in 'n gedugte kombinasie ontwikkel. In die loop van die 1960-seisoen het Tukkies in Windhoek afgereken met die span van Suidwes-Afrika en tydens 'n toernooi op Ermelo ook met die veelgeroemde Diggers. Om die kroon te span, word Tukkies in dié jaar ook medehouers van die Carltonbeker, saam met Weermag.

In hierdie jaar het die diepte van Tukkierugby daaruit geblyk dat altesaam 40 spanne aan veertien Noord-Transvaalse ligas deelgeneem het. Agt spanne het eerste plekke en vyf tweede plekke behaal. In dié jaar is Alan Miller en Oupa du Piesanie in die SAU-span ingesluit en het Anton Prinsloo 'n Junior Springbok geword.

In 1963 het Tukkierugby nuwe hoogtes bereik. Onder Oupa (Kerneels) du Piesanie se leiding wen die span die Carltonbeker en tien spelers speel vir Noord-Transvaal, terwyl Martin Grundling en Kerneels du Piesanie junior Springbokke word. In 1965 speel Oupa du Piesanie en Dries Pretorius vir die junior Springbokke. Aan die einde van 1966 kon die klub met drie trofeë spog: die Carltonbeker, die Noord-Transvaalse Presidentsligabeker en die SAU-reekstrofee. Boonop is Wits weer dié jaar vir die soveelste keer in die jaarlikse intervarsity geklop. Toe Dries Pretorius, Kerneels du Piesanie en Koos Meiring saam met die Gasellespan na Suid-Amerika vertrek, het die klub sy jaar op 'n hoë noot afgesluit.

In 1967 wen Tukkies weer eens die SAU-uitklopreeks en die daaropvolgende jaar lewer die klub twee Springbokke in Tonie Roux en Alan Menter. Nog was dit die einde nie, want in 1969 word die Carltonbeker weer Tukkiebesit en wen die span ook die SAU-reeks, terwyl Tonie Roux en Ronnie Potgieter vir die Springbokke speel.

Die jaar 1970 sorg weer eens vir groot prestasies: Tukkies skryf die intervarsity teen Wits en die SAU-kompetisie agter sy naam en lewer nog 'n Springbok in Johan Spies.

Mettertyd het die reserwekrag van Tukkierugby so sterk na vore getree dat die klub se tweede span maklik met sommige van die ander klubs se eerste spanne kon afreken. Om aan hierdie talent reg te laat geskied, word die tweede span in 1971 tot die Fezelas gedoop, en in 1978 word dié span tot die Carltonkompetisie toegelaat.

In die sewentigerjare gaan Tukkierugby van krag tot krag. In 1972 word die Carltonbeker die tweede

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

*1978 se eerste rugbyspan, wenners van die Carlton-beker en die Lucas Strachan-skild, van wie 10 lede later Springbokke geword het (met 'n * gemerk)*

Voor, v.l.n.r.: *Darius Botha*, Naas Botha*, Tjokkie van der Merwe, Pierre Peens.*

Middel: *Thys Burger*, Tommy du Plessis*, mnr. (tans prof.) K. Kemp (Bestuurder), Daan du Plessis* (kapt.), prof. D. Swiegers (President van die rugbyklub), Wynand Claasen*, dr. E. Dinkelmann (afrigter), Christo Wagenaar*, Ewoud Malan*.*

Agter: *Piet Smalberger, Jock Seeliger, Pierre Edwards*, Chris Faure, K. Coetzee, Jon Seeliger, J. Fick, Burger Geldenhuys*, F. van Wyk, Jan Oberholzer.*

agtereenvolgende jaar gewen. Dié seisoen tree Tukkies onoorwonne uit die stryd, met 'n rekordtotaal van 784 punte in veertien wedstryde. Ook die SAU-reeks word in dié twee jaar gewen. Tukkies verskaf ook drie Springbokke, Tonie Roux, Nic Bezuidenhout en Piet du Plessis, met Johan Spies as reserwe.

Nadat die Maties aanvanklik geweier het om aan die SAU-reeks deel te neem, is hulle in 1973 oorgehaal om jaarliks 'n wedstryd teen Tukkies te speel. Dié kragmeting het 'n uiters gewilde instelling geword en in 1976 op Loftus Versveld 'n skare van byna 40 000 gelok—'n rekord vir enige klubwedstryd. In die drie kragmetings tot 1975 het Tukkies opdraand gekry, met die rekord: verloor 14–3 (1973), gelykop 12–12 (1974) en verloor 26–16 (1975). Daarna het sake 'n wending geneem en het elke span jaarliks sy tuiswedstryd gewen. Die 1978-kragmeting het gesorg vir die oortuigendste oorwinning tot dusver oor die Maties: 20–9.

Intussen het die klub steeds sterker geword. In 1974 is die Vrystaatse Universiteit in 'n intervarsity goed geklop en het Tonie Roux en Nic Bezuidenhout weer Springbokke geword. Die jaar 1976 sorg vir 'n hoogtepunt toe Tukkies die nasionale klubkampioenskap wen. Daarby het hulle dié jaar die Maties met 18–7 die loef afgesteek, die Carltonliga gewen en die Lucas Strachanskild met Harlequins gedeel. In dié jaar is Tukkies ook deur Louis Moolman en Wynand Claassen verteenwoordig in 'n veelvolkige span wat teen die All Blacks uitgedraf het. Tukkies lewer ook 'n Springbok in John Williams, terwyl Daan du Plessis uitgenooi word om vir 'n wêreldvyftiental te speel tydens die herdenking van die Cardiffrugbyklub se 100-jarige bestaan.

Toe die Springbokke in 1977 met 'n wêreldspan kragte meet tydens die inwyding van die nuwe Loftus Versveld, het Daan du Plessis en Christo Wagenaar die groen-en-goud trui oor die kop getrek. Twee Tukkies, Ewoud Malan en Wynand Claassen, is vir die junior Springbokspan gekies. Die volgende twee jaar is daar nie Springbokspanne gekies nie, maar by die volgende geleentheid in 1980 haal vier Tukkies die Springbokspan: Naas Botha, Tommy du Plessis, Ewoud Malan en Daan du Plessis. In dié jaar was Darius Botha en Burger Geldenhuys junior Springbokke, terwyl H. van den Heever en B. Pienaar die Gasellespan haal. Die krag van Tukkierugby blyk daaruit dat die klub in die twintig jaar sedert 1960 nie minder nie as 176 spelers aan die Noord-Transvaalse span gelewer het!

Sonder sy twee Springbokke, Burger Geldenhuys en Johan Marais, wat die All Blacks en die betogers in Nieu-Seeland moes aandurf, verloor Tukkies in 1981 in die eindstryd om die Carlton-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Atletiekspan, 1963, wenners van Dalrymple-beker, Roger Dyason-skild en Douglas Dawson-beker.
Voor, v.l.n.r.: *W. Kröhne, I. Luyt.*
Middel: *C. Minnaar, dr. (later prof.) C.F. Nieuwoudt (Ondervoorsitter), S. Serfontein (kaptein), prof. H.L. Gonin (Voorsitter van die atletiekklub), L. Changuion, mej. P. Kruger (Sekretaresse), E. van Vuuren.*
Agter: *M. Steyn, N. Stegmann, D. Langley, P. Neizle, S. Mostert, B. le Roux, G. van Aswegen, W. Cilliers, T. Ferreira, T. Martin, E. Scheepers.*

beker. Op die Danie Cravenstadion verloor Tukkies met twee strafskoppe teen drie teen die Maties. Die eerste span vergoed met oorwinnings oor die Universiteit van die OVS en die Randse Afrikaanse Universiteit, terwyl individuele spelers goed presteer: Tommy du Plessis dien as reserwe teen die Ierse toerspan, Burger Geldenhuys, Johan Marais en Piet Kruger draf vir die junior Springbokke uit en Johan Marais en Piet Kruger speel in die Gasellespan. Tukkies verskaf in 1981 dertien spelers aan Noord-Transvaal.

In 1982 het die eerste span na 'n swak begin weer die Carlton- en Presidentsbeker huis toe gebring. Burger Geldenhuys het weer die Springboktrui gedra.

Die Rugbyklub mag nou wel nie die meeste geregistreerde spelers hê nie, maar dit is beslis die aktiefste klub. In 1981 het die verskillende spanne aan 800 wedstryde in en om Pretoria deelgeneem. Dié rekord vertoon baie goed as daar in aanmerking geneem word dat basketbal, wat tweede op die lys is, aan 510 wedstryde deelgeneem het.

Die sukses van Tukkierugby sedert 1960 is nie slegs deur sy spelers bepaal nie. Die klub was gelukkig genoeg om toegewyde ampsdraers en afrigters te hê. As presidente het in dié tyd gedien prof. A.N. Pelzer (1960–1973) en prof. D.J. Swiegers ononderbroke sedert 1974. Vir die klub was dit 'n besondere eer toe prof. Pelzer in 1979 tot lewenslange vise-president van die Noord-Transvaalse Rugby-unie verkies is. Die eerste span het ook oor bekwame afrigters beskik in prof. Daan Swiegers (1958–1971), bygestaan deur dr. Paul van Heerden in 1958, mnr. Bags Cilliers in 1961 en mnr. Lucas Strachan in die jare sestig en weer in 1974, mnr. Kerneels du Piesanie (1972 en 1973), dr. Ernst Dinkelmann (1975–1978), mnr. Jackie Snyman bygestaan deur mnr. Albie Bates sedert 1979 en van 1982 af dr. John Williams.

Atletiek

Tukkie-atletiek het 'n roemryke rekord. In 1930 het die klub sy eerste Springbok opgelewer en in die jongste tyd het die uitstaande prestasies van Tukkie-atlete telkens die nuus gehaal.

Die atletiekgeskiedenis sedert 1960 is 'n suksesverhaal. In dié jaar wen die damespan die Roger Dyasonskild op die SAU-byeenkoms en die volgende jaar was dit die mans se beurt met die Dalrymplebeker—die eerste keer in 31 jaar dat dié prestasie behaal is. Met atlete soos Elfranco Malan en Hannes Botha, wat prestasies van wêreldgehalte gelewer het, was dit nie verrassend dat Tukkies in 1963 vir die eerste keer in die geskiedenis sowel die Dalrymplebeker as die Roger Dyasonskild verower het nie. In 1965 en 1966 is dié prestasie herhaal. In 1965 is nasionale titels ook verower deur Laetitia Grové in die spiesgooi, Elfranco Malan in die skyfwerp en Sep Serfontein in die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

100 tree. Die volgende jaar verower Laetitia Malan ook die skyfwerptitel.

Die afrigting van atlete is in 1967 op 'n nuwe grondslag geplaas toe die Springbokgewigstootatleet, Hannes Botha, as senior lektor in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Universiteit aangestel is. Saam met maj. John Short van die Weermag, het hy 'n wetenskaplike oefenprogram uitgewerk wat die beste uit die atlete moes haal.

Suksesse het nie uitgebly nie. In 1968 kon Tukkies weliswaar nie op sy tuisbaan die twee gesogte trofeë op die SAU-byeenkoms buit nie, maar 'n aantal puik prestasies is nogtans dié jaar gelewer. François du Preez het die 400 meter vir mans op die Suid-Afrikaanse kampioenskapsbyeenkoms gewen, Reg Marchant het die Suid-Afrikaanse junior hamergooirekord 'n paar keer verbeter en Dirk Boltman het bewys dat hy die beste driesprong-atleet in die land was. In 1968 verwerf Latitia Malan en Johan Buys Springbokkleure en in 1969 en 1970 was die Tukkie Dave Langley die kaptein van die Springbokspanne wat onderskeidelik Suid-Amerika en Europa besoek het. In 1971 was dit weer Langley en mej. D. van Wyk wat die klub se vaandel hoog gehou het deur Springbokkleure te verower.

'n Blink nuwe ster het in 1972 op die atletiektoneel verskyn: Claudie van Straaten. Die volgende paar jaar sou sy merkwaardige prestasies behaal. In 1972 het Tukkie-atlete verskeie nasionale rekords verbeter: Springbok Fanie van Zyl die 2 000 m-rekord, Dave Langley die verspringrekord, J. Malan dié vir die 300 m junior hekkies en mej. A. van Deventer die 100 m hekkiesrekord. In 1972 verower Tukkies vir die soveelste keer die Dalrymplebeker en die Roger Dyasonskild op die SAU-byeenkoms.

1973 was nog 'n uitstekende jaar vir Tukkie-atletiek. Claudie van Straaten verower in dié jaar goue medaljes in die 100 m en 200 m op die Suid-Afrikaanse Spele. Goeie vertonings is ook op dié spele gelewer deur die Tukkies Hugo Myburgh (goue medalje in die 400 m hekkies), Hybré de Lange (goud in die 200 m hekkies, silwer in die 100 m hekkies, brons in hoogspring), Cecile van Zyl (brons in die 1 500 m), Moira Joubert (brons in die 100 m hekkies) en Louis Further (silwer in hoogspring). In Desember 1973 loop Tukkies weer eens weg met die Dalrymplebeker en die Roger Dyasonskild.

In 1974 het Claudie van Straaten die welverdiende eer te beurt geval om die pas ingestelde toekenning van Tukkiesportvrou van die jaar te ontvang. Haar tyd van 11,5 sekonde vir die 100 m was die vinnigste deur 'n Suid-Afrikaanse atleet dié jaar en haar 23 sekondes vir die 200 m was die vinnigste in Afrika. Saam met Hugo Myburgh en Hein Schnell het sy Tukkies dié jaar verteenwoordig in die Springbokspan wat Europa besoek het.

Prestasies het in die volgende jare voortgeduur. Op die Suid-Afrikaanse kampioenskapsbyeenkoms van 1975 het UP 14 goue, 10 silwer en 5 bronsmedaljes gebuit, terwyl Hugo Myburgh en Reinhard Schiel vir die Springbokspan gekies is. Die eersgenoemde moes hom weens studieverpligtinge aan die span onttrek.

Claudie van Straaten (links) nadat sy in Junie 1973 op die Suid-Afrikaanse Spele die goue medalje in die 200 m vir dames verower het. Regs verskyn Annagret Kroningen van Wes-Duitsland wat tweede was.

Om massa-deelname aan atletiek te bevorder, is daar in 1976, afgesien van die UP-koshuisliga, 'n interhuisuitklopliga ingestel wat deur Sustagen geborg is. By die eerste geleentheid het 350 studente kragte gemeet. Klaradyn het die damesafdeling gewen en Mopanie die mansafdeling.

Op nasionale vlak het Tukkie-atlete hulle ook in 1976 deeglik laat geld. Ina van Rensburg het sterk op die voorgrond getree en die Suid-Afrikaanse rekord in die 400 m hekkies geëwenaar. Die SAU-byeenkoms aan die einde van 1976 in Port Elizabeth is deur die Tukkies oorheers. Hulle wen die Dalrymplebeker en die Roger Dyasonskild en Marna de Villiers word as die beste vroue-atleet aangewys. Sewentien Tukkies word in die SAU-span ingesluit.

In 1976 het die eerste Tukkie-Matiebyeenkoms, wat deur Barclays Bank geborg is, op Coetzenburg plaasgevind. Die Tukkies het na 'n spannende stryd met 220 punte teenoor 184 geseëvier. Puik individuele prestasies is gedurende die jaar behaal deur Hybré de Lange, wat die eerste Suid-Afrikaanse vrou geword het om hoër as ses voet te spring, en Reinhard Schiel, wat met 'n sprong van 2,24 meter 'n Suid-Afrikaanse en Afrikarekord in hoogspring opgestel het. Schiel word daarna saam met Ina van Rensburg, Pierre Spies en Alwyn Prinsloo vir die RSA-span gekies.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1978 was weer 'n goeie jaar vir Tukkie-atletiek. Ina van Rensburg het 'n Noord- Transvaalse rekord in die 400 m hekkies opgestel en Tukkies het weer eens die Dalrymplebeker en die Roger Dyasonskild verower. Op die Barclays-Tukkie-Matie-byeenkoms dié jaar, behaal die Pretorianers weer 'n klinkende oorwinning.

Die segetog van Tukkie-atletiek is voortgesit toe die manspan weer in 1979 die Dalrymplebeker tydens die SAU-byeenkoms wen. Ook in 1980 is daar gepresteer toe Johan Fourie, Flippie Prinsloo, Koos van der Merwe en Marna de Villiers Springbokkleure verwerf, terwyl die Dalrymplebeker weer 'n keer Tukkies toe gekom het. Aan die einde van hierdie herdenkingsjaar van die halfeeufees van die Universiteit kon daar teruggekyk word op 'n trotse rekord: 13 keer is die Roger Dyasonskild deur die dames verower en 12 keer die Dalrymplebeker deur die mans.

Die jaar 1981 het besondere prestasies opgelewer: Tukkies het in Desember 1981 vir die eerste keer in sewe jaar daarin geslaag om sowel die mans- as die damesafdeling op die SAU-byeenkoms te wen. Met vier Springbokke in sy geledere, kon dit beswaarlik anders. Hulle was Johan Fourie (1 500 m en 5 000 m), Flippie Prinsloo (400 m en 800 m), Eranee van Zyl (800 m en 1 500 m) en Leonie Gouws (gewigstoot en skyfwerp).

In April 1982 kon Tukkieland spog met vier Springbokke: Johan Fourie, Eranee van Zyl, Johan Roux en Riana Swart (100 m en 100 m hekkies), nadat vyftien klublede aan die Springbokproewe deelgeneem het.

Benewens die atletiekklub se prestasies op interuniversitêre vlak, is verskeie ander trofeë gereeld gebuit. Dit sluit in die De Loorwisseltrofee, die Japie Krugerskild, die Ian de Jongtrofee, (al drie in die Noord-Transvaalse liga), en die Wolnittrofee vir Transvaalse klubs.

Die voorgaande besondere rekord van die Atletiekklub moet net so veel aan toegewyde en bekwame beamptes en afrigters as aan besondere talent toegeskryf word. Wat afrigting betref, is daar sedert 1960 voortreflike diens gelewer deur Hannes Botha, Gert Potgieter, John Short, Fanus Booysen, Christo Stander en Gawie van Eck. Steve Rautenbach het in die jare 1971 tot 1980 groot sukses as afrigter behaal en in dié tyd het verskeie onderskeidings hom te beurt geval. In 1976 is hy as afrigter van die Springbokatletiekspan aangewys wat nie-amptelik die Olimpiese Spele in Montreal bygewoon het, en in 1978 het die Noord-Transvaalse Atletiekunie hom na Europa gestuur om kursusse by te woon. In 1979 is hy as Springbokafrigter aangewys en in dieselfde jaar is hy met die SAUK-TV-toekenning as afrigter van die jaar bekroon.

Swem

Teen 1960 het die Tukkie-swemklub al 'n trotse rekord gehad, veral op interuniversitêre vlak, en ook reeds 'n Springbok in Felicity Loveday opgelewer. Sedertdien het die klub van krag tot krag gegaan. Enkele van die hoogtepunte word uitgelig.

Reeds in 1960 het Gerda de Bruyn twee duiktitels by die SAU-byeenkoms gewen en C. Dyason 'n nuwe borsslagrekord in die 220 tree opgestel. Tukkies buit ook die damesafdeling. Twee jaar later herhaal die dames hulle prestasie en die Tukkiespan eindig gesamentlik tweede op die byeenkoms. Die volgende paar jaar het Tukkies nie dieselfde peil gehandhaaf nie, maar die opening van die swembad in 1968 het nuwe lewe in die Swemklub geblaas. In 1969 word Pieter van Niekerk 'n Springbok.

Van 1970 af het Katinka Germishuys die swemtoneel oorheers. Nadat sy Springbok geword het, het sy tydens die SAU-swembyeenkoms in 1971 nuwe rekords in sewe verskillende items opgestel. Met haar hulp wen Tukkies se damespan ook hulle afdeling van die SAU-kampioenskappe in 1970 en 1971. In 1972 maak die dames weer so. Katinka Germishuys verower in dié jaar die Alex Bulley-trofee vir die beste swemmer.

In 1973 het Tukkieswem 'n hoogtepunt beleef toe die swemspan vir die eerste keer in veertig jaar die SAU-kampioenskap wen. Weer eens het Katinka Germishuys 'n groot bydrae gelewer deur al sewe nommers waaraan sy deelgeneem het, te buit. Hierna het Oubaas Braak en John Tabore ook Springbokkleure ontvang, laasgenoemde in die duiknommers.

Die jaar 1975 het weer groot prestasies opgelewer. Tukkieswemmers verower verskeie medaljes tydens die Suid-Afrikaanse kampioenskapsbyeenkoms en vier van hulle verteenwoordig Suid-Afrika in 'n swemtoets teen Rhodesië. Die volgende jaar het Peter Störzner die derde agtereenvolgende jaar Springbokkleure verwerf, terwyl 'n nuwe ster in Anton van Niekerk sy verskyning gemaak het. Met sulke uitstaande swemmers wen Tukkies dan ook in 1976 vir die derde keer sedert 1929 die SAU-kampioenskap. Anton van Niekerk kry ook saam met Peter Störzner Springbokkleure teen Rhodesië.

Danksy uitstekende swemmers, soos Störzner, Van Niekerk, Sonja Germishuys en Jackie Ludick, het die Robertstrofee vir die SAU-kampioenspan feitlik permanent Tukkie-eiendom geword, want op die byeenkoms van Desember 1979 het die swemspan dit die vyfde agtereenvolgende keer gewen. Gedurende die 1980–81-seisoen is die Swemklub se bedrywighede erg ontwrig omdat die swembad vir reparasie gesluit was. Gevolglik moes die mans in Desember 1980 met 'n tweede plek en die dames met 'n derde plek tevrede wees. Nogtans het Tukkies in 1981 presteer deur nog 'n Springbok in Dorothea Neumeister op te lewer.

'n Onderafdeling van die swemsport wat normaalweg min publisiteit ontvang, gesinchroniseerde swem, het in 1973 aan Tukkies 'n oplewing ondergaan toe 'n deskundige, mev. M. Davis, as afrigster aangestel is. Colleen Davis van UP het dieselfde jaar albei individuele items op die SAU-byeenkoms gewen. Sy ontvang haar Springbokkleure en ding in 1973 vir Suid-Afrika teen besoekende spanne mee.

In 'n ander verwante sportsoort, lewensredding, het die Universiteit ook sy merk gemaak. Die Tuk-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tukkie-Sportlui wat in 1969 Springbokkleure ontvang het.
V.l.n.r.: N. von Jeney (skerm), W. Koschade (skerm), J. Strydom (judo), M. van der Walt (pluimbal), Tonie Roux, Alan Menter en Ronnie Potgieter (rugby).

kie Willem Botha het Springbokkleure in 1976 in dié sport ontvang en in Maart 1978 'n wêreldrekord daarin opgestel.

In 1982 het twee Tukkies die provinsie en twee die SAU-span verteenwoordig.

Die trotse Tukkieswemrekord is in groot mate te danke aan toegewyde en bekwame ampsdraers en afrigters. Vyf jaar lank, tot 1980, was prof. Jannie Pieterse president van die klub. Sedert 1981 was adv. Piet Delport van die Departement Handels- en Arbeidsreg die president. Daarby was die klub gelukkig om die bekwame mnr. Bob Campbell tot 1980 as afrigter te hê. Hy was terselfdertyd president van die Suid-Afrikaanse Swemafrigtingsvereniging, Springbokafrigter, redakteur van die tydskrif *S.A. Swemmer* en lid van die Wêreldvereniging van Swemjoernaliste. In 1976 het hy die Suid-Afrikaanse Sportmerietetoekenning ontvang vir sy dienste aan swem. Sedert 1981 het mev. Jackie Delport (voorheen Jackie Ludick) die swemmers afgerig.

Netbal

Nieteenstaande 'n goeie prestasierekord sedert sy stigting in 1948, het die UP-netbalklub in 1956 onverklaarbaar doodgeloop. Die entoesiasme vir die spel—soos blyk uit die 356 speelsters wat in 1982 by die klub geregistreer was—het in 1962 tot 'n herlewing gelei. Die Tukkienetbalklub het in die twintig jaar daarna seker die belangrikste voedingsbron vir Noord-Transvaalse netbal geword en ook 'n paar Springbokke opgelewer.

Die eerste Noord-Transvaalse speelster is reeds in 1963 gelewer, Marlene Steyn. Die volgende paar jaar het dié klub sy kragte gekonsolideer, en die hele span het in 1968 aan die Noord-Transvaalse proewe deelgeneem. Vir die eerste keer het die klub in 1969 aan die SAU-toernooi deelgeneem en na afloop daarvan dadelik vyf speelsters tot die gekombineerde universiteitespan bygedra. Voortaan sou die Tukkies hulle deeglik op SAU-vlak laat geld.

'n Belangrike wending was die instelling van 'n koshuisliga in 1970. Dit het groot belangstelling gaande gemaak en nuwe diepte aan Tukkienetbal gegee. Dieselfde jaar presteer die klub deur skoonskip op die SAU-toernooi op Grahamstad te maak. Ansa Jacobs, wat reeds haar Noord-Transvaalse kleure verwerf het, word aangewys as kaptein van die universiteitespan waarin ook drie ander Tukkies ingesluit word. Daardie jaar eindig Tukkies tweede in die Noord-Transvaalse liga.

Daar was nou geen keer aan die netbaldames nie. In 1972 haal vier van hulle die provinsiale span en die volgende jaar stap Dirkie Badenhorst en Lynette Ferreira in die Springbokspan in. In

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

1975 deel UP die eerste plek op die SAU-toernooi met die Maties en dieselfde jaar word Elize Alberts na afloop van 'n kursus as een van die 14 beste speelsters in die land aangewys. In 1976 eindig Tukkies tweede op die SAU-toernooi.

Onder die bekwame afrigting van mev. Louise du Plessis het die klub in die laat sewentigerjare van krag tot krag gegaan. 'n Eerstejaarsnetbaltoernooi aan die begin van 1977 het oorweldigende reaksie uitgelok en 18 spanne het deelgeneem. Die deeglike organisasie op die laagste vlak het op die hoogste vlakke vrugte afgewerp, want die daaropvolgende jaar het Tukkies nege speelsters tot Noord- Transvaal se spanne bygedra en vier tot die SAU-span. Die sportbeampte self, mev. Louise du Plessis, is in dié jaar vir die Suid-Afrikaanse span gekies en het dié prestasie die volgende vier jaar herhaal.

Die opening van die twee pragtige nuwe netbalbane tussen die krieketovaal en die rugbypawiljoen in 1978, het as groot inspuiting vir die klub gedien. Gevolglik haal nie minder nie as elf Tukkies in 1979 die verskillende Noord-Transvaalse spanne en die klub loop ook met die louere op die SAU-byeenkoms weg. Uitblinkers was Amanda de Bruyn, Leonie Gouws (bekende skyfwerpatleet), Mossie (Dalene) Fourie, Erika van Rensburg en Marianne Myburgh.

'n Hele reeks knap speelsters draf vir Tukkies uit en hulle haal ook hoër spanne. Onder hulle staan Carien van den Abeele uit. Op die SAU-toernooi in 1980 teken sy 27 van Tukkies se 32 doele aan. Sy word daarna vir haar provinsie gekies en in 1981 word sy saam met mev. Louise du Plessis in die Suid-Afrikaanse Kay Meyerspan ingesluit. Die hele klub beleef in 1981 'n hoogtepunt toe ses van die sewe Noord-Transvaalse ligas gebuit word.

Asof dit nie genoeg was nie, het die netbaldames in 1982 op die Suid-Afrikaanse toernooi op die L.C. de Villiers-terrein, waaraan 540 speelsters deelgeneem het, besondere spel gelewer. Die goeie spel is beloon toe Marianne Myburgh saam met Louise du Plessis in die Suid-Afrikaanse span ingesluit is en Leonie Gouws in die Kay Meyerspan. Op die koop toe wen Tukkies die SAU-toernooi.

Ywerige voorsitsters en afrigsters het baie met die sukses van die netbalklub te doen gehad. Die klub was in dié opsig bevoorreg met mej. Amanda de Bruyn (1974 tot 1979) en mev. Anna Kossen (sedert 1980) as voorsitsters, en met mev. Louise du Plessis, afrigster sedert 1977, wat verskeie jare lank as sportbeampte netbal as geheel—met sy 28 koshuisspanne en baie ander vertakkinge—beheer het.

Basketbal

Vir 'n jong klub wat eers in 1968 die lig gesien het, het die Basketbalklub merkwaardig gegroei, want in 1981 was dit die tiende grootste uit 29 sportklubs aan die universiteit, met 230 geregistreerde lede.

Oor die beginjare van die klub is daar min bekend. Hoewel twee van sy spelers, Rina van Deventer en Charlotte Malan, in 1968 Springbokkleure verwerf het, kom dit voor of die klub daarna doodgeloop het, en in 1974 herstig is. Teen 1976 het die spelers gereeld aan ligawedstryde deelgeneem. 'n Probleem was die gebrek aan professionele afrigting. Die manspan het daarom in 1977 baie gebaat by die afrigting van mnr. Robert Vasura, 'n voormalige Amerikaanse basketbalspeler.

In dié jaar het Tukkies die eerste Afrikaanse universiteit geword wat aan 'n SAU-basketbaltoernooi deelneem. Hoewel die mans nie heeltemal die mas kon opkom nie, het die dames verras deur twee van die sterkste spanne, Natal en Rhodes, te klop. Drie dames is vir die SAU-span gekies. In dieselfde jaar is mejj. M. Schoeman en E. Wiggil vir die Suid-Afrikaanse onder 20-span gekies.

Toe 'n nuwe koshuisliga in September 1977 ingestel is, het die klubkomitee met die hande in die hare gesit omdat daar te min bane was om die groot getal belangstellendes te huisves. Tukkies was teen 1978 die grootste klub in Noord-Transvaal, met vyf spanne in die liga. In dié seisoen het die kaptein van die Suid-Afrikaanse skolebasketbalspan, Anthony Sandler, aan die Universiteit ingeskryf.

Die nuwe belangstelling en talent het die klub in 1978 tot groot hoogtes uitgelig, toe die dames hulle afdeling in die SAU-kampioenskapsbyeenkoms gebuit het. Vyf spelers (vier dames en 'n man) verteenwoordig in dié jaar die Suid-Afrikaanse universiteite en vier hulle provinsie. Sowel die dames as die mans skuif aan die einde van die seisoen van die laaste tot die derde plek in die Noord-Trans vaalse liga op. Die nuwe afrigter, José Rocha, het baie tot die welslae van die klub bygedra.

Met hulle derde probeerslag in 1979, wen die dames die tweede agtereenvolgende jaar die SAU-toernooi. Vyf van die spanlede en een van die manspan word in die SAU-spanne ingesluit. In dieselfde jaar het Heyn Neethling Tukkies se eerste Mansbasketbalspringbok geword.

In 1980 was dit die mans se beurt om te presteer, toe hulle die Noord-Transvaalse liga wen en ses provinsiale spelers, een SAU-speler en Anthony Sandler as lid van die Suid-Afrikaanse onder 23-span oplewer. Nou was Tukkies al 'n gedugte faktor by SAU-toernooie, want in 1981 behaal sowel die mans as die dames 'n tweede plek en die volgende jaar herhaal die dames dié prestasie. In 1981 het 'n Springbok, Erika Janse van Rensburg, haar merk gemaak. In 1982 het die dames tweede op die SAU-byeenkoms geëindig en die mans tweede in die Noord-Transvaal-liga.

Dit is duidelik dat basketbal aan Tukkies in 'n bietjie meer as 'n dekade van 'n feitlik onbekende sportsoort tot 'n gewilde een met gedugte prestasies gevorder het. Die Afrigters het baie gewissel, maar mnre. José Rocha en sedert 1982, Allen Shardelow, het belangrike werk verrig. Sedert 1981 was mnr. Ig Gous die klubvoorsitter.

Dameshokkie

Dameshokkie het in 1981 met netbal die plek gedeel as die grootste damesportklub aan die univer-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

siteit. Die grootte van die klub is deur sy prestasies geëwenaar, want oor die 22 jaar sedert 1960 het 'n reeks van sy spelers vir Noord-Transvaal en die Suid-Afrikaanse universiteitespanne uitgedraf, terwyl die klub ook in 1982 'n lid van 'n Suid-Afrikaanse elftal opgelewer het.

Na 'n insinking in die vyftigerjare, het dameshokkie teen 1960 weer 'n bloeitydperk beleef. So sterk was die oplewing dat die klub in 1961 die eerste keer in sy bestaan drie spanne in die Noord-Transvaalse liga kon inskryf. In 1962 was daar glad twee spanne in die eerste liga! In daardie jaar klop die dames hulle aartsvyande, Wits, met 3 doele teen 0 en Zetta Potgieter en Anna de Jager toer saam met 'n SAU-span in Europa, terwyl albei ook Noord-Transvaal verteenwoordig. In dié jaar behaal Zetta Potgieter Springbokkleure. In 1963 bereik die oplewing 'n hoogtepunt toe die Tukkiedames op die SAU-toernooi die eerste plek met Rhodes deel.

Die volgende drie jaar kon die hokkiespeelsters nie dieselfde peil handhaaf nie, maar in 1967 het hulle met mening teruggekom deur Wits 5–0 te verslaan; Anna-Heleen Senekal speel in die Noord-Transvaalse A-span en vyf ander speelsters in die onder 21-span. Mej. Senekal het boonop aan die Springbokproewe deelgeneem. In 1968 was die standaard so hoog dat die hele eerste span genooi is om aan die Noord-Transvaalse proewe deel te neem. Tien speelsters is vir die onderskeie spanne gekies.

Om die basis van die klub te verbreed, is daar in 1969 besluit om 'n interhuisliga in te stel. Die belangstelling wat so gewek en die talent wat getrek is, het in die daaropvolgende jare vrugte afgewerp. In dieselfde jaar is Anna-Heleen Senekal en Anné Kotze in die SAU-span opgeneem, wat die einde van dié jaar in die buiteland gaan toer het.

Ten spyte van die gebrek aan 'n afrigter, het die hokkiedames in 1970 voortgegaan om goed te presteer. Die drie spanne maak skoonskip op die intervarsity teen Wits, Tuks klop die Pukke met die reusetelling van 10–0, hulle verspeel net-net hulle kans om die Noord-Transvaalse liga in te palm, en Myrlene Pieterse word vir die Proteaspan (SAU-span) gekies. Weens "interne probleme" kon die eerste span slegs 'n sesde plek op die SAU-toernooi behaal.

Die volgende jaar het dit beter gegaan toe 'n derde plek behaal is. Teen 1972 was die klub al 'n gedugte mag in Noord-Transvaalse hokkie, met vier spanne in die sentrale liga en nege koshuisspanne. Sonja Eggers haal dié jaar die Noord-Transvaalse span. In 1973 was dit Estie van der Merwe se beurt, nadat feitlik die hele eerste span aan die proefwedstryde deelgeneem het.

In 1974 is die klub se geledere versterk deur Rina van Zyl, Springbok van 1961 tot 1970, wat vir haar meestersgraad in Liggaamlike Opvoedkunde ingeskryf het. Sy het nie alleen in dié jaar Tukkies in die provinsiale span verteenwoordig nie, maar ook daarna tot 1979 waardevolle werk as afrigster gedoen.

Van 1976 af het die Dameshokkieklub van krag tot krag gegaan. In daardie jaar het die getal geregistreerde spelers toegeneem tot 119, teenoor 77 die vorige jaar. Tien koshuisspanne kon in die veld gestoot word. En toe kom 'n wonderjaar in 1977: eers word Tukkies eers in die eindronde van die SAU-toernooi gefnuik toe die Maties in die doodsnikke van die wedstryd die wendoel aanteken; daarna wen hulle vir die eerste keer sedert 1945 die Noord-Transvaalse liga. Nog was dit nie die einde nie: in 1979 word 14 speelsters vir die onderskeie Noord-Transvaalse spanne gekies, van wie vier in die A-span.

Onder die knap kapteinskap van Glenda Matthews eindig die eerste span in 1979 tweede in die liga. Die volgende jaar word sy en vier ander speelsters vir die provinsiale span gekies, terwyl meer as die helfte van die provinsie se onder 23-span uit Tukkies bestaan. In 1981 oorheers Tuks die hokkietoneel in so 'n mate dat ses speelsters vir die provinsie se beste span gekies word, vyf vir die naasbestes, en vyf vir die onder 21-span. Vir die tweede agtereenvolgende jaar wen hulle die eerste liga.

'n Driedubbele eer het die Dameshokkieklub in 1982 te beurt geval. Glenda Matthews is nie alleen as Noord-Transvaal se kaptein aangewys nie, maar ook ingesluit in 'n Presidentselftal; dié span het op sy beurt teen 'n Suid-Afrikaanse elftal, gelykstaande aan 'n Springbokspan gespeel. Die Tukkie, Glenda Anderson, was 'n lid hiervan. As daar 'n Springbokspan in 1982 gekies sou word, sou Tukkies met 'n tweede Dameshokkiespringbok kon gespog het.

Die Dameshokkieklub het baie van sy sukses te danke aan dr. Yvonne Holtzhauzen, wat sedert 1977 die presidente was. Ewe belangrik was die afrigting wat tot 1978 deur Rina van Zyl behartig is, en sedertdien deur Glenda Matthews.

Pluimbal

Die Pluimbalklub het eers in 1963 ontstaan. In die kort bestek van 19 jaar kon hy groot prestasies behaal en teen 1982 spog hy met 282 lede, wat hom die negende grootste sportklub aan die universiteit maak.

Na 'n beskeie begin in die junior ligas, is die klub se spanne van 1965 af geleidelik na hoër geselskap bevorder. In 1967 het drie van sy dames SAU-kleure ontvang en in 1969 het een van dié drie, Marianne van der Walt, die jong klub se eerste Springbok geword. In dieselfde jaar buit Tukkies vier uit die vyf titels op die SAU-toernooi. Drie hiervan gaan aan Marianne van der Walt en haar maats in die dubbels, terwyl die vierde, die mansenkelspeltitel, deur Charka Croukamp ingepalm word. In 1970 wen die jong klub vir die eerste keer die spankompetisie op die SAU-byeenkoms.

In die sewentigerjare het die Pluimbalklub sy trotse rekord voortgesit. Twee uitstaande presteerders was Hugh Thompson en Charka Croukamp. Thompson verwerf SAU-kleure in 1972 en 1973 en wen saam met Croukamp in albei jare die mansdubbelspeltitel op die SAU-toernooi. Croukamp presteer ook in eie reg deur tot 1975 vyf jaar

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

agtereenvolgens die enkelspeltitel te verower. In 1975 ontvang hy Springbokkleure.

Na 'n effense insinking in die volgende twee jaar, het die klub in 1978 naam gemaak toe Ada Botes op die voorgrond tree om die dames-enkelspeltitel tydens die SAU-byeenkoms te wen. In 1980 oorheers Tukkies die toneel weer, soos in 1979. Ada Botes word saam met G. Reed, J. Kadur en V. van der Walt vir die SAU-span gekies. Nadat die klub in 1981 met 'n tweede plek op die SAU-toernooi tevrede moes wees, het hy met mening teruggekeer en in 1982 skoonskip gemaak. By dié geleentheid klop Johan Bosman sy mede-Tukkie, George Reed, om die mansenkelspeltitel.

'n Belangrike steunpilaar in die suksesverhaal van die Pluimbalklub was prof. D.J. Schoeman, wat tot einde 1974 nege jaar agtereenvolgens die voorsitter van die klub was. Hy is opgevolg deur mnr. Ivan Marinus.

Sokker

Sokker het nie 'n lang of indrukwekkende geskiedenis aan die Universiteit voor 1960 gehad nie. 'n Sokkerklub het aan die beginjare van die ou Universiteitskollege tot 1911 bestaan, maar dit het eers in 1953 herleef. Daarna het die klub, verrassend genoeg, in 1956 reeds die SAU-toernooi gewen, maar in die plaaslike kompetisie nog tot 1958 in die tweede liga meegeding.

Teen 1961 het die belangstelling in sokker so toegeneem dat vier spanne in die veld gestoot kon word. Nadat die Noord-Transvaalse reserweliga dié jaar verower is, is die klub in 1962 tot die Transvaalliga bevorder. Dié kompliment het as inspirasie gedien, sodat die eerste span in dié jaar nie net die tweede plek op die SAU-toernooi behaal het nie, maar ook hulle groot vyande, Wits, met die reusetelling van 7–1 in die intervarsity oorrompel het. Twee jaar later het die klub sy prestasie van 1956 herhaal deur die Universiteitekampioenskap te verower. Ses van sy spelers is daarna in die SAU-span ingesluit, en nie minder nie as sewe spelers in die Noord-Transvaalse span.

Die Tukkies het hulle goeie prestasies in 1965 voortgesit en derde in die Transvaalliga geëindig, die hoogste van alle Pretoriase spanne. In 1966 het die rekord gelees: tweede tydens die SAU-toernooi; vier spelers in die SAU-span; agt spelers in Noord-Transvaalse spanne. In dié jaar het die klub die eerste keer vyf spanne in die plaaslike ligas ingeskryf. Teen 1968 het die belangstelling so toegeneem dat koshuisspanne teen mekaar gespeel het. Dit was alles op vriendskaplike voet en geen formele huisliga het bestaan nie.

Met die uitgang van die sestigerjare het Tukkie-sokker 'n krisis beleef. Die nuwe sokkervelde op die sportterrein het geen beligting gehad, soos die geval met die vorige veld op die krieketovaal was nie. Gevolglik was die oefentyd uiters beperk; dit het soveel frustrasie veroorsaak dat die klubafrigter bedank het. Die getal spelers het ook so uitgedun dat hulle dié jaar beswaarlik twee spanne kon vul.

Teen 1970 het sake weer verbeter en kon twee geslaagde kort toere na Suidwes-Afrika en Lourenço Marques (Maputo) onderneem word. In dié jaar het die bestuurder van die kafeteria op die hoofkampus, mnr. Helmuth Biedermann, president van die klub geword en nuwe lewe daarin geblaas.

'n Baie belangrike ontwikkeling in die sewentigerjare was die instelling van 'n koshuisliga in 1975. Nege spanne het daarvoor ingeskryf. Op die lang duur sou dié stap 'n baie vrugbare uitwerking op die gehalte van die hoër spanne se spel hê.

Die Sokkerklub het steeds goeie rekenskap van homself op interuniversitêre vlak gegee. So was hy in 1975 tweede in die SAU-toernooi en het hy gereeld spelers tot die SAU-span bygedra. In 1977 het die eer Tukkies te beurt geval dat sy kaptein, Reinwald Egner, as SAU-kaptein aangewys is.

Teen 1978 was Tukkies die enigste Pretoriase amateurklub wat 'n span in die Transvaalse eerste liga gehad het. Met die hulp van 'n nuwe topafrigter, Howard Jones, het die klub ook dié jaar sy status regverdig deur die plaaslike liga in die finaal teen Sparta met voortreflike spel te verower. In dié jaar kon Tukkies ten spyte van skitterende spel—weens anomalieë in die stelsel van puntetoekenning—slegs 'n vierde plek in die SAU-toernooi verower. Drie spanlede is gekies vir die SAU-span, onder wie Reinwald Egner, wat dié onderskeiding die derde agtereenvolgende jaar gekry het.

Die goeie gehalte spel het in 1979 voortgeduur, toe verskeie Tukkies vir die Noord-Transvaalse span teen Oos-Transvaal en in die Curriebeker-kompetisie deelgeneem het. Een van dié Noord-Transvalers was Peter Anthony, wat in dié jaar 'n plek in die SAU-span gekry het. In 1980 het die eerste span sy goeie prestasie voortgesit en onder andere vir 'n yslike verrassing gesorg toe hulle in Augustus die beroepspan van Ramblers met 4–0 in die Transvaalliga verslaan het.

Die jaar 1981 was 'n besondere een vir Tukkie-sokker. Die indrukwekkende rekord vir dié jaar lui soos volg: tweede plek in die Transvaalliga as die span met die minste doele teen hulle aangeteken; deel die eerste plek met Wits en Ikeys op die SAU-toernooi; vier spelers haal die SAU-span. Behalwe hierdie prestasies, het 1981 'n baie spesiale hoogtepunt in die klub se geskiedenis opgelewer, toe Peter Anthony vir die Suid-Afrikaanse Curriebekerspan gekies is. Dit is die hoogste eer wat 'n amateursokkerspeler te beurt kan val, omdat hierdie span dieselfde status as 'n Springbokspan het.

In 1982 het drie Tukkies hulle provinsie verteenwoordig en een het die SAU-span gehaal.

Krieket

Hoewel 'n krieketklub so vroeg as 1920 aan die ou Transvaalse Universiteitskollege gestig is, het krieket aan die Universiteit, soos aan ander Afrikaanstalige inrigtings, aanvanklik stadig inslag gevind. Eers sedert die sestigerjare het dit 'n betreklike groot aanhang begin geniet en het die klub se spelers hulle deeglik laat geld.

Dit sou nog 'n lang bouproses kos om in groot geselskap te kan saampraat. Uiteindelik is toewy-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Eerste krieketspan, 1971–72-seisoen.
Agter, v.l.n.r.: *J. Geringer, A. Feirreira, A. Downes, J. de Villiers, K. le Roux.*
Middel: *R. Kirkby, B. Schoeman, prof. J.A. Groenewald (Vise-president), C. Middleton, H. Raath.*
Voor: *P. Holm, mnr. (tans prof.) F.D. van Niekerk (Vise-president), T. van Rensburg (kaptein), mnr. A.I. van der Westhuizen (President), A.J. Cilliers (klubkaptein).*

ding en deursettingsvermoë in 1966 beloon toe Tukkies die Noord-Transvaalse liga die eerste keer in die geskiedenis gebuit het. Teen daardie jaar was die koshuisliga goed gevestig, met tien spanne wat daarin meegeding het.

Dit spreek boekdele vir die opgang van die sport dat Tukkies aan die einde van 1966 medehouers van die O'Brienskild by die SAU-week geword het, en op 'n nippertjie na dié toernooi in 1967 gewen het. Gaandeweg het uitstaande spelers hulle weg na hoër spanne gevind. In 1968 verteenwoordig die belowende kolwer François le Roux Noordoos-Transvaal en François Botha en Allan Jordaan haal albei die B-span van die Suid-Afrikaanse universiteite.

'n Groot aansporing vir krieketspelers was die trofeë wat jaarliks sedert die vroeë sewentigerjare deur die klub toegeken is. Die Nedbankkriekettoekenning, wat in 1971 ingestel is, word gegee aan dié speler wat deur toewyding en prestasie die grootste bydrae tot die ontwikkeling van die klub gemaak het; die Gold Crest-kolf gaan aan die beste speler van die jaar; en die Dollar Murray-trofee gaan aan die speler wat die beste vordering gemaak het. Vroeër was daar ook die Vlokboekprys vir goeie sportmanskap. Die eerste ontvanger van die Nedbanktoekenning in 1971 was Johan van Rensburg, 'n veelsydige speler wat van 1968 tot 1974 diep spore in die Krieketklub se geskiedenis getrap het. Hy het in dié tyd verskeie kere die Suid-Afrikaanse universiteite en Noord-Transvaal verteenwoordig.

Teen die begin van die sewentigerjare het die Tukkiekrieketspelers groot agting op interuniversitêre vlak afgedwing. Aan die einde van 1970 deel Tuks die tweede plek tydens die SAU-toernooi met die sterk Natalse Universiteitspan, met die nog sterker Wits in die eerste plek. Tweede plekke is in 1973, 1976 en 1980 behaal.

Ook op die Noord-Transvaalse ligas het die Krieketklub sy stempel afgedruk. Die Premierliga is in die 1973–74-seisoen deur Tukkies verower. Dié jaar was die klub onkeerbaar, want nie alleen is die Clows-uitklopliga gebuit nie, maar van die ses spanne wat in die verskillende ligas ingeskryf was, het vier eerste plekke behaal. Die Premierliga is daarna nog drie keer agtereenvolgens in die seisoene 1975–76, 1976–77 en 1977–78 verower.

Uitstaande spelers in die sewentigerjare en daarna was volop. Afgesien van die genoemde Johan

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van Rensburg, het Anton Ferreira, Charles Middleton, Johan van der Merwe en A.J. Celliers reeds van die 1973–74 seisoen af goeie prestasies gelewer. Tydens die SAU-krieketweek in Desember 1976, was Middleton een van die beste kolwers, en het Van der Merwe die meeste paaltjies laat kantel. Teen 1977 het Van der Merwe en Ferreira hulle provinsie gereeld begin verteenwoordig. In dié jaar ontvang Pierre Edwards, die latere bekende Rugbyspringbok, die Dollar Murray-trofee vir die beste vordering. In 1978 het Anton Ferreira 'n uitnodiging ontvang om 'n paar weke in Engeland graafskapkrieket te gaan speel. Hy het sy gashere so beïndruk dat hy na afloop van dié besoek 'n kontrak gekry het om die volgende seisoen vir die graafskap Warwickshire te speel. In 1982 het hy nog steeds in die noordelike somer in Engeland gespeel. By die SAU-toernooi van Desember 1980 is Philip Fourie van Tukkies vereer toe hy as beste kolwer aangewys is. In 1982 het een speler Noord-Transvaal verteenwoordig.

By twee geleenthede het die klubspan oorsese toere onderneem. In Julie 1975 was die Tukkies die eerste verteenwoordigende span van 'n Suid-Afrikaanse universiteit wat Engeland besoek het. Hulle het Londen, Wallis en Skotland besoek en waardevolle ondervinding opgedoen. In Julie 1982 het 'n span stil-stil oorsee vertrek en 'n draai in België, Frankryk, Holland, Engeland, Skotland en Noord-Ierland gaan gooi. In die ses wedstryde wat hulle gespeel het, het hulle goeie rekenskap van hulleself gegee.

Die Krieketklub was gelukkig om in die jongste tyd ywerige en meelewende presidente te hê. Van 1966 tot 1973 was dit prof. Dirk Mostert en sedert 1974 mnr. (sedert 1982 dr.) Frik van Niekerk, van die Departement Wiskunde, wat in 1982 nog steeds dié amp beklee het. Twee afrigters wat in dié jare 'n belangrike rol in die klub se welslae gespeel het, was Johan van Rensburg, wat sedert 1974 as sportbeampte hierdie funksie vervul het, en mnr. John Lyon, Noord-Transvaalse afrigter, wat dié rol in 1978 oorgeneem het. Die skenking van R15 000 wat Suid-Afrikaanse Brouerye in drie paaiemente van 1979 tot 1981 aan die klub gegee het, het baie gehelp om beter afrigting en groter beurse beskikbaar te stel.

Landloop

Vir 'n sportsoort waarin daar op individuele grondslag meegeding word, het die Landloopklub in 1982 'n verbasend hoë ledetal van 220 gehad. Dit maak hom die 12de grootste sportklub uit 29 aan die Universiteit. Hoewel dié klub eers in 1971 sy onafhanklikheid van die Atletiekklub verkry het, het dit voor dié tyd al selfstandig opgetree. Sy aktiwiteite word hier dus reeds van 1961 af bespreek. Ook marathonaktiwiteite is hierby ingesluit, omdat die marathonatlete nog nooit 'n afsonderlike klub of komitee besit het nie. Eers in Maart 1982 het hulle hulle eie bestuur gekies, wat as 'n subkomitee van die landloopkomitee dien.

Nadat die belangstelling in landloop in die laat vyftigerjare in Noord-Transvaal gekwyn het, het dié sportsoort in 1961 op verrassende wyse herleef. Onder die geesdriftige kapteinskap van Manuel dos Santos, het die klub in dié jaar die nuut gestigte Noord-Transvaalse landloopliga gebuit. Dié jaar is die sogenaamde damaflos, die wedren tussen Kerkplein en die Hartebeespoortdam waaraan spanne van ses atlete elk deelneem, ook vir die eerste keer gehou, en kon Tukkies met 'n tweede plek spog. Charles Minnaar het uitgeblink en is saam met vier ander Tukkies ingesluit in 'n Noord-Transvaalse span van sewe wat in September dié jaar aan die Suid-Afrikaanse kampioenskapsbyeenkoms deelgeneem het.

In 1962 het Minnaar sy land op die Wêreldbyeenkoms in Engeland verteenwoordig—Tukkies se eerste Landloopspringbok. Tot 1964 het hy die landlooptoneel oorheers. In 1963 palm hy die Noord-Transvaalse, Suid-Transvaalse en Suid-Afrikaanse landlooptitels in, en in 1964 dié van Noord-Transvaal.

Na Minnaar se vertrek, was daar in 1965 en 1966 'n tydelike insinking in die klub se aktiwiteite. Teen 1967 het twee Tukkies weer die Noord-Transvaalse span gehaal en die volgende jaar het 'n kontingent van nege Tukkies aan die wêreld se strafste marathon, die Comrades, deelgeneem.

Die jaar 1969 was weer 'n blink een vir Tukkielandloop. Eers stel die klub 'n nuwe rekord in die damaflos op, en daarna klop hulle Wits die eerste keer sedert 1959 in 'n intervarsity. Daarby buit Tuks die Noord-Transvaalse klubkampioenskap en nege Tukkies word in die provinsiale span opgeneem. Robert Garner van Tukkies span in sekere sin die kroon toe hy dié jaar tiende in die Comradesmarathon eindig. Dit maak hom die eerste en tot dusver die enigste Tukkie om 'n gesogte goue medalje in dié wedloop te verower.

Sedert 1968 of 1969 het die Tukkiedames ook gereeld aan landloop deelgeneem. In 1970 het Marietjie Dippenaar 'n goeie derde plek op die SAU-byeenkoms behaal en so 'n plek in die SAU-span losgeslaan. Die volgende jaar was sy saam met Cecile van Zyl en George Claassen in die Noord-Transvaalse span. In 1972 het die Tukkielandlopers bestendig vertoon. Drie mans is vir die Suid-Afrikaanse kampioenskapsbyeenkoms op Stilfontein gekies, waar Kobus Scott 'n goeie vyfde plek behaal het.

Een van die eerste ondernemings wat die Landloopklub na sy formele onafhanklikwording van die Atletiekklub in 1971 aangepak het, was die instelling in 1972 van die gewilde Jakarandamarathon. Die roete van 42 km loop van die L.C. de Villiers-terrein af langs Duncanstraat, George Storrarylaan en die Fonteinesirkel verby, met Johan Rissiklaan deur Waterkloof, langs Garstfonteinweg tot in die Ou Militêre Weg, met Lynnwoodweg ooswaarts, dan met Simon Vermootenweg tot in die ou Bronkhorstspruitpad, deur Meyerspark, langs Lynnburnweg, weer in Lynnwoodweg weswaarts en deur die manskoshuisterrein tot by die atletiekbaan. Dié aantreklike, hoofsaaklik landelike roete was dadelik 'n treffer. Die wedloop het 'n jaarlikse instelling op 10 Oktober geword. Die 44 deelnemers van 1972 het mettertyd tot etlike honderde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

aangegroei. By die eerste geleentheid wen Tukkies se klub ook heel gepas die spankompetisie.

Een van die leidende geeste in die Landloopklub in hierdie tyd was George Claassen. Nadat hy 'n groot aandeel gehad het aan die onafhanklikwording van die klub, was hy in 1972 klubkaptein. Hy verteenwoordig Noord-Transvaal in daardie jaar, toe dié provinsie die nasionale kampioenspan, Suid-Transvaal, die eerste keer sedert 1948 klop.

Teen 1973 het die koshuisliga vrugte begin afwerp. Tukkies, wat die vorige jaar tweede laaste op die SAU-byeenkoms geëindig het, kom dié jaar vierde uit 11 universiteite en behaal ook 'n tweede plek in die Noord-Transvaalse liga. Die volgende jaar vaar die klub nog beter, toe die mans gesamentlik eerste kom in die liga en die dames die SAU-spankompetisie wen.

'n Groot hoogtepunt in die geskiedenis van die klub was 'n besoek van twee spanne van vier lede elk aan Wes-Duitsland in November en Desember 1974. Die besoek is deur bemiddeling van 'n Duitse uitruilstudent, Jürgen Hoppstädter, gereël. Die spanne het aan drie wedlope deelgeneem en goeie rekenskap van hulleself gegee. Nog belangriker is dat groot welwillendheid ondervind en vriendskapbande gesmee is.

Die jaar 1975 het goeie atlete opgelewer, wat Tukkies in staat gestel het om die tweede plek in die liga te behaal. Drie dames en twee mans word vir hulle provinsie gekies. Dié jaar het eintlik aan die dames behoort. Met spanlede soos Veronica Johannes, Frieda van Staden, Carolina Pohl, Rinelle Evans en Susan Geldenhuys het hulle nie alleen die Noord-Transvaalse kampioenskap gewen nie, maar ook die interprovinsiale spankompetisie. Die volgende paar jaar het die dames so vooruit geboer dat toe die mans in 1978 daarin slaag om die Noord-Transvaalse liga die eerste keer na sewe jaar te wen, die dames dit die vierde agtereenvolgende jaar kon regkry.

In die landloopjaar 1979–80 het die atlete weer goeie rekenskap van hulleself gegee. Die mans het hulle afdeling van die provinsiale liga gewen en die grootste kontingent tot dusver, naamlik twintig Tukkies, is in die provinsie se span opgeneem. Ses klublede het die SAU-span gehaal en Susan Geldenhuys is gekies vir 'n uitnodigingspan wat in 'n prestigebyeenkoms teen 'n Springbokspan meegeding het. In Augustus 1980 wen John da Silva die onder 19-titel op die Noord-Transvaalse kampioenskapsbyeenkoms.

Met die ingang van die tagtigerjare het Tukkies se Landloopklub hom deeglik in die Noord-Transvaalse liga laat geld. Nie net het John da Silva in 1981 die onder 21 titel van sy provinsie gebuit nie, maar Buks Annandale het daarvoor gesorg dat die senior manstitel ook na Tukkies kom. Aan die einde van 1981 het twee Tukkies, Arrie van Heerden en Chris Ebersohn, ten spyte van internasionale boikotte en isolasie, 'n landlooptoer onderneem waartydens België, Wes-Duitsland, Frankryk en Switserland besoek is. In moeilike omstandighede, wat sneeubedekte roetes ingesluit het, het Van Heerden twee tweede plekke behaal. In 1982 was die Tukkiemans die wenners en die dames die naaswenners van hulle onderskeie ligas.

In die voorsitterstoel van hierdie geesdriftige en aktiewe klub was dr. Zen Fourie, sedert 1976, en die afrigting is 'n paar jaar deur mnr. Gawie van Eck behartig. Die bestuur publiseer sedert 1982 twee keer per jaar 'n lekker geselsnuusbrief soos net mense vir wie die hardloopgogga gebyt het, kan doen en waardeer.

Manshokkie

Hoewel daar al vroeg in die twintigerjare 'n manshokkieklub aan die Universiteit tot stand gekom het, het dit maar 'n wispelturige bestaan gevoer. Tot 1960 was daar weinig hoogtepunte. Sedertdien het dit heelwat beter gegaan.

Die herlewing van manshokkie het sommer in 1960 begin. In daardie jaar het die klub die SAU-toernooi oortuigend gewen—sover vasgestel kan word, vir die eerste keer. Twee jaar later het Tukkies een verteenwoordiger, John Corbett, in die SAU-span gehad. In 1965 het 'n groot eer die klub te beurt geval toe sy kaptein, Dave Shaw, as onderkaptein van die Springbokspan aangewys is. Boonop is hy ook gekies as die kaptein van die Proteaspan, wat aan die einde van daardie jaar oorsee gaan toer het. 'n Ander speler wat in hierdie tyd op die voorgrond tree, was Barry Krasner, wat in 1967 en 1968 vir die S.A. Maccabi-hokkiespan gespeel het.

In die sewentigerjare het 'n nuwe Tukkiester in Russel Loubser op die toneel verskyn. In 1970 haal hy reeds die Transvaalse onder 21-span, die S.A.plattelandse span en die SAU-span. Hy behou sy goeie standaard, en word in 1975 gekies om vir 'n Suid-Afrikaanse uitnodigingspan teen 'n Walliese toerspan te speel—in normale omstandighede die ekwivalent van Springbokkleure.

Van 1975 af het die klub die eerste keer in die Pretoriase liga begin meeding. Voorheen het Tukkies nie daarby ingeskakel nie, omdat dit 'n Sondagliga was. Leon Grové, president van die klub, het dit reggekry dat wedstryde op Saterdagmiddae beslis word, sodat die studente ook kon inskakel. Die verskillende spanne het daarna goed in hulle onderskeie ligas gevaar.

Drie Tukkies is in 1982 vir Pretoria se junior Raadspan gekies.

Valskermspring

Dit is verbasend dat 'n klub soos die Valskermklub, wat teen 1982 nog maar drie jaar oud was en nog aan geen kompetisies deelgeneem het nie, reeds teen dié jaar 180 deelnemers kon hê. Dit het hom die 13de grootste klub uit 'n totaal van 29 aan die Universiteit gemaak.

Reeds van 1971 af het 'n klompie valskermentoesiaste aan Tukkies gereeld dié sport oor naweke beoefen. Omdat daar nie genoeg mense met die nodige kwalifikasies was om 'n klub te stig nie, het die Rustenburgse Valskermklub hulle fasiliteite aan die Tukkies beskikbaar gestel. Uiteindelik het die springers in Maart 1979 besluit die tyd is ryp om hulle eie klub te stig. Die Valskermklub het sommer met 66 lede weggespring.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Binne 'n paar maande na sy stigting, het die Tukkievalskermspringers merkwaardig gepresteer toe hulle tydens 'n nie-amptelike interuniversitêre byeenkoms op King Williamstown tweede na Wits geëindig het. Gevestigde universiteitsklubs soos Ikeys en Rhodes is die loef afgesteek.

In 1980 het die klub nog beter gevaar. Tydens 'n amptelike SAU-byeenkoms in Pietermaritzburg, het die senior span van vier lede verras deur die senior afdeling te buit. Omdat daar, weens 'n geldtekort, nie 'n junior span ingeskryf kon word nie, moes Tukkies in die geheel met 'n derde plek tevrede wees. Een spanlid is vir die SAU-span gekies. Die klub kon sy eerste bestaansjaar met 96 lede afsluit.

Die jong klub het bly voortwoeker. Teen Julie 1982 het vier van sy vryvallers as springmeesters by die Aëroklub van Suid-Afrika gekwalifiseer. Die vier is Marna Pienaar, Stefan Oosthuizen, Sybrand van Niekerk en Jan Heunis.

In September 1982 het die klub die besondere onderskeiding te beurt geval dat 'n aanvallige donkerkop damestudent, die negentienjarige Marna Pienaar, as voorsitter aangewys is—waarskynlik die eerste vrou wat dié posisie in 'n valskermklub in Suid-Afrika beklee het, en een van min in die wêreld.

Kanovaart

Alhoewel die Kanoklub van Tukkies eers aan die begin van 1973 gestig is, was Tukkiekanovaarders voor dié tyd al bedrywig. Reeds in 1964 het 'n landboustudent, Glyn Horten, in dié sportsoort 'n besondere prestasie behaal toe hy tydens die Suid-Afrikaanse spele drie nasionale rekords opgestel het. In die dubbelroeinommers het hy en sy roeimaat dit in die 500 m, 1 000 m en 10 000 m reggekry. Boonop het hy ook in die enkelroei-afdeling 'n silwer- en 'n bronsmedalje verower. Na hierdie blink opflikkering, het daar 'n stilte op die kanovaartfront ingetree, totdat M. Peoretti van Tukkies in 1969 Springbokkleure in dié sport verwerf het.

Na die stigting van die klub in 1973 het dié sportsoort eers werklik vlam gevat en is inligting daaroor meer geredelik bekombaar. Byeenkomste is gereeld by Roodeplaatdam gehou, waar daar nie net geroei nie, maar ook gesellig saam verkeer is, terwyl daar ook elders aan kompetisies deelgeneem is. Afgesien van die kompeterende afdeling, was daar 'n toerafdeling wat gereeld naweektoere en langer toere onderneem het. Dieselfde jaar nog het 'n paar Tukkies die veeleisende Bergriviermarathon tussen die Paarl en Velddrif aangedurf.

In 1975 het twee Tukkies goeie prestasies behaal. Hulle was Fielies du Plessis, wat tydens die Suid-Afrikaanse snelroeibyeenkoms die junior victor ludorum-titel ingepalm het, en Karl Lubout, wat in dieselfde jaar in die Transvaalse junior kanospan opgeneem is. Gedurende die somervakansie van 1975 het die klublede landswyd aan kompetisies deelgeneem. Die suksesvolste Tukkie was Willem van Riet, wat tweede was in die Umkomaaswedvaart oor 80 km en vyfde in die Umkomaasmarathon. Hy was ook derde saam met André Collins in 'n dubbelkano, in die Duzimarathon. Daarby het Van Riet in Maart 1976 die marathon oor 80 km tussen Schoemanskloof en Nelspruit gewen. Hy is in 1976 die tweede agtereenvolgende jaar in die Noord-Transvaalse span opgeneem. Op 'n meer ontspanne noot het die klub in September daardie jaar 'n geslaagde langnaweekuitstappie na Sordwanabaai onderneem.

In 1977 het Willem van Riet en Chris Greeff tydens die Suid-Afrikaanse kampioenskapsbyeenkoms presteer. In die 500 m-wedren vir dubbelkano's het hulle, ten spyte van 'n vyfde plek, die nasionale rekord met vyf sekondes verbeter. Later dié jaar is Chris Greeff vir 'n Springbokspan gekies, maar die span is deelname in Europa om politieke redes geweier. Van Riet behaal in Julie 'n vierde plek in die Bergriviermarathon.

Die jaar 1979 het vir die Tukkiekanoklub groot bevrediging ingehou. In die winter het die Tukkies die eerste keer in tien jaar die Maties in hulle tuiswater, die Bergriviermarathon, in die tweede plek ingedwing. Chris Greeff is eerste oor die wenstreep. Afgesien hiervan, kon die klub in September met genoegdoening terugkyk oor 'n jaar waarin hulle alle interuniversitêre kompetisies gewen het: die intervarsity teen Pukke, 'n interuniversitêre snelroeikompetisie, en die interuniversitêre marathon. Paul Olckers is dié jaar ook in Noord-Transvaal se span opgeneem.

Die toenemende gewildheid van dié sportsoort het in 1980 tot die instelling van 'n koshuisliga gelei. Die liga het bestaan uit vier byeenkomste gedurende die jaar, waartydens daar in vier verskillende kategorieë meegeding is. Sonop was die eerste wenner van die liga. Op hoër vlak het Tukkies sy goeie prestasies bly handhaaf toe Greyling Viljoen tydens die nasionale kampioenskapsbyeenkoms met drie goue medaljes in die junior afdeling weggestap het, en Paul Olckers twee vierde plekke in die senior afdeling behaal het. In Julie het die Tukkies weer eens oor die Maties koning gekraai deur die SAU-toernooi op die Bergrivier te buit. Vir die eerste keer in sy geskiedenis was die Kanoklub SAU-kampioene.

Die jaar 1981 het in vele opsigte aan Greyling Viljoen behoort. In die Transvaalse kampioenskapsbyeenkoms het hy al uitgeblink en kort daarna het hy tydens die nasionale byeenkoms 'n plek in die Springbokspan losgeroei. Op 18-jarige ouderdom was hy een van die jongste Springbokke in die geskiedenis van die sport. Maar een swaeltjie maak nog nie die somer nie; dat Viljoen goed deur sy klubmaats ondersteun is, blyk daaruit dat hulle by die nasionale snelroeibyeenkoms 14 medaljes verower het. In dié jaar was die Tukkies goed verteenwoordig in die Bergriviermarathon, toe vier van hulle van 22ste tot 43ste geëindig het. Teen die einde van 1981 het Greyling Viljoen oorsee gegaan en by twee geleenthede eerste plekke behaal. By die Statebondsbyeenkoms in Glasgow, het hy die 10 000 m-wedvaart gewen en by 'n internasionale byeenkoms in Zürich het hy in sowel die 1 000 m as die 10 000 m koning gekraai. Weens sy nasionaliteit is die medaljes egter in albei gevalle aan die naaswenner oorhandig!

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Greyling Viljoen, Tukkie-kanovaarder, wat in 1981 die eerste keer sy Springbokkleure verwerf het.

Nog was dit nie die einde nie, want Viljoen het sy segetog in 1982 voortgesit. In Februarie het hy die Suid-Afrikaanse marathonkampioen vir 1982 geword deur die marathonwedvaart op die Umzimkulurivier te wen. In Julie het hy eers op die Vaalrivier onder 'n besoekende Britse span uitgeroei, en toe 'n 10de plek in die moordende Bergriviermarathon behaal: twee merkwaardige prestasies in een maand!

Die lys prestasies wat die kanovaarders in die kort bestek van nege jaar sedert die stigting van die klub behaal het, is indrukwekkend. Net so merkwaardig is die feit dat dié sportsoort, wat oor die algemeen nie veel publisiteit in die nuusmedia ontvang nie, teen 1981 al 128 geregistreerde lede kon hê.

Bofbal

Bofbal is 'n sportsoort wat met die VSA geassosieer word, en wat oor die algemeen nog nie die verbeelding van Afrikaanssprekendes aangegryp het nie. Dit sal baie mense verras om te hoor dat bofbal, wat die getal beoefenaars betref, in 1981 klubs soos manshokkie, tafeltennis, stoei en boks in die skadu gestel het.

'n Bofbalklub bestaan in der waarheid sedert 1946 aan die universiteit. Na 1957 het die klub doodgeloop, en eers in 1975 herleef. Nadat die klub weer op dreef gekom het, is daar die volgende jaar vir die tweede liga ingeskryf, wat dan ook redelik maklik deur UP gewen is. Na 'n afwesigheid van 19 jaar, het die Tukkies in 1977 weer hulle verskyning by 'n SAU-toernooi gemaak en 'n derde plek behaal. Na die toernooi, is die later bekende Rugbyspringbokke Naas Botha en sy broer Darius onderskeidelik vir die S.A. Universiteite se A- en B-spanne gekies.

In 1977 is daar 'n koshuisliga ingestel. Hoewel bofbal 'n somersport is, het die liga in die winter plaasgevind om dit vir die koshuise moontlik te maak om in te skryf. In 1978 was daar nege spanne in die liga, nadat daar die vorige jaar vyf was. Willie Steyn van Tukkies is dié jaar as die beste speler tydens die SAU-week aangewys en in 1979 is hy vir Noord-Transvaal gekies.

In Desember 1979 het Tukkies vir die eerste keer sedert 1957 daarin geslaag om 'n SAU-toernooi te wen. Vyf Tukkies is daarna in die SAU-span ingesluit, die Bothabroers, Lucas en Leon Scheepers en Martin Coetzee. 'n Suksesvolle bofbalfeesdag is deur Tukkies gereël, waaraan die tuisspan, Wits, RAU en 'n Dodgers-uitnodigingspan deelgeneem het. Vier Tukkies speel in 1980 vir hulle provinsie.

Van 1981 af het die kolfswaaiers 'n splinternuwe bofbalveld noord van die swembad op die L.C. de Villiers-terrein tot hulle beskikking gehad. Dit was 'n groot aansporing vir die klub, maar die bestuur het nie gewag dat alles in hulle skoot val nie: hulle het 'n borg gevind deur wie se toedoen 'n telbord aan die einde van 1982 opgerig is.

In 1981 het die eer Tukkies te beurt geval dat Wessel Bezuidenhout vir 'n Suid-Afrikaanse onder 23-span gekies is. Weens gebrek aan internasionale mededinging, het die span nooit 'n wedstryd gespeel nie. Saam met Bezuidenhout, het M. van Broembsen in dié jaar vir die SAU-span uitgedraf.

In die 1981–82-seisoen het die bofbalklub drie Noord-Transvaalse spelers opgelewer, Neels en Wessel Bezuidenhout en Danie de Villiers. 'n Besondere hoogtepunt in die klub se geskiedenis was die besoek van die nasionale span van Taiwan. Die klub was die gasheer vir die toerspan se wedstryd teen Noord-Transvaal. Hoewel Tukkies nie verteenwoordigers in die provinsiale span gehad het nie, was die aanwesigheid van 'n internasionale span 'n groot inspuiting vir die sport.

Om ongelyke kompetisie uit te skakel, is die koshuisliga in 1980 in 'n A- en 'n B-liga verdeel. Twaalf spanne het sedertdien daaraan deelgeneem. In 1981 was Onderstepoort die wenner van die A-liga, wat die sterkere van die twee is, en in 1982 was dit Medies se beurt.

In 1982 was Neels Bezuidenhout die voorsitter van die klub. Martin Coetzee was sedert 1980 die klubafrigter.

Skaak

Dat skaak hier onder sportsoorte bespreek word, kan vreemd lyk. Die feit is dat skaak in 1978 deur die Sportburo onder sy vlerk geneem is, en dat dit sedertdien as 'n sportsoort geadministreer word. Skaak word lank reeds deur die Departement Sport en Ontspanning as 'n sportsoort erken.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Voor 1978, was die skaakspelers in 'n vereniging saamgesnoer, en dit lyk of dit in Maart 1971 gestig is. Aanvanklik is daar hoofsaaklik op 'n huishoudelike vlak meegeding. Klubkampioenskappe is ingestel, waar lede om 'n wisseltrofee meegeding het. In 1972 het die vereniging in die Transvaalse C-liga deelgeneem, maar die volgende jaar het hulle na die B-liga gepromoveer; ook is daar 'n koshuisliga ingestel om groter belangstelling op dié vlak te wek.

In 1979 was die Skaakklub die middelpunt van groot belangstelling toe hy die gasheer vir 'n groot internasionale toernooi was. Die Noord-Transvaalse Skaakunie het in dié jaar vyf internasionale grootmeesters en meesters na Suid-Afrika gebring vir die Atlas Copco-toernooi, wat in April by Tukkies plaasgevind het.

Die klub het binne enkele jare heelwat aangewas. Teen 1980 het dit aan drie ligas deelgeneem. Eerstens was daar die Noord-Transvaalse geslote liga, wat vroeg in die jaar plaasvind. Tweedens het hulle meegeding in die Noord-Transvaalse junior Top Tientoernooi, waarin die eerste drie plekke dié jaar ingepalm is. Laastens is daar ook ingeskryf vir die Suid-Afrikaanse Oude Meestertoernooi.

Sedert 1978 het Tukkies aan 'n aantal interuniversitêre kragmetings teen RAU, Kovsies en Wits deelgeneem en nog nie een kragmeting verloor nie.

Gholf

Gholf word tradisioneel as 'n "rykmansport" beskou. Boonop is dit 'n sportsoort wat heelwat tyd verg—iets waarvan die pligsgetroue student nie te veel het nie. Dit is dus verbasend dat die Tukkiegholfklub in 1981 met 'n ledetal van 100 kon spog—die agtiende grootste klub uit 'n totaal van 29 aan die Universiteit. Die rede moet gesoek word in die onweerstaanbare bekoring wat dié sport vir die stokswaaiers het, en die feit dat uitstekende geriewe sedert 1962 deur die Wingate Parkbuiteklub teen 'n nominale bedrag aan klublede beskikbaar gestel word.

Tot 1960 het die Gholfklub 'n onbestendige bestaan gevoer. Die jaar daarna het dit sy eerste noemenswaardige prestasie gelewer toe Selwyn Schewitz van Tukkies die SAU-gholftitel gebuit het. Dieselfde jaar het hy tot die kwarteindronde van die Suid-Afrikaanse amateurtoernooi deurgedring.

Die nuwe geriewe wat van 1962 af by Wingate Park beskikbaar geword het en die gratis afrigting van die beroepspeler Jock Black, het daarna gesorg daarvoor dat die gewildheid van die sport toegeneem het. Daar moes nou van onder af aan 'n span gebou word, en topprestasies was skaars. Nietemin is Frank Steyn in 1966 gekies om die SAU se jongspan te verteenwoordig en Steyn en H. Viviers is die volgende jaar vir Noord-Transvaal gekies. In 1969 was dit weer die belowende jong Louis Peens wat sowel vir die SAU se B-span as die provinsiale span diens gedoen het. Die volgende jaar is Peens vir die gekombineerde Transvaalse onder 25-span en vir die SAU se A-span gekies. In 1971 kon die Tukkiegholfspan nie op volle sterkte aan die SAU-toernooi deelneem nie, maar in 1972 het hulle



Andries Oosthuizen, wat in 1973 sy Springbokkleure in gholf verower het en in dieselfde jaar Suid-Afrikaanse amateur-kampioen geword het.

goeie rekenskap van hulleself gegee deur vierde uit nege deelnemers te eindig—die beste onder die Afrikaanse universiteite.

In 1973 het 'n blink nuwe ster uit die Tukkiestal, Andries Oosthuizen, die gholfwêreld stormenderhand verower. Na 'n reeks goeie vertonings sedert sy toetrede tot die senior geledere in 1970, wen hy in Januarie 1973 die Noord-Transvaalse Silver Salver-toernooi met 'n baanrekord van 66 houe in die finale ronde. Die volgende maand ontvang hy Springbokkleure en hy wen daarna al sy wedstryde in die twee toetse van die Springbokke teen 'n wêreldspan. Net daarna word hy die Suid-Afrikaanse amateurkampioen. Daarna volg 'n hoogtepunt toe Oosthuizen saam met Neville Sundelsohn teen 62 ander spanne die wêreldspantitel vir Suid-Afrika wen. Al hierdie prestasies het hy op 19-jarige ouderdom behaal. Nodeloos om te sê, het Andries Oosthuizen in dié jaar ook die houespeltitel op die SAU-toernooi ingepalm.

Die skitterende prestasies van Andries Oosthuizen sou nie weer in die geskiedenis van die klub herhaal word nie. In 1976 het Louis Norval weer opgang begin maak. Hy het goed gevaar in SAU-en Noord-Transvaalse toernooie en in 1979 vriend en vyand verras toe hy in Port Elizabeth die Suid-Afrikaanse toernooi gewen het, en so die nasionale amateurkampioen geword het. Hy is daarna vir die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Springbokspan gekies, hoewel hy uiteindelik nie gespeel het nie.

Sterre het gekom en gegaan, maar die Gholfklub het bly staan. 'n Groot stap vorentoe is in Maart 1982 gedoen toe 'n koshuisliga ingestel is. Twaalf spanne het dadelik vir die liga ingeskryf. In 1982 het een speler die Noord-Transvaalse span gehaal.

Een van die groot faktore in die welslae van die Gholfklub is ongetwyfeld die rol van prof. Nic Maree, wat sedert 1965 ononderbroke die voorsitter is.

Onderwatersport

Dat 'n haas onbekende sportsoort soos onderwatersport in 1981 'n geregistreerde ledetal van 98 kon hê, sal vir menige Tukkie seker nuus wees. Miskien sal dit selfs vir baie onbekend wees dat die onderwatersportklub sedert 1974 bestaan. Afgesien van onderwaterhokkie, sluit onderwatersport ook in SOWA-duik (selfonderhoudende onderwaterasemhalingstoerustingduik) en buksjag of visskiet ("spearfishing").

Sommer met die wegspring het die klub sy stempel gelaat. Nadat die ledetal by die stigting elf was, het dit vroeg in 1975 die 80-merk verbygesteek. Die klub het teen daardie tyd al tien Noord-Transvaalse onderwaterhokkiespelers opgelewer. Hiertoe het die afrigting van die Springbokke Johnnie van der Walt en Chris Hugo bygedra.

Reeds aan die einde van 1976 het die klub die algehele wenners van die SAU-kompetisie geword. In onderwaterhokkie wen die Tukkiemans, terwyl die dames tweede kom in die damesafdeling, wat dié jaar die eerste keer aangebied is. In die visskiet was Tuks derde en in die SOWA-afdeling vierde. In 1977 buit die klub die Noord-Transvaalse onderwaterhokkieliga en die beker vir die meeste spelers in die provinsiale span.

In die sportjaar 1978-79 het die klub sy prestasies voortgesit en ses spelers aan die Noord-Transvaalse span voorsien, terwyl ses mans en twee dames SAU-kleure verwerf het. Aan die begin van 1979, het Tukkies die onderwaterhokkietitel op die SAU-toernooi buitgemaak, en later in die jaar 'n Britse toerspan die loef afgesteek.

Ook die volgende sportjaar was 'n goeie een, want nie alleen het die mans die SAU-onderwaterhokkietitel gewen nie, maar die volle damespan het Noord-Transvaalse kleure verwerf. Boonop was daar 'n buitengewone bonus in Maart 1980. Ter viering van die Universiteit se halfeeufees het die klub dié maand 'n watersportkarnaval gehou, waaraan RAU en Wits ook deelgeneem het. By dié geleentheid het 'n paar Tukkies 'n nuwe wêreldrekord van oor die drie uur in onderwaterbrug opgestel!

In die SAU-toernooi in Desember 1980 het die mansonderwaterhokkiespan skoonskip gemaak. Nie een doel is in die hele toernooi teen hulle aangeteken nie. In die ander afdelings, naamlik visskiet en SOWA, was die prestasies nie so goed nie, met die gevolg dat die mans- en damespanne algeheel tweede geëindig het. Behalwe die vyf klublede wat daarna vir die SAU-spanne gekies is, het nie minder nie as 15 gedurende 1981 hulle provinsie verteenwoordig, terwyl een Springbokkleure ontvang het. In 1982 het een Tukkie die provinsie verteenwoordig en een die Suid-Afrikaanse universiteite.

Sedert die stigting van die klub in 1974, was dr. L.P. Vermeulen ononderbroke die president.

Tafeltennis

Nadat 'n tafeltennisklub so vroeg as 1937 al bestaan en daarna doodgeloop het, het dit in 1954 herleef. Teen 1960 was die klub 'n krag in die plaaslike liga en het dit begin om aan SAU-byeenkomste deel te neem.

In 1960 het Tukkies se manspan sy stem dik gemaak deur die Noord-Transvaalse reserweliga te wen; die volgende jaar was dit weer so. Die dames het nie op hulle laat wag nie en in 1962 tydens die SAU-byeenkoms die louere met Kaapstad gedeel. Hierna het 'n effense insinking plaasgevind en het veral 'n tekort aan damespelers die klub in die wiele gery. Maar teen 1966 was die dames weer terug in die prentjie, toe Tukkies se twee damespanne gesamentlik tweede op die SAU-toernooi was. In 1968 het die dames met 'n derde plek weer saamgepraat.

In 1971 het die manspan die eerste keer daarin geslaag om Wits in 'n intervarsity die loef af te steek. Hierdie inspuiting het die klub goed gedoen, want nadat Tukkies 'n ruk lank nie aan die plaaslike liga deelgeneem het nie, is daar in 1972 weer twee manspanne ingeskryf. Die eerste Tukkiespan van Hannes Harmse, Kobie Grobler en Karel Siebritz het skoonskip in die reserweliga gemaak.

Die mans se sukses het ook die dames aangespoor en in 1973 was daar weer 'n damespan in die liga. Dié jaar was 'n dame ook die uitblinker. Sibyl Malan, wat in 1972 reeds Noord-Transvaal se junior dameskampioen was, verwerf in 1973 SAU-kleure. Daarby het die mans hulle bevordering na die eerste plaaslike liga geregverdig deur die vierde plek uit tien spanne te behaal.

Die dames het in 1974 op hulle goeie prestasies voortgebou en die SAU-titel die eerste keer gewen. Sibyl Malan verteenwoordig die SAU en haar provinsie. Hannes Harmse, ononderbroke klubkampioen sedert 1971, verwerf provinsiale kleure en in 1975 behaal Stoffel Schneider ook dié onderskeiding.

Staatmakers soos Sibyl Malan het steeds die klub se vaandel hoog gehou. In 1976 word sy die vierde agtereenvolgende jaar klubkampioen. Die damespan slaag in 1977 daarin om tydens die SAU-byeenkoms die eerste plek met UOVS en Rhodes te deel. In 1978 was daar 'n nuwe damester op die toneel: Betsie Botha verower die damesenkelspeltitel op die SAU-toernooi en palm saam met Paula Kloppers die dubbelspeltitel in. Mej. Botha word daarna vir haar provinsie gekies. In 1979 het die Tukkiedames weer die dames van die ander universiteite uitgestof.

Die dames was nou onstuitbaar. In 1980 eindig hulle weer saam met die Natalse Universiteit bo. Riana Neser haal met uitstekende spel die SAU-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

span en die Noord-Transvaalse span. Weer het die dames in 1981 tydens die SAU-toernooi uitgetroon en is Theresa Rink vir die Universiteitespan gekies. Eers in 1981 kon die dames se segetog gestuit word toe hulle met 'n tweede plek tevrede moes wees.

Die hoë standaard van UP-tafeltennis is in 1982 voortgesit. Eers is vier Tukkies vir die Noord-Transvaalse onder 21-span gekies en daarna verteenwoordig op een na dieselfde viertal hulle provinsie in die SA onder 20-toernooi.

Tafeltennis is 'n sportsoort wat uitstekend daarvoor geskik is om op koshuisvlak beoefen te word. Die sukses van die Tafeltennisklub moet dan ook in groot mate aan hierdie voedingsbodem toegeskryf word.

Seiljagvaart

Die Seiljagklub is in Februarie 1981 gestig en dit maak hom die jongste klub aan die Universiteit. Die aanvoorwerk vir die stigting is gedoen deur Murray Coombs, wat ook die eerste voorsitter was. Die klub het met 33 lede begin en teen 1982 was die ledetal 71. Nie al die lede is aktief nie, omdat seiljagvaart eerder 'n rekreatiewe as 'n mededingende sportsoort is.

Drie vertakkinge van die sport word deur die klublede beoefen: windgolfry ("windsurfing"), katamarans en eenrompbote. Omdat die apparaat duur is, is dit buite die meeste studente se bereik—'n faktor wat deelname beperk.

Die klub neem hoofsaaklik op 'n individuele grondslag op Roodeplaatdam aan kompetisies deel. 'n Span het wel nie-amptelik in 1981 aan die SAU-kompetisie op die Midmardam naby Pietermaritzburg deelgeneem, maar aktiewe mededinging word bemoeilik deur die feit dat daar geen provinsiale beheerliggaam vir die sportsoort in Noord-Transvaal is nie.

Karate

'n Entoesiastiese groep Tukkies het in Maart 1966 'n Karateklub gestig, onder die leiding van Doc Serfontein, wat kort tevore 'n bruin gordel in Japan verwerf het. Dit maak karate een van die jongste sportklubs aan UP, maar dit het nie verhinder dat sy lede in dié kort tyd roemryke prestasies behaal nie.

Sommer binne sy eerste bestaansjaar het die klub 'n stempel gelaat. Eers het hy naelskraap met 3 teen 2 in 'n intervarsity teen Wits verloor en daarna het een van sy lede, Hermann Engelbrecht, die Noord-Transvaalse span gehaal. In 1967 is daar op dié fondament voortgebou toe die klub tydens die Suid-Afrikaanse kampioenskapsbyeenkoms twee nasionale kampioene opgelewer en 'n aantal tweede plekke verower het.

Onder die bekwame afrigting van Doc Serfontein en Johan Roets, 'n eerste Dan, het die klub van krag tot krag gegaan. In 1968 het hy vier lede tot die provinsie se span bygedra: Piet Steenkamp, Johan Coetzee, Richard Poulter en William du Plessis. In 1970 het Tukkies weer vier uit die sewe plekke in die Noord-Transvaalse span gevul. In dié jaar het W. du Plessis sy provinsie se karatekampioen geword. Vir die eerste keer in sy geskiedenis het die klub in 1971 deur 'n gelykopbeslissing teen Wits daarin geslaag om nie die jaarlikse intervarsity te verloor nie.

'n Groot inspuiting vir die klub was die besoek van die grootste karatekenner in die wêreld, Shigeru Kunura van Japan, in 1971. Sy afrigting en voorbeeld spoor Tukkies soos Frans Joubert tot groot hoogtes aan. Joubert wen in Mei 1971 as lid van die Noord-Transvaalse span al sy gevegte tydens die RSA 10-sportfees in Kaapstad. Hy slaag ook in 'n skeidsregterskursus en word Tukkies se afrigter. In 1972 maak UP skoonskip tydens die provinsiale byeenkoms en die volgende jaar verteenwoordig Frans Joubert sy land, terwyl drie ander Tukkies op die SA kampioenskapsbyeenkoms goue medaljes verower. Teen 1973 was die klub al so 'n krag in Noord-Transvaalse karate dat hy drie jaar agtereenvolgens die provinsiale kampioen lewer.

Tot 1974 het die Karateklub slegs die Shokokai-styl beoefen. In 1975 is daar besluit om nog 'n styl bekend te stel, naamlik Karate-Do. Nadat die stigter van dié styl, Shihan Thomson, die klub besoek het, en 'n instrukteur uit Israel ook betrek is, het Karate-Do baie aanhangers gewen, ook onder die dames. Nog dieselfde jaar het Gert Beetge die swart gordel in die nuwe styl ontvang.

Teen 1977 was Tukkies 'n gedugte teenstander op SAU-byeenkomste en is hy net-net deur RAU in die tweede plek ingedwing. Die dienste van 'n nuwe afrigter, Sensei Lionel Marinus, die hoofinstrukteur van Shokokai in Suid-Afrika van 1979 af, het die klub goed te pas gekom. In daardie jaar het sy werk vrugte afgewerp toe Tukkies die Cossack Vodka-karatekompetisie teen RAU en PUK gewen het. Ook die dames het hulle afdeling ingepalm. Janina Jahn en Karin Rabie het hulle onderskei.

In 1980 is daar ook heelwat welslae behaal. Die Cossack Vodka-kompetisie is weer verower en Tukkies het ook in die intervarsity teen Kovsies koning gekraai. Die volgende jaar wen UP die SAU-byeenkoms. In 1982 het die karateklub 'n hoogtepunt belewe toe Springbokkleure aan een van sy lede toegeken is. Dit was Ronnie Webber. Hoewel Frans Joubert sy land in 1975 al drie keer verteenwoordig het, was die kragmetings vriendskaplik en het hy nie kleure ontvang nie. Webber het die onderskeiding te beurt geval dat die Springbokspan waarvan hy lid was, die Wes-Duitse toerspan, naaswenners na Japan tydens die wêreldkampioenskapsbyeenkoms, in twee toetse verslaan het.

Fietsry

Of Tukkies ooit oor 'n wedrenfietsryklub beskik het, is 'n ope vraag. 'n Wedrenfietsklub het waarskynlik nooit bestaan nie, hoewel 'n sosiale fietsklub wel in 1979 in die lewe geroep is. As gevolg van die ongeorganiseerde aard van die sportsoort, het deelnemers daaraan nie deurlopend meegeding en gepresteer nie. Gevolglik verloop die verhaal van fietsry ook met stampe en stote.

Uit die bloute het daar in 1967 'n blink fietsryer

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

op die toneel verskyn. Johan Nicol van Tukkies tree in dié jaar as een van die uitblinkers tydens die SA kampioenskapsbyeenkoms na vore. Daar verbeter hy onder andere die nasionale rekord in die 1 000 m-tydren en hy word as die beste jaer van die byeenkoms aangewys. Daarna ontvang hy Springbokkleure. Ongelukkig moes Johan Nicol in 1969 weens studieverpligtinge sy fiets laat staan, maar in dieselfde jaar het Tukkies 'n nuwe Springbok in Danie Auret bygekry. Twee jaar later is sy plek volgestaan deur Eugene ("Choppie") de Bruyn. Na verskeie vroeëre prestasies, het hy tydens die RSA 10-sportfees van 1971 'n silwer medalje in die 4 000 m-spanagtervolging verower, en hy was ook dié jaar die Noord-Transvaalse tydtoetskampioen.

Die volgende ses jaar was daar 'n stilte aan die fietsryfront, totdat Suwil Rudolph in 1977 op die toneel verskyn het. By die SA Ope kampioenskapsbyeenkoms daardie jaar wen hierdie Tukkie sowel die 10 km-wedren as die 1 000 m-tydtoets, en hy behaal 'n tweede plek in die 1 500 m. Teen daardie jaar het hy al sewe Noord-Transvaalse titels gehou.

In Maart 1979 is daar vir die eerste keer 'n Fietsryklub aan UP gestig. Die leiding is deur dr. Piet de la Rey geneem en die klub was ingestel op 'n meer sosiale vorm van fietsry en massadeelname eerder as op baanprestasies. Om belangstelling aan te wakker, is 'n afloswedren met gewone fietse in April as deel van die Joolbedrywighede by die L.C. de Villiers-terrein gehou. Die klub het die volgende jaar steun in die vorm van ses damesfietse van 'n fietsmaatskappy ontvang. Teen 1982 het dit egter gelyk of die klub gevaar geloop het om dood te loop.

Tussen al dié bedrywighede deur het die ernstige fietsryers voortgegaan om hulle bydrae te lewer. In 1980 is Koos Babst van Tukkies deur die Springbokkeurders genooi om aan die Panoramatoer deel te neem. Later dié jaar wen Bruce Reynecke die Olifantsfonteinsirkelwedren. Hy neem ook aan die Rapporttoer deel en verwerf saam met K. Paawlen en G. Nel provinsiale kleure. Ook die Tukkie Leonardo Slabbert het in 1981 presteer deur die 1 000 m-tydtoets en die 1 500 m tydens die provinsiale kampioenskapsbyeenkoms te wen. Hy ontvang die titel van beste senior in Noord-Transvaal. Later dié jaar wen Carel Taljaard van Tukkies die Doddskildwedren oor 40 km op die Baviaanspoortpad. In 1982 is twee Tukkies genooi om aan die Rapporttoer deel te neem.

Die talle uitstaande prestasies van Tukkiefietsryers is merkwaardig as daar in aanmerking geneem word dat die manne nie deur 'n klub gerugsteun is nie en ook geen formele afrigting ontvang het nie.

Skerm

Hierdie ou sportsoort, met die hoë eise wat dit stel aan koördinasie tussen brein en liggaam het nog nooit in Suid-Afrika 'n groot aanhang gehad nie. Aan die UP bestaan die Skermklub sedert 1950, en hoewel dit nooit 'n groot ledetal gehad het nie, het dit nooit aan entoesiasme ontbreek nie. Die klub het hom sedert 1960 deeglik op interuniversitêre vlak laat geld en selfs twee Springbokke opgelewer.

Sedert 1962 het die Skermklub die voordeel geniet van professionele afrigting deur prof. Maitre Claude Caux van Frankryk. Sy gespesialiseerde kennis het 'n heilsame uitwerking op die klub se prestasies gehad. Nog dieselfde jaar is Helmut Hitzeroth van Tukkies gekies om 'n Suid-Afrikaanse studentespan op 'n toer na Europa te vergesel. Die volgende jaar het die Tukkie Nic von Jeney die mansafdeling tydens die Transvaalse junior kampioenskapsbyeenkoms gewen en in 1964 doen Willie Koschade dieselfde by die Transvaalse intermediêre byeenkoms. In Julie 1964 wen die mans hulle afdeling van die SAU-kompetisie.

Prestasies tydens interuniversitêre toernooie het daarna algemeen geword. In 1965 het die manspan weer die beker Pretoria toe gebring, met die dames tweede in hulle afdeling. Die volgende jaar was die mans tweede en die dames derde en Willie Koschade en Berndine Nel is aangewys as die mans- en dameskaptein van 'n Proteatoerspan na Europa. In 1967 was twee staatmakers van die mans nie beskikbaar nie, sodat hulle nie dieselfde hoë peil kon handhaaf nie, maar die dames het nog vierde geëindig.

'n Groot hoogtepunt vir die Skermklub was die beloning van twee van sy uitblinkers met Springbokkleure in 1969: Nic von Jeney en Willem Koschade. Die laasgenoemde was eintlik 'n dubbele Springbok, omdat hy kleure in sowel floret as degen ontvang het, terwyl Nic von Jeney vir degen beloon is. Dié aanmoediging het die klub aangespoor om met sy prestasies voort te gaan. Tydens die Pretoriase Eeufeesbekerbyeenkoms, waaraan die beste Transvaalse skermers deelgeneem het, is Tukkies net-net in die tweede plek ingedwing.

Na 'n afwesigheid van twee jaar, het Tukkies se manspan weer in 1971 aan die SAU-skermtoernooi deelgeneem en gesamentlik derde uit nege spanne geëindig. Twee jaar later is drie Tukkies, Gilbert McCaul, Eddie Ward en Lukas van Vuuren, gekies om 'n Proteatoer na Europa mee te maak. Die afrigtingswerk van die Brit, mnr. Andrew Nelson, het sedert 1973 grootliks tot die klub se sukses bygedra. Dit het die mans in staat gestel om in 1974 weer met die louere by die SAU-toernooi weg te loop, nadat Wits vier jaar agtereenvolgens die wenners was. In 1975 het die mans dié prestasie herhaal.

In 1977 het die veteraan, Willie Koschade, toe verbonde as senior navorsingsbeampte aan die Departement Chemiese Ingenieurswese, vir die tweede keer Springbokkleure verwerf—agt jaar nadat hy dit die eerste keer ontvang het. In 1978 was dit die damespan se beurt om te presteer, toe hulle tweede op die SAU-toernooi was. In dié jaar was dit Douw Steyn se beurt om Springbokkleure te ontvang.

Die jaar 1980 het vir 'n hoogtepunt gesorg toe die mans- en damespan hulle afdelings op die SAU-byeenkoms gewen het—die eerste keer dat enige universiteit dit regkry. So byna-byna is dié prestasie in 1981 herhaal. Hierdie keer het die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dames koning gekraai, maar die mans moes met 'n tweede plek tevrede wees. Vyf klublede word vir die SAU-span gekies en Inge-Martine Pretorius word as lid van die nasionale span vir die SA Feesspele aangewys.

Die groot hoogtepunt van 1980 is wel in 1982 geëwenaar. Die Tukkies oorheers die toernooi in so 'n mate dat 12 van die 18 medaljes Pretoria toe gebring word. Wim Dreyer word as die beste skermer van die jaar aangewys en Inge-Martine Pretorius wen die damesfloretafdeling die derde agtereenvolgende jaar.

Die goeie rekord van die UP-skermklub strek die Universiteit tot eer. Dit is moontlik gemaak deur 'n klein kern van toegewyde beoefenaars.

Judo

Judo is tans een van die kleiner sportklubs aan UP—in 1981 was daar maar 30 geregistreerde lede. Nietemin is dit 'n klub met 'n besonder trotse tradisie wat tot 1955 teruggaan.

In 1956 is 'n SAU-judovereniging gestig, met mnr. Julius Jerling van UP as die eerste voorsitter. Hy was ook die skenker van die Jerlingskild waarvoor universiteite meeding. Tukkies het hierdie kompetisie totaal oorheers en klokslag die trofee gebuit. Tot 1966 het hulle elf jaar agtereenvolgens daarmee weggeloop.

Ook op nasionale vlak het die Tukkies hulle laat geld. Eddie Dorey was van 1962 tot 1966 elke jaar Suid-Afrikaanse swaargewigkampioen. Verder was Arrie Kruger in 1962, Harold Metzger in 1963 en Johan Strydom in 1964 ook nasionale kampioene. In 1966 was dit weer Hennie en Johan Strydom, en in 1967 was die laasgenoemde in die liggewigafdeling baas.

In 1968 het die klub die dienste van 'n Franse afrigter, mnr Jean Pujol, 'n vyfde dan, verkry. Daardie jaar het Johan Strydom die vyfde keer Suid-Afrikaanse kampioen geword en die volgende jaar was hy die heel eerste Tukkie wat Springbokkleure in dié sportsoort ontvang het. Nadat daar in 1968 geen SAU-byeenkoms was nie, het Tukkies in 1969 die skild teruggewen wat hy twee jaar tevore moes afstaan.

In 1970 het Willem Ruska, swaargewigwêreldkampioen, die klublede 'n maand lank onder hande geneem. Dié jaar was die Jerlingskild die twaalfde keer uit 13 jaar Tukkiebesit. Die klub het voortgegaan om in die sewentigerjare goed te presteer en het met byna eentonige reëlmaat op die SAU-byeenkomste koning gekraai. Boonop het Koos van Wyk en André Fench van Tukkies hulle land in 1974 teen Israel verteenwoordig. In 1977 was Van Wyk weer eens Springbok en het Johan Richter ook nasionale kleure ontvang. Daarby is drie Tukkies dié jaar vir 'n Suid-Afrikaanse uitnodigingspan teen die VSA gekies. Hulle was Rias Loots, André van der Bergh en Piet van der Merwe. Vir 'n verandering eindig Tukkies tweede op die SAU-toernooi van 1977.

Vier Tukkies is in 1979 vir die Springbokspan gekies en 18 vir die provinsiale span, terwyl twee die SAU-span gehaal het. In 1980 was daar weer twee Tukkiespringbokke, en in 1982 is Suzette de Villiers as kaptein van die Springbokvrouespan aangewys.

Sedert 1980 het mnr. J.C. Heiberg 'n waardevolle rol as afrigter gespeel.

Waterpolo

Waterpolo het tot 1969 'n onderdeel van die Swemklub se bedrywighede gevorm. In daardie jaar is 'n afsonderlike Waterpoloklub gestig. Sedertdien was dr. André Breedt ononderbroke die president.

Dit is nie duidelik wanneer Tukkies se swemmers op 'n mededingende grondslag aan waterpolo begin deelneem het nie. Waarskynlik was dit in 1958. Dit het dié sportsoort nie lank geneem om groot spelers op te lewer nie, want reeds in 1960 is Allan Brown vir die Springbokwaterpolospan gekies wat aan die Olimpiese Spele in Rome gaan deelneem het. Kalie Botha van Tukkies was ook reeds 'n Springbok terwyl twee ander staatmakers, Thys Siglé en Ian Hamilton, aanspraak op nasionale kleure gemaak het.

Groot was die trots en opwinding aan die begin van 1962 toe die Tukkies daarin geslaag het om die legendariese Witswaterpolokroon te laat kantel. Vir die eerste keer sedert 1929 moes die gedugte Witsies die knie buig, toe die Tukkie-manne hulle in die finale wedstryd van die Otteruitklopkompetisie die loef afgesteek het. Benewens die genoemde uitblinkers, verwerf Carl Dyason en Ian Bekker in dié jaar Noord-Transvaalse kleure en Dyason ook SAU-kleure.

Die watermanne het van krag tot krag gegaan en einde 1962 vir die eerste keer in die geskiedenis die Harry Getz-trofee tydens die SAU-byeenkoms gewen. As daar in ag geneem word dat UP geen eie swembad besit het nie, is dit 'n merkwaardige prestasie. Hiermee was hulle egter nie tevrede nie. In 1963 word Botha en Hamilton aangewys as twee van die elf beste waterpolospelers in die land—'n prestasie wat gelyk staan aan die verwerwing van Springbokkleure. Daarby is hulle twee saam met Bekker en Dyason gekies vir die SA Universiteitespan, wat in dié jaar aan die Universiade in Brasilië gaan deelneem het.

Nog tot 1966 was Kalie Botha steeds een van die staatmakers van die klub. In dié jaar word hy gekies om saam met die Springbokspan oorsee te gaan. Daarna volg daar 'n tydperk van stilte, totdat die klub weer in 1971 prominensie verwerf toe hy die eerste keer sedert 1962 die SAU-kompetisie wen. E.S. Kuhn en J.R. Botha haal albei dié jaar die SAU-span en die Noord-Transvaalse span.

'n Segetog vir Tukkiewaterpolo het daarna gevolg toe die klub van 1974 tot 1981 agt keer agtereenvolgens die Harry Getz-trofee verower het. Elke jaar was daar van drie tot vyf spelers in die SAU-span. Onder hulle was Terry Downes, wat in 1976 sy land teen Israel en Griekeland verteenwoordig het, en Peter Störzner, wat in 1977 vir 'n Suid-Afrikaanse onder 23-span gekies is. In 1979 het Tukkies die nasionale interklubtoernooi die tweede agtereenvolgende jaar gewen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die trotse rekord van hierdie betreklike jong klub blyk daaruit dat hy tot 1982 sowat 35 spelers vir SAU-spanne gelewer het, en omtrent net soveel vir Noord-Transvaal.

Gimnastiek

Sedert die stigting van die Tukkiegimnastiekklub in 1951, maar veral sedert 1960, het die klub se gimnaste hulle deeglik laat geld op provinsiale, interuniversitêre, nasionale en selfs internasionale vlak.

Dit was die dames wat eerste die aandag getrek het. Die eerste jaar waarin 'n interuniversitêre kompetisie aangebied is, 1960, het die Tukkiedames met die louere weggestap. Die volgende jaar het hulle die prestasie herhaal en drie van hulle is vir die SAU-span gekies. In 1962 moes hulle met 'n derde plek tevrede wees, maar in 1963 was hulle weer bo.

Na 'n windstilte in 1964, het die Gimnastiekklub onder die afrigting van mnr. Banie Alberts, dosent in Liggaamlike Opvoedkunde, en mev. G. Robbertson, weer van hulle laat hoor. In die Noord-Transvaalse gradekampioenskapsbyeenkoms van 1965 is hulle net-net om die eerste plek geklop. Die volgende jaar het hulle van 'n oorwinning seker gemaak. Ses Tukkies, drie vroue en drie mans, is daarna vir hulle provinsie gekies. 1966 was die beste jaar in die klub se geskiedenis, toe nie net die dames- en mansafdelings van die SAU-byeenkoms ingepalm is nie, maar ook die spankompetisie by die Noord-Transvaalse gradekampioenskapsbyeenkoms. In 1967 was dit weer so, en in 1968 kon die Tukkiedames nogmaals die SAU-titel agter hulle naam skryf.

Die gimnaste van 1968 was skynbaar nog nie met dié trotse klubrekord tevrede nie. Dié jaar oorheers hulle die Noord-Transvaalse kampioenskapsbyeenkoms heeltemal en verower 13 goue medaljes, met Ludi Koekemoer en Irini Botha die uitblinkers. Veertien Tukkies word hierna vir hulle provinsie se span van 30 gimnaste gekies. Kort daarna behaal Irini 'n hoogtepunt deur 'n goue medalje tydens die nasionale byeenkoms los te slaan. Die goeie jaar vir die klub is ietwat bederf deurdat Marianne du Plessis, wat in Maart 1968 Springbok geword het, aan die einde van die jaar weens 'n rugbesering die sport vaarwel moes toeroep.

Met uitblinkers soos Ludi Koekemoer aan die spits, het Tukkiegimnastiek in 1969 weer 'n goeie jaar beleef. Tydens die nasionale kampioenskapsbyeenkoms in die derde tot vyfde graad het die Noord-Transvaalse manspan, wat net uit Tukkies bestaan het, die spankompetisie gewen. Op die SAU-byeenkoms het Tukkies eerste geëindig, terwyl Wits in die jaarlikse kragmeting weer eens die knie moes buig.

Dit het begin lyk asof dit elke jaar net beter met Tukkiegimnastiek gegaan het, want die prestasies in 1970 was weer indrukwekkend. Tydens die Noord-Transvaalse gradebyeenkoms word Tukkies se dr. Jean Cronstedt kampioen in die sewende graad, Johan de Bruyn in die vyfde graad en Johan Schreuder in die derde graad. Later, tydens die Suid-Afrikaanse gradekampioenskapsbyeenkoms, verower dr. Cronstedt en Ludi Koekemoer onderskeidelik 'n silwer- en 'n bronsmedalje in die sewende graad en Johan Schreuder 'n goue medalje in die derde graad. In dié jaar word Francois Stander ook 'n Springbok, terwyl die klubspan 'n geslaagde toer na Lourenço Marques (Maputo) onderneem.

Die segetog van die klub is in 1971 voortgesit. Nie net is die SAU-kompetisie en die intervarsity oudergewoonte gewen nie, maar op 'n hoër vlak het die Tukkies goeie rekenskap van hulleself gegee. Drie Tukkies, Anita van Niekerk, Bokkie Gerber en François Stander, word gekies as lede van 'n Springbokspan wat teen die einde van die jaar 'n toer na Israel en 'n paar Europese lande onderneem. Tydens dié toer het die Tukkies ongetwyfeld bewys dat hulle hulle man in internasionale geselskap kon staan.

In 1972 het die Gimnastiekklub op dieselfde trant voortgegaan: eers is die SAU-titel vir die soveelste keer gebuit en toe is sewe Tukkies in die Noord-Transvaalse span opgeneem, nadat Tuks ook die Noord-Transvaalse spankompetisie gewen het. Met twee Springbokke in sy geledere—François en Kobus Stander, wat vir Suid-Afrika teen Japan kragte gemeet het—was dit vir die Tukkiespan nie moeilik om in 1973 weer met die louere op die SAU-byeenkoms weg te stap en om in Noord-Transvaal se kompetisie koning te kraai nie. G. Bolt, C.J. Stander, R. Jahn en mej. G. Holtzhausen verteenwoordig in 1973 ook die provinsie. In 1974 oorheers die Tukkies die SAU-byeenkoms weer geheel en al, met die twee Standers en die jongste Springbok, Alwyn Gerber, in hulle midde. Ses Tukkies word daarna vir die SAU-span gekies en veertien vir Noord-Transvaal.

'n Besonder goeie spangees, puik afrigting deur François Stander, en die bestuurstalente van mnr. Bez Bezuidenhout het grootliks tot die voortdurende Tukkiesukses bygedra. Ook 1975 was geen uitsondering op die reël nie. In dié jaar het die klub, naas die drie genoemde Springbokke, twee nuwes in P. Swarts en N. Fowler gelewer. Vir die damesgimnaste was 1975 'n besondere jaar, want in Julie het agt dames as deel van 'n veelvolkige damespan aan 'n internasionale gymnastrada in Wes-Berlyn deelgeneem. Onder die afrigting van mev. Christa Olivier van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde het die span oorsee groot lof ingeoes.

In 1976 het die klub oudergewoonte sy kwota Springbokke gelewer. Die twee Standers, Alwyn Gerber en die nuwe Springbok, Willie Krause, was almal lede van 'n span wat hulle land in Taiwan verteenwoordig het. Maar die diepte van Tukkiegimnastiek het daaruit geblyk dat uit die agtergeblewenes, agt mans en vyf dames vir die provinsiale span gekies is.

Die segetog van Tukkiegimnastiek het in 1977 voortgeduur. Toe die mans in dié jaar weer tydens die SAU-kompetisie koning gekraai het, kon die klub reeds spog dat sy mans tot op datum dié kompetisie elf keer gewen het en die dames nege keer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tukkie-gimnastiektoerspan na Duitsland, 1978.
Agter, v.l.n.r.: *Serfie Potgieter (toerbestuurder), Kobus Stander (nasionale kampioen), Reinhardt Jahn (klubkaptein), Bez Bezuidenhout (afrigter), Anton Louw, Willie Krause, François Stander, mnr. Hugo Olivier (Direkteur, Sportburo).*
Voor: *Nico Fowler, Erna Calitz (afrigster), Elize Schoeman, Linda Steenekamp, Kathy Myburgh, Piet Albertyn.*

In 1978 was die Tukkiespan weer die algehele wenners by die SAU-byeenkoms. Dié jaar verskyn weer 'n nuwe damester op die toneel in Kathy Myburgh, wat haar land al in verskeie kompetisies verteenwoordig het. Toe 'n Tukkiespan in Julie van daardie jaar Wes-Duitsland besoek, het Kathy tydens 'n *turnfest* in Hannover die damesafdeling voor sowat 35 000 deelneemsters van Duitsland en elders weggeraap. Daarna is Kathy saam met Kobus Stander, Willie Krause en Nico Fowler gekies vir 'n Springbokspan wat in twee kragmetings teen 'n Amerikaanse span te staan gekom het.

Die Gimnastiekklub se rekord was in 1979 net so gedug. Nie net het die Tukkies tydens die SAU-byeenkoms geseëvier nie, maar Kathy Myburgh het op die nasionale kampioenskapsbyeenkoms in drie van die vier damesafdelings geseëvier, naamlik die balk, die brug en die vloeroefeninge. Heel gepas is sy dié jaar as Tukkiesportvrou van die jaar aangewys.

Met die aanbreek van die tagtigerjare het die klub steeds op sy ingeslane weg voortgegaan. Die SAU-titel word weer ingepalm en Tukkiegimnaste sorg vir uitstaande vertonings tydens die Noord-Transvaalse en Suid-Afrikaanse kampioenskapsbyeenkomste. Vier Tukkies haal die Springbokspan wat aan die Sanlambeker-reeks deelneem, naamlik Kathy Myburgh, Willie Krause, Nico Fowler en, as nuwe Springbok, Willie Potgieter.

Vir 'n verandering was Tukkies in 1980 nie die alleenwenner van die SAU-toernooi nie, maar die gesamentlike wenner. Op provinsiale en nasionale vlak het die Tukkies deeglik hulle man gestaan. So ook in 1981. Vyf van UP se gimnaste ontvang Springbokkleure tydens die RSA-spele in dié jaar, met een nuweling, Piet Albertyn, in hulle geledere. Aan die einde van 1981 was Tukkies ook met 'n kontingent van elf gimnaste die beste van al die Suid-Afrikaanse universiteite verteenwoordig in die SAU-span wat in Europa gaan toer het.

Die Tukkiegimnastiekklub moes 1982 sonder die meeste van sy Springbokke aanpak. Die enigste oorblywende draer van die groen en goud was Tersia Mitchell. Die jonger gimnaste het nogtans uitstekend rekenskap van hulleself by die SAU- en ander byeenkomste gegee.

Roei

Roei is 'n sportsoort wat 'n onbestendige bestaan gevoer en betreklik onlangs eers op dreef gekom het. Hoewel belangstelling nog altyd daarvoor bestaan het, is die georganiseerde beoefening daarvan in die wiele gery deur die hoë koste van bote en die feit dat lang afstande afgelê moet word om by 'n geskikte dam uit te kom.

Dit is nie seker van wanneer af die roeisport georganiseerd aan Tukkies beoefen is nie. Om die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

een of ander rede het dit doodgeloop en is 'n klub weer aan die einde van 1976 gestig. In Januarie 1977 het die klub aan sy eerste kompetisie deelgeneem en daarna het die jaarlikse SAU-kompetisie die hoogtepunt van hulle program gevorm. Die jong en onervare klub kon natuurlik nie verwag om dadelik op hierdie vlak saam te gesels nie. Nogtans was Tukkies in 1979 vierde op dié byeenkoms en het die Tukkie Jo Schady met twee eerste plekke weggestap. Die volgende jaar, 1980, was Tukkies derde in die SAU-toernooi en in 1981 behaal hulle 'n vierde plek.

In 1982 het Tukkies as gashere vir die SAU-byeenkoms opgetree. 'n Skenking van R1 500 om te help met die onkoste is van Yskor ontvang. Tuks het op twee maniere tydens dié byeenkoms geskiedenis gemaak: dit was die eerste keer dat 'n Afrikaanse universiteit die toernooi aangebied het, en op die koop toe het Tukkies met die louere weggeloop. Dit is 'n gedugte prestasie vir 'n klub wat in 1982 maar 30 geregistreerde lede gehad het.

Stoei

Alhoewel die Stoeiklub met 28 geregistreerde lede in 1981 een van die kleinste sportklubs aan die Universiteit was, is sy rekord een van die merkwaardigste. In die dertig jaar wat die SAU-kompetisie tot 1982 bestaan het, het die klub die gesogte Rembrandt-trofee 24 keer gewen. Daarby was UP drie keer die medehouer van die trofee en verskeie kere was hy tweede. Bowendien het die klub 'n hele paar Springbokstoeiers in sy geledere.

Die Stoeiklub het in 1940 ontstaan. Teen die sestigerjare was dit reeds goed gevestig en teen 1962 was die Rembrandtskild al nege uit tien keer die Tukkies s'n. In 1961 het Keith Gordon geskiedenis gemaak toe hy ingesluit is in die Suid-Afrikaanse Maccabispan en hy 'n bronsmedalje in Tel Aviv verower het. Tukkiestoeiers het ook op 'n gereelde basis verteenwoordigers in die Noord-Transvaalse span gehad. Nadat die Tukkies in 1964 die Rembrandtskild die tiende keer sedert die instelling daarvan in 1952 gebuit het, is die oorspronklike skild permanent aan hulle geskenk. Hoewel die SAU-toernooi in 1967 en 1968 weer gewen is, het die klub in die laat sestigerjare en tot 1972 'n insinking beleef, maar toe hy daarna in 1973 weer vlam vat, was hy feitlik onkeerbaar.

Die UP-stoeispan, S.A.U.-kampioenskappe, 1964, wenners van die Schweikerdt-trofee en die Rembrandt-skild. Hierdie eerste Rembrandt-skild is die volgende jaar permanent aan die Tukkie-stoeiklub toegeken omdat hulle dit sedert die instelling daarvan in 1952 tien keer verower het. Elkeen van die spanlede het in 1964 'n plek verower.

Voor, v.l.n.r.: *J. de Wit (veergew., 3de), G. Kleinhans (veergew., 2de)*
Middel: *J. van Oudtshoorn (swaargew., 1ste), T. Kruger (liggew., 1ste, Voorsitter), J. Findlay (ligswaargew., 1ste, Kaptein), G. de Waal (Sekretaris).*
Agter: *A. Grobler (middelgew., 2de, Sekretaris, Interhuis), H. Jordaan (Ondervoorsitter), J. Cloete (vliegew., 1ste, Sekretaris, Reklame), C. de Waal (weltergew., 3de), H. Roux (weltergew., 2de).*
Afwesig: *G. Hallowell (kapokgew., 2de).*

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

'n Koshuisliga waaraan al agt manskoshuise deelgeneem het, het tot dié herlewing bygedra. Die gehalte daarna was so dat die klub in 1976 twee verteenwoordigers in Sarel van der Walt en Kosie van Wyk gehad het in 'n span wat Suid-Afrika in Italië en die VSA verteenwoordig het, terwyl Naas Viljoen in dié jaar vir 'n Suid-Afrikaanse senior span in die VSA gestoei het. In 1977 was dit Pat Karpakis en in 1978 weer François Richards, François Rossouw en Marius Voges wat Springbokke geword het.

Die segetog van Tukkies se Stoeiklub is in 1979 voortgesit. Na hulle gesamentlike oorwinning met die Pukke tydens die SAU-byeenkoms, het twee Tukkies as lede van die SAU-span op die S.A. kampioenskapsbyeenkoms senior titels gewen. François (Popeye) Richards het die nasionale middelgewigtitel die derde agtereenvolgende jaar gewen, en Marius Voges die weltergewig. Nog 'n Tukkiespringbok het in 1980 in Johan Visser bygekom.

Nog was dit nie die einde nie, want in 1981 was daar weer vier Tukkiebokke. François Richards is as kaptein aangewys van die Springbokspan wat teen 'n besoekende Europese span te staan gekom het; Marius Voges het sy plek na drie jaar herwin; Eugene Odendaal was die derde. Daarna is Voges ingesluit in 'n SA onder 21-span wat Europa besoek het. Die vierde Springbok was Christo Reitz. Geen wonder nie dat die Stoeiklub aan die einde van 1981 as Tukkiesportklub van die jaar aangewys is.

Weer was 1982 'n goeie jaar vir die klub. Nie net is Marius Voges vir die Springbokspan gekies nie, maar 'n nuwe Tukkiespringbok is in André Botes tot die lys gevoeg.

Min persone het meer vir die Stoeiklub beteken as mnr. Martin Jooste, oud-Springbokstoeier, van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde. Van die vyftigerjare af tot 1981 was hy met die klub gemoeid, by verskillende geleenthede as voorsitter, maar veral as afrigter. Dr. W.J. Pepler was etlike jare beskermheer van die klub en dr. Theo Kruger was eers as student by die klub betrokke en daarna sedert 1964 in verskillende hoedanighede, in die jongste tyd as erepresident.

Boks

Boks word sedert die tweede dekade van die eeu al aan UP beoefen. Sedertdien is 'n voorbeeldige rekord deur die Boksklub opgestel. Die Hadleyskild wat in 1923 vir interuniversitêre mededinging geskenk is, is tussen 1940 en 1978 altesaam 23 keer deur die Tukkies gewen. Dit is daarom jammer dat dié sport in die jongste tyd, soos aan ander universiteite, besig is om aan UP te kwyn. In 1981 het die Boksklub van UP slegs 11 geregistreerde lede gehad en in 1982 geen lede nie.

Die sestigerjare het goed vir UP-boks begin. Teen 1961 het die Tukkies vier jaar agtereenvolgens die Hadleyskild verower. Die volgende jaar het hulle dit met die Maties gedeel en in 1963 was die Maties die alleenwenners. Eers weer in 1967 kon Tukkies die skild Pretoria toe bring—'n beloning vir die intensiewe en toegewyde afrigting deur oom Japie Keyter en Dave Wilke. Oom Japie was sedert 1957 president van die Boksfederasie van die Suid-Afrikaanse universiteite en sy naam is onafskeidbaar aan interuniversitêre boks verbonde. In 1968 was daar geen SAU-kompetisie nie en die volgende jaar moes Tuks met 'n sesde plek tevrede wees.

Die sewentigerjare het begin met die instelling van 'n koshuisliga, wat baie belangstelling gaande gemaak het. Hoewel Tukkies in dié jaar nie hond haaraf kon maak nie, het hulle in 1971 die trofee huis toe gebring en drie boksers het die SAU-span gehaal. In 1973 sou die vyftigjarige herdenking van die instelling van die Hadleyskild plaasvind en die belangstelling het hoog geloop. In 'n baie spannende kompetisie waartydens ses Maties en ses Tukkies in die eindgevegte teen mekaar te staan gekom het, het die Tukkies uiteindelik met die louere weggestap.

Ongelukkig het belangstelling op universiteitsvlak hierna gekwyn en het daar by drie geleenthede, 1977, 1979 en 1980, nie 'n byeenkoms plaasgevind nie. Selfs op interkoshuisvlak het die geesdrif verdwyn, totdat 'n toernooi op dié vlak weer na vyf jaar in 1977 plaasgevind het. Nogtans het die Boksklub in 1980 prakties doodgeloop.

Boksers wat op hoër vlakke as interuniversitêre toernooie naam gemaak het, is skaars. Een wat wel genoem kan word, is Hentie Meyer, wat in een stadium SA junior ligweltergewigkampioen was en in 1970 die Noord-Transvaalse span gehaal het.

Vir mnr. Japie Keyter, wat so nou met UP-boks en interuniversitêre boks saamgeleef het, moes die doodloop van die Boksklub 'n groot teleurstelling gewees het. Hopelik sal die voltooiing van die binnenshuise sportsentrum weer die nodige inspuiting aan die bokssport gee.

Korfbal

Korfbal het sedert die sestigerjare 'n bra onbestendige bestaan aan UP gevoer. Tot die laat veertigerjare is dit aktief beoefen, toe dit vir netbal verruil is na die stigting van 'n Netbalklub in 1948.

In die loop van die sestigerjare het korfbal skynbaar herleef, want in 1967 het Tukkies 'n Springbok in dié sportsoort opgelewer in Rina van Deventer. Die volgende jaar het sy en haar mede-Tukkie Charlotta Malan saam met 'n Springbokkorfbalspan na Europa vertrek.

Die volgende agt jaar verneem 'n mens niks van die klub nie, totdat twee dames in 1976 provinsiale kleure verwerf. Hulle was Zeleta Wigell en Melani Schoeman, wat vir die Noord-Transvaalse onder 20-span gekies is. Mej. Schoeman is daarna ook vir die Suid-Afrikaanse onder 20-span gekies. Die volgende jaar het dit nog beter gegaan, toe nege Tukkies vir die verskillende provinsiale spanne gekies is en Amanda Coetzee, Springbokkleure ontvang het. Melanie du Preez is vir die SA onder 20-span gekies. In 1979 was daar een Springbok en twee verteenwoordigers in die provinsiale span.

Hier het die klub se aktiwiteite tot 'n einde ge-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

kom. In 1980 het dit prakties ontbind, want slegs vyf speelsters het hulle ingeskryf. Die toekoms sal moet leer of die sport nog aan UP beoefen sal word.

Sportklubs wat nie by die Sportburo geregistreer is nie

Afgesien van die behandelde 29 sportklubs, is daar nog 'n paar sportsoorte wat tog op 'n redelik gereelde grondslag beoefen is of nog beoefen word, maar wat nie by die Sportburo geregistreer is nie, of opgehou het om te bestaan. Om die prentjie van UP-sport volledig te teken is dit nodig dat 'n kort oorsig van hierdie aktiwiteite gegee word.

Motorsport

'n Motorsportklub is in 1959 op die been gebring. Deur bemiddeling van mnr. J. Coetzee, voorsitter van die S.A. Motorklub, en prof. C. Pistorius, lid van die SAM, is daar affiliasie met die SAM verkry. So het lede van die klub outomaties lidmaatskap van die nasionale liggaam verkry, kompetisielisensies kon bekom word en lede kon aan alle kompetisies wat gehou word, deelneem. Die UP-motorklub het in 1965 met mening weggespring en binne ses maande drie gimkanas en 'n skattejag gehou, terwyl Tukkies ook aan die SAM 70-tydren deelgeneem het. In September is die sogenaamde "Summer Trail" ook gehou. Dit het by Kempton Park begin en oor 'n roete van 100 km gestrek. Tukkiestudente het jaarliks daaraan deelgeneem.

In 1967 het die eerste "Witstuks"-tydren oor 80 km teer- en grondpaaie plaasgevind. Dit is om die beurt deur die Motorsportklubs van UP en Wits aangebied. Hierin is veral die navigators se vaardigheid op die proef gestel. Ook aan tydrenne, soos die SAM 60, het lede van die UPMK gereeld deelgeneem. In 1970 het die Tukkies Jan Kriek en André Liebenberg in 'n DKW negentiende gekom in Suid-Afrika se enigste internasionale tydren, en so hulle klas gewen.

'n Kenmerk van die Motorklub se aktiwiteite was die groot uitstalling wat elke jaar in die Rautenbachsaal aangebied is. Daar kon entoesiaste en leke hulle vergaap aan enigiets van Formule I-motors tot knortjorre. Teen 1971 was Jan Kriek 'n lid van Renault Afrika se fabriekspan en Colin Moller en Nick Christodolou het gereeld aan tydrenne, soos die internasionale Total, deelgeneem. In 1973 is Peter Swanepoel van Tukkies as die beste nuweling in die S.A. Motorsportklub aangewys.

Die brandstofbeperking en stygende pryse sedert 1973 het 'n demper op motorsport geplaas. Die onkoste het so hoog geword dat die private deelnemer feitlik geheel en al uitgeskakel is. Dit het veral studente swaar getref. Nogtans het die klub se bedrywighede voortgegaan. In 1980 het die klub ook motorfietse onder sy vleuel geneem. Dié afdeling van die klub het dadelik naam gemaak toe Koos Zietsman in die Bapsfonteinse Grand Prix oor 204 km 29ste uit 186 deelnemers en tweede in sy klas geëindig het.

Teen 1981 was die UPMK die interuniversitêre klubkampioene.

Hengel

Reeds in 1958 het 'n paar hengelaars 'n klub aan UP gestig. Maar die belangstelling was te beperk en die klub het na 'n ruk ophou bestaan.

In 1963 het die Hengelklub herleef. Groot verwagtings is gekoester en sommer dieselfde jaar is 'n intervarsity teen Wits gereël. Hierdie kragmetings het die volgende paar jaar skynbaar gereeld plaasgevind.

Die volgende jaar, 1964, is die klub by die Sportkantoor geregistreer en met die Noord-Transvaalse Hengelunie geaffilieer, wat op sy beurt weer met die S.A. Hengelvereniging geaffilieer was. Dit het beteken dat die klublede se vangste nou vir erkenning as Suid-Afrikaanse rekords in aanmerking kon kom. 'n Jaarlikse interhuishengelkompetisie is in 1965 by die Hartebeespoortdam van stapel gestuur.

By die dinee van die UP-hengelklub in 1966 het mnr. Alf Jones, sekretaris van die Noord-Transvaalse Hengelvereniging, aangekondig dat dié vereniging 'n dam aan die klub gaan skenk. Die vereniging het self die dam van vis voorsien. Dit was in die omgewing van Rust der Winter geleë en daarna verneem ons gereeld dat kompetisies by die "Tukkiedam" plaasgevind het.

Interhuiskompetisies was skynbaar die belangrikste bedrywigheid van die klub. Die laaste kompetisie waarvan ons verneem, was dié van 1970, waaraan 19 hengelaars van ses manskoshuise deelgeneem het, en wat deur Medies gewen is.

Na 1970 is inligting oor die bestaan van die klub net so ontwykend as die "grote" wat weggekom het, en moet daar aangeneem word dat die klub tot niet gegaan het.

Trampolien

'n Trampolienklub is in 1964 aan UP gestig en het met groot geesdrif weggespring. Nog dieselfde jaar is daar aan die Transvaalse kampioenskapsbyeenkoms en 'n intervarsity teen Wits deelgeneem. Die volgende jaar kon die jong klub al 'n derde plek onder die Transvaalse klubs behaal, en in 1966 het die Tukkies Molly Smit en Gert Malan met eerste plekke weggeloop. Daardie jaar is Malan saam met Dirk Wissing en Mauritz Havenga vir die Transvaalse span gekies. Havenga moes hom weens siekte onttrek, maar Wissing en Malan het onderskeidelik die Suid-Afrikaanse titels in die tweede en derde graad gewen.

Teen 1967 het die klub onteenseglik bewys dat hy sy babaskoene ontgroei het deur die Transvaalse interklubkompetisie te wen. Vyf Tukkies is daarna gekies vir die Transvaalse span vir die Suid-Afrikaanse kampioenskapsbyeenkoms. So het die klub van krag tot krag gegaan. Tydens die Transvaalse byeenkoms van 1968 het die Tukkies vyf eerste, drie tweede en drie derde plekke behaal. Die Tukkiekaptein, Dirk Wissing, is in dié jaar ook aangewys as reserwe vir die Springbok-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

span wat teen Wes-Duitsland in aksie was.

Die klub se aktiwiteite het wyer as kompetisies gestrek en ook vertonings ingesluit. In Julie 1970 het 14 trampoliensspringers byvoorbeeld 'n baie geslaagde vertoningtoer na Nelspruit, Sabie en die Krugerwildtuin onderneem. Die volgende jaar het die klub 'n besondere wêreldrekord opgestel deurdat 'n span van agt mans en sewe dames 603 uur lank gespring het om so die bestaande rekord met byna 200 uur te oortref.

Maar vir ernstige deelname was die Tukkies altyd gereed. Die hoogste moontlike sport op die trampolienleer is dan ook in 1973 deur Charleen van der Merwe bereik toe sy haar land teen 'n Duitse span verteenwoordig het. Dit was toe al die vyfde keer sedert haar 14de jaar dat sy hierdie onderskeiding behaal het. Met die hulp van 'n Springbokafrigter, mnr. Harm Brouwer, het die standaard in die klub so hoog gebly dat Tukkies in die vroeë sewentigerjare telkens by die Suid-Afrikaanse toernooi een nasionale kampioen opgelewer het. In 1975 het die klub by dié geleentheid nie minder nie as drie goue medaljes weggedra.

Hierdie hoogtepunt was terselfdertyd ook die swanesang van die klub. Om die een of ander rede het die belangstelling vir die sportsoort hierna begin kwyn en het die klub tot niet gegaan.

Perdesport

So vroeg as 1958 word daar melding gemaak van 'n Ruiterklub wat aan UP gestig is. Dit het blykbaar nooit aan die gang gekom nie. Tien jaar later was dit 'n ander saak, toe 'n klub onder die leiding van 'n kenner van die sport, Thinus Basson, op die been gebring is. Die klub was gehuisves by die Willowdeneryskool in Die Wilgers, waar die eienaar, mnr. Ian Harrop-Allin, 'n voormalige Springbokperdespringer, groot hulp verleen het. Die enigste kompetisie in die eerste bestaansjaar was 'n vriendskaplike kragmeting tussen die studente en die ander leerlinge in die ryskool, waarin die eersgenoemde met die louere weggedraf het.

Die klub is nie toegelaat om amptelik by die UP-sportkomitee te registreer nie, en sy kompetisies was eweneens nie-amptelik. Daar is teen Willowdeneryskool en St Alban's College meegeding en uitstappies is gereël. Nogtans was daar knap presteerders. Hier staan die naam van Lucia van Biljon uit. Op die rug van haar perd Jakkals het sy in 1970 Transvaalse kleure in die veeleisende driefase verwerf, en in 1972 is sy by die Pretoriase Skou as kampioen junior en senior ruiter bekroon.

Nadat die klub in 1968 met 10 lede weggespring het, was daar in 1974 reeds 37. Die getal sou waarskynlik nog meer gewees het, as dit nie was vir die hoë koste verbonde aan dié sportsoort, wat dit buite die gemiddelde student se bereik plaas nie.

Dit lyk of die klub in die middel van die sewentigerjare ophou bestaan het. Oor die redes kan 'n mens maar net gis, want na 1974 is daar geen inligting oor enige aktiwiteit te vinde nie.

Vyfkamp, driekamp en tweekamp

In 1976 het sowel 'n Vyfkamp- as 'n Tweekamp-klub tot stand gekom, om aan die behoeftes van veelsydige sportlui te voldoen. Omdat die driekamp so na aan hierdie twee lê, is daar later ook hieraan deelgeneem. Alhoewel nie een van die twee klubs by die Sportburo geregistreer is nie, is heelwat uitstaande prestasies behaal.

Tweekamp bestaan uit 'n swemitem oor 200 meter en 'n landloopitem oor 2 000 meter (onderskeidelik 100 m en 1 000 m vir dames). In die vyfkamp word daar meegeding in pistoolskiet, swaardgeveg, langafstandhardloop, 'n swemnommer en perdry oor 'n vasgestelde afstand waarin 'n aantal spronge oor 'n hoogte van minstens 1,2 meter uitgevoer moet word. By die driekamp verval swaardgeveg en perdry.

Ten spyte van die redelike onbekendheid van die drie sportsoorte, het dit vinnig in gewildheid toegeneem. In 1977 is daar selfs 'n koshuisliga in tweekamp ingestel en meer as twintig inskrywings is ontvang.

'n Hele paar atlete van Tukkies het mettertyd groot hoogtes bereik. In 1976 het die bekende swemster, Sonja Germishuys, haar Springbokkleure in die driekamp verwerf, en in dieselfde jaar was 'n ander swemmer, Anton van Niekerk, lid van 'n Suid-Afrikaanse span wat vir 'n toer deur Europa gekies is. In 1977 was mej. Germishuys weer die nasionale kampioen in die tweekamp, terwyl Chris van Loggerenberg die tweede agtereenvolgende jaar die manstitel verower het.

Nog 'n groot prestasie is in 1978 gelewer deur die Tukkie Douw Steyn, wat 'n Springbok in die vyfkamp geword en op die koop toe 'n eerste plek in 'n kompetisie teen ses ander lande in Switserland behaal het. In 1980 het Hannemie Hansen drie gedugte prestasies agter haar naam geskryf: nasionale tweekamprekordhoudster en Springbokkleure in die driekamp en moderne vyfkamp. In dieselfde jaar het Elma Steyn ook haar Springbokbaadjie in die vyfkamp ontvang. Ook op provinsiale vlak was daar prestasies, toe Theodore van Rensburg die Noord-Transvaalse manstitel en Marina Sada die vrouetitel in die tweekamp verower het.

Skyfskiet

'n Skyfskietklub het, sover bekend, al in 1920 aan UP bestaan. Twee keer het dit doodgeloop en twee keer is dit herstig, naamlik in 1930 en 1958.

Sommer in sy stigtingsjaar, 1958, het die klub die SAU-byeenkoms in Bloemfontein totaal oorheers, en het sy eerste en tweede span die eerste en tweede plek behaal. Dié prestasie is die volgende jaar herhaal.

In 1960 het die klub geskiedenis gemaak toe sy lede tydens die noodtoestand wat in Suid-Afrika afgekondig is, opgekommandeer is om beskerming aan die inwoners van Pretoria te help verleen. Twee UP-skuts het in dié jaar die Uniefeesbisley in Bloemfontein bygewoon en baie goed gevaar. Van 1962 af is die vereiste gestel dat lede van die Skietklub by 'n kommando moes aansluit, omdat dit die enigste manier was waarop skuts van mi-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

litêre geriewe gebruik kon maak. In 1964 het agt van UP se skuts 'n landswye kompetisie tussen 28 staats- en semistaatsdepartemente gewen.

Na hierdie groot prestasie, het die geesdrif skynbaar gekwyn en het die klub doodgeloop. Eers in 1975 het 'n Skietklub weer tot stand gekom. Mettertyd het pistoolskiet ook deel van die klub se aktiwiteite geword, en in 1980 het Christo Coetzee van Tuks tydens die S.A. Pistoolskietkampioenskapsbyeenkoms junior Springbokkleure in dié sportsoort ontvang.

Dit lyk of die klub hierna weer doodgeloop het, want in Maart 1981 is daar aangekondig dat Tuks nou 'n Skietklub het, die UP Militêre Eenheidskietklub. Niks is oor die geskiedenis van dié klub bekend nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

VIII Buitemuurse en Na-uurse Onderrig

Die buitemuurse gebouekompleks wat aan die begin van 1960 in gebruik geneem is, is volgens *Ad Destinatum I* beplan "om vir minstens 10 en tot 30 jaar lank ruimte te verskaf." By die skryf van hierdie werk, 25 jaar later, blyk dit dat ruimteprobleme in een stadium 'n ernstige knelpunt geword het. Wat meer is, in November 1984 is 'n lotsbeslissende besluit geneem dat die buitemuurse lesings na die hoofkampus moet verskuif. Die vraag ontstaan: wat het sedert 1960 die situasie by Buitemuurs—soos die afdeling algemeen bekend geword het—so laat verander dat hierdie drastiese stap gedoen moes word?

Om die vraag te beantwoord, moet ons heel voor begin en vasstel wat die oorspronklike doel met buitemuurse onderrig was, en of die onderrig steeds aan dié doel bly beantwoord het. Die doel met buitemuurse onderrig was om aan die werkende student—oorspronklik hoofsaaklik staatsamptenare—die geleentheid te bied om dieselfde akademiese en beroepskwalifikasies as voltydse studente aan 'n residensiële universiteit te verwerf. Die standaard van die onderrig en eksaminering binnemuurs en buitemuurs moes gelykwaardig wees; derhalwe was kontak in die lesingsaal van die allergrootste belang.

So gewild was hierdie studiegeleentheid aanvanklik by werkende jongmense dat die getal buitemuurse studente in een stadium in die twintigerjare byna die binnemuurse studentegetal ingehaal het. Dit was waarskynlik daaraan toe te skryf dat min jongmense in daardie dae voltydse studie kon



Die Buitemuurse Gebou in Proesstraat met die parkeerterrein noord en oos daarvan, aangrensend aan Struben- en Proesstraat, onderskeidelik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

bekostig: hulle het daarom tot die staatsdiens of 'n ander beroep toegetree en so 'n inkomste verkry, wat hulle in staat gestel het om vir hulle eie studies te betaal, wat ook hulle kans op beroepsbevordering verbeter het.

Op die duur het die ekonomiese posisie van studente verbeter en het beurse en lenings ook geredelik bekombaar geword. Gevolglik het die voltydse studentegetalle sedert die laat twintigerjare baie vinniger as dié by Buitemuurs toegeneem.

Buitemuurse inskrywings aan die begin van die jaar, 1972–1982, volgens fakulteite

Jaar	*Totaal*	*Lettere en Wysbegeerte*	*Regte*	*Ekonomiese en Staatswetenskappe*
1972	2 266	922	243	1 101
1973	2 184	866	263	1 055
1974	2 143	846	210	1 087
1975	2 204	793	215	1 196
1976	1 995	697	163	1 135
1977	1 821	688	162	971
1978	1 766	584	179	1 003
1979	1 761	618	193	950
1980	1 661	514	200	947
1981	1 769	540	204	1 025
1982	1 683	516	242	925
Gemiddelde verandering per jaar	-3,3%	-6,1%	-1,2%	-1,8

Dit is opvallend dat die grootste daling in getalle by studente in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte voorgekom het. In die bostaande tabel van buitemuurse inskrywings aan die begin van die akademiese jaar van 1972 tot 1982, is die neigings in studentegetalle in die drie fakulteite wat buitemuurse lesings aangebied het baie duidelik, asook die verandering in die getalleverhouding tussen die fakulteite.

Daar het tussen 1960 en die vroeë tagtigerjare baie water onder die brug deurgeloop wat die buitemuurse afdeling betref. Die ontwikkelingsgang by dié afdeling word vervolgens sistematies bekyk.

Die fisiese groei van die buitemuurse fasiliteite

Wat die gebouekompleks van die buitemuurse afdeling betref, word die twee belangrike veranderings sedert die ingebruikneming van die nuwe gebou in 1960 onder die gedeelte oor die fisiese groei van die Universiteit bespreek: die toevoeging van die lesingsaal- en laboratoriumgedeelte aan die oostekant van die C.L. de Bruynvleuel en die sielkundelaboratoria aan die westekant, wat in 1965 voltooi is, en die interne veranderinge aan die Macfadyenbiblioteek in 1976.

Wat die terrein self betref, was daar etlike veranderinge. Uiteindelik het die buitemuurse eiendom die hele blok begrens deur Proes-, Van der Walt-, Struben- en Prinsloostraat beslaan, met uitsondering van die eiendom op die hoek van Proes- en Van der Waltstraat, wat onder andere 'n Italiaanse restaurant gehuisves het. Van die oorblywende eiendom is dié gedeeltes aan die westekant van die blok wat grens aan Van der Waltstraat, asook 'n aaneenlopende gedeelte daarmee aan Strubenstraat, jare lank verhuur. Dieselfde geld vir 'n klein besigheidsperseel wat grens aan Prinsloostraat. Nadat die gedeelte waarop die geboue staan in 1956 bekom is, is die res oor die jare heen tussen 1957 en 1972 stuksgewys aangekoop en as parkeerruimtes ontwikkel.

Met verloop van tyd het die parkeerterrein al hoe meer uitgebrei om in die toenemende vraag na parkering vir studentevoertuie te voorsien. Langs die hele oostelike grens van die terrein aan Prinsloostraat, was daar 'n aantal Indiërbesigheidsondernemings en -woonhuise geleë, wat mettertyd almal deur die Universiteit aangekoop en aanvanklik verhuur is. Die eerste dergelike eiendom wat met die oog op uitbreiding van die parkeerarea gesloop is, was dié naby die hoek van Prinsloo- en Proesstraat, bekend as Proesstraat 340 en 342, ongeveer waar die ingang na die parkeerterrein uit Proesstraat later geleë was. Die huurkontrak is opgesê en in Julie 1965 het die huurders die gebou ontruim, waarna dit gesloop is. Dit was die begin van die proses van konsolidasie van die eiendom.

Sedert die ingebruikneming van die nuwe buitemuurse gebou in 1960, is daar amptelik vir personeelparkering op die terrein voorsiening gemaak.

Die studente is toegelaat om op 'n ander erf 'n entjie oos van hierdie noordelike gedeelte, wat in 1959 aangekoop is, te parkeer. Die Universiteit se standpunt was dat dit nie sy verpligting was om parkeerfasiliteite aan studente te voorsien nie, en dat dié reëling bloot tydelik was en selfs later ingekort kon word as dit nodig was om verdere geboue op te rig.

Teen die laat sestigerjare het die parkeerprobleem, wat studentevoertuie betref, reeds akuut geword. Dit was veral die geval aan die begin van die akademiese jaar, wanneer die beskikbare ruimte slegs die helfte van die studentemotors kon huisves, met die gevolg dat die res parkering in die strate om of naby die buitemuurse gebou moes vind. Gelukkig het die Stadsraad studente goedgunstiglik toegelaat om van 17h00 af op sy parkeerterrein oorkant Proesstraat, waar Munitoria tans staan, gebruik te maak. Wat die probleem vererger het, was die feit dat 'n groot vierkant in die area grensend aan Strubenstraat, wat vandag parkering verskaf, tot 1967 deur die firma Humans Slate Quarries beset is. Eers in daardie jaar kon die geboue op die perseel gesloop word en dié gedeelte by die parkeerarea geïnkorporeer word. Vir estetiese bevrediging is daar nie altyd voorsiening gemaak nie, want 'n pragtige koraalboom—deur sommmige tydgenote bestempel as die mooiste in Pretoria—het ook by dié geleentheid in die slag gebly. Nogtans het die nuwe toevoeging hoegenaamd nie die parkeerprobleem opgelos nie. Toe die Stadsraad in 1970 besluit het om parkeermeters aan weerskante van Proesstraat tussen Prinsloo- en Van der Waltstraat aan te bring, het dit gelyk of die parkeerprobleem nog verder gekompliseer sou word. Gelukkig het die stadsvaders besluit dat die meters nie nà 16h00 in werking sou wees nie, ter wille van buitemuurse studente.

Verdere toevoegings tot die gebied wat beskik-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

baar vir parkering was, het later gekom. Aan die begin van 1971 is die geboue op die hoek van Prinsloo- en Proesstraat ontruim, waarna dit gesloop is. Hoewel die oop terrein nog baie ongelyk was, is dit dadelik tot die parkeergebied toegevoeg. Drie en 'n half jaar later, in November 1974, is die gebou op die hoek van Struben- en Prinsloostraat ook gesloop, en in die tweede helfte van 1975 ook dié by Prinsloostraat 85, tussen die hoekerf van Prinsloo- en Proesstraat en Prinsloostraat 77 en 79.

'n Skermmuur is ook langs die addisionele parkeerareas aan Prinsloostraat aangebring. Die nuwe toevoegings het groot verligting vir studenteparkering gebring, want dit het parkering aan sowat 170 motors gebied. Terselfdertyd is doeltreffender beligting ook op die hele parkeerterrein aangebring. Die koste van die aanlê van die addisionele parkeergebied is geheel en al gefinansier uit fondse wat van parkeergeld gekom het.

As gevolg van die toenemende behoefte aan parkering en die tekort aan parkeergeriewe nà aan die middestad, is 'n parkeerskema van 1 Augustus 1971 af in werking gestel. Drie kategorieë persone is toegelaat om na 7h00 van die terrein gebruik te maak. Voorkeur is verleen aan studente wat in die stad werksaam is, om teen betaling van 'n maandelikse tarief te parkeer; 'n beperkte aantal lede van die publiek, wat die terrein teen 16h00 moes verlaat, is toegelaat om teen 'n ietwat hoër maandelikse tarief parkeergeriewe te bekom; en daaglikse parkering teen 'n nominale tarief is op weeksdae tot 14h00 en Saterdae tot 13h00 toegelaat. Die dosenteparkeerarea is steeds, soos voorheen, vir personeel gereserveer.

Wat ontspanningsfasiliteite betref, het die buitemuurse studente 'n groot agterstand by die hoofkampus gehad. Afgesien van biljart- en tafeltennisgeriewe was daar by Buitemuurs oor die jare geen ander ontspanningsgeriewe behalwe die kafeteria nie. Ondanks dié probleme, het buitemuurse studente tyd gemaak vir deelname aan sport. Die buitemuurse rugbyspan het byvoorbeeld soggens om 6h00 geoefen en sedert 1979 slegs Woensdagmiddae (die sogenaamde "sportmiddag") die geleentheid gekry om 'n behoorlike spanoefening tussen 17h00 en 19h00 by te woon. Die gevolg hiervan was dat buitemuurse studente dikwels by sogenaamde "oop" klubs vir sportbeoefening aangesluit het, met die gevolg dat hulle talente vir die Universiteit verlore gegaan en hulle identifisering met dié inrigting skade gely het. As gevolg hiervan het die UP-sportkomitee die standpunt gehandhaaf dat hy buitemuurse studentesportlui geensins kan verplig om UP op sportgebied te verteenwoordig nie, en kry hulle die keuse dat hulle vir UP kan speel indien hulle dit verkies.

In 1972 en weer in 1976 het die Buitemuurse Studenteraad probeer om die studente se fasiliteite verbeter te kry deur die Universiteitsowerheid te versoek om muurbalbane by Buitemuurs te laat oprig. In albei gevalle is die versoek van die hand gewys, hoofsaaklik weens finansiële implikasies.

In Februarie 1980 het die Buitemuurse VSR die owerhede genader oor die moontlike verskaffing van buitelugbraaigeriewe. Die probleem is gestel dat studenteleiers van ander kampusse dikwels onthaal word, en dat daar dan van die dak van die Sielkundelaboratorium aan die westekant van die C.L. de Bruynvleuel vir vleisbraaifunksies gebruik gemaak moes word. Dit het waterlekke in die dak veroorsaak. Soms moes braaibenodigdhede met groot moeite aangery word. Voorts was die enigste buitelugontspangebied die vierkant tussen die twee vleuels. Gevolglik het klagtes oor geraas ontstaan wanneer funksies soos die jaarlikse onthaal vir die Joolprinsesse daar plaasgevind het.

Die Universiteitsowerhede het positief gereageer en in die onbenutte terrein in die hoek onmiddellik noord van die Sielkundelaboratorium, waar daar reeds 'n paar groot bome was, braaigeriewe laat aanbring. Dit het bestaan uit sitbanke langs die bestaande mure, permanente betontafels, 'n sementblad vir die hele terrein, verstelbare braairoosters en elektriese beligting. Die geriewe is laat in 1980 voltooi. Dit was die laaste noemenswaardige fisiese verandering aan die buitemuurse kampus.

Die administratiewe en akademiese ontwikkeling van die buitemuurse afdeling sedert 1960

Vir die administrasie van die buitemuurse afdeling, was daar al die jare 'n persoon met die titel van buitemuurse beampte aan die stuur. Van 1958 tot 1967 was dit mnr. A.J. Laubscher, tans verbonde aan die Kernontwikkelingskorporasie; hy is opgevolg deur mnr. E.J.V. Hoon, tans werksaam in die afdeling Personeelaangeleenthede van die Sentrale Administrasie van UP. Na ongeveer twee jaar, is hy in 1969 vervang deur mnr. M.J. Cronjé, wat aan die einde van 1985 met pensioen uit dié pos getree het. Aanvanklik in die vroeë sestigerjare is die Buitemuurse Beampte bygestaan deur twee klerklike assistente en 'n tikster-telefoniste. Van 1965 af was daar drie klerklike assistente. Hoewel die getalle buitemuurse studente daarna nog toegeneem het, het die rekenarisering van studente- en administratiewe gegewens dit van 1969 af onnodig gemaak om die personeel daarna uit te brei, en is dié soort werk meestal by die Sentrale Administrasie behartig, sodat die buitemuurse kantoor meer as kontak- en inligtingspunt gefunksioneer het.

In April 1969 het die buitemuurse afdeling sy halfeeufees gevier. Verskeie sprekers is deur die Buitemuurse VSR genooi om gedenklesings te kom gee—onder andere dr. J.E. Holloway wat in 1919 die buitemuurse lesings in die stad geloods het. As deel van die feesviering is 'n sangaand gehou, waarby die Pretoriase Universiteitskoor en 'n paar soliste opgetree het. Op Vrydagaand 11 April was daar 'n reünie van oud-Studenteraadslede van Buitemuurs; aanvullend tot hierdie verrigtinge het die Buitemuurse VSR op Saterdag 12 April hulle eie informele intervarsity teen die jong Randse Afrikaanse Universiteit gehou, waartydens daar in verskeie sportsoorte meegeding is. 'n Ete-dans is dié aand gehou. Die Universiteitsowerheid het R2 000 vir die feesviering beskikbaar gestel.

'n Belangrike mylpaal in die ontwikkeling van die buitemuurse afdeling was die instelling van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die *Vaste Komitee vir Buitemuurse Beplanning* in 1969. Die lede sou wees die rektor (ampshalwe), die dekane van die fakulteite Lettere en Wysbegeerte, Ekonomiese en Staatswetenskappe, Regsgeleerdheid en Wis- en Natuurkunde, en die twee registrateurs. Die hoofskakelbeampte, of sy benoemde, sou ook alle vergaderings van die komitee in 'n adviserende hoedanigheid bywoon, terwyl die Buitemuurse Beampte as sekretaris van die komitee opgetree het. Op voorstel van die rektor is die voorsitter van die Buitemuurse VSR ook van 1971 af op die komitee gekoöpteer. Die komitee moes minstens een keer per semester vergader en een van die bogenoemde dekane is telkens vir 'n termyn van drie jaar tot voorsitter gekies. Die eerste vergadering van die Vaste Komitee vir Buitemuurse Beplanning is in Oktober 1969 gehou, toe prof. H.J.J. Reynders, dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe, as eerste voorsitter gekies is.

Die aanleiding tot die stigting van die Vaste Komitee was kommer oor die dalende getalle by die buitemuurse afdeling. Soos in die tabel gesien kan word, was daar 'n daling van 200 van 1967 tot 1968. Verskillende redes is vir die dalende neiging gegee. In 'n vertroulike memorandum aan die einde van 1969 het die rektor, prof. Rautenbach, daarop gewys dat die buitemuurse afdeling sedert die laat vyftigerjare heelwat studente aan die Universiteit van Suid-Afrika moes afstaan. Die rede was dat die destydse minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap nie die ongeskrewe ooreenkoms—'n ware "gentleman's agreement" tussen die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Suid-Afrika—streng toegepas het nie. Die ooreenkoms het bepaal dat studente wat 'n residensiële universiteit kan besoek, van die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika verlof moes kry om daar in te skrywe. Die minister het nie sy weg oopgesien om op versoek van die Universiteit van Pretoria uitsluitsel oor 'n aantal gevalle te gee nie. Daarmee is enige beleid in dié verband oorboord gegooi. Van 'n latere minister se dreigement om die ooreenkoms streng toe te pas, het ook niks gekom nie. Die Universiteit van Pretoria moes dus magteloos toekyk hoedat sy potensiële buitemuurse studente aan UNISA gaan inskryf. Soos prof. Rautenbach dit stel, moes die Universiteit van Pretoria "aanvaar dat daar niks meer gedoen sal word van owerheidsweë om die kennisbemarking deur die Universiteit van Suid-Afrika op enige manier teen te gaan nie."

'n Ander inrigting wat met die buitemuurse afdeling om studente meegeding het, was die Pretoriase Tegniese Kollege. In 1965 is daar op aandrang van die Staatsdienskommissie 'n diplomakursus in Staatsadministrasie aan dié kollege ingestel. Die kursus was baie gewild en het baie studente gelok wat andersins waarskynlik 'n verwante kursus aan UP se buitemuurse afdeling sou gevolg het. Voorts het die Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys kursusse soos CIS (Chartered Institute of Secretaries) en CWA (Chartered Works Accountant) aangebied, wat by besigheidsinstansies hoë aansien geniet het. Bowendien was die studiegelde oor drie jaar vir dié kursusse byna 'n kwart van dié vir 'n BCom-kursus, wat oor vier jaar gestrek het.

Afgesien van hierdie inrigtings en kursusse wat in kompetisie met die buitemuurse afdeling was, het die Vaste Komitee ander algemene faktore onderskei wat 'n rol in dié afname in studentegetalle gespeel het. Dit was onder meer 'n mannekragtekort in die landsekonomie, wat meegebring het dat goeie salarisse sonder naskoolse kwalifikasies verdien kon word; 'n gunstige finansiële posisie van ouers, wat dit geredelik kon bekostig om kinders voltyds universiteit toe te stuur; ruimer voorsiening van beurse deur die staat en ander instansies vir voltydse studie; gemaksug en gebrek aan deursettingsvermoë by die jeug, wat nie meer bereid was om lang ure aan buitemuurse klasbywoning en studietyd te wy nie; en jongmense wat in die huwelik tree, en dit geriefliker vind om tuis deur korrespondensie te studeer, as om saans klasse by te woon.

Dit wek dus nie verwondering nie dat die Vaste Komitee vir Buitemuurse Beplanning sy heel eerste vergadering in Oktober 1969 grotendeels gewy het aan 'n bespreking van moontlike maatreëls om buitemuurse studentegetalle te verhoog. Hiervoor het die Komitee vir korttermynbeplanning en langtermynbeplanning voorsiening gemaak. Wat die eersgenoemde betref, is daar aanbeveel dat 'n voubrosjure oor buitemuurse en na-uurse studiegeleenthede gedruk en onder matriekleerlinge aan hoërskole in Pretoria versprei moet word. 'n Opname moes ook gemaak word van werkgewers wat buitemuurse studente in diens het, vir toesending van die brosjure. Voorts moes daar vir publisiteit vir buitemuurse studiegeleenthede deur die nuusmedia gesorg word. Daar moes ook van uitgebreide raamwerkaantekeninge vir buitemuurse onderrig gebruik gemaak word, en meer tyd moes vir bespreking tydens lesings toegelaat word. Wat die langtermynbeplanning betref, het moontlike gewysigde onderrigmetodes ter sprake gekom. Verder is daar klem gelê op die noodsaaklikheid van gereelde, gerieflike en voldoende spreekure deur dosente. Daar is ook voorgestel dat daar vroeg in 1970 'n simposium gehou moet word deur alle dosente wat by buitemuurse opleiding betrokke is, om hulle te besin oor die Komitee se voorstelle en oor buitemuurse onderrig in die algemeen.

Aan hierdie en ander aanbevelings is daar mettertyd uitvoering gegee. 'n Spesiale uitgawe van *Skakelblad* het in September 1970 verskyn. Die hele uitgawe van 36 bladsye is aan buitemuurse studie gewy—met die uitsondering van slegs vier bladsye, wat aan na-uurse studie op die hoofterrein van die Universiteit afgestaan is. 'n Oplaag van 25 000 is gedruk, waarvan 20 000 op die gewone manier versprei is, terwyl die oorblywende 5 000 vir voorligtingsdoeleindes aangewend is. Dié *Skakelblad* was 'n keurige publikasie met prikkelende leesstof, wat as goeie reklamemiddel kon dien. Dit het onder andere 'n toespraak van die nuwe rektor, prof. E.M. Hamman, tydens die jaarlikse dinee van die Buitemuurse Studenteraad, bevat, asook 'n kort historiese oorsig, 'n uittreksel uit

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die toespraak van die destydse premier, dr. H.F. Verwoerd, by geleentheid van die amptelike opening van die gebou in Maart 1960, besonderhede van kursusse wat buitemuurs aangebied word, ens.

Wat publisiteit betref, is daar ruimskoots van dagblaaie en tydskrifte gebruik gemaak. Daar is gereeld met dagblaaie geskakel en in die kalenderjaar 1970 is daar 370 kolom-duim (in die ou taal) in dié blaaie aan Buitemuurs afgestaan. Hierdie publisiteit was hoofsaaklik die uitvloeisel van persvrystellings en artikels wat deur die Skakelafdeling voorberei is. Wat tydskrifte betref, het daar tussen Junie 1970 en Januarie 1971 vier artikels oor buitemuurse studiegeleenthede in *Die Staatsamptenaar* verskyn, wat onder alle sektore van die staatsdiens en die Provinsiale Administrasies versprei is. Voorts is daar in September 1970 tydens die jaarlikse Pretoriase Skou sowat 1 000 voupamflette oor Buitemuurs aan belangstellendes uitgedeel.

Die voorgestelde simposium van dosente betrokke by die Buitemuurse Afdeling, het op Saterdag 14 Maart 1970 by dié afdeling plaasgevind. Dit was die eerste keer dat so 'n byeenkoms gehou is, en die tema was: Knelpunte in die buitemuurse onderwys. Dit is bygewoon deur 45 dosente, 25 studente, die registrateur (Bedryfsadministrasie en Finansies) en twee administratiewe beamptes. Drie referate is gelewer, wat tot heelwat bespreking aanleiding gegee het. Prof. J.J. Stadler van die Departement Ekonomie het bywonings-, rooster- en toetsprobleme behandel; prof. J.J.N. Cloete, hoof van die Departement Publieke Administrasie, het gepraat oor onderwysmetodes en -hulpmiddels; en mnr. Rias de Beer, Buitemuurse VSR-voorsitter, het die studenteperspektief op buitemuurse onderrig belig. Prof. A.N. Pelzer, dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, het as voorsitter opgetree.

Van al die aanbevelings, is die spoedigste uitvoering gegee aan die aanvangstyd van lesings: daar is besluit om dit van 16h55 na 17h00 te verander. Die voorstel wat die drukste hierna bespreek is, was dié oor die vermindering van die duur van die lesingperiodes van 40 tot 30 minute. Die aanbeveling was dat die voorstel nie deurgevoer word nie en so is dit in Maart 1971 deur die senaat aanvaar.

Die kwessie van uitgebreider raamwerkaantekeninge is vir verdere aandag na die betrokke fakulteite verwys. Wat studentevoorligting betref, is 'n lesing op 1 Februarie 1971 om 19h00 deur die voorligtingsbeampte, dr. J.A.J. van Vuuren, by Buitemuurs gehou. Studente is ook uitgenooi om enige tyd van die dienste van die Voorligtingsafdeling gebruik te maak. Verder is die biblioteek van die begin van 1971 af as proefneming op Saterdae van 08h00 tot 12h00 oopgehou, om vas te stel hoeveel studente van die diens gebruik sal maak.

'n Nuwe gedagte wat in die loop van 1971 na vore gekom het, was die instelling van 'n koshuis vir buitemuurse studente. In Augustus daardie jaar het drie Buitemuurse VSR-lede oor die moontlikheid samesprekings gevoer met die Buitemuurse Beampte, mnr. Cronjé, en die Registrateur (Finansiële en Bedryfsadministrasie), mnr. M. Smuts. Die gedagte was dat in so 'n koshuis voorsiening gemaak moes word vir sowel mans as dames, asook vir jonggetroude paartjies waarvan een of albei nog studente was. Verder as 'n gedagte het dit nie gekom nie. Die vernaamste probleme was, eerstens, 'n gebrek aan ruimte en, tweedens, 'n gebrek aan fondse. Die laasgenoemde faktor is gekompliseer deur die feit dat die Universiteit slegs subsidie van die staat ontvang vir koshuise wat vir voltydse studente opgerig word, en nie vir werkende studente nie.

'n Bewys van die hoë premie wat op buitemuurse studie geplaas is, was die goedkeuring deur die Raad in die tweede helfte van 1971 dat 'n amptenaar in die personeel van die Skakelafdeling aangestel word wat hom sou toespits op die bevordering van buitemuurse en na-uurse studie en aanverwante sake. Die gedagte was veral dat daar aktief reklame in dié verband gemaak moes word. Mnr. N.Z. Nortjé is in dié pos aangestel en het op 1 Junie 1972 diens aanvaar. Hy het daarna ook in 'n adviserende hoedanigheid die vergaderings van die Vaste Komitee vir Buitemuurse Beplanning —of die Buitemuurse en Na-uurse Advieskomitee, soos dit sedert die tweede helfte van 1972 bekend gestaan het—bygewoon.

Mnr. Nortjé het dadelik aan die werk gespring deur meer as 20 staatsdepartemente te besoek, waar hy met die persone belas met opleiding oor buitemuurse en na-uurse studiegeleenthede samesprekings gevoer het.

Nadat mnr. Nortjé verslag gedoen en aanbevelings gemaak het, het die Buitemuurse en Na-uurse Advieskomitee in September 1972 'n aantal besluite geneem. Daar is bevestig dat die opleidingsbeamptes van staatsdepartemente en die hoofde van personeelafdelings in ander organisasies belangrike kontakpunte is en dat, waar moontlik, deur hulle bemiddeling lesings oor buitemuurse en na-uurse studie vir werknemers aangebied moes word. Klem is gelê op die belangrikheid van lesings aan militêre diensplichtiges en in beginsel is daar goedgekeur dat die moontlikheid verder ondersoek word om die diensplichtiges wat in Pretoria gestasioneer is, tydens die jaar van hulle diensplig by buitemuurse en na-uurse studie te betrek. Voorts is daar besluit dat 'n nuwe brosjure oor buitemuurse studiegeleenthede dringend noodsaaklik was. Die belangrikheid van perspublisiteit is weer eens beklemtoon, asook van die gebruikmaking van oudstudente wat sleutelposisies in die staatsdiens beklee, as kontakpersone. In beginsel is die gebruik van uitstalmateriaal in die vorm van foto's en brosjures tydens simposia wat by die Buitemuurse Afdeling gehou word, goedgekeur.

'n Ander aspek van buitemuurse studie wat in 1972 aandag ontvang het, was die gereelde kontak tussen studente en dosente buite die lesinglokaal. Dit het teen die einde van 1971 geblyk dat daar nie stelselmatige spreekure deur dosente aan die buitemuurse afdeling gehou word nie. 'n Bespreking van hierdie probleem tydens die Advieskomiteevergadering van September 1971, het daartoe gelei

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

dat 'n versoek aan die rektor gerig is om die aandag van doserende personeel op die noodsaaklikheid van die nakoming van gereelde spreekure te vestig. In Februarie 1972 het die rektor gevolglik 'n omsendbrief uitgestuur waarin die aandag op hierdie verpligting, sowel binnemuurs as buitemuurs, gevestig is. Aan elke departementshoof is opdrag gegee om 'n rooster op te stel vir voldoende en gereelde spreekure vir al die dosente in sy departement. Die rooster moes ook op die departementele kennisgewingbord aangebring en aan die dekaan beskikbaar gestel word, en die spreekure van elke dosent moes op sy kantoordeur aangebring word.

Ten spyte van die werwingswerk wat mnr. Nortjé gedoen het, en die moeite wat gedoen is om die gehalte en metodiek van buitemuurse onderrig te verbeter en die onderrigsituasie vir studente so aangenaam moontlik te maak, het 'n ontstellende neiging in 1973 kenbaar geword: na 'n geleidelike styging in buitemuurse studentegetalle sedert 1968, was daar weer 'n afname in 1973. Soos reeds hierbo uit die tabelle geblyk het, het dié dalende neiging daarna voortgeduur.

Na bespreking van hierdie nuwe verwikkeling, het die Advieskomitee op sy vergadering van April 1973 besluit om 'n ondersoekkommitee na die akademiese aangeleenthede rakende die buitemuurse afdeling aan te stel.

Prof. D.F. Mostert (dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid) is as sameroeper aangewys. Gelyktydig is daar ook 'n subkomitee aangewys om met die oog op die instelling van nuwe kursusse aan die buitemuurse afdeling, 'n verslag oor die ruimtebehoeftes van dié afdeling op te stel.

Die vergadering van die Buitemuurse en Na-uurse Advieskomitee van April 1973 was die laaste waartydens prof. Reynders as voorsitter opgetree het, aangesien hy kort daarna die Universiteitsdiens sou verlaat. Hy het 'n besondere aanvoeling vir hierdie amp gehad, omdat hy self met sy akademiese studie aan die buitemuurse afdeling begin het. In sy plek is prof. D.F. Mostert, dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid, eenparig gekies.

Wat ruimtebehoeftes betref, is 'n oplossing in 1974 gevind toe daar op 'n eksperimentele grondslag begin is om 30 minuutlesingperiodes in te stel. So het die amptelike lesings om 20h35 geëindig, en nie om 21h45 soos vroeër nie, en kon besprekingsklasse daarna plaasvind.

Die ondersoekkomitee na akademiese aangeleenthede kon egter nie 'n kitsoplossing vind nie. Die taak van die komitee is intussen, in September 1973, verbreed toe dit versoek is om ook aan die volgende sake aandag te gee: (a) 'n Kritiese beskouing van die bestaande doseermetodes en die beste gebruikmaking van die lesingperiodes; (b) die doeltreffendheid van die Macfadyenbiblioteek, veral met die oog op dienslewering aan studente en dosente; en (c) om, in oorleg met die Roosterkomitee, die verkorting van lesingperiodes tot 30 minute elk te ondersoek. Dit was juis in die lig van die laasgenoemde opdrag dat die aanbeveling via die Buitemuurse Roosterkomitee deur die Roosterkomitee en die senaat aanvaar is om 30-minuutlesingperiodes op 'n proefbasis van 1974 af in werking te stel.

Die ondersoekkomitee het drie keer van Augustus tot November vergader. Wat doseermetodes betref, is die dekane versoek om die saak met departementshoofde in hulle onderskeie fakulteite te bespreek, om so die effektiefste doseermetode vir elke departement te vind. Voorts is 'n omvattende verslag oor die doeltreffendheid van die Macfadyenbiblioteek van prof. Gerryts van die Departement Biblioteekkunde ontvang. Oorleg is ook met die Buitemuurse VSR en studente gepleeg.

In die lig van die inligting wat op hierdie manier versamel is, is die ondersoekkomitee se verslag in sy geheel in April 1974 na die Uitvoerende Komitee van die senaat verwys. Na aanleiding van die verslag, het die UK van die senaat die ondergenoemde besluite geneem: Wat doseermetodes betref, is daar besluit: (a) om die noodsaaklikheid te onderskryf dat slegs ervare dosente eerstejaarsklasse moet waarneem; (b) dat departementshoofde toesig moet hou oor die voorskryf van handboeke, sodat slegs die noodsaaklikstes voorgeskryf word en besliste leiding hieroor aan sowel studente as boekhandelaars gegee word; en (c) dat duur handboeke, waarna slegs sporadies verwys word, in die biblioteek beskikbaar moet wees sodat onnodige uitgawes deur studente in dié verband beperk word.

Die Uitvoerende Komitee van die senaat se besluite is via die departementshoofde aan alle doserende personeel wat by Buitemuurs betrokke was bekend gemaak. Om die besluite oor die biblioteekdiens uit te voer is addisionele personeel vir die Macfadyenbiblioteek kort hierna deur die Raad goedgekeur.

Die Advieskomitee vir Buitemuurse en Na-uurse Onderrig moes egter, ten spyte van al hierdie maatreëls, tot sy kommer en ontsteltenis van teleurstellende neigings aan Buitemuurs kennis neem. Eerstens moes daar van mnr. Nortjé verneem word dat die skema om—sedert die begin van daardie jaar— diensplichtiges by buitemuurse en na-uurse klasse te betrek, nie 'n sukses was nie. 'n Tweede saak was die onrusbarende hoë staaksyfer aan Buitemuurs in 1974, naamlik 18,7%. Veral in eerstejaarskursusse was hierdie tendens opvallend: in sekere gevalle het meer as 50% van die studente wat aan die begin van die jaar met die kursusse begin het, gestaak voordat hulle hulle vir die eksamen ingeskryf het. Dit het inderdaad voorgekom asof buitemuurse studie, wat getalle betref, onstuitbaar besig was om die kreeftegang te gaan. Boonop moes die Advieskomitee op sy vergadering van Oktober 1974 kennis neem van 'n aanbeveling van die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe in die notule van 24 September 1974 dat ondersoek ingestel word na "die wenslikheid van die voortsetting van die aanbieding van lesings by die Buitemuurse Afdeling te Proesstraat in die lig van die veranderde omstandighede sedert die vorige ondersoek." 'n Week daarna het die Uitvoerende Komitee van die senaat egter besluit: "Dat daar tans nie weer ingegaan word op die verskuiwing van die Buitemuurse Afdeling nie . . .".

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Kort daarna het die volle senaat en die Raad hierdie besluit bekragtig.

By hierdie geleentheid is daar ook besluit om aan te beveel dat die samestelling van die Buitemuurse en Na-uurse Advieskomitee uitgebrei word. Die redes wat hiervoor aangevoer is, was die verdeling van die werksaamhede van die topbestuur van die Universiteit en die wye gebied wat deur die Komitee se aktiwiteite gedek word. Gevolglik is daar aanbeveel dat die vise-rektor (prof. A.N. Pelzer) en die direkteur van Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie (mnr. Martin Smuts) ook lede van die Komitee word. Dit het die getal volle lede na nege verhoog, terwyl vier persone nog steeds in adviserende hoedanigheid daarin gedien het (die direkteur van die Studentediensburo, die direkteur van Openbare Betrekkinge, die assistent-skakelbeampte (Buitemuurs), en die voorsitter van die Buitemuurse Studenteraad). Die byvoeging van die twee lede is kort hierna deur die Uitvoerende Komitee van die senaat onderskryf en deur die volle senaat bekragtig.

Teen 1975—en veral in 1976—het die Advieskomitee weer eens voor dalende getalle te staan gekom. Weliswaar was daar in 1975 'n geringe oplewing toe eerstejaarstudente in al drie fakulteite by Buitemuurs en voorgraadse studente in die geheel effens toegeneem het. Maar teen April 1976 moes die Komitee verneem dat daar weer 'n aansienlike afname teenoor die vorige jaar was—sowel by eerstejaars as die totaal. Na 'n breedvoerige bespreking van die gebrek aan groei, is daar besluit om die hele aangeleentheid vir ondersoek en verslag te verwys na 'n komitee onder die voorsitterskap van prof. C.F. Nieuwoudt. Mnr. P.S. Viljoen, Buitemuurse VSR-voorsitter vir 1976, was ook lid van die komitee. Aan die komitee is opdrag gegee om nà ondersoek van die aangeleentheid, 'n verslag voor te berei vir voorlegging aan die eerste vergadering van die Uitvoerende Komitee van die senaat.

Na 'n deeglike bespreking, het die ondersoekkomitee in Mei 1976 aanbeveel: dat die buitemuurse afdeling op die bestaande buitemuurse kampus behou word,

> "maar dat daar oor die status en die metodiek van onderrig van die Afdeling besin word en dat 'n nuwe rigting, wat die metodiek van onderwys betref, ontwikkel word."

Daar is op vier maniere gewys waarop die wyse van onderrig verbeter kon word: (1) die beskikbaarstelling van volledige studiegidse, of alternatiewelik volledige kernaantekeninge of raamwerkaantekeninge as wat tot nog toe gebruik is; (2) 'n vermindering in die getal formele lesingure, en die aanwending van die beskikbare tyd vir besprekingsklasse en persoonlike onderhoude; (3) die beskikbaarstelling van 'n beter toegeruste biblioteek, met daarby die gepaardgaande dienste om selfstudie en voorbereiding te stimuleer; en (4) die moontlikheid òf om afsonderlike dosente vir buitemuurse onderrig beskikbaar te stel, òf dosente hoofsaaklik aan dié afdeling toe te wys.

In die lig van hierdie aanbevelings wat, indien dit uitgevoer sou word, 'n hele eie karakter aan buitemuurse onderrig sou besorg, het die vraag ontstaan of die onderrig en eksamens van dié studente nog langer met binnemuurs gekoördineer kon word. In dié verband het die komitee daarop gewys dat daar noodwendig oor die buitemuurse leerplanne besin sou moes word, om te verseker dat dit nie bloot 'n duplikasie van dié by Binnemuurs is nie. Dit sou vanselfsprekend meebring dat 'n afsonderlike eksamen by die buitemuurse afdeling afgeneem sou moes word.

Kortom, die komitee het gedink aan die totstandbring van 'n satellietkampus by Buitemuurs, wat sou beteken dat die residensiële karakter behou word, terwyl daar terselfdertyd van moderne metodes en tegnieke by onderrig en studie gebruik gemaak sou word.

Op sy vergadering van Oktober 1976, het die Advieskomitee aanbeveel dat die verslag met aanbevelings in die geheel via die Uitvoerende Komitee van die senaat na die Raad verwys word. Die uiteinde van die saak was dat die Raad in November 1976 'n verdere komitee benoem het om verslag te doen oor die aanbevelings in die bogenoemde verslag.

Tydens sy eerste vergadering, het hierdie komitee in Maart 1977 'n subkomitee uit eie geledere (prof. Van der Stoep en drr. Louw en Van der Merwe) aangewys om die volgende twee sake intensief te ondersoek en om verslag daaroor te doen:

> "of daar nog 'n behoefte aan buitemuurse onderrig bestaan en indien wel, ondersoek in te stel en verslag te doen oor die mees doelmatige metodiek van onderrig met alle tersaaklike aangeleenthede."

Die ondersoekkomitee onder prof. C.F. Nieuwoudt se voorsitterskap het in die loop van 1978 verslag gedoen, nadat die bogenoemde subkomitee sy verslag voorgelê het. Die subkomitee het onder andere die buitemuurse afdeling se posisie vergelyk met buitemuurse afdelings van universiteite in die buiteland en aan ander Suid-Afrikaanse universiteite. Onder die laasgenoemde het die Vaaldriehoekse kampus van die PU vir CHO en die Bellville-afdeling van die Universiteit van Stellenbosch ressorteer. Die onderrigmetodes aan dié kampusse is ook ondersoek. Verder is die geografiese verspreiding van studente wat aan Buitemuurs inskryf, bestudeer, asook die neiging om in toenemende mate kursusse van Buitemuurs na die hoofkampus oor te plaas, of om dit te dupliseer. Die moontlike voordele van 'n afsonderlike buitemuurse kampus teenoor geïntegreerde na-uurse opleiding is ook oorweeg.

Twee verslae is deur die subkomitee voorgelê: 'n voorlopige verslag oor die doelmatigste metodiek van onderrig, en een oor die toekoms van die buitemuurse afdeling. Die laasgenoemde is deur die Studentediensburo opgestel. Na aanleiding van die subkomitee se bevindinge, het die ondersoekkomitee tot die gevolgtrekking gekom dat 'n gedifferensieerde behandeling van die buitemuurse afdeling wat die metodiek van onderrig betref, nie wenslik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

was nie. Wat geografiese verspreiding betref, is daar bevind dat die oorgrote meerderheid buitemuurse studente se werksadresse nader aan die buitemuurse afdeling geleë was, terwyl dit in mindere mate ook die geval was wat woonadresse betref. Kennis is ook geneem van die neiging gedurende die sewentigerjare om kursusse by die buitemuurse afdeling te staak en na die hoofkampus te verskuif. Voorbeelde hiervan is Statistiek II en III en al die nagraadse opleiding, waaronder die Bestuurskool, wat van 1977 af op die hoofkampus gesetel was. Die vernaamste redes vir hierdie neiging was die beter onderrigfasiliteite by binnemuurs, die feit dat dit die dosente en die meeste van die studente gepas het, en ruimteprobleme in die geval van die Departement Bestuurswese.

Wat die onderskeie voordele van 'n afsonderlike buitemuurse kampus en geïntegreerde na-uurse opleiding betref, het die komitee kennis geneem van die mening van verskillende groepe en instansies wat deur die subkomitee hieroor geraadpleeg is. In hierdie verband is dit veral noemenswaardig dat die Buitemuurse Studenteraad nie afwysend teenoor 'n oorplasing na die hoofkampus gestaan het nie. Die resolusie van die Studenteraad in dié opsig lui: "Dat hierdie Raad wel sinvolle inskakeling van Buitemuurse studente op die Binnemuurse kampus voorsien, maar dat daar sekere strukturele wysigings gedoen sal moet word ten opsigte van die georganiseerde studentelewe om die inskakeling te vergemaklik." Die dosente, die sportowerhede en die afdeling Studente-administrasie het òf geen nadele by geïntegreerde na-uurse opleiding voorsien nie òf die gedagte verwelkom, terwyl die biblioteekowerheid slegs voordele in so 'n opset voorsien het. In die algemeen het die ondersoekkomitee dus 'n heel gunstige indruk oor die moontlikheid van verskuiwing gekry.

In Maart 1978 het die ondersoekkomitee sy finale vergadering gehou, waartydens die twee subkomiteeverslae en 'n verkorte samevattende verslag deur die voorsitter, prof. C.F. Nieuwoudt, oorweeg is. By dié geleentheid is die gevolgtrekking gemaak dat—aangesien die buitemuurse onderrig aan sekere gebreke mank gaan wat fisiese fasiliteite betref, en 'n sekere diens gelewer en 'n standaard gehandhaaf moet word—die logiese stap sou wees om die buitemuurse afdeling na die hoofkampus te verskuif. Dit sou dus omgeskep word in na-uurse opleiding, met 'n eie identiteit vir sover dit studentebedrywighede aangaan. Die komitee het besluit om sy samevattende verslag as 'n tussentydse verslag aan die Uitvoerende Komitee van die senaat deur te stuur, en om dit aan 'n subkomitee, bestaande uit proff. C.F. Nieuwoudt, A.P. Grové en P. Oosthuizen, op te dra om duidelikheid oor bepaalde aspekte te verkry, vir verslag aan die komitee met die oog op die opstel van 'n finale verslag aan die Uitvoerende Komitee.

Die subkomitee het in Mei 1978 aanbeveel: eerstens, dat die tradisionele residensiële karakter van die buitemuurse afdeling behoue bly, en, tweedens, dat die metodiek van onderrig by die binnemuurse en buitemuurse afdelings dieselfde moet bly, om die beste opleiding te verseker.

Intussen het die Buitemuurse Studenteraad in Junie 1978 sy misnoeë te kenne gegee oor die oorplasing van kursusse van Buitemuurs na die hoofkampus. 'n Mosie is aanvaar wat amptelik beswaar aanteken namens studente in die BCom(Rek)-(Hons)- en STR (Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde)- studiekursusse. Die Senaat was simpatiek teenoor die studente se standpunt en het aanbeveel dat, waar 'n kursus tradisioneel Buitemuurs aangebied word, dit daar moet bly; en verder, dat daarteen gewaak moet word dat die optrede van departemente nie lei tot die geleidelike aftakeling van die dienslewering aan Buitemuurs nie. Die gedagte dat Buitemuurs moes voortbestaan, is ook sterk gesteun deur die rektor, toe hy in die voorwoord van 'n Buitemuurse inligtingsbrosjure in 1979 geskryf het: "Dit is nie vir almal beskore om voltyds na 'n universiteit te gaan nie en die motivering is oorweldigend waarom die geleentheid vir die werkende jeug moet bestaan om hulself tegelykertyd met hul werkbeoefening, akademies te bekwaam en toe te rus, nie alleen in hulle eie voordeel en bevordering nie, maar ook in diens van die Republiek van Suid-Afrika."

Ten spyte van hierdie positiewe geluide, het die uurglas al vir Buitemuurs in sy bestaande vorm begin uitloop. Weliswaar het mnr. Nortjé se reklamewerk steeds voortgegaan—onder andere deur die uitbreiding van sy werksaamhede van 1978 af na skole in Noord-Natal en die Oranje-Vrystaat—en is daar verbeterings, sover moontlik, aan die patroon van buitemuurse studie aangebring om die studieomstandighede vir studente so aangenaam moontlik te maak—van 1979 af is Woensdagaande vry van lesings gehou, met die doel "om meer tyd beskikbaar te stel vir selfstudie en ter voorbereiding van werkopdragte en toetse."

Die eerste opvallende teken van wat gaan kom, was waarskynlik die besluit van die Buitemuurse en Na-uurse Advieskomitee in Maart 1979 om hom te besin oor sy funksie. 'n Subkomitee wat vir dié doel aangewys is, het in Junie daardie jaar aanbeveel dat die bestaande Buitemuurse en Na-uurse, Advieskomitee ontbind word, dat die funksies van die Buitemuurse Roosterkomitee deur die Sentrale Roosterkomitee oorgeneem word, en dat reklame vir buitemuurse studie direk deur die direkteur van die Buro vir Openbare Betrekkinge behartig moet word. Alle ander sake van belang vir die buitemuurse afdeling moes deur die Buitemuurse Beampte gehanteer word en, waar nodig, na die registrateur (Finansies) verwys word. Die uiteinde van die saak was dat die Buitemuurse en Na-uurse Advieskomitee aan die einde van 1979, tien jaar na sy instelling, opgehou het om te bestaan.

In die lig van die stilstand van buitemuurse getalle—eintlik 'n daling nà 1978 —het die vraag oor die toekoms van die buitemuurse afdeling weer in Oktober 1981 opgeklink tydens 'n vergadering van die Besoekerskomitee van die Nagraadse Bestuurskool. Die gedagte is geopper dat daar opnuut gekyk moet word na die toekomstige aanwending van die buitemuurse afdeling, insluitende die terrein en geriewe. In dié verband is daar veral gewys op die feit dat die besetting van be-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

staande geriewe by universiteite teen daardie tyd uiters presies deur opnames ingevolge SANSO (Suid-Afrikaanse Na-sekondêre Opvoeding)-beleid bepaal is. Hierdie inligting sou in die toekoms geld by die oorweging van verdere aansoeke om leningsmagtiging. Die aanwending van die buitemuurse gebou, veral in die lig van sowel die verlies aan studente as die benutting van die gebou gedurende die dag, het gevolglik in die gedrang gekom.

Daar is by dié geleentheid besluit dat daar twee fasette van die aangeleentheid is wat afsonderlik ondersoek moes word:

1. die mees doelmatige aanwending van die terrein en bestaande geriewe; en
2. die aangewese rigting waarin buitemuurse opleiding behoort plaas te vind.

'n Ondersoek is gevolglik gedurende 1982 en 1983 deur die Nagraadse Bestuurskool uitgevoer. Tydens hierdie ondersoek is daar onder andere 'n profiel van buitemuurse studente opgestel met betrekking tot 'n verdeling volgens geslag, gemiddelde ouderdom, huwelikstaat, huistaal, inkomste, werkgewers, woonplek en finansiering van studies. Maar die aandag is veral op die dalende neiging in die studentegetalle gevestig. Uit die volgende tabel wat in die verslag voorkom, is die dalende tendens in buitemuurse en na-uurse voorgraadse studentegetalle teenoor die konstante toename in dié by binnemuurs baie duidelik te sien.

Voorgraadse studentegetalle 1972-1981

Jaar	*Binnemuurs*	*Buitemuurs*	*Na-uurs*
1972	8 601	1 564	248
1973	9 166	1 448	253
1974	9 717	1 345	201
1975	10 435	1 530	186
1976	10 701	1 238	138
1977	11 185	1 220	115
1978	11 501	1 187	116
1979	11 171	1 233	110
1980	10 999	1 198	117
1981	10 881	1 214	170

Terwyl daar binnemuurs 'n gemiddelde jaarlikse toename van 2% was, was daar buitemuurs en na-uurs onderskeidelik gemiddelde afnames van 2,9% en 7,8%. Wat binnemuurse eerstejaarstudente betref, was daar in dié tien jaar 'n gemiddelde jaarlikse styging van 2,7%, teenoor 'n eerstejaarsdaling buitemuurs van 5,7%. Dit is opvallend dat dié eerstejaarsdaling heelwat hoër is as dié van die voorgraadse totaal (2,7%). Hierdie neiging was die merkbaarste in die fakulteite Lettere en Wysbegeerte en Regsgeleerdheid, met gemiddelde eerstejaardalings van onderskeidelik 13% en 5,5% per jaar. Hierdie patroon, gesien in samehang met 'n aansienlike daling in die getal nuwelingeerstejaarstudente in verhouding met die totale buitemuurse getalle, was 'n duidelike teken dat Buitemuurs in 'n toenemende mate gebruik is vir die voltooiing van studie deur studente wat voorheen binnemuurs geregistreer was.

Na verdere oorweging van die vakke wat buitemuurs aangebied word, die getal inskrywings per kursus, lesingtye, onderrigmetodiek, skakeling met dosente, akademiese ondersteuningsdienste (biblioteekgeriewe, rekenaarfasiliteite en geboue), sport en ontspanning, en ander aspekte—soos die bereikbaarheid van die buitemuurse en binnemuurse kampusse volgens werk- en woonplekke, koste-oorwegings en die beskikbaarheid van binnemuurse lesinglokale na 17h00—het die komitee drie aanbevelings gedoen:

1. dat 'n onderrigmodel ontwikkel word wat moontlik 'n effektiewer onderrigmetodiek, minder klaskontaktyd (met 'n gepaardgaande groter klem op selfstudie), en 'n langer akademiese jaar behels;
2. dat deeltydse opleiding na die hoofkampus verskuif word;
3. dat 'n effektiewe reklameprogram vir buitemuurse opleiding ontwikkel word.

Hierdie aanbevelings is in Augustus 1983 gedoen. In November 1983 het 'n gesprek deur lede van die topbestuur (tans die rektoraat) met lede van die Kommissie vir Administrasie plaasgevind oor die belang wat die staat moontlik by die benutting van die Proesstraatse eiendom mag hê. 'n Jaar later het die Raad die aanbeveling aanvaar dat die buitemuurse lesings na die hoofkampus verskuif. In die middel van 1985 is daar beslis dat dié besluit van die begin van 1986 af uitgevoer sou word. Die belangrikste redes vir die finale besluit vir verskuiwing, was dat Buitemuurs eenvoudig 'n te duur onderneming geword het en dat die bestaande sewentien persent benutting van die gebou te laag was. Dit het vir die Universiteit groot probleme in verband met SANSO-norme geskep, omdat die benuttingsfaktor veels te laag was om die Universiteit op subsidiëring vir die buitemuurse gebou geregtig te maak.

Daarmee het 'n era in die geskiedenis van die Universiteit ten einde gesnel. Die Buitemuurse VSR het die onvermydelikheid van die besluit aanvaar, met die voorbehoud dat daar sekere geriewe vir hulle by die hoofkampus voorsien sou word. Dit het vir hulle veral om die handhawing van die buitemuurse studente se identiteit gegaan. Die tyd sal moet leer of die tradisieryke instelling Buitemuurs wel sy identiteit op die lange duur sal kan handhaaf.

Na-uurse opleiding op die hoofkampus

Reeds sedert 1940 is daar na-uurse klasse vir BSc op die hoofkampus aangebied. Aanvanklik het die lesings om 16h30 begin, maar na 'n paar jaar is die aanvangstyd na 17h00 verander en nog later na 17h05. Aanvanklik kon Chemie, Fisika, Wiskunde en Toegepaste Wiskunde as hoofvakke geneem word, en in 1960 is Wiskundige Statistiek hierby gevoeg. Van 1940 af is daar tegelykertyd ook na-uurs 'n spesiale kursus in Frans aangebied, wat vroeër by Buitemuurs geneem kon word. Dit is 'n paar jaar later opgeskort.

Ander kursusse wat sedert die vroeë vyftigerjare alreeds na-uurs aangebied is, is HOD (Hoër Onderwysdiploma) en LLB IV en V. Albei dié studierigtings kan sedertdien sowel voltyds as na-uurs gevolg word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

In 1961 het klasse vir BSc Ingenieurswese (tans BIng) I en II na-uurs op die hoofkampus ook 'n werklikheid geword. Die opleiding het aanvanklik in samewerking met die Pretoriase Tegniese Kollege geskied. Die eerstejaarkursus is alleen in 1961 aangebied en die kursusse vir die tweede studiejaar van 1963 af. Sowel die eerste- as die tweedejaarkursus is oor twee jaar versprei. In 1976 is die Tersiêre Onderwysdiploma deur die Fakulteit Opvoedkunde ingestel en van die begin af is dit ook slegs na-uurs aangebied. In 1980 is daar begin om ook die graad in Biblioteekkunde, BBibl, na-uurs te doseer.

Soos in die onderstaande tabel gesien kan word, het Wis- en Natuurkunde, Opvoedkunde en Ingenieurswese sedert die vroeë sestigerjare vir na-uurse studente gesorg. In dié stadium was Wis- en Natuurkunde deur die na-uurse BSc-kursus vir verreweg die meeste studente verantwoordelik. Daarna was daar 'n konstante afname in dié Fakulteit, terwyl die getalle in die fakulteite Opvoedkunde en Ingenieurswese teen 1980 'n aanmerklike toename getoon het. Teen 1980 het die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe ook reeds 'n aansienlike getal na-uurse studente gehad. Dit was die gevolg van die verskuiwing in 1977 van die Nagraadse Bestuurskool van die buitemuurse afdeling na die hoofkampus. Veral die MBA-kursus (Magister in Bedryfsadministrasie) wat die Bestuurskool aangebied het, was baie gewild. Die graad is aanvanklik na-uurs, d.w.s. deeltyds, aangebied, en oor drie jaar versprei. Sedert 1983 word dit sowel na-uurs oor drie jaar as heeltyds oor een jaar aangebied. 'n Opvallende styging is teen die middel van die sewentigerjare in die getal na-uurse studente in die Fakulteit Ingenieurswese merkbaar. Dit moet hoofsaaklik toegeskryf word daaraan dat nagraadse kursusse sedert 1973 ook na-uurs in die fakulteit aangebied word. Soos gesien kan word, was die getal in dié fakulteit teen 1982 die hoogste, alhoewel die na-uurse studente redelik eweredig tussen die vier genoemde fakulteite verdeel was.

Getalle in die fakulteite Regte (LLB) en Lettere en Wysbegeerte (BBibl) word nie hier aangedui nie, aangesien dit onbeduidend is.

Na-uurse studente volgens fakulteite 1960-1982

Jaar	*Wis- en Natuur-kunde*	*Ekonomiese en Staats-wetenskappe*	*Opvoed-kunde*	*Ingenieurs-wese*	*Totaal*
1960	377	—	55	—	432
1965	283	—	51	73	397
1970	142	—	25	141	308
1975	94	—	92	324	510
1980	102	148	167	427	844
1982	304	364	222	450	1 340

Wat die Fakulteit Wis- en Natuurkunde betref, was daar 'n daling in getalle na 1982, aangesien daar besluit is om die BSc II- en BSc III-leergange na-uurs onderskeidelik van die begin van 1983 en die begin van 1984 af te beëindig.

Hierdie verskillende na-uurse kursusse bied, net soos die buitemuurse kursusse, 'n geleentheid aan werkende persone om hulle akademiese kwalifikasies te verbeter. Hierdeur word natuurwetenskaplikes, besigheidslui, onderwysers en ingenieurs in die aandure opgelei om hulle plekke bedags vol te staan in die besigheidswêreld en in instellings soos Yskor, die WNNR, die Kernontwikkelingskorporasie, die Stadsraad van Pretoria, ens. So lewer die Universiteit 'n belangrike diens aan die gemeenskap waarin dit funksioneer.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

IX Die Universiteit van Pretoria en Anderkleuriges

Agtergrond

In 1934 het 'n swart student, destyds genoem 'n naturellestudent, aansoek om toelating tot die Universiteit van Pretoria gedoen. Hierop het die senaat die volgende besluit geneem, wat deur die Raad bekragtig is: dat die senaat hom uitspreek teen die toelating van "Naturelle" tot die Universiteit van Pretoria en dat die Universiteit van Pretoria by die betrokke ministers daarop moet aandring om by wetgewing voorsiening te maak vir "Naturelle hoër onderwys."

Soos prof. Rautenbach jare later die besluit geïnterpreteer het, het die Universiteit reeds op daardie tydstip gevoel dat universitêre opleiding vir swartes "volgens die aanvaarde Suid-Afrikaanse patroon" gereël moes word, wat destyds bekend gestaan het as "segregasie."

Die posisie was so: ingevolge wetgewing is daar voorsiening gemaak vir aparte skole vir die verskillende rasse wat primêre en sekondêre onderwys betref: wat hoër onderwys betref nie. So het dit gebeur dat nie-blanke studente hulle aan Engelstalige universiteite ingeskryf het (Afrikaanstaliges voorlopig nie)—aanvanklik maar enkeles, maar dit was die "voorbode van 'n groter behoefte" wat later ontstaan het.

Dat die Universiteit van Pretoria simpatiek gestaan het teenoor nie-blanke universitêre opleiding, getuig sy houding oor die Kolege ya Bana ba Afrika, wat in die jare veertig in Pretoria tot stand gekom het. Hierdie kollege het steun van die Universiteit ontvang in dié sin dat daar aan enkele dosente toestemming verleen is om met die opleiding te help.

Teen 1948 ontstaan daar 'n beweging om die kollege by die Universiteit van Pretoria in te lyf. Die aangeleentheid is deur die senaat bespreek en na 'n komitee met prof. W.W.M. Eiselen as sameroeper verwys. Hierdie komitee het in sy verslag aangetoon dat nie-blanke studente aan die Universiteit van Kaapstad, die Universiteit van die Witwatersrand en die Universiteit van Natal toegelaat word—aan die laasgenoemde hoofsaaklik wat die mediese kursus betref. Dan was daar die Universiteitskollege van Fort Hare, met 'n gedeeltelik blanke doserende personeel. Die komitee se bevinding was dat die opleiding aan hierdie inrigtings "geskoei is op 'n uitheemse lees en (dat) die Suid-Afrikaanse oriëntering ontbreek." Dit kweek integrasie, wat ook deur die oud-studente gepropageer word. "Uit die aard van die saak", lui die verslag verder, "kan uit hierdie inrigtings ook geen egte Naturelle-kolleges, wat die ware belang van die Naturel dien, ontwikkel nie."

Die komitee beveel aan dat die Kolege ya Bana ba Afrika "onder toesig van die Universiteit van Pretoria" geplaas word en dat die Minister van Onderwys versoek word dat "'n Bantoe-universiteitskollege onder die beskerming van die Universiteit van Pretoria gestig word." Daar was toe alreeds 15 morg in Vlakfontein (tans Mamelodi) beskikbaar wat die Stadsraad van Pretoria hiervoor geskenk het. Daar was toe ook reeds 'n beperkte hoeveelheid geld ten behoewe van die Kolege ya Bana ingesamel en daar is gedink om met 'n bouprogram te begin. Ook is daar reeds besonderhede uitgewerk oor hoe die beheer van die Universiteit van Pretoria in die senaat en Raad geïntegreer moes word. Op aanbeveling van die senaat het die Raad besluit om 'n afvaardiging na die minister te stuur.

Die minister kon die afvaardiging daardie maand (November 1948) nie ontmoet nie. Intussen is daar besluit om die Stadsraad te vra om liewer 'n terrein in die weste "anderkant Atteridgeville" in ruil vir dié in Vlakfontein te skenk. Die saak het voortgesloer en eers in Mei 1950 het die Sekretaris van Onderwys hom bereid verklaar om 'n afvaardiging te woord te staan. Hierop het die rektor die volgende maand geantwoord dat daar intussen soveel tyd verloop het dat hy eers weer die Raad en senaat wil raadpleeg om te verneem of hulle nog dieselfde opvattings het. Inderdaad was die bevinding van die senaat nou (Augustus 1950) dat dit nie meer "gerade geag" word om met die voorgestelde inlywing voort te gaan nie "vanweë die juridiese implikasies van so 'n inlywing." Tog: "dit bly die Senaat se oorwoë mening dat van Afrikaanse kant daar werk gemaak moet word om die goeie wil van die Naturel teenoor Afrikaans en Afrikaner te herwin."

'n Memorandum van prof. P.J. Coertze het waarskynlik tot hierdie besluit gelei. Hy het geredeneer dat inlywing sal meebring dat nie-blankes dan lede van die konvokasie van die Universiteit sou word, en dit is volgens hom "totaal onversoenbaar . . . met die beginsel van aparte ontwikkeling." Hy beveel aan dat 'n "Bantoe-universiteit onafhanklik

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

van die Universiteit van Pretoria moet ontstaan" wat later verskuif moet word "na 'n gebied wat die beste aan sy doel sal beantwoord." Hoewel die rektor hierna by die minister gepleit het om die Kolege ya Bana ba Afrika nog geldelik te steun, het hierdie inrigting in die regering se planne hierna vir uitgebreide universiteitsonderwys aan nieblankes, in die slag gebly.

In 1954 is 'n wetsontwerp bekend gestel vir die voorsiening van universitêre onderwys aan nieblankes, wat sou neerkom op die stigting van universiteitskolleges vir hulle. Hierteen het die South African Institute of Race Relations in opstand gekom en 'n konferensie belê, waarheen prof. Rautenbach ook uitgenooi is. Die laasgenoemde het dit in 'n lang brief, gedateer 31.3.1954, van die hand gewys; en hierdie brief gee 'n indruk van hoe sterk die destydse rektor oor die saak gevoel het. Volgens hom sou so 'n kongres net in 'n protesvergadering teen die regering ontwikkel.

Hy wys op die Europese oorsprong van universiteite gedurende die Middeleeue, toe baie verskillende nasiegroepe, "nationes", hulle aan Universiteite ingeskryf het, maar hulle was van 'n min of meer homogene kultuur en het een gemeenskaplike taal, Latyn, gebruik. Hy glo dat die situasie buite Europa, en meer spesifiek in Afrika, verander het. "I regard freedom as the opportunity for self-realisation, further that the separate university imposes no fetters in the way of freedom seen as the opportunity for full self-realisation. Integration either has to go the whole way, otherwise it means separation in certain important spheres."

In Engeland het daar ook reaksie teen die wetsontwerp ontstaan. Die vise-kanseliers van ongeveer tien universiteite het 'n gesamentlike protesbrief aan die pers in Engeland gerig. Die visekanselier van die Universiteit van Bristol het 'n kopie hiervan aan prof. Rautenbach gestuur. Sy antwoord hierop was weer 'n goed beredeneerde verdediging van die idee van aparte universiteite. Sy oortuiging was: "Some system of separate university education . . .will be the greatest practical contribution towards the future happiness and prosperity, the harmonious co-existence of the groups and maintenance of what all civilized people value most highly. I further claim that this is the result of existentialist thinking, i.e. reflection on the concrete problems with the whole of one's personality."

Die wetsontwerp is uitgestel. Toe dit in 1959 weer voorgestel is, is daar 'n parlementêre kommissie benoem en namens die Universiteit van Pretoria het proff. Rautenbach en Tomlinson voor die kommissie getuig — 'n hele dag lank.

Die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, mnr. J.J. Serfontein, het tydens 'n gesprek prof. Rautenbach gevra om kortliks die vraag te beantwoord waarom die Universiteit van Pretoria nie bereid is om anderkleuriges as studente toe te laat nie, om hom so van argumente te voorsien by die bespreking van die wetsontwerp in die parlement.

Die rektor het in sy antwoord weer eens terug verwys na wat reeds gebeur het, en die korrespondensie wat hy in 1954 gevoer het. Volgens hom is die universiteit die plek van onderwys, ondersoek en opvoeding. Die laasgenoemde bly in die slag by gemengde universiteite. Oop universiteite gee nie voldoende geleenthede vir selfontplooiing nie. Dit bring diskriminasie teen die nie-blanke mee wat mensonterend is. Dan moet daar liewer deur wetgewing tussen rassegroepe onderskei en aparte universiteite gestig word, om die aparte groepe geleentheid tot selfverwesenliking te gee. Die eerlike alternatief is volle integrasie.

Hy wys weer op die Europese oorsprong van universiteite. "Nou is daar mense wat die Europese idee van 'n universiteit 'n ewigheidskarakter wil gee," geskik vir uitvoer na enige land. Hy haal 'n artikel van Thomas Hodgkin aan waarin daar beweer word dat daar in Noord-Afrika besware teen die Europese model geopper is. Hy verwys ook na 'n uitspraak van Ortega y Gasset dat die primêre funksie van 'n universiteit die oordra van kultuur is.

Hierdie brief het ook voor die Raad gedien, wat met instemming daarvan kennis geneem het.

So het die nie-blanke universiteitskolleges in 1960 tot stand gekom met, wat dié in die noorde betref, heelwat samewerking van die Universiteit van Pretoria.

Uit tradisie is die Universiteit van Pretoria 'n universiteit vir blankes. Na Afrikaanswording in 1932, het dit 'n Afrikaanstalige universiteit geword, wat sy studente uit 'n hoofsaaklik Afrikaanssprekende gemeenskap trek, hoewel Engelssprekendes steeds 'n betekenisvolle persentasie van die studentetotaal uitmaak. Die uitsluitend blanke karakter van die Universiteit was in ooreenstemming met die apartheidsbeleid van die regering, en die Universiteit het geredelik daarin opgegaan.

Na die Tweede Wêreldoorlog het daar gaandeweg 'n wending in die geskiedenis gekom, wat wêreldwyd meer toenadering tussen wit en gekleurd geëis het. Dit het meegebring dat anderkleuriges ook aan die deur van die Universiteit van Pretoria kom aanklop het. Die klop het al harder geword.

Daar is geleidelik toegegee, net soos van regeringsweë ook die geval was. Dit was nie maklik nie. Dit het gepaard gegaan met die gedeeltelike prysgee van die beginsel van afsonderlike ontwikkeling, wat nie net hier nie, maar op talle ander terreine van die lewe in werking getree het. Hoe ingrypend die verandering van rigting was, sal eers later deur historici beskryf kan word. Vir die owerhede van die Universiteit van Pretoria het dit gegaan om toe te gee aan die eise van die tyd, maar met die handhawing van die Afrikaanse karakter van die Universiteit.

Prof. Pelzer het by geleentheid in 'n memorandum daarop gewys dat die Voortrekkers gemotiveerd was "met die vaste voorneme om die beskawing na die binneland—dit wil sê die Swartes—uit te dra." Die beskawingswerk het in gebreke gebly, gevolglik is daar nie tussen beskaafd en onbeskaafd onderskei nie, maar tussen wit en gekleurd. Dus: "in die lig van wat die Voortrekkers hulle in 1836 gestel het, behoort beskawing en nie kleur nie 'n maatstaf vir ons beoorde-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ling te word." Vir hom sal "die gees van ons tyd" en die "wending" in ons geskiedenis, "ons dwing om kleur as maatstaf vir differensiasie . . . met iets anders te vervang."

Die aandrang om toelating kom op die volgende terreine tot uiting: inskrywing as studente, gemengde byeenkomste, biblioteek en sport.

Die inskrywing van nie-blanke studente aan die Universiteit van Pretoria

Soos met ander Afrikaanstalige universiteite die geval was, het enkele anderkleuriges aan die Universiteit van Pretoria aangeklop om toelating tot die een of ander kursus. Die aansoeke is steeds met opgawe van die een of ander rede van die hand gewys, sonder dat 'n beleid neergelê is.

In 1969 het mej. Nagako Imai, dogter van die Japanse konsul-generaal in Pretoria, aansoek gedoen om as hospiterende student in te skryf en sy is "as 'n individuele geval" toegelaat; daar was geen probleme nie. Vir diplomatieke personeel is daar gewoonlik 'n uitsondering gemaak.

Die Fakulteit Veeartsenykunde het jare lank 'n goeie verhouding met 'n soortgelyke inrigting in Mosambiek onderhou, oor en weer dosente uitgeruil en nagraadse studente van daar gehuisves. Hierdie nagraadse studente was steeds blanke Portugese, maar die inrigting se voorgraadse studente was grotendeels swart. Om gereed te wees vir so 'n moontlikheid, het die dekaan van die Fakulteit Veeartsenykunde in 1972 die vraag gestel of 'n nie-blanke buitelandse nagraadse student toegelaat mag word. Hy voeg daartoe by dat sy Fakulteit bereid was om so 'n inskrywing te aanvaar.

Na aanleiding hiervan het die rektor, prof. Hamman, die hele aangeleentheid van toelating laat ondersoek. Artikel 11 van die Universiteitswet, wet no. 61 van 1955, bepaal: "Behoudens die bepalings van die betrokke Universiteitswet met betrekking tot die verbod op godsdienstoetse, het die raad die reg om, indien hy dit in belang van die betrokke universiteit beskou, die toelating van enige student wat daarom aansoek doen, te weier."

Wet no. 45 van 1959 het voorsiening gemaak vir die stigting van universiteitskolleges vir nieblankes, wat later tot selfstandige universiteite uitgegroei het. Soos hierbo aangetoon, was daar toe al nie-blankes aan verskeie blanke universiteite ingeskryf, en as 'n tussentydse reëling is daar bepaal dat dergelike inskrywings vanaf 'n datum wat deur die goewerneur-generaal bepaal sou word, nie meer toegelaat sou word nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die betrokke minister.

Daar is nooit deur die goewerneur-generaal of later deur die staatspresident bepaal van wanneer af nie-blanke studente nie aan blanke universiteite ingeskryf mag word nie. Dit is duidelik dat daar aan die universiteit die reg van inskrywing nog toegelaat is. Aan die Universiteit van Pretoria is daar oor die jare verskeie aansoeke van nie-blanke studente, met die aanvoering van die een of ander rede, van die hand gewys sonder om rugbaarheid daaraan te gee. 'n Bepaalde beleid is nie nodig geag nie.

In 1972 het die dekaan van die Fakulteit Veeartsenykunde versoek dat nie-blanke nagraadse studente toegelaat word. Dit is "weens verskillende omstandighede" geweier. Dieselfde jaar kom daar 'n versoek van 'n student uit Lesotho aan die departementshoof van Plantkunde om hom as 'n "external student" in te skryf en om nagraads onder prof. Van der Schijff te studeer. Daar is besluit dat sy inskrywing nie toegelaat word nie, maar dat prof. Van der Schijff hom wel mag help indien hy by 'n ander universiteit ingeskryf is, hoewel geen laboratoria of ander geriewe aan hom beskikbaar gestel kan word nie. Boeke van die biblioteek kan hy deur interbiblioteeklening verkry. Hy het die volgende jaar aan die Universiteit van Essex ingeskryf en prof. Van der Schijff het sy eksterne eksaminator geword.

'n Dergelike toegewing is gemaak vir 'n student van die Universiteit van die Noorde, mev. Nkondo, wat vir 'n doktorsgraad in Sotho onder promotorskap van prof. P.S. Groenewald van die Universiteit van Pretoria wou inskryf.

'n Volgende aansoek het in 1973 gekom van die Buro vir Ekonomiese Navorsing insake Bantoe-ontwikkeling (BENBO), namelik dat toestemming verleen moet word aan 'n belowende nagraadse (BCom Hons) nie-blanke student, mnr. C.J. Zondi, om in sommige kursusse lesings aan die Universiteit van Pretoria te volg. Dit is geweier. Dieselfde het later daardie jaar gebeur met 'n versoek van die senior dosente van die Verpleegtersopleidingskollege van Garankuwa, mev. Jordaan, om ses lesings per jaar in Oudiologie aan die Universiteit van Pretoria deur haar leerlinge te laat volg.

In hierdie stadium het dr. H.J. van Zyl, Sekretaris van Bantoe-onderwys, daarop gewys "dat afsydigheid van Afrikaanstalige universiteite nie alleen nie-blankes vyandig stem nie, maar dat hulle ook na die Engelstalige universiteite gedryf word, asook oorsee, waar hulle aan verkeerde beïnvloeding onderwerp word." Minister P. Janson het in 'n toespraak ook 'n dergelike uitlating gemaak.

Dit het die Universiteit daartoe gedwing om 'n standpunt in te neem. In September 1973 het die Universiteitsraad na uitvoerige bespreking dit as sy oortuiging uitgespreek "dat ons Universiteit ook 'n taak en 'n roeping te vervul en 'n bydrae te maak het wat betref die element 'ontwikkeling' in die konsep 'afsonderlike veelvolkige ontwikkeling' en 'n bepaalde beleid in dié verband in die toekoms neer te lê het met ingeboude behoude en voorwaardes."

Prof. Hamman het in 'n memorandum sterk standpunt ingeneem teen verdere toegewing. Die vraag kan volgens hom gestel word "of dit met reg van hierdie Universiteit, met sy tradisie as Afrikaanse inrigting, verwag kan word om nie-blankes as studente in te skrywe. *Ons insiens beslis nie.* Basies en in die eerste plek is dit die probleem van die betrokke universiteite en van die owerheid en *nie* van die Universiteit van Pretoria nie." (Kursivering van prof. Hamman). Hy stel voor: geen nieblanke inskrywing nie, maar wel hulpverlening van die Universiteit van Pretoria se dosente aan studente wat elders ingeskryf is. Dit was dan ook

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

die besluit van die Raad op 26 November 1973.

Na 1973 was daar weer enkele aansoeke, onder andere van twee Indiërstudente, wat van die hand gewys is "because of restrictive legislation concerning the admission of students to residential universities in this country."

Op 18 Mei 1977 het die eerste minister 'n verklaring in die Volksraad gedoen, naamlik dat daar geriewe vir alle bevolkingsgroepe voorsien word en "dat as die staat vir een bevolkingsgroep geriewe skep en daar is 'n besondere behoefte daaraan dat ander bevolkinsgroepe ook daarin moet deel, daardie geriewe deur alle bevolkingsgroepe gedeel kan word." Dus geen dwang nie. Dit *kan* gedeel word, nie dit *moet* gedeel word nie.

Onderstepoort as die enigste plek vir opleiding in Veeartsenykunde in Suid-Afrika het onder die aandag gekom. Medunsa, waar dergelike opleiding vir swartes voorsien is, het toe nog nie bestaan nie. Nietemin is die aansoeke van twee Indiërstudente wat op Onderstepoort wou studeer, van die hand gewys.

Tog het die universiteitsowerhede meer en meer onder druk gekom. 'n Navraag by enkele Afrikaanse universiteite het aan die lig gebring dat die Randse Afrikaanse Universiteit die deure oopgemaak het vir Japanse en Chinese studente en dat die Potchefstroomse Universiteit vir CHO 'n nieblanke student van die Hammanskraalse Opleidingskool tot 'n BD-kursus toegelaat het.

Dit was in hierdie stadium in 1977 dat die viserektor, prof. A.N. Pelzer, op versoek van die rektor sy mening in die memorandum waarna daar aan die begin van die hoofstuk verwys is, uiteengesit het. Hy het die hele aangeleentheid in wyer perspektief geplaas.

"Of 'n mens daarvan hou of nie, staan dit soos 'n paal bo water dat die geskiedenis van die mensheid sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog 'n wending geneem het. Om dit te ignoreer, sal dwaasheid wees en om dit tot stilstand te bring 'n onmoontlikheid." Dit sal hoogstens in 'n bepaalde rigting gestuur kan word "en daarom betaam dit veral die konserwatiewe Afrikaner om te erken dat daar inderdaad baie redes is en waarskynlik ook baie goeie redes wat hom onder die verpligting stel om sy tradisionele kleurbeskouing opnuut te evalueer." Die dilemma is dat die geslote Afrikaanse universiteit die nie-blankes in die arms van die Engelssprekendes dryf en dat hulle vyandig gestem word teenoor die Afrikaanse gedagte. Hy wys op die anomalie dat 'n beskaafde Japanner oor dieselfde kam geskeer word as alle nie-blankes. Ontwikkeling en beskawing as maatstaf is uit die oog verloor en "omdat ons in die verlede te traag was om in dié rigting te beweeg, is die gevaar groot dat dit in die vorm van 'n rewolusie op ons aangestorm kom."

Vir hom sal die "ontsluiting van die deure van die Universiteit vir beskaafde anderkleuriges nie 'n neerlaag vir die Afrikanerkonserwatisme (wees) nie, maar juis 'n geleentheid om sy roeping verder te voer en daarom hoef daarvan nie terug gedeins te word nie." Sy aanbeveling is versigtige toelating van anderkleuriges. Hierdie memorandum het ongetwyfeld 'n invloed op die verdere verloop van sake gehad, hoewel dit nie so direk aangetoon kan word nie.

Die rektor het ook in 'n memorandum gewys op al die implikasies wat toelating van nie-blankes tot die Universiteit sou meebring, vir sover dit deur die landswette toegelaat word. Dit geld klasbywoning, praktika, biblioteekgebruik, sosiale studentelewe, gradeplegtighede, lidmaatskap van die konvokasie en die Oudstudentebond, sport en ontspanning, losies in koshuise en die gebruikmaking van ander geriewe aan die Universiteit. Aangesien daar wel universiteite vir nie-blankes bestaan, sien hy as 'n "algemene kriterium" dat "inskrywings by UP slegs moontlik sal wees in studierigtings wat nog nie by hulle eie universiteite aangebied word nie." Verder was sy mening dat aan anderkleuriges dieselfde toelatingsvereistes gestel moet word as aan blankes, en dat die Afrikaanse taalmedium sonder tegemoetkoming gehandhaaf word.

Die Raad het hierop die aangeleentheid na 'n komitee verwys bestaande uit dr. Meiring Naude, sy edele dr. W.C. du Plessis, respektiewelik voorsitter en ondervoorsitter van die Raad, die rektor, prof. E.M. Hamman, dr. D.M. Joubert, prof. A.P. Grové, prof. H.W. Snyman, ds. J.E. Potgieter, die registrateur (Akademies) en die vise-rektor, prof. A.N. Pelzer, as sameroeper.

Prof. Pelzer het die werksaamhede van die komitee goed voorberei en vooraf met die volgende persone en instansies in verbinding getree : die betrokke staatsdepartemente, die ander Afrikaanse universiteite, die Binnemuurse en Sentrale Studenteraad van die Universiteit, die bestuur van die Oudstudentebond, die direkteur van Openbare Betrekkinge, die direkteur van die Studentediensburo en, sover moontlik, die algemene publiek.

Van owerheidsweë was die belangrikste inligting dat 'n nie-blanke student toestemming van die betrokke minister moet kry om by 'n blanke universiteit in te skryf, maar dan onder sekere voorwaardes wat inwoning, ens. betref. Informasie van ander Afrikaanstalige universiteite het aan die lig gebring dat daar op daardie stadium maar min nieblanke studente by hulle ingeskryf was—party net nagraads; party, met of sonder sekere voorbehoude, ook voorgraads. Ingevolge wetgewing word daar nie losies aan anderkleuriges verskaf nie. Kragtens wet word hulle aan alle universiteite tot die konvokasie toegelaat.

Die aanbevelings van die ander instansies wat geraadpleeg is, kom daarop neer dat Chinese en Japanse studente sonder meer toegelaat word en ander anderkleuriges net tot die kursusse wat aan geen ander universiteit gedoseer word nie, en dan streng volgens akademiese meriete. Die direkteur van Openbare Betrekkinge was van mening dat die platteland moeilik die oopstelling vir anderkleuriges sou goedkeur, en dat 'n vermindering van donasies van daar verwag kan word, maar dat die sakewêreld nie ongunstig sal reageer nie.

Die publiek kon nie regstreeks genader word nie. In die pers was daar nie veel reaksie nie, waaruit daar afgelei kon word dat die Universiteit nie onder druk van die een of ander rigting gestaan het nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die rektor, prof. Hamman, het dit as sy mening uitgespreek dat persone van Chinese en Japanse herkoms op voor- en nagraadse vlak aanvaar word, onderworpe aan dieselfde vereistes wat vir blankes geld, terwyl losiesinwoning onderworpe is aan die Groepsgebiedewet. Kleurlinge en Indiërs mag hulle wel vir Veeartsenykunde inskryf, terwyl swart studente gewys moet word op die toekomstige opleiding aan Medunsa. Afrikaans as doseertaal moet gehandhaaf word. Daar is hierna wel twee kleurlinge aan Onderstepoort toegelaat. Voor dit gebeur het, is daar 'n opname gemaak van die posisie aan alle residensiële universiteite van Suid-Afrika, wat in 1979 vrygestel is. Hiervolgens was die nie-blanke inskrywing aan hierdie inrigtings soos volg: Potchefstroom 13, Port Elizabeth 67, Kaapstad 932, Rhodes 160, Witwatersrand 974, RAU 7, UOVS 8, Stellenbosch 65, Natal 1 135, Pretoria 0—altesame 3 351 uit 'n totaal van 83 548.

In November 1981 het die Raad besluit om aan die topbestuur, soos die rektoraat destyds genoem is, op te dra "om 'n ondersoek te loods na die moontlikheid van die toelating van anderkleurige persone tot nagraadse studie op 'n gedifferensieerde wyse." Inmiddels het die konstitusionele verandering in die land ongetwyfeld ook 'n ander klimaat meegebring.

Op 21 Junie 1982 het die Raad weer aan 'n komitee opgedra "om ondersoek in te stel na die toelating van anderkleurige persone tot nagraadse studie op 'n gedifferensieerde basis." Hierdie komitee het bestaan uit die voorsitter van die Raad, dr. S.M. Naudé, die rektor, prof. D.M. Joubert, dr. C.L. de Bruyn, proff. B.J. Engelbrecht, P.W. Hoek, P. Oosthuizen en H.P. van der Schyff.

Intussen het prof. P. Oosthuizen, een van die vise-rektore, op versoek van die rektor, prof. D.M. Joubert, 'n memorandum opgestel van idees wat hy reeds voorheen op 'n vergadering uitgespreek het. Hy het van die oogpunt uitgegaan dat "die Universiteit van Pretoria as 'n diensinstelling van 'n bepaalde gemeenskap beskou moet word," dit wil sê "die Afrikaanssprekende blanke gemeenskap van die gebied wat binne die Universiteit se geografiese grense val." Maar "die Universiteit mag hom nie geïsoleerd sien van behoeftes, tendense en denkrigtings binne sy gemeenskap nie."

Na aanleiding van moontlike konstitusionele veranderings in die nabye toekoms, kan eksklusiwiteit die Universiteit in die gedrang bring. Die Universiteit behoort daarom in voeling te bly met die gemeenskapsgevoel van ander bevolkingsgroepe en behoort te deel in 'n gees van toenadering wat blykbaar onder die nuwe bedeling sal ontwikkel. Wat betref die toelating van anderkleuriges aan die Universiteit, meen hy dat 'n soepeler beleid gevolg moet word.

Sy voorstel, wat later woordelik deur die Raadskomitee aangeneem is, lui soos volg: "Die Universiteit van Pretoria laat volgens beleid steeds slegs Blanke studente tot Akademiese studie aan die Universiteit toe maar daar kan op grond van die meriete van 'n bepaalde geval en met in agneming van alle tersaaklike omstandighede, waaronder die morele verpligtinge van die Universiteit om anderskleurige universiteite by te staan om tot hulle volle reg te ontwikkel en te funksioneer, by wyse van uitsondering, anderskleuriges as studente tot die Universiteit toegelaat word."

Hy was van mening dat die blanke Afrikaanssprekende gemeenskap so 'n beleid sal aanvaar, nieteenstaande die feit dat die meerderheid van hierdie gemeenskap 'n konserwatiewe houding handhaaf. Hy meen dat so 'n beleid "nie alleen vir die huidige nie maar ook vir die toekoms 'n oplossing mag bied."

Die genoemde Raadskomitee het vooraf informele samesprekings met al die dekane gevoer, wat weer hulle departementshoofde geraadpleeg het, en met die raad van die Bond van Oudstudente. Met die uitsondering van die Fakulteit Teologie Afdeling A, was almal dit daaroor eens dat, met die nodige versigtigheid, nie-blankes op 'n gedifferensieerde grondslag, na oorleg met die betrokke departementshoof en met goedkeuring van die rektor, tot nagraadse studie toegelaat moet word. Vir voorgraadse studie moet die status quo gehandhaaf word, met die uitsondering van Veeartsenykunde, waar Kleurlinge en Indiërs aanvaar word, maar sonder die verlening van huisvesting. Swart studente in hierdie rigting moet na Medunsa verwys word.

Die voorstel van die Fakulteit Teologie, Afdeling A, verskil in dié opsig van die bogenoemde voorstel van prof. Oosthuizen dat die Universiteit hom bereid verklaar "om in uitsonderlike gevalle op nagraadse vlak aan studente wat by ander universiteite ingeskryf is, hulp en leiding te gee waar dit deur die betrokke universiteite gevra word." Hulle bly dus gasstudente wat op alle moontlike maniere gehelp sal word, maar hulle bly ingeskrewe studente van 'n ander universiteit en ontvang daar hulle grade en diplomas.

Soos reeds gesê, is die voorstel van prof. Oosthuizen aanvaar en aan die Raad deurgestuur.

Die Raad het in 'n later stadium, op 20 Mei 1984, net soos ten opsigte van gemengde byeenkomste op die kampus, besluit "om sy bevoegdheid in hierdie verband aan die Rektoraat te delegeer, onderworpe daaraan dat: die Rektoraat gereeld verslag aan die Vaste Komitee van die Raad doen oor gevalle wat toegelaat is en kan kontensieuse gevalle steeds aan die Vaste komitee vir oorweging voorgelê word."

Die genoemde "Vaste Komitee" het na 1982 tot stand gekom.

Gemengde Byeenkomste

In 1967 het die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad 'n versoek aan die Universiteit van Pretoria gerig om in 1969 'n kongres op sy terrein te hou. Hierdie vereniging het ook nieblanke lede, en dit het dadelik die vraag laat ontstaan of 'n gemengde, blank-nie-blanke, byeenkoms op die Universiteit toegelaat kan word. Sover nagegaan is, was dit die eerste geval in die geskiedenis van hierdie inrigting.

Die Universiteitsraad het in antwoord op die versoek besluit "dat die Universiteit van Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

bereid sal wees om sy lesingslokale en geriewe beskikbaar te stel, maar verwag dat die Mediese Vereniging en die organiseerders van die kongres die nodige eerbied sal hê vir die Afrikaanse tradisie en die uitgesproke beleid van die Universiteit ten opsigte van gemengde sosiale verkeer op Universiteitsterrein." Om verleentheid te voorkom, het die rektor, prof. C.H. Rautenbach, vooraf oorleg gepleeg met die kanselier, dr. H. Muller, wat destyds ook Minister van Buitelandse Sake was. Of daar toe nie-blanke geneeshere op die kongres was, kon nie vasgestel word nie.

'n Volgende geval is 'n skrywe van prof. C.F.B. Hofmeyr, dekaan van die Fakulteit Veeartsenykunde, aan die rektor, waarin hy meedeel dat tydens 'n kongres oorsee van die Veeartsenykundige Studentevereniging in 1971, die moontlikheid geopper is dat so 'n kongres in Suid-Afrika, vanselfsprekend op Onderstepoort, gehou sal word. Waarskynlik sal daar dan ook nie-blanke studente opdaag en dat politiek sy kop sal uitsteek, is nie onmoontlik nie—so skryf die dekaan. Hy vra wat die Universiteitsbeleid is, en of nie-blankes in die koshuis mag tuisgaan.

Aan hom is die besluit van die Raad oor die geneeskundige kongres herhaal, d.w.s. dit sal wel toegelaat word, maar dan geen losies in die koshuis nie en sosiale verkeer slegs beperk tot die verskaffing van verversings. Daar het nie so 'n kongres plaasgevind nie.

In 1973 het die rektor, prof. Hamman, die Raad meegedeel "dat dit in toenemende mate gebeur dat versoeke tot die Universiteit gerig word vir die beskikbaarstelling van lokale en ander geriewe waar daar in een of ander opsig Blank en Nie-blank saam teenwoordig sal wees." Hy vra dat die Raad hom opnuut oor die hele kwessie van gemengde byeenkomste sal besin. 'n Memorandum van die rektor, vergesel van 'n memorandum van prof. Pelzer, het die versoek vergesel. Hulle bevindings is in hoofsaak deur die Raad onderskryf, wat op 17 September 1973 besluit het om—in die oortuiging van die blanke se plig om "binne die raamwerk van afsonderlike veelvolkige ontwikkeling onder blanke leierskap mee te werk aan die ontwikkeling van die nie-blanke in die Republiek van Suid-Afrika"—gemengde byeenkomste op die kampus goed te keur, onderworpe aan sekere voorwaardes, nl. dat "sodanige byeenkomste beperk sal wees tot akademies/wetenskaplike byeenkomste, die referate, toesprake, voordragte ens. . . . beperk sal wees tot akademies/wetenskaplike onderwerpe en dat geen politiek toelaatbaar sal wees nie." Verder moet sodanige byeenkomste beperk word tot gevalle "waar die Universiteit, sy dosente en/of studente integraal by ingeskakel sal wees." Dit kom daarop neer dat die Universiteit se lokale en geriewe nie vir buite-instansies beskikbaar is nie. Gemengde sosiale verkeer moet beperk bly tot die verskaffing van verversings, vir die bediening waarvan studente nie gebruik mag word nie.

Alle reëlings moet onder die beheer staan van 'n Raadskomitee, bestaande uit die voorsitter en ondervoorsitter van die Raad, die rektor, en vanaf 1 Januarie 1974 ook die vise-rektor. Aansoeke om goedkeuring moet op 'n voorgeskrewe vorm minstens 30 dae vooraf ingedien word. Waar nodig, sal die Raadskomitee in verbinding tree met die belanghebbende Staatsdepartemente. Daarop is in 'n persverklaring openbaarheid aan die Universiteit se standpunte gegee.

In 1982 was hierdie reëling nog in werking.

Toelating van nie-blankes tot die Biblioteek

Met verloop van tyd het nie-blankes ook aan die deur van die biblioteek kom aanklop.

In 1974 skryf mnr. A.J. van der Bergh, die bibliotekaris, aan die rektor dat 'n Indiërgeneesheer, dr. Ibrahim, wat vroeër materiaal aan die biblioteek geskenk het, van hom verneem het of Indiërgeneeshere tot die biblioteek toegelaat word.

Dit het meegebring dat 'n ondersoek na die praktyk in die verlede ingestel is. Daar is bevind dat daar in 1950 en weer in 1957 aan die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad die toegewing gemaak is dat sy lede gebruik kan maak van die "gesentreerde geneeskundige afdeling" van die Universiteitsbiblioteek. Miskien is daar toe nie aan gedink dat hierdie vereniging ook nie-blanke lede het nie. Verder het daar aan die lig gekom dat die Pretoriase Algemene Hospitaal in 'n vroeë stadium sy boekery aan die Universiteit oorgedra het, op voorwaarde dat die biblioteekdiens aan alle Transvaalse provinsiale hospitale gelewer moes word, waar ook nie-blanke geneeshere werksaam was.

In hoeverre daar in die praktyk diens aan nie-blanke geneeshere gelewer is, is nie vas te stel nie—blykbaar maar op klein skaal. Die bogenoemde "gesentreerde mediese biblioteek" het mettertyd drie satellietbiblioteke van die Merenskybiblioteek geword, waarvan die Kliniese biblioteek ook deur swart geneeshere gebruik word. Of dr. Ibrahim ooit 'n antwoord ontvang het, is nie vas te stel nie, maar hy is waarskynlik toegelaat om van die mediese biblioteke gebruik te maak.

Die aangeleentheid het verder gestrek as die geneeskundige biblioteke. Tussen die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Suid-Afrika het daar 'n verstandhouding bestaan dat nagraadse studente oor en weer vryelik van mekaar se biblioteekgeriewe gebruik kon maak, wat dan ook nie-blanke studente van die laasgenoemde insluit. Origens het daar 'n ooreenkoms tussen al die blanke universiteite van Suid-Afrika bestaan dat hulle studente na die voorlegging van 'n bekendstellingsbrief oor en weer van mekaar se biblioteekgeriewe kan gebruik maak en dit hou dan ook die nie-blanke studente van die verskillende inrigtings in.

Dan was en is daar die gevalle waar nie-blankes as proefhulp by die doseer van Bantoetale gebruik word, aan wie toegang tot die biblioteek moeilik ontsê kan word. Waar gemengde byeenkomste, byvoorbeeld kongresse, onder sekere voorwaardes toegelaat word, kan 'n besoek aan die biblioteek aan die lede daarvan moeilik geweier word. Dan is daar die gevalle waar 'n dosent van die Universiteit van Pretoria as eksterne promotor of studie-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

leier behulpsaam is by die nagraadse opleiding van 'n nie-blanke student van 'n ander universiteit, wat dan ook die biblioteek mag nodig kry om sy student in verbinding te bring met die gangbare literatuur. So 'n geval was dié van mev. Nkondo wat as ingeskrewe student van 'n ander universiteit, onder prof. P.S. Groenewald vir 'n doktorsgraad in Sotho studeer het.

In 1976 is die hele aangeleentheid na die Biblioteekkomitee verwys, en dit het, na 'n ondersoek, die volgende aanbeveling gedoen: "Dat die Direkteur van Biblioteekdiens toestemming kan verleen dat nie-blanke persone die biblioteekfasiliteite van die Universiteit van Pretoria onder dieselfde omstandighede en voorwaardes mag benut as blanke persone wat nie aan die Universiteit van Pretoria verbonde is nie."

Hierdie aanbeveling is deur die Raad aanvaar.

Die nie-blanke sportbeleid van die Universiteit van Pretoria

Hoewel die Universiteit van Pretoria in 1973 besluit het om gemengde akademies-wetenskaplike byeenkomste op sy terrein toe te laat, was dit met gemengde sportbyeenkomste nog nie die geval nie. Ook wat dit betref, het die Universiteit die landsbeleid so getrou moontlik probeer volg.

In 1975 het die rektor van die Universiteit van Kaapstad voorgestel dat sporttoernooie tussen universiteite op die grondslag van gemengde sport op klubvlak aangebied word. Dit het die Universiteit van Pretoria genoodsaak om standpunt in te neem. Die Universiteitsraad het hom laat lei deur die Universiteit van Pretoria se Sportburo. Die advies van die Sportburo het daarop neergekom dat dergelike toernooie op klubvlak in daardie stadium gebots het met die regering se beleid. Gemengde sport is nog nie op klubvlak toegelaat nie, maar wel op provinsiale en nasionale vlak. Duidelik word gestel: "die Universiteit van Pretoria Sportkomitee sal nie bereid wees om 'n deel te hê aan enige SAU-toernooi in die toekoms wat nie suiwer net tot Blanke studentedeelname beperk is nie."

Die Raad van die Universiteit het hom hiermee verenig en dit as die beleid van die Universiteit aangekondig. Ander Afrikaanstalige universiteite het dergelike besluite geneem, en op grond daarvan het die Komitee van Universiteitshoofde besluit dat die *status quo* gehandhaaf word.

Kort hierna, op 22 September 1975, het die rektor van die Universiteit van Natal aan die Minister van Sport en Ontspanning voorgestel dat veelvolkige interuniversitêre sport ingestel word, en hy is deur die rektor van die Universiteit van die Witwatersrand gesteun. Hierteen het die Raad van die Universiteit van Pretoria hom weer verset, en op 12 April 1976 besluit: "dat die gedagte van veelvolkige interuniversitêre sport verwerp word." Weer eens het die Universiteit hom op die sportbeleid van die regering beroep.

Maar hierin het daar verandering gekom toe die Federale Inligtingsdiens van die Nasionale Party op 23 September 1976 bekend gemaak het dat mededinging tussen verskillende bevolkingsgroepe op alle vlakke toelaatbaar is, mits die nodige goedkeuring vooraf verkry word. Dit het beteken dat mededinging tussen klubs, of daar nou nie-blankes in hulle geledere is of nie, toegelaat word, en dus ook gemengde interuniversitêre sport.

Hierdie verandering in landsbeleid het die Universiteit weer voor 'n probleem geplaas. Prof. Pelzer, wat 'n breedvoerige memorandum oor die aangeleentheid opgestel het, het die mening uitgespreek dat die landsbeleid "hom in die afgelope tyd as enigsins nerveus geopenbaar het" en "nie vastigheid kan kry nie." 'n Mens kry volgens hom die indruk "dat die openbare mening besig is om ewewigtigheid te verloor."

Vir hom was daar twee weë oop: of om te volhard op die ingeslane weg in teenstelling met die landsbeleid, wat isolasie en teenstand van eie studente sou meebring, of om versigtig aanpassings te maak. Hy beveel die tweede weg aan, en so het die Raad ook besluit. Onderworpe aan sekere voorwaardes is veelvolkige sportbyeenkomste waaraan eie studente deelneem, toegelaat. In die besonder kom die Raadsbesluit daarop neer dat goedkeuring vir dergelike byeenkomste buite die Universiteit aan die goedkeuring van die Departement van Sport en Ontspanning oorgelaat word, en dat byeenkomste op eie terrein ook aan die goedkeuring van die Raadskomitee op advies van die direkteur van Sport onderhewig is. Gemengde byeenkomste op Universiteitsterrein sal alleen toegelaat word, indien die beskikbare geriewe aan die eise van die Groepsgebiedewet beantwoord, en alleen as eie studente en dosente integraal daarby ingeskakel is.

Die eerste geval van veelvolkige sport op Universiteitsterrein was die Jakarandamarathon wat deur Tukkies as gasheer aangebied is, en waarvoor inskrywings van 'n aantal swart atlete ontvang is.

Tydens 'n samespreking van alle nasionale sportbestuursliggame op 5 Oktober 1976, het die Minister van Sport en Ontspanning verdere inligting verstrek. Veelvolkige sportdeelname op klubvlak word toegelaat, maar geen klub kan daartoe gedwing word nie. Volgens hom was dit steeds die mening van die regering dat elke bevolkingsgroep verkieslik sy eie klub stig, wat dan onderling kon meeding.

Wat die Universiteit van Pretoria betref, het die verskillende liggame hierna telkens onderling oorleg gepleeg en elke geval *ad hoc* behandel. In 1979 was die Universiteit van Pretoria die gasheer vir die jaarlikse interuniversitêre atletiekkampioenskappe, en hoewel daar sprake was dat 'n nieblanke atleet in die Natalse span ingesluit sou word, het dit blykbaar nie gebeur nie.

Teen 1979 het al hoe meer blanke klubs hulle deure vir nie-blanke lede oopgestel, en die regering het dit aanvaar. Dit het beteken dat daar indirek druk op die Universiteit van Pretoria geplaas is. Aangesien daar prakties geen nie-blanke studente aan die Universiteit van Pretoria ingeskryf was nie, het die sportklubs van die Universiteit blank gebly, maar daar was nog altyd die probleem van interuniversitêre mededinging. In Julie 1979 het die Komitee van Universiteitshoofde besluit dat wat gemengde sport aan hulle universiteite betref, die sekretaris van die Sportraad genader moet

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

word vir toestemming om aan gemengde byeenkomste deel te neem. Alles sou op 'n *ad hoc*-basis gereël word.

Vir ligabyeenkomste stel die universiteite hulle klubfasiliteite beskikbaar, maar hulle hou origens by hulle beleid. Wanneer die Universiteit van Pretoria die gasheer vir interuniversitêre byeenkomste is, sal koshuisakkommodasie aan besoekende spanne verstrek word.

Aan die begin van 1980 is daar besluit om die Sentrale Studenteraad om sy mening, as verteenwoordigend van dié van die studente, te vra. Hierdie liggaam het aanbeveel dat die Universiteit van Pretoria nie sy sportklubs vir anderkleuriges oopstel nie. Vir interuniversitêre byeenkomste kan losies beskikbaar gestel word, maar origens moet daar behoorlike beheer wees. Dit was ook naastenby die besluit wat die Universiteitsraad kort daarna geneem het.

In 'n later stadium, teen 1983, het die Raad meer in besonderhede die prosedure by gemengde byeenkomste uiteengesit. Dit kom in hoofsaak daarop neer dat in elke besondere geval toestemming van die nasionale sportbeheerliggaam en die betrokke staatsdepartement verkry moet word, asook van die betrokke Raadskomitee, wat bestaan uit die voorsitter en ondervoorsitter van die Raad en die rektor, met die vise-rektore en die registrateur (Akademies) as adviserende lede, terwyl die direkteur van die Sportburo telkens alle besonderhede moet verstrek. In praktyk word gemengde sport meer en meer ook aan die Universiteit beoefen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

X Die blik na buite: aanraking met ander inrigtings

'n Universiteit bestaan nie in afsondering nie. Dit moet deelneem aan die algemene wetenskaplike gesprek en die voortdurende uitwisseling van idees. Daar moet tred gehou word met die verandering wat die tyd meebring, en met die ontwikkeling van die wetenskap en tegniek.

Dit bring samewerking met universiteite en met ander inrigtings vir tersiêre onderwys mee. Deur kongresse en simposia is daar 'n gesonde uitruil van kennis. Dosente wat elders studeer het, of wat gereeld ander inrigtings besoek, bring vanselfsprekend nuwe kennis, nuwe praktyke en nuwe opvoedkundige idees die eie geledere in. Dit is nodig dat 'n inrigting hom voortdurend meet teen die peil van ander.

'n Universiteit is uiteraard afhanklik van die samelewing wat hy dien, ook van die staat wat sy ontstaan en voortbestaan bepaal. Dit is onvermydelik dat hy aan die samelewing en staat diens sal lewer so dikwels as wat daar 'n beroep op hom gedoen word. So gebeur dit dat dosente opgeroep word om die een of ander funksie te vervul, in permanente of tydelike hoedanigheid. 'n Mens hoef maar net daaraan te dink hoe dikwels hulle gebruik word in kommissies van ondersoek en ook in ander buite-universitêre ondernemings. Hulle neem deel aan die voortdurende soek na oplossings.

Om 'n oorsig van alles te gee—wat die Universiteit van Pretoria betref, in een hoofstuk—is nie moontlik nie. Daar is feitlik geen staatsdepartement waarmee die Universiteit nie te doen gehad het nie, en daarby is daar talle halfamptelike liggame, institute, rade, verenigings, korporasies, firmas, ens., en dan ook talle privaatondernemings—te veel om op te noem. So is daar, om 'n willekeurige greep te doen, die een of ander tyd samewerking met of hulpverlening aan die Departemente van Opvoeding, Landbou, Gesondheid, Verdediging, ens., die WNNR en RGN, die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde, die Suid-Afrikaanse Landbou-unie, die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging, die FAK, ATKV, die Stigting Simon van der Stel, Biblioteekdienste, Museumwese, die Staatsargief, die pers, bouverenigings, ens.

Hier word hoofsaaklik aandag gegee aan die verhouding en samewerking van die Universiteit van Pretoria met ander inrigtings vir tersiêre onderwys, in die eerste plek universiteite, sowel hier as in die buiteland, maar ook kolleges en dergelike inrigtings. Ook dit kan nie volledig wees nie. Baie gevalle van vakverbonde samewerking kry in die geskiedenis van die Universiteitsdepartemente en institute die nodige aandag.

Samewerking met universiteite in die buiteland

Die Universiteit van Pretoria, soos waarskynlik alle universiteite, verleen geldelike steun aan dosente en navorsers om kongresse in die buiteland by te woon of om ander universiteite te besoek. Sommige dosente maak meer daarvan gebruik as ander, en is dus meer uithuisig. Omgekeerd is daar byna voortdurend persone van buitelandse universiteite wat die Universiteit van Pretoria op uitnodiging of daarsonder besoek. Dan bestaan daar ook die gebruik van gasdosente oor en weer. Daar bestaan ook verskeie instellings wat gevorderde studie oorsee moontlik maak, soos onder andere die Alexander von Humboldt-stigting. Alles bring 'n gesonde wisselwerking en uitruil van kennis mee en die Universiteitsowerhede moedig dit aan.

Met die uittrede van die Republiek van Suid-Afrika uit die Britse Statebond in 1961, het die universiteite van Suid-Afrika hulle lidmaatskap van die Association of Universities of the British Commonwealth, later genoem die Association of Commonwealth Universities, verbeur. Dit het beteken dat bande ook verbreek is met die Commonwealth University Interchange Scheme, die Statebondsbeursskema, die Nuffield-Statebondstrustfonds en die British Dominions College Programme van die Carnegie Corporation of New York.

Tog is die bande nie meteens deurgesny nie, en is daar nog vir enkele jare welwillende korrespondensie gewissel. In 1962 skryf die rektor, prof. C.H. Rautenbach, aan die sekretaris van die Association: "As long as we in South Africa can retain some sort of association under the name of your choice we will be happy." In 1963 het prof. A.N. Pelzer, tydens 'n besoek aan Europa, nog die Universiteit van Pretoria op 'n jaarvergadering van die Statebondsliggaam verteenwoordig. Enkele jare hierna is lektuur nog aangestuur en daarna is die verhouding beëindig.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Dr. en mev. H.F. Verwoerd word in 1964 deur dr. A.J.A. Roux en mev. Roux verwelkom by geleentheid van die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns—een van die baie geleenthede in verband met buite-instansies waarvoor die Universiteit oor die jare as gasheer opgetree het.

Maar ander bande het gebly. Onder andere het die kultuurverdrae met Nederland, België en Duitsland tot die einde van die jare sewentig nog universitêre uitwisseling bevorder. Dié met Nederland en België is teen 1978/1979 opgesê, dié met Duitsland nie.

Van beperkter trefkrag is die gewone korrespondensie tussen universiteite.

Oor die jare—ons beperk ons tot die jare vanaf 1960—het die Universiteit van Pretoria, soos seker alle ander universiteite, talle briewe van buitelandse inrigtings ontvang, waarin daar gewoonlik inligting oor uiteenlopende aangeleenthede gevra word. Baie van die briewe is rondskrywes wat ook aan ander universiteite gerig word. Die gevraagde informasie word gewoonlik vryelik verstrek, waar dit moontlik is. Om 'n idee te gee van die verskeidenheid, word daar 'n willekeurige keuse gemaak uit die navrae wat ontvang is.

Van die Universiteit van Birmingham kom daar 'n navraag oor die instelling van 'n tweede registrateur, van die Haile Selassie-universiteit in Addis Abeba oor toelatingsvereistes en later weer oor Besigheidsadministrasie, van die Hebreeuse Universiteit van Jerusalem oor nie-doserende personeel, van die Universiteit van Texas oor toelatingsvereistes, van die Universiteit van Brazilia oor biblioteekorganisasie. Die Katolieke Universiteit van Leuven vra om die uitruil van publikasies, so ook die Universiteit van Bristol. Die Universiteit van Alberta skryf oor kunsopleiding, en die Universiteit van Harvard stuur 'n brosjure oor sy "Business School." Die Universiteit van Graz vra inligting oor hospitaaladministrasie, die Ryksuniversiteit van Gent oor "Kunstwetenschap," die University of South Wales oor Mynbou-ingenieurswese, die University of North Carolina oor navorsing, Kings College, Londen, oor "Powder Technology", die Royal College of Surgeons, Ireland, oor die "MB ChB degree course", die Universiteit van Colombo, Ceylon, oor argitektuur. Al hierdie briewe dateer uit die jare sestig.

Vir die jare sewentig kan die lys voortgesit word: van die Universiteit van Teheran oor Veeartsenykunde (in 1975 en 1976 het vyf Iranese studente hier nagraadse kursusse in Ingenieurswese met sukses voltooi), twee keer van die Universiteit van Padua oor kunsopleiding en die gebruik van films, van die Tegniese Hoërskool van Lund, Swede, ook oor argitektuur, van die Universiteit van Auckland oor studieverlof, die University of Colombia, New York, oor "Linguistics," die Universiteit van Tel-Aviv oor mediese opleiding, en enkele ander universiteite in Israel oor Terrorisme, die Orange Agricultural College, Australië, oor kursusse, die Universiteit van Milaan oor "Psychology of Art," die Flinders University of South Australia oor die uitwisseling van studente, en die Universiteit van Warwick oor "the effect of Apartheid on social research in South Africa."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Die Kanselier, dr. H. Muller, derde van links, en mnr. C.H. Stuart, Registrateur (Akademies), tweede van regs, saam met 'n groep studente van Iran wat aan die einde van 1976 grade in die Ingenieurswese aan UP ontvang het.

Die Cornell-universiteit vra of die Universiteit van Pretoria "history and philosophy of science" doseer. Die antwoord was nee. Die Medical School of Virginia vra om die uitwisseling van studente. In 1973 vra die De Pauw University, Indiana, toestemming om die wapen van die Universiteit van Pretoria saam met ander universiteitswapens in 'n fries in te bou. Die toestemming is verleen en waarskynlik pryk die Tukkiewapen op die kampus van hierdie universiteit. Ook in 1973 vra die Florida Technological University samewerking aan 'n sekere projek, maar dit was nie prakties uitvoerbaar nie. In 1974 skryf die Universiteit van Cincinnati oor "co-operative education" en die Pepperdine University oor die "Tyler Ecology Award."

Die University College of Rhodesia and Nyassaland is op 5.7.1957 geopen. Die Universiteit van Pretoria kon ongelukkig nie 'n uitnodiging na die openingsplegtigheid aanneem nie. In die beginjare is vakatures vir dosenteposte onder die aandag van Suid-Afrikaanse universiteite gebring, onder andere in Chemistry, Zoology, Economics, Physics, Education, Botany en Agricultural Chemistry. In 1961 is 'n "fellowship in Locust Physiology" geadverteer en in die jare hierna is hulp gesoek in Landbouwetenskappe en Regsgeleerdheid. In 1970 het die inrigting selfstandig geword as die University of Rhodesia en erkenning van Suid-Afrikaanse universiteite gesoek. Heelwat korrespondensie gaan oor die erkenning van grade. In 1971 het 'n senior administratiewe amptenaar die Universiteit van Pretoria besoek om inligting oor enkele aangeleenthede in te win. In die jare 1972 tot 1975 het die prinsipaal van die Rhodesiese universiteit taamlik gereeld sy jaarverslag aangestuur. Dit gaan onder andere oor onluste wat onder die studente uitgebreek het. In 1975 is 'n spesiale beroep op die Universiteit van Pretoria gedoen om 'n lektoraat in Afrikaans te vul, maar niemand kon daarvoor gevind word nie.

Met enkele Suid-Amerikaanse universiteite was daar in een stadium heelwat vooruitsigte op samewerking. Dit kom voort uit 'n besoek in 1976 van prof. C.F.B. Hofmeyr, dekaan van die Fakulteit Veeartsenykunde, aan Suid-Amerika, onder andere aan die Universiteit van Asuncion, Paraguay, later, in 1978, 'n besoek van dr. F.W. Huchzermeyer, senior lektor in Pluimveesiektes in die departement Infeksiesiektes, onder andere ook aan die Universiteit van Asuncion, en daarna die bywoning van 'n kongres aan die genoemde universiteit in September 1978 deur prof. J.F.W. Grosskopf, hoof van die Departement Fisiologie, Farmakologie en Toksikologie op Onderstepoort. Hierdie persone het kennis gemaak met die omstandighede op hulle vakgebiede in Suid-Amerika en die vertoë om bystand ter harte geneem.

Daarop volg samesprekings tussen proff. A.N. Pelzer en D.M. Joubert, die twee viserektore, en die fakulteite Veeartsenykunde en Landbouwetenskappe; ten slotte is ook die Departement van Buitelandse Sake geraadpleeg. Die laasgenoemde sou graag sien dat daar meer toenadering tot die Suid-Amerikaanse state ontstaan. Daar was egter

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

probleme. Die opleiding in die bogenoemde twee fakulteite in Paraguay en ook in ander Suid-Amerikaanse state was van so 'n aard dat dit moeilik kon aansluit by dié in Suid-Afrika. So kon 'n student wat daar 'n voorgraadse kursus voltooi het, moeilik aan die Universiteit van Pretoria vir nagraadse studie ingeskryf word. Daar het op daardie stadium 'n student van Paraguay, dr. Tami, aan Onderstepoort studeer, maar ook hy het probleme ondervind. Daarby was die taalmedium ook 'n probleem. Alleen studente met 'n redelike kennis van Engels, om van Afrikaans nie te praat nie, kon met vrug aan die Universiteit van Pretoria studeer.

Die samesprekings het van Januarie 1979 af met tussenposes vir die res van die jaar voortgeduur. In Junie is daar ook 'n brief van die Universiteit van Monte Video, Uruguay, ontvang, en in Augustus weer 'n dergelike versoek van die Universiteit van Chile, wat voortgevloei het uit 'n besoek van 'n professor van die laasgenoemde inrigting aan Suid-Afrika vroeër die jaar. Buitelandse Sake het gevra dat Argentinië ook by die program ingesluit word. Omgekeerd het verskeie dosente van die Universiteit van Pretoria universiteite in Suid-Amerika besoek.

In September is daar besluit om aan die twee dekane, proff. C.F.B. Hofmeyr en D.J.J. Potgieter, op te dra om konstruktiewe voorstelle te doen, wat dan aan Buitelandse Sake oorgedra kon word. Albei het positief gerapporteer en hieruit kom 'n verslag voort wat wys op die behoeftes in Suid-Amerika. Daar is aanbeveel dat deskundiges oor en weer besoeke aflê, wat dan ook in 'n mate gebeur het. Daar was heelwat geesdrif. Onder andere het ook prof. D.M. Joubert 'n besoek aan Amerika gebring en in 1980 het prof. C.F.B. Hofmeyr 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Asuncion ontvang. Prof. Joubert het in 1980 Argentinië, Chile en Brasilië besoek. Die hoofdoel was om 'n samewerkingsooreenkoms met die Katolieke Universiteit van Santiago te sluit, wat dan ook formeel met die rektor, admiraal Don Jorge Swett Madge, op 1 Desember 1980 aangegaan is. Hierdie ooreenkoms is toegespits op die uitruil van leerkragte wanneer sulke geleenthede hulle voordoen, iets wat dan ook reeds plaasgevind het. By geleentheid is 'n vergulde erepenning aan prof. Joubert oorhandig.

Tog het die planne nie heeltemal in vervulling gegaan nie, hoofsaaklik weens 'n gebrek aan geld. Die Universiteit van Pretoria was in dié tyd ook betrokke by 'n samewerkingsprogram met die Ben Gurion-universiteit in Israel, wat ook nie aan die verwagtings voldoen het nie—ook weens ontoereikende fondse.

Die Ben Gurion-universiteit van die Negev, geleë in Beersheva, het aan die begin van die jare sewentig tot stand gekom. Dit was 'n strewe van president Ben Gurion dat daar 'n universiteit gestig word om op 'n wetenskaplike wyse te help om die woestyn beter bewoonbaar vir mens en dier te maak. Reeds in 1976 was daar aanraking tussen die twee universiteite, en 'n drang na samewerking, veral van die kant van die Israeliese inrigting, het ontstaan. In Johannesburg het daar 'n liggaam, die sogenaamde South African Associates of the Ben Gurion University of the Negev, met mnr. B. Lubner as direkteur, bestaan, wat geld vir dié universiteit ingesamel het, en wat ook vir die samewerkingsprogram geld sou voorsien.

Geesdrif aan beide kante het nie ontbreek nie. Na aanleiding van 'n besoek van die rektor van die Ben Gurion-universiteit, mnr. Tekoah, in 1976, is daar samesprekings met die Universiteit van Pretoria, nl. met die vise-rektor, prof. A.N. Pelzer, en die registrateur (Akademies), mnr. C.H. Stuart, gevoer. Prof. Hamman, die rektor, was van mening dat die onderskeie terreine van moontlike samewerking aangewys moes word. Dit gebeur op 'n algemene vergadering, waarop die vise-president van die Ben Gurion-universiteit, mnr. Y. Avnon, aanwesig was, asook al die dekane en sommige departementshoofde van die Universiteit van Pretoria. As moontlike terreine van samewerking is die vakke Argeologie, Teologie, Veeartsenykunde, Geologie, Geneeskunde, Plantkunde en so meer genoem.

In Maart 1978 het proff. C.F.B. Hofmeyr en D.J. Schoeman, dekane van die Fakulteite Veeartsenykunde en Ingenieurswese, Israel besoek en in samesprekings met die Ben Gurion-universiteit is daar aan die hand gedoen dat met twee projekte begin moet word: die vestiging van die Dorperskaapras in die Negev, en die omskepping van sonenergie in meganiese energie.

Verdere onderhandelinge is hierna met tussenposes gevoer, waaraan, van die kant van die Ben Gurion-universiteit, mnr. Yair Magen, sekretaris, en twee opeenvolgende rektore, proff. Rosen en Wolf, en van die kant van die Universiteit van Pretoria proff. Pelzer en Joubert, die twee vise-rektore, 'n aandeel gehad het.

Die Universiteitsraad van Pretoria het op 10 April 1979 dié samewerking in beginsel goedgekeur. Daar is enkele komitees gestig om die program te bevorder, 'n skakelkomitee onder prof. D.M. Joubert, en 'n akademiese komitee onder die voorsitterskap van prof. D.J. Schoeman. Dergelike komitees is ook in Israel in die lewe geroep.

As algemene beleid is daar bepaal dat projekte deur navorsers van albei universiteite aangepak moes word, dat dit van 'n hoë akademiese peil moes wees, nie te duur nie, binne 'n redelike tyd afgehandel moet kan word, en sover moontlik praktiese toepassing in albei lande moes hê.

Op 29 September 1979 is die program van samewerking gelanseer tydens 'n dinee, aangebied deur die Universiteit van Pretoria. Van Israel was daar teenwoordig die rektor, prof. D. Wolf, die onderpresident, mnr. Y. Avnon, asook die Israeliese ambassadeur, mnr. J. Hamelin, en van die kant van die Universiteit van Pretoria onder andere die kanselier, dr. H. Muller, die voorsitter van die Universiteitsraad, dr. S.M. Naude, en die rektor, prof. E.M. Hamman. 'n Geskenk is aan die Ben Gurion-universiteit oorhandig, bestaande uit 'n aantal goue en glaskraaltjies wat by Mapungubwe opgegrawe is, saam met die twee boeke oor die opgrawings. Omgekeerd is die kop van 'n vrouebeeldjie, 'n sogenaamde vrugbaarheidsfiguur, wat in die Ne-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Derde van regs verskyn luit.-genl. Mordechai Gur, 'n voormalige hoof van Israel se verdedigingsmag wat in Augustus 1980 die Universiteit besoek het om die beeld van die gesamentlike wetenskaplike projek tussen UP en die Ben Gurion-universiteit te bevorder. V.l.n.r. verskyn mnr. A.D. Maree (Administrasie), dr. M.H. Silk (Ben Gurion), prof. D.J. Schoeman (Dekaan, Ingenieurswese), prof. D.M. Joubert (Vise-rektor), prof. C.F.B. Hofmeyr (Dekaan, Veeartsenykunde), prof. E.M. Hamman (Rektor), prof. G. von Gruenewaldt (Hoof, Departement Geologie), lt.-genl. Gur, prof. H.P. van der Schijff (Dekaan, Wis- en Natuurkunde) en mnr. D. Jacobson (Ben Gurion).

gev opgegrawe is, aan die Universiteit van Pretoria geskenk. Daar was groot geesdrif. Weer is 'n aantal terreine vir samewerking uitgeken, maar ten slotte is daar slegs enkeles aangepak en nog minder met sukses deurgevoer.

Een wat geslaag het danksy onderhandelinge tussen prof. Joubert en die Dorperskaaptelersvereniging van Suid-Afrika, was die invoer van die Dorperskaapras in die Negev, met die idee dat dit later hopelik die inheemse kleiner en minder voordelige Awassiskaap sou vervang. Aanvanklik was die plan om Dorperskaapembrio's uit te voer en daar in plaaslike ooie oor te plant, om so die inbring van siektes te voorkom. Ten slotte is daar besef dat embrio's ook virussiektes kan oordra en toe is 'n twintigtal Dorperooie en twee ramme daarheen uitgevoer en vir die bepaalde tyd in kwarantyn gehou. Die troppie het goed aangepas en teel voort.

Die sonenergieplan het minder sukses gehad. In dié verband het prof. J. Visser van die Departement Meganiese Ingenieurswese die Ben Gurion-universiteit besoek en daar kennis gemaak met hulle Solmech Energy Conversion. Hy was hoopvol, maar ten slotte het dit geblyk dat die gesamentlike projek veel meer geld sou kos as wat beskikbaar was. Elkeen gaan nou maar voort met sy eie navorsing, soos voorheen die geval was.

'n Derde projek was op die gebied van die Geologie, en het gegaan oor die toepassing van die Hertz-teorie om die ontstaan van die Bosveldkompleks te verklaar. Dr. M.R. Sharpe van die Universiteit van Pretoria en prof. D. Bahyat van die Ben Gurion-universiteit het hieraan gewerk, met heelwat welslae. Teen 1981 was dit afgehandel.

Met verloop van tyd het ander moontlikhede opgeduik. Prof. J. du P. Bothma van die Eugène Marais-leerstoel in Natuurbeheer het navraag gedoen oor 'n moontlike gesamentlike ondersoek na die spysverteringsfisiologie van herkouende soogdiere in woestyn- en halfwoestynstreke.

'n Ander moontlikheid was die gebied van kankernavorsing, na aanleiding van 'n som geld wat wyle dr. Herman Kessel aan die Ben Gurion-universiteit nagelaat het. Prof. G. Falkson het met prof. S.M. Glick onderhandel oor samewerking op die gebied van chemoterapie in kankergevalle.

Samewerking op die gebied van die Fisika is ook ondersoek. Maar prof. J.H. van der Merwe, wat die Ben Gurion-universiteit in 1980 besoek het, het tot die besef gekom dat navorsing by die twee universiteite so oorvleuel het dat samewerking geforseerd sou wees.

Besoeke van geleerdes oor en weer is deur die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sonenergie-projek in verband waarmee UP met Ben Gurion-universiteit saamgewerk het. Die installasie op die foto is deur die Departement Meganiese Ingenieurswese opgerig as 'n eksperiment om 'n stoomenjin deur middel van sonenergie aan te dryf.

samewerkingsprogram gestimuleer. Daar is heelwat geld ingesamel, maar blykbaar nooit genoeg nie. Prof. D.M. Joubert, wat intussen rektor geword het, het Israel in Julie 1980 besoek en onder andere samesprekings gevoer oor die uitruil van studente in die Teologie, terwyl daar van daardie kant belangstelling in SASOL en Strategiese Studies was. In Augustus 1980 het generaal Mordechai Gur van die aanval op Entebbe-faam, Suid-Afrika besoek om die samewerkingsprogram te bevorder.

In 1982 het prof. Malie Smuts in Israel aan 'n atlas van die anatomie van die kameel gewerk en ook finansiële steun van die samewerkingsprogram ontvang. Sy het die projek met welslae afgehandel en die handboek wat uit hierdie projek voortgekom het, met opvolgondersteuning van prof. A.J. Bezuidenhout, is inderdaad van internasionale gehalte. Ook in 1982, het prof. F. van der Stoep, van die Fakulteit Opvoedkunde, die Ben Gurion-universiteit besoek en ook op sy gebied moontlikhede van samewerking gesien.

Swak ekonomiese toestande en moontlik ook ander faktore het die belangstelling gestrem. Tog het daar 'n besondere welwillendheid tussen die twee universiteite tot stand gekom.

Samewerking met binnelandse universiteite

Hier in ons eie land bestaan daar vanselfsprekend 'n groter mate van samewerking, en is die inrigtings meer op mekaar aangewys. Daar is een algemene oorsprong vir alle universiteite: almal is afhanklik van dieselfde regering. Liggame soos die Komitee van Universiteitshoofde en die Adviserende Raad op Universiteite bevorder samewerking. In die verlede is daar enkele kommissies van ondersoek op universiteite ingestel, wat belangrike gevolge vir almal gehad het, soos die Holloway- (1953) en die Van Wyk de Vries-kommissie (1974). In 1982 is 'n ondersoek ingestel na die Suid-Afrikaanse na-sekondêre opvoeding (SANSO), wat van groot belang vir die organisasie van sulke inrigtings is. Elke universiteit het verteenwoordiging op die Gemeenskaplike Matrikulasieraad, wat die eenvormigheid van toelatingsvereistes bepaal. Sekere studierigtings is onderworpe aan buiteliggame wat die standaard bepaal. Instansies soos die WNNR en RGN werk op navorsingsgebied saam met universiteite. Ook sekere studenteverenigings bring hulle nader aan mekaar, om van sport nie te praat nie.

Universiteite is selfstandig en tog is hulle op mekaar aangewys. Daarom is daar gedurig oorlegpleging en word daar gedurig inligting en raad oor en weer gevra. 'n Hand word uitgesteek en aangeraak. 'n Vraag word gestel en beantwoord. Gewoonlik is die gesprek maar kort, slegs vraag en antwoord. Soms kan dit lei tot meer uitvoerige oorlegpleging.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Weer eens—om 'n oorsig te gee van al die briewe wat oor en weer geskryf is, van al die besoeke wat oor en weer afgelê is, is nie hier moontlik nie, al is dit net wat die Universiteit van Pretoria betref. Binne elke dissipline is daar tussen universiteite 'n groot mate van onderlinge raadpleging, hulpverlening, samewerking, die gemeenskaplike aanpak van projekte en gemeenskaplike voorlesings. Hierop word daar nie ingegaan nie. Dit kom in mindere of meerdere mate elders ter sprake. Hier gaan dit slegs oor die algemener raakpunte.

Dis die gebruik dat universiteite en ook ander opvoedkundige inrigtings mekaar uitnooi na gebeurtenisse soos die opening, inhuldiging, ingebruikneming, verjaarsdag, gradeplegtigheid, of wat ook al. Na so 'n uitnodiging gaan 'n kanselier, visekanselier of rektor, vise-rektor, registrateur, dekaan of 'n ander aangewese persoon dan die eie universiteit verteenwoordig.

So het prof. A.N. Pelzer sy universiteit verteenwoordig op die eeufeesviering van die Universiteit van Stellenbosch en het die rektor, prof. Hamman, die volgende woorde van gelukwensing gestuur: "Die vermaarde Universiteit van Stellenbosch word hartlik geluk gewens met die eeufeesviering in Oktober 1976. Sy geskiedenis is verweef met die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die rendement was goed op geestelike en ekonomiese gebied. Ons bede vir sy toekoms sluit aan by Psalm 20: 5 en 6." In 1979 het prof. Hamman die viering van die Universiteit van Kaapstad se 150ste bestaansjaar bygewoon. Hierdie voorbeelde kan na feitlik al die ander universiteite uitgebrei word. Toe die Universiteit van Pretoria in 1980 sy vyftigste bestaansjaar as 'n onafhanklike inrigting gevier het, het hy ryklik erkenning van ander inrigtings ontvang.

By die totstandkoming van die Randse Afrikaanse Universiteit, skryf die toe pasaangestelde rektor, prof. G. van N. Viljoen, in 1966 soos volg aan prof. C.H. Rautenbach, rektor van die Universiteit van Pretoria: "Ek is oortuig daarvan dat daar die nouste bande van samewerking tussen ons twee universiteite sal wees, veral waar soveel van ons personeellede oud-Tukkies is."

Sake waaroor daar tussen inrigtings raad gevra en verstrek word, of nie verstrek word nie, gaan ongeveer oor al die aktiwiteite van 'n universiteit. Soos met alles in die lewe, is daar nooit stilstand nie, maar altyd ontwikkeling en vernuwing. Wanneer vernuwing of verandering oorweeg word, is daar altyd die vrymoedigheid om van 'n susterinrigting te vra hoe dit daar gedoen word. Dit geld veral by die instelling van nuwe fakulteite, departemente en kursusse, maar ook op talle ander gebiede. Waar nuwe universiteite ontstaan, is die behoefte soveel groter om te weet hoe sake in ander inrigtings aangepak word.

Vrae wat telkens in die korrespondensie tussen universiteite voorkom, gaan onder andere oor: toelatingsvereistes en gedragsertifikate waar studente van die een na die ander inrigting verhuis, klasgelde, hulpdienste deur dosente, reglemente, konferensies, jaarverslae wat uitgewissel word, proefskrifte en verhandelinge, eksterne eksaminatore, salarisse, koshuisaangeleenthede, biblioteekdienste, die instelling van nuwe ampte, mede-professore, sportorganisasie, laboratoriumuitgawes, voorsorg- en pensioenfondse, reis- en verblyfkoste, gradeplegtighede met of sonder eregrade, tegniese assistente, groepslewensversekering, studentevoorligting, vakansiewerk vir studente, die privaatpraktyk van dosente, oudstudente, die semesterstelsel, afgerolde aantekeninge en kernaantekeninge, studentegetalle, publikasies, besoeke oor en weer, erkenning van grade, gedenklesings, en so meer.

Met die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys is daar onder andere onderhandel oor die kursus vir die B Pharm-graad, 'n somerskool in 1981, en 'n gesamentlike katalogus vir proefskrifte en verhandelings.

Van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat is daar heelwat navrae oor die instelling van 'n Fakulteit Geneeskunde, en van Landbouwetenskappe, die Politieke Argief, en 'n sportsentrum.

As 'n ouer inrigting, het die Universiteit van Stellenbosch heelwat inligting kon verskaf, terwyl daar ook nuwe studierigtings ingevoer is wat reeds in Pretoria bestaan het, soos 'n Fakulteit Geneeskunde en 'n Nagraadse Bestuurskool. In een stadium het 'n groep tandheelkundestudente van Stellenbosch die ooreenstemmende fakulteit in Pretoria besoek.

Met die Universiteit van die Witwatersrand was daar heelwat samewerking, veral op die gebied van Geneeskunde en Ingenieurswese. Korrespondensie met die Rhodes-universiteit het meestal oor praktiese aangeleenthede, soos koshuise, gegaan. In 1964 het mnr. Martin Smuts die Universiteit van Pretoria verteenwoordig op die Rhodes-universiteit se 60ste verjaarsdag, en in 1979 prof. D.M. Joubert op sy 75ste. Van die Universiteit Kaapstad was daar onder andere navrae oor "Linguistics" en "handicapped students." Die Universiteit van Natal skryf oor die kanseliersverkiesing, die inhuldiging van die prinsipaal, geslotebaantelevisie, studenterade, en so meer.

Met sy naaste buurman, die Universiteit van Suid-Afrika, was en is daar voortdurend aanraking en aanvoeling. Aan die begin van die jare sestig was daar sprake dat UNISA ook opleiding in die Natuurwetenskappe beplan, wat dan nie meer per korrespondensie sou geskied nie. In 1960 het prof. Hamman die saak op versoek ondersoek, en bevind dat so-iets volgens wet nie toelaatbaar was nie, en die Raad het hom daarmee verenig. Op die Raad en senaat van UNISA was daar altyd verteenwoordigers van die Universiteit van Pretoria. In 1980 het prof. Hamman die geleentheidsrede op UNISA se gradeplegtigheid gelewer.

Die twee jongste universiteite in Suid-Afrika, die Universiteit van Port Elizabeth (UPE) en die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU), het in hulle ontstaansjare baie hulp en bystand van bestaande universiteite ontvang. Aan albei is etlike dosente van die Universiteit van Pretoria aangestel. By die voorbereiding van die Wet op die Universiteit van Port Elizabeth, het die sekretaris van hierdie inrigting 'n afskrif van die statuut en regulasies van die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Universiteit van Pretoria aangevra om as voorbeeld te dien, moontlik ook van ander universiteite. Na die opening van die Universiteit van Port Elizabeth, het die rektor, prof. E.J. Marais, ook by die Universiteit van Pretoria informasie ingewin oor organisasie en beplanning, die inhoud van kursusse, die ontwerp van graadsertifikate, puntetoekenning, erekleure, toelatingsvereistes vir die BVSc-kursus aan Onderstepoort, en talle ander sake.

Met die Randse Afrikaanse Universiteit was dit in sy beginjare, maar ook later, dieselfde geval. Oor talle aangeleenthede is daar van die Universiteit van Pretoria inligting gevra: mediese en ingenieursopleiding, tugbepalings, leergange, ook vereistes in die eerste studiejaar vir toelating tot die BVSc-kursus. Wat doseerwerk betref, was daar dikwels hulpverlening deur dosente van die Universiteit van Pretoria, en eksterne eksaminatore, by verhandelings en proefskrifte.

Die Universiteit van Pretoria was 'n sterk ondersteuner van die regering se beleid om universitêre inrigtings vir nie-blankes te stig, en tot elkeen van dié inrigtings, namate hulle aan die begin van die jare sestig tot stand gekom het, was daar 'n aansienlike mate van hulpverlening.

Die begin daarvan kan terug gevoer word tot die jare veertig, toe daar in Pretoria die Kolege Ya Bana Ba Afrika tot stand gekom het. Daar was sprake dat hierdie inrigting onder die beheer van die Universiteit van Pretoria sou kom, en in November 1948 was daar 'n afvaardiging na minister M.D.C. de Wet Nel, maar in 1950 het die senaat van die Universiteit van Pretoria daarteen gestem, hoewel dit bereid was om hulp te verleen. "Die Senaat is diep onder die indruk", lui dit in 'n memorandum van prof. P.J. Coertze, "dat daar ook van Afrikanerkant op die gebied van die hoër onderwys 'n aandeel behoort geneem te word in die opleiding en kweking van Bantoeleiers." Daar is aanbeveel dat daar 'n aparte Bantoe-universiteit in die noorde onder die voogdy van die Universiteit van Pretoria gestig moes word. Intussen is daar deeltydse doseerhulp aan die Kolege Ya Bana Ba Afrika verleen.

In 1957 is daar 'n konsepwet vir die stigting van aparte universiteite vir nie-blankes bekendgestel. Voor 'n kommissie van ondersoek wat oor die aangeleentheid ingestel is, het proff. Rautenbach en Tomlinson getuienis afgelê.

So het die verskillende universiteitskolleges aan die begin van die jare sestig mettertyd by wetgewing tot stand gekom, wat almal in 1970 volle universiteitstatus sou verkry.

Nadat die Universiteitskollege van die Noorde tot stand gekom het, het verskeie dosente van die Universiteit van Pretoria op die senaat daarvan gedien. Prof. E.F. Potgieter wat voorheen aan die Universiteit van Pretoria verbonde was, het die eerste rektor van die nuwe inrigting geword. In 1962 is ook die Universiteit van Pretoria na die eerste gradeplegtigheid uitgenooi en in 1970 was daar 'n uitnodiging na die inhuldiging van die kanselier. Die laasgenoemde is deur prof. en mev. Pelzer bygewoon en die rektor het 'n brief van gelukwensing gestuur. Onderhandelinge is oor verskeie sake gevoer, onder andere oor Landbouwetenskappe en Geneeskunde, waarin die twee dekane, proff. P.C.J. Oberholzer en H.W. Snyman, onderskeidelik betrokke was; ook oor Regsgeleerdheid, ontwikkelingstudies, die bruikleen van apparaat, hulp aan nagraadse studente, die ingebruikneming van 'n gimnasium, biblioteekondersoek, asook hulpverlening op verskeie ander terreine.

Met die Universiteitskollege van Zoeloeland, wat in 1960 tot stand gekom en in 1970 selfstandig geword het, was daar jarelange samewerking. Die tweede rektor van hierdie inrigting, prof. J.A.G. Maré, 1964–1970, was van die Universiteit van Pretoria afkomstig, terwyl prof. P.J. Coertze van die Universiteit van Pretoria in dieselfde tyd as voorsitter van die Raad gedien het. Ook in hierdie geval is etlike dosente van die Universiteit van Pretoria op die personeel van die jonger inrigting aangestel. Briewe van daar aan die Universiteit van Pretoria het onder andere gegaan oor gradeplegtighede, rekenaarprogrammering, hereksamens, VSR-konstitusie en reglemente. In 1980 het die kanselier van die Universiteit van Zoeloeland, hoofman M.G. Buthelezi, 'n besoek aan die Universiteit van Pretoria gebring.

Die Universiteitskollege, later die Universiteit van Durban-Westville, het oor praktiese aangeleenthede raad gevra, byvoorbeeld die inrigting van 'n kafeteria, salarisse, statute, kursus vir chemiese ingenieurs, die universiteitsvlag, studentevoorligting, die inhuldiging van 'n kanselier, die moontlike stigting van 'n mediese fakulteit, en BCom-grade.

Hoewel die Universiteit van Fort Hare 'n heelwat ouer inrigting is, reeds in 1916 van 'n sendinginstituut tot universiteitskollege verhef is, en in 1970 tot universiteit, het die Universiteit van Pretoria ook aan hierdie inrigting hulp en advies verleen. Onder andere het dit gegaan oor reëls en regulasies, samespreking van registrateurs (in 1970), die benoeming van verteenwoordigers op die senaat van Fort Hare (vir 'n tydperk was dit proff. A.H. van Zyl en P.C.J. Oberholzer), vakkeuse, die koshuisreglement, 'n verslag oor studente-onrus in 1972, eksamengelde, akademiese drag en geboue. In 1982 het die rektor van Fort Hare, prof. J.A. Lamprecht, 'n vertroulike verslag aan die rektor, Prof. D.M. Joubert, gestuur oor onluste wat weer eens daar voorgekom het.

Hoewel die Universiteit van Wes-Kaapland, wat ook in 1960 as universiteitskollege tot stand gekom het, meer aangewese was op die universiteite in sy buurt, het hy van die Universiteit van Pretoria raad gevra en ontvang, onder andere oor: 'n stelsel van promosie, regulasies, diensvoorwaardes, personeelvoorsiening, die funksies van fakulteitsrade, voltydse dekane, die inhuldiging, 'n instituut vir historiese navorsing, professorale intreeredes, akademiese beplanning, die Van Wyk De Vries-verslag, en ook oor onluste wat daar plaasgevind het. Van 1976 tot 1979 was prof. A.N. Pelzer lid van die Universiteitsraad van Wes-Kaapland.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021



Model van die kampus van MEDUNSA (Mediese Universiteit van Suider-Afrika) waarby die Universiteit van Pretoria ten nouste betrokke was.
V.l.n.r.: Prof. H.W. Snyman (Dekaan, Geneeskunde), mnr. M.C. Botha (Minister van Bantoeonderwys), prof. P.C. Snijman (Dekaan, Tandheelkunde), mnr. Awie Lötter en prof. C.F.B. Hofmeyr (Dekaan, Veeartsenykunde).

Met die Universiteit van die Transkei en dié van Bophuthatswana, wat later tot stand gekom het, was daar weliswaar minder kontak, maar tog ook briefwisseling. In 1977 het die rektor van die Universiteit van die Transkei, prof. B. de V. van der Merwe, saam met die registrateur, 'n universiteitsbeplanner en twee argitekte 'n besoek aan die Universiteit van Pretoria gebring. In 1980 het prof. H.P. van der Schijff die Universiteit van Pretoria verteenwoordig op die ingebruikneming van die nuwe kampus in Umtata. By geleentheid het prof. R.D. Coertze die Universiteit van Pretoria verteenwoordig op 'n gradeplegtigheid van die Universiteit van Bophuthatswana.

Die universitêre inrigting waarmee die Universiteit van Pretoria die meeste gemoeid was, was die Mediese Universiteit van Suider-Afrika (MEDUNSA). Die eerste ondersoek na moontlikhede om mediese opleiding aan die swartman te verstrek, dateer uit 1928, toe 'n komitee van ondersoek, onder die leiding van dr. C.T. Loram, ingestel is. Weens swak ekonomiese toestande het daar toe niks van die voorstelle in dié verband gekom nie. In 1938 is daar weer 'n komitee aangestel, hierdie keer onder die voorsitterskap van prof. M.C. Botha, destyds rektor van die Universiteit van Pretoria. Die komitee het die instelling van 'n afsonderlike mediese skool vir nie-blankes aanbeveel. Hierdie keer het die Tweede Wêreldoorlog die planne verongeluk. In 1947 is daar besluit om 'n mediese skool vir nie-blankes onder die vleuels van die Universiteit van Natal in te stel, wat dan ook in 1951 met opleiding begin het. In 1966 het die regering besluit dat elke bevolkingsgroep sy eie mediese opleidingsinrigting moes kry. Die opleidingshospitaal by Garankuwa is ter voorbereiding van 'n mediese universiteit gebou; die ligging daarvan is as gunstig beoordeel—naby Onderstepoort en die universiteite van Pretoria en die Witwatersrand.

Dit duur egter tot 1976 voor 'n loodskomitee onder die leiding van prof. H.W. Snyman in die lewe geroep is, waarop ook ander lede van die Raad van die Universiteit van Pretoria gedien het. Prof. Snyman was in dié verband ook die hoofraadgewer van minister M.C. Botha, Minister van Bantoeonderwys. Die loodskomitee is ontbind nadat die eerste raad van die toekomstige inrigting benoem is. Die betrokke wet, no. 78 van 1976, het voorsiening gemaak vir een persoon uit elkeen van die fakulteite Geneeskunde, Tandheelkunde en Veartsenykunde van die Universiteit van Pretoria as lede van die raad. Die drie dekane is daarop as sodanig benoem: proff. H.W. Snyman, P.C. Snijman en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

C.F.B. Hofmeyr, terwyl prof. A.N. Pelzer een van die twee lede was wat deur die staatspresident benoem is.

Die raad van Medunsa het op 23 Augustus 1976 in die Scheidinggebou, Pretoria, bymekaar gekom. Daarna het hulle die terrein by Garankuwa gaan besigtig waar vier bome geplant is, onderskeidelik deur minister M.C. Botha, dr. C.D. Merivate, prof. H.W. Snyman en mnr. S.J. Rousseau. Daarop volg 'n eetmaal en toe die eerste vergadering. Minister Botha het dit "a happy and historic occasion" genoem. Prof. P.C. Snijman is as voorsitter gekies en prof. H.W. Snyman as rektor, voorlopig in 'n deeltydse hoedanigheid. As uitvoerende komitee is benoem: prof. F. Dauberton van die Universiteit van die Witwatersrand, prof. C.F.B. Hofmeyr, dr. C.D. Merivate en dr. F.T. Mdlalose.

Bouwerk het vinnig gevorder en mettertyd het die fakulteite Geneeskunde en Tandheelkunde met opleiding begin terwyl Veeartsenykunde nog in die beplanningstadium was. Hulp is van dosente van die Universiteit van Pretoria in deeltydse hoedanigheid ontvang, asook studentedemonstrasiehulp. Op die personeel is daar ook heelwat dosente benoem wat voorheen aan die Universiteit van Pretoria werksaam was. In Maart 1979 skryf die registrateur van Medunsa soos volg aan die rektor van UP: "Die afgelope jaar het die Universiteit van Pretoria op 'n besondere wyse daartoe bygedra dat Medunsa met sy akademiese werksaamhede 'n aanvang kan neem."

Prof. H.W. Snyman het reeds teen die einde van 1978 die betrekking van rektor neergelê en hy het die volgende jaar ook as raadslid bedank. Hy was teleurgesteld oor die gang van sake, wat nie aan sy verwagting voldoen het nie. Hy is deur prof. F.P. Retief as rektor opgevolg en deur prof. F.G. Geldenhuys as raadslid.

Ook Medunsa het probleme met studente-onluste gehad, maar gaan desondanks voort, steeds met die behulp van onder andere die Universiteit van Pretoria op verskeie gebiede.

Samewerking met kolleges vir tersiêre onderwys en staatsdepartemente

Van al die kolleges vir tersiêre onderwys het die Universiteit van Pretoria die pad van die Pretoriase Onderwyskollege, vroeër en tans nog soms genoem die Pretoriase Normaalkollege, die meeste gekruis. Hulle spore lê vir lang ente langs en soms ook oor mekaar. Aangesien albei inrigtings onderwysers oplei, was daar terreine van ooreenkoms en selfs oorvleueling. Baie onderhandelings is gevoer, onder andere oor die predikate van studente, klaslyste, matrikulasievrystelling, toelatingsvereistes, roosterprobleme waar studente aan albei inrigtings onderrig ontvang, navrae oor kursusse, die gebruik van laboratoriums en lokale vir Hout- en Metaalwerk en Beeldende Kunste.

In so 'n mate is die samewerking noodsaaklik geag dat die rektor van die Onderwyskollege met die rang van professor sitting gekry het op die Fakulteitsraad Opvoedkunde en die Senaat van die Universiteit van Pretoria.

Nadat by wetgewing bepaal is dat hoërskoolonderwysers na 1972 alleen deur universiteite opgelei moes word, het daar 'n omwenteling in die verhouding tussen die twee inrigtings gekom. Die Universiteit het nie genoeg huisvesting vir hierdie studente gehad nie en 'n jaar of wat het dié studente nog in die Onderwyskollege se koshuise ingewoon. Daar het wrywing ontstaan tussen hulle en dié van die Onderwyskollege. In Februarie 1972 het onderhandelings plaasgevind tussen proff. A.N. Pelzer, C.F. Niewoudt, J.E. Pieterse en mnr. C.H. Stuart van die Universiteit, en die rektor, prof. G.J. du Toit, dr. J.L. van Staden en mnr. C.L. Barnard van die Onderwyskollege. Dit het gegaan oor inskakeling op drie gebiede: sosiaal, waar studente van albei inrigtings in koshuise saamwoon, kultureel, veral op die terrein van studenteverenigings; en op sportgebied. Sport is so ver moontlik geïntegreer. Die onderskeie studenterade is oor dié sake ingelig. Daar was probleme oor klasbywoning. Die afstand tussen die twee inrigtings het veral van damestudente besware uitgelok, veral dié wat ver van busroetes gewoon het. Met verloop van tyd is daar genoeg koshuise by die Universiteit van Pretoria gebou en is hierdie probleem opgelos.

In 1980 is daar 'n ooreenkoms aangegaan tussen die Transvaalse Provinsiale Administrasie namens die Pretoriase Onderwyskollege, en die Universiteit van Pretoria, en in 1981 weer 'n ooreenkoms tussen dié twee inrigtings insake onderwysersopleiding.

Aangesien die Universiteit onderwysers oplei en afhanklik is van provinsiale skole vir sy studente, vind daar voortdurend onderhandelings met die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD) plaas. Dit gaan meestal oor eksamens, slaaglyste van onderwysstudente, die sekondering van onderwysers, erkenning van grade en diplomas vir salarisdoeleindes, sielkundiges en voorligters, leerplanne, eksterne eksaminatore en studiekomitees. Op 23 Februarie 1971 skryf die Direkteur van Onderwys, dr. A.L. Kotzee, aan die rektor dat die Transvaalse Onderwysdepartement graag die deure wil oopmaak vir tweerigtingkommunikasie. Hy vra onder andere dat die Universiteit leemtes in die onderwys moet uitwys. Die rektor het dit verwelkom. Later daardie jaar is daar dan ook 'n simposium deur die Transvaalse Onderwysdepartement en Transvaalse universiteite gehou.

In 1982 het die direkteur by geleentheid die rektor bedank vir kommentaar oor leemtes in die onderwys aan middelbare skole, wat deur verskeie professore uitgewys is. Hulle wenke het hy van groot waarde vir die Onderwysdepartement se studiekomitees en onderwysers gevind. Hy het voorgestel dat 'n gesamentlike pedagogiese sentrum vir die opleiding van onderwysers in die lewe geroep moet word, maar hiervoor was die Universiteit nie te vinde nie. Verder was daar baie oor-en-weer raadpleging oor vakgebiede soos Musiekonderwys, Spraakterapie, Tik en Snelskrif en Voorligting.

Toe dr. J.H. Jooste in 1975 direkteur geword het, het prof. Pelzer hom per brief geluk gewens; so is die samewerking bestendig. Verdere onderhandelings het gegaan oor studiegidse, 'n modererings-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

komitee vir die Onderwyskollege, eksterne eksaminatore, die Transvaalse Onderwysdepartement-eeufees in 1976, nasionale diensplig, biblioteekdienste, 'n vierjarige geïntegreerde graad vir preprimêre en primêre onderwys, beroepsleiers, en die onderrig van Latyn. In 1980 is 'n Projekkomitee Sillabusnavorsing vir sekondêre skole gestig. In 1981 gaan die korrespondensie nog oor moderatore vir die senior sertifikaateksamens en studentewerwing, terwyl 'n kampusbesoek vir skoolhoofde en beroepsvoorligters gereël is; dit gaan ook oor hoogsbegaafde kinders.

Ook met die Departemente van Onderwys van ander provinsies was daar voortdurend onderhandelings, hoewel in mindere mate. Met dié van Kaapland gaan dit onder andere oor beroepsonderwys, die erkenning van onderwyskwalifikasies, opvoedkundige publikasies en onderwysgerigte grade; met dié van Natal oor studentelenings, hospitaaldienste, diplomas en vakatures; met dié van die Oranje-Vrystaat oor salarisse, onderwyserskwalifikasies, leerganghersiening en differensiële middelbare onderwys.

Ook met die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika was daar onderhandelings. In 1961 het dit gegaan oor opleiding in Duits aan die Universiteit van Pretoria. In 1977 het twee hoofamptenare van die Suidwes-Afrika-onderwysdepartement die Universiteit besoek oor 'n eie onderwyskollege, wat in Windhoek opgerig sou word. Hulle het 'n noue verbintenis gesoek, onder andere met verteenwoordigers van die Universiteit van Pretoria op hulle kollegeraad en senaat. So-iets sou egter nuwe wetgewing vereis, en daar is afgesien daarvan.

Met die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap, later Nasionale Opvoeding, en met die Afdeling Kultuursake van dié Departement, bestaan daar uiteraard 'n nouer skakeling, aangesien hierdie departement die beheer oor universiteite uitoefen. Hier gaan dit oor die instelling van nuwe grade, diplomas, studierigtings, die verdeling en konsolidasie van departemente, ens. In 1960 is daar aan die Universiteit van Pretoria 'n komitee vir die konsolidasie van departemente onder die voorsitterskap van prof. A.N. Pelzer gestig, wat in oorleg met dié Departement gewerk het. Daar is ook onderhandel oor die instelling van die pos van medeprofessore, opgradering, nuwe departemente, kursusse, regulasiewysigings en die begroting.

Ook met die Pretoriase Kollege vir Gevorderde Tegniese Opleiding, kortweg Tegniese Kollege en later Technikon genoem, was daar van vroeg af samewerking. Soos reeds gesien, het die Kollege van die beginjare van die opleiding in Beeldende Kunste aan die Universiteit lokale en apparaat en ook dosente in 'n deeltydse hoedanigheid voorsien. In 1960 is daar onderhandelinge gevoer oor 'n kursus in Rekeningkunde, in 1962 oor 'n houtwerkkursus, in 1965 oor kunsopleiding en die verteenwoordiging van die Universiteit van Pretoria op die Kollegeraad (in 1965 was prof. C.A. du Toit die persoon en later prof. D.J. Schoeman). In 1971 het daar na aanleiding van aanbevelings van die Straszackerkommissie 'n skakelkomitee tussen die twee inrigtings tot stand gekom, bestaande uit drie verteenwoordigers van elkeen, om sake van gemeenskaplike belang te behartig, soos die verskil tussen die opleiding in Ingenieurswese en van tegnici, diplomas in Handel, Huishoudkunde, Tegnologie, Werkswinkelpraktyk, Aptekersopleiding, Bedryfskennis, Elektrisiteitskunde, Motorkunde, Pas- en draaiwerk, Uitvoerende Kunste.

Die Van Wyk de Vries-kommissie van 1974 het onder andere ook aandag gegee aan die verskil tussen universiteite en inrigtings vir tegniese onderwys. Die stelling is gemaak dat opleiding vir 'n professie by die universiteit tuishoort, en suiwer praktiese professionele opleiding by die tegniese kollege. Sommige studente hoort nie op 'n universiteit nie, maar wel op 'n tegniese inrigting. Tog probeer universiteite soveel moontlik eerstejaars trek, ter wille van die subsidie van die staat. Die kommissie het bevind dat daar ongelukkig 'n stigma aan tegniese onderrig kleef, iets wat nie die geval behoort te wees nie. Tegnici is onontbeerlik vir die nywerheidsontwikkeling van die land. In daardie stadium was daar oorvleueling wat die twee Pretoriase inrigtings betref, byvoorbeeld op die gebied van Farmasie en Optometrie. Later sou daar 'n Aptekerskool tot stand kom deur samewerking tussen die Universiteit en die Technikon. Die kommissie was van mening dat daar geen strak skeidslyn moet wees nie, en dat tegniese inrigtings na universiteite vir leiding moet opkyk.

Hierdie ondersoek kan ook na ander staatsdepartemente uitgebrei word. Daar is feitlik nie een wat nie op die een of ander tyd inligting met die Universiteit uitwissel nie: die Departement van Gesondheid oor mediese opleiding en navorsing, die Departement van Landbou oor opleiding in Landbouwetenskappe en Veeartsenykunde, dié van Ekonomiese Sake met verskeie departemente in die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe oor allerlei ekonomiese aangeleenthede, die Departemente van Verdediging, Vervoer, Voeding, Volkswelsyn, Immigrasie, Binnelandse Sake, Buitelandse Sake, en so meer. In baie gevalle is 'n staatsdepartement op die Universiteit aangewys vir die voorsiening van inligting en mannekrag.

Enkele voorbeelde is die volgende: in 1972 het die Minister van Ekonomiese Sake prof. H.J.J. Reynders betrek vir 'n ondersoek na die uitvoerhandel; dieselfde jaar het die Minister van Finansies iemand by die Fakulteit Geneeskunde probeer vind vir 'n ondersoek na die finansiering van hospitale; in 1973 vra die Transvaalse Provinsiale Administrasie opleiding in Museumkunde, wat dan ook ingestel is; die Departement Sport en Ontspanning vra navorsing oor buitelugontspanning; in 1978 vra die Departement van Plurale Betrekkinge studentehulp aan die tuislande; die Departement van Waterwese vra die opleiding van hidroloë; in 1980 word hulp gevra vir die rasionalisering van die staatsdiens. So kan die lys verder uitgebrei word. Soos reeds gesê, is daar naas staatsdepartemente 'n groot aantal ander staats-, semistaats- en privaatliggame waarmee die universiteit op die een of ander tyd, om die een of ander rede, in aanraking kom—te veel om op te noem. Die onderwerp van samewerking is feitlik onuitputlik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

ILLUSTRASIES

Foto's van persone (alfabeties).

Arends, H. 274
Barrowman, J.R. 204
Basson, De R. E. 253
Beezhold, W.F. 86
Bonsma, J. 100
Botha, D. 172
Botha, H.P. 180
Botha, J.P. 207
Burger, P. 94
Cilliers, C.H. 284
Clark, R. 145
Cloete, J.J.N. 136
Coertze, P.J. 62
Coetzee, J.N. 176
Coetzee, P.C. 42
Cronjé, G. 43
De Jager, C.L. 196
De Loor, B. 126
Derksen, C.H. 170
De Villiers, J.F. v.d. S. 202
De Villiers, L.S. 169
De Vos, D. 218
De Wet, I.S. 187
De Wet, J.I. 117
Du Plessis, F.J. 132
Du Preez, A.B. 119
Du Toit, C.A. 205
Du Toit, H.D.A. 121
Du Toit, R.M. 142
Engelbrecht, B.J. 111
Falkson, G. 183
Fichardt, T. 191
Geldenhuys, F.G. 185
Gerryts, E.D. 262
Gey van Pittius, E.F.W. 134
Grobler, B.J.G.W. 213
Groenewald, E.P. 123
Grové, A.P. 33
Hamman, E.M. 9
Henkel, I. 305
Heymann, F.G. 209
Hoek, P.W. 133
Hofmeyr, C.F.B. 144
Hofmeyr, J.D.J. 78
Hofmeyr, J.H. 186
Jansen, B.C. 148
Jenkins, W.L. 145
Jonck, L.M. 201
Joubert, D.J. 105
Joubert, D.M. 9
Koch, H. van P. 178
Kok, O.V.S. 168
Kritzinger, J.H. 124
Kritzinger, M.S.B. 33
Lambrechts, J. de V. 216
Lamprecht, C.E. 270
Landman, W.A. 156
Lategan, A.W. 285
Le Roux, J.M.W. 143
Le Roux, P.M. 97
Leue, J.A.E. 45
Liebenberg, C.J. 72
Lombard, S.H. 102
Louw, E.H. 2
Malan, J.P. 57
Marais, B.J. 122
Maré, J.A.G. 106
Maré, W. 217
Marx, F.W. 128
Meester, J.A.J. 90
Meiring, A.L. 68
Meyer, B.J. 173
Meyer, F. 6
Meyer, H. 186
Mostert, L.C. 45
Mulder, E.S. 116
Muller, H. 3
Muller, T. 165
Naude, S.M. 7, 305
Nel, B.F. 152
Nieuwoudt, C.F. 135
Olivier, J.H. 352
Oosthuizen, A. 377
Oosthuizen, P. 104
Oosthuizen, S.F. 189
Osterhoff, D.R. 149
Pienaar, A.J. 99
Pienaar, P. de V. 61
Pistorius, P.V. 50
Pont, A.D. 114
Potgieter, D.J.J. 93
Potgieter, F.J. 157
Pretorius, P.J. 184
Pretorius, V. 88
Prins, F.X. 197
Rautenbach, C.H. 9
Roos, N.O. 41
Rossouw, C.J. 284
Rupert, A. 127
Schlebusch, B.J. 59
Schoeman, D.J. 208
Schoeman, P.J. 202
Schweickerdt, H.G.W.T. 84
Searle, C. 192
Smit, C.M. 54
Smit, P. 80
Snyckers, H. 194
Snyman, H.W. 163
Snijman, P.C. 199
Sonnekus, M.C.H. 159
Spies, F.J. du T. 48
Steyn, D.G. 172
Stoker, D.J. 137
Strating, A. 175
Te Water, C.T. 2
Van Alphen, G. 37
Van Biljon, L. 211
Van den Bergh, A.J. 261
Van der Stoep, F. 153
Van der Westhuysen, H.M. 52
Van Heerden, J.S. 147
Van Rensburg, S.P.J.J. 115
Van Rooyen, J.C.W. 109
Van Rooyen, G.T. 214
Van Selms, A. 57
Van Straaten, C. 366
Van Wyk, A.J. 189
Van Wyk, E.B. 39
Van Zyl, F.J. 113
Verleger, H.A.W. 77
Viljoen, G 376
Visser, D.J.L. 82
Vorster, M.P. 108
Willemse, J. 81
Zevenbergen, A.P 139
Ziady, F. 181

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Foto's van groepe, geboue en ander (volgens volgorde in die teks)

Die binneplein met die Ou Letteregebou en die Geesteswetenskappegebou op die agtergrond ... x

Uitvoerende Komitee van die Senaat, Okt. 1966 27

Uitvoerende Komitee van die Senaat en Sekretariaat, Februarie 1973 28

Administrasiegebou ..... (tussen bladsye 32 en 33)

Personeellede wat teen 1974 reeds 25 jaar en langer aan die Universiteit verbonde was 92

Oorhandiging van die eerste band van die Van der Keessel-sitate in 1960 103

Bybelvertalingskommissie, 1975 118

Voormalige hoofde van departemente in die Ekonomiese Wetenskappe 129

Tandheelkunde-opknappingskursus, April 1975 198

Aankondiging van die Carl en Emily Fuchs-leerstoel in Ingenieurswese 209

Hoofkampus-lugfoto, 1982 221

Die Boukomitee, 1972 223

Mediese kampus 240

Klinikalagebou by Kalafonghospitaal 242

Geboue van die Fakulteit Veeartsenykunde by Onderstepoort, 1976 243

Die Proefplaasterrein vanuit die suidweste, 1972 245

Personeel van die Tegniese Dienste in die werkswinkel in die Ou Chemiegebou met sy beperkte apparaat in die vroeë sestigerjare 255

Die nuwe ruim werkswinkel in die Tegniese Dienstegebou wat in 1975 in gebruik geneem is 255

Die nuwe Merensky-biblioteek van Roperstraat af gesien 260

Die personeel van die Studentediensburo in Augustus 1976 266

'n Student word ondersoek deur 'n suster van die Studentegesondheidsdiens gedurende 'n gesondheidsweek in Augustus 1978 267

Uitstalling tydens Werkgewersweek, 1976 268

Die UP-koor saam met die TRUK-orkes, Oktober, 1969 271

Die pasgestigte Simfonieorkes oefen onder leiding van prof. Johan van der Merwe, 1973 .. 273

Onthulling van Afrikaanswordinggedenkplaat, Oktober 1982 275

Oudstudente-gholfdag, 1972 289

Die ou Universiteitswapen soos dit tot 1977 daar uitgesien het 294

Die nuwe seremoniële Universiteitswapen wat in 1978 in gebruik geneem is 294

Universiteitsvlag 296

Dr. en mev. Coert Steynberg oorhandig 'n skenking aan mnr. (tans prof.) Murray Schoonraad van die Departement Kunsgeskiedenis, April 1974 299

Een van die waardevolle Van Wouw-werke, *Die vrou met die kitaar*, wat in die Van Wouwhuis-versameling van die Universiteit voorkom 301

Opening van 'n Kunsuitstalling tydens Aulafees, September 1978 303

Mnr. J.A. van Tilburgh skenk sy geologiese versameling aan die Universiteit, 1976 304

Seremoniële oorhandiging van die ossewa deur die Studenteraad tydens die Lentedagviering van 1967 309

Optog, 12 April 1960, rondom die binneplein as gebaar van simpatie na die aanslag op dr. H.F. Verwoerd se lewe 314

Tukkies betoog by Uniegebou ten gunste van aanhouding van persone ingevolge die Wet op Terrorisme, 1975 315

Exploratio-uitstalling, 1977 324

Jooloptog op Kerkplein, 1962 328

Drastoelwedren, Joolplaas, 1981 330

Joolplaas, 1981: motor wat stukkend gekap word 330

Intervarsitydirigente en sjampanjenooientjies, 1971, met 'n reuse-afbeelding van Tukkies se gelukbringer, Oom Gert, agter 331

"Sing-songs" in voorbereiding vir Intervarsity, 1974 332

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Die Rektor, prof. C.H. Rautenbach, by 'n aantal nuwe studente en hulle ouers, tydens Ouerdag, 1965 336

Die "Drommedaris" op pad deur die strate van Bronkhorstspruit om fondse vir die Suiderkruisfonds in te samel, November 1973 341

Manskoshuise op die proefplaasterrein 343

Dameskoshuise met Geesteswetenskappegebou in die agtergrond, 1980 345

Beurshouers saam met die Direkteur, Sportburo, in Februarie 1976 350

Massa-pretdraf, 1978 344

Gary Player ontvang sportmerietetoekenning, 1978 355

L. C. de Villiers-sportterrein ongeveer 1972 ... 356

Die Olimpiese-grootte swembad op die L.C. de Villiers-sportterrein 357

Die toenmalige wêreldkampioen in muurbal, Geoff Hunt, besig met afrigting op die muurbalbane, 1978 361

Die Tukkie-tennisspan wat in 1969 'n toer na Europa onderneem het 363

1978 se eerste rugbyspan, van wie 10 lede later Springbokke geword het 364

Atletiekspan, 1963 365

Tukkie-sportlui wat in 1969 Springbokkleure ontvang het 368

Eerste Krieketspan, 1971-72-seisoen 372

Tukkie-gimnastiek-toerspan na Duitsland, 1978 383

Die UP-stoeispan, S.A.U.-kampioenskappe, 1964 384

Die Buitemuurse Gebou in Proesstraat 389

Dr. en mev. H.F. Verwoerd word in 1964 deur dr. A.J.A. Roux en mev. Roux verwelkom by geleentheid van die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 408

'n Groep studente van Iran wat aan die einde van 1976 grade in die Ingenieurswese aan UP ontvang het 409

Besoek van luit-genl. Mordechai Gur, 1980, i.v.m. die gesamentlike wetenskaplike projek tussen UP en die Ben Gurion-Universiteit 411

Sonenergie-projek in verband waarmee UP met die Ben Gurion-Universiteit saamgewerk het 412

Model van die kampus van MEDUNSA waarby die Universiteit van Pretoria ten nouste betrokke was 415

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

TOTALE UITGAWES EN SALARISSE AS GEDEELTE DAARVAN, 1960–1982



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

TOTALE INKOMSTE EN STAATSUBSIDIE AS GEDEELTE DAARVAN, 1960–1982



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

GROEI VAN GETALLE: BINNE- EN BUITEMUURS EN NA-UURS, 1960–1982



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

GROEI VAN TOTALE STUDENTEBEVOLKING

1960–1982



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

PERSENTASIEGROEI VAN AANTAL STUDENTE PER FAKULTEIT



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

VOORGRAADSE EN NAGRAADSE GETALLE

1960–1982



Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

REGISTER

(Bladsynommers wat vet gedruk is, dui aan waar 'n item omvattend behandel word of waar 'n foto voorkom)

Aanraking met ander ... **407–417**
Aansteeklike Siektes, Departement ... **164–165**
Aanstellingskeurkomitee ... 28
Ackerman, E.M., -beursfonds ... 83
Ackerman, Prof E.M. ... 83, 92
Ackron, Prof. F.L. ... 135
Ad Destinatum ... 1, 10, 11, 51, 244
Adelaar, Prof. T.F. ... 146, 346
Adendorff, Prof. K. ... 206, 207, 215
Adendorff, W.F. ... 318
Administrasie ... **21–26**
Administrasiegebou ... 27, 227
Administratiewe Top ... **24–26**
Admissant, Die ... 327
Admissiebond ... 320
Advieskomitee vir Buitemuurse en Na-uurse Onderrig ... 394
Advieskomitee: Studentediensburo ... 8
Adviserende Raad op Universiteite ... 15, 244, 339
Adviserende Universiteitskomitee ... 15
AEK-Instituut vir Lewenswetenskappe (sien Kernkorinstituut vir Lew.) ... 195
Afdeling Onderrigmedia ... 258
Afdeling Oudiovisuele Diens ... 256
African Mammal Project ... 90
Africanaversameling ... 261
Afrika-instituut ... 78
Afrikaans, Departement ... 32, 33–36
Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis, Departement ... 51, **36–38**
Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde, Departement ... 33
Afrikaanse Kultuurgeskiedenis, Departement ... 36
Afrikaanse Kuns- en Kultuurgeskiedenis, Departement ... 51, 52
Afrikaanse Letterkunde, Departement ... 32, 33, 35
Afrikaanse Mediese Woordeboek ... 181
Afrikaanse Taalatlas ... 34
Afrikaanse, Nederlandse en Germaanse Filologie, Departement ... 33
Afrikaanse, Nederlandse en Germaanse Taalkunde, Departement ... 32, **34–35**
Afrikaanstalige universiteite ... 401, 402
Afrikaanswording ... 1, 17, 297, 311, 400
Afrikaanswording, herdenking in 1982 ... 284, 286
Afrikaanswordinggedenkplaat ... **275**
Agrariese Voorligting, Departement ... **93–94**
Agronomie en Biometrie, Departement ... 98
Agronomie, Departement ... 98
Akademiese Administrasie en Registrateur ... 22–24
Akademiese Administrasie, Departement ... 25, 26
Akademiese Hospitaal ... **249–252**
Akademiese prestasies ... 340
Akademiese Skakelmeganisme ... 313
Akademiese verenigings ... **320–321**
Alberts, Banie ... 382
Alberts, Elize ... 369
Albertyn, Piet ... 383
Alexander, Prof. R.A. ... 147
Algemene Kerkvergadering ... 111, 115
Algemene Plantkunde, Departement ... 84, 85
Algemene Verenigings ... **322–324**
Amerikaanse universiteite ... 26
Amfiteater ... 225, 226, 270
Anatomie, Departement Veeartsenykunde ... **142–143**
Anatomie, Departement Geneeskunde ... **165–166**
Anatomiemuseum ... 166
Anatomiese Patologie, Departement ... **166–167**
Anatomiese Vereniging van Suid-Afrika ... 166
Anderkleuriges ... **399–406**
Anestesiologie, Departement ... **167–168**
Anglikaanse Vereniging ... 320
Anglo American Corporation ... 89
Anorganiese en Analitiese Chemie ... 71
Anthony, Peter ... 371
Anton van Wouw en die Van Wouwhuis ... 302
Antropologie ... 62
Aptekershuis ... 346
Aptekerskollege ... **192–193**
Aptekerskool ... 417
Arbeidsterapiehuis ... 346
Arends, Prof. Henri ... 57, 274
Argeologie, Departement ... 32, **38**
Argitektuur Departement ... **67–69**
Argitektuur en Bourekenkunde, Departement ... 67
Argitektuurstudentevereniging ... 321
Arndt, Prof. E.H.D. ... **129**
ASB (Afrikaanse Studentebond) ... 310, 334, 335
ASB-bedrywighede ... 310
Asbestos ... 344
Association of Commonwealth Universities ... 407
Asterhof ... 220, 339, **342**, 352
Atletiek ... 356, 360, **365–367**
Atletiekbaan ... 248
Atletiekspan 1963 ... **365**
Atteridgeville ... 241, 399
Aula ... 56, 226, 256, 270, 287
Aulakomitee ... 270
Auret, Danie ... 380
Avnon, Y. ... 410
B-evolusies, teorie van ... 86
B3M-projekte ... 276
Babst, Koos ... 380
Badenhorst, Dirkie ... 368
Bahyat, Prof. D. ... 411
Bain, Prof. Robert ... 302
Ball, Prof. C.A.B. ... 78
Ballot, George ... 45
Bantoereg, Departement ... 105, 106
Bantoetale, Departement ... **38–40**
Bapsfontein ... 249
Barber, Kol. W.E. ... 141
Barkhuizen, Prof. J.H. ... 50
Bartlett, André ... 338
Barlow Rand ... 206
Barlow-laboratorium ... 206
Barnard, Prof. A.C. ... 125
Barnard, Chris ... 36
Barnard, C.L. ... 416
Barnard, F.J.H. ... 290
Barnard, Dr. Piet ... 167
Barnard, Prof. R.O. ... 95
Barnetson, Prof. J. ... 164, 167, 176
Barrowman, Prof. T.R. ... 203, **204**
Barth, Prof. Dr. Karl ... 112
Basketbal ... 360, **369**
Basson, Dr. D.E. ... 25, 26, 253
Basson, Prof. W.D. ... 73
Basson, Thinus ... 387
Basuinblaasorkes ... 274
Bates, Albie ... 365
Bates, Albie-beurs ... 350
Bauer, Prof. G.L. ... 114
BCur-huis ... 346
Becker, Prof. L.H. ... 197
Bedryfsekonomie, Departement ... **127–129**
Bedryfsingenieurswese, Departement ... 205, **206–207**
Beeldende Kunste, Departement 32 ... **40–41**, 260
Beetge, Gert ... 379
Beeton, Julia ... 41
Beezhold, Prof. W.F. ... **86**
Begrotingskomitee (Personeel en Navorsing) ... 8, 31
Bekker, Adv. P.M. ... 107
Bekker, Ian ... 381
Bekker, Prof. P. v Z. ... 73
Belegging in Sport ... **360**
Ben Gurion-universiteit ... 89, 215, 410
Beplanning en Omgewing, Departement ... 250, 251
Besselaar, Prof. H.J. ... 170
Bestuurskool ... 396
Bestuurswese en die Bestuurskool, Departement ... 139
Bestuurswese en Nagraadse Bestuurskool, Departement ... **129–131**
Bestuurswese, Departement ... 207
Beukes, Magda ... 45
Beurse- en Leningskomitee ... 348, 349
Beurshouers ... **350**
Bezuidenhout, Prof. A.J. ... 143, 412
Bezuidenhout, Bez ... 383
Bezuidenhout, Neels ... 376
Bezuidenhout, Nic ... 364
Bezuidenhout, Wessel ... 376
Biblioteek ... **259–264**, 404
Biblioteek- en Inligtingkunde, Departement ... **41–42**
Bibliotekdiens ... **259–264**
Biblioteekkomitee ... 8, 28, 209, 259, 260, 262, 405
Biblioteekkundevereniging ... 321
Biedermann, Helmuth ... 370
Biedermannbeurs ... 350
Binge, Ludwig ... 44
Bingle, Prof. J.P. ... 34, **92**
Binnemuurse Publikasiekomitee ... 310, 313
Binnemuurse Studenteraad ... 15, **308–317**
Binnenshuise sportsentrum ... **152–153**
Biochemie, Departement ... **94–95**
Biologiese Vereniging ... 321
Bisschop, Prof. J.H.R. ... 146, 149
Black, Jock ... 377
Blesit ... 328
Bligh, Dr. John ... 91
Bliss, Adv. M. ... 107
BMW-gebou ... 240
Bodemer, Prof. W. ... 188
Bodenstab, Dr. A.T.B.H. ... 164
Boekenhout ... 246, 339
Boekevoorraad ... 260
Boerhave ... 241
Boezaart, André ... 193
Boezaart, T.C. ... 289
Bofbal ... 358, 360, **376**
Böhmer, Prof. R.G. ... 73
Bok ... 44
Bokhorst, Prof. M. ... 36, 51, 65
Boks ... **385**
Bolt, G. ... 382
Boltman, Dirk ... 366
Bond van Oudstudente ... 16, 280, 281, **284–292**, 350, 403 (sien ook Oudstudentebond)
Bondesio, Prof. M.J. ... 158, 161
Bonsma, Prof. J.C. ... **100**
Bonsmara- en Drakensbergerkuddes ... 101
Boomker, Dr. J.D.G. ... 148
Boon, Prof. J.A. ... 41, 42
Booysen, Fanus ... 367
Borchardt, Prof. C.F.A. ... 122
Borgskappe ... 355
Borms, Prof. Jan ... 66
Bornman, Prof. C.H. ... 85
Boshoff, Prof. A.B. ... 130, 131
Boshoff, Prof. C.W.H. ... 20, 119, 120, 121
Boshoff, Prof. E. ... 83
Boshoff, L.N. ... 25, 26, 340
Boshoff, Mev. M.A. ... 342
Boshoff, Prof. M.C. ... 42, 262
Boshoff, Prof. S.P.E. ... 70
Boshoff, Regter W.G. ... 291
Bosman, Prof. A.M. ... 100, 101, 149
Bosman, Dr. F.C.L. ... **44**
Bosman, H.L. ... 317
Bosman, Prof. I.D. ... 18, 153
Bosman, Prof. J.C. ... 153, 156, 157
Bosman, Johan ... 371
Bosman, Mev. M.W. ... 344
Bostelegraaf ... 328, 343
Botaniese Tuin ... 244, 248
Botes, Ada ... 371
Botes, André ... 385
Botes, Prof. P.S. ... 136, 137
Botha, -leerstoel, Louis ... 21, 85
Botha, Betsie ... 376
Botha, Prof. B.P. ... 133
Botha, C.J. ... 317
Botha, Prof. D. ... **172**
Botha, Prof. D.H. ... 105
Botha, Darius ... 364, 376
Botha, Dawie ... 382
Botha, Prof. Elize ... 36
Botha, Prof. F.J. ... 119, 123
Botha, Prof. H.P. ... **187**, 195, 267
Botha, Hannes ... 352, 355, 366, 367, (sien ook Botha, Prof. J.L.)
Botha, Irini ... 382
Botha, J.H. ... 317, 334
Botha, Prof. J.L. ... 54, 66, 184, 351, 353, (sien ook Botha, Hannes)
Botha, Prof. J.P. ... 98, **207**, 215
Botha, J.R. ... 381
Botha, Kalie ... 352, 381
Botha, Min. M.C. ... 250, **415**, 416
Botha, Prof. M.C. ... 16, 305, 415
Botha, Naas ... 353, 354, 376
Botha, Prof. P.R. (Roelf) ... 68, 237
Botha, Min. Pik ... 12, 354, **355**
Botha, Willem ... 368
Bothma, A.C. ... 23, 25, 26
Bothma, Dr. J.J. ... 189
Bothma, Prof. J. du P. ... 75, 411
Boubestuur, Departement ... 67, **69–70**
Boubestuurder, Die ... 327
Boubestuurstudentevereniging ... 321
Bouffa, E.L. ... 342
Boukomitee ... 239, 246, 253
Boukomitee en Beurs- en Leningskomitee ... 8
Boukommissie ... **223**
Boukunde ... 328
Boukundegebou ... 225, 238
Boukundehuis ... 347
Boukundige Studentevereniging ... 321
Bourekenkunde, Departement ... 67, **70–71**
Bourekenkundestudentevereniging ... 321
Bourke, Sarge ... 340
Bouwer, Stephan ... 36
Bouwoordeboek ... 70
Braak, Oubaas ... 367
Breedt, Dr. A. ... **266**, 268, 316, 340, 343, 381
Breedt, Mev. E.M. ... 345
Bremer, Prof. Julius ... 171
Breytenbach, Prof. A.P.B. ... 111, 116
Breytenbach, Adv. J.C.V. ... 22
Breytenbach, P.P. ... 43, 44
Brighton, Dr. S.W. ... 182
Brink, C.S. ... 67
Brink, Dr. C. van der Merwe ... 93, 141, 351
Brink, G.J. ... 158
Brink, Strauss ... 342, 344
Brink-kommissie ... 93
British Dominions College Programme ... 407
Brits, J.D.R. ... 1, 26
Britse universiteite ... 26
Britse Universiteitstelsel ... 1
Broederhuis ... 220, 227, 229, 238
Bronkhorst, J.G.S. ... 238
Brouwer, Harm ... 386
Brown, Allan ... 352, 381
Brown, Prof. A.N. ... 216
Brown, Prof. J.M.M. ... 145, 174
Brugklub ... 324
Brugman, A.P. ... 306
Bruinette, Kruger en Stoffberg, firma ... 359
Brümmer, Prof. L.M. ... 130
Brummer, S. ... 363
Bruwer, J.J. ... 213
Buitehuise ... **346–347**
Buitemuurse Administrasie ... 391
Buitemuurse Afdeling ... 239, 263, 317
Buitemuurse Beampte ... 396
Buitemuurse en Na-uurse Advieskomitee ... 28, 393, 395, 396
Buitemuurse en Na-uurse Onderrig ... 388–398
Buitemuurse Gebou ... **242**, 389, 390
Buitemuurse Geselligheidskomitee (BGK) ... 317
Buitemuurse inligtingsbrosjure ... 396
Buitemuurse parkering ... 390–391
Buitemuurse Publikasiekomitee ... 317
Buitemuurse sport ... 391
Buitemuurse Studenteraad ... **317–318**, 391, 396
Buning, Prof. T. ... 35, 340
Burgemeester van Pretoria ... 5
Burger, Prof. A.P. ... 67, 69, 227, 248
Burger, Ilse ... 362, 363
Burger, Naudé ... 274
Burger, Prof. P. ... **94**
Burger, Thys ... 364
Burgers, Pres. T.F. ... 1
Buro vir die Afrikaanse Bybelvertaling ... 118
Buro vir Ekonomiese Politiek en Analise **138–139**, 140
Buro vir Finansiële Analise ... 130, **139–140**
Buro vir Heraldiek ... 297
Buro vir Kultuuraangeleenthede ... **269–278**
Buro vir Openbare Betrekkinge ... 1, **278–284**, 349, 351, 396
Buthelezi, Hoofman M.G. ... 414
Buys, Johan ... 366
Buys, Prof. T. ... 73
Bybelgenootskap van Suid-Afrika ... 116, 118
Bybelkunde ... 111, 114, 116, 117, 123
Bybelvertaling ... 58, 111, 115, 116
Bybelvertalingskommissie ... **118**
Caesar, Julius ... 177
Calitz, Erna ... 383
Camberini, L. ... 301
Campbell, Bob ... 368
Candy, P.R. ... 91
Carltonbeker ... 363
Carnegie Corporation of New York ... 407
Castalia ... 323
Caux, Prof. Maitre Claude ... 380
Celliers, A.J. ... 373
Changuion, L. ... 365
Chemie, Departement ... **71–73**
Chemiese Ingenieurswese, Departement ... 205, 207

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Chemiese Patologie, Departement **168–169**
Chemiewoordeboek 72, 73
Chirurgie, Departement (Veeartsenykunde) . **143–144**
Chirurgie, Departement (Geneeskunde) **169–171**
Christelike Studentevereniging (CSV) .. 119, 319, 320
Christian Brothers College (CBC) 220, 246, 247
Christian Science-vereniging 319
Christodolou, Nick 386
Chromatografie 72
Churr, Prof. E.G. 128
Cilliers, C.H. (Bags) 1, 269, 272, 281–285, 288–290, 301, 303, 307, 333, 365, 372, **389**
Cilliers, Prof. P.H.K. 170
Cilliers, W. 365
Claassen, George 373, 374
Claasen, Wynand 364
Clark, Prof. C.L. 78
Clark, Prof. R. 144, **145**
Clarke, John 41
Clarke-Powell, Prof. H. 99
CLEMENT 320
Cloete, F. 271
Cloete, J. 384
Cloete, Prof. J.J.N. **136**, 137, 276, 393
Coertse, Mimi 225
Coertse, Mimi -beurs 56
Coertze, Prof. L.I. 103, 110
Coertze, Prof. P.J. **62**, 63, 399, 414
Coertze, Prof. R.D. 62, 63, 307, 415
Coetzee, Prof. A.M. 175, 176
Coetzee, Amanda 385
Coetzee, Christo 388
Coetzee. Dr. G.G. 285
Coetzee, J. 214, 386
Coetzee, Johan 379
Coetzee, Prof. J.N. 164, **176**
Coetzee, K. 364
Coetzee, Martin 376
Coetzee, Prof. P.C. 41, **42**, 261, 306
Coetzee, Dr. T.A. 65
Coetzee, Prof. W.J.C. 204
Coetzee, Prof. W.N. 105, 344
Coetzee, W.J. 23, 25, 26, 339, 340
Coetzer, J.C. 1, 26
Coetzer, Dr. P.W.W. 175
Coetzer, T.C. 25, 26
Colburn, Alan 362
Colbynvallei **247–248**
Colijn, Dr. H. 300
Collins, André 375
Columbia-universiteit 134
Combrink, Ds. J.H.B. 123
Combrink, Prof. J.G.H. 36
Combrink, Prof. L.W. 200
Commercium 327
Coombs, Murray 379
Copley, B. 363
Corbett, John 374
Costill, Prof. D. 66
Coubrough, Prof. R.I. 147
Crafford, Prof. D. 121, 125
Crafford, Prof. J.A. 133
Cronjé, Prof. G. 12, 32, **43**, 44, 50, 55, 60, 153
Cronjé, Dr. J.M. 125
Cronjé, M.J. 340, 391, 393
Cronjé, Prof. R.E. 183, **184**
Cronjé, Tobie 45
Cronstedt, Dr. Jean 382
Croukamp, Charka 370
Cruywagen, W.A. 252
Crux 335
Cuypers, I. 363
Dagland 328, 347
Dagstudente 308
Dagstudentehuis 308, 347
Dalrymplebeker 365–367
Dameshokkie **359–360**
Dameskiub 322
Dameskoshuise 239, **345**
Damestehuis 220, 342
Daspoortpolikliniek **193**, 254
DASUP 327
Dauberton, Prof. F. 416
Davel, Prof. H.B. 102
Davel, Prof. J.G.A. 162, 164, 183, 290
Davidtsz, Prof M.J. 83
Davis, Colleen 367
Davis, Dr. D.H.S. 91
Davis, Mev. M. 367
De Beer, Mev. A. 342
De Beer, Rias 393
De Beer, Z.J. 318
De Boom, Prof. H.P.H. **92**, 142
De Bruin, H. 261, **262**, 263
De Bruto, Prof. N.F. 36
De Bruyn, Amanda 369
De Bruyn, C.L. -vleuel 242
De Bruyn, Dr. C.L. 7, 129, 130, **223**, 269, **281**, 299, 301, **304**, 403
De Bruyn, Eugene (Choppie) 380
De Bruyn, Gerda 367
De Bruyn, H.A.J. 8
De Bruyn, Johan 382
De Facto 347
De Graaff, Prof. G. 75
De Haas, Prof. W.G. 165
De Jager, Adv. C.D. 107
De Jager, Anna 370
De Jager, Prof. C.L. **196**, 197, 200
De Jongh, Ernst 41
De Jure 110, 321, 327
De Klerk, Prof. A.J. 188
De Klerk, Dr. C.H. 102
De Klerk, Prof. H.C. 176
De Klerk, Prof. J.J. 124
De Klerk, Prof. W.J. 36
De Kock, Prof. G.P.C. **129**, 132
De Kock, Dr. W.J. 49
De la Rey, Prof. R.P. 59
De Lange, Hybré 366
De Loor, Prof. B. 7, **126**, 137, 342
De Mûelenaere, Prof. J.J.G.G. 202
De Necker, François 41
De Necker, Johan 193
De Swart, Mej. Ansie 281
De Villiers, Prof. Con 44
De Villiers, Danie 376
De Villiers, Prof. F.G. 133
De Villiers, Dr. F.J. 8, 129, 130
De Villiers, H.J. **266**
De Villiers, Adv. I.B.W. 107
De Villiers, J. 372
De Villiers, Prof. J.F. v.d. Sandt **202**
De Villiers, Prof. L.C. 169
De Villiers, Prof. L.S. **169**
De Villiers, Marna 350, 353, 366, 367
De Villiers, Murray 274
De Villiers, Prof. P.D. 190
De Villiers, Prof. W.P. 45
De Villiers, Secci 361
De Villiers, Suzette 353, 381
De Vos, Prof. D.W. 217, **218**
De Vries, Dr. J. 362
De Vries, G.P.C. 318
De Waal, C. 384
De Waal, G. 384
De Waal, Prof. H.L. **27**, 67, 71
De Wet, Prof. C.L. 87, 340
De Wet, Danie 306
De Wet, Prof. G.L. 140
De Wet, Prof. I.S. **187**, 188
De Wet, Prof. J.I. 111, 116, **117**
De Wet, Ds. J.I. 319
De Wet, Mev. M.M. 342
De Wit, J. 384
Deale, Marguerite 331
Degener, J. 91
Dekaan **30–31**
Dekane van die Fakulteit Ekonomiese en Staatswetenskappe 127
Dekane van die Fakulteit Ingenieurswese **206**
Dekane van die Fakulteit Landbouwetenskappe . 93
Dekane van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte 33
Dekane van die Fakulteit Geneeskunde 164
Dekane van die Fakulteit Opvoedkunde 154
Dekane van die Fakulteit Regsgeleerdheid 105
Dekane van die Fakulteit Tandheelkunde 197
Dekane van die Fakulteit Teologie Afdeling A .. 112
Dekane van die Fakulteit Teologie Afdeling B .. 119
Dekane van die Fakulteit Veeartsenykunde **142**
Dekane van die Fakulteit Wis- en Natuurkunde 67
Dekanereglement 30
Dekker, Prof. G. 35
Dekker, Prof. H.J. 128
Delmaspad 249
Delport, Adv. Piet 368
Delport, Jackie 368
Delport, P. 236
Delport, Prof. P.A. 343
Delta 2 000 258
Denton, Robert 351
Deo Gloria 322
Deo Gloria-vereniging 117, 319
Departement Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie 14
Departement Hospitaaldienste van die Transvaalse Provinsiale Admin. 162
Departement Liggaamlike Opvoedkunde 352
Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap (later Nasionale Opvoeding) 417
Departement van Gesondheid 174
Departemente van Onderwys van ander provinsies 417
Derksen, Prof. C.H. 169, **170**
Didaktiese Pedagogiek en Vakdidaktieke, Departement **154–155**
Die Hervormer 113
Die Perdeby 229
Die Professionele Bouer 70
Diederichs, Dr. N. 340
Diereproduksie, Departement 99, 100, 101
Dieretuinterrein 251
Dierkunde, Departement **73–75**
Dierkundegebou 225
Dietrich, Keith 41
Dinkelmann, Dr. E. 352, 364, 365
Dippenaar, Dr. J.F. 171
Dippenaar, Marietjie 373
Dippenaar, Prof. B.J. 97
Dippenaar, Prof. R.J. 214
Direkteur van Openbare Betrekkinge 280
Direkteur van Sport 350, 351
Direkteur: Tegniese Dienste 253
Dobis-stelsel 262, 263
Dogmatiek en Christelike Etiek (Afd. A), Departement 110, **112**
Dogmatiek en Christelike Etiek (Afd. B), Departement **119–120**
Dogmatiek en Etiek, Departement 117
Dogmatologiese Werkgemeenskap 113
Dogmengeskiedenis 114
Dohnemerino- en S.A. Vleismerinokuddes 101
Dommisse, Prof. G.F. 188
Don Jorge Swett Madge 410
Dorey, Eddie 381
Dorperskaapras 410, 411
Dorperstoet 101
Dos Santos, Manuel 373
Doseermetodes 394
Dosentekantore III 224
Downes, A. 372
Downes, Terry 381
Drama, Departement 32, **42–45**
Dramakundevereniging 321
Dramatologie, Departement 55, 227
Drastoelwedren 329
Dreyer, Prof. L. 167
Dreyer, Prof. P.S. 12, 20, 63, 64, 167, 342
Dreyer, Prof. T.F.J. 117
Dreyer, Wim 381
Driekamp **387**
Driver, Jonty 335
Druipsyfer 32
Drury, Allen 10
Du Chaillu, Mev. M. Viljoen 47
Du Piesanie, Oupa (Kerneels) 363, 365
Du Plessis, C. de W. 318
Du Plessis, Prof. C.T.C.F. 203
Du Plessis, Prof. D. 171
Du Plessis, Daan 364
Du Plessis, Fielies 375
Du Plessis, Prof. F.J. **132**
Du Plessis, Prof. L.J. 166
Du Plessis, Mev. Louise 369
Du Plessis, Marianne 382
Du Plessis, Piet 364
Du Plessis, P.G. 36
Du Plessis, Prof. P.H.C. 101
Du Plessis, Prof. P.J.J. 161
Du Plessis, Prof. P.W. 105
Du Plessis, Tjaart 362, 363
Du Plessis, Tommy 364
Du Plessis, Dr. W.C. 68, 402
Du Plessis, William 379
Du Preez, François 366
Du Preez, Melanie 385
Du Preez, Prof. A.B. **119**
Du Randt, Mev. J.C. 1
Du Randt, Prof. W.S.H. 36
Du Toit, A.E. -ouditorium 226
Du Toit, Prof. A.B. 123
Du Toit, Prof. A.E. 16, 305
Du Toit, A.S. 343
Du Toit, Prof. C.A. . **27**, 28, **205**, 206, 213, 214, 417
Du Toit, Prof. D.A. 120
Du Toit, Dr. Donald 283
Du Toit, Prof. G.J. 416
Du Toit, Prof. G.T. 187
Du Toit, Prof. H.D.A. 119, 120, **121**, 124
Du Toit, Prof. J.J. 155, 156, 157
Du Toit, Jannie 274
Du Toit, Prof. M.L. 45, 51, 52, 298
Du Toit, Prof. R.M. **142**, 148
Du Toit, Prof. S. 119
Du Toit, Prof. S.I. 59
Duffey, A.E. 302
Duits, Departement **45–46**
Duits-Afrikaanse Studentebond van UP (DASUP) 323
Duitse Taalkunde, Departement 45
Duminy, W.W. 261
Dürrheim, Prof. H.H. 192
Düvel, Prof. G.H. 94, 102
Duvenage, Prof. J.G. 199, 200
Dyason, Carl 367, 381
Dyason, Dr. Roger 8
Dykman, Mej. S. 161
Easton, Brian 361
Ebersohn, Chris 374
Eckard, Prof. C.F. 107
Economic Geology 90
Edwards, Mike 41, 306
Edwards, Pierre 364, 373
Eenheid vir Entrepreneurskap 130, 139
Eerste minister 402
Eersterust 252
Eggers, Sonja 370
Egner, Reinwald 371
Eicker, Prof. A. 85
Eie Werf 279
Eiffel 328, 343
Eiselen, Prof. Dr. W.W.M. 62, 399
Ekonomie, Departement **131–132**
Ekonomiese en Staatswetenskappe, Fakulteit 13, 30, 32, **125–141**
Ekonomiese Kussing 327
Eksteen, Prof. L.C. 1, 12, 33, 34
Eksterne Reklame 313
El Torro 328, 344
Elandspoort 238
Elektriese Ingenieurswese, Departement 205, **208–210**
Elektroniese Ingenieurswese 205
Elektroniese Ingenieurswese, Departement **209, 210–212**
Eloff, Prof. F.C. 73, **92**, 351
Eloff, Prof. J.F. 38, **92**
Els, D. 91
Emeriti-professore 26
Endodonsie en Okklusale Rehabilitasie, Departement **197–198**
Engela, T. 302
Engelbrecht, A. 24, 25
Engelbrecht, Annette 45
Engelbrecht, Prof. B.J. . 18, 20, **28**, 110, **111**, 112, 403
Engelbrecht, Prof. C.A. 78
Engelbrecht, Hermann 379
Engelbrecht, Prof. J. 153
Engelbrecht, Prof. J.A. 39
Engelbrecht, Dr. J.J. 111, 114
Engelbrecht, Prof. S.P. 110, 112, 113, 298
Engels, Departement **46–47**
Engelstalige universiteite 401
Entomologie, Departement **75–76**
Epstein, Dr. H.D. 182
Erasmus, C.M. 140
Erasmus, Dr. J.A.J. 265, **266**
Erasmus, Dr. J.F.P. 171
Erasmus, Prof. J.A.K. 59
Erasmus, J.J. 318
Erasmus, Lerina 36
Erasmusrandterrein 251
Erekleure 352
Erflikheidsleer, Departement 78
Erickson, Prof. John 141
Erika 339
Erlank, Dr. J.D. 171

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Espach, B.J. ... 24, 25, 26, **28**
Etensuurkonserte ... 276
Etiek en Geskiedenis van die Wysbegeerte, Departement ... 32, 64
Eureka ... 328, 344
Europese universiteite ... 26
Evangeliese Gesange ... 58
Evangelisch-Lutherischer Studentenkreis Pretoria 320
Evans, Rinelle ... 374
Exploratio ... 323, 324, 326
Extra Mura ... 317, 327
Fakulteit ... **29–30**
Fakulteitsbaadjie ... 333
Fakulteitslesings ... 32
Fakulteitsvereniging vir Ekonomiese en Staatswetenskappe (FES) ... 322
Fakulteitsverenigings ... **321–322**
Falkson, Dr. H.C. ... 183
Falkson, Prof. G. ... **183**, 411
Farmakologie, Departement ... **171–173**
Fassler, Prof. J. ... 237
Faure, Chris ... 364
Faure, Mej. Tillie ... 16
Federasie van Bounywerhede van Suid-Afrika (BIFSA) ... 70
Feestekontrolekomitee ... 311
Fehrsen, Dr. G.S. ... 195
Fench, André ... 381
Fensham, Prof. F.C. ... 119
Ferreira, Anton ... 372, 373
Ferreira, I.M. ... 318
Ferreira, Lynette ... 368
Ferreira, Prof. M.R. ... 200
Ferreira, P.S. ... 317
Ferreira, T. ... 365
Ferri, Mej. Fleur ... 306
Festa Romana ... 53
Fezelas ... 363
Fichardt, Prof. T. ... 190, **191**
Fick, J. ... 364
Fietsry ... 360, **379–380**
Filmvereniging ... 322
Filosofie (sien Wysbegeerte) ...
Filosofiese Vereniging ... 321
Filosofos ... 321, 327
Finansiële Administrasie en Registrateur ... 22
Finansiële Administrasie, Departement ... 25, 26
Finansiële Bedryfsadministrasie en Registrateur ... 24
Finansies en Bedryfsadministrasie, Departement ... 22
Finansies- en Eiendomskomitee ... 1, 8, 13, 22, 251
Findlay, J. ... 384
Findlay, Prof. G.H. ... 164, 182
Finessedamesklub ... 313, 322–323
Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie en Registrateur ... 22
Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie, Afdeling ... 253
Fisiese Beplanning en Bedryfsadministrasie, Departement ... 25, 26
Fisiese Chemie ... 71
Fisiese en Teoretiese Chemie ... 71
Fisiese, Organiese en Teoretiese Chemie, Departement ... 88
Fisika, Departement ... **76–78**
Fisika-Geologiegebou ... 225, 228
Fisiologie, Departement ... **173–174**
Fisiologie, Farmakologie en Toksikologie, Departement ... **144–146**
Fisioterapieblad ... 321
Fisioterapiehuis ... 346
Fisioterapievereniging ... 320
Fismer, C. ... 317, 338
Fitotron ... 99, 256
Fölscher, Prof. W.J. ... 95
Forbes, Prof. C.P. ... 73
Förtsch, Prof. E.B. ... 82
Fotobiologiese Navorsingseenheid ... 164
Fotografiese Afdeling ... 254, 256
Fouché, Prof. Leo ... 38
Fourie, B. ... 91
Fourie, Dr. Brand ... 140, 291
Fourie, Prof. D. ... 199
Fourie, Prof. F. ... 218
Fourie, Johan ... 353, 367
Fourie, Marie ... 362
Fourie, Mev. S.J. ... 344
Fourie, Mossie (Dalene) ... 369
Fourie, Dr. Zen ... 374
Fowler, Nico ... 382, 383
Frans, Departement ... 32, **47–48**
Franszen, Prof. D.G. ... **129**, 131
Franz isodinamiese afskeier ... 257
Franz, Prof. R.C. ... 170
Freese, M. ... 363
French, Dr. B.M. ... 90
Friedland, Prof. E.K.H. ... 76, 77
Fries, Prof. J.F. ... 63
Fuchs Electronic Holdings ... 210, 219
Fuchs, C.J. ... **209**, 210
Fuchs, Carl en Emily -Instituut vir Mikro-elektronika ... 77, **218–219**
Fuchs, Carl en Emily -leerstoel in Mikro-elektronika ... 206, 210
Fulminiculus ... 347
Fundamentele Pedagogiek, Departement ... **155–156**
Further, Louis ... 366
Gaigher, Prof. H.L. ... 78
Garankuwa ... 241, 249, 415
Garbers, Prof. J.G. ... 160, 161
Garner, Robert ... 373
Garstfontein ... 246
Gebou vir Basiese Mediese Wetenskappe (BMW-gebou) ... 166, 173, 240
Gebou vir Landbouwetenskappe ... 220
Gebou vir Opvoedkunde en Regsgeleerdheid ... 15
Geboue op die hoofkampus ... **222–229**
Geboue vir die Fakulteit Geneeskunde ... **240–242**
Geerthsen, Prof. J.M.P. ... 79
Geestelike verenigings ... **319–320**
Geestesgesondheid ... 60
Geesteswetenskappe ... 239
Geld- en Bankwese, Departement ... 131, 132
Geldenhuys, Burger ... 364, 365
Geldenhuys, Prof. B.P. ... 59
Geldenhuys, Dr. F.E. O'B ... 8
Geldenhuys, Prof. F.G. . 162, 163, 164, **185**, 195, 416
Geldenhuys, Dr. Frans ... 7
Geldenhuys, Prof. J.J. ... 86, **92**
Geldenhuys, Susan ... 374
Gemeenskaplike Matrikulasieraad ... 412
Gemeenskapsdienskomitee ... 311
Gemeenskapsgesondheid, Departement ... **174–176**
Gemeenskapstandheelkunde, Departement . **198–199**
Gemengde Byeenkomste ... **403–404**
Gemser, Prof. B. ... 110, 115, 116
Geneeskunde ... 164, 181, 184
Geneeskunde, Departement ... **146**
Geneeskunde, Fakulteit ... 30, **162–195**
Geneeskunde, Fakulteitsraad ... 250
Geneeskundige Mikrobiologie, Departement **176–177**
Geneeskundige of Mediese Takbiblioteek ... 263
Geneeskundige woordeboek ... 164
Genetika, Departement ... **78–79**
Genis, Dr. E.C. ... 346
Geografie, Departement ... 32, **79–81**
Geografiegebou ... 225
Geografievereniging ... 321
Geologie, Departement ... 81
Geologiese vakwoordelys ... 81
Geologiese Vereniging ... 321
Georganiseerde Studente-aktiwiteite, Afdeling ... 267
Gerber, Alwyn ... 350, 353, 382
Gerber, Bokkie ... 382
Gereformeerde Ekumeniese Sinode ... 122
Geregtelike Geneeskunde, Departement **177–178**, 240
Geringer, J. ... 372
Germishuys, Katinka ... 367
Germishuys, Prof. P.J. ... 203
Germishuys, Sonja ... 350, 353, 367, 387
Gerneke, Prof. W.H. ... 143
Gerryts, Prof. E.D. ... 42, **262**, 263
Gerstman, Blanche ... 56
Geskiedenis van die Christendom ... 113
Geskiedenis van die Christendom en Kerkreg, Departement ... 121
Geskiedenis van die Christendom, Departement ... 111
Geskiedenis van die Godsdiens ... 112
Geskiedenis, Departement ... **48–49**
Geslagskunde en Kunsmatige Inseminasie, Departement ... 146
Geslagskunde, Departement ... **146–147**
Gesondheid, Welsyn en Pensioene, Departement .. 252
Gewasproduksiejoernaal ... 100
Gey Van Pittius, Prof. E.F.W. . 13, **134**, 135, 136, 261
Geyer, Prof. J.W.C. ... 75
Geyser, Prof. A.S. ... 110, 111, 114
Gholf ... 358, 360, **377–378**
Gildenhuys, Prof. J.S.H. ... 137
Gildenhuys, Prof. R. ... 203
Gimnastiek ... 360, **382**
Glasblaaswerk ... 257
Glatthaar, Prof. E. ... 176
Glick, Prof. S.M. ... 411
Godgeleerdheid, Fakulteit ... 30, 110, 111
Godsdiens- en Sendingwetenskap (Afd. A.), Departement ... 111, **112–113**, 117
Godsdiens- en Sendingwetenskap (Afd. B.), Departement ... **120–121**, 124, 125
Godsdienswetenskap, Departement ... 110
Gonin, Prof. H.L. ... 32, 33, 43, 47, 53, **92**, 103, 351, 352, 365
Gordon, Keith ... 385
Gordon, Prof. G. ... 142
Goslin, B. du P. ... 40
Gottschang, Prof. J. ... 92
Goudriaan, Prof. J. ... 128, 129, 130
Gous, Ig ... 369
Gouws, Leonie ... 353, 367, 369
Gräbe, Prof. P.J. ... 87, 179, 188, 272, 342
Gräbe, Prof. R.P. ... 188
Graf, Prof. H. ... 141, 142
Grant Mackenzie, H.B. ... 290
Graphorn, H. ... 69
Grasnavorsingstasie ... 250
Greef, D. ... 69
Greeff, Chris ... 375
Greefswald ... 38
Greefswald-plaas ... 85
Green, V.H.H. ... 1
Greyling, J.J.E. ... 26
Greyvenstein, Prof. J.H.J.A. . 8, 110, 111, 112, 114, 115
Grieks, Departement ... **49–50**
Grimsehl, Prof. U.H.J. ... 207, 208
Grobbelaar, Prof. Nathanaël ... 84, 90, 248
Grobbelaar. P.W. ... 37
Grobler, A. ... 384
Grobler, Prof. B.J.G.W. ... **213**
Grobler, Kobie ... 378
Grobler, Prof. M. ... 202
Groenewald, Prof. E.P. ... 12, **118**, 119, 123
Groenewald, Prof. J.A. ... 96, 372
Groenewald, Prof. J.W. ... 150
Groenewald, Prof. P.S. ... 39, 401, 405
Groenteteelt, Afdeling ... 98
Groep Argitekte Pretoria (GAP) ... 321
Groepsgebiedewet ... 403, 405
Grondkunde en Plantvoeding, Departement ... 95
Groot Woordeboek ... 35
Grosskopf, Prof. ... 44
Grosskopf, Prof. J.F.W. ... 144, 145, 409
Grotepass, Prof. F.W.K. ... 174
Grové, Laetitia ... 365
Grové, Leon ... 374
Grové, Prof. A.P. ... **28**, 32, 33, 35, 36, 140, 281
Grové, Stefans ... 273
Grundling, Martin ... 363
Grunow, Prof. J.O. ... 99
Grunow-Gruzek, Greta ... 41
Grunowkommissie ... 250
Gunter, G.F. ... 301
Gur, Luit.-genl. Mordechai ... **411**, 412
H.F. Verwoerd-Hospitaal ... 162, 163, 240, 241, 249, 250
H.F. Verwoerd-terrein ... 251, 252
Haagen, Xander ... 56
Haak, Willem ... 290
Haarhoff, Mej. C. ... 161
Haarhoff, Prof. P.C. ... 215
Haitjema, Prof. Dr. T.H.L. ... 112
Halfeeu-feesviering van die Universiteit van Pretoria ... 1, 15, 19, 222, 248, 367, 378
Hall-Martin, A.J. ... 91
Haller, Emanuel ... 271
Hallowell, G. ... 384
Halstead, R. ... 362
Hamaker en Beezhold-effek ... 86
Hamelin, J. ... 410
Hamersma, Prof. H. ... 186
Hamilton, Ian ... 381
Hamman, Prof. E.M. ... 1, 8, 9, 10, 11, **12–15**, 16, 19, 22, 24, 27, 28, 30, 35, 103–105, 117, 126, 127, 209, 222, 223, 238, 239, 260, 265, 278, 289, 295, 297, 301, 303, 305, 306, 337, 338, 344, 355, 357, 359, 392, 401, 402, 403, 404, 410, 413
Hammes, Prof. P.S. ... 98
Hammond, Sir John ... 15
Handel en Publieke Administrasie, Fakulteit ... 30, 125, 134
Handel, Geld- en Bankwese, Departement ... 131
Handels- en Arbeidsreg, Departement ... **105**
Handels- en Bedryfsreg, Departement ... 104, 105
Handelsreg, Departement ... 13
Hanekom, Hendrik en Mathilde ... 44
Hansen, C.J. ... 44
Hansen, Hannemie ... 387
Harmse, Hannes ... 378
Harrop-Allin, Ian ... 387
Hartebeestspruit ... 245, 247
Hartebeestspruit-arboretum ... **247–248**
Harthoorn, Dr. Sue ... 91
Hartman, Anton ... 56
Hartman, J. ... 318
Hattingh, D.J. ... 344
Hattingh, J. ... 318
Hattingh, Prof. P.S. ... 80
Hattingh, Ryno ... 45
Hatton, Dr. C.J. ... 89
Haupt, Mev. M. ... 342
Hauptfleisch, Prof. A.C. ... 70
Havenga, Mauritz ... 386
Hay, Prof. I.S. ... 61
Haylett, Prof. D.G. ... 98
Hebreeus ... 57, 116
Hector, Prof. J.M. ... 97
Heese, Prof. C.H. ... 38
Heiberg, J.C. ... 381
Heinsohn, Dr. G.E. ... 92
Hellenistiese en Patristiese Grieks, Departement .49, 50
Helmintologie, Departement ... 148
Hematologie, Departement ... **178–179**
Hengel ... **386**
Henkel, Dr. Irmin ... **304**
Henning, Prof. J.J. ... 78
Herholdt, Prof. W.v.d.M. ... 59
Hertz-teorie ... 411
Hervormde Studenteblad ... 327
Hervormde Studentevereniging (HSV) .. 112, 319, 322
Hervormde Teologiese Studies ... 112
Heunis, Jan ... 375
Hewitt, Prof. ... 74
Heydenrych, Dr. D.H. ... 1
Heymann, Prof. F.G. ... 85, **209**, 211, 262
Heymans, Prof. G. ... 63
Heyns, Katinka ... 36, 45
Heyns, Prof. J.A. ... 20, 119
Hiemstra, Louis ... 272
Hiemstra, Regter V.G. ... 53
Hilhorst, A. ... 26
Hist Erika ... 344
Histerika ... 328
Historia ... 49
Historiese en Vergelykende Pedagogiek **156–158**
Historiese Vereniging ... 321
Hittorff, Prof. Maria ... 287
Hitzeroth, Helmut ... 380
Hoek, Prof. P.W. ... 6, 7, 8, 129, 130, 133, 291, 403
Hoekverslag ... 66
Hoëveldse Proefplaas ... 93, 99, 101, 249, 254
Hoff, Prof. A. ... 187
Hofmeyr, Prof. C.F.B. ... 28, 31, 141–144. 186, 404, 409–411, 415, 416
Hofmeyr, Mev. E. ... 161
Hofmeyr, Prof J.D.J. ... **78**
Hofmeyr, Dr. J.H. ... 164
Hofmeyr, Prof. J.H. ... **186**
Hofmeyr, J.W. ... 317
Hokkie ... 358
Holloway, Prof. J.E. ... 8, **129**, 391
Holloway-kommissie ... 8, 412
Holm, Prof. D. ... 69
Holm, Prof. E. ... 76
Holm, Elly ... 342
Holm, P. ... 372
Holmes, Mej. L. ... 362
Holmes, R. ... 362
Holtzhausen, G. ... 382
Holtzhausen, Prof. L.C. ... 100
Holtzhauzen, Dr. Yvonne ... 370
Homunculus ... 328, 346
Hoof – Akademiese Admin. en Registrateur (sien ook Registrateur Akademies) ... 18, 19
Hoof van Tegniese Dienste ... 253
Hoofskakelbeampte ... 279
Hoogenhout, C.P. ... 16
Hoogenhout, Dr. N.M. ... 16, 305
Hoon, E.J.V. ... 391

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Hopkins, Mev. M.C.C. ... 44
Hoppstädter, Jürgen ... 374
Horak, Prof. J.G. ... 148
Horn, Jan ... 350
Horne, J.J. ... 44
Horten, Glyn ... 375
Horton, Dr. G.M.J. ... 346
Hough, Prof. M. ... 135, 140, 141
Howell, Dr. J. ... 7
Howell, Prof. P.G. ... 148
HSV-blad ... 327
Huchzermeyer, Dr. F.W. ... 409
Huet, Busken ... 18
Hugo, Prof. C.F. ... 79
Hugo, Prof. E.A.K. ... 56
Hugo, Mev. G.N. ... 345
Hugo, Dr. J.P. ... 214
Hugo, Dr. P.A. ... 171
Hugo, Prof. T.J. ... 63, 64, 153, 155
Huguenet, André ... 43, 44
Huis Boekenhout ... **343**
Huis en Haard ... 220, 229, 317, 347
Huis Erika ... **344**
Huis Jasmyn ... 344
Huis Madelief ... **345**
Huis Magrietjie ... **345**
Huis Maroela ... **344**
Huis Moepel ... 344
Huis Mopanie ... **344**
Huis Olienhout ... **343–344**
Huis Onderstepoort ... 243, 339, 345–346
Huis Taaibos ... **342–343**
Huis Tankotie ... **342**
Huisartskunde, Departement ... **179–181**
Huisblaaie ... **327–329**
Huishoudkunde en Dieetkunde, Departement ... 224
Huishoudkunde- en Dieetkundevereniging ... 320
Huizinga, Prof. J. ... 1, 29, 36, 48
Human, Prof. G.P. ... 182
Hunt, Geoff ... 361, 362
Hurter, H.S. ... 25, 26
Hurter, Prof. P. ... 169
Ibrahim, Dr. ... 404
Imai, Mej Nagako ... 401
Immigrantekomitee ... 322
Immigrantevereniging ... 322
Industriële Maatskaplike Sorg ... 60
Infeksiesiektes, Departement ... 141, **147–148**
Ingenieursblok ... 228
Ingenieurshuis ... 347
Ingenieurskoningin ... 321
Ingenieurstudent, Die ... 322
Ingenieurstudente ... 308
Ingenieurstudentevereniging (ISV) ... 321
Ingenieurswese, Fakulteit ... 8, 30, **205–219**
Ingenieurswesegebou ... 238
INGKONTRA ... 321
Inheemse Reg, Departement ... 32, **105–106**
Inligting, Departement ... 64
Inskakeling van nuwe eerstejaarstudente ... **335–339**
Inskrywing van nie-blanke studente ... 401
Instandhoudingskongres ... 258
Instituut van Landmeters ... 217
Instituut van Suid-frikaanse Argitekte ... 69
Instituut vir Antropogenetika ... 78
Instituut vir Bedryfs- en Ontwikkelingsosiologie ... 33, **64–65**
Instituut vir Bedryfsadministrasie ... 139
Instituut vir Bestuur en Administrasie ... 129
Instituut vir Boukundige Praktisyns ... 68
Instituut vir Chromatografie ... 73, **87–89**
Instituut vir die Studie van Plurale Samelewings ... 33, 64
Instituut vir die Tipologie van Sosiale Stelsels ... 135
Instituut vir Ekonometrie ... **140**
Instituut vir Geologiese Navorsing op die Bosveldkompleks ... 82, **89**
Instituut vir Liggaamlike Opvoeding ... 66
Instituut vir Mikrostrukture ... 77
Instituut vir Patologie ... 179, 240
Instituut vir Plurale Samelewings ... 60
Instituut vir Sellulêre Fisiologie ... 164, **194**
Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN) ... 119, **125**
Instituut vir Sportnavorsing en -opleiding ... 33, 54, 66, 355
Instituut vir Stomatologie en Beenbiologie ... 201, 241
Instituut vir Strategiese Studies ... 135, **140–141**
Interblad ... 327
Internasionale Akademie van Patologie ... 167
Internasionale Vereniging van Handels- en Ekonomiestudente (AIESEC) ... 320
Interne Geneeskunde, Departement, ... 146, 147, **181–182**
Intervarsity ... **331–333**, 391
Intervarsityblad ... 310, 319, 325, 326
Intervarsitydirigente en sjampanjenooientjies ... **331**
Irsigler, Prof. G.B. ... 182
Irvine, Dr. T.N. ... 90
J.G. Strijdomgebou ... 205, 225, 228
Jacobs, Ansa ... 368
Jacobs, Dr. A.S. ... 288
Jacobs, Dr. D.J. ... 185
Jacobs, J. ... 301
Jacobson, D. ... **411**
Jacobson, Naomi ... 306
Jahn, Janina ... 379
Jahn, R. ... 382, 383
Jakarandamarathon ... 373, 405
Jakkie Statie ... 327
Janse van Rensburg, Erika ... 369
Jansen, Dr. C.R. ... 204
Jansen, Prof. B.C. ... **27**, 141, 142, 147, **148**
Jansen, Prof. C.R. ... 190
Jansen, Suzette ... 353
Janson, Min. Punt ... 339, 401
Janson, Prof. Murray ... 120
Jasmyn ... 339
Jenkins, Prof. J.H. ... 74
Jenkins, Prof. W.L. ... **145**
Jerling, Julius ... 381
Johannes, Veronica ... 374
Johns Hopkins-universiteit ... 134
Jolknol ... 325, 326
Jôllie ... 327
Jonck, Prof. L.M. ... **201**, 204
Jones, Alf ... 386
Jones, Howard ... 371
Jones, Dr. R. ... 91
Jonker, Prof. W.D. ... 120
Jool ... 310, **329–331**
Joolblad ... 268, 313, 325, 326
Joolkomitee ... 317
Jooloptog ... 329
Jooloptog, 1962 ... **328**
Joolplaas ... 329, **330**
Jooste, Mev. A.F.F. ... 342, 344
Jooste, Dr. J.H. ... 416
Jooste, M.E. ... 55
Jooste, Martin ... 385
Jordaan, Prof. G.J. ... 12
Jordaan, H. ... 384
Jordaan, Dr. J. ... 171
Jordaan, Dr. L. ... 171
Jordaan, Mev. ... 401
Jordaan, Prof. P.W. ... 218
Joubert, Prof. C.J. ... 160, 161
Joubert, Prof. D.J. ... 104, 105, 109
Joubert, Prof. D.M. ... 1, 8, 9, 11, **15–17**, 20, 21, 23, 66, 91, 101, 104, 105, 109, 243, 244, 275, 276, 281, 285, 286, 290, 298, 301, 302, 345, 402, 403, 409, 411, 413
Joubert, Deon ... 362
Joubert, Frans ... 379
Joubert, Moira ... 366
Joubert, Genl. Piet ... 16
Journal of High Resolution Chromatography ... 88–89
Judo ... 360, 381
Junior Christen-geneesheerbond (JCGB) ... 320
Juridiese Vereniging ... 321
Jysmyne ... 328, 344
Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie, Departement ... **199–200**
Kadur, J. ... 371
Kalafonghospitaal ... 163, 195, 241, 252, 254
Kammelfant ... 328, 342
Kamper, Gerben ... 45
Kampusbusdiens ... 239
Kankerchemoterapie, Departement ... **182–183**
Kanovaart ... 360, **375–376**
Kanselier ... 1–4, 5
Kanseliersgebou ... 225
Kanselierskamer ... 222
Kappit-Flo ... 328, 342
Karate ... 360, **379**
Karpakis, Pat ... 385
Katolieke Studentevereniging ... 319
Katolieke Universiteit van Santiago ... 410
Katz, Kol. P.P. ... 141
Kautzky, Gertrude ... 57
Keet, Prof. B.B. ... 118
Keet, Prof. D.J. ... 7, 121
Kellerman, Prof. J.H. ... 95
Kemp, J. ... 317
Kemp, Prof. K.G. ... 59, 364
Kempen, Prof. W. ... **118**
Kerkgeskiedenis (Afd. A.), Departement ... **113–114**
Kerkgeskiedenis (Afd. B.), Departement ... **121–122**
Kernaantekeninge ... 32, 67
Kernfisika ... 76
Kessel, Dr. Herman ... 411
Keuzenkamp, Carike ... 36, 331
Keyter, Japie ... 385
Kinder- en Gesinsorg ... 60
Kindergeneeskunde, Departement ... **183–184**
Kinderleidinginstituut ... 17, 151, 158, 160
Kinear, Dr. A.A. ... 169
Kingsley, Dr. C.S. ... 179
Kirkby, R. ... 372
Klaradyn ... 339, **342**
Klarool ... 342
Klassieke Grieks, Departement ... 49
Klassieke Vereniging van Suid-Afrika ... 53
Kleeberg, Dr. H.H. ... 164
Kleinhans, G. ... 384
Kleu, Prof. S.J. ... 130
Kleure en kleurbaadjies ... **333–334**
Kliniese biblioteek ... 404
Kliniese Gebou ... 163, **241**
Kliniese Vereniging ... 324
Klinikala ... 163
Klinikalagebou ... 241, **242**
Klinikus ... 328
Klokkespel ... 291
Kloppers, Paula ... 378
Kloppers, Prof. P.J. ... 195
Klublidmaatskap ... 360–361
Knobel, Prof. D.P. ... 165, 166, 362
Knowles-Williams, Prof. G. ... 47, **92**
Koch, Prof. H. van P. ... **178**
Koekemoer, J.W.J. ... 1, 25, 26
Koekemoer, Ludi ... 382
Koen, Prof. J.G. ... 78
Kohnstamm, Prof. Ph. ... 151, 159
Kok, Prof. O.V.S. ... **168**
Kok, W.L. ... 23, 25, 26, 140
Kolbe, Prof. F.F.H. ... 94, 102
Kolege ya Bana ba Afrika ... 185, 399, 414
Kollege van Geneeskunde van Suid-Afrika ... 185
Kollegehuis ... 246
Kolleges vir tersiêre onderwys ... **416–417**
Kollegetehuis ... 246, **340–341**, 339, 341
Komitee insake Skakeling Satellietkampusse ... 313
Komitee van Universiteitshoofde ... 405
Komitee vir Akademiese Onderwysmetodes en -hulpmiddels ... 28
Komitee vir Damesaangeleenthede ... 313
Komitee vir Dissipline (Personeel) ... 8
Komitee vir Dissipline (studente) ... 13, 28
Komitee vir Koor en Musiek ... 311
Komitee vir Kultuuraangeleenthede ... 8
Komitee vir Kuns en Kultuur (KUKU) ... 312
Komitee vir Openbare Betrekkinge ... 8
Komitee vir Skakeling en Besoekers ... 311
Komitee vir Spoedeisende Sake ... 8
Komitee vir Studenteleiding ... 312
Komitee vir Studentevaria en Reklame ... 311
Komitee vir Uitvoerende Kunste ... 312
Kommissie van ondersoek na die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoe-gebiede van Suid-Afrika ... 96
Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese ... 11
Kommissie vir Bybelvertaling ... 123
Kommunikasiekunde, Departement ... 32
Konserverende Tandheelkunde en Pedodonsie, Departement ... **200**
Konvokasie ... 2, **4–5**
Koorfeeste ... 274
Koorkomitee ... 311
Koornhof, Dr. Piet ... 244
Korfbal ... **385–386**
Koschade, W. ... **368**, 380
Koshuise ... 253
Koshuise en Huise ... **339–347**
Koshuisoorlegkomitee ... 340
Koshuisparkering ... **239–240**
Kossen, Mev. Anna ... 369
Kotze, Anné ... 370
Kotzé, Prof. C.G. ... 59
Kotzé, D. ... 301
Kotzé, D.J. ... 317
Kotzé, Adv. D.J.L. ... 107
Kotze, Jeanne ... 41
Kotzé. Prof. J.M. ... 97
Kotzé, Prof. P.P.A. ... 117, 123
Kotze, Prof. W.J. ... 192
Kotzee, Dr. A.L. ... 416
Kotzenberg, I.R.A. ... 318
Kramers, Prof. H.A. ... 86
Krasner, Barry ... 374
Krause, Willie ... 382, 383
Krenz, A.F. ... 306
Kriek, Dr. J.C. ... 185
Kriek, J.F. ... 344
Kriek, Jan ... 386
Krieket ... 357, 360, **371–373**
Krieketspan, 1971–72 ... **372**
Kriel, Anneline ... 331
Kriel, J.D. ... 343
Kriel, Prof. D.M. ... 53, 344
Krige, Dr. C.F. ... 164
Kriminologie, Departement ... **50–51**, 60
Kriminologiese Vereniging ... 321
Kritzinger, Dr. J.J. ... 125
Kritzinger, Prof. J.H. ... 118, 123, **124**
Kritzinger, Prof. M.S.B. ... 35, 46
Kröhne, W. ... 365
Kroningen, Annagret ... **366**
Kruger, Arrie ... 381
Krüger, Dr. C.M. ... 214
Kruger, G.M. ... 318
Kruger, Mej. P. ... 365
Kruger, Piet ... 365
Kruger, Prof. P.S. ... 207
Kruger, Pres. S.J.P. ... I
Kruger, T. ... 384
Kruger, Dr. Theo ... 385
Krygtuigraad ... 214, 219
KUESTA ... 334
Kuhn, E.S. ... 381
Kuhn, Prof. G.J. ... 212
Kulturele Koördinasiekomitee ... 311
Kultuurburo ... 270; sien verder Buro vir Kultuuraangeleenthede
Kultuurverdrae ... 408
Kunsargief ... 52
Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste, Departement ... 51
Kunsgeskiedenis, Departement ... 32, 36, 40, 51–53
Kunsversameling van die Universiteit van Pretoria ... 298
Kunura, Shigeru ... 379
Kuschke, Dr. G.A.C. ... 290
Kwantum ... 326
Kya Lami ... 292
Kya Rosa ... 292
L.C. de Villiers-sportstadion ... 355–359
L.C. de Villiers-sportterrein ... **356**
Laboratorium vir Gevorderde Ingenieurswese ... 212
Laboratorium vir Sportnavorsing en Ergologie ... 66
Labuschagne, Prof. C.J. ... 174
Labuschagne, Prof. J.M.T. ... 106
Laissez Faire ... 322
Lambrechts, Prof. J. de V. ... 215, 216
Lamont, Prof. A.M. ... 188
Lamprecht, Prof. C.E. ... 57, 269, **270**, 298, 301
Landbou en Visserye, Departement ... 244
Landbou, Fakulteit ... 92, 247
Landbou-ekonomie, Departement ... **96–97**
Landbou-ingenieurswese, Departement ... 205, **212–213**
Landbou-tegniese Dienste, Departement ... 75, 92
Landboudepartement ... 93
Landbougebou ... 227, 229, 246
Landbouskeikunde, Departement ... 95
Landbouvereniging ... 326
Landbouwetenskappe, Fakulteit ... 29, **92–102**
Landloop ... 360, **373–374**
Landman, Prof. W.A. ... 154, 155, 156
Landmeetkunde ... 205
Landmeetkunde, Departement ... 216
Landskapsargitektuur ... 68
Langkilde, Mev. A.E. ... **262**
Langley, D. ... 365, 366
Langman, V.A. ... 91
Lategan, Dr. A.W. ... 5, 7, **285**
Latyn, Departement ... 32, **53**

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Laubscher, A.J. ... 391
Le Roux, Abrie ... 274
Le Roux, B. ... 365
Le Roux, Prof. D.B. ... 213
Le Roux, F.J. ... 4, 5, 285
Le Roux, Prof. J.M.W. ... 142, **143**
Le Roux, K. ... 372
Le Roux, Prof. L.J. ... 71, 78
Le Roux, Prof. P.M. ... **97**
Le Roux, Prof. T.H. ... 34
Leeman, Prof. W.G. ... 213
Leerstoel in Natuurbewaring ... 74
Leerstoel in Telekommunikasie ... 206, 210, 212
Leiding, Prof. F.Q.P. ... 215, 216
Leistner, Dr. G.M.E. ... 80
Lemmer, Prof. H.R. ... 78
Lemming, Prof. G.E. ... 92
Lentedagviering ... 297, **309**, 310, 311
Lesotho ... 401
Lessing, Prof. A.J.P. ... 168
Lettere en Wysbegeerte, Fakulteit ... 18, 29, **32–66**, 134, 228, 390
Letteregebou II ... 222
Letterkundekring ... 323
Leue, Prof. J.A.E. ... **45**
Levinson, Prof. E. ... 196, 197
LIBIS-stelsel ... 262
Lidia ... 117
Liebenberg, André ... 386
Liebenberg, Prof. C.J. ... 71, **72**, 73
Liebenberg, Nico ... 45
Liebenberg-Boshoff, Mev. ... 301
Lier ... 44
Liewe Grietjie ... 328, 345
Liggaamlike Opvoedingstudentevereniging ... 321
Liggaamlike Opvoedkunde, Departement ... **53–55**, 66, 229, 359
Liggaamlike Opvoedkundegebou ... 225
Ligthelm, Prof. A.J. ... 201, 304
Link-UP ... 278
Littlejohn, Prof. A. ... 146
Loader, Prof. J.A. ... 58, 111, 116
Logika en Metafisika, Departement ... 32, 64
Logopediese Vereniging ... 321
Lohse, Dr. P. ... 203
Lombaard, Prof. B.V. ... 81, 89, 285, 290
Lombaard, Dr. C.M. ... 171
Lombaard, Prof. J.M. ... 78
Lombard, Prof. J.A. ... **129**, 130, 131, 138, 139, 140
Lombard, J.H. ... 351
Lombard, Prof. S.H. ... **102**
Lombard, Stompie ... 362
Lombard, Dr. W.A. ... 168
Loots, Adv. J.H. ... 106
Loots, Rias ... 381
Loram, Dr. C.T. ... 415
Loreto Convent ... 342
Loreto-kloosterskool ... 220, 227, 236, 239
Lötter, Awie ... **415**
Loubser, Maggie ... 53
Loubser, Prof. C.J.N. ... 164, 178
Loubser, Prof. J.D. ... 177, 178
Loubser, Russel ... 374
Lourens, W.H. ... 318
Lourierkranstoekennings ... 290
Louw, A.J. ... 305
Louw, Anton ... 383
Louw, Adv. Eric ... 3, 4, 315
Louw, Prof. G.N. ... 101
Louw, Dr. J.G. ... 144
Louw, Prof. J.P. ... 49, 50, 262
Louw, Prof. M.H.H. ... 135
Louw, Marais, Marquard en Kuhn, firma ... 224, 229
Louw, Prof. S.A. ... 33, 34, **92**
Louw, Prof. T.H. ... 67, 70, 71, **92**
Louw, Prof. W.J. ... 154, 155, 212
Loveday, Felicity ... 367
Loveday, Prof. R.K. ... 146, 346
Lowe, Prof. C. van Riet ... 38
Lubout, Karl ... 375
Lucas Strachanskild ... 364
Ludick, Jackie ... 367
Lugmaggedenkteken ... 249
Lush, Prof J.L. ... 101
Luthuli, Albert ... 335
Luyt, I. ... 365
Lyon, Johan ... 373
Maas, Dr. P. ... 171
Maatskaplike Werk, Departement ... 32, **55–56**, 60
Maatskaplike Werkersvereniging ... 320
Macfadyenbiblioteek ... 242, 263, 390, 394
MacMillan, Prof. E. ... 110
Madelief ... 222, 339
Mademoiselle ... 328, 345
Magen, Yair ... 410
Magrietjie ... 339
Malan, Prof. A.J. ... 7
Malan, Charlotte ... 369, 385
Malan, Danie ... 7
Malan, Prof. D.E. ... 73
Malan, Elfranco ... 352, 365
Malan, Ewoud ... 364
Malan, Gert ... 386
Malan, J. ... 366
Malan, Dr. Jannie ... 292
Malan, Prof. J.P. ... 56, 57, 281
Malan, Laetitia ... 366
Malan, Genl. M.A. de M. ... 140
Malan, Prof. S.I. ... 262
Malherbe, Prof. J.A.G. ... 212
Mamelodi ... 252, 399
Mandalon ... 323, 326
Manshokkie ... 360, **374**
Manskoshuise ... 239, 309, 343
Mapungubwe ... 38, 410
Mara- en Messinaproefplase ... 101
Marais, C.T.R. ... **254**
Marais, Eugène -leerstoel in Natuurbeheer ... 75
Marais, Johan ... 353, 364, 365
Marais, Prof. B.J. ... **27**, 28, 113, 119, 121, 122, 341
Marais, Prof. E.J. ... 414
Marathonswemaflos ... 353
Marchant, Reg ... 366
Maré, L. ... 318
Maré, Prof. J.A.G. ... **106**
Maré, Prof. W. ... 216, **217**
Maré, W. ... 205
Maree, A.D. ... **411**
Maree, Prof. C. ... 101
Maree, Prof. N. ... 216, 217, 378
Margaretha Mes-Instituut vir Saadnavorsing ... **90**
Marini, Genl. Alberto ... 141
Marinus, Ivan ... 371
Marinus, Sensei Lionel ... 379
Maritz, R.J. ... 317
Maritz, Regter G.J. ... 306
Marnitz, Roux ... 319
Maroela ... 246, 309, 339
Martin, T. ... 365
Marx, Prof. F.W. ... 127, **128**
Marx, Prof. S. ... 128, 130, 282
Masker ... 44, 227
Mason, D. ... 91
Massa-sportdeelname ... **354**
Materiaalkunde en Metallurgiese Ingenieurswese, Departement ... **213–214**
Matthee, Prof. J.J. ... 75, **92**
Matthews, Glenda ... 370
Maxwell-Mahon, Prof. W.D. ... 47
McCaul, Gilbert ... 380
Mdlalose, Dr. F.T. ... 416
Mediese Huis ... 346
Mediese Kampus ... 225, **240**
Mediese koshuis ... 346
Mediese Navorsingsraad (MNR) ... 164, 174, 194
Mediese Studente ... 308
Medisyne, Departement ... 146
Medunsa ... 142, 196, 202, 403, **415**, 416
Meerkotter, F.W. ... 25, 253
Meester, Prof. J.A.J. ... 75, **90**
Meganiese Ingenieurswese, Departement ... 205, 206, 207, **214–215**
Meij, Prof. H.S. ... 174
Meiring, Prof. A.L. ... 67, **68**, 69
Meiring, Prof. J.L. ... 169
Meiring, Koos ... 363
Menskalorimeter ... 215
Menter, Alan ... 368
Merensky, Dr. Hans ... 259
Merenskybiblioteek ... 224, 259, **260**
Merivate, Dr. C.D. ... 416
Mes, Prof. M.G. ... 84
Metallurgiese Ingenieurswese ... 205, 206
Metodistevereniging ... 320
Metz, J. ... 280
Metzger, Harold ... 381
Meyer, Prof. B.J. ... 164, **173**, 194
Meyer, Dudley ... 352
Meyer, Eduard ... 271
Meyer, Dr. F. ... **6**, 8, 12, 305
Meyer, Gert ... 325
Meyer, G.H. ... 317
Meyer, Hentie ... 385
Meyer, Prof. H. ... 185, **186**
Meyer, J. ... 306
Middeleeuse Universiteite (-wese) ... 1, 4,
Middleton, C. ... 372, 373
Mieny, Prof. C.J. ... 170
Mikro-elektronika ... 206
Mikrobiologie en Plantpatologie, Departement ... **97–98**
Mildente ... 346
Miles, John ... 36
Miller, Alan ... 363
Mills, D. ... 317
Minnaar, Charles ... 352, 373
Minnaar, Prof. C. ... 365
Moedersbondgebou ... 163
Moerdyk, G. ... 305
Moll, Dr. P. de V. ... 187
Moller, Colin ... 386
Mondpatologie, Departement ... **200–201**
Mönnig, Prof. H.O. ... 8, 305
Mony, Walter ... 57
Moolman, Louis ... 364
Mopanie ... 309, 339
Morele Aksie Tuks (MAT) ... 320
Morrees, Prof. A. ... 113
Mostert, Prof D.F. ... 21, **28**, 104, 105, 109, 343, 373
Mostert, Prof. J.W. ... 168
Mostert, Prof. L.C. ... 45
Mostert, S. ... 365
Motorsport ... **386**
Mulder, Prof. E.S. ... **27**, 110–112, 115, **116**, 119
Muller, Dr. H. ... **3–4**, 7, 12, 127, 140, 193, 209, 222, 241, 275, 285, 289, 290, 305, 355, 404, 409, 410
Muller, Dr. Hilgard, -kamer ... 4
Muller, Prof. T. ... **165**
Mumford, Prof. R.E. ... 74
Musaion ... 56, 57, 225, 226, 256, 270
Museum van Landbouwerktuie ... 213
Museumkunde, Diploma ... 37
Musiek, Departement ... 32, **56–57**
Musiekkompleks ... 225
Musiekkring ... 323
Musiekwetenskap, Departement ... 56
Muurbal ... 358, 360, **361–362**
Myburg, Adv. H.J.R. ... 106
Myburgh, Hugo ... 350, 366
Myburgh, Kathy ... 353, 383
Myburgh, Marianne ... 369
Mynbou-ingenieurswese, Departement ... 205, **215–216**
Na-uurse opleiding ... **397–398**
Nagraadse Bestuurskool ... 397
Naguil ... 318, 327
Naldrett, Prof. A.J. ... 90
Nasionale Klubkampioenskap ... 364
Nasionale Onderwysopleidingswet ... 228
Nasionale Ontwikkelingsfonds vir die Boubedryf ... 70
Nasionale Opvoeding, Departement ... 151
Nasionale Raad vir Gesondheidsvoorligting ... 164
Nasionale Studenteradio-organisasie (NASRO) ... 334
Nasionale Vervoerkommissie ... 218, 246
Naturellereg, Departement ... 105
Natuurbeheer ... 74
Natuurlewebestuur ... 75
Natuurleweveniging van Suid-Afrika ... 91
Natuurwetenskaplike Studentevereniging (NWSV) ... 322, 326
Naudé, Alan ... 57
Naudé, Mej. H.J. ... 161
Naudé, Dr. S.M. (Meiring) ... 6, 8, 303, **304**, 305, 402, 410
Navorsings- en Publikasiekomitee ... 8
Navorsingseenheid vir Mikrogenetika ... 164
Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde ... 243
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ... 5, 8, 222
Nederduitse Gereformeerde Kerk ... 5, 8, 110
Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk ... 110
Nederlands Cultuurhistorisch Instituut ... 33, 36, 37, 65, 300
Nederlandse Kultuurgeskiedenis, Departement ... 36
Nederlandse Kuns- en Kultuurgeskiedenis, Departement ... 51
Nederlandse Letterkunde, Departement ... 32, 33, 35
Neethling, Heyn ... 369
Neitz, Prof. A.W.H. ... 95
Neitz, Rudi ... 46, 287
Neizle, P. ... 365
Nel, Berdine ... 380
Nel, Prof. B.F. ... 43, 151, **152**, 154, 159, 161
Nel, G. ... 363, 380
Nel, Hans ... 306
Nel, Dr. H.J. ... 89
Nel, Prof. J.A.J. ... 75
Nel, Prof. J.C. ... 196, 197
Nel, J.P. ... 23, 24, 25, 304, 306
Nel, Prof. J.W. ... 101
Nel, Dr. M. ... 125
Nel, M.D.C. De Wet (Daan) ... 290, 316, 414
Nel, M.D.C. De Wet -versameling ... **306–307**
Nel, Prof. P.C. ... 98
Nel, Prof. P.G. ... 36, 37, 65, 98, 276, 281
Nelson, Andrew ... 380
Nelson, Dr. H. ... 164
Neser, Riana ... 378
Netbal ... 360, **368–369**
Netbal, korfbal en basketbal ... 358
Neumeister, Dorothea ... 367
Neuro- en Elektrofisiologiese Navorsingseenheid ... 164
Neurochirurgie ... 171
Newman, Dr. J. ... 58
Nicol, Dr. W. ... 8, 305
Nicol, J. ... **266**, 380
Nicol-kommissie ... 8
Nicol-verslag ... 22
Nida, Prof. E.A. ... 50
Nie-blanke sportbeleid ... **405–406**
Nie-blanke universiteitskolleges ... 400
Niemand, A.D. ... 318
Niemand, N. ... 317
Nieu-Testamentiese Wetenskap, Departement ... 110
Nieuwenhuizen, Prof. P.S. ... 132
Nieuwoudt, Prof. C.F. ... 20, **135**, 140, 351, 352, 365, 395, 396, 416
Nilant, Prof. F.G.E. ... 36, 51, 52, 53, 276, 298, 301, 303
Nkondo, Mev. ... 401, 405
Nolte, Dr. A.J. ... 8
Nooitgedagterstoet ... 101
Noordtransvaalse Rugby-unie ... 74
Noristan-laboratorium ... 194
Nortjé, N.Z. ... 393
Norval, Louis ... 377
Nuffield-Statebondstrustfonds ... 407
NUSAS ... 335
Nuwe Administrasiegebou ... 226
Nuwe Landbougebou ... 93
Nuwe Letteregebou of Lettere II ... 224
Nuwe Wis- en Natuurkundegebou ... 225
Nuwe-Testamentiese Eksegese en Teologie, Departement ... **122–123**
Nuwe-Testamentiese Wetenskap, Departement ... **114–115**
NVK-leerstoel in Vervoer-ingenieurswese ... 206
Oberholster, Dr. R.E. ... 96
Oberholzer, Prof. C.K. ... 12, **27**, 63, 93, 153, 155, 156
Oberholzer, Jan ... 364
Oberholzer, Prof. J.P. ... 111, 115, 116, **118**, 119
Oberholzer, Prof. P.C.J. ... **27**, 28, 92, 93, 99, 414
Obstetrie en Ginekologie, Departement ... **184–185**, 241
Odendaal, Eugene ... 385
Odendaal, Prof. L.B. ... 36, 44, 281
Oelofse, J.C. ... 8
Oertly, Mej. G. ... 55
Olckers, Paul ... 375
Olienhout ... 246, 339
Olivier, Mev. Christa ... 382
Olivier, Prof. G.C. ... 135, 344
Olivier, J.H. (Hugo) ... 349, 350, **352**, 363, 383
Onbekende Sanger, Die ... 287
Onderkanselier ... I
Onderstepoort ... 243, 244, 359, 403
Onderstepoort Kulturele Klub ... 323
Ondervoorsitter van die Raad ... 6
Onderwatersport ... 360, **376**
Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika ... 417
Ontgroening ... 335
Ontspanningsgeografie ... 81
Oogheelkunde, Departement ... **185–186**
Oom Gert ... **331**, 341
Oor-, Neus- en Keelheelkunde, Departement ... **186–187**
Ooskampus ... 228
Oostelike verbypad ... 246
Oosthuizen, Andries ... **377**
Oosthuizen, Dr. A.J. ... 8
Oosthuizen, Ds. A.J.G. ... 111
Oosthuizen, J.B. ... 317

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Oosthuizen, J.M.M. ... 317
Oosthuizen, J.S. ... 317
Oosthuizen, Prof. J.S. ... 60, 65
Oosthuizen, Prof. P. ... 20, 21, **104**, 105, 107, 195, 396, 403
Oosthuizen, Prof. S.F. ... 8, 31, 164, **189**, 251, 300
Oosthuizen, Stefan ... 375
Ooswaartse groei van die hoofkampus ... **220–222**
Opaion ... 327
Openbare Betrekkinge ... 352
Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad ... 133
Opmeetkunde en Stads- en Streeksbeplanning, Departement ... 205, **216–217**
Opvoedkunde, Fakulteit ... 30, 54, **151–162**, 224, 229
Opvoedkunde- Regsgeleerdheidgebou ... 229
Opvoedkundige Studies ... 151
Opvoedkundige Vereniging ... 321
Organiese Chemie, Departement ... 71, 72, 73
Organiese, Fisiese en Teoretiese en Analitiese Chemie, Departement ... 71
Ortega y Gasset ... 400
Ortodonsie, Departement ... **201–202**
Ortopedagogiek, Departement ... **158–159**
Osinga, Dr. ... 91
Ossewa ... **309**
Osterhoff, Prof. D.R. ... **149**, 150
OTSWA Old Testament Essays ... 58
Otto, Dr. J.C. ... 7
Ou Administrasiegebou ... 224
Ou Chemiegebou ... 222, 223, 224, 228, 258
Ou Klubsaal ... 222, 224
Ou Kollege ... 222, 224
Ou Landbougebou ... 93, 224, 227, 254
Ou Letteregebou ... 65, 222, 286, 297
Ou Merenskybiblioteek ... 65
Ou Suiwelgebou ... 102, 254
Ou Universiteitswapen ... **294**
Ou Wis- en Natuurkundegebou ... 225
Ou-Testamentiese Eksegese en Teologie, Departement ... **123–124**
Ou-Testamentiese Wetenskap, Departement ... 110, 115
Oubosstrand ... 288
Oud-Tukkie-gholfklub ... 288
Oud-Tukkie-hengelklub ... 288, 290
Oud-Vaderlandse Reg ... 108
Oudiologie ... 61
Oudiologiese toetskamers ... 257
Oudiovisuele Dienste ... 228
Oudstudentebond ... 278, 402
(sien ook Bond van Oudstudente)
Oudstudentedas ... 290, 333
Oudstudentekoor ... 288
Ouerdag, 1965 ... **336**
Owens, Prof. L. ... 142
Oxford English Dictionary ... 46
Paawlen, K. ... 380
Pacheco, R.P. ... 306
Pad oor die Kampus ... 223
Pad- en parkeerpatroon op die hoofkampus **237–239**
Papegaai ... 317, 327
Papp, K. ... 281
Parade'71 ... 323
Parasitologie en Protosoölogie, Departement ... 148
Parasitologie, Departement ... **148**
Parkeerterreine ... 238
Paterson, Prof. Alfred Croom ... 16, 110, 305, 306
Patologie, Departement ... **148–149**
Patologiegebou ... **240**
Paul van Zyldam ... 359
Pauw, Anton ... 319
Pauw, D.A. ... 317
Paxinos, Prof. S. ... 57
Peacock, Mev. H.S. ... 342, 344
Peens, Louis ... 377
Peens, Pierre ... 364
Peeters, Prof. L. ... 47
Pelindaba ... 77
Pellissier, Prof. G.M. ... 119
Pelser, Prof. G.M.M. ... 111, 114, 115, 119
Pelzer, Prof. A.N. ... I, II, 13, 15, 17, **18–19**, 20, 21, 23, 24, 28, 32, 33, 48, 66, 134, 140, 153, 157, 204, 223, 236, 262, 281, 290, 296, 297, **304**, 365, 393, 395, 400, 402, 405, 407, 409, 410, 413, 416, 417
Pendoring ... 328, 344
Penzhorn, Dr. K.E.W. ... 102
Peoretti, M. ... 375
Pepler, Dr. W.J. ... 167, 385
Perdeby ... 268, 277, 313, 318, 323, 325, 327, 328, 333, 338
Perdefisiologie ... 146
Perdesport ... **387**
Periodonsie en Mondgeneeskunde, Departement ... **202–203**
Personeelbestuurder, Die ... 327
Personeelbestuurvereniging ... 321
Petrides, Prof. G.A. ... 74
Phetla, Jan ... 40
Photographica ... 323
Piek, Prof. J.P. ... 59
Pienaar, Prof. A.J. ... 98, 99, 261
Pienaar, Marna ... 375
Pienaar, Prof. P. de V. ... 37, **61**
Pieterse, Dr. H.J.C. ... 125
Pieterse, Prof. J.E. ... 20, 51, 55, 60, 125, 265, **266**, 268, 368, 370, 416
Pieterse, Myrlene ... 370
Pinksterstudentevereniging ... 320
Pistorius, Prof. C.W.I. ... 130, 133, 139, 386
Pistorius, Prof. P.V. ... 49, **50**
Pittman, Regter W. ... 110
PLAN UP ... 320
Plantfisiologie en Plantbiochemie, Departement ... 84, 85
Plantkunde, Departement ... **84–85**, 248
Plantproduksie, Departement ... **98–99**
Plantsiektekunde en Mikrobiologie ... 97
Plantsiektekunde, Departement ... 97
Plantsiekteleer en Mikrobiologie ... 97
Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie ... 171
Player, Gary ... 354, **355**
Plessner, Prof. ... 64
Plomp, Prof. J.A. ... 189
Pluimbal ... 360, **370–371**
Pluimveekunde, Departement ... 101
Plummer, Prof. F.E. ... 79
Pohl, Carolina ... 374
Pohl, Pieter ... 44
Pohl, Prof. Anna Neethling ... 44, 275, 306
Politicum ... 321
Politieke Komitee ... 314
Politika ... 321, 327
POLSTU ... 335
Pont, Prof. A.D. ... 110, 111, 113, **114**
Pont, Prof. D. ... 13, 103, 105, 109
Pool, Gerrit ... I
Porter, W.S.H. ... 261
Portretskilderye en borsbeelde ... **304**
Pos- en Telekommunikasiewese ... 206
Post, Mev. U.H. ... 342
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys ... 413
Potgieter, Prof. D.J.J. ... **93**, 94, 95, 410
Potgieter, Prof. E.F. ... 414
Potgieter, Dr. Evert ... 12
Potgieter, Prof. F.J. ... 156, **157**
Potgieter, Gert ... 354, 367
Potgieter, H.L. ... I
Potgieter, Ingrid ... 362
Potgieter, J.D. ... 25, 26
Potgieter, Ds. J.E. (Kobus) ... 8, 319, 341, 402
Potgieter, Mike ... 362
Potgieter, Dr. P.C. ... 120
Potgieter, Prof. P.J. ... 204
Potgieter, Ronnie ... 363, 368
Potgieter, Serfie ... 383
Potgieter, Willie ... 383
Potgieter, Zetta ... 370
Pottas, Prof. C.D. ... 130, 131
Poulter, Richard ... 379
Praktiese Teologie, Afd. A ... 111, **116–117**, 120
Praktiese Teologie, Afd. B ... **173–174**
Presbiteriaanse Vereniging ... 320
Pretoria-Weshospitaal ... 251
Pretoriase Algemene Hospitaal ... 162, 163, 249, 404
Pretoriase Denkpsigologiese Skool ... 151
Pretoriase Kinderkoor ... 279
Pretoriase Kollege vir Verpleging ... 191
Pretoriase Kunssentrum ... 40
Pretoriase Onderwyskollege ... 152, 154, 416
Pretoriase Seuns- en Meisieskoor ... 271, 273
Pretoriase Tegniese Kollege ... 40, 392, 398
Pretoriase Universiteitskoor ... **271–272**
Pretorium Trust-beurs ... 276
Pretorius, Mej. Annette ... 41
Pretorius, C.A. ... 24, 25, 26
Pretorius, Prof. C.E. ... 36
Pretorius, Dries ... 363
Pretorius, Prof. F.J. ... 182
Pretorius, Inge-Martine ... 381
Pretorius, Prof. J.A. ... 203
Pretorius, Prof. L.M. ... 344
Pretorius, M. ... 363
Pretorius, Mej. M.H.A. ... I
Pretorius, Prof. P.J. ... **184**
Pretorius, Prof. V. ... 71, 72, 73, 87, 88
Pretorius, Prof. W.A. ... 208
Prins, Prof. F.W. ... 161
Prins, Prof. F.X. ... **197**, 343
Prinsloo, Alwyn ... 366
Prinsloo, Flippie ... 367
Prinsloo, Prof. J.G. ... 184
Prinsloo, Prof. L.A. ... 77, **92**
Prinsloo, Prof. P.W. ... 169
Prinsloo, Sandra ... 45
Prinsloo, Prof. S.F. ... 190
Prinsloo, Prof. W. ... 124
Privaatreg ... 109
Privaatwet op die Universiteit van Pretoria No. 13 van 1930 ... 1
Pro Arte ... 281, 323, 326
Pro Musica ... 321
Proefdierstalle ... 240
Proefplaas ... 220, 227, 239, 244, 250, 251, 254, 257, 308, 359
Proefplaaskomitee ... 249
Proefplaasterrein ... **244–249**
Projektekomitee ... 311
Promosiestelsel ... 67
Prosesreg en Bewysleer, Departement ... **106–107**
Prostetika en Tandtegnika, Departement ... **203–204**
Provinsiale Administrasie ... 250
Provinsiale Paaiedepartement ... 246
Prozesky, Prof. O.W. ... 177
Psigiatrie, Departement ... **188–189**
Psigo- en Sosiopedagogiek, Departement ... **159–160**
Psigologea ... 321
Publica ... 321
Publieke Administrasie, Departement ... 136
Publiekreg, Departement ... 105, 107–108
Pujol, Jean ... 381
Punivfonds ... 279
Quass, Dr. F.W. ... 287
Quin, Mev. Maureen ... 302
Quo Vadis-toespraak ... 239
Raad (sien ook Universiteitsraad) ... 1, 5, 6, 7, 8, 12, 17, 18, 20, 22, 26, 29, 220, 243, 244, 399, 402, 403, 405, 406
Raad op Atoomkrag ... 77, 164, 240
Raad vir die Erkenning van Regseksamens ... 13
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) ... 15, 412
Raamwerkaantekeninge ... 393
Raath, H. ... 372
Raats, C. ... 318
Rabie, J. ... **92**
Rabie, J.M. ... 7
Rabie, Karin ... 379
Rademeyer, Prof. P. ... 212, 219
Radio Tuks ... **334**
Radiodiagnostiek, Departement ... **189–190**
Radiografiehuis ... 346
Radiografievereniging ... 321
Radioterapie, Departement ... **190–191**
Radloff, G. ... 16
Randse Afrikaanse Universiteit ... 333, 413, 414
Randwaterraadleerstoel ... 206, 208
Rapportryerskorpse, Junior ... 322
Raubenheimer, A.J. ... 7
Rautenbach, Prof. C.H. ... I, 1, 6, 9, **10–12**, 13, 16, 18, 27, 30, 56, 60, 63, 69, 70, 74, 111, 153, 155, 210, 226, 228, 289, 291, 305, 306, 339, 343, 347, 392, 399, 400, 404, 407
Rautenbach, Mev. M.H. ... 342
Rautenbach, Dr. P.S. ... 8, 285, 289, 290
Rautenbach, Steve ... 367
Rautenbachsaal ... 282
Reed, G ... 371
Referat ... 323, 327
Registrasiegetalle per sportklub ... **360**
Registrateur ... 13, **21–26**
Registrateur (Finansies) ... 14
Registrateur en Finansiële Adviseur ... 24
Regsgeleerdheid, Fakulteit ... 13, 30, 32, **103–110**, 229
Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie, Departement ... 105, **108**
Regshulpkliniek ... 107
Regstudentehuis ... 309, 347
Reichling, Prof. ... 39
Reid, Prof. G. ... 66
Reimers, Prof. ... 44
Reinecke, Prof. R.K. ... 148
Reitz, Christo ... 385
Reitz, Prof. C.J. ... 180
Rekenaarwetenskap, Departement ... **85–87**, 138
Rekening- en Ouditkunde, Departement ... **132–133**
Rekenmeester ... 24, 25
Rektor ... 1, 5, 20, 26, 30
Rektor, (Vise-kanselier en Rektor) ... **8–17**
Rektoraat ... 397, 403
Republiekdagvieringe ... 310, 311
Retief, Prof. F.P. ... 416
Reynders, Prof. H.J.J. ... **27**, 28, **126–127**, 129, 130, **134**, 139, 281, 282, 392, 394, 417
Reynecke, Bruce ... 380
Rhodes-Universiteitskollege ... 6
Rhoodie, Prof. N.J. ... 60, 64
Ribbens, Prof. J. ... 211, 212
Richards, François ... 385
Richter, Johan ... 381
Rietondale Park ... 250
Rietondaleterrein ... 251
Rietvleidam ... 249
Rietvleiproefplaas ... 93
Rimington, Prof. C. ... 142
Rink, Theresa ... 379
Rissik, Dr. G. ... 8
Robberechts, Prof. W. ... 166
Robbertse, Prof. P.J. ... 85, 90, 248
Robbertze, Prof. J.H. ... 59
Robbertze, W.C. ... 26, 340
Robbins-verslag ... 11
Robertson, Mev. G. ... 382
Rocha, José ... 369
Rodger, Neil ... 306
Roei ... **383–384**
Roeiklub ... 359
Roelofse, J. ... 334
Roets, Johan ... 379
Roger Dyasonskild ... 365–367
Rohde, Prof. A.W. ... 218
Romaanse Tale, Departement ... 32, 47
Romein, Jan ... 18
Romeins-Hollandse en Internasionale Privaatreg en Regsgeskiedenis, Dept. ... 32
Romeins-Hollandse Reg en Internasionale Privaatreg, Departement ... 104, 108–109
Romeins-Hollandse Reg en Romeinse Reg, Departement ... 109
Romeins-Hollandse Reg, Departement ... 109
Romeinse Reg en Regsleer, Departement ... 104, 108
Romeinse Reg, Departement ... 105, 109
Rood, Dr. J. ... 92
Roodt, P.B. ... 318
Rooms-Katolieke Kerk ... 220
Rooms-Katolieke Studentevereniging ... 320
Roos, Dr. C.J. ... 144
Roos, Prof. N.O. 40, **41**, 276, 295, 296, 298, 301, 306
Roos, Adv. T.J. de V. ... 305
Rooseboom, Prof. Albert ... 218
Roosmaryn ... 220, **342**
Roosterkomitee ... 28
Roperstraat-kwessie ... 229–237
Rosen, Prof. ... 410
Ross, Prof. W. ... 66
Rossouw, C.J. ... 283, **284**
Rossouw, François ... 385
Rossouw, Prof. D.S. ... 182
Roux, Dr. A.J.A. ... **408**
Roux, E.J. ... 318
Roux, H. ... 384
Roux, Johan ... 367
Roux, Tonie ... 353, 363, 364, 368
Royal Institute of Chartered Surveyors ... 70
Rudolph, Suwil ... 380
Rugby ... **362–365**
Rugbyspan 1978 ... **364**
Rumpff, Regter F.L.H. ... 5, 8, 290
Rupert, Dr. Anton ... 74, **127**, 128, 130, 299, 300, 301
Ruska, Willem ... 381
SA Tydskrif vir Etnologie ... 63
Sabbagha, Prof. N.J.G. ... 46, 47, 92
Sada, Marina ... 387
Samewerking met universiteite ... **407–412**
Sandison, Prof. A.G. ... 191
Sandler, Anthony ... 369
Sandrock, Brian ... 220, 222, 225, 226, 227, 248, 343, 344

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Sandrock, Brian, Argitekte ... 69, 359
Sandrockplan ... 237
SAHNORM-komitee ... 251
SANLAM ... 358
SANSO ... 397, 412
Satellietbiblioteke ... **263–264**
Satellietkampusse ... **345–346**
Sauer, Prof. Niko ... 86, 262
SAUK ... 244
Savage, Prof. P.F. ... 218
Schady, Jo ... 384
Scheepers, C.H.H. ... 8, 292
Scheepers, E. ... 365
Scheepers, Prof. G.H. ... 79, **92**
Scheepers, Leon ... 376
Scheepers, Lucas ... 376
Schelftzee ... 328, 340
Schenk, Erich ... 56
Schewitz, Selwyn ... 377
Schiel, Reinhard ... 287, 353, 366
Schilz, Prof. W.E. ... 67, 71
Schlebusch, Prof. B.J. ... 58, 59, 188
Schlebusch, Sy Edele A.L. ... 5, 291
Schmid, Prof. E.U. ... 170
Schmidt, C.F. ... 16, 305
Schmidt, Prof. C.W.H. ... 107, 110
Schmidt, S. ... 69
Schnell, Hein, ... 366
Schoeman, B. ... 372
Schoeman, Prof. D.J. ... 20, 31, 205, 206, 207, 208, 371, 410, 411, 417
Schoeman, Elize ... 383
Schoeman, Prof. H.S. ... 138
Schoeman, Mej M. ... 369
Schoeman, Melani ... 385
Schoeman, Prof. M.J. ... 87
Schoeman, Prof. P.J. ... **27**, 196, 197, 200
Schoeman, Sanette ... 41
Scholtemeijer, Prof. J. ... 53
Scholtz, Prof. H. van der Merwe ... 34, 35, 43
Scholz, U.M.U. ... 53
Schoonraad, Prof. Murray ... 53, **299**, 301, 302, 303, 304, 306
Schrecker, K.A. ... 55
Schreuder, Johan ... 382
Schroeder, W.H. ... 317
Schultz, Prof. K.C.A. ... 149
Schwarz, Prof. Jürgen ... 141
Schweikerdt-herbarium ... 85
Scintilla Iuris ... 321, 327
Scorer, J. ... 91
Scott, Kobus ... 373
Scott, Prof. T.J. ... 109, 342
Searle, Prof. Charlotte ... **192**
Seegers, A. ... 362
Seeliger, Jock ... 364
Seeliger, John ... 364
Seeliger, Prof. J.E. ... 200
Seiljagvaart ... 360, **379**
Selborne, Lady ... 251
Semesterstelsel ... 32
Semitiese Tale, Departement ... **57–58**, 111
Senaat ... 1, 5, **26–29**, 399
Senaatsaal ... 27, 226
Senekal, Anna-Heleen ... 370
Senekal, F.J. ... 351, 352
Senior Aanstellingskomitee ... 8
Sentrakor-leerstoel ... 68
Sentrale Eerstejaarskomitee (SEK) ... 311, 336
Sentrale Huise-Kontrolekomitee (SHKK) ... 310
Sentrale Kultuur- en Ontwikkelingshulpkomitee . 312
Sentrale Kultuurkomitee ... 311
Sentrale publikasies ... 325
Sentrale Sportkomitee ... **351–352**
Sentrale Studenteraad ... 297, 318, 352, 402, 406
Sentrale Verenigingskontrolekomitee (SVKK) ... 310
Seremoniële Universiteitswapen ... **294**
Serfontein, Doc ... 379
Serfontein, Prof. J.J. ... 400
Serfontein, Prof. W.J. ... 169
Serfontein, S. ... 365
Sevenbergen, Prof. A.P. ... **139**, 140
Shardelow, Allen ... 369
Sharpe, Dr. M.R. ... 89, 411
Shaw, Dave ... 374
Short, Maj. John ... 366, 367
Siebritz, Karel ... 378
Sielkunde, Departement ... **58–60**
Sielkundige Studentevereniging ... 321
Silk, Dr. M.H. ... **411**
Silverton ... 244
Simon, Dr. Ernst ... 187
Simson, Prof. I.W. ... 167
Siglé, Thys ... 381
Sistematiese Teologie ... 112
Siviele Ingenieurswese, Departement ... **217–218**
Skaak ... 360, **376–377**
Skaap- en Wolkunde, Departement ... 101
Skaapteelt en Woltegnologie, Departement ... 101
Skakelafdeling ... 224, 393
Skakelbeampte ... 278
Skakelblad ... 11, 278, 295, 392
Skakelkomitee ... 316
Skerm ... 360, **380–381**
Skinner, Prof. J.D. ... 75, 91
Skoolvoorligting, Departement ... **160–161**
Skrywerskring ... 323
Skyfskiet ... **387–388**
Slabbert, Leonardo ... 380
Smalberger, J.W. ... 26
Smalberger, Piet ... 364
Smalberger, T.M. ... 317
Small, Prof. J.G. ... 85
Smit, Barto ... 36
Smit, Prof. C.F. ... 138
Smit, Prof. C.M. ... **54**, 66
Smit, Prof. G.J. ... 59
Smit, Prof. J.D. ... 149
Smit, J.S. ... 306
Smit, Molly ... 386
Smit, Prof. P. ... II, **80**
Smit, Prof. P.J. ... 55, 66
Smit, Wilma ... 350, 362
Smith, Prof. D.J.G. ... 96
Smith, E.J. ... 26
Smith, Ian ... 316
Smithers, Dr. R.H.N. ... 92
Smithsonian Institution ... 90, 91
Smuts, M. ... 22, 24, 25, 27, **28**, **223**, 248, 291, 295, 329, 339, 393, 395
Smuts, Prof. A.J. ... 125
Smuts, Prof. M.M.S. (Malie) ... 143, 412
Snelweë oor die Proefplaas ... **244–247**
Snijman, Prof. P.C. . **28**, 31, 196, 197, 199, **415**, 416
Snyckers, Dr. Hans ... 194
Snyckers, Hans -instituut ... 164, **194–195**
Snyman, D.B. ... 318
Snyman, Prof. C.P. ... 82
Snyman, Prof. H.W. ... 20, 27, 28, 30, 31, 92, 162, 163, 164, 178, 181, 191, 195, 241, 295, 303, 306, 402, 414
Snyman, Jackie ... 365
Snyman, Prof. N.J. ... 36
Snyman, Dr. Steve ... 198
Soetendorp, Rabbyn ... 303
Sokker ... 358, 360, **371**
Somerlatte ... 92
Sommers, Prof. De K. ... 171, 172
Sonenergie ... 410, **412**
Sonnekus, Prof. M.C.H. ... 154, **159**, 160, 161
Sonop ... 336, **341–342**, 352
Soogdiernavorsingsinstituut ... 75, **90**
Soölogie (sien Dierkunde) ...
Soötegnologie, Departement ... **149–150**
Sosiologie, Departement ... 32, 43, **60**
Sosiologiese Vereniging ... 321
South African Institute of Race Relations ... 400
Soutpansroefplaas ... 99
Speculum ... 170, 328
Spies, Prof. F.J. du T. ... I, **48**
Spies, Jan ... 36
Spies, Johan ... 363, 364
Spies, Pierre ... 350, 353, 366
Spoelstra, Adv. T.T. ... 110
Sport ... **348–388**
Sport en Ontspanning, Departement ... 66, 405
Sportbeurse ... **348–351**
Sportburo ... 66, 349, 350, 353, 355, 361, 405, 406
Sportdeelname ... 348, 352
Sportdirektoraat ... **352–355**
Sportfasiliteite ... **355–360**
Sportklubs ... **360–388**
Sportkomitee ... 8, 311
Sportman/Sportvrou ... 353
Sportmerietetoekennings ... 354
Sportraad vir Suid-Afrikaanse Universiteite ... 352
Sportsentrum ... 66, 248
Sportsosiologie ... 60
Sportterrein ... 248
Sportvelde ... 249
Spraak-, Stem- en Gehoorkliniek ... 61
Spraakheelkunde en Oudiologie, Departement ... 61
Spraakheelkundegebou ... 225
Spraakwetenskap, Spraakheelkunde en Oudiologie, Departement ... **60–61**
Spreekure ... 394
St. Anthony's-koshuis ... 317
Staaksyfer ... 394
Staatkundige Vereniging ... 321
Staats- en Munisipale Administrasie, Departement ... **135–137**
Staats-, Administratief- en Volkereg, Departement ... 105
Staatsdepartemente ... 417
Staatsleer en Internasionale Politiek, Departement ... 32, **134–135**, 137, 140
Staatsleer en Publieke Administrasie, Departement ... 136
Staatspresident ... 5
Staatsreg, Administratiefreg en Volkereg, Departement ... 107
Staatsteater Pretoria ... 270, 278
Stadler, Prof. J.J. ... 132, 139, 393
Stadsraad van Pretoria ... 8, 236, 245, 246, 247, 251
Stadsraad van Pretoria-leerstoel ... 34
Stals, Dr. W.A. ... 49
Standardbank ... 353
Stander, C.J. ... 382
Stander, Christo ... 367
Stander, François ... 382, 383
Stander, Kobus ... 382, 383
Standpunte ... 35
Stapelberg, Prof. N.H. ... 130
Starke, Prof. J.S. ... 100
Statebondsbeursskema ... 407
Statistical Theory and Methods Abstracts ... 138
Statistiek ... 396
Statistiek en Handelswiskunde, Departement ... 137
Statistiek en Rekenaarwetenskap, Departement ... 85
Statistiek, Departement ... 32, 85, 137
Statuut van die Universiteit van Pretoria . 1, 2, 6, 8, 18
Steenekamp, Linda ... 383
Steenkamp, Piet ... 379
Steenkamp, Prof. W.F.J. ... **129**, 182
Stegmann, N. ... 365
Stergianos, P.A. ... 318
Stewart, Prof. C.G. ... 148
Steyn, Prof. A.G.W. ... 138
Steyn, Prof. D.G. ... 51, 142, 144, **172**
Steyn, Douw ... 387
Steyn, Elma ... 387
Steyn, F. ... **266**
Steyn, Frank ... 377
Steyn, Prof. J.N. ... 81
Steyn, M. ... 365
Steyn, Marlene ... 368
Steyn, Prof. P.L. ... 97
Steyn, Willie ... 376
Steyn, Dr. W.I. ... 137
Steynberg, Henry (Stoney) ... 362–363
Steynberg, Dr. Coert ... 53, **299**
Sthamer, Dr. E.A. ... 187
Stiebeuel ... 326
Stoei ... 360, **364–365**
Stoker, Prof. D.J. ... **137**, 138, 140
Stomatologie en Beenbiologie, Instituut vir ... **204**
Störzner, Peter ... 350, 367, 381
Strachan, Lucas ... 365
Strafreg, Departement ... 107, **109–110**
Straschil, Dr. Barbara ... 91
Straszacker-kommissie ... 217, 417
Strating, Prof. A. ... 174, **175**, 191, 193
Strauss, Prof. L. ... 78
Streepbaadjie ... 33
Strydom, Amanda ... 36, 45
Strydom, Hennie ... 381
Strydom, J. ... **368**
Strydom, Johan ... 381
Strydom, Mev. Delene ... 237
Strydom, Prof. L. ... 36
Strydom, Prof. S. ... 35
Stuart, C.H. ... 23, 24, 25, 28, 296, **409**, 410, 416
Stuart, J.F. ... **266**
Studente Joodse Vereniging (SJV) ... 319
Studente van Iran ... **409**
Studente-onluste ... 9, 14
Studente-Uitsaaikorporasie (SUKOR) ... 334
Studentedekaan ... 59
Studentediensboekie ... 325, 326
Studentediensburo ... 56, **264–269**, 337, 352, 395
Studentedienskomitee ... 312
Studentegemeente Philadelphia ... 112
Studentegesondheidsdiens ... 267
Studentegetalle ... 12, 16, 20, 32, 67, 93, 94, 112, 117, 126, 130, 142, 205, 360, 392, 394, 395, 397, 398
Studentekerkjeugvereniging (SKJV) ... 319, 320
Studentelewe ... **308–347**
Studenteorganisasies ... 334
Studentepublikasies ... **324–329**
Studenteraadgewers ... 264, 265, 266, 340
Studenterade ... **308–319**
Studenteverenigings ... **319–324**
Studentevoorligting ... 14
Studentevoorligtingsbeampte ... 264
Studentevoorligtingsburo ... 264
Studentevoorligtingskomitee ... 264
Students' Christian Association (SCA) ... 320
Studer, Prof. J. ... 177
Suid-Afrikaane Verpleegstersvereniging ... 191
Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek ... 49
Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde ... 8
Suid-Afrikaanse Federasie van Universiteitsingenieurstudente (SAFUIS) ... 322
Suid-Afrikaanse Filtrasievereniging ... 208
Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad (SAGTR) ... 61, 159, 162, 163, 179, 185, 403, 404
Suid-Afrikaanse Geneeskundige Studentevereniging (SASSU) ... 346
Suid-Afrikaanse Instituut van Bedryfsingenieurs . 206
Suid-Afrikaanse Instituut vir Landbouvoorligting ... 93, **102**
Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing . 167
Suid-Afrikaanse Internasionale Biologiese Program ... 91
Suid-Afrikaanse Kollege vir Geneeskunde ... 164
Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie ... 57
Suid-Afrikaanse Musiekwoordeboek ... 57
Suid-Afrikaanse Nasionale Tering-vereniging ... 164
Suid-Afrikaanse Natuurstigting ... 74, 91
Suid-Afrikaanse Opmetingstydskrif ... 217
Suid-Afrikaanse Ortopediese Vereniging ... 188
Suid-Afrikaanse Raad van Bourekenaars ... 71
Suid-Afrikaanse Raad vir Argitekte ... 69
Suid-Afrikaanse Reserwebank ... 132
Suid-Afrikaanse Rugbyraad ... 74
Suid-Afrikaanse Statistiese Tydskrif ... 138
Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Afrikatale ... 40
Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Landbouwetenskap . 98
Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Pedagogiek .. 152, 154
Suid-Afrikaanse Vereniging van Opvoedkundige Sielkundiges ... 158
Suid-Afrikaanse Vereniging van Universiteitsvroue ... 83
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Forensiese Odontostomatologie ... 201
Suid-Amerikaanse universiteite ... 409
Suiderkruisfonds ... 341
Suidwes-Afrikavereniging van UP (SWAVUP) ... 322
Suiwelbereiding, Departement ... 101, 102
Suiwelkunde ... 101
Suiweltegnologie, Departement ... 101
Sundelsohn, Neville ... 377
Sutton, Dr. G.D. ... 150
Swaarmasjienlaboratorium ... 225
Swanepoel, Peter ... 386
Swart werkers ... 258
Swart, Adv. J.D.M. ... 105, 110
Swart, Prof. J. ... 87
Swart, Prof. J.G. ... 187
Swart, Riana ... 367
Swarts, Pieter ... 350, **382**
Swem ... 356, 360, **367–368**
Swembad ... **357**
Swiegers, Prof. D.J. ... 58, 59, **92**, 351, **355**, 363, 364
Taaibos ... 246, 339
Taaibosser, Die ... 328
Tabore, John ... 367
Tafeltennis ... **378–379**
Takbiblioteke ... **263–264**
Taljaard, Carel ... 380
Taljaard, Dr. L.T. ... 198
Tami, Dr. ... 410
Tand- en Mondheelkunde, Hospitaal vir ... 196, 240, 241
Tandheelkunde, Fakulteit ... 30, **196–204**, 250
Tandheelkundehuis ... 346

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Tandheelkundige Kliniese Vereniging 346
Tandvulseltoetsapparaat 257
Tankotie 222, 339
Te Groen, Prof. L.J. 164, 184, 306
Te Water, Adv. C.T. **2–3**, 304, 305
Teaterkring 323
Technikon 417
Teer, Prof. J.G. 74
Tefeltennis 360
Tegniese Adviseur 25
Tegniese Afdeling 25
Tegniese Dienste, Afdeling **253–258**
Tegniese Dienstegebou 224, 228, 258
Tegniese Magasyn 257
Tekoah, Rektor 410
Telfordkommissie 246
Tembisahospitaal **241–242**
Tennis 357, 360, **362**
Teologie Afd. A: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Fakulteit **110–117**, 403
Teologie Afd. B: Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk 110
Teologie Afdeling B: Nederduitse Gereformeerde Kerk **117–125**, 224
Teologie, Fakulteit 30, **110–125**
Teologiegebou 225
Teologiese Fakulteit (sien ook Teologie, Fakulteit) 8
Terblanche, Dr. H.J. 70
Terblanche, J.D.V. 154
Terreine, Geboue en Tegniese Dienste **220–258**
Tersiêre Onderwysdiploma 398
Tersiêre Onderwysdiplomakursus 154
The Word 323
Theiler, Dr. Arnold 141, 176, 306
Theiler, Sir Arnold-gedenklesing 142
Theron, Adolf 272, 279, 280
Theron, Dr. G.K. 248
Theron, Prof. G.K. 85
Theron, Dr. J.A. 201, 202
Theron, Dr. J.J. 85
Theron, Prof. J.J. 95, 174, 195, 228
Thompson, Hugh 370
Thompson, Mev. E.S. 161
Thomson, Shihan 379
Thornhill, Prof. C. 137
Titlestad, Prof. P.J.H. 47
Titlestad, Prof. R.M. 46
Toegepaste Sosiologie 60
Toegepaste Sosiologie, Departement 50, 51
Toegepaste Wiskunde, Departement **86–87**
Toegepaste Wiskundige Wetenskappegebou 226
Toerekomitee 312
Toevoegings tot die Proefplaas **249**
Tomlinson, Prof. F.R. 96, 400, 414
Tönsing, R.E. **262**
Tonteldoosvolkspelelaer 324
Toonkunsakademie 56, 225
Toonkunsstudentevereniging 320
Topbestuur (rektoraat) 10, 14, 19, 20
Torakschirurgie 171
Toringgebou vir Ingenieurswese 225
Trampolien **386–387**
Transkei 341
Transvaal Society of Quantity Surveyors 70
Transvaal University College 348
Transvaalse Departement van Hospitaaldienste 241
Transvaalse Onderwysdepartement 151, 416, 417
Transvaalse Paaiedepartement 244, 245
Transvaalse Universiteitskollege (TUK) I
Transvaalse Vereniging van Rekenmeesters 133
Transvaalstreek van die Departement Landbou-tegniese Dienste 99
Trek 268, 310, 318, 325, 326
Trengove, Regter J.J. 8
Trichardt, Carel 44
Trimbaan 358
Tswett, M.S. 88
Tuberkulosenavorsingseenheid 164
Tuinboukunde, Departement **99–100**
Tuk 317, 319
Tukkianaversameling II
Tukkie-Diensboekie 313
Tukkie-gimnastiektoerspan **383**
Tukkie-tennisspan **363**
Tukkie-Werf se Week 279
Tukkieblaasorkes 273
Tukkieskletsklub 323
Tukkiewerf 193, 277, 279, 295
Tuks '80 274
Tuks Talent Woekering; Amateur Kunste (Tuks TWAK) 324
Tuks-eufonia ..... 271, 273, 274; sien verder Tukkieblaasorkes
Turfloop 316
Turksvy 328
Tustin, Prof. R.C. 149
Tweekamp **387**
Twist, Dr. D. 89
Tijdschrift voor Orthopaedagogiek 161
Tydskrif vir Geesteswetenskappe 36
Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg 103, 109
Tydskrif vir Letterkunde 36
Uitvalgebiede 247
Uitvoerende komitee van die Senaat 27, 28, 394, 395, 396
Uitvoerende Komitee van die Senaat en Sekretariaat **28**
Underwood, R. 91
Uniegebou **315**
Universiteit van Asuncion, Paraguay 409, 410
Universiteit van Bophuthatswana 415
Universiteit van Bristol 400
Universiteit van die Noorde 401, 414
Universiteit van die Oranje-Vrystaat 332, 413
Universiteit van die Transkei 415
Universiteit van die Witwatersrand 413
Universiteit van Durban-Westville 414
Universiteit van Essex 401
Universiteit van Fort Hare 414
Universiteit van Monte Video 410
Universiteit van Port Elizabeth 413
Universiteit van Pretoria Studente-uitgewers (UPSU) 325
Universiteit van Pretoria-kommando 155
Universiteit van Pretoria-simfonie-orkes 57
Universiteit van Stellenbosch 413
Universiteit van Suid-Afrika 392, 404, 413
Universiteit van Wes-Kaapland 414
Universiteit van Zoeloeland 414
Universiteitskleurbaadjie 333
Universiteitskoor 271, 279
Universiteitslied 283
Universiteitsoord-Kerkjeugaksie (UKJA) 320
Universiteitsraad (sien ook Raad) **5–8**, 12, 13, 16, 18, 21, 22, 64, 122, 138, 215, 236, 248, 250, 251, 359, 401, 405
Universiteitsvlag 40, **295–297**
Universiteitswapen 40, **293–295**
Universiteitswet, wet no. 61 van 1955 401
University College of Rhodesia and Nyassaland 409
University Interchange Scheme 407
UP-blaasorkes 279
UP-dosent 268
UP-Kommando 288
UP-lekkerliedjies 310, 319, 325, 326
UP-Rugbyklub 74
UP-simfonieorkes 271, 272, **273**
UP-Sportkomitee 54, 332, 361
UP-stoeispan, 1964 ..... **384**
UPAF (UP-amateurfotograwe) 323
UPSU (Universiteit van Pretoria Studenteuitgewers) 310
UPSU-komitee 310
Urologie 171
Vaaloewervakansieoord 288
Valskermspring 359, 360, **374–375**
Van Aarde, Ds. A.G. 111
Van Aarde, Prof. A.M. **46**, 344
Van Alphen, Prof. G. 36, 37, 43, 51, 65
Van Aswegen, G. 365
Van Bergen, Dr. en mev. Colijn 301
Van Biljon, Lucia 387
Van Biljon, Prof. L. 210, **211**, 219
Van Broembsen, M 376
Van den Abeele, Carien 369
Van den Berg, Prof. A.D.P. 179
Van den Berg, Prof. Bland 146
Van den Bergh, A.J. **261**, 262
Van den Heever, C.M. 37
Van den Heever, L.W. 149
Van den Heever, Prof R.J. 85, 138
Van der Berg, Mev. A.J.S. 344
Van der Bergh, A.J. 404
Van der Bergh, André 381
Van der Graaff-versneller 67, 76, 219
Van der Hoff Teologiese Vereniging 112, 319, 322
Van der Hoff-jaarblad 112, 327
Van der Hoven, Dr. W. 340
Van der Keesel, D.G. 53
Van der Keeseluitgawe 104
Van der Leeuw, Prof. Dr. G. 64, 112
Van der Linde, B.S. **266**
Van der Merwe, Prof. B. de V. 415
Van der Merwe, Dr. C.A. **266**
Van der Merwe, Charleen 386
Van der Merwe, Estie 370
Van der Merwe, Mev. E. 363
Van der Merwe, F.E. 107
Van der Merwe, Prof. G.W. (Hardy) 55, 92, 363
Van der Merwe, H.D.K. (Daan) 315, 317, 343
Van der Merwe, Jean 362
Van der Merwe, Johan 373
Van der Merwe, Prof. Johan 57, 273
Van der Merwe, Prof. J.H. 77, 218, 411
Van der Merwe, Prof. J.V. 185
Van der Merwe, Koos 367
Van der Merwe, L.J. **266**
Van der Merwe, Prof. N.J. 109
Van der Merwe, Piet 381
Van der Merwe, Prof. P.J. 111, 113, 132
Van der Merwe, Prof. W.J. 125
Van der Schijff, Prof. H.P. 20, 21, 28, 31, 67, 84, 91, 219, 248, 281, 345, 358, 401, 403, **411**, 415
Van der Spuy, Dr. J.C. 171
Van der Spuy, Senator Johan 338
Van der Stoep, Prof. F. 20, **28**, 31, 153, 154, 155, 157, 337, 395, 412
Van der Stoep, O.A. 287
Van der Walt, Johnnie 378
Van der Walt, Prof. K. 146
Van der Walt, Marianne **368**, 370
Van der Walt, Sarel 385
Van der Walt, Prof. Tj. **118**, 119
Van der Walt, Dr. T.J. 65
Van der Walt, V. 371
Van der Watt, Prof. H. 95
Van der Wath, Dr. J.G. 8
Van der Watt, Dr. J.J. 195
Van der Watt, Prof. P.B. 122
Van der Westhuizen, A.I. 372
Van der Westhuizen, Mev. E.H.P. 342
Van der Westhuizen, Prof. J.V. 108
Van der Westhuysen, Prof H.M. 36, 40, 43, 51, 52, 298
Van Deventer, Mej. A. 366
Van Deventer, Rina 369, 385
Van Duuren, Prof. F.A. 208
Van Dyk, Prof. C.J. 155
Van Dyk, Prof. J.J. 183
Van Dyl, Mev. M.C. 344
Van Eck, Gawie 367, 374
Van Eetveldt, Prof. H.J. 36
Van Gelder, Prof. A.L. 182
Van Graan, J.C.O. 38
Van Gybland Oosterhoffversameling **300**
Van Heerden, Arrie 374
Van Heerden, Prof. J.S. 146, 147
Van Heerden, Mej. Dr. C. 184
Van Heerden, Dr. Paul 365
Van Jaarsveld, Prof. F.A. 49
Van Jaarsveld, Prof. S.R. 105
Van Loggerenberg, Chris 387
Van Niekerk, Anita 382
Van Niekerk, Anton 353, 367, 387
Van Niekerk, Prof. F.D. 372
Van Niekerk, Dr. Frik 373
Van Niekerk, Prof. I.J.M. 165, 166
Van Niekerk, Prof. J.G.P. 192
Van Niekerk, Prof. J.M. 190
Van Niekerk, Pieter 367
Van Niekerk, Prof. P.A. 154, 158, 161
Van Niekerk, Rina 362, 363
Van Niekerk, Mej. S.E. **92**
Van Niekerk, Adm. Sybrand 8, 342, 343, 375
Van Niekerk, W.P. 317
Van Nieuwenhuizen, Dr. E.F.J. 65
Van Oosten, Prof. F.F.W. 110
Van Oranje, Willem 300
Van Oudtshoorn, J. 384
Van Oyen, Prof. Dr. J. 112
Van Reenen, Dr. J.H.S. 182
Van Reenen, W.M. **266**
Van Rensburg, Prof. A.J. 177
Van Rensburg, Prof. A.P.J. 49
Van Rensburg, Prof. B.W.J. 218
Van Rensburg, Erika 369
Van Rensburg, Ina 287, 350, 353, 366, 367
Van Rensburg, Johan 372, 373
Van Rensburg, Prof. M.C.J. 36
Van Rensburg, Dr. M.J. 171
Van Rensburg, Nic 45
Van Rensburg, Prof. S.P.J.J. 111, 114, 115
Van Rensburg, T. 372
Van Rensburg, Theodore 350, 387
Van Rhijn, Prof. Dr. M. 114
Van Riet, Willem 375
Van Rooy, Prof. H.C. 262
Van Rooyen, Anneli 36
Van Rooyen, D.C. 318
Van Rooyen, Prof. D.C. 128
Van Rooyen, Prof. E. 78
Van Rooyen, Prof. G.T. **214**
Van Rooyen, Prof. I.J.J. 56
Van Rooyen, Prof. J.C.W. **109**, 110, 344
Van Rooyen, Prof. M. 218
Van Rooyen, Adv. P.R. 107
Van Rooyen, Prof. R.J. 182
Van Rooyen, Dr. R.P. 265, **266**, 340
Van Rooyen, Dr. T.S. 49
Van Selms, Prof. A. **57**
Van Staden, Prof. D.A. 180, 195
Van Staden, Frieda 374
Van Staden, Dr. J.L. 416
Van Straaten, Claudie 353, **366**
Van Tilburg, J.A.-beheerkomitee 270
Van Tilburg, Jacob A. 302, **303**, **304**
Van Tilburgkunsversameling 301, **302–304**
Van Tonder, De la Rey 350
Van Tonder, W.J.P. 272
Van Vuuren, E. 365
Van Vuuren, F.P.J. 318
Van Vuuren, Dr. J.A.J. 340, 343, 393
Van Vuuren, J.P.J. 291
Van Vuuren, Lukas 380
Van Vuuren, Prof. M.J.C. 131
Van Vuuren, Dr. Nick 289
Van Warmelo, Ds. Nicolaas Jacobus 114
Van Warmelo, Prof. P. **27**, 103, 104, 107, 108, 261
Van Wijngaard 219
Van Winter, Prof. P.J. 48, 49
Van Wouwhuis **300–302**
Van Wouwhuisbeheerkomitee 270
Van Wyk de Vries-kommissie 8, 412, 414, 417
Van Wyk, Prof. A.J. 188, **189**
Van Wyk, Mej D. 366
Van Wyk, Prof. E.B. **39**
Van Wyk, Mev. E.M. I
Van Wyk, Prof. J.A.L. 170
Van Wyk, Koos 381
Van Wyk, Kosie 385
Van Wyk, Mariaan 362
Van Wyk, Dr. P.J. 102
Van Wyk, Prof. W.C. 33, 58, 85, 111
Van Zyl, Prof. A.H. **118**, 119, 123, 343
Van Zyl, Cecile 366, 373
Van Zyl, Dr. D.H. 108
Van Zyl, Eranee 367
Van Zyl, Fanie 366
Van Zyl, Prof. F.J. 111, 112, 113
Van Zyl, G.J. 8
Van Zyl, Dr. H.J. 401
Van Zyl, Dr. Hugo 193
Van Zyl, Prof. J.J. 132
Van Zyl, Mynie 362
Van Zyl, Mev. M.E. 344
Van Zyl, O.A.W. 317
Van Zyl, P.H.S. 26
Van Zyl, Rina 370
Vaste komitee van die Raad 8, 403
Vaste Komitee vir Buitemuurse Beplanning 392, 393
Vasura, Robert 369
Veeartsenykunde, Fakulteit 30, 93, **141–150**, 244, 254, 401, 404
Veeartsenykunde-geboue **242–244**
Veekunde en Dierefisiologie, Departement 100
Veekunde, Departement **100–101**
Veeteelt, Departement 100
Venter, G. 213
Venter, Prof. H.J. 51, **92**
Venter, Dr. J.P.A. 164
Venter, Dr. N.J.G. 203
Venter, Ds. P.J.J. 111
Venturi 322
Verdienstelikheidsbeurse 349
Verenigde Studenteraad (sien ook Sentrale Studenteraad) 15

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Verenigingsblaaie ... **326–327**
Verenigingsblad ... 319
Vergeet-my-nie ... 220, **342**
Vergelykende Godsdienswetenskap ... 112
Verhoef, Prof. P.A. ... 119
Verleger, Prof. H.A.W. ... 76, **77**
Verloren van Themaat, Prof. J.P. ... 107, 110
Vermeulen, Prof. L.P. ... 59, 378
Vermeulen, Prof. N.M. ... 95
Verpleegkunde, Departement ... 32, **191–192**
Verpleegstersopleidingskollege van Garankuwa ... 401
Verpleegsterstehuis ... 346
Versamelings ... **297–304**
Verschoor, T. ... 317
Verskuiwing van die Buitemuurse Afdeling ... 394, 397
Verstedeliking ... 81
Verwoerd, Dr. en Mev. H.F. ... **408**
Verwoerd, Dr. H.F. ... **314**, 315, 393
Victor, J.J.H. ... I
Vignali Artistic Foundry ... 302
Vignali, Mev. W. ... 301
Viljoen, Appèlregter G. ... 105
Viljoen, Greyling ... 375, **376**
Viljoen, Prof. G. van N. ... 133, 291, 413
Viljoen, Prof. H.G. ... 49, 50
Viljoen, Prof. H.P. ... 108
Viljoen, Prof. J.P.H. ... 198
Viljoen, Prof. J.T.B. ... 70, 71
Viljoen, Naas ... 385
Viljoen, P. ... 282
Viljoen, P.S. ... 318, 395
Viljoen, Prof. S.P. du T. ... 8, **129**
Vise-kanselier ... 17
Vise-rektor ... 1, 14, **17–21**, 26, 27
Visser, Prof. J. ... 215, 411
Visser, Johan ... 385
Visser, Prof. D.J.L. ... **82**
Visser, Prof. L. ... 95
Vitale, Dr. ... 57
Viviers, H. ... 377
Vlieg ... 323
Vloedbeligting ... 254
Vn Wyk, F. ... 364
Voedselwetenskap, Departement ... **101–102**
Vogel, Louis ... 288
Voges, Marius ... 385
Volkekunde, Departement ... 32, 38
Volkekundige Vereniging ... 321
Volkspelelaer ... 324
Voltydse dekane ... 27, 31
Von Gruenewaldt, Prof. G. ... 82, 89, **304**
Von Jenev, N. ... **368**, 380
Von Ranke, Leopold ... 48
Von Willich en Vrba ... 359
Von Willich, Prof. G.P.R. ... 217
Von Willigh, landmeter ... 217
Voorkliniese Biblioteek ... 264
Voorsitter van die Raad ... 6
Voortou ... 326
Voortrekkerbeweging ... 323
Voortrekkers ... 400
Voortrekkertehuis ... 222, 342
Vorster, Adv. B.J. ... 240, 286, **289**, 290, **301**, 315
Vorster, Prof. J.A. ... 205, 212
Vorster, J.H. ... 79, 289
Vorster, Prof. M.P. ... 107, **108**
Vorster, Dr. P.W. ... 94
Vosloo, Prof. W. ... 124, 117
Vriende van Truk ... 275
VSR (Verteenwoordigende Studenteraad) ... 224, 239, 308
Vyfkamp ... **387**
Wag-'n-bietjie ... 345
Wagenaar, Christo ... 364
Ward, Eddie ... 380
Wassenaar, Dr. A.D. ... 130
Wassenaar, Dr. Th. ... 164
Wassenaar, Johanna ... 306
Waterbenuttingsingenieurswese ... 206
Waterink, Prof. J. ... 18
Waterpolo ... 360, **381–382**
Webb, Prof. V.N. ... 36
Webber, Ronnie ... 379
Weerburogebou ... 225
Weerkunde ... 87
Weideman, George H. ... 36
Weidingsleer, Departement ... 85, 98, 99
Weirich, L. ... 363
Wentzel, I.J.D. ... 291
Wepener, F.J. ... 67, 224, 340, 342
Wêreldraad van Kerke ... 122
Werkswinkel ... **255**, 256
Werkverskaffingskomitee ... 311
Werth, A.J. ... 306
Wesfasade van Kerkplein ... 314
Weskoppieshospitaal ... 163, 188
Wessels, B.Q. ... 23, 24, 25
Wessels, Prof. L.M. ... 182
Wessels, Prof. N. ... 209, 210
Westphal, Leo ... 307
Westphal-versameling ... **307**
Wet no. 13 van 1930 ... 26
Wet no. 45 van 1959 ... 401
Wet no. 61 van 1955 ... 26
Wet op die Universiteit van Pretoria ... 5, 9, 18, 26, 28, 30
Wet op Onderwysersopleiding, Wet No. 73 van 1969 ... 152
Wet op Terrorisme ... **315**
Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) ... 7, 77, 244, 245, 246, 257, 412
Wethmar, Prof. C.J. ... 120
Whitmore, Mej. J.S. ... 98
Wie, Wat en Waar ... 310, 319, 325, 326, 337
Wiechers, J.L.M. ... 25
Wiechers, Prof. A. ... 71, 73
Wiehahn, Prof. B.S. ... 129, 130, 133
Wieland, Prof. H. ... 72
Wigell, Zeleta ... 385
Wiggil, Mej E. ... 369
Wijnholds, Prof. H.W.J. ... 131
Wilke, Dave ... 385
Wilkes, Prof. A. ... 39, 40
Willemse, Prof. J. ... **81**, 89
Willemse, M.C. ... 262, 263
Willemse, Prof. W.A. ... 159
Williams, Dr. John (J.G.) ... 60, 344, 364, 365
Wilson, V.J. ... 92
Wis- en Natuurkunde, Fakulteit ... 21, 29, **66–92**
Wiskunde, Departement ... 32, **87**
Wiskundegebou ... 224, 225, 238
Wissing, Dirk ... 386
Wistukkie ... 87
WNNR-navorsingseenheid in Chromatografie en Verwante Skeidingstegnieke ... 88
Wolf, Prof. D. ... 410
Wolman, Prof. B.S. ... 133
Wolmarans, Prof. H.P. ... 110, 111, 112
Wolpowitz, Prof. A. ... 190
Woltjers, Prof. ... 11
Woordkuns ... 323
Wurm ... 328, 344
Wysbegeerte van die Godsdiens ... 112
Wysbegeerte, Departement ... 32, **63–64**
Wysigingswet no. 50 van 1975 ... 27
Wysigingswet op die Universiteit van Pretoria ... 18
Yang, Prof. C.K. ... 66
Yskorleerstoel in Metallurgiese Ingenieurswese ... 206, 213, 214
Zaayman, Danie ... 287
Zagt, S. ... 82, **92**
Zevenbergen, Prof. A.P. ... 130, 133
Ziady, Prof. F. ... **181**
Ziervogel, Dr. D. ... 39
Zietsman, Koos ... 386
Zietsman, Prof. P.J. ... 67, 87, **92**, 343
Zietsman, Prof. S.T. ... 196, 198, 202
Zondi, C.J. ... 401

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2021